

HERTZOGPRYSTOEKENINGS VIR DRAMA: 1915 TOT 1971

deur

Beatrice Hendrina Jacoba Carstens

(née Van Niekerk)

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM (AFRIKAANS)

in die Fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR

PROF. RÉNA PRETORIUS

Junie 2009



Opgedra aan my ouers,
my sussie,
my man
en my agtjarige seuntjie, Christiaan.

Jeffreysbaai
Junie 2009


Die dramatiese kuns is
“de edelste, mooiste en verhevenste vorm van de letterkunde”.

Uitspraak van generaal Hertzog op 6 Julie 1910 tydens die eerste jaarvergadering van
die *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*.

(ZAATLK 1911:58)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



GENERAAL J.B.M. HERTZOG

Erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns



Die dramaturg D.J. Opperman
in die voorportaal van
die Nico Malan-skouburg in Kaapstad.

Opperman het twee keer die Hertzogprys vir Drama ontvang:
in 1956 vir *Periandros van Korinthe*
en in 1969 vir *Voëlvry*.

(Foto: Dokumentasiesentrum, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch)

Alle foto's, tensy anders aangedui, kom uit die Argief van die
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Argief vir Eietydse Aangeleenthede
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	VERANTWOORDING	1
HOOFSTUK 2	AGTERGROND	8
2.1	ALGEMENE UITSPRAKE EN PERSEPSIES OOR DIE HERTZOGPRYS	8
2.2	ONTSTAAN VAN DIE AKADEMIE EN DIE HERTZOGPRYS	14
2.2.1	ONTSTAAN VAN DIE AKADEMIE	14
2.2.2	ONTSTAAN VAN DIE HERTZOGPRYS – DIE HERTZOG-TAALFONDS	16
2.3	HOUDINGS TEENOOR DRAMA EN/OF TONEEL, ASOOK BETROKKENHEID DAARBY TYDENS DIE BEGINJARE VAN DIE AKADEMIE	25
2.4	DIE <i>KOMMISSIE VOOR TAAL EN LETTEREN</i>	39
2.4.1	INLEIDEND	39
2.4.2	WERKSAAMHEDE VAN DIE <i>KOMMISSIE VOOR TAAL EN LETTEREN</i> VOOR DIE INSTELLING VAN DIE HERTZOGPRYS	41
2.4.2.1	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1910/1911	41
2.4.2.2	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1911/1912	42
2.4.2.3	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1912/1913	43
2.4.2.4	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1913/1914	44
2.4.2.5	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1914/1915	46
2.5	DRAMAS GEPUBLISEER TYDENS DIE BEGINJARE VAN DIE AKADEMIE	49
HOOFSTUK 3	DIE PERIODE 1915–1927	51
3.1	INLEIDEND	51
3.2	DIE HERTZOGPRYS EN TOEKENNINGS DEUR DIE <i>KOMMISSIE VOOR TAAL EN LETTEREN</i>	51
3.2.1	1915/1916	51
3.2.1.1	Die 1915/1916-Hertzogprys	51
3.2.1.2	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1915/1916	54
3.2.2	1916/1917	56
3.2.2.1	Die 1916/1917-Hertzogprys	56
3.2.2.2	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1916/1917	57
3.2.3	1917/1918	59
3.2.3.1	Die 1917/1918-Hertzogprys	59
3.2.3.2	<i>Kommissie voor Taal en Letteren</i> 1917/1918	62
3.2.4	1918/1919	63
3.2.4.1	Die 1918/1919-Hertzogprys	63



3.2.4.2	<i>Kommissie voor Taal en Letteren 1918/1919</i>	66
3.2.5	1919/1920	67
3.2.5.1	Die 1919/1920-Hertzogprys	67
3.2.5.2	Kommissie vir Taal en Lettere 1919/1920	75
3.2.6	1920/1921 en 1921/1922	76
3.2.6.1	Die 1920/1921- en 1921/1922-Hertzogprys	76
3.2.6.2	Kommissie vir Taal en Lettere 1920/1921 en 1921/1922	79
3.2.6.3	Voorstel om skenkingsakte te wysig	80
3.2.7	1922/1923	81
3.2.7.1	Die 1922/1923-Hertzogprys	81
3.2.7.2	Kommissie vir Taal en Lettere 1922/1923	88
3.2.8	1923/1924	88
3.2.8.1	Die 1923/1924-Hertzogprys	88
3.2.8.2	Kommissie vir Taal en Lettere 1923/1924	94
3.2.9	1924/1925	94
3.2.9.1	Die 1924/1925-Hertzogprys	94
3.2.9.2	Kommissie vir Taal en Lettere 1924/1925	101
3.2.10	1925/1926-HERTZOGPRYS	101
3.2.11	1926/1927-HERTZOGPRYS	114
3.3	SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENNINGS 1915-1927	117
3.4	SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE 1915-1927	119
3.5	DIE 1927/1928-HERTZOGPRYSPROSEDUREVERANDERINGE	122
HOOFSTUK 4 DIE PERIODE 1928-1942		
4.1	INLEIDEND	127
4.2	DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA	127
4.2.1	DIE 1929-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	127
4.2.2	DIE 1932-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	134
4.2.3	DIE 1935-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	146
4.2.4	DIE 1938-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	167
4.2.4.1	Vooraf	167
4.2.4.2	1938-Hertzogprys vir Drama	171
4.2.5	DIE 1941-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	184
4.2.5.1	Vooraf	184
4.2.5.2	1941-Hertzogprys vir Drama	190
4.3	SAMEVATTING: DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA 1929-1941	214
4.4	SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE 1928-1942	215
4.5	DIE 1942/1943-HERTZOGPRYSPROSEDUREVERANDERINGE	217



4.5.1	AANLOOP	217
4.5.1.2	Hertzogprys as aanmoedigingsprys	217
4.5.1.2	Hertzogprys vir wetenskaplike publikasies	218
4.5.2	1942/1943-BESLUIE	221
HOOFSTUK 5 DIE PERIODE 1943-1961		225
5.1	INLEIDEND	225
5.2	DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA	225
5.2.1	DIE 1944-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	225
5.2.2	DIE 1948-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	234
5.2.2.1	Vooraf	234
5.2.2.2	1948-Hertzogprys vir Drama	241
5.2.3	DIE 1952-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	253
5.2.3.1	Vooraf	253
5.2.3.2	1952-Hertzogprys vir Drama	255
5.2.4	DIE 1956-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	286
5.2.4.1	Vooraf	286
5.2.4.2	1956-Hertzogprys vir Drama	300
5.2.5	DIE 1960-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	311
5.2.5.1	Vooraf	311
5.2.5.2	1960-Hertzogprys vir Drama	312
5.3	SAMEVATTING: DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA 1944-1960	324
5.4	SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENINGSPROSEDURE 1944-1960	326
5.5	DIE 1960/1961-HERTZOGPRYSPROSEDUREVERANDERINGE	328
5.5.1	ONDERSOEKE EN AANBEVELINGS WAT GELEI HET TOT HERTZOGPRYSPROSEDUREVERANDERINGE	328
5.5.2	VIER PROSEDUREVERANDERINGE EN DIE AANLOOP TOT ELKEEN	329
5.5.2.1	Die geldwaarde van die Hertzogprys	330
5.5.2.2	Die verskillende afdelings van die Hertzogprys	330
5.5.2.3	Die beperking dat 'n skrywer nie meer as een keer met die Hertzogprys bekroon kon word in dieselfde literêre kategorie nie	332
5.5.2.4	“Afrikaansheid”	335
5.5.2.4.1	Die Erepenning en “Afrikaansheid”	335
5.5.2.4.2	Die Akademie en “Afrikaansheid”	335
5.6	AANMOEDIGINGSASPEK UIT HERTZOGPRYS DOMEIN VERWYDER ..	338
5.7	BENAMING VAN BEOORDELINGSKOMMISSIES VERANDER	340
5.8	BENAMING VAN FAKULTEIT VERANDER	340

5.9	AKADEMIE- EN FAKULTEITSTATUTE VERANDER	341
HOOFSTUK 6	DIE PERIODE 1962-1971	344
6.1	INLEIDEND	344
6.2	DIE 1963-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	344
6.3	1963/1964-HERTZOGPRYSPROSEDUREVERANDERINGE	356
6.3.1	DIE GELDWAARDE VAN DIE HERTZOGPRYS VERHOOG WEER EENS	356
6.3.2	KEURKOMITEES EN BREË KOMITEES	357
6.3.3	“SIMPATIEKGESINDE”-BEPALING VERVAL	358
6.4	FORMAAT VAN VERSLAE EN MOONTLIKHEID VAN PUBLIKASIE	359
6.5	DIE 1966-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	360
6.5.1	VOORAF	360
6.5.1.1	1964	360
6.5.1.2	1965	377
6.5.1.3	1966	387
6.5.2	DIE 1966-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	388
6.3	ALGEMENE BEGINSSELVERKLARING	436
6.4	KONSEPREGLEMENT WORD REGLEMENT	437
6.5	TOEKENNINGSPROSEDURE IN 1967	437
6.6	MOONTLIKE NUWE PROSEDURE	444
6.7	SKADUKANT VAN DIE AKADEMIE	447
6.7.1	PERSONEELVERANDERINGE	447
6.7.2	STATUTE EN AKADEMIERADE GEWETTIG	448
6.7.3	FAKULTEITE GEWETTIG	449
6.8	DIE GELDWAARDE VAN DIE HERTZOGPRYS VERLAAG	449
6.9	TOEKENNINGSPROSEDURE IN 1968	451
6.10	ONTSTAAN VAN DIE STAANDE LETTERKUNDIGE KOMMISSIE	457
6.11	DIE 1969-HERTZOGPRYS VIR DRAMA	462
6.12	RES VAN EERSTE STAANDE LETTERKUNDIGE KOMMISSIE SE TERMYN	476
6.12.1	1970	476
6.12.1.1	Prosedure	476
6.12.1.2	Lede van die Letterkundige Kommissie bedank	477
6.12.1.3	F.I.J. van Rensburg bedank	483
6.12.1.4	Hertzogpryssimposium	485
6.12.1.5	1970-Prosedurebesluite	489
6.12.2	1971	489
6.12.2.1	Veranderinge in die reglement van die Letterkundige Kommissie	489

6.12.2.2	Prosedure	490
6.12.2.3	Voorstel dat die Fakulteitsraad weer seggenskap het	491
6.12.2.4	Weer eens die algemene beginselverklaring	492
6.13	SAMEVATTING: 1962-1971	493
HOOFSTUK 7	DIE PERIODE 1972-2009	497
7.1	OORSIG	497
7.2	SKEMATIESE OORSIG: HERTZOGPRYSTOEKENNINGSJARE VIR DRAMA	498
7.3	VYF DRAMATURGE	499
7.4	SKEMATIESE OORSIG: HERTZOGPRYSTOEKENNINGSJARE VIR DRAMA – 1972 TOT 2000: VYF DRAMATURGE	500
7.5	BEKRONINGSVOORSKRIFTE	506
7.5.1	AGTERGROND	506
7.5.2	DRIE VOORSTELLE	507
7.5.2.1	Siklusversnelling	507
7.5.2.2	Aanwys van 'n naaswenner en oordrag van werke	507
7.5.2.3	Uitbreiding van die dramakategorie	508
7.5.3	IMPLEMENTERING EN SKRAPPING VAN SEKERE VOORSKRIFTE	508
7.6	DIE GELDWAARDE VAN DIE HERTZOGPRYS VERHOOG	509
HOOFSTUK 8	IN 'n NEUTEDOP	510
EINDNOTAS		513
BIBLIOGRAFIE		587
BYLAE		608
BYLAAG A	UITGEWERS EN PLEK VAN UITGAWE	608
BYLAAG B	KOMMISSIE VIR TAAL EN LETTERE 1910-1925	610
BYLAAG C	HERTZOGPRYSKEURKOMMISSIE 1915-1927	611
BYLAAG D	LETTERKUNDIGE KOMMISSIE 1928-1941	612
BYLAAG E	LETTERKUNDIGE KOMMISSIE 1942-1955	613
BYLAAG F	LETTERKUNDIGE KOMMISSIE 1956-1968	614
BYLAAG G	LETTERKUNDIGE KOMMISSIE VIR DRAMATOEKENNINGS: 1969-1981	615
BYLAAG H	LETTERKUNDIGE KOMMISSIE VIR DRAMATOEKENNINGS: 1984-1994	616

BYLAAG I	LETTERKUNDEKOMMISSIE VIR DRAMATOEKENNINGS: 1997-2009	617
BYLAAG J	DIE HERTZOGPRYSTOEKENNINGS VIR DRAMA 1935-1960: BREë KOMMISSIE	618
BYLAAG K	AKADEMIEWET: WET NOMMER 23 VAN 1921	620
BYLAAG L	AKADEMIEWET: WET NOMMER 8 VAN 1942	622
BYLAAG M	AKADEMIEWETTE VAN 1959, 1965, 1968, 1986 EN 1991	623
BYLAAG N	AKADEMIESTATUTE VAN 1922	628
BYLAAG O	AKADEMIESTATUTE VAN 1944 TOT 1958	632
BYLAAG P	AKADEMIESTATUTE VAN 1967 EN 1991	642
BYLAAG Q	1946/1948-HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE	645
BYLAAG R	1956/1957-HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE	646
BYLAAG S	1961/1962-HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE	648
BYLAAG T	1963/1964-HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE	651
BYLAAG U	1965/1966-HERTZOGPRYSKONSEPREGLEMENT	653
BYLAAG V	1966-HERTZOGPRYSKONSEPREGLEMENT	656
BYLAAG W	1967-HERTZOGPRYSREGLEMENT	659
BYLAAG X	ALGEMENE BEGINSSELVERKLARING 1967 EN 1968	661
BYLAAG Y	ALGEMENE BEGINSSELVERKLARING 1971	662
BYLAAG Z	NIENABER-VOORSTEL VIR STEM BRIEFPROSEDURE	663
BYLAAG AA	HIEMSTRA-INLIGTINGSTUK VAN 13 NOVEMBER 1967	666
BYLAAG BB	HERTZOGPRYS HANDLEIDING 15 FEBRUARIE 1968	668
BYLAAG CC	HERTZOGPRYS HANDLEIDING: 1969-DRAMAPRYS	670
BYLAAG DD	REGLEMENT: LETTERKUNDIGE KOMMISSIE – 1968	672
BYLAAG EE	REGLEMENT: LETTERKUNDIGE KOMMISSIE – 1971	673
BYLAAG FF	HERTZOGPRYS HANDLEIDING: 1972	674
BYLAAG GG	HERTZOGPRYS HANDLEIDING: 1975 TOT 1985	676
BYLAAG HH	HERTZOGPRYS HANDLEIDING: 1988 TOT 1997	678
BYLAAG II	BEKRONINGSVOORSKRIFTE: DRAMAPRYS 2000	680
BYLAAG JJ	BEKRONINGSVOORSKRIFTE: DRAMAPRYS 2003	681
BYLAAG KK	BEKRONINGSVOORSKRIFTE: DRAMAPRYS 2006 EN 2009 ..	682
OPSOMMING		685
SUMMARY		686

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vier vanjaar sy eeufees. Hierdie instansie is die kurator van die Hertzogprys, 'n gesogte letterkundeprys en die oudste en bekendste prestigetoekenning wat deur hierdie instansie gemaak word.

Die terrein wat deur hierdie proefskrif gedek word, is die Akademie se houding teenoor en bevordering van Afrikaanse drama, met 'n geslypter fokus op die Hertzogprystoekennings vanaf 1915 tot net voor 1972.

Etlike gegewens met betrekking tot die prys soos aangebied in reeds gepubliseerde werk, is verwarrend of nie feitelik korrek nie. Ten einde klarigheid daaroor te kry, is 'n grondige studie gemaak van die toekenningsprosedures en die invloed daarvan op die dramabekennings tot voor 1972. Dit was veral verhelderend met betrekking tot die dramaturg Uys Krige.

Aanvanklik het die drie literêre kategorieë prosa, poësie en drama gelyktydig in aanmerking gekom vir die prys. Vanaf 1928 roteer dit en kom Afrikaanse dramas elke derde jaar aan die beurt.

In vergelyking met die literêre kategorieë prosa en poësie, is daar relatief min dramabekennings gemaak – veral aan die beginjare van die prys. Deur noukeurige studie is gepoog om die gebrek aan dramatoekennings in perspektief te stel. Klem word gelê op die rol wat prosedures gespeel het, byvoorbeeld minder goeie prosedures wat veroorsaak het dat die verkeerde of geen toekennings gemaak is nie en sodoende bygedra het tot 'n skewe beeld wat bestaan oor Hertzogprystoekennings vir Drama. Sekere toekennings (of gebrek daaraan) kan direk gekoppel word aan foutiewe uitsprake van administratiewe amptenare, onbevredigende prosedures of aan die invloed van persone wat seggenskap oor die prys gehad het. Bepalende bakens en beslissings word aangetoon.

Die sestigerjare was in die geskiedenis van die land en van die Akademie vol beroeringe. Met betrekking tot die Akademie se beleid oor die handhawing en bevordering van die Afrikaanse kultuur, het Akademielede van mekaar verskil oor die vertolking en uitlewing daarvan. Dit het gelei tot uiteenlopende menings oor die rigting wat die Akademie moes inslaan, maar ook oor sekere literêre werke. Verskillende menings het geheers oor wie die finale seggenskap oor die Hertzogprys moes hê: die Akademieraad as kurator van die prys volgens die skenkingsakte, of die Letterkundige Kommissie wat die kundiges op letterkundegebied was. Hierdie meningsverskille is op die spits gedryf in 1966 – die jaar waarin Uys Krige vir 'n dramatoekenning aanbeveel is. Die Akademieraadsbesluit om nie daardie jaar 'n prys toe te ken nie, het hewige kritiek ontlok – selfs van Kommissielede, en sou nog vir jare daarna 'n rimpeleffek hê.

Die eerste staande Letterkundige Kommissie is aangewys vir die periode April 1968 tot April 1971 en die eerste toekenning waaroor hulle moes besluit, was die Dramatoekenning van 1969. In teenstelling met die stormagtige sestigerjare, het dramabekennings in die jare daarna verloop sonder onmin tussen die Akademieraad, die Fakulteitsraad en die Letterkundige Kommissie.

Die jare waartydens 'n Hertzogprys vir Drama toegeken kon word vanaf 1972 tot 2009, word slegs kortliks en skematies gedek om die bespreking af te rond met betrekking tot dié dramaturge wat reeds voor 1972 gedebuteer het, maar eers daarna met die prys bekroon is.

Sleuteltermes:

Afrikaanse letterkunde
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Hertzogprys
schenkingsakte
Hertzogprys vir Drama
Hertzogpryssimposium
letterkundeprys
Akademieraad
Letterkundekommissie
toekenningsprosedures
polemie

The year 2009 marks the centenary celebrations of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. This institution is the curator of the Hertzog Prize, a sought-after literary prize and the oldest and most prestigious award made by this institution.

This dissertation focuses on the Academy's attitude towards and advancement of Afrikaans drama, with the focus on the Hertzog Prize awards from 1915 until 1971.

Certain information relating to the prize as recorded in previously published works on the subject, are confusing and factually incorrect. In an effort to clarify these, an in depth study was undertaken of the award procedures and their influence on the awards for drama up to 1972. It was especially enlightening with regard to the dramatist Uys Krige.

Initially the three literary categories prose, poetry and drama were considered simultaneously, but as from 1928 they rotate and Afrikaans dramas are considered every third year.

In comparison with the literary categories prose and poetry, there is a paucity of drama awards – especially during the early years of the prize. An effort was made to place the paucity in perspective.

Emphasis is placed on procedures with specific reference to those less than perfect ones which lead to incorrect, or the lack of, awards, resulting in a warped image of drama awards.

Certain awards or lack thereof, can be attributed to incorrect statements by administrators, unsatisfactory procedures or the influence of people with authority. Defining beacons and decisions are indicated.

In the nineteen sixties the country and the Academy experienced years of turbulence. With regards to the Academy's policy on the protection and advancement of Afrikaans culture, members of the Academy differed on the interpretation and implementation thereof. This led to differing views on the Academy's course and on certain literary works. There were different views on who should have the final say on the Hertzog Prize: the Board as curator of the prize according to the deed of gift, or the Commission for Literature as literary experts. These differences led to a boiling point in 1966 when Uys Krige was nominated for the prize. The Board's decision not to award the prize led to severe criticism – even from members of the Committee, and had a ripple effect for years thereafter.

The first standing Commission for Literature was appointed for the period April 1968 to April 1971 and the first award they had to adjudicate was the Drama award for 1969. As opposed to the stormy sixties, the awards for drama in the following years were made without discord between the board of the Academy, the Faculty and the Commission for Literature.

The years during which the Drama Prize could be awarded during the period 1972 to 2009 are dealt with briefly and schematically in order to conclude the discussion with reference to those dramatists who made their drama debut before 1972, but were only awarded the Hertzog Prize after 1972.

Key terms:

Afrikaans literature
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Hertzog Prize
deed of gift
Hertzog Prize for Drama
Hertzog Prize symposium
literary prize
Board of the Academy
Commission for Literature
award procedures
controversy

Vanjaar (2009) vier die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns sy honderdjarige bestaan. Dit is insiggewend om in hierdie feesjaar opnuut te fokus op die bekendste prestigetoekenning wat deur hierdie instansie gemaak word: die Hertzogprys.

Die terrein wat deur die proefskrif gedek word, is die Akademie se houding teenoor en bevordering van drama, met 'n geslypter fokus op die Hertzogprystoekennings vir Drama tot net voor 1972.

Reeds vroeg in hierdie studie is besef dat etlike gegewens met betrekking tot die Hertzogprys, soos aangebied in reeds gepubliseerde werk, verwarrend of nie feitelik korrek is nie, en dat daar nog misverstande rondom sekere toekennings en aspekte van die Hertzogprys was. Intensiewe navorsing het gevolg ten einde stellings te verifieer en regstellings te maak waar nodig. Mettertyd het 'n keuse homself opgedwing:

- óf daar moes op oorsigtelike wyse ewe veel aandag geskenk word aan ál die jare waartydens dramatekste bekroon kon word vanaf 1915 tot 2009,
- óf die resultaat van die navorsing moes te boek gestel word, maar met die vasstelling van 'n afsnypunt aangesien die behoud van dieselfde deeglikheidspeil vir die periode 1972 tot 2009 sou lei tot 'n té omvattende proefskrif.

Aangesien verreweg die meeste navorsingsmateriaal te vinde is in die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns¹ se argiefversameling in Bloemfontein by die Universiteit van die Vrystaat se Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), en dit vir die meeste navorsers en belangstellendes nie maklik bereikbaar en toeganklik is nie, het die keuse op die tweede opsie geval ten einde die uitgebreide navorsingsresultate meer algemeen bekend te maak.

Die keuse het 'n klemverskuiwing tot gevolg gehad: indien alle jare waarin dramatekste bekroon kon word tot en met vanjaar in aanmerking geneem sou word, sou 'n meer algemene beeld van dramabekronings oor 'n langer periode na vore getree het; die dieptenavorsing het gelei tot 'n grondige studie van die toekenningsprosedures en die invloed daarvan op die dramabekronings oor 'n korter periode en was verhelderend ten opsigte van veral 'n dramaturg soos Uys Krige.

Die navorsingsresultate sal saam met verwante literatuur 'n omvattender beeld gee van die Hertzogprys vir Drama, veral geles saam met twee ander kernbronne:

1 Daar sal voortaan meestal slegs van die woord “Akademie” gebruik gemaak word.

2 VERANTWOORDING

- *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965) deur P.J. Nienaber (Hertzogprysprosedures en toekennings tot en met 1964 is daarin bespreek), en
- A. Coetser se proefskrif oor die Hertzogprystoekennings vir Poësie.

Raadpleeg 'n mens die lys Hertzogprysweners, val dit op dat daar, in vergelyking met prosa en poësie, relatief min dramabekronings gemaak is – veral aan die beginjare van die prys, en die vraag ontstaan of dit verantwoordbaar is. Prof. Hennie van Coller merk in 'n brief aan die Akademie gedateer 2 April 2001 op:

Die toekenning van die Hertzogprys word reeds vir dekades erken as een van die belangrikste barometers van die literêre prestasies binne 'n bepaalde genre en binne 'n bepaalde tydsbestek. Dat goeie (en selfs) seminale tekste binne 'n bepaalde tyd nie bekroon is nie (en sommige belangrike skrywers ook nie), is 'n historiese feit; verklaring hiervoor behoeft 'n stuk literêre geskiedskrywing. Dat daar aan die anderkant (dalk) nie bekroningswaardige tekste in 'n bepaalde genre gepubliseer word nie, is ook 'n historiese feit wat literêre ontwikkelings binne 'n genre weerspieël.

Met hierdie proefskrif word onder andere gepoog om deur middel van so 'n “stuk literêre geskiedskrywing”, die gebrek aan dramatoekennings in perspektief te stel.

J.P. Smuts (2005:5, 10) wys daarop dat dit “moeilik of selfs onmoontlik is om deur formele navorsing vas te stel wat die moontlike redes vir sekere besluite in die verlede was”. Hy merk op:

Dit is wel waar dat daar foute in die verlede gemaak is, en dit is duidelik dat politiek by tye 'n onheuglike rol gespeel het. Die meeste van die gevalle waarteen hierdie soort kritiek ingebring is, kom uit die laat jare vyftig en die jare sestig en sewentig.

Ook hierdie aspek ontvang so deeglik moontlik aandag.

Klem word deurentyd gelê op die rol wat prosedures gespeel het, byvoorbeeld op die verbetering van prosedures, asook op minder goeie prosedures wat veroorsaak het dat verkeerde of geen toekennings gemaak is nie en sodoende bygedra het tot 'n skewe beeld wat bestaan oor Hertzogprystoekennings vir Drama. Sekere toekennings (en nietoekennings) kan soms direk gekoppel word aan foutiewe uitsprake van administratiewe amptenare, aan die prosedure wat gevolg is en/of aan die persone wat seggenskap gehad het in die toekenning van die prys. Bepalende bakens en beslissings word aangetoon.

Intensiewe aandag word gegee aan die funksionering en rol van die Akademiesraad, Fakulteitsraad, Hertzogpryskeurkommissie, die *Kommissie voor Taal en Letteren*, die Bree Kommissie en die Jaarvergadering in die toekenning van die prys omdat daar al dikwels onsekerheid of wanvoorstellings in verband daarmee was.

Die eerste fase in die slyping van die Hertzogprystoekenningsprosedure is uitgebreid weergegee omdat daar soveel verwarrende en verkeerde uitsprake daaromtrent was. Gevolglik is die inligting oor prysweners in ander kategorieë ook volledig gedek in die periode toe die kategorieë nog al drie gelyktydig in aanmerking gekom het.

Aangesien *Die Hertzogprys vyftig jaar*, die publikasie van P.J. Nienaber wat as gesaghebbende bron oor die Hertzogprys beskou word, gebeurte tot 1964 dek, word intensief rekenskap gegee van die gebeurte van toe af tot en met 1971, die afsnypunt vir hierdie proefskrif – ’n tydperk van ongekende woelinge rondom die Hertzogprys. Nooit voorheen, of daarna, is beginselkwessies oor die Hertzogprys so intens beredeneer soos gedurende hierdie periode nie.

Hoofstukindeling

Die ontstaansgeskiedenis van die Akademie is al meermale te boek gestel. Daarom word slegs kortliks daaraan aandag gewy, asook aan die skenkingsakte. Die Akademie se houding teenoor en betrokkenheid by drama en/of toneel ontvang daarna aandag, en wel om die volgende redes:

- Die Akademie is die kurator, administrateur en toekenner van die Hertzogprys. Drama is een van die literêre kategorieë wat bekroon kan word. Aangesien drama ’n hibriediese medium is, spreek dit vanself dat dit belangrik is om te weet wat die Akademiestandpunt met betrekking tot toneelopvoerings was. Tydens die beginjare moes die Akademie besin oor wat bevorder en bekroon moes word en wat nie, en verskeie standpunte oor die waarde van toneel is gestel.
- In 1991 is besluit dat die bekroningsiklus versnel indien daar in ’n bekroningsjaar van ’n bepaalde literêre kategorie nie ’n toekenning gemaak word nie. Dit het veral die dramatoekennings geraak. Die besluit is later herroep. (Kyk bladsy 507-509.)

Die verdere hoofstukindeling is gegrond op prosedureveranderinge wat ingetree het en kom ooreen met dié van Nienaber (1965a:159): aan die einde van die periode 1915 tot 1927 (hoofstuk 3), 1928 tot 1942 (hoofstuk 4) en 1943 tot 1961 (hoofstuk 5) het daar telkemale ingrypende of rigtinggewende prosedureveranderinge ingetree.

Die jaar 1971 word as afsnypunt gebruik om die volgende redes:

4 VERANTWOORDING

- Die 1968-Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het onder andere ingehou dat ’n daar in 1968/1969 ’n grootskaalse herorganisasie van die Akademie was met onder andere die skepping van ’n aantal kommissies wat ’n reeks kleiner komitees vervang het. ’n Kommissie vir Letterkunde is in die lewe geroep wat as opdrag gehad het alle sake wat betrekking het op die bevordering van die Afrikaanse letterkunde, onder andere ook die beoordeling vir die Hertzogprys en ander pryse soos die Akademieprys vir Vertaalde Werk, die Scheepersprys, Eugène Maraisprys en Gustav Prellerprys. Die eerste staande Kommissie vir Letterkunde is aangewys vir die driejarige tydperk April 1968 tot April 1971 en hulle eerste vergadering het plaasgevind op 20 September 1968. Van daardie jaar af word getel wanneer daar, tot vandag toe, in die agendas en notules van die Letterkundekommissie, verwys word na die hoeveelste vergadering van die Kommissie dit is – vanjaar was dit die 41ste. (Hierdie Kommissie vir Letterkunde, ook genoem die Letterkundige Kommissie, staan sedert 1992/1993 bekend as die Letterkundekommissie.)
- In die reglement van hierdie eerste staande Kommissie is aangedui dat die Hertzogprys beperk is tot oorspronklike bellettristiese werk in Afrikaans en dat dit jaarliks om die beurt toegeken word vir poësie, drama en prosa “in dié volgorde, beginnende met poësie in 1968” – ’n frase en datum wat selfs in vandag se bekroningsvoorskrifte net so staan – ’n aanduiding van hoe hierdie bewoording en die toepassing daarvan glashelder was en voldoen het aan die vereistes van die skenkingsakte, ongeag latere pogings om die rotasiesiklus te probeer versnel indien daar nie ’n bekroonbare dramateks was nie.
- Gedurende hierdie eerste staande Kommissie se termyn is sekere belangrike wysigings aan die voorskrifte vir Hertzogprysbekronings aangebring, onder andere die skrapping van die Breë Kommissie en die “stygende lyn”-bepaling, en die daarstelling van die moontlikheid om iemand postuum te bekroon.
- Die nietoekenning van die 1966-Hertzogprys vir Drama aan Uys Krige het in 1970 weer ’n nadraai gehad.
- In 1970 is ’n simposium oor die Hertzogprys gehou waartydens letterkundiges hulle mening oor die prys en die hantering daarvan duidelik uitgespel het.
- Sedert die rotasiestelsel ingestel is, was daar vanaf 1929 tot 2009 sewe-en-twintig geleenthede waartydens ’n Hertzogprys vir Drama toegeken is of kon word: dertien tot en met 1969, en veertien daarna. Deur die 1969-Dramatoekenningsiklus as afsnydatum te gebruik, dek die proefskrif (benewens die jare vóór die rotasiestelsel ingetree het) dus ongeveer die helfte van die Dramatoekennings volledig.

In die slothoofstuk word in voëlvlug ’n beeld gegee van die veertien Hertzogprystoekennings vir Drama ná 1971 – veral om die bespreking af te rond oor dié dramaturge wat reeds vóór 1972 gedebuteer, maar daarná eers die Hertzogprys ontvang het.

Terminologie

Drama is 'n hibridiese medium. Die woord “drama” word in hierdie proefskrif nie gebruik as oorkoepelende woord om die teks én die toneelopvoering daarvan in te sluit nie, maar daar word onderskei tussen drama (geskrewe teks) en toneel/teater (opvoering van die geskrewe teks), of soos André P. Brink (1986:15) dit uitdruk: drama as “geskrewe teater-in potensie” en teater as dit “wat praktiese uitvoering daaraan gee”. Die Akademie het deur die jare slegs die drama-as-woordteks by beoordeling vir die Hertzogprys in ag geneem. Tog is die teatergerigtheid en speelbaarheid van 'n teks soms bespreek. Juis die hibridiese aard van die drama het partykeer probleme geskep in die besluite oor die bevordering en bekroning daarvan.

Die letterkunde word verdeel in drie literêre kategorieë: prosa, poësie en drama. Ek gebruik die woord “genre” om te verwys na 'n onderafdeling van een van die kategorieë: in die kategorie drama is genres soos die tragedie, komedie, melodrama en klug.

In sommige Akademie- en Fakulteitsraadbesprekings, Fakulteitsraadopdragte, verslae van die Keurkomitee en Breë Kommissie, resensies, briewe, persvrystellings, konsepreglement, reglement, keurkomiteehandleiding en die voorstel vir 'n nuwe Hertzogprys-toekenningsprosedure, is die woord “genre” soms gebruik om te verwys na die drie literêre kategorieë prosa, poësie en drama.

Die woord “afdeling” kom dikwels voor verwysend na die literêre kategorieë prosa, poësie en drama. Binne konteks, veral verwysend na die toekenningsprosedures, gebruik ek soms self die woord “afdeling”. Na 'n bekroning vir al die werk binne die literêre kategorie/afdeling drama, word verwys as 'n drama-oeuvrebekroning.

Die gebruik van die woorde “afdeling”, “genre” en “oeuvre” het tot heelwat verwarring gelei tydens die 1966-Hertzogprystoekenning vir Drama (kyk bladsy 389).

Teksredigering

(Hierdie metode geld vir die hele teks, met uitsondering van die wyse van redigering aangetoon in die Akademiewet self in bylaag M op bladsy 624.)

Verslae is presies oorgetik. Ekstra inligting verskyn in hoekige hakies. Paragraafverdelings, spelling en interpunksie is gehandhaaf soos in die bron self. Ter wille van eenvormigheid word

6 VERANTWOORDING

alle paragrawe van mekaar onderskei deur 'n spasie en nie deur die eerste reël daarvan in te spring soos in sommige bronne nie. Ooglopende tikfoute is gekorrigeer.

Waar nodig, word daar van die volgende diakritiese tekens gebruik gemaak:

[was] : “was” staan nie in die teks nie, maar is deur my toegevoeg
beoordeelaars [sic] : die woord staan net so in die bron

Titels is sonder kursivering of aanhalingstekens gelaat indien die skrywers dit daarsonder weergee. Waar die skrywers onderstreep of dubbel onderstreep, is dit net so weergegee. Wanneer daar ooglopend net nagelaat is om byvoorbeeld 'n titel te onderstreep terwyl die res wel onderstreep is, onderstreep ek self ter wille van eenvormigheid.

In verslae self word ontbrekende inligting soos datums en uitgewers in hoekige hakies verskaf ter wille van volledigheid en die feit dat dramas nie in die bronnelys aangetoon word nie.

Ter wille van vinniger naslaan is voetnotas gebruik; eindnotas verskaf meer uitgebreide inligting.

Akademieargief

Die Akademie se argiefdokumente is beskikbaar in Bloemfontein by die Universiteit van die Vrystaat se Argief vir Eietydse Aangeleenthede – argiefversameling PV 917. Die Akademie se agendas en notules tot en met 1934 is onder andere te vind in die holograaf *Notulen van de Raad van de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* (1911-1922) (ZAATLK s.j. c) en in *Notules van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns* (1927-1934) (SAATLK s.j. b), 'n gebonde manuskrip bestaande uit handgeskrewe en getikte dokumente, asook gedeeltes wat net so geneem is uit die Akademiepublikasies. Buiten die publikasie daarvan in *Bulletin en/of Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, is die agendas en notules ná 1934 te vinde in gebonde vorm en/of in argieflêers. Die notules word soms voorafgegaan deur inligting genoem “mededelings en briefwisseling”, of deur agendas/sakelyste. Deur die mededelings en briefwisseling, agendas en notules chronologies te lees, kan die gedagtegang in verband met verskeie sake gevolg word.

In die bibliografie word 'n lys gegee van afkortings wat gebruik word om te verwys na argiefstukke in die Akademieargief in Bloemfontein (kyk bladsy 587). Die jaartal en datum wat telkens ná die afkorting volg, of in die voorafgaande sin voorkom, dui op die ter sake vergadering. Voor die instelling van 'n Fakulteitsraad is soms net verwys na 'n raadsvergadering,

wat outomaties sou beteken die Akademierraadsvergadering. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word met “Fakulteit” bedoel die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskappe.

Embargo

In Maart 2009 is in beginsel goedgekeur dat ’n embargo geplaas word op die Akademie se argief in Bloemfontein. Die Raad kon nie tot ’n klinkklare antwoord kom nie en het besluit om ’n regsopinie te kry. My opregte dank aan die Akademierraad vir toestemming om navorsing in die argief te kon doen en die resultaat daarvan met hierdie proefskrif bekend te maak.

2.1 ALGEMENE UITSPRAKE EN PERSEPSIES OOR DIE HERTZOGPRYS

Die Hertzogprys vir die Afrikaanse Letterkunde is ongetwyfeld die prys wat die grootste bekendheid verwerf het in Suid-Afrika en op sy gebied die grootste invloed uitgeoefen het. Hierdie invloed geld sowel sy waardebepalende as stimulerende aard.

Aldus staatspresident C.R. Swart in sy voorwoord tot P.J. Nienaber se boek *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a).

In *Die Transvaler* van 29 Mei 1964 merk die rubriekskrywer Wynand op: “Wat die Nobel-prys vir die res van die wêreld beteken, beteken die Hertzog-prys vir ons. Dis ons hoogste en beste.” Die belangrikheid van die Hertzogprys is in die rubriek “Jan Burger’s Diary” in *The Star* van 16 Oktober 1961 vergelyk met dié van die Amerikaanse Pulitzerprys.

Verskeie persone se menings oor die Hertzogprys is weergegee in *Rapport* van 6 April 1975, onder andere dié van prof. A.P. Grové, destyds hoogleraar aan die Universiteit van Pretoria en hooffiguur in die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die instansie wat die prys uitreik. Volgens hom was die Hertzogprys “ongetwyfeld nog Suid-Afrika se belangrikste toekenning”. Jaap Boekkooi noem dit in 1979 “the country’s top annual literary prize” (*The Star*, 18 April 1979). Ondanks die hoër geldwaarde van ander belangrike literêre pryse, bly die Hertzogprys “nog maar dié gesogte toekenning,” berig Fanie Olivier (*Rapport*, 8 April 1984). In *Die Burger* van 25 April 1989 verwys ook André le Roux na die Hertzogprys, wat daardie jaar toegeken is aan Etienne van Heerden vir *Toorberg*, as “gesog”, en vervolg: “Die prys het ’n lang tradisie en word steeds erken as die belangrikste literêre prys in Afrikaans”. Elfra Erasmus doen in *Beeld* (22 April 1995) verslag oor die toekenning van die 1995-Hertzogprys aan Karel Schoeman vir sy roman *Hierdie lewe* en sê: “Die Hertzogprys is die gesogste in die Afrikaanse letterkundewêreld”. In *Boekewêreld*, bylaag by *Nasionale koerante* (Augustus 1993 en Februarie 1995), word onderskeidelik na hierdie prys verwys as “Afrikaans se nommer een boekprys” en die “hoogste erkenning van die Afrikaanse literêre establishment”.

In haar berig oor die 1992-Hertzogprystoekenning aan Wilma Stockenström vir *Abjater wat so lag* (*Rapport*, 26 April 1992), noem Carien Pretorius dit “Afrikaans se prestige-prys”. Ook Izak de Villiers, gewese hoofredakteur van *Rapport*, meen dit is, saam met die Eugène Maraisprys “die groot prestige-pryse van die Afrikaanse letterkunde”. Hy maak dié uitspraak toe in dié koerant op 8 Mei 1994 aankondig word dat die letterkundepryse van *Rapport* verval en dat die Hertzog- en Eugène Maraisprys vir letterkunde, danksy *Rapport*, gesamentlik ’n geldelike

hupstoot van R20 000 per jaar kry (R15 000 en R5 000 per jaar onderskeidelik). In die aankondiging word ook die menings gegee van, onder andere, prof. Walter Claassen, tóé Akademierraadsvoorsitter, wat dit beskryf het as “die mees gesogte toekenning vir die Afrikaanse letterkunde”, en prof. Elize Botha, Voorsitter van die Akademie se Letterkundekommissie in daardie stadium. Sy meen die uitbreiding van die geldwaarde van die Hertzogprys en die Eugène Maraisprys is “’n erkenning van die status wat hierdie pryse reeds in die geleedere van Afrikaanslesers beklee”. Volgens ’n bydrae getiteld “Prys opgestoot na R17 000” in *Boekewêreld* (15 Februarie 1995), is die Hertzogprys “nog altyd die mees prestigeryke bekroning in die Afrikaanse boekewêreld”. Merwe Scholtz verwys in ’n artikel “Boeiende toekoms vir kunste voorspel” (*Nuwe SA-bylae*, Woensdag 29 Augustus 1990) na sekere skrywers wat “protesgebaar ten spyt”, tog die Hertzogprys aanvaar “omdat hulle kennelik aanvoel dat die Hertzogprys tog maar die grote is wat gewen moet word.”

Ook skrywers laat hulle uit oor die prys. Volgens byvoorbeeld Etienne Leroux, ontvanger van die Hertzogprys vir *Magersfontein, O Magersfontein* (1976), “lê die Akademie nog steeds veilig geanker in die hawe genaamd literêre prestige”, ondanks “ruwe storms” wat al gewoed het – ’n uitspraak gemaak tydens die 1979-bekroningsplegtigheid. In *Die Transvaler* van 26 April 1980 word berig oor die Hertzogprystoekenning aan D.J. Opperman vir sy bundel *Komas uit ’n bamboesstok* (1979): Die Hertzogprys is “die jaloerse prys – die prys wat elke Afrikaanse skrywer graag wil wen. Dat ek dit vanjaar wen, maak my baie bly,” was volgens die koerant die reaksie van Opperman op die aankondiging dat hy die wenner was. Riana Scheepers, aan wie die Eugène Maraisprys in 1992 oorhandig is vir *Dulle Griet* (1991), verwys na die Hertzog- en Eugène Maraispryse as “dié pryse vir ’n skrywer ... om te wen” (*Die Burger*, 9 Mei 1994). “Dis die Rolls Royce [van literêre pryse]”, merk Pieter Fourie, wenner van die 2003-Hertzogprys vir *Drama op* (*Rapport*, 6 April 2003): “Dit gee jou selfvertroue. Ek wil amper sê dit het inspirerende betekenis”. Volgens Merwe Scholtz in *Die Burger* van 28 Junie 2004 het Etienne Leroux dit die Goue Graal gedoop!

Nie almal is of was dit egter eens dat die Hertzogprys die belangrikste, prestigerykste prys in die Afrikaanse letterkunde is nie. In *Die Transvaler*, 22 Maart 1980, sê Amanda Botha byvoorbeeld dat die “gesogte CNA-pryse ... in sommige kringe selfs hoër as die Hertzogprys aangeslaan word”. Die skrywer Chris Barnard merk in 1988, ’n jaar waarin hy Voorsitter van die Skrywersgilde was, op: “Die Rapportprys het binne ’n paar jaar naam gekry as die land se belangrikste literêre prys” (*Die Volksblad*, 22 April 1988). Petra Pieterse noem in *De Kat* (Junie 1988:24) dat die Rapportprys tot in daardie stadium “nie net die grootste literêre bekroning in Afrikaans [was] nie maar, danksy sy politieke onafhanklikheid, ook die prys met die grootste prestige-waarde”.

Geen toekenning van die Hertzogprys vir Drama is in 1975 gemaak nie. Sterk aanspraakmakers was Bartho Smit, André P. Brink en Uys Krige. ’n Hewige polemieë ontwikkel en in *Rapport* van 6 April 1975 word, benewens die uitspraak van byvoorbeeld Grové, ook aan negatiewe sienings van die Hertzogprys aandag geskenk: volgens Ampie Coetzee gee dié prys in die toekenning daarvan nie altyd ’n betroubare beeld van gehalte nie en is dit dus nie geslaagd as ’n literêre prys nie; prof. Ernst Lindenberg, toe hoogleraar aan die Universiteit van die Witwatersrand en tot kort voor daardie tyd lid van die Akademie se Letterkundekommissie, meen: “Die Hertzogprys het aansien verloor en is nie meer die gesogste letterkundige prys in die land nie”; vir prof. F.I.J. van Rensburg, in daardie stadium hoogleraar aan die Randse Afrikaanse Universiteit, is die prys “nie meer ’n faktor van belang nie”.

In *Boekewêreld* (Augustus 1993) gee Grové ’n terugblik op die toekenning van die Hertzogprys. Volgens hom is dit

... algemene kennis dat daar oor die jare soms heftige rusies rondom die toesegging van die prys aan dié of daardie skrywer ontbrand het, heftiger as by die toekenning van enige ander letterkundige prys.

Ek het my meermale afgevra waarom dit so is. Waarom die stryd rondom die Hertzogprys, terwyl die lot van ander pryse, insluitende ander Akademiepryse, nouliks ’n rimpeling veroorsaak? As daar by die toekenning van ’n kommersiële prys nog af en toe ’n grom gehoor word, gaan dit om ’n individu, ’n aanspraakmaker wat hom verontreg voel, en bly dit ’n saak wat die breë gemeenskap onbewoë laat.

In die geval van die Hertzogprys, daarenteen, gaan dit om die prys self en sy status, en kan ’n omstrede toekenning baie penne in beweging bring.²

Grové verskaf twee redes vir hierdie reaksie (*Boekewêreld*, Augustus 1993). Die een rede “waarom die status van die prys so jaloers bewaak word,” is omdat

... die verowering van die prys veel meer beteken as die ontvangs van ’n geldelike meevallertjie. Daar is verskillende pryse wat vandag ’n groter geldbeurs dra en veel meer publisiteit geniet. Maar iemand wat die Hertzogprys wen, kry saam met die grootste en mees gevierde Afrikaanse skrywers, soos Totius, Leipoldt, Van Bruggen, M.E.R., Van Wyk Louw, Opperman, Elisabeth Eybers, Leroux en ander ’n nis in die Afrikaanse literêre panteon. Geen ander prys vermag dit nie.

2 Die omstredenheid rondom die nietoekenning van die Rapportprys aan Koos Prinsloo, het ook baie persone genoop om die pen op te tel en ’n mening te lug. Petra Pieterse berig in *De Kat* (Junie 1988:24-25):

In literêre kringe het ’n pandemonium van kritiek onmiddellik losgebars. Kort voor lank het bepaalde feite begin uitkristalliseer uit die magdom van bespiegeling, reaksies en teenreaksies wat landwyd opgespring het en uit die enkele kort persberigte oor die onderwerp.

Verskeie ontvangers van die prys verwys self na vroeëre weners: T.T. Cloete, die 1987-Hertzogpryswenner vir sy bundels *Allotroop* (1985) en *Idiolek* (1986) – met eervolle vermelding vir *Angelliera* (1980) en *Jukstaposisie* (1982), ontvang “die oudste Afrikaanse prys met ’n lang en mooi geskiedenis” met dank en betuig sy blydschap omdat sy naam gevoeg word by die lys van bekroondes vir wie hy ’n groot waardering het (*Beeld* en *Die Burger*, 25 April 1987); by sy ontvangs van die Hertzogprys in 1989 bedank Etienne van Heerden die Akademie omdat hulle hom “staan gemaak het” in die “linie van groot kunstenaars soos Dirk Opperman, Etienne Le Roux [sic] en N.P. van Wyk Louw” – ’n linie waarin hy homself “nie tuis voel nie”; hy noem “die lang lys van vorige weners” as rede vir sy aanvaarding van die prys. Van Heerden (*Transvaler*, 26 Junie 1989) meen ’n prys kry

... sy statuur veral van vorige aanvaarders van daardie prys – al is die liggaam wat dit toeken nie vry te spreek van kultuur-politiek nie en al was daar omstredenheid juis rondom die Hertzogprys.

Ook die aanvaarding van die toekenning geskied dus soms nie sonder kritiek nie – en dan nie altyd kritiek van letterkundige aard nie, maar veral van kultuur-politieke aard gerig teen die instansie wat die prys toeken, naamlik die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Al was die prys, ten spyte van sporadiese omstredenheid, selfs “vir die veelbesproke Sestigters ... nie te versmaai nie”, het die aanvaarding daarvan soms met gemengde gevoelens gepaard gegaan, soos M.E. Smith tereg opmerk in sy artikel “Bekronings in die Afrikaanse literatuur” (1988:123). Hertzogpryswenner Etienne van Heerden het tydens ’n boekefeis opgemerk (“Hertzogprys ‘kulturele soen van establishment’”):

Geen skrywer kan dit bekostig om dié prys nie te aanvaar nie. Maar hy kan eintlik ook nie bekostig om dit wel te aanvaar nie – veral as ’n mens dink aan die “wit gelaat” van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die prys is al selfs van die hand gewys: C.J. Langenhoven doen dit in 1927 en noem die “prysregters” van die Akademie “onbevoeg” (*Die Burger*, 14 Februarie 1927); N.P. van Wyk Louw moes die toekenning in 1937 met I.D. du Plessis deel, weier om dit te aanvaar en beskuldig die Akademie daarvan dat hulle magteloos was om te besluit oor dít waarvoor hulle aangestel is; Breyten Breytenbach wys in 1984 die prys af – die jaar waarin die Akademie sy 75ste bestaansjaar herdenk. By wyse van uitsondering kon dáárdie jaar Hertzogpryse toegeken word aan al drie literêre kategorieë in plaas van een. Die Poësieprys word toegeken aan Breytenbach vir sy bundel (*Yk*) wat in 1983 verskyn het. Volgens *Pretoria News*, 20 April 1984, het die digter gesê

... he had no option but to reject the prize because the akademie [sic] is the quintessence of the Afrikaans establishment.

Breytenbach wys die prys weens politieke redes van die hand. Daar word berig:

If he should accept the prize, he said, he would not help in his small way to pave the way for real change. It would rather create the illusion of some change to structures and a system which remains exclusive and discriminating, and therefore oppressing.

Instead, he calls on the akademie [sic] to give a review – even a viewpoint – on “cultural issues such as pass laws, the Immorality Act, the Group Areas Act, and the death in detention of Biko and Aggett”.³

’n Tweede rede waarom die toekenning (en aanvaarding) van die Hertzogprys soms hewige reaksies ontlok, lê, volgens Grové (*Boekewêreld*, Augustus 1993),

... waarskynlik in die feit dat die Hertzogprys deur baie as ’n nasionale prys beskou word, ’n prys wat aan die Afrikanervolk behoort. Dis ’n beskouing dié wat ongetwyfeld verband hou met die ontstaansgeskiedenis van die prys en die stryd om die regte van Afrikaans.⁴ Dat die Hertzog-naam hier ’n bydraende rol speel, spreek vanself. Dit is dan ook veelseggend dat die openbare debatte rondom bepaalde omstrede toekennings in briewekolomme selde slegs literêr gevoer is, meermale ’n ideologiese kleur aangeneem het. Die gemeenskap het betrokke geraak, nie slegs letterkundiges nie.⁵

3 Steve Biko en Neil Aggett het onderskeidelik in 1977 en 1982 in aanhouding gesterf.

4 Nienaber (1965a:105), onder andere, meen:

Die Afrikaanse volk en hoofsaaklik die kenners en liefhebbers van die Afrikaanse letterkunde, beskou die Hertzogprys, en ook tereg, as hul eiendom. Trouens, die hele volk het bygedra tot die Hertzogfonds. Die Akademie is slegs die kurator daarvan...

5 Ook in Nederland word die wel en wee van die pryse met die hoogste status fyn dopgehou. In Michaël, Raaff en Hoekman se *Nederlandse literaire pryze 1880-1985* merk Lucie Beaufort in ’n inleidende artikel “De eerste P.C. Hooft-prijs” op (1986:12):

Deze prijs wordt tegenwoordig beschouwd als de belangrijkste literaire onderscheiding die een Nederlandse auteur in Nederland te beurt kan vallen, uitgezonderd de Belgisch-Nederlandse Prijs der Nederlandse Letteren.

Deze status – de hoogste literaire prijs, uitgereikt door de Nederlandse overheid – heeft tot gevolg dat de voordrachten voor en toekenningen van deze prijs nauwlettend door auteurs, uitgevers, boekverkopers, pers en publiek worden gevolgd.

In *Die Hertzogreeks – Nr. 1* (1984:19-20) skryf P.J. Nienaber soos volg oor die Hertzogprys: “[N]ie die geldsom is van belang nie, maar die prestige van die prys, die erkenning wat ’n Afrikaanse skrywer aangedoen word”. Hy meen die Hertzogprys is

... meer as net ’n uiting van letterkundige kwaliteit: dit is ook ’n uiting van geloof – van geloof in die skrywer en sy vermoëns, van geloof in die Afrikaanse volk en sy bestemming.

In 1993 betwyfel Grové of “die prys vandag presies nog so gesien word en daardie hoë gesag dra” (*Boekewêreld*, Augustus 1993). Die toekenning word nie noodwendig meer as ’n nasionale prys beskou wat aan die Afrikanervolk behoort nie, en nie alle skrywers sien dit as ’n eer om saam met die grootste en mees gevierde Afrikaanse skrywers “’n nis in die Afrikaanse literêre panteon” te verkry nie (Grové in *Boekewêreld*, Augustus 1993):

Veranderende tye bring ook veranderings wat die prys betref en mettertyd is daar, ook deur Akademielede, gevoel dat die Afrikaner “veilig” is, dat die taalstryd verby is en dat daar “uitwaarts” beweeg kan word. Daarmee saam het die minder-vriendelike verwyt al sterker geword dat die Akademie twee here probeer dien: dat hy voorgee om suiwer literêr te oordeel, terwyl hy in werklikheid ideologies deur Afrikaner-sentimente beweeg word.

Suid-Afrika betree ’n nuwe politieke bestel in 1994 en Breytenbach aanvaar in 1999 die Hertzogprys vir Poësie vir *Oorblyfsels: ’n Roudig* (1997) en *Papierblom* (1998). Met sy aankoms by die bekroningsplegtigheid merk hy teenoor Neels Jackson op (*Beeld*, 18 September 1999):

Dit is vyftien jaar later en ander omstandighede. Ou geskille het minder belangrik geword.

Prof. Elize Botha, toe Voorsitter van die Akademie se Letterkundekommissie, het opgemerk dat

... dit lyk of daar ’n toenadering is tussen die manier waarop die Akademie uitnemendheid in die letterkunde erken en die perspektief wat Breyten op die oogmerke van die Akademie het.

Breytenbach het ook die 2008-Hertzogprys vir Poësie, wat aan hom toegeken is vir *Die windvanger* (2007), aanvaar.

Gesindhede teenoor en persepsies rondom die prys het dus mettertyd verander.

2.2 ONTSTAAN VAN DIE AKADEMIE EN DIE HERTZOGPRYS

Sommige se bevraagtekening van die Akademie se ideologiese neutraliteit, en andere se beskouing van die Hertzogprys as Afrikanervolksbesit, moet in perspektief gestel word deur, onder andere, kortliks te wys op die taal- en kultuur-politieke omstandighede waaronder die Akademie, en later ook die Hertzogprys, tot stand gekom het.⁶

2.2.1 ONTSTAAN VAN DIE AKADEMIE

Met betrekking tot die stand van Nederlands/Afrikaans gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu merk Antonissen (1964:40) op:

Alles bymekaar word daar in hierdie tyd nog ruim soveel in Nederlands as in Afrikaans geskryf, ook deur die 'Afrikaners met Afrikaanse harte'. Taalvorm en taalvorm is trouens nie twee nie, maar ... vier: daar is hoog- en laag-Afrikaans soos daar hoog- en laag-Hollands is. In die negentigerjare sal die eers- en die laasgenoemde begin bodryf en mekaar baie dig nader.

In 1899 breek die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) uit. Dit is in Mei 1902 beëindig met die sluiting van die Vrede van Vereeniging. Die Republieke was verwoes, armoede het hoogty gevier en die Hollands-Afrikaanse volksgroep moes materieel en geestelik op die been kom onder moeilike omstandighede. Engels was die enigste amptelike taal van die land. Alhoewel die wet voorsiening gemaak het vir sekere Nederlandse taalregte, is Nederlands op verskeie gebiede verdring. Verset het gekom teen die geleidelike verengelsing van die regswese, administrasie, kerke en skole en verskeie verenigings is gestig wat hulle beywer het vir die bevordering van Nederlands en Afrikaans:

Die Afrikaners het hard geveg om hul taal ook erken te kry, maar hulle kon nie met mekaar ooreenkom wat hul taal moes wees nie: Nederlands of Afrikaans. Daar het harde woorde geval; daar is vurige polemieke gevoer in die pers, want groot was die aantal voorstanders van Nederlands, en nog groter die aantal voorstanders van Afrikaans. In die stryd vir die erkenning van Afrikaans as een van die amptelike tale van Suid-Afrika was die stryd nie die hewigste teen Engels nie, maar teen Nederlands. (Nienaber 1950:10.)

6 Benewens talle Akademiepublikasies wat inligting bevat oor die ontstaansgeskiedenis van die Akademie en die Hertzogprys (onder andere SAAWEK 1959:73-85 en 127; SAAWEK 1981:5; ZAATLK 1911:7-9), is die onderwerp ook bespreek deur byvoorbeeld Botha (1984:124-136), Fensham (1984:3-4), Grové (1984:39-40), Kotzé (1984:1-9), Le Roux (1978:3-6), Nienaber (1950:10-22, 1952:90-94, 1964:21-37, 1965a:1-18, 1968:1-91, 1984:19-20), Theunissen (1954:65-84) en Van der Walt (1963:17-20).

Die onderskeie taalverenigings is uiteindelik gedurende die Bloemfonteinse Taalkongres van 1 en 2 Julie 1909, waartydens die *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* gestig is, saamgesnoer tot voordeel van die voorstanders van sowel Hollands as Afrikaans. In die openingsrede van die kongres verwys dr. J. Brill na artikel 2 van die Statute (ZAATLK 1911:23) en merk op dat die Akademie

... haar poorten wijd genoeg wil openen om zowel de voorstanders van 't Nederlands als die van 't Afrikaans binnen haar muren te verenigen.

Vir generaal Hertzog was daar veral twee redes vir die ontstaan van die Akademie. Hieroor spreek hy hom uit tydens die sestiende jaarvergadering, gehou in die Konferensiesaal van die Uniegebou op Saterdag 24 September 1927 (Malherbe 1927c:102):

[D]ie eerste daarvan is om 'n **gesonde nasionale rigting en leiding te gee aan die pas ontluikende literatuur en kuns van ons jong volk**; en die tweede [sic]⁷ gedagte was dat ons onself as geheel afsonderlike volk, met eie taal en eie toekoms, ook moes laat gelde.

(Ek benadruk.)

Hertzog was Minister van Onderwys in die Oranjerivier-Kolonie en het in hierdie hoedanigheid 'n onderwyswet deurgeloods waarvolgens al die leerlinge hul onderrig deels in Hollands en deels in Engels moes ontvang. Baie Engelssprekendes was kwaad omdat hulle Hollands moes leer. Drie skoolinspekteurs het hulle vernet teen hierdie bepaling en is afgedank. Na aanleiding van sekere woorde wat generaal Hertzog sou gebruik het in vraetyd nadat hy op 26 Augustus 1910 'n politieke vergadering op Fauresmith toegesprek het, stel Fraser, een van die inspekteurs, 'n lasteraksie teen Hertzog in. Die uitspraak is op 2 November 1911 gelewer. Fraser het die saak op tegniese gronde gewen, maar Hertzog het geweldige steun gekry van Hollands- en Afrikaansgesindes. 'n Openbare insameling is van stapel gestuur om Hertzog se regs-koste te dek en ná aftrek van alle onkoste het daar sowat £1200 oorgebly. Hierdie bedrag wou generaal Hertzog aan die volk terugskenk.⁸

7 Die spelling van die woord het mettertyd verander. Voortaan sal daar nie met [sic] te kenne gegee word dat woorde soos "tweede" of "tweedens" verouderde spelvorms is wat so in die bronne voorkom nie. Ook afkortings soos "bv." (byvoorbeeld) en "FAK" (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) word slegs weergegee as die verouderde "b.v." en "F.A.K." waar dit in aanhalings verskyn.

8 Raadpleeg in verband hiermee die bronne gemeld in voetnota 6 op bladsy 14.

2.2.2 ONTSTAAN VAN DIE HERTZOGPRYS – DIE HERTZOG-TAALFONDS

Die eerste Akademiëpublikasie waarin generaal Hertzog se donasie gemeld word, is die notule van die *Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* se vierde jaarvergadering, gehou op 4 en 5 Julie 1913 in die Stadsaal te Pietermaritzburg, Natal. Die Sekretaris, prof. dr. G. Knothe,⁹ meld in sy verslag (ZAATLK 1913b:21):

Generaal Hertzog heeft mij verzocht de volgende zaak voor de aandacht van de Akademie te brengen. Van het geld, dat in verband met de Hertzog-Fraser-zaak voor hem ingezameld werd, zijn er omtrent £1200 overgebleven. Gaarne zou hij van de Akademie willen vernemen, op welke wijze dit geld het best, in verband met de Akademie, gebruikt zou kunnen worden.

Die saak is verwys na die Akademieraad en op hulle aanbeveling word tydens hierdie vierde jaarvergadering die volgende **besluit** geneem (ZAATLK 1913b:22):

Naar aanleiding van de mededeling door de Sekretaris, Dr. Knothe, gedaan, betuige deze Vergadering aan Generaal Hertzog hare hoge waardering en hartelike dank. Verder doe zij de aanbeveling, dat een Hertzog-fonds worde gesticht, onder beheer van de Z. Afr. Akademie, waarvan de renten zullen worden besteed voor de aanmoediging en verspreiding van nationale lektuur, geschiedkundige zowel als belletristiese [sic].¹⁰
[Ook aangeteken as Besluit 3/1913 in ZAATLK 1913b:15]

Tot auditeurs worden benoemd Professoren [N.J.] Brümmer en [W.E.] Malherbe.¹¹

Generaal Hertzog is tevrede met hierdie reëling, maar gee in 'n brief, gedateer 6 November 1913 (KOR 2/2), te kenne dat hy liever nie sy naam aan die fonds gekoppel wil hê nie. Tog is dit amptelik ingestel as die Hertzog-taalfonds.

9 Knothe was die eerste Akademiesekretaris en het dié pos beklee vanaf 1910 tot Julie 1916.

10 Die woord “bellettrie” en “bellettristies” is aanvanklik gespel sonder die dubbele “t”. Aangesien hierdie woorde meermale in aanhalings voorkom, sal dit telkens gespel word soos in die bron self, en sal die aandag nie elke keer op die vroeëre spelling van die woord gevestig word nie. In die 1960/1961-Hertzogprys-prosedureveranderinge is die spelling van die woord soos vroeër opgeneem in die Hertzogprysprosedure, amptelik verander vanaf “bellettristiese” na “bellettristiese” (kyk punt 4 van bylaag S op bladsy 648).

11 Die voorletters word nie verskaf nie. Volgens *Jaarboek IV (1913)* waarin die notule opgeneem is, was daar in daardie stadium drie Malherbes betrokke by die Akademie: prof. dr. D.F. Malherbe, prof. W.E. Malherbe en dr. W.M.R. Malherbe (ZAATLK 1913b:6). In *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:45) en *Jaarboek VI (1915)* (ZAATLK 1915:38) word egter genoem dat N.J. Brümmer en W.E. Malherbe tydens die vyfde jaarvergadering (1914) tot ouditeurs benoem is, en tydens die sesde jaarvergadering (1915) herkies is. Die afleiding kan dus gemaak word dat dit W.E. Malherbe was wat ook aanvanklik, tydens die vierde jaarvergadering (1913), tot ouditeur benoem is saam met N.J. Brümmer.

Persone met dieselfde van, byvoorbeeld die verskillende Malherbes, word voortaan deur middel van hulle voorletters van mekaar onderskei.

In die holograaf *Notulen van de Raad van de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst 1911-1922* verskyn onder andere die notule van ’n Akademierraadsvergadering wat die volgende jaar – op Donderdagoggend 2 Julie 1914 – in “de Raad Zaal”, Bloemfontein, gehou is. In die notule maak Knothe, die Akademiesekretaris, melding van “de Geschenk van Generaal Hertzog” (ARN 1914: 2 Julie – in ZAATLK s.j. a):

Wordt gelezen brief van de Firma Brebner & Reitz vermelden de geschenk van Generaal Hertzog van £1200 (Hertzog-fonds). Wordt besloten om van deze schenking mededeling te doen aan de jaar-vergadering [sic] de Akademie met aanbeveling om de hartelike dank der Akademie aan Generaal Hertzog aan te bieden.

Die volgende dag, Vrydag 3 Julie 1914, word die Akademierraadsverslag ter tafel gelê en bespreek tydens die vyfde jaarvergadering (gehou in die Appèlhof, Bloemfontein, op 2, 3 en 4 Julie 1914). In hierdie verslag word by punt 3 met betrekking tot die Hertzogskenking gesê (ZAATLK 1914:27-28):

Generaal Hertzog heeft goedgunstiglik gevolg gegeven aan de wenk van de Akademie bevat in Akad. Besluit No. 3/1913, en de som van £1200, het overblijfsel van het geld, dat in verband met de Fraser-Hertzog-zaak voor hem ingezameld werd, onder het beheer van “de Uitvoerende Raad van de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” ... beplaatst.

’n Deel van die notariële ooreenkoms word in die Akademierverslag aangehaal (ZAATLK 1914:28). Die **volledige, oorspronklike ooreenkoms** sien soos volg daar uit (Reitz 1914:1-5):

Protocol No. 30
Johan N. 2. 1914



ZIJ HET AAN ALLEN KENNELIK:

Dat op heden den *27ste* dag van Mei in het jaar 1914 voor mij JOHANNES HENDRICUS BRAND BEITZ, van Bloemfontein, Notaris Publiek op wettig gezag behoorlik beëdigd en toegelaten en in de tegenwoordigheid van de ondergetekende getuigen persoonlijk zijn verschenen JAMES BARRY MUNNIK HERTZOG, Advokaat, wonende te Bloemfontein hierinlater Komparant ter ener zijde genoemd en GERHARD KNOTHE, Professor aan het Grey Universiteits Kollege te Bloemfontein, in zijn capaciteit als Sekretaris der "ZUID AFRIKAANSE AKADEMIE VOOR TAAL LETTEREN EN KUNST", zijnde daartoe behoorlik benoemd door Akademie Besluit van 6 Julie 1910 (Jaarboek I.p.55) gecertificeerd copij waarvan tans in mijn protokol berust.

En de Komparanten verklaarden, dat aangezien er een zeker bedrag bijeengebracht is geworden door het publiek met het doel de rechterlike kosten van Komparant ter ener zijde in zekere zaak tegen hem gebracht door WILLIAM FRASER, daarmede te betalen.

En aangezien er een gedeelte van zodanig bedrag is *de som van twaalf Honderd Ponden bedragende* overgebleven, hetwelk voortaan bekend zal zijn als het Hertzog Taal Fonds en gebruikt en besteed zal worden als hierinlater vermeld.

En aangezien gemelde Komparant ter ener zijde begerig is de uitbreiding van de Afrikaanse Taal in Zuid Afrika te bevorderen.

En aangezien het verder wenselik is zodanig Fonds en alle andere Fondsen of eigendommen, die voor zodanig of hetzelfde doel verkregen mochten worden, onder het beheer van zekere Kuratoren te plaatsen en de werkzaamheden plichten en funkties van zulke Kuratoren te bepalen en vast te stellen;

Zo

- 2 -

Zo wordt dit dokument getekend als een Akte van Overeenkomst voor het voormelde doel en onder de volgende termen en kondities, dat is te zeggen:-

1. Ten einde de doeleinden hierin te voren vermeld te bereiken, zal gemeld Fonds beheerd worden door de Uitvoerende Raad van de "ZUID AFRIKAANSE AKADEMIE VAN TAAL LETTEREN EN KUNST", of in geval dit lichaam mocht ontbonden worden of ophouden te bestaan, dan en in zulk geval zal gemeld Fonds en de plichten, werkzaamheden en funkties daaraan verbonden, beheerd en ondernomen worden door de gezamenlike Moderaturen van de Nederduits Gereformeerde Kerk de Gereformeerde en de Hervormde Kerk van Zuid Afrika *in den Oranje Vrij Staat.*

2. Dat de Kuratoren in de ~~laetstvolgende~~ ^{laatstvolgende} paragraaf vermeld het recht en de macht zullen hebben om:-

- (a) Het hierintevoren gemeld bedrag en alle andere en verdere bedragen die van tijd tot tijd kunnen of mogen bijeengebracht of ontvangen worden voor het zelfde doel waarvoor dit Fonds gesticht is geworden, te administreren.
- (b) Alle roerende of onroerende eigendommen, die verkregen mogen worden, hetzij bij koop, verruiling, geschenk of legaat, of op welke wijze dan ook, voor gemeld doel te beheren.
- (c) Alle Akties, rechten en belangen aan gemeld Fonds toebehoorende, hetzij tans bestaande of nog te worden verkregen, met volle macht aan zulke Kuratoren in en met betrekking tot het hierbij gestichte fonds zaken te drijven of te verdedigen verder vast eigendom te verkrijgen, hetzij door te kopen of te huren of anderszins zo nodig hetzelfde te hypothekeken of te verkopen en transport

Handwritten signature and initials

12 In Hertzog se eie aanbevelings aangaande die prys (KOR 2/2: 6 November 1913 – byvoegsel), word as plaasvervangerkurator slegs die gesamentlike moderatuur van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika genoem. Die amptelike skenkingsakte spesifiseer ook die Hervormde Kerk, en daar word bygevoeg “*in den Oranje Vrijstaat*”.

- 3 -

port te nemen of te geven zoals volgens Wet verlangd mocht worden en voornamelijk de renteh, die door gemeld fonds gewonnen mochten worden jaarliks, na aftrek van enige kosten van administratie daaraan verbonden bij wijze van een prijs of erebeloning te schenken aan de schrijver~~de~~ of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse Taal, onderworpen aan de hierinlater bevatte kondities; en verder, enige kontrakten aan te gaan als van tijd tot tijd nodig mocht blijken voor de behoorlike uitvoering van de doeleinden van het Fonds; het Kapitaal van het Fonds op goede sekuriteit te beleggen van vast landelike eigendom, Prokureurs of Agenten te benoemen voor het bovengemelde doel en in 't algemeen te doen of te laten doen alles dat nodig geacht mocht worden voor de behoorlike vervulling van de doeleinden van het Fonds.

Gemelde prijs of erebeloning zal geschonken en uitgelooft worden met het oog op en onder de volgende kondities, die stiptelik door de Kuratoren nagevolgd zullen moeten worden:

- (a) Alle letterkundigē produkten zoals bovengemeld zullen in de maand Desember van elk jaar ingezonden worden aan zodanig persoon of personen als door de Kuratoren mocht of mochten benoemd worden.
- (b) Alleen werk van de eerste rang zal beloond worden. Indien werk van een mindere rang ingehandigd wordt zal er in dat jaar geen prijs uitgelooft worden, maar enige renten dan in handen zullen terugvallen ter versterking van het Kapitaal.

(c)

- 4 -

- (c) Ingeval het werk van twee of meer schrijvers van gelijke waarde bevonden mocht worden, zullen de renten dan in handen, onder zulke gelijkwaardige schrijvers evenredig verdeeld worden.
- (d) Ingeval er gedurende vijf aaneenvolgende jaren geen bekroonbaar werk voortgebracht of in gezonden mocht worden, dan kunnen en mogen de Kuratoren een deel van de opgelopen renten, de helft echter niet te boven gaande, gebruiken voor de bekendmaking en verspreiding van Afrikaans - Hollandse Lektuur.
- (e) De beslissing der Kuratoren met betrekking tot de toekenning van het geld zal finaal zijn.

Ingeval omstandigheden ontstaan, die het noodzakelijk maken in de opinie der Kuratoren deze Akte te veranderen of ervan bij of af te doen, zullen de Kuratoren daarover met gemelde Komparant ter ener zijde raadplegen en ingeval gemelde Komparant ter ener zijde mocht komen te overlijden, dan zullen de Kuratoren het recht hebben zodanige veranderingen, amendementen of bijvoegingen te maken, als zij best mogen achten om gevolg te geven aan de wens van de stichter van het Fonds, onder dien verstande echter, dat elk besluit met betrekking tot zodanige verandering, amendement of bijvoeging eenparig zal zijn.

En gemelde GERHARD KNOTHE verklaarde ten behoeve van gemelde Akademie gemeld Kuratorschap te aanvaarden onder de kondities en bepalingen hierin vervat en verbindt zich deze stiptelik te zullen volgen en uitvoeren.

Aldus

- 5 -

Aldus gedaan en getekend te Bloemfontein op den dag
maand en datum voornoemd in de tegenwoordigheid van
de getuigen DIRK VOS VAN DE WALL en ANNA SUSANNA
MEYER, beide van Bloemfontein.

ALS GETUIGEN:

D. S. Meyer.



QUOD ATTESTOR



NOTARIS PUBLIEK

In *De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst se Jaarboek VI (1915)* (ZAATLK 1915:49-52) en *Bulletin I(2)* (ZAATLK 1923b:3-4) word die *Akte van Overmaking of Schenkingsbrief*, soos dit onderskeidelik genoem word, weergegee. Nienaber haal in sy publikasies *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a:16-18) en *Die Hertzogprysfonds* (1968:88-91) die *Akte van Overmaking* net so aan uit *Jaarboek VI* (ZAATLK 1915:49-52). Ook Adriaan Coetser gee in sy proefskrif *Kriteria by Hertzogprystoekennings vir poësie* die dokument weer soos opgeneem in die jaarboek (1989:56-58). In 'n *Nuusbrief*-artikel "Die Akademie-argief en museum" (SAAWEK 1966a:11) word beweer:

Alle waardevolle dokumente, geskrifte ens. wat betrekking het op die Akademie se geskiedenis word versamel. Een van die besonder waardevolle dokumente in die argief is die oorspronklike *Skenkingsakte* waarkragtens genl. Hertzog die Hertzog-prysfonds formeel aan die Akademie in Mei 1914 oorhandig het.

By nadere ondersoek blyk dit dat die dokument waaroor die Akademie beskik en waarvan die inhoud op 'n paar woorde en spelwyses na, ooreenkom met dié in die jaarboek, **egter nie die oorspronklike dokument self is nie, maar 'n gesertifiseerde afskrif van die oorspronklike dokument:**

- boaan die Akademie se afskrif kom die volgende woorde voor: “Ik certificeer dat het Origineel van het kontrakt versegeld is met zegels ter waarde van 2/-”, geteken deur J.H. Brand Reitz as Notaris Publik;
- oral waar handgeskrewe inligting by die dokument gevoeg is, het slegs Reitz geparafeer;
- aan die einde van die dokument is die name van die vier getuies getik (D.V. van de Wall, A.S. Meyer, J.B.M. Hertzog en G. Knothe), met net Reitz wat as *Notaris Publik* self geteken het;
- seëls ter waarde van 7/- is op die dokument geplak;
- heel aan die einde van die dokument verskyn die volgende woorde: “Voor copij conform Bloemfontein den 28sten Mei 1914”;
- hierna teken twee van die reeds genoemde getuies, naamlik Dirk Vos van de Wall en Anna Susanna Meyer. Reitz bevestig ook met sy handtekening dat dit 'n **kopie** is.

Hertzog se handtekening kom nêrens op hierdie dokument voor nie.

Die oorspronklike skenkingsakte, wat bewaar word in Reitz se Protokol (No. 30) in die Vrystaatse Argief, Bloemfontein, sien soos volg daar uit:

- dit bevat uiteraard nie die woorde boaan wat te kenne gee dat dit 'n afskrif is nie, maar wel die seël ter waarde van 2/- wat die oorspronklike kontrak vergesel en waarna daar verwys word in die afskrif;
- alle handgeskrewe inligting is telkens geparafeer deur ál vier getuies, naamlik Knothe, Hertzog, Van de Wall en Meyer, met Reitz as *Notaris Publik*;
- aan die einde van die dokument verskyn nie die getikte name van die getuies nie, maar wel elkeen se handtekening self – ook dié van Hertzog.

Op 15 Mei 1954 het die Assistent-sekretaris, F.J.H. Barnard, 'n afskrif van die “oorspronklike skenkingsbrief” aan P.J. Nienaber gestuur. Volgens die Akademieafskrif van die Mei-brief het Barnard dit foutiewelik na P.J. Nienaber in plaas van G.S. Nienaber gestuur, maar belangrik is dat dit nié 'n afskrif van die oorspronklike skenkingsakte was nie, want dié is in die Vrystaatse Argief, Bloemfontein. (LK 1/5.)

Waar die Akademieraad aanvanklik aanbeveel dat die rente van die Hertzogfonds bestee moet word aan die aanmoediging en verspreiding van nasionale lektuur – geskiedkundig sowel as belletristies, **bepaal die uiteindelijke ooreenkoms dat die geld geskenk word aan die skrywer**

of skryfster van die beste letterkundige werk van belletristiese aard in die Afrikaanse taal.
Die Uitvoerende Raad van die Akademie tree op as kurator van die fonds.

Tydens die Vrydag 3 Julie 1914-jaarvergaderingbespreking van die Akademierraadsverslag (ten opsigte van die Akademie se vyfde bestaansjaar), stel die visevoorsitter, prof. A. Moorrees, die volgende voor (ZAATLK 1914:36):

De Sekretaris worde opgedragen aan Generaal Hertzog de hartlike dank der Akademie aan te bieden.

Dr. F.V. Engelenburg sekondeer die voorstel en

... legde nadruk op de lofwaardige motieven welke de schenker bewogen hadden om de balans van 'n door 't publiek als geschenk voor Generaal Hertzog gekollekteerd fonds, af te zonderen voor doeleinden van volks-belang. Hij sprak de hoop uit, dat de Akademie 't vertrouwen waardig zou blijven en haar taak als kurator over 't Hertzog-fonds zou vervullen in de door de hooggeachte schenker bedoelde geest.

Het voorstel wordt bij akklamatie aangenomen.

Engelenburg wys daarop dat dit nodig sou wees om die Akademie se aanvaarding van die Hertzogskenking by wyse van formele besluit goed te keur. Hy stel derhalwe voor:

Deze Jaarvergadering der Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, kennis genomen hebbende van een schenkings-oorkonde, opgesteld onder medewerking van Generaal Hertzog en Dr. Knothe inzake aanvaarding, door de Zuid-Afrikaanse Akademie van zeker Hertzog-Taal-Fonds; besluit om haar goedkeuring te geven aan de aanvaarding, door Dr. Knothe, namens de Akademie voornoemd, van gezegde schenking door Generaal Hertzog.

Dr. W.M.R. Malherbe sekondeerde, en ook dit voorstel werd unaniem aangenomen.

Bogenoemde twee voorstelle vind neerslag in onderskeidelik Besluit 3/1914 en 5/1914 (ZAATLK 1914:16).

Die eerste finansiële verslag wat blyke gee van die £1200 wat generaal Hertzog aan die Akademie geskenk het, is die Akademiesekretaris, Knothe, se 1913/14 verslag soos voorgelê aan die vyfde Jaarvergadering (ZAATLK 1914:45).

2.3 HOUDINGS TEENOOR DRAMA EN/OF TONEEL, ASOOK BETROKKENHEID DAARBY TYDENS DIE BEGINJARE VAN DIE AKADEMIE

Die Akademierraad is aangestel as kurator van die Hertzog-taalfonds met die opdrag om 'n jaarlikse prys uit te loof vir die beste letterkundige werk van belletristiese aard in Afrikaans. In die skenkingsakte word melding gemaak van “[a]lle letterkundige produkte” (kyk bladsy 20) – dus sou ook dramatekste bekroon kon word.¹³ Aangesien drama 'n hibriediese medium is, spreek dit vanself dat dit belangrik is om te weet wat die Akademiestandpunt met betrekking tot drama in die breë, insluitende toneelopvoerings, was.¹⁴

Die waarde en bevordering van toneelopvoerings was met die stigting van die Akademie 'n kontensieuse kwessie. Op 30 Junie 1909, 'n dag voor die aanvang van die Taalkongres op 1 en 2 Julie 1909 in Bloemfontein, waartydens die *Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* gestig is, vergader die *Voorlopig Komité* in die *Gedenksaal van de Ned. Herv. Kerk, St. Johns Straat*. Die notule van hierdie vergadering (ZAATLK 1911:11-17) bevat onder andere die *Ontwerp Statuten* (gewysigde Konsepstatute) wat aan die kongres voorgelê sou word. Artikel 3 van die Statute gee blyke van die maniere waarop die Akademie beoog het om sy doel te bereik. Drie daarvan wat ter sake is om die houding van die Akademie t.o.v. drama- en toneelbevordering vas te stel, was die volgende:

- (c) 't uitschrijven van prijsvragen; het aanmoedigen, uitgeven en 't geldelik steunen van de uitgave van oorspronklike of vertaalde werken, geschriften en liederen;
- (e) in overleg met bestaande verenigingen of maatschappijen te zorgen voor de bekendstelling, beoordeling, en verspreiding van geschikte lektuur en van schooluitgaven;
- (f) 't regelen van leesgezelschappen, 't houden van openbare voordrachten en van populaire voorlezingen over vragen van de dag en **dramatiese voorstellingen**.
(Ek benadruk.)

Tydens die Voorlopige Komitee se bespreking van hierdie beoogde aksies, het die Afrikaans-Hollandse toneel ter sprake gekom (ZAATLK 1911:14):

13 Dit was 'n implisiete moontlikheid, maar eers vir die 1919/1920-Hertzogprys was dit duidelik dat dramatekste wel beoordeel is (kyk bladsy 70-73).

14 **Vanaf 1928** is poësie, drama en prosa om die beurt bekroon met die Hertzogprys (kyk bladsy 123). Die Akademiestandpunt met betrekking tot drama en die bekroning daarvan het in die vroeg negentigerjare weer ter sprake gekom toe probleme ondervind is met die vind van bekroonbare dramatekste. Daar is besluit om die siklus te versnel indien daar geen bekroningswaardige dramatekste is nie (kyk bladsy 507), maar hierdie besluit is later herroep (kyk bladsy 509).

Verskillende sprekers wezen er op wat door het toneel in de laatste jaren ter bevordering van de hollandse taal gedaan werd. De transvaalse [sic] afgevaardigden¹⁵ wilden graag bij alinea f de woorden: “de bevordering van dramatiese voorstellengen” [sic] bijgevoegd hebben. Dit voorstel werd echter hevig bevochten door Prof. [Lion] Cachet en Ds. [D.S.] Botha, zodat de vergadering besloot van dit punt af te stappen.

Die verslag van die Voorlopige Komitee aangaande die Statute kom tydens die aandsitting van die Taalkongres op 2 Julie 1909 aan die orde.¹⁶ Weer eens word ’n toevoeging by artikel 3(f) voorgestel, naamlik “het bevorderen van de opvoering van dramatiese stukken” en dit ontlok opnuut ’n bespreking, soos volg weergegee in *Jaarboek 1 (1910)* (ZAATLK 1911:49-50):

HET DRAMA

Prof. L. [Lion] Cachet betreurde de toevoeging waardoor het de plicht werd van de Akademie om het opvoeren van dramatiese stukken te bevorderen, hetgeen door sommigen in strijd met Gods Woord werd geacht.

Ds. [N.J.] Brümmer lichte toe, dat deze toevoeging was gedaan met het oog op bestaande toneel-gezelschappen. De kommissie had gedacht dat het beter was om kontrole te krijgen over die opvoeringen. De Akademie zou waarskynlik self geen stukken opvoeren, maar zou het recht hebben veto uit te brengen.

Ds. [A.J.] Louw (Heidelberg) verklaarde zich teen die toevoeging. Het schein hem dat zij niets zouden winnen met die toevoeging omtrent “bevordering” van dramatiese uitvoeringen. Naar zijn opinie zouden die woorde “kontroleren” of “regelen” beter zijn.

Ds. [D.S.] Botha was het eens met die vorige sprekers; als er stond “waken teen het opvoeren van ongepaste stukken,” zou hij er nog vrede mee kunnen hebben.

Die voorzitter [prof. A. Moorrees] zeide dat het geheel afhing van

DE KEUS DER STUKKEN

of het theater goed of slecht zou werken. Die vraag was echter of het niet beter was om een gezonde opvoering van goede stukke te bevorderen. Men zou toch altijd een zekere voeling kunnen houden. Hij was niet zeer entoesiasties op dit punt, maar meende toch dat het niet buiten die werkkring van die Akademie lag die bestaande stroming in die richting in een goede baan te brengen.

15 Daar was twaalf afgevaardigdes: vier uit die Kaapkolonie, vier uit die Oranjerivierkolonie (Vrystaat) en vier uit die Transvaal. Die Transvaalse afgevaardigdes was ds. H.D. van Broekhuizen en prof. G. Besselaar (albei van die Afrikaans-Hollandse Taalvereniging in Pretoria), en mnr. Gustav S. Preller (*De Volkstem*, Pretoria). Adv. N.J. de Wet, wat vroeër tot lid van hierdie Kommissie verkies is, was afwesig, en sy plek as vierde Transvaalse afgevaardigde is ingeneem deur prof. Lion Cachet van die Gereformeerde Kweekskool te Potchefstroom (ZAATLK 1911:11 en 19).

Soos later blyk, sluit die verwysing na die “transvaalse afgevaardigden” egter nie die mening van Cachet in nie.

16 Daar word genoem dat geen wysigings van ingrypende aard voorgestel is nie, en dat die vernaamste verandering die verval was van artikel 4 met betrekking tot lede.

Ds. [H.D.] van Broekhuizen zeide dat niet moest vergeten worden dat er zo iets als geheiligde “kunst” bestond en dat ons volk daartoe opgevoed moest worden. Sommige mense hadde behoefte om dit kunstgevoel te ontwikkel. Hij zou sich er echter mee kunnen verenigen om aan te bevelen aan die Akademie om dit punt te laten wegvallen.

Na een langdurige diskussie waaraan nog werd deelgenomen door Adv. [W.J.] van Zijl, Prof. [A.] Francken¹⁷ en Dr. [G.] Knothe, werd het voorstel van Ds. van Broekhuizen aangenomen en besloot het kongres geen aanbeveling op dit punt te doen.¹⁸

Die bevordering van **toneelopvoerings** word dus nie goedgekeur nie. Ook geen aanmoediging tot die skryf van **dramas** ontvang aandag nie. Uit die bespreking blyk dit duidelik dat sommige lede die aktiewe bevordering van “dramatiese uitvoerings” as botsend met die Bybel beskou het.

Tydens die opening van die Taalkongres op 1 Julie 1909 word ’n brief voorgelees van president M.T. Steyn, wat nie self teenwoordig kon wees nie. Hierin spreek hy die bede uit dat een van die resultate van die kongres sal wees

... dat die baanbrekers van onze literatuur, en van die schone kunste zullen aangemoedig word, en verder, dat die sluimerende talenten – die, naar ik overtuigd ben, nog in Zuidafrika zijn, zullen word opgewekt – talenten die door middel van proza, poësie en penseel aan die wereld zullen verkondig, wat ’t Afrikaanse volk, dat zo veel heeft geleden en zijn lijden met zo veel blijmoedigheid draagt, diep in zijn hart gevoelt. Aldus zal ’n heerlike literatuur geschapen word, waarop ’t zuidafrikaanse volk in latere jare trots zal zijn (ZAATLK 1911:27).

President Steyn noem slegs die kategorieë prosa en poësie, maar nie drama nie. Engelenburg, daarenteen, maak wel die volgende jaar melding van “dramatiese, liriese en epiese literatuur” in sy dankwoord tot die openingsrede van adv. F.S. Malan tydens die eerste jaarvergadering van *De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, gehou op 6 en 7 Julie 1910 in die *Zaal van die Wetgevende Raad* in Bloemfontein (ZAATLK 1911:72).

17 In 1911 is die Toneelvereniging van die Grey-Universiteitskollege (GUK) in Bloemfontein gestig. Prof. A. Francken het dit jare lank besiel (Binge 1969:102).

18 Besselaar verwys ook na die Stigtingsvergadering van die Akademie waartydens die menings verdeeld was (1914:95):

[S]ommigen waren tegen drama en toneel, anderen alleen tegen toneel. Het is de aloude kwestie van VONDEL met de Kerkeraad, van COSTER’S Akademie, van JOHANNES VENATOR en zoveel anderen.

Ook Harm Oost verwys na Vondel in sy verdediging van die teater (Eloff 1910:14-15).

Die Statute wat goedgekeur is by die Bloemfonteinse Taalkongres,¹⁹ word tydens hierdie jaarvergadering bespreek. Gustav Preller raak weer die saak aan van dramatiese kuns as een van die middele om die doel van die Akademie te verwesenlik,²⁰ en 'n bespreking volg (ZAATLK 1911:58):

Mnr. Preller stelt voor, dat tussen alinea's [3] c en d de volgende nuwe alinea word ingevoeg, n.l.: "Zoveel mogelijk bevorderlik te zijn aan de stichting of 't voortbestaan van 'n nasionaal Zuid-Afrikaanse dramatiese kunst."

Adv. [N.J.] de Wet is van mening, dat volgens art. 8 van de Statuten zodanig voorstel alleen na voorafgaande schriftelike kennisgeving van vier weke aan de sekretaris kan word ingediend.

Ds. Botha wijst er op, dat men zich op 't Bloemfonteinse Taalkongres zeer sterk over dit punt heeft uitgelaten. Hij zou graag willen zien, dat geen nuwe alinea bygevoeg word.

Adv. Malan deelt de zienswijze van Ds. Botha.

Prof. Francken meent, dat er in alinea c een achterdeurtje is opengelaten. "De kunst in 't algemeen" sluit zijns inziens de dramatiese kunst in.

Artikel 3(c) van die Statute, soos aangeneem tydens die Taalkongres en waarna Francken hier verwys, kom waarskynlik (kyk voetnota 19 op bladsy 28) ooreen met die bewoording daarvan volgens *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:10), naamlik dat die Akademie poog om sy doel te bereik deur, onder andere,

... 't uitschrijven van prysvragen; het aanmoedigen, uitgeven en 't geldelik steunen van de uitgave van oorspronkelike of vertaalde werke, geskrifte en liederen, en bevordering van die kunst in het algemeen.

Die *Ontwerp Statuten* se artikel 3(c) (kyk bladsy 25) is dus uitgebrei deur die byvoeging dat kuns in die algemeen bevorder sal word.²¹ Dr. W.J. Viljoen stem tydens die jaarvergaderingsbespreking saam met Francken en sê hy glo nie dat daar iets in die Statute is wat die dramatiese kuns uitsluit

19 'n Kopie hiervan kon nie bekom word nie en is nie in Akademiepublikasies te vind nie.

20 Preller se werksaamhede in Pretoria het in 1906 gelei tot "die stigting van die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging (A.H.T.V.) met die doel om 'te ywer vir die stigting en versterking van een nasionaal Afrikaans-Hollandse Toneel en sodoende die landstaal en volksopvoeding te bevorder'" (Kannemeyer 1984:97).

21 In *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:11) en *Jaarboek VI (1915)* (ZAATLK 1915:9-10) bepaal artikel 3(f) van die Statute nie meer dat "dramatiese voorstellings" bevorder sal word, soos voorgestel in die Ontwerpstatute (kyk bladsy 26) nie. Dieselfde geld vir die afskrif van die Statute wat op 2 Maart 1917 deur Brebner en Reitz aan die Akademie gestuur is (KOR 3/1).

nie. Preller spreek egter sy innige spyt uit dat die toneel onder die dekmantel van “kuns” in die Statute opgeneem is.²²

Generaal Hertzog maak tydens die bespreking ’n opmerking waaruit blyk dat hy die drama, ook as literêre kategorie, belangrik ag: hy gee sy spyt te kenne

... dat er voor de dramatische kunst, de edelste, mooiste en verhevenste vorm van de letterkunde geen voorziening gemaakt is.

In ds. J.D. Kestell se uitspraak onderskei hy tussen toneelopvoerings en dramatekste. Hy sê

... dat er vele mensen zijn, die niet naar de schouwburg gaan maar toch dramatische stukken met graagte lezen. De dramatische stukken zijn naar zijn mening [sic] slechts ’n onderdeel van de letterkunde in ’t algemeen.

Op voorstel van ds. Botha word besluit om van hierdie punt af te stap.

Ander paragrawe van die Statute het ook tydens hierdie eerste jaarvergadering ter sprake gekom, onder andere artikel 7(3) in die 1909-*Ontwerp Statuten* wat lui:

De Reklame-kommissie beijvert zich in ’t opsporen, bekendstellen en verspreiden van boeken, tijdschriften, liederen, enz., welke de Hollands-sprekende bevolking van nut kunnen zijn, en, waar mogelijk, om de uitgave of vertaling ervan te bewerkstelligen.

Tydens die jaarvergadering is die volgende voorgestel (ZAATLK 1911:56):

22 In 1913 doen Knothe, die Akademiesekretaris, by Preller navraag in verband met die moontlike affiliasie van die *Afrikaanse Hollandse Toneelvereniging* by die Akademie. Preller antwoord in ’n brief gedateer 4 Junie 1913 (KOR 2/1)

... dat ’t bestuur ervan aanvankelik zeer ongeneig zich betoonde, aangezien de op- en aanmerkingen over ’t toneel bij die stichting van de Akademie door leden van de Akademie, maar dat men sedert tekenneer gegee gewillig te zijn affiliasie in overweging te nemen, en dat hieromtrent later rapport kan worden tegemoet gezien.

Hierdie vereniging se naam kom egter nie voor in die lys van *Geaffilieerde Vereniginge* wat telkens voorin die *Jaarboek* verskyn nie, byvoorbeeld *Jaarboek IV (1913)* wat die 1913-werksaamhede dek nie (ZAATLK 1913b). Die bestuur het waarskynlik téén affiliasie besluit.

In Art 6(3)²³ leze men “verspreiden” in plaats van “verspreiding” en na “liederen” worden de woorden “muziek en dramatiese kunstwerke” ingevoegd.

By die bespreking van hierdie artikel word slegs melding gemaak van uitsprake in verband met die naam “Reklame-kommissie” en niks met betrekking tot die voorstel nie. Die Statute soos dit later verskyn in *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:13) gee blyke daarvan dat hierdie artikel nie verander is nie, want die bewoording daarvan is soos dié in die *Ontwerp Statuten*.²⁴ Die 1910-voorstel vir die bevordering van “muziek en dramatiese kunstwerke” is dus nie aangeneem nie.

Soos by die Taalkongres, lei die bespreking tydens die eerste jaarvergadering nie tot ’n besluit ter aktiewe ondersteuning van spesifiek toneel nie. Drama as literêre kategorie word as onderdeel van letterkunde in die algemeen beskou.

Harm Oost, skrywer van *Ou’ Daniel* (1906), die “eerste sosiale probleemdrama in Afrikaans” (Antonissen 1964:125), lewer in ’n brief aan *De Volkstem* op 6 Julie 1909, die dag waarop die eerste jaarvergadering ’n aanvang geneem het, skerp kritiek op die Akademie se houding:

Wie verwacht had dat de Akademie voor taal, Letteren en Kunst ons Nationale Toneel ten steun zou zijn, heeft zich deerlik teleurgesteld gezien. Genoemde liggaam zal eerder een bedreiging dan een bescherming blyken voor onze toneel-beweging.

Die volgende dag, op Donderdagmiddag 7 Julie 1910, lewer Jan F.E. Celliers tydens hierdie eerste jaarvergadering ’n lesing met die onderwerp “Is kunst ’n weelde-artikel?” Hieruit blyk sommige mense se afkeurende houding teenoor toneel, asook Celliers se siening dat die verhouding tussen enersyds toneel, en andersyds die kerk, maatskaplike waardes, volksopvoeding en taalbevordering, ten goede uitgebou moet word (ZAATLK 1911:91-92):

Sou ons toneelspeel-kunst ’n weelde-artikel mag noem? Sommige mense gaan te’ en die toneel in, pleit selfs v’r afskaffing daarvan. Dit sou hul tog seker nie doen nie als hul daar niks meer in sien als ’n weelde-artikel. Nee, hul pleit daarte’ en omdat hul daarin ’n werklike en tastbare invloed ten kwade sien.

Die vraag is, gaat daar nie ook ’n praktiese invloed ten goede van die toneel uit?

In die ou dage het die kerk so gedenk, en het daar ook werk van gemaak. Die kerk het gezien hoe ’n grote aantrekkelikhed daar was in toneelvoorstelling uit die heidense

23 In hierdie verslag word artikel 5(a), (b) en (c) van die Ontwerpstatute genommer 4(a), (b) en (c), artikel 7(3) word 6(3), en artikel 8 en 10 word onderskeidelik 7 en 9 (ZAATLK 1911:55-56). Die verandering het waarskynlik ingetree as gevolg van artikel 4 se weglating (kyk voetnota 16 op bladsy 26).

24 Die enigste verskil is dat die woord “bewerkstelliging” in die *Ontwerp Statuten* vervang is met die woord “bezorgen” in *Jaarboek V* (ZAATLK 1914:13).

tijd o’ergeblij. En om die heidense invloede te’en te werk en Christelike invloede te bevorder, het die kerk toen, als te’en-aantreklikheid, die komedie in die kerk-self ingevoer. Die kerk was op die manier oorsaak dat die komedie groot opgang gemaak het; want ’t het nie lang geduur nie of die komedie is buite die kerk getree om sig op eige bane te beweeg in die wereld. Bij ontaarding van die wereldse komedie het die kerk sig toen weer daarte’en gekant. En d’is ongetwyfeld die plig van elke reg-gearde kerk, so’s van elke reg-gearde mens om sig te kant te’en so’n ontaarding, wat ook in onse dage nog bestaan.

Maar ik sou wil vra, of in die ontaarding ’n rede gesoek moet worde tot afskaffing van die toneel als toneel.

Skaf ons die drukpers af, of sou ons wil verbiede dat daar enig boek gelees word, omdat daar so baie verderflike boeke gedruk word, wat nog veel meer kwaad doen als die toneel? Nee, ons werk die slegte boeke tege deur goeie te lewer. Ons gaan die ontsaglike voordele, wat die boekdrukkunst ons gee, nie weggooi omdat daar slegte mense bestaan. So moet ons ook te werk gaan in verband met die toneel. Daar gaat ’n baie groot invloed uit van vertoning, van aanskouwelijke voorstelling. Meer en meer begin ons dit in te sien en pas ons dit toe in onse skole. Hoe is ’t mo’elik dat ons so’n belangrike faktor in die opvoeding wil prijs gee? Want ook ons volk bestaan uit ’n groot aantal volwasse onmondige kinders wat moet opgevoed word, en wat deur vreemde invloede verkeerd opgevoed word als ons die taak nie self in hande neem.

Die toneel is nie te keer nie, d’is in alle lande bewese dat ’t verniet is om daar ’n strijd te’en te begin; die toneel sal altijd populair wees, omdat daar niks is waardeur die mens so gouw geniet of leer als deur aanskouwing.

Ons moet die taak van die ou dage s’n kerk weer opvat – nie juis deur die komedie weer in die kerk te bring, dog deur eweneens die heidense komedie van onse dage tege te werk met ’n ander wat goeie invloede bevorder, en dit moet gedaan word deur die stigting van ’n ware nasionale toneel.

Daar word in ander lande geklaag o’er die agteruitgang van die toneel. Maar die letterkunde van die lande leer ons dat die agteruitgang juis daaraan toe te skrywe is dat die fatsoenlike mense hulle rug toegekeer het aan die toneel en ’t o’ergelaat het aan verlagende invloede. Moenie dat ons, of onse kinders, ons in die toekomst dieselfde verwijt moet maak. D’is op ander plekke ook duidelik gebleke dat die toneel ’n magtige middel kan wees tot sedelike opvoeding, deur aan die mens ’n spie’el voor te hou van sijn drifte, hartstogte en ijdelhede. En die toneel boesem eerbied en liefde in v’r die landstaal. In ons land, vooral, waar so min gelees word, kan die toneel ’n groot rol speel, kan die toneel veel doen in die rigtinge deur mij aangeduid. Die toneel is geen weelde-artikel nie, dog ’n magtige wapen in onse hande. Laat ons daar gebruik van maak.

Die verskillende houdings wat rondom 1910/1911 teenoor toneel geheers het, blyk ook uit vlugskrifte versamel in die publikasie *Het toneel: vraagstukken van algemeen belang over het*

zondig en ontaard toneel (Eloff 1910). Hierin spreek F.C. Eloff hom uit teen toneel, terwyl Harm Oost toneel verdedig.²⁵ Eloff wys op

... de tegenstrydigheid van het ijdel en Godonterend toneel teen die verordeninge van Gods heilig en dierbaar Woord, en het ongeoorloofde daarvan voor een kristen (1910:3).

Volgens hom is dit vir 'n Christen, veral “leden van een kristelike kerk”, ongeoorloof om “mee te doen of zaam te werken” aan toneel. Hy beskou toneel as sondig en godslasterlik en wys op verskeie kerkvaders en sinodes wat gewaarsku het teen die ydelike gebruik van die Here se naam en teen die opvoer van spele deur rederykers. Eloff gee te kenne dat toneel nie die Afrikaanse taal bevorder nie (1910:6-10). Hy haal aan uit *De Kerkbode* van ds. Van der Linden en *De Heraut* van ds. Kuyper (1910:10-12), en verwys na Oost se *Ou' Daniel* (1906) as 'n drama waarvan slegte invloed uitgaan.

Oost wys in sy antwoord op Eloff se vlugskrif daarop dat Calvin nie teen toneel gekant was nie, en spreek hom onder andere ook sterk uit teen die Akademie (Eloff 1910:17-18):

Een Zuid-Afrikaanse Akademie voor Kunst en Letteren is gesticht – maar met uitsluiting van het toneel! En 't gevolg is dat die Akademie een doodgeboren kind zou zijn, ware het niet, dat enkele flukse vaderlanders er leden van werden en als Kommissie van Waakzaamheid tenminste voor en na iets doen ter bescherming van onze nationale- en taal-belangen. Doch dit nuttig werk zou veel beter georganiseerd kunnen worden door het stichten van verenigingen in elk dorp in Zuid-Afrika, omtrent in de geest van de *Vrouwe Taalbond*. Feitelijk houdt de akademie het tot stand komen van dergelijke verenigingen terug en doet ze – in haar halfheid – meer kwaad dan goed. En wat kon die akademie niet zijn, als ze zich haar roeping juist bewust was en niet bereid zichzelf te doden door het toegeven aan ongemotiveerde teergevoeligheden van enkele toneelvijanden! Zij kon het centrum, het hart worden van onze opkomende kunst. Doch nu ze de kern van alle kunst – het toneel – smadelijk aan haar deur heeft gekeerd, is ze waarlik meer een bedreiging dan een steun.

Oost doen 'n oproep dat 'n “Unie van Toneel-verenigingen” gestig word (1910:19):

25 Besselaar merk op dat Eloff en Oost by mekaar verby skryf: Oost verdedig die goeie drama en Eloff bestry die slegte (1914:95).

Die opvoering van *Ou' Daniel* deur die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging, waarvan sowel Preller as Oost en die latere beeldhouer Fanie Eloff baie aktiewe lede was, het destyds 'n hele stryd met die kerkraad van die Gereformeerde Kerk in Pretoria laat ontbrand. Dit het daartoe gelei dat Oost, saam met enkele ander, uit daardie kerk bedank het. “Al drie die Hollandse kerke het baie bedenkinge teen die toneel gehad” (Dekker s.j.:398 voetnota).

't Is ongetwyfeld nu tyd om de band tussen die verskillende toneel-verenigings nauer toe te halen. Een toneel-bond zou zeer veel nut kunnen doen, vooral wanneer de akademie voor letteren en kunst bij haar huidige enhartige beginsels blyft.

Volgens Oost is onder andere die werk van Melt (M.J.) Brink 'n bewys van toneel se bate as instrument om taal te bevorder. Ook G. Besselaar merk in *Zuid-Afrika in de letterkunde* (1914:179) op:

Moralisten mogen verskillen over de waarde van het toneel als faktor in de zedelike opvoeding ener natie, voor de opvoeding van het taalgevoel kan het een boom des levens zijn.

Tog behoort nie die nut van toneel nie, maar die liefde daarvoor, die mense te lok tot “de koningin der kunst”, beweer Oost (Eloff 1910:19).

Die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging (AHTV) wat in Maart 1907 gestig is ter versterking van “een nasionaal Afrikaans-Hollandse Toneel” om sodoende “die landstaal en volksopvoeding te bevorder”, het gereeld (onder andere) Oost se *Ou' Daniel* op verskeie plattelandse dorpe opgevoer:

By sodanige eerste opvoerings het Preller en Oost gewoonlik die gehoor toegesprek en gemotiveer om vir die bevordering van die Afrikaanse taal ook 'n toneelgeselskap te stig.

Onder invloed van die AHTV asook Pieter Pohl en J.H.H. de Waal, is daar byna landwyd verskeie toneelverenigings gestig. Die behoefte aan 'n sentrale liggaam om die belange van die toneelgroepe te behartig, het vroeg reeds bestaan (Du Toit 1988:43 en 45).

Met betrekking tot die situasie teen ongeveer 1914 merk Besselaar op

... dat Afrikaans *drama en toneel* nog in de windselen der kindsheid gewikkeld liggen. Er is veel goede wil, aan vermogen ontbreekt het nog te veel (1914:182).

Alhoewel die bevordering van “dramatiese voorstellings” nie in die Akademiestatute opgeneem is nie, was die Akademie in 'n beperkte mate tog daarmee gemoeid. Daar is byvoorbeeld tydens die derde jaarvergadering van die Akademie in Stellenbosch op Vrydag 20 September 1912 om 8 nm. deur lede van “Ons Spreekuur” 'n toneelopvoering in die Konservatorium aangebied

(ZAATLK 1913a:12). Watter toneelstuk dit was, is onbekend.²⁶ In *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:7) word “Ons Spreekuur” aangedui as ’n vereniging wat geaffilieer was by die Akademie.

Soms is die Akademie om hulp genader in verband met stukke om op te voer. P.H.C. Pohl, stigter van die Graaff-Reinetse Letterkundige en Toneel Vereniging,²⁷ skryf op 20 Julie 1914 ’n brief aan Knothe, die Akademiesekretaris, waarin hy sê dat hulle (waarskynlik inwoners van die dorp of die toneelvereniging) by die Dingaansfees (16 Desember) ’n historiese toneelstuk wil opvoer.²⁸ Dr. Malan het aanbeveel dat hy aan die Akademie skryf om te verneem in verband met geskikte stukke. Volgens Pohl was hy bewus van *Magrita Prinsloo* (1897 – S.J. du Toit), maar het die stuk net te kort gevind. (KOR 2/4.)

Die Akademie se betrokkenheid by drama en toneel het egter grootliks gedraai om Jan F.E. Celliers se toneelstuk *Heldinne van die oorlog*. Hierdie versdrama – ’n voorstelling van vroue in ’n konsentrasiekamp – was ’n opdragstuk vir die onthulling van die Vrouemonument in Bloemfontein. In ’n brief van C.F. Steyn, seun van president M.T. Steyn, aan Knothe, gedateer 17 November 1913, maak die seun by Knothe verskoning dat sy pa nie die opvoering van *Magrita Prinsloo* en die *Heldinne* sal kan bywoon nie, maar merk op (ZAATLK 1913: dokument 212):

Myn Moeder echter met de andere gasten zal met genoegen van uw vriendlike uitnodiging gebruik maken en zul zeer gaarne de opvoering van de Heldinne willen zien.

Hy meld ook dat sy vader “nie weet of Mej. Hobhouse sterk genoeg sal wees om dit by te woon nie”. Emily Hobhouse kon uiteindelik nié die opvoering bywoon nie.

Op 27 Desember 1913 skryf Celliers in ’n brief aan Knothe (KOR 2/2):

26 *Ons Spreekuur* is in 1895 gestig met die doel om ’n liefde vir die Nederlandse letterkunde en taal op te wek. Na 1916 het hierdie letterkundige vereniging sy deure ook vir Afrikaans oopgemaak (Du Toit 1988:39). Derhalwe kan aangeneem word dat dit waarskynlik ’n Nederlandse toneelstuk was wat opgevoer is.

27 Hierdie vereniging is in 1916 gestig onder leiding van P.H.C. (Pieter) Pohl, die vader van Truida Pohl en Anna Neethling-Pohl. Voor dit was hy die regisseur en belangrikste speler van die *Graaff-Reinetse Dramatiese Vereniging* wat tot in 1912 bestaan het (Du Toit 1988:40 en 42).

28 Gedurende die jare 1856 tot en met die Anglo-Boereoorlog was debatsverenigings (in die stede) en Christelike Jongeliedeverenigings (CJV’s – veral op die platteland) uiters gewild en het hulle onder andere dikwels toneelstukke aangebied. Na die oorlog het die verenigings weer herleef (Du Toit 1988:41):

In verskillende dorpe het dit onder andere tradisie geword dat die debatsverenigings op nasionale feesdae, byvoorbeeld Dingaansdag [die latere Geloftedag] ..., ’n Afrikaanse toneelstuk opvoer.

Ik weet nie of daar kans is dat die toneelstukkie *Heldinne v.d. oorlog* elders opgevoer word. Zo ja, en als daar enige voordeel bij te haal is, wil ik dit graag aan die Akademie skenk (ook om verleende hulp bij uitgaaf v. “Martje”) [kyk bladsy 41]. Daarom wil ik dit ook verder aan die Akademie oorlaat om voorwaardes v. opvoering ens. te stel. Maak van die boekie ’n Akademie-uitgawe.

Als hiervan iets te verwag is, laat mij weet, en ik sal die aanbod formeel doen.

In ’n brief gedateer 19 Januarie 1914 bied Celliers die outeursreg van sy toneelstuk *Heldinne van die oorlog* amptelik aan die Akademie (KOR 2/3) aan. Volgens die notule van ’n Akademierraadsvergadering, gehou te Bloemfontein op 2 Julie 1914 (ZAATLK s.j. a), is besluit om die geskenk met dank te aanvaar. Die Sekretaris word opdrag gegee om die opvoering van die stuk gratis toe te staan, tensy hy daarvan oortuig is dat ’n heffing van £1 geregverdig sou wees. Twee pond van sodanige heffing moes dan gebruik word om die jaarlikse ledegeld van die heer Celliers te betaal.

Ook in die Akademierraadsverslag soos voorgelê tydens die vyfde jaarvergadering (2 tot 4 Julie 1914), word Celliers se aanbod, en die aanvaarding daarvan deur die Raad, vermeld (ZAATLK 1914:35). Gedurende die bespreking van die raadsverslag bedank Moorrees weer eens vir Celliers (ZAATLK 1914:42).

Heldinne van die oorlog was as leesteks sowel as toneelstuk in aanvraag:

- J.S.M. Rabie vra byvoorbeeld in ’n brief aan Knothe gedateer 4 Februarie 1914 namens Melt Brink twee eksemplare van die drama: een vir Brink self en een vir president Reitz (KOR 2/3);
- Op 17 Junie 1914 vra W.D. Steijn van die *Christelike Jongelings Vereeniging* Noorder Paarl die Akademie se toestemming om *Heldinne van die oorlog* op te voer en aanvaar die toestemming in Augustus 1914 met dank (KOR 2/4);
- Mej. Hester Smuts van Eikenhof, *Riebeek West*, bestel op 22 Julie 1914 by Knothe ses eksemplare van *Heldinne van die oorlog*, en vra hoeveel die opvoerreg beloop (KOR 2/4). Hy stuur aan die einde van Julie aan haar die kopieë en laat weet dat opvoerregte ten bedrae van £1 betaalbaar is aangesien die stuk die eiendom is van die Akademie. Hierdie bedrag is deur mej. Smuts gestuur (KOR 2/4: 28 November 1914);
- Johanna de Klerk, Sekretaris van die Helpmekaarvereniging van Molteno, vra in ’n 5 Oktober 1917-brief namens die Helpmekaar Toneelspelers van Molteno by die Akademie die reg om hierdie drama op 10 November 1917 op te voer (KOR 4/1);
- Toestemming om *Heldinne van die oorlog* op te voer tydens Dingaansdag 1917 is ook namens die *Kristelike Jongelieden Vereeniging* van Dordrecht aangevra (KOR 4/1:29 Oktober 1917 – W.C. du Plessis aan Akademiesekretaris).

Dr. W.M.R. Malherbe, vroeër verbonde aan die tydskrif *Die Brandwag* en sedert Julie/Augustus 1916 die Akademiesekretaris, ontvang 'n brief van Celliers gedateer 21 April 1920, waarin die volgende kantlynnotatjie voorkom (KOR 6/4):

Hoe is dit, sal julle nie *Heldinne v.d. Oorlog* laat herdruk nie? Daar is navraag na.

Byna vier jaar later, op 8 Januarie 1924, doen Celliers skriftelik navraag by die Akademievoorsitter, dr. F.V. Engelenburg, in verband met 'n moontlike herdruk (KOR 9/2):

Tien jaar gelede het ek, soos U weet, die handskrif van my toneelstuk *Heldinne van die oorlog* ten geskenke gegee aan die Akademie – by geleentheid van die sitting te Bloemfontein, waar die toneelstuk toe ook met veel sukses opgevoer is.

Die boekies is toe uitverkog geraak. Sonder ophou het ek toe briewe gekry, van mense en verenigings wat die toneelstuk wou opvoer, om tog daarvoor te sorg dat die boekie herdruk word. Natuurlik het ek hulle verwys na die Sekretaris van die Akademie. Ten oewervloede het ek toe self herhaalde male by die Akademie daarop aangedring om 'n tweede uitgawe te laat druk, byvoegende dat dit die Akademie niks hoef te kos nie, dat hulle – inteendeel – nog wins sou maak, deur die uitgewers-honorarium wat hulle daarvoor sou kry. Dié voordeel het ek die Akademie trouens toegedag, toe ek die geskenk gemaak het.

My briewe, en die van ander mense, het alles niks gehelp nie: die boekie is in die doofpot gedaan. Vir my was dit moeilik om uit te maak of die handelwyse die gevolg was van die teenstand wat sommige Akademie-lede gebied het, toe die bevordering van die dramatiese kuns in die Akademie ter sprake gekom het, dan wel of aan die versuim iets anders ten grond gelê het.

Na veel moeite het dit my geluk om weer 'n eksemplaar van die boekie in die hande te kry.

Aangesien die Akademie blykbaar van gevoele is dat uitgawe van haar kant, geen nut of voordeel meer sal afwerp nie, wens ek U beleefd te versoek daarvoor te sorg – liefsvordat die Akademie weer sit – dat aan my verlof gegee word om die toneelstuk nou self verder uit te gee, en dus te beskou dat die geskenk aan die Akademie uitgedien het.

Ek moes eintlik direk aan die sekretaris geskrywe het, dog ek doen dit op hierdie manier, deur U, omdat U indertyd groot ingenomenheid met die stuk betoon het, en ek dus dink op U steun te kan reken.

In die notule van 'n Dagbestuurvergadering, gehou op 10 Januarie 1924, word gemeld dat Celliers kennis sal ontvang dat die Dagbestuur by die Raad die heruitgawe van *Heldinne van die oorlog* sal aanbeveel (KOR 9/1).

Dieselfde dag, 10 Januarie 1924, skryf Gustav Preller, sedert Februarie 1923 Akademiesekretaris, aan Celliers (KOR 9/2):

In antw. op uw brief van die 8e., gerig aan die Voorsitter, kan ik U meedeel, dat die Daelikse Bestuur die brief oorweeg het, en dat 't hulle nie bekend is dat die Akademie as sodanig sig teen 'n herdruk verklaar van het uw toneelstuk [sic]. Die Daelikse Bestuur beskou so 'n hedruk [sic] met siempatie [sic] d.w.s. onder verantwoordelikheid van die Akademie, en is voornemens om dit by die e.v. Raadvergadering aan te beveel.

Aangesien 'n eks. van die toneelstuk nie verkrygbaar is nie, sal ik bly wees as U ons die een in uw besit in leen wil afstaan, om eventuele nuwsgierigheid van raadslede te kan bevredig.

Celliers reageer positief op hierdie brief, sê hy neem aan dat daar gepraat word van die Dagbestuur se raadsvergadering wat moet toestemming verleen en stel voor dat, indien dit so is, die hele saak bespoedig moet word. Hy sluit ook die kopie van die drama in, wat hy by iemand anders geleen het. (KOR 9/2: 16 Januarie 1924 – Celliers aan Preller.) Die Akademiesekretaris deel hom mee dat die Akademierraad, en nie die Dagbestuur nie, oor die saak moet besluit. Hy stuur vir Celliers die drama weer terug sodat Celliers intussen self wysiginge kan aanbring waar hy dit goeddink. (KOR 9/2: 17 Januarie 1924.) Die gewysigde weergawe word aan Preller gestuur (KOR 9/2: 24 Januarie 1924 – Celliers aan Akademiesekretaris; KOR 9/3: 4 Februarie 1924 – Akademiesekretaris aan Celliers).

Voor die Akademierraad kon besluit oor 'n moontlike heruitgawe van *Heldinne van die oorlog*, moes die lede eers die manuskrip lees. In daardie stadium het die Raad bestaan uit dr. F.V. Engelenburg (Voorsitter), dr. H.D. van Broekhuizen (Ondervoorsitter), dr. N.M. Hoogenhout, prof. dr. T.H. le Roux en prof. J. Kamp, asook die Sekretaris, Gustav S. Preller (SAAWEK 1959:157). Preller stuur op 13 Februarie 1924 aan Hoogenhout 'n manuskrip om te lees en in sy begeleidende brief spreek hy hom soos volg uit oor die drama (KOR 9/3):

Dr. Engelenburg en ondergetekende het die MS. geles, en reken dat, welke waarde die stuk ook mag gehad 't as politieke instrument, dit te seer ontbloot is van alle artistieke waarde om 'n tweede uitgaaf te regverdig.

Briewe van Celliers en die antwoorde daarop van die Dagbestuur insake 'n tweede uitgaaf van hierdie drama, kom aan die orde tydens 'n Akademierraadsvergadering gehou in die leeskamer van Polley's Hotel, Pretoria, op Vrydag 14 Maart 1924. In die notule word gemeld (ZAATLK 1924c:1; KOR 9/1):

Prof. Celliers het die outeursreg aan die Akademie geskenk, die stuk werd gepubliseer en die Akademie het £1 ontvang vir die reg van opvoering. Lede van die Raad het die toneelstuk geles, soos 't tans vir die herdruk gereed gemaak werd deur die outeur, en, besluit ... om die outeursreg aan hom terug te gee.

Of enige ánder Akademierraadslede, behalwe Engelenburg, Hoogenhout en Preller, die drama gelees het, en indien wel, wáttter lede, is onbekend. Preller maak die besluit aangaande die afkeur van ’n heruitgawe aan Celliers bekend sonder opgaaf van redes (KOR 9/4: 17 Maart 1924), waarop Celliers reageer met ’n versoek of hy die rede vir die afkeuring te wete kan kom (KOR 9/4: 18 Maart 1924). In sy antwoord aan Celliers dui die Sekretaris slegs aan dat dit nie vir die Akademie finansiëel lonend was (en sou wees) om die drama weer uit te gee nie (KOR 9/4: 20 Maart 1924).

Tydens die Akademierraadsvergadering is die bedrag van £1 (verkeerdelik) genoem as geld wat met die opvoerrechte van *Heldinne van die oorlog* geïen is. Die verkoop van hierdie drama het volgens die Akademie se finansiële verslag vir 1914/1915 die bedrag van £4.11.0 ingebring (ZAATLK 1915:38). In die 1915/1916-finansiële verslag word aangedui dat die opvoering van hierdie drama die Akademie £3.2.6 besorg het. Die verkoop van dié drama saam met die *Jaarboek* en die *Spelreëls*, het verder die bedrag van £16.6.4 opgelewer (ZAATLK 1917:35). Volgens die finansiële verslag oor die jaar 1921/1922 het die opvoering van die drama £1.0.6 aan die Akademie besorg (ZAATLK 1923a:6). Die totale bedrag wat die Akademie tot in daardie stadium ontvang het – beide vir die verkoop van die teks en geld geïen vir opvoerrechte – is egter onbekend. Ook is Celliers se jaarlikse ledegeld uit die geïende bedrag betaal (kyk bladsy 35). Die Akademie het egter nie net £1 vir opvoerrechte ontvang, soos Preller beweer nie (kyk bladsy 37).

Die drama *Heldinne van die oorlog* is uiteindelik in 1924 gepubliseer.

Toneelbevordering was nie ’n prioriteit gedurende die beginjare van die Akademie nie.²⁹ Generaal Hertzog se beskouing van drama ook as letterkunde (kyk bladsy 29), was egter ’n voorloper tot die insluiting van “[a]lle letterkundige produkte” by die beoordeling van die Hertzogprys, en het dus die weg daarvoor gebaan dat **dramatekste tot en met Augustus 1927**

29 Eers met die instelling en toekenning van erepenninge kon die Akademie bydra tot die doelstelling om, soos die Statute dit stel, “in die algemeen kuns [ook toneel] te bevorder” (SAATLK s.j. a:12 – kyk bylaag N op bladsy 628). Erepennings, onder andere vir rolprent-, toneel- en voordragkuns, word sedert die dertigerjare toegeken op aanbeveling van die Kommissie vir Uitvoerende Kunste (met as voorlopers ’n kunskomitee en later ’n keurkommissie). Die eerste toekenning is tydens die 1931-jaarvergadering gemaak aan J.F.W. Grosskopf – outeur van *In die wagkamer* wat as teks gedien het vir die draaiboek van *Moedertjie*, die eerste Afrikaanse klankfilm. Ook die regisseur en vyf spelers het erepenninge ontvang (SAATLK 1931d:3). Die rolprent is gemaak in opdrag van die Akademie (Binge 1969:179).

Tot en met 1995 het die Akademie ook aan drama in die breë erkenning gegee deur die administrasie van die SAUK-pryse vir hoorspele en hoorbeelde, asook vir televisiedramas en dokumentêre televisieprogramme (kyk eindnota 65 op bladsy 542). Sedert 1995 word hierdie twee toekennings nêr deur die Akademie beoordeel en toegeken in die vorm van erepenninge.

In latere gedeeltes van hierdie proefskrif waarin drama as téks ter sake is, sal net terloops verwys word na die Akademie se betrokkenheid by drama as toneelstuk, indien inligting daaroor in die Akademiëargief beskikbaar is.

op 'n gelyke voet met prosa- en poësietekste in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys, en daarna op 'n rotasiebasis.

2.4 DIE KOMMISSIE VOOR TAAL EN LETTEREN³⁰

2.4.1 INLEIDEND

Teenoor die beperkte mate waarin die Akademie tydens sy beginjare gemoed was met toneelopvoerings of dramatekste, het letterkundebevordering 'n prominente rol gespeel.

Vóór die instelling van die Hertzogprys is alle sake betreffende letterkunde verwys na die Akademie se *Kommissie voor Taal en Letteren*. Hierdie Kommissie se werksaamhede om die Afrikaanse letterkunde te bevorder en skrywers en digters aan te moedig, het gestalte gekry in 'n tweeledige taak. Die werksaamhede van hierdie Kommissie verloop in twee fases:

- 'n fase waarin die Kommissie die hoofinstrument was om die bevorderingstaak te verrig – 'n tydperk wat strek van 'n jaar ná die stigting van die Akademie in 1909, tot en met hulle 1914/1915-werksaamhede (kyk bladsy 40-50), en
- die fase daarna (vanaf 1915/1916 – sedert die instelling van die Hertzogprys) waarin hierdie Kommissie, naas die Hertzogpryskeurkommissie, sy besondere, ondersteunende, aanvullende, en met betrekking tot kommissieledede dikwels oorvleuelende, rol moes vervul. Dit het gestrek tot met die ontbinding van hierdie Kommissie in 1924/1925 (kyk bladsy 96 en 107) omdat sy hoof funksies gaandeweg ingeskakel is by die werksaamhede van die Hertzogpryskeurkommissie.

Drama as literêre kategorie het voor die instelling van die prys, en selfs vir 'n ruk ná die eerste toekenning daarvan in 1915/1916, nie veel aandag ontvang nie. Nietemin is dit gewens om kennis te dra van die *Kommissie voor Taal en Letteren* se bedrywighede ten einde 'n totale beeld te vorm van vroeëre Akademies pogings om belletterie te bevorder. Sodoende kan ook helderheid verkry word oor 'n toekenning deur hierdie Kommissie wat in die verlede soms verkeerdelik aangetoon is as die eerste Hertzogprystoekenning. In die volgende hoofstuk word noukeurige aandag gegee aan die geskiedkundige feite rondom die *Kommissie voor Taal en Letteren* én die

30 *De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, asook die *Kommissie voor Taal en Letteren* word slegs gekursiveer omdat die name Nederlands is en nie omdat dit die name van 'n organisasie en kommissie is nie.

Keurkommissie vir die Hertzogprys **wat nié dieselfde kommissie was nie** – ’n verwarring wat soms gelei het tot verkeerde bewerings.³¹

In artikel 7(2) van die *Ontwerp Statuten* (ZAATLK 1911:16) en die Statute soos dit verskyn in *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:13) word die werk van die Kommissie soos volg omskryf:

De Kommissie voor Taal en Letteren beijvert zich om letterkundige arbeid te bevorderen, letterkundig talent op te sporen, aan te moedigen en voor te lichten; ook beoordeelt zij prijsvragen en zelfstandige letterkundige arbeid en brengt, waar nodig, advies uit over taalkundige kwesities.

Die Kommissie was op ’n aantal terreine bedrywig. ¹ Hoewel heelwat van hulle kommissie-opdragte mettertyd oorgedra is na ander kommissies, was hulle taak aanvanklik tweeledig van aard, naamlik die beoordeling van

- inskrywings vir prysvrae,³² soms pryskampe³³ genoem (ZAATLK 1913b:43; ZAATLK 1914:51; ZAATLK 1917:52-53; ZAATLK 1918:64-65; ZAATLK 1919:52) en
- kunswerke van bellettristiese en wetenskaplike aard met die oog op moontlike Akademiesteun (ZAATLK 1912:15; ZAATLK 1918:63-64; ZAATLK 1919:52).

Aangesien die uitskrif van prysvrae mettertyd afgeskaf is, was die *Kommissie voor Taal en Letteren* later net gemoed met die beoordeling van werke wat vir Akademiesteun gekwalifiseer het. Die kommissieverslae vir die jare 1918/1919, 1919/1920 en 1921/1922 meld dan ook dat kommissielede se hoofsaak die beoordeling was van boeke ten einde moontlik finansiële steun te verleen, maar dat geen boeke ter beoordeling ontvang is nie (ZAATLK 1920:65; ZAATLK 1922:49; SAATLK s.j. a:37³⁴). Herbesinning oor die taak van hierdie Kommissie was dus later nodig.

31 Elize Botha het byvoorbeeld in haar referaat tydens die 1984-jaarvergadering geïmpliseer dat die *Kommissie voor Taal en Letteren* betrokke was by die Hertzogprysbeoordeling (1984:125-127).

32 In die *HAT* (Odendal 1994:826) word “prysvraag” soos volg beskryf: “Vraag, onderwerp wat aan die publiek as ’n kompetisie voorgelê word en waarby ’n prys uitgelooft word vir die beste bespreking daarvan”.

33 Die Nederlandse woord “prijskamp” beteken ’n “wedstrijd waarbij een prijs te winnen is” (Kruyskamp 1976, sv ‘prijskamp’).

34 Let daarop dat die Akademie op die voorblad van *Jaarboek XII (1922)* (SAATLK s.j. a) by uitsondering aangedui word as *Die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns*, en nie soos in die vorige jaarboeke en *Bulletin* (1923 en 1924) as onderskeidelik *De Zuidafrikaanse/Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* nie.

2.4.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE *KOMMISSIE VOOR TAAL EN LETTEREN* VOOR DIE INSTELLING VAN DIE HERTZOGPRYS

2.4.2.1 *Kommissie voor Taal en Letteren 1910/1911*³⁵

Die eerste *Kommissie voor Taal en Letteren*, soos aangetoon in *Jaarboek 1 (1910)*, het bestaan uit ds. N.J. Brümmer, prof. A. Moorrees en dr. W.J. Viljoen (Kaapkolonie), asook mnre. Jan F.E. Celliers en G.S. Preller (Transvaal) (ZAATLK 1911:6).³⁶ Hulle verslag vir 1910/1911, gedateer 22 Junie 1911, word tydens die tweede jaarvergadering van die Akademie, gehou op 3 en 4 Julie 1911 in die saal van die Provinsiale Raad in Pretoria, voorgelees deur die Akademiese sekretaris, Knothe. Brümmer, die “skriba”, maak in die verslag melding van ’n literêre teks geskryf deur een van die kommissielede (ZAATLK 1912:15):

In ’t afgelopen jaar is ons ter beoordeling gesubmitteerd slechts een werkje van bepaald literariese waarde, namelijk ’n idylle getiteld: “Martje,” van de heer Jan F.E. Celliers.

Dit werkje werd onder de leden van uwe Kommissie gesirkuleerd en men is het eens geworden om, indien de fondsen van de Akademie zulks toelaten, de som van £25 te stemmen ter vergemakkeliking van de uitgave ervan.

Dat er ook andere werkjes verschenen zijn is bekend, doch alleen wat naar uwe Kommissie verwezen werd kwam in aanmerking.

Die Kommissie het dus net stukke wat ingestuur is in aanmerking geneem, en nie ook ander werke waarvan hulle moontlik bewus was nie.

Die kommissieverslag word aangeneem en ’n bespreking volg (ZAATLK 1912:16). Volgens Knothe het hy “de Idylle van Mnr. Celliers met ingenomenheid gelezen”:

Hij zou gaarne willen zien, dat Mnr. Celliers niet alleen geldelijke steun krijgt, maar dat het werk door de Akademie ook bekroond wordt.

35 **Die jaartal-opskrifte in hierdie hoofstuk kom ooreen met onderskeidelik die jaar waarin werke die lig gesien het of ingestuur is vir beoordeling, en die jaar waarin die Akademie sy besluit aangaande die werk bekend gemaak het.**

36 By die aanduiding van persone wat in sekere kommissies gedien het, of wat sekere ampte binne die Akademie beklee (het), word titels aanvanklik aangetoon. In die res van die bespreking word gepoog om, sover moontlik, nie van titels gebruik te maak nie. Die bronverwysing sluit nie die inligting oor die plekke woonagtig in nie. Dié inligting lê meestal verspreid in die jaarboeke en gevolglik word spesifieke bron-aanduidings daarvoor nie telkens gegee nie.

Bylaag B behels ’n grafiese voorstelling van die *Kommissie voor Taal en Letteren* se samestelling (kyk bladsy 610).

Brümmer verklaar hom egter teen die woord “bekroon”. Syns insiens is “’n woord van appreciatie” voldoende. Na aanleiding van ’n voorstel deur Engelenburg word besluit dat die skrywer, indien hy dit sou verkies, op die titelblad van die werk mag vermeld dat dit deur die Akademie goedgekeur is. ’n Toelaag van £25 is bewillig vir die uitgawe van Celliers se *Martje* (ZAATLK 1913a:13).³⁷

2.4.2.2 *Kommissie voor Taal en Letteren 1911/1912*

Die *Kommissie voor Taal en Letteren* vir die jaar 1911/1912 het bestaan uit proff. N.J. Brümmer en A. Moorrees (Stellenbosch), mnre. Jan F.E. Celliers en G.S. Preller (Pretoria), en ds. J.D. Kestell (Ficksburg) (ZAATLK 1912:6). Dit verskil van die 1910/1911-Kommissie slegs deurdat Kestell die plek ingeneem het van Viljoen. Die verslag van hierdie Kommissie is deur Brümmer voorgelees tydens die derde jaarvergadering, gehou te Stellenbosch op 19 en 20 September 1912 (ZAATLK 1913a:35-36). Geldelike hulp is gevra vir die uitgawe van twee boeke, naamlik ’n vertaling van ’n Engelse boek oor die Roomse Kerk in Italië, en ’n feespublikasie ter herdenking van Koningin Wilhelmina se verjaardag. Die versoeke is egter afgekeur. Volgens die Kommissie was die aard van die werke buite die reikwydte van dié soort publikasies wat die Kommissie finansiëel wou steun.

In die verslag word ook melding gemaak van ’n som geld wat die vorige jaar deur die Taalbond beskikbaar gestel, maar nie gebruik is nie. “Teneinde letterkundige voortbrengselen van afrikaanse skrywers aan te moedigen”, het die *Z.A. Taalbond* se bestuur in 1911 ’n som van £75 beskikbaar gestel wat gebruik moes word

... als pryze “voor oorspronklike werke van letterkundige waarde, die in de loop des jaars (1911) in druk zouden verschijnen, hetzij in het Hollands of in het Afrikaans geschreven, en te worden gekeurd door een kommissie,” daartoe benoemd (ZAATLK 1914:48).

Geen aansoeke is in 1911 ontvang nie. Volgens die voorwaardes moes die uitgelofde som geld verval het, maar die Taalbondbestuur het besluit om dit vir nog ’n jaar beskikbaar te stel. In 1912 is vyf werke by die *Eksamen Kommissie* van die Taalbond ingelewer en gekeur. Tot die Kommissie se spyt moes hulle eenparig rapporteer

37 Ook ander werk, byvoorbeeld van geskiedkundige waarde, is onder beskerming van die Akademie, met of sonder finansiële steun, uitgegee. Raadpleeg die *Feesalbum 1909-1959* (SAAWEK 1959:163-166).

... dat geen van de vijf van zo'n gehalte is dat het een prijs verdient, weshalve zij aanbeveelt datgeen [sic] prijs worde toegekend (ZAATLK 1914:48).

'n Ooreenkoms is met die Akademie gesluit dat hierdie deel van die Taalbondwerk oorgaan na die Akademie (ZAATLK 1913a:22-23; 1913b:23; 1914:48-49). Die *Kommissie voor Taal en Letteren* beveel in die 1911/1912-verslag aan dat letterkundige werk na hulle gestuur kon word met die oog op befondsing uit die Taalbondgeld (ZAATLK 1913a:36). Tydens die bespreking van die kommissieverslag is voorgestel dat prysvrae, dit wil sê oor spesifieke onderwerpe, uitgeskryf en bekwame persone gevra word om werk te lewer (ZAATLK 1913a:35-37).

2.4.2.3 *Kommissie voor Taal en Letteren 1912/1913*

Vir die eerste prysvraag – ook oorgeneem by die Taalbond (ZAATLK 1913b:43)³⁸ – vir “oorspronklike werk van letterkundige of historiese waarde” (Nienaber 1964:30), het die Akademie tien inskrywings ontvang (ZAATLK 1913b:43). Die beoordeling is waargeneem deur die 1912/1913-*Kommissie voor Taal en Letteren* wat bestaan het uit proff. N.J. Brümmer (konvenor)³⁹ en A. Moorrees (Stellenbosch), asook mnr. Jan F.E. Celliers (Pretoria) (KOR 2/2: 19 November 1913: Brümmer aan Knothe; ZAATLK 1913a:6) – met uitsondering van Preller en Kestell dieselfde persone wat in die 1911/1912-Kommissie gedien het.

Twee pryse is toegeken: aan mev. De Leeuw van Baarn in Nederland 'n eerste prys ten bedrae van £10 vir *Uit de jeugd van Neerlands eerste Koning*,⁴⁰ en aan S.P.E. Boshoff van Bloemfontein 'n tweede prys van £5 vir sy werk *'n Krities ondersoek in die verhouding van ons Afrikaans Volk tot ons Letterkundige Toestande* (ZAATLK 1913b: 21, 37 en 43). In die kommissieverslag word aanbeveel:

- dat slegs inskrywings van skrywers woonagtig in Suid-Afrika vir die volgende prysvraag in aanmerking sou kom, en
- dat onderwerpe in die toekoms nader omskryf moes word (ZAATLK 1913b: 43 en 45).

38 Ook uit briewe van 'n sekere Endendijk van *Jeppe Hoger School* en van Brümmer aan Knothe, gedateer onderskeidelik 5 Augustus en 19 November 1913 (KOR 2/2), kan afgelei word dat die prysvraag aanvanklik deur die Taalbond uitgeskryf is.

39 Alhoewel die woord in die Akademiepublikasies gespel is “konvener”, sal gebruik gemaak word van die spelling “konvenor” soos tans aangedui in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* en die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*.

40 In 'n oorspronklike brief van Brümmer aan Knothe word die titel van hierdie werk aangedui as *Wien Neerlands bloed door d' aderen vloeit* (KOR 2/1: 5 April 1913 – Brümmer aan Knothe).

Die kommissieverslag is aan die Raad besorg en opgeneem in die Akademiesraadsverslag, voorgelê tydens die vierde jaarvergadering, gehou in die Stadsaal van Pietermaritzburg op 4 en 5 Julie 1913. In die *Kommissie voor Taal en Letteren* se eie verslag aan hierdie Jaarvergadering verwys hulle in verband met die prysvraag na die Akademiesraadsverslag. Die Raad onderskryf die eerste kommissieaanbeveling en in die raadsverslag word aanbeveel dat slegs inskrywings van Suid-Afrikaanse inwoners vir die volgende pryskamp in aanmerking geneem word (ZAATLK 1913b:37). Die tweede kommissieaanbeveling word aangeteken as 'n amptelike besluit geneem tydens hierdie vierde jaarvergadering (Besluit 14/1913 – ZAAATLK 1913b:16, 45):

Aan de Kommissie voor Taal en Letteren wordt opgedragen, dat bij toekomstige prijskampen, de onderwerpen nader omschreven zullen worden.

Die uitslae van die prysvraag is ook in nuusblaai gepubliseer (KOR 2/1: 5 April 1913 – Brümmer aan Knothe; ZAAATLK 1913b:37 en 43). W.M.R. Malherbe, redakteur van die tweeweklikse tydskrif *Die Brandwag*,⁴¹ skryf aan die Akademiesekretaris dat hy graag die name van die skrywers wou hê sodat hy dit kon plaas by die wenstukke (KOR 2/2: 25 September 1913).

'n Akademiesbesluit geneem tydens die vierde jaarvergadering (1913) was dat vakkommissies só saamgestel moes word dat die lede sover moontlik op een plek woonagtig moes wees ten einde meermale 'n jaar te kon vergader, en dat die verslae twee maande voor die jaarvergadering aan die Akademiesraad gestuur moes word sodat dit, saam met die Akademiesraad se aanbevelings, voorgelê kon word aan die Jaarvergadering (Besluit 18/1913 – ZAAATLK 1913b:17).

2.4.2.4 *Kommissie voor Taal en Letteren 1913/1914*

Die *Kommissie voor Taal en Letteren* wat gekies is vir die jaar 1913/1914 was proff. N.J. Brümmer (konvenor) en A. Moorrees, asook prof. dr. G. Cillié (al drie van Stellenbosch), en adv. W.J. van Zijl (Kaapstad)⁴² (ZAATLK 1913b:38 en 1914:51). Brümmer en Moorrees was ook op die vorige Kommissie; Cillié en Van Zijl is nuut aangewys. Vir die vierde opeenvolgende jaar sedert die ontstaan van die *Kommissie voor Taal en Letteren* is Brümmer aangewys as die leidende persoon in die Kommissie: as “skriba” van die 1910/1911- en 1911/1912-Kommissie,

41 *Die Brandwag* is in Mei 1910 opgerig as 'n veertiendaagse geïllustreerde tydskrif vir die Afrikaanse huisgesin. Ná 1 Februarie 1915 het *Die Brandwag* slegs een keer per maand verskyn en nie meer twee maal soos vroeër nie.

42 Van Zijl se naam verskyn nie voorin *Jaarboek IV (1913)* (ZAATLK 1913b:7) nie.

en konvenor vir die 1912/1913- en 1913/1914-termyn. Al vier lede was binne relatief maklike bereik van mekaar soos vereis deur die 1913-Akademiebesluit.

In 'n brief gedateer 22 Maart 1914 (KOR 2/3) van Brümmer aan Knothe, dui Brümmer aan dat hy die “opstelle” (vir die prysvraag) ontvang, gelees en aan Cillié oorhandig het met die versoek om dit so spoedig moontlik aan Moorrees te besorg.

Brümmer skryf op 16 Junie 1914 aan Knothe dat hy die vorige dag die rapport aan hom (Knothe) gepos het (KOR 2/4). Hy merk op dat dit vir hom nie 'n maklike taak was om die stukke rond te stuur nie. Tot die laaste oomblik het hy op Van Zijl gewag, maar moes teen die einde die saak sonder hom afhandel. Brümmer merk op dat hy nié weer beskikbaar was om in die Kommissie te dien nie:

Niet alleen zal ik aanstaand jaar niet de tijd hebben om 't werk te doen daar ik – voorzitter van de Senaat – de handen te vol zal hebben, maar ik meen dat de **Letterk. Komm.** zoveel mogelijk zal moeten verwisselen. Ik ben ontevreden met de wijze waarop het werk wordt gedaan en machteloos om 't te verhelpen. (Dit is echter privaat en dus *niet* te worden gebruikt bij 'n vergadering.)

(Ek benadruk.)

Let daarop dat Brümmer hier na die *Kommissie voor Taal en Letteren* verwys as die “Letterk. Komm.”.

Die verslag van die *Kommissie voor Taal en Letteren*, gedateer 14 Junie 1914, is deur die Akademiesekretaris voorgelees tydens die vyfde jaarvergadering wat van 2 tot 4 Julie 1914 plaasgevind het in die Appèlhof te Bloemfontein (ZAATLK 1914:50-51). In verband met die prysvrae (punt III) word gesê:

Dit jaar zijn er slechts 5 stukken ons toegezonden. Het gehalte is over 't algemeen niet hoog. Waar 't stuk goed gesteld is, wijst de inhoud weinig oorspronkelijkheid, en waar er enigszins oorspronkelijkheid te bespeuren valt, daar is weer de taal en stijl zeer zwak. 't Novelletje in 't Afrikaans getiteld *Twee Susters*, hoewel taal, stijl en inhoud nog veel te wensen overlaten, is nochtans van genoegzame historiese waarde, en geeft blijk van belofte voor de toekomst, zodat uw Kommissie vrijmoedigheid heeft om eraan de eerste prijs toe te kennen. Van de andere stukken is er echter geen een, dat we voor de tweede prijs zouden wensen aan te bevelen.

Die Taalbondbestuur het besluit om £25 aan die *Kommissie voor Taal en Letteren* beskikbaar te stel

... teneinde de genoemde Akademie Kommissie te helpen in haar werk van de bemoediging en ondersteuning van afrikaanse schrijvers (ZAATLK 1914:49).

Waar die £75-Taalbondprys aanvanklik bestem was vir oorspronklike letterkundige werk wat in Hollands óf Afrikaans gepubliseer is, moes die £25-skenking onder beskerming van die Akademie gaan aan spesifiek Afrikaanse skrywers. Ook die Sekretaris se verslag oor die Akademie se inkomste gedurende 1913/1914 dui die bedrag van £25 aan wat beskikbaar gestel is as “[s]peciale [b]ijdrage door de Z. Afr. Taalbond ter ondersteuning van ’t werk der Kommissie voor Taal en Letteren” (ZAATLK 1914:45). Die outeur van *Twee susters*, mej. Chris C. Euvrard, het £10-prysgeld ontvang (ZAATLK 1914:45), waarskynlik betaal uit die Taalbondgeld. **Mej. Euvrard is al meermale verkeerdelik genoem as die eerste Hertzogpryswenner vir die novelle *Twee susters*.**⁴³

Die *Kommissie voor Taal en Letteren* se verslag oor die vyf inskrywings en die “novelletjie” wat gewen het, is in hulle rapport geplaas onder die opskrif “Prijsvragen”, dit wil sê werk oor bepaalde – hoewel nog vaag-omskrewe – onderwerpe, naamlik oorspronklike werk van “letterkundige of historiese waarde”. Die wenstuk is dan ook aangewys weens die “historiese waarde” daarvan, en nie soseer op grond van literêre meriete nie.

In die bespreking van die verslag is gevra wat van die opstelle word. Hierop antwoord Knothe:

... dat de opstellen eigendom van de Akademie blijven en dat deze het recht heeft de stukken te publiceren. In ’t verleden werden er twee van die stukken in *Die Brandwag* opgenomen (ZAATLK 1914:52).

2.4.2.5 *Kommissie voor Taal en Letteren 1914/1915*

Op 2 Julie 1914 is daar ’n Akademierraadsvergadering gehou in die *Raad Zaal*, Bloemfontein. In die notule word aangedui dat tot die 1914/1915-*Kommissie voor Taal en Letteren* benoem is prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. A. Moorrees (Stellenbosch), prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken (albei van Bloemfontein) (ZAATLK s.j. a; ZAATLK 1914:35-36). Die naam van Francken verskyn egter nié voorin *Jaarboek V (1914)* (ZAATLK 1914:6) nie en dit is dus onseker of hy sy benoeming aanvaar het. Van die vorige termyn se Kommissie was dit net Moorrees wat weer in die Kommissie gedien het. Al die ander lede is nuut aangewys. **Nou reeds is nié gehou by die 1913-Akademiebesluit (kyk bladsy 44) dat lede van vakkommissies só saamgestel moes word dat die lede sover moontlik op een plek woonagtig moes wees ten einde meermale ’n jaar te kon vergader nie.**

43 Die fout is byvoorbeeld al begaan deur Nienaber (1952:91), Theunissen (1954:65 en 82), in argiefdokumente (LK 1/6: 8 Augustus 1958 – brief van Akademiesekretaris aan mej. Eugénie Heyns) en in *Die Huisgenoot* van 12 Junie 1936 en 21 Oktober 1957. Nienaber stel self die fout reg in die *Hertzog-annale* van Desember 1964 (1964:30). Ook Dot Serfontein maak hierdie foutiewe stelling in haar artikel oor Chris Euvrard wat verskyn het in die September 1996-uitgawe van *Insig*.

In 'n brief van Le Roux aan Knothe as Akademiesekretaris, gedateer 14 Augustus 1914, merk Le Roux op dat niks definitief uit die Statute en besluite wat geneem is, blyk omtrent wat presies van die *Kommissie voor Taal en Letteren* verwag word nie, terwyl daar tog by hulle daarop aangedring word om die onderwerpe nader te omskryf (KOR 2/4). Le Roux sê hy het drie onderwerpe van letterkundige en historiese aard aan die medelede van die Kommissie voorgelê, maar daar kan onmoontlik met iets definitief voor die dag gekom word as die saak so uiters vaag omskrewes is. Le Roux wys ook daarop dat, as daar enigsins oorspronklike werk van enige betekenis verwag word, die laaste datum van insending verleng behoort te word van einde Desember tot einde Februarie, omdat die somervakansie die aangewese tyd is vir werk van so 'n aard.

Op 11 September 1914 skryf Le Roux weer aan Knothe (KOR 2/4):

Dan kan ik U meedeel dat aangesien die *Kommissie vir Taal + Let.* van mening is dat die pryskamp nie bloot uit 'n opstel moet bestaan nie, maar 'n oorspronklike ondersoek moet wees van suiwer wetenskaplike gehalte, sy besluit het om die laaste datum waarop die antwoorde ingestuur moet word, te verleng tot seg *eind November 1915*. Er is dus gin oombliklike haas nie. Ewenwel sal die onderwerp, behoorlik omskryf tesaam met die juiste datum, u opgestuur word binne 'n maand van datum deses.

Die verslag van die 1914/1915-*Kommissie voor Taal en Letteren* verskyn in die notule van die sesde jaarvergadering, gehou op 18 September 1915 – weer in die Appèlhof te Bloemfontein (ZAATLK 1915:53-57). Die eerste onderwerp wat in hierdie verslag aangeraak word, is die prysvraag (ZAATLK 1915:54):

Bij 't uitschrijven van de prijsvragen was 't uw Kommissie niet helemaal duidelijk wat van haar verwacht werd. Enkel om een opstel te vragen, sij 't dan ook van aanzienlike omvang, achtte men beneden de waardigheid van de Akademie. Moet de prijsvraag echter van wetenschappelijke of historische aard zijn? In artikels 3(c)⁴⁴ en (f, 2)⁴⁵ der Statuten, handelend over 't uitschrijven van en beoordelen van prijsvragen, wordt omtrent dit punt niets gezegd. De Taalbond-kommissie van wie de Akademie deze werkzaamheden overgenomen heeft, had meer belletristies werk op 't oog [kyk bladsy 42]. Ook werd er op gewezen dat, met 't oog op onze taalstrijd, het opwekken van schrijflust van meer aktueel belang is als het aankweken van wetenschappelijke metode.

44 Artikel 3(c) dui aan dat die Akademie beoog om sy doel te bereik deur “'t uitschrijven van prijsvragen; het aanmoediging, uitgeven en 't geldelik steunen van de uitgave van oorspronklike of vertaalde werken, geschriften en liederen, en bevordering van de kunst in het algemeen” (ZAATLK 1914:10).

45 Hierdie verwysing na artikel (f, 2) is 'n drukfout. Daar word waarskynlik verwys na artikel 7(2) in die Statute wat die werk van die Kommissie soos volg omskryf (ZAATLK 1911:16 en 1914:13):

De Kommissie voor Taal en Letteren beijvert zich om letterkundige arbeid te bevorderen, letterkundig talent op te sporen, aan te moedigen en voor te lichten; ook beoordeelt zij prijsvragen en zelfstandige letterkundige arbeid en brengt, waar nodig, advies uit over taalkundige kwesities.

Na ryp beraad kwam Uw Kommissie tot 't besluit dat de prysvragen van zuiver wetenskaplike aard moesten zijn, en wel so, dat het ene jaar een historiese, het tweede een letterkundig, het derde een taalkundig onderwerp opgegeven werd. Bepanking der keuze is nodig voor 'n grondige beoordeling.⁴⁶

Inligting word dan verstrek in verband met daardie jaar se prysvraag met 'n historiese onderwerp⁴⁷ (ZAATLK 1915:54):

Die prysvraag voor dit jaar is: “Een onderzoek naar het huiselik en maatschappelik leven van de Afrikaner gedurende de eerste helft van de 18de eeuw”. Daar 'n zodanige onderwerp degelike studie vereist, is de tyd voor inzending bepaald op 30 November, 1915.

Wat belletrie betref, word die volgende aan die hand gedoen (ZAATLK 1915:54):

Uw Kommissie is tevens oertuigd dat 't van het grootste belang is belletries werk aan te moedigen. Dit kan echter niet gebeur in de vorm van prysvragen, daar de skrywer(-ster) volkome vrij behoort te zijn. Naar het oordeel uwer Kommissie moesten toekomstige skrywers en skryfsters, zowel van belletristies als wetenskaplik werk, uitgenodigd word hulle werke aan die Akademie ter kennisname aan te bieden. Goedgekeurde werke moet dan, by wyse van aanmoediging, op koste der Akademie gedrukt word, ewenals in andere lande gebruikelik is. Voor een bekroonde prysverhandeling moet een prys uitgelooft word van behoerlike grootte al naar die omvang van dit onderwerp, en die verhandeling in afsonderlike afdrukke in die handel gebragt word. Met het oog op die gehalte van het werk is 't beter die hele som aan die beste prysverhandeling toe te kennen, i.p.v. die geld te verdelen tussen een eerste en een tweede prys.

Die Kommissie merk ook op (ZAATLK 1915:54):

Door zekere Mej. Euvrard is een novelle getiteld “Lena” ter beoordeling aangeboden, waarvan uw Kommissie, wegens late inzending, nog geen verslag kan doen.

Tydens die bespreking van die kommissieverslag meld Knothe onder andere

... dat hij van verscheiden personen gevraagd is, of belletristies werk ook in aanmerking genomen zal word by die volgende Prijskamp. Hij is van mening dat zodanige persone behoren aangemoedigd te word. Hij stelt derhalve voor:

46 Die differensiasie in verskillende onderwerpe ten einde beoordeling te vergemaklik, kom ooreen met die 1927-oplossing om die Hertzogprys te laat roteer tussen die verskillende literêre kategorieë (kyk bladsy 125) aangesien beoordeling aanvanklik bemoeilik is toe prosa, poësie en drama saam moes meeding vir die Hertzogprys (kyk byvoorbeeld in 1919/1920 – bladsy 72, en in 1925/1926 – bladsy 107).

47 Vir die letterkundige en taalkundige onderwerpe kyk op bladsy 55.

Dat in 't vervolg ook belletristies werk in aanmerking worde genomen bij de Prijskampen (ZAATLK 1915:56).

Dié voorstel, gesekondeer deur Le Roux, word aangeneem tydens hierdie sesde jaarvergadering en weerspieël in Besluit 4/1915 (ZAATLK 1915:15). **Met die instelling van die Hertzogprys kon uitvoering gegee word aan hierdie besluit.**

2.5 DRAMAS GEPUBLISEER TYDENS DIE BEGINJARE VAN DIE AKADEMIE

Sedert die stigting van die Akademie in 1909 totdat Afrikaanse dramas gedurende 1915 in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys as beste letterkundige werk van belletristiese aard, wil dit voorkom of geen drama aan die Akademie ingestuur is vir 'n wedstryd, of om in aanmerking te kom vir finansiële steun met die oog op publikasie nie. Daar hét egter in hierdie tyd Afrikaanse dramapublikasies die lig gesien:⁴⁸

- J.H.H. de Waal publiseer in 1911 'n bundel “stories, rympies en toneelspelletjies in die Afrikaanse taal” getiteld *Stompies* (HAUM v/h J. Dusseau & Co. en J.H. de Bussy).⁴⁹ Dit sluit onder andere in herdrukke, omwerkings en verafrikaansings van vorige dramas, asook 'n dramavertaling.
- In 1912 ken die Akademie pryse toe in die “opstel-prijskamp” (ZAATLK 1913b:43) en nie een van die volgende twee dramas sou as letterkundige inskrywings deel gevorm het van die tien werke wat aan die Kommissie voorgelê is nie: C.J. Langenhoven se *Die wêreld die draai* (1912) (latere verwerking van *Die Water-Zaak* – 1909) en *Eind goed, al goed: een Afrikaanse toneelstuk voor scholen en jongelingsverenigingen* deur W.E. Verschuur (albei gepubliseer deur J. & H. Pocock van Oudtshoorn).
- D.P. du Toit se *Jaloesi en geldsug* (Paarl Drukkers Maatskappy) en *Die Hoop van Suid-Afrika*, 'n allegoriese drama deur C.J. Langenhoven (gepubliseer deur J. & H. Pocock en ook opgeneem in Langenhoven se *Versamelde werke*⁵⁰), is in 1913 gepubliseer. ² Du Toit se werk het in 1908 al in *Ons Taal* verskyn. Langenhoven se drama dek die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf 1650-1838 en is beslis van historiese waarde. Ook voldoen dit aan die eise van goeie taal, styl en oorspronklikheid wat volgens die 1913/1914-kommissieverslag by al

48 Daar is gepoog om telkens die titels te verstrek van alle dramatiese werk wat binne 'n bepaalde periode vir die eerste keer gepubliseer is, met die uitsondering van kindertoneel, jeugdramas en vertalings. Hiermee word egter nie daarop aanspraak gemaak dat die lyste onbetwisbaar volledig is nie.

49 Die uitgewers wat telkens ná die titel van die drama gegee word, is dié uitgewer wat die drama die eerste keer gepubliseer het, tensy anders vermeld. Raadpleeg Bylaag A (bladsy 608) in verband met uitgewers en plek van uitgawes.

50 Die eerste uitgawe van die *Versamelde werke* verskyn in 1933.

vyf daardie jaar se inskrywings in 'n meerdere of mindere mate ontbreek het. Hierdie werk was beslis nie een van die inskrywings nie. Word in gedagte gehou dat die toekening aan mej. Euvrard in die 1913/1914-finansiële verslag ook aangeteken is as uitgawe vir 'n "Opstellen-prijskamp" (ZAATLK 1914:45), kan afgelei word dat geen drama vir beoordeling ingestuur is nie.

- Gedurende 1914 is gepubliseer *Die mislukte trouwpartij* deur M.J. (Melt) Brink (uitgegee deur J.H. de Bussy), M. Jansen⁵¹ se drama oor die ervaringe van 'n Vrystaatse familie gedurende die Anglo-Boereoorlog, naamlik *Afrikaner Harte* (De Afrikaner Drukkerij) en *Ons weg deur die wêreld* deur C.J. Langenhoven (Het Westen Drukkerij), maar nie een hiervan is aan die Akademie voorgelê nie. Die Langenhoven-drama bevat, benewens ander stukke, ook twaalf samesprake en twee monoloë.⁵²

51 Mev. M.M. Jansen was die eerste vrouelid van die Akademie (SAAWEK 1959:94).

52 Die samesprake is "Deskundige kritiek", "Die omslagtige tant Lenie", "'n Hedendaagse Job", "Die eer van die vreemde profeet", "Die ingewikkelde boodskap", "Die tweetalige vonnis", "Die beproewinge van 'n prokureur", "Die kys about die Forro", "'n Weergalmpie van Babel", "Brood op die water", "Piet Neulpotjie" en "Teorie en praktyk"; die twee alleensprake is "Nog meer deskundige kritiek" en "Ou Dolf oor karakter". In Nasionale Pers se 1929-uitgawe van *Ons weg deur die wêreld: deel 1*, word die samespraak "'n Weergalmpie van Babel" en die monoloog "Ou Dolf oor karakter" nie opgeneem nie.

3.1 INLEIDEND

Drama het aanvanklik **jaarliks** met prosa en poësie meegeding om die Hertzogprys. Gevolglik word aandag geskenk aan elke jaar se toekening totdat **die rotasiebasis in 1928** ingestel is (kyk bladsy 125). Daarná (soos gedek in die hieropvolgende hoofstukke) word slegs kennis geneem van gebeure tydens die jare waarin die ánder kategorieë in aanmerking kon kom in die mate wat dit ’n invloed gehad het op die Hertzogprysbeoordelingsprosedure.

Die tweede fase in die werksaamhede van die *Kommissie voor Taal en Letteren* (kyk bladsy 39) neem ook nou ’n aanvang deurdat dit gelyklopend met die Hertzogpryskeurkommissie bestaan het – ’n situasie wat soms aanleiding gegee het tot verwarrende of onakkurate stellings, afleidings en benamings. Ten einde uitsluitel oor hierdie uitlatings te kry, asook ’n geheelbeeld te vorm van vroeëre Akademiebetrokkenheid ter bevordering van belletterie, word daar by elke bekroningsperiode steeds aandag geskenk aan die werksaamhede van die *Kommissie voor Taal en Lettere* – ook aan toekennings deur hulle gemaak. Die funksies van hierdie Kommissie is gaandeweg geïnkorporeer by dié van die **Hertzogpryskeurkommissie** – later die **Letterkundige Kommissie** genoem (kyk bladsy 96 en 107), en sedert 1992/1993 bekend as die **Letterkundekommissie**.

3.2 DIE HERTZOGPRYS EN TOEKENNINGS DEUR DIE *KOMMISSIE VOOR TAAL EN LETTEREN*

3.2.1 1915/1916

3.2.1.1 Die 1915/1916-Hertzogprys

Aanvanklik is die Hertzogprys toegeken as wedstrydprys. Werke moes elke jaar (vóór of) in Desember ingestuur word vir beoordeling.⁵³ Die Akademierraadsverslag soos voorgelê tydens die sewende jaarvergadering, gehou op 20, 21 en 22 Desember 1916 in die *Oak Hall (Y.M.C.A.)*, Kaapstad (ZAATLK 1917:29), vervat die raadsbesluit om ’n Keurkommissie “uit zijn midden”

53 Op versoek van die Akademie, en met instemming van generaal Hertzog, is later besluit dat, vanaf 1923, “alle letterkundige werke wat in ’n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het” in aanmerking kom vir die prys (ZAATLK 1923a:5) (kyk bladsy 81). **Tog het dit nie aanvanklik so gerealiseer dat alle werke van ’n bepaalde jaar outomaties vir die volgende jaar se Hertzogprystoekening in aanmerking geneem is nie.** Die goedgekeurde prosedure en die vertolking daarvan word vanaf bladsy 90 bespreek.

te benoem om die inskrywings te beoordeel.⁵⁴ Wanneer die Kommissie benoem is, blyk nie uit die verslag nie. As Keurkommissie is gekies ds. J.D. Kestell, prof. dr. D.F. Malherbe en prof. dr. G. Knothe (ZAATLK s.j. b:2; ZAATLK 1917:29), almal van Bloemfontein.⁵⁵ Dit is onbekend of daar ’n konvenor was, en, indien wel, wie dit was. Ten aanvang van die Kommissie se 1916-werksaamhede bestaan die Akademieraad, by wie die finale beslissing in verband met die prystoekening berus, uit president M.T. Steyn (Voorsitter), prof. A. Moorrees (Visevoorsitter), prof. dr. G. Knothe (Sekretaris), prof. dr. J.D. du Toit, prof. dr. T.H. le Roux, asook ds. J.D. Kestell (ZAATLK 1915:5). Later daardie jaar word prof. N.J. Brümmer bygekies, in Julie volg dr. W.M.R. Malherbe vir Knothe op as Sekretaris (aanvanklik in waarnemende hoedanigheid), en as gevolg van president Steyn se dood einde November was daar wel amp-skommelinge. (SAAWEK 1959:157.) D.F. Malherbe was egter nie in 1916 ’n raadslid soos Kestell en Knothe, die ander twee keurkommissielede, nie.⁵⁶ Derhalwe moet die woorde dat die Kommissie “**uit eie midde**” benoem is, in die breër sin vertolk word as verwysend na Akademielede, en nie noodwendig na raadslede soos Coetser (1989:64) beweer nie. **Hierdie drieman-keurkommissie is spesiaal deur die Raad aangewys om die Hertzogprys-beoordeling te doen, en was nie die *Kommissie voor Taal en Letteren* nie.**

Die verslag van die Keurkommissie oor werk wat in 1915 vir die Hertzogprys ingestuur is, word as bylaag aangeheg by die Akademieraadsverslag wat op 21 Desember 1916 tydens die sewende jaarvergadering voorgelê is (ZAATLK 1917:32-33).⁵⁷ **Die Raad het dus finale goedkeuring aan die keurkommissieverslag verleen.** Geen bespreking daarvan tydens die jaarvergadering is genotuleer nie. Uit hierdie verslag oor die “Hertzog-fonds wedstrijd” blyk dit dat daar **geen drama voorgelê is vir beoordeling nie** – slegs prosa- en poësietekste.

Die Keurkommissie beveel *Trekkerswee* (1915), ’n liries-verhalende gedig deur J.D. du Toit (Totius), aan vir bekroning. Hoewel die motiveringsverslag begin met die woorde: “Uit die

54 Coetser (1989:63-64) beweer verkeerdelik:

Op 21 Desember 1916 besluit die Akademie om uit die geledere van die Akademieraad ’n voorlopige “keurkommissie ... te benoemen”.

Die besluit om ’n Keurkommissie te benoem, is nie tydens hierdie Desember 1916-jaarvergadering geneem nie, maar vroeër al. Die inligting in verband met die benoeming van die keurkommissielede, asook die kommissieverslag, vorm al deel van die Akademieraadsverslag soos voorgelê aan die Jaarvergadering.

55 Bylaag C behels ’n grafiese voorstelling van die Hertzogpryskeurkommissie se samestelling (1915-1927) (kyk bladsy 611).

56 D.F. Malherbe is in 1919 vir die eerste keer as raadslid verkies (SAAWEK 1959:157).

57 Coetser se stelling dat die keuringspaneel tydens die jaarvergadering aan die Akademieraad ’n uiteensetting gegee het van die ingesonde stukke, is dus foutief (1989:64). Die verslag vorm tydens die jaarvergadering al deel van die Akademieraadsverslag en het nie toe eers onder die Raad se aandag gekom nie.

ingesonde stukke⁵⁸ blijk duidelik dat ’n aantal van die mededingers nie die minste begrip had van die vereiste omvang en gehalte nie”, eindig dit op ’n positiewer noot (ZAATLK 1917:33):

Ten slotte wens die Kommissie te konstateer, dat hulle aangenaam verras was deur die openbaring van letterkundige talent in meer as een stuk, en dat hulle oortuig is, dat hierdie jaarlikse prijskamp belangrike bate aan die Afrikaanse letterkunde sal toevoeg.

Volgens die finansiële verslag oor die jaar 1915/1916 (ZAATLK 1917:35) het Totius die bedrag van £61.5.0 as prys ontvang.⁵⁹ Hierdie verslag, soos dié van die Akademieraad, is voorgelê tydens die sewende jaarvergadering. Dit bevestig dat die Jaarvergadering geen bydrae gelewer het tot die besluit oor die Hertzogprys nie. Hulle het slegs van die uitslag kennis geneem.

Die eerste Hertzogprys vir “de schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse Taal”⁶⁰ (Reitz 1914:3) is dus in 1916 toegeken vir werk wat vir beoordeling ingestuur is gedurende die tydperk Januarie tot Desember 1915, soos deur die skenkingsakte bepaal.⁶¹ **Tekste van alle kategorieë het tegelykertyd meegeding** (ZAATLK 1917:32).

58 Alhoewel *Trekkerswee* in 1915 verskyn het, is dit waarskynlik in manuskripvorm ingestuur vir oorweging. Volgens Preller (KOR 13/2: 19 November 1926) is dit in manuskripvorm beoordeel. (Raadpleeg hierdie uitspraak van Preller aan D.F. Malherbe op bladsy 110.)

59 Volgens ’n skematiese oorsig in verband met Hertzogprysuitbetalings wat in 1938 voorgelê is aan die Raad, het Du Toit £70 ontvang (ARMB 1938: 11 Februarie).

60 Die vertolking van hierdie bepaling laat ruimte vir verskille:

- net oorspronklike tekste kon in aanmerking kom, of ook verwerkings en vertalings;
- net tekste wat oorspronklik in Afrikaans verskyn het kon die prys verower, of ook werke in Nederlands wat later verafrikaans is.

Verwerkings en vertalings word buite rekening gelaat. Dramas wat aanvanklik in Nederlands geskryf, maar later in Afrikaans verwerk is, sal ook deurgaans weggelaat word in die lysie van werke wat binne ’n bepaalde periode verskyn het. (Kyk eindnota 3 op bladsy 513-515.)

61 Antonissen (1964:61) en Krueger (2006:1) beweer dat die Hertzogprys vir letterkunde die eerste keer in 1914 toegeken is. Coetser (1989:59) meen weer dat Nienaber (1965a:46) dit nie korrek het as hy 1915 as die eerste bekroningsjaar aandui nie. Volgens Coetser is “die Hertzogprys in 1917 vir die eerste keer (weliswaar vir 1916 as bekroningsjaar) toegeken” (kyk ook Coetser 1989:77-78), maar hy weerspreek homself aangesien hy later (1989:83) sê dat die prys tydens die jaarvergadering van Desember 1916 vir die eerste keer toegeken is.

Die grootste verwarring met betrekking tot Hertzogprystoekenningsdatums ontstaan omdat daar soms nie korrek onderskei word tussen die jaar waarin ’n werk verskyn het, en die jaar waarin die werk ’n toekenning ontvang het nie. **Voor die rotasiestelsel in werking getree het** (boeke gepubliseer vanaf 1 September 1927), is die jaar waarin die werk gepubliseer is (of aanvanklik ook in manuskripvorm voorgelê is vir beoordeling) beskou as die jaar wat gekoppel word aan die prys. Die aankondiging en toekenning van die prys het meestal in die daaropvolgende jaar plaasgevind. Ook Nienaber (1965a:46) wys op die fout in verskeie publikasies waar gesê word dat 1916 die eerste jaar van die Hertzogprystoekenning is – aan Totius vir *Trekkerswee*. Die prys is wel in 1916 toegeken, maar vir werk van 1915, soos *Trekkerswee* wat in daardie jaar gepubliseer is.

Ook in hierdie hoofstuk kom die jaartal-opskrifte aanvanklik (tot 1924 toe die inskrywingstydperk verleng is – kyk bladsy 95) ooreen met onderskeidelik die jaar waarin werke die lig gesien het of ingestuur is vir beoordeling, en die jaar waarin die toekenning bekend gemaak is.

Aanvanklik het net werk wat ingestuur is, in aanmerking gekom vir die Hertzogprys. Of inskrywings net manuskripte behels het, of ook publikasies, is onbekend. Eers vir 1922-inskrywings is dit duidelik dat ook gedrukte werk voorgelê kon word, maar dan geen werke “wat reeds aan die publiek beskikbaar gestel is of in die pers of tydskrifte bespreek is nie” (KOR 7/1 – kyk bladsy 84). **Of dramas wat in 1915 gepubliseer is, kon meeding om die 1915/1916-prys, is dus onseker.** Die skenkingsakte sluit sulke publikasies nie uit nie. Derhalwe sal vervolgens ook dramapublikasies van die onderskeie jare aangedui word as werke wat oorweeg kon word indien dit ingestuur sou wees.⁶²

Die volgende werke van dramatiese aard is in 1915 gepubliseer. Dit is egter nie (voor of) in Desember, soos bepaal deur die skenkingsakte (Reitz 1914:3), ingestuur nie en kon dus nie deur die Keurkommissie vir die Hertzogprystoekenning in aanmerking geneem word nie:

Schilthuis, J.G. *Sy kwaal: blijspel* (Middelburg Observer)

Slabbert, G.M.J. *Byna of Die moederlooshuis* (Van de Sandt de Villiers).

3.2.1.2 *Kommissie voor Taal en Letteren 1915/1916*

Benewens ’n **Keurkommissie** wat deur die Raad aangewys is vir die beoordeling van **Hertzogprysinskrywings**, is daar weer, soos elke jaar sedert 1910, ’n **Kommissie voor Taal en Letteren** benoem. **Die Kommissie voor Taal en Letteren was nie direk betrokke by die Hertzogprysbeoordeling nie** – net indirek deurdat sekere lede daarvan soms ook lede was van die Keurkommissie.

Die *Kommissie voor Taal en Letteren* vir die jaar 1915/1916, soos benoem deur die Akademiesraad, het bestaan uit prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. A. Moorrees (Stellenbosch), prof. J. Kamp (Potchefstroom) en prof. dr. D.F. Malherbe (Bloemfontein) (ZAATLK 1915:6 en 37; ZAATLK 1917:54). Dit is dieselfde lede wat vir die 1914/1915-periode in die Kommissie gedien het, met slegs die weglating van Francken – indien hy wel in

62 Indien net manuskripte in aanmerking sou kom, kan daar nié geredeneer word dat ’n spesifieke jaar se publikasies moontlik die vorige jaar as manuskripte in berekening gebring kon word nie, want die voltooiingsdatum van manuskripte is onbekend en ’n tydperk kon verloop het tussen voltooiing en publikasie van ’n werk. Slegs die jaar van publikasie kan in aanmerking geneem word.

Een van die deelnemingsvoorwaardes vir 1919/1920 (kyk bladsy 67) en 1922/1923 (kyk bladsy 84) was dat inskrywings anoniem moes wees. Uiteraard sou publikasies dan nie in berekening gebring kon word nie.

Vanaf 1923 was alle dramapublikasies veronderstel om outomaties in aanmerking te kom (kyk bladsy 80-87).

die vorige Kommissie gedien het (kyk bladsy 46). Net Malherbe was vir die 1915/1916-tydperk lid van die Hertzogpryskeurkommissie én die *Kommissie voor Taal en Letteren*.

Gedurende 1916 was die *Kommissie voor Taal en Letteren* slegs gemoeid met prysvrae. Hulle verslag oor die “prijsvragen” wat om die beurt van “historiese, litteraire en taalkundige aard” moes wees, verskyn, soos die keurkommissieverlag oor die Hertzogprys, ook in die notule van die 1916-jaarvergadering (KOR 3/1: byvoegsel by 10 Februarie 1917 – T.H. le Roux aan Akademieskretaris; ZAATLK 1917:52-54). Inskrywings oor die historiese onderwerp *Een onderzoek naar het huiselik en maatschappelik leven van de Afrikaner gedurende de eerste helft van de 18de eeuw* moes die Akademie voor 30 November 1915 bereik (ZAATLK 1915:54) (kyk bladsy 48). Aangesien geen inskrywings ontvang is nie, kon die *Kommissie voor Taal en Letteren* nie in 1916 ’n 1915-werk as wenner aanwys nie, en is aangekondig dat dieselfde onderwerp sou geld vir insending gedurende 1916. Ook die onderwerp vir 1917, wat van literêre aard moes wees, is tydens hierdie jaarvergadering bekend gemaak, naamlik *De plaats ingenomen door, en de voorstelling van het Afrikaanse landschap in de Afrikaanse (Hollandse en Afrikaanse) letterkunde* (ZAATLK 1917:53). Betreffende die prysvrae word tydens hierdie sewende jaarvergadering besluit dat

... de Kommissie voor Taal en Letteren het recht zal hebben om aan de bekroonde verhandeling, naar aanleiding van de jaarliks uit te schrijven prijsvraag ..., ’n prijs toe te kennen van tussen de £15 en £40, al naar gelang van de mate van studie vereist door de uitgeschreven prijsvraag (Besluit 16a/1916 – ZAATLK 1917:18).

Na die verslag en aanbevelings oor die prysvrae maak die Kommissie ’n verdere aanbeveling wat aanvaar en in Besluit 16b/1916 soos volg verwoord is (ZAATLK 1917:18 en 53-54):

Dat, afgezien van de prijsvragen en het Hertzogfonds, de mogelijkheid zal bestaan dat kunstwerken en werken van belletristiese en wetenschappelijke aard aangeboden worden aan de Akademie; zodanige werken te worden beoordeeld door de Kommissie voor Taal en Letteren, of ’n daartoe benoemde Kommissie, met ’n aanbeveling aan de Akademie, bij eventuele goedkeuring, van de aard en de omvang van de ondersteuning aan zodanige werken te verlenen; met dien verstande dat de tans uit te loven geldprijs van £10 over ’n zelf te kiezen onderwerp vervalt.

Sodoende word ’n Akademiebesluit geneem in verband met ’n saak wat die *Kommissie voor Taal en Letteren* al tydens die sesde jaarvergadering van 18 September 1915 in Bloemfontein geopper het (ZAATLK 1915:54) (kyk bladsy 48). Volgens die uiteindelijke Akademiebesluit sou die aard en omvang van die ondersteuning berus op die meriete van elke individuele werk.

Tot in daardie stadium het daar vir persone die geleentheid bestaan om, afgesien van die duidelik-omskrewe prysvraag, werk oor 'n selfgekoose onderwerp in te stuur met die oog op 'n moontlike £10- of £5-bekroning (ZAATLK 1917:53) – die geld wat aanvanklik deur die Taalbond geskenk is. Die novelle *Lena* wat te laat ingestuur is om vir 1914/1915 in aanmerking te kon kom vir die prys (kyk bladsy 48), het oorgestaan na hierdie 1915/1916-prysjaar. Dit is egter nie vir 'n prys aanbeveel nie (ZAATLK 1917:53).

3.2.2 1916/1917

3.2.2.1 Die 1916/1917-Hertzogprys

Die name van die keurkommissielede vir die 1916-Hertzogprysinskrywings is volgens Nienaber (1965a:39 en 162) onbekend. Coetser (1989:64-65) merk egter tereg op dat 'n spesiale Kommissie, bestaande uit prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. dr. J.D. du Toit en prof. J. Kamp (albei van Potchefstroom) aanvanklik benoem is, maar dat Du Toit weens werkklading die benoeming van die hand moes wys. Mnr. Gustav Preller (Pretoria) was egter, op versoek van W.M.R. Malherbe, die Akademiesekretaris, gewillig om as derde lid van die Kommissie op te tree. Hierdie Keurkommissie is aangewys na aanleiding van aanbevelings deur die Akademiesekretaris, dr. W.M.R. Malherbe, en korrespondensie tussen hom en die Akademierraadslede, naamlik prof. A. Moorrees, prof. dr. J.D. du Toit, prof. N.J. Brümmer, ds. J.D. Kestell en prof. dr. T.H. le Roux. (KOR 3/1: 3 Februarie 1917 – Malherbe aan Kestell; 3 Februarie 1917 – Malherbe aan T.H. le Roux; 4 Februarie 1917 – Malherbe aan Brümmer; 8 Februarie 1917 – Brümmer aan Malherbe; 10 Februarie 1917 – J.D. du Toit aan Malherbe; 19 Februarie 1917 – Malherbe aan Moorrees; 25 Februarie 1917 – Brümmer aan Malherbe; ZAATLK 1917:5.) In teenstelling met die Akademierraad se aanstelling van lede vir die 1915/1916-Hertzogprysbeoordeling, **stel die Raad hierdie keer nie self die Kommissie voor nie, maar keur die voorstelle van die Akademiesekretaris net per brief goed.**

Uit laasgenoemde briefwisseling blyk dit dat Malherbe self bereid was om in die Kommissie te dien, maar omdat 'n paar van die skrywers hulle stukke persoonlik aan hom oorhandig het uit vrees dat dit per pos verlore sou raak, het hy dit beter geag om nie as beoordelaar op te tree nie. Hieruit blyk die omsigtigheid waarmee te werk gegaan is om die beoordeling so objektief moontlik te laat geskied.

In die genoemde Februarie 1917-dokumente merk W.M.R. Malherbe teenoor verskeie kommissie- en raadslede op dat daar gedurende 1916 tien stukke ontvang is vir die Hertzog-

fondsprys,⁶³ dat die beoordeling daarvan by die Raad berus, maar dat hy meen dit beter sou wees om, soos die vorige jaar, 'n spesiale Kommissie vir dié doel te benoem. Malherbe maak hier 'n verkeerde stelling: **die Raad is wel die kurator van die fonds en moet die finale goedkeuring verleen aan 'n toekening, maar hulle hoef nie noodwendig die beoordeling te doen nie.** (D.F. Malherbe, lid van die Keurkommissie wat die eerste Hertzogprysbeoordeling moes doen, was nié, soos die ander twee kommissielede, op die Akademieraad nie.)

Op 19 Mei 1917 skryf W.M.R. Malherbe aan J. Kamp om hom te vra of hy alreeds tot 'n besluit gekom het betreffende die stukke wat ingestuur is vir die Hertzogfondsprys (KOR 3/2). Dit kom dus voor asof die beoordelingsprosedure soos volg was: **die kommissielede het elk afsonderlik tot 'n beslissing gekom en dan 'n aanbeveling na die Akademiese sekretaris gestuur.**

Of enige drama-manuskripte (want aanvanklik het ook manuskripte in aanmerking gekom vir die Hertzogprys) **of die volgende dramas, wat in 1916 gepubliseer is, deel vorm van die tien werke wat die Akademie ter beoordeling ontvang het, is onbekend:**

Brink, M.J.

Die slimme boertjie of *Die vergiftigde worst: blijspel in een bedrijf* (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy)
Die ware liefde? (J.H. de Bussy).

Geen inligting is egter beskikbaar wat daarop dui dat 'n Hertzogprystoekening in 1917 gemaak is vir werk wat in 1916 verskyn het nie. Ook in *Die Hertzog-Taalfonds – Aantekeninge wat loop oor die jare 1914-1930 en daarna* (ZAATLK s.j. b:11) word daarvan melding gemaak dat geen aantekening van 'n toekening te vind is nie.

3.2.2.2 *Kommissie voor Taal en Letteren 1916/1917*

Die 1916/1917-kommissielede wat deur die Akademieraad benoem is, was prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken⁶⁴ (albei van Bloemfontein) (ARN 1916: 20 Desember – in ZAAATLK s.j. a; ZAAATLK 1917:6 en 56) – dieselfde lede wat benoem is vir die 1914/1915-tydperk. Nienaber beweer dat dit twyfelagtig is of die *Kommissie voor Taal en Letteren* gedurende die eerste jare ook iets te doen gehad het met die keuring van manuskripte vir die Hertzogprys (1965a:39). Die taak van

63 Die titels van hierdie tien stukke kon egter nie opgespoor word nie.

64 Francken se naam verskyn egter nie onderaan die *Kommissie voor Taal en Letteren* se verslag nie (ZAATLK 1918:65).

beoordeling het weliswaar nie by hierdie Kommissie berus nie, maar twee van die drie lede wat wél die 1916/1917-Hertzogprysbeoordeling gedoen het, was ook lede van die *Kommissie voor Taal en Letteren*, naamlik Le Roux en Kamp. Volgens Nienaber blyk dit eers duidelik uit hierdie Kommissie se verslag, soos voorgelê aan die Desember 1920-Jaarvergadering⁶⁵ (ZAATLK 1922:49), dat sekere lede daarvan ook betrokke was by die beoordeling vir die Hertzogprys (1965a:39). (Kyk bladsy 75 in verband met die 1920-jaarvergadering en die 1919/1920-Hertzogprystoekenning.) Tog was daar al vir die 1915/1916- en hierdie 1916/1917-Hertzogprysbeoordeling (kyk bladsy 55 en 58), asook, soos later gesien sal word, vir die jare 1917/1918 (kyk bladsy 62), lede wat sowel in die *Kommissie voor Taal en Letteren* as in die Keurkommissie vir die Hertzogprysbeoordeling gedien het.

Die *Kommissie voor Taal en Letteren* se 1916-aanbeveling dat, benewens prysvrae en die Hertzogprystoekenning, onder andere ook werk van belletristiese aard aan die Akademie voorgelê kon word ten einde in aanmerking te kom vir steun, het tot gevolg gehad dat dié Kommissie se bedrywighede gedurende 1917 ook die beoordeling behels het van belletrie (buiten dít wat vir die Hertzogprys ingestuur en deur 'n spesiale Kommissie daarvoor beoordeel is). Die verslag van die *Kommissie voor Taal en Letteren* insake hulle 1917-werksaamhede (ZAATLK 1918:63-65) is dus tweeledig: daarin word eerstens belletristiese werke wat voorgelê is, behandel, en tweedens die prysvraagbeoordeling.

Geen poësie- of dramatekste is aan die *Kommissie voor Taal en Letteren* voorgelê vir keuring en moontlike Akademiesteun nie – net prosatekste. Die Kommissie merk op dat, volgens 'n besluit van die laaste vergadering (kyk bladsy 55), die vroeëre £10-prys verval het en dat belletristiese werk wat ingestuur word in die toekoms “naar bevind van zaken” ondersteuning sou kry. Aangesien die stukke wat tot in daardie stadium ingestuur is, aan die Kommissie voorgelê is met die oog op die £10-prys wat intussen verval het, word £10 tog nog toegeken aan 'n stuk getiteld *Oom Jannie* (ZAATLK 1918:64). Twee verhale is te laat ingestuur en moes ontstaan tot die 1917/1918-jaar.

Wat die prysvraag betref, is net een inskrywing ontvang oor die vasgestelde onderwerp, naamlik *Een onderzoek naar het huiselik en maatschappelik leven van de Zuidafrikaner gedurende de eerste helft van de 18de eeuw*.⁶⁶ 'n Som van £25 is bewillig aan die skrywer hiervan, op voorwaarde dat, by die uiteindelijke publikasie van die stuk, die voorstelle soos verstrekkend deur die

65 Daar het twee jaarvergaderings in 1920 plaasgevind: die tiende jaarvergadering vanaf 28 tot 30 Januarie 1920 (dit het die 1919-jaarvergadering vervang), en die elfde jaarvergadering op 20 Desember 1920.

66 In *Feesalbum 1909-1959* (SAAWEK 1959:163) en *Die Akademiepryse 1909-1981* (SAAWEK 1981:56) word die titel verkort aangetoon as *De eerste helft van de 18de eeuw* (in die *Feesalbum* geskryf *De eerste helfte van de 18de Eeuw*).

Kommissie, opgevolg sou word. (KOR 5/1: 5 Januarie 1918 – Akademiesekretaris aan F.C. Dominicus; ZAATLK 1918:64-66.)⁶⁷

Na die bespreking van die *Kommissie voor Taal en Letteren* se verslag open die Voorsitter die briefies en die Sekretaris, W.M.R. Malherbe, kondig die name van die weners aan (ZAATLK 1918:66): “de heer Joachim [Jochem] van Bruggen, Steenkoppies, Magaliesburg, Transvaal” vir *Oom Jannie*, en “de heer F.C. Dominicus, Grahamstad” vir die prysvraaginskrywing. Die inskrywings vir die prysvraag en belletterie wat voorgelê is vir Akademiesteun, is dus anoniem beoordeel. Die name van die weners is eers tydens die jaarvergadering bekend gemaak. Die inskrywing dat aan Dominicus £25 uitbetaal is, kom nie voor in die 1916/1917-finansiële verslag nie, maar wel, volgens begroting (ZAATLK 1918:33-34), in die finansiële verslag van 1917/1918 (ZAATLK 1919:43). Ook die uitbetaling van die £10-prosaprys is in hierdie verslag aangeteken.

Alhoewel dit onbekend is of enige, en, indien wel, watter, dramas ingestuur is vir die 1916/1917-Hertzogprystoekenning, en alhoewel geen geskrewe werk van dramatiese aard aan die *Kommissie voor Taal en Letteren* voorgelê is vir beoordeling met die oog op Akademiesteun nie, is die openingsaand van die agtste jaarvergadering, gehou in die Stadsaal te Potchefstroom op 21 September 1917, egter afgesluit met die opvoering van ’n toneelstuk wat daardie jaar gepubliseer is, naamlik *Jannies, Johnnies en Jantjies*, ’n histories-allegoriese spel deur S.P.E. Boshoff (ZAATLK 1918:18).

3.2.3 1917/1918

3.2.3.1 Die 1917/1918-Hertzogprys

Watter inskrywings vanaf Januarie tot Desember 1917 ingestuur is vir Hertzogprysbeoordeling, is onbekend. Agterin *Jaarboek VIII (1917)* (ZAATLK 1918:77-79) verskyn daar ’n lys van Hollandse en Afrikaanse boeke wat in die loop van die jaar 1917 in Suid-Afrika verskyn het.⁶⁸ Die volgende werke van dramatiese aard word genoem:

Brink, M.J.

De diamant of Verborgen liefde: toneelspel in drie bedrijven voor zeven heren en een dame (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy)

67 Die boek is in 1919 gepubliseer deur Martinus Nijhoff, ’s Gravenhage (SAAWEK 1959:164).

68 Die boeklyste wat in daaropvolgende jaarboeke verskyn, dek nie publikasies van ’n spesifieke jaar nie, maar net die werke wat opgeneem is in die Akademie se boekery.

- Brink, M.J. *Een ondankbaar kind: toneelspel in een bedrijf voor vier dames en twee heren* (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy)
Zo zijn er meer of Weggeschop met de kous op de kop: blijspel in twee bedrijven voor vier heren en twee dames (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J. H. de Bussy)⁶⁹
- Viljoen, C.E. *Faro: 'n klugspel in één bedrijf* (Nasionale Pers)
Die silwere rand: 'n drama in drie bedriewe (Nasionale Pers).

Twee van die ander publikasies wat in die jaarboeklys opgeneem is, naamlik die blyspel *Bij de tande dokter* deur M.J. Brink (derde druk) en *Die brandende kers* deur Herman Smit (tweede druk), se eerste drukke het verskyn in onderskeidelik 1905 en 1907, en is dus nie werke wat in 1917 vir die eerste keer gepubliseer is nie. (Kyk eindnota 3 op bladsy 515, asook bladsy 113 en die voetnota op dieselfde bladsy.)

Drie ander werke van dramatiese aard wat ook in 1917 verskyn het, maar nie in die lys voorkom nie, is:

- Boshoff, S.P.E. *Jannies, Johnnies en Jantjies* (Het Westen)
- Horatius. *Mag is reg: treurspel uit die Boere-oorlog in 4 bedriewe* (Nasionale Pers)
- Malan, J.H. *Na olikheid kom vrolikheid* (Nasionale Pers).

Of die Keurkommissie enige van bogenoemde dramatiese werke oorweeg het vir die 1917/1918-Hertzogprys, is nie bekend nie.

Volgens 'n met-die-hand-geskrewe tabel agterin *Die Hertzog-Taalfonds* (ZAATLK s.j. b:11), en Nienaber (1965a:162), het die Keurkommissie vir die beoordeling van die 1917-tekste bestaan uit prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. T.H. le Roux en mnr. G.S. Preller (beide van Pretoria), dit wil sê dieselfde persone wat die 1916-inskrywings beoordeel het, met dié verskil dat, volgens Nienaber, Kamp die konvenor was – nie weer Le Roux nie.⁷⁰ Wie die

69 Voorin die teks staan: “Dit blijspel werd geschreven in 1892 toen er reeds beroeringen te Johannesburg waren ontstaan”.

70 Nienaber (1965a:39) weerspreek homself as hy in *Die Hertzogprys vyftig jaar* beweer dat die Keurkommissies vir 1916 tot 1919 onbekend is, dus ook die Kommissie wat die 1917-werk moes beoordeel.

keurkommissielede voorgestel het, is onbekend. **Moontlik het die Akademiesekretaris weer benoemings gemaak wat deur die Raad goedgekeur is.**

Die 1917/1918-Hertzogprys is toegeken aan J. van Bruggen vir *Teleurgestel*.⁷¹ Dekker (s.j.:144) meld 1917 as publikasiedatum van hierdie roman, maar Kannemeyer (1984:186) dui die datum korrek aan as 1918. *Teleurgestel* is waarskynlik as manuskrip voorgelê vir beoordeling in 1917, aangesien Jochem van Bruggen se bedankingsbrief aan die Akademie, waarin hy sy vreugde uitspreek omdat, benewens oom Jannie, ook Gijsbert (die held in *Teleurgestel*)⁷² bekroon is,⁷³ die datum dra van 13 Desember 1917 (KOR 4/3). Die uitslag is dus alreeds aan die einde van 1917 bekend gemaak. Die uitbetaling van ’n £70-prys is gedokumenteer in die finansiële verslag oor die jaar 1917/1918, voorgelê tydens die negende jaarvergadering gehou op 19 en 20 Julie 1918 in *Het Hof van Appèl*, Bloemfontein (ZAATLK 1919:43).⁷⁴ Waarskynlik die enigste ander dokumentêre bewyse dat Van Bruggen £70 ontvang het vir *Teleurgestel* – spesifiek vir die jaar 1917, is te vind in *Die Hertzog-Taalfonds* waar Van Bruggen se naam en werk agterin die met-die-hand-geskrewe pryswennerstabel verskyn (ZAATLK s.j. b:11), en in die *Bulletin* van September 1925 (ZAATLK 1925d:3).

Nienaber verwys verkeerdelik na die 1917-wenboek as *Ou Malkop*, noem dit “’n swak werk”⁷⁵ en vergelyk dan dié boek met die ander 1917-publikasies. Net daarna sê hy *Teleurgestel* is in 1917 bekroon en *Ou Malkop* in 1919. Dan verdedig hy die Akademiebesluit oor die toekenning aan hierdie twee werke met die opmerking dat die Akademie nie “beter boeke in ’n betrokke tydperk [kon] bekroon as daar nie beter boeke was nie”. (Nienaber 1965a:106.) Tog bepaal die skenkingsakte (Reitz 1914:3) dat slegs “werk van de eerste rang” beloon sal word. **Hier is dus afgewyk van die skenkingsaktebepalings.**

As voorbeelde van dramas wat ook in 1917 gepubliseer is (kyk bladsy 59-60) maar dus swakker was as die pryswennerstuk, noem Nienaber *De Diamant*, of *Verborgen liefde* en *Zo zijn er meer*,

71 In *Jaarboek XI (1920)* (ZAATLK 1922:44) word Van Bruggen genoem as wenner met *Teleurgestel*, maar geen datum word verskaf nie. Theunissen (1954:65) beweer verkeerdelik dat dit ’n 1916-bekroning was.

72 Die aanvanklike naam van hierdie werk was *Gijsbert*. W.M.R Malherbe het Van Bruggen aangeraai om die titel van die werk te verander (KOR 5/1:1 Februarie 1918) – raad wat laasgenoemde met dank aanvaar het (KOR 5/1: 5 Februarie 1918).

73 Jochem van Bruggen ontvang in 1917 ’n £10-prys vir bellettrie met die verhaal *Oom Jannie* (kyk bladsy 59). Hierdie bedrag is toegeken deur die *Kommissie voor Taal en Letteren* en het niks te doen gehad met die Hertzogprys nie. Met *Gijsbert/Teleurgestel* het Van Bruggen wel aan die einde van 1917 die 1917-Hertzogprys ontvang. Hy is dus twee keer in een jaar bekroon.

74 In die skematiese oorsig in verband met Hertzogprysuitbetalings wat in 1938 voorgelê is aan die Raad, ontbreek hierdie £70-toekenning (ARMB 1938: 11 Februarie).

75 Theunissen (1954:82), onder andere, merk op dat *Ou Malkop* ’n “teleurstellende werk” is.

of *Weggeschop met de Kous op de Kop* deur Melt Brink, asook Viljoen⁷⁶ se *Faro* en Frank Lang se *Might-have-beens*⁷⁷.

3.2.3.2 *Kommissie voor Taal en Letteren 1917/1918*

Dieselfde lede wat benoem is vir die 1914/1915- en 1916/1917-periode, het die 1917/1918-*Kommissie voor Taal en Letteren* gevorm, naamlik prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken (albei van Bloemfontein) (ARN 1917: 21 September – in ZAATLK s.j. a; ZAATLK 1918:6 en 26). Hulle is benoem tydens 'n Akademierraadsvergadering (ARN 1917: 21 September – in ZAATLK s.j. a). Soos vir die 1916/1917-tydperk, was Le Roux en Kamp dus weer in sowel die Hertzogpryskeurkommissie as die *Kommissie voor Taal en Letteren*. Laasgenoemde Kommissie se verslag van hulle 1917/1918-werksaamhede, onderteken deur Malherbe en Francken, word tydens die negende jaarvergadering, gehou in *Het Hof van Appèl*, Bloemfontein, op 19 en 20 Julie 1918, voorgelees deur D.F. Malherbe (ZAATLK 1919:52). Weer eens was hierdie Kommissie se taak tweeledig: aandag is geskenk aan bellettrie met die oog op Akademiesteun, én aan die prysvraag.

Sedert die vorige (agttste) jaarvergadering (September 1917) is slegs twee bellettristiese werke voorgelê vir moontlike Akademiesteun, naamlik *Deur die smeltkroes* deur Gordon Tomlinson, en *Jannie* deur H. Kruger-Theron⁷⁸ – twee inskrywings wat te laat ingestuur is vir die 1916/1917-beoordeling (kyk bladsy 58). Volgens die verslag was die werke ongeveer gelykwaardig en aangesien dit tog verdienste gehad het, is aanbeveel dat aan elke skrywer 'n aanmoedigingsbedrag van £5 geskenk word.⁷⁹ Hierdie £10-uitbetaling is aangeteken in die 1918/1919-finansiële verslag (ZAATLK 1920:40). Nie een van die twee inskrywings was 'n drama nie.

76 Nienaber (1965a:106) dui die outeur van die klugspel *Faro* se voorletters verkeerdelik aan as E.S.M. in plaas van C.E.

77 Die Eugène Maraisprys, ingestel in 1961 as aanmoedigingsprys vir oorspronklike bellettristiese werk in Afrikaans, is in 1997 toegeken vir 'n Afrikaanse werk met hoofsaaklik Engelse dialoog, naamlik *Die ryk van die rawe* deur Jaco Fouché. In *Might-have-beens*, met die Afrikaanse titel *Lugkastele*, word Afrikaanse en Engelse dialoog afgewissel. Aangesien hierdie drama verskyn het aan die beginjare van die Hertzogprys – 'n prys spesifiek vir die skrywer of skryfster van die beste letterkundige werk van bellettristiese aard in Afrikaans, is daar waarskynlik sterk klem gelê op die vereiste dat die werk deurgaans in Afrikaans moes wees en is dit te betwyfel of dit werklik in aanmerking sou kom vir die Hertzogprys. (Kyk ook eindnota 3 op bladsy 513.)

78 Volgens *Jaarboek IX (1918)* (ZAATLK 1919:52) en *Die Akademiepryse 1909-1981* (1981:56) is die skrywer van *Jannie* Hennie Kruger-Theron. In *Feesalbum 1909-1959* (SAAWEK 1959:163) word net gesê dis H. Kruger-Theron. 'n Brief van die Sekretaris, waarin die skrywer kennis ontvang dat die Akademie 'n geldbedrag toeken vir *Jannie*, is gerig aan *Mevrou* H. Kruger-Theron (KOR 6/1: 12 Mei 1919.)

79 Die Akademiesekretaris se brief aan Tomlinson toon ook die bedrag van £5 aan (KOR 6/1: 12 Mei 1919).

Die onderwerp vir die 1917-prysvraag was *De plaats ingenomen door, en de voorstelling van het Afrikaanse landschap in de Afrikaanse (Hollandse en Afrikaanse) letterkunde* (ZAATLK 1917:53). Die *Kommissie voor Taal en Letteren* rapporteer egter dat geen inskrywings ontvang is nie en dat daar in die verlede weinig belangstelling vir die prysvraag getoon is. Derhalwe beveel hulle aan dat die “Prijsvraag-Kompetisie” afgeskaf word – veral omdat daar op ander wyses voorsiening gemaak word vir die ondersteuning van wetenskaplike werk (ZAATLK 1919:52). Die aanvanklike besluit was dat die prysvrae om die beurt van historiese, literêre en taalkundige aard moes wees. Die geskeduleerde 1918-onderwerp, van taalkundige aard, was *Dialektiese eigenaardighede in Afrikaans* (KOR 3/1: 5 Maart 1917 – T.H. le Roux aan die Akademiesekretaris), maar opskorting van die kompetisie het verhoed dat werk oor hierdie onderwerp vir prysvraagdoeleindes gerealiseer het.

3.2.4 1918/1919

3.2.4.1 Die 1918/1919-Hertzogprys

Aan die begin van 1918 het W.M.R. Malherbe waarskynlik, soos vir die beoordeling van die 1916-, en moontlik ook die 1917-werk, vir ’n derde keer die name van prof. dr. T.H. le Roux, prof. J. Kamp en Gustav Preller as keurkommissielede voorgestel, want in briewe van twee raadslede, prof. N.J. Brümmer en ds. J.D. Kestell, onderskeidelik gedateer 6 en 8 April 1918, gaan albei akkoord met die voorstel (KOR 5/1). Brümmer merk egter op:

Ik heb niets er op tegen dat dezelfde Kommissie de stukken voor de Hertzogprijs weer zullen nazien, hoewel ik niet juist van oordeel ben dat dezelfde Komm. een soort permanente Komm. zal moeten worden.⁸⁰

Hierdie 1918-briewe waarin saamgestem word met sekere beoordelaars, kan nie betrekking hê op die 1917-inskrywings nie, aangesien die uitslag van die beoordeling al teen die einde van Desember 1917 bekend gemaak is. Ook kan hierdie briewe nie dui op ’n Keurkommissie wat in 1918 aangewys is om die werk te beoordeel wat eers in 1919 ingestuur sou word nie. Dié briewe moet dus betrekking hê op die 1918-inskrywings.

In ’n brief aan W.M.R. Malherbe, gedateer 26 Februarie 1919 (KOR 6/1), keur die Akademierraadsvoorsitter, prof. A. Moorrees, die voorstelling van die betrokke kommissielede

80 In die tagtiger- en negentigerjare was die samestelling van die Letterkundige Kommissie, insluitende die amp van Voorsitter, soms van so ’n aard dat dit die indruk geskep het van ’n permanente kommissie (kyk bylaag H en I op bladsy 616 en 617).

vir die beoordeling van die stukke wat ingestuur is vir die Hertzogfondsprys, goed. In die brief word die name van die lede egter nie genoem nie. Of hy dus ook die Le Roux-Kamp-Preller-kommissie goedkeur, of die Kommissie wat later blyk die beoordeling te gedoen het, is onbekend. Dit is wel duidelik dat **raadslede slegs hulle skriftelike goedkeuring verleen het aan lede van die Hertzogpryskeurkommissie soos voorgestel deur die Akademiese sekretaris.**

Uit briewe in die Akademieargief kan afgelei word dat die kommissielede wat wel uiteindelik die beoordeling van die 1918-inskrywings moes waarneem, waarskynlik bestaan het uit prof. dr. G. Cillié, asook proff. J. du Plessis en N.J. Brümmer, al drie van Stellenbosch.⁸¹ Du Plessis skryf in 'n brief aan W.M.R. Malherbe, gedateer 7 Mei 1919 (KOR 6/1), dat hy (Du Plessis), ná raadpleging met Cillié, besluit het om homself beskikbaar te stel as kommissielid vir die beoordeling van die Hertzogfondsstukke.

Dat Brümmer en Cillié die ander twee kommissielede was, blyk uit twee briewe van W.M.R. Malherbe, gedateer onderskeidelik 2 Januarie 1920⁸² en 10 Januarie 1920: teenoor Brümmer merk Malherbe op dat dit al 1920 is en dat hy nog nie van die Keurkommissie die beslissing oor die 1918-stukke verneem het nie (KOR 6/1); aan Cillié vra W.M.R. Malherbe (KOR 6/3):

Hoe staat dit met die beslissing van Uw Kommissie aangaande die aan Uw Kommissie vir beoordeling toegestuurde stukke wat die Hertzogfondsprijs ingekom het? [sic] Als dit enigssins [sic] kan sal ik baie blij wees om Uw verslag te ontvang om aan die Jaarvergadering voorgeleg te word.

Malherbe maak in hierdie brief ook melding van Brümmer. Uit die verwysing na “Uw Kommissie” kan afgelei word dat Cillié waarskynlik die konvenor was. Moontlike bevestiging hiervoor is te vind in die feit dat juis Cillié die verslag van **die Kommissie se 1919-bedrywighede tydens die jaarvergadering voorlees**. Hierdie tiende jaarvergadering is gehou later daardie maand, op 28, 29 en 30 Januarie 1920, in die Instituut vir Opvoedkunde te Stellenbosch. (Daar was geen 1919-jaarvergadering nie.) Die Hertzogprystoekening wat in 1919 gemaak moes wees vir 1918-werk, kom aan die orde (ZAATLK 1920:48):

Uit het rapport blyk dat over het jaar 1918 slechts drie stukken ingekomen waren. Daar de schenkingsakte uitdrukkelijk bepaalt dat de prys slechts aan “eerste rangs

81 Nienaber beweer dat die Keurkommissie vir 1916 tot 1919 onbekend is (1965a:39).

82 Die brief is gedateer 2 Januarie 1919, maar die inhoud van die brief bevestig dat die datum 2 Januarie 1920 moet wees. Dit is tans (Junie 2009) in die Akademieargief by KOR 6/1 geliasseer volgens die jaartal 1919.

werk” mag worden toegekend, beveelt de Kommissie aan voor dat jaar geen prijs toe te kennen.⁸³

Het rapport wordt met dank aangenomen en besloten wordt het niet in druk te doen verschijnen.

Ook F.V. Engelenburg merk in *Die Hertzog-Taalfonds* op dat daar in die staat van uitgawes nie melding gemaak word van ’n prystoekening nie (ZAATLK s.j. b:2). Die finansiële verslag oor die jaar 1918/1919 verskyn in *Jaarboek X (1919)*. Daarin word aangetoon dat die rente op die Hertzogfonds £68.8.0 beloop het, maar nie dat daar ’n uitbetaling aan ’n wenner gemaak is nie (ZAATLK 1920:41).

Waar die Jaarvergadering voorheen slegs kennis kon neem van die raadsbesluit in verband met die Hertzogprystoekening, is die kommissieverslag hierdie keer aan die Jaarvergadering voorgelê vir bekragtiging.

Dit is nie bekend watter drie inskrywings gestuur is om vir die 1918/1919-Hertzogprys in oorweging te kom nie. **Die volgende werke van dramatiese aard is gepubliseer in 1918, maar of enige hiervan, of manuskripte van dramas, ingestuur is vir beoordeling, is dus ook onbekend:**

- | | |
|--------------------------------------|--|
| Bruwer, A.J. | <i>“Gert Vosloo – die egte rebel”</i> : <i>blij-eindend spel in vijf bedrijwe</i> (Nasionale Pers)
<i>Jacques Serurier</i> (Nasionale Pers) |
| De Waal, J.H.H. | <i>Stompies: ’n bundel stories, rympies en toneelspelletjies in die Afrikaanse taal</i> ⁸⁴ (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy) |
| Gauché, Pieter Retief. ⁸⁵ | <i>In die weegskaal: blijspel in vijf korte bedrijwe vir 7 here en 3 dames</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy)
<i>Twaalf samesprake</i> ⁸⁶ (J.H. de Bussy) |

83 Die spelling “prys” én “prijs” word net so gebruik in *Jaarboek X (1919)* (ZAATLK 1920).

84 Dit sluit onder andere die volgende toneelspelletjies in: “Die selfsugtige onderwyser”, “Amper, maar nog nie”, “Die spioen en sy handlangers”, “Die dokter van die dorp” en “Anjelina”, ’n blyspel in een bedryf – reeds in 1903 gepubliseer in *De Goede Hoop*.

85 Die van word op twee maniere gespel: Gauche of Gauché. Dit verskil van drama tot drama en selfs binne ’n drama waar dit op die buiteblad en titelblad verskillend gespel word.

86 Die twaalf samesprake is: “Chefnawanskie op die platteland”, “Gesukkel op die telefoon”, “Hoe Koos aansluit bij de debatsvereniging”, “Kritiek op ’n preek”, “’n Misverstand”, “’n Moeilike buurman”, “Die prokureur en sy hond”, “Riem-telegramme”, “Sij kan nie verstaan nie”, “Taal-gebrouw”, “Vrywillig vir land en volk” en “Wie die skuldige is”.

Langenhoven, C.J.	<i>Die vrou van Suid-Afrika: dramatiese fantasie</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.) ⁸⁷
Lub, Jacob.	<i>Eenvoudige mense</i> ⁸⁸ (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Malan, J.R.	<i>Die geheimsinninge A.B.C.: Afrikaanse blijspel in vijf bedrijwe vir ses here en ses dames</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy)
Neef Japie. (ps.)	<i>Die jag op 'n erfenis</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Nemo. (ps. van J.F. van Oordt)	<i>De erfante</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Slabbert, G.M.J.	<i>Als Johnnie gekommandeer word: 'n Afrikaanse blijspel in een bedrijf</i> (J.H. de Bussy) <i>Die nuwe onderwysers</i> (J.H. de Bussy).

3.2.4.2 *Kommissie voor Taal en Letteren 1918/1919*

Volgens *Jaarboek IX*, wat die Akademie se 1918-bedrywighede dek, het die Akademieraad prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken (albei van Bloemfontein), asook prof. J.J. Smith (Stellenbosch) gekies as lede van die *Kommissie voor Taal en Letteren* (ARN 1918: 19 Julie – in ZAATLK s.j. a; ZAATLK 1919:6 en 28). Dit is dieselfde Kommissie as vir die 1917/1918-termyn, met Smith wat bykom. Hierdie keer was geen lid van die Hertzogpryskeurkommissie op die *Kommissie voor Taal en Letteren* nie. Soos die verslag van die Keurkommissie vir die Hertzogprys, word ook die verslag van die *Kommissie voor Taal en Letteren* tydens die tiende jaarvergadering voorgelees – nie deur D.F. Malherbe soos tydens die vorige jaarvergadering nie, maar hierdie keer deur Le Roux (ZAATLK 1920:65):

Waar daar die laaste vergadering [negende jaarvergadering, Julie 1918] besluit is⁸⁹ om op te hou met uitskrywe van prysvrae, daar dit geblyk het dat dit nie aan die doel beantwoord nie, het die werk van die Kommissie sig beperk tot die beoordeling van boekwerke met die oog op eventuele finansiële steun. Hier val egter niks te rapporteer nie, aangesien daar geen werke sedert die laaste sitting ontvang is nie.

Die verslag is onderteken deur T.H. le Roux en J.J. Smith.

87 Ook opgeneem in C.J. Langenhoven se *Versamelde werke* (1933).

88 Hierdie is 'n bewerking van Lub se prosawerk *Eenvoudige mense* (1908) en sou dus nie in aanmerking kom nie (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514).

89 Dit was 'n kommissiebesluit en is nie aangeteken as 'n amptelike Akademiebesluit nie.

Geen drama is dus ingestuur met die oog op moontlike Akademiesteun nie, en of enige drama vir die Hertzogprys ingeskryf is, bly onbekend. **Daar is nie 'n Hertzogprys gedurende 1919 toegeken vir belletristiese werk van die vorige jaar nie, en geen Akademiesteun is aan enige letterkundige publikasie verleen nie.**

3.2.5 1919/1920

3.2.5.1 Die 1919/1920-Hertzogprys

'n Kennisgewing oor die beskikbaarheid van die Hertzogprys verskyn in *Die Huisgenoot* van Augustus 1919 onder die opskrif *De Zuid-Afrikaanse Akademie: Hertzogfonds-prijs* (Malherbe 1919:97):

De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst looft, als 'n erebeloning, aan de schrijver van 't beste letterkundig werk, in de Afrikaanse Taal, uit 'n bedrag van zeventig pond (£70) – zijnde rente van 't Hertzogfonds.

Alleen werk van de eerste rang zal bekroond worden.

De ingezonden stukken moeten voorzien zijn van 'n spreuk, die herhaald wordt op 'n bijgaand gesloten briefje, dat de naam bevat van de schrijver, alsook 'n getekende verklaring dat het ingezonden stuk is eigen en zelfstandig werk van de inzender en dat de inzender woonachtig is in Zuid-Afrika. (De in Europa en elders studerende Afrikaners zijn van mededinging niet uitgesloten.)

De ingezonden stukken moeten op slechts één zijde van 't papier geschreven zijn met masjieneschrift.

Schrijvers dienen zich stiptelik te houden aan de door de Akademie vastgestelde spelregels voor het Afrikaans.

De ingezonden stukken moeten de Sekretaris van de Akademie, Postbus 273, Pretoria, bereiken vóór of op de 31ste December 1919.

W.M.R. Malherbe,
Sekretaris, Z.A. Akademie.

Besware is ingebring teen sekere van hierdie bepalings. G.R. von Wielligh⁹⁰ noem drie in sy artikel “Die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, en sij Invloed” wat verskyn het in *Die Huisgenoot* van Februarie 1920 (1920: 318):

In die eerste plaas moet die manuskrip in tikskrif met ’n skryfmasien [sic] afgetik wees. Hoeveel skrywers geniet die voorreg van toegang tot ’n skryfmasien? En om dit deur ’n ander te laat aftik, word die skrywer verantwoordelik gehou vir foute nie deur hom begaan nie – sonder eens van die ekstra koste te spreek. Hierdie beswaar kan opgelos word deur ’n bepaling dat geen manuskrip in onduidelike handskrif in aanmerking sal geneem word nie.

In die tweede plaas word in die kennisgewing van die Sekretaris nie duidelik vermeld wat van die bekroonde en onbekroonde manuskripte word nie.

Die derde bepaling, dat die skrywer in die insending hom van ’n skuilnaam moet bedien, is nie juis ’n beswarende las nie. Maar tog, dis onnodig. Ieder mededinger het, of behoort te hê, die volle vertrouwe in die keurkommissie deur die Akademie aangestel.⁴ Hoekom is daar dan nooit verdinking teen die beoordelaars van prijsverhale in Kersmis- en Nuwejaarsnommers nie?

Neem die besware weg en mededinging sal toeneem.

In W.M.R. Malherbe se 2 Januarie 1920-brief aan Brümmer waarin hy navraag doen oor die 1918/1919-Hertzogprysuitslae (KOR 6/1 – kyk voetnota 82 op bladsy 64), staan:

Ik het hierdie jaar 8 of 9 – die getal weet ik op die oomblik nie seker nie – stukke ontvang vir die Hertzogfondsprijs 1919. In die verlede het ons dit so probeer aanleg dat die lede van die keurkommissie so veel moontlik in dieselfde plek woon [kyk bladsy 44]. Maar hier op Pretoria het dit nie betaal nie en dit lijk of dit op Stellenbosch ook die geval is.⁹¹ Dit is nou al 1920 en nog het die keurkommissie van die stukke van 1918 mij hulle beslissing nie meegedeel nie. Ik weet dus nie wat om in verband met die pas ontvange stukke voor te stel nie, maar denk dat dit beter is om die idee om persone uit dieselfde plek te kies maar op te gee en uit te soek uit alle lede. Natuurlik wil ik met voorgaande geen blaam werp op die lede van die keurkommissies nie: die vergraving het ongetwyfeld ontstaan deurdat die lede oorstelp was met werk. Maar die resultaat blijf tog onbevredigend. Nou sou ik hierdie stukke in die loop van hierdie maand al in die besit van die nuwe keurkommissie wil stel, juis omdat daar veel meer stukke ingekom het als gewoonlik die geval was. Ik het al aan U self gedink, maar wetende hoe U meer als genoeg te doen het, voel ik huiverig.

90 Von Wielligh was lid van die Genootskap van Regte Afrikaners en later ook erelid van die Akademie. As blyk van waardering vir die werk wat die Akademie doen, het hy in ’n brief van 15 April 1924 die Akademie in kennis gestel van sy besluit om by sy dood aan die Akademie na te laat “die volle eiendom oor die honoraria” op al sy “uitgewe en onuitgewe boekwerke” (KOR 9/5).

91 Hierdie verwysing na die kommissielede wat almal van Stellenbosch afkomstig was, dien ter bevestiging van die 1918/1919-Hertzogpryskeurkommissie se name soos genoem op bladsy 64.

Soos die Februarie 1917-briewe van W.M.R. Malherbe aan die kommissieledede (kyk bladsy 56), bevestig die volgende gedeelte van sy brief aan Brümmer die omsigtigheid waarmee daar te werk gegaan is ten einde die beoordeling so objektief moontlik te doen:

Ik self sal waarskynlik tyd daarvoor hê, maar in mij geval doet hierdie moeilikheid zig voor: in die loop van die jaar raadpleeg persone wat stukke wil instuur mij, sodat ik van die pas ingekome stukke 'n hele paar van die auteurs ken en van ander stukke vermoed van wie hulle afkomstig is. Daardeur is mij deelneming aan die keuring ongewens: hoe eerlik en onpartijdig 'n mens ook wil wees, het die wetenskap van wie die stukke afkomstig is, invloed, al was dit maar omdat 'n mens tragtede stip eerlik te wees die bekende persoon deur oorgestrenghed juis benadeel. Die Kommissieledede moet liever nie weet van wie die stukke afkomstig is nie.

In 'n ander brief, soos dié aan Brümmer ook gedateer 2 Januarie 1920, rig W.M.R. Malherbe hom tot 'n persoon (waarskynlik J.D. Kestell) wat hy slegs aanspreek as “Zeer Geachte Heer”. Hierin word gesê (KOR 6/3):

Er zijn voor het jaar 1919 'n achttal stukken voor de Hertzogfonds prijs ingekomen. De Raad draagt gewoonlik aan 'n keurkommissie de taak op om de stukken te keuren. Ons vroegere werkwijze om alle leden van die Kommissie zoveel mogelijk uit dezelfde provintie, liefst dezelfde stad te kiezen, heeft niet de verwachte resultaten van snelle beslissingen afgeworpen.

J.D. Kestell erken op 10 Januarie 1920⁹² ontvangs van 'n brief deur W.M.R. Malherbe en keur 'n voorstel wat deur Malherbe gemaak is, goed (KOR 6/3):

Met uw voorstel dat die Keurkommissie sal bestaan uit, vir die Kaapkol.: – Prof. Brümmer, of Prof. Smith, of Mnr. Jan Celliers,⁹³ uit die Vrystaat Prof. Francken, en die Transvaal Prof. Kamp, gaan ik akkoord.

Die drie lede wat W.M.R. Malherbe uiteindelik voorstel om die Hertzogprysinskrywings te beoordeel, blyk uit 'n brief aan 'n onbekende “Zeer Geachte Heer”, gedateer 12 Februarie 1920 (KOR 6/3):

Met betrekking tot die negental stukken die voor het Hertzogfonds ingekomen zijn en waarover ik U vroeger reeds schreef zou ik tans willen voorstellen om de Heer Jan

92 In *Feesalbum 1909-1959* (SAAWEK 1959:157) word te kenne gegee dat ds. J.D. Kestell in 1919 al deur prof. dr. D.F. Malherbe vervang is as Akademieraadslid. Die geldigheid van hierdie stelling is onseker.

93 Celliers was na sy terugkeer uit Europa in 1907 woonagtig in Pretoria. Die Universiteit van Stellenbosch het hom in 1919 tot buitengewone hoogleraar benoem – 'n professoraat wat hy in 1929 neergelê het (Kannemeyer 1984:106).

Celliers, Prof. Smith en Prof. Francken te benoemen as 'n Kommissie om die stukke te beoordeel. Verleden jaar heeft die Kommissie lang gedraald voordat ze tot een beslissing gekomen is, wat ontevredenheid onder de inzenders verwekt heeft. Het is daarom gewenst dat deze zaak spoedig afgehandeld wordt en ik zal blij zijn vroegtijdig van U te vernemen.

Uit die datum van hierdie brief kan afgelei word dat dit waarskynlik gerig is aan J.D. du Toit (Visevoorsitter van die Akademiesraad), want in 'n poskaart aan W.M.R. Malherbe, gedateer Maart 1920, verwys Du Toit na 'n brief gedateer 12 Februarie 1920, en spreek sy tevredeheid uit met Malherbe se voorstel aangaande kommissielede (KOR 6/3).

Nog 'n raadslid, D.F. Malherbe, laat weet die Akademiesekretaris, W.M.R. Malherbe, in 'n brief gedateer 16 Februarie 1920 (KOR 6/3):

Wat de samestelling van 'n Keurkommissie betref is ek met jou eens, dat daar haas moet gemaak word; en die beste sou wees om persone van een plek te krij. *Francken* woon op Bloemfontein. Ek het niks teen *Francken, Smith, Celliers* nie. Ek meen selfs dat dit 'n goeie drietal is, maar vra net of dit nie die bedoeling was dat die lede op een plek moet wees nie? Dis natuurlik nie noodwendig nie. Anders kon Prof. Brümmer gevra word. Aan die anderkant is Francken *man van die vak*.

Die Raad tree dus weer skriftelik met die Sekretaris in verbinding insake sy voorstel vir lede van die Hertzogpryskeurkommissie. Dit blyk dat Francken, Smith en Celliers wel die uiteindelijke beoordeling van die 1919-Hertzogprysinskrywings gedoen het. Francken en Smith het op onderskeidelik 4 en 7 Maart 1920 skriftelik hulle bereidwilligheid te kenne gegee om die beoordeling waar te neem (KOR 6/3 en 6/4 onderskeidelik).

In 'n brief wat die koevert met inskrywings vergesel, skryf Smith op 13 September 1920 aan W.M.R. Malherbe (KOR 6/4):

Ek het sewe mss. van prof. Jan Celliers⁹⁴ ontvang, en wel die volgende: –

1. Jonge Du Pree (toneelstuk) en ag Afr. Sketse en Verhale
2. Skepping (gedig)
3. Die Dans op Soetvlei (verhaal)
4. Gysbert en Sarie (gedig)
5. Swart Oktober (gedig)
6. Die Nuwe Parlementslied (toneelstuk)
7. Minnetrou en ander gedigte.

94 Die brief waarin Celliers aandui dat hy sy benoeming as keurkommissielid aanvaar, kon nie opgespoor word nie. Hierdie brief van Smith waarin verwys word na Celliers as beoordelaar, gee die finale bevestiging dat Celliers, Smith en Francken die Kommissie gevorm het wat die 1919-Hertzogpryswerk moes beoordeel. Die Kommissie is dus nie onbekend, soos Nienaber (1965a:39 en 162) beweert nie.

Ek het hul hier gerangskik in die orde waarin hul volgens my mening staan. Ek het alles sorgvuldig deurgelees – verskeie tweemaal – en ek hoop my opinie sal dus iets kan bydra tot die eindoordeel van die Kommissie van beoordelaars.

Met die noem van die twee toneelstukke blyk dit vir die eerste keer sedert die instelling van die Hertzogprys, duidelik dat dramatekste ook in aanmerking geneem is.

In 'n ongedateerde opvolgbrief aan Malherbe (KOR 6/4: 1920) skryf Smith:

Ek beskou nog die kort stories wat ek vroeër eerste geplaas het, as nommer 1. Die dramatie daarby is weliswaar maar swak; en as ek die prys moes toeken, sou ek uitdruklik sê dat dit is vir die kort stories *minus* die drama. Ek dink bepaald dat die stories die prys verdien.

Celliers skryf uit Stellenbosch op 11 Desember 1920 vir W.M.R. Malherbe (KOR 6/4):

Prof. J.J. Smith het my 'n paar dae gelede 'n toneelstuk, “'n Esau”, oorhandig om te beoordeel, in verband met die Hertzogprys. Dis namelijk 'n stuk wat op een of ander manier, agtergebly het.⁹⁵

Ek het dit deurgelees, dog bly by die uitspraak wat ek u bekend gemaak het in die vorige brief wat ek u oor die ingesonde stukke geskrywe het. (Ek het u maar die één brief daar oor geskrywe, en weet die juiste datum op die oomblik nie).⁹⁶ Ek oorhandig die stuk tans weer aan Prof. Smith om deur te lees.

Smith stuur 'n *Esau* terug aan W.M.R. Malherbe vergesel van 'n brief gedateer 13 Desember 1920 (KOR 6/4):

Wat my oordeel betref, ek meen hierdie stuk [*'n Esau*] hoort tweede [sic] te staan op die lys. Dis is nog my opinie dat die kort verhale wat ek in my vorige skrywe aan jou eerste geplaas het, eerste is.

Francken van Bloemfontein laat weet op 20 Desember 1920 vir W.M.R. Malherbe (KOR 6/4):

Ik zou de mededingers als volgt willen rangschikken:

95 Aanvanklik is daar gepraat van 8 of 9 stukke. Later skryf Smith aan W.M.R. Malherbe dat hy 7 manuskripte van Celliers ontvang het. In die lys wat Smith verskaf word *Jonge Du Pree* (toneelstuk) en agt Afrikaanse sketse en verhale gesamentlik eerste geplaas. Indien dit as twee afsonderlike tekste beskou word, was daar wel agt stukke wat aanvanklik beoordeel is. Met 'n *Esau* wat bykom, is inderdaad uiteindelik 9 inskrywings beoordeel.

96 Hierdie brief kon ongelukkig nie opgespoor word nie.

1. Gijsbert en Sarie
Jonge Du Pree en ag Afrikaanse Sketse en Verhale
2. 'n Esau. Bosveld Drama in vier Tonele
3. Die nuwe Parlements lid
4. Die swart Oktober (gedicht)
5. Skepping (gedicht)
6. Die dans op Soetvlei en daarna.

No. 7. zou zijn: “Minnetrou” (Spreek: Waar ’n rokie trek daar brand ’n vuurtjie) maar het verdient niet om door ernstige beoordelaars in aanmerking genomen te worden.

Francken vind die keuse tussen die eerste geplaaste tekste “heel moeilijk daar ze zo verschillend van aard zijn en elk in hun soort zeer verdienstelijk”. Hy vervolg:

“Jonge du Pree” is als drama zeer goed gelukt, zo ook de schetsen II, III, IV, V, VI, maar VII is al wat te sterk didakties en VIII “Soeloe Eer”,⁹⁷ en IX “Etienne Barbier” vind ik van minder gehalte dan de vorige.

No. 6 Die Dans op Soetvlei zou ik veel hoger stellen als daar niet in voorkwam die gevangenzetting van ’n jonge boer in ’n kelder, waar hij ’n paar weken lang onontdekt blijft. (N.B. opgelicht⁹⁸ terwijl hij zich even verwijderd uit de dans!) De auteur vindt het zelf nodig deze onmogelikhede goed te praten. ’t Is jammer, want ook hy levert uitstekend werk.

In hierdie 1920-verslag skemer dit al deur dat **beoordelaars dit moeilik vind om tekste uit verskillende literêre kategorieë met mekaar te vergelyk.**

Die drie kommissielede het die inskrywings beoordeel en elkeen afsonderlik ’n skriftelike verslag aan die Akademiesekretaris gestuur. Uit ’n vergelyking tussen Smith en Francken se keuses blyk die volgende:

- albei plaas die agt Afrikaanse Sketse en Verhale eerste: aanvanklik het Smith *Jonge Du Pree* deur dieselfde skrywer (Leon Maré) ingesluit by die toekenning van eerste plek, maar dit later weggelaat aangesien dit volgens hom “weliswaar maar swak” is; Francken, daarenteen,

97 Destyds is die woord “Soeloe” gebruik in plaas van “Zoeloe”.

98 ontvoer

behou dié drama in die eerste plek saam met die sketse en verhale, want volgens hom is dit “als drama zeer goed gelukt”;⁹⁹

- beide beoordelaars gee die drama *'n Esau* (J.F.W. Grosskopf) tweede plek;
- die toneelstuk *Die nuwe parlamentslid* beklee in Smith se lys die tweedelaaste plek, terwyl Francken dit derde plaas na die gelykstelling van twee werke in die eerste plek, en *'n Esau* in die tweede plek;
- *Minnetrou en ander gedigte* word in albei voorkeurlyste laaste geplaas.

Die elfde jaarvergadering het plaasgevind op 20 Desember 1920. Na die jaarvergadering verneem Leon Maré van W.M.R. Malherbe in 'n brief, gedateer 23 Desember 1920, dat hy die Hertzogfondsprys vir 1919¹⁰⁰ ontvang het (KOR 6/4). Malherbe meld ook wat **die Akademie-raad, as kurator van die Hertzogfonds**, se vereistes was:

Met veel genoegte deel ik U mee dat die Hertzogfondsprys, bestaande uit £70, aan U toegeken is vir die jaar 1919, vir die bundel sketse wat U ingestuur het, sonder die toneelstukkie. Die prys word alleen toegeken vir die sketse en nie vir die toneelstukkie nie. Die **Akademieraad** stel dan ook als voorwaarde dat U die sketse uitgee nie met nie, maar sonder die toneelstukkie [sic].

(Ek benadruk.)

99 Kritiek teen die 1920-publikasie *Jonge Du Pree* is ook uitgespreek deur ene J.J.S. (waarskynlik J.J. Smith) in *Die Huisgenoot* (Augustus 1920:151):

Hierdie toneelstuk is 'n dramatiese bewerking van die storie aan die meeste van ons bekend uit die gedig “Die Jonge du Pree,” opgeneem in die *Twee en Sestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte* [1909] byeënversamel deur president Reitz. Die gedig daar is weer 'n bewerking van 'n lied “Young Lochinvar” uit sir Walter Scott se *Marmion*.

Die stof, hoewel uiters geskik vir 'n kort gedig, is seker baie dun vir 'n toneelstuk; en daaraan is dan ook stellig 'n groot deel van ons teleurstelling in mnr. Maré se werk te wyte. Hy het wel die stof op interessante wyse bewerk en uitgebrei deur die toevoeging van nuwe tonele en nuwe persone, maar 'n bevredigende toneelstuk het ons nog in 't geheel nie.

Volgens die kritikus is veral hinderlik die slegte taalversorging, insluitende onmoontlike uitdrukkings, spel- en drukfoute. Ook I.D. du Plessis spreek kritiek uit teen die taal en sekere ander aspekte van hierdie drama in die derde van sy vierdelige reeks “Afrikaanse Dramatiek” in *Die Huisgenoot* van Oktober 1922 (1922b:250).

100 Ook in *Die Huisgenoot* van Augustus 1921 word genoem dat Maré die Hertzogprys vir 1919 gekry het. Theunissen (1954:65) sê dit is die werk wat “in 1919 die louere wegdra”, maar die toekenning is in 1920 gemaak vir 1919-werk.

In *Die Hertzog-Taalfonds* (ZAATLK s.j. b:2) merk Engelenburg op dat daar in Desember 1920 'n prys van £70 aan Leon Maré toegeken is. Die Hertzogprystoekeningstabel agterin hierdie holograaf (bladsy 11), asook die finansiële state vir die tydperk 1 Augustus 1920 tot 31 Julie 1921 (SAATLK s.j. a:36), toon 'n Hertzogprysuitbetaling van £70.2.0.

Op die volgende bladsy in *Die Hertzog-Taalfonds* (ZAATLK s.j. b:3) beweer Engelenburg verkeerdelik dat hierdie finansiële state 'n prys van £75 aantoon. (Die inskrywing net bô dié van die Hertzogprys is £75, naamlik die Akademiesekretaris se salaris.) Daar kan aangeneem word dat Maré wel £70 as prys ontvang het, soos te kenne gegee in Malherbe se gelukwensingsbrief aan hom (KOR 6/4: 23 Desember 1920).

In 1920 word die versameling sketse inderdaad gepubliseer onder die titel *Ou Malkop*, en die toneelstuk afsonderlik as *Jonge Du Pree*. Agterin *Die Hertzog-Taalfonds* (ZAATLK s.j. b:11) se pryswenerskolom staan dat Maré die prys gekry het vir *Ou Malkop*. Dit is egter nie onder dié naam in 1919 as publikasie ingestuur vir beoordeling nie, maar wel as manuskrip getiteld *Ag Afrikaanse Sketse en Verhale*.¹⁰¹ Ook 'n *Esau* deur Grosskopf is vir die eerste keer in 1920 gepubliseer¹⁰² en as manuskrip voorgelê vir hierdie Hertzogprys. M.P.O. Burgers wys inderdaad daarop dat 'n *Esau* reeds in 1919 geskryf is (1960:316).

E.C. Pienaar (1921:378) beskou *Ou Malkop en ander Afrikaanse Sketse en Verhale* in *Die Huisgenoot* van Januarie 1921 as “in baie opsigte teleurstellend”.¹⁰³ Die bespreking word soos volg afgesluit:

Die Akademie het hierdie werk met die Hertzogprys vir 1920¹⁰⁴ bekroon. As dit enkel bedoel is as 'n aanmoediging vir werk wat ongetwyfeld sekere verdienstes besit, dan het ek daar vrede mee. Maar as hierdie onderskeiding moet geld as bewys van eersterangswerk, dan gaan ek daar beslis nie mee akkoord nie.

Volgens Nienaber was *Ou Malkop* die beste teks wat bekroon kon word en verdedig, soos die 1917/1918-toekenning, ook hierdie toekenning deur te sê die Akademie kon nie “beter boeke in 'n betrokke tydperk bekroon as daar nie beter boeke was nie” (1965a:106) (kyk bladsy 61). Omdat die skenkingsakte (Reitz 1914:3) uitdruklik bepaal dat slegs “werk van de eerste rang” beloon sal word, **is hier dus weer eens afgewyk van die bepalings.**

Onderstaande werke van dramatiese aard is in 1919 gepubliseer, maar is nie in 'n anonieme formaat aan die Hertzogpryskeurkommissie voorgelê nie:

101 Die feit dat Maré as 1919-wenner aangewys is vir die werk wat in 1920 gepubliseer is as *Ou Malkop*, veroorsaak dat die verskyningsdatum van *Ou Malkop* soms verkeerdelik aangedui word as 1919 (Dekker s.j.:142 en Antonissen 1964:150). Kannemeyer (1984:183) dui egter die jaar van publikasie korrek aan as 1920. In *Die Huisgenoot* (Januarie 1921:378) bespreek Pienaar hierdie boek en dui die publikasiedatum aan as 1920.

102 'n Aankondiging en bespreking van hierdie 1920-publikasie is te vind in *Die Huisgenoot* van onderskeidelik September 1920 (207) en Mei 1921 (35-36).

103 Theunissen (1954:65) huldig dieselfde mening.

104 Maré het in 1920 die prys gekry vir 1919-werk.

Botha, A.C.

Vrijerige Jan (Het Westen)

Langenhoven, C.J.

Die onmoontlike tweeling: 'n klugspelletjie (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.).¹⁰⁵

3.2.5.2 Kommissie vir Taal en Lettere 1919/1920

Soos vir die 1918/1919-periode, het die 1919/1920-Kommissie vir Taal en Lettere¹⁰⁶ bestaan uit prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken (albei van Bloemfontein),¹⁰⁷ asook prof. J.J. Smith (Stellenbosch) (ZAATLK 1920:6, 24, 36). Francken en Smith het ook gedurende hierdie tydperk gedien op die Keurkommissie vir die Hertzogprysbeoordeling. Die Kommissie vir Taal en Lettere se verslag word tydens die elfde jaarvergadering, gehou in die Raadsaal van die stad Pretoria op 20 Desember 1920, voorgelees deur Le Roux, en so deur die Raad bekragtig (ZAATLK 1922:49):

U Kommissie se hoofwerkzaamheid bestaan uit die beoordeling van ingekome boekwerke. Daar sodanige werke nie ontvang is sedert die laaste sitting [tiende jaarvergadering – Januarie 1920] nie en daar geen geleentheid was om in ander rigting werksaam te wees nie, val daar niks mee te deel nie. 'n Deel van U Kommissie was belas met die beoordeling van stukke vir die Hertzog-Fonds, terwyl 'n ander deel besig is met die spelreëls en woordelys, maar die ondervinding opgedaan wys stellig daarop hoe wenselik dit is om die werksaamhede van ons Akademie onder verskillende fakulteite te verdeel, net so as ook met ander Akademies die geval is.

Smith, Francken en Celliers was op die Kommissie wat die 1919-Hertzogprysinskrywings moes beoordeel. Met die “deel” van die Kommissie vir Taal en Lettere wat dus daarmee belas was,

105 Ook opgeneem in C.J. Langenhoven se *Versamelde werke* (1933) en later in *Die laaste van die takhare en ander verhoogstukke* (1971).

106 Hier word die naam vir die eerste keer in Afrikaans aangedui as die Kommissie vir Taal en Lettere. Tog word daar in publikasies hierná nie konstant gebly by die Afrikaanse naam nie. Die verwysing na die *Kommissie voor Taal en Letteren* kom nog dikwels voor. Voortaan, totdat 'n verdere naamsverandering intree, sal egter verwys word na die Kommissie vir Taal en Lettere. (Kyk ook voetnota 30 op bladsy 39.)

107 Nienaber (1965a:39) dui Besselaar, en nie Francken nie, aan as lid van die Kommissie. Elke jaarboek handel oor 'n bepaalde jaar en het telkens voorin 'n lys van, onder andere, die lede wat in die Kommissie vir Taal en Lettere gedien het. Neem as voorbeeld *Jaarboek X* (ZAATLK 1920) wat handel oor die jaar 1919. Die vraag ontstaan of die Kommissie wat voorin aangedui word, die Kommissie vir die 1918/1919-, of vir die 1919/1920-tydperk was. 'n Patroon ontstaan wanneer al die jaarboeke in berekening gebring word, naamlik dat die name voorin dié is van kommissielede vir die jaar waarvoor in die jaarboek verslag gedoen word, en die volgende jaar, dit wil sê, die name van die Kommissie soos verkies tydens die mees onlangse vergadering. Volgens patroon kan uit *Jaarboek X* (1919) afgelei word dat Francken wel vir die jaar 1919/1920 op die Kommissie was, terwyl Nienaber vermoedelik *Jaarboek XI* (1920) (ZAATLK 1922) as bron gebruik het, die name voorin geïnterpreteer het as verwysend na kommissielede vir 1919/1920 in plaas van 1920/1921, en sodoende vir Besselaar noem as kommissielid in plaas van Francken.

word bedoel Francken en Smith, en waarskynlik nié D.F. Malherbe, Besselaar en Kamp, soos Nienaber beweer nie (1965a:39).¹⁰⁸

Uit die Kommissie se genoemde verslag blyk die behoefte aan besinning oor die werksaamhede van die verskillende kommissies. Die prysvrae is in 1918 opgeskort en sedert Julie dieselfde jaar tot en met hierdie Desember 1920-jaarvergadering, het die Kommissie vir Taal en Lettere geen werk ontvang met die oog op toeseëging van Akademiesteun nie.

3.2.6 1920/1921 en 1921/1922

3.2.6.1 Die 1920/1921- en 1921/1922-Hertzogprys

Jaarboek XI (1920) (ZAATLK 1922) dek die Akademie se 1920-werksaamhede en *Jaarboek XII (1922)* (SAATLK s.j. a) die 1922-aktiwiteite. Geen amptelike publikasie oor 1921 is beskikbaar nie. Selfs nie in die holograaf *Notulen van de Raad van de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst 1911-1922* (ZAATLK s.j. a) is inligting oor 1921-werksaamhede te vind nie. Die elfde Akademiejaarvergadering het plaasgevind op 20 Desember 1920, maar gedurende 1921 was daar geen algemene vergadering nie. Die twaalfde jaarvergadering vind eers plaas op 12 Julie 1922 in die Appèlhof in Bloemfontein. Inligting oor 1921 is gevolglik skaars.

Punt 3 van die Akademierraadsverslag soos voorgelê aan die 1922-Jaarvergadering, lui (SAATLK s.j. a:23):

De Raad betreurt het **te moeten meedelen**, dat de prys voor het Hertzogfonds niet toegekend is kunnen worden voor de jaren 1920 en 1921. De ingekomen stukken voldeden niet aan de vereisten gesteld door de Schenkingsakte, welke bepaalt dat de prys slechts toegekend mag worden aan werk waarvan de gehalte tot de eerste rang behoort.

(Ek benadruk.)

108 Agterin *Die Hertzogprys 50 jaar* (Nienaber 1965a:162) verskyn 'n tabel van Hertzogprystoekennings. Uit die inligting by elke jaar kan afgelei word dat die jaartal dui op die jaar waarin die werke verskyn het, of ingestuur is vir beoordeling:

- by die jaar 1919 plaas Nienaber 'n vraagteken waar die name van die Keurkommissie moet staan;
- Malherbe, Besselaar en Kamp word beskou as die waarskynlike beoordelaars van die 1920-werk.

In dieselfde publikasie, by die bespreking van die Letterkundige Kommissie se doel, funksie, aanstelling en samestelling, skryf Nienaber (1965a:39):

- Malherbe, Besselaar en Kamp was die waarskynlike beoordelaars van die prys vir die jaar 1919;
- die lede wat gedien het in die Kommissie vir die 1920-toekenning, is onbekend.

Nienaber skep dus verwarring met betrekking tot die jaar waarin hierdie drie lede waarskynlik die oordeel moes vel oor die Hertzogprystoekenning. Tog het hulle nié die beoordeling van die 1919-werk waargeneem nie, en dui die inligting in Nienaber se boek waarskynlik daarop dat D.F. Malherbe, Besselaar en Kamp vermoedelik die beoordelaars was vir die 1920-werk. Indien dit die geval is, kan die tabel agterin Nienaber se boek as korrek beskou word wat hierdie saak betref, en nié die inligting op bladsy 39 nie.

Dit is onbekend of hierdie mededeling van die Akademiesraad noodwendig daarop dui dat hulle beslis het om geen toekenning te maak nie.

Die reëlings in verband met die beoordeling is waarskynlik deur die Sekretaris gekoördineer. Volgens Nienaber (1965a:39) is dit nie bekend wie die kommissielede was wat die 1920-inskrywings moes beoordeel nie, maar in die tabel wat hy agterin sy boek verskaf (1965a:162), word aangedui dat dit waarskynlik prof. dr. D.F. Malherbe (Bloemfontein), prof. J. Kamp (Potchefstroom) en dr. G. Besselaar (Pietermaritzburg) was. Die tabel agterin Nienaber se boek kan as korrek beskou word betreffende inligting oor die Keurkommissie vir die 1919- en 1920-werk, en nié die inligting wat hy op bladsy 39 verstrek nie (kyk voetnota 108 op bladsy 76). Geen bevestiging kon egter gevind word vir die lede wat Nienaber noem as waarskynlike Hertzogprysbeoordelaars vir 1920-inskrywings nie.

Ook die kommissielede wat moes oordeel oor die 1921-inskrywings, is volgens Nienaber (1965a:39 en 162) onbekend. 'n Sterk moontlikheid bestaan egter dat die beoordeling waargeneem is deur die Akademiesekretaris, dr. W.M.R. Malherbe, en 'n persoon met die van Gie. Prof. dr. J.D. du Toit, visevoorsitter van die Akademiesraad (SAAWEK 1959:157), skryf op 29 Mei 1922 aan W.M.R. Malherbe (KOR 7/2):

Ek is heeltemal tevrede dat u met Dr. Gie die Hertzog-stukke beoordeel, en by verskil 'n derde inroep.

'n Lid van die Akademiesraad keur dus weer skriftelik die Sekretaris se voorstel goed in verband met die vakkundiges wat die Hertzogprysbeoordeling moes waarneem.

In *Jaarboek XII (1922)* wat die Akademie se 1922-werksaamhede dek, verskyn die naam van dr. S.F.N. Gie van Stellenbosch in die ledelys (SAATLK s.j. a:6). Hy was 'n historikus wat in 'n brief gedateer 9 Februarie 1925 aan die Akademiesekretaris skryf in verband met 'n ander saak (KOR 11/2). Of dit hy is van wie daar melding gemaak word in verband met die Hertzogprysbeoordeling, is onseker.

Geen lys is beskikbaar van werke (dus ook dramas) wat gedurende 1920 en 1921 **ingestuur** is vir Hertzogprysbeoordeling nie. Volgens argiefdokumente het ene Casper du Plessis in 'n brief gedateer 16 Desember 1921 aan die Akademiesekretaris geskryf in verband met sy inskrywing *Naberou is galberou* (KOR 7/1). Hy noem dat hy gepoog het om die spelreëls te gebruik wat deur die Akademie neergelê is, hoewel hy soms probleme daarmee ondervind het. Op 21 Desember 1921 doen F. Bosman van Dorpstraat, Stellenbosch, navraag in verband met sekere

voorwaardes vir inskrywing (KOR 7/1), maar of hy wel werk ingestuur het met die oog op die Hertzogprys, is onbekend.

Die volgende werke van dramatiese aard is wel in 1920 **gepubliseer**:

Besembos. (ps. van Danie Smal)	<i>Nie alles goud wat blink nie: toneelstuk in drie bedrywe</i> (Van Schaik)
Grosskopf, J.F.W.	<i>'n Esau: bosveld-drama in vier tonele</i> (Nasionale Pers)
Heese, Japie. (ps. van Jacob de Villiers)	<i>Die oubaas gekul</i> (Paarlse Drukkers Maatskappy)
Leipoldt, C. Louis.	<i>Jannie</i> ¹⁰⁹
Maré, Leon.	<i>Jonge Du Pree: toneelstuk in drie bedrywe</i> (Van Schaik)
Van den Heever, C.M.	<i>Ek kom dadelik!</i> ¹¹⁰

Sowel die drama *Jonge Du Pree* as *'n Esau* het as dramamanuskripte egter al in aanmerking gekom vir die Hertzogprys wat toegeken is vir 1919-werk (kyk bladsy 70-73).

Onderstaande dramas is in 1921 **gepubliseer**:

Brink, M.J.	<i>Die diamantkoors of Einde goed, alles goed: toneelstuk in 5 bedrywe</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy) ¹¹¹
Langenhoven, C.J.	<i>Vrouetrou</i> (Nasionale Pers) ¹¹²
Malherbe, D.F.	<i>Koringboere</i> (Nasionale Pers) ¹¹³
Theron, W.M.	<i>Spoke</i> (J.H. de Bussy).

109 Hierdie drama is gepubliseer in *Helikon* 1(3), 28 Februarie 1952. Ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Nuwe eenbedrywe* (1952) en in F.W. Strydom se *Die rooi duiwel se as en ander eenbedrywe* (1966).

110 Hierdie werk is gepubliseer in *Helikon* 4(20), Junie 1955.

111 Volgens *Die Huisgenoot* (Februarie 1922:426) is die toneelstuk al jare tevore geskryf, maar eers in 1921 gepubliseer.

112 Ook opgeneem in C.J. Langenhoven se *Versamelde werke* (1933).

113 Op 23 September 1924 skryf J.F.W. Grosskopf aan Preller en noem dat hy die volgende dag met 'n studentetoneelgeselskap sou vertrek om in tien dae sewe opvoerings van Malherbe se *Koringboere* te gee – tot sover as Willowmore (KOR 11/3).

In 1921 en 1922 is egter geen Hertzogprystoekennings gemaak vir tekste wat onderskeidelik in 1920 en 1921 gepubliseer is nie.

Vanaf 1915 tot 1922 is die rente op die Hertzogfonds dus net drie keer gebruik: toekennings vir werke van die jare 1915, 1917 en 1919.

3.2.6.2 Kommissie vir Taal en Lettere 1920/1921 en 1921/1922

Die Kommissie vir Taal en Lettere “voor het jaar 1921”, soos verkies deur die Akademieraad (ZAATLK 1922:20), én vir die 1921/1922-tydperk (SAATLK s.j. a:7), het bestaan uit prof. dr. T.H. le Roux (konvenor – Pretoria), prof. J. Kamp (Potchefstroom), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken¹¹⁴ (albei van Bloemfontein), prof. J.J. Smith (Stellenbosch) en dr. G. Besselaar (Pietermaritzburg).¹¹⁵ Slegs Besselaar het nuut bygekom. Al die ander lede het ook in die 1918/1919- en 1919/1920-Kommissie gedien. Kamp, Malherbe en Besselaar het waarskynlik ook gedien in die Keurkommissie vir die 1920/1921-Hertzogprys.

Le Roux skryf op 13 Junie 1922 aan W.M.R. Malherbe (KOR 7/3):

Daar is niks te rapporteer oor die Kommissie vir Taal en Lettere nie. Die formele rapportjie sal ek jou stuur wanneer dit geteken is deur die ander lede, wat ek almal op die senaatsitting sal sien. Daar het geen boeke ingekom vir ons beoordeling nie, en verder was daar geen werksaamhede wat ons daar aanhangig gemaak het nie. Trouwens so ’n Kommissie het niks te doen behalwe boeke te beoordeel nie, en dis ook nie jammer nie, want iedereen het sy hande meer as vol. Jy weet daardie prysvrae van vroeër, wat eenvoudig vir ons ekstra opstelle beteken het, is volgens besluit gelukkig afgeskaf, hoewel dit nog in die statute staan.

Op 7 Julie 1922 rig Le Roux weer ’n brief aan die Sekretaris waaruit sy onvergenoegdheid blyk met die situasie waarin die Kommissie vir Taal en Lettere verkeer (KOR 7/3):

Kyk, ek stuur die rapport van die Kommissie vir Taal en L., natuurlik ’n bloot formele iets. Iedereen is veel te besig met eie werk, die afstande staan teen ons, werke ter beoordeling is nie ontvang nie. ’n mens [sic] voel dat die werksaamhede van so ’n Kommissie anders moet wees, as hy tenminste reg van bestaan het, maar hoe?

114 Francken se naam is uitgelaat voorin *Jaarboek XI (1920)* (ZAATLK 1922:7).

115 *Jaarboek XII (1922)* (SAATLK s.j. a:7) word as bron gebruik vir die 1921/1922-kommissielede se name. Alhoewel die name voorin die jaarboek volgens patroon moet dui op die 1922/1923-kommissielede, word laasgenoemde Kommissie se name in die heel eerste *Bulletin* (ZAATLK 1923a:5) (kyk bladsy 88) verstrekk, en kom dit beslis nié ooreen met dié voorin *Jaarboek XII* nie. Aangesien in *Jaarboek XI* oor die jaar 1920 verslag gedoen word, en in *Jaarboek XII* oor 1922, maar geen jaarboek spesifiek oor 1921 bestaan nie, kan afgelei word dat die name voorin *Jaarboek XII (1922)* dus by uitsondering dié is vir die 1921/1922-Kommissie, en nié die 1922/1923-Kommissie soos verwag nie.

Weer eens is geen boeke aan die Kommissie vir Taal en Lettere gestuur met die oog op Akademiesteun nie. Die amptelike verslag, onderteken deur die konvenor, T.H. le Roux, word, soos die Hertzogprysbeoordelingsverslag, deur die Akademiesekretaris tydens die twaalfde jaarvergadering (12 Julie 1922) voorgelees (SAATLK s.j. a:37):

U Kommissie het geen boeke ter beoordeling ontvang nie, en daar was geen geleentheid om in ander rigtinge werksaam te wees nie.

Sedert Julie 1918 tot Julie 1922 is geen werk ontvang met die oog op moontlike Akademiesteun nie en die prysvrae is al in 1918 afgeskaf. **Die bestaansreg van hierdie Kommissie vir Taal en Lettere kon met reg bevraagteken word.**

3.2.6.3 Voorstel om skenkingsakte te wysig

Tydens die twaalfde jaarvergadering (12 Julie 1922) word die metode van Hertzogprystoekening opnuut bespreek. Die volgende beskrywingspunt is ingedien deur advokaat C.J. Langenhoven (SAATLK s.j. a:19):

Die Akademie bespreke die wenselikheid om die jaarlikse Hertzogfondsprys vir Afrikaanse Letterkunde toe te ken, **nie op aansoek van skrywers nie**, maar *proprio motu* op verdienste en **deur keuse uit al die werke wat in die betrokke jaar verskyn het.**

(Ek benadruk.)

As gevolg van Langenhoven se afwesigheid tydens die vergadering, word die beskrywingspunt ingelei deur Preller en soos volg genotuleer (SAATLK s.j. a:25):

Spreker is al lang oortuig dat daar verandering gebring moet word in die wyse waarop die Hertzogprys van die Hertzog-taalfonds tot nog toe toegeken is. Hy beskou dit as 'n vernedering vir skrywers dat hulle as het ware om die prys moet kom aanklop. Hierdie beskrywingspunt gee aan hoe die moeilikheid opgelos moet word, en hy stel voor dat die stichter van die Fonds genader word om toe te stem in die wysiging van die skenkingsakte, **sodat die vereiste dat die letterkundige werke**, wat vir die prys in aanmerking wil kom, **ingestuur moet word, verval.**

(Ek benadruk.)

J.D. du Toit sekondeer, **die besluit word aangeneem** en aan die Sekretaris opdrag gegee om in verbinding te tree met generaal Hertzog. **Hierdie besluit sou impliseer dat alle publikasies outomaties in aanmerking kom vir die Hertzogprys, en dat die vereiste wat soms gestel is dat die skrywer tot ná die beoordeling anoniem moes wees** (kyk bladsy 67 en 84), verval.

3.2.7 1922/1923

3.2.7.1 Die 1922/1923-Hertzogprys

Hierdie belangrike besluit, geneem tydens die twaalfde jaarvergadering, vorm deel van die Akademierraadsverslag wat voorgelees is tydens die dertiende jaarvergadering, gehou in die Senaatsaal van die Universiteit van Stellenbosch op 17 Februarie 1923.¹¹⁶ In die verslag word gemeld (ZAATLK 1923a:4):

Overeenkomstig het besluit, door de algemene vergadering te Bloemfontein genomen, is de Stichter van het Hertzog-taalfonds genaderd in verband met het wijzigen van de Schenkingsakte van genoemd Fonds en is het volgende schrijven tot hem gericht:

Die brief van W.M.R. Malherbe aan generaal Hertzog, gedateer 12 Februarie 1923,¹¹⁷ word vervolgens voorgelees:

Hooggeagte Generaal Hertzog,

Deur die Kuratore van die Hertzog-taalfonds is my opgedra om die volgende versoek tot u te rig in verband met die toekenning van die prys wat elke jaar uitgelooft word.

Die Skenkingsakte van die Fonds bepaal, dat letterkundige werk wat vir die prys in aanmerking kom “in de maand December ingezonden” moet word aan die persoon of persone, deur die Raad van die Akademie daartoe aangewys. Die gevolgde prosedure was dan ook om elke jaar bekend te maak binne watter tyd en aan wie die stukke ingestuur moet word en om geen stuk vir die prys in aanmerking te laat kom nie, tensy dit ingestuur is aan die persoon of persone deur die Kuratore benoem. Die Kuratore vind egter, dat dit nie bevredigend werk nie. Die beste skrywers stuur hulle werke nie in nie, met die gevolg dat, ofskoon daar in die betreffende jare uitstekende letterkundige werke in Afrikaans verskyn het, die prys nie toegeken kon word nie, omdat die ingesonde stukke te swak van gehalte was.

Die Kuratore sou daarom graag verandering in die tot nog toe gevolgde prosedure wil bring, deur **nie meer insending van die stukke te eis nie, maar alle letterkundige werke wat in ’n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het, vir die prys in aanmerking te laat kom**. Die Kuratore ag dit eenparig in die belang van die Fonds en die doel waarvoor dit gestig is, en sou graag U toestemming vir die verandering wil verkry.

(Ek benadruk.)

116 Alhoewel *Bulletin* (ZAATLK 1923a:8) aandui dat die vergadering van 17 Februarie 1923 die veertiende algemene vergadering was, is dit foutief. Dit was die dertiende algemene jaarvergadering. Die twaalfde jaarvergadering van die Akademie het plaasgevind op 12 Julie 1922 (ZAATLK s.j. a:18) en die veertiende jaarvergadering op 16 April 1924 (ZAATLK 1924d:1). Die 1923-vergadering moes dus die dertiende jaarvergadering wees.

117 ’n Kopie van die oorspronklike brief is te vind in die Akademie-argief (KOR 8/2). Benewens ’n aantal verskilletjies in spelling, woordorde en formulering, kom dit ooreen met dit wat in *Bulletin* weergegee word.

In die brief word daarop gewys dat die skenkingsakte voorsiening maak vir dergelike veranderings (kyk bladsy 21).

Die antwoord van generaal Hertzog aan Malherbe, gedateer 15 Februarie 1923, voorgelees aan die 1923-Jaarvergadering en weergegee in die notule, lui soos volg (KOR 8/2; ZAATLK 1923a:5):

Geagte Heer en Vrind,

U skrywe aangaande die wens van die Kuratore van die Hertzogfonds dd. 12 deser, is my ter hand.

Dit kom my voor dat die wens allesins billik en in belang van die saak is. Ek het daar dus geen beswaar teen dat die Kuratore sal handel soals deur U aan die hand gegee, nl. dat **“alle letterkundige werke wat in ’n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het vir die prys in aanmerking sal kom”** nie.

(Ek benadruk.)

Gepubliseerde werk sou outomaties in aanmerking kom, en skrywers was nie meer verplig om werk in te stuur nie, maar of hulle nog die opsie gehad het om dit te doen indien verkies, is onseker, en dit het soms gelei tot misverstande.

Tydens die bespreking van die Akademierraadsverslag soos voorgelees aan die 1923-Jaarvergadering, merk W.M.R. Malherbe op

... dat vir die jaar 1922 vijf stukke deur hom ontvang is. **Vir 1922 geld nog die ou reëling.** Dit is nodig ’n Kommissie te benoem om die ingekome stukke te beoordeel en **rapport aan die Raad** te doen (ZAATLK 1923a:5).

(Ek benadruk.)

W.M.R. Malherbe se voorstel van drie Pretoria-akademielede, naamlik dr. F.V. Engelenburg, prof. dr. T.H. le Roux en mnr. Gustav S. Preller (konvenor) as kommissielede wat aan die Raad verslag moes doen, word tydens hierdie dertiende jaarvergadering aanvaar.¹¹⁸ **Die voorstel van en besluit oor keurkommissielede vir die Hertzogprysbeoordeling vind hierdie keer dus nie skriftelik plaas tussen die Akademiesekretaris en die Raad nie, maar tydens die jaarvergadering.** Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat Preller ná hierdie Februarie 1923-jaarvergadering by Malherbe oorgeneem het as Sekretaris (SAATLK 1959:157) en dat die verdere reëlings in verband met kommissielede by Preller sou berus.

118 Die name is bevestig in ’n brief van W.M.R. Malherbe aan T.H. le Roux gedateer 19 Februarie 1923 (LK 8/2).

Ook ander voorstelle is tydens hierdie jaarvergadering aanvaar (ZAATLK 1923a:5):

- W.M.R. Malherbe stel voor dat, onder die nuwe reëling, 'n permanente Kommissie benoem moet word (Brümmer sekondeer);
- Brümmer stel die Voorsitter van die Akademie voor as *ex officio*-voorsitter van die Hertzogpryskeurkommissie en die Kommissie vir Taal en Lettere (W.M.R. Malherbe sekondeer) (let wel: **hier is nog steeds sprake van twee afsonderlike Kommissies**);
- Brümmer stel voor dat die Kommissie vir Taal en Lettere beperk word tot vier lede (minister F.S. Malan sekondeer).

In verband met die Hertzogprys skryf W.M.R. Malherbe op 21 Maart 1923 aan Preller (KOR 8/3):

Ek stuur jou onder afsonderlike koeverte vyf manuskripte wat vir 1922 ingekom het vir die Hertzogprys. **Dr. Engelenburg, le Roux** [sic] en **jy** is benoem as Kommissie om die stukke na te sien. Soos jy seker al uit die notule gesien het, **word in vervolg die stukke nie meer ingestuur nie**. Die Kommissie bestaande uit die Voorsitter van die Akademie as Konvener en die Kommissie vir Taal en Lettere (die voorsitter en die lede van daardie Kommissie **vorm 'n nuwe Kommissie**) sal in vervolg **die letterkundige werke in Afrikaans wat elke jaar tussen 1 Januarie en 31 Desember verskyn nagaan** en die stuk die prys toeken wat in aanmerking behoort te kom. Jy sien dus: **dit geld voortaan stukke wat reeds verskyn het in die jaar waarvoor die prys beskikbaar is**. Hoe hulle die saak gaan inrig, is hulle saak, daaromtrent het die vergadering hom nie uitgelaat nie.

(Ek benadruk.)

Malherbe interpreteer die nuwe Hertzogprysreëlings dat skrywers nie die opsie sou hê om werk in te stuur nie, en dat net gepubliseerde werk in aanmerking kom. **Die Kommissie sou self moes kennis neem van alle werk wat beoordeel kon word.**

Le Roux is later vervang deur prof. J. Kamp van Potchefstroom (Nienaber 1965a:162). In *Bulletin I(5)* (ZAATLK 1923e:6-7)¹¹⁹ word as lede van die Keurkommissie vermeld dr. F.V. Engelenburg (Pretoria), prof. J. Kamp (Potchefstroom) en G.S. Preller (Pretoria). Preller laat Kamp in Potchefstroom op 11 Mei 1923 per brief weet (KOR 8/4):

119 Die *Bulletin* van Julie 1923 word aangedui as nommer 4, en dié van September 1923 as nommer 5. Gevolglik heers onduidelikheid oor die nommer van die Augustus 1923-uitgawe. (Al drie uitgawes is ook gemerk Deel I). Op die kopie beskikbaar in die Staatsbiblioteek, is die nommer van die Augustus-uitgawe met die hand verander vanaf, wil dit voorkom, moontlik 'n nommer 3, na nommer 6. Dit skep verwarring aangesien Julie, Augustus en September dus onderskeidelik deel 4, 6 en 5 is. Nienaber (1965a) verwys na die Augustus-uitgawe as nommer 5 (onder andere op bladsy 20, 49 en 50), en so word dit ook ingeskryf in die pryswennerstabel agterin *Die Hertzog-Taalfonds* (ZAATLK s.j. b:11). In die tweede *Bulletin* wat gedurende Maart 1924 verskyn (ZAATLK 1924c:10), word die Augustus-uitgawe van 1923 ook aangedui as nommer 5. Preller verwys die persone wat in 1922 werk ingestuur het vir die Hertzogprys, na die uitslae en kommentaar soos dit verskyn in die *Bulletin* van Augustus 1923, en noem dit nommer 5 (KOR 9/2: 17 Januarie 1924 – Akademiesekretaris aan Dirk Mostert, mnr. A.J. van der Walt, mnr. A.J. Botha, mej. Maria J. Vorster en mej. Helena van der Walt). Ook D.F. Malherbe noem in 'n brief aan Preller, gedateer 16 November 1926, die Augustus-uitgawe nommer 5 (Nienaber 1965a:22). Om verwarring uit te skakel, word die Augustus-uitgawe vir die doeleindes van hierdie proefskrif beskou as deel I, nommer 5 (ZAATLK 1923e), en die September-uitgawe as deel I, nommer 6 (ZAATLK 1923f).

Onder afsonderlike, aangetekende omslag word U toegestuur die opstelle, soos ons dit van dr. [W.M.R.] Malherbe ontvang het, ingestuur vir die Hertzog-prijs 1922. Tegelyk hiermee stuur ik U tewens die rapport van dr. Engelenburg daaroor, waarbij ik mij aansluit.

Ik sal blij wees om die opstelle so gou molik van U terug te ontvang, tesame met uw rapport.

In *Bulletin I(5)*, Augustus 1923 (ZAATLK 1923e:6-7) word ook genoem dat die laaste vyf inskrywings ontvang is.

Die **deelnemingsvoorwaardes** vir Hertzogfondsprysinskrywings **vir die jaar 1922** – ’n kennisgewing onderteken deur W.M.R. Malherbe – **het nog soos volg daar uitgesien** (KOR 7/1):

1. ’n Prys van Sewentig Pond Sterling word beskikbaar gestel vir die beste letterkundige werk in Afrikaans, wat by my, die Sekretaris van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns **ingestuur moet word** binne die tyd hieronder nader aangegee.
Alleen eerste rangswerk kom vir die prys in aanmerking.
2. Die ingestuurde stukke moet geskryf wees net op een kant van die papier in **duidelik leesbare handskrif** of **masjienskrif**. Die stukke mag ook **gedruk** wees, en dan op altwee kante van die papier.
Geen stuk, wat reeds aan die publiek beskikbaar gestel is of in die pers of tydskrifte bespreek is, kom vir die prys in aanmerking nie.
3. **Die ingestuurde stukke mag nie onderteken wees nie.** Die naam van die skrywer moet saamgestuur word in ’n geslote koevert wat ook ’n verklaring van die insender bevat dat die stuk is eie oorspronklike werk van die insender.
Die koeverte word eers oopgemaak nadat beslis is of, en so ja, aan watter stuk die prys toegeken sal word. Ter identifikasie moet sowel as die koevert, vooraan buite op, as op die stuk, bo aan op die eerste bladsy, voorsien wees van ’n spreuk.
4. **Al die ingestuurde stukke word aan die insenders teruggestuur.** Daarvoor moet voldoende posseëls bygevoeg word.
5. Die skrywer van die bekroonde stuk behou die kopiereg daarvan. Hy kan die stuk vir sy eie rekening uitgee of daarmee handel naar verkiesing.
6. Met uitsondering van Suidafrikaanse studente wat in die buiteland gevestig is vir die voortsetting of voltooiing van hulle studies, kan alleen persone wat in Suidafrika woonagtig is meeding vir die prys.
7. Die meedingende stukke moet in die besit wees van die Sekretaris van die Akademie (Posbus 273, Pretoria) voor of op 31 Desember 1922.
8. Deelnemers moet hulle onvoorwaardelik neerleg by die beslissing van die Akademie.

Die voorwaardes gestel vir die 1922-inskrywings verskil in sekere opsigte van dié wat geldig was vir byvoorbeeld die 1919-werke (kyk bladsy 67). Uit die veranderinge wat ingetree het, kan afgelei word dat kennis geneem is van die eerste twee besware gelug deur G.R. von Wielligh in *Die Huisgenoot* van Februarie 1920 (bladsy 68):

- Waar daar vir die 1919-inskrywings verwag is dat van “masjieneskriif” gebruik gemaak moet word, is die bepaling in 1922 dat “duidelik leesbare handskrif of masjieneskriif” aanvaarbaar is.
- By die 1922-regulasies word bygevoeg:
 - dat gedrukte werk ook in aanmerking kom, met uitsondering van stukke wat reeds aan die publiek beskikbaar gestel is of in die pers of tydskrifte bespreek is;
 - dat al die stukke na die insenders toe teruggestuur sal word indien posgeld verskaf word;
 - dat die skrywer van die bekroonde stuk die kopiereg daarvan behou, en
 - dat deelnemers hulle onvoorwaardelik moet neerlê by die Akademiebeslissing.
- Die 1919-voorwaarde dat skrywers hulle stiptelik moet hou by die spelreëls soos vasgestel deur die Akademie, word nie herhaal nie.

Vir die 1922-inskrywings sou skrywers nog steeds anoniem bly totdat die beoordeling afgehandel is, ongeag Von Wielligh se derde opmerking dat die gebruik van ’n skuilnaam onnodig is (kyk bladsy 68).

Die 1922-inskrywings blyk, op een uitsondering na, prosa van swak gehalte te wees. 5

In ’n skrywe aan Preller, gedateer 9 Augustus 1923, noem Kamp die inskrywings “beschamend” (KOR 8/5). Selfs die beter inskrywing het nog skaafwerk gekort. Na aanleiding van die Hertzogprysbeoordelingslede (Engelenburg, Kamp, Preller) se verslae, publiseer Preller in die *Bulletin* van Augustus 1923 (ZAATLK 1923e:6-7) die volgende besluit:

Ingevolge hierdie rapport van die Kommissie, werd derhalwe besluit om vanjaar g’n prys toe te ken nie.

Dit is onbekend of hierdie besluit geneem is deur die Raad of deur Preller. Aangesien die 1923-jaarvergadering reeds op 17 Februarie plaasgevind het, en die volgende een eers op 16 April 1924 gehou is, kan afgelei word dat die besluit oor die Hertzogprys nie vir kennisname aan die Jaarvergadering voorgelê is nie.

Geen manuskrip van ’n drama is ingestuur vir beoordeling nie. Die volgende werke is in 1922 gepubliseer, maar sou nie in aanmerking kon kom nie aangesien die skrywers nie anoniem sou wees nie:

- Celliers, Jan F.E. *Reg bo reg of Die doel heilig die middele: Afrikaanse toneelspel in vyf bedrywe* (Van Schaik)
- De Waal, P. *Ongeswaai* (Nasionale Pers)
- Malherbe, D.F. *Die blom van Orleans: sangspel*¹²⁰ (die enigste toneelstuk wat opgeneem is in *Rivier en veld*) (Nasionale Pers)
- Moll, A.M. *Die seun van die bywoner* (Nasionale Pers).

Jaarboek I tot XII van die Akademie het jaarliks verskyn vanaf 1910 tot en met 1922, met die uitsondering van 1921. Eers weer vir die jare 1938/1939 het 'n jaarboek die lig gesien – genommer *XIII*.¹²¹ Vandat Preller in Februarie 1923 by W.M.R. Malherbe oorgeneem het as Sekretaris, is Akademienuus nie meer opgeneem in 'n jaarboek nie, maar in 'n publikasie getiteld *Bulletin* (soms gespel *Bulletien*). Hierdie nuusblad het verskyn vanaf April 1923 tot September 1925, en weer, op ongereelde basis, vanaf November 1930 tot Desember 1937.¹²²

Preller plaas die oorspronklike *Schenkingsbrief* in die tweede uitgawe van *Bulletin*, Mei 1923 (ZAATLK 1923b:3-4), en merk in 'n voetnota op (ZAATLK 1923b:4):

Die nuwe regeling tree vanjaar [1923] in werking, sodat voortaan nie meer **gevra** sal word om insending van werke nie, maar **uitgewers en skrywers** gedurende die jaar **gepubliseerde werke** aan die Sekretaris **sal instuur**.

[Ek benadruk.]

Hierdie interpretasie van Preller sou kon beteken dat die onus op **uitgewers**¹²³ geplaas is om die Akademie op hoogte te bring van publikasies wat in aanmerking sou kom vir die prys, maar dat skrywers self ook nog die opsie sou hê om werk in te stuur.

Ook in die *Bulletin* van Augustus 1923 (ZAATLK 1923e:6-7) kom die briefwisseling met Hertzog en die **nuwe prosedure** ter sprake, en word genoem dat daar

120 Weens die feit dat dit 'n sangspel is, sou dit waarskynlik nie in aanmerking kon kom nie.

121 Die nuwe reeks *Jaarboeke* is vanaf 1961 jaarliks gepubliseer tot en met die opskorting daarvan in 1990.

122 *Bulletin* het in 1923 maandeliks verskyn vanaf April tot September, en gedurende 1924 in Januarie, Maart (twee uitgawes), April, Mei, Augustus, September en November; die 1925-uitgawe is gepubliseer in Februarie, Junie, Julie en September. Dit vorm deel I, nr. 1-18. Daarna is die blad sporadies gepubliseer vanaf November 1930 tot Oktober 1932 (deel II, nr. 1-8), Junie 1933 tot November 1934 (deel III, nr. 9-16), April 1935 tot Desember 1936 (deel IV, nr. 1-8) en Desember 1937 (deel V, nr. 1).

123 Raadpleeg eindnota 20 op bladsy 522 in verband met die rol van uitgewers.

... voortaan **nie meer gevra** [sal] word om **insending** van opstelle vir die Hertzog-prys, **soos tothiertoe gedaan** werd, maar **alle letterkundige werke** wat gedurende die jaar verskyn, vir die prys in aanmerking kom.

Die Raad van die Akademie sal nog nader in oorweging neem hoe dit in besonderhede gereel [sic] moet word, en waarskynlik sal hy verlang, dat skrywers van werke wat reken dat dit in aanmerking kan kom vir die prys, **hulle werke** aan die Sekretaris **moet opstuur**. Inmiddels word lede en ander belangstellendes gevra om kennis te neem van die wysiging, en nie meer te verwag dat daar **gevra** sal word om **insending van opstelle** nie.

(Ek benadruk.)

Die herhaalde stelling dat daar voortaan nie meer gevra sou word om insending van werke/opstelle nie, kon dalk verwys na advertensies in *Die Huisgenoot* wat die Hertzogprys onder aandag van die publiek gebring het, byvoorbeeld in die uitgawes van Augustus 1919, September 1920 en Februarie 1922. Tog het daar ná hierdie Mei- en Augustus 1923-*Bulletins* weer kennisgewings in verband met die Hertzogprys verskyn in, onder andere, *Bulletin* (kyk bladsy 94), *Die Huisgenoot* (kyk bladsy 103) en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (kyk bladsy 113 en 127). 'n Ander moontlike verklaring vir die stelling is dat skrywers vroeër soms letterlik by monde gevra is om werk voor te lê vir beoordeling,¹²⁴ en dat Preller die nuwe reëling aanvanklik vertolk het as sou dit beteken dat skrywers nie meer direk gevra sal word om werk in te stuur nie, maar sêlf die inisiatief moes neem om werk in te stuur. **Alle werk wat gedurende 'n bepaalde jaar gepubliseer is, het dus nie aanvanklik outomaties in aanmerking gekom vir die prys nie.**

Hierdie vertolking van die **gewysigde prosedure** soos weergegee deur Gustav Preller, die Akademiesekretaris, is moeilik verklaarbaar:

- In die afwesigheid van Langenhoven was dit juis Preller wat die beskrywingspunt ingelei het dat die vereiste verval dat letterkundige werke wat vir die prys in aanmerking wil kom, ingestuur moet word (SAATLK s.j. a:25) (kyk bladsy 80);
- W.M.R. Malherbe het in sy brief van 21 Maart 1923 uitdruklik aan Preller te kenne gegee dat stukke in die vervolg nie meer ingestuur word nie (KOR 8/3) (kyk bladsy 83);
- Die verkeerde vertolking van die nuwe prosedure blyk uit die *Bulletin* van Mei en Augustus 1923. Tog plaas Preller al in die heel eerste *Bulletin*, April 1923 (ZAATLK 1923a:5), die notule van die jaarvergadering waartydens die brief van generaal Hertzog voorgelees is

124 In 1912 is daar voorgestel dat prysvrae uitgeskryf en bekwame persone gevra word om werke in te stuur (ZAATLK 1913a:35-36). Dit het blykbaar ook gebeur met die Hertzogprys. In *Die Huisgenoot* van 26 Maart 1965 meld L. Goosen, die argivaris van die S.A. Akademie, in 'n berig oor die Hertzogpryswenner Leon Maré:

Dr. W.M.R. Malherbe, die bekende regsgeleerde wat verlede jaar [1925] oorlede is, het die jong Leon aangemoedig om te skryf. ... Ook as Akademiesekretaris het dr. Malherbe hom herhaaldelik versoek om in te skryf vir die Hertzogprys.

waarin hy toestemming gee dat alle letterkundige werke wat in 'n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het, vir die prys in aanmerking sal kom (kyk bladsy 82).

3.2.7.2 Kommissie vir Taal en Lettere 1922/1923

Tydens die dertiende jaarvergadering, 17 Februarie 1923, is die volgende persone benoem tot lede van die Kommissie vir Taal en Lettere: dr. G. Besselaar, proff. D.F. Malherbe, T.H. le Roux en J.J. Smith (KOR 8/2: 19 Februarie 1923 – Akademiesekretaris aan T.H. le Roux; ZAATLK 1923a:5). Soos besluit, was dr. Engelenburg die *ex officio*-voorsitter van die Kommissie vir Taal en Lettere – die eerste keer sedert 1914/1915, dit wil sê na agt beoordelingsperiodes, dat Le Roux nie die konvenor was nie. Twee persone, naamlik Engelenburg en T.H. le Roux,¹²⁵ het vir die 1922/1923-termyn gedien in sowel die Kommissie vir Taal en Lettere as die Hertzogpryskeurkommissie. Geen verslag in verband met hierdie Kommissie se werksaamhede kon egter opgespoor word nie.

3.2.8 1923/1924

3.2.8.1 Die 1923/1924-Hertzogprys

Die Hertzogprys vir 1923-werke is bespreek tydens die Akademieraadsvergadering van 14 Maart 1924 (ARN in KOR 9/1; ZAATLK 1924c:10). Preller, die Akademiesekretaris, berig soos volg daaroor in die tweede Maart-*Bulletin* van 1924 (ZAATLK 1924c:10),¹²⁶ terwyl die 1924-jaarvergadering eers op 16 April plaasgevind het:

Ooreenkomstig besluit van die laaste Jaarvergadering [17 Februarie 1923], en die toestemming van genl. Hertzog, (Vgl. *Bulletin I*, bl. 4, en *Bulletin 5* bl. 6) werd vir 1923 nie spesiaal **gevra** om insending van opstelle nie, maar dit aan die **inisiatief van skrywers oorgelaat** om hul **gedrukte boekwerke in te stuur**.

(Ek benadruk.)

Niks word gerep oor die rol van uitgewers of die onus wat op die Hertzogprysbeoordelingskommissie gerus het om sêlf op hoogte te kom van publikasies nie. Teenwoordig by hierdie Akademieraadsvergadering waartydens dié verkeerde vertolking verleen is aan die veranderde prosedure, was drr. Engelenburg (Voorsitter), H.D. van Broekhuizen, N.M. Hoogenhout en Gustav Preller self (ZAATLK 1924c:1).

125 Le Roux is as lid van die Keurkommissie vir die Hertzogprys later vervang deur Kamp (kyk bladsy 83).

126 *Bulletin I(8)* én *I(9)* het in Maart 1924 verskyn.

Preller merk verder op (ARN 1924: 14 Maart in KOR 9/1; ZAATLK 1924c:10):

Die betreffende keurkommissie konstateer, dat die ingesonde boekwerke nie vir die prys in aanmerking kom nie, maar gee in oorweging of dergelyke boeke nie op ander wyse erken kan word nie.¹²⁷

Nienaber (1965a:162) dui aan dat die Keurkommissie bestaan het uit dr. F.V. Engelenburg as *ex officio*-voorsitter, asook proff. G. Besselaar (Pietermaritzburg), D.F. Malherbe (Bloemfontein), T.H. le Roux (Pretoria) en J.J. Smith (Stellenbosch). Geen ander bron ter bevestiging van hierdie name kon gevind word nie. Wat wél opgespoor kon word, is die brief waarna Nienaber verwys in *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a:50), naamlik dié van die Sekretaris aan J. Kamp (KOR 9/2: 14 Januarie 1924), waarin Van Bruggen (J.R.L.) se boek *Japie* gemeld word as Hertzogprysinskrywing. Alhoewel die boek in 1922 gepubliseer is (Dekker s.j.:156; Kannemeyer 1984:197),¹²⁸ is dit ingestuur vir die 1923/1924-toekenning. In hierdie brief merk die Sekretaris (Preller) ook teenoor Kamp op:

Dr. Engelenburg verlang dat U, hy en ik wederom optreden moeten als beoordelingskommissie.

Die woord “wederom” verwys na die 1922/1923-beoordeling wat wel waargeneem is deur Engelenburg, Kamp en Preller (kyk bladsy 83). Op 11 Februarie 1924 skryf Engelenburg aan Preller (KOR 9/3):

Op uw verzoek¹²⁹ het ik aangenomen om een der beoordelaars te zijn van *Japie*. Geliewe hiernevens mijn beoordeling en voorstel te vinden.

Dit kom dus voor asof slegs een werk ingestuur is vir beoordeling, alhoewel Preller melding gemaak het van “ingesonde boekwerke” (ek benadruk). In sy verslag (KOR 9/3: 11 Februarie 1924) beveel Engelenburg aan dat die Akademie ter aanmoediging aan J.R.L. (Kleinjan) van Bruggen ’n bedrag van

127 Die Akademievoorsitter, Engelenburg, stel voor dat dit gebeur by wyse van ’n medalje (ZAATLK 1924C:9).

128 Ook in *Die Huisgenoot* van April en Augustus 1923 (557; 187) word in onderskeidelik die rubriek oor nuwe publikasies wat ontvang is, en ’n bespreking deur J. du P. Scholtz, gemeld dat *Japie* in 1922 gepubliseer is – deur Swets en Zeitlinger, Amsterdam.

129 In Preller se 14 Januarie 1924-brief aan Kamp (KOR 9/2) (kyk bladsy 89) het Preller te kenne gegee dat Engelenburg verlang dat hyself, Kamp en Preller die beoordeling moes waarneem. **Uit hierdie 11 Februarie-brief van Engelenburg aan Preller blyk dit dat dit Preller self was wat die Kommissie voorgestel het.**

... vyftig p. st.¹³⁰ zal toekennen of zodanig geringer bedrag als met de financien der Akademie zal overeenkomen.

'n Sterk moontlikheid bestaan dus dat hierdie drie persone wel besluit het oor die 1923/1924-Hertzogprys en dat die name wat Nienaber (1965a:165) verskaf, dié is van die Kommissie vir Taal en Lettere (kyk bladsy 94).

Watter werk benewens *Japie* voorgelê is vir beoordeling, indien enige, is onbekend. **Vir 1923-werk is weer geen Hertzogprys toegeken nie – die vierde jaar sedert 1919 waarin geen werk bekroningswaardig geag is nie.**

Die volgende werke van dramatiese aard is in 1923 gepubliseer, en was veronderstel om outomaties in aanmerking te kom vir die prys, maar aangesien die prosedureverandering verkeerdelik geïnterpreteer is dat skrywers nog steeds self hulle werk moes instuur (hulle sou net nie meer gevra word nie), is dit onbekend of hierdie werke voorgelê is vir beoordeling:

De Waal, P.	<i>Die bekeerde Jodin</i> (Nasionale Pers)
Fagan, H.A.	<i>Lenie: 'n toneelstuk in drie bedrywe</i> (Nasionale Boekhandel)
Hermanus. (ps. van H.J.M. Redelinghuys)	<i>Verlief, verloof en daarna</i> of <i>Die waarde van 'n ware vriend: 'n toneelstukkie in drie bedrywe vir sewe of ag here en vier of vyf dames</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy)
Leipoldt, C. Louis.	<i>Die heks</i> (Nasionale Pers) ¹³¹
Otto, G.J.	<i>Kennis is mag</i> (die skrywer – Bloemfontein)
L., S.H.	<i>Die afskeidsparty</i> (J.H. de Bussy)
Smal, Danie.	<i>Moeder</i> (Noordelike Drukkers) <i>Wie moet trou?</i> (Van Schaik).

130 Pond Sterling

131 Ook opgeneem in die gesamentlike uitgawe van *Die heks* en *Die kwaksalwer* deur Nasionale Pers (1938), afsonderlik gepubliseer deur Nasionale Boekhandel (1960) en *Academica* (1966); opgeneem in T.T. Cloete se *Vyfling* (1966), in die gesamentlike uitgawe van *Die heks* en *Die laaste aand* deur Tafelberg (1981) en in J.P. Smuts se *Triptiek* (1986).

In ag genome die gehalte van *Die heks* deur Leipoldt, volgens Dekker (s.j.:402) “die eerste werklike drama in ons letterkunde”,¹³² is hierdie werk waarskynlik nie ingestuur vir beoordeling nie. **Dit is wel in 1923 gepubliseer,¹³³ maar weens die verdraaide interpretasie van die verandering in die Hertzogprystoekenningsprosedure, het die Akademie steeds verwag dat werke ingestuur moes word en het hulle nie *Die heks* in aanmerking geneem vir bekroning, soos wat ten regte moes gebeur het as die verandering wat Langenhoven voorgestel, en Hertzog goedgekeur het, reg uitgevoer is nie.**

Met betrekking tot sekere toekennings verdedig Nienaber die Akademiebesluite en merk tereg op dat die instansie nie verwyd kan word “dat boeke nie bekroon is toe hulle bekroon moes gewees het” as die skrywers nie die werk ingestuur het vir beoordeling soos aanvanklik [tot einde 1922] die reëling was nie (1965a:106). Hierdie argument is egter ongeldig teen die aanklag dat Leipoldt oor die hoof gesien is.

Hoe Nienaber self in die geval van *Die heks* verkeerde inligting verskaf, al wys hy self op die fout wat ander mense maak met betrekking tot Hertzogprystoekennings (kyk voetnota 61 op bladsy 53), blyk uit die volgende uitspraak van hom (1965a:106):

Vanaf 1914¹³⁴ tot einde 1922 was die Hertzogprys ’n wedstryd en, of ons nou daarvan hou of nie, die skrywers moes hierdie jare meeding vir die prys. Elke Desember moes die manuskripte ingestuur word, en as iemand nie sy manuskrip ingestuur het nie, het hy nie in aanmerking gekom vir die prys nie.¹³⁵ Dit was die reëls en die regulasies; die kuratore van die Akademie het nie ’n duim daarvan afgewyk nie, en tereg. As Toon van den Heever in 1919 nie sy *Gedigte* ingestuur het nie, en as Leipoldt dit nie gedoen het met *Die heks* in 1922 nie, dan kon hierdie werke nie bekroon word nie, en dan mag die Akademie nie na byna ’n halfeeu verwyd word dat die boeke nie bekroon is toe hulle bekroon moes gewees het nie.

Nienaber verdedig dus die versuim om *Die heks* te bekroon op grond daarvan dat Leipoldt nie die manuskrip van hierdie drama in 1922 ingestuur het nie. In 1943 het Nienaber self, in sy *Bibliografie van Afrikaanse boeke* (tweede druk 1956:652), die verskyningsdatum van hierdie

132 Leipoldt ontvang in 1944 die Hertzogprys vir *Die heks* en *Die laaste aand* (kyk bladsy 226-?).

133 Die 1944-Hertzogprysverslag dui ook die publikasiedatum aan as 1923 (kyk bladsy 229).

134 Die datum moet 1915 wees.

135 Grové merk in die gedenkuitgawe *Akademie 75* (1984:42) op dat alle werke wat in ’n betrokke jaar verskyn het “na 1923” vanself in aanmerking gekom het. Die verskaffing van die verkeerde datum, naamlik “na 1923” in plaas van “vanaf 1923”, verdoesel die versuim om *Die heks*, nie net as manuskrip nie, maar ook as publikasie, te bekroon.

werk aangedui as 1923.¹³⁶ Die indruk ontstaan dat die datum in die Hertzogpryspublikasie aangetoon is as 1922 juis om die Akademie se versuim om die 1923-publikasie in aanmerking te neem, te probeer regverdig. Die onnoukeurigheid en vaagheid van die volgende uitspraak en die gevolglike verwarring wat dit skep met betrekking tot *Die heks*, dra by tot die vermoede dat die ware publikasiedatum van hierdie drama doelbewus verswyg is: Nienaber (1965a:50) sê daar is

...[o]ok vir 1923 geen prys toegeken nie. Uit die korrespondensie blyk dit dat *Japie* (1922) van J.R.L. van Bruggen meegeding het vir die prys van 1923. ... Ook Dirk Mosterd het in Desember 1922 'n bundel "Sketse en Verhale" ingestuur.

Aangesien Nienaber in sy voorafgaande paragrawe meld dat geen toekenning gemaak is "[v]ir die jare 1920 en 1921" en "[v]ir die jaar 1922" nie, en die jaartalle dui op die jaar van inskrywing, dui bostaande verwysing dus op werke ingestuur gedurende 1923 (per implikasie dan vir aankondiging van die wenners in 1924). Dit is waar dat geen 1923-inskrywing gedurende 1924 as wenner aangewys is nie, maar twee onduidelikhede in Nienaber se stelling moet uitgeklaar word:

- die gebruik van die voorsetsels "vir" en "van" 1923 skep verwarring: J.R.L. van Bruggen (Kleinjan) het, soos reeds aangetoon (kyk bladsy 89), sy werk *Japie*, alhoewel al in 1922 gepubliseer, gedurende 1923 ingestuur vir die toekenning wat in 1924 bekend gemaak moes word (die 1923/1924-prys) en kan tereg dien as voorbeeld van 'n 1923/1924-inskrywing;
- Dirk Mosterd se inskrywing is in Desember 1922 ingestuur vir die 1922/1923-prys (kyk voetnota 111 op bladsy 93), dus die vorige jaar se prys, en is nie 'n voorbeeld van 'n inskrywing vir die 1923/1924-toekenning waarvoor *Japie* in aanmerking gekom het nie.

Of Nienaber dus verwys na inskrywings ingestuur gedurende 1922 of 1923, is alreeds vaag. Direk hierna vervolg hy:

Ons weet nie watter boeke ingestuur is nie, ons weet nie of Preller se *Oorlogsoormag en ander sketse en verhale*, *Die Heks* en *Uit drie wêrelddele* albei van Leipoldt, onder hulle aandag gekom het nie.

136 Ook in *Die Huisgenoot* (Oktober 1923:281) is 1923 genoem as die publikasiedatum.

Aangesien beide *Oorlogsoormag en ander sketse en verhale* en *Uit drie wêrelddele* in 1923 gepubliseer is, impliseer Nienaber hier dus dat ook *Die heks* wel in 1923 verskyn het.¹³⁷ Nienaber se argument word afgesluit met die volgende stelling:

Ons moet aanneem dat *Die Heks* nie vir beoordeling ingestuur is nie, en om daardie rede nie bekroon is in 1923 nie.

Weer eens skep die voorsetsel wat Nienaber gebruik, naamlik “in (1923)”, onsekerheid: bedoel hy:

- dat *Die heks* in 1923 vir 1922-werk (wat ’n verkeerde publikasiedatum is) bekroon moes word, of
- dat hierdie drama wel in 1923 gepubliseer is en in 1924 in aanmerking moes kom?

Nienaber se uitsprake waaruit afgelei moet word wat hý as die publikasiedatum van *Die heks* beskou, is uiters vaag en dus verwarrend. Dit is wel waar dat Leipoldt waarskynlik nie *Die heks* ingestuur het vir beoordeling nie, maar, soos reeds aangetoon, was dit veronderstel om as gepubliseerde drama outomaties in aanmerking te kom.

Vir werk wat in 1916, 1918 en 1920 tot 1923 voorgelê is aan die Keurkommissie, is dus geen Hertzogprystoekenning gemaak nie.¹³⁸

137 Onmiddellik hierna maak Nienaber die afleiding dat hierdie drie werke nie ingestuur is vir beoordeling nie, en gebruik die daaropvolgende (die 1924/1925-) bekroningsjaar se bepalings ter stawing van sy argument:

Ons moet aanneem van nee, want in *Bulletin* nr. 11 (Mei 1924) [ZAATLK 1924e] word aan skrywers bekend gemaak dat die Akademie tot einde Maart 1925 “inwag die ontvangs van boekwerke, waarmee die outeurs wil meeding na die Hertzogprys vir 1924 ... Mededingers moet instuur die gedrukte boek en nie hul manuskrip nie.” [Kyk bladsy 94]

Die onus het dus nog steeds op die skrywer gerus om sy boek in te stuur; alle boeke van die betrokke jaar is nie outomaties in aanmerking geneem nie.

Nienaber sou die volgende opmerking van Preller oor die 1923/1924-prys (kyk bladsy 88-88) self as bewys kon aanvoer dat inskrywings nog steeds ingestuur moes word, **alhoewel dit ’n verkeerde vertolking van die prosedure was:**

Ooreenkomstig besluit van die laaste Jaarvergadering, en die toestemming van genl. Hertzog ... werd vir 1923 nie spesiaal gevra om insending van opstelle nie, maar dit aan die inisiatief van skrywers oorgelaat om hul gedrukte boekwerke in te stuur.

138 Weens die tekort aan bekroonbare werk, is in *Die Huisgenoot* (Julie 1923:113-114) aangekondig:

Daar word dikwels geklae dat gedurende die laaste paar jaar daar byna nie ’n goeie Afrikaanse roman gepubliseer is nie.

Om skrywers aan te moedig om iets goeds op hierdie gebied te lewer en die Afrikaanse letterkunde te help opbou, het die firma J.L. van Schaik, Bepk.[sic], Pretoria, nou besluit om ’n aantal pryse uit te loof vir die beste oorspronklike roman in Afrikaans.

Interessant dat dit ’n wedstryd was spesifiek vir romans, en nie vir poësie en drama nie.

3.2.8.2 Kommissie vir Taal en Lettere 1923/1924

Die 1923/1924-Kommissie vir Taal en Lettere het, soos vir die 1922/1923-tydperk, bestaan uit prof. dr. T.H. le Roux (Pretoria), prof. dr. D.F. Malherbe (Bloemfontein), prof. J.J. Smith (Stellenbosch) en dr. G. Besselaar (Pietermaritzburg) (ZAATLK 1924b:2). Net dr. F.V. Engelenburg (Pretoria) was gedurende hierdie periode op die Kommissie vir Taal en Lettere én die Keurkommissie vir die Hertzogprys – in beide gevalle as *ex officio*-voorsitter. As Akademiesraad- en *ex officio*-voorsitter meld hy in 'n verslag gedateer 9 April 1924 dat die werksaamhede van die Kommissie vir Taal en Lettere genoegsaam blyk uit die gepubliseerde vergaderingnotules van die Dagbestuur en die Akademiesraad. Volgens hom sou enkele voorstelle, ressorterend onder die funksies van die Kommissie, ter goedkeuring voorgelê word aan die Jaarvergadering (KOR 9/5; ZAAATLK 1924e:5). Wat hierdie Kommissie se werksaamhede spesifiek met betrekking tot die bevordering van bellettrie was, is onbekend.

3.2.9 1924/1925

3.2.9.1 Die 1924/1925-Hertzogprys

Gustav Preller het as Akademiesekretaris tydens die 14 Maart 1924-Akademiesraadsvergadering opdrag gekry om in 'n volgende *Bulletin*, en ook deur middel van die pers, aan skrywers bekend te maak dat die Hertzogprys vir 1924 in daardie stadium beskikbaar was (ARN 1924: 14 Maart in KOR 9/1; ZAAATLK 1924c:10). In *Bulletin I(11)*, Mei 1924 (ZAAATLK 1924e:2-3) is kennis gegee van die letterkundige prys vir 1924/1925:

Op las van die Akademie Raad word hiermee aan letterkundiges en skrywers bekend-gemaak, dat die Akademie tot einde Maart 1925 a.s. **inwag die ontvangs van boekwerke**, waarmee die outeurs wil **meeding** na die Hertzog-prys vir 1924, bestaande uit die som van £75.

Meedingers na die prys geliewe te let op die navolgende voorwaardes:

1. Die prys is 'n erebeloning vir die skrywer of skryfster van die beste letterkundige werk van belletristiese aard.
2. **Meedingers moet instuur die gedrukte boek, en nie hul manuskrip nie.**
3. Insendings van meedingende boekwerke, wat beantwoord aan die omskrywing in par. 1 hierbove, moet geskied aan die Sekretaris van die Suidaf. Akademie, Posbus 389, Pretoria, en moet hom bereik voor of op 31 Maart 1925.
4. Die Akademie se betreffende Kommissie is die beoordeelaars [sic], en hulle oordeel is finaal. [Hier word nie aangedui dat die Akademiesraad die finale stempel op die kommissiebesluit plaas nie.]
5. Die Akademie is nie gehou om die prys toe te ken wanneer na die opinie van sy beoordeelaars [sic] die ingesonde werke nie aan die gestelde eise beantwoord nie.

(Ek benadruk.)

Punt 2 benadruk dat **steeds verwag is dat inskrywings ingestuur moes word**. Dit is ook belangrik om te let op:

- die **verswyging** van Preller se 1922/1923-interpretasie wat die **onus ook op uitgewers** geplaas het om publikasies aan die Akademiesekretaris te stuur (kyk bladsy 86);
- die eis dat werk **gedruk** moes wees – **geen manuskripte** sou meer in berekening gebring word nie;
- die **sluitingsdatum** vir ontvangs van inskrywings wat **verander vanaf Desember**¹³⁹ 1924 tot 31 Maart 1925, en
- die verlenging van die sluitingsdatum tot 31 Maart wat veroorsaak dat **nie meer suiwer kalenderjare** ter sprake is **nie**.¹⁴⁰ Vir die 1924/1925-toekenning kom nie net boeke wat in 1924 gepubliseer is in aanmerking nie, maar ook boeke wat in die eerste drie maande van 1925 verskyn het.¹⁴¹ Die feit dat nie meer gehou is by kalenderjare nie, bemoeilik die latere vasstelling van watter boeke vóór en ná die afsnydatum gepubliseer is ten einde outomaties in aanmerking te kon kom vir die Hertzogprys.

Tydens 'n Akademiesaadsvergadering, gehou op Maandag 9 Februarie 1925 in die kantoor van die Sekretaris, Gustav Preller, kom 'n brief van dr. E.C. Pienaar (Stellenbosch) aangaande die persone wat vir die beoordeling van die Hertzogprys in 1925 verantwoordelik sou wees, aan die orde (ARN – in KOR 11/4; ZAATLK 1925a:5).¹⁴² Preller deel die vergadering mee dat die Akademie, wat die beoordeling betref, nie deur die skenkingsakte gebonde is aan 'n bepaalde liggaam nie en voeg by dat die Raad in vorige jare 'n Keurkommissie aangewys het, meestal uit

139 Die skenkingsakte het bepaal: “Alle letterkundige produkte ... zullen in de maand December van elk jaar ingezonden worden” (Reitz 1914:3).

140 Die jaartal-opskrifte dui gevolglik, tot en met die 1926/1927-toekenningsjaar, op beide die jaartalle se werk wat in aanmerking kon kom, as die jaar waarin die toekenning bekend gemaak is. (Kyk ook voetnota 61 op bladsy 53 en voetnota 185 op bladsy 124.) Hierdie wegbeweeg van kalenderjare het onnodige probleme geskep, maar vanaf die 1940-toekenning is weer teruggekeer na suiwer kalenderjare (kyk bladsy 190).

141 Nienaber dui die tydperk aan as 1 April 1924 tot 31 Maart 1925 (1965a:52 en 163). Ook in die verslag van die Kommissie gemoeid met die Hertzogprystoekenning vir 1924 wat in 1925 toegeken is, word verwys na die jaar April 1924 tot Maart 1925 (ZAATLK 1925c:5 en 1925d:2). Die aankondiging van die prys wat beskikbaar is vir die periode 1924/1925, soos bekend gemaak in *Bulletin I(11)*, Mei 1924 (ZAATLK 1924e:2-3), meld egter net dat die Akademie tot einde Maart 1925 ontvangs van werke inwag. Die 1924-tydperk word dus net verleng en nêrens word aangedui dat werke wat gedurende die periode 1 Januarie tot 31 Maart 1924 verskyn het, nié in aanmerking sou kom vir die prys nie. Die Kommissie wat in 1925 moes besluit oor die prys, het waarskynlik die werke wat gepubliseer is in die periode 1 Januarie 1924 tot 31 Maart 1925 in berekening gebring, en nié net die periode 1 April 1924 tot 31 Maart 1925 nie.

142 Nienaber dui self die lede van die 1924/1925 Kommissie vir Taal en Lettere aan. Tog beweer hy verkeerdelik dat hierdie Kommissie die beoordeling van die Hertzogprys moes waarneem en noem dat hulle niks in dié verband gedoen het nie (1965a:40). Soos herhaaldelik blyk, het die Akademiesaad meestal self spesifieke lede vir die beoordeling van die Hertzogprys voorgestel en/of voorstelle van die Akademiesekretaris goedgekeur. **Die beoordeling vir die Hertzogprys het nié by die Kommissie vir Taal en Lettere berus nie, alhoewel sommige lede daarvan soms wel daarby betrokke was.**

die lede van die Kommissie vir Taal en Lettere.¹⁴³ **Na ’n bespreking besluit die Raad om Pienaar, in sy hoedanigheid as konvenor van die Kommissie vir Taal en Lettere** (kyk bladsy 101), **te vra om ’n voorstel te maak**, gedagtig aan die raadsbesluit dat insenders tyd het tot einde Maart 1925 om hulle boeke in te dien.

Op 21 Februarie 1925 skryf die Akademiese sekretaris aan Pienaar (KOR 11/2):

Ooreenkomstig opdrag van die Akademie-Raad skryf ik U om ’n aanbeveling te doen met opsig tot die beoordeling van ingesonde boeke vir die Hertzog-prys.

U is bevoeg om ’n klein Kommissie te benoem (met of sonder Usself) uit die lede van die Letterkundige Kommissie van die Akademie, waarvan U konvenor is. Daar is tot hiertoe nog maar drie boeke¹⁴⁴ ingestuur – die twee van “Sangiro” en een van van Bruggen, en die kompetensie [sic] is oop tot einde Maart.

Hier word melding gemaak van ’n kleiner Kommissie wat die Hertzogprysbeoordeling moet doen, en dat hulle verkiesbaar is uit die Letterkundige Kommissie. **Die benaming “Letterkundige Kommissie” word hier gebruik in die plek van “Kommissie vir Taal en Lettere”**.¹⁴⁵

Pienaar betuig in ’n brief gedateer 5 Maart 1925 sy instemming met die besluit van die Akademieraad insake die beoordeling van boeke vir die Hertzogprys. Hy merk op (KOR 11/3):

Om die werk te bespoedig, lyk dit my gewens om die keurkommissie nie te groot te maak nie. Daarom wens ek drie lede voor te stel, t.w. prof. dr. S.P.E. Boshoff,¹⁴⁶ prof. dr. D.F. Malherbe (Blftn.) en ondergetekende.

Preller vestig Pienaar se aandag daarop dat dit nie noodsaaklik is om die hele prys van £75 slegs aan een werk toe te ken nie, maar dat dit die Kommissie vry staan om die prys te verdeel,

143 Nienaber wys daarop dat hierdie inligting wat deur die Sekretaris verskaf is, nie heeltemal juis is nie (1965a:40-41). Dit is nie duidelik presies watter aspek Nienaber as onwaar beskou nie.

144 In die Mei 1924-*Bulletin* is as een van die deelnemingsvoorwaardes gestel dat gedrukte boeke ingestuur moet word, en nie manuskripte nie (kyk bladsy 94).

145 Waar die Kommissie vir Taal en Lettere ter sprake is by gebeure of in briewe vóór hierdie Februarie 1925-brief, word vervolgens nog na hulle verwys as die Kommissie vir Taal en Lettere.

146 S.P.E. Boshoff het in die eerste prysvraag van die Akademie ’n tweede prys van £5 ontvang (kyk bladsy 43), en is die skrywer van *Jannies, Johnnies en Jantjies* (1917) wat opgevoer is tydens die openingsaand van die agtste jaarvergadering te Potchefstroom op 21 September 1917 (kyk bladsy 59).

byvoorbeeld deur die helfte (of 'n deel) aan 'n digter en 'n deel aan 'n prosaïst toe te ken (KOR 12/1: 28 Mei 1925). Verder merk Preller op:

Ik moet in dieselfde verband onder uw aandag bring dat 't volstrek nie nodig is om slegs vir mededinging ingestuurde werke in aanmerking te laat kom nie, maar dat U in aanmerking mag neem alles wat in terme van die skenking in aanmerking kom en gedurende die beoordelings-jaar [sic] verskyn het. Daarom moet ek uw aandag vestig ook op die roman van Maria [sic] Linde,¹⁴⁷ en op die verse van Visser (Heidelberg).

Nou eers, in 1925, lê Preller daarop klem dat alle gepubliseerde werke outomaties in aanmerking kom.

In 'n volgende brief aan Pienaar, gedateer 5 Junie 1925, maak Preller 'n belangrike uitspraak in verband met prosedure (KOR 12/1):

Vroeër werd dergelike verslae [in verband met die Hertzogprys] ook gegee eers aan die jaarvergadering; maar U sal dit eens wees met my dat dit nie so behoort te wees nie, en dat die pryse uitgekeer kan word voor die jaarvergadering.

Nie alle verslae van die Hertzogpryskeurkommissie is egter aan die Jaarvergadering beskikbaar gestel voordat die uitslae bekend gemaak is, soos Preller beweer nie. Jochem van Bruggen het byvoorbeeld die Akademie in Desember 1917 bedank vir sy prys – vóór die volgende jaarvergadering wat eers in Julie 1918 plaasgevind het (kyk bladsy 61). Ook die beslissing dat vir 1922-werke geen toekenning gemaak word nie, is in Augustus 1923 in *Bulletin* (ZAATLK 1923e:6-7) gepubliseer terwyl die volgende (veertiende) jaarvergadering eers die volgende jaar in April plaasgevind het (kyk bladsy 85). Voor hierdie veertiende jaarvergadering is selfs nóg 'n nietoekenning bekend gemaak in *Bulletin* (ZAATLK 1924c:10), naamlik dié vir 1923-werk (kyk bladsy 89). As voorbeelde van Hertzogprysuitslae wat wél tydens 'n jaarvergadering bekend gemaak is, kan genoem word dié vir die 1915-, 1918- en 1921-inskrywings wat aangekondig is tydens onderskeidelik die sewende, tiende en twaalfde jaarvergadering.

Preller doen tydens 'n raadsvergadering gehou in sy kantoor die middag van 26 Junie 1925, verslag (KOR 12/1; ZAATLK 1925c:2):

Aan Dr. Pienaar, konvener [sic], is geskryf dat die jaar in Maart j.l. verloop het, en o.a. ook dat die Kommissie nie gehou is om slegs ingesonde boekwerke in aanmerking te neem nie. Inteëndeel, hulle kan enige boekwerk, wat beantwoord aan die Skenkings-

147 Marie Linde was die skuilnaam van mej. Elise Bosman van Kaapstad (ZAATLK 1925c:6) – Elizabeth Johanna Bosman (1894-1963) (Kannemeyer 1984:198).

akte, in aanmerking neem, wat gedurende die jaar verskyn het **of wat nog nie in aanmerking gekom het vir die prys nie.**

(Ek benadruk.)

Weer blyk dit dat die ooreenkoms wat met generaal Hertzog aangegaan is, naamlik dat “alle letterkundige werke wat in ’n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het vir die prys in aanmerking sal kom” (ZAATLK 1923a:5), nou ten uitvoer gebring sou word. Skrywers het ook self die opsie gehad om werk in te stuur. **Preller sêlf voeg egter by dat nie net werke wat gedurende ’n bepaalde jaar verskyn het beoordeel sou word nie, maar ook boeke wat nog nie voorheen in aanmerking geneem is nie.**

Volgens dr. E.C. Pienaar (Stellenbosch) het prof. dr. T.H. le Roux¹⁴⁸ (Pretoria) en prof. dr. S.P.E. Boshoff (Potchefstroom) hom bygestaan met die beoordeling (ZAATLK 1925c:2). **Pienaar het dus self die mense wat hom moes help, gekies, en die name is nie soos gewoonlik eers weer aan die Akademiesraad voorgelê nie.**

Die Keurkommissie se verslag, gedateer 26 Junie 1925, gerig aan die Akademievoorsitter, is gepubliseer in twee uitgawes van *Bulletin*, naamlik Julie en September 1925 (ZAATLK 1925c:5 en 1925d:2), en begin soos volg:

In opdrag van die Akademie-Raad het ek die eer om aan u voor te lê navolgende rapport insake toekenning van die Hertzog-prys vir die beste letterkundige werk in Afrikaans wat gedurende die jaar April 1924 – Maart 1925 verskyn het.

Engelenburg, die Akademiesraadsvoorsitter, skryf op 1 Julie 1925 aan die wenner, Jochem van Bruggen (ZAATLK 1925c:5; 1925d:2-3):

Die verslag van die betreffende Akademie-kommissie is nou in my besit, en ek haas my om U te berig dat deur genoemde Kommissie die Hertzog-prys oor 1924 aan u werd toegeken.

Van Bruggen word gelukkigwens met sy werk *Ampie* en ’n tjeek van £75 by die brief ingesluit.

Die tweede keer dat die beoordelingsverslag in *Bulletin* verskyn (ZAATLK 1925d:2), word gesê dat Pienaar áán die Akademiesraad rapporteer, en net daarna word Pienaar aangehaal dat hy die

148 D.F. Malherbe het dus nie, soos Pienaar aanvanklik voorgestel het, deelgeneem aan die beoordeling nie, maar wel Le Roux. Dit kan daarmee verband hou dat D.F. Malherbe se drama *Die mense van Groenkloof* in 1925 gepubliseer is. Indien dit voor 31 Maart daardie jaar verskyn het, sou dit in aanmerking kom vir die 1924/1925-toekenning en sou Malherbe as outeur nie in die Keurkommissie kon dien nie.

verslag indien in ópdrag van die Akademiesraad. Of die Keurkommissie se verslag eers deur die Akademiesraad goedgekeur is, en of Engelenburg in sy hoedanigheid as Akademiesraadsvoorsitter die wenner ingelig het net op grond van die kommissieverslag, is onduidelik. As egter in berekening gebring word dat ’n Akademiesraadsvergadering in Pretoria plaasgevind het op 26 Junie 1925 waartydens genotuleer is dat die Kommissie “eersdaags” hulle verslag sou stuur (ZAATLK 1925c:2), dat die verslag van Pienaar, woonagtig in Stellenbosch, ook gedateer is 26 Junie 1925, dat die brief aan die wenner gedateer is 1 Julie 1925, en dat die vyftiende jaarvergadering eers sou plaasvind op 9 Oktober 1925, **wil dit voorkom asof die Akademiesvoorsitter die Kommissie se besluit as finaal aanvaar het** (soos bepaal deur die voorwaardes wat geadverteer is), **en dat die aanbeveling níe deur die Akademiesraad goedgekeur is nie.**

Volgens die Kommissie het drie prosawerke in terme van die skenkingsakte vir die 1924/1925-bekroning in aanmerking gekom, naamlik *Ampie* (Jochem van Bruggen), *Uit oerwoud en vlakte* (Sangiro)¹⁴⁹ en *Onder bevoorregte mense* (Marie Linde). Wat laasgenoemde twee werke betref, het daar egter twyfel bestaan omdat:

- *Uit oerwoud en vlakte* reeds in 1921 verskyn het (dus nie gedurende die beoordelingsjaar nie; die herdruk is wel gedurende die jaar gepubliseer);
- *Onder bevoorregte mense* reeds ’n bekroonde prysvraagwerk was. Volgens die Kommissie kon hierdie werk uitgeskakel word omdat dit naas die ander twee werke nie ’n dubbele bekroning verdien het nie (ZAATLK 1925c:5). Die toekenning wat hier geïmpliseer word, is die skryfster se ontvangs van die Van Schaik-bekroning – toegeken deur ’n “spesiaal gevormde Kommissie” (ZAATLK 1925c:6).

Die toekenning van ’n ánder prys het dus hier ’n rol gespeel in die besluit oor die Hertzogprysbekroning.

Die verslag word afgesluit met die stelling dat die Kommissie, onder gewone omstandighede, die prys waarskynlik sou verdeel tussen *Ampie* en *Uit oerwoud en vlakte*, maar omdat *Uit oerwoud en vlakte* reeds vroeër in aanmerking kon kom, en as herdruk nie in dieselfde posisie verkeer as *Ampie* nie, beveel die Kommissie aan dat die totale bedrag toegeken word aan Jochem van Bruggen.¹⁵⁰

149 Sangiro, skuilnaam vir A.A. Pienaar van Stellenbosch, het ook *Op safari* ingestuur vir die 1924/1925-Hertzogprys (KOR 10/4: aantekening s.d.). Die beoordelingsperiode vir dié prys het gestrek tot einde Maart 1925 (kyk bladsy 95). *Op safari* is in 1925 gepubliseer.

150 A.G. Visser het in 1925/1926 die verdeelde Hertzogprys gekry vir ’n tweede, vermeerderde druk van *Gedigte*, asook ’n onuitgegewe manuskrip (kyk bladsy 106), maar die Akademiesraad het tereg op 27 November 1926 amptelik **besluit dat geen tweede of verdere drukke in aanmerking sou kom nie** (kyk bladsy 113).

Al het Preller bygevoeg dat nie net werke wat gedurende die voorafgaande jaar gepubliseer is, die prys kon verower nie, maar ook werke wat nog nie voorheen in aanmerking gekom het nie, het juis die feit dat *Uit oerwoud en vlakke* se herdruk, en nie eerste druk nie, in die beoordelings-typperk verskyn het, tot die boek se nadeel gestrek wat betref kwalifikasie vir die Hertzogprys.

In 'n brief van P.C. Schoonees aan Preller, gedateer 15 September 1924 – nog voordat enige wenner aangekondig is – merk Schoonees terloops op dat hy in daardie stadium *Ampie* vir *Die Burger* geresenseer het en voeg by dat dit bepaald 'n boek is wat die Hertzogprys dubbel en dwars verdien (KOR 10/3).

Die volgende dramas is in 1924 gepubliseer:

Celliers, Jan F.E.	<i>Heldinne van die oorlog: toneelstuk in vier bedrywe</i> ¹⁵¹
Fagan, H.A.	<i>Lenie: 'n toneelstuk in drie bedrywe</i> (Nasionale Boekhandel) ¹⁵²
Smal, Danie.	<i>Die ongeslypte diamant</i> (Smal-boekhandel).

In 1925 het die volgende dramas verskyn:

Horak, I.G.	<i>Sannie Pienaar</i> (Nasionale Pers)
Langenhoven, C.J.	<i>Die laaste van die takhare</i> (bewerking van <i>Die water-zaak</i> [1909] en <i>Die wêreld die draai</i> [1912]) (Nasionale Pers)
Malherbe, D.F.	<i>Die mense van Groenkloof</i> ('n verwerking van Malherbe se roman <i>Oupa en sy kleindogters</i>) (Nasionale Pers).

Watter van bogenoemde 1925-dramas vóór en watter ná 31 Maart daardie jaar verskyn het, is onbekend. Daar kan dus nie bepaal word watter van die 1925-werke outomaties in aanmerking sou kon kom vir die prys saam met die 1924-dramas nie. Aangesien twyfel ontstaan het omdat *Uit oerwoud en vlakke* se herdruk, en nie eerste druk nie, in die beoordelings-

151 Volgens Bosman (1938a:54), Antonissen (1964:98) en Kannemeyer (1984:10) is hierdie drama in 1913 geskryf en eers in 1924 gepubliseer.

152 F.C.L. Bosman merk in *Ons eie boek*, April-Junie 1938 (1938b:112), op dat hierdie drama oorspronklik die lig gesien het in 1914. Volgens *Die Huisgenoot* (30 November 1923:13) het die première van *Lenie* plaasgevind in Kaapstad op 20 Oktober 1923 – nog voor die drama in druk verskyn het. Antonissen (1964:165) en Kannemeyer (1984:209) dui die **publikasiedatum** aan as 1924.

In 1926 is 'n Afrikaanse toneelvereniging gestig wat onder andere Fagan se *Lenie* opgevoer het en in die twintigerjare is dit ook in Pretoria aangebied deur die toneelvereniging Excelsior in medewerking met die Helpmekeervereniging (Kannemeyer 1984:97-98).

tydperk gepubliseer is, sou dalk onsekerheid kon ontstaan oor ’n moontlike toekenning aan *Die laaste van die takhare* en *Die mense van Groenkloof*, aangesien hierdie dramas verwerkings is van onderskeidelik ’n vroeëre drama en roman (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514).

3.2.9.2 Kommissie vir Taal en Lettere 1924/1925

Tydens die veertiende jaarvergadering, gehou op 16 April 1924 in die Raadsaal van die Staatsbiblioteek in Pretoria, is die volgende Kommissie vir Taal en Lettere¹⁵³ aangewys: dr. E.C. Pienaar (konvenor – Stellenbosch), prof. dr. T.H. le Roux (Pretoria), prof. dr. D.F. Malherbe en prof. A. Francken (albei van Bloemfontein), prof. J.J. Smith (Stellenbosch), proff. drr. G. Besselaar (Pietermaritzburg), T.J. Haarhoff (Johannesburg) en S.P.E. Boshoff (Potchefstroom)¹⁵⁴ (ZAATLK 1924d:6 en 9) – dieselfde lede as vir die 1923/1924-Kommissie, met die toevoeging van Pienaar, Francken, Haarhoff en Boshoff. Die Kommissie vir Taal en Lettere is, volgens ’n besluit geneem tydens die vorige jaarvergadering (17 Februarie 1923), beperk tot vier lede (kyk bladsy 83), maar dié reëling was blykbaar net vir daardie jaar geldig. Drie persone dien gedurende die 1924/1925-termyn in sowel die Hertzogpryskeurkommissie as die Kommissie vir Taal en Lettere, naamlik Le Roux, Boshoff en Pienaar. Inligting oor hierdie Kommissie vir Taal en Lettere se bedrywighede vir die tydperk 1924/1925 ten opsigte van letterkundebevordering, is ook nie bekend nie.

3.2.10 1925/1926-HERTZOGPRYS

In sy voorsittersrede tydens die vyftiende jaarvergadering, gehou in die Konferensiesaal van die Uniegebou, Pretoria, op Vrydag 9 Oktober 1925, maak Engelenburg melding van die Hertzogprystoekenning aan Jochem van Bruggen en voeg by (KOR11/4; Malherbe 1925:108):

... dit is my aangenaam om te konstateer hoe die Hertzog-fonds as ’n heilsame aansporing dien in die rigting na veredeling van ons letterkunde.

Tydens ’n Akademieraadsvergadering, gehou die volgende maand (19 November 1925) in die leeskamer van Polley’s Hotel in Pretoria, wys die Sekretaris, Gustav Preller, daarop dat

153 Dit is die benaming wat toe nog gebruik is.

154 Preller verwys na Boshoff as lid van die Hertzogpryskeurkommissie as “dr.”, en as lid van die Waaksaamheidskommissie as “prof.” (ZAATLK 1924d:6). Pienaar maak in sy 5 Maart 1925-brief aan Preller melding van “prof.” S.P.E. Boshoff.

... aangezien op die laaste Jaarvergadering by wyse van proefneming, geen vakkommissies [dus ook 'n Letterkundige Kommissie, voorheen genoem die Kommissie vir Taal en Lettere] aangestel is nie, daar 'n spesiale Kommissie aangewys moet word vir die beoordeling van die Hertzogprys-boeke 1925-1926 (Malherbe 1925:135).

Aangesien die Letterkundige Kommissie se werksaamhede vir die tydperk 1923/1924 en 1924/1925 baie vaag is, kan die besluit wat tot gevolg gehad het dat hierdie bepaalde Kommissie nie herbenoem is nie, geensins negatief vertolk word nie. Die implikasie van Preller se stelling – dat die verval van hierdie Kommissie noodgedwonge daartoe gelei het dat 'n spesiale Hertzogpryskeurkommissie aangewys moes word – is egter verkeerd. **Lede wat die Hertzogprysbeoordeling gedoen het, was soms ook lede van die Kommissie vir Taal en Lettere. Die bestaan van die Hertzogpryskeurkommissie was nié afhanklik van die Kommissie vir Taal en Lettere se bestaan nie.**

Preller word tydens hierdie November 1925-Akademieraadsvergadering gelas om drr. E.C. Pienaar (Stellenbosch), P.C. Schoonees (Vryheid) en prof. dr. G. Besselaar (Pietermaritzburg) te versoek om die beoordeling te behartig. **Dié Kommissie is dus deur die Akademieraad benoem.** Aan Pienaar, die konvenor, word in April 1926 geskryf dat die rapport van die Kommissie teen 31 Augustus 1926 ingewag word (KOR 13/2: 12 April 1926). Dieselfde dag gaan daar ook briewe aan Besselaar en Schoonees om hulle te verwittig van hulle benoeming as beoordelaars (KOR 13/2: 12 April 1926). Ander gegewens met betrekking toe die Hertzogprys wat uit hierdie briewe blyk, is die volgende:

- die prys het £75 bedra;
- **outeurs, “ofskoon nie daartoe verplig nie”, kon hulle boeke rig aan die konvenor;**
- **van beoordelaars is verwag “dat hulle kennis neem van alle boeke wat aan die terme beantwoord, ongeag of hul ingestuur word of nie”;**
- vir die prys het in aanmerking gekom enige boek in Afrikaans, van bellettristiese aard, wat ná September 1925 verskyn het;
- die beslissing van die Kommissie was finaal.

Soos vir die 1924/1925-Hertzogprys maak Preller die foutiewe stelling dat die Keurkommissie se besluit finaal is (kyk bladsy 94) en dus nie afhanklik van die Akademieraad se bekragtiging nie.

In antwoord op 'n skrywe van mej. Hettie Cillié waarin sy inligting vra oor die Hertzogprys-inskrywings (KOR 13/3: 24 Februarie 1926),¹⁵⁵ meld die Akademiese sekretaris (KOR 13/2: 12 April 1926) (ek benadruk):

Vir die prys (wat £75 bedra) **kom in aanmerking enige Afrikaanse boekwerk van belletristiese inhoud, wat verskyn het na Sept. 1925**, of, natuurlik 'n **onuitgegewe handskrif**. Outeurs kan boeke wat verskyn het rig aan dr. E.C. Pienaar, Stellenbosch, hoewel dit nie noodsaaklik is nie, terwyl die beoordelaars kennis neem van alle boeke wat aan die voorwaardes beantwoord. MS. moet natuurlik in enige geval opgestuur word, en in so 'n geval 'n motto met die naam en adres onder geslote koevert.

Ms. en boeke moet dr. Pienaar bereik voor 31 Aug. a.s.

Ten spyte van die Mei 1923-, Maart 1924- en Mei 1924-bepalings in die *Bulletin* dat “**gepubliseerde werke**”, “**gedrukte boekwerke**” – “**die gedrukte boek, en nie ... [mededingers se] manuskrip nie**”, ingestuur moet word (kykbladsy 86, 88 en 94 onderskeidelik), laat Preller nou weer blyk dat ook “**n onuitgegewe handskrif**” in aanmerking kom. Ook in die kennisgewing vir die 1925/1926-Hertzogprys wat in *Die Huisgenoot* (30 April 1926:11) verskyn het, beskou Preller dit as toelaatbaar. Aangesien gepubliseerde werk, met die naam van die skrywer uiteraard prominent, in aanmerking kon kom, is Preller se opmerking aan mej. Cillié dat manuskripte voorsien moet wees van “'n motto met die naam en adres onder geslote koevert”, dit wil sê anoniem, sinloos.

In Augustus, ná sy terugkeer uit die buiteland, beantwoord Besselaar die brief van Preller (KOR 13/3: 7 Augustus 1926):

Insake de Hertzogprijs ben ik bezig geweest met de lektuur van wat er verschenen is, ook in korrespondentie met prof. Pienaar (konvener) geweest, maar we kunnen, zoals U trouwens bericht, eerste rapporteren na 31 Aug. Wie weet welke sterren dese maand aan onse letterkundige hemel nog zichtbaar worden!

In die notule van die Akademiesraadsvergadering van 19 November 1925 (Malherbe 1925:135) word verwys na die Hertzogprysboeke vir die jare 1925/1926. Die jaar 1924 word nie weer gemeld nie. Aangesien die beoordelingsjaar vir die 1925/1926-Hertzogprys gestrek het vanaf 1 September 1925 tot 31 Augustus 1926 (Malherbe 1926:110-111), kom dit dus voor asof boeke wat ná die sluitingsdatum vir inskrywing vir die 1924-toekenning, naamlik 31 Maart 1925, en vóór 1 September 1925 gepubliseer is, nie in aanmerking gekom het vir die prys nie. Watter van

155 Tans (Junie 2009) is die dokumente in verband met die 1925/1926-Hertzogprys in die Akademie se korrespondensielêer 13 (SAAWEK: K13) geliasseer in vouer 2 én 3.

die reeds-genoemde 1925-dramas¹⁵⁶ gedurende April tot en met Augustus 1925 verskyn het, is onbekend – dus ook of hulle ooit in berekening sou kon kom vir ’n prys. Dit is ook nie bekend watter van die 1925-publikasies vanaf 1 September 1925 die lig gesien het en dus in aanmerking kon kom vir die 1925/1926-prys nie. Ander dramas wat in 1926 gepubliseer is en wel sou kwalifiseer vir die 1925/1926-toekenning, indien gepubliseer voor 31 Augustus 1926, is:

De Waal, J.H.H.	<i>Oupa</i> (Nasionale Pers)
De Waal, P.	<i>Delila</i> (Nasionale Pers)
Grosskopf, J.F.W.	<i>As die tuig skawe: drama in vier bedrywe</i> (Nasionale Boekhandel) <i>Drie een-bedrywe vir een aand</i> ¹⁵⁷ (Nasionale Pers)
Moll, A.M.	<i>Die afgrond</i> ¹⁵⁸ (Nasionale Pers).

Coetser merk op dat elke beoordelaar (Schoonees en Besselaar) ’n verslag aan die konvenor (Pienaar) gestuur het, en dié het weer ’n gekompileerde verslag en aanbeveling na die Akademie-sekretaris gestuur (1989:94).¹⁵⁹ Hierdie verslag oor die 1925/1926-Hertzogprys is in Oktober 1926 deur Pienaar by die Sekretaris ingedien, vergesel van ’n brief wat lui (KOR 13/2: 30 Oktober 1926):

Bygaande vind u die rapport i.s. die Hertzog-prys. Die ding het my baie werk en hoofbrekens gekos vanjaar, en ek voel dit as ’n hele verligting dat ek eindelijk die rapport kan wegstuur. Ek sou dit op prys stel as die Raad my nou ’n bietjie vakansie wou gun, wat hierdie werk betref.

Nou nog ’n paar puntjies. Waarom is die tydsbepaling Jan.-Des. gewysig tot Sept.-Aug.? Dis tog nie nodig dat hierdie rapport moet wag tot die jaarvergadering nie. Buitendien gewaag die skenkingsakte alleen van die eerste datum. Sien verder hieroor slot van rapport.

Twedens sou ik wil vra dat ons rapport aan die pers oorhandig word vir publikasie. Dis sou my veel navraag-korrespondensie bespaar. Buitendien het die algemene publiek, sowel as skrywers en uitgewers tog ook belang by die saak, en kom die deur Ministers genegeerde Akademie weer ’n bietjie voor die voetlig, al sal ons arme beoordelaars dit dan ook weer van verskillende kante moet ontgeld.

156 Vergelyk die name van 1925-publikasies op bladsy 100.

157 Dit bevat die volgende drie eenbedrywe deur J.F.W. Grosskopf: *Die peswolk*, *Die spookhuis* en *In die wagkamer*. *Die peswolk* en *In die wagkamer* is ook in 1926 afsonderlik gepubliseer deur Nasionale Pers, Kaapstad.

158 W.A. de Klerk het dieselfde titel gebruik vir ’n drama wat hy in 1984 gepubliseer het.

159 Die argiefbronne waarna Coetser verwys, kon nie opgespoor word nie.

Dit blyk ook dat die aanstuur van werke van die een beoordelaar na die ander heelwat tyd en geld in beslag geneem het:

Eindelik moet ek u versoek om aan die beoordelaars (Besselaar, Schoonees en ondergetekende) elk 10/- uit die kas af te staan ter vergoeding van versendingskoste aan MSS bestee.

Wel het die meeste insenders posseëls ingesluit vir terugsending, maar die manuskripte (en selfs boeke) moes van hier gaan na Besselaar, vandaar na Schoonees en dan weer terug na my vir deursending aan die skrywers. Vandaar die versendingskoste, wat ons tog seker by al die ander werk nie ook nog verwag word om te bestry nie.¹⁶⁰

Die verslag sien soos volg daar uit (Malherbe 1926:110-111):

Ooreenkomstig opdrag van die Akademieraad het ek die eer om namens die Letterkundige Kommissie van die Akademie die volgende rapport aan u voor te lê, insake toekenning van die Hertzog-prys oor die beoordelingsjaar September 1925 – Augustus 1926:

As gevolg van die voortdurend groeiende stroom van letterkundige produksie in Suid-Afrika het die beoordelingskommissie hierdie keer voor 'n omvangryker en moeiliker taak te staan gekom as ooit tevore. Nie alleen was die aantal ingesonde manuskripte groter en verskeidener van aard as vroeër nie, maar veral het die reeks gepubliseerde werke dié van vorige jare in omvang en verskeidenheid sowel as in gehalte oortref.

Die meeste van die manuskripte het egter nouliks aan die matigste kunseise beantwoord, sodat die Kommissie eenparig van oordeel was dat geeneen daarvan vir bekroning in aanmerking kon kom nie.¹⁶¹

Met die gepubliseerde werke was dit veel moeiliker om tot 'n bevredigende beslissing te geraak, omdat daar verskeie werke is wat min of meer gelykstaan, altans geeneen wat al die ander in alle opsigte sover oortref, dat dit die volledige prys onverdeeld kan wegdra nie. Daarby kom nog dat in al drie afdelinge – prosa, poësie en toneel – verdienstelike werk gelewer is, wat dit dus nog moeiliker gemaak het om aan een bepaalde werk uitsluitend die voorkeur te gee.

Na ryp beraad stel die Kommissie voor om onder omstandighede die prys in drie gelyke dele toe te ken aan die drie beste werke onder genoemde drie afdelinge, te wete:

160 In teenstelling met hierdie 30 Oktober 1926-brief aan Pienaar waaruit blyk dat heelwat moeite gedoen is met die inskrywings, beweer Langenhoven in *Die Burger* van 14 Februarie 1927 dat die toekennings uit "haastige korrespondensie" saamgestel is (Nienaber 1965a:115; Kannemeyer 1995:602).

161 Voorheen is reeds aangedui dat gedrukte boeke in aanmerking kom, en nié manuskripte nie (kyk bladsy 103 en eindnota 8 op bladsy 517). Die feit dat hierdie werke in manuskripformaat was, moes dit al gediskwalifiseer het vir die prys, maar die verslag dui slegs aan dat die gehálte daarvan dit ongeskik gemaak het vir bekroning.

- (1) Vir Prosa aan *Die Meulenaar* van D.F. Malherbe;
- (2) Vir Poësie aan die gesamentlike gedigte (*Gedigte*, 2de vermeerde druk, met nog onuitgegewe manuskrip)¹⁶² van A.G. Visser;
- (3) Vir Toneel aan *As die Tuig Skawe* en *Drie Een-Bedrywe* (*In die Wagkamer*, *Die Peswolk*, *Die Spookhuis*) van J.F.W. Grosskopf.¹⁶³

Met hierdie verdeling word egter nie te kenne gegee dat, volgens die oordeel van die Kommissie, genoemde werke of skrywers in alle opsigte gelykwaardig is nie, maar alleen dat hulle onder die afsonderlike afdelinge, en in terme van die skenkingsakte, die eerste vir bekroning in aanmerking kom.

Die titels en outeurs van ander werke wat meegeding en eervolle vermelding verdien het, word vervolgens gegee – almal prosawerke: *Jannie*¹⁶⁴ (oom Sarel) en *Mof en sy mense* (C.J. Langenhoven), 6 asook die twee jeugboeke, naamlik *Chrissie en Joey* (Hettie Cillié) en *Patrys hulle* (E.B. Grosskopf).

Die waarde van die heg-gestruktureerde *As die tuig skawe*, met sy eenvoudige gegewe, lê veral in die suiwer, ewewigtige en psigologies goed gemotiveerde mensbeelding (veral van Krissie, maar met die uitsondering van Fred) en die natuurlike dialoog. Grosskopf is al herhaaldelik geloof vir sy fyn waarnemingsvermoë en raak realisme. (Raadpleeg byvoorbeeld Antonissen 1964:162; Beukes 1948a:62-64; Burgers 1960:317; Coetzee 1987:163; Dekker 1929:44-50, s.j.:406, 1929:44-50; Grové s.j.:140; Kannemeyer 1970:20-27, 1984:203-204; Malherbe 1948:367-369; Senekal 1978:6.)

Alhoewel die drie eenbedrywe soms tekens toon van byvoorbeeld 'n geforseerde sameloop van omstandighede, het hulle bo ander soortgelyke werk uitgestyg, onder andere deurdat *Die peswolk* as ideëspel iets nuuts in die Afrikaanse letterkunde gebring het, *Die spookhuis* 'n verdienstelike klug is, en *In die wagkamer* 'n raak beeld skep van ontwortelde mense se aanpassing in 'n stad. (Raadpleeg onder andere Antonissen 1964:163; Brink 1986:121-122; Burgers 1960:316-317;

162 Visser se *Gedigte* verskyn in 1925 en is in 1926 “aansienlik uitgebrei en opnuut gerubrieseer” (Kannemeyer 1984:252). Let daarop dat 'n manuskrip van hierdie digter ook in aanmerking geneem is.

163 In Nienaber se lys van Hertzogprysweners (1965a:159-161) word, tot en met 1924, die jaar waartydens die werk ingestuur is vir beoordeling of waarin werke gepubliseer is, gekoppel aan die prys. In navolging van hierdie patroon sou Malherbe, Visser en Grosskopf as die weners van die 1925-prys aangewys moes word. Tog sê Nienaber (1965a:51-52 en 160) dat hierdie outeurs die 1926-prys gekry het en dat daar geen 1925-wenner was nie. Werke wat verskyn het gedurende 1 September 1925 tot 31 Augustus 1926 het vir die 1925/1926-Hertzogprys in aanmerking gekom. Moontlik koppel Nienaber die jaar 1926 aan die prys omdat die laaste vier maande van 1926 se publikasies kon meeding om die prys, teenoor agt maande se 1927-werke. Hy sê “om praktiese redes” kan 1926 as die jaar van bekroning beskou word vir hierdie drie weners (1965a:52).

164 Daar moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen die verskillende werke met die (gedeeltelike) titel *Jannie*: Jochem van Bruggen het in 1917 'n £10-toekenning vir bellettrie ontvang met die verhaal *Oom Jannie*; een van die twee werke wat in 1918 Akademiesteun ('n aanmoedigingsbedrag van £5) gekry het, geskryf deur H. Kruger-Theron, is getiteld *Jannie*; in 1920 het C. Louis Leipoldt se drama *Jannie* verskyn, en vir die 1925/1926-Hertzogprysjaar is *Jannie* deur oom Sarel eervol vermeld.

Coetzee 1987:163-164; Dekker s.j. 405-406; Kannemeyer 1984:205; Malherbe 1938a:293-295, 1948:366-367; Senekal 1978:6-7.)

Preller het insake die 1924/1925-prys al verwys na die Letterkundige Kommissie en te kenne gegee dat die Hertzogprysbeoordelaars gekies kon word uit daardie Kommissie (kyk bladsy 96). Sodoende is **geïmpliseer dat die Letterkundige Kommissie die nuwe naam was van die Kommissie vir Taal en Lettere**. Pienaar, konvenor van die Hertzogpryskeurkommissie, dien die 1925/1926-verslag in namens die Letterkundige Kommissie. Aangesien, volgens Preller (Malherbe 1925:135), geen vakkommissies, dus ook nie 'n Kommissie vir Taal en Lettere, nou bekend as die Letterkundige Kommissie, vir die 1925/1926-tydperk aangewys is nie, kan Pienaar se stelling dat hy namens die Letterkundige Kommissie verslag doen, nie geïnterpreteer word as sou hy dit gedoen het namens die ou Kommissie vir Taal en Lettere nie. **Pienaar verwys dus na die Hertzogpryskeurkommissie as die Letterkundige Kommissie**. In die notule van die vergadering van Saterdag 27 November 1926, word daar gepraat van die Kommissie vir Taal en Lettere én van die Letterkundige Kommissie. Dr. E.C. Pienaar word gemeld as Voorsitter van die Letterkundige Kommissie. **Die Kommissie vir Taal en Lettere en die Hertzogpryskeurkommissie se werksaamhede met betrekking tot die bevordering van lettertrie is dus vermoedelik nou gekonsolideer onder die naam Letterkundige Kommissie, alhoewel hierdie naam aanvanklik nog vrylik afgewissel is met die vroeëre benamings.**

Die verslag gee verder te kenne dat, volgens die oordeel van die Letterkundige Kommissie, die werke of skrywers nie in alle opsigte gelykwaardig is nie. Streng gesproke word hier dus ook afgewyk van die skenkingsakte wat bepaal dat die rente eweredig verdeel word tussen twee of meer skrywers slegs indien die werk “van gelyke waarde bevonden mocht worden” (Reitz 1914:4), maar in hierdie geval word die toekenning wel gemaak vir die beste werk in die drie verskillende literêre kategorieë. **Net soos uit die 1919/1920-verslag, blyk dit weer dat beoordelaars dit moeilik vind om die drie kategorieë met mekaar te vergelyk** (kyk bladsy 72).

Die prysgeld van £75 is gelykop verdeel tussen die drie wenners. In 'n brief aan Grosskopf, gedateer 15 November 1926, wens die Akademiese sekretaris, Preller, hom geluk met die prys en sluit 'n tjek van £25 in. Op dieselfde dag is Pienaar, Schoonees en Besselaar per brief bedank vir die moeite wat hulle gedoen het met die beoordeling van die Hertzogprys, en is 'n tjek vir 10s. ingesluit om die onkoste met versending van boeke en manuskripte te dek (KOR 13/3: 15 November 1926).

Pienaar meld in die brief wat die verslag vergesel dat hy dit op prys sou stel as die Raad hom 'n bietjie vakansie sou gun wat die beoordelingswerk betref. In 'n tweede brief aan Pienaar daardie dag (benewens die bedankingsbrief), antwoord Preller (KOR 13/3: 15 November 1926):

U wil gelos wees van die Letterkundige Kommissie van die Akademie, maar dit kan eers op die e.v. Jaarvergadering¹⁶⁵ geskied, en intussen het U nog daardie Kaapse affere van die “Mpy. vir Goede en Goedkope Lektuur”, om te beoordeel. 7

In verband met 'n ander navraag deur Pienaar antwoord Preller soos volg:

Die Jaar-kwessie (Sept.-Aug.) het so gekom in verband met die Jaarvergadering, maar ons bring [sic] dit nou weer terug na die oue, en vaardig onmiddelik [sic] 'n nuwe oproep in verband met die Hertzog-prys uit. Kan U dus nie nog die volgende ook maar deursien nie, en dan kan ons liwer [sic] twee kollegas in Stellenbosch kry, – hoe is Morti Malherbe¹⁶⁶ en Grosskopf? U bly konvener [sic]? Laat my a.u.b. gou weet.

Ik stuur die rapport dadelik aan die Voorsitter vir publikasie, – eers in die Tydskrif, hoewel ik hom voorstel om 't maar dadelik aan die pers te gee.
(Ek benadruk.)

Die Hertzogprystoekenningsverslag word afgesluit met die volgende voorstel:

Verder wens die Kommissie in oorweging te gee om die skenkingsakte sodanig te laat wysig dat die termyn van beoordeling verleng word tot die twee voorafgaande kalenderjare, i.p.v. die lopende één jaar van September tot Augustus. Dit kom ons om allerlei redes voor as wenslik. Daardeur sou byv. meer verdienstelike werke kan bekroon word, want dis heeltemal moontlik dat in een bepaalde jaar geen nuwe werk gelykstaan met onbekroonde werk van die vorige jaar nie, wat dan enkel deur tydsverloop van mededinging uitgeskakel is. Daardeur sou die publieke opinie ook meer tyd hê tot vorming en uiting van sy oordeel, en sou ook die offisiële beoordelaars met meer besonkenheid kan oordeel.

(Ek benadruk.)

In November 1926 skryf Preller aan D.F. Malherbe, redakteur van die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* en in daardie stadium ook Akademieraadsvoorsitter (KOR 13/2: 15 November 1926):

Die rapport kan U vir die Tydskrif bewaar, maar kan ons nie gevolg gee aan Pienaar se suggestie om 't maar dadelik ook aan die pers te gee nie? Met uw verlof sal ik dit doen.

Wat betref Pienaar se voorstel insake die Prys-jaar. Dit het so gekom in verband met die Sitting, maar ik is dit eens met hom, dat ons dit weer behoort te maak Jan.-Des.

165 In 1926 was daar geen jaarvergadering nie. Die volgende jaarvergadering, die sestiende, het eers plaasgevind op 24 September 1927.

166 Dr. W.M.R. Malherbe, die vorige Akademiesekretaris

(ipv [sic] Sept.-Aug.). Oor 'n verandering van die Skenkingsakte moet die Raad of die Akademie besluit, d.w.s. om dit aan te vra. Intussen meen ik dat 't wenselik is om dadelik die Pryspraak weer uit te skryf, en het Pienaar gevra om aan te bly as konvener vir die volgende jaar, terwyl hy tog nog die Mpy. vir G. en G. Lektuur se pryspraak moet beoordeel. Dan stel ik voor im [sic] twee lokale kollega's [sic] vir hom te kry, en stel voor Morti Malherbe en Grosskopf. Is U dit daarmee eens? Ik sal U laat weet wat hy antwoord.

Preller, as Sekretaris, het die verslag oor die 1925/1926-Hertzogprys, gedateer Oktober 1926, in sy geheel aanvaar en op 15 November 1926 aan die drie bekroondes geskryf. Die verslag, hoewel in opdrag van, en gerig aan die Raad, is dus nie aan die Akademieraad óf Jaarvergadering voorgelê nie, want die volgende Akademieraad- en Jaarvergaderings sou eers plaasvind op onderskeidelik Saterdag 27 November 1926 en Saterdag 24 September 1927,¹⁶⁷ (Malherbe 1926:99 en 1927c:96). Die verslag oor die Hertzogprystoekennings verskyn al in die Desember 1926-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Malherbe 1926:110-111). **Die beslissing van die Letterkundige Kommissie was dus finaal**, soos blyk uit Preller se brief aan E.C. Pienaar (KOR 13/2: 12 April 1926) (kyk bladsy 102).

Omdat Grosskopf 'n medepryswenner was met *As die tuig skawe* en *Drie eenbedrywe*, kan afgelei word dat hierdie werk van hom, indien streng gehou is by die beoordelingstermyn, verskyn het vóór 31 Augustus 1926. Verder bepaal die skenkingsakte (Reitz 1914:4):

Ingeval het werk van twee of meer skrywers van gelijke waarde bevonden mocht worden, zullen de renten dan in handen, onder zulke gelijkwaardige schryvers evenredig verdeeld worden.

Die verdéling van die prys was dus heeltetal in ooreenstemming met die skenkingsakte.

Die Akademieraadsvoorsitter, D.F. Malherbe, het 'n belangrike rol gespeel in die opklaar van administratiewe teenstrydighede en onreëlmatighede. Op grond van wat te vind was in die Akademieverlae en die skenkingsakte, doen hy skriftelik by Preller navraag in verband met sekere reëlins rondom die Hertzogprys. Vir Malherbe het dit gelyk "of die Kommissie hom nie binne die aangewese perke beweeg het nie" en dat daar "'n duidelike afwyking is van die lyn vroeër gevolg" (KOR 13/3: 16 November 1926; Nienaber 1965a:22). Volgens Malherbe sou hy onder ander omstandighede as raadslid sekere sake onder die aandag van die Letterkundige Kommissie gebring het, maar as pryswenner van die prosa-afdeling, het hy in 'n moeilike posisie verkeer, was hy huiwerig om die kwessie aan te roer en wou graag Preller se amptelike uitspraak in verband met die volgende sake hoor:

167 Daar was geen jaarvergadering in 1926 nie.

- Die verslag oor die 1925/1926-Hertzogprys (kyk bladsy 105) het die beoordelingsjaar aangedui as September 1925 tot Augustus 1926. Vir die 1924/1925-prys is die sluitingsdatum gestel op 31 Maart. Malherbe wou weet waarom mededinging oopgehou word tot Augustus of September.

Hierop antwoord Preller (KOR 13/2: 19 November 1926) dat die datum Augustus-September

... deur die vorige Raad, of liewer Daelikse Bestuur so vasgestel is vir die laaste drie jaar, met die oog op die Jaarvergadering.¹⁶⁸

Preller voeg by dat, soos hy in sy vorige brief aan Malherbe te kenne gegee het, hy geen beswaar sien om vir die volgende jaar terug te keer tot die tydsbepaling Januarie-Desember nie.

- In die verslag is melding gemaak van 'n aantal ingesonde manuskripte en 'n reeks gepubliseerde werke (kyk bladsy 105). Malherbe noem dat in *Bulletin* staan dat nêr gepubliseerde boekwerke in aanmerking sou kom. Hy verwys na die kennisgewing op verskeie plekke in *Bulletin* (die uitgawes van April 1923 [ZAATLK 1923a], Augustus 1923 [ZAATLK 1923f] en Mei 1924 [ZAATLK 1924e])¹⁶⁹ waar manuskripte beslis uitgesluit is. Volgens die verslag is bekroning tog op grond van manuskripte gemaak. Malherbe vra wat die posisie was, want vir hom het dit na 'n onreëlmatigheid gelyk.

Preller antwoord dat Malherbe hom “vergis” wat gedrukte boeke en manuskripte betref. Volgens Preller is manuskripte nog altyd in aanmerking geneem by beoordeling en is *Trekkerswee* en *Ampie* in manuskripvorm bekroon.

168 Die eerste dagbestuursvergadering wat in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* weergegee word, is dié van 25 Maart 1927 (Malherbe 1927a:153-160). Dagbestuursnotules is nie opgeneem in *Bulletin* nie en gevolglik kan hierdie uitspraak van Preller nie opgevolg word nie.

169 In *Bulletin I(1)*, April 1923 (ZAATLK 1923a:4) word melding gemaak van die brief wat aan generaal Hertzog gestuur is waarin gevra word vir toestemming om

... alle letterkundige werke wat in 'n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het, vir die prys in aanmerking te laat kom.

'n Kennisgewing in verband met die briefwisseling met generaal Hertzog en die toestemming wat hy verleen het, is gepubliseer in die Augustus 1923-uitgawe van *Bulletin* (ZAATLK 1923e:6). Hierin is aangekondig dat daar voortaan nie meer gevra sou word “om insending van opstelle vir die Hertzogprys” nie, maar dat “alle letterkundige werke wat gedurende die jaar verskyn, vir die prys in aanmerking kom”.

Van die drie *Bulletin*-uitgawes wat Malherbe noem, is dit slegs in die een van Mei 1924 (ZAATLK 1924e:2) waarin as tweede voorwaarde om vir die prys in aanmerking te kom, uitdruklik staan dat slegs gedrukte boeke ingestuur moes word, en nie manuskripte nie. Malherbe verwys seker veral na hierdie uitgawe van *Bulletin*. Die ander twee uitgawes van *Bulletin* waaruit duidelik blyk dat net gedrukte werk in aanmerking sal kom, is dié van Mei 1923 en Maart 1924 (kyk bladsy 86 en 88).

Met hierdie uiters onbevredigende en ontwykende antwoord hou Preller nie met die volgende rekening nie: nog voordat enige wenner vir die 1924/1925-tydperk aangekondig is, het Schoonees aan Preller geskryf dat hy (Schoonees) in daardie stadium *Ampie* vir *Die Burger* geresenseer het, en dat dit bepaald 'n boek is wat die Hertzogprys verdien (KOR 10/3: 15 September 1924) (kyk bladsy 100); verder het Preller self, as tweede voorwaarde om in aanmerking te kom vir die 1924/1925-prys, die volgende bepaling in die *Bulletin* van Mei 1924 laat publiseer (ZAATLK 1924e:2-3):

Meedingers moet instuur die gedrukte boek, en nie hul manuskrip nie.

Ampie is dus as boek beoordeel, en nie as manuskrip, soos Preller aan Malherbe te kenne gegee het nie.

Malherbe is verder geantwoord dat, wat boeke betref, daar nie spesiaal gevra is vir die insending van gedrukte boeke nie, maar dat die Letterkundige Kommissie veronderstel was om self kennis te neem van enige boek wat in aanmerking kom. Daarom was hulle geregtig om boeke aan te koop. Versuim om kennis te neem van boeke wat verskyn het, was versuim van die Akademie en nie van die skrywer nie.

- Volgens die verslag is die prys in drie gelyke dele toegeken aan die drie beste werke in die afdelings prosa, poësie en drama. A.G. Visser het die poësieprys gekry vir gesamentlike gedigte (*Gedigte*, 2de vermeerderde druk, met 'n nog onuitgegewe manuskrip). Malherbe noem die tweede druk van Visser se gedigte wat in berekening gebring is, al kon dit by 'n vorige prysjaar al in aanmerking gekom het, en verwys na *Bulletin*, September 1925, waarin sprake is van 'n soortgelyke situasie wat ontstaan het by die 1924/1925-toekenning.¹⁷⁰ Volgens Malherbe was daar by hom geen twyfel dat hier

... duidelike afwyking is van die lyn vroeër gevolg ... nie.

Hierop reageer Preller soos volg:

As 'n eerste druk hul [die Letterkundige Kommissie] se aandag ontsnap het, mag hul die tweede in aanmerking neem. Dit is tenminste die oordeel gewees van die Raad na aanleiding van die 1924-prysvraag, waarin van Sangiro se werk gesê word, dat 't reeds vroeër gepubliseer was. Die Kommissie beveel daar egter definitief vir Van Bruggen

170 Vergelyk die redenasie rondom die toekenning van die 1924/1925-Hertzogprys aan Jochem van Bruggen vir *Ampie*, en die opmerking dat *Uit oerwoud en vlakte* (Sangiro) as herdruk nie in dieselfde posisie verkeer het as *Ampie* nie omdat dit reeds vroeër in aanmerking kon kom (ZAATLK 1925d:2). (Kyk bladsy 99.)

aan, en daarby het die Raad berus. **Dit was somaar informeel, want tothiertoe [sic] het hul die Letterkundige Kommissie se rapporte altoos aangeneem.**

(Ek benadruk.)

Preller sêlf het in 'n 1925-verslag bygevoeg dat nie net werke wat gedurende 'n bepaalde jaar verskyn het oorweeg sou word nie, maar ook boeke wat nog nie voorheen in aanmerking geneem is nie (kyk bladsy 98).

- Malherbe teken ook beswaar aan dat een lid van die Letterkundige Kommissie, naamlik Schoonees, toegelaat is tot die kompetisie met sy werk *Jannie*.¹⁷¹

Preller verweer homself deur te sê:

Ik wis nie dat “Oom Sarel” Schoonees was nie, en as die ander lede van die Kommissie dit geweet het, dan kan dit altemit as onreëlmagigheid geld, terwyl Schoonees hom tog van 'n beoordeling sal onthou het, meen ik.

Malherbe vind genoemde verduidelikings van Preller “heeltemal onoortuigend ... daar dit op *gebruik* berus”, dui aan dat dit nie ooreenstem met die geamendeerde skenkingsakte (*Bulletin* – Mei 1923) nie, en gee kennis dat hy tydens die jaarvergadering 'n reëling sou voorstel wat wel daarmee ooreenstem (KOR 13/3: 21 November 1926).¹⁷²

Tydens 'n Akademierraadsvergadering, gehou in Pretoria op Saterdag 27 November 1926, was teenwoordig proff. dr. D.F. Malherbe (Voorsitter) en G. Besselaar, asook J.S.M. Rabie en G.S. Preller (Malherbe 1926:99). Twee voorstelle is met betrekking tot die Hertzogprys gemaak (Malherbe 1926:103):

- die Letterkundige Kommissie beveel aan **dat die termyn van beoordeling verleng word** tot twee voorafgaande kalenderjare in plaas van die een lopende jaar;
- die Akademierraadsvoorsitter, D.F. Malherbe, stel voor **dat die prys agtereenvolgens uitgelooft word vir poësie, prosa en dramatiek alleen, sodat dieselfde volgorde om die drie jaar verkry word.**

Die Raad besluit om hierdie twee voorstelle tydens die volgende jaarvergadering (24 September 1927) voor te lê. 'n Verdere **besluit** van die **Raad as kurator**, was dat die prysjaar vir die

171 In sy brief maak Malherbe verkeerdlik melding van die boek *Oom Sarel*, in plaas van *Jannie*, geskryf onder die skuilnaam Oom Sarel. (Kyk ook eindnota 9 op bladsy 517.)

172 Die vraag oor wie die finale beslissingsreg oor die Hertzogprys het, is op die spits gedryf in die sestiger- en vroeg sewentigerjare. In aanloop tot die Hertzogprys-simposium (kyk bladsy 485) het P.J. Nienaber in 1970 'n artikel gepubliseer waarin hy opmerk dat die Letterkundige Komitee moontlik in daardie stadium nog die finale seggenskap sou hê by die toekenning van die Hertzogprys as dit nie was vir die onreëlmagighede wat in 1926 plaasgevind het nie (1970:4-5).

“prysvraag” wat dadelik weer uitgeskryf sou word, sou bly soos dit in daardie stadium was, naamlik September tot Augustus, met dien verstande egter dat:

- mededingers slegs toegelaat sou word om “**handskrifte**” in te stuur wanneer hulle dit laat oortik het; ⁸
- **geen tweede of verdere drukke** in aanmerking sou kom nie;¹⁷³
- **beoordelaars nie kon meeding nie** ⁹ (Malherbe 1926:103).

Alhoewel alle gepubliseerde boeke outomaties in aanmerking moes kom, is die Hertzogprystoekening nog steeds as ’n “prysvraag” beskou wat geadverteer moes word (kyk bladsy 87).

Tydens hierdie November 1926-Akademieraadsvergadering is Gustav Preller (Sekretaris) versoek om die bestaande Letterkundige Kommissie (Pienaar, Besselaar, Schoonees) te vra om ook vir die volgende jaar aan te bly. **Die Raad het dus besluit oor die Letterkundige Kommissie.** Indien daar lede sou wees wat nie kans sien om aan te bly nie, moes Preller vir dr. Grosskopf en dr. Bouman vra om in die Kommissie te dien. Ook is besluit om elke lid £10 te vergoed vir die jaar se beoordeling (Malherbe 1926:103).

Die Letterkundige Kommissie sou gevra word om:

- ’n beredeneerde rapport uit te bring oor die bekroonde werk of werke, met nog ’n bespreking van ’n paar ander;
- ’n alfabetiese lys te verskaf van werke wat gedurende die beoordelingsperiode verskyn het;
- “soveel moontlik aanmoedigend en kritiserend [te] skrywe aan die mees belowende skrywers” (Malherbe 1926:103).¹⁷⁴

Die besluit om die kommissielede £10 te vergoed vir die jaar se beoordeling, is geneem tydens hierdie Akademieraadsvergadering gehou op 27 November 1926. Langenhoven suggereer in sy rubriek “Aan stille waters” (*Die Burger* van 4 Januarie 1927) dat die bestaande lede sou aanbly ter wille van die vergoeding (kyk ook eindnota 6 op bladsy 516 en eindnota 9 op bladsy 517). Pienaar versoek skriftelik dat die Akademieraad hom voorlopig moes onthef van diens in die “Prysvraag-kommissie” (KOR 13/6: 18 Januarie 1927 – Pienaar aan Preller):

173 Raadpleeg bladsy 106 in verband met die kwessie rondom die toekening van die Hertzogprys aan ’n boek in sy tweede druk, naamlik dié aan A.G. Visser vir sy *Gedigte*.

174 In sy aanhalings verander Nienaber (1965a:23 en 44) die bewoording soos volg:

Verder sal die Kommissie soveel moontlik aanmoedigend en kritiserend skrywe **oor** die mees belowende skrywers.

(Ek benadruk.)

Dit was waarskynlik die bedoeling dat daar “oor” belowende skrywers verslag gelewer word, en nie “aan” hulle, soos genotuleer nie.

Na adv. Langenhoven se uitbarsting (*Die Burger*, 4 deser) en veral die veragtelike insinuasie dat bestaande lede sal aanbly terwille van die £10 vergoeding, sien ek nie kans om die werk vanjaar weer te onderneem nie.

Reeds in sy brief van 30 Oktober 1926 (kyk bladsy 104) skryf Pienaar dat hy dit op prys sou stel as die Raad hom “’n bietjie vakansie wou gun, wat hierdie werk betref”. Sy wens om nie meer as beoordelaar op te tree nie, het dus al aan die lig gekom nog vóórdat enige polemieë ontwikkel het. Die Langenhoven-insinuasie sou net lei tot ’n finale besluit.

3.2.11 1926/1927-HERTZOGPRYS

Alhoewel Preller tydens die Akademierraadsvergadering van November 1926 opdrag gekry het om Pienaar, Schoonees en Besselaar te vra of hulle sou aanbly as Hertzogprysbeoordelaars, stel Preller in Mei 1927 aan D.F. Malherbe voor dat dr. W.M.R. Malherbe, asook proff. Grosskopf en Smith gevra word om die Letterkundige Kommissie te vorm. D.F. Malherbe self kon ook name voorstel (KOR 13/6: 15 Mei 1927). Dieselfde dag, 15 Mei, skryf Preller aan Besselaar (KOR 13/6: 15 Mei 1927) dat die Raad nog geen Hertzogpryskommissie benoem het nie. (Tog was Besselaar teenwoordig by die vergadering waartydens Preller by die Raad opdrag gekry het om met Pienaar, Schoonees en Besselaar self in verbinding te tree om ook die 1926/1927-beoordeling waar te neem.) Preller skryf dat, in die lig van Pienaar se definitiewe bedanking, hy (Preller) aan D.F. Malherbe as Akademievoorsitter voorstel dat ’n paar Stellenbossers benoem word aangesien die Raad tog daardie jaar aan hulle sou oorgaan.¹⁷⁵

Besselaar antwoord dat Preller se voorstel in verband met die Kommissie vir hom nuus is aangesien hy (Besselaar) gedink het die saak in November (tydens die Akademierraadsvergadering op 27 November) afgehandel is (KOR 13/6: 30 Mei 1927). Volgens Besselaar was hy “feitelik al besig alles door te gaan en te waarder”. Hy was onder die indruk dat slegs Pienaar nie meer op die Kommissie was nie, en dat hy en Schoonees sou voortgaan. Hy ag dit raadsaam dat hulle twee aanbly, en dat daar in die plek van Pienaar ’n persoon van Stellenbosch aangewys word. Hy noem in hierdie verband die naam van Frans Malherbe. Op 15 Junie 1927 sê Besselaar vir Preller dat hy graag ’n skriftelike aanstelling as lid van die Hertzogpryskommissie wou ontvang en merk op (KOR 13/6: 15 Junie 1927):

Al maande lang lees ik alles, maak mijn aantekeningen ens., maar wil graag de aanstelling officieel besitten.

175 Vanaf 1923 tot 1942 is die Raad elke twee jaar provinsiaalgewys saamgestel.

D.F. Malherbe laat weet op 30 Mei 1927 vir Preller dat die samestelling van die nuwe Keurkommissie behoort oor te staan tot die volgende Akademierraadsvergadering (KOR 13/6: 30 Mei 1927). Tydens hierdie vergadering, gehou in die Appèlhof, Bloemfontein, op Woensdag 29 Junie 1927, is Preller opdrag gegee om dr. P.C. Schoonees (Vryheid) te vra om gedurende daardie jaar weer op te tree as lid van die Letterkundige Kommissie, met prof. dr. G. Besselaar as konvenor, en om prof. J.F.W. Grosskopf te vra om as lid op te tree in die plek van Pienaar wat nie meer kans gesien het om nog 'n jaar aan te bly nie (Malherbe 1927b:62). Hierdie lede is versoek om hulle benoemings as kommissielede te aanvaar (KOR 13/6: 4 Julie 1927). Schoonees en Besselaar verklaar hulle bereid om die beoordeling waar te neem (KOR 13/6: 11 en 14 Julie 1927), maar Grosskopf antwoord (KOR 13/6: 17 Julie 1927):

Wat die eervolle versoek van die Raad van die Akademie betref om lid te word van die Letterkundige Kommissie vir die lopende jaar, spyt dit my dat ek moet antwoord: Dis *onmoontlik*. In die eerste plek het ek reeds meer werk as ek kan behartig; maar nog meer word dit vir my onmoontlik nadat verlede jaar se Kommissie 'n deel van die prys aan my werk toegeken het. Hierdie feit maak my nòg tot 'n bevoegde letterkundige beoordelaar, nòg tot 'n gewenste ene. Dit sou (en ek glo: tereg) die hele Kommissie aan onvriendelike aanvalle blootstel.

Ek sal U (so spyt soos ek het om 'n versoek van dié aard te moet weier) ook dadelik sê dat daar geen kans is dat ek my besluit sou verander nie.

Prof. dr. G. Besselaar (Pietermaritzburg – Voorsitter) en dr. P.C. Schoonees (Vryheid) **vorm dus, op aanbeveling van die Raad, uiteindelik die Letterkundige Kommissie**¹⁷⁶ (KOR 13/6: 15 Augustus 1927 – Preller aan Besselaar). Die twee kommissielede onderteken die verslag in verband met die toekenning van die prys oor die tydperk 1 September 1926 tot 31 Augustus 1927 (KOR 13/5: 31 Oktober 1927)¹⁷⁷ en stuur dit na Preller (KOR 13/6: 7 November 1927).¹⁷⁸ In die verslag word onder andere gemeld (Malherbe 1927c:123):

Opmerklik is dit dat die werke wat vir toekenning van die prys in aanmerking kom almal prosawerke is. Die digterlike oes was skraal en van middelmatige gehalte. Ook op dramatiese gebied is daar niks **verskyn of ingestuur** wat ons vir die prys kan aanbeveel nie.

(Ek benadruk.)

176 Tydens die sestiende jaarvergadering wys die Voorsitter, D.F. Malherbe, daarop dat die Letterkundige Kommissie in daardie stadium nie voltallig is nie en stel voor dat prof. dr. S.P.E. Boshoff ook in die Kommissie dien (Malherbe 1927c:117).

177 Tans (Junie 2009) is die dokumente in verband met die 1926/1927-Hertzogprys in die Akademie se korrespondensielêer 13 (SAAWEK: K13) geliasseer in vouer 5 én 6.

178 Tydens die 27 November 1926-Akademierraadsvergadering is besluit dat die Letterkundige Kommissie gevra sou word vir 'n beredeneerde verslag, 'n lys van werke wat verskyn het en kritiek op die werk van die meis belowende skrywers (kyk bladsy 113). Hierdie verslag is bondig en voldoen nie aan die versoek nie.

Volgens die Letterkundige Kommissie het daar egter op prosagebied 'n aantal verdienstelike werke verskyn en stel hulle na sorgvuldige keuring voor dat die prys in drie gelyke dele toegeken word aan Jochem van Bruggen vir *Ampie* – deel II,¹⁷⁹ C.J. Langenhoven vir *Skaduwees van Nasaret* en A.A. Pienaar (Sangiro) vir *Diamantkoors* en *Twee fortuinsoekers*.¹⁸⁰

In Oktober 1927 neem dr. D.B. Bosman by Gustav Preller oor as Akademiesekretaris. Tydens die Akademiesraadsvergadering van 10 Desember 1927 kry die nuwe Sekretaris opdrag om uitvoering te gee aan die aanbeveling van die Letterkundige Kommissie (Malherbe 1928a:167). **Die Akademiesraad keur dus die Letterkundige Kommissie se verslag goed en tree as kurator van die fonds as finale gesag op met betrekking tot die toekenning van die prys.** Soos bepaal deur die skenkingsakte, plaas die Akademiesraad nou weer die finale seël op die toekenning. Op 20 Desember 1927 wens die Akademiesekretaris die prysweners skriftelik geluk en stuur aan elkeen 'n tjek van £25.¹⁸¹

Vir die eerste keer ontvang kommissielede geld vir die Hertzogprysbeoordeling.¹⁸² Elkeen het £10 vir die beoordeling ontvang, en die somtotaal van tien pond, tien sjelings en ses pennies waarvoor Schoonees die Akademie bedank (KOR 14/1: 9 Januarie 1928), sluit dus die bedrag van 10s. 6d vir posonkonste in (Malherbe 1928a:167).

Die volgende werke van dramatiese aard, met uitsondering van Grosskopf se dramas wat die vorige periode bekroon is, het in 1926 verskyn:

179 *Ampie: Die meisiekind*. Hierdie werk is eers in 1928 gepubliseer, en is dus as manuskrip beoordeel. Prosawerke wat vanaf 1 September 1927 tot 31 Augustus 1930 gepubliseer is, kon vir die 1930-Hertzogprys kwalifiseer. *Ampie: Die Meisiekind* is saam met *Hans die Skipper* (D.F. Malherbe) en *Kees van die Kalahari* (G.C. en S.B. Hobson) benoem vir die 1930-Hertzogprys, maar aangesien *Die meisiekind* deel was van die 1926/1927-bekroning, is besluit om nié weer in 1930 'n prys daaraan toe te ken nie.

180 Die staat van die Akademie se bates en laste tot op 31 Mei 1927 toon dat £75 daargestel is vir die 1927-Hertzogprystoekenning (Malherbe 1928a: s.p.). Aangesien die volgende Hertzogprys toegeken is vir werke gepubliseer binne die tydperk 1 September 1926 tot 31 Augustus 1927, en hierdie finansiële staat sluit op 31 Mei 1927, is die £75 waarna verwys word, die geld wat later daardie jaar (1927) verdeel is tussen Van Bruggen, Langenhoven en Pienaar.

181 Pienaar bedank die Akademie skriftelik vir sy £25-tjek (KOR 14/2: 3 Januarie 1928). Langenhoven stuur in Desember sy deel van die Hertzogprys terug na die Akademie (KOR 13/5: 24 Desember 1927). Die bedrag is teruggestort in die Hertzogfonds (ARN 1928: 3 Maart – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1928a:172). Tydens die sewentiende jaarvergadering, gehou op 28 September 1928, word 'n voorstel met twee teenstemme aangeneem dat die bedrag van £25 wat Langenhoven teruggestuur het, met goedkeuring van die skenker, oorgeskryf word op inkomste in plaas van by die kapitaal gevoeg te word, met die oog ook op die uitgawe in verband met die administrasie van die Hertzogprys. Hierdie uitgawe was die vorige jaar £21, hoofsaaklik vergoeding vir die beoordeling van die ingesonde werke (Malherbe 1928d:100; sien ook die staat van die Akademie se inkomste en uitgawe vir die jaar eindigende 31 Julie 1919 – Malherbe 1929d:111).

182 Die besluit om kommissielede te vergoed, is geneem op 27 November 1926 (kyk bladsy 113).

De Waal, J.H.H.	<i>Oupa</i> (Nasionale Pers)
De Waal, P.	<i>Delila</i> (Nasionale Pers)
Moll, A.M.	<i>Die afgrond</i> (Nasionale Pers).

Grosskopf se werk is waarskynlik gepubliseer voor 31 Augustus 1926 en het daarom reeds vir die vorige Hertzogprys in aanmerking gekom. Watter van bogenoemde dramas ná 31 Augustus 1926 verskyn en dus oorweeg kon word vir die 1926/1927-prys, is nie bekend nie. Of die volgende 1927-dramas gepubliseer is vóór 1 September 1927 om in aanmerking te kon kom vir die prys, is ook onbekend:

Annie. (ps.)	<i>Hoe Willem Hanepoort 'n les geleer het</i> (Nasionale Pers)
Kotzé, J.A.	<i>Liefde versmaad: 'n toneelstuk in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers)
Leipoldt, C. Louis.	<i>'n Vergissing: blyspel in een bedryf</i> (Nasionale Pers)
Malherbe, D.F.	<i>Meester: toneelstuk in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers).

3.3 SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENNINGS 1915-1927

Die Hertzogprystoekennings gedurende die tydperk 1915 tot 31 Augustus 1927, toe die drie verskillende literêre kategorieë jaarliks teen mekaar meegeding het, sien soos volg daar uit:

- **poësie word twee keer bekroon:**
 - ▶ Totius ontvang dit vir *Trekkerswee* (1915);
 - ▶ A.G. Visser se *Gedigte* deel die 1925/1926-prys met prosawerk en drama;
- **agt prosatekste kry die prys:**
 - ▶ die onverdeelde prys word toegeken aan Jochem van Bruggen vir *Teleurgestel* (1917), Leon Maré vir *Ou Malkop* (1919) en Van Bruggen vir *Ampie* (1924/1925);
 - ▶ tekste uit drie verskillende literêre kategorieë deel die 1925/1926-prys, met *Die meulenaar* deur D.F. Malherbe as wenner van die prosa-afdeling;
 - ▶ die 1926/1927-prys word toegeken aan vier prosatekste: *Ampie II (Die meisiekind)* (Jochem van Bruggen), *Skaduwees van Nasaret* (C.J. Langenhoven) en *Diamantkoors en Twee fortuinsoekers* (Sangiro);
- **net een keer word drama bekroon:**
 - ▶ *As die tuig skawe* en *Drie eenbedrywe* (J.F.W. Grosskopf) deel die 1925/1926-Hertzogprys met werke in die ander twee literêre kategorieë.

Slegs vir die 1925/1926-prys kon dramas dus 'n toekenning inpalm, en dit 'n prys wat tussen die drie literêre kategorieë verdeel is omdat in al drie “verdienselike werk gelewer is” (Malherbe 1926:110).

Gedurende die tydperk 1915 tot 1927 was C. Louis Leipoldt en J.F.W. Grosskopf die sterk drama-aanspraakmakers op die Hertzogprys. Met betrekking tot een van laasgenoemde se bekroonde dramas merk Theunissen (1954:77) op:

As die tuig skawe is nie net een van Grosskopf se mees geslaagde stukke nie, maar behoort ook tot die beste wat ons op die gebied van die drama besit. Naas Leipoldt se *Die Heks* (1923) is dit ook die verdienselike dramatiese stuk wat in die twintigerjare verskyn het.

Kannemeyer huldig dieselfde mening wanneer hy sê dat die belangrikste bydraes gedurende die twintigerjare op die gebied van die drama gelewer is deur Leipoldt, wat met *Die heks* (1923) “iets van die klassieke noodlotsgedagte aan die Afrikaanse literatuur toevoeg”, en deur Grosskopf

... wat die mens met sy maatskaplike problematiek sentraal stel, 'n hele paar verdienselike eenbedrywe skryf (*Drie een-bedrywe*, 1926) en met *As die tuig skawe* (1926) sowel by die tradisie van die burgerlike drama as dié van die klassieke tragedie aansluit. H.A. Fagan publiseer ook reeds in hierdie jare, maar sy beste werke verskyn eers later (1984:96).

Die belangrikheid van *As die tuig skawe* in die Afrikaanse letterkunde is volgens Kannemeyer (1970:27) vandag hoofsaaklik te danke aan die literêr-historiese plek wat dit beklee:

Grosskopf het met hierdie stuk aan die Afrikaanse drama iets gegee van die klassieke spele van die Grieke en van die realisties-burgerlike teater van die twintigste eeu, sonder dat hy elemente uit bepaalde dramas onverwerk oorgeneem het. En al is daar vandag Afrikaanse stukke wat suiwerder aansluit by hierdie twee tradisies in die Wes-Europese dramaliteratuur, kom die eer Grosskopf toe dat hy die eerste skrywer was wat dit in ons letterkunde ingelei het.

Dekker (s.j.:406) beskou *As die tuig skawe* saam met *Die laaste aand* as die beste wat ons dramatiese kuns tot en met 1930 opgelewer het. Ook hy is dit eens dat Grosskopf, saam met Leipoldt, die grondlêers van ons drama is (s.j.:405):

Hy besit nie Leipoldt se hewig dramatiese krag nie, hy skep ook geen verwickelde uitsonderingsfigure nie. Hy is realis, skerp waarnemer van mense, hulle verhoudinge en konflikte.

Leipoldt het weens die verkeerde vertolking van die beoordelingsprosedure nie die 1923/1924-Hertzogprys ontvang vir *Die heks* nie, maar hierdie fout kon in 1944, danksy 'n prosedureverandering, reggestel word toe die dramaturg bekroon is vir hierdie drama, asook vir *Die laaste aand* (1930) (kyk bladsy 226-232).

3.4 SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENINGSROSEDURE 1915-1927

Die periode sedert die eerste Hertzogprystoekenning in 1915/1916 tot en met 1927 toe die rotasiestelsel ingestel is, het soms, veral onder Preller as Akademiesekretaris, mank gegaan aan noukeurige, konsekwente beoordelingsreëls, -prosedures, benamings en afsnydatums, asook die korrekte interpretasie daarvan. Vervolgens 'n aanduiding van kernsake waarvoor daar nie altyd uitsluitel was nie, asook 'n opsomming van die hoofprobleme wat by elke kwessie ondervind is:

- anonieme beoordeling:
 - ▶ onduidelikheid of inskrywings voorsien moes wees van 'n spreuk/motto/gesegde/skuilnaam (kyk bladsy 67);
 - ▶ die inkonsekwente verwagting dat skrywers anoniem moes bly (kyk voetnota 62 op bladsy 54, bladsy 56, 80, 84, 85, 103);
 - ▶ pogings om die beoordeling so objektief moontlik te doen – beoordelaars moes aanvanklik nie weet wie die skrywers was nie, maar was later bewus van die skrywers se identiteit (kyk bladsy 56, 69);
 - ▶ die onreëlmatigheid dat 'n beoordelaar meegeding het (kyk bladsy 112-113);
- die formaat van werke:
 - ▶ die sporadiese onsekerheid of manuskripte en/of boeke in aanmerking kom (kyk bladsy 54, 57, 95, eindnota 11 op bladsy 518, bladsy 110-112);
 - ▶ die verwarring of inkonsekwentheid met betrekking tot die formaat waarin manuskripte en/of boeke voorgelê moes word: geskrewe, getik of gedruk (kyk bladsy 67, 84, 88, 94, 103, voetnota 161 op bladsy 105, voetnota 162 op bladsy 106, bladsy 113);
 - ▶ onduidelikheid of herdrukke in aanmerking kom of nie (kyk bladsy 99-100, 111-113);
- die instuur van werke:
 - ▶ onduidelikheid of werke ingestuur moes/kon word, en of daar spesiaal daarvoor gevra moes word (kyk bladsy 82-83, 87-88, 94, 102, 115);
 - ▶ onsekerheid of inkonsekwentheid met betrekking tot wíe werke moes/kon instuur: skrywers of uitgewers (kyk bladsy 86, 88);
 - ▶ die aanvanklike skenkingsakkebepaling dat werk ingestuur moes word (kyk bladsy 20), die latere besluit dat dit outomaties in aanmerking kom (kyk bladsy 80-83), maar die

- verkeerde vertolking van die besluit (kyk bladsy 86-91, voetnota 137 op bladsy 93, bladsy 94, 113);
- die in-aanmerking-kom van werke wat nie binne die voorafgaande jaar gepubliseer is nie:
 - ▶ foutiewe stelling dat werke wat nog nie voorheen in aanmerking gekom het nie, in berekening gebring kan word, al het dit nie in die tersaaklike periode verskyn nie (kyk bladsy 98);
 - naam van kommissies:
 - ▶ verwarrende verwysings na
 - die *Kommissie voor Taal en Letteren* en die Hertzogpryskeurkommissie wat nie dieselfde kommissie was nie (kyk voetnota 31 op bladsy 40);
 - die *Kommissie voor Taal en Letteren* as die Letterkundige Kommissie (kyk bladsy 45, 96);
 - ▶ die afwisselende gebruik van die naam
 - *Kommissie voor Taal en Letteren* en Kommissie vir Taal en Lettere (kyk voetnota 106 op bladsy 75);
 - keurkommissie en Letterkundige Kommissie (kyk bladsy 107);
 - ▶ die verwarrende en inkonsekwente gebruik van die naam Letterkundige Kommissie (kyk bladsy 107);
 - die Kommissie wat die Hertzogprysbeoordeling gedoen het:
 - ▶ verwarring en inkonsekwentheid oor wie die Kommissie aanwys (soms het die Raad die voorstelle van die Akademiesekretaris goedgekeur – kyk bladsy 56, 61, 63, 69-70, 77, voetnota 129 op bladsy 89; soms het die konvenor self sy mede-kommissieede aangewys – kyk bladsy 98; soms het die Akademieraad die benoemings gemaak – kyk bladsy 52, 56, 102, 113, 115; soms het die Jaarvergadering keurkommissieede aangewys – kyk bladsy 82; 'n Akademiesekretaris het selfs teen die Akademieraadsopdrag in sy eie voorstelle gemaak – kyk bladsy 114);
 - ▶ die verkeerde stelling met betrekking tot keurkommissieede wat ook lede was van die *Kommissie voor Taal en Letteren* (kyk bladsy 57-58);
 - ▶ foutiewe bewering dat keurkommissieede onbekend is (kyk bladsy 56, voetnota 70 op bladsy 60, voetnota 94 op bladsy 70);
 - ▶ enkele kere se onduidelikheid oor wie op die Keurkommissie was (kyk bladsy 56, voetnota 70 op bladsy 60);
 - verslae:
 - ▶ die wisselende voldoening aan die versoek dat verslae twee maande voor die Jaarvergadering aan die Akademieraad gestuur moes word (kyk bladsy 44, 68);
 - die rol van die Akademieraad:
 - ▶ verkeerde stelling dat die beoordeling van die Hertzogpryswerke by die Akademieraad berus (kyk bladsy 57);

- ▶ afwykings van die bepaling dat die finale beslissing by die Akademiesraad berus, of onbekendheid oor wie beslis het (kyk bladsy 65, 77, 85, 99, 102, 109);
- die rol van die Jaarvergadering:
 - ▶ die inkonsekwente rol van die Jaarvergadering wat soms kennis geneem het van die besluit oor die Hertzogpryswenner (kyk bladsy 53, 61, 76), soms nie (kyk bladsy 85, 89, 109) en by geleentheid selfs die besluit moes bekragtig (kyk bladsy 65);
- toekennings:
 - ▶ foutiewe bewerings dat die *Kommissie voor Taal en Letteren* die eerste Hertzogprystoekening gemaak het, die soms verkeerde aanduiding van wíe die eerste Hertzogprys ontvang het (kyk bladsy 46 en voetnota 43 op dieselfde bladsy) en wanneer die prys vir die eerste keer toegeken is (kyk voetnota 61 op bladsy 53);
 - ▶ verwarring oor ander Hertzogpryswenners (kyk bladsy 61 en voetnota 71 op dieselfde bladsy, bladsy 74 en voetnota 101 op dieselfde bladsy);
 - ▶ gebrekkige inligting of 'n toekening gemaak is (kyk bladsy 57);
- datums:
 - ▶ inkonsekwentheid met betrekking tot die afsnydatum vir werke wat beoordeel moes word (kyk bladsy 95, eindnota 10 op bladsy 517, bladsy 110);
 - ▶ onsekerheid oor watter werke in aanmerking gekom het (kyk bladsy 57, 59, 65, 77, 90, 100, 104, 117);
 - ▶ verwarring oor watter datum gekoppel word aan die prys (kyk voetnota 61 op bladsy 53);
- bekendmaking van uitslae:
 - ▶ inkonsekwentheid en 'n onjuiste stelling m.b.t. bekendmaking van uitslae vóór of tydens die jaarvergadering (kyk bladsy 97): die wenner van die Hertzogprys is soms bekend gemaak vóór die jaarvergadering (kyk bladsy 61, 85, 89), soms tydens die jaarvergadering (kyk bladsy 53, 65, 76);
- prysgeld:
 - ▶ 'n verkeerde bewering met betrekking tot die prysgeld (kyk voetnota 100 op bladsy 73);
- die rol van ander pryse:
 - ▶ 'n onregverdig inagneming van 'n werk se verowering van 'n ander prys wat 'n rol gespeel het in die besinning of dit 'n verdere bekroning werd is (kyk bladsy 99).

Verwarrende en soms onjuiste uitsprake en afleidings is gedurende die periode 1915 tot 1927 met betrekking tot die Hertzogprys gemaak, en juis op grond daarvan was sommige skrywers en navorsers se uitsprake met verloop van tyd ook onakkuraat. Met hierdie uitgebreide voorafgaande historiese agtergrond is gepoog om die korrekte feite te verskaf en sake in perspektief te stel. Die hele Hertzogprysbeoordelingsproses was gedurende hierdie periode in 'n groeifase wat 'n meer geraffineerde, aanvaarbare en doeltreffende beoordelingstelsel laat uitkristalliseer het – 'n steeds voortgaande proses, ook ná 1927.

3.5 DIE 1927/1928-HERTZOGPRYSROSEDUREVERANDERINGE

Dr. D.F. Malherbe merk in sy openingsrede as Akademievoorsitter tydens die 24 September 1927-jaarvergadering met betrekking tot die Hertzogprys op (Malherbe 1927c:97):

U sal gevra word om te beslis oor verskeie voorstelle aangaande die basis van toekenning desnoods met wysiging van die voorwaardes van die skenkingsakte, wat natuurlik alleen met toestemming van die skenker sal plaasvind.

Malherbe lê twee voorstelle ter tafel (Malherbe 1927c:103):¹⁸³

- die Letterkundige Kommissie se voorstel dat die termyn van beoordeling verleng word tot twee voorafgaande jare;
- die Akademiesraad se voorstel dat die prys jaarliks om die beurt uitgelooft word vir prosa, poësie en toneelwerk.

Mnr. Reenen J. van Reenen wou tydens die bespreking van die beoordelaarsvoorstelle weet

... in welke verhouding die dramatiese en prosa-werke tot mekaar staan wat hulle jaarliks ontvang vir beoordeling (Malherbe 1927c:105).

Hierop antwoord Besselaar, wat die Letterkundige Kommissie se verslag ingedien het en verklaar dat dit die vrug is van rype ervaring,

... dat daar veel meer prosa-werke as digkuns inkom vir beoordeling, maar dit is juis die bedoeling van hul voorstel om die poësie aan te moedig (Malherbe 1927c:104).

Besselaar het Van Reenen se vraag onbevredigend beantwoord. Interessant dat die bevordering van dramas nie ingesluit word in die doelstelling nie.

Mnr. Gerhard Moerdyk gee te kenne dat hy nie begryp waarom die literêre kategorieë op 'n rotasiebasis beoordeel moet word nie. Hy vra

... of die werk oor die algemeen van so'n hoë gehalte is dat dit die beoordelaars soveel hoofbrenkings kos om die beste daar uit te soek. Spr. kan nie eintlik insien waarom daar om verder [sic] verdeling gevra word nie (Malherbe 1927c:104).

183 Vergelyk die besluit wat geneem is om dié voorstelle voor hierdie Jaarvergadering te lê (kyk bladsy 112).

Hierop merk Besselaar op

... dat [dit] sommige jare ... betreklik maklik is om die beste werk dadelik uit te soek, maar daar kom dikwels werke in van min of meer gelyke gehalte, wat die beoordeling moeilik maak, en as 'n mens dan nog met verskillende genres¹⁸⁴ te make het, is dit nie so eenvoudig nie (Malherbe 1927c:104).

Volgens D.F. Malherbe, die Voorsitter, ly dit geen twyfel nie

... dat die beoordeling makliker en beter gedaan kan word wanneer 'n mens in staat is om roman naas roman, toneelstuk naas toneelstuk te lê (Malherbe 1927c:105).¹⁸⁵

Tydens die bespreking gee S.P.E. Boshoff aan die hand dat die twee voorstelle gekombineer word, maar wys daarop dat die inwerkingstelling van die eerste voorstel 'n verandering in die skenkingsakte sou noodsaak. Engelenburg stel voor dat die nuwe Raad, in oorleg met die twee Voorsitters van die laaste rade, sorgvuldig nagaan in watter opsig die skenkingsakte gewysig sou moes word, aangesien dit nie raadsaam was om “heeldag by die skenker aangedra te kom met wysigingsvoorstelle nie”. Besselaar skaar hom by Boshoff en sou ook wou sien dat die Akademie die twee voorstelle kombineer, 'n besluit neem en generaal Hertzog dan nader om die skenkingsakte te wysig (Malherbe 1927c:104).

Die besluit word geneem

... om die Hertzogprys jaarliks uit te loof – om die beurt vir die beste gedig (digbundel), roman (novelle) en toneelstuk.

Die volgorde sou bepaal word deur die nuwe Akademierraad (Malherbe 1927c:105). Alhoewel die aanmoediging tot die skryf van dramatekste nie die hoofoorweging was met die neem van hierdie besluit nie, sou die drama daarby baat.

Betreffende die nuwe reëling vir die Hertzogprys, is daar tydens 'n Akademierraadsvergadering, gehou in die Universiteitsgebou, Koningin Victoriastraat, Kaapstad, op 10 Desember 1927, 'n kommissie, bestaande uit Grosskopf en Pienaar, aangewys om by die volgende vergadering

184 Die woord “genres” is gebruik om te verwys na die literêre kategorieë prosa, poësie en drama.

185 Reeds vir die 1919/1920-prys, waarvoor die toneelstukke *'n Esau* (Grosskopf) en *Jonge Du Pree* (Leon Maré) in aanmerking geneem is, het die beoordelaars dit moeilik gevind om verskillende literêre kategorieë met mekaar te vergelyk.

- die Raad met voorligting te bedien – ook in verband met die moontlike wysiging van die skenkingsakte, en
- ’n nuwe aankondiging in die pers te maak oor die voorwaardes vir mededinging vir 1928 (Malherbe 1928a:167).

Die volgende raadsvergadering het plaasgevind op Saterdag 3 Maart 1928 in die Universiteitskantoor, Stellenbosch. Grosskopf en Pienaar maak die volgende aanbevelings (Malherbe 1928a:171):

[I]n 1928 kom alleen digwerke van hierdie jaar in aanmerking; in 1929 toneelstukke van ’28 en ’29; in 1930 prosawerke van ’28-’30; in 1931 weer digwerke en wel van ’29-’31 en so voorts. Die termyn van beoordeling sluit telkens op 31 Augustus. ¹⁰

Die jaartal wat vanaf 1928 tot 1939 aan die Hertzogprystoekennings gekoppel word, is dié van die sluitingsdatumjaar.¹⁸⁶

Bosman, die Akademiesekretaris, kry opdrag om die aanbeveling in verband met die rotasiestelsel voor te lê aan generaal Hertzog, en as hy daarmee genoeë neem, sou die nuwe voorwaardes in die pers bekend gemaak word (Malherbe 1928a:171-172). Op die brief aan generaal Hertzog (KOR 14/2: 14 Maart 1928), antwoord sy privaatsekretaris (KOR 14/2: 3 April 1928):

Hy [Hertzog] is van mening dat wat nou voorgestel word ’n verbetering is op die ou prosedure en hy het dus natuurlik geen die minste objeksie daarteen nie.

Grosskopf en Pienaar kry tydens ’n buitengewone raadsvergadering gehou op Saterdag 14 April 1928 in die Universiteitsgebou, Oranjestraat, Kaapstad, opdrag om ’n persaankondiging in verband met die nuwe rotasiestelsel voor te berei; die Sekretaris sou sorg vir die plasing daarvan (Malherbe 1928b:236). Tydens ’n raadsvergadering gehou vier maande later, te Stellenbosch op 11 Augustus 1928, kry die Sekretaris weer opdrag om in die pers bekend te maak dat insendings¹⁸⁷ vir die Hertzogprys hom nie later as 31 Augustus moet bereik nie (Malherbe 1928c:48-49).

186 Vanaf die 1940-toekenning is die sluitingsdatum bepaal op **31 Desember van die voorafgaande jaar ten einde die beoordelings tydperk vas te stel op drie suiwer kalenderjare**. Die jaartal wat van toe af telkens aan die prys gekoppel word, is dié van die jaar waarin die prys toegeken word (kyk bladsy 190).

187 In hierdie stadium kon werke nog ingestuur word, maar dan moes dit in getikte formaat wees (kyk bladsy 113 en eindnota 8 op bladsy 517).

Die notule van die sewentiende jaarvergadering, gehou op 28 September 1928, gee blyke daarvan dat, met goedkeuring van die skenker, **die Hertzogprys voortaan om die beurt toegeken sou word aan prosa-, dig- en toneelwerk** (Malherbe 1928d:82).¹⁸⁸ **Hiermee breek 'n nuwe era in die Hertzogprystoekennings aan.**¹⁸⁹

188 Hierdie jaarvergadering is afgesluit met 'n voorstel van Engelenburg aan die Raad dat die veranderde basis vir die toekenning van die Hertzogprys in die skenkingsakte geïnkorporeer word (Malherbe 1928d:102).

189 Slegs eenmaal hierna, in 1984, het prosa, poësie en drama weer gelyktydig in aanmerking gekom vir 'n Hertzogprys in elke kategorie. Dit was 'n uitsondering omdat die Akademie sy 75-jarige bestaan gevier het, en nie omdat beoordelaars dit moeilik gevind het om tekste uit die verskillende kategorieë met mekaar te vergelyk nie.



J.F.W. Grosskopf, medewenner van die 1925/1926-Hertzogprys

Foto deur E. Kress, Bloemfontein, omstreeks November 1919

4.1 INLEIDEND

Die Hertzogprys is sedert 1928 op ’n driejaar-rotasiebasis toegeken totdat verdere veranderinge in die toekenningsprosedure in 1942/1943 ingetree het (kyk bladsy 221).

4.2 DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Gedurende die tydperk 1928 tot en met 1942, kon die Hertzogprys vir Drama vyf keer toegeken word: in 1929, 1932, 1935, 1938 en 1941.

4.2.1 DIE 1929-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die 1929-Hertzogprys vir Drama is in die pers bekend gestel (ARN 1929: 22 Junie – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1929b:204). In sy kennisgewing aan die media (KOR 15/1: 24 Junie 1929) verskaf die Akademiesekretaris, prof. dr. D.B. Bosman,¹⁹⁰ die volgende inligting in verband met die 1929-prys – die eerste toekenning sedert die instelling van die rotasiestelsel waarvoor slegs dramas in aanmerking gekom het:

Die Hertzog-prys word hierdie jaar toegeken vir toneelwerk in manuskrip¹⁹¹ of gepubliseer tussen 1 September 1927 en 31 Augustus 1929. Insendinge¹⁹² moet die Sekretaris, Prof. D.B. Bosman, Brittany-laan, Seepunt, bereik voor die 31 Augustus aanstaande.

Volgens die Akademie se balansstaat soos op 31 Julie 1929, was £75 beskikbaar vir prysgeld (Malherbe 1929d:112).

Teen hierdie tyd het die bepaling al verval dat werk ingestuur móés word (kyk bladsy 80-87), maar dit was nog ’n opsie. Dit blyk ook uit die Akademiesekretaris se antwoord aan mej. Rikie Postma, Bloemfontein, op haar navraag in verband met die Hertzogprys die vorige jaar (KOR 14/3: 27 November en 1 Desember 1928):¹⁹³

190 Bosman het in Oktober 1927 vir Preller opgevolg as Akademiesekretaris.

191 Manuskripte moes oorgetik wees (kyk bladsy 113 en eindnota 8 op bladsy 517).

192 Werke kon nog ingestuur word (kyk voetnota 187 op bladsy 124).

193 **Ten einde ’n geheelbeeld te vorm van die Hertzogprystoekenningsprosedure se ontwikkelingsgang, is dit belangrik om kennis te neem van tersaaklike gebeure tydens die jare waarin prosa- en poësietekste bekroon kon word.**

Manuskripte moet aan die Sekretaris gestuur word voor 31 Augustus. Van verskene boekwerke is dit genoeg om deur die uitgewers kennis te laat gee dat verlang word dat so 'n werk in aanmerking geneem word. Meestal geskied dit ook sonder sodanige versoek.

Na aanleiding van 'n berig wat hy in *Die Volksblad* gelees het, verneem J.G. Swart van Morgenzon by D.B. Bosman of dit 'n vereiste is dat werk eers gepubliseer moet wees, en of tikskrif 'n vereiste is (KOR 15/1: 30 Junie 1929). Bosman antwoord (KOR 15/1: 16 Julie 1929):

- (1) Die verlangde toneelwerk hoef nie gepubliseer te wees nie. Gepubliseerde werk mag alleen van die laaste paar jaar wees.¹⁹⁴
- (2) Die werk hoef, sover ek weet, ook nie noodsaaklik getik te wees nie, maar ek sou U tog in ernstige oorweging gee om dit te laat tik, en dan minstens met twee deurslae, sodat U 'n kopie het in geval die eksemplaar wat U aanstuur, verlore gaan. Die werk moet by die verskillende beoordelaars gesirkuleer word en daar bestaan altoos gevaar van verlies.

Volgens 'n besluit geneem tydens die Akademiesraadsvergadering van 27 November 1926, sou mededingers slegs toegelaat word om manuskripte in te stuur wanneer hulle dit laat oortik het (Malherbe 1926:103) (kyk bladsy 113 en eindnota 8 op bladsy 517). **Bosman se antwoord was dus nie in ooreenstemming met die raadsbesluit nie.**

Ook E.A. Schlengemann van Windhoek, redakteur van *Die Suidwes Afrikaner*, het na aanleiding van 'n kennisgewing in *Die Burger* by Bosman navraag gedoen in verband met die Hertzogprys (KOR 15/1: 22 Julie 1929). Hy wou weet of die naam van die skrywer op die manuskrip kon voorkom, en of dit onder 'n "pennenaam" ingestuur moes word. Hierop word geantwoord dat die skrywersnaam gerus op die manuskrip kan verskyn, maar dat 'n pseudoniem ook aanvaarbaar is (KOR 15/1: 26 Julie 1929).

Schlengemann het 'n manuskrip getiteld *In die gewoel*¹⁹⁵ vir beoordeling voorgelê (KOR 15/1: 19 en 23 Augustus 1929), van I.S.R. Gauché van Wanderer's View, Johannesburg, is *Mooiheid en Aantreklikheid, Geslag en Met wie om te trou* ontvang (KOR 15/1: 17 en 29 Augustus 1929), en van Rikie Postma die manuskrip *Waar die Reentboog Ent* (KOR 15/1: 23 en 31 Augustus 1929). Bosman het ook ontvangs erken van Rud. P. Visser, Pretoria, se stuk getiteld *Bertha*

194 Hertzog het in 'n brief aan dr. W.M.R. Malherbe, die Akademiesekretaris, gedateer 15 Februarie 1923, toestemming verleen dat "alle letterkundige werke wat in 'n bepaalde jaar in Afrikaans verskyn het vir die prys in aanmerking sal kom" (KOR 8/2) (kyk bladsy 82-82). Uit 'n verslag wat Preller in Junie 1925 gelewer het tydens 'n Akademiesraadsvergadering, blyk dit dat hy sêlf bepaal het dat enige boekwerk "wat gedurende die jaar verskyn het of wat nog nie in aanmerking gekom het vir die prys nie", beoordeel moet word (kyk bladsy 98).

195 Dit is in 1933 gepubliseer (kyk bladsy 159).

(KOR 15/1: 28 en 31 Augustus 1929), en C.H. Kühn, Kuilsrivier,¹⁹⁶ se teks *As tweetjies met mekaar wil vry* (KOR 15/1: 30 Augustus 1929).

Ander manuskripte wat ingestuur was, is dié van Herman van der Westhuizen, Boshhoek, Rustenburg, en A.J. Bruwer, Pretoria, maar die titels daarvan is onbekend (KOR 15/1: 24 Augustus en 31 Oktober 1929). Aangesien Bruwer in sy brief noem dat die manuskrip intussen ter perse was by De Bussy in Holland, kan aangeneem word dat hier sprake is van die drama *Sy meesterstuk* wat in 1930 deur De Bussy gepubliseer is.

Nienaber (1965a:58 en 109) meld dat Van Melle in 1929 in die afdeling drama meegeding het met drie “treurspele” in manuskripvorm, naamlik *Loutering*, *Die huwelik van Pop*¹⁹⁷ en *Bart Nel*.¹⁹⁸ Geen bevestiging kon van Nienaber se mededeling gevind word nie.¹⁹⁹

Die 1928-dramas uitgesluit, is dit moeilik om te bepaal watter werke gepubliseer is binne die tydperk 1 September 1927 tot 31 Augustus 1929, aangesien vir 1927 en 1929 nie suiwer kalenderjare ter sprake is nie.²⁰⁰

Die volgende dramas is in 1927 gepubliseer: ¹¹

Annie. (ps.)	<i>Hoe Willem Hanepoort 'n les geleer het</i> (Nasionale Pers)
Kotzé, J.A.	<i>Liefde versmaad: 'n toneelstuk in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers)
Leipoldt, C. Louis.	<i>'n Vergissing: blyspel in een bedryf</i> (Nasionale Pers)
Malherbe, D.F.	<i>Meester: toneelstuk in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers).

Watter van hierdie dramas eers ná 31 Augustus 1927 gepubliseer is om in aanmerking te kom vir die 1929-toekenning, is onbekend.

196 Die skrywer Mikro

197 Die drama *Die huwelik van Pop le Roux*, in 1935 gepubliseer deur Van Schaik, het die basis gevorm vir die novelle “Pop” (opgeneem in *Paaie wat wegraak* – 1941) en die eerste ses hoofstukke van *Verspeelde lente* (1961) (Antonissen 1964:298; Kannemeyer 1984:330).

198 *Bart Nel* is slegs as roman gepubliseer – in Nederlands met Afrikaanse dialoog (1936), en 'n Afrikaanse bewerking in 1942 met die titel *En ek is nog hy*. Die herdruk (1950) het weer die titel *Bart Nel*, met as ondertitel *En ek is nog hy*.

199 Ook Botha (1984:133) noem hierdie Van Melle-manuskripte wat voorgelê is, maar geen bron word verskaf nie. Sy het moontlik geput uit Nienaber se werk *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a).

200 Weens die onsekerheid omtrent die maand waarin werke gepubliseer is (in uitsonderlike gevalle is dit wel bekend), en die feit dat sedert die 1924/1925-siklus nie kalenderjare ter sprake is nie, word werke wat volgens hulle jaar van publikasie by twee siklusse in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys, ter wille van eenvormigheid by beide siklusse genoem. Suiwer kalenderjare is eers weer vir die 1943-toekenning gebruik vir die bepaling van die periode waarbinne werke gepubliseer moes wees. (Kyk eindnota 10 op bladsy 517).

Gedurende 1928 verskyn:

Kotzé, J.A.	<i>'n Droom: 'n drama in drie bedrywe</i> (Nasionale Pers)
Müller, Jac. J.	<i>Die doper of Die Herodus-treurspel</i> (Van Schaik)
Niggie van Eitemal. (ps. van Catharina Maria Marais)	<i>Die twyfelaar: toneelspel in vier bedrywe</i> (Van Schaik)
Pienaar, W.J.	<i>Saul</i> (Van Schaik)
Smareus. (ps.)	<i>Sy geboortereg</i> (Nasionale Pers)
Van der Merwe, D.I.	<i>Die fariseër</i> (Nasionale Pers)
Van Niekerk, J.C.B.	<i>Slagoffers: drama in vier bedrywe met proloog</i> (Van Schaik)
Verschuur, W.E.	<i>Die indringer: 'n toneelstuk in ses bedrywe</i> (Nasionale Pers).

Werke van dramatiese aard in 1929 gepubliseer, is:

Boonzaier, F.W.	<i>Die aangenome dogter</i> (Nasionale Pers)
Boshoff, Louie.	<i>Verskil van smaak</i> (Van Schaik) ¹²
Linde, Marie. (ps. van Elizabeth Johanna Bosman)	<i>Die ongelyke worsteling: 'n toneelspel in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers)
Rossouw, D.C.	<i>Die weeskind</i> (Van Schaik).

Dit is ook onbekend watter van hierdie 1929-dramas vóór 1 September gepubliseer is om in aanmerking te kon kom vir die toekenning.

Reeds in 1928 het die Raad voorgestel dat proff. E.C. Pienaar (sameroeper), M.C. Botha en Lydia van Niekerk in die Letterkundige Kommissie dien (Malherbe 1928d:101). Tydens die Akademierraadsvergadering van 24 September 1929, gehou te Stellenbosch, het Pienaar die Raad versoek om twee sekundi te benoem, aangesien twee van die oorspronklik benoemde lede (Botha en Van Niekerk) waarskynlik nie sou kon dien nie (ARN 1929: 24 September – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1929c:53). As sekundi is aangewys proff. A.C. Bouman en C.G.S. de Villiers. Die Hertzogprysverslag, gedateer 28 November 1929, is dan ook onderteken deur Pienaar, Bouman

en De Villiers (LK 1/1: 28 November 1929).²⁰¹ Volgens Nienaber (1965a:41) was Pienaar die sameroeper.²⁰² **In ooreenstemming met die skenkingsakte het die Raad, as kurator van die Hertzofonds, die Letterkundige Kommissie benoem.**²⁰³

Die verslag van die 1929-Hertzogpryskeurkommissie lui soos volg (LK 1/1: 28 November 1929; ARN 1929: 30 November – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1929d:119-120):

Ter beoordeling het ons gehad ’n twintigtal toneelstukke in manuskrip sowel as boekvorm, daterende uit die periode 1 September 1927 tot 31 Augustus 1929.

Hoewel verskeie stukke bepaald dramatiese talent openbaar, is daar geen enkele wat as geheel van sodanige gehalte is dat dit vir bekroning in aanmerking kom nie.

Die meeste skrywers toon weinig begrip van dramatiese tegniek. Algemeen voorkomende gebreke is o.m.: min of geen oortuigende karakteruitbeelding; gebrek aan eg-dramatiese spanning, veral as gevolg van ’n sug na sensasionale en melodramatiese effekte; swak dialoog en weinig beeldende taal. Ons beveel dus aan dat vir hierdie jaar geen prys toegeken word nie.

Hierdie verslag voldoen in geringe mate aan die versoek wat gespruit het uit die 27 November 1926-raadsvergadering (kyk bladsy 113).

Die verslag is deur die Raad bekragtig tydens die raadsvergadering van Saterdag 30 November 1929, gehou te Kaapstad. ’n Kort bespreking het gevolg waarin die Sekretaris gevra het of dit nie moontlik was om in die verslae meer besonderhede te verskaf en opbouende kritiek in individuele gevalle te lewer nie. Pienaar het gewys op die onmoontlikheid om gedetailleerde kritiek te lewer op ’n twintigtal dramas, en verder verduidelik dat “die mees sagsinnige kritiek”, as dit opbouend wou wees, groot gevaar sou loop “om persoonlike gevoelens seer te maak en onaangenaamheid te veroorsaak”. (ARN 1929: 30 November – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1929d:119-120.)

Pienaar was sameroeper van die 1925/1926-Letterkundige Kommissie, maar het nie voor die beoordeling van die 1929-Hertzogprys vir Drama weer op die Kommissie gedien nie. Die

201 Volgens die ouditeursverslag vir die jaar eindigende 31 Julie 1930, is £15.10.6 bestee aan onkoste in verband met die pryse (SAATLK s.j. b:73; Malherbe 1930d:102). Dit sou waarskynlik die beoordelaars se honorarium insluit.

Die eerste uitbetaling van honoraria aan lede van die Hertzogpryskeurkommissie wat opgespoor kon word, is dié vir die 1926/1927-prys (kyk bladsy 116).

202 Bylaag D behels ’n grafiese voorstelling van die Letterkundige Kommissie se samestelling (1928-1941).

203 Twee lede vir die beoordeling van die 1928-Poësieprys is deur die Raad benoem (G. Besselaar en P.C. Schoonees), terwyl die naam van een lid (S.P.E. Boshoff) deur die Jaarvergadering bygevoeg is (Malherbe 1927b:62; 1927c:117).

aanvanklike versoek om uitgebreide kommentaar en inligting is aan die einde van 1926 gerig, en dit is onseker of Pienaar daarvan bewus was. Volgens Pienaar is 'n dergelike versoek reeds vroeër oorweeg, maar daar is besluit om net die uitkoms van die ondersoek te publiseer, desnoods met 'n paar algemene opmerkings, soos in hierdie 1929-Hertzogprysverslag. Wanneer en waar hierdie besluit geneem is waarna Pienaar verwys, is onbekend.

Op die briewe van I.S.R. Gauché, Herman van der Westhuizen, Rud. P. Visser en C.H. Kühn (kyk bladsy 128), het Bosman 'n aantekening gemaak dat hy die manuskripte (ná beoordeling) teruggestuur het in Desember 1929. Die manuskrip van Postma is aan haar gepos met 'n begeleidende brief waarin Bosman meld (KOR 15/3: 17 Februarie 1930):

Ek het die vryheid geneem om self u stuk te lees – ek is nie op die Beoordelingskommissie nie – en was daar so mee ingenome dat ek vir U 'n uitgewer daarvoor wou soek. (Dit is die rede waarom U die stuk so laat toegestuur kry). Nou vind ek uit dat die stuk reeds gedruk is.

In die brief wat Bruwer se manuskrip vergesel, merk Bosman op (KOR 15/3: 20 Februarie 1930):

Ek verstaan dat jy daar 'n uitgewer voor gekry het. Ek is bly om dit te hoor en hoop dat jy daar genoegdoening van sal kry. Ek het probeer om die Beoordelingskommissie te kry om 'n beredeneerde individuele kritiek te gee, maar om maklik begrype redes wil die Kommissie hom nie daaraan waag nie.

Dit is onbekend watter dramas, benewens die manuskripte wat ingestuur is, die twintigtal toneelstukke gevorm het wat beoordeel is. Werke wat gedurende die tersaaklike periode verskyn het en, ten spyte van ernstige gebreke, tog sekere noemenswaardige eienskappe het, is *Meester* (1927) (D.F. Malherbe), *'n Vergissing* (1927) (Leipoldt),²⁰⁴ *Die doper* of *Die Herodus-treurspel* (1928) (Müller),²⁰⁵ *Saul* (1928) (Pienaar) en *Slagoffers* (1928) (Van Niekerk).

Malherbe se *Meester*, geplaas binne die agtiende-eeuse Boerelewe op 'n plaas in die Mosselbaaise distrik, is 'n voorstelling van 'n eensame, rondtrekkende Hollandse skoolmeester se botsing met 'n andersoortige sosiale stelsel. Die wins van hierdie drama is geleë in die element van tragiek wat daarin voorkom, maar kritiek daarteen is onder andere die trae tempo, onwaarskynlike handeling, die vassit in 'n historiese waas van romantiek en idealisme wat neerslag vind in die dialoog, en onbevredigende karaktertekening (met die uitsondering, in sekere opsigte, van

204 Of die twee 1927-dramas, *Die vergissing* en *Meester*, gepubliseer is voor 1 September 1927 om in aanmerking te kon kom vir die 1926/1927-Hertzogprys (kyk bladsy 117), of ná 31 Augustus 1927 om te kwalifiseer vir die 1929-Hertzogprys vir Drama (kyk bladsy 129), is onbekend.

205 Antonissen (1964:126) dui die publikasiedatum van hierdie 1928-drama aan as 1930.

die karakter Meester) (Bosman 1938a:64; Coetzee 1987:168; Kannemeyer 1984:162; *Die Nuwe Brandwag* 2(1):38, 43-45, Februarie 1930).

'n *Vergissing* is al bestempel as dramaties van weinig belang en 'n onbeduidende klug (Coetzee 1987:166; Dekker s.j.:402). F.C.L. Bosman meen egter dis "'n kostelike bietjie draakstekery met oordrewe erns en stigtelikheid", 'n "juweeltjie, 'n raak krabbeltjie wat in weinige trekke 'n egte stukkie boerepsigologie openbaar". Leipoldt is hier "nie alleen grappig en geestig nie maar styg bepaald tot humor". Volgens Bosman, sou die stuk egter nooit populêr word nie weens die "Afrikaanse oorgevoeligheid vir 'profaniteit'" (1938a:64.) Dié verwysing na die waarskynlike siening van die stuk as wêrelds, weerspieël onder andere die destyds heersende toneelsmaak.

Jac. J. Müller se versdrama *Die doper* of *Die Herodus-treurspel* het 'n Bybelse agtergrond en handel oor die sielestryd in die swakkeling, Herodus, wat verskeurd is tussen die eise van sy ongevoelige, gesaghonger en haatsugtige vrou Herodias, en die goeie in hom wat deur Johannes die Doper aangewakker is. Schoonees beskryf die drama as "'n aangrypende beeld van menslike lyding" (1939:208), terwyl Antonissen (1964:126) dit as "oppervlakkig van psigologie" beskou. Dit is een van die min Afrikaanse dramas tot en met 1929 wat werklik 'n sterk dramatiese botsing bevat, en is

... in teenstelling tot die prekerigheid, swak bou en vlak karakterisering van die meeste ander stukke – 'n eerste (mislukte) poging tot tragiese vergestaltung en die voorloper van Malherbe en Van Wyk Louw se uitbeelding van die profeetfigure (Kannemeyer 1984:157).

Dekker (s.j.:394) het gereserveerde waardering vir verse in hierdie drama met "'n egte klank, waarin iets van menslike waardigheid by Herodus deurskemer en waaruit Johannes se geloofs-versekerdheid en vreeslose moed spreek", en enkeles met "'n sterk dramatiese aksent, soos in die slotvervloeking van Herodus" – gedeeltes waarin die versvorm "noodwendig aandoen". Oor die geheel word die verse egter beskou as bombasties en uiters power, die styl retories en konvensioneel en die slotbedryfmerendeels dilettanties (Antonissen 1964:126; Dekker s.j.:394; Kannemeyer 1984:157; Schoonees (1939:208) – 'n drama wat dus nie 'n Hertzogprystoekening waardig kon wees nie.

'n Ander 1928-Bybeldrama wat ook uitstyg bo die, oor die algemeen, swak Bybeldramas van die twintigerjare, maar self nog middelmatig is, is *Saul* deur W.J. Pienaar.¹³ Dit is al getipeer as psigologies oppervlakkig en 'n drama waarin die hooffiguur se innerlike stryd weinig dramatiese konflik bevat (Antonissen 1964:126; Dekker s.j.:394). Die betekenis van *Die doper* en *Saul* lê

egter daarin dat die dramaturge “nie na intrige en romantiese verwickelinge gestreef het nie” (Dekker s.j.:394), maar die klem begin verskuif het na individuele problematiek.

Die waarde van J.C.B. van Niekerk se 1928-drama *Slagoffers*, wat afspeel teen die geskiedkundige agtergrond van Willem Adriaan van der Stel se bewindstyd, is, veral in retrospek gesien, daarin geleë dat dit die kwessie van rassevermenging aanraak – ’n tema wat later sterk na vore tree in Afrikaanse dramatekste.

Alhoewel hierdie dramas tekens toon van “dramatiese talent”, soos in die kommissieverslag genoem, is die besluit om in 1929 geen Hertzogprys vir Drama toe te ken nie, geregverdig.

4.2.2 DIE 1932-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die **Raad** het die Letterkundige Kommissie wat die beoordeling van die 1932-Hertzogprys vir Drama moes waarneem, gekies tydens ’n vergadering gehou op 30 September 1931 in Pretoria aan huis van die Akademievoorsitter, F.V. Engelenburg. Die gekose kommissielede, naamlik drr. G. Dekker (sameroeper), F.E.J. Malherbe en mnr. P.C. Schoonees (SAATLK 1931d:4), is egter “benoem” tydens die twintigste jaarvergadering, gehou op Vrydag 2 Oktober 1931 in die buitemuurse gebou van die Universiteit van Pretoria (SAATLK 1931d:3). **Dit kom dus voor asof die Jaarvergadering die raadsbesluit moes sanksioneer.**²⁰⁶

Engelenburg het later vir dr. M.S.B. Kritzinger skriftelik gepols oor sy bereidwilligheid om in die Letterkundige Kommissie te dien (KOR 16/3: 23 November 1931):

Sedert u ... Akademie-lid geword’t, het my die wenk bereik om ook u in die Kommissie opgeneem te kry, aangesien u met sukses litterére [sic] kritiek beoefen. Toneelkuns is vandag méér dan tevore in Afrikaner kring ’n onderwerp van belangstelling. Uit ons Akademie is onlangs [1931] ’n kommissie gevorm ter bevordering van Afrikaanse praatfilms en teater-voorstelling.²⁰⁷ Ons Letterkundige Kommissie kan ongetwyfeld help om produksie van dramatiese werke aan te moedig. Toetreding, deur u, tot hierdie Kommissie sal deur my Raad hoog gewaardeer word.

206 Sedert die 1929-Dramaprys is die Letterkundige Kommissie vir die 1930- en 1931-Hertzogprys, **teenstrydig met die skenkingsakkebepalings**, deur die **Jaarvergadering** benoem (AJVN 1929: 4 Oktober – in SAATLK s.j. b en Malherbe 1929d:116; AJVN 1930: 1 Oktober – in SAATLK s.j. b:72 en Malherbe 1930d:105). Die **Raad** het vir die 1931-prys slegs die benoeming gedoen van ’n plaasvervanger vir een van die kommissielede wat in die buiteland was (SAATLK 1931a:7).

207 Tydens die raadsvergadering gehou op 26 Augustus 1931 in Pretoria, en in die *Bulletien*, is melding gemaak van die voorstel om tydens die 1931-jaarvergadering ’n “Toneel-Radio-Film-kommissie” te vestig (SAATLK 1931c:2 en 4). Die eerste Kommissie het bestaan uit dr. M.L. du Toit en mnre. I.M. Lombard (Sekretaris en sameroeper) en H.C. de Kock (SAATLK 1932b:7).

Kritzinger aanvaar die benoeming (KOR 16/1: 26 November 1931)²⁰⁸ en word oor sy besorgdheid in verband met 'n moontlike staking van stemme weens die Kommissie se viertaligheid, deur Engelenburg gerusgestel (KOR 16/3: 27 November 1931):

[S]elfs 'n Kommissie met 'n onewe getal lede kan 'n staking van stemme veroorsaak, ingeval elke lid 'n prys-kandidaat verdedig, wat by geen andere lid steun vind nie! Dit het, origens, al 'n paar keer gebeur dat die Letterkundige Kommissie twee, ja selfs drie prys-waardige outeurs aanbeveel 't, tussen wie dan die geldsom verdeel is.

Tydens 'n raadsvergadering, gehou op Vrydag 11 Desember 1931 in die kantoor van G. Moerdyk, is Kritzinger benoem as vierde lid van die Letterkundige Kommissie (ARN 1931: 11 Desember – in SAATLK s.j. b; SAATLK 1932a:2).²⁰⁹ **Ten regte het die Raad outonoom opgetree in die besluit om Kritzinger as lid van die Letterkundige Kommissie te benoem.** Geen lid wat die 1929-Hertzogprysbeoordeling waargeneem het (E.C. Pienaar, A.C. Bouman en C.G.S. de Villiers), was deel van die 1932-Kommissie nie.

Na aanleiding van 'n gesprek tussen hulle in Oktober 1931, het Dekker, die sameroeper, skriftelik aan Engelenburg voorgestel

... dat die sekretaris van die Akademiesekretaris²¹⁰ 'n skrywe rig aan al die Afrikaanse **uitgewers** wat daarvoor in aanmerking kom, waarin hy hulle die samestelling van die kommissie meedeel en **versoek om die lede op hoogte te bring** van wat hulle aan dramas uitgegee het na 31 Augustus 1929 **en op hoogte te hou** van wat nog by hulle verskyn tot September 1932 op die gebied (KOR 16/1: 10 November 1931).
(Ek benadruk.)

Dekker meld dat hy bly sou wees as die Raad hiermee akkoord gaan:

Van alles wat verskyn, en dis ongelooflik hoeveel dit teenwoordig is, ontsnap die onopvallende klein dramas die maklikste aan die aandag en word die minste gereeld geresenseer.

208 Tans (Junie 2009) is 1931-dokumente in verband met die Hertzogprys in die Akademie se korrespondensielêer 16 (SAAWEK: K16) geliasseer in vouer 1 én 3.

209 In die oorsig van die Akademie se inkomste en uitgawe vir die boekjaar 1 Augustus 1932 tot 31 Julie 1933, word as uitgawe aangetoon die bedrag van £12.12.0 as honorarium wat betaal is aan die vier lede van die Hertzogpryskeurkommissie, en £7.0.9 as advertensiekoste insake die prys – 'n totaal van £19.12.9 (kyk die balansstaat soos op 31 Julie 1933) (SAATLK 1933b:6-7).

210 Vanaf Oktober 1927 was D.B. Bosman die Akademiesekretaris met prof. E.C. Pienaar wat sedert April 1930 as medesekretaris opgetree het. Bosman het verantwoordelik gebly vir die finansies en die werk in verband met die woordelys, terwyl Pienaar die orige werk op hom geneem het tot die jaarvergadering van 1 Oktober 1930. (ARN 1930: 5 April – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1930b:227). Hulle is in Oktober 1930 opgevolg deur prof. S.P. Engelbrecht wat die amp beklee het tot en met Oktober 1932. Vanaf November 1932 tot Desember/Januarie 1934 was mnr. J.S.M. Rabie die Akademiesekretaris (ARN 1932: 19 November – in SAATLK s.j. b; SAATLK 1933a:1) (kyk voetnota 235 op bladsy 147).

In 'n brief aan Dekker waarin Kritzinger se benoemingsaanvaarding bevestig word, merk Engelenburg op (KOR 16/3: 27 November 1931):

U wenk insake metode om genoemde Kommissie in staat te stel bekend te word met elke toneel-werk, wat gedurende die betrokke driejarige periode verskyn 't, is nuttig. Laat my weet of u navolgende plan as doeltreffend goedkeur:

Die Akademie-Raad instrueer elke uitgewer om toneel-werk 1929-1932 vir die Akademie se rekening te stuur aan u, as die Saamroeper.²¹¹ Vervolgens sirkuleer u, nou en dan, die ontvangte toneel-stukke onder u Kommissie-lede, met u opmerkinge, waarby dan elke lid sy opmerkinge voeg, sodat u die finale beoordeling kan redigeer.

(Ek benadruk.)

Dekker het hierdie metode verwelkom (KOR 16/1: 2 Desember 1931).

Twee verslae oor die 1932-Hertzogprys vir Drama is ingedien. P.C. Schoonees se minderheids-verslag lui soos volg (LK 1/1: 29 September 1932):

Rapport oor Toneelstukke verskyn gedurende die tydperk 1 Sept. 1929 – 31 Augustus '32

Dis eintlik onbillik om 'n oordeel uit te spreek oor toneelstukke waarvan 'n mens die opvoering nie self gesien het nie. 'n Stuk, wat as "leesdrama" weinig indruk maak, kan 'n groot sukses op die planke wees en omgekeerd. Ongelukkig het ek net twee of drie stukke self sien opvoer en bygevolg kan ek noueliks 'n oordeel uitspreek oor die toneelwaarde van die werk hieronder genoem.

Volgens my oordeel het die volgende skrywers die beste werk gelewer:

- | | | |
|----|---|---|
| 1. | C.L. Leipoldt | Die Laaste Aand. ²¹² [1930 – Nasionale Pers]
Afgode. [1931 – Nasionale Pers]
Die Kwaksalwer. [1931 – Nasionale Pers]
Onrus. [1931 – Nasionale Pers] |
| 2. | J.C.B. van Niekerk | Van Riet van Rietfontein. [1930 – Van Schaik] |
| 3. | D.F. Malherbe | Op die Trekpad. [1931 – Nasionale Pers] |
| 4. | H. v.d. M. Scholtz [sr.] ²¹³ | Nuwe Lewe. [1931 – Nasionale Pers] |
| 5. | E.A. Schlengemann | Die Drie v.d. Walts. [1932 – HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.] |
| 6. | H.A. Fagan | Op Sand Gebou. [1932 – Nasionale Pers] |

211 In 1931 is uitgewers versoek om publikasies direk aan elke beoordelaar te stuur. Die Akademie sou daarvoor betaal. (KOR 16/1: 15 Junie – brief van Engelenburg aan Pienaar; KOR 16/3: 8 Julie 1931 – brief van Engelenburg [vermoedelik] aan Pienaar.) (Kyk ook eindnota 20 op bladsy 522.)

212 In die oorspronklike verslag is die titels van toneelwerke net soms onderstreep. Daar word net so uit die verslag oorgetik – ook wat interpunksie en die gebruik van hoofletters betref.

213 Hy is gebore in 1893 en oorlede op 24 September 1960 (SAAWEK: Ledelêers). Later het H. v.d.M. Scholtz junior ook op die literêre toneel verskyn (kyk bladsy 300 en voetnota 533).

Die beste toneelstuk uit hierdie 6 is m.i. Van Riet van Rietfontein. Dit steek egter nie sover bo al die ander uit dat dit alleen bekroon kan word nie.¹⁴ Ek sou graag sien dat die prys gelykop verdeel word tussen minstens drie van bogenoemde auteurs [sic]. No. 5 is oorlede en kan dus buiten beskouing gelaat word. Persoonlik sou ek die volgende bekroon:

Leipoldt, Van Niekerk en Fagan.

Hierdie skrywers streef doelbewus na die verheffing van ons toneelkuns; hulle werk is van letterkundige gehalte en, sover ek kan oordeel, sonder ernstige tegniese gebreke. Hulle laat hul nie, soos die meeste ander toneelskrywers, verlei tot growwe toneel-effekte of spektakelagtighede om die engelebak te behaag nie. Daarby het hul 'n regte begrip van 'n dramatiese botsing en slaag hul daarin om die hooffigure se karakters volgens sielkundige beginsels te openbaar. Die dramatiese handeling ontstaan uit innerlike noodsaak en nie as gevolg van “kunst en vliegwerk”²¹⁴ nie.

Op toneelgebied vind ons feitlik 'n herhaling van die stryd tussen die avontuurroman en die psigologiese roman.²¹⁵ Daar is 'n groot behoefte aan eenvoudige toneelstukke, omdat soveel verenigings en kultuurorganisasies deur 'n goedkope lagsukses fondse wil insamel vir een of ander doel. Bygevolg is die speltakelstukkies²¹⁶ populêr; die meeste is spesiaal geskrywe vir die platteland, en om 'n opvoering moontlik te maak is die skrywers so tegemoetkomend om die mise en scène so primitief moontlik te maak. Daarom kry ons gedrogte soos: Diplomaties [1930 – Van Schaik] - C.H. Kühn²¹⁷ en Verskil van Smaak [1929 – Van Schaik] - L. Boshoff [kyk eindnota 12 op bladsy 519] – wat min of meer vergelyk kan word met die Joh. van Wyk-stadium in ons romankuns. Heel moontlik is toneelstukkies van hierdie aard van enige waarde in ons huidige ontwikkelingsperiode, omdat die strekking nogal dik opgeplak is. Daar bestaan egter 'n groot gevaar dat sodanige spektakelagtige stukkies mettertyd die smaak van die publiek so kan bederf dat die opvoering van 'n ernstige stuk onmoontlik sal word. Ons moet waarsku teen die gewoonte om 'n toneelstuk as 'n geldmaak-middel te beskou. Solank die egte liefde vir die toneelkuns ontbreek sal ons beste stukke ongespeeld bly.

Die skrywers, wat geskiedkundige motiewe behandel, het dit nog nie verder gebring as die voorstelling van 'n reeks taferle in dialoogvorm nie. Voorbeelde hiervan is: Paul Kruger [1930 – Nasionale Pers] deur Sylva Moerdyk, Pioniers [1931 – HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.] deur Gauché en Die Smeltkroes [1930 – Nasionale Pers] deur Dr. A.M. Moll. Hierdie stukke mag nuttige dienste bewys in die kultuurstryd, omdat dit die volk 'n aanskoulike voorstelling van sy geskiedenis gee, maar veel dramatiese waarde besit dit nie.

F.W. Boonzaier²¹⁸ het in Die aangenome Dogter [1929 – Nasionale Pers] en Lief en Leed van Lena [1930 – HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.] getoon dat hy sy taak ernstig opvat. Hierdie skrywer verdien aanmoediging en sal ongetwyfeld later nog meer verdienstelike werk lewer.

214 Allerlei kunsmiddele (Kruyskamp 1976, sv “kunstwerk”)

215 In die verslag is hier 'n voetnota wat lui:

Elders voldoende deur my [P.C. Schoonees] gekarakteriseer.

216 spektakelstukkies

217 Mikro

218 Die korrekte spelling is Boonzaier

Schlegelmann het in Die Drie van der Walts 'n verdienstelike klug gelewer.

P.W.S. Schumann se werk bevat ook 'n belofte.²¹⁹

Oor die algemeen beskou, het daar in die behandelde periode heelwat verdienstelike stukke verskyn. Daar is minstens ses of agt skrywers van wie ons in die naaste toekoms nog veel beter werk kan verwag. Hulle het definitief die stryd aangebind teen die oppervlakkigheid, en ofskoon ons toneelkuns hom nog nie verhef het tot hoogtes van ontroerende skoonheid nie, is daar tog orals tekens van 'n gesonde en veelbelowende groei.

Dekker het hierdie relatief volledige minderheidsrapport²²⁰ aan die Akademiesekretaris gestuur en Schoonees se versoek oorgedra dat die verslag in die argief geplaas word (KOR 17/1: 7 November 1932). Die meerderheidsverslag van Dekker, F.E.J. Malherbe en Kritzinger lui só (KOR 17/1; ongedateer):

U kommissie het die groot aantal dramas wat gedurende die tydperk 1 Sept. 1929 – 31 Aug. 1932 verskyn het,²²¹ sorgvuldig gelees, en rapporteer as sy bevinding:

Oor die algemeen kan 'n vooruitgang in die tegniek gekonstateer word. Ook word die dialoog natuurliker, die gegewe meer waar en aan die werklike lewe ontleen. Tog is waaragtig dramatiese kuns nog seldsaam. Wat gegee word is nog te veel 'n interessante verhaal of liriek wat sig aandien as 'n drama. Die dramas wat verskyn het, gee nog nie die indruk nie dat die skrywers noodwendig hierdie vorm moes aangryp omdat hulle die innerlike drang gehad het om hulle lewensaanvoeling uit te beeld as 'n hewige botsing wat plaasvind in die sielelewe van die karakters – deurdat dié karakters in konflik gekom het met hulleself of met die medemens of met magte bo hulle. Die werklike drama wat lewensverdieping en lewensverklaring bring, ontbreek nog in die werke wat ons moes beoordeel. Wel gee baie van hierdie dramas 'n botsing, maar dis nog nie intens deurleef, dit vind nog nie plaas in die siel van die karakters nie. Die werke verskil wel baie in waarde, maar onder die dramas wat oorweeg kon word vir die doel van ons kommissie, is geen werklik opvallende of goeie werk nie, sodat dit o.i. nie vrugbaar sou wees om afsonderlike dramas of outeurs te bespreek nie. Alleen wil ons met lof vermelding maak van “Die Laaste Aand” van Leipoldt, waarin hierdie kunstenaar die motief van sy vroeë gedig “Van Noodt se laaste Aand” breër uitgewerk het. Hierdie werk is sterk dramaties, maar is nog te sketsmatig om daar die hoë onderskeiding van die Hertzog-prys aan toe te ken.

Ons beveel dus aan dat die Hertzog-prys vanjaar nie toegeken sal word nie.

219 Schoonees het waarskynlik Schumann se dramas *Die verlore seun: 'n toneelstuk in drie bedrywe* (1930 – Nasionale Pers) en *Elkeen sy eie* (1932 – Van Schaik) in gedagte gehad.

220 Tot en met 1930 is nie eintlik voldoen aan die 1926-versoek vir uitvoerige verslae en 'n alfabetiese lys van werke wat verskyn het nie (kyk bladsy 113). Nienaber (1965a:44) merk tereg op dat dit 'n “onbevredigende toestand” was. Die 1931-Letterkundige Kommissie wat poësie moes beoordeel, het in hulle verslag die Raad se opdrag uitgevoer om, saam met hulle Hertzogprysaanbeveling, 'n kort oorsig te verskaf van die bedrywighede op die gebied van die Afrikaanse digkuns gedurende die voorafgaande drie jaar (SAATLK 1932a:4-5).

221 Dit wil voorkom of geen werk in manuskripvorm beoordeel is vir die 1932-Dramaprys nie. Ook geen Akademieargiefdokumente dui daarop nie.

Nie een van die twee verslae is vooraf gepubliseer in die *Bulletin* nie.²²² Dekker het dit eers voorgelê tydens die **jaarvergadering**²²³ wat gehou is op Saterdag 8 Oktober 1932 in die Macfadyensaal, Pretoria (SAATLK 1932c:2-3). **Die meerderheidsverslag is aangeneem, maar die skenkingsakte bepaal dat die Raad as kurator finaal moes besluit. Die Jaarvergadering moes net daarvan kennis neem.**²²⁴

Die aanneming van die verslag is voorafgegaan deur 'n bespreking. Engelenburg, die Akademievoorsitter, sou graag wou sien dat die meerderheids- en minderheidsverslag as 'n geheel verenig word. Dekker was egter van mening dat dit onwenslik sou wees om die Hertzogprys uit te reik

... as daar nie werke is van 'n genoegsaam hoë gehalte om vir bekroning in aanmerking te kom nie. Dit sou die geesteswaarde van die prys verlaag.

Volgens Kritzinger was die “aanmoedigingstadium” verby en kon alleen werke “van ’n genoegsaam hoë gehalte” bekroon word.²²⁵

S.P.E. Boshoff, gesekondeer deur T.H. le Roux, was ten gunste daarvan dat die meerderheidsverslag aanvaar word. F.S. Malan, met Engelenburg as sekondant, het voorgestel dat die vergadering hom met die meerderheidsverslag verenig, maar was van oordeel

... dat ter waardering van skrywers vir hierdie maal die prys gelykop verdeel word tussen die drie persone, genoem in die minderheidsverslag.

222 Vir hierdie 1932-jaarvergadering is verslae van die Film-Radio-Kommissie en Kunskommissie ontvang wat wél gepubliseer is, maar van die Letterkundige Kommissie en Taalkommissie is tot en met die jaarvergadering niks ontvang nie (SAATLK 1932c:1).

223 **Die Jaarvergadering het reeds in 1913 besluit dat verslae van vakkommissies twee maande voor die jaarvergadering aan die Akademiesraad gestuur moes word** sodat dit, saam met die Akademiesraad se aanbevelings, voorgelê kon word aan die Jaarvergadering (Besluit 18/1913 – ZAATLK 1913b:17). (Kyk bladsy 44 en eindnota 17 op bladsy 521.)

224 Sedert die 1929-Dramaprys is die finale beslissing oor die Hertzogprys soos volg geneem:

Insake die 1930-Prosaprys het die Raad besluit om die bevinding van die Letterkundige Kommissie goed te keur en aan die Jaarvergadering te rapporteer (ARN 1930: 1 Oktober – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1930d:83). Die verslag is met dank deur die **Jaarvergadering** aangeneem en bekragtig (AJVN 1930: 1 Oktober – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1930d:87).

Ook vir die 1931-Hertzogprys vir Poësie is die verslag van die Letterkundige Kommissie gelees en aangeneem deur die **Jaarvergadering** (SAATLK 1931d:1). Coetser (1989:121) merk op dat die **Raad besluit het om nie in 1931 ’n Hertzogprys toe te ken nie**, maar verskaf geen bron vir sy bewering nie. Ook Nienaber (1964:27) impliseer dat dit nié die **Jaarvergadering** was wat die 1931-verslag goedgekeur het nie.

225 Die aanmoedigingsgedagte het ’n rol gespeel in die 1928-Hertzogprystoekening toe die prys verdeel is tussen A.G. Visser (*Rose van herinnering* – 1927) en C.M. van den Heever (*Die nuwe boord* – 1928). Volgens die verslag was dit die beoordelaars se oortuiging “dat die doel van die skenking veral bevorder word deur, waar dit geregverdig en moontlik is, jong opkomende talente aan te moedig” (LK1/1: holograaf gedateer 6 November 1928; ARN 1929: 16 Maart – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1928d:152-153).

Die Hertzogprys is egter nie bedoel as algemene waarderingsprys nie, maar vir die beste werk in 'n bepaalde tydperk. E.G. Jansen het tereg daarop gewys dat laasgenoemde voorstel nie versoenbaar is met die uitgedrukte wens in die skenkingsakte van die Hertzogprys nie. Volgens S.F.N. Gie kon die skrywers dit moontlik as 'n belediging beskou om op die wyse soos uitgedruk in die voorstel van Malan, 'n bekroning te ontvang. **Daar is met 'n groot meerderheid besluit dat geen 1932-Hertzogprys vir Drama toegeken word nie.** (SAATLK 1932c:2-3.)

Haarhoff wou weet of die vergadering tevrede is met die wyse waarop verslae gepubliseer word, en of dit raadsaam is

... om 'n kritiek van drie of vier lyne te publiseer en 'n boek daarmee dood te druk.

Verskeie sprekers was dit eens dat dit nie wenslik is om 'n verslag altyd in sy geheel te publiseer nie. Op voorstel van P.J. du Toit, gesecondeer deur Imker Hoogenhout, is **besluit** om in die toekoms van **die Kommissies** te verwag om, behalwe die **volledige verslae**, waar nodig **afsonderlike verslae vir publikasiedoeleindes** op te stel.²²⁶ Ook is besluit dat die minderheidsverslag van Schoonees nie gepubliseer sou word nie. (SAATLK 1932c:2-3.)

Die volgende dramas het in die bepaalde tydperk verskyn, maar is nie in die verslae genoem nie:

1929-dramas:

Linde, Marie.

Die ongelyke worsteling: 'n toneelspel in vier bedrywe
(Nasionale Pers)

Rossouw, D.C.

Die weeskind (Van Schaik).

Dit is nie bekend watter van hierdie 1929-dramas gepubliseer is ná 31 Augustus 1929 om in aanmerking te kon kom vir die 1932-toekenning nie.

226 Tot en met die uitgawe van Nienaber se boek, is daar volgens hom nooit voldoen aan die versoek om afsonderlike verslae nie (1965a:44). In Oktober 1963 het die Akademiesekretaris keurkomiteelede meegedeel dat die Akademieraad dit oorweeg om die oorsigtelike gedeelte van verslae te publiseer (kyk bladsy 359). Sedert die instelling van die eerste Letterkundige Kommissie met uitgebreide, oorkoepelende funksies in 1968, het die bekroningsvoorskrifte by die Hertzogpryshandleiding (bepaling 8 in bylaag BB op bladsy 669 en bepaling 7 in bylaag CC op bladsy 671) aan die Akademieraad die opsie gebied om die Keurkommissie se verslag na goeddunke te publiseer.

1930-dramas:

- Botha, P.W. *Die stryd om die troon* (Nasionale Pers)
- Bruwer, A.J. *Sy meesterstuk: 'n drama in vyf bedrywe* (J.H. de Bussy)
- Du Plessis, P.J.S. *Die vroulike geslag: 'n blyspel* (Nasionale Pers)
- Smareus. (ps.) *Die applikante* (Nasionale Pers).

Bruwer se drama is vermoedelik al vir die 1929-Hertzogprys in manuskripvorm beoordeel (kyk bladsy 129), en sou nie weer in berekening gebring kon word nie.

1931-dramas:

- Boonzaier, F.W. *Die stad van Sodom* (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
- De Waal, J.H.H. *Die dobbelspelletjie: 'n toneelstuk in twee bedrywe* (Nasionale Pers)
Die jonge skrywer: 'n toneelstuk in drie bedrywe (Nasionale Pers)
- Du Plessis, Martha. *Die verkeerde Du Toit* (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
- Langenhoven, C.J. *Petronella: 'n tragedie van verarming* (Nasionale Pers)²²⁷
- Mikro. *Die grootste genot* (Nasionale Pers).

1932-dramas:

- Boonzaier, F.W. *Die professor en ander samesprake*²²⁸ (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
- Coetsee, David J. *Agterstevoor boerdery* (Nasionale Pers)
- De Wet, Ben. *Braam en Juliana: toneelstuk in vier bedrywe* (Nasionale Pers)
- Linde, Marie. *Drie toneelstukkies* (dit bevat die volgende eenbedrywe: *Beatriks Ursula*, *Terwyl daar basaar gehou word* en *Malkop Lettie*) (Nasionale Pers)
- Moll, A.M. *Mislukte huweliksplanne* (Nasionale Pers)

227 Ook opgeneem in C.J. Langenhoven se *Versamelde werke* (1933).

228 Dit bevat die volgende vyf samesprake: “Die professor”, “Baas in sy eie huis”, “'n Preek”, “Die onsistematiese maters” en “Berend Brand, speurder”, asook twee gedigte, naamlik “Die dronkaard” en “Sap en Nat”.

- Ploos van Amstel, C. *Opdraand* (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
- Sita. (ps. van S.S. de Kock) *Die stiefma* of *Onbekend maak onbeminde* (HAUM)
Sy les (HAUM).

Watter van hierdie 1932 dramas gepubliseer is tot en met 31 Augustus 1932 om in aanmerking te kon kom vir die Hertzogprys, is onbekend.

Dit is insiggewend dat Schoonees in sy minderheidsverslag pertinent die onderskeid tref tussen 'n dramateks en die opvoering daarvan. Hy beklemtoon dat sy oordeel berus op die leesteks, en nie op die toneelwaarde van die stuk nie. Daarom brei hy ook nie uit oor die tegniese aspekte van die werke nie. Uit die verslag blyk ook die stand van die Afrikaanse toneel wat in daardie stadium nog dikwels ingespan is vir didaktiese doeleindes en kultuur-opvoeding. (LK 1/1: 29 September 1932.)

In ooreenstemming met die vereistes van die Hertzogpryskenkingsakte, identifiseer Schoonees 'n enkelteks, naamlik *Van Riet van Rietfontein* (1930 – J.C.B. van Niekerk), as die beste toneelstuk wat in die betrokke tydperk verskyn het. Volgens hom munt dit egter nie in so 'n mate uit dat dit as enkelteks bekroningswaardig is nie en hy beveel aan dat die prys verdeel word tussen minstens drie outeurs. Alhoewel Schlengemann later in die verslag geprys word vir die “verdienselike klug” *Die drie Van der Walts* (1932) (kyk bladsy 138),²²⁹ moes hy volgens Schoonees buite rekening gelaat word aangesien hy oorlede is.²³⁰ Schoonees se keuse het op Leipoldt, Van Niekerk en Fagan geval vir moontlike bekroning. In sy minderheidsverslag verskaf Schoonees 'n algemene karakterisering van hulle werk en dié van enkele ander persone, sonder om enkeltekste uit te sonder, en wyk sodoende af van die skenkingsaktebepalings. **Schoonees se aanbeveling wat gebaseer was op die bekroning van 'n outeur eerder as 'n spesifieke werk, het die kiem gedra van die voorstelle wat in 1942/1943 goedgekeur is, naamlik dat 'n dramaturg in aanmerking kan kom vir bekroning op grond van 'n drama-oeuvre** (kyk bladsy 221). In die meerderheidsverslag is geredeneer dat dit onvrugbaar sou wees om afsonderlike dramas of outeurs te bespreek aangesien geen bekroningswaardige enkelteks uitgesonder kon word nie. Soos vir die 1929-Hertzogprys vir Drama, was daar volgens hierdie meerderheidsverslag “geen werklik opvallende of goeie werk nie”. (Kyk bladsy 138.)

229 Dit is al beskryf as 'n “vernufte situasieblyspel met lewendige dialoog en enkele goeie tiperings” (Antonissen 1964:236), knap van bou (Dekker s.j.:396) en met 'n “vlotte gang en beskaafde geestigheid” (Bosman 1938a:62-70). Kritiek teen *Die drie Van der Walts* was onder andere dat dit “sonder dieper lewensopenbaring” is (Dekker s.j.:396), en dat die ontknoping te lank is en die werk ontsier (Antonissen 1964:236). Tog was dit 'n bo-gemiddelde blyspel vir daardie tyd.

230 Boerneef, byvoorbeeld, is in 1968 postuum bekroon (kyk bladsy 457).

Uit beide die meerderheids- en minderheidsverslag (bladsy 136-138) blyk dit dat werk van wisselende gehalte gelewer is, dat daar tekens was van groei, alhoewel werklik uitstaande tekste nog ontbreek het, en dat dramadialoog dikwels slegs as mondstuk vir 'n verhaal of liriek gebruik is.

Word die minderheidsverslag vergelyk met die 1929-verslag (kyk bladsy 131), is dit duidelik dat toneelstukke met 'n sensasionale en melodramatiese inslag, veral met die doel om sekere gehore tevrede te stel en gelag te ontlok, steeds geskryf is. Dit is in hierdie opsig dat Schoonees vir Fagan, Leipoldt en Van Niekerk uitsonder as skrywers wat hulle nie daartoe laat verlei nie. Waar twee van die algemene tekortkominge in dramatekste volgens die 1929-verslag aangedui word as “'n gebrek aan eg-dramatiese spanning” en “min of geen oortuigende karakteruitbeelding”, sonder Schoonees genoemde drie persone uit as dramaturge wat “'n regte begrip van 'n dramatiese botsing” het, wat die hooffigure se karakters “volgens sielkundige beginsels ... openbaar” en wie se werk tekens toon van dramatiese handeling wat uit “innerlike noodsaak” ontstaan, en nie as gevolg van allerlei kunsmiddele nie. Dit is juis in hierdie opsig dat die minderheids- en meerderheidsverslag van mekaar verskil: alhoewel Schoonees hierdie positiewe kenmerke reserveer vir Fagan, Leipoldt en Van Niekerk, was daar volgens die meerderheidsverslag géén drama waarin die botsing “intens deurleef” is en plaasgevind het “in die siel van die karakters nie” (kyk bladsy 138). Die karakters se handeling het per implikasie dus nie ontstaan uit “innerlike noodsaak” nie.

Die klem wat dramatiese handeling ontvang het, weerspieël die beoordelaars se klassiek Aristoteliaanse verwagtinge van die drama:²³¹ dat skrywers noodwendig die dramatiese vorm moes gebruik

... omdat hulle die innerlike drang gehad het om hulle lewensaanvoeling uit te beeld as 'n hewige botsing wat plaasvind in die sielelewe van die karakters – deurdat dié karakters in konflik gekom het met hulleself of met die medemens of met magte bo hulle.

Die meerderheidsverslag vervolg deur die opmerking dat geen drama hierdie indruk geskep nie (kyk bladsy 138):

Die werklike drama wat lewensverdieping en lewensverklaring bring, ontbreek nog in die werke wat ons moes beoordeel.

231 Binge (1969:192) wys op die mode in die dertigerjare om by onderwysinrigtings die Griekse drama, as leerstuk bedoel, te bestudeer.

Deur die 1929- en 1932-verslae met mekaar te vergelyk, blyk dit dat 'n waarneembare toename in dramateksgehalte te bespeur is. Volgens die 1929-verslag het die meeste skrywers weinig begrip van dramatiese tegniek getoon, maar die 1932-meerderheidsverslag meld 'n algemene vooruitgang in tegniek, en Schoonees sonder sy aanbevole drie dramaturge uit as persone wie se werk sonder ernstige tegniese gebreke is. In reaksie op die meerderheidsverslag word in *Die Huisgenoot* van 21 Oktober 1932 egter opgemerk (Viljoen 1932:11):

Die betrokke skrywers sal seker saam met ons graag nadere besonderhede wil verneem omtrent die Akademie-oordeel oor wat nou eintlik as 'n vereiste gestel word ten opsigte van die tegniese sy van die drama, want dit is 'n vraagstuk waaroor daar in die laaste tyd nogal verskil van mening bestaan. Dit het ons b.v. getref dat Leipoldt, wat hom maar alte dikwels nie aan die tegniese vereistes van 'n toneelstuk steur nie, eervolle vermelding gekry het, al het hy ook nie “waaragtige dramatiese werk” gelewer nie.

Waar in 1929 nog melding gemaak is van swak dialoog, merk die beoordelaars in die 1932-meerderheidsverslag op dat die dialoog oor die algemeen natuurliker word (kyk bladsy 138).

Schoonees ag die dramas wat vir die 1932-toekenning in aanmerking gekom het, hoër as Dekker, Malherbe en Kritzinger in hulle meerderheidsverslag. Eerstens moet vasgestel word of Schoonees se relatief hoë waardering vir *Van Riet van Rietfontein* (1930) deur J.C.B. van Niekerk geregverdig is, al beveel hy dit nie as bekroningswaardige enkelteks aan nie, en tweedens of *Op sand gebou* (1932 – Fagan), asook Leipoldt se dramas *Die laaste aand* (1930), *Afgode* (1931), *Die kwaksalwer* (1931) en *Onrus* (1931) die hoër lof wat Schoonees dit toeswaai, werd is.

Reeds in sy 1928-drama, *Slagoffers*, het J.C.B. van Niekerk die kwessie van rassevermening aangeraak, en in *Van Riet van Rietfontein* staan die destyds sosiale probleem van gemengde huwelike en die invloed wat dit op individue gehad het, in die kollig. Conradie (1992:81-82) wys op die rasse- en kulturele meerderwaardigheid, elitisme en die vaderfiguur se blatante rassisme wat uit die drama spreek.

Bosman plaas hierdie drama in 1938 “op 'n besondere trap van verdienste” (1938a:69). Dit beskik inderdaad oor sekere noemenswaardige eienskappe soos goeie karakterisering en tegniek. Die 1930-*Van Riet van Rietfontein*-publikasie het, veral wat die uiteinde betref, egter heelwat verskil van die oorspronklike drama wat voor die verskyning van die teks opgevoer is. Ten einde 'n doeltreffender, natuurliker oplossing daar te stel, moes die voltrekking van die ondergang, wat in die oorspronklike stuk oor 'n paar jaar gestrek het, tot 'n jaar beperk word. Dit het gelei tot die kritiek dat die ondergang van Koos Meintjies, maar veral dié van die patriarg Jan van Riet, te skielik was, en dat die redes vir sekere karakters se optrede nie duidelik en voldoende

uitgewerk of gemotiveer is nie. Daar is ook gewys op “foutjies van dialoog” en “mindergeslaagde gebruik van woorde en uitdrukkinge” (*Die nuwe brandwag*, Februarie 1930:46-49). *Van Riet van Rietfontein* is egter met reg deur Schoonees uitgewys as ’n besondere drama, alhoewel dit nie as enkelteks bekroningswaardig was nie, maar of hierdie teks bó *Die laaste aand* verkies kon word, is twyfelagtig.

Die waardering wat Schoonees vir Fagan se werk uitspreek, berus uitsluitlik op die drama *Op sand gebou* – die enigste Fagandrama wat gedurende die 1932-toekenning se beoordelingsstermy n verskyn het. Die ambisieuse, eersugtige bywonerseun Coenraad Brink is die Afrikaanse drama se “eerste voorbeeld van ’n intrigant, ’n man wat na twee kante toe speel” (Kannemeyer 1984:209). Hy werp alles in die stryd om sy ideale te verwesenlik, maar sy planne stort in duie omdat hy “op sand gebou het”. Hierdie drama is al deur verskeie kritici beskou as Fagan se swakste toneelwerk. Kritiek is uitgespreek teen onder andere die karakter Brink se optrede wat te onmenslik en berekend is vir ’n ernstige drama, terwyl sy misstap nie die optrede teen hom (sy afdanking as bestuurder van die Boedelkamer) regverdig nie, die oorbeklemtoonde strekking van die stuk, die opsetlike teenstellings wat die karaktertekening benadeel, die byna leedvermakerige en onbeduidende moralisasie wat simpatie met die hoofpersoon onmoontlik maak, die oormaat redenasies wat die handeling vertraag en ’n pakkende klimaks verhoed, asook langdradigheid (Antonissen 1960:114, 1964:165; Buning 1960:306; Kannemeyer 1984:209; Senekal 1978:8; *Die Transvaler* 9 Desember 1963). Insiggewende kritiek kom van Antonissen (1964:165) wat hom uitspreek teen “die mensies se onbeduidendheid”. Hieruit blyk Aristoteliaanse verwagtinge dat ’n drama hoofsaaklik moet handel oor persone van statuur.

Op sand gebou is nie ’n sterk genoeg teks om die basis te kon bied vir Schoonees se aanbeveling dat Fagan die Hertzogprys met Leipoldt en Van Niekerk moes deel nie.

In Leipoldt se *Afgode* kom ’n opvallende karakterteenstelling voor tussen die gewetenlose, onmenslike, alkoholiese skurk van ’n eggenoot, en sy ongelooflik verdraagsame vrou wie se liefde vir dié “álte ploertige vent”, soos Antonissen (1964:117) hom noem, stand hou. Die karakters word egter “te weinig genuanseerd voorgestel om werklik te oortuig” (Kannemeyer 1984:139). Dekker wys daarop dat die drama “geen werklike dramatiese botsing” bevat nie, en dat die wyse waarop die heldin tot haar offer kom, nie uitgebeeld word nie. Die geheel is gevolglik baie onoortuigend, en “’n paar knap toneeltjies kan die stuk nie red nie”. (s.j.: 402.) Bosman (1938a:68) beskou *Afgode* en *Onrus* as Leipoldt se “mindere werk”, en Coetzee (1987:166) beskryf *Onrus* as “swak”. Laasgenoemde teks is ’n dramatiese voorstelling van ’n spookstorie en beskik oor enkele positiewe eienskappe, soos vlot dialoog en handeling, asook die effektiewe gebruik van regie-effekte (Antonissen 1964:117; Dekker s.j.:403; Kannemeyer 1984:139).

Die kwaksalwer deur Leipoldt het nie “te veel om die lyf nie” (Bosman 1938a:69), en sou ook nie met die Hertzogprys bekroon kon word nie. Alhoewel enkele tipes, veral die Jood, knap en simpatiek geteken is, weeg die kankerprobleem te swaar in die “komedie”, word ’n probleem daargestel, maar geen werklike konflik uitgebeeld nie, en beland die figure in die spel op die agtergrond. Die satire op die oujongnooiens het met die hoofmotief niks te doen nie. (Antonissen 1960:113, 1964:117; Dekker s.j.:402-403; Kannemeyer 1984:139.)

Schoonees se aanbeveling dat Leipoldt bekroon kon word, het heel waarskynlik berus op sy beoordeling van *Die laaste aand*. Dit is ook die enigste drama wat by name gemeld word in die meerderheidsverslag (kyk bladsy 138):

Hierdie werk is sterk dramaties, maar is nog te sketsmatig om daar die hoë onderskeiding van die Hertzog-prys aan toe te ken.

Leipoldt kon met *Die laaste aand* wél hierdie 1932-Hertzogprys vir Drama ontvang het.²³² Die versuim is egter in 1944 reggestel toe die dramaturg, volgens die veranderde 1942/1943-reëlings, bekroon is vir *Die heks* (1923) én *Die laaste aand* (1930) (kyk bladsy 226-231).

Schoonees se keuse van *Van Riet van Rietfontein* bo *Die laaste aand* as die beste toneelstuk wat in die betrokke tydperk verskyn het, asook sy aanbeveling dat Fagan (met *Op sand gebou*) deel in die bekroning, maak die 1932-minderheidsverslag ongeloofwaardig.

4.2.3 DIE 1935-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die Letterkundige Kommissie wat die beoordeling van die 1935-Hertzogprys vir Drama moes waarneem, het bestaan uit dieselfde lede wat die vorige jaar moes beslis oor die poësie, naamlik proff. dr. G. Dekker (sameroeper), F.E.J. Malherbe en M.L. du Toit (SAATLK 1934d:10; Malherbe 1934d:232).²³³ In teenstelling met die vier kommissielede wat die 1932-Hertzogprys vir Drama beoordeel het, is daar vir die 1935-toekenning weer teruggekeer na drie lede. Hulle benoeming het geskied tydens die jaarvergadering van Saterdag 20 Oktober 1934, gehou in die Komiteekamer van die Raadsaal, Bloemfontein. **Weer eens is dit die Jaarvergadering, en nie**

232 Nienaber (1965a:61) erken dat ’n fout en onreg begaan is om Leipoldt nié te bekroon nie.

233 Hierdie drie persone is vir hulle dienste bedank in briewe gedateer 21 Januarie 1936, asook in die Sekretariële Jaarverslag oor die tydperk 1 Augustus 1934 tot 31 Julie 1935 (SAATLK 1935d:6; Malherbe & Conradie 1936a:81). Die Akademie se balansstaat soos op 31 Julie 1936 toon ’n uitbetaling van £12 aan die Beoordelingskommissie (SAATLK 1936d:10; Malherbe & Conradie 1937a:83). Elke lid het £4 ontvang (KOR 19/1: 14 April 1935 – brief aan kommissielede).

die Raad as kurator nie, wat die Kommissie benoem het.²³⁴ Twee lede was ook betrokke by die beoordeling vir die 1932-Hertzogprys vir Drama, naamlik Dekker (as sameroeper) en Malherbe.

I.M. Lombard, sedert Februarie 1935 die nuwe Akademiesekretaris, ¹⁵ het die kommissielede op 15 April 1935 in kennis gestel van hulle herbenoeming.²³⁵ Hulle is versoek om met die werksaamhede aan te gaan op dieselfde voorwaardes as wat die vorige jaar gegeld het, naamlik dat geen manuskripte nie, en slegs publikasies wat tot 30 Junie verskyn het, in aanmerking kom.¹⁶ (LK 1/1: 15 April 1935.)

As sameroeper het Dekker die volgende versoek tot die ander twee kommissielede gerig (KOR 19/1: 1935 – s.d.):

Soos U weet moet ons eersdaags weer die Akademieraad van advies dien insake die toekenning van die Hertzog-prys vir die beste drama wat verskyn het gedurende die tydperk 1 Aug. 1932 – 30 Junie 1935.²³⁶ Aangesien die rapport wat ons optrek voor die jaarvergadering by die Akademielede gesirkuleer moet word, is ons tyd betreklik beperk. ¹⁷

Geliewe my U konsepport voor 15 Julie te stuur. Soos U uit die verlede weet, word in die konsepport verwag 'n verslag van die algemene gehalte en karakter van die produksie op hierdie gebied gedurende die betrokke tydperk, verder 'n gemotiveerde keuse van die werke wat u.i. in aanmerking kom om oorweeg te word vir bekroning,

234 Die benoeming van die Letterkundige Kommissie sedert die 1932-Hertzogprys vir Drama, het soos volg verloop:

Die 1933-Kommissie is deur die **Raad** benoem, maar, met die toevoeging van 'n vierde kommissielid, deur die **Jaarvergadering** goedgekeur (SAATLK 1932b:3 en 1932c:6). Die sameroeper is deur die **Raad** verkies (ARN 1932: 9 Desember – in SAATLK s.j. b; SAATLK 1933a:1). In teenstelling met die bepalinge van die skenkingsakte, het die **Jaarvergadering** vanaf die 1930- tot en met die 1933-toekenning die lede goedgekeur wat in die Kommissie moes dien.

Die aanwysing van die Letterkundige Kommissie vir die 1934-Hertzogprys vir Poësie is ten regte deur die **Raad** waargeneem (Malherbe 1934:106; SAATLK 1934a:2 en Malherbe 1934d:239).

235 In die briewe vra Lombard om verskoning dat die kennisgewing so laat is. Hy het die sekretariaat eers in Februarie 1935 oorgeneem en was onder die indruk dat die vorige Sekretaris, Rabie, reeds die lede van hulle herbenoeming in kennis gestel het.

236 Vir die vorige Hertzogprys vir Drama, die 1932-toekenning, is werk gepubliseer vanaf 1 September 1929 tot 31 Augustus 1932, in aanmerking geneem (kyk voetnota 221 op bladsy 138). Die siklus vir die 1935-toekenning het gestrek vanaf 1 Augustus 1932. Publikasies van die maand Augustus 1932 sou dus teoreties in aanmerking kon kom vir die 1932- én 1935-toekenning. (Dieselfde situasie het ontstaan met die 1936-Hertzogprys vir Prosa: die afsnydatum vir die 1933-Prosatoekenning was 31 Augustus 1933, en die aanvangsdatum vir die 1936-Hertzogprys was 1 Augustus 1933. Die maand Augustus 1933 is dus ingesluit by die 1933- én 1936-toekenningsiklus.)

Let ook daarop dat die afsnydatum nou **30 Junie** is, en nie 31 Augustus, soos vir die Hertzogprys vanaf 1926 tot en met 1933 nie. Tydens die **2 Desember 1933-jaarvergadering is besluit om vir die 1934-toekenning, by wyse van proefneming, die beoordeling te beperk tot digwerke wat verskyn het vanaf 1 September 1931 tot 30 Junie 1934** (Malherbe 1934a:101) (kyk ook die beoordelingsverslag in die *Bulletin* van September 1934 – SAATLK 1934b:1). **Nie die Raad as kurator van die Hertzofonds nie, maar die Jaarvergadering het hierdie besluit in verband met die afsnydatum geneem.**

en tenslotte [sic] U eie keuse van die werk wat bekroon moet word. Soos U uit die praktyk van die verlede reeds weet, kom alleen werk van hoë gehalte in aanmerking. Ook mag die prys alleen verdeel word tussen meer werke as dit onmoontlik lyk om die voorrang aan een werk te gee. Na ontvangs van die konseprapporte sal die saamroeper 'n eindrapport optrek wat daarop gegrond is en dit aan U ter ondertekening stuur.

Aan verskillende Afrikaanse uitgewers is 'n brief gerig om U 'n lysie te stuur van hulle uitgawes op hierdie gebied gedurende die betrokke tydperk.

Hopende om U konseprapport nie later te ontvang as die vasgestelde datum nie.

Die verskillende Akademieskommissies, onder andere die Letterkundige Kommissie, is versoek om hulle verslae aan die Akademiesekretaris te stuur voor 30 Oktober 1935 sodat dit gepubliseer kon word in die November 1935-*Bulletin*²³⁷ (SAATLK 1935c:4; Malherbe & Conradie 1935:56).

Op 29 Augustus 1935 het Dekker 'n brief en die verslag aan die Akademiesekretaris gestuur (LK 1/1: 29 Augustus 1935). Om sake te bespoedig, het Dekker kopieë van die verslag aan die ander twee lede gestuur vir ondertekening, en net die kommissielede se name onderaan sy eksemplaar aangebring. Die verslag sien soos volg daar uit (LK 1/1: 29 Augustus en 11 September 1935; ook in SAATLK 1935d:14-15; Malherbe & Conradie 1936a:89-90):

VERSKENE DRAMAS:

- S. Metelerkamp: In die dae van Van Riebeeck.²³⁸ (1933). [Van Schaik]
 P.W.S. Schumann: Hantie kom Huistoe. (1933). [Van Schaik]
 W. Spiethoff: So'n Vabond. (1933). [Nasionale Pers]
 D.P. du Toit: Maloesa die Getroue. (1933). [Nasionale Pers]
 F. Boonzaaier:²³⁹ Die Spook van Verlatenfontein. (1933). [Nasionale Pers]
 R.P. Visser: Die Sendelingsdogter. (1934). [Van Schaik]
 A. de Meillon:²⁴⁰ Die Troetelkind. [1934 – Van Schaik]
 H. Fagan: Die Ouderling e.a. Toneelstukke.²⁴¹ (1934). [Nasionale Pers]
 J. van Bruggen: In die Maalstroom. (1934). [Nasionale Pers]
 J. van Melle: Die Huwelik van Pop le Roux.²⁴² (1935). [Van Schaik]

237 Dit is uiteindelik in die Desember 1935-*Bulletin* gepubliseer (SAATLK 1935d:14-15). Die 1935-jaarvergadering sou plaasvind op 20 en 21 Desember 1935.

238 In die oorspronklike eerste uitgawe is die van gespel sonder die "c", naamlik *Van Riebeeck*.

239 Die korrekte spelling is Boonzaier.

240 Skuilnaam van A.J. du Plessis

241 Dit bevat die volgende vier werke: *Die ouderling*, *Ousus*, *Ruwe erts* en *Rooibruin blare*. Die 1957-bundel *Twee dramas* (Nasionale Boekhandel) bevat die volgende twee werke deur H.A. Fagan: *Die ouderling* en *Ousus*.

242 Volgens Nienaber (1965a:58 en 109) het Van Melle in 1929 in die afdeling drama meegeding met die manuskripte *Loutering*, *Die huwelik van Pop* en *Bart Nel* (kyk bladsy 129). Geen bevestiging kon van Nienaber se mededeling gevind word nie. Indien die Nienaber-bewering korrek sou wees, moes die beoordelaars nie hierdie 1935-publikasie *Die huwelik van Pop le Roux* in aanmerking geneem het nie.

D.P. du Toit: Die Roosknoppie. (1935). [Nasionale Pers]
D.F. Malherbe: Amrach die Tollenaar. (1935). [Nasionale Pers]
Eitemal: En hadde de liefde niet. (1935). [Nasionale Pers]²⁴³
D.C. Postma: Oom Paul. [1935 – Nasionale Pers]
Kleinjan: Gebroke drade. [1935 – gedruk deur Die Potchefstroom Herald]

In die afgelope tydperk is die drama – tot dusver ons swakste letterkundige soort²⁴⁴ – verteenwoordig deur ’n vyftiental werke. Meer as die helfte van die verskene dramas vertoon nog die ou gebreke en is geen dramas in die ware sin van die woord nie, maar storiëtjies in dialoog met foutiewe en gedwonge konstruksie, aangeklede meninge van die outeur. I.p.v. mensskepping, kry ons retoriese uitinge, goedkoop sentiment, tendens ens.

Van meer betekenis is In die Maalstroom deur Jochem van Bruggen en Gebroke Drade deur Kleinjan. Hoewel hierdie twee werke sekere verdienste besit, kan hulle egter nie in aanmerking kom vir die Prys nie.

In die volgende vier dramas word ’n hoër peil bereik: D.F. Malherbe: Amrach die Tollenaar. Dis naas Meester [1927] deur sterker strewende na objektiviteit [sic] en soberder segging Malherbe se beste drama. ’n Breed en sterk uitgewerkte stuk is dit egter nog nie. Amrach se lydelike houding teenoor sy vrou en Miriam se weinig Christelike gesindheid teenoor haar man doen ook nie oortuigend aan nie – wat aan die hoofmotief, die uitbeelding van die wonder van die invloed van Jesus, afbreuk doen.

Eitemal: En hadde de liefde niet... ’n Sterk drama, wat psilogologies oortuigend is (al sou karakteronthulling dit verdiep het en is die hooffiguur te eensydig en oordrewe hard gekonsipieer) en tref deur die uitstekende dialoog, terwyl die aandag fris gehou word deur aangename afwisseling.

H.A. Fagan: Die Ouderling e.a. Toneelstukke. Tegnies het Fagan dit die verste gebring van die hier besproke outeurs. Van sy bundel munt veral uit Ousus, uitbeelding vol smartlike humor van menslike hunkering en die ironie van die lewe [sic].

P.W.S. Schumann: Hantie kom Huistoe. Hierin word die treurspel van die armblanddom skrypend uitgebeeld. Veral sterk dramaties is die uitbeelding van die milieu van verwording.

Die laas besproke groep gee blyk van ’n heuglike vooruitgang in ons dramadiese kuns, van ’n juiste besef van die wese van die drama en gevolglik ook van ’n beter beheersing van die tegniek.

243 In die November/Desember 1935-uitgawe van *Ons Tydskrif vir Letterkunde, Opvoedkunde en Kuns* word aangedui dat *En hadde de liefde niet...* in **September 1935** verskyn het. Die verslag, waarin hierdie werk as een van die drie beste dramas uitgesonder en kortliks bespreek word, is egter al op **29 Augustus 1935** aan die Akademiesekretaris gestuur (LK 1/1: 29 Augustus 1935). Die Letterkundige Kommissie was daarvan bewus dat slegs publikasies wat tot 30 Junie verskyn het, in aanmerking kon kom, en geen manuskripte nie (LK 1/1: 15 April 1935 – Akademiesekretaris aan G. Dekker, F.E.J. Malherbe en M.L. du Toit). Die inligting dat hierdie drama in September 1935 verskyn het, is waarskynlik foutief.

244 In die verslag oor die toekenning van die 1933-Hertzogprys vir Prosa (LK 1/1: s.d.; SAATLK 1933c:5-6), is onder andere gesê dat die roman en die kortverhaal in daardie stadium die belangrikste vorme in die Afrikaanse letterkunde was.

Na ernstige oorweging beveel die kommissie aan dat die prys gelyklik verdeel word tussen die volgende werke, wat in alfabetiese volgorde genoem word:²⁴⁵

Eitemal: En hadde de liefde niet...

Fagan: Die Ouderling e.a. toneelstukke.

Schumann: Hantie kom Huistoe.

Die verslag is in die Desember 1935-*Bulletin* gepubliseer (SAATLK 1935d:14-15), saam met, onder andere, die agenda vir die jaarvergadering. Sodoende het individuele Akademielede die geleentheid gekry om kennis te neem van die verslag indien hulle ook hulle sienswyse aan die Raad wou oordra voordat die prystoekening plaasvind (kyk eindnota 17 op bladsy 521). **Daar is egter nie voor of tydens die 1935-jaarvergadering beslis oor die 1935-toekening nie weens die verwarring wat ontstaan het rondom 'n besluit wat deur die vorige Jaarvergadering geneem is.**²⁴⁶ Hierdie 1934-besluit het die weg berei vir verskeie organisatoriese en prosedureveranderinge wat later ingetree het – veral die instelling van die Breë Kommissie wat seggenskap gehad het in die Hertzogprysbeoordeling. Dit is insiggewend om helderheid te verkry rondom die ontstaan daarvan en die redenasies wat daartoe aanleiding gegee het, juis omdat hierdie Kommissie met wisselende sukses betrokke was by die Hertzogprysbeoordeling, en aangesien dit juis die aanwys daarvan was wat veroorsaak het dat daar eers in 1936 besluit is oor die 1935-Hertzogprys vir Drama.

Die volgende **voorstel** deur H. v.d.M. Scholtz (sr.) is tydens die 1934-jaarvergadering voorgelê (Malherbe 1934d:231-232; SAATLK 1934d:9-10):

Ten einde sy werksaamhede meer doeltreffend te kan verrig, stel die Akademie uit sy midde **twee afdelings** saam, t.w. 'n Taal- en Letterkundige Afdeling en 'n Natuurwetenskaplike Afdeling. Elkeen van hierdie afdelings kies uit homself een of meer kleiner adviserende **kommissies**, wat alle voorlopige werk van die afdeling sal verrig om die nodige aanbevelings te doen, waaroor die betrokke afdeling dan per stemming oor die pos kan besluit.

Scholtz verskaf verdere **toeligting** deur daarop te wys

... dat beoordelingswerk, soos in verband met die Hertzogprys, meer bevredigend sal wees as 'n breër liggaam daaraan meewerk. 'n Kleiner liggaam soos die **bestaande**

245 In die *Bulletin* van Desember 1935 (SAATLK 1935d:14-15) en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Januarie 1936 (Malherbe en Conradie 1936a:89-90), is die name van die aanbevole werke nie verskaf nie, maar is die verslag afgesluit met 'n nota deur die Akademiese sekretaris dat die titels van die aanbevole stukke tydens die jaarvergadering meegeedeel sou word.

246 Ten einde sake wat gelei het tot die verwarring beter te volg, beklemtoon ek deurgaans kernwoorde – ook in aanhalings.

Letterkundige Kommissie kan dan as keurkommissie dien, wat 'n aantal werke vir bekroning voordra, waaroor die **breër afdeling** dan stem.

J.H. Pierneef het voorgestel dat 'n **derde afdeling** bygevoeg word, naamlik vir Beeldende Kuns en Musiek. Scholtz het hierdie amendement aanvaar, en die **gewysigde voorstel** is **aangeneem** met opdrag aan die Raad om die nuwe stelsel nader uit te werk. (Malherbe 1934d:231-232; SAATLK 1934d:9-10.)

Die Raad het Scholtz versoek om die beoogde stelsel per brief uiteen te sit (KOR 18/2: 28 November 1934; SAATLK 1934e:2; Malherbe 1935a:320),²⁴⁷ en 'n deel van sy verslag lui so (KOR 18/2: 27 Desember 1934):

Op versoek gee ek hiermee 'n nader omskrywing en uiteensetting van die betekenis en uitwerking van die voorstel deur my ingedien en aangeneem deur die Akademie op sy jongste vergadering, gehou te Bloemfontein op 20 Oktober 1934:

Die Raad verdeel die lede in **drie afdelings**, t.w. 'n Taal- en Letterkundige Afdeling, 'n Natuurwetenskaplike Afdeling en 'n Afdeling vir Beeldende Kuns en Musiek.

'n Lid kan in meer as een afdeling gelyk dien.

Met betrekking tot **kommissies** stel hy voor:

Die samestelling van die bestaande Akademie-Kommissies t.w. die Taalkommissie, die Letterkundige Kommissie en die Film-Radio-Kommissie bly onveranderd, met dien verstande dat voorkomende vakatures deur die betrokke kommissie self aangevul word. Desverkiesende kan sodanige kommissie meer as een kandidaat voordra, uit wie die Taal- en Letterkundige **Kommissie** dan 'n finale keuse maak per stemming oor die pos.

Scholtz bedoel heel waarskynlik dat die finale beslissing geneem word deur die Taal- en Letterkundige **Afdeling**. Hierdie, en latere, onakkurate gebruik van die woorde “kommissie”/“afdeling”, het heelwat verwarring veroorsaak.

247 In daardie stadium is die Akademieraad nog provinsiaalsgewys saamgestel en is raadslede roterend gekies uit die Transvaalse, Natal-Vrystaatse en Kaaplandse Kring. Hierdie versoek aan Scholtz om die voorstel wat tydens die 1934-jaarvergadering aanvaar is verder te verduidelik, is deur J.S.M. Rabie, Akademie-sekretaris (Natal-Vrystaatse Kring) gerig, en begin soos volg:

Die Raad het my opgedra u te versoek so goed te wees om 'n brief op te stel, wat aan die nuwe Raad gerig kan word.

Aan die begin van 1935 is die Raad van die Natal-Vrystaatse Kring opgevolg deur 'n Raad verkose uit die Kaaplandse Kring. **In Desember 1942 het die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns tydens sy jaarvergadering afgesien van die rotasiestelsel en besluit om sy raadslede uniaal in plaas van gewestelik te kies** (ARN 1942: 4 Desember).

Verder beveel Scholtz aan:

By die toekenning van pryse, in die geval van prysvrae of andersins, kan deur die Raad aan een of ander van die **afdelings** opgedra word om per stemming oor die pos oor die ingelewerde werk te beslis.

In die geval van die Hertzog-prys dra die **Letterkundige Kommissie** sodanige werke voor as wat volgens sy oordeel vir die prys in aanmerking kom, waarna die lede van die **Taal- en Letterkundige Afdeling** per brief oor die pos 'n finale keuse maak. Elke lid van die Afdeling kry geleentheid om die werke wat deur die Letterkundige Kommissie voorgedra word, in die rangorde van verdienste te plaas wat volgens sy oordeel daaraan toekom. Die aldus uitgebragte stemme beslis oor die toekenning van die prys.

N.B. Die laaste bepaling sal as gevolg hê 'n wysiging van die skenkingsakte van die Hertzog-prys, wat die eindbeslissing aan die Raad van die Akademie opdra.

Scholtz sluit sy brief af deur daarop te wys dat sy voorstelle “vatbaar is vir verbetering en uitbreiding,” maar dat dit in hoofsaak “'n weergawe” is van wat in verband met die voorstel tydens die 1934-jaarvergadering “gesê en gevoel” is.

Tydens 'n Akademiesraadsvergadering gehou te Kaapstad op 16 Februarie 1935, is Scholtz se **aanvanklike voorstel**, naamlik dat die Akademie **twee afdelings** saamstel, verkeerdelik voorgelê as die **besluit** wat geneem is tydens die 1934-jaarvergadering.²⁴⁸ E.C. Pienaar en D.B. Bosman is versoek om op die saak van verdeling in afdelings in te gaan en tydens die volgende raadsvergadering verslag te doen. (SAATLK 1935a:4-5; Malherbe 1935b:379-380.)

Bosman wys tydens die Akademiesraadsvergadering van 27 April 1935 op die onsekerheid wat bestaan omtrent die aantal afdelings: die “besluit” (die **aanvanklike voorstel**) het **twee afdelings** genoem, terwyl Scholtz in sy verduidelikende brief melding maak van **drie** ('n derde afdeling vir Beeldende Kuns en Musiek kom by). **Hierdie onsekerheid is genoem as rede vir die ooreenkoms om die 1934-jaarvergaderingsbesluit insake “die benoeming van Kommissies” weer tydens die volgende raadsvergadering te behandel.** (ARN 1935: 27 April.) Weer eens skep die gebruik van die woorde “kommissie”/ “afdeling” probleme. **Die Letterkundige Kommissie vir die 1935-Dramaprys, onder andere, is alreeds die vorige jaar**

248 Die rede vir die insluip van hierdie fout kan moontlik toegeskryf word aan die verandering van Akademiesekretaris: J.S.M. Rabie is in November 1932 verkies tot Sekretaris (ARN 1932: 19 November – in SAATLK s.j. b; SAATLK 1933a:1) en I.M. Lombard het in Februarie 1935 by hom oorgeneem (LK 1/1: 15 April 1935 – Lombard aan Dekker). Weens verskeie faktore kon die nuwe Raad nie voor Januarie 1935 gekonstitueer word nie. Die vorige Raad, ook Rabie, het dus tot Januarie 1935 die pligte vervul (Malherbe & Conradie 1936a:77). (Kyk eindnota 15 op bladsy 520.)

tydens die jaarvergadering benoem (kyk bladsy 146).²⁴⁹ Dit is onduidelik watter **kommissies** se benoeming weens die onsekerheid moes oorstaan, aangesien die onsekerheid oor die aantal **afdelings** gegaan het.

In die mededelings en briefwisseling wat voorgelê is vir bespreking tydens die Akademiesraadsvergadering van 10 Augustus 1935, is kennis gegee dat Scholtz weer per brief bevestig het dat **drie afdelings** ter sprake is. Tydens die vergadering is besluit om die **voorstel** van Scholtz wat deur die 1934-Jaarvergadering aanvaar is, na die 1935-Jaarvergadering te verwys,

... aangesien die notule van die Jaarvergadering verskil van Scholtz se brief wat betref die aantal **kommissies** wat benoem moes word (ARN 1935: 10 Augustus).²⁵⁰

Indien aanvaar word dat “kommissies” hier op “afdelings” dui, word hier foutiewelik geïmpliseer dat daar in die 1934-jaarvergaderingnotule sprake is van **twéé afdelings**. Die notule maak egter uitdruklik melding van die **gewysigde voorstel** wat aangeneem is, naamlik dat daar **drié afdelings** moes wees (SAATLK 1934d:9-10; Malherbe 1934d:231-232).

Vir die uitvoering van die 1934-**besluit** sou verskeie van die lede wat volgens die **aanvanklike voorstel** deel moes vorm van die Taal- en Letterkundige Afdeling, eerder in die derde afdeling – dié vir Beeldende Kuns en Musiek – geplaas word. ’n Lid kon ook in meer as een afdeling gelyk dien. **Aangesien die lede van die Taal- en Letterkundige Afdeling volgens die Scholtz-voorstel per pos ’n finale keuse moes maak oor die Hertzogprys, was dit noodsaaklik om uitsluitel te verkry oor die lede wat daardie afdeling sou vorm.**²⁵¹

Die onnoukeurige en verwarrende gebruik van die woorde “kommissie”/“afdeling”, het tot verskillende interpretasies gelei. D.F. Malherbe het die onsekerheid wat blyk uit die 10 Augustus 1935-notule betreffende “die aantal **kommissies** wat benoem moes word,” vertolk as onder andere verwysend na die **Letterkundige Kommissie**. Na aanleiding van die notule skryf hy die volgende brief, gedateer 25 Oktober 1935 (ARMB 1935: 17 Desember):

249 Volgens die notule van die 17 Desember 1935-raadsvergadering het **die Raad besluit dat die samestelling van die Letterkundige Kommissie tydens die jaarvergadering** (20 en 21 Desember 1935) **sou geskied** by behandeling van die Sekretariële Jaarverslag. Die Keurkommissie vir die **1936-Hertzogprys** is toe benoem. (ARN 1935:17 Desember.)

250 In die mededelings in verband met hierdie raadsvergadering wat verskyn in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, is die situasie soos volg verwoord (Malherbe & Conradie 1935:54):

’n Voorstel wat deur dr. H. van der M. Scholtz op die jongste Jaarvergadering ingedien is, insake verdeling van die lede in twee of drie afdelings, sal na die e.v. Jaarvergadering verwys word.

251 ’n Lid kon volgens Scholtz se voorstel in meer as een afdeling tegelyk dien, maar sommige lede sou waarskynlik nêr lid wees van die afdeling vir Beeldende Kuns en Musiek en dus nie seggenskap hê in die Hertzogprysbeoordeling nie.

Ek merk in die notule van die Raadsvergadering van 20 Aug.²⁵² dat die besluit van die Jaarvergadering (1934) insake 'n nuwe prosedure by beoordeling van boekwerke wat in aanmerking kom vir die Hertzogprys, verwys is na die Jaarvergadering 1935. U sal so goed wees om my sienswyse dienaangaande oor te bring aan die Raad by eersvolgende vergadering.

1. Die verduideliking van die eenparig aanvaarde besluit in 'n brief aan die Kaaplandse Raad deur dr. Scholtz is insoverre dit die veranderde werksaamheid van die Keurkommissie vir die Hertzogprys raak – en hieroor gaan dit in die eerste plaas, al is daar ook sprake van nog twee ander kommissies [die Taalkommissie en Film-radio-kommissie] – 'n weerspieëling van die menings destyds geuit. Die drie lede wat nou fungeer as Keurkommissie stel 'n klein lysie op van sê 3 tot 5 in aanmerking komende werke waaroor daar per pos gestem word deur al die lede van die breër kommissie wat benoem word deur die Raad en bestaan uit sowat 15 tot 20 vakkundige lede. Die resultaat van die stemming word oorgedra aan die Raad wat uiteindelik die enigste bevoegde mag is om die prys of pryse toe te ken volgens wetlike bepaling van die skenkingsakte.
2. Hierdie prosedure onthef die Keurkommissie van die onrus [sic] van finale bepaling. Op die laaste Raadsvergadering (Bloemfontein 1934) is die naam van die Akademie gered deurdat die Raad die keuring aanmerklik gewysig het en toekenninge moes maak teen die rapport van die kommissie.²⁵³ In die verlede is daar al baie pynlike aanmerkinge gemaak teen die bevinding van die kommissie wat in hierdie saak dien en waarvoor die Akademie self verantwoordelik is.
3. Die gevoele was so sterk dat daar selfs sprake was om die besluit van toepassing te maak op die rapport vir 1934, dus terugwerkend te maak. Hiervan is egter afgesien. Die besluit van die Jaarvergadering is bindend vir 1935 en behoort dus nog uitgevoer te word aangesien die bekroning enige tyd kan gebeur en die Raad die enigste liggaam is (en nie die Jaarvergadering nie) wat mag het om die toekenning te maak.

Ek wil ernstig by die Raad aandrang om hierdie saak in die reine te bring en die jongste rapport van die kommissie terug te verwys met opdrag om te handel volgens die bewuste besluit.

Malherbe was Akademievoorsitter toe die betrokke 1934-jaarvergaderingsbesluit geneem is. Die “menings destyds geuit” is nié genotuleer nie. Die prosedure soos deur Malherbe verskaf, en dít wat blyk uit die notule, verskil egter aansienlik: in Scholtz se skriftelike verduideliking aan die Kaaplandse Raad is sprake van die lede van die Taal- en Letterkundige Afdeling wat 'n finale keuse maak, en die Raad wat nie meer die finale seggenskap sou hê nie; Malherbe maak melding van 'n breër kommissie, bestaande uit sowat 15 tot 20 vakkundige lede wat deur die Raad benoem word, en van die Raad as enigste bevoegde mag om die prys of pryse toe te ken volgens die wetlike bepaling van die skenkingsakte. Malherbe doen 'n beroep op die Raad om “te handel

252 Die vergadering het plaasgevind op 10 Augustus 1935.

253 **Die Letterkundige Kommissie** het W.E.G. Louw se bundel *Die ryke dwaas vir bekroning aanbeveel* (SAATLK 1934b:1-3). **Die Raad het egter besluit om die 1934-Hertzogprys vir Poësie eweredig te verdeel tussen** W.E.G. Louw (*Die ryke dwaas* – 1934), C. Louis Leipoldt (*Skoonheidstroos* – 1932) en Totius (*Passieblomme* – 1934) (SAATLK 1934e:3; Malherbe 1935a:321).

volgens die bewuste besluit”, **maar Malherbe se brief is nié ’n weergawe van die besluit soos vervat in die 1934-jaarvergaderingnotule nie.** Tog sou die toekenningsprosedure soos deur hom beskryf, sterk figureer tydens die 1935-jaarvergadering.

Die Hertzogprystoekening is oorweeg tydens die jaarvergadering, gehou in die Argiefgebou te Kaapstad op 20 en 21 Desember 1935 (SAATLK 1936a:7-8; Malherbe & Conradie 1936b:159). Weens die onduidelikheid het die Sekretaris en die Letterkundige Kommissie in 1935 met die ou prosedure voortgegaan.

Die 1935-Jaarvergadering het gemeen dat die 1934-besluit “uit ’n werklike behoefte gebore is” en dat dit onaanvaarbaar sou wees om dit te herroep “sonder om iets in die plek daarvan te stel”. Na ’n uitgebreide bespreking is ooreengekom om **die vorige jaarvergaderingbesluit betreffende die verdeling van die Akademie in afdelings te herroep. Die volgende voorstel** deur die Akademievoorsitter, sen. F.S. Malan, **is aanvaar** (SAATLK 1936a:7-8; Malherbe & Conradie 1936b:159):²⁵⁴

Met betrekking tot die toekenning van die Hertzogprys, is hierdie vergadering van oordeel dat die prys vir die jaar 1935 en daarna, tot later geamendeer, as volg toegeken word:

- (i) Die bevinding van die Letterkundige Kommissie word voorgelê aan ’n breë kommissie van 15 lede; [Aangesien die besluit insake die verdeling in afdelings herroep is, kon die breë liggaam nie gevorm word deur al die lede van die Taalen Letterkundige Afdeling, soos deur Scholtz voorgestel nie.]
- (ii) Die breë kommissie word benoem deur die Raad;
- (iii) Die breë kommissie sal oor die bevinding van die Letterkundige Kommissie per pos sy oordeel uitspreek;
- (iv) Die Raad sal dan die stemming van die breë kommissie oorweeg en die prys toeken volgens die Hertzog-skenkingsakte.

Hierdie voorstel is aangeneem as ’n wenk aan die Raad by wie, volgens die skenkingsakte, die goedkeuring en uitvoering daarvan berus.²⁵⁵ **Geen besluit oor die 1935-Dramatoekening is**

254 In sy argument oor die 1934-Hertzogprys vir Poësie, gebruik Coetser (1989:144-146) verkeerdlik ’n berig in *Die Volkstem* wat handel oor die prosedurebesluite wat geneem is tydens die 1935-jaarvergadering.

255 In die loop van 1936 het die Raad die opstelling van ’n huishoudelike reglement oorweeg waarin onder andere die prosedure in verband met die Hertzogprystoekening in oorleg met die Letterkundige Kommissie en die Breë Kommissie van vyftien, opgeneem sou word (SAATLK 1936b:2; Malherbe & Conradie 1936c:209; SAATLK 1936c:2; Malherbe & Conradie 1936d:45). Tydens die 1936-jaarvergadering het F.S. Malan in sy openingsrede opgemerk (Malherbe & Conradie 1937b:148-149):

Betreffende die Statute van die Akademie ag die Raad dit wenslik dat sekere besluite van die Jaarvergaderings en van die Raad as ’n aanhangsel in die Statute-boekie opgeneem sal word onder die benaming Huishoudelike Bepalinge, b.v. prosedure van stemming oor die pos, toekenning van erpenninge, toekenning van Hertzog-prys, dienstyl van Buitelandse verteenwoordiger ens. Die Huishoudelike Bepalinge bly van krag tot die Raad of die Jaarvergadering hulle wysig.

Volgens opdrag van die Jaarvergadering (Malherbe & Conradie 1937c:197) is Huishoudelike Bepalinge in verband met onder andere die Hertzogprystoekenningsprosedure opgestel (kyk bladsy 169).

deur hierdie 1935-Jaarvergadering geneem nie. Voortaan sou die Jaarvergadering nie meer oor die toekenning van die Hertzogprys kon besluit, soos soms voorheen verkeerdelik gebeur het nie. Alhoewel die Breë Kommissie se mening oorweeg sou word, sou die finale beslissing ten regte by die Raad lê.²⁵⁶

Die besluit oor die 1935-Hertzogprys vir Drama is eers in 1936 geneem en bekend gemaak. Die Akademiesraad het die volgende persone in Januarie 1936 tot die Breë Kommissie benoem, en sodoende per implikasie die aanbevelings van die Jaarvergadering aanvaar:²⁵⁷ proff. D.B. Bosman, M.C. Botha, A.C. Bouman, J.J. le Roux, T.H. le Roux, E.C. Pienaar, F. Postma, H. v.d.M. Scholtz, C.M. van den Heever en H.G. Viljoen, asook dr. S.P.E. Boshoff, E. Conradie, M.S.B. Kritzinger, P.C. Schoonees en C.F. Visser. Aan hierdie persone is die besluit van die 1935-Jaarvergadering en die verslag van die Letterkundige Kommissie voorgelê, asook 'n vorm met die volgende bewoording (ARN 1936: 25 Januarie):

Na oorweging van die verslag van die Letterkundige Kommissie en al die daarin genoemde werke, gee ek my stem as volg vir die toekenning van die Hertzog-prys.

Lombard het op 6 Maart 1936 aan die lede van die Breë Kommissie geskryf dat dié Kommissie sy bevindinge insake die aanbevelings van die Letterkundige Kommissie skriftelik en individueel aan die Raad moes meedeel, wat dit dan sou oorweeg en die prys toeken. Op 13 Maart 1936 het 'n tweede brief gevolg omdat daar by lede van die Breë Kommissie onduidelikheid was:

Van lede word nie verwag om aanbevelings te doen uit die hele lys van toneelstukke wat in die verslag van die Letterkundige Kommissie verskyn nie, maar slegs uit die res wat spesiaal daarin genoem is, nl. *In die Maalstroom, Gebroke Drade, Amranch die Tollenaar, En hadde de Liefde niet...*[...] *Die Ouderling e.a. Toneelstukke*, en *Hantie kom Huistoe*. Op die stembrief wat u toegestuur is, kan U stem vir een werk of U kan twee of meer werke in volgorde van verdienstelikheid aanbeveel. (Nienaber 1965a:66.)²⁵⁸

256 Sedert die 1932-Dramaprys is die **finale besluit** oor die Hertzogprys soos volg geneem:

Die **Raad** het die Letterkundige Kommissie se aanbeveling vir die 1933-Prosaprys goedgekeur (Malherbe 1934a:105), alhoewel Nienaber (1964:27) beweer dat dit die **Jaarvergadering** was. In 1934 is die Hertzogprys vir Poësie nie toegeken aan die kandidaat wat deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel is nie, maar deur die **Raad** verdeel tussen drie persone (Malherbe 1935a:321).

Nienaber se stelling dat die Akademiesraad eers vanaf 1935 oor die toekenning besluit het, is dus foutief (1964:27). In 1935 is die bepaling van die skenkingsakte net herbevestig en is alle onduidelikheid oor wie vir die finale beslissing verantwoordelik is, uit die weg geruim.

257 Interessant dat die notule van hierdie 25 Januarie 1936-raadsvergadering dit stel dat die Breë Kommissie benoem is in "opdrag van die Jaarvergadering", terwyl die goedkeuring van so 'n kommissie volgens die skenkingsakte by die Raad self berus het.

258 Slegs in gevalle waar Nienaber na oorspronklike bronne verwys wat ongelukkig nie in die Akademiesargief opgespoor kon word nie, word sy boek *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a) as bron aangedui.

Van die Breë Kommissie is dus nie verwag om net aandag te skenk aan die drie werke wat die Letterkundige Kommissie aanbeveel het nie, maar ook aan die ander publikasies wat in die verslag kortliks aandag ontvang.

Lede van die Breë Kommissie het 'n stembrief en gefrankeerde, geadresseerde koevert ontvang, asook 'n brief waarin 'n beroep op hulle gedoen is om te antwoord voor 30 Maart 1936 (ARMB 1936: 6 April). Tydens 'n raadsvergadering gehou in die Parlementsgebou, Kaapstad, is soos volg verslag gedoen (ARN 1936: 6 April):

Die sekretaris deel mee dat 13 uit die 15 lede van die Breë Letterkundige Kommissie aanbevelings gedoen het i.s. toekenning van die Hertzogprys vir 1935. Na oorweging van die aanbevelings **besluit die Raad** om “Die Ouderling e.a. Toneelstukke” van H.A. Fagan te bekroon.²⁵⁹

(Ek benadruk.)

Meer spesifieke inligting in verband met die Breë Kommissie se stemming is onbekend. **Dit kom egter voor asof die Raad se besluit op die Breë Kommissie se aanbeveling geskoei is. Vir die 1934-Hertzogprys vir Poësie het die Letterkundige Kommissie 'n onverdeelde bekroning aanbeveel, maar die Raad het besluit om die prys te verdeel** (kyk voetnota 253 op bladsy 154). **Die omgekeerde het met die 1935-Dramatoekenning gebeur: die Raad besluit om die Letterkundige Kommissie se aanbeveling vir 'n verdeelde prys te negeer en die prys aan één persoon toe te ken.**

Die Sekretaris het Fagan in kennis gestel van die beslissing (KOR 20/1: 22 April 1936):

Namens die Akademieraad het ek die genoeë U mee te deel dat die Hertzogprys vir 1935 aan U toegeken is vir u werk “Die Ouderling en ander Toneelstukke.”

Waar ek U hiermee die Akademie se tjek vir £72 aanbied, wil ek graag die Raad se hartlike gelukwense aan U oordra en U verder van sy opregte waardering verseker vir die verdienstelike werk wat U nog steeds lewer ter bevordering en opbouing van die Afrikaanse letterkunde.

Fagan het die Raad bedank²⁶⁰ en die Sekretaris meegedeel dat hy graag die bedrag “aan een of ander verdienstelike saak” wou oorbetaal, maar dat hy nog nie op die doel kon besluit nie (KOR 20/1: 9 Mei 1936). Tydens 'n Akademieraadsvergadering gehou ten huise van F.S. Malan,

259 Inligting in verband met hierdie bekroning is ook te vind in die *Bulletin* van Desember 1936 (SAATLK 1936d:4) en in die Januarie 1937-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Malherbe & Conradie 1937a:76-77).

260 Ses-en-twintig jaar later het Fagan die Akademie weer bedank – tóe vir die nuut ingestelde Hertzogprys-sertifikaat wat aan hom gestuur is en waarop die toekenning van die 1935-Hertzogprys vir Drama aan hom vermeld word (LK 1/8: 14 Desember 1962).

Kaapstad, het die Raad hierdie aanbod met dank aanvaar en die Sekretaris opgedra om, in oorleg met Fagan, 'n voorstel insake die besteding van die rente aan die Raad voor te lê (ARN 1936: 22 Augustus; kyk ook SAATLK 1936c:2; Malherbe & Conradie 1936d:45²⁶¹). Op 23 November 1936 het Fagan vir Lombard laat weet (KOR 20/1):

Hierby my tjek vir £72.2.-, dis vir terugbetaling van die Hertzogprys (£72.-.- meen ek – as dit verkeerd is, laat my tog weet) met kommissie op tjek.

By verdere nadenke wil ek liefds geen voorwaarde stel wat die Akademie bind nie, maar alleen die begeerte uitspreek dat die Akademie die £72.-.- as kapitaalbedrag sal probeer behou en jaarliks die rente vir een of ander goeie doel ooreenkomstig sy konstitusie sal bestee. Mag ek daarby versoek dat hierdie begeerte genotuleer word as 'n wenk aan die Akademierraad in toekomstige jare.

Fagan is bedank vir sy tjek (KOR 20/1: 25²⁶² November 1936). Daar is besluit om die skenking te belê (ARN 1936: 22 Desember) en die rente daarvan nie te gebruik voordat die kapitaalbedrag op £100 staan nie (ARN 1937: 6 Maart).

Die volgende twee dramas wat in die verslag genoem is (kyk bladsy 148), was nie veronderstel om in aanmerking te kom nie, aangesien dit nie oorspronklik as dramas geskryf is nie, en die romans waarvan dit verwerkings is, al voorheen vir die Hertzogprys oorweeg kon word:²⁶³

Van Bruggen, Jochem. *In die maalstroom* (1934) ('n verwerking van die Van Bruggen-roman *Die burgemeester van Slaplaagte* – 1922)

Du Toit, D.P. *Die Roosknoppie* (1935) ('n verwerking van Du Toit se roman *Haar broer se skuld* of *Die roosknoppie* – 1929).

Sommige van die onderstaande dramas se aard en omvang sou dit outomaties uitgesluit het van bekroning, maar op grond van publikasiedatums kon dit wél in aanmerking kom vir die prys, maar is nie in die Letterkundige Kommissie se verslag genoem nie:

1932-dramas:

Boonzaier, F.W. *Die professor en ander samesprake* (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)

Coetsee, David J. *Agterstevoor boerdery* (Nasionale Pers)

261 In die *Bulletin* en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* word die jaartal van die 22 Augustus-Akademie-raadsvergadering waartydens melding gemaak is van Fagan se aanbod, foutiewelik aangedui as 1935. Dit moet 1936 wees.

262 Datum onduidelik op kopie van brief.

263 Raadpleeg eindnota 3 op bladsy 513-515 in verband met vertalings en verwerkings.

De Wet, Ben.	<i>Braam en Juliana: toneelstuk in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers)
Linde, Marie.	<i>Drie toneelstukkies</i> (Nasionale Pers)
Moll, A.M.	<i>Mislukte huweliksplanne</i>
Schumann, P.W.S.	<i>Elkeen sy eie</i> (Van Schaik)
Ploos van Amstel, C..	<i>Opdraand</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Sita. (ps. van S.S. de Kock)	<i>Die stiefma of Onbekend maak onbeminde</i> (HAUM) <i>Sy les</i> (HAUM)

Dit is onbekend watter 1932-dramas gepubliseer is ná 31 Julie 1932 ten einde in aanmerking te kon kom vir die 1935-toekenning. Twee 1932-dramas wat reeds daardie jaar in die verslag genoem is, naamlik *Op sand gebou* (H.A. Fagan) en *Die drie Van der Walts* (E.A. Schlegemann) (kyk bladsy 136), kon nie in 1935 weer beoordeel word nie. Geen 1932-drama is in die verslag genoem nie.

1933-dramas:

De Waal, P.	<i>Erns eerlik</i> (Strewerskantoor)
Marais, E.N.	<i>Die swart verraad: 'n drama in vyf bedrywe</i> (APB)
Schlegemann, E.A.	<i>In die gewoel</i> (J.H. de Bussy)
Venter, E.A.	<i>Die drankwet: treurspel in een bedryf</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J. de Bussy) <i>Sy offer</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Zhann, Meyhendi. (ps. van J.H. Meyer)	<i>Wanneer plig moet swig</i> (Nasionale Pers).

In die gewoel is vir die 1929-Hertzogprys in manuskripvorm beoordeel (kyk bladsy 128), en sou nie weer in aanmerking kon kom nie.

1934-dramas:

Kotzé, J.A.	<i>Terug</i> (uitgegee deur die skrywer) ²⁶⁴
Kraal, Louis. (ps. van Louis Stefanus Steenkamp)	<i>Noodlotsweë: 'n tragedie in vier bedrywe</i> (Nasionale Pers)

264 Aangesien manuskripte nie meer beoordeel is nie, sou hierdie drama net in aanmerking geneem kon word indien dit in gedrukte vorm onder die beoordelaars se aandag gekom het. W.E.G. Louw se debuutbundel *Die ryke dwaas* (1934), waarvoor die digter in 1934 'n verdeelde Hertzogprys ontvang het, is deur homself uitgegee (Viljoen 1934:13).

Serfontein, E. *Twee toneelstukkies* (dit bevat die volgende twee werke: *Tronkvoël* en *Oneirodynia: 'n klugspel in een bedryf*) (Nasionale Pers)

Visser, C.F. *Nie my kind nie* en *Vriend van my vader* (Nasionale Pers).

1935-dramas:

Kamp, Willem C.W. *Twee eenakters* (dit bevat die volgende twee werke: *Die eenvoudige held* en *Die lafaard*) (Van Schaik)

Zhann, Meyhendi. (ps. van J.H. Meyer) *Gedwarsboom* (Nasionale Pers).

Watter 1935-dramas gepubliseer is vóór 1 Julie 1935 ten einde in oorweging te kon kom vir die prys, is onbekend.

Van die dramas wat in die verslag genoem word (kyk bladsy 148-149), is *Die Ouderling en ander toneelstukke* (1934 – Fagan) en *Hantie kom huis-toe* (1933 – Schumann) die enigste twee werke waarop die Kommissie geen negatiewe kritiek gelewer het nie. Tog is aanbeveel dat die prys gelykop verdeel word tussen genoemde twee werke, asook *En hadde de liefde niet...* (1935 – Eitemal).

Die Eitemal-drama, wat handel oor 'n egoïstiese en ambisieuse man wie se liefdelose houding teenoor sy vrou tot haar ondergang lei voordat hy tot inkeer kom, is volgens die verslag 'n sterk, psigologies oortuigende drama wat tref deur uitstekende dialoog, en wat die aandag bly behou deur aangename afwisseling. Die kritiek wat daarteen uitgespreek is, fokus op karakterisering. (Kyk bladsy 149.) Met reg is die onbevredigende karakterisering van die hoofkarakter Eugène uitgewys as die belangrikste Achilleshiel van hierdie drama – 'n mening wat deur talle resensente onderskryf is (Antonissen 1964:230; F.C.L. Bosman 1938a:69; Hattingh 1958b:84-85; Kannemeyer 1984:249; Kritzinger 1939:210). Die karakterisering van sommige ánder karakters het egter soms positiewe kommentaar ontlok (Dekker s.j.:398; Kempen 1935:74).

'n Verdere aspek waarteen kritiek uitgespreek is, alhoewel nie in die Hertzogprysverslag nie, is die struktuur van hierdie drama wat beskryf is as los en onbevredigend – 'n gebrek wat veral in die opvoering van die stuk hinder (Antonissen 1964:230; Hattingh 1958b:85; Kannemeyer 1984:249; Kempen 1935:74). Uit die praktyk het dit egter geblyk dat hierdie drama met sukses opgevoer kon word, en in hierdie opsig het Hattingh (1958b:85) dit as “'n aanwinst vir die Afrikaanse toneelliteratuur” beskryf. As dramateks toon dit egter nog te veel gebreke om werklik in aanmerking te kon kom vir die Hertzogprys.

P.W.S. Schumann se *Hantie kom huistoe* (1933),²⁶⁵ waarin “die treurspel van die armblankedom skrypend uitgebeeld [word]”, volgens die Hertzogprysbeoordelingsverslag, is daarin met reg geprys vir die sterk dramatiese uitbeelding van die “milieu van verwording” (kyk bladsy 149). Oor die algemeen getuig hierdie realistiese drama ook van goeie karakterisering, afwisseling in toon, natuurlike handeling en soms ook humor.

Hantie, die idealistiese, jong maatskaplike werkster se selfopofferende aanvaarding van ’n bykans onmoontlike taak om haar eie agterlike armblankefamilie te probeer ophef ten koste van haar eie geluk, word egter tereg beskou as onoortuigend en onbevredigend (Antonissen 1960:113, 1964:304; Dekker s.j.:400; Kannemeyer 1984:345). Reeds teen die einde van die tweede bedryf ontsier sentimentaliteit en didaktiek die drama en dié melodramatiese inslag word voortgesit in die derde bedryf. Teenoor die besonder natuurlike, oortuigende dialoog, kom Hantie se alleensprake onnatuurlik voor.

Dat hierdie sosiale probleem drama met sy destyds besonder aktuele gegewe sou spreek tot die publiek, word onderskryf deur Kritzinger (1940:57) wat opmerk dat dié drama oor “een van die lastige probleme van ons land ... veral vir die Afrikaanssprekende van groot belang is”. Antonissen (1964:304), wat dit as ’n “ernstige en besielde werk” beskou, sê Hantie se “amper ekstasies(e)” besef van haar “roeping onder die gedegeneerdes van haar volk”, word “as voorbeeld van pligbewuste nasiediens voorgelou”. Interessant dat Hantie in die eerste bedryf uitgebeeld word waar sy terugkom van ’n opvoering waartydens sy met oorgawe die simboliese rol van Hoop in C.J. Langenhoven se *Die Hoop van Suid-Afrika* (1913) vertolk het – ’n weerspieëling van haar lewensingesteldheid. Die verwysing na en gebruikmaking van die Langenhoven-drama is ’n voorbeeld van direk herkenbare intertekstualiteit wat ’n sekere verwagting by die leser/toeskouer skep – ’n verwagting wat egter deur die sosiaal-kulturele konteks van *Hantie kom huistoe* geïroniseer word.

Hierdie drama was ’n waardige aanbeveling vir die Hertzogprys, maar word oortref deur die Fagan-bundel, veral deur die uitsonderlike drieakter *Ousus*.

Volgens die verslag het die kommissielede Fagan beskou as die dramaturg wat dit tegnies die verste gebring het van die betrokke outeurs (kyk bladsy 149). Sy bundel *Die ouderling en ander toneelstukke* (1934) bevat die volgende vier werke: *Die ouderling*, *Ousus* (albei drieakters), *Ruwe erts* en *Rooibruin blare* (albei eenakters). In die verslag is spesiale melding gemaak van *Ousus* as ’n “uitbeelding vol smartlike humor van menslike hunkering en die ironie van die lewe”

265 Hierdie drama het in 1932 die eerste prys in die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera se eerste toneelskryfkompetisie gedeel met *In die dae van Van Riebeeck* deur Sanni Metelerkamp. Volgens Binge (1969:239) het twyfel oor die toekenning ontstaan weens die bewering dat *In die dae van Van Riebeeck* oorspronklik in Engels geskryf en daarna vertaal is.

(kyk bladsy 149). Waarskynlik sou *Ousus en ander toneelstukke* ’n geskikter titel wees ten einde die klem op hierdie besondere drama te plaas.

Positiewe kritiek op *Ousus* oorskadu die enkele negatiewe opmerkings heeltemal. Hierdie probleem drama oor persoonlike verhoudinge word beskou as Fagan se beste en suiwerste werk (Antonissen 1960:114, 1964:165; Antonites 1947:36; F.C.L. Bosman 1938a:69; Brink 1986:122; Buning 1960:307; Dekker s.j.:408; Malherbe 1948:373; Pienaar 1938:215; Senekal 1978:8). Insiggewende besprekings beklemtoon die waarde van hierdie goedgestruktureerde, tegniese voortreflike, eg menslike drama: die toneelmatigheid daarvan, die behendige eksposisie, die sinvolle simboliese benutting van dekorelemente, die besondere hantering van tyd en verskillende bindingselemente, asook die rykdom aan ironie. Daar word gewys op die realisties/naturalistiese uitbeelding van genuanseerde karakters, hulle onderlinge verhoudinge, innerlike konflikte en die inperkende milieu waarin hulle funksioneer, die invloed van bekrompe gemeenskapswaardes wat die hoofkarakter, Nelie, ’n keuse laat maak om plig bo eiebelang en geluk te stel, die uitbeelding van lewenskontinuiteit, aftakeling, vereensaming en opoffering – veral in die bedagsame, talentvolle Nelie, die steunpilaar wat haar aanvanklike idealisme opoffer vir ’n edel doel: die welsyn en hopelike geluk van haar gesinsgenote. Haar selflose offer het egter verreikende gevolge gehad en nié haar geluk, of dié van ander, verseker nie. (Brink 1986:122-123; Kannemeyer 1970:28-39, 1984:209-211; Pretorius 1987:38-50.)

Die ouderling is ’n sosiale probleem drama met ’n tema wat “so warm-warm uit die Afrikaanse samelewing geraap is” (Pienaar 1938:213), naamlik die destydse Du Plessis-kerksaak.¹⁸ Die dogmaties bekrompe ouderling Jansen kom te staan teenoor die liberale, waagmoedige, relatief jong dominee De Wit – altwee met “die beste bedoelings” en “heilig oortuig van die reg van hulle saak” (Buning 1960:307). Die botsing lei egter tot albei se ondergang.

Kritiek teen die drama fokus juis op die aanvanklike uitbeelding van hierdie twee karakters as onderskeidelik té fanaties en onverbiddelik, en té ligsinnig en oppervlakkig (Buning 1960:307; Coetzee 1987:167; Dekker s.j.:407; Kannemeyer 1984:209). Teen die einde van die drama word albei egter getoon as mense met goeie én slegte hoedanighede. Die ekstreme karakterisering, alhoewel hinderlik, kan as sodanig nie as onaanvaarbaar beskou word nie, want die bestaan van sulke persone is ’n gegewe. Dit is egter onbevredigend dat ook van die ánder karakters eensydig uitgebeeld word: mej. Celliers, naprater van Jansen, en Anna, die deurgaans opofferende dogter. Die “loutering en ommekeer” wat die dominee en Jansen in die derde bedryf beleef, word aanvaarbaar as gevolg van Fagan se vermoë tot hegte dramakonstruksie en die daarstel van ’n parallel tussen die twee sentrale karakters (Kannemeyer 1984:209):

Albei is sterk figure maar verwondbaar as gevolg van ’n misstap in hul verlede, albei vrees dat hierdie misstap bekend sal word en albei gaan uiteindelik ten onder: die

dominee word deur die kerkraad gedwing om te bedank, terwyl die ouderling deur 'n beroerte verlam raak.

Fagan behou deurgaans die dramatiese spanning en gee 'n realistiese beeld van die gemeenskap se “kleinlike geniepsigheid” en “blinde partygees” (Buning 1960:307).

Met *Die ouderling* en veral *Ousus* bereik Fagan 'n hoogtepunt in sy dramatiese oeuvre.

In ooreenstemming met *En hadde de liefde niet...*, vorm die armbankedom die sosiale probleem in Fagan se eenbedryf *Ruwe erts*. Mev. Van der Palm en die dominee verteenwoordig verskillende houdings teenoor die probleem, soos vergestalt in die karakters Hannie en Gert.

Ten gunste van die drama kan beaam word wat Conradie (1987:28) sê, naamlik dat die drama nie 'n duidelike oplossing vir die armbankevraagstuk bied nie, maar die probleem stel en 'n aanduiding gee van die rigting waarin 'n oplossing gesoek kan word, want die drama bied

... geen uitgewerkte plan vir die rehabilitasie van Hannie en Gert nie, maar dui net aan dat Dominee se gesindheid teenoor hulle veel verder sal voer as mev. Van der Palm s'n.

Die dominee beskou liefdadigheid as 'n “slaapdrankie”, maar liefde as die “enigste geneesmiddel”. Didaktiese uitsprake soos hierdie lei tot die kritiek dat hierdie drama “weinig meer as 'n stukkie sosiale didaktiek” is (Senekal 1978:8). Dekker (s.j.:408) onderskryf hierdie mening, maar met die bykomende kompliment dat dit 'n “knappe inkleding van 'n stukkie sosiale didaktiek” is. Ook Antonissen (1960:114 en 1964:165) maak melding van 'n “mooi afgeronde eenbedryf” met “uitgesproke sosiale didaktiek”, en Buning (1960:309) meen die dramaturg het

... die situasies so raak gekies, die patetiese, tragiese en humoristiese so deureengevleg dat die boodskap nêrens hinderlik op die voorgrond tree nie.

Vir 'n eenbedryf om in die geledere van Hertzogprysweners opgeneem te word, moet dit méér wees as goedgeskrewe sosiale didaktiek. Dit moet 'n goedgeskrewe drámateks wees. Alhoewel Fagan ook in hierdie eenbedryf sy kenmerkende sin vir goeie struktuur en tegniek openbaar, is daar te veel hinderlike elemente om dit 'n werklik grootse eenbedryf te maak, byvoorbeeld die oordrewe beklemtoning van Hannie se onverfyndheid en agterlikheid (vergelyk haar harde lag en slegte tafelmaniere) en mev. Van der Palm se openlike wantroue wat blyk uit haar wegsluit van die kos. Odendaal (1980:108) merk ook tereg op:

Ons sien vir die grootste gedeelte van die drama te weinig van die “greintjies goud” in Hannie om waarlik te kan glo in haar besliste optrede aan die einde. Haar slotoptrede kom eerder as ’n verrassing en nie as organiese voortvloeiing uit haar voorafgaande optrede nie.

Teenoor F.C.L. Bosman (1938a:69), wat hierdie eenbedryf as ’n “pragwerk” beskou, noem Brink (1986:122) dit byna vyftig jaar later ’n “erbarmlike mislukking”.

Ook die ander eenbedryf, naamlik *Rooibruin blare*, wat saam met die twee drieakters in Fagan se 1934-Hertzogprysbundel opgeneem is, word deur Bosman (1938a:69) as ’n “pragwerk” beskou, ’n “juweel in sy soort” waarin Fagan hom “op sy beste” toon. Reeds die gebruik van ’n verkleinwoord dui die omvang van die eenbedryf aan. Ook Antonissen beskryf dit as ’n “halfweemoedige blyspelletjie” (1964:165) – niks groots nie, maar ’n simpatieke uitbeelding van ’n realistiese persoonlike ongelukkigheid wat in ’n lighartige opset waarneembaar raak. Buning (1960:309) som die wyse waarop die tema oorgedra word, raak op:

Soos gewoonlik by die skrywer, kom die boodskap dat elke leeftyd sy kompensasies het en die rooibruin blare van die ouderdom ewe skoon is as die groenes van die jeug, goed tot sy reg deur sy gebruiklike tegniek van teenstelling: die ouerige man wie se hart jonger as sy jare is, ten minste so meen hy, en die vrou wat verstandig genoeg is om op taktvolle wyse hom van die teendeel te oortuig. Albei se bewuste of onbewuste heimwee na die vrolike, onbesonne jeugjare word weer gekontrasteer met die kalm, berustende wysheid en lewenservaring van Ouma.

Die eenbedryf kan as ’n blyspel beskou word op grond van die menslike ydelheid en kleinheid wat op ’n lighartige manier voorgestel word, en nié weens humor daarin nie. Buning (1960:309) merk op:

Die tema van *Rooibruin Blare* verg ’n ligte behandeling en ’n sterk sin vir humor om werklik komies aan te doen. Fagan het slegs gedeeltelik daarin geslaag om die speelse, dartelende feesstemming weer te gee, met die gevolg dat die eenbedryf temerig en vervelend is en die grappige situasie nie voldoende uitgebuit word nie.

Waarskynlik sal hierdie besware in ’n opvoering van die eenbedryf gedeeltelik oorkom kan word. Vir die Hertzogprys word egter net die dramateks beoordeel. Soos *Ruwe erts* hoort *Rooibruin blare* op sigself nie tuis onder die Hertzogprysweners nie.

Met die ontluiking van die Afrikaanse toneel was Fagan se werk in die dertiger- en begin veertigerjare in aanvraag. Die dramas is geskryf vir gewone mense óór gewone mense. Alhoewel dit deur sommige kritici selfs getipeer is as kleinburgerlik, oppervlakkig en simplisties (Antonissen 1964:164; Coetzee 1987:167; Dekker s.j.:407; Pienaar 1938:213), sonder hewige

innerlike botsing en tragiek (Boshoff 1946:247; Bosman 1938a:69; Coetzee 1987:167; Dekker s.j. 407; Pienaar 1938:214) (waaruit kritici se tradisioneel Aristoteliaanse ingesteldheid blyk),²⁶⁶ lê Fagan se verdienste juis in die natuurlike, geslaagde wyse waarop hy beperkte boustof uitbeeld.

Daar is al meermale gewys op die nougesetheid waarmee Fagan realistiese karakters teken, maar dat hulle oor die algemeen tipies bly. Karakterisering word ondergeskik gestel aan die duidelik omlynde sentrale gedagte, maar met dié voordeel dat die dramaturg wen aan hegtheid van bou weens die gebrek aan 'n diepgaande sielkundige uitbeelding van karakters se innerlike lewe. (Antonites 1947:36; Boshoff 1946:246; Buning 1960:310.) Fagan se gebruik van natuurlike, vlot dialoog dra grootliks by tot die realisme van die karakters.

Die toneelstukke munt tegnies uit – 'n Fagan-karakteristiek wat gedy het deur die samewerking tussen hom en sy aktrise-vrou Queeny. Die toneelstukke toon 'n hegte struktuur en die intrige is deurdag. Kannemeyer (1984:209) wys met reg op Fagan se vaardigheid

... om 'n dramatiese situasie geleidelik te ontwikkel, om die bedrywe telkens na spannende hoogtepunte op te voer en om die gebeure in die tyd wat tussen die bedrywe verloop het op 'n onopsigtelike wyse in die dialoog te verwerk sonder dat dit na direkte informasie lyk.

Volgens die Hertzogprysbeoordelingsverslag is die uitstaande kenmerk van Fagan se werk dat, van die betrokke outeurs, hy dit tegnies die verste gebring het (kyk bladsy 149). Ook die algemene kommentaar aan die einde van die verslag plaas die klem op tegniek wanneer gesê word dat die aanbevole werke blyke gee

... van 'n heuglike vooruitgang in ons dramatiese kuns, van 'n juiste besef van die wese van die drama en gevolglik ook van 'n beter beheersing van die tegniek.

Indien tegniese beheersing gesien word as die uitvloeisel van 'n juiste dramabegrip, kan begryp word waarom die Raad, op grond van die verslag, Fagan bó Eitemal en P.W.S. Schumann verkies het. Sodoende is met reg 'n verdeling van die Hertzogprys vermy. Al oorskadu die eenakters wat in *Die ouderling en ander toneelstukke* opgeneem is, nie die ander twee genomineerde dramas nie, is *Die ouderling*, maar veral *Ousus*, waardige Hertzogprysweners.

266 Antonissen (1964:164) vergelyk Fagan se werk met dié van Grosskopf en Leipoldt, en is van mening dat Fagan se spele op “'n heelwat laer plan beweeg”, aangesien dit niks van Leipoldt se “poëtiese-dramatiese gehalte” of van Grosskopf se “verhewenheid en algemeen-menslikheid” bevat nie. Uit hierdie kritiek blyk sy voorkeur vir die klassieke drama.



H.A. Fagan, wenner van die 1935-Hertzogprys vir Drama

Foto deur De Vries (verdere besonderhede onbekend)

4.2.4 DIE 1938-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

4.2.4.1 Vooraf

In die aanloop tot die 1938-Hertzogprys vir Drama is die rol van die Breë Kommissie (sedert die instelling daarvan in 1935) en dié van die Letterkundige Keurkommissie herhaaldelik bevraagteken en bespreek.

Volgens die kommissieverslag vir die 1936-Prosaprys was dit nie 'n maklike taak om tussen uiteenlopende werke te kies nie. Die kommissielede was van mening dat, alles in ag genome, die prys aan Mikro toegeken moes word. In die verslag is opgemerk (SAATLK 1936d:13-14; Malherbe & Conradie 1937a:85-87):

Maar aangesien 'n breër kommissie tog by wyse van stemming die bekroning moet uitmaak, meen ons dat, onder die nuwe reëling, ons nie meer as adviserend en toeliggend kan optree nie.

Die Raad het, met inagneming van die Breë Kommissie se mening, die Hertzogprys aan Mikro toegeken (ARN 1936:22 Desember). Die volgende jaar het D.F. Malherbe aan die Akademiesekretaris geskryf (KOR 21/2: 20 Maart 1937; ARMB 1937: 24 April):

Aangesien een van my boeke verlede jaar in die gedrang was, kon ek nie met fatsoen beswaar maak teen die handelswyse van die Keurkommissie nie, wat m.i. sy taak nie reg begryp het nie en die grense van sy opdrag oorskry het. Ek wil derhalwe 'n versoek rig aan die Raad dat hy die Keurkommissie wys op die beperkte aard van sy werksaamheid ten einde 'n suiwerder oordeel te verkry in die toekoms, wat dan ook die bedoeling was met die instelling van 'n nuwe metode van beoordeling. Die Keurkommissie se taak is om 'n aantal boeke (sê drie) te noem wat in aanmerking kom en die beslissing dan oor te laat aan die breër stemgeregtigde groep. Beredeneerde waardebeoordeling van die boeke is onnodig; in elk geval is dit onbillik om aan te dui, soos in die rapport 1936, watter een volgens die mening van die Keurkommissie die voorkeur verdien. Dit verydel die hele doel van die instelling van 'n breër kommissie.

Die toekenning van die Hertzogprys verwek jaar na jaar ontevredenheid by die publiek, iets wat uiteraard selfs met die beste metode moeilik uit te skakel is. Daarom moet alles verwyder word in die metode wat die onafhanklike oordeel van die stemgeregtigde groep kan beïnvloed.

(Ek benadruk.)

Die Raad besluit om Malherbe se interpretasie aan die 1937-Jaarvergadering voor te lê vir beslissing (ARN 1937: 24 April).

Die Letterkundige Kommissie vir die 1937-Poësieprys noem in hulle verslag (ingeslote by begeleidende brief van F.E.J. Malherbe aan Akademiesekretaris gedateer 3 Oktober 1937) dat

hulle nie die vrymoedigheid gehad het om een digter uit te sonder en vir bekroning aan te wys nie,

... want dit gaan nie om die beste van een digter bo die beste van 'n ander te stel nie,²⁶⁷ al sou daar sterk gronde aan te voer wees vir die bekroning van I.D. du Plessis se veelsydiger gesamentlike werk, wat ons as sodanig nommer een plaas.²⁶⁸

Volgens die notule het sewe lede van die Breë Kommissie gestem en almal die aanbeveling van die Letterkundige Keurkommissie onderskryf.²⁶⁹ **Daar is besluit dat die Hertzogprys vir 1937 deur die Raad toegeken sou word aan I.D. du Plessis vir *Ballades en Vreemde liefde*.**²⁷⁰ (ARN 1937: 29 Oktober.) Op versoek van adv. E.G. Jansen, Akademievoorsitter, is hierdie besluit, asook die prosedure wat in verband daarmee gevolg is, vir heroorweging voorgelê (ARMB 1937: 22 November). Die aanbevelings van die Letterkundige Kommissie en Breë Kommissie is deeglik bespreek en **die Raad het besluit om** na aanleiding van “nuwe gegewens” wat onder hulle aandag gekom het,²⁷¹ **die vorige besluit te herroep**, en die **1937-Poësieprys te verdeel tussen I.D. du Plessis en Van Wyk Louw** (ARN 1937: 22 November).

Daar is verder besluit om 'n voorstel aan die Jaarvergadering voor te lê betreffende die prosedure wat gevolg word by die Hertzogprystoekenning.

Tydens die jaarvergadering van 3 Desember 1937²⁷² het Jansen aangekondig dat die 1937-Hertzogprys gelykop verdeel sou word tussen I.D. du Plessis (*Ballades en Vreemde liefde* – beide 1937) en N.P. van Wyk Louw (*Alleenspraak* – 1935) (AJVN 1937: 3 Desember; Malherbe & Conradie 1938b:152).

-
- 267 Die toekenning van die Hertzogprys gaan júis oor die bekroning van die beste werk binne 'n bepaalde tydperk, en dit is juis beste wêrke, en nie die werk van sekere persone nie, wat teen mekaar opgeweeg moet word.
- 268 In die *Bulletin* van Desember 1937 waarin die verslag ook verskyn (SAATLK 1937:12-14), is Du Plessis se naam in die laaste paragraaf vervang met stippels, en staan daar “**veelsydiger en gesamentlike werk**” (ek benadruk).
- 269 Nienaber (1965a:120) merk op dat daar twee stembriewe laat gekom het, wat die totaal van persone wat gestem het, op nege te staan bring, terwyl Coetser (1989:154) net agt van hierdie stembriewe in die argief kon opspoor.
- 270 Coetser (1989:169) wys daarop dat *Ballades* nié in aanmerking moes kom nie aangesien seker gedigte daarin vroeër in *Lied van Ali en ander gedigte* (1931) en *Stryd* (1935) verskyn het, en dat hierdie bundels vroeër vir die Hertzogprys in aanmerking kon kom.
- 271 Dit is onbekend wat die “nuwe gegewens” was.
- 272 In die jaarvergaderingnotule en in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Malherbe & Conradie 1938b:145) word die datum van die 1937-jaarvergadering aangedui as 3 Desember, terwyl dit volgens die *Bulletin* van Desember 1937 (SAATLK 1937:1) plaasgevind het op 3 én 4 Desember.

Jansen het in verband met die Hertzogprystoekenningsprosedure die besluit van die 1935-Jaarvergadering gelees wat betrekking gehad het op die samestelling van die Breë Kommissie (kyk bladsy 155). Omdat die prosedure wat tot in daardie stadium gevolg is nie volkome bevredigend was nie, het die Raad 'n effens gewysigde, meer uitgebreide plan voorgelê. **Die 1935-jaarvergaderingbesluit (kyk bladsy 155) is herroep, en die volgende Huishoudelike Bepalinge is in die plek daarvan gestel** (AJVN 1937: 3 Desember; Malherbe & Conradie 1938b:146-147):

- (a) As die Letterkundige (Keur-) Kommissie van oordeel is dat daar letterkundige werk gelewer is wat vir die betrokke jaar bekroning verdien, dan kies hy hoogstens drie outeurs wie se werk hy verdienstelik genoeg beskou om in aanmerking te kom, en stuur die name met 'n motivering van sy bevinding aan die Sekretaris van die Raad.²⁷³
- (b) Die name van die betrokke werke of outeurs wat in aanmerking kom, word deur die Raad aan 'n Breë Kommissie van vyftien lede voorgelê sonder kommentaar en sonder die bevindings van die Letterkundige (Keur-) Kommissie.²⁷⁴
- (c) Elke lid van die Breë Kommissie spreek sy oordeel uit (per pos aan die Sekretaris) oor die gekose outeurs en die betrokke werke en bring sy stem uit vir die outeur(s) wie se werk(e) hy of sy bekroning werd ag.²⁷⁵
- (d) Die Raad oorweeg dan die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die Letterkundige (Keur-) Kommissie en ken die prys toe al dan nie.²⁷⁶
- (e) Die Breë Kommissie word van jaar tot jaar aangestel deur die Raad, en enige lid kan name vir oorweging aan die Raad voorlê.²⁷⁷

Na afloop van die jaarvergadering het die pers die toekenning van die 1937-Hertzogprys gepubliseer. Louw het die prys in die pers van die hand gewys en 'n polemiekie het ontstaan.²⁷⁸ In 'n brief aan die Akademie gedateer 4 Desember 1937, het Louw opgemerk (ARMB 1938: 11 Februarie):

-
- 273 Spesifieke riglyne word verskaf oor hoe die verslag van die Letterkundige Kommissie daar moet uitsien.
 - 274 Volgens die 1935-besluite is die bevinding van die Letterkundige Kommissie wél voorgelê aan die Breë Kommissie.
 - 275 Die 1935-besluite het bepaal dat die Breë Kommissie spesifiek oor die Letterkundige Kommissie se bevinding sy oordeel uitspreek, en nie net oor outeurs en werke waarvan die name voorgelê is nie.
 - 276 Die 1935-besluit het bepaal dat die Raad die stemming van die Breë Kommissie oorweeg en dan die prys toeken. Volgens hierdie gewysigde besluit van 1937 is die mening van die Breë Kommissie én die Letterkundige Kommissie in aanmerking geneem. **Sodoende is die inspraak van die Letterkundige Kommissie in die toekenning van die Hertzogprys, in 'n mate herstel.**
 - 277 Hierdie bepaling werp lig op die onsekerheid wat bestaan het of die Breë Kommissie van tyd tot tyd opnuut saamgestel moes word. Dit het tot in hierdie stadium “moeilik gegaan om 15 lede te vind wat in hierdie kommissie kon dien”, en daar is geen veranderings gemaak sedert die oorspronklike samestelling van die Kommissie nie (ARMB 1937: 22 November).
 - 278 Raadpleeg Nienaber (1965a:116-125).

Die Akademie was weer magteloos om te besluit oor die sake waarin hy hom juis die reg van 'n beslissing toeëien.

Twee lede van die Letterkundige Kommissie het in *Die Burger* (11 Desember 1937) gereageer op Louw se beskuldigings, en onder andere opgemerk dat die Akademie hom niks toe-eien nie aangesien hy volgens die notariële oorkonde van 27 Mei 1914 seggenskap het oor die Hertzog-taalfonds ter bekroning van eersterangse werke in Afrikaans, en kragtens wetgewing van die Volksraad (Wet no. 23 van 1921) met regs persoonlikheid en gesag beklee is om te doen wat aan hom opgedra is.

J.M.H. Viljoen het as redakteur in sy hoofartikel in *Die Huisgenoot* van 17 Desember 1937 kommentaar gelewer oor die verdeling van die Hertzogprys tussen Louw en Du Plessis, en opgemerk (1937:13):

Vir mnr. Louw se beswaar teen wat hy die magteloosheid van ons hoogste kultuurliggaam noem om in verband met die toekenning van die Hertzogprys 'n beslissing te neem wat nie 'n kompromis-kleur dra nie, is daar nogal heelwat grond, want dit is nou die sesde maal dat die prys verdeel word – in drie gevalle selfs tussen drie persone. ¹⁹ En ons vrees dat hierdie kompromis-politiek bestendig sal word deur die ingewikkelde prosedure wat daar nou neergelê is vir die toekenning van die Hertzogprys.

Daar is terloops opgemerk dat daar in 1937 net een letterkundige onder die vyf lede van die Raad was – die kurator by wie die finale beslissing in verband met die toekenning van die Hertzogprys berus. Kritiek is ook uitgespreek teen die bepaling dat die Letterkundige Kommissie nie die motiverings vir sy aanbevelings voor die Breë Kommissie kon lê nie:

Selfs nie eens die orde waarin hy kandidate plaas, mag openbaar gemaak word nie. Waartoe dan al die moeite om 'n aanbeveling te motiveer as daar nie die volste gebruik van gemaak word nie? En waarom per slot van rekening 'n letterkundige kommissie benoem as sy beslissing later deur persone wat met minder kennis van sake kan oordeel omdat hulle die betrokke werke sekerlik nie so grondig bestudeer het nie, omvergewerp mag word?²⁷⁹

Viljoen wou nie beweer dat die besluit om die Hertzogprys te verdeel verkeerd was nie. Hy het gemeen dat daar selfs gevalle kon wees waar so 'n beslissing die billikste sou wees, en opper as voorbeeld die gedagte van aanmoediging aan kunstenaars wat nog aan die begin van hulle loopbaan staan. Hy voeg egter by:

279 Volgens D.F. Malherbe moes die Letterkundige Kommissie se invloed juis ingeperk, en die Breë Kommissie se gesag uitgebrei word ten einde “'n suiwerder oordeel te verkry” (kyk bladsy 167).

Maar wanneer daar in ingeligte kringe die gevoel begin bestaan dat die Akademie telkens tot verdeling van die Hertzogprys oorgaan omdat hy onmagtig is om 'n beslissing te bereik wat nie die resultaat van 'n kompromis is nie, dan sal die toekenning van die Hertzogprys ook nie meer 'n eer beskou word nie.

Die eerste vereiste om dit te verhoed, sou volgens Viljoen wees dat die Akademie die besluit herroep wat sy Letterkundige Kommissie “feitlik onnodig maak”, aangesien hierdie Kommissie en die Raad genoeg gesag behoort te beklee om 'n “oordeel te vel” wat die “mees veeleisende” sou bevredig (1937:13).

4.2.4.2 1938-Hertzogprys vir Drama

Volgens die voorgestelde begroting vir 1937/1938, was 'n bedrag van £51 beskikbaar as Hertzogprys vir Drama (ARMB 1938: 11 Februarie).²⁸⁰

Tydens 'n raadsvergadering gehou te Pretoria, is besluit om die name van prof. F.E.J. Malherbe (sameroeper), asook dr. H. v.d.M. Scholtz²⁸¹ en P.C. Schoonees voor te dra as lede van die Letterkundige Kommissie wanneer die kommissies tydens die jaarvergadering saamgestel sou word (ARN 1937: 22 November). Hierdie persone is finaal tot die Kommissie benoem tydens die 1937-jaarvergadering, gehou op 3 Desember in die Voortrekker-Gedenksaal, Pretoria (AJVN 1937; Malherbe & Conradie 1938b:152).²⁸² **Weer eens, teenstrydig met die skenkingsakte, het die Jaarvergadering finaal besluit oor die kommissielede.**²⁸³ Van die lede wat die beoordeling moes doen vir die vorige Hertzogprys vir Drama (G. Dekker – sameroeper, F.E.J.

280 Die geldwaarde van die prys het mettertyd verander: die 1915/1916-prys het £61.5.0 beloop (kyk bladsy 53) en vir die 1917/1918- en 1919/1920-prys is telkens £70 uitbetaal (kyk bladsy 61 en 67). Vanaf die 1924/1925- tot en met die 1931-toekenning is elke keer £75 toegeken, maar daarna het die bedrag afgeneem: vanaf 1933 tot 1937 was die prysgeld elke keer £72, en daarna het dit bly verminder totdat dit vanaf 1943 voorlopig gestabiliseer het op £50 (ZAATLK s.j. b:12).

281 In latere korrespondensie aan kommissielede, byvoorbeeld briewe gedateer 22 Januarie 1938, word sy titel aangedui as “professor”.

282 Vir 1937/1938 is £12.1.6 begroot as honorarium aan die kommissielede (ARMB 1938: 11 Februarie). Hulle hét 'n honorarium ontvang, soos blyk uit 'n briefie van Lombard aan Scholtz, gedateer 10 Oktober 1938 (KOR 21/3).

283 Die situasie sedert die vorige Hertzogprystoekenning vir Drama was soos volg:

Die **Jaarvergadering** het die Letterkundige Kommissie benoem vir die 1936-Hertzogprys vir Prosa (AJVN 1935: 20 en 21 Desember 1935; SAATLK 1936a:8; Malherbe & Conradie 1936b:159-160). Een lid het nie die benoeming aanvaar nie, en die **Raad** het tydens die vergadering van 6 April 1936 'n persoon in sy plek benoem (SAATLK 1936b:3; Malherbe & Conradie 1936c:209).

Volgens Nienaber het die **Raad** ná 6 April 1936 die Letterkundige Kommissie aangewys (1965a:43). Tog is die Letterkundige Kommissie vir die 1937-Hertzogprys vir Poësie benoem deur die 1936-**Jaarvergadering** (Malherbe & Conradie 1937b:149). Die vertolking van die **Jaarvergadering** se besluit dat Elizabeth Conradie net in die Kommissie sou dien ter bevordering van Nederlands, is deur die **Raad** bevestig (ARMB 1937: 22 November).

Malherbe en M.L. du Toit), is net F.E.J. Malherbe vir die 1938-Kommissie benoem – dié keer as sameroeper. Volgens die notule sou die **Raad** later die Breë Kommissie aanwys (Malherbe & Conradie 1938b:153; KOR 21/4: 5 September 1938 – Lombard aan F.E.J. Malherbe).

Kommissielede is in kennis gestel van hulle benoeming (KOR 21/4: 22 Januarie 1938 – Lombard aan F.E.J. Malherbe, H. v.d.M. Scholtz en P.C. Schoonees) en het dit aanvaar (KOR 21/4: 31 Januarie en 11 Februarie 1938 – F.E.J. Malherbe en H. v.d.M. Scholtz aan Lombard).

In opdrag van die Akademieraad het Lombard in Januarie 1938 aan die bestuurders van Nasionale Pers (Kaapstad en Bloemfontein), Voortrekkerpers, J.H. de Bussy, J.L. van Schaik, Afrikaanse Pers en die Vereniging vir die Vrye Boek geskryf om hulle in kennis te stel dat die Hertzogprys in 1938 toegeken sou word vir dramas wat gedurende die tydperk 1 Julie 1935 tot 30 Junie 1938 gepubliseer is, en om hulle te versoek om die Letterkundige Kommissie op hoogte te hou van verdienstelike werke wat vir die prys in aanmerking kon kom.²⁰ Die kommissielede se name is verskaf. (LK 1/1: 24 Januarie 1938.)

Die **Raad** het as lede van die Breë Kommissie gekies: proff. D.B. Bosman, J.J. Dekker, T.J. Haarhoff, J.J. le Roux, E.C. Pienaar, C.M. van den Heever, drr. S.P.E. Boshoff, F.C.L. Bosman, M.S.B. Kritzinger, T. Wassenaar, mnre. C.M. Booyesen, H.C. de Kock, L.W. Hiemstra, J.M.H. Viljoen en mev. M. Jansen (ARN 1938: 11 Februarie).²⁸⁴ Lombard het hierdie vyftien lede van die Breë Kommissie in kennis gestel van hulle benoeming en riglyne verskaf in verband met die Hertzogprysprosedure. Hulle is daarop attent gemaak dat die benoemde Kommissie daargestel is om die Raad te adviseer in verband met die toekenning van die Hertzogprys. Die prosedure is soos volg uiteengesit (KOR 21/4: 14 Maart 1938), met my kommentaar oor hoe dit met die 1937-besluite (bladsy 169) vergelyk, tussen reghoekige hakies:

- (i) 'n Keurkommissie van drie lede gaan vanjaar al die dramas na wat verskyn het in die tydperk 1 Julie 1935 – 30 Junie 1938.
- (ii) As die Keurkommissie van oordeel is dat daar werk gelewer is wat bekroning verdien, dan kies hulle hoogstens drie stukke wat verdienstelik beskou word en stuur die name met 'n motivering van hul bevinding aan die Sekretaris van die Raad. [Die 1937-jaarvergaderingsbesluit spesifiseer dat die name verskaf moet word van “hoogstens drie outeurs” wie se werk “verdienstelik genoeg” beskou word. Lombard se vertolking van hierdie besluit plaas met reg die klem op die dramatékste, soos deur die skenkingsakte bepaal, en nie op die outeur nie.]

284 Briewe in verband met C.M. Booyesen, F.C.L. Bosman, T.J. Haarhoff, C.M. van den Heever en D.B. Bosman se benoemingsaanvaarding kon opgespoor word (KOR 21/4: 19, 20, 21 en 22 Maart) asook dié van L.W. Hiemstra (KOR 21/3: 14 Mei 1938).

Ses van hierdie vyftien lede was ook op die Breë Kommissie vir die 1935-Dramapry (kyk bladsy 156 en bylaag J op bladsy 618-709).

- (iii) Die name van die betrokke stukke word deur die Raad aan 'n Breë Kommissie van vyftien lede voorgelê sonder kommentaar. [Die 1937-besluit bepaal dat die name van “die betrokke werke of outeurs” aan die Breë Kommissie voorgelê word.]
- (iv) Elke lid van die Breë Kommissie spreek sy oordeel oor die werke uit en bring sy stem uit vir die werk(e) wat hy bekroning werd ag. [Die oorspronklike besluit vereis dat 'n oordeel uitgespreek word oor die “gekose outeurs en die betrokke werke” en dat 'n stem uitgebring moet word “vir die outeur(s) wie se werk(e)” bekroningswaardig is.]
- (v) Die Raad oorweeg dan die uitgebragte stemme saam met die verslag van die Keurkommissie en ken die prys toe al dan nie.

By ontvangs van die Keurkommissie se verslag na 30 Junie, sal die name van die stukke wat hulle aanbeveel, aan U voorgelê word vir behandeling soos hierbo omskryf.

Aanvanklik was C.M. van den Heever nie bereid om in die Breë Kommissie te dien nie aangesien hy self soms werk gehad het wat beoordeel moes word (KOR 21/3: 16 Maart 1938 – Van den Heever aan Lombard).²⁸⁵ Die Sekretaris het hom egter versoek om sy besluit in heroorweging te neem aangesien net drama in 1938 in aanmerking sou kom. Sy naam kon weggelaat word wanneer prosa en poësie weer beoordeel moes word. (KOR 21/3: 17 Maart 1938.)

Lombard het ook 'n brief van T. Wassenaar ontvang waarin hy aandui dat hy nie in die Breë Kommissie wou dien nie. Volgens hom was dit onwenslik om skrywers aan te stel om ander skrywers se werk te beoordeel. (KOR 21/3: 19 April 1938.)

L.W. Hiemstra het in sy aanvaardingsbrief aanbeveel dat persone eers gevra word of hulle bereid was om die werksaamhede op hulle te neem vóór hulle in die Kommissie benoem word (KOR 21/4: 14 Mei 1938 – Hiemstra aan Lombard):

Dit sou 'n passiewe lidmaatskap, soos dié wat totnogtoe moeilikheid opgelewer het, vanself uitskakel,²⁸⁶ terwyl iemand nou, wanneer hy klaar benoem is, gewoonlik ontsien om juis te bedank. So 'n passiewe aanvaarding van die benoeming verseker egter nie die aktiewe medewerking wat gewens is nie.

Die Raad het besluit om die wenk in gedagte te hou wanneer die Kommissie weer saamgestel word (ARN 1938: 21 September).

285 Tans (Junie 2009) is 1938-dokumente in verband met die Hertzogprys in die Akademie se korrespondensielêer 21 (SAAWEK: K21) geliaseer in vouer 3 én 4.

286 Sedert die funksionering van die Breë Kommissie was hulle stemreaksie soos volg: dertien uit vyftien lede het hulle stemme uitgebring vir die 1935-Hertzogprys vir Drama (kyk bladsy 157), tien uit vyftien vir die 1936-Prosapry (LK 1/1: stembriewe), en nege uit vyftien vir die Poësieprys van 1937 (kyk bladsy 168).

Die Sekretaris het 'n brief aan F.E.J. Malherbe as sameroeper van die Letterkundige Kommissie gerig waarin hy noem dat hy (Lombard) versoek is om die tydperk waarin gepubliseerde dramas wat vir die 1938-Hertzogprys in aanmerking kom, met 'n maand te verleng tot 31 Julie 1938. J.R.L. van Bruggen het 'n stuk in die pers gehad wat hy wou laat beoordeel. Dit sou verskyn onder die titel *Die vooraand*, 'n historiese drama in drie bedrywe. Lombard wou by Malherbe weet of die Letterkundige Kommissie die finale beoordeling kon uitstel. Blyk dit egter nie moontlik te wees nie, sou die Akademieraad ook tevrede wees. Lombard het die kommissieverslag op 15 September ingewag. (KOR 21/4: 28 Junie 1938.)

Aangesien Malherbe met vakansie was, haas hy hom op 3 Augustus om Lombard te laat weet dat hy die versoek oorgedra het aan sy medelede en op hulle antwoord wag (KOR 21/4: 3 Augustus 1938). Hy merk op:

Ek glo nie dat hulle beswaar sal maak nie, aangesien ons verlede jaar reeds 'n uitsondering gemaak het en Juliemaand nog bygereken het. ²¹

Malherbe het versoek dat Van Bruggen kennis moes kry om sy drama so spoedig moontlik aan die kommissielede te stuur. Dit is waarskynlik nie betyds gepubliseer om in aanmerking te kom nie.²⁸⁷

Die datum waarop die kommissieverslag die Akademie moes bereik, is later deur Lombard vasgestel op einde September (KOR 21/4: 5 September 1938 – Lombard aan F.E.J. Malherbe). Malherbe het Lombard laat weet dat sy eie en P.C. Schoonees se verslag al twee weke tevore gereed was, en dat hy net gewag het op Scholtz se mening. Hy verneem ook (KOR 21/4: 8 September 1938):

Ek veronderstel dat as ons geen werk vir bekroning verdienstelik beskou nie, dit nie nodig is om by elke werk aan te toon waarom dit te sleg is om in aanmerking te kom? Indien dit wel nodig is, wil u my wel laat weet. Dis moeilik om presies te weet hoeveel motivering u onder die nuwe reëling wens. Ek wil graag volgens die letter en die gees van u besluit handel.

Die antwoord het gelui (KOR 21/4: 12 September 1938 – Lombard aan F.E.J. Malherbe):

287 Inligting bekom dui die publikasiedatum van *Die vooraand* se eerste uitgawe aan as 1939. Die 1938-Hertzogprysverslag (kyk bladsy 175-176) meld nie die titel nie, maar wel die 1941-verslag (kyk bladsy 192). Hierdie twee verslae dui ook onderskeidelik die 1938-toekenning se afsnydatum aan as Junie 1938, en die begin van die 1941-prys se beoordelingsperiode as Julie 1938 (kyk bladsy 175 en 192). (Raadpleeg ook die skematiese voorstelling in eindnota 10 op bladsy 517.)

Die werk sou ook nie in manuskripvorm voorgelê kon word nie. Dit sou teenstrydig wees met die 1924- en 1933-bepaling dat slegs werke wat in boekvorm uitgegee is, in aanmerking kom (kyk bladsy 102 en eindnota 16).

In geval U geen [dramateks] verdienstelik genoeg beskou vir bekroning nie, sal dit geen nut hê nie om by elke werk aan te toon waarom dit te sleg is.

Ek veronderstel egter dat U in u algemene opmerkinge die een en ander sal sê omtrent die gehalte van die werke (gesamentlik) wat onder u aandag gekom het.

Ek sal dit al te baie waardeer om u verslag so spoedig moontlik te ontvang. As u kommissie aanbevelings doen t.o.v. bekroning, dan moet ek die vroegtydig sirkuleer onder die lede van die Breë Kommissie, want hulle is baie stadig met hulle antwoorde.

Lombard het Scholtz versoek om so spoedig moontlik sy sienswyse aan F.E.J. Malherbe te stuur sodat die verslag aan die Akademie gepos kon word (KOR 21/4: 12 September 1938).

Op 19 September het Malherbe vir Lombard laat weet dat hy, ná ontvangs van Scholtz se konsepport, 'n gesamentlike verslag opgestel, en aan Schoonees en Scholtz gepos het vir ondertekening (KOR 21/4):

U sal dit nou dadelik van die here terug kan verwag (van Vryheid oor Bloemfontein na Johannesburg). Gelukkig was ons dit dadelik eens om die hoofsaak: geen prys vanjaar vir drama.

Ek hoop dat ek die rapport so opgestel het soos dit vir u die meeste moeite kan bespaar.

Die verslag, gedateer 19 September 1938 en onderteken deur F.E.J. Malherbe as sameroeper, P.C. Schoonees en H. v.d. Merwe Scholtz, is deur laasgenoemde op 3 Oktober aan Lombard gestuur (LK 1/1: 3 Oktober 1938), en sien soos volg daar uit:

RAPPORT VAN LETTERKUNDIGE (KEUR-) KOMMISSIE VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE INSAKE TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS
VIR DIE BESTE DRAMA VERSKYN GEDURENDE DIE TYDPERK
1 JULIE 1935 - 30 JUNIE 1938

VERSKENE DRAMAS:²⁸⁸

Mikro: Net een Dag [of *Die vakansiegangers*] [1936 Nasionale Pers],

Louis Boshoff: Die Welwillende Bedrieër [1937 Nasionale Pers],

Zhann [Meyhendi Zhann is die ps. van J.H. Meyer]: Gedwarsboom [1935 Nasionale Pers],

A.J. Hanekom: Die Skeidsmuur [1938 Nasionale Pers],

288 Drie 1938-dramas, naamlik *Die skeidsmuur* (A.J. Hanekom), *Die bron* (M.I. Murray) en *Grond: 'n drama in drie bedrywe* (Fritz Steyn), word in beide die 1938- en 1941-Hertzogprysverslae genoem.

A. de Wet: Die Vloek [*Die vloek!*²⁸⁹ 'n Toneelstuk in drie bedrywe] [1937 Nasionale Pers],

U.M. Gerryts: Na Vyftig Jaar,²⁹⁰

E.N. Marais: Nag [1937 Van Schaik],²⁹¹

Murray: Bron²⁹² [1938 Nasionale Pers],

F.S. Steyn: Grond [1938 Voortrekkerpers],

Tj. [Tjaarda] Buning: 'n Man van Eer [1936 Van Schaik],

A.C. Bouman: Nerina [*Nerina van Drakenstein: 'n liefde aan die Kaap in Van der Stel se tyd: toneelstuk in drie bedrywe*] [1937 HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en J.H. de Bussy],

P. [P.W.S.] Schumann: Katrina [1937 Van Schaik],

J. van Melle: Wraak²⁹³ [1937 APB],

N.P. van Wyk Louw: Die Dieper Reg [1938 Nasionale Boekhandel].

U kommissie is van oordeel dat geen een van die bostaande werke in aanmerking kan kom vir die toekenning van die Hertzogprys nie en adviseer dus dat die prys vanjaar nie toegeken word nie.

KORT MOTIVERING.

Naas bloot spektakelstukke met 'n saamlapsel van die onmoontlikste avonture, is daar toneelstukke wat in een of ander opsig van dramatiese talent getuig. Maar die gewone tegniese of sielkundige gebreke kom, in meerdere of mindere mate, in almal voor – soos swak bou, powere handeling, gewilde konflik, ingesakte situasie met anti-klimakse, ondiepe of onware karaktertekening, bloot debatte as dialoog, valse oplossing en tendensieuse dwang.

Aandag, vir hierdie doel, verdien alleen Die Dieper Reg van Van Wyk Louw. Dis 'n koorspel waarin die saak van die Voortrekkers voor die Hemelse Gereg met verhewe eenvoud en in hartstogtelike pleidooie verdedig word. Die stuk het sterk dramatiese

289 Grosskopf het dieselfde titel, maar sonder die uitroepteken, in 1946 gebruik vir 'n eenbedryf.

290 Dis 'n kindertoneelstuk en sou nie in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie.

291 Marais is op 29 Maart 1936 oorlede. Hierdie werk is postuum gepubliseer. (Kyk voetnota 230 op bladsy 142.)

292 Die outeur is M.I. Murray, en dit korrekte titel is *Die bron*.

293 Die verhaal "Wraak" kom voor in Van Melle se bundel *Begeesting* (1943) en is 'n verafrikaansing van die gelyknamige verhaal in *Zuid-Afrikaansche schetsen*. Die 1937-drama *Wraak* is 'n verwerking van die verhaal en sou nie in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie (kyk by "Dramaverwerkings" in eindnota 3 op bladsy 513-514).

momente. In hierdie Voortrekkerjaar²⁹⁴ sou 'n mens graag Van Wyk Louw se Voortrekkerstuk wil bekroon; maar u Kommissie meen dat die eise wat aan so 'n koorspel kan gestel word so verskillend is van dié wat vir die gewone drama geld, dat hierdie “gedig” noueliks as volledige drama beskou kan word en dus val dit ook buite beskouing vir die Hertzogprys vir drama.

Daarom beveel ons aan dat die Hertzogprys vanjaar nie toegeken word nie.
(Ek benadruk.)

Tydens die raadsvergadering van 24 November 1938, gehou in Pretoria, is kennis geneem van die Letterkundige Kommissie se verslag en beslis dat die 1938-Hertzogprys nie toegeken sou word nie (ARN 1938; Malherbe & Conradie 1939b:70).

Die verslag van die Letterkundige Kommissie is op 3 Oktober 1938 aan Lombard gestuur (LK 1/1) en die raadsvergadering het plaasgevind op 24 November. Wat die rol was van die Breë Kommissie, en of hulle hierdie jaar enigsins 'n mening gelug het, is onbekend. Tydens die raadsvergadering is net kennis geneem van die Letterkundige Kommissie se verslag.

Die Akademievoorsitter, dr. E.G. Jansen, het tydens die 17 Desember 1938-jaarvergadering, gehou in die Macfadyensaal, Pretoria, gemeld dat die Raad die aanbeveling van die Letterkundige Kommissie aanvaar, en die verslag is vir kennisgewing aangeneem (AJVN 1938: 17 Desember; Malherbe & Conradie 1939b:78). **In ooreenstemming met die skenkingsakte het die Raad finaal beslis en is die Jaarvergadering net van die besluit verwittig.**

Ander 1935-dramas wat in aanmerking sou kon kom vir die 1938-toekenning – indien ná 30 Junie 1935 gepubliseer, is:²⁹⁵

Kamp, Willem C.W.

Twee eenakters (dit bevat die volgende twee werke: *Die eenvoudige held* en *Die lafaard*) (Van Schaik)²⁹⁶

294 Die Akademie was nou betrokke by die reëlings van die Voortrekkereuefees. Tydens die 1938-jaarvergadering het die Voorsitter, E.G. Jansen, sy spyt te kenne gegee dat die Raad nie alles wat hy beoog het, kon uitvoer nie (AJVN 1938: 17 Desember; Malherbe & Conradie 1939b:72). As rede hiervoor noem hy

... die tydrawende werk wat op die skouers van vyf uit ses lede van die Raad gerus het in hul hoedanigheid as lede van die Sentrale Voortrekker-Eeufeekomitee.

295 Die volgende 1935-dramas is reeds vir daardie jaar se Hertzogprys beoordeel: *En hadde de liefde niet...* (Eitemal), *Amrath die tollenaar* (D.F. Malherbe), *Oom Paul* (D.C. Postma), *Gebroke drade* (J.R.L. van Bruggen) en *Die huwelik van Pop le Roux* (Jan van Melle) (kyk bladsy 148).

296 Volgens die November/Desember 1935-uitgawe van *Ons Tydskrif vir Letterkunde, Opvoedkunde en Kuns*, het die twee eenakters in September 1935 verskyn. Aangesien die afsnydatum vir die 1935-toekenning 30 Junie 1935 was, sou hierdie werk eers in 1938 in aanmerking kon kom, indien die tydskrif se inligting korrek is (kyk voetnota 243 op bladsy 149).

Die volgende werke het ook in die tersaaklike tydperk verskyn, maar is nie in die verslag genoem nie:

1936-dramas:

De Waal, P.	<i>Mej. Skender</i> (Hugenoot-Drukkery)
Slabbert, G.M.J.	<i>Theodora</i> (J.H. de Bussy en HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Van Broekhuizen, Johanna.	<i>Nasate</i> (N.V. Swets & Zeitlinger).

1937-dramas:

Oosthuysen, J.C.	<i>Die duiwel in die daggaboom</i> (Nasionale Pers).
------------------	--

Vir die 1938-bekroning is tekste wat gepubliseer is vanaf 1 Julie 1935 tot 30 Junie 1938 in berekening gebring. Aangesien dit in die verslag genoem word, is *Die dieper reg* waarskynlik gepubliseer voor 30 Junie 1938 om in aanmerking te kon kom vir beoordeling.

Ander 1938-dramas wat nie in die 1941-verslag gemeld word nie, is.²⁹⁷

Coetzee, J.P.J.	<i>Die eindresultaat</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Hofmeyr, Annie.	<i>Uit die Groot Trek</i> (Nasionale Pers)
Theron, Miemie-Louw.	<i>Argentinië</i> (Unie-Volkspers).

Die Letterkundige Kommissie was van mening dat die 1938-Hertzogprys vir Drama nie toegeken kon word nie. Buiten *Die dieper reg* sou net P.W.S. Schumann se *Katrina* moontlik waardering ontlok het.

297 Die volgende 1938-dramas word in die 1941-verslag genoem (daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat dit gepubliseer is ná 30 Junie 1938 – alhoewel bevestiging daarvoor uiters moeilik gevind sal kan word – en dus nie vir die 1938-toekenning in aanmerking kon kom nie): *Die geboorte van Suid-Afrika: 'n simboliese sprokie* (Willem Hessels), *Magdalena Retief* (Uys Krige), *Die siel van Suid-Afrika* (D.F. Malherbe) en *Die geheime Bloemfontein-konferensie* (opgestel deur W.J.B. Pienaar; proloog deur D.F. Malherbe). (Kyk bladsy 192.)

Van Schoor merk in die 1938-*Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* op dat *Magdalena Retief* ten tyde van sy artikel se skrywe, nog nie verskyn het nie (1938:111). *Magdalena Retief* is eers vir die 1941-Hertzogprys in berekening gebring, en daar kan dus aangeneem word dat dit ná Junie 1938 gepubliseer is.

Katrina (1937)²⁹⁸ speel af teen die agtergrond van die 1922-Randse staking en verbeeld die siele- en kultuurstryd, verwarring en aanpassingsprobleme van die plaasmens in die vreemde, uitheemse stad. Ten spyte van sterk dramatiese elemente in die stuk, soms uiters geslaagde dialoog, realistiese uitbeelding en goeie tegniek, is die grootste beswaar dat die tragiese uitbeelding van 'n tóe aktuele konflik, versteur is deur “'n willekeurige wending” (Antonissen 1960:113 en 1964:304). “Tot 'n hegte drama, met 'n duidelike botsing en dramatiese verloop het dit nie gekom nie” (Dekker s.j.:393), want die karakters is teruggestuur plaas toe om sielorus te probeer vind – 'n voorbeeld van 'n “valse oplossing”, een van die algemeen voorkomende gebreke wat in die Hertzogprysbeoordelingsverslag genoem is.

Die mening is in die verslag uitgespreek dat slegs *Die dieper reg* (1938) deur N.P. van Wyk Louw aandag verdien het (kyk bladsy 176). Hierdie geleentheidstuk²⁹⁹ speel af in die buiteruimtelike “Saal van die Ewige Geregtigheid” waarheen alle mensgeslagte, ook die Voortrekkers, gaan om die oordeel oor hulle dade te verneem. Nie die lot van enkelinge nie, maar van 'n gemeenskap is ter sprake.

Die Trekkers se stryd word nie histories-realisties of episodies weergegee nie, maar aspekte daarvan word van verskeie kante belig deur die uitsprake van die verteenwoordigende en abstrakte personasies, asook die spreekkore.

Die Kommissie sou graag wou sien dat hierdie Voortrekkerstuk in die Voortrekkerjaar (1938) bekroon word, maar was van mening dat die eise wat vir so 'n koorspel geld teenoor dié vir die gewone drama, so verskillend is, dat “hierdie ‘gedig’ noueliks as volledige drama beskou kan word” (kyk bladsy 177). Nie die meriete van die werk nie, maar die inherente aard daarvan het dit volgens die kommissielede vir die Dramaprys gediskwalifiseer.

In sy artikel oor die 1938-Hertzogprys wat in die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* verskyn het vóór die bekendmaking van die uitslag, beskou Van Schoor *Die dieper reg* as “'n digterlike dramatiese voorstelling” en lug die volgende bedenking (1938:111):

Of *Die Dieper Reg* egter in die streng afgebakende gebied van die drama ingedeel sal word, skyn egter geen uitgemaakte saak te wees nie. Tot dusver is die kritici glad nie eenstemmig of dit wel onder die hoof drama beoordeel moet word nie.

298 Hierdie drama was die eerste stuk wat spesiaal vir Volksteater geskryf is (Binge 1969:214).

299 Vir inligting in verband met die aanvanklike opdrag (geskryf vir die Volksteater), eerste opvoering, geleentheid waartydens die werk opgevoer is en die resepsie daarvan, raadpleeg Coetsier (1990:393-421). Dit is ook op Woensdag 29 en Donderdag 30 Julie 1959 in Stellenbosch opgevoer tydens die Akademie se halfeeufeesvieringe (Notule van Feesverrigtinge).

F.E.J. Malherbe, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, het *Die dieper reg* in die September 1938-uitgawe van *Ons eie boek* bespreek as 'n gedig oor die Voortrekkers, as deel van Louw se poësie-oeuvre, en beskou as 'n "suiwer voortsetting van sy vorige digkuns" as "moderne digter" (1938b:165, 167).³⁰⁰ 'n Lid van die Breë Kommissie, F.C.L. Bosman, het in 'n resensie gewys op die tweeslagtigheid in die benaming van die stuk (*Die Brandwag*, 24 September 1938).³⁰¹

Die skrywer self noem dit 'n "spel," die uitgewers 'n "gedig oor die Voortrekkers". Uiteraard is "samesmelting" tussen die twee genres heel goed moontlik, maar ek glo tog nie dis die bedoeling hier nie. Die skrywer bedoel ongetwyfeld om 'n spel te lewer, dit sy dan 'n digterlike spel of soos hy dit self noem, 'n koorspel. Hierdie dramatiese opset blyk in besonder uit die uitvoerige aanwysings wat die skrywer gee vir opvoering. Tog maak die stuk veel meer die indruk van 'n gedig as 'n drama.

Bosman sien die werk nie as "n beeldende drama" nie, maar as "n wysgerige gedig" – 'n mening wat hy in 'n latere resensie herhaal (1941b:174). Ook G. Dekker (1938:39-40) beskou dit as 'n "gedig" met "verse" wat 'n aanwys is vir die "digkuns". In sy literatuurgeskiedenis behandel hy dit nie as 'n versdrama nie, maar as deel van Louw se poësie, en verklaar dat die werk in wese liries is, en nie dramaties nie (Dekker s.j.:218.) In *Oopgelate kring* sluit Ernst van Heerden (1982:157) *Die dieper reg* in by Louw se breë poëtiese oeuvre, volgens Coetzee (1987:172) behoort dit nog "tot die digter se Dertiger-periode", en H.A. Mulder (1939:46) en S. Ign. Mocke (1938:45) beskryf dit as 'n "gedig". Ook Grové reken *Die dieper reg* as een van Louw se eerste vyf bundels, 'n "geleentheidsgedig" waarin "duidelik die latere dramaturg in vooruitsig gestel word" (1960:421, 425-426).

Uit sý bespreking van N.P. van Wyk Louw se *Versamelde gedigte* (1981), blyk dit dat T.T. Cloete (1981:85), soos etlike ander kritici (byvoorbeeld Antonissen 1964:245; Conradie 1987:29; Van Rensburg 1975a:167), *Die dieper reg* eerder as 'n drama beskou. Die werk is deur Antonissen beskryf as Louw se "eerste gepubliseerde proef-in-die-drama" (1953b:65-66).

Onduidelikheid oor die moontlike bekroning van *Die dieper reg* het onder andere gespruit uit hierdie wisselende opvattinge oor watter literêre kategorie ter sake is. Opperman wys op die soms problematiese verhouding tussen die vers en die drama, en tref die volgende onderskeid (1975:92):

300 Scholtz het die kommissieverslag op 3 Oktober 1938 aan Lombard gestuur (LK 1/1), en **die raadsvergadering waartydens besluit is om geen toekening te maak nie**, is gehou op 24 November 1938 (ARN 1938; Malherbe & Conradie 1939b:70). Hierdie resensie van F.E.J. Malherbe het dus verskyn vóór die raadsvergadering. Dit sou lede van die Breë Kommissie kon beïnvloed, maar, soos reeds genoem, is die rol wat laasgenoemde Kommissie in 1938 gespeel het, indien enige, onbekend.

301 Ook hierdie resensie sou die ander lede van die Breë Kommissie kon beïnvloed.

As een persoon aan die woord is, dan behoort dié bydrae tot die digkuns, as meer persone aan die woord kom, dan tot die gebied van die drama.

In die lig van hierdie opvatting sou *Die dieper reg* as drama in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys. Versdramas wat wél later met die Hertzogprys bekroon is, sluit in *Die laaste aand* deur Leipoldt (in 1930 gepubliseer, maar in 1944 saam met *Die heks* bekroon), *Periandros van Korinthe* (1954) deur D.J. Opperman (ontvanger van die 1956-prys), *Germanicus* (1956) deur N.P. van Wyk Louw (bekroon in 1960) en *Voëlvry* (1968) deur D.J. Opperman (wenner van die 1969-Hertzogprys vir Drama).

Die belemmering om *Die dieper reg* te bekroon, was waarskynlik nie soseer daarin geleë dat dit 'n versdrama is nie, maar 'n koorspel. Brink (1986:127) merk tereg op dat dit nie werklik 'n verhoogstuk is nie:

(D)it is 'n poëtiese en plegtige geleentheidstuk wat vanweë sy hele opset op 'n ander manier op die gehoor ingestel is as die gewone drama.

Hy beskou die opset as “aanskoulik gedramatiseerde poësie”:

(D)it is nie vleesgeworde argument nie (dit is ook nie so bedoel nie): opvoering is nie 'n intrinsieke gerigtheid van die stuk nie, maar eintlik net terloops. Daarom kan dit meer vrugbaar as literatuur ondersoek word.

Volgens die verslag was 'n tweede beswaar teen die moontlike bekroning van *Die dieper reg* dat verskillende eise aan 'n koorspel gestel word as aan 'n “gewone drama”. Dit is opvallend dat Nienaber in sy weergawe van die verslag twee keer die woord “koorspel” aanhaal as “hoorspel” (1965a:69). *Die dieper reg* is wel al as hoorspel uitgesaai,³⁰² maar dit is gepubliseer as 'n “koorspel” met aanwysings in verband met die toneel, beligting en kleredrag, asook posisies en bewegings van die onderskeie groepe en persone. Hoorspele is wel later met die Hertzogprys bekroon: in 1981 het Henriette Grové dit ontvang vir haar 1980-publikasie *Ontmoeting by Dwaaldrif*³⁰³ en al haar ander dramatiese werk (kyk bladsy 498 en 504), en Chris Barnard se hoorspel *Die rebellie van Lafras Verwey* (1971) het deel gevorm van sy drama-oeuvre wat in 1991 bekroon is (kyk bladsy 501).

302 Interessant dat *Die dieper reg* beskryf word as 'n gedramatiseerde prosawerk op die SAUK-kasset daarvan (kasset 37 in die N.P. van Wyk Louw-versameling, volume 1).

303 Dié radiodrama het in 1981 ook die SAUK-prys vir Afrikaanse hoorspele gewen.

Uit die verslag kan ook afgelei word dat daar 'n derde faktor was wat bygedra het tot die finale besluit om nié *Die dieper reg* vir bekroning aan te beveel nie, naamlik die werk se gebrek aan omvangrykheid. Volgens die verslag kon hierdie “gedig ... nouliks as 'n volledige drama beskou [word]”.³⁰⁴ Ook by latere beoordeling van eenbedrywe was die lengte daarvan soms problematies (kyk bladsy 246-251).

Die meriete van *Die dieper reg* het wisselende kritiek ontlok. In 1938 meen Van Schoor (1938:111) dat hierdie versdrama die enigste werk van die Voortrekkereeupees was wat nog sou bly staan

... lank nadat al die oorfloedige geleentheidsgeskrifte en gedenkuitgawes tot vergetelheid verbleik het.

Antonissen verklaar in 1964 dat dit tot in daardie stadium “die mees verhewe en ontroerende verwesenliking in Afrikaans” was (1964:246). In *Sublieme ambag* bied Van Rensburg 'n goeddeurdagte herwaardering van *Die dieper reg*, “een van ons suiwerste dramatiese bouwerke” (1975a:216).

Waardering is al uitgespreek vir byvoorbeeld die “suiwer gedrae taal”, die onmiddellikheid en suggestiwiteit van die “klare, sterke vers”, die “dramaties fyne en suiwere van die verskil in toon tussen die geloof van die Man, die Vrou en die Jongeling”, die ewewigtige uitbeelding van die Voortrekkers – “volstrek geen sondelose mense” nie, en die “klassiek-ewewigtige handelingstruktuur en bou” (Dekker 1938:39-40; Malherbe 1938b:166; Mulder 1939:48; Van Rensburg 1975a:177).

Daarteenoor beskou Opperman weer die “bouwerk” oor die algemeen as “onreëlmatig en onrustig” (1973:210), en die versdrama as 'n “insinking” – 'n standpunt waarmee verskeie kritici al verskil het. Verdere kritiek teen die drama is byvoorbeeld gerig teen die minder geslaagde figuur van die Aanklaer, die effens geaffekteerde stryd tussen die Voortrekkerman en God, die vers wat nie orals op dieselfde peil is nie, geforseerde spanning, vereenvoudiging van die problematiek, die onduidelikheid van begrippe soos “bloedsbesef”³⁰⁵ en die “geregtigheid wat

304 Vir die 1956-Hertzogprys het die finale keuse gelê tussen twee versdramas: Van Wyk Louw se *Dias* (1952), 'n hoorspel, en die uiteindelik bekroonde *Periandros van Korinthe* (1954) (kyk bladsy 302-307). Ook tydens hierdie toekenning het onder andere die omvang van die werke in aanmerking gekom en moes besluit word tussen die “enkelvoudige”, “suiwer gekonsipieerde” *Dias*, en *Periandros*, die “voldrama” van “grootse omvang”, “ryker maar minder suiwer van konstruksie” (FRA 1956: 25 Julie – bylaag C). Dat *Dias* 'n hoorspel was, het dit nié uitgesluit van bekroning nie.

305 Coetser wys daarop dat “bloed” in *Die dieper reg* dui op “volks- en landsverbondenheid”, maar dat die presiese aard van dié verbondenheid nie in die teks uitgespel word nie. Gevolglik verteenwoordig dit 'n oop plek in die teks wat self deur die feesgangers ingevul moes word. (1990:392.)

ewig weer vernuwe word”, asook die eindoordeel wat te vaag is en nie oortuigend klink nie (Bosman 1938d; Dekker 1938:39; Kannemeyer 1984:412; Truter 1961:42). Verwagtinge van ’n klassiek Aristoteliaanse drama het gelei tot kritiek soos die volgende (Coetzee 1987:172):

Dramaties vertoon dit ernstige gebreke: die probleemstelling en oplossing kom feitlik neer op ’n skyngeveg; in stede van ontwikkeling kry mens die opeenvolging van ’n aantal liriese passasies.

Coetser (1990:420) onderskryf die mening dat

... die geding in *Die dieper reg* skyn is en daarom afbreek [sic] doen aan die dramatiese slaankrag van die werk.

Tereg merk Brink op dat die opset nie “vleesgeworde argument” is nie, maar inderdaad ook nie so bedóél is nie (1986:127). Voorspraak en Aanklaer personifieer elkeen hulle bepaalde opvatting van die reg.³⁰⁶ Tog is hulle nie volledig allegoriese vergestaltings van botsende idees nie, maar

... alleen die draers daarvan, hulle doen alles feitlik slegs deur dialoog (Bosman 1938d).

Ook die Man, Vrou en Kind is nie “volbloed individue nie”, maar eerder “representatiewe enkelinge” wat opgaan in die “kollektiewe Koor” (Cloete 1982:237):

Die dieper reg is nie verniet ’n koorspel nie; dit is ’n noodwendige en hoogs funksionele vorm vir hierdie dramatiese stuk. Dit is Van Wyk Louw se dramatiese werk waarin die individu die heel minste prominensie het en alleen plek-plek as representatiewe figuur teen die agtergrond van die kollektiewe gemeenskap, die volk, die Koor gehoor word.

Van Wyk Louw se keuse om die gegewe as ’n vérsdrama te vergestalt, was inderdaad geslaagd. Tradisioneel gesproke is ’n historiese onderwerp soos die Groot Trek een van die vermeende “poëtiese” onderwerpe wat hom by uitstek leen tot die versdrama. Aangesien daar ook in hierdie koorspel weinig uiterlike handeling, maar baie woordhandeling is, bied juis die versdrama meer uitdrukkingsmoontlikhede. Cloete wys daarop dat die vers, wat die “foniese en ritmiese

306 Heelwat redenasies bestaan rondom die betekenis van “reg” in hierdie koorspel. Raadpleeg byvoorbeeld Coetser (1990:398-405), Grové (1960:426), H.A. Mulder (1939:46-50; 1942:49), Opperman (1973:308), Truter (1961:35-44) en Viljoen (1982:135). Van Wyk Louw self het Mulder se interpretasie bevraagteken (Van Rensburg 1975a:66).

momente van die taal ewe goed as die semantiese eksploteer”, baie meer “emotiewe tonaliteite kan uitdruk as die prosa”, vanweë sy aard ’n groter “kommunikasieregister” as die prosa het, meer “potensialiteite” besit en “’n groter skala ontroering” kan uitdruk (1992:553):

Die uitdrukkingsmoontlikhede van die vers hang van die versstruktuur af, van sy klankstruktuur, van sy ritme, sy sintaktiese bou – al hierdie sake en baie meer hou ryk kommunikasiemoontlikhede in. In die handelingsaard van die drama vervul bv. die ritme en die klankrepetisie van die vers as dinamiese faktore ’n baie belangrike rol; dit is deel van die stuwende mag van die drama.

In *Die dieper reg* is woorde nie net die middel tot ’n gesprek nie, maar ook ’n beeldende element. Mocke (1938:24) merk daarom tereg op dat die werk se “innerlike geladenheid en subtiliteit” hom nie maklik tot voordrag sal leen nie, en daarom slegs met “oortuigende uitvoering” ’n “onvergeetlike en grootse indruk [sal] maak”. Selfs dan, met ’n eenmalige aanhoor daarvan, sal dit nie ten volle begryp kan word nie. Herhaalde lesing is nodig, en daarom meen Brink met reg dat *Die dieper reg* “vrugbaar as literatuur ondersoek [kan] word” (1986:127).³⁰⁷

Aangesien dramatekste met die oog op moontlike Hertzogprysbeoordeling as letterkunde bestudeer word,³⁰⁸ is dit ironies dat juis dié een keer, toe die tersaaklike dramateks (want dit is as spél gekonsipieer) by uitstek geskik was vir ’n letterkundeondersoek, dit ten onregte oor die hoof gesien is as pryswennerteks weens die andersoortigheid daarvan ten opsigte van aspekte soos dramatiese handeling, botsing, dialoog, karakters, ruimte en tyd.

4.2.5 DIE 1941-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

4.2.5.1 Vooraf

Die debat oor die rol van die Letterkundige Kommissie en die Breë Kommissie het voortgeduur in die aanloop tot die 1941-Dramaprys.

Die 1939-Hertzogprystoekenning vir Prosa het tot heelwat kritiek gelei.³⁰⁹ Vir dié toekenning is ’n meerderheidsverslag (P.C. Schoonees en M.S.B. Kritzinger) en ’n minderheidsverslag (T.J.

307 Die SAUK-uitsending van die radioverwerking het ’n moontlike probleem van hoorspele na vore gebring, naamlik dat dit, sonder die teks, moeilik is om die verskillende groepe karakters van mekaar te onderskei. Daarom dat die werk eers tot sy volle reg sal kom as drama-uitvoering.

308 Raadpleeg bladsy 5 in verband met die verhouding tussen teks en opvoering.

309 Raadpleeg Nienaber (1965a:69, 125-128).

Haarhoff)³¹⁰ ingedien (LK1/1: 29 en 25 Augustus 1939 onderskeidelik). Aanbevole werke was *Saul, die worstelheld* (1935) en *Die profeet* (1937) deur D.F. Malherbe, *Sy kom met die sekelmaan* (1937 – Hettie Smit), asook *Krombrug* (1937) en *Kruispad* (1938) (C.M. van den Heever).

Die Breë Kommissie het nie ’n lys van al die gepubliseerde werke ontvang nie, maar moes slegs ’n oordeel uitspreek oor die werke wat die Letterkundige Kommissie uitgesoek het (LK 1/1: 6 September 1939 – Lombard aan P.C. Schoonees).³¹¹ Raadslede is daarop gewys dat *Saul die worstelheld* in 1935 verskyn het, en behandel is in die verslag van die 1936-Letterkundige Kommissie. Die meerderheidsverslag se beskrywing van *Sy kom met die sekelmaan* as “die beste prosawerk wat in die afgelope drie jaar verskyn het”, sou weggelaat word in die gedrukte stuk vir die Jaarvergadering omdat uitsondering van ’n “beste werk” teen die vasgestelde prosedure was (ARMB 1939: 27 Oktober). Tog was dit beslis in ooreenstemming met die aanvanklike Hertzogprysgedagte dat “de schrijver of schrijfster van het **beste letterkundige werk** van belletristiese aard in de Afrikaanse Taal” bekroon moet word (ek benadruk).

Die Raad het besluit om die prys toe te ken aan Malherbe (ARN 1939: 27 Oktober).³¹² **Dit kom voor asof die Breë Kommissie se mening meer gewig gedra het as dié van die Letterkundige Kommissie. As kurator van die Hertzogfonds was dit met reg die Raad wat finaal beslis het**, maar dat *Saul die worstelheld* weer in aanmerking geneem en saam met *Die profeet* bekroon is, was ’n **onreëlmaticheid**.³¹³

310 Haarhoff het in sy minderheidsverslag onder andere gemeld dat *Sy kom met die sekelmaan* van Hettie Smit “iets nuuts” in die Afrikaanse letterkunde was, maar opgemerk dat “nuwigheid” op sigself nie grond vir toekenning was nie, en dat Van den Heever se werk nog nooit deur die Akademie bekroon is nie. Volgens Haarhoff was dit tyd om “iemand wat ons beste skrywer van die Roman-kortverhaalgenre in ons letterkunde is”, se werk te erken. (LK 1/1: 25 Augustus 1939.) In sy aanbeveling het Haarhoff die klem geplaas op die outeur, in plaas van op ’n spesifieke werk soos deur die skenkingsakte bepaal.

311 Lede van die Breë Kommissie het soos volg gestem (ARMB en ARN 1939: 27 Oktober):

D.F. Malherbe: *Saul die Worstelheld* en *Die Profeet* – 8 stemme
Hettie Smit: *Sy kom met die sekelmaan* – 5 stemme
C.M. van den Heever: *Kruispad* en *Krombrug* – 1 stem.

In teenstelling met die gegewens in die mededelings en briefwisseling vir behandeling op die raadsvergadering van 27 Oktober (ARMB 1939), beweer Nienaber (1965a:126) dat *Sy kom met die sekelmaan* vier stemme gekry het. Dit sou die somtotaal van kommissielede wat gestem het, op dertien te staan bring, en beteken dat twee van die vyftien lede nie gestem het nie.

312 Die prysoorhandiging aan Malherbe was die eerste geleentheid waartydens die Hertzogprys amptelik by ’n openbare geleentheid uitgereik is (kyk eindnota 35 op bladsy 529).

313 Ironies dat juis Malherbe, wat deurentyd noukeurig daarop gelet het dat al die voorwaardes vir die Hertzogprys nagekom word (kyk byvoorbeeld op bladsy 109 en 167), hom die toekenning laat welgeval het.

Schoonees, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, moes op 11 Desember aan Lombard geskryf het, want laasgenoemde erken ontvangs van die brief en antwoord onder meer (LK 1/1: 13 Desember 1939):

Jy vra waarom julle rapport nie gepubliseer kan word nie. Die Keurkommissie word deur die Raad aangestel om hom te adviseer i.v.m. die toekenning van die prys. Die rapport is dus 'n vertroulike stuk wat vir die Raad alleen bedoel is. In die verlede is die verslag wel gepubliseer, maar voortaan sal dit nie meer gebeur nie.

Dat daar vanjaar 'n meerderheids- en 'n minderheidsverslag was, moet seker toegeskryf word aan 'n onjuiste begrip van die instruksies aan die Keurkommissie. Van die kommissie word nie verlang om die drie werke wat hulle aanbeveel in rangorde van verdienste te plaas of om een daarvan te noem as die beste van die drie nie. Hulle moet eenvoudig drie outeurs en hul werke noem wat in aanmerking kom en dan kortliks meedeel waarom hulle juis die drie die beste beskou van alles wat op die gebied gepubliseer is.

Die Breë kommissie wat ook in adviserende hoedanigheid dien, bepaal deur stemming die rangorde van verdienste en daarna neem die Raad sy besluit i.v.m. die toekenning.

Hierdie beoordelingsprosedure is ook uiteengesit in 'n verklaring wat Lombard uitgereik het te midde van die polemieke wat rondom die toekenning ontstaan het. In reaksie op die verklaring is in die *Vaderland* van 1 Januarie 1940 die afleiding gemaak dat die Akademiesraad 'n keuse gemaak het wat nie ooreenstem met die aanbeveling van sy letterkundige keurders nie. Die redakteur skryf in sy hoofartikel:

As dit so is, ontnem dit natuurlik onmiddellik en geheel en al aan die Hertzog-prys die karakter van onderskeiding wat dit bedoel is en veronderstel was om te hê. **Dit is heeltemal korrek dat die letterkundige kenners van die Akademie hulle aanbeveling doen en dat die Akademie-raad formeel die keuse doen. Maar wat vir ons snaaks is, is dat die Akademie-raad – waarin leke en nie-leke gelyke sitting het, dit op hom kan neem om die aanbeveling van sy deskundige keurders te negeer!** Formeel word 'n matrikulasie-sertifikaat uitgereik deur die Matrikulasie-raad, maar laasgenoemde liggaam sal nooit daaraan dink om bv. 'n kandidaat wat deur die deskundige eksaminatore in die derde klas gepasseer word, in die eerste klas oor te plaas nie. En as die Suid-Afrikaanse Akademie 'n letterkunde-prys toeken volgens die stem van leke en nie volgens die aanbeveling van die mense wat in staat is om te oordeel nie, spreek dit vanself dat so 'n toekenning onmiddellik ophou om 'n maatstaf te wees vir letterkundige gehalte. As ons vertolking van mnr. Lombard se verklaring dus korrek moet wees, moet ons ons volslae onvermoë bely om die handelswyse van die Akademie-raad in Bloemfontein te verstaan.

(Ek benadruk.)

Beswaar oor die rol van die Letterkundige Kommissie is ook aangeteken deur G. Dekker wat benoem is tot die Kommissie vir die 1940-Poësieprys (ARN 1939: 1 Desember), maar nie

daartoe ingestem het nie.³¹⁴ Sy besluit is soos volg uiteengesit in ’n brief van 15 Februarie 1940 (ARMB 1940: 23 Februarie):

Van die verskillende redes wat ek hiervoor het, noem ek as ’n heel vername rede dat ek hoe langer hoe meer tot die oortuiging kom dat **die Akademie nog nie gekom het tot ’n bevredigende prosedure vir die toekenning van die prys nie**. Met name is die posisie en funksie van die Letterkundige Keurkommissie m.i. onbevredigend. Ek maak die huidige Raad hier natuurlik geen verwyt van nie – ek is bewus van die feit dat die vorige Raad, waarin ek self ook gedien het, die moeilikheid ook nie opgelos het nie. Die kritiek sowel binne as buite die Akademie word tans so groot, en m.i. tereg, dat ek aan die hand wil gee dat die Raad sy ernstige aandag daaraan gee om tot ’n beter prosedure te kom en ’n voorstel voor die volgende algemene Jaarvergadering te lê. Hoewel ek my bewus is van die feit dat ook in ander lande daar nog telkens moeilikhede ontstaan oor die toekenning van pryse deur offisiële liggame (ek dink by. aan die stryd oor die toekenning van die Van der Hoogt-prys aan Marsman deur die Nederl. Maatsch. voor Letterkunde enkele jare gelede), sou dit miskien tog sy nut kan hê om inligting in te win oor die prosedure gevolg deur dergelike liggame in die buiteland.

(Ek benadruk.)

Die Raad het besluit om Dekker te antwoord dat hulle “van geen beter stelsel weet nie”, en dat die Raad dit simpatiek sou oorweeg indien Dekker “iets beters” kon voorstel (ARN 1940: 23 Februarie).

Die uitvoering van die beoordelingsprosedure het by die lede van die Letterkundige Kommissie wat die keuring vir die 1940-Hertzogprys vir Poësie moes waarneem, verwarring veroorsaak. F.E.J. Malherbe, die sameroeper, het in ’n brief aan Lombard laat blyk dat dit vir sy Kommissie nie heeltemal duidelik was wat (of hoeveel) hulle verslag moes bevat nie – ook nie ná Lombard se memorandum oor die punt nie (LK 1/2: 13 September 1940):

Daar die breë kommissie kies, is dit glo nie ons taak om, apart aan u, te sê of ’n sekere persoon die prys behoort te kry nie. Ons moet glo net motiveer of ’n werk (of werke) dit verdien om in aanmerking te kom. Nie waar nie?

314 Dekker het al op 25 November 1935 skriftelik vir die Akademie laat weet dat hy in daardie stadium al ses jaar in die Hertzogpryskeurkommissie dien, dat ander lede “’n kans behoort te kry om hulle talente aan hierdie werk te wy” en dat “daar van tyd tot tyd nuwe bloed in so ’n kommissie behoort te kom”. Derhalwe het hy hom nie weer beskikbaar gestel vir herbenoeming nie. Hy het eers weer vir die 1948-Hertzogprys op die Kommissie gedien (kyk bladsy 241).

Die Letterkundige Kommissie het aanbeveel dat die prys verdeel moes word tussen Elisabeth Eybers en Van Wyk Louw. Die Raad se aandag is egter daarop gevestig dat Van Wyk Louw tevore in die openbare pers die prys geweier het³¹⁵(ARMB 1940: 7 November – aanhangsel B.)

In 'n brief waarin lede van die Breë Kommissie versoek is om te stem in verband met die toekenning van die Hertzogprys, noem Lombard dat drie bundels oorweging verdien³¹⁶ (LK 1/2: 25 September 1940):

Van elke lid van die Breë Letterkundige kommissie word nou verwag om per pos aan die Sekretaris sy oordeel oor die gekose outeurs en die betrokke werke uit te spreek en sy stem uit te bring vir die outeur(s) wie se werk(e) hy bekroning werd ag.

Die Letterkundige Kommissie se aanbeveling omtrent die verdeling van die prys is nie aan die Breë Kommissie voorgelê nie.

Tydens 'n raadsvergadering is die verslag van die Letterkundige Kommissie ter tafel gelê, asook agt stembriewe³¹⁷ wat van die Breë Kommissie ontvang is. Die meerderheid lede van die Breë Kommissie het ten gunste van Louw gestem (Nienaber 1965a:71).³¹⁸ **Die Raad het eenparig besluit om die Hertzogprys vir 1940 toe te ken aan N.P. van Wyk Louw.** Opdrag is aan die Sekretaris gegee om Keurkommissies daarop te wys dat die Raad nie 'n aanbeveling in verband met die rangorde van verdienste verlang nie (kyk bladsy 169). Die betrokke bepaling in die Huishoudelike Bepalinge moes streng nagekom word. (ARMB en ARN 1940: 7 November.³¹⁹)

Sedert die 1937-jaarvergaderingbesluite is enkele veranderinge aan die Huishoudelike Bepalinge aangebring (kyk voetnota 255 op bladsy 155). Tydens die raads- en jaarvergadering van onderskeidelik 1 en 2 Desember 1939 (ARN en AJVN 1939), is sekere **besluite** geneem wat geïnkorporeer is in die prosedure by die toekenning van die Hertzogprys soos aangetoon in die Huishoudelike Bepalinge (ARMB 1940: 18 Junie – aanhangsel A³²⁰) (kyk eindnota 29 op bladsy

315 Dit was die 1937-Poësieprys wat verdeel is tussen Van Wyk Louw en I.D. du Plessis (kyk bladsy 11, 168-170).

316 Elisabeth Eybers (*Die stil avontuur* – 1939), N.P. van Wyk Louw (*Die halwe kring* – 1937), C.M. van den Heever (*Aardse vlam* – 1938)

317 Die Breë Kommissie het uit vyftien lede bestaan (ARMB en ARN 1939: 1 Desember). Twee benoemdes het geskryf dat hulle nie bevoeg was om 'n oordeel uit te spreek nie (Nienaber 1965a:71).

318 Sewe lede was ten gunste van *Die halwe kring* as eerste of enigste keuse. Slegs een persoon het *Aardse vlam* eerste gestel. (Kyk Nienaber 1965a:71.)

319 Nienaber (1965a:71) dui die datum van die Akademierraadsvergadering verkeerdelik aan as 6 November.

320 Sónder die handgeskrewe notas

526). Vir die 1941-Dramatoekenning is hierdie bepalings verstrekk³²¹ (LK 1/2: 20 Augustus 1941 – Lombard aan Bosman, Scholtz en Dekker), alhoewel verkort (slegs punt a tot d)³²². Die 1940-aanhangsel verskil van die 1937-besluite (kyk bladsy 169) met betrekking tot sekere woordkeuses en puntuasie, maar die strekking kom ooreen. Verskille tussen die twee is die volgende:

- Die eerste bepaling by die Hertzogprystoekenningsprosedure is gewysig: waar voorheen vereis is dat lede van die Letterkundige Kommissie ’n “motivering van sy bevinding” aan die Akademiesekretaris moes verskaf, lui die Huishoudelike Bepaling nou dat **die name gestuur moet word “met ’n verslag, maar sonder om ’n rangorde van verdienste aan te beveel”**.
- By die tweede bepaling is verder gestipuleer dat **Akademieraadslede nie vir die Breë Kommissie verkiesbaar is nie**.³²³
- ’n Sesde bepaling is bygevoeg, naamlik dat die **Hertzogprystoekenning onmiddellik ná die raadsvergadering waarop die bekroning geskied, bekend gemaak word**.

Lombard het in 1939 die lede van die Letterkundige Kommissie laat weet dat uitgewers van Afrikaanse boeke in kennis gestel sou word van die literêre kategorie en periode betrokke by die 1939-Hertzogprystoekenning, en dat hulle verder versoek sou word om “eksemplare of lyste van werke **wat volgens hul beskouing** vir die Hertzogprys in aanmerking kom,” aan elke lid van die Letterkundige Kommissie te stuur (LK 1/1: 23 Februarie 1939) (ek benadruk). **Die uitgewer het dus ’n rol begin speel in die seleksie van bekroningswaardige publikasies**.³²⁴

Schoonees het in 1939 skriftelik by Lombard die kwessie van kalenderjare aangeraak (LK 1/1: 23 Augustus 1939):

321 Die jaartal 1941 is met die hand bygeskryf.

322 Punt a tot d verskyn met enkele verskille in woordkeuse en puntuasie, ook in die eerste aflewering (gedateer 22 Mei 1940) van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* se nuwe reeks (SAATLK 1940:22).

323 **Hierdie besluit is geneem tydens die Akademieraadsvergadering van 1 Desember 1939.**

324 Hierdie rol wat die uitgewers begin vervul het, word bevestig in ’n gedeelte van die Sekretaris se antwoord op ’n navraag van mev. M.J. van Straten, pastorievrou van Kanoneiland, Upington (HP 1925-1942: 28 Maart en 8 April 1942):

By die verskyning van ’n roman, ’n toneelstuk of ’n digbundel, stuur die uitgewers gratis-eksemplare daarvan direk aan die Akademie se Letterkundige Keurkommissie wat die sifting doen en dan ’n aanbeveling by die Akademieraad maak. Die uitgewers stuur egter nie alles wat hulle publiseer aan die Keurkommissie vir beoordeling nie, maar slegs dië [sic] werke wat volgens hul beskouing in aanmerking kom vir die Hertzogprys.

Uit hierdie 1942-brief blyk dit ook dat uitgewers die werke gratis aan die Letterkundige Kommissie verskaf het. In 1939 (ARN 1939: 27 Oktober) moes die Sekretaris die Afrikaanse uitgewers daarop wys dat dit hulle taak was om die Letterkundige Kommissies van werke te voorsien wat vir die Hertzogprys in aanmerking kom, omdat die Kommissies geen toelae ontvang het om boeke aan te koop nie. (Kyk eindnota 20 op bladsy 522.)

Dis bes moontlik dat 'n boek wat i/d middel van 'n jaar verskyn uitgelaat word.
Daarom beveel ek aan dat die tydperk van 1 Jan.-31 Des. moet wees.

(Ek benadruk.)

Die teenoorgestelde het ook gebeur: sekere werke is tydens twee beoordelingsperiodes in berekening gebring omdat dit onduidelik was of dit vóór of ná die afsnydatum in die middel van die jaar gepubliseer is (kyk voetnota 288 op bladsy 175). In M.S.B. Kritzinger en P.C. Schoonees se meerderheidsverslag oor die 1939-Hertzogprys vir Prosa is opgemerk dat dit haas onmoontlik was om te bepaal of 'n boek vóór of ná Julie verskyn het omdat die uitgewers alleen die jaartal aangee. Dit sou dus veel eenvoudiger wees as die tydperk van beoordeling vanaf 1 Januarie tot 31 Desember bereken word.³²⁵ By die volgende beoordeling kon, as oorgangsmatreël, ses maande bygevoeg word. (LK 1/1: 29 Augustus 1939; ARMB 1939: 27 Oktober – aanhangsel.) Ook hierdie aanbeveling in die 1939-meerderheidsverslag is deur die Raad goedgekeur (ARN 1939: 27 Oktober). **Vanaf die 1940-toekenning is die sluitingsdatum bepaal op 31 Desember van die voorafgaande jaar. Die siklusse vir die 1940-, 1941- en 1942-toekennings is as oorgang gebruik ten einde die beoordelingstydperk te finaliseer op drie suiwer kalenderjare (en sodoende ook uitvoering te gee aan die bepaling van die skenkingsakte dat Desember as afsnymaand geld). Die jaartal wat van toe af telkens aan die prys gekoppel word, is dié van die jaar waarin die prys toegeken word. Vir die 1941-Dramapry is publikasies wat die lig gesien het vanaf 1 Julie 1938 tot en met 31 Desember 1940 in berekening gebring.** (Kyk die skematiese voorstelling in eindnota 10 op bladsy 518.)

4.2.5.2 1941-Hertzogprys vir Drama

Die persone wat in die 1941-Letterkundige Kommissie moes dien, is reeds tydens die raadsvergadering³²⁶ van 1 Desember 1939, gehou in Bloemfontein, gekies,³²⁷ naamlik proff. dr. H. v.d.M. Scholtz (sameroeper) en J.J. Dekker, asook dr. F.C.L. Bosman. As sekundi is benoem dr. J.F.W. Grosskopf en mnr. H.A. Fagan. (ARN 1939: 1 Desember.) Van die kommissielede wat die 1938-Hertzogprys vir Drama moes beoordeel (F.E.J. Malherbe – sameroeper, H. v.d.M. Scholtz en P.C. Schoonees), is net Scholtz weer vir die 1941-beoordeling aangewys – dié keer as sameroeper.

325 Kalenderjare is voorheen gebruik **totdat in 1924 besluit is om daarvan af te wyk** (kyk bladsy 94).

326 Tot en met die 1938-toekenning, veral in die dertigerjare, is lede van die Letterkundige Kommissie dikwels deur die **Jaarvergadering** benoem. Eers vanaf die 24 November 1938-raadsvergadering is die daaropvolgende jare se Kommissies ten regte deur die **Raad** aangewys, en het die Jaarvergadering geen seggenskap in die benoemings gehad nie.

327 **Met betrekking tot die aanstelling van die Letterkundige Kommissie, is daar in die 1939-Hertzogprysmeerderheidsverslag aanbeveel dat dit twee of drie jaar vooruit moet geskied ten einde kommissielede genoeg tyd te gee om, veral in die geval van prosa, al die werke krities te kan lees** (LK 1/1: 29 Augustus 1939). **Die voorstel is deur die Raad aanvaar** (ARN 1939: 27 Oktober).

F.C.L. Bosman en Scholtz het hulle bereid verklaar om in die 1941-Letterkundige Kommissie te dien, maar J.J. Dekker het nie sy weg daartoe oopgesien nie (LK 1/2: 19 en 20 Februarie en 5 Maart 1940). Uit aantekeninge wat gemaak is op 'n brief van die Sekretaris aan lede van die Kommissie, blyk dit dat H.A. Fagan in die plek van Dekker benoem is (LK 1/2: 14 Februarie 1940). Fagan reageer op 'n brief van 11 Maart en spreek spyt uit dat hy nie die benoeming kon aanvaar nie (LK 1/2: 15 Maart 1940):

Ek stel die eer op prys wat die Akademiese Raad my aangedoen het deur my op die Letterkundige Keurkommissie van 1941 te benoem. Daar ek egter self reeds toneelstukke gepubliseer het, sou ek liefs nie as beoordelaar van dramatiese werke wil optree nie.

Lombard sit op 18 Maart 1940 vir Scholtz uiteen dat Bosman aanvaar het, maar nie Dekker en Fagan nie, en vra of Scholtz iemand anders kon voorstel (LK 1/2). Daar is egter volstaan by twee kommissielede, want die Sekretaris het Scholtz later daaraan herinner dat die Letterkundige Kommissie se aanbevelings met motivering die Akademieskantoor nie later as 31 Julie 1941 moes bereik nie, en as kommissielede is genoem Scholtz en F.C.L. Bosman (LK 1/2: 12 Maart 1941).³²⁸ Die Kommissie vir die 1941-Dramaprys het dus net uit twee lede, in plaas van die gebruikelike drie, bestaan.³²⁹

Tydens die raadsvergadering van 29 Julie 1941 het Scholtz, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, 'n gedeelte van die ontwerpverslag voorgelees waaruit blyk dat slegs een skrywer, naamlik Uys Krige, se werk daardie jaar ernstig oorweeg kon word. Aangesien die 1938-Hertzogprys vir Drama nie toegeken is nie, het Scholtz dit wenslik geag dat Krige se werk vir oorweging aan die Breë Kommissie voorgelê word, al het daar twyfel bestaan of dit verdienstelik genoeg is. Daar is besluit dat die Sekretaris op ontvangs van die amptelike verslag die Breë Kommissie sou inlig dat slegs Uys Krige se *Magdalena Retief* (1938) en *Die wit muur en ander eenbedrywe* (1940) oorweging verdien, en dat van kommissielede verlang word om te oordeel of die twee werke goed genoeg was vir die Hertzogprys. (ARN 1941: 29 Julie.)

328 Ook in 'n brief aan die Bestuurder van Die Volksblad-Boekhandel meld Lombard dat Scholtz en F.C.L. Bosman die beoordelaars was (LK 1/2: 16 Mei 1941). Die Afrikaanse Pers Beperk skryf aan die Akademie dat hulle met genoeg eksemplare van *Bakens*, 'n drama deur J.R.L. van Bruggen, aan Scholtz en Bosman gestuur het (LK 1/2: 27 Mei 1941). Die Akademiesekretaris het laasgenoemde twee persone vir hulle werk in verband met die 1941-Hertzogprys bedank (LK 1/2: 1 Desember 1941).

329 Onderaan die begroting vir 1940/1941 is met die hand geskryf dat die honorarium aan die Keurkommissie (van drie) £15.0.0 sou beloop (ARMB 1941: 8 Februarie – bylaag C).

Die verslag oor die 1941-Hertogprys vir Drama is onderteken deur Scholtz en later deur F.C.L. Bosman – laasgenoemde se onderskrif gedateer 1 Augustus 1941³³⁰ (ARMB 1941: 26 September – bylaag B):

Die keurkommissie het die volgende stukke wat gedurende bogenoemde periode [Julie 1938 tot Desember 1940] verskyn het, in oorweging geneem:

1. Magdalena Retief: Uys Krige. [1938 – Unie-Volkspers]
2. Die Wit Muur en Ander Eenbedrywe: Uys Krige. [1940 – Unie-Volkspers]
3. Natalia: E.A. Venter. [1939 – J.H. de Bussy]
4. Die Vooraand: J.R.L. van Bruggen. [1939 – Voortrekkerpers]³³¹
5. Die Siel van Suid-Afrika: D.F. Malherbe. [1938 – Nasionale Pers]
6. Die Geboorte van Suid-Afrika: W. Hessels. [1938 – Van Schaik]
7. Afrikanerharte: Mev. M.M. Jansen. [1939]
8. Gideon Scheepers: A.J. Hanekom en S.W. Liebenberg. [1939 – Nasionale Pers]
9. Die Geheime Bloemfonteinse-Konferensie: W.J.B. Pienaar. [1938 – Nasionale Pers]
10. Die President: Juta en Mortlake. Afr. bewerking: A.E. Carinus-Holtzhausen. [1939 – Van Schaik]
11. Eer: Meyer de Villiers. [1940 – Nasionale Pers]
12. Land van Belofte: C.J. Johnman. [1939 – Nasionale Pers]
13. Dieu et mon Droit:³³² A.C. Bouman. [1939 – Nasionale Pers]
14. Cabo de Bonne Esperance: Dahlsdif.³³³ [1939 – Van Schaik]
15. Op die Pad van Suid-Afrika; Parlementsitting; Die Afrikaanse Boom; Klein Helde. Vier toneelstukkies vir kinders: A.J.C. Meiring. [1941 – Van Schaik]
16. Ko-ee; As die Klok Twaalfuur Slaan. Twee Kindertoneelstukkies: Hélène Pienaar-de Klerk
17. Die Swart Adelaar: A.J. Hanekom. [1940 – Nasionale Pers]
18. Die Skeidsmuur: A.J. Hanekom. [1938 – Nasionale Pers]
19. Die Bron: M.I. Murray. [1938 – Nasionale Pers]
20. Die Korrespondente: Leonius. [1940 – Van Schaik]
21. Die Klipdolk en Ander Kortspele:³³⁴ J.F.W. Grosskopf. [1941³³⁵ – Van Schaik]
22. Grond: F.S. Steyn. [1938 – Voortrekkerpers]
23. Hélène: Paul Géraldy. (Uit die Frans vertaal en uitgegee vir die Vereniging vir die Vrye Boek). [1939 – die Franse *Aimer* vertaal deur N.P. van Wyk Louw]
24. Bakens (Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek):³³⁶ J.R.L. van Bruggen. [1939 – APB]

330 Bosman stuur die verslag aan Lombard met 'n bygaande brief gedateer 2 Augustus (LK /2).

331 Raadpleeg voetnota 287 op bladsy 174 met betrekking tot hierdie drama se verskyningsdatum.

332 *Dieu et mon Droit* of *Die heilige pand: historiese spel in vier bedrywe*

333 Die skuilnaam van ene mej. Du Plessis (W.J.B. Pienaar 1940:11).

334 Dit bevat die volgende vier werke: *Die klipdolk*, *Oorlog is oorlog*, *Blinde liefde* en *Die poskoets in die rivier*.

335 Vir die 1941-Dramapry is werk wat gepubliseer is vanaf 1 Julie 1938 tot en met 31 Desember 1940 in berekening gebring (kyk voetnota 186 op bladsy 124, asook bladsy 190). Hierdie Grosskopf-dramas kon dus eers in aanmerking kom vir die 1944-toekenning (kyk bladsy 232).

336 Dit bevat die volgende werke: *Bethelsdorp*, *Die weduwee van Lange Kloof*, *Slagtersnek* (eerste bedryf), *Slagtersnek* (tweede bedryf), *Liebenbergskop*, *Die laaste aand*, *Retief by Vetrivier*, *Retief in Port Natal*, *Retief en Dingaan* (eerste bedryf), *Retief en Dingaan* (tweede bedryf), *Die moord by Bloukrans*, *Moeilike tye* en *Bloedrivier*.

Wat dadelik opval is die groot aantal historiese stukke in bostaande lys. Nos. 1, 3, 4, 5, 6, 24 en die eerste drie stukkies van no. 15 is geïnspireer deur die Voortrekkereuefees terwyl nos. 11, 12, 13, 14 en Die Arrestasie (no. 2) hul ontstaan te danke het aan die Hugenotefeestviering. Vir nos. 7, 8, 9, 10, Klein Helde (no. 15) en Oorlog is Oorlog (no. 21) lewer die Engelse oorlog die stof. Suiwer algemeen-menslike motiewe vind ons in nos. 16, 17, 18, 19, 20 (Klipdolk, Blinde Liefde, Poskoets³³⁷), 22 en 23.

Met ’n enkele uitsondering is die historiese stukke nie veel meer nie as “gedialogiseerde” geskiedenis sonder enige dramatiese krag. Ten spyte van die dramatiese vorm, bly dit epiek waarvan die vernaamste kenmerke is: lang monoloë, gebrek aan innerlike stukrag en spanning, wydlopiegheid, kleurlose dialoog, te veel debatteerdery, oorlaaiing met historiese feite en gegewens wat vir die ontwikkelingsgang van die drama van geen waarde is nie en karakters wat bloot moet dien as spreekbuise vir die geskiedenis. Skrywers skyn nie te besef nie dat bekende historiese gebeurtenisse en figure veel meer moeilikhede en gevare vir die dramaturg oplewer as suiwer verdigte stof. Die meeste skrywers soek nog die wese van die drama in ’n kunstige en ingewikkelde intrige of in ’n interessante gebeurtenis. In stede van die mens is die gebeure hoofsaak, die tendens gewild, die handeling ongemotiveer en slap.

Uit hoofde van bogenoemde swakhede en gebreke kan die meeste stukke dadelik geëlimineer word. Hoeveel nut en aantreklikheid hul soms mag hê as didaktiese drama of as amusementstoneel, kan hul nie as kuns beskou word nie.

Van die ander stukke verdien die volgende melding: Klein Helde (15), Ko-ee, As die Klok Twaalfuur Slaan (16), Oorlog is Oorlog, Blinde Liefde (21), wat tref deur psigologiese insig en uitbeelding sowel as deur goeie tegniek. Genoemde stukke is egter te klein van opset³³⁸ of te ongelyk van waarde om vir die Hertzogprys in aanmerking te kom.

D.F. Malherbe se Siel van Suid-Afrika³³⁹ wat mooi en treffende elemente bevat, moes buite beskouing gelaat word om dieselfde rede as Van Wyk Louw se Dieper Reg by die vorige toekenning [kyk bladsy 177].

Vir ernstige oorweging bly dan nog oor Uys Krige se Magdalena Retief en Die Wit Muur.

Magdalena Retief is ’n historiese drama wat ’n tydperk van ongeveer 50 jaar beslaan. In verskillende opsigte is dit ’n verdienstelike werk. Dit bevat elemente van digterlikheid; daar is afwisseling van toon, die dialoog [is] fris en beeldend, die karakterbeelding³⁴⁰ suiwer en kragtig. Op heel aanskoulike en oorsigtelike wyse word die hoofmomente uit die lewe van Retief en sy familie uitgebeeld. Deur deeglike voorstudie en psigologiese insig het die skrywer daarin geslaag om sy stof en sy persone te verlewendig. As drama bevredig Magdalena Retief egter minder. Dit mis strakheid van bou en uitbeelding. Verder ontbreek dit aan die noodwendige verband tussen die verskillende tonele wat, op die keper beskou, nie veel meer is as kronologies

337 Hierdie werke is opgeneem in *Die Klipdolk en ander kortspelle*, nommer 21 in die verslag.

338 Nienaber (1965a:107) merk op dat kinderboekies nie in aanmerking kom nie, “want daarvoor is die Hertzogprys nie bedoel nie”. (Kyk voetnota 48 op bladsy 49.)

339 Hierdie volksangspel in twee bedrywe, ook geskryf vir die 1938-Voortrekkereuefees, is volgens Antonissen (1964:132) ’n liries-dramatiese allegorie waarin Malherbe “op taamlik retoriese wyse die Groot Trek en die stryd om selfbehoud van die Afrikanersiel” herdenk.

340 Kannemeyer gebruik in *Die goue seun: Die lewe en werk van Uys Krige* (2002:365) die woord “karakterisering” in sy aanhaling uit die verslag.

gerangskikte taferele van die hoofmomente uit die lewe van dieselfde karakters [nie]. 'n Groot gedeelte van die stof is suiwer geskiedenis gelê in die monde van die dramatis personae en sonder enige dramatiese waarde. 'n Enkel voorbeeld hiervan is die lang brief wat deur Magdalena Retief in die agtste toneel gedikteer word.

Die Wit Muur bevat drie eenbedrywe en staan as geheel hoër as Magdalena Retief. Die eerste stuk, Die Wit Muur, is 'n dramatisering van die bekende Japie Greyling-episode uit die Engelse Oorlog. Dis, oor die algemeen, sterk van samestelling, met 'n kragtige slot. Die tweede, Die Skaapwagters van Bethlehem, is 'n kersstuk, 'n gevoelige stemmingsbeeld, mooi van taal en ryk van gees. Die derde, Die Arrestasie, is 'n blyspel uit die tyd van Willem Adriaan van der Stel. Dis 'n lewendige en kleurrike stuk wat veral tref deur die verskeidenheid van karakters en die suiwerheid van uitbeelding. In hierdie drie eenakters beheers Krige sy stof beter as in Magdalena Retief waar die tempo van die handeling dikwels vertraag word deur die skrywer se strewe na historiese volledigheid.

Volgens ons oordeel verdien slegs Uys Krige se werk oorweging met die oog op die Hertzogprys. Of Krige reeds hierin die ryphed, breedte en diepte bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer, is egter te betwyfel. Aan die ander kant sou dit jammer wees as die prys vir die tweede keer in hierdie Afdeling moet teruggehou word.

Ons wil aan die hand gee dat genoemde twee werke van Krige aan die Breë Letterkundige Kommissie voorgelê word met die oog op die toekenning van die Hertzogprys al dan nie.

F.C.L. Bosman het saam met Scholtz die verslag onderteken, maar voeg in sy eie handskrif by dat hy *Magdalena Retief* dramaties-histories hoër stel as Scholtz.

Uit hierdie verslag blyk reeds die ongemak oor die agterstand van dramabekronings.

Na aanleiding van 'n 1940-jaarvergaderingvoorstel (AJVN 1940: 14 Desember) is die Raad daaraan herinner dat die Kommissie vir 1941 saamgestel moes word, en dat die lede daarvan skriftelik moes laat weet of hulle die benoeming aanvaar of nie (ARMB 1941: 8 Februarie).²² Tydens die 8 Februarie 1941-raadsvergadering is besluit om die kommissie-benoemings te laat oorstaan tot die 17 Maart-raadsvergadering. In die mededelings en briefwisseling met die oog op dié vergadering, is die name van 17 persone ter oorweging voorgelê wat net so deur die Raad benoem is, hetsy as lid van die Breë Kommissie of as alternatiewe lid. Die vyftien lede³⁴¹ was proff. D.B. Bosman, T.J. Haarhoff, J.J. le Roux, E.C. Pienaar, C.M. van den Heever, dr. S.P.E. Boshoff, G. Dekker, W.J. du P. Erlank, T.J. Hugo, M.S.B. Kritzinger, F.E.J. Malherbe, T. Wassenaar, mnre. C.M. Booyen, Jochem van Bruggen³⁴² en J.M.H. Viljoen,³⁴³ met dr. A.D.

341 In sy *Huisgenoot*-artikel van 20 Februarie 1942 dui Viljoen (1942a:5) verkeerdelik aan dat die aantal lede van die Breë Kommissie "gewoonlik uit sowat twaalf persone" bestaan het.

342 Van Bruggen is benoem, alhoewel van sy werke ook in aanmerking geneem is vir die toekenning.

343 Tien van hierdie vyftien persone was ook vir die 1938-Dramaprys se Breë Kommissie benoem (kyk bladsy 172 en bylaag J op bladsy 618-709).

Keet en C.F. Visser as alternatiewe lede (ARN 1941: 17 Maart). Die persone is, volgens die mededelings en briefwisseling met die oog op die 11 April-Akademieraadsvergadering, in kennis gestel van hulle benoeming en versoek om die Sekretaris te laat weet of hulle dit aanvaar of nie, maar nêrens in die Akademieargief kon aanvaardingsbriewe opgespoor word nie. Dit kom voor of die lede van die Breë Kommissie eers van die benoeming verneem het in Lombard se briewe van 11 Augustus 1941 aan elkeen (LK 1/2):

Soos U waarskynlik weet, benoem die Akademieraad jaarliks 'n Breë Letterkundige Kommissie wat hom moet adviseer i.v.m. die toekenning van die Hertzogprys. Die Raad het U in hierdie kommissie benoem en sal dit ten seerste waardeer om u gewaardeerde advies te ontvang betreffende die toekenning van die prys vir 1941.

Die Keurkommissie het vier-en-twintig dramas wat in die tydperk Julie 1938 – Des. 1940 verskyn het, nagegaan en is van oordeel dat slegs Uys Krige se twee werke nl. Magdalena Retief en Die Wit Muur e.a. Eenbedrywe oorweging verdien met die oog op die Hertzogprys.

Graag verneem die Raad van U of die genoemde twee werke volgens u beskouing, bekroning verdien.

Gebruik asseblief bygaande antwoordvorm en koevert vir u antwoord wat ons nie later as 31 Augustus moet bereik nie.

Antwoordvorms wat opgespoor kon word, is die volgende, met nieverpligte kommentaar wat gelewer is, tussen hakies (LK 1/2):

Vier persone was ten gunste van die toekenning:

- T.J. Haarhoff (“Albei werke is van ’n hoë gehalte en Magdalena Retief is met besondere groot sukses opgevoer.”)
- M.S.B. Kritzinger (“Die werke staan nie baie hoog nie, maar hulle het verdienstes en is baie beter as al die dramas wat in die afgelope drie jaar by ons verskyn – met uitsondering van die beskeie bundeltjie eenbedrywe en radiodramas ‘Die Klipdolk’ van J.F.W. Grosskopf.”)
- J. van Bruggen
- Theo Wassenaar.³⁴⁴

Ses lede was gekant teen die toekenning:

- C.M. Booyen (“Magdalena Retief is net 8 tableaux vivants met liriese beskrywing van geskiedenis. Skaapwagters van Bethlehem is blote stemmingsbeeld. Beide voldoen nie aan vereistes van drama nie. En terwyl Arrestasie belowend is, en Wit Muur een van die beste eenbedrywe in Afrikaans is, regverdig dit nie die toekenning van die Hertzogprys aan Krige nie.”)

344 Wassenaar het hierdie keer wel gestem, hoewel hy voorheen skriftelik aangedui het dat hy nie in die Breë Kommissie wou dien nie (kyk bladsy 173).

- S.P.E. Boshoff (“Hoewel daar verdienstelike dinge in voorkom, is hierdie werk en veral Magdalena Retief nie dramaties nie en dit gee vir my die deurslag.”)
- D.B. Bosman (“My opvatting is dat die Hertzog-prys van die Akademie nie toegeken behoort te word as daar enige twyfel bestaan oor die verdienstelikheid van die werk nie.”)
- Jac. J. le Roux (“‘Magdalena Retief’ is enkel ’n aantal episodes. ‘Die Arrestasie’ wil ’n blyspel wees, maar die atmosfeer is die van ’n treurspel. Die ‘Skaapwagters van Bethlehem’ is onbeduidend.”)
- F.E.J. Malherbe
- E.C. Pienaar (“Wel verdienstelik in vergelyking met ander dramatiese werk in die algemeen, maar nie sodanig uitstaande dat dit hierdie hoogste onderskeiding verdien nie. Die Akademiesraad moet sorg dra dat die status van die S.A. Akademie gehandhaaf bly.”)

Tien van die Breë Kommissie se vyftien lede het dus gestem.³⁴⁵ Volgens ’n mededeling wat voorgelê is aan die September 1941-raadsvergadering, was ses lede van mening dat die twee werke van Uys Krige nie bekroning verdien nie, drie lede was ten gunste van die bekroning terwyl een lid *Magdalena Retief* aanbeveel het, maar nie *Die wit muur* nie (ARMB 1941: 26 September). Uit die dokumente wat opgespoor kon word, blyk dit dat vier lede ten gunste van die bekroning was. ’n Moontlikheid bestaan dat die lid wat *Magdalena Retief* bekroon sou wou sien, maar nie *Die wit muur* nie (dalk Van Bruggen of Wassenaar), sy kommentaar mondeling oorgedra het aan die Sekretaris, en dat laasgenoemde dit so in die uitslag geïnkorporeer het.

Ná die bespreking van die Letterkundige Kommissie se verslag, en oorweging van die Breë Kommissie se stembriewe, het **die Raad** tydens ’n vergadering gehou in Bloemfontein, **eenparig besluit om níe die 1941-Hertzogprys vir Drama toe te ken nie** (ARN 1941: 26 September).³⁴⁶

Weer eens het die voorgeskrewe vereistes van die keurkommissieverslag ongelukkigheid veroorsaak. Lombard maak in ’n brief aan Scholtz en Hiemstra (KOR 23/3:16 Oktober 1941) melding van ’n brief deur G. Dekker waarin hy skryf:

345 Stembriewe van die volgende vyf lede kon níe opgespoor word nie: G. Dekker, Erlank, Hugo, Van den Heever en Viljoen. Met die uitsondering van sy eie naam, is dit ook hierdie lede wie se name deur Viljoen (1942a:5) uitgelaat is in sy aanduiding van wie op die Breë Kommissie vir die 1941-toekenning was. Raadpleeg G. Dekker se skriftelike aanduiding dat hy nie weer op die Hertzogpryskeurkommissie wou wees nie (kyk bladsy 187, 187 en voetnota 314 op dieselfde bladsy). Hy het eers weer in 1948, nadat die 1942/1943-prosedureveranderinge ingetree het, op die Kommissie gedien (kyk bladsy 241).

346 Elize Botha beweer dat Krige in 1941 deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel is, maar dat die Breë Kommissie dit ter syde gestel het, en volgens haar was die destydse prosedure die sondebok (1984:134.) Krige is wel deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel vir **oorweging**, maar nie pertinent vir **bekroning** nie. Ook kan die blaam vir die besluit om die prys van Krige te weerhou, nie voor die deur van die Breë Kommissie alleen gelê word nie. Die 1935-Akademiebesluit waarvolgens die Raad slegs die stemming van die Breë Kommissie moes oorweeg (kyk bladsy 155), is in 1937 sodanig gewysig dat die Raad die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die Letterkundige Kommissie moes oorweeg en die prys dan toeken of nie (kyk bladsy 169). Die finale beslissing het by die Raad berus: al sou die Letterkundige Kommissie bedenkinge hê oor die toekenning, en die Breë Kommissie nie ten gunste van die toekenning stem nie, het die Raad nog die gesag gehad om wél die prys te kon toeken.

Ek het ernstige besware teen die toekenningsprosedure veral teen punt (a). Dat die Breë Kommissie alleen maar die drie name voor hulle kry, kan ek nog verstaan. Maar hoe kan U 'n verslag van die Keurkommissie aan die Raad verwag as die kommissie nie eens sy eie opinie duidelik mag stel omtrent die rangorde van verdienste nie?

In die brief noem die Sekretaris dat die Akademieraad vir L.W. Hiemstra (sameroeper) en Scholtz versoek om op die saak in te gaan en so spoedig moontlik verslag te doen.

Tydens die raadsvergadering van 11 Desember 1941, gehou te Bloemfontein, is, sonder om die naam van die koerant te meld, daarop gewys dat 'n Afrikaanse koerant 'n verkeerde indruk by die publiek gewek het in verband met die nietoekenning van die 1941-Hertzogprys. **Derhalwe het die Raad, op voorstel van Scholtz, besluit om in die toekoms, ten einde “verkeerde voorstellings te voorkom”, onmiddellik nadat daar tot 'n finale beslissing gekom is met betrekking tot die toekenning van die Hertzogprys al dan nie, 'n offisiële verslag aan die pers te oorhandig.** Hierdie besluit sou in die Huishoudelike Bepalings opgeneem word. **Daar is ook besluit dat slegs die agenda van die jaarvergadering, en nie die jaarverslag nie, vooraf aan die pers gestuur sou word.** (ARN 1941: 11 Desember.)

'n Polemiekie het ontstaan oor die nietoekenning van die 1941-Hertzogprys vir Drama. Ten einde die hele opset te verstaan, is dit nodig om kennis te neem van die politieke situasie in die twintiger-, dertiger- en vroeg veertigerjare.³⁴⁷

Die 1922-Randse staking het daartoe gelei dat generaal J.C. Smuts se Suid-Afrikaanse Party in 1924 die onderspit delf teen generaal Hertzog se Nasionale Party wat 'n verkiesingsooreenkoms met die Arbeidersparty gesluit het. Hertzog neem by Smuts oor as Eerste Minister van die Unie, maar moet in 1933 weens onder andere ekonomiese moeilikhede wat spruit uit die depressie en droogte (1929-1933), noodgedwonge 'n koalisie met Smuts se Suid-Afrikaanse Party sluit en in 1934 saamsmelt tot die Verenigde Party (VP of Smeltersparty). D.F. Malan groepeer in 1933 sy volgelinge in die republikeinsgesinde “gesuiwerde” Nasionale Party wat aanvanklik stadig groei, maar sterk momentum kry in die jare van die Voortrekker- en Hugenotefees (1938-1939).

In September 1939 breek die Tweede Wêreldoorlog uit. Verdeeldheid heers in die Verenigde Party oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Hertzog kan in 'n stemming nie daarin slaag om Suid-Afrika se neutraliteit te behou nie en bedank. Die Verenigde Party skeur en Smuts word Eerste Minister. Die Unie veg aan die kant van die Geallieerdes in die oorlog teen Duitsland.

347 Raadpleeg J.C. Steyn se insiggewende artikel “'n Politieke storm oor die Akademie” (1991:294-313) waarin hy deeglik rekenskap gee van die destydse politieke en kulturele situasie, die polemiekie rondom die nietoekenning van die 1941-Hertzogprys vir Drama aan Uys Krige, hoe die kritiek byna die Akademie se poging om 'n Fakulteit vir Natuurwetenskap te inkorporeer, in die wiele gery het, en wat die uitkoms was van onderhandelinge om die meningsverskille uit die weg te ruim.

In dieselfde jaar, 1939, stig Hertzog en Malan die Herenigde Nasionale Party (HNP of Volksparty). Die hereniging was egter nie diep en blywend nie en die party skeur in 1940. 'n Deel van Hertzog se volgelinge, onder leiding van N.C. (Klasie) Havenga, het in 1941 die Afrikanerparty gestig. Hertzog onttrek hom aan die politiek en is in November 1942 oorlede.

Teen 1941, toe besluit moes word oor die Hertzogprys vir Drama, was daar verskillende politieke groeperinge in die geleedere van Afrikaanssprekendes, onder andere die meerderheid wat die neutraliteitspolitiek van Malan en Hertzog/Havenga ondersteun het, en sommige wat hulle geskaar het by die regerende Verenigde Party. Die FAK en die Reddingsdaadbond³⁴⁸ het die steun gehad van Malan se HNP. Saam met die Ossewabrandwag³⁴⁹ het hierdie twee kultuurorganisasies en die HNP in Junie 1941 'n Afrikaner-eenheidskomitee gestig. Vrae het begin ontstaan oor die Akademie se politieke neutraliteit weens sy “vriendskaplike betrekkinge” (SAATLK 1931d:5) met die FAK.²³ In reaksie op die stigting van die eenheidskomitee, is Die Afrikaanse Genootskap in die lewe geroep wat op sy beurt noue bande met die Verenigde Party gehad het.

Benewens verbintnisse tussen verskillende kultuurorganisasies en politieke partye, het ook die Afrikaanse koerante 'n partypolitieke rol gespeel. *Die Suiderstem* (Kaapstad) en *Die Volkstem* (Pretoria) was die Verenigde Party se Afrikaanse mondstukke. Abraham H. Jonker was ten tyde van die Hertzogprysdebakel hoofredakteur van *Die Suiderstem*. Uys Krige, wat, soos die Verenigde Party, ook ten gunste was van deelname aan die oorlog, het artikels in hierdie koerant gepubliseer en was in 'n stadium literêre redakteur daarvan. Ook in radiokommentaar het Krige hom uitgespreek ten gunste van die oorlog teen Duitsland.

Die Suiderstem en *Die Volkstem* het in berigte van onderskeidelik 30 Desember 1941 en 19 Januarie 1942 kritiek uitgespreek teen die versuim om Krige te bekroon. Die Akademie is daarvan beskuldig dat hulle Krige nie as 'n “praktiese Afrikaner” beskou nie. Hierdie kritiek het uitgekring en byna die Akademie se pogings om 'n Fakulteit van Natuurwetenskap daar te stel, laat skipbreuk ly.

Die akkommodasie van die natuurwetenskappe binne die Akademie, asook die daarstelling van publikasiegeleenthede vir wetenskaplikes, was 'n behoefte wat reeds etlike jare bestaan het.³⁵⁰

348 Die Reddingsdaadbond is in 1939 gestig met die oog op die ekonomiese rehabilitasie van die Afrikaner en die verkryging van sy regmatige aandeel in die sakewêreld.

349 'n Kultuurorganisasie wat in 1938 gestig is, maar hom later op politieke terrein begewe het. As protes teen die Unie se deelname aan die oorlog is geïsoleerde dae van sabotasie gepleeg. Smuts het sterk hierteen opgetree.

350 In verband hiermee kan J.C. Steyn se artikel (1991:294-313) en C.A. Engelbrecht se bydrae “Natuurwetenskap, tegniek en die Akademie” in *Akademie* 75 (1984:128-135) geraadpleeg word.

Ten einde uitbreiding van die Akademie in 'n Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns én 'n Fakulteit vir Natuurwetenskappe moontlik te maak, is wetgewing in 1942 by die Parlement ingedien. Met die wetsontwerp is beoog om die naam van die Akademie te verander van “*De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*” na “Die Suid-Afrikaanse³⁵¹ Akademie vir Wetenskap en Kuns”, en om die doelstellings uit te brei tot die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal en letterkunde én van die wetenskap (Unie van Suid-Afrika 1942:xi).

Advokaat H.A. Fagan, gedurende 1938-1939 Minister van Naturellesake, Onderwys en Volkswelsyn in die Hertzogkabinet, het Hertzog, na dié se bedanking as Eerste Minister, in die opposisie gevolg en die HNP se Volksraadslid vir Stellenbosch geword. Die Akademie het hom genader vir regsadvies in verband met die hantering van die wetsontwerp (KOR 23/2: 12 Augustus 1941). Hy het aanbeveel dat die Akademiewet gewysig moet word en inligting verskaf in verband met prokureursfirmas wat as parlementêre agente vir die indiening van die wetsontwerp kon optree, en dit sou kon voorlê aan die parlementêre wetsopsteller. Fagan het 'n konsepwetsontwerp ingesluit (KOR 23/2: 15 September 1941) wat in 'n effens gewysigde vorm ingedien is (KOR 23/2: 17 Oktober 1941 – brief van prokureur Jan S. de Villiers aan Akademiese sekretaris). Op 6 Februarie 1942 het Fagan die tweede lesing van die private wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voorgestel. Dat juis Fagan hierby betrokke was, het seker VP-vermoedens aangewakker dat die Akademie nie polities neutraal was nie.

Volksraadslede van die regerende Verenigde Party, asook regeringsgesinde koerante was teen die wetsontwerp gekant. Jonker het in *Die Suidersstem* van 5 Februarie 1942, 'n dag voor die tweede lesing, in sy hoofartikel geen beswaar teen die verafrikaansing van die Akademie se naam ingebring nie, maar was gekant teen die uitbreiding van die Akademiewerksaamhede omdat hy eers die versekering wou hê dat die Akademie nie besig was “om die werk binne sy reeds bepaalde gebied te verknoei nie”. Volgens Jonker was die Akademie besig om, “net soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, te verbaster tot 'n politieke agterryer en instrument van die Keeromstraatse Opposisie-party”, en het die Akademie Afrikaanse kunstenaars en skrywers wat nié ten gunste van die Keeromstraatse politiek was nie, buite rekening gelaat vir Akademieonderskeidings en pryse omdat hulle nie as “praktiese Afrikaners” beskou is nie. Hy wou weet of dit daarom was dat Krige, wie se dramas “aanbeveel is as die beste van die afgelope drie jaar en waarvan die gehalte minstens so hoog is as vroeër bekroonde werk”, nie die Hertzogprys ontvang het nie. Die Akademie kon volgens Jonker “onmoontlik die funksie vervul

351 Reeds lank voor die amptelike verandering van naam, is daar verwys na die “Suid-Afrikaanse Akademie”, byvoorbeeld in *Jaarboek XII* wat in 1922 verskyn het (SAATLK s.j. a), die raadsnotules vanaf 1927 tot 1934 (SAATLK s.j. b), vanaf die November 1930-*Bulletien* (SAATLK 1930) en die eerste uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* in Mei 1940 (SAATLK 1940).

waarvoor hy in die lewe geroep is”. Jonker sluit sy artikel af deur by die regering en Volksraad daarop aan te dring

... om in geen omstandighede enige uitbreiding van die funksies en magte van die Akademie toe te staan nie, voor en aler die Akademie hom nie suiwer van die ondeugde wat hom reeds aankleef nie.

Fagan het die volgende dag in sy tweedelesingtoespraak gereageer op *Die Suidersstem* se uitlatinge en probeer om foutiewe indrukke reg te stel. Tydens die bespreking van die wetsontwerp is bedenkinge uitgespreek oor die verpolitiserings van kultuurorganisasies en die Akademie, die nietoekenning van die Hertzogprys aan Krige en die Akademie se beweerde vertolking van wie as “praktiese Afrikaners” beskou kan word. Ook J.H. Hofmeyr, Minister van Onderwys, het krities gestaan teenoor Fagan se verduidelikings. Op ’n voorstel dat Volksraadslede en mense van buite meer tyd wou hê om op die saak in te gaan, is die debat verdaag.

Die verwysings na “praktiese Afrikaner” spruit uit opmerkings van G.S. Nienaber tydens die 12 Desember 1941-jaarvergadering en waaroor daar onder andere berig is in *Die Volksblad* van 13 Desember en *Die Burger* (Steyn 1991:302). Nienaber het in ’n brief aan die Akademie ’n verduideliking gegee van sy uitlatings. Die Akademierraadsvoorsitter, S.H. Pellissier, het die brief ter tafel gelê tydens die spoedvergadering van die Raad op 14 Februarie 1942 in Bloemfontein. Die vergadering is belê om die aantygings wat deur *Die Suidersstem* teen die Akademie gemaak is, te weerlê, en die besware te behandel wat in die Volksraad geopper is. (ARN 1942: 14 Februarie.³⁵²) Die Nienaber-verklaring, gedateer 9 Februarie 1942, lui soos volg (ARN 1942: 14 Februarie – aanhangsel A):

Volgens koerantverslae het ’n paar lede van die Volksraad na aanleiding van die tweede lesing van die private wetsontwerp oor die Akademie, te kenne gegee dat hulle rede het om te twyfel of die Suid-Afrikaanse Akademie hom nog geheel-en-al bo en buite party-politiek hou.

Die twyfel berus o.m. op ’n uitlating waarvoor ek verantwoordelik gehou word, maar wat ongelukkig totaal uit sy verband geruk is. Insoverre [sic] as die Akademie op grond hiervan in die gedrang kom, het dit ten onregte geskied. Omdat ek persoonlik in die saak betrokke is, rus op my die verpligting om ’n verklaring af te lê.

Aan die negatiewe kant stel ek vas, dat die gewraakte uitlating hoegenaamd niks met die toekenning van die Hertzog-prys vir vanjaar te doen het nie. Ek het maar eers in die loop van September 1941 lid van die Akademie geword, sodat ek op generlei wyse

352 In hierdie notule word verkeerdlik gesê dat die besware geopper is tydens die bespreking van die Akademie-konsep-wetsontwerp se **eerste** lesing. Volgens parlementêre gebruik het die bespreking van die wetsontwerp plaasgevind die dag waarop dit vir die **tweede** keer gelees is (Steyn 1991:304).

iets met die besluite van die letterkundige keurkommissie kon te doen hê of my woorde in verband daarmee te bring is nie.

Aan die positiewe kant: Mnr. G. Moerdijk het na aanleiding van die verslag oor die toekenning van die erepenning vir beeldende kunste terloops op die moeilikheid gewys om uit te maak wanneer 'n persoon vir bekroning in aanmerking moet kom vir Afrikaanse kuns, aangesien die beeldende kunste meer nog as letterkunde internasionaal is. Hy het op allerlei grensgevalle gewys.²⁴

Dit het heelwat bespreking uitgelok, waaraan ek ook deelgeneem het. My bydrae was om aan te toon, dat die moeilikhede dikwels akademies en teoreties is. So het bv. op die gebied van die Afrikaanse letterkunde 'n stryd ontbrand of ons tot die Afrikaanse letterkunde ook die Nederlandse geskifte moet reken wat in Suid-Afrika ontstaan het en 'n Suid-Afrikaanse gees adem; m.a.w. of die deurslag deur oorwegings van taalvorm enersyds of van gees, inhoud en strekking andersyds gegee moet word.

So ook hier. Ons vraag is nie moeilik nie, maar ons maak hom moeilik deur 'n vaste formule te soek. Dit is m.i. nie moontlik om vaste reëls neer te lê nie. Bv. 'n persoon kan 'n gebore Afrikaner wees, maar op jeugdige ouderdom kan hy na 'n ander land vertrek en deur opvoeding, ens., sy taal verleer, sy volksverband verloor, dus lid word van die volk in sy aangenome vaderland en prakties ophou om Afrikaner te wees. Of andersom, Van Wouw en Jochem van Bruggen, albei gebore Nederlanders, kan prakties as Afrikaners geld.³⁵³ Geboorte of afkoms is dus geen maatstaf nie.

En so met ander maatstawe [sic] soos domisilie, van die kunstenaar, strekking van die kunswerk, ens.

M.a.w., al die faktore moet tesame in hulle verband tot die heelheid van die kompleks gesien en beoordeel word, en ons moet liewers die verband met die praktiese eise van die lewe behou dan teoreties op te tree.

Samevattend: Daar was geen sweem van party-politieke oorwegings in die uiteensettings van my nog van iemand anders nie. As sulke gevolgtrekkings voortvloei uit die bondigheid van die koerantverslag, dan is dit vergeeflik maar stem op generlei wyse ooreen met die bedoeling van my of iemand anders nie.

Die Akademievoorsitter het dit tydens die spoedvergadering wenslik geag dat 'n afvaardiging Kaapstad toe gaan om die Minister van Onderwys te spreek en die besware uit die weg te ruim. Prof. dr. H. v.d.M. Scholtz, dr. E.C.N. van Hoepen en die Akademiesekretaris, mnr. I.M. Lombard, is afgevaardig om minister J.H. Hofmeyr te gaan spreek in verband met die aantygings teen die Akademie. Die Sekretaris sou ook prof. dr. D.B. Bosman, prof. M.C. Botha en mnr. H.A. Fagan versoek om die deputasie te vergesel. Botha was nie beskikbaar nie, maar Bosman het ingewillig. (ARN 1942: 14 Februarie; kyk ook bygaande Sekretariële verslag van afvaardiging na Kaapstad gedateer 19 Maart 1942.) Fagan was nie teenwoordig tydens die onderhoud op 18 Februarie nie. Die afgevaardigdes het 'n memorandum, finaal gedateer 19 Februarie 1942, in Kaapstad opgestel oor die besware wat teen die wetsontwerp ingebring is. Die

353 Steyn (1991:310) wys in sy weldeurdagte artikel daarop dat 'n verkeerde interpretasie aanleiding tot die twis gegee het. Twee verwante konstruksies is as sinoniem geïnterpreteer: "iemand wat prakties Afrikaner is" en "praktiese Afrikaner".

memorandum is gebruik gedurende die samesprekings, maar is nooit gepubliseer nie. Hierin het die Akademie soos volg gereageer:

Dr. Nienaber se woorde staan in geen verband met die Hertzogprys nie, wat reeds toegeken was voor die Jaarvergadering van 12 Desember 1941 waarop hy sy mening uitgespreek het. [Die Raad het reeds op 26 September eenparig besluit om nié die 1941-Dramaprys toe te ken nie – kyk bladsy 196.]

Die Raad van die Akademie stel verder vas dat die Akademie as liggaam, ewemin as enige ander organisasie, verantwoordelik gehou kan word vir die opvattinge wat deur ’n individuele lid op ’n vergadering uitgespreek word.

Dr. Nienaber het geen reël neergelê vir die Akademie nie, en het ewemin as welke ander lid ook die reg daartoe. Hy het slegs ’n bydrae gelewer tot ’n wetenskaplike debat oor ’n vraag wat deur die voorsitter van die Kunskommissie aan die Akademie voorgelê is, naamlik, watter maatstaf moet ons aanlê as ons kuns beoordeel met die oog op bekroning.

Daar word dan aangehaal uit die G.S. Nienaber-verklaring om aan te toon in watter verband hy die woord “prakties” en “Afrikaner” gebruik het, en uitgestip dat die Akademie in hierdie verband geen besluit geneem het nie, maar die saak by die jaarvergaderingbespreking gelaat het. Die volgende beswaar wat in die memorandum ter sprake kom, is dat Uys Krige se dramas wat deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel is, weens politieke redes nie bekroon is nie. Hierop het die Akademie geantwoord:

Die Keurkommissie het nie die werk van Uys Krige aanbeveel vir bekroning nie, maar intendeel dit as sy mening uitgespreek dat hy dit “betwyfel of Krige in genoemde werke reeds die ryphed, breedte en diepte bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer.” Met die oog daarop dat die prys vir twee agtereenvolgende kere in hierdie afdeling agterweë gehou sou word, en om verder alle twyfel uit die weg te ruim is die werk van Krige daarna aan die oordeel van die Breë Kommissie onderwerp. Die Breë Kommissie het per stembrief oor die pos die oordeel van die Keurkommissie onderskryf en met oorwegende stem dit as sy mening uitgespreek dat die werk van Uys Krige nie die toekening van die Hertzogprys regverdig nie.

Na aanleiding van die aantyging dat die Akademie eksklusief sou wees, reageer die Akademieraad soos volg in die memorandum:

Dit is juis. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns laat alleen sulke lede toe wat hulle verdienstelik gemaak het op die gebied van taal, lettere en kuns. Persone kan alleen lid word as hulle aan hierdie kriterium voldoen. Politieke verdienstes van ’n persoon speel hoegenaamd geen rol by die benoeming van ’n lid nie. Daarenteen is nog nooit iemand uitgesluit weens sy politieke oortuigings nie. Daarom dat die Akademie die volgende persone onder sy mees geëerde lede reken:

Genl. J.C. Smuts, Genl. J.B.M. Hertzog, Dr. D.F. Malan, en Minister J.H. Hofmeyr.

Mnr. S.H. Pellissier, Direkteur van Onderwys in die O.V.S., is die huidige voorsitter van die Akademie. Voor hom was voorsitters: Dr. E.G. Jansen, Speaker van die Volksraad, wyle Senator F.S. Malan, Voorsitter van die Senaat, en wyle Dr. F.V. Engelenburg, Redakteur van die Volkstem. Wyle Senator Malan het tot aan sy dood uiters aktief deelgeneem aan die werksaamhede van die Akademie. Hy was voorsitter van die Kaaplandse Werkgemeenskap²⁵ en het as blyk van sy hoë dunk en verwagting van die Akademie £1000 onvoorwaardelik nagelaat ter bevordering van sy doel.

Op die bewering tydens die bespreking van die wetsontwerp dat 'n sekere lid (F.E.J. Malherbe) “uitgeskop” sou wees uit die “Keurraad” vir die Hertzogprys, antwoord die Akademie soos volg in die memorandum:

Hierdie bewering is ontbloot van alle waarheid. Die Raad het gelyktydig die letterkundige keurkommissie vir drie jaar vooruit benoem, naamlik vir die Roman, die Drama en die Poësie. Die betrokke lid is benoem in die keurkommissie vir die Roman wat met die oog op die hoeveelheid werk daaraan verbonde ongetwyfeld die belangrikste is.

Die betrokke lid was ook lid van die Breë Kommissie wat verlede jaar die drama beoordeel het. [Hy was gekant teen die toekening aan Krige – kyk bladsy 196.]

Ten slotte wil die Raad hiermee beslis ontken dat enige oorweging behalwe die van 'n suiwer akademiese aard 'n rol speel by die benoeming van nuwe lede of by enige saak of aangeleentheid waarmee die Akademie te doen het. Hierin het die Raad hom steeds streng gehou aan die Statute wat die prosedure vir die kiesing van nuwe lede reeds jare gelede vasgelê het. Wat meer is, met die oog daarop dat die Raad elke drie jaar van personeel en standplaas verwissel, is dit, prakties gesproke, onmoontlik om 'n verdienstelike persoon uit te sluit weens politieke oorweginge.

Hofmeyr was tevrede met die verduidelikings van die Akademieafgevaardigdes. Scholtz het ook die redakteur van *Die Suidstem* besoek. Jonker het ingestem om 'n artikel in sy koerant te plaas waarin die Akademie van alle blaam in verband met “politiekery” onthef word. Ook ander lede van die Verenigde Party is deur die afvaardiging besoek en misverstande is opgeklaar. Geen verdere besware is teen die wetsontwerp ingebring nie. (Viljoen 1942b:5.) Dit is op 13 Maart 1942 goedgekeur, deur die Goewerneur-generaal in Afrikaans geteken en het in die Buitengewone Staatskoerant van 17 Maart 1942 verskyn as wet nommer 8 van 1942 (Unie van Suid-Afrika 1942:xi – kyk bylaag L op bladsy 622). Die stigtingskongres van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek het plaasgevind op 23 en 24 Mei 1941 (SAATLK 1941b:109), die

eerste raadsvergadering van die uitgebreide Akademie op 6 Julie 1942 (ARN 1942), en die eerste jaarvergadering op 5 Desember 1942 (ARN 1942).³⁵⁴

Die stof rondom die nietoekenning van die Hertzogprys aan Krige het voorlopig (tot 1952 – kyk bladsy 276) gaan lê, maar die kwessie sou nog jare lank ter sake bly. Wat die hele aangeleentheid rondom die nietoekenning aan Krige volgens Kannemeyer (2002:366) “besonder sielig maak”, is dat Krige as geallieerde krygsgevangene tydens die Tweede Wêreldoorlog meegedeel is dat hy die Hertzogprys vir Drama verower het, maar later verneem het dat sy werk tog nie bekroon is nie.³⁵⁵

Indien dit ná 30 Junie 1938 gepubliseer is, sou die volgende 1938-dramas ook in aanmerking kon kom vir die 1941-toekenning:

Coetzee, J.P.J.	<i>Die eindresultaat</i> (HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.)
Hofmeyr, Annie.	<i>Uit die Groot Trek</i> (Nasionale Pers)
Theron, Miemie-Louw.	<i>Argentinië</i> (Unie-Volkspers).

Watter van die bogenoemde dramas reeds beoordeel is vir die 1938-toekenning, is onbekend.³⁵⁶

354 Met hierdie wet is twee sake gewettig: sowel die **naam** van die Akademie as die **doelstellings** daarvan, het nou die **wetenskap** ingesluit, en vir **die res** was wet 23 van 1921 (kyk bylaag K op bladsy 620) nog geldig. Die uitbreiding van die Akademie in twee fakulteite is nêrens in die 1942-Privaatwet self ter sprake nie.

Die Statute van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarin wêl melding gemaak word dat dit bestaan uit ’n Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns en ’n Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek, asook die Statute van die onderskeie fakulteite, is gepubliseer as Goewermentskennisgewing 648 van 28 April 1944 (kyk bylaag O op bladsy 632).

Die Akademie kón wettiglik Statute daarstel, maar hierdie 1944-Statute het baie méér bepalings gehad as dit wat die Akademie volgens beide Wet 23 van 1921 (artikel 5 – kyk bladsy 621) en Wet 8 van 1942 (artikel 3 – kyk bladsy 622) gemagtig was om uit te vaardig. Volgens wet kon die Akademie nie ’n Statuut uitvaardig betreffende die indeling in fakulteite en die vasstelling van reglemente vir hulle nie. Hierdie magtiging is eers met terugwerkende krag vanaf 1 November 1967 verleen deur die byvoeging in Wet 22 van 1968 van punt (h) by artikel 5, subartikel 2 (kyk bladsy 449 en bylaag M op bladsy 623).

355 In *Beeld* van 18 Mei 1969 (“Nou los ek hulle uit, sê Uys Krige”) het Krige gesê dat hy in Italië verneem het dat die Akademie aan hom die Hertzogprys vir Drama toegeken het, maar later “sy eie besluit omvergewerp het”. Dit was nie presies wat gebeur het nie.

Uit Krige se opmerkings in *The Star* van 17 Mei 1969 (“*The Akademie and me*”) en die *Cape Argus* van 24 Mei 1969 (“*Time to speak*”), blyk dit dat hy onder die indruk was dat die Letterkundige Kommissie ’n besluit geneem het, terwyl hulle net ’n aanbeveling gemaak het (ek benadruk):

*Later I was informed that the Breë Raad had overruled the **decision** of its own Literary Committee and the prize was no longer coming my way.*

356 *Die dieper reg* is al in 1938 beoordeel (kyk bladsy 177), en is waarskynlik gepubliseer voor 30 Junie daardie jaar.

Die volgende werk van dramatiese aard is ook in 1939 gepubliseer, maar nie in die verslag genoem nie:

Heese, Japie. (ps. van Jacob de Villiers)

Vier kort klugspelletjies (dit bevat die volgende vier werke: *Die nuwe papa*, *Die genadelose slagter*, *Slabbert se skoonseun* en *Klein woelwater* (Nasionale Pers).

Drie van bogenoemde stukkies is uit egter uit Engels omgewerk en sou nie vir die Hertzogprys kwalifiseer nie.

Die volgende dramas is in die verslag genoem (kyk bladsy 192), maar moes nie in aanmerking gekom het nie:

Carinus-Holtzhausen, A.E.

Die president (no. 10 in die verslag, maar dit is 'n bewerking van 'n toneelstuk oor Paul Kruger)

Géraldy, Paul.

Hélène (no. 23 in die verslag, maar dit is 'n vertaling)

Grosskopf, J.F.W.

Die klipdolk en ander kortspele (no. 21 in die verslag, maar dit is eers in 1941 gepubliseer, dit wil sê ná die sluitingsdatum van Desember 1940 – kyk die 1944-Hertzogprysverslag op bladsy 228)

Jansen, M.M.

Afrikanerharte (no. 7 in die verslag, maar dit is reeds in 1914 gepubliseer – die 1939-publikasie was 'n nuwe, verbeterde uitgawe)

Meiring, A.J.C.

Op die pad van Suid-Afrika, *Parlementsitting*, *Die Afrikaanse boom*, *Klein helde* (no. 15 in die verslag, maar dit is vier toneelstukkies vir kinders)

Pienaar-De Klerk, H.

Ko-ee, *As die klok twaalfuur slaan* (no. 16 in die verslag, maar dit is twee kindertoneelstukkies).

Die 1985-Hertzogprys vir Drama is aan Uys Krige toegeken vir sy hele drama-oeuvre, meer spesifiek vir die volgende werke: *Magdalena Retief* (1938), *Die wit muur* (1940), *Alle paaie gaan na Rome* (1949), *Die sluipskutter* (1951) en *Die goue kring* (1956) (kyk bladsy 321). Van hierdie twee omvangryker dramas en drie eenbedrywe, dateer die langer werk *Magdalena Retief* en die eenbedryf *Die wit muur* uit die 1941-bekroningsperiode.

Magdalena Retief (1938), Krige se debuutdrama, is geskryf as geleentheidstuk vir die 1938-Voortrekkereuefees, opgevoer as deel van die verrigtinge daardie jaar en deur die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera bekroon met die eerste prys van £50 vir die beste Voortrekkerdrama in Afrikaans (Krige 1940:4). Hierdie kroniekspel in agt tonele en 'n epiloog,

is 'n voorstelling van hoofepisodes vóór, tydens en ná die Groot Trek (1798-1852), met Magdalena Retief, vrou van die grensboer Jan Greyling en later van Pieter Retief, as sentrale karakter en bindende element. Die uitbeelding van hoofmomente uit háár lewe weerspieël tegelykertyd die wordingsgeskiedenis van 'n volk.

In die voorwoord tot *Magdalena Retief* merk Krige (1940:5) op:

Die foute van hierdie drama as speelstuk is vir my in die ooglopend. Word dit opgevoer, sal dit aansienlik verkort moet word. In geval van opvoering is die skrywer gereed om 'n paar wenke insake verkorting aan die opvoerders te gee.

Hiermee impliseer Krige dat die lengte van die stuk daarvan eerder 'n lees- as speelstuk maak. F.C.L. Bosman, een van die twee keurkommissielede, sluit in 'n resensie hierby aan. Hy skryf die leesstukarakter van die drama egter toe aan elemente in die “enscenerings en toneelaanwysings” wat van Krige se “besondere digterlike aanleg” getuig (1941b:175):

Sommige van sy mooiste beskrywings kom in hierdie verband voor. Deur sulke beskrywings sowel as deur digterlike dialoog kry die drama soms byna meer die karakter van 'n leesdrama as van 'n speeldrama.

Bosman wys egter daarop dat “digterlike dialoog” soms afbreuk doen aan “die suiwerheid van karaktertekening” en die leser laat voel of die skrywer “self eerder aan die woord is as sy figure”. Dit blyk byvoorbeeld uit die woorde van Debora in die vierde toneel wanneer sy moeilikheid voorspel terwyl sy in die vlamme van die vuurherd staar. Dat sekere beskrywings net as leesteks van waarde is, en toneelmatig soms moeilik voorstelbaar sal wees, blyk uit aanduidings soos die volgende: Mina se gesig is “ovaalvormig”, Retief se “diepbruin oë fonkel [sic] van moed en lewe” en “die môrester brand soos 'n fakkel teen die swart hemel” (Krige 1940:25, 32, 101). In die Letterkundige Kommissie se verslag word die drama se “elemente van digterlikheid” positief beskou (kyk bladsy 193).

Die siening van die teks as lees- en/of speelstuk, 'n kernprobleem in die beoordeling van die drama as hibriediese medium, is bepalend in sommige menings wat oor *Magdalena Retief* uitgespreek is. **Drie lede van die Breë Kommissie se kommentaar gee 'n aanduiding dat sekere klassieke, tradisionele verwagtinge van 'n sterk handelingsdrama aan hierdie werk gestel is, dat *Magdalena Retief* nie daaraan voldoen het nie en daarom, volgens hulle, nie in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie**³⁵⁷. Booyesen beskou die drama as agt tablo's (“tableaux vivants”) met “liriese beskrywing van geskiedenis” – 'n werk wat nie voldoen aan die

357 Die nie-op-hoogte-wees van tendense in Europese teater kon tot hierdie uitsprake aanleiding gegee het.

“vereistes van drama nie”; hoewel daar volgens S.P.E. Boshoff “verdienselike dinge” in Krige se werk voorkom, is veral *Magdalena Retief* “nie dramaties nie”, en dit gee vir hom die deurslag in sy beslissing dat die dramaturg nie die prys moet kry nie; Jac. J. le Roux maak die uitspraak dat hierdie drama “enkel ’n aantal episodes” is. “As drama bevredig *Magdalena Retief* egter minder,” is ook die mening van Scholtz³⁵⁸ in die verslag van die Letterkundige Kommissie, en in vae terme word bygevoeg dat die drama “strakheid van bou en uitbeelding” mis (kyk bladsy 193).

Die gebrek aan ’n noodwendige verband tussen die verskillende tonele wat in die verslag gekritiseer word (kyk bladsy 193), herinner aan die Brechtiaanse epiese teater.³⁵⁹ Brink merk tereg op dat hierdie drama ’n afwending van tradisionele dramatiese vooruitwysing openbaar sodat daar eerder op elke situasie as sodanig toegespits kan word (1986:124). Die bekendheid van die geskiedenis skakel, soos in die geval van die Brechtiaanse teater, die gevoel van afwagting, wat in die konvensionele lineêre “plot” voorkom, gedeeltelik uit.³⁶⁰

Volgens G. Dekker, een van die benoemde lede van die Breë Kommissie,³⁶¹ is dit “nie ’n hegegeboude drama nie” – selfs “nie soseer ’n drama nie as ’n reeks dramatiese tonele, waarvan sommige van talent getuig” (s.j.:394, 408). “Die verskillende tonele het nie tot ’n eenheid saamgegroeie nie,” is die kritiek van Nienaber-Luitingh (1960:463):

[A]s geheel gee die stuk nie die uitbeelding van een botsing nie, maar feitlik bevat elke toneel sy eie botsing, waarby die hooffiguur telkens optree as die karakter wat die situasie beheers en wat die rigting aanwys wat vir die toekoms gevolg moet word.

Hierdie episodiese opset lei inderdaad tot “hinderlike inligting, terloopse en toevallige karakters en ’n gebrek aan konsentrasie” (Kannemeyer 1984:458), byvoorbeeld Erasmus Smit se onnodig uitgebreide vertelling van sy koms na Suid-Afrika in toneel sewe. Antonissen se stelling dat daar “geen kontinuïteit in die byfigure is nie” (1964:265), is egter oordrewe. ’n Karakter soos Mina figureer vanaf die tweede toneel tot die epiloog. Alhoewel F.C.L. Bosman meen dat die geskiedenis spreek uit “die natuurlike en spontane dade en woorde van die figure, sonder enige

358 F.C.L. Bosman, mede-ondertekenaar van die keurkommissieverlag, het *Magdalena Retief* dramaties-histories hoër gestel as Scholtz (kyk bladsy 194).

359 Tydens Krige se Europese verblyf in die vroeë dertigerjare het hy heel waarskynlik kennis geneem van die ontluikende Brechtiaanse teater.

360 Sodoende kan die leser/toeskouer op die afsonderlike gebeure fokus eerder as op die einde. Dit word egter nie in *Magdalena Retief* ontgin om ironie te skep wat tot kritiese nadenke stem, soos byvoorbeeld in Brecht se *Mutter Courage* nie.

361 Sy stembrief kon nie opgespoor word nie. Hy was waarskynlik een van die lede wat nie gestem het nie.

opsetlike opdringing van feite of persone” (1941b:174), is byvoorbeeld Retief se jawoordvraery nadat hy Magdalena twee jaar tevore gesien het, onnatuurlik skielik.

In die verslag van die Letterkundige Kommissie word die karakterbeelding in hierdie drama as “suiwer en kragtig” beskou (kyk bladsy 193) – ’n mening wat F.C.L. Bosman in ’n resensie woordeliks herhaal (1941b:175). Magdalena word geïdealiseer uitgebeeld as ’n deugsame, vasberade, sterk en moedige vrou. Volgens Kannemeyer is hierdie karakterisering van die vroulike hooffiguur “wat deur al die droewige ervarings tot ’n volwasse en volwaardige mens ryp”, “die belangrikste enkele kwaliteit van die stuk” (1984:458). Myns insiens bied Nienaber-Luitingh (1960:463) ’n raker siening deur daarop te wys dat Krige se neiging tot ooraksentuering van bepaalde uitstaande karaktertrekke daartoe lei dat

... Magdalena met haar moed, haar koelbloedigheid en haar rustige vertroue in haar eie oordeel, meer die indruk wek van ’n geïdealiseerde gestalte as van ’n werklike vrou.

Sy is volgens Coetzee (1987:169) “in so ’n mate simbool van Voortrekkerdeugde dat haar simboliese gestalte haar menslikheid oorheers”.³⁶²

Die twee lede van die Letterkundige Kommissie was van mening dat Krige deur “deeglike voorstudie en psigologiese insig ... daarin geslaag [het] om sy stof en sy persone te verlewendig”, en F.C.L. Bosman spreek in ’n resensie waardering uit vir die verskeidenheid karakters wat afwisseling van toon tot gevolg het (1941b:175). Van karakterontwikkeling is daar, weens die episodiese opset van hierdie kroniekspeel, egter nie veel sprake nie – ook nie by die deurgaans gelykmatige Magdalena nie.

Verskeie kritici is dit eens dat hierdie historiese drama op ’n hoër vlak staan as soortgelyke vroeëre dramapublikasies (Antonissen 1964:265; Coetzee 1987:169; Dekker s.j.:408). Volgens F.C.L. Bosman (1941b:174) is dit verreweg die belangrikste van al die Voortrekkerdramas wat in 1938 verskyn het

... met uitsondering alleen van *Die Dieper Reg* van Van Wyk Louw, wat egter eerder ’n gedig as ’n drama te noem is.³⁶³

362 Magdalena herinner in sekere opsigte aan *Mutter Courage*: in die sewende toneel van Brecht se *Mutter Courage*, byvoorbeeld, word die aandag weggeskuif vanaf Courage se “emotional or psychological ‘core’, on to the incidents which she responds to” (Watson 1983:163):

What is seen is a character interacting with a set of historical circumstances.

363 Coetzee (1987:172) merk op dat enkele passasies uit *Die dieper reg*, soos die bekende “O wye en droewe land”, tot “die skoonste verse in Afrikaans” behoort, en dat dit hierdie werk verhef “tot iets grootser en blywender” as Krige se *Magdalena Retief*, ’n historiese stuk wat ook vir die Voortrekkerdeugde geskryf is.

J.M.H. Viljoen, ook 'n benoemde lid van die Breë Kommissie, lug in *Die Huisgenoot* van 20 Februarie 1942 egter die mening dat *Magdalena Retief* “'n heel middelmatige toneelstuk” is wat “nie bekroning deur ons hoogste kulturele liggaam verdien nie” (1942a:5).³⁶⁴ Myns insiens was hierdie werk, gesien teen die agtergrond van die destydse stand van drama, meer as “middelmatig”, maar nie as enkelteks bekroningswaardig nie. Dit het egter sáám met *Die wit muur en ander eenbedrywe* in aanmerking gekom vir moontlike bekroning.

Volgens die Letterkundige Kommissie se verslag het die eenbedrywe hoër as *Magdalena Retief* gestaan (kyk bladsy 194-194).³⁶⁵

In hierdie drie eenakters beheers Krige sy stof beter as in *Magdalena Retief* waar die tempo van die handeling dikwels vertraag word deur die skrywer se strewe na historiese volledigheid.

Die 1940-eenbedrywe³⁶⁶ *Die wit muur*, *Die skaapwagters van Bethlehem* en *Die arrestasie*, was die eerstes van vele waaruit Krige se meesterskap in die beoefening van hierdie genre blyk.

Die wit muur, 'n Krige-eenbedryf waarna daar spesifiek verwys is toe die dramaturg die 1985-Hertzogprys vir Drama ontvang het, is 'n geleentheidstuk geskryf vir Heldeaanviering deur die Oranjeklub in Kaapstad tydens die Voortrekkereuefeesjaar in 1938 (Bosman 1941a:15 en 1944a:41). Hierdie dramatiese verwerking van die Japie Greyling-heldedaad tydens die Anglo-Boereoorlog, is al geprys vir die lewendigheid en spanning daarin, 'n sekere beweeglikheid in die dialoog en die gang van die gebeure, die effektiewe gebruik van kontraste, soos die teenstelling tussen Shaw se brute geweld en Japie se sedelike moed, asook tussen die twee verskillend gearde Engelse offisiere, Shaw en Trelawny. Maar die teenstelling tussen Shaw en Trelawny is ook beskryf as onnodig en onnatuurlik, die tog realisties bedoelde karakters as verteenwoordigers van te eenvoudig gekonsipieerde karaktertipes, en Shaw se ommeswaai teen die einde as te skielik en onverwags. (Antonissen 1960:104; Bosman 1941a:15; Kannemeyer 1970:40 en 1984:458; Nienaber-Luitingh 1960:463.) Inaggenome dat binne die bestek van 'n eenbedryf nie uitgebreide karakterontwikkeling kan plaasvind nie, is dit juis die kontrasterende karakters, al verteenwoordig hulle sekere tipes, wie se optrede lei tot die sterk dramatiese handeling.

364 Soos G. Dekker s'n, is ook Viljoen se stembrief nie in die Akademiëargief nie. Waarskynlik het hy nie gestem nie, alhoewel hy in hierdie *Huisgenoot*-artikel sy naam pertinent voeg by die ander lede van die Breë Kommissie se name (raadpleeg voetnota 345 op bladsy 196).

365 Of F.C.L. Bosman se opmerking by die verslag dat hy *Magdalena Retief* dramatiese-histories hoër stel as Scholtz, impliseer dat hy dit gelykwaardig geag het met die drie eenbedrywe, is onbekend.

366 Dekker (s.j.:408) dui die publikasiedatum van *Die wit muur en ander eenbedrywe* verkeerdelik aan as 1942.

Die dialoog is soms onnatuurlik, byvoorbeeld jong Japie se vergelyking dat die perd se “wit maanhaar skyn soos ’n nat bergklip in die son”, en die filosofiese gesprek tussen Shaw en Trelawny terwyl hulle vir Maria, Japie se suster, en later vir Japie self wag om te ondervra. Die strekking is volgens Antonissen nie subtiel met die handeling verweef nie (1953a:154-155), en daarom is die didakties-moraliserende element soms hinderlik. Die dialoog dien dikwels bloot “om die toehoorder in te lig” (Dekker s.j.:409).

Soos in die geval van *Magdalena Retief*, maak Krige gebruik van “skilderende toneelaanduidings” (Dekker s.j.:409) – dié keer om die simboliek van die wit muur te aksentueer. Coetzee beskou die simboliek as “geforseerd en onnodig” (1987:169), maar indien hierdie eenbedryf as leesteks beoordeel word, is dit effektief.

Menings oor *Die wit muur* is uiteenlopend: C.M. Booysen, lid van die Breë Kommissie, het dit beskou as “een van die beste eenbedrywe in Afrikaans” (kyk bladsy 195), terwyl Antonissen meen dit is die minste van die drie wat opgeneem is in die bundel (1960:104). In *Die Huisgenoot* van 20 Februarie 1942 het J.M.H. Viljoen slegs *Die wit muur* as bekroningswaardig beskou, maar bygevoeg dat die “hoogste letterkundige onderskeiding ... tog nie vir so ’n geringe werkie toegeken [kan] word nie” (1942a:5).

Volgens die verslag van die Letterkundige Kommissie is die werk oor die algemeen “sterk van samestelling, met ’n kragtige slot” – ’n slot wat, soos Dekker (s.j.:409) laat blyk, “’n diep indruk” nalaat.

Die skaapwagters van Bethlehem is ’n liriese, stemmingsvolle kersspel waarin die natuurlike opset en dialoog van skaapwagters in die veld op ’n wintersaand, verweef is met die bewuswording van ’n naderende misterie. Die deurlopende verwysings na teenstellende elemente soos son en maan, warmte en koue, somer en winter, lig en donker, geluk en ongeluk, vreugde en verlatenheid, wys vooruit na die koms van die Lig van die wêreld en sy invloed.

In die kommissieverslag is hierdie Kersstuk beskryf as “’n gevoelige stemmingsbeeld, mooi van taal en ryk van gees” (kyk bladsy 194), en F.C.L. Bosman (1944c:133) spreek in ’n resensie waardering uit vir

... die fyn gevoel, digterlike siening, egtheid en innigheid van toon wat in die stuk tot uiting kom en dit werklik “roerend” maak.

Weer eens was vooropgestelde, tradisionele verwagtinge van ’n drama bepalend vir sommige uitsprake oor hierdie eenbedryf: volgens F.C.L. Bosman (1941a:15) was *Die*

skaapwagters van Bethlehem die beste van die drie eenbedrywe, maar Jac. J. le Roux, lid van die Breë Kommissie, het die werk as “onbeduidend” beskou (sonder om sy stelling te motiveer), en medelid C.M. Booysen was van mening dat dit ’n “blote stemmingsbeeld” is wat nie voldoen aan die “vereistes van drama” nie. Kannemeyer stel dit duidelik in sy bespreking van dié eenbedryf dat ons hier “met ’n stemmingspel te doen het..., ’n soort drama wat in alle eeue ’n bestaansreg naas die sterk handelingsdrama gehad het” (1970:46-47):

Uys Krige se doel was nie om ’n sterk dramatiese situasie in hierdie eenbedryf te skep nie, maar om, naas die teenstellings tussen verskillende figure en ervarings waaroor hulle praat, die innerlike ontwikkeling by die skaapwagters voor te stel tot waar hulle aan die einde uitloop om hulle eenvoudige geskenke vir die Kind te neem.

Daarom is Coetzee (1987:170) se uitspraak geldig: hierdie kersspel “is nie intens dramaties nie, maar die gewyde stemming oortuigend geskep”.

Dekker spreek beswaar uit teen “die heeltemal buitedramatiese wyse” waarop die klimaks bereik word deur die digterlike toneelaanduidings (s.j.:409). Veral die aangetoonde ligeffekte sal nie altyd toneelmatig maklik uitvoerbaar wees nie, maar by die bestudering van hierdie eenbedryf as leesteks, dra die poëtiese neweteks by tot die geslaagdheid as stemmingspel.

Die uitvoerigste eenbedryf in die bundel, die blyspel *Die arrestasie*, is geskryf vir die 1939-Hugenotefeestviering aan die Universiteit van Kaapstad (Bosman 1941a:15 en 1944c:134). Dit speel, soos *Die wit muur*, af teen ’n historiese agtergrond – dié keer van die Vryburgers se opstand teen Willem Adriaan van der Stel, en is onder andere al getipeer as belowend, voortreflik en een van die beste blyspele in Afrikaans (Antonissen 1964:266; C.M. Booysen-stembrief – kyk bladsy 195; Bosman 1944c:134). In die verslag van die Letterkundige Kommissie (kyk bladsy 194) word *Die arrestasie* beskryf as

... ’n lewendige en kleurrike stuk wat veral tref deur die verskeidenheid van karakters en die suiwerheid van uitbeelding.

Die dialoog is natuurlik, wisselende stemmings word geskep en die karakters kontrasteer effektief. Die vrouetipes in die drama is geestig en gedifferensieerd getipeer (Antonissen 1964:266; Bosman 1944c:134; Coetzee 1987:170; Dekker s.j.:409) en hulle opeenvolgende verskynings is “raak gegradeer ... met die oog op ’n afwisselende verhewiging en versagting van die spanning” (Antonissen 1964:266-267). Tereg sou Odendaal later sekere inkonsekwentheid met betrekking tot karakterisering aantoon (1980:110), en spreek Nienaber-Luitingh kritiek uit teen die ooraksentuering van bepaalde karaktertrekke (1960:463):

'n Figuur soos mevrou Elberts word effens te karikaturaal voorgestel. Jean vertoon darem te veel selfbeheersing en spitsvondigheid vir 'n seun van sy ouderdom. En die ommeswaai van Hasewinkel aan die slot is volkome onvoorberei en maak 'n ongeloofwaardige indruk.

Ook mev. Cornelia van Zyl se optrede met haar aankoms is onnatuurlik.

Die siening van die ommeswaai in Hasewinkel as skielik (Dekker s.j.:409; Odendaal 1980:110), kan deels toegeskryf word aan ook hierdie eenbedryf se leestekskarakter. In die digterlike neweteks word Hasewinkel met sy binnekoms beskryf as iemand met 'n "dreigende, militêre voorkoms" (Krige 1974:69), maar daar word bygevoeg:

... net die groot oop blou oë het af en toe 'n glimpsie van iets onskuldigs en is glad nie kwaadaardig nie.

Die leser kry deur hierdie beskrywing insig in Hasewinkel se karakter en word sodoende in 'n mate voorberei op sy optrede teen die einde. As speelstuk het die toeskouers egter nie die agtergrond wat hierdie neweteks bied nie, en dit lei daartoe dat Hasewinkel se gawe optrede teenoor Jean as te skielik ervaar word. Kannemeyer argumenteer dat daar wesenlik geen ommekeer in Hasewinkel plaasvind nie, omdat daar in werklikheid geen innerlike stryd in hom was nie (1970:51).

Soos in *Magdalena Retief* maak Krige hom daaraan skuldig dat hy self 'n deel van die teks as nienoodsaaklik beskou. Die invoeging van die toneeltjie waar Isabella op die klavesimbel speel (Krige 1974:61-62), word met reg gekritiseer (Conradie 1987:17; Odendaal 1980:110). Krige het dit ingevoeg om 'n bepaalde atmosfeer te skep, maar gee die regisseur die reg om dit weg te laat.

Die regisseur word ook deur Krige gewys op die moontlikheid om 'n "mooi stemmingvolle kleurryke doek uit die agtiende eeu tussen die omraming van die vier toneelmure voor die oë van sy gehoor" op te hang (Krige 1974:43). Alhoewel dit in hierdie eenbedryf nie die funksie sal hê van 'n vervreemdingselement nie, herinner dit tog aan die Brechtiaanse teater waarin skerms met projeksies van byvoorbeeld kunswerke uit die Renaissance (in *Galileo*) al gebruik is om die aksie te ondersteun. In *Die arrestasie* word hierdie dekor-element egter nie verhoog tot die vlak van outonomie nie, maar slegs as bydraende atmosfeerskepper ingespan.

Benewens sommige beoordelaars se verwagtinge van 'n sterk handelingsdrama, blyk 'n verdere eis uit die kommentaar van Jac. J. le Roux, lid van die Breë Kommissie, as hy sê *Die arrestasie*

“wil ’n blyspel wees, maar die atmosfeer is die van ’n treurspel” (kyk bladsy 196): geen vermenging van genres was dus vir hierdie lid aanvaarbaar nie.

Die siening van die drie eenbedrywe, soos blyk uit die keurkommissieverslag, vind weerklank in ’n resensie deur F.C.L. Bosman (1941a:15):

Met hierdie drie stukke kan die Afrikaanse drama hom verheug in ’n egte aanwinst. ... Hiermee wil ek nie sê dat dit “groot” werk is nie. Daarvoor ontbreek dit sowel aan breedte as diepte.

’n Raak karakterisering van die eenbedrywe sou later gegee word deur Antonissen (1953a:154) wat dit beskou as

... drie waardevolle bydraes tot hierdie genre, deels nog eksperimentele, maar in onderdele ook reeds volgroeide dramakuns.

As in gedagte gehou word dat Fagan, ten spyte van die mindere eenbedrywe *Ruwe erts* en *Rooibruin blare*, maar veral op grond van *Ousus*, tog bekroon kon word vir *Die ouderling en ander toneelstukke*, is Nienaber reg as hy beweer dat die weerhouding van die 1941-Hertzogprys vir Drama aan Krige “waarskynlik ’n fout” was (1965a:73). As leestekste was die bo-gemiddelde, alhoewel nie uitstaande nie, feesjaarstuk *Magdalena Retief*, in kombinasie met die drie eenbedrywe, tog bekroningswaardig, alhoewel dit dan nie ’n enkelteks sou wees wat bekroon word nie, maar twee tekste. Indien geen vooropgestelde idees oor hoe ’n drama daar moet uitsien, bestaan het nie, kon die skaal in die stemming van die Breë Kommissie ten gunste van ’n toekenning aan Uys Krige geswaai het. Alhoewel nie alle betrokkenes by die beslissing letterkundespesialiste was nie, is die nietoekenningsbesluit op literêre gronde geneem, en is daar geen aanduiding in die verslag van die Letterkundige Kommissie en die stembriewe dat dit polities gemotiveer was nie.

Met die uitsondering van *Die skaapwagters van Bethlehem* is hierdie eerste werk van die kosmopolities geörienteerde swerwersfiguur Krige sterk nasionalisties. ’n Drama soos *Magdalena Retief* weerspieël “heelwat van die emosionele stukragte agter die uitbouing van die Afrikaner-nasionalisme” in die tyd van die Voortrekkerherdenkingsjaar (Malan 1988:58).

Teen die tyd dat die besluit geneem moes word oor die Hertzogprys, het Krige egter al van sienswyse verander, was hy betrokke by die Tweede Wêreldoorlog “terwyl die nasionalistiese Afrikaner militêre diens geweier het”, en was hy skepties oor nasionalisme “omdat hy die uiterstes daarvan in die oorlog aanskou het” (Coetzee 1990:22). Krige se menings- en gesindheidsverandering is egter ten onregte deur *Die Suiderstem* as verwytd gebruik waarom Krige na

bewering nie as 'n "praktiese Afrikaner" beskou sou word nie, en daarom onbekroond gebly het.³⁶⁷

4.3 SAMEVATTING: DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA 1929-1941

Vanaf 1928, toe die driejaarsiklus in werking getree het, kon die Hertzogprys vir Drama vyf keer toegeken word: in 1929, 1932, 1935, 1938 en 1941. Die prys is slegs een keer toegeken – in 1935 aan Fagan vir die publikasie *Die ouderling en ander toneelstukke*. Dramaturge wat wél die prys sou kon ontvang, maar wat oor die hoof gesien is, of later die Hertzogprys gekry het met dramas van hierdie periode inaggenome, is Leipoldt (*Die laaste aand*), Louw (*Die dieper reg*) en Uys Krige (*Magdalena Retief* en *Die wit muur en ander eenbedrywe*). Ook Schlegemann en Schumann het verdienstelike werk gelewer. Die Hertzogprystoekennings gedurende hierdie tydperk weerspieël nie die wins aan werklik goeie dramatekste nie.

Tot en met die 1941-bekroningsjaar het slegs Grosskopf en Fagan die Hertzogprys vir Drama ontvang. In sy waardebeplanning van Fagan se drama-oeuvre merk Kannemeyer op dat Fagan gewoonlik saam met Leipoldt en Grosskopf as die grondleggers van die Afrikaanse drama beskou word (1970:28). Kannemeyer wys daarop dat kritici oor die algemeen Fagan se werk heelwat laer aanslaan as dié van die ander twee. Hy meen dat dit, globaal gesproke, 'n korrekte waardebeplanning is, en merk op (1984:208):

In sy dramas vind 'n mens nie die sterk dramatiese gestaltes van Leipoldt of die groot rol wat die noodlot in Grosskopf se beter stukke speel nie.

Indien Fagan se dramas 'n Hertzogprys regverdig het, soveel te meer Leipoldt. **Die besluit om in 1938 en 1941 geen prys toe te ken aan onderskeidelik Louw en Krige nie, kan deels toegeskryf word aan sekere vooropgestelde verwagtinge wat van 'n drama gekoester is en waaraan die tekste nie voldoen het nie. Tog bly dit 'n versuim wat bygedra het tot die verkeerde beeld wat uit die Hertzogprystoekenningslys verkry word oor die stand van drama tot en met die 1941-toekenning.**

367 Ironies word in die 1943-meerderheidsverslag oor die Hertzogprys vir Poësie in verband met Uys Krige opgemerk dat hy "miskien die mees nasionale onder ons jong digters" is (FRA 1943: 16 Julie – bylae C).

4.4 SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENNINGSPROSEDURE 1928-1942

Gedurende die tydperk 1928 tot en met 1942 het die volgende veranderinge ingetree wat betrekking gehad het op die Hertzogprys:

- Prosedures en gebruike wat uitgefaseer is:
 - ▶ Persaankondigings: Die Hertzogprys is aanvanklik nog in die pers bekendgestel (byvoorbeeld die 1929-Dramatoekenning – kyk bladsy 127), maar later het dit nie meer gebeur nie. In 1936 is daar wel in twee Akademiepublikasies, die *Bulletin* en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, kennis gegee dat skrywers hulle werk kon instuur (kyk eindnota 20 op bladsy 787).
 - ▶ Die beoordeling van manuskripte: Waar vir die 1929-Dramatoekenning nog manuskripte in aanmerking kon kom (kyk voetnota 191 op bladsy 127), is vir geen Dramatoekenning daarná manuskripte beoordeel nie (kyk voetnota 221 op bladsy 138; bladsy 147; voetnota 287 op bladsy 174). Soos in 1924 (kyk eindnota 8 op bladsy 517) is in 1933 opnuut bepaal dat slegs werke in boekvorm in aanmerking kom (kyk eindnota 16 op bladsy 520). Tog is gedigte wat in die pers verskyn het en nie noodwendig gepubliseer is nie, tog nog soms in berekening gebring vir die Hertzogprys (kyk eindnota 11 op bladsy 518).
 - ▶ Die instuur van werke: Aanvanklik, soos vir die 1928-Poësieprys (kyk bladsy 124) en die 1929-Dramaprys (kyk bladsy 127), kon skrywers nog hulle werk instuur, al was dit nie verpligtend nie. Selfs in 1936 is nog kennis gegee dat skrywers hulle werk kon instuur (kyk eindnota 20 op bladsy 522). Tog is die fokus mettertyd verskuif na publikasies.
 - ▶ Gebruik van pseudonieme: Die keuse vir die gebruik van 'n pseudoniem is aan skrywers oorgelaat (kyk bladsy 128), alhoewel die geleidelike oorskakeling van manuskripte na gedrukte werke uiteraard die gebruik van 'n pseudoniem onnodig gemaak het, tensy 'n skrywer ook onder 'n skuilnaam wou publiseer. Vir beoordelingsdoeleindes was dit nie meer relevant nie.
- Prosedures en gebruike wat (her)ingestel of ten regte aan voldoen is:
 - ▶ Verskaffing van publikasies en die rol van uitgewers: Gedurende hierdie tydperk is uitgewers aanvanklik versoek om op koste van die Akademie tersaaklike publikasies aan die sameroeper of na elke beoordelaar te stuur (kyk bladsy 136 en voetnota 211 op dieselfde bladsy), maar later is hulle gevra om die eksemplare gratis te verskaf (kyk eindnota 20 op bladsy 522; voetnota 324 op bladsy 189). Die uitgewer het ook 'n seleksierol begin speel (kyk bladsy 172 en 189).
 - ▶ Afsnydatums: Aan die einde van hierdie tydperk is daar teruggekeer na suiwer kalenderjare soos voor 1924 (kyk bladsy 94 en eindnota 10 op bladsy 517). Dit het die

bepaling van watter werke in aanmerking kom binne 'n bepaalde siklus, aansienlik vergemaklik.

- ▶ Benoeming van kommissielede: Teenstrydig met die skenkingsaktebepalings, het die Jaarvergadering
 - in 1930, 1931,³⁶⁸ 1935, 1936 en 1937 nog steeds die Letterkundige Kommissie benoem (kyk voetnota 206 op bladsy 134, bladsy 146, voetnota 249 op bladsy 153, voetnota 283 op bladsy 171), en
 - in 1932, 1933 en 1938 die Akademieraad se keuse van Letterkundige Kommissielede gesanksioneer (kyk bladsy 134, 147, 171)

In 1928,³⁶⁹ 1929, 1934 en vanaf 1938 is die Letterkundige Kommissie nie deur die Jaarvergadering benoem nie, maar wel deur die Akademieraad.

- ▶ Finale beslissing oor die Hertzogprys: In stryd met die skenkingsaktebepaling dat die Raad as kurator finaal moes besluit oor die wenner(s) van die Hertzogprys, is die verslag vanaf 1930 tot en met 1932 deur die Jaarvergadering bekragtig (kyk bladsy 139 en voetnota 224 op bladsy 139), maar daarna het die Raad regmatig hierdie rol vervul (kyk voetnota 256 op bladsy 156).
- Besluite geneem wat direk op die Hertzogprys betrekking gehad het:
 - ▶ 8 Oktober 1932: Die Jaarvergadering besluit om in die toekoms van die Kommissies te verwag om, behalwe die volledige verslae, waar nodig afsonderlike verslae vir publikasiedoeleindes op te stel (kyk bladsy 140). Dit het nie gerealiseer nie.
 - ▶ 14 Oktober 1933: Die Jaarvergadering besluit dat die Letterkundige Kommissie vir die toekenning van die Hertzogprys hulle verslag minstens 'n maand voor die Akademie se jaarvergadering moes indien vir sirkulasie aan die Akademielede (kyk eindnota 17 op bladsy 521).
 - ▶ 21 Desember 1935/25 Januarie 1936 (met bykomende veranderinge in Desember 1937 en Desember 1939) (kyk bladsy 155, 169, 189): Instelling van 'n Breë Kommissie, aangewys deur die Akademieraad. Tot en met 1942 het die Breë Kommissie gewoonlik³⁷⁰ uit vyftien lede bestaan waarvan tussen 8 en 14 lede telkens gestem het.³⁷¹
 - ▶ 21 September 1938: Die Akademieraad besluit dat, wanneer lede vir die Breë Kommissie aanbeveel word, hulle eers gevra word of hulle bereid sou wees om die werk te doen (kyk bladsy 173). Dit het meestal nie in die praktyk gebeur nie (kyk byvoorbeeld bladsy 195).

368 Die Raad het net 'n plaasvervangende lid benoem (kyk voetnota 206 op bladsy 134).

369 Die Jaarvergadering het die derde lid aangewys (kyk voetnota 203 op bladsy 131).

370 Vir die 1942-Prosapry is sestien lede benoem (kyk voetnota 386 op bladsy 226).

371 Die aantal lede van die Breë Kommissie wat telkens gestem het, is soos volg: 1935: 13 (kyk bladsy 157), 1936: 10 (kyk voetnota 286 op bladsy 173), 1937: 9 (kyk bladsy 168), 1938: die rol van hierdie Kommissie is onbekend, 1939: 14 (kyk voetnota 311 op bladsy 185), 1940: 8 (kyk bladsy 188), 1941: 10 (kyk bladsy 196), 1942: 12 (kyk voetnota 386 op bladsy 226).

- ▶ 20 September 1939: Die Akademiesraad besluit om alle Akademiepryse of erepenninge voortaan tydens ’n openbare geleentheid te oorhandig (kyk eindnota 35 op bladsy 529).
- ▶ 27 Oktober 1939: Die Akademiesraad aanvaar die voorstel dat die aanstelling van die Letterkundige Kommissie twee of drie jaar vooruit moet geskied (kyk voetnota 327 op bladsy 190).
- ▶ 1 Desember 1939: Die Akademiesraad besluit (kyk bladsy 189):
 - dat Akademiesraadslede nie meer in die Breë Kommissie kon dien nie;
 - dat die Hertzogprystoekening voortaan ná die raadsvergadering waarop die besluit ten opsigte van bekroning geneem is, bekend gemaak word.
- ▶ 11 Desember 1941: Die Akademiesraad besluit (kyk bladsy 197):
 - om in die toekoms onmiddellik nadat daar tot ’n finale beslissing gekom is met betrekking tot die toekening van die Hertzogprys al dan nie, ’n offisiële verslag aan die pers te oorhandig;
 - dat slegs die agenda van die jaarvergadering, en nie die jaarverslag nie, vooraf aan die pers gestuur sou word.

4.5 DIE 1942/1943-HERTZOGPRYSROSEDUREVERANDERINGE

4.5.1 AANLOOP

In 1942/1943 is op verskeie ingrypende veranderinge besluit met betrekking tot die funksionering van die Akademie en die Hertzogprystoekenningsprosedure. Benewens die Letterkundige Kommissie se onbevredigende rol in die bepaling van Hertzogprysweners sedert die instelling van die Breë Kommissie, was daar ook ander sake wat gedurende die voorafgaande jare verskeie male geopper, ondersoek en/of gedebatteer is, en gekulmineer het in die 1942/1943-veranderinge, byvoorbeeld voorstelle dat die Hertzogprys ’n aanmoedigingsprys moet wees, en dat die Hertzogfonds benut moet word vir die bekroning van wetenskaplike publikasies. ²⁶

4.5.1.2 Hertzogprys as aanmoedigingsprys

Die aanmoedigingsgedagte het ’n rol gespeel in die 1928-Hertzogprystoekening, maar alreeds tydens die bespreking van die 1932-verslag in verband met dramatekste, is die onwenslikheid uitgespreek om die Hertzogprys uit te reik as daar nie werke “van ’n genoegsaam hoë gehalte” was wat in aanmerking kon kom nie, en daarop gewys dat die “aanmoedigingstadium” verby was (SAATLK 1932c:2) (kyk bladsy 139 asook voetnota 225 op dieselfde bladsy).

Tog het die aanmoedigingsgedagte weer ter sprake gekom tydens die 1940-jaarvergadering.³⁷² Met betrekking tot die Hertzogprys het D.B. Bosman, self 'n voormalige Akademiesekretaris (1927-1930), voorgestel

... dat jong skrywers die voorkeur moet kry, aangesien dit moontlik kan wees dat 'n meester sy verskyning maak en dan elke jaar met die prys heengaan (AJVN 1940:14 Desember).

Die vraag is deur E.C.N. van Hoepen gestel of die prys aan die werk of aan die persoon toegeken word:

Ander akademies gee dit aan die persoon, en omdat 'n persoon net eenmaal gehuldig word, word die prys net eenmaal aan dieselfde man toegeken.

L.W. Hiemstra het hom met hierdie gedagte vereenselwig en aan die hand gedoen dat die prys nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling (prosa, poësie, drama) toegeken word nie. (AJVN 1940: 14 Desember.) Ongeag die reëlings wat by ander Akademies gegeld het, bepaal die oorspronklike Hertzogprysskenkingsakte dat die beste bellettristiese **werk** bekroon moes word. Tog is die klem verskuif van die **werk** na die **outeur**, spesifiek met die aanmoediging van skrywers in gedagte, want die Jaarvergadering het die voorstel van Hiemstra aanvaar en aan die Raad opdrag gegee

... om die hele wyse van toekenning van die Hertzogprys, sowel as die bestemming van die fonds, in hersiening te neem, met volmag om in oorleg met die skenker enige wysigings aan te bring wat, in die lig van die hier uitgesproke wenke, veral met die oog op jonger skrywers, wenslik mag geag word (AJVN 1940: 14 Desember).

Die uitvoering van hierdie opdrag het gelei tot ontwerpvoorstelle wat gelê is voor die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns se jaarvergadering, gehou op 4 Desember 1942.

4.5.1.2 Hertzogprys vir wetenskaplike publikasies

Waar die Akademiesraad in die aanloop tot die instelling van die Hertzogprys aanbeveel het dat die rente van die Hertzogfonds bestee word aan die aanmoediging en verspreiding van “nasionale lektuur” – geskiedkundig sowel as bellettristies (ZAATLK 1913b:22) (kyk bladsy 16), **bepaal**

372 Die genotuleerde gedeelte wat nou volg is direk aangehaal in F.C.L. Bosman se 1954-memorandum (kyk bladsy 293-294).

die uiteindelijke ooreenkoms dat die geld geskenk word aan die skrywer of skryfster van die beste letterkundige werk van belletristiese aard in die Afrikaanse taal (Reitz 1914:3) (kyk bladsy 20). Geskiedeniswerke is dus uitgesluit.

In 1936 is op voorstel van Elizabeth Conradie in beginsel besluit om jaarliks 'n prys toe te ken vir die beste wetenskaplike publikasie op die gebied van taal, lettere en kuns of geskiedenis. Die nuwe Raad moes 'n skema en voorwaardes in verband daarmee opstel vir voorlegging aan die 1937-Jaarvergadering. Weens 'n gebrek aan fondse kon egter nie aan die besluit uitvoering gegee word nie.³⁷³ (SAATLK 1936d:29 en 1937:7; Malherbe & Conradie 1937a:101-102 en 1938a:104.)

Die behoefte aan die bekroning van wetenskaplike werk het egter aktueel gebly. Lombard, die Akademiesekretaris, het in 'n brief aan P.C. Schoonees, sameroeper vir die 1939-toekenning, opgemerk (LK 1/1: 8 Maart 1939):

Vanjaar is prosa aan die beurt. Dit sluit tog meer in as net romankuns, nie waar nie? Wat van al die geskiedenisboeke wat in die Eeufeesjaar verskyn het? Ek vra maar net.

Schoonees het geantwoord dat, volgens hom, die Akademie slegs belletristiese werk bekroon (LK 1/1: 19 Junie 1939):

Dit was die gebruik in die verlede. Voordat die Lett. Kom. sy aanbeveling doen, moet ek egter 'n definitiewe reëling van u kry. Moet ons Preller se werk en so 'n boek soos [J. du P.] Scholtz se "Afrikaner en sy Taal" uitsluit? Stel hierdie vraag asb. aan die Dagbestuur of aan die Raad en laat my sou gou as moontlik weet. Ek besit geen gegewens om 'n besluit te vorm nie, maar meen dat Preller se werk wel deeglik in aanmerking behoort te kom.

Lombard het die Hertzog-taalfonds se skenkingsbrief bestudeer en laat weet dat Preller, Scholtz en ander uitgesluit moes word. Die opdrag van die Kommissie moes beperk bly tot die romankuns. (LK 1/1: 21 Junie 1939.)

M.S.B. Kritzinger en P.C. Schoonees het in die 1939-meerderheidsverslag egter die volgende aanbeveling gemaak (LK 1/1: 29 Augustus 1939):

373 Met die 1942/1943-instelling van die Hertzogprys se afdeling B, naamlik Wetenskaplike Prosa (kyk bladsy 222), en die Akademieprys vir Geesteswetenskappe wat daaruit ontstaan het (kyk bladsy 234-241), kon aan hierdie besluit gestalte gegee word. In 1955 het die Uitvoerende Komitee van die Akademieseraad dit goedgekeur dat hierdie prys se naam verander word na die Stalsprys (ARUKN 1955: 6 Mei).

Volgens die skenkingsbrief kom alleen “Letterkundige werk van belletristiese aard” in aanmerking. As gevolg van hierdie bepaling het alle historiese werke buiten beskouing gebly, o.a. ook die verdienstelike biografie van Andries Pretorius deur Gustav Preller.

Dit moet geredelik toegegee word dat party historiese werke van hoë letterkundige gehalte is. Ons wil dus aanbeveel dat voorsiening gemaak moet word vir die beoordeling van historiese prosa met insluiting van letterkundige geskiedenis en kritiek, asook werke van algemene aard. Miskien behoort sulke werk elke vyf of sewe jaar aan die beurt te kom. Vir dié geleentheid kan dan ’n historicus op die Letterkundige Kommissie aangestel word.

Die Raad het besluit om die trustees van die Hertzog-taalfonds te versoek om die skenkingsakte te wysig sodat wetenskaplike geskrifte ook vir die Hertzogprys in aanmerking kon kom (ARN 1939: 27 Oktober). Die Akademiesekretaris en E.G. Jansen is as deputasie opdrag gegee om Hertzog te nader om die ongebruikte rente van die taalfonds beskikbaar te stel vir die bekroning van wetenskaplike werke (ARN 1939: 1 Desember).

Tydens die Desember 1939-jaarvergadering is die aanbeveling dat ook voorsiening gemaak word vir die beoordeling van historiese prosa, bespreek, maar geen formele besluit is geneem nie (AJVN 1939: 2 Desember).²⁷ Die saak is aan die Raad oorgelaat met die versoek om die Kommissie wat Hertzog moes nader, se opdrag duidelik te bepaal (ARMB 1940: 23 Februarie). L.W. Hiemstra (sameroeper), H. v.d.M. Scholtz, E.C.N. van Hoepen en D.F. Malherbe is aangewys om ’n plan uit te werk in verband met bekroning van wetenskaplike werk (ARN 1940: 23 Februarie). Tydens die raadsvergadering van 18 Junie rapporteer Hiemstra dat sy Kommissie van oordeel was dat Hertzog in beginsel moes toestem tot verandering van die skenkingsakte voordat die Kommissie ’n plan opstel. Daardeur sou onnodige werk voorkom word. Hiemstra het dr. Albert Hertzog versoek om sy vader in die verband met die saak te nader. (ARN 1940: 18 Junie.) As gevolg van moeilike politieke omstandighede (kyk bladsy 197) het Albert Hertzog dit aanvanklik nie raadsaam geag om die saak met sy vader te bespreek nie, maar het die hoop uitgespreek dat hy daaraan aandag sou kon gee “sodra die bestaande politieke bekommernisse effens gelig het” (ARMB 1940: 7 November).

Uit Akademiebronne kan nie vasgestel word of Hertzog tot hierdie verandering ingestem het voor sy dood in November 1942 nie. Die oorspronklike skenkingsakte bepaal dat die Akademiesaad, kuratore van die Hertzogfonds, ná Hertzog se afsterwe die reg het om aan die akte te verander met dien verstande dat sodanige besluite eenparig moet wees (kyk bladsy 21). Die 1942/1943-veranderinge het wel die moontlikheid geïnkorporeer dat geskiedkundige geskrifte ook met die Hertzogprys bekroon kon word. Die versoek dat natuurwetenskaplike publikasies ook met die Hertzogprys bekroon word, het egter nie geslaag nie.²⁸

4.5.2 1942/1943-BESLUIE

Na aanleiding van die aantal sake wat herbesinning vereis het, is ontwerpvoorstelle gelê voor die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns se jaarvergadering, gehou op 4 Desember 1942 in die Voortrekker-Gedenksaal, Pretoria (1941/1942-Fakulteitsjaarverslag – aanhangsel A). Tydens hierdie jaarvergadering is die ontwerpvoorstelle vir herformulering verwys na 'n Komitee bestaande uit L.W. Hiemstra, F.C.L. Bosman en G. Dekker. Die veranderinge wat hulle voorgestel het, is deur die Jaarvergadering goedgekeur. (FJV 1942: 4 Desember.) Vervolgens die aanvanklike voorstelle en, in vetdruk, die veranderinge wat aangeneem is tydens die Desember 1942-jaarvergadering van die Fakulteit:

Ten einde 'n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekeninge in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring, word die ondervolgende gewysigde prosedure van toekenning in verband met die Hertzogprys aan die hand gegee en sal met die oog daarop die HEd. skenker³⁷⁴ versoek word om goedgegunstig in te willig dat die skenkingsakte waar nodig gewysig word:

1. Wanneer die ingekome werke oor 'n bepaalde tydperk nie aan die vereistes vir die prys voldoen nie, kan die Raad die prys toeken aan 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie [in die algemeen/**in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing,**] genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.
2. Die [**onverdeelde**] prys word nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.³⁷⁵
3. Die [prys/**prysgeld**] word jaarliks om die helfte verdeel tussen belletrie en wetenskaplike prosageskrifte. Die twee groepe word oor tydperke van telkens vier jaar onderverdeel in die volgende [**agt**] afdelinge:
 - A. Belletrie:
 - (1) Poësie.
 - (2) Drama.
 - (3) Roman.
 - (4) Ander kunsprosa (novelle, kortverhaal, opstel, kritiek, causerie, ens.)

1942-herformulering

- (1) **Poësie.**
- (2) **Drama.**
- (3) **Verhalende Prosa (novelle, roman, kortverhaal).**

374 Hierdie voorlegging aan die Desember-Jaarvergadering is opgestel vir die periode 1 Oktober 1941 – 30 September 1942, toe Hertzog nog geleef het.

375 Hierdie bepaling het eers in 1961 verval (kyk bladsy 334, 510 en punt 9 van bylaag S op bladsy 649).

(4) **Ander kunsprosa (opstel, kritiek, causerie, reisbeskrywing, ens.).**³⁷⁶

B. Wetenskaplike prosa:

- (1) Taal- en letterkunde, kunsgeeskiedenis en musiek.
- (2) Geskiedenis en aardrykskunde.
- (3) [**Teologie,**] Wysbegeerte, sielkunde en opvoedkunde.
- (4) Sosiale en staatswetenskappe.

4. Nie-toegekende prysgelde word i.p.v. by die kapitaal gevoeg te word,³⁷⁷ gestort in 'n reserwefonds met die doel om die jaarlikse waarde van die Hertzogprys te stabiliseer.³⁷⁸
5. Waar in die skenkingsakte sprake is van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns sal dit beteken die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

1942-herformulering: Waar in die skenkingsakte sprake is van prystoekening deur die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, sal dit beteken dat die toekening geskied deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, op voordrag van die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.³⁷⁹

6. Art. (a) van die Huishoudelike Bepalinge i.v.m. die prosedure van toekening word in hierdie voege gewysig dat die Keurkommissie wel 'n rangorde van verdienste mag aanbeveel by die Raad, maar dit nie noodwendig hoef te doen nie.³⁸⁰ In geen geval word hierdie rangorde vooraf meegedeel aan die Breë Kommissie nie.
7. Art. (c) van die Huishoudelike Bepalinge word gewysig deur byvoeging van die onderstreepte woorde:

376 E.C. Pienaar wys in 'n brief aan Lombard met reg op die vaagheid van hierdie beskrywing en probleme wat kan ontstaan weens die indeling (HP 1943-1954: 5 April 1943):

... 'n [M]ens [wil] graag weet wat die Jaarvergadering in gedagte gehad het met die ens. onder (iv)? Eersdaags verskyn daar van my 'n uitvoerige werk onder [die] titel "Die Triomf van Afrikaans". Die vraag is of dit onder A (iv) dan wel onder B (i) sou moet val, wat my in albei gevalle sou diskwalifiseer as lid van die betrokke keurkommissie. As 'n mens eers met die rubrisering van geskifte begin, soos wat nou gebeur het, dan kom jy voor allerlei onvoorsiene konsekwensies te staan. Dit lyk my of die Akademie die taak van sy keurkommissies ontsaglik verswaar het.

377 **Soos deur die skenkingsakte bepaal** – kyk bepaling (b) op bladsy 20.

378 Die veranderinge waarop besluit is in 1942/1943 is telkemale daarna oorgetik en ter inligting verskaf aan belanghebbendes. Een so 'n weergawe wat Coetser (1989:200) verskaf as die gewysigde 1942-voorstelle, laat hierdie vierde bepaling uit. Dit is egter eers tydens die raadsvergadering van 16 Julie 1943 geskrap (kyk bladsy 224).

Raadpleeg Nienaber se boek *Die Hertzogprysfonds* (1968:96-98) in verband met die belegging en administrasie van die fonds vanaf 1929 tot 1942.

379 Hierdie formulering is uitgelaat in die Hertzogprystoekenningsprosedure wat in Mei 1946 beskikbaar gestel is (kyk eindnota 40 op bladsy 530), maar die essensie daarvan is in 1956 weer teruggebring in die prosedure (kyk bladsy 311 en bylaag R op bladsy 646).

380 Vergelyk die 1937-besluit dat die outeurs se name "met 'n motivering" vir die keuse, verskaf moes word (kyk bladsy 169), en die 1940-wysiging dat die verslag ingehandig moes word "sonder om 'n rangorde van verdienste aan te beveel" (kyk bladsy 189).

“Elke lid van die Breë Kommissie bring sy stem skriftelik uit vir die skrywer of skrywers wie se werk hy bekroning werd ag, [met of sonder motivering/by voorkeur met motivering].”²⁹

8. Waar die Akademie reeds erepenninge toeken op die gebied van die beeldende kunste en musiek, sal die aanmoediging van Afrikaanse werk op die gebied van die eksakte en natuurwetenskappe langs ’n ander weg as uit die Hertzogfonds moet gesoek word.³⁸¹

Met die verandering van die eerste bepaling is die moontlikheid geskep om ’n dramaturg vir sy drama-oeuvre te bekroon. Indien daar binne ’n vierjaartydperk nie ’n bekroningswaardige dramateks gepubliseer is nie, kon ’n verdienstelike skrywer wat tot in daardie stadium onbekroond was, byvoorbeeld Leipoldt, die toekenning vir sy produksie ontvang, al het van sy werk nie in die tersaaklike beoordelingsperiode verskyn nie.

Volgens die tweede bepaling sou ’n dramaturg net een maal die onverdeelde prys in die drama-afdeling kon verower. Al sou hy/sy dan in ’n volgende dramasiklus wéér die beste dramateks die lig laat sien, sou dit nie vir bekroning in aanmerking kom nie. Met hierdie ingrypende bepaling is afgewyk van die skenkingsakte wat die klem plaas op die **werk**, en nie die **outeur** nie, en is uitvoering gegee aan die gedagte dat toekenning van die Hertzogprys as aanmoediging vir skrywers moet dien. **Van die felste kritiek wat nog teen die Hertzogprys ingebring is, kan herlei word na hierdie ongelukkige besluit. Die aanwys van weners daarvolgens vanaf 1943 tot 1961, het gelei tot ’n skewe beeld wat Hertzogprystoekenningskep van die Afrikaanse letterkunde, en het die prys se status as betroubare barometer van die beste letterkundige werke wat gedurende daardie tydperk verskyn het, ondermyn.**

Aangesien die prysgeld volgens die derde bepaling jaarliks om die helfte verdeel sou word tussen die afdelings Bellettrie en Wetenskaplike Prosa, sou die bedrag wat die wenner vir die Hertzogprys vir Drama ontvang, verminder in vergelyking met dit wat vorige bekroondes gekry het. Met die versnippering van die Hertzogprys is dus ook die bedrag verklein.

Die byvoeging van “Ander kunsprosa” as vierde kategorie by die afdeling vir bellettrie, het tot gevolg gehad dat **dramatekste elke vier jaar bekroon kon word**, en dat vir elke dramabekroning vier jaar se produksie in berekening gebring moes word.

Daar het met reg by die Fakulteitsraad onsekerheid geheers of die besluite van die 1942-Jaarvergadering ten opsigte van die Hertzogprysverdeling, ooreenstem met die bepaling van die Herzogtaalfondsskenkingsbrief. Die Sekretaris het opdrag ontvang om regter H.A. Fagan en dr.

381 Hierdie bepaling kom nie voor in die latere weergawes van die 1942-besluite nie en word ook nie deur Coetser (1989:200) verskaf nie.

F.E.T. Krause te raadpleeg. Fagan het dit vanweë sy posisie³⁸² onwenslik geag om ’n mening uit te spreek. (FRN 1943: 16 Julie; FRA en FRN 1944: 17 Januarie³⁸³.) Krause se antwoord is as bylae B aangeheg by die raadsvergaderingagenda van 16 Julie 1943.³⁰ Hy het gemeen dat die verdeling van Afrikaanse taalprodukte in die afdelings Belletrie en Wetenskaplike Prosa nie in stryd was met die wens van die stigter om die Afrikaanse taal te bevorder nie, maar Krause laat na om die spesifieke bepaling te meld dat die prys of erebeloning moet gaan “aan de schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse taal” (kyk skenkingsakte op bladsy 20). Die bevordering van Wetenskaplike Prosa het wel ingepas by die skenkingsakte se oorkoepelende doelstelling om “de uitbreiding van de Afrikaanse Taal in Zuid-Afrika te bevorderen” (kyk bladsy 18), en die Akademie se 1942-uitgebreide doelstelling om, benewens die Afrikaanse taal en letterkunde, ook die wetenskap te handhaaf en bevorder (Wet 8 van 1942, artikel 2 – kyk bladsy 203, 224 en eindnota 23), maar was in stryd met die oorspronklike bedoeling van die skenkingsakte om **belletrie** aan te moedig. Hertzog self het in 1931 ’n versoek om meer “elastiese voorwaardes” aan sy skenking te gee sodat “’n groter veld” geopen kon word vir die “resultate” van die Hertzogfonds, afgekeur, alhoewel die sake waarvoor dit benut sou word, ook in belang van die Afrikaanse taal sou wees. Volgens Hertzog sou so ’n verandering die oorspronklike bedoeling van die skenking heeltemal verander. (Kyk bladsy 525.) Met betrekking tot die gewysigde Hertzogprystoekenningsprosedure soos aangeneem deur die 1942-Jaarvergadering, het die Fakulteitsraad op 16 Julie 1943 besluit om dit aan die Akademiesraad voor te lê vir goedkeuring. Die Fakulteitsraad wys egter daarop dat een bepaling in die gewysigde prosedure, naamlik dat nietoegekende prysgelde in ’n reserwefonds gestort word, volgens regsadvies wat ingewin is, ongeldig is. Die Skenkingsbrief bepaal dat by nietoekenning, die rente by die kapitaalfonds gevoeg moet word. (FRN 1943: 16 Julie.) Die Fakulteitsraad het gewys op die onreëlmatigheid, maar kon dit nie self skrap nie. **Die gewysigde Hertzogprystoekenningsprosedure is die volgende dag, 17 Julie 1943, deur die Akademiesraad goedgekeur**, maar die bepaling dat nietoegekende prysgelde in ’n reserwefonds gestort moes word, is afgekeur omdat dit in stryd was met die Hertzog-taalfondsskenkingsbrief (ARN 1943: 17 Julie).

382 Advokaat H.A. Fagan het in die aanloop tot die 1942-wetsontwerp wysiging die Akademiesraad deurgaans met raad en daad bygestaan en op 27 Februarie 1942 die wetsontwerp deur die tweede en derde lesing geloods (1941/1942-Akademiejaarverslag). (Kyk bladsy 199). Fagan het in 1943 tot die Kaapse regbank toegetree.

383 Fagan se brief is gedateer 15 Januarie 1944 (FRA 1944: 17 Januarie – handgeskrewe opmerking).

5.1 INLEIDEND

Die 1942/1943-prosedureveranderinge was alreeds geldig vir 1943, soos onder andere blyk uit die 1943-toekenning van 'n Hertzogprys in Afdeling B (Wetenskaplike Prosa) aan J. du P. Scholtz vir *Die Afrikaner en sy taal*. Alhoewel daar ook tussentydse veranderinge was (kyk bladsy 326), het die volgende ingrypende veranderinge eers weer aan die begin van 1962 in werking getree (kyk bladsy 329 en bylaag S op bladsy 648).

5.2 DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Gedurende die tydperk 1943 tot 1961 was daar vyf dramatoekenningsjare – volgens die nuwe vierjaarsiklus die jare 1944, 1948, 1952, 1956 en 1960.

5.2.1 DIE 1944-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die Akademiesraad self het, net soos vir die 1941-Hertzogprys vir Drama, die Letterkundige Kommissie vir die 1944-Dramaprys reeds op 29 Julie 1941 tydens 'n vergadering in Bloemfontein soos volg saamgestel: drr. F.C.L. Bosman (sameroeper), J.J. Dekker en prof. dr. H. v.d.M. Scholtz (ARN 1941: 29 Julie; LK 1/3: 18 Maart 1943 – brief van Lombard aan Dekker).³⁸⁴ Geen sekonduslid is benoem nie. Bosman en Scholtz, die tweeman-kommissie wat die 1941-dramatoekenningsjaar se tekste beoordeel het, is herkies – dié keer met Bosman as sameroeper in plaas van Scholtz. Dekker is as derde lid benoem. Al drie het hulle benoemings aanvaar en ná die beoordeling 'n honorarium³⁸⁵ ontvang (LK 1/2: 20 en 24 Augustus 1941 – korrespondensie tussen Lombard en Bosman; ARMB 1941: 26 September; ARN 1941: 26 September en 11 Desember; LK 1/3: 20 Mei 1944 – Lombard aan Bosman).

384 Bylaag E behels 'n grafiese voorstelling van die Letterkundige Kommissie se samestelling (1942-1955). Inligting oor die Letterkundige Kommissies vanaf 1956 tot 1969 is vervat in bylaag F.

385 In 1943 is £15 toegesê as honoraria aan elk van die twee Letterkundige Kommissies (FRA 1943: 16 Julie). Die Fakulteitsraad het dit ongewens geag om die gebruikelike vergoeding aan keurkommissielede verder uit die opbrengs van die Taalfonds te betaal, gesien in die lig van die voorgenome verdeling van die Hertzogprys tussen die afdelings Belletrie en Wetenskaplike Prosa, en weens die vermindering van die rente op die Hertzog-taalfonds. Die Akademiesraad is genader om die vergoeding uit sy lopende rekening te betaal, en het ingestem om elke lid van die Hertzogpryskeurkommissie in die vervolg te vergoed teen £3-0-0 per lid. Die vergoeding sou uit die Raad se algemene fonds betaal word, tensy die Raad daarin kon slaag om geld vir dié doel van die Hertzog-Brebner-Trust (Afrikaanse Persfondsraad) te verkry, soos deur die Fakulteitsraad aanbeveel. (FRN 1943: 16 Julie; ARN 1943: 17 Julie; FRN 1944: 17 Januarie; ARN 1944: 18 Januarie.)

Lombard, die Akademiesekretaris, het Bosman versoek om voor 8 April 1944 verslag te doen sodat dit aan die Fakulteitsraad voorgelê kon word en die toekenning voor die jaarvergadering in Julie kon geskied (LK 1/3: 17 Maart 1944; brief gemeld in FRA 1944: 8 April). Tydens die 8 April-Fakulteitraadsvergadering het Bosman die Letterkundige Kommissie se bevinding mondeling aan Lombard oorgedra (LK 1/3: 21 April 1944 – inleidingsparagraaf tot handgeskrewe Hertzogprysverslag). Daar is gerapporteer dat slegs twee skrywers in aanmerking kom, naamlik F.S. Steyn (*Die wildsboudjie* – 1941) en C.L. Leipoldt (*Die heks* en *Die laaste aand* – 1923 en 1930 onderskeidelik), en dat die Letterkundige Kommissie Leipoldt sou aanbeveel vir bekroning (FRN 1944: 8 April). Sodra Lombard die skriftelike aanbeveling van die Kommissie ontvang, sou die naam van Leipoldt aan die Breë Kommissie voorgelê word vir stemming,³¹ en daarna aan die Fakulteitsraad. **'n 1943-Fakulteitsraadbesluit was nog vir die 1944-Dramatoekenning geldig, naamlik dat die Breë Kommissie móés stem, al was die Letterkundige Kommissie eenstemmig in hulle aanbeveling** (FRN 1943: 16 Julie) (kyk eindnota 31 op bladsy 527).

Omdat die tyd min geraak het om die Breë Kommissie te raadpleeg, het Lombard, nog voordat Bosman se verslag ontvang is, die Breë Kommissie gevra om te stem oor Leipoldt se werke (LK 1/3: 17 April 1944 – brief van Lombard aan Bosman).

Die tien lede³⁸⁶ van die Breë Kommissie soos deur die Fakulteitsraad saamgestel, was proff. D.B. Bosman, T.J. Haarhoff, T.H. le Roux,³⁸⁷ E.C. Pienaar, drr. S.P.E. Boshoff, M.S.B. Kritzinger, F.E.J. Malherbe en T. Wassenaar, asook mnre. C.M. Booysen en Jochem van Bruggen (FRN 1944: 8 April; LK 1/3: 18 April 1944 – boaan brief van Lombard aan kommissielede).³⁸⁸ Die brief waarin die lede van hulle benoeming in kennis gestel is, bevat reeds die vorm waarop hulle

386 Die eerste Breë Kommissie wat, volgens die Februarie 1943-besluit, nie uit vyftien lede bestaan het nie, maar uit tien (plus 'n sekondus), was dié vir die 1943-Hertzogprys (FRN 1943: 26 Februarie) (kyk slotparagraaf van eindnota 29 op bladsy 527). Van sewe kommissielede is antwoorde ontvang in verband met die 1943-Hertzogprys vir Poësie (FRA 1944: 17 Januarie).

Vir die 1942-Prosatoekenning is sestien persone tydens 'n Akademiesaadsvergadering benoem (ARN 1942: 30 April), alhoewel daar in die mededelings en briefwisseling vir die vergadering aangedui word dat 'n Breë Kommissie van vyftien lede benoem moes word. Nienaber beweer daar was 15 lede (1965a:74). Die aantal lede wat gestem het was 12 (FRMB 1942: 22 Oktober). Die Letterkundige Keurkommissie was eenparig van oordeel dat *Laat Vrugte* (1939) van C.M. van den Heever vir bekroning in aanmerking kom. Van die Breë Kommissie was 5 ten gunste van die bekroning en 6 daarteen, terwyl een in die algemeen nie van Van den Heever se skryftrant gehou het nie. (FRMB 1942: 22 Oktober.) Hierdie 12 lede is vir hulle werk bedank in die 1941/1942-Akademiesaadsverslag.

387 In die 8 April 1944-Fakulteitsraadnotule word verkeerdelik aangedui dat J.J. le Roux op die Breë Kommissie gedien het. Boaan die Sekretaris se 18 April-brief aan kommissielede verskyn die naam van T.H. le Roux. Laasgenoemde se stembrief is ook beskikbaar.

388 In 1939 is besluit dat Akademiesaadslede nie vir die Breë Kommissie verkiesbaar is nie (ARN 1939: 1 Desember 1939) (kyk bladsy 189). Twee lede van hierdie Breë Kommissie was wel Fakulteitraadslede, naamlik S.P.E. Boshoff en D.B. Bosman (kyk voetnota 402 op bladsy 230).

Al die lede van hierdie 1944-Breë Kommissie, met die uitsondering van T.H. le Roux, was benoem as lede van die 1941-Dramapryse se Breë Kommissie (kyk bladsy 194 en bylaag J op bladsy 618-709). (Raadpleeg voetnota 285 op bladsy 173 in verband met Wassenaar.)

'n stem moes uitbring (LK 1/3: 18 April 1944). Hulle is oënskynlik nie vooraf gevra of hulle bereid was om in die Kommissie te dien nie, ondanks Hiemstra se 1938-aanbeveling dat toestemming verkry word vóór benoeming sodat passiewe lidmaatskap uitgeskakel kon word (kyk bladsy 173, asook eindnota 22 op bladsy 523).

Die Breë Kommissie is in 'n adviserende hoedanigheid aangestel om aanbevelings te maak.³² Die kennisgewingsbrief aan hulle het gelui (LK 1/3: 18 April 1944):

'n Klein Keurkommissie het by die Raad aanbeveel dat die Hertzogprys vir drama vanjaar toegeken word aan dr. C. Louis Leipoldt vir sy werke Die Heks en Die Laaste Aand. Is u ten gunste van bekroning van hierdie werke?

Gebruik asseblief bygaande vorm vir u antwoord en stuur dit asseblief terug nie later as 30 April nie.

Hierdie skrywe moet intussen as streng vertroulik beskou word.

Plek is ook op die stembrief gelaat vir nieverpligte motiverings of opmerkings, waarvan vier persone gebruik gemaak het (LK 1/3):³⁸⁹

- M.S.B. Kritzinger (“Ek is bly dat hierdie m.i. beste dramas in ons letterkunde bekroon word, maar beteken dit nou dat elke jaar by die betrokke genre al die boeke wat vroeër nie bekroon is nie in aanmerking kom?”)
- T.H. le Roux (“Die vraag bo is so gestel dat nie blyk watter dramas in aanmerking geneem is nie. Verskillende Afrikaanse dramas verdien m.i. om in aanmerking te kom vir die Hertzog-prys, maar hietoe [sic] sou ek bogenoemde twee van Leipoldt reken.”)
- F.E.J. Malherbe (“Omdat hul miskien die allerbeste drama in Afrikaans verteenwoordig.”)
- Jochem van Bruggen (“My enigste opmerking is dat bostaande werke nie in die tydperk nuut verskyn het nie, waaroor die beoordeling strek. Hulle verdien die bekroning. Indien die beoordelings kommissie [sic] en die Raad besluit om van die prosedure af te wyk, het ek geen beswaar nie.”)

Nege uit die tien lede het gestem³⁹⁰ en was eenparig van mening dat die prys aan Leipoldt toegeken moes word soos deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel (LK 1/3: 16 Mei 1944 – brief aan lede van die Akademie- en Fakulteitsraad; FRA 1944: 27 Julie). Nadat Lombard die stembriewe ontvang het, laat weet hy vir F.C.L. Bosman dat hy die Letterkundige Kommissie se

389 **Let daarop dat sekere kommissielede nie op hoogte was van die prosedureveranderinge waarop in 1942/1943 besluit is nie.**

390 Die nege stembriewe is in die Akademieargief (LK 1/3). Slegs Theo Wassenaar het nie gestem nie. In 1938 het hy al skriftelik aangedui dat hy nie in die Breë Kommissie wou dien nie omdat dit volgens hom onwenslik was om skrywers aan te stel om ander skrywers se werk te beoordeel (KOR 21/3: 19 April 1938 – brief aan Akademiesekretaris). (Kyk bladsy 173 en 216, asook voetnota 334 op laasgenoemde bladsy.)

verslag in wag voordat hy die Fakulteitsraad kon raadpleeg (LK 1/3: 3 Mei 1944). Die verslag en Lombard se brief moes per pos gekruis het, want Bosman se verslag is gedateer 21 April. Daarin merk hy op dat dit die skriftelike bevestiging is van wat hy reeds mondeling meegedeel het tydens die raadsvergadering. Die verslag lui só (LK 1/3):

- (1) Die keurkommissie vir die Hertzogprys, Drama, 1944 het die volgende stukke vir die tydperk Jan. 1941 – Des. 1943 in oënskou geneem:

Boonzaier, F.W. – Wanneer die Blare Val. 1941. [HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.]³⁹¹
 De Klerk, W.A. – Uit die Goeie Aarde. 1942. [Nasionale Pers]
 De Wet, P.J.T. – In Belang van die Wetenskap, Pil 413. 1943. [Vreugde deur Vlyt]³⁹²
 Du Plessis, Lussane – Naamgenote: toneel oor lug- en duikbootgevegte. 1942. [uitgewer onbekend]
 Gie, Adèle – Kersfees om die Kampvuur. 1941. [Unie-Volkspers]
 Grosskopf, J.F.W. – Legende. 1942. [J.L. van Schaik]
 Grunius – Willem Adriaan v.d. Stel. 1941. [J.L. van Schaik]
 Hanekom, A.J. – Berou. 1943. [Nasionale Pers]
 Karin³⁹³ – ’n Kersspel. Uit die Duits verwerk. 1943. [Nasionale Pers]
 Passiespel. 1943. [Nasionale Pers]
 Malherbe, D.F. – Die Meul Dreun e.a. Toneelwerk.³⁹⁴ 1943. [Nasionale Pers]
 Meij-Louw, Treinie [Trienie] – Haar Grootste Offer en ander Toneelstukkies. 1942(?).³⁹⁵ [Christelike Uitgewersmaatskappy – CUM]
 Nel³⁹⁶ + Bosman – Goue Appels. Vir Sondagskool ens. 1942(?).³⁹⁷ [Die Sondagskool-depot]
 Pienaar, H.M.³⁹⁸ – Die Applikante e.a. Samesprakies. 1941.³⁹⁹ [HAUM/J.H. de Bussy]
 Pienaar, T.C. – Terwyl daar gedans word. 1941. [Nasionale Pers]

-
- 391 *Wanneer die blare val* is saam met *Die kwaal* opgeneem in F.W. Boonzaier se 1941-publikasie *Die kwaal: twee samesprake*. Sover vasgestel kon word, is *Wanneer die blare val* nie afsonderlik gepubliseer nie. Dit is onbekend of *Die kwaal* in aanmerking geneem is.
- 392 Hierdie klugspel in vyf bedrywe is deur F.C.L. Bosman beskryf as “’n egte sotte klug in die ou geykte trant” wat “bokkespronge” in sy handeling begaan “wat soms nie eers vernuftig is nie, laat staan aanvaarbaar” (Bosman 1944b:78).
- 393 Pseudoniem van C.M. Marais
- 394 Dit bevat die volgende ses werke deur D.F. Malherbe: *Die meul dreun*, *Demetrios*, *Dala*, *Die aandblom van Witsenberg*, *Drakenstein* en ’n vertaling van Schiller se *Wilhelm Tell*. *Die meul dreun* is ’n verwerking van die roman *Die meulenaar* en sou dus nie in aanmerking kon kom nie (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513).
- 395 Die vraagteken is in die verslag self. Geen bevestiging kon vir hierdie datum gevind word nie.
- 396 Die handskrif is onduidelik in die verslag. Dit lyk asof dit “Nel” is, maar kan ook moontlik “Mal” wees. D.F. Malherbe het in 1953 twee dramas saam laat verskyn, naamlik *Goue appels* en *Hulle het ’n boom afgekap*. P.K. Albertyn het ’n bundel met die titel *Goue appels* saamgestel wat bestaan uit 346 bladsye met ’n groot verskeidenheid toneelstukke vir kinders en jongmense. Dit is onseker na watter werk verwys word in die Hertzogprysverslag.
- 397 Die vraagteken is in die verslag self. Geen bevestiging kon vir hierdie datum gevind word nie.
- 398 In die uitgawe deur H.A.U.M./J.H. de Bussy (s.j.) word die voorletters aangedui as M.H.
- 399 In die F.C.L. Bosman-versameling by NALN is die datum 1940 in potlood by hierdie teks gevoeg.

Siebrits, J. – Die Brandewynpoeding ens. [1942 – Unie-Volkspers]
Steyn, F.S. – Die Wildsboudjie.⁴⁰⁰ 1941. [Voortrekkerpers]
Van der Merwe, J.N.– Drie Toneelstukkies oor die Rypere Jeug.⁴⁰¹ 1941.
[Nasionale Pers]
(Reeds by 'n vorige beoordeling was ingesluit:
Grosskopf, J.F.W. – Die Klipdolk ens. 1941. [Kyk bladsy 205 asook die 1941-
verslag op bladsy 192-194.]
Meiring, A.J.C. – Op die Pad van S.A. ens. (Vier Toneelstukkies). 1941. [Van
Schaik] [Kyk bladsy 192 asook die 1941-verslag op bladsy 192-194.]

- (2) Van bogenoemde stukke val o.i. net drie werke binne die kring van die Hertzogprys nl. Grosskopf, Legende; Malherbe, Die Meul Dreun ens.; Steyn, Die Wildsboudjie. Aangesien Grosskopf reeds bekroon is met die Hertzogprys vir drama val ook hy weg³³ (afgesien nog van die gehalte van die stuk) en daar bly alleen Malherbe en Steyn oor.

By Malherbe voel die kommissie dat hoewel sy werk taamlieke draagkrag besit en sielkundig betreklik sterk gefundeer is, veral Die Meul Dreun self, laasgenoemde nog te epies is i.p.v. dramaties, terwyl Malherbe se werk in die algemeen 'n opvallende gebrek toon aan dinamiese ontwikkelingskrag d.w.s. die vermoë om sy handeling in stygende lyn tot 'n intense hoogtepunt op te voer en daarna 'n sterk, oortuigende slot vir die gestelde probleem te vind.

By Steyn voel die kommissie dat Die Wildsboudjie ongetwyfeld een van die beste blyspele in Afrikaans is en besondere verdienstes besit wat betref bou, dialoog, geestigheid en eg-Afrikaanse gegewen[s]. Maar die karakteruitbeelding in sy geheel mis voldoende diepgang, waardeur ook die ontwikkelingsgang van die handeling soms minder oortuigend aandoen. Waarskynlik ontbreek dit die tema aan genoegsame draagkrag om die handeling op 'n natuurlike sielkundige grondslag dwarsdeur die stuk te voer. Kortom, by al sy verdienste is die stuk, uit die oogpunt veral van karaktertekening, nog onoortuigend en aan die “ligte” kant.

Die kommissie reken dus dat nòg Malherbe nòg Steyn vir hul werk uit die betrokke tydperk in aanmerking behoort te kom vir die Hertzogprys.

- (3) Waar die nuwe reëls van toekenning van die Hertzogprys 'n keurkommissie die vryheid verleen om in die verlede terug te kyk vir 'n aanbeveling, wil hulle in hierdie omstandighede eenparig aanbeveel dat die prys toegeken word aan dr. C.L. Leipoldt vir sy dramas Die Heks (1923) en Die Laaste Aand (1930). Die besondere verdienstes van hierdie twee treurspele word so algemeen erken dat die kommissie dit onnodig ag om hierdie aanbeveling verder te motiveer.³⁴

Die verslag is onderteken deur F.C.L. Bosman, H. v.d.M. Scholtz en J.J. Dekker.

Weens die verkeerde vertolking van die beoordelingsprosedure het Leipoldt nié die 1923/1924-Hertzogprys ontvang vir *Die heks* nie (kyk bladsy 91). Met *Die laaste aand* kon hy ook die 1932-Hertzogprys ontvang het. Die enigste drama wat by name en met lof vermeld is in die 1932-Hertzogprysmeerderheidsverslag, is *Die laaste aand*, maar dit was, alhoewel “sterk dramaties”,

400 Ook opgeneem in *Die lewe is 'n speeltoneel* (1952) deur Fritz Steyn e.a.

401 Dit sluit in *En sy naam is Jannie, As die bus vertrek* en *Op my eer*.

volgens die beoordelaars “nog te sketsmatig om daar die hoë onderskeiding van die Hertzog-prys aan toe te ken”, en hulle het aanbeveel dat geen Hertzogprys daardie jaar toegeken word nie (kyk bladsy 138). In die minderheidsverslag is aanbeveel dat Leipoldt die prys met J.C.B. van Niekerk en H.A. Fagan deel (kyk bladsy 137). Danksy die 1942/1943-prosedureverandering kon die versuim om Leipoldt in 1923/1924 en 1932 te bekroon, reggestel word met hierdie 1944-Hertzogprysbekroning.

Lombard het lede van die Akademie- en Fakulteitsraad per pos van die Letterkundige en Breë Kommissie se menings in kennis gestel en elkeen versoek om skriftelik te laat weet of hy akkoord gaan met die aanbeveling (LK 1/3: 16 Mei 1944). Vier van die ses Fakulteitraadslede se stembriewe is in die Akademieargief beskikbaar – almal ter ondersteuning van ’n toekenning aan Leipoldt.⁴⁰² Die Akademiesraad het bestaan uit drie lede elk van die twee Fakulteitsrade. Die ses lede was drr. S.H. Pellissier (Voorsitter), J.K. Marais (Ondervoorsitter), F.C.L. Bosman, H.O. Mönnig, T.E.W. Schumann en mnr. I.M. Lombard (Sekretaris) (ARN 1944: 8 April en 27 Julie). Die sienswyse van Pellissier, Bosman en Lombard as raadslede van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns, was reeds bekend. Net die drie raadslede van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek⁴⁰³ se menings moes ingewin word. Al drie was ten gunste van die toekenning (LK 1/3: 16 Mei 1944 – stembriewe). Alhoewel in die Fakulteitsraadnotule van 27 Julie 1944 staan dat die toekenning van die Hertzogprys aan Leipoldt deur die Fakulteitsraad “bekragtig” is, het hierdie Raad slegs by hernuwing kennis geneem van die reeds afgehandelde prosedure. In die verslag van Akademieswerkzaamhede oor die tydperk 1 Oktober 1942 tot 31 Maart 1944 is daarop gewys dat die toekenning van die Hertzogprys al dan nie, uitsluitlik by die Akademiesraad berus.

Lombard het Leipoldt skriftelik gelukkigwens met die prys en verneem of hy dit tydens die Akademie se jaarvergadering van 29 Julie 1944 in ontvangs sou kon neem (LK 1/3: 15 Junie 1944).³⁵ Leipoldt se sekretaresse het laat weet dat hy die Akademie hartlik bedank vir die toekenning, maar dat hy ongelukkig Julie-Augustus uitstedeig sou wees en nie persoonlik enige vergadering op Stellenbosch sou kon bywoon nie (LK 1/3: 27 Junie 1944).³⁶

In opdrag van die Akademiesraad moes die Kaaplandse werkgemeenskap die 1944-Hertzogprys-oorhandiging waarneem. F.C.L. Bosman, Sekretaris van hierdie werkgemeenskap, sou probeer

402 Die Fakulteitraadslede was drr. S.H. Pellissier (Voorsitter), S.P.E. Boshoff, F.C.L. Bosman, prof. D.B. Bosman, asook mnre. L.W. Hiemstra en I.M. Lombard (Sekretaris) (FRN 1944: 8 April en 27 Julie). Van hierdie ses lede was F.C.L. Bosman op die Letterkundige Kommissie en Boshoff en D.B. Bosman op die Breë Kommissie (kyk voetnota 388 op bladsy 226).

Stembriewe waarin saamgestem word met die besluit, en wat in die argief bewaar word, is dié van Boshoff, F.C.L. Bosman, Hiemstra en Pellissier (LK 1/3: 16 Mei 1944). Aangesien Lombard, ook ’n Fakulteitsraadlid, die stembrief opgestel het en waarskynlik nie ook een ingevul het nie, is dit van die Fakulteitraadslede net die stembrief van D.B. Bosman wat ontbreek.

403 J.K. Marais, H.O. Mönnig en T.E.W. Schumann

om so spoedig moontlik 'n funksie tot Leipoldt se eer te reël (LK 1/3: 6 Maart 1945), en Lombard het die tjek vir oorhandiging aan Bosman gestuur (LK 1/3: 14 Maart 1945⁴⁰⁴).³⁷ Die Hertzogprys is in Junie 1945 aan Leipoldt oorhandig tydens 'n informele funksie (op versoek van die bekroonde) aan huis van D.B. Bosman, Rondebosch (1944/1945- en 1945/1946-jaarverslae van die Akademie en Fakulteit; Viljoen 1945:3). Met betrekking tot die oorhandiging merk Viljoen in *Die Huisgenoot* (Junie 1945:3) op:

Die Kaaplandse werkgemeenskap van die Akademie was van plan om 'n openbare funksie te reël, met 'n musiekprogram en die gebruikelike toesprake, maar dr. Leipoldt het 'n minder formele huldiging verkies. Prof. [D.B.] Bosman het die kunstenaar in 'n paar woorde gelukgewens met wat hy genoem het die vereffening van 'n ou skuld deur die Akademie en die hoop uitgespreek dat die bekroning vir hom tot inspirasie sou dien om opnuut op dieselfde gebied te presteer. Dr. Leipoldt het sy waardering betuig vir die onderskeiding, maar teweens **die gedagte uitgespreek dat die Akademie in die toekoms minder werke behoort te bekroon, maar die eise veel hoër moet stel.** (Ek benadruk.)

Leipoldt het waarskynlik £25 as prys ontvang.³⁸

Die teikengehoor (kinders/jongmense), aard en omvang⁴⁰⁵ van die volgende werke wat in die verslag genoem is (kyk bladsy 228-229), het dit uitgesluit van 'n moontlike bekroning (kyk voetnota 48 op bladsy 49):

Du Plessis, Lussane

Naamgenote: toneel oor lug- en duikbootgevegte.

Gie, Adèle

Kersfees om die kampvuur. Dis 'n toneelstuk vir kinders wat bestaan uit liedere en legendes wat versamel, verwerk en vierstemmig geharmoniseer is deur Adèle Gie. Die musiek vir hierdie kersspel met kersliedere vir stem en klavier, is persklaar gemaak in samewerking met B.S. Farrell. Die teks, verhoogaanwysings en sketse vir kostuums is ingesluit.

Nel en Bosman⁴⁰⁶

Goue Appels. Vir Sondagskool ens.

Meij-Louw, Trienie

Haar grootste offer en ander toneelstukkies.

Pienaar, H.M.

Die applikante e.a. samesprakies.

Van der Merwe, J.N.

Drie toneelstukkies oor die rypere jeug.

404 Lombard het per ongeluk die jaartal 1944 boaan die brief aangebring.

405 Vir die 1941-Dramaprys is sekere werke uitgesluit omdat dit "te klein van opset" was (kyk die verslag op bladsy 193).

406 Kyk in verband met *Goue appels* ook voetnota 396 op bladsy 228.

Twee werke wat reeds by die 1941-beoordeling ingesluit is, maar eers in 1941 verskyn het en dus eers vir die 1944-Dramaprys in aanmerking moes kom, is *Die Klipdolk ens.* deur J.F.W. Grosskopf en *Op die pad van S.A. ens.* deur A.J.C. Meiring. Weens die bepaling dat 'n skrywer nie 'n tweede keer bekroon kon word nie, is Grosskopf, veral met *Oorlog is oorlog* wat in *Die Klipdolk* opgeneem is, uitgesluit.⁴⁰⁷ *Op die pad van S.A. ens.* is vier toneelstukkies vir kinders wat nie werklik van Hertzogprysomvang is nie. Drie van die ses werke in *Die meul dreun e.a. toneelwerk* (1943) deur D.F. Malherbe, sou ook nie vir die Hertzogprys in aanmerking kom nie (kyk eindnota 3 op bladsy 513), naamlik:


- *Die meul dreun* (dit is 'n toneelverwerking van Malherbe se roman *Die meulenaar* – 'n roman wat self met die verdeelde 1925/1926-Prosaprys bekroon is – kyk bladsy 106);
- *Drakenstein* (dit is 'n omvorming van *Die blom van Orleans* [1922]);
- *Wilhelm Tell* (eerste bedryf – vertaling van Schiller).

Ook 'n *Kersspel* (1943) deur Karin kon nie in berekening gebring word nie, want dit is 'n verwerking uit Duits. Nog 'n drama wat in 1942 verskyn het, maar nié in die lys opgeneem is nie, is *Wie 'n ander jaag* deur Kootjie van den Heever (Unie-Boekhandel). Dit is egter nie van Hertzogprysgehalte nie, soos ook blyk uit P.C. Schoonees se resensie daarvan in *Ons eie boek* (1942:69).

Geen nuwe drama van Uys Krige is gedurende die tydperk Januarie 1941 tot Desember 1943 gepubliseer nie. Op grond van die nuwe 1942-maatreël, sou, net soos met Leipoldt, oorweging daaraan geskenk kon word om die Hertzogprys aan Krige toe te ken op grond van sy drama-oëuvre tot in daardie stadium. Dit sou egter 'n bekroning behels vir dieselfde werke wat vir die 1941-toekenning met ses stemme teen vier nié bekroon is nie (kyk bladsy 195-196). Leipoldt se werk het in hierdie geval tereg swaarder geweeg as dié van Krige.

Met die verdienstelike dramas wat hulle tot en met 1930 geskryf het, word Leipoldt, saam met Grosskopf, tereg beskou as grondleggers van die Afrikaanse drama (kyk bladsy 118).

407 Pretorius (1987:22) beweer verkeerdelik dat “Oorlog is oorlog” 'n Hertzogprysbekroonde kortspel is. Dit is wel opgeneem in *Vyfling*, 'n bundel eenbedrywe van Hertzogprysweners, uitgesoek en van 'n inleiding voorsien deur T.T. Cloete, maar in sy inleiding merk Cloete op dat die keuse gemaak is uit die werk van skrywers wat met die Hertzogprys bekroon is, en nie noodwendig uit bekroonde eenbedrywe nie (1966:1).



C. Louis Leipoldt, wenner van die 1944-Hertzogprys vir Drama

Foto deur Jack Duffus

5.2.2 DIE 1948-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.2.1 Vooraf

Voor die toekenning van die 1948-Hertzogprys vir Drama, is herbesin oor die verdeling van die Hertzogprys tussen Belletrie en Wetenskaplike Prosa. Elk van hierdie twee afdelings het uit vier onderafdelings bestaan (kyk bladsy 221). **Daar is toenemend gevoel dat die waarde van die Hertzogprystoekenning as hoogste letterkundige eerbetoon verminder is deurdat dit in ágt verskillende kategorieë toegeken kon word. Velerlei Keurkommissies is benodig en hulle besluitneming is bemoeilik deurdat die verskillende onderafdelings soms moeilik omskryf kon word of oorvleuel het.**

Die 1945-Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa (Wysbegeerte, Sielkunde, Opvoedkunde en Teologie) se Keurkommissie het heelwat probleme ondervind en die aankondiging van die finale aanbeveling het tot in 1946 gesloer. Weens nieaanvaarding van benoemings, asook bedankings, hersamestellings, siekte en ander omstandighede, is die Kommissie se funksionering soms tydelik gestaak of aan bande gelê. In die kommissieverslag wat voorgelê is tydens die Fakulteitraadsvergadering van 25 April 1946, wys proff. T.J. Hugo en G.M. Pellissier daarop dat die Kommissie hom bevoeg geag het om Wysbegeerte en Teologie te beoordeel (geen werk het tussen 1941 en 1945 verskyn wat in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie), maar dat hulle deskundige advies wou inwin wat Sielkunde en Opvoedkunde betref voordat hulle finaal besluit. Prof. L.J. du Plessis, een van die kommissielede, is gevra om prof. Chris Coetzee te raadpleeg en dan sy bevindinge aan die Kommissie mee te deel. Du Plessis het in reaksie bedank. Aangesien die tyd verstreke was, het die oorblywende twee kommissielede die Akademiesraad in kennis gestel dat hulle geen finaliteit bereik het nie en weens druk werksaamhede nie langer met die taak belas wou wees nie. Gevolglik is geen Hertzogprystoekenning vir Wetenskaplike Prosa (1945) gemaak nie.⁴⁰⁸

Hugo en Pellissier het ook 'n aanhangsel by die verslag, gedateer Maart 1946, ingesluit. Daarin versoek hulle die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns om dringend 'n beskrywingspunt op die agenda van die volgende vergadering te plaas waarin oorweging geskenk kon word aan

- die benaming “Wetenskaplike Prosa”;
- die prosedure wat gevolg moes word in die beoordeling van werke wat ressorteer onder Wetenskaplike Prosa;
- die gedagte dat daar dalk 'n totaal ander weg ingeslaan moes word met betrekking tot hierdie afdeling van die Hertzogprys.

408 Raadpleeg in verband met hierdie saak onder andere FRN 1945:26 Februarie; FRA 1945:25 Mei; FRA en FRN 1945:2 Julie; 1944/1945- en 1945/1946-jaarverslae van die Akademie en Fakulteit; FRN 1946:19 Februarie; AJVA 1946:29 Junie.

Wat betref die benaming “Wetenskaplike Prosa” wys hulle daarop dat dit “oorvloedig aanleiding kan gee vir misverstand”, en dat dit “geen skerpe begripsbepaling” is nie, aangesien alle geskifte oor natuurverskynsels (wat buite kommissielede se gebied val) ook as Wetenskaplike Prosa beskou moes word.

Hulle kritiek op die prosedure behels eerstens die onsekerheid oor watter werke in aanmerking kom. Die vraag het ontstaan of byvoorbeeld verhandelinge vir meestersgrade, wanneer gepubliseer, en proefskrifte vir die doktorsgraad in aanmerking moes kom, en of kommissielede dan nie te doen het met studentearbeid waarby heelwat leiding, voorligting en teregwyding van dosente te pas kom en dié geskifte dus uiteraard buite rekening gelaat moes word nie. Tweedens vra die kommissielede of ’n oproep in die openbare pers aan skrywers en uitgewers, waarby ’n vasgestelde datum aangegee word vir laaste insending, nie genoegsaam behoort te wees om almal wat meen om in aanmerking te kom vir mededinging, die geleentheid te bied om hulle te laat geld nie. Daar word gevra of die Akademie agter skrywers en uitgewers moes aanloop, en of die saak nie omgekeer moes word nie. Die derde beswaar teen die prosedure behels die problematiek rondom die vergelyking van ’n goeie stuk werk op teologiese gebied met ewe verdienstelike arbeid op psigologiese, wysgerige of opvoedkundige gebied. **Daar was onsekerheid oor die maatstaf wat toegepas moes word aangesien die uitgangspunt en metode van vakke dikwels totaal verskillend van mekaar is.** As voorbeelde is genoem die natuurwetenskaplike metode waarvan nogal baie gebruik gemaak word in die Psigologie, die normatiewe karakter van Opvoedkunde en Teologie, en die waardegebied van wysgerige navorsing onder die benaming van Logika, Etiek en Estetiek.

As alternatief vir die afdeling “Wetenskaplike Prosa” is die moontlikheid genoem om van tyd tot tyd ’n prysvraag uit te skryf, soos dit al meer as ’n eeu lank op die Europese vasteland die gewoonte was. Die prysvraag kon só gestel word dat dit die een jaar een groep en ’n ander jaar ’n ander groep van aanverwante geesteswetenskappe raak of iets dergeliks. Die Kommissie was van mening dat hierdie sienswyse die oorweging van die Fakulteit verdien het.⁴⁰⁹

Die ongelukkigheid en probleme in verband met die Hertzogprysverdeling is ook verwoord in die verslag van die 1946-Letterkundige Kommissie vir Kunsprosa, gedateer 21 Maart 1946 en onderteken deur proff. E.C. Pienaar (sameroeper), Jac J. le Roux en dr. I.D. du Plessis (FRA 1946: 25 April):

1. Die verdeling van die Hertzogprys tussen Belletrie [sic] en Wetenskaplike Prosa (elk waarvan weer in vier onderafdelings versnipper is, sodat die Hertzogprys-

409 Let daarop dat die konsep van prysvrae, wat vroeër deel gevorm het van die Akademieaktiwiteite, hier geopper word (raadpleeg die hoofstuk oor die Hertzogprys en ander toekennings vanaf 1915 tot 1927 op bladsy 56-147).

domein tans in nie minder as agt verskillende kampe afgebaken is nie) het nie alleen die taak van die veelsoortige keurkommissies baie bemoeilik nie, maar na verhouding ook die waarde van die Akademie-bekroning as hoogste eerbewys uit die aard van die saak verlaag. Daarom gee ons aan die hand dat die hele saak van die Hertzogprystoekening in heroerweging geneem sal word nadat die huidige skema sy eerste kringloop voltooi het [1943-1946].

2. Ons het die aan ons toegewese terrein – te wete ander kunsprosa as roman, novelle en kortverhaal, d.w.s. “reisbeskrywing, opstel, kritiek, causerie, ens.” – oor die kalenderjare 1942-1945 in oënskou geneem, waarby daar van uitgewers, met uitsondering van die Nasionale Pers, weinig of geen tasbare tegemoetkoming ondervind is nie. Ons gesamentlike bevinding is dat gedurende die betrokke tydperk op geeneen van bogenoemde gebiede iets verskyn het wat sodanig die aandag getrek het, of van sodanige kunsgehalte is, dat dit vir moontlike bekroning in aanmerking sou kan kom nie.

Alleen betreffende Sangiro se SIMBA (1944) het die vraag ontstaan of dit nie onder reisbeskrywing tuisgebring moet word nie? Maar ondertussen is die prys vir Verhalende Prosa (1945) aan Sangiro toegeken, met inagneming van al sy werke.³⁹ Waaruit reeds blyk hoedat die tans afgebakende gebiede mekaar kan kruis, sodat dit nie altyd goed moontlik is om definitief vas te stel wáár ’n bepaalde werk nou eintlik tuishoort nie.

3. Ons voel nie daarvoor om terug te gaan na werk wat voor 1942 verskyn het nie, omdat dit ’n onbegonne taak sou wees, temeer nog by sulke ongelyksoortige genres soos wat nou hier bymekaar gegooi is. Want tot waar in die verlede sou jy dan die lyn moet gaan trek? Buitendien het dit tog alleen dán sin om die Akademie-bekroning van terugwerkende krag te maak, wanneer die gesamentlike werke van ’n bepaalde skrywer (werke dus wat binne sowel as buite die betrokke tydperk val) in aanmerking geneem kan word, soos blykbaar gebeur het in Sangiro se geval. Maar dan sou jy in die meeste gevalle weer in botsing kom met die afgebakende terreine, omdat die meeste skrywers van enige betekenis hulle op meer as een terrein beweeg.

Op grond van voorgaande oorwegings beveel ons derhalwe aan dat die prys onder hierdie afdeling vir 1946 nie toegeken word nie.

Hierdie verslag is aan die Fakulteitsraad voorgelê. Op voorstel van L.W. Hiemstra is dit egter na die Letterkundige Kommissie terugverwys met die opdrag om ook die werke wat vóór 1942 verskyn het, in aanmerking te neem vir die prys – byvoorbeeld die werk van G. Dekker (*Causerie en kritiek*), N.P. van Wyk Louw (*Lojale verset*), C.M. van den Heever (*Die stryd om ewewig*), ensovoorts. Die Kommissie is versoek om positiewe aanbevelings vir of teen ’n prystoekening te maak. (FRN 1946: 25 April; LK 1/3: 1 Mei 1946 – brief van Akademiese sekretaris aan kommissielede; 1945/1946-Fakulteitsjaarverslag.)

In reaksie op Lombard, die Akademiese sekretaris, se brief van 1 Mei, antwoord Pienaar, die sameroeper, op 4 Junie 1946 (LK 1/3) dat hy weer eens tydrawende korrespondensie met sy medelede gevoer het en ook namens hulle antwoord. Hy noem die name van ander werke, benewens dié wat deur die Raad aanbeveel is, wat ook onder Kunsprosa geklassifiseer sou kon word, en merk op:

Sommige van hierdie werke beslaan maar 70, ander oor die 300 blss., terwyl almal sonder uitsondering deels tuisgebring kan word sowel onder A. BELLETRIE [sic] (iv) as onder B. WETENSKAPLIKE PROSA (i), soos aangegee in die aan ons toegestuurde PROSEDURE BY TOEKENNING,⁴¹⁰ **waaruit nogeens blyk hoe ondoelmatig die huidige groepering is.**

(Ek benadruk.)

Volgens Pienaar was geen van die genoemde werke sonder bepaalde verdienstes nie, maar geen enkele was ook deurgaans van sodanige hoë gehalte dat dit die ander “heeltemal oorskadu en derhalwe vir moontlike bekroning” uitgesonder sou kon word nie:

Miskien sou F.E.J. Malherbe, op grond van al sy werke, wel afsonderlike oorweging verdien, maar dan kom jy dadelik weer voor die moeilikheid te staan waarop reeds in my vorige rapport gewys is, nl. of sy werke onder A (iv) of wel onder B (i) val – m.a.w. of hulle deur ons dan wel deur die ander betrokke Keurkommissie [Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa] beoordeel moet word?

Ten slotte merk Pienaar op dat dit sins insiens nie die taak van ’n Keurkommissie is om na een of ander werk (sy dit vóór of ná 1942)

... opsetlik te gaan soek met die oog op moontlike bekroning nie, maar dat ’n bepaalde werk homself sodanig aan jou moet opdring dat jy dit onmoontlik oor die hoof kan sien. Alleen dan sou ’n Akademie-bekroning inderdaad geregverdig wees.

Na heroorweging kon die Kommissie ook nie vóór 1942 sodanige werk vind wat nog nie bekroon is nie. Die vorige aanbeveling van geen bekroning nie, is herhaal en ’n tweede verslag voor die Fakulteitsraad gelê. Die Raad het dit aanvaar (FRA en FRN 1946: 27 Junie). Ook die Akademieraad het daarmee akkoord gegaan (1945/1946-Akademiejaarverslag).

Na aanleiding van die geopperde besware het die Fakulteitsraad ’n Kommissie saamgestel bestaande uit proff. E.C. Pienaar, F.E.J. Malherbe, H.B. Thom en dr. F.C.L. Bosman. Hulle opdrag was om die prosedure betreffende die verdeling van die prys, die indeling van genres (literêre kategorieë), die beste metode vir verkryging van werke vir beoordeling, ensovoorts, te ondersoek met inagneming van die besware genoem in die verslae van die Keurkommissies, en dan aanbevelings aan die Raad voor te lê. (FRN 1946: 25 April; FRA en FRN 1946: 27 Junie.) Lombard stuur saam met sy brief aan E.C. Pienaar, gedateer 2 Mei 1946 (LK 1/3), uittreksels uit die genoemde kommissieverslae, asook ’n afskrif van die “Prosedure by toekenning”, waarin die groepering onder die hoofde “Bellettrie” en “Wetenskaplike Prosa” verskyn.⁴⁰ Pienaar is daarop gewys dat die benaming “Wetenskaplike Prosa” ook beoordeel moes word, en dat die

410 Dit was die Hertzogprystoekenningprosedure vóórdat die 20 September 1946-veranderinge ingetree het (kyk eindnota 40 op bladsy 530).

Akademieraad op sy jongste vergadering (ARA 1946: 26 April) **besluit het om die Hertzogprys te verhoog** na £100 met dien verstande dat dit in twee verdeel word, t.w. £50 vir Bellettrie en £50 vir Wetenskaplike Prosa.

Die Ondersoekkommissie se verslag, gedateer 28 Augustus 1946, is onderteken deur F.C.L. Bosman (sameroeper), E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe. Prof. H.B. Thom was afwesig weens siekte. ’n Brief van Bosman aan Lombard het die kommissieverslag vergesel (LK 1/3: 29 Augustus 1946). Lombard het al vier kommissielede op 6 September 1946 skriftelik bedank (LK 1/3).

Op die oorspronklike aanbevelings is enkele veranderinge per hand aangebring en dit is geïnkorporeer in die weergawe bekend as “**Aanbevelings vir nuwe basis van Hertzogprysverdeling**”. Die agenda vir die 20 September 1946-vergadering het hierdie aanbevelings ingesluit, asook, vir vergelykingsdoeleindes, ’n afskrif van die prosedure wat tot in daardie stadium gevolg is. (FRA 1946: 20 September – onderskeidelik aanhangsel A en aanhangsel A1.⁴¹¹). Die Ondersoekkommissie beveel aan:

1. Dat die afdeling “wetenskaplike prosa”, d.w.s. geskifte van geesteswetenskaplike aard, verval as Groep B van die Hertzogprys omdat:
 - (a) Sulke werke ultra vires is van die terme van die Hertzogprysskenking wat uitdruklik bepaal dat die prys alleen geskenk sal word vir “het beste letterkundige werk van bellettristiese aard in de Afrikaanse Taal”;
 - (b) Afgesien van hierdie bepaling, die kommissie van oordeel is dat met ag afdelings vir die Hertzogprys (Groepe A en B) die domein van die Hertzogprys te uitgebreid geraak het en in te veel gebiede verdeel is, wat nie alleen beoordeling deur die veelsoortige keurkommissies baie bemoeilik nie, maar die waarde van die Hertzogprys as hoogste letterkundige bekroning van die Akademie na verhouding van die veelheid moet verlaag.
2. Dat die indeling van Groep A behou moet word soos dit tans staan,⁴¹² behalwe dat reisbeskrywinge wat nou onder onderafdeling IV val, onder onderafdeling III geplaas word. Onderafdeling IV sal dan heet: Kritiese prosa en essay.

411 Let daarop dat die volgende twee verskillende dokumente is: aanhangsel A1, die Hertzogprysprosedure, wat by die agenda van die 20 September 1946-vergadering verskyn het, en die dokument “Die Hertzogprys en prosedure by toekenning” soos gewysig tydens dieselfde vergadering.

Aanhangsel A1 (sonder die handgeskrewe voorstelle wat daarop aangebring is) kom ooreen met die dokument waarop in 1942 besluit is (dele in vetdruk). (Kyk bladsy 221.)

412 Groep A vir Bellettrie was tot in hierdie stadium soos volg verdeel:

- (1) Poësie
- (2) Drama
- (3) Verhalende Prosa (novelle, roman, kortverhaal)
- (4) Ander Kunsprosa (opstel, kritiek, causerie, reisbeskrywing, ens.).

3. Dat die ander bepalings vir die toekenning van die Hertzogprys ongewysig behoue bly d.w.s. 1, 2 en drie [sic] van prosedure soos tans neergelê [kyk eindnota 40 op bladsy 530].
4. Dat Groep B, Wetenskaplike Prosa, afsonderlik ingestel word as 'n groep vir Akademie-bekroning op parallelle wyse wat benaming van prys en waarde van prys betref as wat tans die geval is met die toekenning van die Akademieprys in die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek.⁴¹ Die groep sal dan heet: Geesteswetenskappe en die bestaande indeling in vier onderafdelings as volg gewysig en geformuleer word vir prystoekenning:⁴¹³
 - (a) Taal- en literatuurwetenskap; beeldende kunste en musiek.⁴¹⁴
 - (b) Algemene en politieke geskiedskrywing; aardrykskunde.
 - (c) Wysbegeerte, sielkunde, opvoedkunde en teologie.
 - (d) Sosiale wetenskappe, staatswetenskappe, regs wetenskap.

OPMERKING:

Verdere opsplitsing sou die kringloop onwenslik verleng en die veelheid van keurkommissies vergroot.

By bepaling van die bekroningswaarde vir die geesteswetenskappe sal gelet word op:

- (a) Wetenskaplike gehalte. Dit moet die hoofoorweging wees.
- (b) Taal en styl. Dit is 'n sekondêre oorweging en kom alleen⁴¹⁵ in betragting na (a).

OPMERKINGS:

Onder die bestaande stelsel word die geesteswetenskappe onder die benaming “wetenskaplike prosa” in die sfeer van die Hertzogprys ingeskuif op grond van die oorweging dat dit wetenskaplike geskifte is wat egter deur taal en styl letterkundige waarde bereik. Taal en styl was dus die deurslaggewende faktor en nie wetenskaplike gehalte nie, al is dit ook hoog gestel. In werklikheid is die pryse soos toegeken gegrond in eerste oorweging op wetenskaplike gehalte en kan daar by geeneen van die dusver bekroonde werke, hoe verdienstelik hul taal en styl ook mag wees (Die Afrikaner en sy Taal, Kaapse Patriotte [kyk eindnota 38 op bladsy 529]), van letterkundige bereiking sprake wees nie.

413 Die afdeling vir Wetenskaplike Prosa was tot op daardie tydstip soos volg ingedeel:

- (1) Taal- en letterkunde, Kunsgeskiedenis en Musiek
- (2) Geskiedenis en Aardrykskunde
- (3) Teologie, Wysbegeerte, Sielkunde en Opvoedkunde
- (4) Sosiale en Staatswetenskappe.

414 Vir praktiese bydraes op die gebied van die beeldende kunste en musiek het die Akademie reeds erepenninge toegeken.

415 Die Raad het hom met hierdie opmerking vereenselwig, behalwe dat die woord “alleen” weggelaat moes word (FRN 1946: 20 September).

Die benaming “geesteswetenskappe” en die stel van wetenskaplike gehalte as eerste beslissende vereiste soos nou voorgestel, sal die dualisme van benaming en beoordeling waarvoor keurkommissies tans so sterk kla uit die weg ruim.

Die kommissie is verder van oordeel dat:

- (a) Verhandeling vir meestersgrade en proefskrifte vir doktorsgrade nie in aanmerking behoort te kom vir bekroning nie. Sulke werke moet beskou word as studente-arbeid waarby nie dusdanig aan die eise van onafhanklike en oorspronklike arbeid voldoen is soos gestel behoort te word vir die hoogste Akademie-bekroning nie.
- (b) Elke keurkommissie behoort vir homself ’n lys op te stel van werke oor die betrokke vakke in die betrokke tydperk. Dit moet aanvaar word dat lede van keurkommissies voldoende vertrouwd is met die vakliteratuur van hulle besondere gebiede om met betreklik geringe moeite sulke lyste op te stel. As die lede vir hulself vasgestel het watter werke val min of meer binne die kader van die bekroningsstandaard [sic], kan hulle, so nodig, uitgewers deur die Akademie-sekretariaat nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verdere toegespitste studie en oorweging.
- (c) Deur die samevoeging van betreklik ongelyksoortige vakke in dieselfde groepe kan daar uiteraard geen absolute maatstaf van vergelyking vasgestel word nie. Die kommissie is egter van mening dat daar relatiewe maatstawwe is soos waarde as oorspronklike bydrae, intellektuele gehalte, meesterskap oor onderwerp en selfs vermoë tot hantering van onderskeie metodes wat voldoende basis bied vir vergelyking op wetenskaplike grondslag. Hierby kan dan gevoeg word hoedanighede van taal en styl.
- (d) Die uitskryf van prysvrae sou outomaties die erkenning van bestaande werke uitsluit en behandelbare gebied en aantal van skrywers beperk. Daarom reken die kommissie kan so ’n stelsel alleen in oorweging geneem word as alle ander stelsels gefaal het.
- (e) As verdere reëls van prosedure geld die reëls ten opsigte van die Hertzogprys, d.w.s. reëls 1, 2 en 3 behoudens dat die woord “letterkundige” vervang word deur die woord “geesteswetenskaplike”.⁴¹⁶

Die verslag van die Onderzoekkommissie is op 20 September 1946 deur die Fakulteitsraad behandel. Hulle het al die aanbevelings goedgekeur en, totdat ’n fonds gevind kon word, geld beskikbaar gestel vir ’n prys vir Wetenskaplike Prosa. Die waarde van die nuwe prys is op £50 vasgestel. (FRN 1946: 20 September.) Die Akademiesraad het die Fakulteitsraadvoorstelle aanvaar (ARN 1946: 21 September).⁴²

Soos vir 1945 is daar ook vir 1946 – die laaste keer dat werke uit Kategorie B bekroon kon word met ’n Hertzogprys – geen toekening vir Wetenskaplike Prosa (afdeling Sosiale en Staatswetenskappe) gemaak nie (1945/1946-jaarverslae van die Akademie en Fakulteit; FRN 1946: 17 Mei; ARN 1946: 18 Mei).

416 Die Raad het al die opmerkings aanvaar, maar aan die slot van (e) bygevoeg: “... en die woord Hertzogprys deur die woord Akademieprys” (FRN 1946: 20 September).

Die toekenning van die Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa het net een siklus, 1943-1946, beleef. Die gelyktydige toekenning daarvan met dié vir Belletrie, het slegs een Hertzogprys-toekenning vir Drama beïnvloed, naamlik dié aan Leipoldt, wat sy prysgeld waarskynlik moes deel met Coenraad Beyers (kyk eindnota 38 op bladsy 530). Teen 1948, toe 'n Dramatoekenning weer gemaak kon word, is **die aansien van die Hertzogprys in 'n mate in ere herstel deurdat toekennings vir Wetenskaplike Prosa uit die Hertzogprysdomein verskuif is na die Akademieprys vir Geesteswetenskappe.**

5.2.2.2 1948-Hertzogprys vir Drama

Werke gepubliseer gedurende die tydperk Januarie 1944 tot Desember 1947 kon in aanmerking kom. Die Fakulteitsraad het reeds tydens 'n vergadering gehou op 27 Julie 1944 in Stellenbosch die Letterkundige Kommissie vir die 1948-Hertzogprys soos volg saamgestel: prof. dr. H. v.d.M. Scholtz (sameroeper), asook drr. F.C.L. Bosman en P.C. Schoonees (FRN 1944: 27 Julie). Dit was die eerste keer dat die Fakulteitsraad, en nie die Akademiesraad nie, die Kommissie aangewys het vir die beoordeling van die Hertzogprys vir Drama. Vir die vorige Dramatoekenning (1944) is die Kommissie reeds in 1941 saamgestel (kyk bladsy 225), nog vóór die 1942-totstandkoming van die uitgebreide Akademie met sy twee fakulteite (kyk bladsy 204).

P.J. Nienaber, hulpsekretaris van die Akademie asook Fakulteitsraadsekretaris,⁴¹⁷ het vroeg in 1947 by hierdie drie benoemdes verneem of hulle in die Kommissie sou dien (LK 1/3: 22 Januarie 1947). P.C. Schoonees, redakteur van *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* aan die Universiteit van Stellenbosch, kon weens die druk werksaamhede verbonde aan hierdie nuwe pos van hom, nie sy benoeming aanvaar nie (LK 1/3: 28 Januarie 1947). Vir Scholtz was dit weens veelvuldige werksaamhede en die feit dat hy dikwels uitstедig was, onmoontlik om as sameroeper op te tree, maar hy was bereid om in die Kommissie te dien (LK 1/3: 14 Februarie 1947). Die Fakulteitsraad het gevolglik tydens 'n raadsvergadering gehou in die Voortrekkergebou, Johannesburg, op 25 April 1947, vir prof. dr. G. Dekker in die plek van Schoonees benoem en voorgestel dat F.C.L. Bosman optree as sameroeper (FRA en FRN 1947: 25 April). Lombard, die Akademiesekretaris, het Bosman en Dekker skriftelik gevra of hulle bereid was om die benoemings te aanvaar (LK 1/3: 30 April 1947). Hierdie 1948-Letterkundige Kommissie verskil van dié vir die 1944-Hertzogprys vir Drama net in dié opsig dat G. Dekker vir J.J. Dekker vervang het (kyk bladsy 225). Teen die eerste helfte van 1947 was die name van bereidwillige kommissielede en die sameroeper dus gefinaliseer.

417 Sedert Februarie 1945 het Nienaber die pos as hulpsekretaris van die Akademie begin beklee weens die verhuising van die vorige hulpsekretaris, dr. A.J.A. Roux, na Stellenbosch. Nienaber was sedert September 1946 Sekretaris van die Fakulteitsraad. (ARN 1944: 30 September; ARN en FRN 1945: 26 Februarie; FRN 1946: 20 September.) Tot 30 Junie 1951 was hy ere-hulpsekretaris (1951/1952-Fakulteitsjaarverslag). (Kyk eindnota 15 op bladsy 520.)

'n Jaar daarna, tydens 'n 1 Mei 1948-Akademieraadsvergadering, is in die vooruitsig gestel dat die Kommissie sy verslag sou opstel en onder lede van die Fakulteitsraad sirkuleer sodat, as daar 'n toekenning is, die prys tydens die jaarvergadering van 1 tot 3 Julie 1948 oorhandig kon word (ARN 1948: 1 Mei). Dit sou ook in ooreenstemming wees met die 14 Oktober 1933-jaarvergaderingbesluit dat die Letterkundige Kommissie vir die toekenning van die Hertzogprys hulle verslag minstens 'n maand voor die Akademie se jaarvergadering moes indien (kyk eindnota 17 op bladsy 521). Die verslag was egter nie betyds gereed nie (FRN en ARN 1948: 1 Julie), en na aanleiding daarvan merk Markus (J.M.H.) Viljoen (1948a:11) in *Die Huisgenoot* van 16 Julie 1948 op dat 'n waarskynlik geregverdigde gevolgtrekking gemaak kon word dat die 1948-Hertzogprys vir Drama nie daardie jaar toegeken sou word nie.

F.C.L. Bosman, die sameroeper en sedert 1948 ook Akademiesekretaris,⁴¹⁸ het eers op 20 September 1948 aan die ander twee lede, G. Dekker (Potchefstroom) en Scholtz (Bloemfontein), 'n ontwerpverslag en aanbevelings gepos, en hulle versoek om so spoedig moontlik 'n mening te lug – as dit kón telegrafies voor 25 September wanneer die Raad vergader (LK 1/4). Nadat die posstuk hulle bereik het, sou die ander twee kommissielede slegs etlike dae gehad het om kommentaar te lewer. Die versoek om dit telegrafies oor te dra, sou verder beteken dat die kommentaar baie bondig moes wees. In die agenda van die 25 September 1948-Fakulteitsraadsvergadering staan dat daar gehoop word om die verslag gereed te hê vir die Raad.

Die voorlopige verslag en aanbevelings oor die 1948-Hertzogprys vir Drama, gedateer 20 September 1948, lyk só:⁴¹⁹

Kommissielede geliewe in die oog te hou dat:

- (1) Geen prys toegeken word aan skrywers wat reeds eenkeer in die bepaalde genre bekroon is nie.⁴²⁰ Om hierdie rede val by voorbaat buite rekening die werk van skrywers soos H.A. Fagan [1935-Hertzogprys] en J.F.W. Grosskopf [1925/1926-onverdeelde toekenning in die dramakategorie – kyk eindnota 33 op bladsy 528], hoewel hulle in die betrokke periode belangrike werk voortgebring het.⁴³ (Die werk van Uys Krige val voor hierdie tydperk).⁴²¹

418 Bosman het I.M. Lombard opgevolg as Akademiesekretaris en die pos beklee vanaf Januarie 1948 tot einde Maart 1958. Vanaf Julie 1950 tot Januarie 1951, gedurende Bosman se afwesigheid, het mnr. C.J. de Coning opgetree as waarnemende Sekretaris (1950/1951-Akademiejaarverslag). (Kyk eindnota 15 op bladsy 520.)

419 Hierdie is nie die oorspronklike verslag nie, maar een wat deur die Akademie oorgetik is. Dit is ook beskikbaar as bylaag D by die Fakulteitsraadnotule van 25 September 1948. Die oorspronklike verslag kon ongelukkig nie opgespoor word nie. Dit word weergegee soos wat dit in die Akademiërgief beskikbaar is – in hierdie geval met byvoorbeeld titels wat onderstreep is, en nie gekursiveer nie.

420 Die bepaling het gegeld dat die onverdeelde prys nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken word nie (kyk bladsy 221).

421 Krige het nie gedurende die tydperk Januarie 1944 tot Desember 1947 nuwe dramas gepubliseer nie.

- (2) Die beoordeling gaan oor die tydperk 1944-'47. Die sluitingsdatum is belangrik. Beteken dit slegs alle dramas wat letterlik verskyn het tot 31 Desember 1947? Indien wel val stukke wat daarna verskyn het weg, al dra sulke stukke ook officieel die stempel 1947. Dit sou bv. die geval wees met Die Swart Engel van Beukes en Drie Dramas van de Klerk [sic], wat hoewel 1947 gedateer aldie in 1948 die lig gesien het (blykbaar opgehou deur die drukkers). Ek laat voorlopig in die midde of sulke werke in rekening geneem word of nie.⁴²²

Dan val daar onder die werke van 1944-'47 wat min of meer literêre verdienstes besit m.i. die volgende te noem:

OORSPRONKLIKE WERK.

- (1) Beukes, G.A. [G.J.]
- (a) Laat die Kerse Brand en ander Eenbedrywe.⁴²³
(Die Winde van u Toorn;⁴²⁴ Oktobernag;⁴²⁵ In my Dae;⁴²⁶ Die Braaiboud;⁴²⁷
Die Hand wat hy Eenmaal geneem het;⁴²⁸ Laat die Kerse Brand!⁴²⁹) 1945.
[Van Schaik]
- (b) Die Ligblou Vaas.⁴³⁰ (In versameling Ses Eenbedrywe,⁴³¹ 1946 [Van Schaik]).
- (c) Die Swart Engel, 1947. Vgl. bl. 1, (2) [Van Schaik]

-
- 422 **Hiermee word weer 'n saak aangeraak wat al in die verlede probleme veroorsaak het, naamlik watter datum in berekening geneem moet word by beoordeling: die amptelike gedrukte datum in die publikasie self, of die datum wanneer die publikasie op die rakke beskikbaar was.** J.R.L. van Bruggen se Julie 1938-drama *Die vooraand* is byvoorbeeld tog in aanmerking geneem, alhoewel die 1938-toekenning se afsnydatum amptelik einde Junie 1938 was (kyk bladsy 174). (Kyk ook eindnota 21 op bladsy 522 en eindnota 43 op bladsy 532.) Hierdie problematiek sou nog etlike kere tydens Hertzogprystoekennings opduik. Met betrekking tot spesifiek Dramatoekennings, kyk die 1952-toekenning (bladsy 256-259), die 1969-toekenning (467-472), die 1994-toekenning (?) en die 1997-toekenning(499).
- 423 Kyk ook die versamelbundel *Kerse teen die wind* (1950) wat vir die 1952-Dramaprys in aanmerking gekom het (1952-Hertzogprysverslag en voetnota 462 op bladsy 260).
- 424 Ook opgeneem in Beukes se *Viertal* (1968) en in *Kortgesprek*, saamgestel en ingelei deur Charles Malan (1978).
- 425 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en *Viertal* (1968).
- 426 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950). In 1969 gepubliseer as *Broer wolf en die ooilam*.
- 427 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en *Die nôientjie het planne!* (1969).
- 428 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en in T.T. Cloete se *Vyfling* (1966).
- 429 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en *Skerm en masker* (1964), in T.T. Cloete se *Vyfling* (1966), in *Kortgesprek*, saamgestel en ingelei deur Charles Malan (1978) en in Charles Fryer se *Kollig* (1982).
- 430 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950).
- 431 Hierdie Van Schaik-publikasie, versamel en van 'n inleiding voorsien deur Gerhard J. Beukes, bevat die volgende ses eenbedrywe: *Die vloek* deur J.F.W. Grosskopf, *Die swakkere vat* deur H.A. Fagan, *Die re-unie* deur W.M. de Villiers, *Ontgroening* deur E.A. Venter, *Pilatus* deur W.A. de Klerk en *Die ligblou vaas* deur Gerhard J. Beukes. Al hierdie eenbedrywe, met die uitsondering van *Die swakkere vat* wat reeds in 1945 in Fagan se *Twee blyspele* verskyn het, is vir die eerste maal hier in *Ses eenbedrywe* gepubliseer.

- (2) De Klerk, Helène⁴³² en Andries.

Die Ring en ander Eenbedrywe (Die Verstoteling; Plaas-toe)⁴³³ 1944. [Nasionale Pers]

- (3) De Klerk, W.A.

(a) Drie Vroue, 'n Trilogie van Spele (Die Jammer Hart;⁴³⁴ Die Volmaakte Huwelik;⁴³⁵ Ontvlugting), 1945. [Nasionale Pers]

(b) Pilatus, 'n Eenbedryf.⁴³⁶ (In die versameling Ses Eenbedrywe deur G.A. [G.J.] Beukes) 1946. [Van Schaik]

(c) Drie Dramas (Die Verterende Vuur; Nag het die Wind Gebring; Hellersee). 1947. Vgl. bl. 1, (2). [Nasionale Pers]

- (4) De Villiers, W.M.

Die Re-Unie; 'n Eenbedryf. (In versameling Ses Eenbedrywe deur G.A. [G.J.] Beukes [1946 – Van Schaik]).

- (5) Eyssen, Stephen

Bybelkantate, 1944.⁴³⁷

- (6) Malherbe, D.F.

(a) Moeder en Seun, Bybelse Treurspel. 1945. [Nasionale Pers]

- (7) Venter, E.A.

(a) Ontgroening, 'n Eenbedryf. (In versameling Ses Eenbedrywe deur G.A. [G.J.] Beukes [1946 – Van Schaik]).

(b) Martin Luther. Toneelstuk in 5 Bedrywe, 1947. [Transvaalse Uitgewersmaatskappy]

VERTAALDE WERK.

- (8) Coertze, L.I.

Hamlet, Prins van Denemarke, deur William Shakespeare 1945.

432 Deur die jare is haar naam ook aangedui as Helène Pienaar De Klerk, Helène Pienaar-De Klerk, Helene de Klerk en Helena de Klerk.

433 *Die ring* is in 1959 onder die naam (Helène Pienaar) de Klerk gepubliseer in Gerhard J. Beukes se *Kom ons speel toneel!* (kyk voetnota 596 op bladsy 404), en in 1982 onder (Helène) Pienaar-de Klerk in Beukes se *Skuif oop die gordyn!*

434 Ook opgeneem in Beukes se *Skerm en masker* (1964), T.T. Cloete se *Vyfling* (1966), W.P. Steenkamp se *Bo die kranse en ander eenbedrywe* (1974) en in Beukes se *Spel en spelers* (1988).

435 Ook opgeneem in J.B. Vermaak se *Voort met die spel: 'n eenbedryfkeur* (1990).

436 Ook opgeneem in Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe* (1948) en *Uur van die waarheid* (1969).

437 Weens die aard van die werk sou dit nie in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie.

(9) Haarhoff, T.J.

Die Antieke Drama (Aeschylus se Agamemnon; Sophocles se Antigone; Euripides se Troades). 1946.

(10) Malherbe, D.F.

Wilhelm Tell van Schuller [Schiller]. 1944.

(11) Ross, J.A.

Hippolytos van Euripides, 1940. Nederland. In Suid-Afrika aangekom 1945. Vgl. bl. 1, (2).

(12) Van Rensburg, J.P.J.

Die Vroue van Troje deur Euripides. 1945.

Dit lyk my die persone wat hier in aanmerking kom vir die Hertzogprys is: G.A. [G.J.] Beukes, W.A. de Klerk en J.P.J. van Rensburg. Beukes het met sy eenbedrywe, veral die Bybelstukke Laat die Kerse Brand, Die Hand wat hy Eenmaal geneem het, feitlik volmaakte werkies voortgebring. 'n Uitstekende blyspelletjie is ook In my Dae. In hierdie stukke toon hy hom 'n meester in keuse van situasie, dramatiese styging, vorsende karakteruitbeelding, openbare dialoog, diepere lewensinsig. Uit laasgenoemde veral vloei voort die onverwagte wending, die verrassende, byna oorweldigende oplossing van Beukes se stukke. Hy is 'n meester in ekonomie (of konsentrasie) van skouing en voorstelling, en skepping en behoud van spanning tot die aangrypende ontlading van die vreemdskokkende ontknoping.

W.A. de Klerk se eenbedrywe is ook aangrypend van onderwerp, sterk van probleemstelling, kragtig van taal. Maar hy is nie so 'n meester van bou, so oortuigend van karakterbeelding en so eg van dialoog soos Beukes nie. Hier sonder ek Pilatus uit wat as Bybelse eenbedryf miskien gelyk is aan Beukes se werk.

Ek sou dan ook nie de Klerk wil stel naas Beukes vir die Hertzogprys nie, tensy ons sy Drie Dramas byreken nie. In hierdie grotere werk oortref hy Beukes in sy grotere werk soos Die Swart Engel. Hierin stel de Klerk belangrike probleme en bereik belangrike oplossings. Sy kyk op mense en sy dialoog vind ek egter nog meermale onoortuigend en sy bou, veral wat situasietekening en konsentrasie van voorstelling betref, soms los en ongelyk. Tog is dit werk van belowende krag en diepte.

Ons sou dit so kan stel: Die doeke waarop Beukes sover gewerk het is klein, maar besonder suiwer en sterk; die doeke, waarop de Klerk gewerk het is vir die helfte groter en belangriker as die van Beukes, maar minder suiwer en sterk.

By van Rensburg staan ons voor een van die beste vertalings in ons dramatiese letterkunde. D.F. Malherbe en Haarhoff se vertalings sou ons verdienstelik miskien selfs besonder verdienstelik kan noem. Coertze se vertaling is m.i. minder as middelmatig. Ross se Hippolytos is daarenteen weer 'n uitnemende stuk werk selfs baie na in verdienste aan die van van Rensburg. Maar in digterlike toon en beeldende taal kan ek dit nie gelykstel aan die vertaling van van Rensburg nie. Van Rensburg se werk is waarlik 'n herskepping; Ross se werk bly 'n uitnemende vertaling. Al wat Ross se werk op die van van Rensburg voor het is dat hy die oorspronklike metrum behou. Daarenteen het van Rensburg se vertaling 'n ritmiese werking wat 'n mens geen oomblik die gevoel van bloot prosa gee nie. Deur toon, ritme en beeldende taal behou dit die krag van verskuns. Ons staan m.i. voor drie keuses:

- (1) Hertzogprys aan Beukes vir sy eenbedrywe, veral Bybelstukke.
- (2) Hertzogprys verdeel tussen Beukes en de Klerk, as ons by laasgenoemde sy eenbedrywe en drie dramas in aanmerking neem.
- (3) Hertzogprys aan van Rensburg vir sy vertaling van Die Vroue van Troje.

Persoonlik sou ek van Rensburg No. 1 stel. Sy werk is sodanig byna volmaak en miskien 'n belangriker opgaaf as enige opgaaf wat Beukes hom sover gestel het. Verder sou die bekroning van 'n vertaalde stuk baie aanmoediging verleen aan vertaling van dramas van internasionale gehalte waaraan ons Afrikaanse toneel soveel behoefte het, veral nou met die koms van die Staatstoneel. Van Rensburg se werk sou 'n standaard stel waarop die Akademie trots kan wees.

As No. 2 sou ek Beukes stel. 'n Bekroning van sy beste eenbedrywe sou m.i. verdiend wees en ook 'n hoë standaard stel op 'n gebied wat teenswoordig baie belangstelling geniet en op die verhoog steeds meer beoefening ondervind. Die vraag is alleen of sy werk van voldoende omvang is om bekroon te word.

No. 3 sou wees 'n verdeling van die prys tussen Beukes en de Klerk. Hiervoor voel ek persoonlik die minste voor. [sic]

In geval kommissielede tog reken dat geeneen van die voorgestelde persone (met genoemde werke) bekroning verdien nie, sou hulle geregtig wees om buite die gestelde tydperk te gaan vir aanwysing van bekroon – baie werke.

In die geval sou ek eerstens prof. D.F. Malherbe in oorweging wil gee vir sy gesamentlike dramatiese oeuve, insonderheid vir Die Blom van Orleans 1922, (later omgewerk tot Drakenstein, 1943); Die Seeman, 1933;⁴³⁸ Amrath die Tollenaar, 1935; Die Siel van Suid-Afrika, 1938; Demetrios (in Die Meul Dreun ens.), 1943; Moeder en Seun, 1945.

Tweedens sou ek Uys Krige wil noem vir sy Magdalena Retief, 1938 en Die Wit Muur en ander Eenbedrywe (Die Skaapwagters van Bethlehem, Die Arrestasie), 1940. Hierdie werk is deurgaans van hoë standaard maar moontlik nog nie omvangrik [sic] genoeg nie om oortuigend te wees vir bekroning nie [sic].

Uit hierdie voorlopige verslag blyk dit dus dat, indien die vertaling buite rekening gelaat sou word, Bosman se eerste keuse 'n Hertzogprys aan Beukes sou wees vir sy ses eenbedrywe, veral die Bybelstukke. By Bosman was daar nie twyfel oor die standaard daarvan nie, maar was die vraag alleen of Beukes se werk omvangryk genoeg was om bekroon te word – dieselfde argument as wat in die 1941-verslag aangevoer is met betrekking tot Krige se werk (kyk bladsy 194).

Bosman se volgende keuse was 'n verdeling van die Hertzogprys tussen Beukes en De Klerk, slegs as by laasgenoemde sy *Drie dramas*, wat ná die afsnydatum gepubliseer is, in aanmerking

438 *Die seeman* is 'n verwerking van Malherbe se roman *Hans-die-Skipper* (1929) (kyk by “Drama-verwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514).

geneem word. 'n Tegnieuse kwessie, naamlik die afsnydatum, kon dus 'n verskil maak tussen 'n moontlike bekroning of nié.

Indien kommissielede volgens die 1942/1943-besluit buite die bepaalde tydperk wou gaan om 'n bekroning vir 'n drama-oeuvre te maak, het Bosman die werk van D.F. Malherbe gestel bó dié van Uys Krige.

Bosman en Scholtz het waarskynlik mondeling gekommunikeer, want in 'n handgeskrewe nota wat getelegrafeer moes word aan G. Dekker wat hom in Durban bevind het, gedateer 24 September 1948, merk Bosman op dat hy en Scholtz saamstem dat geen Hertzogprys in daardie stadium aan Beukes en De Klerk gegee word nie, en dat Van Rensburg wel 'n prys verdien, maar dat dit, soos Scholtz verkies, buite die kader van die Hertzogprys val. 'n Prinsipiële punt was of herskepping gelyk gestel kon word met oorspronklike skepping (LK 1/4).

Uit hierdie telegram aan Dekker kan afgelei word dat Scholtz nié Bosman se oortuiging soos te kenne gegee in die voorlopige verslag, gedeel het nie, naamlik dat 'n bekroning van Beukes se beste eenbedrywe “verdiend” sou wees, en dat slegs onsekerheid bestaan het of sy werk van voldoende omvang was om bekroon te word.

Die opsie om die prys tussen Beukes en De Klerk te verdeel, was volgens die voorlopige verslag vir Bosman die minste aanvaarbaar, en volgens die telegram was dit nie in dáárdie stadium wenslik nie.

Op 25 September 1948 telegrafeer Dekker egter uit Durban aan Bosman dat geen prys aan Beukes of De Klerk toegeken moet word nie, en stel voor dat Van Rensburg eervolle vermelding kry. Verder beveel hy aan dat die Akademiesraad moet besluit oor 'n “spesiale prys” vir Van Rensburg buite die kader van die Hertzogprys – 'n aanbeveling wat ooreengekom het met Scholtz se opvatting in verband hiermee. (LK 1/4.) Dekker se mening onderskryf sy vroeë skriftelike uitspraak as lid van die Breë Kommissie vir die 1941-Hertzogprys vir Drama, naamlik dat die Hertzogprys nié toegeken behoort te word as daar enige twyfel bestaan oor die verdienstelikheid van die werk nie (kyk bladsy 196). Vertaalde werk buite rekening gelaat, behels G. Dekker se weiering dat Beukes en De Klerk die Hertzogprys ontvang, per implikasie ook 'n verwerping van Bosman se eerste én tweede keuse vir bekroning.

Na aanleiding van die voorlopige verslag en aanbevelings vir die 1948- Hertzogprys vir Drama, asook Scholtz en Dekker se menings, stel Bosman die aanbevelingsverslag getiteld “Hertzogprys

in Drama, 1944-1947” op waarin die “keurkomitee⁴³⁹ soos volg aanbeveel by die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns” (FRN 1948: 25 September – bylaag D):

- (1) Geen prys word toegeken vir die tydperk 1944-'47 nie, al erken die keurkomitee graag die besondere verdienstes van G.A. [G.J.] Beukes en W.A. de Klerk.⁴⁴⁰ Die komitee meen egter dat hierdie werk nog nie die graad van belangrikheid of ryping bereik het wat bekroning verdien nie.⁴⁴¹
- (2) Geen prys word toegeken vir die tydperk voorafgaande aan 1947 [1944] nie. Hierdie besluite geld oorspronklike werk.

Die komitee het na aanleiding van die [voorlopige] verslag, ook die vraagstuk van vertaalde werk in ernstige studie geneem. Die komitee het hom die vraag gestel of (1) Vertaalde werk gereken kan word as vallende onder die bepaling van die Hertzogprys; (2) indien wel, of, prinsipiëel [sic] beskou, ’n vertaalde werk (’n herskepping) gelyk gestel kan word aan ’n oorspronklike werk (’n skepping de novo).

Oor punt (2) was die komitee dit nie eens nie. Terselfdertyd het die komitee gevoel dat hierdie punt alleen aktueel word indien die Raad onder punt (1) besluit dat vertaalde werke wel gereken kan word as vallende onder die bepaling van die Hertzogprys.

Die Raad sal gevra word om oor punt (1) te besluit.

Besluit die Raad dat vertaalde werke onder die bepaling van die Hertzogprys val, sal die komitee andermaal wil oorweeg of hy Die Vroue van Troje van dr. van Rensburg wil aanbeveel vir die Hertzogprys. Besluit die Raad dat vertaalde werke nie onder die bepaling van die Hertzogprys val nie, wil die keurkomitee hiermee ’n spesiale Akademieprys vir die werk van van Rensburg aanbeveel.

Tydens die Fakulteitraadsvergadering die oggend van 25 September 1948 het Bosman, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, die aanbevelingsverslag persoonlik voorgelê en die volgende is genotuleer:

Hy, dr. G. Dekker en prof. H. van der M. Scholtz stem saam dat die werk van W.A. de Klerk en Gerh. A. [sic] Beukes die belowendste is uit hierdie tydperk maar nog nie die

439 Anders as in die voorlopige verslag, gebruik Bosman nie in hier die aanbevelingsverslag die gebruikelike woord “kommissie” nie, maar “komitee”. By punt 10 van die inligtingstuk wat hy die volgende maand oor die Hertzogprystoekenningsprosedure opgestel het (kyk bladsy 254), meld hy dat die deskundiges wat moes leiding gee met betrekking tot die Hertzogprys, bekend sou staan as die “letterkundige keurkomitee”. Die woord “kommissie” en “komitee” is egter dikwels daarna afgewissel – ook deur Bosman self. Dit word ook in hierdie proefskrif afwisselend gebruik soos bepaal deur die gebruik daarvan in die bronne self. Eers met die grootskaalse reorganisasie van die Akademie in 1968/1969 is daar ’n Kommissie vir Letterkunde ingestel wat die kleiner komitee vervang het.

440 Hierdie mening is waarskynlik dié van Bosman, en veral nie dié van G. Dekker nie.

441 Volgens die voorlopige verslag was die vraag alleen of Beukes se werk van voldoende ómvang was om bekroon te word.

waardegraad van bekroning bereik het nie.⁴⁴² Hierdie werk is alles oorspronklike werk. Daarenteen, is prof. Scholtz en dr. Bosman gewillig om die werk van J.P.J. van Rensburg: *Die Vroue van Troje*, 'n vertaling van Euripides, desnoods te bekroon met die Hertzogprys, maar dr. Dekker twyfel nog.⁴⁴³ Dr. Scholtz stel verder die prinsipiële vraag: Kan 'n vertaling gelykop bekroon word met 'n oorspronklike werk, d.w.s. 'n herskepping met 'n skepping de novo?

In sy hoedanigheid as Sekretaris het Bosman die Raad vervolgens gevra om oor die volgende te beslis:

- 1) Kan 'n vertaling gereken word as inbegrepe onder die bepalinge van die Hertzogprys aangesien die skenkingsakte slegs melding maak van die beste bellettristiese werk in Afrikaans.
- 2) Indien wel, sou die Letterkundige Keurkommissie weer die saak wou oorweeg of hulle *Die Vroue van Troje* vir die Hertzogprys wou aanbeveel.
- 3) **Indien nie, sou hulle wou aanbeveel dat 'n spesiale Akademieprys vir Vertaalde Werk aan Van Rensburg toegeken word.**

Die saak is druk bespreek. D.F. Malherbe verklaar dat hy persoonlike kennis dra van die geskiedenis van die Hertzogskenking en -prys, en dat dit nie in die bedoeling van die Hertzogbemaking gelê het om vertalings te bekroon nie – slegs oorspronklike bellettristiese werk.

Die Fakulteitsraad het eenparig besluit om die volgende by die Akademieraad aan te beveel (FRN 1948: 25 September):

- Die bewoording van die Hertzog-bemaking moet só vertolk word dat **slegs oorspronklike Afrikaanse werk** vir bekroning in aanmerking kom.
- 'n **Spesiale Akademieprys** van £25 **vir vertalings** in die verskillende afdelings (poësie, drama, verhalende prosa, kritiese prosa) **word ingestel**, parallel met hierdie afdelings en beoordeel deur dieselfde Keurkommissies.
- Indien die Raad bogenoemde aanbevelings aanvaar, word die prys in 1948 aan dr. J.P.J. van Rensburg toegeken vir sy vertaling van Euripides se *Vroue van Troje*.

Na toeligting deur die Sekretaris het die Akademieraad die middag van 25 September 1948 die drie aanbevelings van die Fakulteitsraad goedgekeur (ARN 1948: 25 September). **Daar was dus**

442 Geen skriftelike bewys kon gevind word dat hierdie ook Dekker se mening was nie. Die moontlikheid bestaan dat hy so 'n mening telefonies kon oorgedra het.

443 Bosman was bereid om *Die Vroue van Troje* te bekroon met die Hertzogprys, maar Scholtz wou dit buite die reikwydte van die Hertzogprys hê en Dekker het voorgestel dat Van Rensburg eervolle vermelding kry en verder aanbeveel dat die Akademieraad moes besluit oor 'n "spesiale prys" vir Van Rensburg buite die kader van die Hertzogprys. Tydens hierdie Fakulteitsvergadering sê Bosman nou dat hy én Scholtz bereid is om *Die Vroue van Troje* met die Hertzogprys te bekroon, maar dat net Dekker nog twyfel.

'n besluit oor die instel en eerste toekenning van 'n Akademieprys vir Vertaalde Werk⁴⁴⁴ (kyk ook eindnota 3 op bladsy 514), maar geen amptelike Akademierraadsbesluit oor die nioetoekeuning van die Hertzogprys nie.

Alhoewel Bosman die aanbevelingsverslag oor die 1948-Hertzogprys vir Drama tydens die 25 September-Fakulteiiraadsvergadering voorgelê en toegelig het, is dit eers amptelik deur hom onderteken op 26 September 1948. Hy het dit, asook die bevindinge van die Akademierraad, per brief aan Scholtz bekend gemaak. Hy merk op dat die Akademiepryse vir Vertaalde Werk verder gaan as hulle bedoeling, maar dat dit vir hom “goed en gewens” lyk. (LK 1/4: 28 September 1948.) Scholtz is versoek om die Keurkomitee se aanbevelingsverslag te onderteken en dadelik terug te stuur. Namens Bosman is dieselfde versoek aan Dekker gerig (LK 1/4: 7 Oktober 1948). Scholtz en Dekker het die verslag op onderskeidelik 5 en 11 Oktober 1948 onderteken. **Eers in die agenda vir die 5 Februarie 1949-Fakulteiiraadnotule**, onder sake wat voortvloei uit die 25 September 1948-Fakulteiiraadnotule, **word spesifiek gesê dat daar vir 1948 geen Hertzogprys vir Drama toegeken is nie.**

Bosman het in sy voorlopige Hertzogprysverslag gesê dat Beukes met sy eenbedrywe, veral die Bybelstukke *Laat die kerse brand!* en *Die hand wat Hy eenmaal geneem het*, “feitlik volmaakte werkies” voortgebring het, dat hy 'n “meester van bou, ... oortuigend van karakterbeelding en ... eg van dialoog” was, en dat die vraag slegs was of Beukes se werk van “voldoende omvang” was om bekroon te word. In die aanbevelingsverslag, ook opgestel deur Bosman, word getwyfel of die werk “die graad van belangrikheid of ryping bereik het wat bekroning verdien”, en tydens die 25 September 1948-Fakulteiiraadsvergadering het Bosman as sameroeper van die Letterkundige Kommissie die verslag persoonlik voorgelê en gesê dat dit nog nie die “waardegraad van bekroning” bereik het nie. Waar by Bosman aanvanklik net twyfel bestaan het oor die ómvang van Beukes se werk, ontvang die onsekerheid oor die belangrikheidsgraad, rypheid en waarde daarvan later klem.

In sy voorlopige verslag het Bosman self Beukes se werk hoër geag as dié van De Klerk, maar in alle verwysings daarna is hierdie twee dramaturge op gelyke vlak gestel. Uit die telegram aan Dekker, die aanbevelingsverslag en Bosman se persoonlike opmerking tydens 25 September 1948-Fakulteiiraadsvergadering, blyk dit dat die bekroning van Beukes en De Klerk net nie tóé al wenslik was nie aangesien die werk “nog nie” bekroningswaardig geag is nie. 'n Moontlike bekroning is implisiet in die vooruitsig gestel.

444 Die Kaaplandse Werkgemeenskap het die eerste Akademieprys vir Vertaalde Werk op 26 Maart 1948 in Stellenbosch aan Van Rensburg oorhandig (FRN 1949: 5 Februarie; FRA 1949: 22 April).

Bosman het die werk van D.F. Malherbe gestel bó dié van Uys Krige indien 'n bekroning vir 'n drama-oeuvre gemaak sou word. Sonder inagneming van ánder kritiek, en deur slegs die tersaaklike Hertzogprysverslae tot op daardie tydstop in berekening te bring, blyk Bosman se voorkeur vir Malherbe se werk bo dié van Krige, onverstaanbaar:

- In die voorlopige verslag merk Bosman op dat, indien kommissieledede buite die gestelde tydperk wou gaan vir 'n bekroning, hy eerstens Malherbe in oorweging wou gee vir sy gesamentlike dramatiese oeuvre. Dan sonder hy ses werke uit, waarvan drie nie in aanmerking sou kom vir die Hertzogprys nie, naamlik *Die Blom van Orleans* (1922), later omgewerk tot *Drakenstein* (1943), en *Die Siel van Suid-Afrika* (sangspele), asook *Die seeman*, 'n verwerking van Malherbe se roman *Hans-die-Skipper* (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514). Die oorblywende drie werke wat uitgesonder word, is
 - ▶ *Amrach die Tollenaar* wat in die 1935-Hertzogprysverslag beskryf is as Malherbe se beste drama naas *Meester* (kyk bladsy 149), maar nie kon kers vashou by Fagan se bekroonde werk nie);
 - ▶ *Demetrios*, wat saam met *Dala* en *Die aandblom van Witsenberg* opgeneem is in *Die Meul Dreun*⁴⁴⁵ en waaroor daar in die 1944-verslag staan dat Malherbe se werk “in die algemeen 'n opvallende gebrek toon aan dinamiese ontwikkelingskrag d.w.s. die vermoë om sy handeling in stygende lyn tot 'n intense hoogtepunt op te voer” (kyk bladsy 229), en
 - ▶ *Moeder en Seun* (1945), die enigste drama wat nuut was vir die 1948-bekroningsperiode, maar waaroor nie uitgebrei word in die verslag nie (kyk bladsy 246).⁴⁴⁶

Niks word gesê van Malherbe se ander werke wat tot in daardie stadium gepubliseer is nie, naamlik *Koringboere* (1921), *Meester* (1927),⁴⁴⁷ *Op die trekpad* (1931) (nie in 1932 bekroningswaardig geag nie – kyk bladsy 137), *Dala* en *Die aandblom van Witsenberg* (1943).

- Bosman het Uys Krige se werk in die tweede plek gestel (kyk bladsy 246), en dan die dramas genoem wat Krige tot op daardie tydstop gepubliseer het, naamlik *Magdalena Retief* (1938) en die eenbedrywe *Die wit muur*, *Die skaapwagters van Bethlehem* en *Die arrestasie* (1940). Hierdie werke was sterk aanspraakmakers vir die 1941-Hertzogprys, is hoog aangeslaan in daardie verslag waarvan Bosman mede-ondertekenaar was (kyk bladsy 193-194), en word

445 *Die meul dreun* self, asook *Die mense van Groenkloof* (1925) sou nie in aanmerking kon kom nie aangesien dit toneelverwerkings is van Malherbe se romans *Die meulenaar* en *Oupa en sy kleindogters* onderskeidelik.

446 Kyk Bosman se kritiek op Malherbe in die 1960-Hertzogprysverslag (bladsy 317).

447 Kyk kritiek daarteen op bladsy 132.

in hierdie 1948 voorlopige verslag getipeer as “deurgaans van hoë standaard”. Uit die Hertzogprysverslae self blyk dit dat Krige se werk van ’n hoër standaard was as dié van Malherbe.

Daar is erg gesloer met die besluit rondom die 1948-Hertzogprystoekening vir Drama, gesien in die lig daarvan dat:

- die samestelling van die Letterkundige Kommissie reeds teen die eerste helfte van 1947 gefinaliseer was;
- Bosman as sameroeper sedert Januarie 1948 ook Akademiesekretaris was en deurentyd op hoogte kon wees van die administratiewe stand van sake, en
- daar tydens die 1 Mei 1948-Akademieraadsvergadering in die vooruitsig gestel is dat die Kommissie sy verslag sou opstel en onder Fakulteitsraadslede sou sirkuleer sodat die prys tydens die jaarvergadering in Julie 1948 oorhandig kon word indien daar ’n toekening sou wees.

Bosman het eers op 20 September 1948 aan die ander twee kommissielede sy voorlopige verslag en aanbevelings geos, en hulle het die finale verslag eers in Oktober 1948 onderteken.⁴⁴⁸ Die hele administratiewe proses rondom die 1948-Hertzogprystoekening was dus onbevredigend, veral die toegewings wat afsnydatumgewys gemaak is, die gedraal met die verslag, die tydsdruk waaronder Bosman mede-kommissielede geplaas het om kommentaar – boonop beperk – te lewer, asook die versnelling van die gewone prosedure deurdat Bosman persoonlik voorleggings aan die Fakulteits- en Akademieraad gemaak het sonder dat die aanbevelingsverslag saam met die agendas uitgestuur is.

As gevolg van hierdie onbevredigende proses, asook die fokus op die wenslikheid al dan nie van ’n Hertzogprystoekening aan ’n vertaalde werk, is punt twee van die aanbevelingsverslag (kyk bladsy 248) nie eers bespreek nie, naamlik die moontlikheid om buite die tersaaklike tydperk te gaan vir ’n bekroning. Sodoende het ’n moontlike bekroning van Krige nie eers ter sprake gekom nie, alhoewel dit onwaarskynlik was dat hy bekroon sou word vir dieselfde werke wat:

- vir die 1941-Dramatoekening met ses stemme teen vier nié bekroon is nie, alhoewel net tien van die Breë Kommissie se vyftien lede gestem het (kyk voetnota 345 op bladsy 196, die

448 Interessant genoeg was hierdie drie Letterkundige Kommissielede, Bosman, Scholtz en G. Dekker, dieselfde persone wat al in 1943 aangewys is as die Akademie se Toneelkommissie, met Bosman as sameroeper (FRN 1943: 26 Februarie). As toneelkommissielede was hulle werksaam tot die benoeming van ’n nuwe Kommissie tydens die 20 September 1948-Fakultetraadsvergadering. Veral Bosman was aktief daarby betrokke, onder andere met die algemene bevordering van die Afrikaanse toneel, en die invloed wat die instelling van die Staatstoneel in 1948 daarop gehad het. Moontlik het Bosman meer aandag gegee aan die Toneelkommissie as aan die Hertzogprys. Interessant dat Bosman in sy voorlopige verslag oor die 1948-Hertzogprys vir Drama ’n moontlike bekroning van Beukes se beste eenbedrywe voorstel, en byvoeg dat dit “ook ’n hoë standaard stel op ’n gebied wat teenswoordig baie belangstelling geniet en op die verhoog steeds meer beoefening ondervind” – kommentaar wat nie net die toneelteks insluit nie, maar ook die opvoering daarvan. In die verslag oor en polemieë rondom die 1952-Hertzogprys vir Drama, was dit ook opmerklik dat Bosman in sy waardering van stukke klem lê op die suksesvolle opvoerbaarheid van dramas.

1941-Hertzogprysverslag op bladsy 192-194 en die Breë Kommissie se mening oor hierdie Krige-dramas op bladsy 195-196);

- ook nié, volgens die nuwe 1942-oeuvremaatreël, in 1944 sterker kon opweeg teen Leipoldt se werk nie (kyk bladsy 232).

Benewens die dramas van Grosskopf en Fagan wat, weens die bepaling dat 'n skrywer nie meer as een keer die onverdeelde prys in dieselfde afdeling kon ontvang nie, buite beskouing gelaat is, verskyn die name van die volgende werke ook nie in die verslag nie:

1945-dramas:

Steyn, Fritz.

Ons bou 'n stad (Unie-Boekhandel)

1947-dramas:

Botha, Lorraine.

Die keuse (Nasionale Pers)

Meij-Louw, Trienie.

Die grootste geskenk (CUM)
Haar grootste offer (CUM)
Verlore (CUM).

5.2.3 DIE 1952-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.3.1 Vooraf

F.C.L. Bosman het 'n **samevatting van reëls en besluite van die Fakulteitsraad in verband met die Hertzogprys** en die nuwe Prys vir Vertaalde Werk soos dit **sedert 1946** vorm aangeneem het, opgestel as **inligtingstuk vir die gebruik deur Keurkommissies en raadslede**. In Oktober 1948 het Bosman vir I.M. Lombard, die vorige Akademiesekretaris, skriftelik gevra om die inligtingstuk deur te gaan vir moontlike aanvullings of verbeterings. Bosman het gemeen dit was 'n juiste en presiese weergawe van die prosedure soos dit tot op daardie tydstip bestaan het, maar wou Lombard se mening hoor voor hy dit uitstuur. Lombard het dit goedgekeur. (LK 1/4: 21 Oktober 1948; FRA 1949: 5 Februarie.) **Die inligtingstuk sien soos volg daar uit** (ook te vind as FRA en FRN 1949: 5 Februarie – bylaag E):

PROSEDURE BY TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS EN DIE
AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERKE, VERAL SOOS BEPAAL OP
DIE RAADSVERGADERINGS VAN DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERE
EN KUNS VAN 20/9/46 EN 25/9/48.

1. Die waarde van hierdie twee pryse bedra £50 en £25 resp.
2. Die pryse word alleen toegeken vir werk van die hoogste gehalte. By onvoldoende gehalte word geen toekenning gedoen nie.
3. Toekennings vir die twee pryse geskied parallel, altans indien vir albei pryse bekroonbare werke aangewys word.
4. Die Hertzogprys is uitsluitend bedoel vir oorspronklike belletristiese [sic] werk in Afrikaans, die Akademieprys vir vertaalde belletristiese werke in Afrikaans.
5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende afdelings:
 - (a) Poësie.
 - (b) Drama.
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).
 - (d) Kritiese prosa en essay.
6. Alleen een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee.
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van vier jaar en wel vir die vier kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.
8. Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.
9. Die onverdeelde prys word nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.
10. Vir sy leiding, by elke afdeling van die letterkunde soos dit aan die beurt kom, benoem die Raad jaarliks 'n ad hoc-komitee, bestaande uit drie deskundiges op die besondere gebied. Die komitee sal bekend staan as die letterkundige keur-komitee, en sal, met inagneming van bogenoemde reëls van prosedure, die Raad met gemotiveerde advies bedien insake die voorgestelde bekroning. Van die keurkomitee word verwag om:
 - (a) By voorkeur een skrywer, maar hoogstens drie skrywers, aan te beveel, wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die bedoelde pryse. Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam noem, staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui;
 - (b) Aanbevelings vir verdeling van pryse soveel moontlik te vermy.
11. As praktiese leidraad vir keurkomitees beveel die Raad aan dat elke keurkomitee in die eerste plek 'n lys opstel van werke in die betrokke afdeling oor die betrokke tydperk. Na die komitee vir homself min of meer vasgestel het watter werke binne die kader van die bekroningstandaard val, kan die komitee,

indien gewens, deur middel van die Akademiesekretariaat, uitgewers nader vir eksemplare van die besondere werke vir verdere studie en oorweging deur die komitee.⁴⁴⁹

12. (a) Indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, ditsy eenstemmig of deur meerderheids- en minderheidsaanbeveling, benoem die Raad 'n breë kommissie van tien lede, aan wie die name van die betrokke skrywer en werke voorgelê sal word, ewenwel sonder kommentaar en sonder om die bevindinge van die letterkundige keurkomitee te vermeld. (Lede van die Raad is nie benoembaar op die kommissie nie).
- (b) Elke lid van die Breë Kommissie sal versoek word om sy stem skriftelik uit te bring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.
- (c) Die Raad oorweeg vervolgens die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die letterkundige keurkomitee en ken die prys toe al dan nie.

Die 1939-Akademieraadsbesluit (kyk voetnota 327 op bladsy 190) verskil in drie opsigte van punt 10 in hierdie Bosman-inligtingstuk:

- voorheen moes die aanstelling van die Letterkundige Kommissie twee of drie jaar vooruit geskied ten einde kommissielede genoeg tyd te gee om al die werke krities te lees, maar nou word gesê dat die Raad jaarliks 'n Komitee aanwys by elke afdeling van die letterkunde soos dit aan die beurt kom;⁴⁵⁰
- die deskundiges is voorheen die “Letterkundige Kommissie” genoem, maar nou word verwys na 'n ad hoc-komitee genaamd “letterkundige keurkomitee”;
- die aantal deskundiges word nou vir die eerste keer spesifiek vasgestel op drie.

5.2.3.2 1952-Hertzogprys vir Drama

In die geval van die 1941-, 1944- en 1948-Dramatoekenningsjare is die benoeming van die Letterkundige Kommissie wel betyds gedoen (kyk onderskeidelik bladsy 190, 225 en 241). Die Letterkundige Kommissie vir die 1952-Hertzogprys is egter eers in September 1951 benoem: dr. F.C.L. Bosman (sameroeper), proff. dr. H. v.d.M. Scholtz en M.S.B. Kritzinger met prof. B. Kok as algemene sekondus (FRN 1951: 24 September). Aangesien Bosman ook die Akademiesekretaris was, het De Coning, die Assistent-sekretaris, die persone skriftelik van hulle benoeming in kennis gestel en meegedeel dat, indien hulle dit nie teen 20 Oktober 1951 bedank

449 Later is die bewoording verander na “gratis” eksemplare (FRN 1949:5 Februarie), maar in nóg latere, effens gewysigde inligtingstukke, kom die woord “gratis” nie voor nie.

450 Daar is in 1954 wyslik teruggekeer na die vroegtydige aanwys van Keurkommissies (kyk eindnota 54 op bladsy 538).

nie, die Raad sou aanneem dat die benoeming hulle welgeval (LK 1/4: 9 Oktober 1951).⁴⁵¹ Die Hertzogprysverslag is deur hierdie drie persone onderteken. Die Kommissie het bestaan uit dieselfde persone as dié wat die 1948-Dramaprys beoordeel het, met die uitsondering van Kritzinger wat vir G. Dekker vervang het. Bosman was weer die sameroeper. Sedert die 1941-Dramatoekenning het F.C.L. Bosman en H. v.d.M. Scholtz vir elke Dramatoekenning (1941, 1944, 1948 en nou 1952) in die Kommissie gedien.

Aanvanklik kon dramas wat gepubliseer is vanaf Januarie 1948 tot Desember 1951 vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking kom (LK 1/4: 9 Oktober 1951 – briewe aan kommissielede). G.T. Minnaar, hoof van Nasionale Boekhandel se uitgewersafdeling, wou in September 1951 skriftelik weet wanneer die afdeling drama weer aan die beurt kom vir die Hertzogprys (LK 1/4: 12 September 1951). Gedurende F.C.L. Bosman, die Akademiesekretaris, se afwesigheid vanaf Julie 1950 tot Januarie 1951, het mnr. C.J. de Coning, die Assistent-sekretaris, opgetree as waarnemende Sekretaris (1950/1951-Akademiejaarverslag).⁴⁴ Hy laat weet vir Minnaar dat dit in 1952 weer die dramabeurt is, en versoek hom om reeds in daardie stadium eksemplare van werke wat moontlik vir die prys in aanmerking kon kom, te stuur (LK 1/4: 15 September 1951). De Coning het ook vir Bosman versoek om die keurkommissieverslag te stuur sodat dit die Akademie nie later as **1 Maart 1952** bereik nie (LK 1/5: 12 Februarie 1952), maar dié sperdatum het vroeg al in die slag gebly.

Sarel Marais, bestuurder van Afrikaanse Pers Boekhandel, het in Januarie 1952 drie dramas aan die Akademie gestuur met die oog op die Hertzogprys, naamlik *Die sluipskutter* en *Die twee lampe* deur Uys Krige, asook Fritz Steyn se *Vername mense* (LK 1/5: 10 Januarie 1952). F.C.L. Bosman het ontvangs daarvan erken (LK 1/5: 19 Januarie 1952) en op 21 April 1952 by Marais verneem of daar, buiten dié drie werke, nie ook ánder stukke uit die tydperk 1948 tot 1951⁴⁵² was wat hulle wou voorlê nie, “of ook toneelstukke spesifiek i.v.m. die Van Riebeeckfeesviering ⁴⁵ (wedstryde of andersins) tot April vanjaar [1952]” (LK 1/5). In ’n soortgelyke brief, gerig aan Voortrekkerpers, **spesifiseer Bosman die datums as 1 Januarie 1948 tot 31 Desember 1951, maar noem 30 April 1952 as afsnydatum.** Dit kom voor asof Bosman sê besluit het op 30

451 Kritzinger se skriftelike aanname van die benoeming is in die argief beskikbaar (LK 1/4: 19 Oktober 1951).

452 In ’n *Huisgenoot*-artikel van 15 Junie 1951 merk F.E.J. Malherbe, destydse Voorsitter van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns, verkeerdlik op dat Hertzogpryse reeds sedert 1914 toegeken word (dit is 1915/1916), en dat die toekennings roteer tussen poësie, drama en verhalende prosa. ’n Vierjaarsiklus was egter nog geldig met Kritiese prosa en essay as die vierde kategorie.

April 1952 as afsnydatum.⁴⁵³ Die insluiting van dramas wat betrekking gehad het op die Van Riebeeckfees, was die hoofrede vir die uitstel van die datum.

Afrikaanse Pers Boekhandel het geen verdere dramas voorgelê nie, ⁴⁶ en 'n uitgewer van Voortrekkerpers, A. van Pletzen, antwoord op Bosman se 21 April-brief dat hulle geen dramas in die betrokke tydperk gepubliseer het wat voorgelê kon word nie (LK 1/5: 24 April 1952).

Gedurende **April 1952** was daar korrespondensie tussen F.C.L. Bosman, Minnaar van Nasionale Boekhandel en die dramaturg W.A. de Klerk, hoofsaaklik oor laasgenoemde se drama *Die jaar van die vuur-os* wat eers in 1952 verskyn het. De Klerk skryf aan Bosman (LK 1/5: 8 April 1952):

Insake “Die Jaar van die Vuur-os”: ek het pas die bladsyproewe terugbesorg aan Nasionale Boekhandel. George Minnaar het onderneem om so gou moontlik 'n stel proewe aan u voor te lê vir beoordeling – en hy sal nog glo vandag ook aan u skrywe, in dié verband.

Ek verkies dat stelle proewe aan u gestuur word. Dan kan dit makliker gesirkuleer word – elke lid van die kommissie kan sy eie stel kry. Verder bevat die proewe die finale en baie belangrike wysigings (hulle is op die oog klein, maar is tog m.i. belangrik) en die beoordelaars sal dus die stuk kan lees **soos dit in Meimaand die lig sal sien**. [Ek benadruk.]

Wat betref die vereiste van publikasie: soos ek u gesê het, glo ek vas dat die tyd nou aangebreek het dat drama, soos in elke ander land, alleen finaal beoordeel word volgens die aanbieding – die verwerkliking in toneelsterme.⁴⁵⁴ **Maar afgesien hiervan is dit natuurlik ook waar dat publikasie van die feesstukke slegs vertraag is omdat dit nie voor die Dramafees moes geskied nie.**⁴⁵⁵ **In die normale loop van sake sou “Vuur-os” en “Getroud” al verlede jaar die lig gesien het.** [Ek benadruk.]

453 Dit herinner aan Gustav Preller, Akademiesekretaris vanaf Februarie 1923 tot Oktober 1927, wat sêlf in 'n 1925-verslag bygevoeg het dat nie net werke wat gedurende 'n bepaalde jaar verskyn het oorweeg sou word nie, maar ook boeke wat nog nie voorheen in aanmerking geneem is nie (kyk bladsy 98).

In die verslag self word gesê dat die Kommissie “eenparig” van mening was dat werke wat geskryf is i.v.m. die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd in 1951, maar deur tegniese e.a. redes eers begin 1952 die lig gesien het, ook in aanmerking kon kom vir beoordeling (kyk bladsy 260). Geen skriftelike bewys kon gevind word dat die ander twee kommissielede daartoe ingestem het nie. Moontlik was daar mondelinge instemming. Die Hertzogprystoekenningsprosedure het egter bepaal dat bekroning strek oor die tydperk van vier **kalenderjare** onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind (kyk bladsy 254).

454 De Klerk beklemtoon die hibriediese aard van die drama as lees- en speelstuk – 'n belangrike faset van drama en 'n onderskeid waarop byvoorbeeld G. Besselaar reeds in 1914 wys (kyk bladsy 33) en wat P.C. Schoonees in sy 1932-minderheidsverslag pertinent noem (kyk bladsy 136).

455 Die Toneelkommissielede het in 1948 in verband met die swak gehalte van reisende toneelgeselskappe aanbeveel dat kontak bewerkstellig moes word tussen skrywers en beroepspelers terwyl stukke nog in manuskripvorm was aangesien 'n gepubliseerde stuk “grotendeels sy oorspronklikheidswaarde vir 'n beroepsgeselskap [verloor]” (FRA 1948: 24 April).

De Klerk bied hier ’n verskoning aan vir die laat-verskyning van sý drama, sowel as Beukes se *As ons twee eers getroud is!* Tog is ’n Krige-drama, *Twee lampe*, wat óók in aanmerking geneem is vir die Van Riebeeckfeeswedstryd, gedateer 1951 (kyk die verslag op bladsy 261). Verder sou die “finale en baie belangrike wysigings” in *Die jaar van die vuur-os* se proefkopie waarna De Klerk in hierdie April 1952-brief verwys, nie vervat gewees het in ’n 1951-gepubliseerde drama nie.

Op 9 April 1952 laat ook Minnaar weet dat die boek in die proefstadium is, en dat dit waarskynlik in die loop van die volgende drie, vier weke gereed sou wees. Hy verneem tot watter datum hulle dit kon voorlê, en of dit in bladsyproefvorm voorgelê kon word indien die Kommissie miskien sou vergader voordat die boek uit die pers was. (LK 1/5.)

Volgens Bosman sou bladsyproewe voorlopig voldoende wees indien die voltooide boek die Akademie nie voor die einde van April kon bereik nie. Hy vra minstens twee, verkieslik drie, eksemplare (of stelle) daarvan aan – ook van De Klerk se drama *Vlamme oor la Roche*, en ander dramas, van watter dramaturg ook al, wat verskyn het in die tydperk 1948-1951 of in 1952 as uitvloeisel van die Van Riebeeckfees, wat Minnaar meen in oorweging kon kom. (LK 1/5: 21 April 1952.) **Die seleksierol wat die uitgewers sedert 1939 begin speel het in die keuring van geskikte dramas vir die Hertzogprys** (kyk bladsy 189), **het dus algemene praktyk geraak.** Saam met die versending van *Vlamme oor la Roche*, laat weet Minnaar op 24 April dat ander dramas wat in die tydperk 1948-1951 by Nasionale Boekhandel verskyn het, nie in aanmerking kon kom nie (kyk voetnota 509 op bladsy 283).⁴⁷ Drie eksemplare van *Die jaar van die vuur-os* is ingebind sodat dit in maklik leesbare vorm kon wees, en op Dinsdagmiddag 29 April per lugpos aan die Akademie gestuur. Op 5 en 9 Mei is eksemplare van elk van hierdie twee De Klerk-dramas gestuur aan onderskeidelik M.S.B. Kritzinger en H. v.d.M. Scholtz. (LK 1/5: 24 April 1952 en 29 April 1952 – brief en telegram van Minnaar aan Bosman.)

Ook Gerhard Beukes het met Bosman gekorrespondeer in verband met sy dramas. Op **7 April 1952** skryf Beukes (LK 1/5):

Ek het Nas. Pers gevra om dadelik twee eksemplare van “Langs die Steiltes” aan u te stuur. Laat my weet of u dit ontvang het. En wanneer u “amptelik” daarmee klaar is, wil ek graag hê dat u en mnr. de Coning die besitters daarvan moet word – met my hartlikste wense. Laat my asb. ook weet wat u van die publikasie dink – dis die eerste van sy soort deur Nas. Pers uitgegee.⁴⁵⁶ “As ons twee eers getroud is” waarvan ek ’n “speel-uitgawe” (?) [sic] gemaak het (– ook die eerste in Afr.) met Siegfried [Mynhardt] se bewegings, verskyn binnekort by van S [Van Schaik].

456 Aangesien Nasionale Pers al heelwat dramas gepubliseer het, moet Beukes se woorde “van sy soort” verwys na sy eie werk wat tot in daardie stadium alles deur Van Schaik gepubliseer is.

Dieselfde dag het Nasionale Boekhandel vir Bosman die twee eksemplare van *Langs die steiltes* gestuur (LK 1/5: 7 April).

De Coning het Beukes vir die dramas bedank en onderneem om dit aan die Letterkundige Kommissie voor te lê (LK 1/5: 26 April 1952). In sy bedankingsbrief, gedateer 12 Mei 1952, d.w.s. **ná die afsnydatum van 30 April**, rig Bosman ’n verdere versoek aan Beukes (LK 1/5):

Kan u egter vuur maak agter Nasionale Pers Boekhandel⁴⁵⁷ om ook “op te skiet” met *As ons Twee eers Getroud is?* En kan hulle ons drie eksemplare stuur sodat ons gou kan maak met die lees daarvan? “Ons Twee”, soos jy weet, is ’n dawerend suksesvolle opvoering geword [sic].⁴⁵⁸

Bosman gebruik hier sy posisie as Akademiesekretaris om ná die, waarskynlik deur hóm ingestelde, afsnydatum van 30 April 1952, stéeds te vra vir nóg ’n gepubliseerde drama om in aanmerking te neem vir die Hertzogprys – ’n versoek gegrond op sy eie positiewe waardering vir die opvoeringswaarde van *As ons twee eers getroud is!*⁴⁵⁹

In *Die Huisgenoot* van 16 Mei 1952 is aangekondig dat alle dramas “wat uit die Van Riebeeckfeesviering gebore mag wees”, in aanmerking sou kom by die toekenning van die Hertzogprys vir Drama in 1952 (Spies 1952:3).

Tydens die 29 Maart 1952-Fakulteitraadsvergadering is gerapporteer dat die verslag ingewag word. Indien die aanbeveling eenparig was, sou dit aan die Raad gesirkuleer word vir goedkeuring. Verdeelde aanbevelings sou oorgehou word vir ’n volgende raadsvergadering.

Op 11 Mei 1952 het Bosman die 1952-Hertzogprys met Scholtz bespreek en die volgende dag per brief opgemerk dat dit voorkom of Beukes, De Klerk en Krige in aanmerking kom daarvoor, en dat, soos Scholtz sou opmerk, stukke by die gelyste dramas ingesluit is “wat reeds in 1951 vir die Van Riebeeckfees geskryf is, maar om tegniese redes eers begin 1952 gedruk is” (LK 1/5). Ook in die finale verslag gee Bosman voor dat die 1952-tekste alreeds aan die begin van 1952 gepubliseer is. Bosman meld in hierdie 12 Mei 1952-brief ook dat Scholtz eersdaags *As ons twee eers getroud is!* kon verwag, maar vra op dieselfde dag eers vir Beukes skriftelik om die uitgewers te versoek om gou te maak met die beskikbaarstelling van hierdie drama.

457 Van Schaik het dit in 1952 gepubliseer.

458 Binge dui in *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel 1832 tot 1950* (1969:253) aan dat *As ons twee eers getroud is!*, 185 keer deur die N.T.O. in 1952 opgevoer is.

459 Insiggewend dat Krige, wat met *Die ryk weduwee* ’n tweede plek behaal het in die Van Riebeeckwedstryd (kyk eindnota 45 op bladsy 533) nie, soos Beukes en De Klerk, met die Akademie gekorrespondeer het oor sy werk nie, en dat Bosman hom waarskynlik ook nie oor die moontlike publikasie van sy wenstuk (wat in 1953 verskyn het) genader het nie.

Die lywige finale verslag, eers op 14 Junie 1952 deur Bosman geteken, begin só:

Nominaal het hierdie periode ten einde geloop in Desember 1951 en is die Kommissie veronderstel gewees om alleen werke in aanmerking te neem wat letterlik voor 31 Desember 1951 gepubliseer is. Die kommissie was egter eenparig van mening dat werke wat geskryf is i.v.m. die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd in 1951 en daarvoor in aanmerking gekom het, maar deur tegniese e.a. redes eers **begin 1952 die lig gesien het** [ek benadruk], ook in aanmerking moes kom vir die beoordeling. Trouens sommige van hierdie werke is gedateer 1951 hoewel hulle eers begin 1952 werklik verskyn het, en die Raad in 1948 ook so 'n gedragslyn goedgekeur het [sic].⁴⁶⁰

Die Raad het, met die finale besluit om geen Hertzogprystoekening vir 1948 te maak nie, slegs per implikasie hierdie gedragslyn goedgekeur, want dit was Bosman sêlf wat die administratiewe proses gemanipuleer het, veral die besluitneming rondom watter dramatekste in aanmerking kom op grond van publikasiedatums (kyk bladsy 242-252).

Dan vervolg die verslag:

Met aanvaarding van hierdie opvatting het die volgende skrywers en werke in aanmerking gekom.

BEUKES, G.A. [G.J.]⁴⁶¹

- (a) Kerse teen die Wind. Tien Eenbedrywe.⁴⁶² 1950. [Van Schaik] (Hieronder ook twee eenbedrywe⁴⁶³ uit Uitgesoekte Eenbedrywe,⁴⁶⁴ 1948, van verskillende skrywers deur G.A. [G.J.] Beukes [Van Schaik]).⁴⁶⁵

460 Met betrekking tot publikasiedatums en werklike verskyningsdatums, kyk ook opmerking (2) op bladsy 243 en voetnota 422 op dieselfde bladsy.

461 Op verskeie plekke in die oorspronklike verslag word Beukes se voorletters verkeerd aangedui as G.A.

462 Dit bevat die volgende tien eenbedrywe deur Beukes: *Kerse teen die wind*, *Die vrees*, *As die nefie kom kuier!*, *Die hand wat Hy eenmaal geneem het*, *Die braaiboud*, *Oktobernag*, *In my dae*, *Die ligblou vaas*, *Mamma het planne* en *Laat die kerse brand!*

463 *As die nefie kom kuier!* en *Die vrees* deur Gerhard J. Beukes

464 Hierdie publikasie bevat die volgende ses nuwe eenbedrywe: *Die dikker bloed* (Bosman de Villiers), *Die reën van jou liefde* (W.A. de Klerk), *Goud* (Anna M. Louw), *Storm* (Paul Roubaix), *As die nefie kom kuier!* en *Die vrees* (Gerhard J. Beukes).

465 Hier word wel genoem dat *Die vrees* en *As die nefie kom kuier!* reeds in die 1948-publikasie *Uitgesoekte eenbedrywe* opgeneem is – 'n werk wat op grond van verskyningsdatum self vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking kon kom. Van die tien eenbedrywe in die versamelbundel *Kerse teen die wind*, was slegs twee nuut vir hierdie 1950-publikasie, naamlik *Mamma het planne* en *Kerse teen die wind*. Vyf eenbedrywe is reeds in die 1945-bundel *Laat die kerse brand! en ander eenbedrywe* opgeneem, naamlik *Die hand wat Hy eenmaal geneem het*, *Die braaiboud*, *Oktobernag*, *In my dae* en *Laat die kerse brand!* (kyk bladsy 243). Die eenbedryf *Die ligblou vaas* het vir die eerste keer in die 1946-publikasie *Ses eenbedrywe* verskyn (kyk voetnota 431 op bladsy 243). Van die tien eenbedrywe in *Kerse teen die wind* het ses reeds vir die 1948-Hertzogprys in aanmerking gekom. Slegs *Die vrees* en *As die nefie kom kuier!* (uit die 1948-publikasie *Uitgesoekte eenbedrywe* – ook opgeneem in die versamelbundel *Kerse teen die wind*), asook *Mamma het planne* en *Kerse teen die wind*, was nuut vir die 1952-toekenningsjaar.

- (b) Salome Dans. 'n Spel in drie bedrywe. 1950. [Van Schaik] (Bekroon met die eerste prys in die Krugersdorpse Diamantjubileum-toneelwedstryd, 1949, uitgeskryf deur die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera).
- (c) Langs die Steiltes. Hoogtepunte uit ons Driehonderdjarige Volkswording. [1952 – Nasionale Boekhandel] (Eervol vermeld in Van Riebeeckwedstryd. Weens afwyking van sommige voorwaardes, buite rekening gelaat vir bekroning).
- (d) As Ons Twee Eers Getroud is. [1952 – Van Schaik] (Met eerste prys bekroon in Van Riebeeck-feeswedstryd).

II. DE KLERK, W.A.

- (a) Vlamme oor La Roche. Drama in Vier Bedrywe. 1951. [Nasionale Boekhandel]
- (b) Die Jaar van die Vuuros. Toneelstuk in vier bedrywe. 1951/1952.⁴⁶⁶ [Nasionale Boekhandel] (Met eerste prys bekroon in Van Riebeeckfeeswedstryd).

III. KRIGE, UYS.

- (a) Alle Paaie gaan na Rome. Drie Eenbedrywe.⁴⁶⁷ 1949. [Unie-Volkspers]
- (b) Die Sluipskutter. Eenbedrywe. (Naas titelstuk, Die Ongeskrewe Stuk, 'n Impromptu, en Die Gees van die Water, 'n hoorspel). 1951. [APB]
- (c) Twee Lampe. 'n Drama in drie bedrywe. 1951. [APB] (Onbekroonde Drama in Van Riebeeckfeeswedstryd).

IV. STEYN, FRITZ.

Vername Mense. Spel in drie bedrywe. 1951. [APB]

V. MALHERBE, D.F. Drie Bedrywe. 1948.⁴⁶⁸

- (a) Abimelech. Drama. [1948 – Nasionale Boekhandel]

466 In die commendatio (kyk eindnota 50 op bladsy 535) word die jaar aangetoon as 1951, terwyl Nienaber in *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a:134) slegs die datum 1952 meld.

467 Dit sluit in *Fuente Sagrada*, *Die grootkanonne* en *Alle paaie gaan na Rome*.

468 In die amptelik getekende verslag, asook kopieë wat daarna oorgetik is, verskyn hierdie woorde en jaartal direk na die naam van Malherbe. Aangesien die dramaturg slegs een drama in 1948 die lig laat sien het, naamlik *Abimelech* – 'n drama in drie bedrywe, het “Drie bedrywe” en die datum betrekking op *Abimelech* en is dit per toeval langs Malherbe se naam getik in plaas van by die drama wat net daarna genoem word. Nienaber maak self die regstelling in *Rappier en knuppel* (1965b:192).

- (b) Die Uur van die Rooi Maan en ander Eenbedrywe.⁴⁶⁹ 1950. [Nasionale Boekhandel]

BEUKES, G.A. [G.J.]

In sy tien eenbedrywe, 'n keur uit vroeëre werk, aangevul met latere werk⁴⁷⁰, toon Beukes hom ongetwyfeld as die grootmeester onder ons huidige Afrikaanse eenbedryfskrywers. Vir hierdie werk alleen al, sou hy in ernstige aanmerking kan kom vir die Hertzogprys. Hy het 'n onfeilbare oog vir situasie, deurskou sy figure, is eg en beeldend van dialoog, beskik oor groot konsentrasie van voorstelling, en is 'n meester van dramatiese bou: skepping en styging van spanning, onverwagte wending, verrassende oplossing. Uit lg. veral blyk sy diepere lewensinsig. Hy het ook oog vir komiese sowel as ernstige situasie. Die tien eenbedrywe bestaan uit ses ernstige stukke, waarvan vyf tragies, en vier bly- of klugspelletjies. In die tragiese Kersspel Laat die Kerse Brand bereik hy 'n volmaakte en sublieme hoogte.

Salome Dans bring die bekende Bybelse tema van Herodes wat Johannes die Doper teen wil en dank moet laat onthoof op grond van 'n belofte gedaan aan Salome, die danseres. Hier word die rede van Salome egter anders verklaar. Sy wil haar wreek op Johannes omdat hy nie wou beswyk vir haar verleidingspel nie en sy reeds byna 'n waansin ontwikkel het om alle manne die slagoffers van hul hartstogtelike begeerte vir haar te maak. Sy word in die stuk eintlik die personifikasie van die hartstog en die ontwikkelingsgang van die hartstog word getoon in haar drie danse: die Ontwaking van die Hartstog, die Triomf van die Hartstog en Die Onsterflikheid van die Hartstog. Maar daarnaas sien ons ook in Johannes die Doper die mag van die gees oor die vlees en, by Herodes self, die stryd tussen vlees en gees waarby ten slotte die hoë geestelike besef weer uitbreek bo die laere bedwelmende verlokkinge van die vlees.

Salome dans is 'n stuk van visie en digterlike krag. Die hooffigure daarin, soos ook die jong Jood Marcellus, word sterk en duidelik geteken. Daar is psigologiese deurdringing, skerp oog vir situasie en décor, dramatiese stuwings en gang. Chronologies en in feiteweergawe is die stuk nie heeltemal histories juis nie. Maar geestelik-histories, as evokasie van 'n bepaalde geestesgang, kan dit aanvaar word. Hoewel 'n Bybelstuk is dit vry van die didaktiese toon. Moontlik is die dialoog enigermate te veel in vergelyking met die handeling. Dis ook 'n stuk wat vir sy sukses baie sal afhang van die regte regie: insonderheid die vertolking van die dansende Salome. Indien nie 'n stuk van die hoogste bekroningsgehalte nie, is dit tog 'n stuk wat ongetwyfeld binne die bekroningsveld val.

Langs die Steiltes is een van ons vernaamste digterlike dramas uit jongere tyd. Die stuk is 'n koorspel (cantata) van Die Dieper Reg-tipe, maar begrypiker, uitvoeriger en ryker aan wisseling van toon, hoewel nie miskien heeltemal so hoog digterlik, as Die Dieper Reg nie. Dit bly ewenwel 'n stuk van verrassend hoë digterlike siening en segging. Dit besit tal van pragtige reëls en treffende beelde en kan gesprek sowel as gesing word. Die laaste gedeelte getuig van sterk dramatiese sin deur die onverwagte en boeiende gedagtekening. Die skrywer verwerp verdere oorlog as middel vir verkryging van volksvryheid en volkseenheid. In die plek van geweld kom geeskrag en kultuurmagte. Vaste wil en groot geestesgoedere moet die Afrikaanse volk se grootste stukrag uitmaak. Enkelvoudige trou en liefde aan Suid-Afrika moet almal ten slotte saambind in een nasieskap.

469 Dit bevat die volgende ses werke deur Malherbe: *Macherus, Die uur van die rooi maan, Vader se naam, Die aanbod, Krom stompe* en *Staf of kroon*.

470 Kyk voetnota 465 op bladsy 260.

Die stuk bring ’n verhewe sinryke gedagte van volkswording vir enige groot volksfees. Dit is ’n digterlike spel van hoë wyding, diepe roering en sterke toneelmoontlikhede.

Terloops mag bygevoeg word dat die stuk ook tipografies (letter, papier en tekening) ’n pragwerk is.

As Ons twee eers Getroud is is ’n klugtige blyspel waarin vier pare die huwelik vind of hervind. Die stuk is besonder knap van bou hoewel die karakters soms miskien te karikaturaal voorkom (vgl. Ma van der Merwe en die weduwee Violet Bloom) en die komiek enigsins geforseerd is. Terselfdertyd is die stuk ryk aan kostelike situasies en tiperinge en bring ’n rake ontmaskering van menslike gebreke (sedeblyspel) waarby die jongensagtige oupa ’n belangrike rol speel. Oupa is trouens een van die onvergeetlike skeppinge in ons toneelletterkunde.

Al hierdie werk is in die groot of goeie klas. Deur Beukes se meesterskap van vorm, sy breë veld van onderwerpe en figure (nasionaal sowel as internasionaal), sy egte en deurdringende karaktertekening, sy treffende dialoog, sy tragiese sowel as komiese vermoë, sy digterlike siening sowel as intellektuele krag, verdien Beukes sonder enige twyfel die Hertzogprys, insonderheid vir sy eenbedrywe, Salome Dans en, as toppunt, Langs die Steiltes.

W.A. DE KLERK.

Vlamme oor La Roche laat sien dat nes die vlamme langs die hange van die berg onkeerbaar op die ou Bolandse plaas La Roche neersak en dit uiteindelik verteer, so sak die vlamme van die hartstog toe op die inwoners van La Roche tot dit hulle ook al drie – man, vrou en minnaar – vernietig.

Die stuk is feitlik onvervalste tragiek van begin tot end. Dit begin met ’n swaar stemming en beweeg met ’n byna Griekse noodwendigheid tot sy einde. Die “skuldbesef” kleef al drie die hooffigure aan en ook in hierdie opsig, soos in die Griekse tragedie, is dit eerder ’n sedelike as ’n fisiese skuldbesef. Die dood van die man deur die hand van die minnaar was nie werklik “moord” nie; die vrou was selfs heeltemal onbewus van die gebeurtenis hoe sterk die skyn ook teen haar is. Tog voel minnaar en vrou as hooggestemde, idealistiese wesens hulle sedelik beswaar en verkies albei om vrywillig die dood in te gaan eerder as om die eventuele straf van ’n fisiese gereg te ondergaan.

Dit is ’n sterk stuk hoewel die sielkundige gang nie altyd voldoende gemotiveerd is nie. Die “slegtigheid” van die man Hannes lyk plek-plek “gemaak”. Dippenaar se “regsgevoel” toon hom nie altyd gelyk nie. Die “vastrekking” van Christine wat getuienis en redenering betref, lyk geforseerd. Tog is dit ’n knap en speelbare stuk wat inpas in die groot lyn van de Klerk se sielkundige probleem dramas.

Met Die Jaar van die Vuuros het de Klerk egter sy hoogtepunt [tot] dusver bereik. Dit is ’n sosiale probleem drama wat in elke opsig sterk is: die skepping van die situasie, die stelling van die probleem, die verskeidenheid van verteenwoordigende figure, die voortstuwings van die aksie, die heftige botsings (swart en wit, blank en blank, persoon en persoon), die beeldende dialoog, die intellektuele krag, die diep gevoel. En oor alles heen kort-kort die liggende flitse van die egte humor veral in die mond van die so intens menslike en tegelyk so intens denkende en begrypende ou “generaal”.

Hoewel die wit-swartprobleem die hoofsaak is in die stuk, word sydelings ook die probleem van Afrikaner-Engelsman raak aangeroer. (Die Afrikaanse gesin – Gillian Hammond).

Die figure in die stuk is almal vas en deurdringend geteken: lewende persone en veral by die hooffigure, van onvergeetlike gestalte. So is daar die forse ou “generaal” (’n verhoogde dr. Steenkamp-figuur); Pieter, sy seun, volksraadslid, man van woord en daad; Alexis die opstandige; Kemp, die dweepsugtige Michael Scott-tipe ens.

Merkwaardig is ook hoe die skrywer, by sy sterk deurvoeling van die situasie, ’n seldsaam regverdige en objektiewe toon weet te bewaar. Die oplossing wat hy ten slotte dan ook aanbied, tref ’n hoë, etiese toon. Dit is geleë in opoffering en ’n os is nie meer genoeg nie – miskien ook voorvaderlike grond!

Die bou van die stuk is heg: pragtig gebalanseerd van handeling, juiste afwisseling van toon, verbysterende klimaks en roerende ontknoping. Daar is een décor dwarsdeur, maar die sfeer verander steeds deur beligting en bygeluide op besondere suggestiewe wyse.

Dis ’n stuk van groot formaat waaruit ’n groot liefde vir die land spreek en wat ’n groot boodskap verkondig of ’n mens nou orals daarmee saamstem of nie. Dit toon ’n sosiale insig en ’n beeldende vermoë wat ’n mens aan Ibsen laat dink. As drama in die gewone sin van die woord is dit inderdaad die voortreflikste stuk wat die Van Riebeeckfees voortbring het.

Waar Beukes deur ’n herdruk van sy eenbedrywe hierdie werk ook vir hierdie tydperk kan laat geld [kyk voetnota 465 op bladsy 260], sou dit miskien billik wees om de Klerk se vorige werk ook te erken by bekroning. Hieronder val veral sy Drie Vroue [1945],⁴⁷¹ drie eenbedrywe van besonder sielkundige betekenis hoewel in bou nie so knap en in karaktervoorstelling nie so oortuigend of Afrikaans soos Beukes nie. ’n Sterk Bybelse eenbedryf is Pilatus [1946].

Op dieselfde wyse munt de Klerk se Drie Dramas [1947]⁴⁷² uit d.w.s. in sielkundige uitbeelding hoewel Nag het die Wind Gebring hier sterker in Afrikaanse rigting gaan as die ander twee. Die stuk toon egter nog opvallende gebreke van situasietekening en sielkundige motivering. Hellersee daarenteen hoewel meer “algemeen-menslik”, is byna Strindbergiaans van meedoënlose probleemstelling, felle ontleding en tragiese ondergang. Dit is ongetwyfeld de Klerk se sterkste drama voor die Vuuros.

Ons beveel dus aan dat de Klerk bekroon word, insonderheid vir Die Jaar van die Vuuros[,] maar ook vir sy ander werk (eenbedrywe en Drie Dramas).

471 *Drie vroue: ’n trilogie van spele* (Nasionale Boekhandel) bevat die volgende drie werke deur W.A. de Klerk: *Die jammer hart*, *Die volmaakte huwelik* en *Ontvlugting*.

472 Dit bevat die volgende werke deur W.A. de Klerk: *Die verterende vuur*, *Nag het die wind gebring* en *Hellersee* (Nasionale Pers).

In ’n brief van F.C.L. Bosman aan H. v.d.M. Scholtz (LK 1/5: 12 Mei 1952), merk Bosman in verband met *Drie dramas* op:

Hierdie bundel hoewel gedateer 1947, het eers in 1948 verskyn. Dit is egter die vorige keer ook in aanmerking geneem.

(Kyk bladsy 243.)

UYS KRIGE.

Alle Paaie gaan na Rome is 'n versameling van drie eenbedrywe nl. die titelstuk⁴⁷³ (met 'n Italiaanse motief waarin 'n grootmoeder tevergeefs transport na Rome in militêre vragwaens soek om behandeling vir haar kleindogter, sprakeloos deur oorlogskok, te verkry); Fuente Sagrada⁴⁷⁴ (die heilige put, 'n motief uit die Spaanse Burgeroorlog, waarin baie nodig is om 'n boer te laat begryp hoe noodsaaklik sy stootkarretjie is vir die buitelandse vegter vir sy land); Die Grootkanonne⁴⁷⁵ (met Suid-Afrikaanse na-oorlogse motief van kêrels wat grootkanonne was in die oorlog en nou weer doodgewone mense tuis is). Al drie stukke het hul verdienstes, hoewel Alle Paaie gaan na Rome ongetwyfeld die beste is, selfs een van die beste in Afrikaans. Dit munt uit deur treffende situasie, roerende dialoog en fyn stemmingstekening.

Na Alle Paaie is Fuente Sagrada die beste. Dit het knap situasietekening, mooi kontrastering van tipes, gevoelige dialoog en besit 'n onverwagte wending wat besondere begrip van die boer se karakter toon.

Die Grootkanonne is die langste en die swakste van die drie. Dis eintlik 'n klug, met 'n vermenging van diepere waarhede en spot. Maar dit ontaard meestal in dronkemansburlesk en onnatuurlike taal veral in die digterlike passasies. Ongetwyfeld kan dit baie vermaaklik wees maar te veel karikatuur bederf sy sinrykheid.

Die Sluipskutter⁴⁷⁶ speel [af] in Italië tydens die jongste Wêreldoorlog netsoos [sic] Alle Paaie gaan na Rome. Heinrich, die Duitse sluipskutter, word gevang en doodgeskiet deur die Kolonel wat nie wil insien dat die Duitser bloot sy plig gedoen het nie. Die Kolonel handel uit weerwraak vir die dood van sy ander manne deur sluipskutters en hier in besonder ook vir die dood van sy peetseun, Liebenberg, hoewel lg. self die grootste skuld aan sy eie dood gehad het. Treffend is die reaksie van die ander figure in die geval: die Joodse offisier Meyer, wat dit 'n onmenslike daad vind; die Italiaanse vrou eweneens; trouens ook al die ander. Heinrich aanvaar die daad as 'n noodwendigheid. 'n Sterk stuk met sterke situasie, strakke figure en kragtige dialoog. Die Kolonel se onversetlikheid is miskien minder aanvaardbaar [sic].

Die Ongeskrewe Stuk, 'n impromptu, wat voorkom in Die Sluipskutter, is 'n stuk van die tipe van Pirandello se Six Characters in Search of an Author [1921]⁴⁷⁷ en is 'n kort drama eerder as 'n eenbedryf. In hierdie stuk daag die musikant, regisseur, student, akteur, meisies ens. net voor 'n opvoering op en, bloot deur hul aanwesigheid op die verhoog en deur hul onderlinge verhoudings, ontstaan daar 'n nuwe stuk.

Dis 'n knap werk, uitstekend saamgestel, vol lewe en beweging met sprankelende dialoog. Treffende gesegdes en geestige spotterny met "Schwärmerei" van allerlei aard (toneel, musiek, liefde, die Lewe, jeugdige opstandigheid), met geleerdheid, politici,

473 Die eenbedryf *Alle paaie gaan na Rome* is ook opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe* (1949) (hierin verskyn dit onder die titel *Alle paaie lei na Rome*), in Gerhard J. Beukes se *Woord en masker* (1964), Uys Krige se *Vier eenbedrywe*, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer (1968), en in J.B. Vermaak se *Voort met die spel: 'n eenbedryfkeur* (1990).

474 Ook opgeneem in *Die wit muur en ander eenbedrywe* (1973) deur Krige.

475 Ook afsonderlik gepubliseer deur DALRO (1969) en opgeneem in *Die wit muur en ander eenbedrywe* (1973) deur Krige.

476 Ook opgeneem in Uys Krige se *Vier eenbedrywe*, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer (1968).

477 Dit is 'n vrye verwerking van Pirandello se *Ses karakters op soek na 'n outeur/skrywer*; ook afsonderlik gepubliseer deur DALRO (1970) en opgeneem in *Die kleiner kosmos* (1980) deur P.P.B. Breytenbach en T. Hauptfleisch. Aangesien net oorspronklike tekste bekroon kan word, is die insluiting van hierdie teks vir beoordeling debatteerbaar (kyk by "Dramaverwerkings" in eindnota 3 op bladsy 513-514).

kultuurleiers, is volop. Meermale is al sulke buitenissighede maar net die gevolg van vrydelde liefde. Eintlik is die stuk eerder 'n dramatiese skets as 'n egte drama. Maar dis buitengewoon knap geskryf en aantreklik van voorstelling hoewel nie "groot" nie. Dis eg 'n studentestuk.

Die Gees van die Water, in dieselfde bundel, is 'n fyn, digterlike stukkie waarin die Water leer dat die wese van die heelal onrus is en dat die rus wat hy eers versmaad het die ware geluk bring.

Twee Lampe is 'n melodrama van 'n hardvotige vader wat so hardleers⁴⁷⁸ is dat hy twee seuns tot selfmoord drywe. Daar is enkele mooi gedeeltes in die stuk maar dit is as geheel ver onder Krige se gewone peil.

Hoewel daar uitstekende werk is onder die genoemde stukke van Krige[,] staan dit as geheel tog dusdanig agter by Beukes of de Klerk, dat dit nie gelyk gestel kan word met hul werk vir bekroning nie. Moontlik kan dit by 'n latere geleentheid as aanvullende werk geld vir 'n eventuele bekroning.

FRITZ STEYN.

Vername Mense is 'n geestige, lewendige spotterny met grootdoenery en skyndeug in stedelike Afrikaans-sosiale kringe (alles wys op Johannesburg), oor die algemeen skitterend van dialoog maar bietjie yl en onoortuigend van intrige en karaktertekening. Insonderheid sien ons hoe 'n "would-be" diamantsmökkelaar en aanknoper van 'n liefdesverhouding met 'n lighoofdige maar aantreklike middeljarige vrou van 'n kennis[,] betyds tot beter insigte "teruggeskrik" word. Ook die vrou leer haar les. 'n Verdienstelike stuk maar nie in die groot klas nie.

D.F. MALHERBE.

Abimelech, Oud-Testamentiese motief uit die Boek van Rigters, is die tragedie van die eersugtige seun van die rigter Gideon wat al sy 70 broers, op een na, doodmaak ten einde koning te word. Die ontsnapte jongste broer bewerk ten slotte natuurlik weer Abimelech se ondergang. Die tragiek van Abimelech lê egter nie soseer in sy dood aan die hand van 'n vrou wat 'n steen op hom werp nie[,] maar in die feit dat hy selfs reeds begin walg het van sy wreedhede waarvan die een steeds weer tot 'n volgende lei sodat sy dood hom byna as 'n verlossing kom.

Die stuk is in versvorm, is sielkundig suiwer, bevat mooi digterlike voorstellings en treffende "sententiae". Dis 'n goeie, roerende stemmingstuk eerder as 'n groot drama. Vir "groot" is alles net nie sterk of diep genoeg nie.

Die Uur van die Rooi Maan bevat ses eenbedrywe van ongelyke gehalte. Macherus, gedeeltelik in versvorm, bring die Herodes-Salome motief in mooi taal, treffende situasie en sterk slotgedagte. Die Uur van die Rooi Maan is die knap en roerende, maar ook enigsins melodramatiese, gegewe van 'n meisie met spiritistiese aanleg wat saam met haar verongelukte geliefde uit die lewe gaan.

Vader se naam toon aan dat die skyn soms lelik kan bedrieg. Dis 'n nuttige maar vlak stukkie. Die Aanbod is ook 'n dun gevalletjie van 'n weduwee wat haar gedwonge voel om hoognodige ekonomiese hulp te weier, aangesien dit kom van 'n skuldbewuste minnaar wat haar as jong meisie in die steek gelaat het. Krom Stompe is 'n sinnebeel-

478 *Van Dale* dui die betekenis van die Nederlandse woord "hardleers" soos volg aan: "moeilijk lerend, bot; – ook in de zin van: lessen van de ervaring niet ter harte nemend" (Kruyskamp 1976, sv 'hardleers').

dige stukkie uit die monnikelewe. Ook Rudolphus het 'n "kwas" van verlange na die lewe wat die oorwinning op hom behaal as hy sy ou geliefde Robina teenkom. Die stuk belooft meer as wat dit bring. Staf of Kroon is nog 'n kloosterstuk met verheffende sinryke gedagte. Bernardo het die klooster by Bologna tot 'n bloeiende, mensdienende instelling gemaak. Maar as Bologna hom wil vereer daarvoor, verkies hy om weg te gaan: liewers die bedelstaf van nederige diens behou as die kroon van eer aanvaar.

Alles bymekaar is dit werk van verdienste maar nie op sigself van bekroningsgehalte nie.

Samevattende word dus aanbeveel dat Beukes en de Klerk albei bekroon word en wel deur verdeling van die Hertzogprys vir Drama. Beukes word bekroon insonderheid vir Langs die Steiltes, sy eenbedrywe, Salome dans (in mindere mate As ons Twee Eers Getroud is); De Klerk vir Die Jaar van die Vuuros en sy ander werk (Vlamme oor La Roche, Drie Dramas, die eenbedrywe Drie Vroue).

In die lys van beoordeelde werke noem Bosman vier dramas wat in aanmerking gekom het vir die Van Riebeeckwedstryd:

- *Langs die steiltes* deur Beukes ("Eervol vermeld in Van Riebeeckwedstryd. Weens afwyking van sommige voorwaardes, buite rekening gelaat vir bekroning");
- *As ons twee eers getroud! is* deur Beukes ("Met eerste prys bekroon in Van Riebeeckfeeswedstryd");
- *Die jaar van die vuur-os* deur De Klerk ("Met eerste prys bekroon in Van Riebeeckfeeswedstryd");
- *Twee lampe* deur Uys Krige ("Onbekroonde Drama in Van Riebeeckfeeswedstryd").

Dit is opvallend dat Bosman in sy verslag uitdruklik noem dat De Klerk en Beukes se werke bekroon is of eervolle vermelding gekry het, maar dat Krige se drama onbekroond was.⁴⁷⁹ Dit is kommentaar wat ongesê kon gebly het ten einde ander lesers van die verslag 'n kans op 'n meer onbevange oordeel te gee.

Bosman verskaf self ná elke gelyste drama die publikasiedatum daarvan, maar verswyg dit by die twee 1952-Beukes-publikasies, naamlik *Langs die steiltes* ('n 1952-publikasie wat ongeveer 3 weke voor die 30 April 1952-afsnydatum aan die Akademie gestuur is – kyk bladsy 259), en *As ons twee eers getroud is!* (ná April 1952 gepubliseer).⁴⁸⁰ By *Die jaar van die vuur-os* meld hy die datum 1951/1952 terwyl dit eers teen einde April 1952 in rofweg-gebinde vorm aan die

479 In 'n brief aan 'n Fakulteitraadslid, prof. J. du P. (Canis) Scholtz, gedateer 15 Junie 1952, skryf F.C.L. Bosman dat Dekker en Anna Neethling-Pohl saam met hom op die Kommissie gedien het wat Beukes en De Klerk met eerste pryse vir die Van Riebeeckfees bekroon het en dat hulle drie "geen twyfel" oor die "verdienselikeid" van *Die jaar van die vuuros* en *Langs die steiltes* gehad het nie (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[5]).

480 Die 1952-datum word wel in die commendatio genoem (kyk eindnota 49 op bladsy 534).

Akademie beskikbaar gestel is (kyk bladsy 258). Nie een van hierdie drie dramas het “begin 1952 die lig gesien”, soos beweer in die inleidingsparagraaf nie, maar eers ’n paar maande later.⁴⁸¹ As sameroeper, maar terselfdertyd ook Akademiese sekretaris, het Bosman administratief gesorg dat Beukes en De Klerk se laat-gepubliseerde dramas in aanmerking kom. Indien daar streng gehou is by die afsnydatum van 31 Desember 1951, sou hierdie laatgekome en bekroonde dramas van Beukes en De Klerk in 1956 moes meeding met *Dias* (1952) deur N.P. van Wyk Louw en *Periandros van Korinthe* (1954) deur D.J. Opperman – ’n toets wat die tekste nie sou kon slaag nie.

In sy verslag redeneer Bosman dat Beukes deur ’n herdruk van sy eenbedrywe hierdie werk ook vir die 1952-tydperk kon laat geld, en beskou dit as billik om De Klerk se vorige werk ook te erken by bekroning. Tog is geen vorige werk van Uys Krige in berekening gebring nie. Die vorige dramas van Beukes en De Klerk wat wel bekroon is, kom weliswaar almal uit die bekroningsperiode vir die 1948-Hertzogprys vir Drama en Krige het in daardie tydperk niks nuuts gepubliseer nie, maar Bosman maak in sy verslag net melding van “vorige werk” en spesifiseer nie jaartalle nie. Selfs al sou Bosman alle dramaturge se werk oor dieselfde kam geskeer het en ook Krige se herdrukke in berekening wou bring, **druis hierdie besluit van Bosman reëlreg in teen die Akademierraadsbesluit van 27 November 1926 dat geen tweede of verdere drukke in aanmerking kom vir die Hertzogprys nie** (kyk bladsy 113).

Vir die 1941-Dramajaar toe geen toekenning gemaak is nie, het Krige se *Magdalena Retief* en die eenbedrywe *Die wit muur*, *Die skaapwagters van Betlehem* en *Die arrestasie* in aanmerking gekom. Scholtz en Bosman het toe in hulle verslag opgemerk dat Krige se werk oorweging verdien met die oog op die Hertzogprys, maar dit betwyfel of hy daarin reeds “die rypheid, breedte en diepte bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer” (kyk bladsy 194). In die 1948-verslag merk F.C.L. Bosman op dat hierdie Krige-werke deurgaans van hoë standaard is, maar moontlik nog nie omvangryk genoeg nie (kyk bladsy 246).

Vir die 1952-Dramajaar het die volgende stukke van Krige bygekom en beslis sy drama-oeuvre omvangryk genoeg gemaak vir bekroning: die eenbedrywe *Alle paaie gaan na Rome*, *Fuente Sagrada*, *Die grootkanonne*, *Die sluipskutter*, *Die ongeskrewe stuk* en *Die gees van die water* (’n hoorspel), asook *Twee Lampe*, ’n drama in drie bedrywe. Met die uitsondering van *Die grootkanonne* en *Twee lampe*, het Bosman in sy verslag hoë lof vir al hierdie werke. Of Krige se werk nou al die nodige “rypheid, breedte en diepte” gehad het, soos in die 1941-verslag genoem, was beslis nie te betwyfel nie. Tog beskou Bosman dit in die geheel minder goed as die werk van Beukes of De Klerk en merk op dat dit moontlik “by ’n latere geleentheid as

481 In die 1956-Hertzogprysverslag word spesifiek genoem dat hierdie dramas in 1952 gepubliseer is (kyk bladsy 301).

aanvullende werk [kan] geld vir 'n eventuele bekroning". Van die vyf genoemde werke wat in 1985 spesiaal vermeld is toe Krige wel bekroon is, het vier alreeds teen hierdie tyd verskyn en het net *Die goue kring* in 1956 bygekom. Ook interessant dat Bosman in sy verslag (kyk bladsy 262) en commendatio (kyk eindnota 49 op bladsy 534) onomwonde sê dat Beukes hom in sy tien eenbedrywe *Kerse teen die wind*, ongetwyfeld toon "as die grootmeester onder ons huidige Afrikaanse eenbedryfskrywers", terwyl Krige tot in daardie stadium al uitstekende eenbedrywe geskryf het.

Bosman sluit die afsonderlike bespreking van Beukes se werk af met die opmerking dat Beukes "sonder enige twyfel" die Hertzogprys verdien, en dan sonder hy die volgende werke uit:

- sy eenbedrywe⁴⁸² (waarvan net vier, naamlik *Kerse teen die wind*, *Mamma het planne*, *Die vrees* en *As die nefie kom kuier!* nuut was vir die 1952-toekenningsjaar – kyk voetnota 465 op bladsy 260). In die verslag word spesifiek *Laat die kerse brand!* (1945) aangeprys (kyk bladsy 262) alhoewel dit al vir die 1948-Hertzogprys in aanmerking gekom het;
- *Salome dans* (wat Bosman in sy bespreking self tipeer as "nie 'n stuk van die hoogste bekroningsgehalte nie" – kyk bladsy 262);
- en as "toppunt" *Langs die steiltes* (wat in die bespreking in sterk patriotiese terme aangeprys word en net in aanmerking kon kom omdat die afsnydatum uitgestel is tot 30 April 1952).

Die bekroning van Beukes berus veral op hierdie "digterlike spel", wat beskryf word as 'n koorspel soos *Die dieper reg*, maar "begrypliker, uitvoeriger en ryker aan wisseling van toon, hoewel miskien nie heeltemal so hoog digterlik" as *Die dieper reg* nie (kyk bladsy 262).⁴⁸³ Tog is daar in die Voortrekkerjaar, 1938, geen toekenning gemaak nie, alhoewel Van Wyk Louw se koorspel *Die dieper reg* 'n sterk aanspraakmaker was. Die Kommissie was toe van mening dat "die eise wat aan so 'n koorspel kan gestel word so verskillend is van dié wat vir die gewone drama geld", dat hierdie "gedig" nouliks as 'n volledige drama beskou kon word en dus buite beskouing vir die Hertzogprys vir Drama val (kyk bladsy 177). Om dieselfde rede is D.F. Malherbe se *Siel van Suid-Afrika* in 1941 buite beskouing gelaat (kyk bladsy 193).

482 In 'n brief van Bosman aan mej. E.W. Schumann van die Hoofbiblioteek, Universiteit van die Witwatersrand, gedateer 4 Augustus 1952, merk Bosman onder andere op dat Beukes die prys gekry het vir **agt** eenbedrywe (LK 1/5). Die getal agt is foutief, maar moet waarskynlik dui op die **tien** eenbedrywe in die 1950-publikasie *Kerse teen die wind*.

In die commendatio (kyk eindnota 49 op bladsy 534) is gesê dat Beukes spesifiek bekroon is vir onder andere sy **agt** eenbedrywe. Hierdie foutiewe getal is gevolglik daarna al talle kere herhaal, byvoorbeeld deur Bosman (1988:11), Theunissen (1954:79) en in Akademiëpublikasies self (SAAWEK 1981:7).

483 Van Rensburg (1964:27) bespiegel of die Akademie *Die dieper reg* as poësie beskou het en dit as gevolg daarvan "onder die nie-tweemaal-reël laat sneuvel het". (*Die dieper reg* het egter in 1938 in aanmerking gekom, en die tersaaklike reël is eers in 1942/1943 ingestel – kyk bladsy 221). Dan merk hy op:

Maar wat dan van *Langs die Steiltes* van Beukes in 1952? En *Die Dieper Reg* was nog die egte ding.

Niks word in hierdie afsonderlike bespreking se afsluitingsparagraaf gesê van *As ons twee eers getroud is!* nie, maar in die samevattende slotparagraaf van die verslag word genoem dat Beukes die Hertzogprys “in mindere mate” kry vir *As ons twee eers getroud is!* In Bosman se verduideliking van die keurkommissieaanbevelings aan die Fakulteitsraad, het hy die woorde “in mindere mate” uitgelaat (FRN 1952: 26 Junie).⁴⁸⁴ In sy commendatio (kyk eindnota 49 op bladsy 534) het Bosman opgemerk dat Beukes spesifiek bekroon is vir onder andere sy blyspel *As ons twee eers getroud is!* – dit terwyl Bosman in sy verslag self noem dat “die karakters soms miskien te karikaturaal voorkom ... en die komiek enigsins geforseerd is”. As daar streng gehou is by die afsnydatum, sou *As ons twee eers getroud is!* in elk geval nie in aanmerking kon kom nie.

Ook met betrekking tot die De Klerk-werke wat bekroon is, toon die verslag inkonsekwentheid. In die afsonderlike bespreking van De Klerk se werk word ten slotte aanbeveel dat hy bekroon word, veral vir *Die jaar van die vuur-os* (1952), maar ook vir sy ander werk, en dan word tussen hakies sy eenbedrywe en *Drie dramas* genoem. Vir die 1948-toekenningsjaar het die eenbedrywe (*Die jammer hart*, *Die volmaakte huwelik* en *Ontvlugting* – al drie opgeneem in *Drie vroue*, asook die Bybelse eenbedryf *Pilatus*) en die laatgekome *Drie dramas* (wat insluit *Die verterende vuur*, *Nag het die wind gebring* en *Hellersee*) in aanmerking gekom. Vir hierdie 1952-toekenningsjaar het net *Vlamme oor La Roche* en *Die jaar van die vuur-os* nuut bygekom. *Vlamme oor La Roche* word nie as bekroningswaardig genoem aan die einde van die afsonderlike bespreking nie. In sy verduideliking aan die Fakulteitsraad, asook in die slotparagraaf van die verslag self, word egter aanbeveel dat De Klerk bekroon word vir *Die jaar van die vuur-os* en sy ander werk, en tussen hakies word dan genoem die eenbedrywe *Drie vroue*, *Drie dramas* en *Vlamme oor La Roche*. Hier word *Vlamme oor La Roche* vermeld, maar weer nie *Pilatus* nie. Laasgenoemde inligting kom ook ooreen met die gegewens vervat in Bosman se commendatio (kyk eindnota 50 op bladsy 535).

F.C.L. Bosman het as sameroeper die verslag op 14 Junie 1952 in Pretoria onderteken. Die handtekening van Kritzinger moes tussen 14 en 18 Junie bygekom het (waarskynlik 14 of 15 Junie 1952),⁴⁸⁵ en dié van H. v.d.M. Scholtz ná 18 Junie, want onderaan die oorgetikte verslag wat as bylaag C by die 26 Junie 1952-Fakulteitsraadagenda verskaf is, verskyn die datum 18 Junie, asook die inligting dat Bosman en Kritzinger al die verslag geteken het, maar dat die

484 In die brief van Bosman aan mej. E.W. Schumann (kyk voetnota 482 op bladsy 269) merk Bosman op dat Beukes die prys gekry het vir *Langs die steiltes*, agt [tien] eenbedrywe, *Salome dans* en *As ons twee eers getroud is!*. Die omskrywing dat *As ons twee eers getroud is!* “in mindere mate” bekroon is, word heeltemal weggelaat.

485 Uit Bosman se brief aan prof. J. du P. Scholtz gedateer 15 Junie 1952 (sien voetnota 479 onderaan bladsy 267) blyk dit dat nog net H. v.d.M. Scholtz se handtekening kort. Vermoedelik het Kritzinger dan op 14 of 15 Junie geteken.

goedkeuring van Scholtz moes volg.⁴⁸⁶ Die agenda van hierdie 26 Junie-vergadering, wat tog uitgestuur is vóór 26 Junie, meld al dat die Letterkundige Kommissie eenparig aanbeveel dat die prys verdeel word tussen Gerhard Beukes en W.A. de Klerk, en dat Fakulteitsraadslede intussen telegrafies genader word⁴⁸⁷ om 'n besluit te bespoedig met die oog op die jaarvergadering (FRA 1952: 26 Junie). Dit sou plaasvind van 26 tot 28 Junie 1952 in die Voortrekkergedenksaal, Visagiestraat, Pretoria. Volgens die Akademiesraadaagenda is ook die goedkeuring van die Akademiesraad se Uitvoerende Komitee ingewin om 'n besluit te bespoedig (ARA 1952: 26 Junie). Soos in 1948 (kyk bladsy 242) was die verslag weer eens nie 'n maand voor die jaarvergadering beskikbaar nie en het Bosman die administratiewe proses weer versnel buite die algemene prosedure om (kyk bladsy 252).⁴⁸⁸

Op 20 Junie 1952, toe die meerderheid lede se menings al verkry is, maar nog nie almal s'n nie, het De Coning vir Beukes en De Klerk telegrafies ingelig dat die Hertzogprys aan hulle toegeken is, en gevra of hulle op 28 Junie tydens die jaarvergadering aanwesig kon wees.⁴⁸⁹ Beukes het op 21 Junie per telegram sy dank uitgespreek en laat weet dat hy die geleentheid sou bywoon. Op 24 Junie telegrafeer De Klerk dat hy weens uitstедigheid pas die telegram ontvang het, dat hy dankbaar is en graag teenwoordig sou wou wees, maar dat die kort tyd en omstandighede dit onmoontlik maak. (LK 1/5.)

Op Maandag 23 Junie 1952 het J. du P. (Canis) Scholtz⁴⁹⁰ die volgende aan Bosman getelegrafeer (LK 1/5):

486 Nienaber (1965a:135) verskaf die datum 18 Junie as dié van die ondertekende verslag.

487 Die telegram aan J. du P. Scholtz is gedateer 11 Junie 1952 (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[4]).

488 Bosman het dieselfde gedoen met die verslag vir die 1957-Prosaprys wat eers op 6 Junie 1957 ingedien is. Aangesien die Fakulteitsraadsvergadering alreeds sou plaasvind op 26 Junie 1957 en die Jaarvergadering vanaf 27 tot 29 Junie, het Bosman 'n stembrief aan Fakulteitsraadslede gestuur om uit te vind of hulle ten gunste van 'n bekroning van Elise Muller was of nie. Vyf lede was daarvoor en twee daarteen. Aangesien daar 'n verskil van mening was en prof. H. v.d.M. Scholtz, wat teen die toekenning gekant was, 'n besondere versoek gerig het, is die besluit oor die bekroning uitgestel tot die volgende raadsvergadering wat plaasgevind het op 27 September 1957. (FRN 1957: 26 Junie.)

Interessant dat Bosman sy eie *modus operandus* weerspieël in sy reaksie toe daar in 1954 voorgestel is dat die Kommissie twee tot drie jaar vooraf benoem word ten einde aan die lede daarvan geleentheid te gee om 'n behoorlike studie van alle moontlike werke in die betrokke verband te maak. Volgens Bosman sou dit prakties geen verskil maak aan die werkwyse van die Keurkommissie nie **aangesien keurkommissies byna altyd eers begin werk het net voor hulle hul verslae moes indien** en omdat dit meer werk vir die sekretariaat sou beteken om oor 'n lang tydperk die nodige kontak met die Keurkommissie te hou. (FRN 1954: 3 Mei.) (Kyk eindnota 54 op bladsy 538.)

489 Hierdie optrede herinner aan dié van Gustav Preller wat in sy hoedanigheid as Akademiesekretaris op 15 November 1926 aan die drie bekroondes van die 1925/1926-Hertzogprys geskryf het nog voor die Akademiesraadsvergadering van 27 November 1926 (kyk bladsy 109).

490 In sy verslag van gebeure verskaf Nienaber (1965a:135) nêrens pertinent Scholtz se naam nie.

SIEN VANDAG HUISGENOOT REEDS SATERDAG [21 Junie] VERSPREI EN DIS AL RUIM TIEN DAE GELEDE GESET [dus ongeveer 11 Junie] TOEKENNING HERTZOG PRYS BEUKES DEKLERK MY MENING AS RAADSLID DUS GEVRA NA PERS IN KENNIS GESTEL IS TOEKENNING BAIE VERONTWAARDIG MAAK ERNSTIGE BESWAAR BY FAKULTEITSRAAD EN AKADEMIERAAD AANHANGIG DIESELFDE NOMMER HUISGENOOT VERNIETIGENDE OORDEEL ANTONISSEN JONGSTE WERK BEUKES

Bosman telegrafeer op Dinsdag 24 Junie terug (LK 1/5):

BERIG DIE HUISGENOOT HERTZOGPRYS VOLKOME VOORBERIG [sic] EN ONGEORLOOFD HET SKRYWERS SELF EERS 20 JUNEI [sic] IN KENNIS GESTEL EN PERS GISTER STOP U GEVOLGTREKKINGS OORHAASTIG EN ONGEREGVERDIG

Die ter sake berig het in *Die Huisgenoot* van 27 Junie 1952 verskyn:

Die Hertzogprys in die afdeling drama is deur die Akademie verdeel tussen twee jong Afrikaanse toneelskrywers, W.A. de Klerk en Gerhard Beukes. Albei het ook pryse gekry in die toneelwedstryd wat die Nasionale Toneelorganisasie in samewerking met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap uitgeskryf het.

Sedert W.A. de Klerk in 1942 sy eerste toneelstuk, *Uit die Goeie Aarde*, gepubliseer het, het die volgende van hom verskyn: *Drie Vroue* (drie eenbedrywe), *Drie Dramas* (o.m. "Nag het die Wind Gebring", die eerste stuk van 'n Afrikaanse skrywer waarmee die Nasionale Toneelorganisasie op reis gegaan het), *Vlamme oor La Roche* en *Die Jaar van die Vuur-os*. Tans is drie eenbedrywe van hom, *Adam en Eva*, in die pers. Ander toneelstukke van hom het in bundels verskyn. Hy het heelwat hoorspele geskryf wat oor die radio uitgesend is.

Gerhard Beukes het 'n doktorsgraad behaal met 'n proefskrif oor die moderne eenbedryf. In 1944 [1945] het van hom ses eenbedrywe verskyn in die bundel *Laat die Kerse Brand*. Sedertdien het hy o.m. geskryf *Die Swart Engel*, *As Ons Twee eers Getroud is* (wat deur die Nasionale Toneelorganisasie opgevoer word) en *Teen [Langs] die Steiltes* (pas verskyn).

Vyf van die sewe raadslede was teenwoordig tydens 'n Fakulteitraadsvergadering op Donderdagoggend, 26 Junie 1952 waartydens Bosman bekend gemaak het dat die Letterkundige Keurkommissie Beukes en De Klerk eenparig as wenners van die Hertzogprys aanbeveel het: prof. F.E.J. Malherbe (Fakulteitsraadvoorsitter), dr. S.J. du Toit, prof. T.H. le Roux (Akademieraadsvoorsitter), mnr. I.M. Lombard en prof. G.S. Nienaber.⁴⁹¹ Proff. J. du P. Scholtz en H. v.d.M. Scholtz was afwesig met kennisgewing. Prof. W. Kempen het as sekundus vir prof. J. du P. Scholtz opgetree. (FRN 1952: 26 Junie.) Volgens Bosman het hy, handelende op die besluit van die vorige vergadering, raadslede telefonies en telegrafies van die eenparige

491 Malherbe, Du Toit en Le Roux het die Fakulteitsraad op die Akademieraad verteenwoordig. Hulle ampstermyn as Fakulteitsverteenvoorgangers op die Akademieraad het in Junie 1952 verstryk. (1951/1952-Fakulteitsjaarverslag.)

aanbeveling in kennis gestel.⁴⁹² Ses het die aanbeveling goedgekeur en een, J. du P. Scholtz, was daarteen gekant. Hierna het Bosman ook die goedkeuring (van ses teen een) aan alle lede⁴⁹³ van die Akademieraad meegedeel en dié het dit bekragtig, waarmee Bosman die toekenning as voltooi beskou het. (FRN 1952: 26 Junie.)⁴⁸

Bosman meld die onverwagte en onaangename moeilikheid wat intussen opgeduik het: ’n “Lekkasie” het oor die toekenning van die prys, nog voor dit afgehandel was, aan *Die Huisgenoot* plaasgevind. Bosman het die aard en omstandighede van die lekkasie uitvoerig verduidelik.⁴⁹⁴ Hy lees die telegram van prof. Scholtz voor, asook sy reaksie daarop. Die Fakulteitsraad bevind dat die lekkasie sonder enige medewete of verlof van die Sekretaris plaasgevind het en dat sy optrede vir die verkryging van die nodige besluite juis en korrek was. **Die Raad bevestig weer die besluit om die Hertzogprys toe te ken aan Beukes en De Klerk soos aanbeveel in die verslag van die Letterkundige Kommissie.** G.S. Nienaber het besondere waardering teenoor Bosman, as sameroeper van die Letterkundige Kommissie, uitgespreek vir sy besonder deeglike en goed gemotiveerde verslag. Die Raad het hulle heelhartige instemming betuig. (FRN 1952: 26 Junie.) J. du P. Scholtz, die Fakulteitraadslid wat teen die bekroning gekant was, het nie die vergadering bygewoon nie. Kempen het as sekondus opgetree.

Die Akademieraad het tydens hulle vergadering die Donderdagmiddag die Fakulteit se toekenning aan Beukes en De Klerk bekragtig (ARN 1952: 26 Junie). Fakulteitslede het tydens die Fakulteit se jaarvergadering die Vrydagoggend, 27 Junie, kennis geneem van die toekenning (FJVN 1952: 27 Junie), en al die Akademielede die Vrydagmiddag tydens die algemene huishoudelike jaarvergadering (AJVN 1952: 26-28 Junie). Die prys is op Saterdagoggend, 28 Junie 1952 tydens die Akademie se algemene openbare jaarvergadering aan Beukes oorhandig. F.C.L. Bosman het die huldigingswoord gelewer.⁴⁹ Beukes het sy dank uitgespreek en in besonder sy leermeesters en vriende gedenk vir hulle voorligting en steun. Hy het die prys as ’n aanmoediging sowel as ’n erkenning beskou. (AJVN 1952: 26-28 Junie.)

492 **Die Fakulteitsraadsbesluit van 29 Maart 1952** is só bewoord (FRN 1952: 29 Maart):

Indien die aanbeveling in die verslag eenparig is, sal dit aan die Fakulteitsraad gesirkuleer word vir goedkeuring. Verdeelde aanbevelings sal oorgehou word vir ’n volgende Raadsvergadering.

Dis onseker of Bosman die verslag self aan alle Fakulteitraadslede gesirkuleer het, en/of die eenparige aanbeveling mondeling aan hulle oorgedra het. In ’n handgeskrewe nota in Bosman se handskrif (LK 1/5) staan dat hy op 15 Junie 1952 aan F.E.J. Malherbe, die Fakulteitsraadvoorsitter, geskryf en ’n voorlopige verslag gestuur het. Ook J. du P. Scholtz het ’n voorlopige verslag ontvang. In sy 15 Junie-brief aan Scholtz merk Bosman op dat die verslag nog nie gesirkuleer kon word aan alle lede nie, maar dat slegs die hoofbesluit meegedeel is. (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[5].)

493 Volgens die Akademieraadagenda is slegs die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad genader (ARA 1952: 26 Junie).

494 Geen besonderhede word verskaf nie. Wat wel opgespoor kon word, is ’n handgeskrewe nota waarin staan dat ’n joernalis vir Bosman op 12 Junie besoek het, asook die volgende aantekening (die handskrif is moeilik leesbaar): “verander toe berig sonder goedkeuring”. (Kyk eindnota 48 op bladsy 534.)

Die Kaaplandse werkgemeenskap het die Akademie op 6 Augustus 1952 telegrafies gevra of hulle die prysoorhandiging aan De Klerk moes reël. Op die telegram het die Akademiesekretaris met die hand bevestigend geantwoord en Frans (F.E.J.) Malherbe voorgestel vir die commendatio. (LK 1/5.) By die vergadering van die Kaaplandse werkgemeenskap op 30 Augustus 1952 in Kaapstad, is die Hertzogprys vir Drama aan W.A. de Klerk oorhandig (1952/1953-Fakulteitsjaarverslag). Bosman het ook die huldigingswoord vir De Klerk geskryf.⁵⁰ Malherbe het dit voorgelees en self 'n paar woorde bygevoeg, waarvoor Bosman hom bedank het (LK 1/5: 11 September 1952).⁴⁹⁵

Malherbe het in *Ons eie boek* van September (1952:3) redaksionele kommentaar gelewer en by voorbaat die toekenning geregverdig deur aan te toon dat die Afrikaanse literatuur grotendeels nog in sy kinderskoene staan:

Sonder om op die meriete van die toekenning of van die motivering van die beoordelaars in te gaan, wil ons slegs daaraan herinner dat niemand ooit die feit van ons bloot beginnende literatuur, veral ten opsigte van roman en drama, uit die oog moet verloor nie.⁴⁹⁶

Verder word die verdienstelikheid van opvoerbare stukke beklemtoon:

Hierby kom nog dat groot, selfs goeie drama baie skaars is, orals in die wêreld. Dink maar aan Holland. Daarenteen word die behoefte aan speelbare stukke al groter. En dis hier waar, wat Afrikaans betref, die bekroondes se verdienstes blyk. Hulle, saam met Uys Krige, Fritz Steyn en D.F. Malherbe, bied op sy minste dramatiese lewe, en daarsonder kán [sic] geen groot drama ooit ontstaan nie. Hulle gee opvoerbare stukke, wat groot waardering vind, en in hul verbreding van motiewe wat ons nog nie tevore gehad het nie, lewer hulle baanbrekerswerk waarop toekomstige dramaturge kan voortbou....⁴⁹⁷

Malherbe se algemene lof is egter voorwaardelik:

495 Die skenkingsakte bepaal (kyk bladsy 21):

Ingeval het werk van twee of meer skrywers van gelijke waarde bevonden mocht worden, zullen de renten dan in handen, onder zulke gelijkwaardige schrywers evenredig verdeeld worden.

Die balansstaat op 31 Maart 1953 (ARN 1953: 23 Julie – bylaag B) dui die bedrag spandeer aan die administrasie en pryse van die Hertzogfonds aan op £64.16.0. Die inkomste- en uitgawerekening vir die jaar geëindig 31 Maart 1953 (ARN 1953: 23 Julie) dui die bedrag vir die administrasie van die Hertzogfonds aan as £14.16.0. Die Hertzogprysgeld was dus £50. Beukes en De Klerk moes die prysgeld deel.

496 Tog bestaan daar aanduidings dat die uitstekende *Germanicus* (1956) reeds in 1947 of 1948 “'n vorm moes bereik het wat nie noemenswaardig van die gepubliseerde teks verskil nie” (Kannemeyer 1984:414).

497 Malherbe vervolg dan met die volgende onverstaanbare stelling:

Hulle maak vensters oop, ook op gebiede wat hulself nie kan betree nie of waar hulle verdwaal raak.

Dat ons drama weliswaar op veel suiwerder en voller speelhandeling moet aanstuur en nog aan baie gebreke ly, is bekend. En dis hier waar die kritiek sy verantwoordelike taak het: om dwaalspore aan te toon, struikeling, onmag – om die uitsig helder te hou.

Vertroeteling van eie prestasie en vertroebeling van eie oordeel moet te alle koste vermy en bestry word. Ja, kritiek is op ons [sic] trap van ontwikkeling broodnodig – ook vir bekroondes!

Tog maak Malherbe ’n uitsondering en beklemtoon die aanmoedigingsgedagte:

Maar nie hierdie keer nie. Vandag wil “Ons Eie Boek” slegs sy gelukwense bring met die groot onderskeiding wat die twee jong werkers te beurt geval het, en die hoop uitspreek dat hulle dit sal aanvaar in die gees van die Hertzogbemaking, nl. as aanmoediging en aansporing tot die hoogste inspanning van hul kragte in diens van ons jong literatuur en toneel.

Een van die hewigste polemieke in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis het ontstaan na aanleiding van hierdie toekenning aan Beukes en De Klerk.⁴⁹⁸ Die debat is geopen deur die kritiek van W.E.G. Louw en Rob Antonissen.

’n Aantal medewerkers van *Die Huisgenoot*, onder andere W.E.G. Louw, is gevra om ’n beskouing te gee oor die voornemens waarop die Akademie besluit het tydens die 1952-jaarvergadering. Aandag is geskenk aan die tóe swak gehalte van Afrikaanse boeke en daar is besluit op verskeie strategieë ten einde te poog om die gehalte te verbeter, byvoorbeeld deur Akademieskakeling met uitgewers, skrywers en die publiek. Die Akademie het onderneem om kritiese voorligting te gee en groter onderskeidingsvermoë te help bevorder. (AJVN 1952: 27 Junie.) In *Die Huisgenoot* van 24 Oktober 1952 bevraagteken Louw (1952a:21-23) die Akademie se erns en bevoegdheid om kritiese voorligting aan te moedig, die praktiese uitvoerbaarheid daarvan en die Akademie se vermoë om self literêre waardes te onderskei. Sy argument baseer hy op die toekenning van die 1952-Hertzogprys vir Drama en die Akademie se motivering daarvan. De Klerk se werk is volgens Louw “verdienstelik”, maar hy spreek sterk kritiek uit oor die motivering wat die Akademie verskaf het vir Beukes se bekroning. Volgens Louw sou die Akademie, wat kritiese voorligting betref ten opsigte van prosa, eers “voor sy eie literêre en dramatiese deur” moes vee voordat heelwat mense hom ernstig sou beskou.

Ook Rob Antonissen was nie ten gunste van die betrokke Hertzogprystoekenning nie en lug sy mening in die Oktober 1952-uitgawe van *Standpunte* (1952:75-84). Volgens Antonissen het die

498 P.J. Nienaber gee uitvoerige inligting daarvoor in die bundel *Rappier en knuppel* (1965b:188-260). Die hele polemiek word eerstens opgesom, en daarna volg volledige weergawes van die keurkommissieverslag, berigte oor die prys in *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag*, asook die briefwisseling en standpuntstelling in tydskrifte en koerante. In Nienaber se publikasie *Die Hertzogprys vyftig jaar* verskyn ook inligting oor die polemiek (1965a:134-144).

Letterefakulteit enkele weke tevore deur middel van die keurkommissieverslag sy goedkeuring geheg “aan ’n grootse poging om die Afrikaanse letterkunde in diskrediet te bring”. Soos Louw het ook Antonissen dit veral teen die toekenning aan Beukes, maar meen ook dat die toekenning aan De Klerk “voorbarig” was en dat die Akademie ’n gulde geleentheid laat verbygaan het om erkenning te gee aan Uys Krige. Nienaber-Luitingh (1953:87) merk tereg op dat dit jammer is

... dat Antonissen zijn alleszins geregtvaardigde kritiek verswakt door zijn enigszins aggressieve en provocerende toon, die dan ook een heftige reactie van zijn tegenstanders heeft verwekt.

F.C.L. Bosman het in sy persoonlike hoedanigheid heftig op die kritiek gereageer. Etlike ander individue het tot die debat toegetree: D.J. Opperman, W.A. de Klerk (aanvanklik onder die skuilnaam “Die Waarheid lê Tussenin”), Hermien Dommissie, Meyer de Villiers, J. du P. Scholtz, I.W. van der Merwe, Odiel Daem (Vlaamse toneelresensent), Miems Antonissen en ander persone – sommige onder skuilname. Die polemiekie is hoofsaaklik gevoer in *Die Burger*, byvoegsels daarvan en in *Die Huisgenoot*, maar ook in *Die Transvaler* en *Die Brandwag*. Selfs in die Nederlandse *Critisch Bulletin* het M. Nienaber-Luitingh (1953:84-90) die “rumoer om een literaire bekroning” weergegee. Die meeste meningsverskille is verwoord gedurende November en Desember 1952, maar in September 1953 het *Die Brandwag* in ’n artikel “Die letterkundige stryd: wat is op die spel?” (Visser 1953:5) die saak weer aangeroei.

Tydens die polemiekie, of “kleinburgerlike geklets” deur “groot geeste”, soos Miems Antonissen dit beskryf het (*Die Burger*, 1 Desember 1952), is daar dikwels afgewyk van ’n suiwer literêre debat en het die kritiek soms ontaard in kwetsend persoonlike aanvalle en die bysleep van buiteliterêre sake of ánder, nie-so-ter-sake, dramas. Oor en weer is bevoegdheid om literêre kritiek en waardevolle skeppende werk te lewer, bevraagteken, asook die ander party(e) se wyse van argumentering. Soms is die kritiek weer vertolk as gerig teen meer persone en instansies as wat die oorspronklike bedoeling was, of as persoonlike aanvalle wanneer dit nié die oogmerk was nie.

Die karakterisering van sekere bekroonde werke, hoofsaaklik dié van Beukes, is in die verslag, asook in kommentaar daarop, meestal gekenmerk deur oordrewe woordgebruik, eensydige veralgemenings en oor- of geringskating. Louw (1952b:60) het Bosman versoek om sy mening oor die meriete van Beukes se werk te staaf, en, om dit prakties meer uitvoerbaar te maak, hom gevra om slegs op die meriete van *Langs die steiltes* te wys sodat ’n werklik literêre polemiekie kon begin (*Die Burger*, 24 November 1952). Dit het egter nie gerealiseer nie. Bosman is beskuldig van literêre demagogie (Opperman in *Die Burger*, 18 November 1952). Op sy beurt wou Bosman weet waar Antonissen kom aan vertroulike verslae en wie hom die reg gegee het om dit te gebruik (*Die Burger*, 17 November 1952). Opperman (*Die Burger*, 18 November 1952) wys daarop dat dit seker nie vertroulik was nie aangesien Bosman dit self vir *Die*

Brandwag gegee het soos te kenne gegee in die tydskrifartikel self. Dit het later geblyk dat *Die Brandwag* nié die volledige verslag gepubliseer het nie, maar dat Antonissen vir F.E.J. Malherbe, Fakulteitsraadvoorsitter, genader het vir die volledige verslag en dit van hom bekom het sonder dat enige geheimhouding van Antonissen verlang is (Bosman, Opperman en Antonissen in *Die Burger* van onderskeidelik 24 November, 26 November en 1 Desember 1952).

Onder die gunstige reaksie van belangstellendes in die polemieë is dié van ’n sekere E.E. wat opmerk (*Die Burger*, 21 November 1952):

Die voortbrengsels van Afrikaanse skrywers is nie kanoniek nie, is geen heilighede nie, dus, as dit swak is, kan dit gekritiseer word op sigself, sonder inagneming van wie die skrywer is of van wat sy “nasionale waardes” is.

Dit is in die verslag en polemieë opmerklik dat Bosman in sy waardering van stukke klem lê op die suksesvolle opvoerbaarheid van dramas, asook op die belangrikheid daarvan om, alvorens kritiek gelewer kan word, ’n kennis van die Afrikaanse situasie te hê: Afrikaanse toneel en dramaturgie, die land, taal, die mense en hulle kultuur, literatuur, volksmaak en nasionale waardes. Bosman het die *Standpunte*-redaksie se plasing van die Antonissen-artikel beskryf as “’n gruwel teenoor die goeie smaak van en ’n regstreekse belediging aan die Afrikaanse volk in al sy geledinge” (*Die Burger*, 9 Desember 1952).

W.E.G. Louw het in *Die Burger* van 24 November 1952 opgemerk dat Bosman se literêre kriterium klaarblyklik “die gemene deler” van die publiek se smaak is. Bosman beskou hierdie voorstelling as ’n “verdraaiing” (*Die Burger*, 9 Desember 1952), maar voeg by:

Maar sekerlik respekteer ek hierdie smaak, soos ek enige smaak respekteer, en sy plek gun, en soos hierdie respektering so belangrik is in Suid-Afrika waar ons nog steeds ’n groot kulturele “stryd het om te stry, en ’n nasie om te lei”. Aan die ander kant is dit juis die veragting van die here Louw, Antonissen e.a. vir hierdie volksmaak⁴⁹⁹ en volksbehoefes wat die kernorsaak is van hierdie stryd.

Bosman rig ’n waarskuwing aan alle persone wat werk van wêreldformaat en internasionale standaard verwag, om hulle hande af te hou “van volkskriteria waarvan hulle min weet en klaarblyklik nog minder verstaan”. Hierop vra Opperman waarom Bosman dan self melding

499 As lid van die Toneelkommissie het F.C.L. Bosman in April 1948 opgemerk (FRA 1948: 24 April):

Die instelling van die Staatstoneel hierdie jaar het die karakter van die Afrikaanse beroepstoneel grondig verander. Hierdeur is nie alleen veel van die beroepstoneel gekanaliseer en op ’n hoër peil gebring nie, maar uiteraard stel hierdie toneel ’n norm vir ander beroepstoneel en werk verheffend op die volksmaak in.

maak van Beukes se “onderwerpe en figure” wat “nasionaal en internasionaal” is, en “inheemse stukke” stel naas “die Europese” (*Die Burger*, 9 Desember 1952).

W.E.G. Louw het gedurende die polemieë opgemerk dat die slotgedeelte van sy aanvanklike artikel, wat gehandel het oor die voorneme van die Akademie om kritiese leiding te gee, bedoel was om die Raad daartoe te bring om die vraag in heroerwering te neem **of die beste beoordelaars altyd benoem word vir sulke verantwoordelike en veeleisende werk** – kritiek wat Louw gegrond het veral op die rol wat F.C.L. Bosman in die Letterkundige Kommissie gespeel het (1952b:59). Nog vóór die 1952-debakel, naamlik vroeg in 1949 en na aanleiding van die 1948-inligtingstuk wat F.C.L. Bosman opgestel het insake die prosedure by toekenning van onder andere die Hertzogprys (FRA en FRN 1949: 5 Februarie – bylaag E) (kyk eindnota 43 op bladsy 253), het die Fakulteitsraad besluit om in ’n later stadium te oorweeg of die benoeming van raadslede op Keurkommissies nie ook verbied moes word nie (FRN 1949: 5 Februarie). F.C.L. Bosman, byvoorbeeld, was in 1944 en 1948 Akademie- en Fakulteitsraadslid, asook ’n lid van die Letterkundige Kommissie (kyk voetnota 402 op bladsy 230).⁵⁰⁰ Volgens punt 12(a) van die prosedure was lede van die Fakulteitsraad nie op die Breë Kommissie benoembaar nie⁵⁰¹.

J. du P. Scholtz het in *Die Burger* van 24 November 1952 sy mening uitgespreek oor die 1952-toekenning:

Nou wil ek dadelik sê dat ek as lid van die Fakulteitsraad van die Akademie my plig só opvat dat ek in die Raad en daarbuite probeer bevorder wat my as goed voorkom, maar dat ek my nie gebind voel om in geval van nood besluite van die Akademie te verdedig waarteen ek sterk gekant was nie, en ook nie om blaam te dra waar ek nie medeskuldig is nie – dit na aanleiding van dr. F.C.L. Bosman se opmerking (in sy antwoord aan prof. W.E.G. Louw in *Die Huisgenoot* [Bosman 1952:50]) dat die Raad alle lof kry en alle blaam dra vir bekronings.

Daar was na my mening nie die minste grond vir bekroning van die dramatiese werk van Beukes nie, en die lofuiting daarvoor in die Kommissieverslag was niks anders nie as ’n duidelike bewys van die algehele gebrek aan begrip van die eintlike hoedanighede van ’n literêre kunswerk by die opsteller(s) van die verslag. Oor die vraag of die toneelwerk van De Klerk die peil bereik dat ’n mens dit tot die literatuur moet reken, kan daar redelikerwyse verskil van mening bestaan, maar dit is sekerlik nie van so ’n gehalte dat dit bekroning deur ’n Akademie waardig is nie. Die mate waarin die

500 Ander Fakulteitsraadslede wat tot in daardie stadium gelyktydig lid was van die Letterkundige Kommissie en die Fakulteitsraad, was D.F. Malherbe en W.J. du P. Erlank (1947) (FRN 1947: 7 Junie).

501 **In 1939 is besluit dat Akademierraadslede nie op die Breë Kommissie benoembaar is nie** (kyk bladsy 189 en voetnota 323 op dieselfde bladsy). Die posisie van Fakulteitsraadslede is nie gespesifiseer nie, aangesien daar nog nie in 1939 verskillende Fakulteite was nie. F.C.L. Bosman interpreteer in hierdie inligtingstuk oor toekenningsprosedure dat die besluit ook van toepassing is op Fakulteitsraadslede. Vir die 1944-toekenning was daar wel twee lede van die Fakulteitsraad op die Breë Kommissie (kyk voetnota 388 op bladsy 226). Die 1939-bepaling is dus in 1944 doelbewus of onwetend verontagsaam, of nie geïnterpreteer as van toepassing op Fakulteitsraadslede nie. Interessant dat Bosman, opsteller van die inligtingstuk, die besluit interpreteer as ook geldig vir Fakulteitsraadslede, terwyl hy self teenwoordig was tydens die 8 April 1944-Fakulteitsraadsvergadering waartydens die name van die Breë Kommissie voorgelê is – onder andere dié van twee Fakulteitsraadslede.

Keurkommissie vir sy taak onbevoeg was, word veral aangegee deur sy onvergeeflike mistasting wat die waarde van Beukes se werk betref. Ek het my by herhaling sterk teen die toekenning van die prys aan Beukes en De Klerk verset. Hoe het dit gekom dat die Fakulteitsraad verder sonder slag of stoot die aanbevelings van die Keurkommissie aanvaar het? Daarop moet ander liever antwoord gee.

Die Akademie is 'n liggaam met groot gesag in ons land en doen op verskeie fronte uitstekende werk. Dit is vir die Afrikaanse saak van belang dat hy sterk en suiwer gehou word, dat hy nie 'n voorwerp van spot word met betrekking tot so 'n lewensbelangrike saak as ons letterkunde nie. Die rusie wat oor die Hertzogprys ontstaan het (en dit is nie die eerste in die Akademie se geskiedenis nie!), het sy onaangename kante gehad, maar dis goed dat dit gekom het. Die Akademie sal homself moet ondersoek, die Fakulteitsraad vir Lettere en Kuns en die Akademierraad self sal ernstige aandag aan probleme moet gee wat deur die storm oor die Hertzogprys aktueel geword het. In die verlede het dit ongelukkig te veel gebeur dat van ons vernaamste letterkundiges, skrywers en kritici, buite die Akademie gebly het. Alleen as die Akademie hom van hulle medewerking kan verseker, sal hy sy werk op letterkundige gebied behoorlik kan doen.

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Akademierraad, gehou op Maandag 1 Desember 1952, het Bosman verslag gelewer oor die stryd wat in die pers ontstaan het, asook sy rol in die verdediging van homself en die Akademiëtoekenning. Deur 'n misverstand en te goeder trou het F.E.J. Malherbe die kommissieverslag aan Rob Antonissen verstrek.⁵⁰² Bosman meen die Raad sou moes oorweeg om weer alle raadslede (Akademie en Fakulteite) te wys op die noodsaaklikheid van vertroulikheid in verband met raadsverslae. (ARA 1953: 4 April – bylaag A.) Hierdie saak is ook tydens die polemieë deur D.J. Opperman⁵⁰³ aangeroei. Hy verwoord sekere vrae wat ontstaan het (*Die Burger*, 26 November 1952):

- 1) **As daar enige stukke van die Akademie is wat hoegenaamd nie vertroulik behoort te wees nie, is dit dan nie juis die verslae van die keurkomitees en hul motiverings van die bekronings nie?** (Ek benadruk.)
- 2) 'n Mens vra jou verder af of die tyd nie aangebreek het dat die Akademie duidelik die taak en die magte van die Sekretaris moet vasstel en omskryf nie? Moet hy bv. die magte van 'n vakbondsektaris besit, of moet hy bloot skriba van die Akademie wees?

502 Malherbe was teenwoordig tydens die 26 Junie 1952-Fakulteitraadsvergadering waartydens Bosman die aanbeveling van die Letterkundige Keurkommissie bekend gemaak het. Volgens 'n handgeskrewe nota (LK 1/5) het Bosman op 15 Junie 1952 aan Malherbe geskryf en vir hom 'n voorlopige verslag gestuur, en op 18 Junie het Malherbe telegrafies sy goedkeuring daaraan geheg.

503 Opperman was self Akademiëlid. Die voorstel dat hy lid word, is op 29 Maart 1952 deur die Akademiëraad bekragtig (ARN 1952: 29 Maart). Op 27 April 1983 is hy skriftelik meegedeel dat die Akademie hom erelidmaatskap aanbied, en dit is op 13 Oktober 1983 aan hom oorhandig (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[17] en [19]).

- 3) Is dit nie ook miskien wenslik ter beskerming van die Akademie, maar ook van die Sekretaris (sowel teen kritiek van buite, as teen homself), dat daar besluit word dat 'n Sekretaris nóóit in 'n keurkommissie mag dien nie?⁵⁰⁴

Na aanleiding van die gebeure rondom die 1952-Hertzogprystoekenning, is die regte en pligte van die Sekretaris, verantwoordelikheid van raadslede, ensovoorts, alles hersien en saamgevat in die verslag van 'n ad hoc-kommissie wat bestaan het uit drr. T.J.W. Jorden (Voorsitter), F.C.L. Bosman (Sekretaris), A.J.A. Roux, F.J. de Villiers en prof. T.H. le Roux. Die Voorsitter van die Akademie, dr. T.E.W. Schumann, het ook die meeste sittings van die Kommissie bygewoon. (ARA 1953: 4 April). In die verslag van hierdie ad hoc-kommissie oor die finansiering, administrasie en organisasie van die Akademie (ARA 1953: 4 April – bylaag N) beveel die Kommissie aan

... dat dit aan alle Raadslede duidelik gestel word dat hulle alle Raadsbesluite, mededelings in agendas en in bylaes van agendas, informasie en besluite vervat in notule, en enige ander inligting in hul besit as streng vertroulik sal behandel en onder geen omstandighede Akademierverslae en ander stukke in hulle besit laat rondlê nie, of aan enige ander persoon beskikbaar sal stel nie sonder die uitdruklike verloop van die Akademierraad. In die geval van navrae deur die publiek of die pers aangaande feitlike inligting, moet Akademielaide ten sterkste aangeraai word om sodanige navrae na die Akademiesekretariaat te verwys vir behandeling.

In verband met die aanstelling en optrede van Keurkommissies, en die hantering van hulle verslae, het die Kommissie die volgende aanbeveel:

- (a) Vir sover dit enigsins moontlik is, sal alleen Akademielaide aangestel word om op keurkommissies te dien;
- (b) Keurkommissielede moet hul taak as uiters vertroulik beskou en moet nie persone wat nie lede van sodanige keurkommissies is nie raadpleeg nie. Indien advies van bepaalde persone wenslik of noodsaaklik blyk te wees moet keurkommissies die mag hê om sodanige persone as lid of lede van die keurkommissie te koöpteer, waar moontlik na raadpleging van die Uitvoerende Komitee;
- (c) Keurkommissieverslae moet as streng vertroulik beskou en behandel word ten einde kommissielede die volste vryheid van 'n openhartige mening te waarborg. Die verslae moet ook almal as streng vertroulik gemerk word en aan die Akademiesekretaris persoonlik oorhandig word of per geregistreerde pos aangestuur word. Openbaarmaking van verslae of besluite deur keurkommissielede of deur enige ander persoon sonder uitdruklike goedkeuring of magtiging deur die Akademierraad moet ten strengste verbied word. Mededelings aan publiek of pers moet slegs deur middel van die Akademiesekretariaat geskied in opdrag van die Akademierraad.

504 Raadpleeg in verband met die besluit wat later geneem is, bladsy 300 en die gepaardgaande voetnota 532.

Ook met betrekking tot die verdeling van pryse is herbesin – reeds in 1952. Tydens die Fakulteitsjaarvergadering van 27 Junie 1952 het lede kennis geneem dat die Akademieprys vir Geesteswetenskappe tussen twee persone verdeel is, en na aanleiding daarvan wou L.W. Hiemstra weet waarom pryse so dikwels verdeel word. Hy het dit as ongewens beskou aangesien dit veroorsaak het dat daar te veel bekroondes is. Volgens hom moes prysverdeling slegs by wyse van hoë uitsondering geskied. F.E.J. Malherbe, die toe uittredende Fakulteitsraadvoorsitter, het geantwoord dat die Raad inderdaad liefs nie pryse verdeel nie, maar dat daar gevalle voorkom waar spesiale redes bestaan en dit onvermydelik is. F.C.L. Bosman wys daarop dat verdeelde pryse die uitsondering is soos te sien is in die gepubliseerde lys van bekroondes in die eerste nommer van die *Hertzog-Annale* (kyk Nienaber 1952:91-94). Volgens M.S.B. Kritzinger moes die ideaal van die Akademie wees om net één prys per keer uit te loof. W.J. du P. Erlank beveel aan dat wanneer 'n Keurkommissie 'n prysverdeling voorstel, die saak eers na die Breë Kommissie verwys moet word soos kan gebeur by verdeelde aanbevelings van Keurkommissies. Volgens D.F. Malherbe was daar twee gevalle waar die Keurkommissie een prys aanbeveel het, en die Raad die prys verdeel het.⁵⁰⁵ I.M. Lombard wys daarop dat **volgens die Hertzog-skenkingsakte die Raad niemand hoef te raadpleeg nie. Sy besluit is finaal.** P.C. Schoonees merk op dat daar soms sterk kritiek in die pers uitgeoefen is wanneer geen prys toegeken is nie, en dat die Raad om dié rede versigtig moes wees. **Op voorstel van Hiemstra, gesekondeer deur Erlank, het die vergadering besluit dat by verdeelde en dubbele aanbevelings deur Keurkommissies, die Breë Kommissie geraadpleeg moes word.** (FJV 1952: 27 Junie.)

F.C.L. Bosman merk in latere agendas op dat hierdie bepaling reeds bestaan (sedert 30 September 1944 – kyk eindnota 40 op bladsy 530), maar dat **die Raad sedert 30 Junie 1949 besluit het dat sy toepassing daarvan fakultatief is**⁵¹, en wil by raadslede weet (FRA 1952: 22 September; ARA 1952: 23 September):

Hou die Raad hom aan hierdie fakultatiewe vertolking of aanvaar hy die besluit as bindend? Uit die ervaring het geblyk dat die prosedure van raadpleging van breë keurkommissies tydrowend is en selde tot duidelike uitsprake lei.

Die Fakulteitsraad het besluit om die ou prosedure te handhaaf en besluite oor toekennings by verdeelde en dubbele aanbevelings aan die diskresie van die Akademiesraad oor te laat met soveel moontlik inagneming van die wense van die Jaarvergadering. Hierdie besluit sou aan die Jaarvergadering op sy volgende byeenkoms meegedeel word. (FRN 1952: 22 September.)
Die Akademiesraad het hierdie besluit bekragtig (ARN 1952: 23 September).

505 Die Raad het die 1934-Hertzogprys vir Poësie verdeel tussen Totius, Leipoldt en W.E.G. Louw, ongeag die Letterkundige Kommissie se aanbeveling dat W.E.G. Louw bekroon word (kyk voetnota 253 op bladsy 154). Drie jaar daarna is die 1937-Poësieprys weer verdeel – dié keer tussen I.D. du Plessis en Van Wyk Louw, ondanks die Letterkundige Kommissie en Breë Kommissie se keuse van Du Plessis as beste kandidaat (kyk bladsy 168).

Die volgende werke, wat volgens publikasiedatum ook in aanmerking kon kom vir die 1952-Hertzogprys, is nié in die verslag genoem nie:

1948-dramas:

- De Klerk, W.A. *Die reën van jou liefde* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe* [kyk voetnota 464 op bladsy 260])
- De Villiers, Bosman. *Die dikker bloed* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe*)
- Louw, Anna M. *Goud* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe*)⁵⁰⁶
- Roubaix, Paul. *Storm: 'n eenbedryf* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe*)⁵⁰⁷.

1949-dramas:

- Antonius. (ps.) *Koning Saul* (Nasionale Pers)
- Coetzee, S. & Van Schoor, M.C.E. *Huldiging van ons heldinne* (FAK)
- De Klerk, W.A. *Waaï westewind* (opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe*)⁵⁰⁸
- Leipoldt, C. Louis. *Die byl* (opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe*)
- Van der Walt, H.R. *Die prinsipaal van Kromvlei: 'n klugspel in ses tonele* (Nasionale Pers).

1950-dramas:

- Couzyn, Paul. *Die eerste skat: 'n drama in drie bedrywe* (J.L. van Schaik)
- De Wet, J.P.T. *Twee klugspele* (Nasionale Boekhandel)
- Pedro. (ps.) *Simson en Delila* (Nasionale Boekhandel).

506 Ook opgeneem in Charles Fryer se *Kollig* (1982).

507 Ook opgeneem in Roubaix se *Storm en ander eenbedrywe* (1951), P.J. Nienaber en J.L. Boshoff se *Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe* (1965) en *Die storm en ander eenbedrywe* (1972) deur P.G. Nel.

508 *Vier uitgesoekte eenbedrywe*, saamgestel deur F.C.L. Bosman, bevat die volgende vier eenbedrywe: *Bo die kranse* (1947) deur H.A. Fagan (kyk eindnota 43 op bladsy 532) en drie 1949-eenbedrywe, naamlik *Alle paaie lei na Rome* deur Uys Krige, *Waaï westewind* deur W.A. de Klerk en *Die byl* deur C. Louis Leipoldt (APB).

1951-dramas:

- Roubaix, Paul. *Storm en ander eenbedrywe* (dit bevat die volgende vier werke deur Paul Roubaix: *Storm* [1948], *Spaanse vlamme* [vertaal uit Engels], *Vervlakste lewe* en *Al wat ons het*) (APB)
- Steytler, H. du P. *Vyf dogters: 'n drama in vier bedrywe* (Nasionale Boekhandel)
- Theron, Miemie-Louw. *Die verlore dogter* (N.G. Kerk-Uitgewers).⁵⁰⁹

Die Letterkundige Kommissie was veronderstel om slegs werke in aanmerking te neem wat letterlik voor 31 Desember 1951 gepubliseer is, maar met die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd in gedagte is 'n afsnydatum van 30 April 1952 bepaal vir dramas wat vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking kon kom (kyk bladsy 256). Dit is dus moeilik om te sê of werke wat in 1952 gepubliseer is, maar nié in die 1952-Hertzogprysverslag genoem is nie, uitgelaat is omdat uitgewers dit nie as bekroningswaardig beskou het en nie gestuur het nie, omdat daar nie andersins van die werke kennis geneem is nie, of omdat dit ná die afsnydatum van April 1952 gepubliseer is. Net dit wat vir die fees geskryf is, kon onder die spesiale toeweging in aanmerking kom

Twee versamelbundels wat in 1952 die lig gesien het, maar nié in die 1952- óf 1956-verslag gemeld word nie, is Gerhard J. Beukes se *Nuwe eenbedrywe* en *Die lewe is 'n speeltoneel* deur Fritz Steyn en andere. Dramas wat **vir die eerste keer** in hierdie twee 1952-bundels gepubliseer is, word gelys by dramas wat in aanmerking kon kom vir die 1956-Hertzogprys (kyk bladsy 308). 'n Ander 1952-uitgawe, naamlik *Die blanke stilte* deur Johannes Meintjes, is ook nie vir die 1952- óf 1956-Hertzogprys in berekening gebring nie, alhoewel dit in die 1956-verslag ressorteer onder groep een as 'n drama wat vir 1952 beoordeel is (kyk bladsy 301-302). Die 1952-verslag maak egter geen melding daarvan nie. Hierdie drama word gelys by die dramas wat veronderstel was om vir die 1956-Hertzogprys in aanmerking te kom (kyk bladsy 301). Ook N.P. van Wyk Louw se hoorspel *Dias* het in 1952 verskyn. Dit is wel vir die 1956-Dramaprys oorweeg (kyk bladsy 301).

509 Van die genoemde dramas wat in die tersaaklike tydperk verskyn het, en deur Nasionale Boekhandel gepubliseer is, maar nié aan die Akademie gestuur is nie (kyk bladsy 258), kan as voorbeeld dien van **die seleksierol wat uitgewers gespeel het**: *Koning Saul* (1949) deur Antonius, *Die prinsipaal van Kromvlei* (1949) deur H.R. van der Walt, *Twee klugspele* (1950) deur J.P.T. de Wet, *Simson en Delila* (1950) deur Pedro en *Vyf dogters* (1951) deur Herman Steytler.

Afrikaanse Pers Boekhandel het die volgende werke nie ingestuur vir oorweging nie (kyk eindnota 46 op bladsy 533): *Vier uitgesoekte eenbedrywe* (1949) saamgestel deur F.C.L. Bosman, *Die eerste skat* (1950) deur Paul Couzyn en *Storm en ander eenbedrywe* (1951) deur Paul Roubaix.



Gerhard J. Beukes, medewenner van die 1952-Hertzogprys vir Drama

Foto deur Christo, Bloemfontein



W.A. de Klerk, medewenner van die 1952-Hertzogprys vir Drama

Inligting oor fotograaf onbekend

5.2.4 DIE 1956-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.4.1 Vooraf

Prof. G.S. Nienaber het in 1954 voorgestel dat die volgende bepaling waarop in 1942/1943 besluit is (kyk bladsy 221), hersien word (FRA 1954: 3 Mei; ARA 1954: 4 Mei):

Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.

Dit was artikel 9 van die Hertzogprystoekenningsprosedure volgens die 1948/1949-inligtingstuk wat F.C.L. Bosman as Akademiesekretaris opgestel het vir gebruik deur Keurkommissies en raadslede (kyk bladsy 253 en eindnota 43). Volgens Nienaber was dit nie reg om 'n skrywer van alle verdere bekronings in 'n bepaalde afdeling uit te sluit nie. Hy het dit as basies onjuis beskou dat 'n skrywer bekroon kon word vir 'n werk van mindere gehalte in vergelyking met latere werk wat beter mag wees, maar waarvoor hy dan geen erkenning kon kry nie. (FRN 1954: 3 Mei.)

Tydens die 3 Mei 1954-Fakulteitsraadbespreking van die hersieningsvoorstel, het F.C.L. Bosman laat blyk dat 'n sterk oorweging by die aanvaarding van hierdie reël die feit was dat bekroning 'n skrywer in 'n bepaalde "uitgesogte" kategorie plaas waarvoor verdere bekronings nie nodig was nie, maar waarby verdere bekroning van werke van dieselfde skrywer wel die uitwerking kon hê om ander verdienstelike skrywers uit te sluit van die kategorie. Hy het van geen erkende nasionale of internasionale pryse geweet wat meer as een keer aan dieselfde skrywer toegewys word nie.

Die vraag is gestel in watter mate slegs "werke" en nie "skrywers" nie geld in terme van die skenkingsakte. Prof. H. v.d.M. Scholtz (sr.) het voorgestel dat die saak oorstaan vir oorweging tydens die volgende raadsvergadering. Daar is besluit dat Bosman en Nienaber memoranda moes opstel ter inligting aan die Fakulteitsraad. (FRN 1954: 3 Mei; ARN 1954: 4 Mei.)

Vir die doeleindes van sy memorandum het G.S. Nienaber die Akademie gevra vir 'n afskrif van die oorspronklike skenkingsbrief⁵¹⁰ (LK 1/5: 15 Mei 1954 – brief van F.J.H. Barnard⁵¹¹ aan P.J. Nienaber⁵¹²). In sy bedankingsbrief daarvoor herhaal hy ook 'n vroeëre versoek (LK 1/5: 20 Mei 1954):

510 Die kopie wat aan G.S. Nienaber gestuur is, was in elk geval nie gemaak van die oorspronklike kopie nie, maar van die Akademie se afskrif daarvan (kyk bladsy 22-23).

511 Barnard het C.J. de Coning opgevolg as Assistent-sekretaris en was in diens van die Akademie tot Desember 1957.

512 Barnard se brief het wel vir G.S. Nienaber via sy broer, P.J. Nienaber, bereik.

Daar is egter 'n tweede stuk wat ek moet hê en wat aan my belof is. Dit geld naamlik die motivering van die besluit om die prys nie meer as eenkeer aan dieselfde persoon toe te ken nie. Ek het van dr. Bosman verstaan dat 'n klein ad-hoc-komitee die saak ondersoek het en dat dr. Bosman lid van die komitee was en prof. F.E.J. Malherbe 'n ander lid. Dr. Bosman het op die vergadering meegedeel dat die verslag nog bestaan en dat ek ook 'n afskrif kan kry.

U begryp wel hoe belangrik dit is dat ek hierdie Verslag moet insien, want ek wil graag die feite voorlê so volledig en ewewigtig as moontlik. Dit is ook duidelik dat die tydjie kort word, en die Universiteitswerk word dringend met die eksamens reeds in sig; daarom wil ek dit so spoedig moontlik ontvang om dit vir my moontlik te maak om die motivering van my voorstel betyds in u besit te hê. Mag ek dus daarop staatmaak dat ek die bedoelde Komiteeverslag eersdaags sal hê. En sal u asb. toesien dat dit direk aan my, adres soos hierbo [Pietermaritzburg], gepos word? Baie dankie vir u hulp tot dusver.

Soos Barnard het ook F.C.L. Bosman vir G.S. Nienaber 'n afskrif van die Hertzogfondsskenkingsbrief gestuur en verder opgemerk (LK 1/5: 21 Mei 1954):

Wat betref die kommissieverslag wat jy wil hê (die van 28 Augustus 1946, geteken deur myself as saamroeper, met E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe), bevat dit geen verwysing na die bepaling waaroor jy begaan is nie. Hier het ek my vergis. In werklikheid is die bepaling aanvaar op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942 op voordrag van 'n kommissie bestaande uit myself, L.W. Hiemstra en G. Dekker, wat op hulle beurt aanbevelings moes doen na aanleiding van Aanhangsel A by die Jaarvergaderingverslag waarin o.m. daardie bepaling vervat is. Motivering vir die besluite word egter nie gegee nie, behalwe dat Aanhangsel A begin met die woorde "ten einde 'n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekennings in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring." [Kyk bladsy 221.]

Hierdie Aanhangsel A gaan weer terug na 'n bespreking en besluite op die Jaarvergadering van 14 Desember 1940 wat as volg genotuleer is

Dan haal Bosman die notule aan (kyk bladsy 293-294). Bosman wou ook afskrifte van al die ander stukke laat maak en stuur, maar kon nie weens verskeie beperkings met betrekking tot tyd en beskikbare tiksters.

G.S. Nienaber bedank vir Bosman (LK 1/5: 29 Mei 1954):

Baie dankie vir die afskrif van die Schenkingsbrief en vir die uittreksel uit die Notule van Des. 1940 en die verdere berigte aangaande die Hertzogprys-toekenning. My Memorandum stuur ek saam; jy sal merk tot hoe 'n mate ek van die feite gebruik gemaak het wat jy vertrek het.

Kyk, dit is werklik die enigste eksemplaar. Daarom stuur ek dit aangetekend via Petrus [P.J. Nienaber, sy broer]. Ek sal nie die moed hê om dit oor te skryf nie. Maar nou, Freddie, kan jy daarvan wasvelafdrukke laat maak vir die Raadsvergadering? Hulle wou mos 'n Memorandum gehad het! Dit was baie werk vir my, vier dae se werk; dit was heelwat werk vir jou, en vir hulle wat dit skaars gaan lees, of glad nie, is dit die

minste werk. So bereik ons die klimaks, die hoogtepunt, die besluit! As hulle dit maar in die hande van jou, Petrus en my gelaat het dan doen ons dadelik soos ek gevra het en alles is in die haak en ons op die goeie pad. Jy gaan mos nie meer 'n Memo. opstel nie, aangesien jy jou ook oortuig is as 'n goeie student van feite en 'n soeker na die welsyn van die Akademie? Pragtig, soos Petrus sê, pragtig. Ek het geweet ek kan uiteindelik op jou steun en staatmaak.

G.S. Nienaber noem ook dat die inhoud van sy memorandum deur A.P. Grové en C.J.M. Nienaber goedgekeur is. Die volgende ongedateerde Akademieargiefdokument in die handskrif van prof. A.P. Grové, gee sý mening weer:

Ons moet helderheid kry omtrent die basis waarop die prys toegeken word. Is dit 'n troosprys, 'n aanmoedigingsprys of 'n prys vir die beste werk? As die akademie [sic] hieroor in die duister verkeer, kan dit slegs die prestige van die prys ondermyn, want dit kan meebring dat die prys die een jaar suiwer op meriete toegeken word, die volgende jaar nie.

As ek dit reg het, is die prys aanvanklik bedoel vir die beste werk (vgl. P.J.N.: Op Brandwag vir Ons Taal bl. 44: "Die orige deel van die bedrag ... is later aan die Akademie gegee om die beste letterkundige werk in Afrikaans met 'n geldprys van £50 jaarliks, bekend as die H-prys, te bekroon."

As ons van hierdie prinsipe afwyk, moet ons dit duidelik stel sodat die publiek en die kunstenaars dit weet. Maar dan moet ons nie verbaas wees as die prys in die toekoms meermale van die hand gewys word nie.

Deur bekroonde kunstenaars vir mededinging uit te skakel is ons besig om twee here te dien. Ons wil verdienstelike werk van beginners aanmoedig en ons wil terselfdertyd die prestige v/d prys handhaaf met die gewaande veronderstelling dat ons dit alleen vir die beste werk toeken. Die toestand is onhoudbaar en wel om die volgende redes:

- (1) Dit sou nie noodwendig langer 'n prys vir die beste werk wees nie, en kunstenaars van betekenis sal weier om in aanmerking te kom.
- (2) 'n Verdienstelike jonger kunstenaar wat die prys kry, sou ten onregte voordeel trek uit die tradisionele status v/d prys, aangesien dit vroeër slegs op meriete toegeken is.
- (3) Watter vreugde kan 'n jong kunstenaar aan die prys hê, as hy weet sy kragtigste mededingers kon nie meeding nie!
- (4) As ons voortgaan om reeds bekroondes buite oorweging te laat, sal ons naderhand sonder kunstenaars sit om te bekroon en elke skrywertjie of digtertjie sal kan spog met die prys. Hoe ouer kunstenaars, wat vroeër die prys op meriete gekry het, oor hierdie toedrag van sake sal voel, kan ons maklik raai. Met die nuwe reëling is ons besig om die waarde van die prys te vernietig.
- (5) Dit kan nou gebeur dat verdienstelike werk van 'n beginner bekroon word, terwyl latere ryper werk onbekroon gelaat word.
- (6) Dis geen beswaar dat dieselfde kunstenaar meermale die prys ontvang nie. In die verlede het dit dikwels gebeur (Totius: 1 alleen en 1 verdeel;⁵¹³ Van Bruggen 3

513 In 1915/1916 vir *Trekkerswee* (kyk bladsy 52), en in 1934 vir *Passieblomme* saam met Leipoldt en W.E.G. Louw (kyk voetnota 253 op bladsy 154).

alleen en 1 verdeel⁵¹⁴). As daar iemand onder ons opstaan wat tien of twaalf jaar 'n hoë peil handhaaf, kan ons alleen dankbaar wees. Maar dan moet ons ook waak daarteen dat 'n prys bloot op reputasie toegeken word. Dit kan ons doen, nie deur bekroondes buite rekening te laat nie, maar deur bv. beoordelaars te verwissel van tyd tot tyd en slegs persone te benoem op die keurkommissies as hulle bewys het dat hulle nie deur reputasies op loop gejaag word nie.

Ter aanvulling van sy brief van 21 Mei het Bosman vir G.S. Nienaber op 5 Junie 1954 ook die volgende gestuur (LK 1/5), maar toe was Nienaber se verslag, gedateer 29 Mei 1954, reeds voltooi:

- (1) Aanhangsel A soos goedgekeur op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942.
- (2) Die verslag van die Kommissie van 28 Augustus 1946 wat die pryse vir geesteswetenskappe losgemaak het van die Hertzogpryse en ingestel het as 'n aparte groep Akademiepryse. [Kyk bladsy 238.]
- (3) Die prosedure i.v.m. die genoemde Akademieprys soos dit vorm geneem het in die loop van die volgende jare.

Uiteindelik het tóg twee memoranda die lig gesien – Nienaber s'n én dié van Bosman. Dit is as bylae aangeheg by die agenda van die Fakulteitsraad- en Akademierraadsvergaderings van 30 Junie en 1 Julie 1954.

G.S. Nienaber se memorandum, waarin ook A.P. Grové se menings deurskemer, lyk só (LK 1/5: 29 Mei 1954; ook beskikbaar as FRA 1954: 30 Junie – bylaag C; ARA 1954: 1 Julie – bylaag D):

MEMORANDUM OOR HERTZOG-PRYS.

1. VOORSTEL: Daar word voorgestel dat die volgende reël van prosedure i.v.m. die toekenning van die Hertzogprys in hersiening geneem word: “Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.” Die voorsteller [G.S. Nienaber] is van oordeel dat dit herroep moet word.
2. AANLEIDING TOT VOORSTEL: Ons weet dat sommige persone voor 1940 meer as een keer bekroon is. Die rede hoekom 1940 genoem word, is omdat die aangeleentheid bespreek is op die Algemene vergadering wat daardie jaar op 14

514 In 1917/1918 vir *Teleurgestel* (kyk bladsy 61), in 1924/1925 vir *Ampie: die natuurkind* (kyk bladsy 98) en in 1933 vir *Die sprinkaanbeampte van Sluis*, asook die verdeelde prys in 1926/1927 vir *Ampie: die meisiekind*, saam met C.J. Langenhoven en Sangiro (kyk bladsy 116).

Desember gehou is. Die eerste toekenning is in 1914 gemaak⁵¹⁵; vier keer was daar geen toekenning nie (nl. in 1929, 1931, 1932 en 1938) en vir die volgende jare besit ons geen besonderhede nie: 1917, 1918, 1920, 1921, 1922, 1923 en 1924.⁵¹⁶ As ons ons net by die 16 gevalle bepaal waarvoor die nodige inligting beskikbaar is, dan blyk dit dat Jochem van Bruggen die prys vier keer ontvang het, drie keer onverdeeld; D.F. Malherbe drie keer, een maal onverdeeld; Totius, C.M. van den Heever en Van Wyk Louw elk twee keer, telkens een maal onverdeeld, en A.G. Visser het dit twee keer gekry saam met ander. ⁵²

'n Mens kan goed verstaan dat dié toestand vir sommige as minder gewens voorgekom het. Daar is op die bewuste Jaarvergadering besluit dat die Raad op die saak moet ingaan. Hulle het 'n Verslag uitgebring wat met hierdie woorde begin: “Ten einde 'n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekennings in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring ...” [kyk bladsy 221]. Dit is al motivering wat vir die oplegging van die beperking gegee word, soos dit aangeneem is op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942. Die sleutelwoorde hier is: “vir die aanmoediging...”

Die reëling om 'n persoon te bekroon en nie 'n bepaalde werk nie, is nou al twaalf jaar lank van toepassing. Dit is goed om ons af te vra hoe dit gewerk het. Laat ons kyk na die toekennings op die gebied van die poësie, wat sedert 1942 al om die vier jaar gemaak word. In 1943 is Elisabeth Eybers daarmee vereer vir haar twee bundels Die stil avontuur [1939] en Belydenis in die skemering [1936]; in 1947 Opperman vir Heilige beeste [1945] en in 1951 Toon van den Heever vir al sy digwerk.

Opperman se onrypste pogings is bekroningswaardig geag, maar sy allerbeste werk wat selfs besondere hoogtepunte in ons hele letterkunde vorm, bv. Joernaal van Jorik [1949], kan nie in aanmerking kom nie. Om dieselfde rede is Gestaltes en diere [1942 – N.P. van Wyk Louw] of Raka [1941 – N.P. van Wyk Louw] uitgesluit. Dit maak nie saak hoe 'n mens daarna kyk nie, dit bly 'n feit dat hierin iets ongerymds skuil, iets strydigs met die opvatting wat 'n mens van die Hertzogprys het.

Sulke oorwegings het aanleiding gegee om die saak met ander belangstellendes te bespreek, van wie sommige, soos dr. A.P. Grové, met dieselfde soort twyfel geslaan is as die voorsteller. Daarom word die vraag gestel of ons werklik op die goeie weg is. Handel ons nog ooreenkomstig die oorspronklike wens van die skenker?⁵¹⁷

3. Die schenkingsbrief:⁵¹⁸ Die dokument wat in hierdie verband as die pleganker beskou moet word, is die Schenkingsbrief waarin genl. Hertzog notarieel laat vaslê het wat hy met die stigting van 'n Hertzog-Taalfonds beoog het. Daarin

515 Die eerste Hertzogprys is in 1916 toegeken vir werk wat vir beoordeling ingestuur is gedurende die tydperk Januarie tot Desember 1915 (kyk bladsy 52 en voetnota 61 op dieselfde bladsy).

516 Die 1917/1918-Hertzogprys is toegeken aan J. van Bruggen vir *Teleurgestel* (kyk bladsy 61). Leon Maré het die 1919/1920-prys ontvang vir sy versameling sketse gepubliseer onder die titel *Ou Malkop* (kyk bladsy 73).

517 Op die oorspronklike weergawe is met die hand aangedui dat die woord “skenker” met 'n hoofletter gespel moet word. Dit is onbekend of hierdie, en ander handgeskrewe veranderinge, Nienaber self s'n is, of dié van Bosman vir oortikdoeleindes.

518 Met die hand is bygeskryf dat dit hoofletters moet wees.

word twee maal regstreeks en een maal onregstreeks gesê wat sy wense is. Ek haal daaruit aan: (Die dokument word geteken onder die voorwaardes:)⁵¹⁹

“2. Dat de Kuratoren ... het recht en de macht zullen hebben om ... (c) ... voornamelijk de renten, die door gemeld fonds gewonnen mochten worden jaarliks, na aftrek van enige kosten van administratie daaraan verbonden bij wijze van een prijs of erebeloning te schenken aan de schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse Taal, onderworpen aan de hierinlater bevatte kondities; ...

Gemelde prijs of erebeloning zal geschonken en uitgelooft worden met het oog op⁵²⁰ en onder de volgende kondities, die stiptelik door de Kuratoren nagevolgd zullen moeten worden: ...

(b) Alleen werk van de eerste rang zal beloond worden ...”. [Kyk bladsy 19-20.]

Hier word verskillende bepalings neergelê, maar daar is veral⁵²¹ drie vasstellings wat met betrekking tot die voorstel van besondere belang is:

(a) Daar word gepraat – nie van ’n persoon nie, maar van ’n werk, ’n letterkundige kunsskepping, sonder inagneming van wie die kunstenaar is.

(b) Daar word telkens op die hoë gehalte nadruk gelê; dit moet werk “van de eerste rang” wees. As “het beste letterkundige werk ... in de Afrikaanse Taal” nie op peil is nie, moet die prys weerhou word, tot selfs gedurende⁵²² vyf agtereenvolgende jare. Die skenker⁵²³ het in gedagte slegs⁵²⁴ die beste wat die Afrikaanse letterkunde voortbring het.

(c) Die Skenker gee tot twee keer toe ’n naam aan die geldbedrag. Dit is ’n “prijs of erebeloning,” en nie ’n aanmoedigings- of troosprys nie, ook nie ’n vergoeding nie.

4. DIE UITWERKING VAN DIE BESLUIT VAN 1942: Die besluit van 1940 lui: “Die Jaarvergadering dra die Raad op om die hele wyse van toekenning van die Hertzogprys, sowel as die bestemming van die fonds, in hersiening te neem, met volmag om in oorleg met die skenker enige wysigings aan te bring wat, in die lig van die hier uitgesproke wenke, veral met die oog op jonger skrywers, wenslik gegag mag word.” [Kyk bladsy 218.] Ons moet aanneem dat die besluit van 1942

519 Die gedeelte “onder die voorwaardes” is met die hand bygevoeg.

520 Die “op” is met die hand ingevoeg.

521 Die woord “veral” is met die hand bygeskryf.

522 Die woord “gedurende” is met die hand bygeskryf.

523 Die “s” van “skenker” is per hand in ’n hoofletter verander.

524 Die woord “slegs” is in handskrif bygevoeg.

die goedkeuring van genl. Hertzog weggedra het, wat nodig was om 'n wysiging aan te bring, ooreenkomstig punt (e) van die Voorwaardes.⁵²⁵

Dit is nogtans duidelik dat die hele karakter van die oorspronklike “erebeloning” aangetas is deur hierdie wysiging. Ons wil aan die een kant die beste werk in 'n afdeling signaleer en die betrokke kunstenaar met die prys vereer, maar ons wil aan die ander kant ook onbekroonde en jonger skrywers aanmoedig. Ons maak hier voorsiening vir die moontlikheid van 'n dubbele maatstaf, omdat die twee oorwegings nie altyd tot dieselfde slotsom hoef te lei nie. Dit besit 'n inherente tweeslagtigheid. Die een keer geskied die toewysing volgens meriete, soos dit inderdaad behoort te wees, maar die volgende keer word die beste werk verbygegaan omdat die bepaalde kunstenaar al die prys ontvang het.

'n Flagrante voorbeeld daarvan is reeds genoem. Bedink dat Gestaltes en diere en Raka van Van Wyk Louw of Negester oor Nineve en Joernaal van Jorik van Opperman nie bekroon is nie of nooit kan word nie. Stel dit naas die bedoelinge vervat in (b) en (c) van ons konklusies hierbo! Die digter Opperman is bekroon, so word gesê, maar let op die motivering – dit het geskied na aanleiding van sy mins verdienstelike bundel. Het die verering in hierdie geval, gelet op sy ontwikkeling, dan nie te gou gekom nie? En waar 'n jeugwerk en eersteling later moontlik weer die aanleiding kan wees, watter waarborg het die Akademie dat so 'n bundel nie 'n kragtoer verteenwoordig en dat die digter (want dit is, volgens die nuwe besluit, die kunstenaar of persoon wat in tel is) nie daarna gaan afsak of geïnverteerd gaan ontwikkel nie?

Die eintlike beswaar is dat ons tegelykertyd twee here wil dien. Ons wil beloon maar ook aanmoedig. Ter wille van die beloning soek ons die beste, ter wille van die aanmoediging kies ons soms die tweede beste. Wanneer die beloning volgens meriete geskied, is die basis suiwer. Wanneer ons egter die beste werk van 'n tydvak buite rekening laat deurdat ons die persoon uitsluit, en dan noodgedwonge ons keuse beperk tot swakker werk van mindere kunstenaars, dan maak ons die prys verdag en verlaag die prestige daarvan, nie net in die huidige geval nie, maar ook die vorige toekennings ly daaronder. Ons ondergrawe die waarde en die betekenis van die prys. Ons verminder die eer wat die geringe geldelike toevoeging vergesel en inderdaad meer is as die tasbare porsie.

Deur die bestes eenkant toe te skuif omdat hulle reeds vereer is, handel ons asof daar gemeen word dat hulle nie meer “aanmoediging” verdien nie, en straf ons hulle omdat hulle 'n sekere peil bereik het. Aan die orde kom nou die bestes onder die middelmatiges. Met 'n bietjie oordrywing kan 'n mens selfs beweer dat 'n persoon met 'n redelike mate van talent sy beurt moet afwag totdat sy meerderes almal uitgevang is. So berei ons die weg voor dat kunstenaars op die prys kan begin neersien, en dit moet ons glad nie verbaas nie as latere sterk kragte verkies om dit van die hand te wys, omdat die prys hulle nie meer eer nie, maar hulle die prys. Op die gebied van die poësie is ons vinnig besig om so 'n toestand van verlaagde prestige vir die prys te skep en⁵²⁶ om daardeur die Skenker se bedoeling te verydel en hom in 'n minder gunstige lig te stel.

Ons het nou gedurende 'n dosyn jare gesien dat die praktyk die besluit van 1942 ten minste op die gebied van die poësie as gevaarlik uitgewys het. Ek meen dat ons dit moet herroep en moet vervang deur 'n suiwerder basis: die beste werk

525 Uit Akademiebronne kan nie vasgestel word of Hertzog tot hierdie verandering ingestem het voor sy dood nie (kyk bladsy 220). Die skenkingsakte bepaal dat, ná Hertzog se afsterwe, die Akademieraad as kuratore van die Hertzogfonds, die reg het om aan die akte te verander op voorwaarde dat die betrokke besluite eenparig is (kyk bladsy 21).

526 'n Punt ná “skep” en 'n hoofletter "E" is met die hand verander na 'n komma en 'n kleinlettertjie “e”.

moet bekroon word, en alleen die beste werk, in die bepaalde afdeling wat aan die beurt is. Dit is ook genl. Hertzog se woorde, “het beste letterkundige werk.” Dan sal die prys ’n “erebeloning” bly. En as daar ’n kunstenaar is wat ’n reeks werke kan voortbring so hoogstaande dat hy meer as eens die prys verwerf, laat ons die Here liewers daarvoor dankbaar wees! Dit sal, soos die bou van wolkekrabberkerke, m.i. ’n ontwikkeling in die regte rigting wees.

Die verslag is op 29 Mei 1954 in Pietermaritzburg onderteken.

Bosman gee die volgende uiteensetting in sy memorandum (FRA 1954: 30 Junie – bylaag D; ARA 1954: 1 Julie – bylaag J):⁵²⁷

PROSEDURE I.V.M. TOEKENNING VAN HERTZOGPRYS.

Memorandum van Sekretaris i.v.m. voorstel prof. G.S. Nienaber tot wysiging van Art. 9: Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.

Hierdie bepaling is ingestel op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942 en gaan terug na ’n bespreking en besluite van die Jaarvergadering van 14 Desember 1940 was as volg genotuleer is [kyk bladsy 218-218]:

“(v) Toekenning van die Hertzogprys

Prof. D.B. Bosman stel voor dat jong skrywers die voorkeur moet kry aangesien dit moontlik kan wees dat ’n meester sy verskyning maak en dan elke jaar met die prys heengaan.

Dr. van Hoepen stel die vraag of die prys aan die werk of aan die persoon toegeken word. Ander akademies [sic] gee dit aan die persoon, en omdat ’n persoon net eenmaal gehuldig word, word die prys net eenmaal aan dieselfde man toegeken.

Mnr. L.W. Hiemstra vereenselwig hom met die vorige gedagte en gee aan die hand dat die prys in dieselfde afdeling (prosa, poësie, ens.) nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon toegeken word nie.

Die Voorsitter [S.H. Pellissier] wys daarop dat die tyd aangebreek het dat die hele stelsel van toekenning in hersiening geneem moet word.

Mnr. Booyen sê dat dit moeilik is om ’n bundel kort verhale met ’n roman te vergelyk.

Die volgende voorstel van mnr. Hiemstra word aangeneem:

Besluit: Die Jaarvergadering dra die Raad op om die hele wyse van toekenning van die Hertzogprys, sowel as die bestemming van die fonds, in hersiening te neem, met volmag om in oorleg met die

527 Die woord "bellettrie" is twee keer met een "t", en twee keer met twee "t"s gespel in die oorgetikte verslae soos dit in die bylae verskyn. Aangesien die oorspronklike memorandum nie opgespoor kon word vir kontroledoeleindes nie, word die woord in Bosman se memorandum telkens gespel as "bellettrie".

skenker enige wysigings aan te bring wat, in die lig van die hier uitgesproke wenke, veral met die oog op jonger skrywers, wenslik mag geag word.”

Die gevolg van hierdie besluit was sekere Aanhangsel A wat deur die Raad gelê is voor die Jaarvergadering van 4 Desember 1942. Op die Jaarvergadering is dit vir onmiddellike rapport verwys na ’n komitee bestaande uit mnr. L.W. Hiemstra, prof. G. Dekker en dr. F.C.L. Bosman. Hierdie komitee het die voorstelle byna in sy geheel aanbeveel, waarna ook die Jaarvergadering dit goedgekeur het. Die belangrikste kenmerke van die verslag [kyk bladsy 221-223] was:

- (1) Die Aanhef: “Ten einde ’n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekeninge in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring ...”.
- (2) Die instelling van nog ’n groep bekroonbare werke. Dit was ’n groep Wetenskaplike Prosa of Letterkundige Wetenskap naas die oorspronklike groep Bellettrie. Albei groepe is ook verdeel in vier afdelings, elk waarvan roteer om die vier jaar.
- (3) Beperking van bekronings. Die instelling van die bepaling: Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.
- (4) Verkryging van instemming van skenker vir veranderinge.

Wat (1) die aanhef betref, kan ek [F.C.L. Bosman] dadelik opmerk dat by die gebruik van die woorde veral gedink is aan die uitbreiding van die pryse na “wetenskaplike prosa” en die aanmoediging van die tipe werk. By toekennings van die Hertzogprys vir Bellettrie het dit selde of nooit gegeld nie, sekerlik nie sedert 1946 nie toe die “Wetenskaplike Prosa” weer losgemaak is van die Hertzogprys en ’n eie bekroningsgroep geword het, nl. die Akademieprys vir Geesteswetenskappe. Sover my herinnering gaan het gehalte van werk en gehalte alleen nog altyd getel by toekennings van die Hertzogprys vir letterkunde. Wat meer is, ek kan my verskeie gevalle herinner waar keurkommissies die “aanmoedigingsmotief” wou byvoeg by hulle aanbevelings en dit verwerp is deur die Raad.⁵²⁸ Sedert ek Sekretaris geword het [Januarie 1948], het ek wat hierdie punt betref, die saak ook baie duidelik gestel aan mnr. Lombard, die vorige sekretaris. Mnr. Lombard was altyd baie beslis daarvoor dat die Hertzogprys vir Bellettrie enkel “beloning” of “erkenning” is, en nie “aanmoediging” nie.⁵²⁹ Prof. Nienaber se veronderstelling dus dat die Hertzogprys toegeken word vir aanmoediging sowel as beloning hou geen steek nie en daarmee verval ’n groot deel van sy betoog.

Bosman self was intens betrokke by die 1942-voorstelle. Wat hy nié in sy memorandum noem nie, is punt 8 waarmee die 1942-prosedureveranderingdokument afsluit (kyk bladsy 223), en wat, net soos die inleidingsparagraaf daarvan, die aanmoedigingsgedagte voorop stel:

528 Raadpleeg die opmerkings wat gemaak is tydens die bespreking van die 1932-Dramatoekening (kyk bladsy 139-140). Bosman was egter toe nog nie lid van die Letterkundige Kommissie nie. Hy verwys hier moontlik na prosa- en poësieverslae.

529 Raadpleeg i.v.m. die aanmoedigingsgedagte bladsy 217-218.

Waar die Akademie reeds erepenninge toeken op die gebied van die beeldende kunste en musiek, sal die aanmoediging van Afrikaanse werk op die gebied van die eksakte en natuurwetenskappe langs 'n ander weg as uit die Hertzogfonds moet gesoek word.

Die Bosman-memorandum vervolg:

Wat (2) betref Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa, het die Raad baie gou teruggekom van die verwydingsveldidee van die Hertzogprys. Soos reeds vermeld is die toestand in 1946 beëindig en het die Akademie teruggekeer tot 'n Hertzogprys bloot vir belletrie.

Bosman verwys dan na die September 1946-verslag van 'n ad hoc-kommissie bestaande uit homself, proff. E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe en haal paragraaf 1 aan (kyk bladsy 238). Hy sê voorts:

'n Verdere oorweging was dat vir hierdie soort werk wetenskaplike gehalte as eerste vereiste moes geld en nie taal en styl nie. Derhalwe kon sulke werke nie inpas onder die Hertzogprys nie waarby letterkundige gehalte die vereiste is.

Die instelling van die Akademieprys vir Geesteswetenskappe word genoem en verwys na die opmerkings onder punt 4 (kyk bladsy 239).

Wat punt (3) betref, naamlik die beperking van bekroning tot een kategorie per persoon, het Bosman opgemerk:

- (a) Dis 'n onjuiste voorstelling om te sê dat tans die persoon bekroon word en nie die werk nie. Die werk word nog altyd voorop gestel en die persoon kom alleen in aanmerking vir sover geskrif en skrywer onverbreeklik aan mekaar verbind is. By besprekings i.v.m. die beperking is o.a. gevoel dat die verkryging van 'n Hertzogprys 'n skrywer met sy werk in 'n bepaalde kategorie plaas waarby verdere bekronings van die tipe werk slegs 'n reeds uitgemaakte waarde andermaal kan beklemtoon ("accentuating the obvious") en ander verdienstelike persone van die prys onthou.

Prof. Nienaber se afleiding hiervan dat so 'n grondslag noodwendig die peil van die toekenning moet verlaag omdat nie altyd die "absoluut" beste werk in die kategorie sou bekroon word nie, hou geen steek nie. Dit bewys die aantal kere wat reeds geen toekenning gemaak is nie en die feit dat bekroonbare werke deur keurkommissies en raad slegs aan die hoogste peil getoets word. Moontlik sou dit egter beter wees om die volgorde van idees in die bepaling anders te stel, nl. die onverdeelde prys word nie meer as een maal in dieselfde afdeling aan dieselfde persoon toegeken nie (i.p.v. aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling, soos tans nie).

Die drie laaste paragrawe van prof. Nienaber wil die huidige toestand tot 'n "reductio ad absurdum" bring, maar dit gaan nie op nie omdat (a) die Hertzogprys vir letterkunde nog altyd was en bly, 'n prys of "beloning" en nie 'n "aanmoediging" nie; (b) nog steeds die hoogste vereistes gestel is vir bekroning.

As 'n nuwe werk nie gelykstaan aan die bestes nie word hy eenvoudig nie bekroon nie.

Bosman merk op dat, wat punt 4 betref, hy nog altyd van mnr. Lombard begryp het, en dat dit sover hy die notules kon nagaan, bevestig is dat prinsipiële veranderings in die Hertzogprys-skenkingsvoorwaardes nog steeds gebeur het met instemming van die skenker.⁵³⁰

Ten slotte sê Bosman in sy verslag, gedateer 17 Junie 1954:

- (1) Die Hertzogprys moet gesien word in die kader van ander nasionale en internasionale pryse en erkennings vgl. Nobelprys, Van der Hoogtprys, ens. Sulke pryse word net een maal toegeken. Bereiking daarvan beteken 'n erkenning waaraan dit niks toedoen of die werk van 'n skrywer daarna iets beter of iets slegter is nie. Die skrywer het 'n sekere standaard bereik en daarmee is die kwaliteit van sy werk afdoende gesignaleer. Of bv. Die Joernaal van Jorik beter of slegter is (en vele mense reken dit is slegter) as Heilige Beeste verander niks aan die fundamentele erkenning nie: Opperman is 'n eersterangse digter en het die Hertzogprys as erkenning daarvoor ontvang.
- (2) As werk van 'n skrywer soms te gou bekroon word, lê die redmiddel by die Raad self: strenger vereistes stel. Maar ophoping van bekronings by een skrywer en troostelose uitskakeling van ander binne dieselfde bekroningsgebied kan nóg die wesenlike doel dien van die Hertzogskenkingsakte nóg die doel van die Akademie.

Op 30 Junie 1954 het die volgende Fakulteitraadsvergadering plaasgevind. Die Voorsitter, prof. T.H. le Roux, wou weet of G.S. Nienaber nog iets by sy memorandum wou voeg. Nienaber het gemeen dat sommige opmerkings van Bosman ongeregverdig was en dat Bosman nie die kern van die saak voldoende raak nie. Nie die skrywer nie maar sy wêrke moet bekroon word – ook meer as een keer waar hy dit verdien. Volgens Nienaber was dit ook beter as om soms heeltemal geen bekronings te hê nie.

F.C.L. Bosman het beklemtoon dat Hertzogprystoekennings gewoonlik eerder te laat as te vroeg kom en dat meer bekronings as een onnodig is om die kaliber van die werk van 'n skrywer te bestempel. Parallel aan die Hertzogprys was die Havengapry in die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek en daar was dubbele bekronings ondenkbaar.

Sterk verdeeldheid het oor die saak geheers. D.F. Malherbe wou die toestand behou soos dit was. Volgens hom was dit onwenslik om 'n skrywer herhaaldelik te bekroon vir dieselfde soort werk. G.S. Nienaber is egter deur J. du P. Scholtz gesteun. Ook Scholtz het gemeen dat die latere werk

530 Dit is onseker of Hertzog tot die 1942-veranderinge ingestem het (kyk bladsy 220).

van 'n skrywer soms beter kan wees as sy vroeëre en dat so 'n skrywer weer in aanmerking behoort te kan kom vir latere werk.

Volgens prof. Thom was daar drie hoofpunte in die argument:

- gevaar van ophoping van bekronings by sekere skrywers;
- gevaar van geen bekroning in 'n sekere jaar waar tog verdienstelike werke bestaan, maar sulke werke buite bekroning gelaat word omdat die betrokke skrywer reeds bekroon is;
- aanvaarding dat bekronings erkennings is van bereikte standaard en nie ter aanmoediging van skrywers nie. Alles in ag genome wou Thom Nienaber se voorstel steun.

Raadslede het vervolgens gestem: drie was ten gunste daarvan dat die beperkende reëling verval, een was daarteen en een het buite stemming gebly.⁵³¹ Die voorstel is amptelik aangeneem en voor die Akademiesraad gelê vir goedkeuring. **G.S. Nienaber het daarop gewys dat die Akademiesraad as kuratore volgens die skenkingsakte, eenparig sou moes wees in hulle aanvaarding van sy voorstel om die verandering van prosedure geldig te maak.** Bosman was van mening dat, aangesien die oorspronklike bepaling 'n besluit van die Jaarvergadering was, die Raad ook die instemming van die Jaarvergadering moes verkry voor die wysiging uiteindelik aangebring kon word. (FRN 1954: 30 Junie; ARN 1954: 1 Julie; 1954/1955-Akademiejaarverslag; ARA 1955: 30 Junie; FJV 1955: 1 Julie.)

Ook in die Akademie se 1954/1955-jaarverslag staan dat artikel 9 oorspronklik ingevoeg is as gevolg van 'n jaarvergaderingsbesluit geneem in 1940 en goedgekeur in 1942, en dat herroeping daarvan derhalwe ook weer deur die Jaarvergadering moes gaan. **Hierdie voorstelling van sake was egter nie korrek nie, want die finale gesag het by die Akademiesraad as kuratore berus.** Die besluite het wel uitgegaan vanuit die Jaarvergaderingsgeleedere, maar daarna is dit na die Fakulteits- en Akademiesraad. Die Akademiesraad moes dit uiteindelik goedkeur. Dit was nie vir die Akademiesraad verpligtend om weer die Jaarvergadering van die Fakulteit te raadpleeg indien hulle sou wou verander aan die bepalinge nie – hulle sou dit hoogstens kon doen uit ordentlikheid

531 Van die 7 Fakulteitsraadslede was 5 teenwoordig: prof. T.H. le Roux (Voorsitter), D.F. Malherbe (Ondervoorsitter), J. du P. Scholtz, H.B. Thom en G.S. Nienaber self, opsteller van die een memorandum. 'n Sesde persoon, prof. J. de W. Keyter het as sekondus ingestaan vir prof. H. v.d.M. Scholtz (sr.). Geen sekondus het opgetree namens dr. P.J. Nienaber wat met kennisgewing afwesig was nie. (FRN 1954: 30 Junie).

Le Roux, die Voorsitter, het nie gestem nie. Op 'n vraag het hy geantwoord dat hy aanvanklik die opvatting van Bosman onderskryf het, maar later besluit het om Nienaber se voorstel te steun – 'n standpunt wat hy uitgespreek het tydens die Akademie se algemene huishoudelike jaarvergadering (kyk bladsy 299).

Van die oorblywende 5 aanwesiges het 4 wel gestem: drie was ten gunste daarvan dat die beperkende reëling verval, een was daarteen. Waarskynlik het G.S. Nienaber, self 'n Fakulteitsraadslid, nie gestem nie omdat hy self die een memorandum opgestel het. Ten gunste van die skrapping was waarskynlik J. du P. Scholtz, H.B. Thom en Keyter (namens H. v.d.M. Scholtz), en vir die behoud van die beperkende reëling D.F. Malherbe.

of erkentlikheid, maar het nie werklik die Fakulteitsjaarvergadering se toestemming nodig gehad nie. (Raadpleeg bladsy 223.)

Die Akademiesraad het besluit om enige wysigings in verband met die Hertzogprys te laat oorstaan vir oorweging totdat besluit is oor ánder sake met betrekking tot bekronings.⁵³ Die voorstel om artikel 9 te herroep, het telkemale oorgestaan (FRA en FRN 1955: 1 April; ARA en ARN 1955: 2 April). Tydens die 2 April 1955-Akademiesraadsvergadering het J. du P. Scholtz kennis gegee van 'n mosie by die volgende raadsvergadering dat die Raad oor hierdie voorstel moes besluit ónafhanklik van die ander voorwaardes en bepalinge wat deur die Raad oorweeg word in verband met erepenninge, Hertzog- en Havengapryse.

'n Eenparige Akademiesraadsbeslissing was nodig om artikel 9 te laat verval. Volgens 'n Akademiesraadagenda was prof. D.F. Malherbe nog altyd teen die voorstel gekant en sou hy nie by die vergadering teenwoordig kon wees nie (ARA 1955: 30 Junie).

Tydens die 29 Junie 1955-Fakulteitsraadsvergadering is op voorstel van G.S. Nienaber besluit dat die Akademiesraad gevra sou word om níe oor hierdie saak te besluit voordat die Fakulteitsjaarvergadering sy sienswyse hieroor uitgespreek het nie. Die Akademiesraad het daarmee akkoord gegaan en besluit om daarna ook die mening van die Akademiejaarvergadering in te win (ARN 1955: 30 Junie).

Tydens die Fakulteit se 1955-jaarvergadering het G.S. Nienaber die situasie rondom die herroepingsvoorstel geskets en die belangrikheid en noodsaaklikheid daarvan beklemtoon. Vir hom was selfs die goeie naam van die Akademie op die spel. (FJVN 1955: 1 Julie.)

F.C.L. Bosman het ook sý memorandum, die ander kant van die saak, verdedig en gesê dat hy dit gedoen het, deels as Sekretaris om die Raad behoorlik op hoogte te stel van alle betrokke feite, en deels as sameroeper van die Kommissie van 1946 (kyk bladsy 238) wat die nuwe bepaling voorgestel het – die bepaling wat Nienaber herroep wou sien. Wat volgens Bosman wel sou kon pleit vir Nienaber se standpunt, was die feit dat meermale geen bekroning plaasgevind het nie, terwyl daar wel werk beskikbaar was indien reeds bekroonde skrywers weer in aanmerking kon kom. Volgens Bosman kon sekere wysigings op hierdie grond en in hierdie rigting miskien oorweeg word.

S.P.E. Boshoff het saamgestem met die (oorspronklike) bedoeling van die Hertzogprys en Nienaber se voorstel gesekondeer. **Die Fakulteitsraad het die herroepingsvoorstel met 14 stemme teen 7 aanvaar.** (FJVN 1955: 1 Julie.)

Tydens die algemene huishoudelike jaarvergadering van die Akademie dieselfde dag het die Fakulteitsraad verdere leiding gesoek deur die mening van ander Akademielede in te win. Ten gunste van herroeping het gepraat dr. A.P. Grové en prof. T.H. le Roux. Dr. R.J. Ortlepp, dr. M.M. Loubser en prof. D.B. Bosman het teen herroeping standpunt ingeneem. Vir herroeping is die volgende argumente gebruik:

- 1) Die skenkingsakte bepaal bekroning van die werk en nie die skrywer nie.
- 2) Bekroonde werk was soms van minder gehalte as daaropvolgende werk van 'n skrywer, maar bekroning van sulke werk was in daardie stadium uitgesluit.
- 3) Tensy alle werke kon geld by 'n bekroning, was die maatstaf vals en het die bekroning die gevaar geloop van verlaging van peil.
- 4) Soms het daar geen bekronings plaasgevind nie terwyl daar inderdaad werke beskikbaar was.

Teen herroeping is gestel:

- 1) Die werk word bekroon maar indien die werk losgemaak word van die skrywer kon een besondere kunstenaar keer op keer vir dieselfde soort werk bekroon word (soos indertyd gebeur het) en daarmee ander van erkenning weerhou.
- 2) Die Hertzogprys plaas 'n skrywer in 'n bepaalde kategorie en dit was nie gebruikelik om die status van sulke skrywers te herbevestig met verdere bekronings vir dieselfde tipe werk nie.
- 3) Die Havengaprys van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek word slegs een maal toegeken en parallelisme tussen Havengaprys en Hertzogprys was wenslik.
- 4) Daar was geen bewyse dat die bestaande stelsel tot peilverlaging gelei het nie.

Die saak is tot stemming gebring en die Akademiejaarvergadering het met 'n meerderheid van 24 teen 10 stemme téén die voorstel tot herroeping besluit (AJVN 1955: 1 Julie).

In die agenda van die 7 Oktober 1955-Fakulteittraadsvergadering skets Bosman as Akademie-sekretaris die verloop van sake tot op daardie tydstip en merk op dat dit skyn asof die voorstel tot herroeping van artikel 9 as “vervalle” beskou moes word aangesien, volgens hóm, die “hoogste gesag in die Akademie, die Akademiejaarvergadering, die voorstel verwerp het”, maar dat dit die volgende jaar weer voor die vergadering gelê kon word.

Tydens hulle vergadering het die Fakulteitsraad inderdaad die toestand aanvaar en die voorstel as vervalte beskou. P.J. Nienaber het egter kennis gegee dat die voorstel op die volgende raadsvergadering weer voorgelê sou word met die oog op hernieuwe voorlegging aan die Jaarvergadering. (FRN 1955: 7 Oktober; FRA 1956: 3 April; ARA 1956: 4 April.) Die Akademieraad het die volgende dag vergader en ook die voorstel as vervalte beskou (ARN 1955: 8 Oktober).

P.J. Nienaber het tydens die volgende Fakultetraadsvergadering, gehou 3 April 1956, aangekondig dat hy intussen besluit het om nie met die saak voort te gaan nie. Die voorstel is derhalwe teruggetrek. Hy het raadslede egter meegedeel dat G.S. Nienaber die wens uitgespreek het om by die volgende Fakulteitsjaarvergadering 'n referaat te lewer oor die geskiedenis en agtergrond van die Akademie se Hertzogprystoekennings. Die Raad het met belangstelling hiervan kennis geneem en gesê die saak van so 'n referaat kon weer tydig dien voor die volgende Jaarvergadering (FRN 1956: 3 April; ARN 1956: 4 April.) Dit het nie plaasgevind op die Fakulteitsjaarvergadering van Vrydag 27 Julie 1956 in Stellenbosch nie, want G.S. Nienaber het tydens die Fakultetraadsvergadering in Oktober daardie jaar weer aangebied om 'n lesing oor die Hertzogprys te hou voor die volgende Akademiejaarvergadering (wat sou plaasvind op Vrydag 28 Junie 1957 in Bloemfontein). Die voorstel is na die Akademieraad verwys vir oorweging. (FRN 1956: 19 Oktober; ARN 1956: 20 Oktober.)

5.2.4.2 1956-Hertzogprys vir Drama

Toe in 1955 kennis gegee is dat onder andere die Letterkundige Kommissie vir die 1956-Hertzogprys vir Drama benoem moes word, ⁵⁴ is ook opgemerk dat, as amptenaar van die Raad, F.C.L. Bosman nie meer beskikbaar was nie (FRA 1955: 7 Oktober).⁵³² Tot keurkommissielede vir die 1956-Dramaprys is benoem proff. G. Dekker (sameroeper) en Tj. Buning, asook dr. H. v.d.M. Scholtz (jr.)⁵³³ en M.P.O. Burgers (reserwe) (FRN 1955: 7 Oktober).⁵³⁴ Geen keurkommissielid wat betrokke was by die 1952-Hertzogprys vir Drama, is herkies nie.

Dramas gepubliseer gedurende die tydperk Januarie 1952 tot Desember 1955 kon in aanmerking kom vir die 1956-Hertzogprys. Die volledige verslag lyk só (LK 1/6: 2 Junie 1956; FRA 1956: 25 Julie – bylaag C):⁵³⁵

-
- 532 In 'n memorandum insake die keuring van vertaalde werk (FRA 1953: 6 November – bylaag B), het F.C.L. Bosman sy betoog afgesluit met die opmerking dat daar reeds besluit is dat die Sekretaris nie meer deel kon wees van die Keurkommissies nie. Die besluit kom ooreen met 'n voorstel van D.J. Opperman tydens die 1952-onmin (kyk bladsy 279).
- 533 Dit is die seun van H. v.d.M. Scholtz senior (kyk bladsy 136 en voetnota 213). Scholtz jr. is gebore op 8 Julie 1924 in Utrecht, Nederland, waar sy pa toe student was. Hy het sy D.Litt. et Phil. in Mei 1950 aan die Universiteit van Amsterdam gekry, in 1959 vir Van Wyk Louw opgevolg in Amsterdam, in 1963 teruggekeer na die Universiteit van Pretoria as professor, en vanaf 1 Januarie 1966 die hoofskap beklee van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. (SAAWEK: Ledelêers; Steyn 1998:566.)
- 534 Bylaag F behels 'n grafiese voorstelling van die Letterkundige Kommissie se samestelling (1956-1969).
- 535 Die bylaag verskil plek-plek in geringe en onbeduidende mate van die oorspronklike verslag. Aangesien op die oorspronklike verslag in die handskrifte van verskillende persone aantekeninge gemaak is wat effense verwarring veroorsaak, word die bewoording in die bylaag, soos voorgelê aan die Fakulteitsraad, verskaf.

HERTZOGPRYS VIR DRAMA: OORSPRONKLIKE WERK, 1956

VERSLAG VAN KEURKOMMISSIE.

In die tydperk 1952-1955 het die volgende werke verskyn:

<u>Groep I:</u>	De Klerk:	<u>Die Jaar van die Vuur-Os.</u> [1952 – Nasionale Boekhandel]
	Beukes:	<u>As ons twee eers getroud is.</u> [1952 – J.L. van Schaik] <u>Langs die Steiltes.</u> [1952 – Nasionale Boekhandel]
	Krige:	<u>Die ryk weduwee.</u> [1953 – APB]
	Meintjies: ⁵³⁶	<u>Die Blanke Stilte.</u> [1952 – Holloway Boekhandel]
<u>Groep II:</u>	De Klerk:	<u>Die twisappel.</u> [1955 – Nasionale Boekhandel] <u>Adam en Eva.</u> ⁵³⁷ [1953 – Nasionale Boekhandel]
	Beukes:	<u>Jesus van Nasaret.</u> ⁵³⁸ [1954 – J.L. van Schaik]
	Van Wyk Louw:	<u>Dias.</u> [1952 – Nasionale Boekhandel]
	Malherbe:	<u>Hulle het 'n boom Afgekap.</u> ⁵³⁹ [1953 – Nasionale Boekhandel] <u>Spel van blank en swart.</u> [1955 – Sacum]
	Helène en Andries de Klerk:	<u>Die Ongebore Dag.</u> [1953 – Nasionale Boekhandel]
	Richards:	<u>Die laaste skakel.</u> ⁵⁴⁰ [1955 – Dagbreek-Boekhandel]

536 Die korrekte spelling is Meintjes.

537 Dit bevat die volgende drie werke deur W.A. de Klerk: *'n Blommetjie vir Ans*, *Die end van die reënboog* en *Die spieël*.

538 Hierdie dramasiklus oor die lewe en sterwe van Christus bevat die volgende veertien radiodramas deur Gerhard J. Beukes: *'n Kind is vir ons gebore!*, *Die vlug*, *Afskeid van Nasaret*, *Die voorbereiding*, *Die uitdaging*, *Julle moet mekaar liefhê!*, *Die verlore dogter*, *Kroon of kruis*, *Honger het ek na julle gekom*, *Tot my gedagtenis*, *Getsemane*, *Aanskou die mens!*, *Die Man van smarte* en *Kyk na bo!*

539 *Hulle het 'n boom afgekap* is een van die twee dramas in *Hulle het 'n boom afgekap* en *Goue appels* deur D.F. Malherbe (1953).

540 Dit bevat die volgende vier eenbedrywe deur Dirk Richard: *Die laaste skakel*, *Perske vir 'n pond* (kyk ook *Perske vir 'n rand* [1964] op bladsy 426), *Gebed in Clarendon* en *Taal van die hart*. *Gebed in Clarendon* is ook opgeneem in A.J. Coetzee se *Rooibruin blare en ander eenakters* (1969) en in Charles Fryer se *Kollig* (1982).

Dagbreek-Boekhandel het op 20 Januarie 1956 gereageer op 'n brief van die Akademiesekretaris gedateer 18 Januarie, deur twee publikasies van Dirk Richard voor te lê vir keuring, naamlik *Voor die nag kom*, 'n roman, en *Die laaste skakel e.a. eenbedrywe*. Drie eksemplare van elke uitgawe is aan die Akademie voorsien. (LK 1/6: 20 Januarie 1956.) *Voor die nag kom* sou eers vir die 1957-Hertzogprys vir Verhalende Prosa in aanmerking kom.

Opperman: Periandros van Korinthe. [1954 – Nasionale Boekhandel]

Die werke onder groep I is reeds oorweeg by die toekenning van die Hertzogprys vir Drama oor die periode 1948 tot 1951.⁵⁴¹ Die Kommissie is in elk geval van mening dat die groeipunt in ons dramatiese kuns verteenwoordig word deur die versdramas Dias en Periandros van Korinthe. Daar was egter verskil van mening oor watter van die twee dramas bekroon behoort te word. Die keuse was naamlik buitengewoon moeilik omdat hierdie belangrike werke in meer as een opsig onvergelykbaar is. Die hoorspel Dias is enkelvoudig van opset maar besonder suiwer gekonsipieer en verwerklik; Periandros van Korinthe is 'n voldrama, veel ryker maar minder suiwer van konstruksie. Enersyds is daar gevoel dat die Dias vanweë die strak bou daarvan bekroon moes word; andersyds is die mening gehuldig dat 'n mens in 'n drama met die grootse omvang van Periandros onsuiverhede op die koop toe mag neem.

Omdat die Kommissie hieroor nie eenstemmigheid kon bereik nie, lê hy die twee werke aan die Akademieraad voor vir verdere oorweging. Die Kommissie is wel eenparig in hulle aanbeveling dat daar 'n prys toegeken moet word, en dat slegs die twee genoemde werke daarvoor in aanmerking kom. Die Kommissie sou ook nie graag sien dat die oplossing gesoek word in die kompromis van 'n gesamentlike bekroning nie.⁵⁴²

Die verslag, gedateer 2 Junie 1956, is onderteken deur G. Dekker (sameroeper), H. v.d.M. Scholtz (jr.) en Tj. Buning. Vir Fakulteitraadsvergaderingdoeleindes is dit in Pretoria oorgetik op 12 Julie 1956 en aangeheg as bylaag C by die agenda van die 25 Julie-vergadering. In die agenda word 'n kort opsomming van die situasie gegee, en bygevoeg dat met betrekking tot die twee werke wat die Letterkundige Kommissie aan die Raad voorlê “vir verdere oorweging”, H. v.d.M. Scholtz aangedui het dat die Kommissie verwys na paragraaf 12 van die “Prosedure by Toekenning van die Hertzogprys” (kyk bladsy 255 en 645), wat behels dat 'n Breë Kommissie in hierdie geval ook moes stem. F.C.L. Bosman het as Akademiese sekretaris die volgende name ter oorweging voorgelê: proff. S.P.E. Boshoff, Abel Coetzee, Meyer de Villiers, W.J. du P. Erlank, M.S.B. Kritzinger, D.F. Malherbe, C.M. van den Heever, dr. I.D. du Plessis, A.P. Grové en F.V. Lategan, met die volgende persone as reserwes: proff. H.L. Gonin en P. de V. Pienaar, dr. H. Venter, mnre. P. du P. Grobler en J.J. Kruger.

541 Dit is nie korrek nie (kyk die 1952-verslag op bladsy 260-267). *Die ryk weduwee* (1953) deur Uys Krige en *Die blanke stilte* (1952) is nie in aanmerking geneem by die beoordeling van die 1952-Hertzogprys vir Drama nie. Alhoewel F.C.L. Bosman nie op die Letterkundige Kommissie was vir hierdie 1956-Dramatoekenning nie, was hy wél vir die 1952-Hertzogprys, en ten tyde van hierdie 1956-toekenning die Akademiese sekretaris wat hierdie fout moes raakgesien het.

542 Onderaan die oorspronklike verslag het F.C.L. Bosman skriftelik effens kriptiese opmerkings gemaak, maar met die opdrag dat dit weggelaat moes word uit die verslag. Daar staan dat dit is “Vir verdere oorweging” en ontvang op 4 Junie 1956. Daarvolgens het H. v.d.M. Scholtz (jr.) te kenne gegee dat die Letterkundige Keurkommissie baie sterk daarop aandring dat daar 'n voorlegging aan 'n Breë Keurkommissie moes wees. Indien dit nie gebeur nie, moes die saak liewers terugverwys word na die Letterkundige Kommissie.

Die Fakulteitsraad het besluit om tot hierdie stap oor te gaan en benoem as lede van die Breë Kommissie die volgende tien persone:⁵⁴³ proff. Meyer de Villiers, W.J. du P. Erlank, H.L. Gonin, M.S.B. Kritzinger, drr. I.D. du Plessis, A.P. Grové, F.V. Lategan, C.J.M. Nienaber, H. Venter en mnr. P. du P. Grobler. As reserwes is, in orde van voorkeur, aangewys: dr. Ernst van Heerden, dr. F.J. Snyman, prof. D.B. Bosman en mnr. J.J. Kruger. Uit die latere stemming blyk dit dat slegs prof. H.L. Gonin nie lid was van die Breë Kommissie nie en vervang is deur dr. Ernst van Heerden.⁵⁴⁴ (FRN 1956: 25 Julie; ARN 1956: 26 Julie.)

Die Breë Kommissie van tien is gevra om hulle mening, “liefs met motivering”, uit te spreek, en ’n stemvorm soos dié is aan elkeen gestuur:

Naam van Skrywer	Werk	Voor	Geen Toekenning	Buite Stemming.
Louw, N.P. van Wyk	<i>Dias</i> , ’n Hoorspel			
Opperman, D.	<i>Periandros van Korinthe</i> , Drama in Verse			

Lede is versoek om slegs **een stem** uit te bring. Die resultate van die stemming sou op die Fakulteittraadsvergadering meegedeel word. (FRA 1956: 19 Oktober; ARA 1956: 20 Oktober.)

Die uitslag van die Breë Kommissie se stemming, gedateer 18 Oktober 1956, lyk só (LK 1/6):

- A. Louw, N.P. van Wyk: “Dias”, ’n Hoorspel.
Hiervoor het drie stemme binnegekom, al drie met motivering, as volg:
1. Dr. F.V. Lategan. Hoewel kleiner in opset, beskou ek Dias as hoorspel in sy idee-uitbeelding, karaktervoorstelling, digterlike ekspressie en verhewe toon, ’n suiwerder werk as Periandros van Korinthe as versdrama gesien, hoofsaaklik omdat in laasgenoemde, die hooffiguur nie tot tragiese figuur uitstyg nie en die verhewe toon wat die ernstige versdrama veronderstel, te dikwels ontsier word deur plathede, veral in die taal van die hooffiguur, en soms ook deur die soek na ’n rymwoord. Daar ’n al te on-menslike, feitlik sleuragtige en dikwels plat-banale voorstelling van Periandros, wek hy nie die meegevoel van die leser (toeskouer) vir hom as mens wat die goeie

543 Nege uit die vyftien lede wat Bosman voorgestel het, is benoem, naamlik ses uit sy hooflys en drie uit sy reserwelys.

544 Vir die 1948- en 1952-Hertzogprys vir Drama is nie Breë Kommissies aangewys nie. Slegs twee lede van hierdie 1956-Breë Kommissie het voorheen in die Breë Kommissie vir Drama gedien, naamlik W.J. du P. Erlank in 1941 en M.S.B. Kritzinger in 1935, 1938, 1941 en 1944. Van al die persone wat vanaf die 1935-tot en met die 1956-Hertzogprys vir Drama betrokke was by die Breë Kommissie, was dit net Kritzinger wat al vyf keer op die Kommissie gedien het (kyk bylaag J op bladsy 618-709).

(hoë) nastreef maar die kwade doen, soos dit in die tragedie behoort te wees, nie.

2. Mnr. P. du P. Grobler. “Dias” is m.i., beide wat die dramatiese en die vertegniese [sic] betref, die bevredigendste. Die vers is in wese dramaties, besit groot buigsamenheid, kan span en ontspan waar situasie en emosie dit vereis. As drama vorm dit hegte artistieke eenheid. Hoewel Periandros potensieel groter is, bly dit potensie wat nie verweselik is nie. Bevat te veel passasies wat handeling vertraag, pas wel in die ideëpatroon maar nie volledig in handelingspatroon, bv. bedryf I, toneel 3; III, 1; IV, 2; V, 2. Die vers is te slap, span selde tot dramatiese intensiteit, bevat te veel stoplappe. Sterkste en boeiendste passasies is eerder lirie en epies as werklik dramaties.
3. Dr. H. Venter. Dit sou ’n skade wees as, met twee sulke groot dramas geen toekenning gedoen word nie. Ek ag Dias beter om die volgende redes: (1) Ten spyte van die fragmentariese uiterlik is dit ook om ’n grootse idee gekonsipieer en met groot noodwendigheid daarom gekonsipieer. Alle onderdele is noodwendig toegespits op die heerlike versoening van die slot. (2) Die verskuns is noodwendiger en suiwerder; gestroop van die oortollige. Vrye vers toon ’n suiwerder insig in die moontlikhede van die vorm.

B. Opperman, D. “Periandros van Korinthe”, Drama in Verse
Hiervoor het sewe stemme binnegekom, as volg:

1. Dr. W.J. du P. Erlank. “Dias” is goeie werk, met enkele sterk momente en enkele sterk stukke dialoog, maar die verloop, veral na die end toe, is slap en spanningsloos [sic]. Afgesien van die feit dat dit ’n nuwe kunsoort is, bring dit konsepsioneel niks nuuts in die werk van Van Wyk Louw of in die Afrikaanse letterkunde nie. Daarteenoor is “Periandros” groots van konsepsie, groots in sy probleemstelling wat heenreik tot in die hart van ons eie volkslewe, en sterk dramaties in sy ontwikkeling na sy onafwendbare en aangrypende slot. Die enkele foute in konstruksie en oordadige rymgebruik word oorskadu deur die talryke deugde in hierdie eerste Afrikaanse treurspel.
2. Prof. M. de Villiers. “Periandros van Korinthe” is die belangrikste drama in Afrikaans en dit bevat passasies van groot poëtiese waarde. As aktuele voorstelling van die ondergang van ’n diktator versoen dit historiese en poëtiese waarheid op merkwaardige wyse. Menslik verstaanbaar, is dit tog moreel gekonsipieer. Dit is as herskepping van die Griekse wêreld ’n unieke werk in Afrikaans en op die peil van die wêrelddrama.
3. Dr. Ernst van Heerden. “Periandros van Korinthe” is ’n drama in die groot klassieke tradisie, met ’n tragiese hoofkarakter, oortuigende byfigure en ’n aangrypende stuk menslike handeling teen ’n magtige historiese vlak geprojekteer. Dit is histories en aktuele drama met indringende lesse ook vir ons beskawing en tyd. By my bestaan nie die minste twyfel dat dit ’n groter werk as “Dias” is nie. Ek reken dié hoogtepunt in die Afrikaanse toneelliteratuur is bekroning met die Hertzogprys allesins waardig.
4. Dr. A.P. Grové. Soos ek dit sien, is die twee werke nouliks te vergelyk. Hulle is tog uiteraard so uiteenlopend. Om mee te begin is een ’n hoorspel, die ander ’n verhoogstuk. Ten spyte van al die verdienstes wat Dias besit, is Periandros vir my gevoel tog grootser, grootser van opset, grootser van verbeelding, van ’n groter draagwydte. Dias is ’n enkellynige stuk; Periandros laat hom op 3-4 verskillende vlakke geld.

5. Dr. C.J.M. Nienaber. Periandros van Korinthe is grootser gekonsipieer as Dias. Periandros van Korinthe roep bowendien nie alleen 'n groter en grootser wêreld op nie – maar vorm vel [sic] meer 'n geslote eenheid ná 'n besliste ontwikkeling; danksy die hoofkarakter se eie toedoen. Dias is dus eerder lirie; Periandros van Korinthe is veel meer drama – en dis 'n dramaprys waarom dit gaan.
6. Dr. I.D. du Plessis. Hoewel Periandros van Korinthe nie van sekere ernstige gebreke vry te spreek is nie (daar is 'n gemis aan dramatiese spanning, en Periandros is nie werklik tragiese held nie) staan hierdie versdrama struktureel soveel sterker as sy voorgangers dat ek die prys aan die werk sou toeken.
7. Prof. M.S.B. Kritzinger. Weens die siening, mensbeelding verse en samegesteldheid staan Periandros van Korinthe m.i. baie hoër as die middelmatige Dias.

Die resultate van die stemming is tydens die Fakultetraadvergadering van 19 Oktober 1956 aan die Raad voorgelê. Vyf lede was aanwesig, naamlik proff. F.E.J. Malherbe (Voorsitter), T.H. le Roux en G.S. Nienaber, dr. P.J. Nienaber, adv. A.H. Broeksma (nuwe lid van die Raad), dr. F.C.L. Bosman (Sekretaris) en mnr. F.J.H. Barnard (Assistent-sekretaris). Twee van die sewe Fakultetraadslede was afwesig, naamlik proff. H. v.d.M. Scholtz en B. Kok.

Die saak is uitvoerig bespreek. G.S. Nienaber het daarop klem gelê dat die oorspronklike Letterkundige Keurkommissie albei stukke bekroningswaardig gevind het, maar net nie kon besluit watter een nie. Die meeste lede van die Breë Kommissie was ook sterk ten gunste van *Periandros*. Hy stel voor dat *Periandros* bekroon word en P.J. Nienaber sekondeer.

T.H. le Roux het die oorspronklike verslag voorgelees en meen dat die motivering vaag en onoortuigend is. Hy het die stuk self geles en sien opvoer en wys op die verdeling van menings oor *Periandros*. Sy voorstel was dat geen bekroning plaasvind nie.

Ook adv. A.H. Broeksma het getwyfel oor *Periandros* en het verkies om buite stemming te bly aangesien hy *Dias* tot op daardie tydstip nog nie geles het nie.

Volgens die Voorsitter, prof. F.E.J. Malherbe, het *Periandros* groot swakhede gehad. Tog het hy dit, relatief gesproke in vergelyking met 'n ander stuk, aanbeveel vir 'n toe onlangse bekroning deur die Drie-Eeue-Stigting, wat volgens die notule inderdaad gerealiseer het.⁵⁵ Toe hy die stuk oorspronklik geles het was sy reaksie dat dit nog nie goed genoeg was vir die Hertzogprys nie. Daarteenoor staan die mening van die oorspronklike Letterkundige Keurkommissie dat dit wel van bekroningspeil is en hy sou nie graag so 'n mening wou verbygaan nie. Hou wou hê dat die Raad besluit sonder dat sy stem nodig was.

Die Sekretaris, F.C.L. Bosman, het opgemerk dat by verdeeldheid van aanbevelings deur Keurkommissies die gewone praktyk van die Raad was om geen toekenning te doen nie.⁵⁶ Hy stel ook die vraag of, in die lig van kritiek op die Hertzogprys tydens die vorige jaarvergadering, dit nie vir die Raad wenslik was om te wag tot verdere, en moontlik rypere, werk van die skrywers verskyn het voor 'n bekroning plaasvind nie. Soos met Krige in die 1941-toekenningsjaar, betwyfel Bosman dit dus of Opperman met *Periandros* die nodige “rypheid ... bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer” (kyk bladsy 194).

As Voorsitter het F.E.J. Malherbe die voorstelle vervolgens ter tafel gelê. Niemand het prof. Le Roux se voorstel van nietoekenning gesekondeer nie, en die voorstel het verval. Twee persone was ten gunste van G.S. Nienaber se voorstel van 'n *Periandros*-bekroning, naamlik die twee Nienaber-broers. T.H. le Roux stem daarteen, A.H. Broeksma bly buite stemming en albei vra dat dit genotuleer word. Daar was 'n meerderheid van twee teen een vir die bekroning van *Periandros* en derhalwe het 'n aanbeveling tot bekroning deurgegaan na die Akademieraad. (FRN 1956: 19 Oktober; ARN 1956: 20 Oktober.)

Die keurkommissiebevinding en Fakulteitsraadbesluit is aan die Akademieraad voorgelê en uitvoerig bespreek (ARN 1956: 20 Oktober). Teenwoordig was twee verteenwoordigers van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns, naamlik proff. F.E.J. Malherbe (Voorsitter) en T.H. le Roux. Die derde verteenwoordiger, prof. H. v.d.M. Scholtz, asook sy sekundus, prof. B. Kok, was afwesig met verskoning. Die drie Akademieraadsverteenvoerders van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek was dr. T.E.W. Schumann (Ondervoorsitter), prof. R.L. Straszacker en dr. F.J. de Villiers. Soos tydens die Fakulteittraadsvergadering het T.H. le Roux, dié keer ondersteun deur T.E.W. Schumann, die gehalte van *Periandros* nie as bekroningswaardig geag nie. Le Roux het verder gewys op die onbevredigende motivering van die oorspronklike keurkommissieverslag en die skerp verdeeldheid van mening wat allerweë oor die stuk bestaan. Volgens Schumann was daar die verdere saak van prosedure. Kon die Raad 'n beslissing neem op 'n aanbeveling wat gebaseer is op 'n minderheid in die Fakulteitsraad? Dit het wenslik gelyk dat die Fakulteitsraad hom veel duideliker oor die saak uitspreek voor die Akademieraad 'n besluit neem. Moes die saak nie eers weer terugverwys word na die Fakulteitsraad nie? F.J. de Villiers het hierdie standpunt van prosedure gesteun dat die Fakulteitsraad hom duideliker moes uitspreek. Die Akademieraad het besluit om die saak terug te verwys na die Fakulteitsraad vir 'n duideliker aanbeveling. Hulle wou nie besluit oor 'n meerderheidsaanbeveling waarby die totaal van die uitgebragte stemme nog steeds 'n minderheid van die Fakulteitsraad uitmaak nie.⁵⁴⁵ (ARN 1956: 20 Oktober; FRA 1957: 29 Maart.)

545 In Bosman se inligtingstuk gefinaliseer in 1956 en geldig vanaf 1957, is die volgende **bygevoeg** (kyk bladsy 311 en die 1957/1958- en 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag):

13. **Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad [Fakulteitsraad] moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.**

Tydens die 29 Maart 1957-Fakulteitraadsvergadering het T.H. le Roux, wat tot in daardie stadium gekant was teen die bekroning van *Periandros van Korinthe*, bekend gemaak dat hy die drama weer deeglik bestudeer het, van mening verander het en die bekroning van die stuk wou ondersteun. Hy motiveer sy besluit en stel dit duidelik dat die deugde van die stuk sins insiens soveel groter is as die swakhede, dat dit bekroning verdien. Broeksma, wat tydens die vorige Fakulteitraadsvergadering buite stemming gebly het, het Le Roux se opvatting gesteun en akkoord gegaan met die bekroning van die werk. Volgens B. Kok, afwesig tydens die vorige vergadering, het die verdienste van die werk meer gelê in die versifikasie as in die dramatiese, maar het dit tog bekroning verdien. Benewens die aanvanklike twee stemme ten gunste van *Periandros*, was 'n bykomende drie persone nou ten gunste daarvan. F.E.J. Malherbe, wat voorheen buite stemming gebly het, en H. v.d.M. Scholtz wat tydens die vorige Fakulteitraadsvergadering afwesig was, moes, alhoewel nie spesifiek genotuleer nie, ook hulle gewig agter *Periandros* ingegooi het, want **die Raad het eenparig besluit om by die Akademieraad aan te beveel dat *Periandros van Korinthe* deur D.J. Opperman bekroon word.** (FRN 1957: 29 Maart.)

Tydens hierdie 29 Maart 1957-Fakulteitraadsvergadering het Bosman as Sekretaris wêér opgemerk dat hy ampshalwe verplig voel om die Raad daarop te wys dat, waar die menings van Keurkommissies verdeeld was, dit vir die Raad gebruiklik was om geen toekenning te doen nie. Niks verder is in verband met hierdie deels foutiewe veralgemening genotuleer nie (kyk eindnota 56 op bladsy 538).

Die Akademieraad het die aanbeveling om Opperman te bekroon, bekragtig (ARN 1957: 30 Maart). Met betrekking tot die toekenning vir *Periandros van Korinthe* is in die 1956/1957-Fakulteitsjaarverslag opgemerk:

Die Raad huldig die opvatting dat *Periandros* 'n belangrike groeipunt in die ontwikkeling van die Afrikaanse drama beteken. Dit is groot van konsepsie en ryk aan digterlike en dramatiese vondse waaraan sekere onsuiverhede van taal en bou weinig afbreuk van wesenlike betekenis doen.

Die prysgeld het £75 beloop (ARN 1956: 26 Julie – bylaag B; ARA 1957: 30 Maart – bylaag K; die Akademie se balansstaat soos op 31 Maart 1957).⁵⁷ Opperman was op reis in Europa en het op 9 April 1957 by die ambassade in Bern verneem dat hy die Hertzogprys vir *Periandros* gekry het (D.J. Opperman-versameling: 118.Pe.D.4 [42]). Hy het die prys aanvaar, maar omdat hy nie voor 12 Julie sou terugkeer het, kon hy dit nie tydens die jaarvergadering in ontvangs neem nie, en moes die prysoorhandiging oorstaan tot 'n byeenkoms van die Kaaplandse Werkgemeenskap in Stellenbosch op 24 Augustus 1957. Prof. W.J. du P. Erlank het die huldigingswoord uitgespreek.⁵⁸ (FRA en FRN 1957: 26 Junie; ARA en ARN 1957: 27 Junie; FRA en FRN 1957: 27 September; ARA en ARN 1957: 28 September).

Periandros van Korinthe was 'n waardige pryswennerteks en 'n weerhouding van 'n drama-oeuvrebekroning aan Krige is in die lig daarvan te verstane.

Twee versamelbundels wat in 1952 gepubliseer is, maar nie in die 1952- óf 1956-verslag genoem is nie, is Gerhard J. Beukes se *Nuwe eenbedrywe* en *Die lewe is 'n speeltoneel* deur Fritz Steyn en ander. Dramas wat vir die eerste keer in hierdie twee 1952-bundels gepubliseer is, en teoreties gesproke vir die 1956-Dramaprys in aanmerking kon kom, maar weens die beperkte omvang van 'n eenbedryf⁵⁴⁶ waarskynlik nie sou kwalifiseer nie, is die volgende:

Opgeneem in *Nuwe eenbedrywe*:⁵⁴⁷

Beukes, Gerhard J.	<i>Kwartet</i>
Fagan, H.A.	<i>Die kroon op sy hoof</i> (ook opgeneem in <i>Kom ons speel toneel!</i> [1959] en in Charles Fryer se <i>Kollig</i> [1982])
Mikro.	<i>Eerwaarde Penniklein</i> (ook opgeneem in F.W. Strydom se <i>Die rooi duiwel se as en ander eenbedrywe</i> [1966])
Pienaar-de Klerk, Helène.	<i>Dienie speel toneel</i> (ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se <i>Woord en masker</i> [1964])
Roubaix, Paul.	<i>Die bittere pad.</i>

Opgeneem in *Die lewe is 'n speeltoneel*:⁵⁴⁸


Schumann, P.W.S.	<i>Om Lettie se ontwil</i> (ook opgeneem in P.J. Nienaber en J.L. Boshoff se <i>Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe</i> [1965] en in A.J. Coetzee se <i>Rooibruin blare en ander eenakters</i> [1969])
------------------	--

D.F. Malherbe se 1953-drama *Goue appels* (een van die twee dramas in Malherbe se *Hulle het 'n boom afgekap* en *Goue appels*) moes ook vir die 1956-Dramaprys in aanmerking gekom het, maar is nie gelys nie.

546 In die 1941-verslag word die woorde “te klein van opset” gebruik (kyk bladsy 193). Selfs *Die dieper reg* is nie in 1938 vir bekroning aanbeveel nie omdat dit “noulks as 'n volledige drama” beskou is (kyk bladsy 182).

547 Hierdie Van Schaik-publikasie bevat ses eenbedrywe waarvan een reeds voorheen gepubliseer is, naamlik *Jannie* (1920) deur C. Louis Leipoldt.

548 Hierdie publikasie deur Afrikaanse Pers Boekhandel, met 'n inleiding deur Jaco van der Merwe, bevat drie gekeurde spele waarvan twee reeds vantevore gepubliseer is, naamlik *Die wildsboudjie* deur Fritz Steyn (1941) en *Rooibruin blare* (1934) deur H.A. Fagan.



Hertzogpryssertifikaat uitgereik aan D.J. Opperman vir *Periandros van Korinthe*

D.J. Opperman-versameling, Universiteit van Stellenbosch



D.J. Opperman, wenner van die 1956-Hertzogprys vir Drama

Foto: *Die Burger*

5.2.5 DIE 1960-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.5.1 Vooraf

Die prosedure geldig vir die 1960-Hertzogprys vir Drama, was dié gefinaliseer in 1956 en geldig vanaf 1957 (1957/1958- en 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag). Dit het grootliks ooreengekom met die Hertzogprystoekenningsprosedure soos bepaal in 1946/1948, maar met die byvoeging van die volgende drie bepalings (kyk bylaag R op bladsy 646):

13. Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.
14. Waar dusver gepraat is van “die Raad” word bedoel die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.
15. Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademieraad van wie die werklike toekenning uitgaan.

Die Fakulteitsraad het in hierdie stadium bestaan uit sewe lede wat gekies is vir 'n tydperk van drie jaar (kyk paragraaf 6a in die Fakulteitstatute op bladsy 639). Met bepaling 13 is 'n vetoreg gegee aan drie lede van die Fakulteitsraad wat 'n minderheidstem sou uitbring.

Punt 5 van die 1942/1943-Hertzogprysprosedureveranderinge (kyk bladsy 222) het die volgende bepaal:

Waar in die skenkingsakte sprake is van prystoekenning deur die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, sal dit beteken dat die toekenning geskied deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, op voordrag van die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.

In die Hertzogprystoekenningsprosedure wat in Mei 1946 beskikbaar gestel is (kyk eindnota 40 op bladsy 530) en wat opgestel is na aanleiding van besluite geneem op 20 September 1946 (kyk eindnota 42 op bladsy 532) is punt 5 uitgelaat. Bepaling 14 en 15 het die onduidelikheid wat ontstaan het met die weglating, opgeklaar in verband met die rade wat betrokke is. Die finale beslissing oor die Hertzogprys het nog steeds by die Akademieraad berus. Wat egter later probleme geskep het, is

- die onnoukeurige taalgebruik wat gelei het tot die weerspreking in bepaling 13 (dat “toekenning van die pryse” deur die Fakulteitsraad geskied), en bepaling 15 (dat “die werklike toekenning uitgaan” vanuit die Akademieraad), en

- dat die vetoreg wat deur bepaling 13 geskep is, 'n besluit deur die Fakulteitsraad kon laat sloer, en sodoende ook 'n bekragting deur die Akademiesraad, of 'n weiering om dit te bekragtig, kon ophou.

5.2.5.2 1960-Hertzogprys vir Drama

Die Fakulteitsraad het die volgende Letterkundige Kommissie benoem vir die 1960-Dramaprys: drr. F.C.L. Bosman (sameroeper), H. Venter en mev. A.B. Blignault (FRN 1959: 24 Julie), met prof. F.E.J. Malherbe as sekonduslid (FRN 1959: 9 Oktober). Daar is ná die debakel oor die 1952-Dramaprys besluit dat 'n Sekretaris nie meer kon deel wees van 'n Keurkommissie nie (kyk voetnota 532 op bladsy 300). F.C.L. Bosman het in Maart 1958 uitgetree as Akademiesekretaris en kon vir die 1960-Dramaprys dus weer in die Letterkundige Kommissie dien (kyk voetnota 550 op bladsy 312).

Lede is skriftelik van hulle benoeming verwittig. Sonder teenberig van hulle voor of op 7 Oktober 1959 sou die Akademie aanvaar dat die benoeming hulle welgeval.⁵⁴⁹ (LK 1/6: 25 September 1959 – brief van die nuwe Akademiesekretaris, dr. M.S. du Buisson,⁵⁵⁰ aan Bosman; FRN 1959: 9 Oktober.) Geen lid wat op die 1956-Dramaprys se Letterkundige Kommissie gedien het, naamlik G. Dekker, H. v.d.M. Scholtz (jr.) en Tj. Bunning, is herkies nie. Mededelings en lidmaatskap van alle Keurkommissies, ook hierdie een, is as streng vertroulik beskou en slegs bedoel ter inligting aan lede. Mededeling buite die kring van die Akademie kon slegs geskied met die instemming van die Raad (1959/1960-Fakulteitsjaarverslag).

Reeds in die 25 September 1959-brief wat Bosman ontvang het in verband met sy benoeming, asook in 'n brief gedateer 3 Februarie 1960, wys Du Buisson daarop dat die Raad graag die finale aanbeveling van die Kommissie wou ontvang voor 29 Februarie 1960 ten einde dit op die Maartvergadering in oorweging te kon neem. (Du Buisson bedoel waarskynlik die Fakulteitsraad, maar slegs die Dagbestuur van die Akademiesraad het in Maart 1960 vergader – die Fakulteitsraad en volledige Akademiesraad eers in April). Op 26 Februarie 1960 is Bosman bedank vir die afskrif van die 1960-Dramaprysverslag en Du Buisson noem dat hy per geleentheid graag die ondertekende verslag ontvang (LK 1/7).

549 Venter se skriftelike aanvaarding van sy benoeming is gedateer 29 September 1959 (LK 1/6).

550 F.C.L. Bosman was Akademiesekretaris vanaf Januarie 1948 tot einde Maart **1958**. Op 1 April 1958 volg dr. M.S. du Buisson vir Bosman op as Akademiesekretaris. Ter wille van kontinuïteit was Bosman ook April in die Akademie se diens en het opgetree as adjunksekretaris (ARUKN 1958: 10 Maart). In Junie het die Akademiesraad besluit om Bosman se diens vir 'n verdere tydperk van vier maande te behou. Hy sou met bepaalde take, waaronder die opstel van 'n brosjure, belas wees. (AJVN 1958: 27 Junie.)

Intussen het Audrey Blignault, in reaksie op Du Buisson se September 1959-brief, op 17 Februarie 1960 haar finale aanbeveling in verband met die Hertzogprystoekening aan hom gestuur. Sy meld dat sy ook 'n afskrif aan F.C.L. Bosman, die sameroeper, stuur. (LK 1/7.) Du Buisson het Blignault bedank vir die verslag, maar opgemerk dat die saak amptelik slegs deur die sameroeper werk. Hy het gewag op die stuk wat Bosman sou stuur, onderteken deur die drie kommissieledede. Du Buisson het Blignault gelukkigwens met die indringende motivering en die vertroue uitgespreek dat dit grootliks in die Kommissie se stuk geïnkorporeer sou word. (LK 1/7: 1 Maart 1960).

Blignault se verslag lui só (LK 1/7: 17 Februarie 1960):

Keuse van Audrey Blignault: N.P. van Wyk Louw: Germanicus.

Na my mening is hierdie drama onteenseglik die beste toneelstuk wat in die tydperk aangewys vir bekroning: 1956-1959 verskyn het.

Nie alleen is dit die beste drama wat gedurende hierdie tydperk in Afrikaans verskyn het nie, maar dit vergelyk ook baie gunstig met kontemporêre dramas wat in Europa geskryf is. Germanicus staan, myns insiens, veel hoër, dramaties én letterkundig, as, byvoorbeeld, die latere dramas van T.S. Eliot. Gemeet aan 'n objektiewe wêreldstandaard, glo ek dat dit 'n kunswerk van betekenis is. Op die gebied van die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig dit 'n hoogtepunt wat al wél in die digkuns bereik is, maar nog nie in die roman en die drama nie.

As psigologiese idee-drama het Germanicus 'n onontkombare trefkrag wat deels bereik word deur die werklike grootsheid en universeel-menslike geldigheid van die sentrale gedagte waarom die drama gebou is, deels deur die wesentlik dramatiese aard van die konflik wat uitgebeeld word en deels deur die sterk openbarende gang van die sobere, volwasse vers waarin die drama geskryf is.

Met Germanicus het N.P. van Wyk Louw na my mening daarin geslaag om 'n groot tragiese figuur in die Afrikaanse drama te skep. Germanicus verteenwoordig die denkende, voelende menslike mens in opstand teen 'n onpersoonlike, ongevoelige, verbeeldinglose wêreld waar die strewe na politieke mag die enigste geldige strewe is. Germanicus verteenwoordig die individuele mens in 'n eeu van massa-oorheersing. Hy is die mens wat nog die gawe van die verbeelding het, wat nog behoefte aan skoonheid het, wat in verdraagsaamheid en vrede met ander mense wil leef en wat nie sy visie van 'n ander, beter soort lewe kán prysgee in ruil vir persoonlike mag en die bevordering van 'n politieke ideologie nie:

Ek voel-voel na iets nuuts in die gemors...
ek sien iets nuuts, iets mensliks êrens skemer...
dalk is "Romein" ook nie die laaste woord.

Die tragiese lê dáárin dat dit juis Germanicus se geestelike meerderwaardigheid in 'n eeu van verwronge waardes is wat tot sy ondergang lei.

Die dramatiese spanning in die stuk, wat in die eerste en laaste instansie 'n verinnerlikte spanning is, toon deurgaans 'n onverbreekbare samehang met die sentrale gedagte, word sterk gedra deur die massiewe, saamgedronge gang van die vers en is besonder goed verweef met die karakterbeelding.

Die historiese omlysting van die verbrokkelde Romeinse ryk, die korrupte Caesar-regering, die sinisme en verbittering onder die gewone mense word baie subtiel en skynbaar moeiteloos deur die raak-beeldende dialoog opgebou. Besonder effektief is ook die portret-skildering van een karakter deur die woorde wat 'n ander karakter oor hom sê: byvoorbeeld, die onvergeetlike beeld wat Agrippina van Tiberius gee, die raak siening van Piso deur Caius se oë, van Germanicus deur Piso se oë. Elke karakter in die drama is 'n oortuigende, lewende mens, al verteenwoordig hy ook 'n besondere lewenshouding soos Piso of 'n besondere aspek van die menslike psige soos Livia of Tiberius.

Die vers waarin die drama geskryf is, is onmiskenbaar poësie met 'n volgehoue gloed en 'n skoonheid van struktuur wat nog nie in 'n Afrikaanse drama ge-ewenaar is nie. Die vers lééf met die sprankelende idioom en ongedwonge ritme van die gesproke taal:

... En die vet praetoriane sit
in Rome met skoon swaardjies, blinkboud
van die niksdoen.

Die digter toon deurgaans 'n meesterlike beheer oor die beeldende woord en die hantering van die taal. Deur sy onbetwisbare digterlike vermoë het hy 'n versdrama in Afrikaans geskep wat seker so lank sal leef soos Afrikaans gelees en gepraat word.

Na my mening sal dit vir die Afrikaanse Akademie vir Taal, Wetenskap en Kuns 'n eer en 'n voorreg wees om hierdie drama met die Hertzogprys te bekroon.

Die ondertekende verslag van die Kommissie is op 12 Maart 1960 aan Du Buisson gestuur met die verduideliking dat die saak ongelukkig vertraag is deur die afwesigheid van Blignault uit Kaapstad, en met die eenparige aanbeveling dat Van Wyk Louw vir *Germanicus* (1956) bekroon word (LK 1/7). Bosman sê verder:

U sal opmerk dat op een puntjie in die motivering die kommissielede nie heeltemal eenparig is nie, nl. die vraag of daar “wesentlike” botsing in en om Germanicus bestaan het. Die menings van dr. Venter en mev. Blignault maak die saak vir bekroning egter slegs sterker, dus ek laat die saak daar, lievers as 'n soort neutrale formulering te vind wat al die lede se opvattinge dek en verdere oonthoud kan veroorsaak.

Die brief en verslag is op 16 Maart 1960 met dank erken (LK 1/7).

Die verslag is vir oorweging voorgelê aan die Fakulteitraadsvergadering van 8 April (FRA 1960: 8 April – bylaag J; ARA 1960: 9 April – bylaag H):

DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERE EN KUNS

HERTZOGPRYS VIR DRAMA, 1960

VERSLAG VAN KEURKOMMISSIE

Die tydperk vir bekroning strek van 1956 - 1959⁵⁵¹ en die volgende stukke het hierin verskyn:—

1. BEUKES, G.J. [samesteller]: Skerm en Masker.⁵⁵² 'n Keur uit Afrikaanse Eenbedrywe ens. V.S. Pta. 1958.
2. BEUKES, G.J.: Judas van Keriot.⁵⁵³ 'n Drama in vyf tonele. N.G. Kerk-Uitgewers, Kps. 1959.
3. BEUKES, G.J.: Spele vir die Jongspan. Toneelstukkies deur P.W.S. Schumann e.a. V.S. Pta. 1959.
4. BRINK, A.P.: Die Band om ons Harte. Drama in drie Bedrywe. A.P.B., Jo'burg. 1959.
5. ERLANK, W.J. du P. [Eitemal]: So Praat die ou Rivier. Versdrama in drie Bedrywe. V.S., Kps. 1959.⁵⁵⁴
6. FRANZ, G.H.: Modjadji. Drama in vier bedrywe. A.P.B. Jo'burg. 1957.
7. GROVÉ, Henriette: Die Goeie Jaar. Drama in Twee Bedrywe. Geskryf in opdrag as Hoorspel van die S.A.U.K. N.B., Kps. 1958.
8. GROVÉ, Henriette: Die Glasdeur. Drama in Twee Tonele. Geskryf in Opdrag as Hoorspel van die S.A.U.K. N.B., Kps. 1958.⁵⁵⁵
9. KRIGE, Uys: Die Goue Kring. 'n Legende in Vier Bedrywe. Tekeninge deur Francois Krige. A.A. Balkema, Kps. 1956.
10. LOUW, N.P. van Wyk: Germanicus. Versdrama (in taferle). N.B. Kps. 1956.

551 In Du Buisson se aanvanklike brief aan Bosman is die tydperk verkeerdelik aangedui as 1955-1959 (LK 1/6: 25 September 1959).

Die vierjaarsiklus, met Kritiese prosa en essay as die vierde afdeling, het nog steeds gegeld. Hierdie was die laaste Hertzogprystoekenning vir Drama waarvoor vier jaar se publikasies in berekening gebring is. Werke uit die tydperk Januarie 1956 tot Desember 1959 is beoordeel.

552 Dit bevat die volgende vyf eenbedrywe: *Oorlog is oorlog* deur J.F.W. Grosskopf (1941), *Ruwe erts* deur H.A. Fagan (1934), *Die arrestasie* deur Uys Krige (1940), *Die jammer hart* deur W.A. de Klerk (1945) en *Laat die kerse brand!* deur Gerhard J. Beukes (1945) – dus geen nuwe eenbedryf wat in die tersaaklike periode verskyn het om vir die 1960-Hertzogprys vir Drama in aanmerking te kom nie.

553 'n Verwerking hiervan het in 1976 verskyn as *Man van Keriot*.

554 Dit is in 1956 uitgegee deur Nasionale Boekhandel. Beide datums val binne die bekroningstydperk.

555 Dit is in 1959 gepubliseer.

11. MALHERBE, D.F.: Silo is Krank; Van Mense en Gode; In die Namib. Drie Eenbedrywe in Verse.⁵⁵⁶ A.P.B. Jo'burg. 1956.
12. MALHERBE, D.F.: Sisera. Versdrama in vyf Bedrywe. N.B., Kps. 1958.
13. MALHERBE, D.F.: Boeta van Skeurfontein. Versdrama in agt Tonele. A.P.B., Jo'burg. 1958.⁵⁵⁷
14. MEINTJIES,⁵⁵⁸ Johannes: Die Soekendes. Treurspel in Twee Bedrywe. A.P.B., Jo'burg. 1958.
15. MURRAY, M.I.: Binnehof. Drama in Drie Bedrywe. N.B., Kps. 1959.
16. OPPERMAN, D.J.: Vergelegen. Versdrama in Vyf Bedrywe. N.B., Kps. 1956.
17. SITA (De Kock):⁵⁵⁹ Finkel en Koljander; Die Pettie-krie-Koei; Oppie Trein; Die Bordin-Huis.⁵⁶⁰ Vier Klugspelletjies. V.S., Pta. 1957.
18. SMIT, Bartho J.: Moeder Hanna. Treurspel in Twee Bedrywe. A.P.B. Jo'burg. 1959.
19. WEBER, Tom: Bitter Einde. Drama in Drie Bedrywe. A.P.B. Jo'burg. 1958.

(V.S. = Van Schaik; A.P.B. = Afrikaanse Pers Bpk.; N.B. = Nasionale Boekhandel, Bpk.)

Die keurkomitee is van oordeel dat Germanicus van Van Wyk Louw opvallend uitstaan bo die ander stukke en sodanige verdienstes besit dat hulle dit eenparig aanbeveel vir bekroning.

Die lys genoemde dramas bevat stukke van allerlei kaliber. Verskillende stukke hieronder is egter van persone afkomstig wat reeds bekroon is met die Hertzogprys vir drama. Vanself kom hulle dus nie weer in aanmerking vir die prys nie.⁵⁶¹ Hierdie skrywers is Beukes en Opperman.⁵⁶² Ons mag egter byvoeg dat geen werk van hulle hier genoem in dieselfde klas met Germanicus geplaas kan word nie en dus ook om die rede nie in aanmerking sou kon kom vir bekroning nie. Ook die eenbedrywe van ander skrywers bevat in die versamelbundels van Beukes is van ander bekroonde dramaturge

556 Die werke verskyn onder die oorkoepelende titel *Silo is krank*.

557 Die korrekte publikasiedatum is 1959.

558 In die Akademie se 1958-lys van gekeurde Afrikaanse boeke (FRN 1959: 24 Julie – bylaag G) word die outeur se van reg gespel as Meintjes.

559 Sita is die pseudoniem van S.S. de Kock.

560 Die werke verskyn onder die oorkoepelende titel *Finkel en Koljander: vier komediespele in een bedryf*.

561 Hier word verwys na bepaling 2 op bladsy 221, naamlik dat die onverdeelde prys nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken mag word nie.

562 Beukes is in 1952 bekroon (kyk bladsy 267, 270, 273) en Opperman in 1956 (kyk bladsy 307).

(Fagan en de Klerk)⁵⁶³ of “kleinwerk” wat op hulself nog nie bekroning verdien nie, afgesien van die feit of hulle voldoende “kleinkuns” is. Sulke “kleinwerk” is ook die kluggies van Sita.

Onder die ander werk is die verdienstelikes die die [sic] van Henriette Grové en Bartho Smit, min of meer gelykop van waarde, en albei van besondere belofte (Grové is veral sterk in strakke bou, Smit in strakke karaktertekening); Tom Weber, Maxie Murray en Johannes Meintjies [sic] min of meer in hierdie volgorde. Laasgenoemdes skryf “treffende” dramas, maar skiet kort in sielkundige diepgang.

D.F. Malherbe se werk is op sy ou patroon: “romantiese” versdrama uit die Bybel (Silo, Sisera), boerelewe (Boeta van Skeurfontein), of ander bronne (In die Namib) wat meestal baie kunsmatig, serebraal, digterlik hol en sielkundig onoortuigend aandoen.⁵⁶⁴

Ook Uys Krige, Die Goue Kring, is benede die middelmaat, dikwels blote rymelary en gekunstelde simboliek. Onsuier en plek-plek onmagtig, hoewel soms met enige belofte, is Die Band om ons Harte deur A.P. Brink.

Modjadji van G.H. Franz bring die bekende toordokteres en reënkoningin van Noord-Transvaal op die planke. Die stuk is eerder beskrywend as dramaties, leersaam as aangrypend: ’n interessante, enigsins bekoorlike, maar nooit spannende weergawe van naturellesielkunde nie.

Erlank se stuk is nie oorspronklik nie. Dis ’n verwerking van ’n stuk van Hebbel.

Bo al hierdie werk troon Germanicus uit. Digterlik en filosofies is dit een van die vernaamste stukke in Afrikaans, miskien die vernaamste.

Die gespierde rymlose verse, die pragtige beelde, die gelaaide woorde, gee die stuk sy digterlike waarde.

Filosofies gee die stuk ’n ontleding van die hoogste orde van die kragte wat die Romeinse ryk beweeg en in stand gehou het; ook van die persoonlike probleme van Germanicus. Hier sien ons hoe Germanicus, die edele, mensliewende, wankelmoedige figuur te gronde gaan onder die druk van die groot, genadelose, gewetenlose, politieke magte en figure van sy tyd. Van Wyk Louw lewer hier bewyse van ’n indringingsvermoë, maatskaplik en persoonlik, wat hom hoog plaas in die ry van denkende digters, ook buite Suid-Afrika. Merkwaardig is verder hoe die gestaltegewing van een figuur soms bereik word deur die woorde van ’n ander, bv. Agrippina deur Tiberius, Piso deur Caius e.s.m.

Germanicus, die denkende mens, die twyfelmoedige, is geen man van aksie nie en die stuk geen stuk van dramatiese handeling, van opvolgende pakkende gebeurtenisse nie. Dramaties sondig die stuk selfs teen daardie onmisbare eis van die drama: die voer tot ’n klimaks as gevolg van ’n botsing. Daar is geen wesentlike botsing in of om Germanicus nie. Hy sien die onvermydelike nader kom en aanvaar dit gelate. Tog boei die stuk en kan dit bly boei tot die einde juis as uitbeelding van ’n sterk verinnerlikte bestaan: Germanicus se bewussyn van dinge en sy redes en gedrag in onderwerping daaraan.

563 In die versamelbundel *Skerm en masker* is dit nie net Fagan (met *Ruwe erts* – deel van 1935-bekroning) en De Klerk (met *Die jammer hart* – deel van die 1952-bekroning) wie se werk al bekroon is nie, maar ook Grosskopf. Hy het die 1925/1926-Hertzogprys gedeel met ’n digter en prosaïst, maar sy toekenning is beskou as onverdeel in die dramakategorie (kyk bladsy 242 en eindnota 33 op bladsy 528). *Oorlog is oorlog* (1941), wat ook in *Skerm en masker* verskyn, is foutiewelik in 1941 al beoordeel (kyk voetnota 335 op bladsy 192) en daarom in 1944 buite rekening gelaat (kyk bladsy 232).

564 Kyk die kommentaar op Malherbe se werk in 1948 (bladsy 251).

As die stuk so gespeel word, kan dit ook ware speelbare drama word: 'n stuk van boeiende en heldere karakterisering, van innerlike belewenis en ontwikkeling, van die hoogste woordkuns. Germanicus is 'n groot mens in 'n grootse verband gesien en op grootse wyse deur Van Wyk Louw vertolk. Daarvoor verdien hy die Hertzogprys vir Drama.

Die verslag is op 24 Februarie 1960 onderteken deur F.C.L. Bosman. Beide Venter en Blignault het hulle instemming met die verslag betuig, maar met reg 'n probleem gehad met die volgende bewoording daarin:

Dramaties sondig die stuk selfs teen daardie onmisbare eis van die drama: die voer tot 'n klimaks as gevolg van 'n botsing. Daar is geen wesentlike botsing in of om Germanicus nie. Hy sien die onvermydelike nader kom en aanvaar dit gelate.⁵⁶⁵

Venter teken op 27 Februarie 1960 die verslag en verwoord sy siening só:

Germanicus sien wel uiteindelik dat die onvermydelike nader en aanvaar dit ook gelate, maar hy verset hom tog aanvanklik teen die planne van Tiberius enersyds en van sy soldate andersyds. Nog sterker is die konflik om hom: die konflik wat aan min of meer al Louw se werke ten grondslag lê: goed en kwaad, lig en donker, geregtigheid en sonde – wat 'n mens dit ook al wil noem. 'n Studie van die adjektiewe in Germanicus (soos in Raka) is al insiggewend in hierdie verband.

Verder ag ek dit 'n besonder mooi verslag van dr. Bosman.

Audrey Blignault het die verslag op 8 Maart 1960 onderteken, en haar standpunt soos volg gestel:

Vir my is daar 'n wesentlike botsing in en om Germanicus.

Vgl. Bladsy 33: Ek moet die mag gryp ... Daar is 'n gedurige stryd in hom tussen wat hy is en wat hy moet. Hy wat is, wil nie op gangbare wyse wees nie. Om hom is die botsing ook sterk teenwoordig: tussen die Romeinse legioene en die gevestigde regering in Rome, tussen individue onderling bv. tussen Germanicus en Piso, tussen Livia en Thusnelde, tussen Tiberius en Germanicus, en bowe al tussen teenoorgestelde beskawingswaardes in 'n tydperk van oorgang.

Ek sou dus graag wou voorstel dat genoemde twee sinne weggelaat of gewysig word.

Verder stem ek met die verslag saam.

Die Fakulteitsraad het, na oorweging van die verslag, tydens hulle vergadering van 8 April 1960 besluit om by die Akademieraad aan te beveel dat die 1960-Hertzogprys vir Drama toegeken word

565 Blignault haal nie spesifiek laasgenoemde sin aan in haar beswaar nie.

aan N.P. van Wyk Louw (FRN 1960: 8 April).⁵⁹ Die volgende dag het prof. H. v.d. Merwe Scholtz (sr.) tydens die Akademiesraadsvergadering namens die Fakulteitsraad versoek dat Louw bekroon word. Die Akademiesraad het die besluit bekragtig. (ARN 1960: 9 April.)

Op 11 April 1960 skryf Du Buisson aan Van Wyk Louw:

Dit doen my besondere genoë om u mee te deel dat die Akademiesraad op sy jongste vergadering besluit het om die Hertzogprys vir Drama vir die periode 1956-1959 aan u toe te ken, hoofsaaklik op grond van u werk Germanicus.

Vergun my om u geluk te wens met hierdie onderskeiding wat u te beurt geval het, veral aangesien dit tans die derde genre van u werk is wat met die Hertzogprys bekroon word.⁵⁶⁶

Die oorhandiging van die prys sal geskied ten tye van die Jaarvergadering van die Akademie op Saterdag, 2 Julie 1960 in Pretoria.

Geliewe my so gou doenlik te verwittig of u die toekenning aanvaar, sodat ek vir die nodige persaankondiging kan sorg.

Die dramaturg het die toekenning met dank aanvaar⁵⁶⁷ (FRA, FRN, ARA en ARN 1960: 30 Junie).

Soos in die brief aan Louw, is daar in die persaankondiging, gedateer 14 April 1960⁵⁶⁸ én in die 1959/1960-Fakulteitsjaarverslag, te kenne gegee dat die Akademiesraad die Hertzogprys aan Louw toegeken het “hoofsaaklik” op grond van *Germanicus*. Die invoeg van die woord “hoofsaaklik” impliseer dat ook ander dramas van Louw bygedra het tot die 1960-bekroning. Gedurende die tersaaklike verskyningsperiode is net *Germanicus* van Louw gepubliseer. Dalk is verskuil en implisiet verwys na vorige dramas ten einde te vergoed vir die feit dat Louw nie die 1956-prys vir *Dias* gekry het nie, of omdat *Die dieper reg* in 1938 oor die hoof gesien is en geen toekenning gemaak is nie. Tóé is geredeneer dat die versdrama ’n “gedig” is (kyk bladsy 177), terwyl versdramas later wel deeglik oorweeg en bekroon is met die Hertzogprys vir Drama.

566 In die 14 April-persaankondiging is die verdere inligting verstrekkend dat “prof. N.P. van Wyk Louw, hoof van die Departement Nederlands-Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand”, twee keer die Hertzogprys vir Poësie ontvang het, een keer die Hertzogprys vir Kritiese Prosa en Essay, en dat dit ’n onderskeiding was wat nog slegs Louw te beurt geval het.

567 Louw het in 1937 die Hertzogprys geweier (kyk bladsy 169).

568 Die Akademiesraad het al op 1 Desember 1939 besluit dat die Hertzogprystoekenning voortaan ná die raadsvergadering waarop die besluit ten opsigte van bekroning geneem is, bekend gemaak sou word (kyk bladsy 189). Op 11 Desember 1941 het hulle besluit om in die toekomst onmiddellik nadat daar tot ’n finale beslissing gekom is met betrekking tot die toekenning van die Hertzogprys al dan nie, ’n offisiële verslag aan die pers te oorhandig (kyk bladsy 197). Die Akademiesraadsbesluit om Louw te bekroon is geneem op 9 April, Louw is op 11 April daarvan verwittig, en die persverklaring is eers uitgereik op 14 April 1960 ten einde seker te maak dat Louw die prys sou aanvaar. (Kyk ook eindnota 62 op bladsy 541.)

Louw is op 11 Mei skriftelik laat weet in verband met die reëlings vir die oorhandiging wat tydens die 1960-jaarvergadering sou plaasvind op Saterdag 2 Julie 1960 om 9-uur vm. in die Nuwe Lesingsaal (agter die Ou Letteregebou), Universiteit van Pretoria. Louw se aandag is ook daarop gevestig dat daar van hom verwag word om 'n baie kort dankwoord "van ongeveer 1 minuut" tot die aanwesiges te rig nadat hy die prys in ontvangs geneem het. (1960/1961-Fakulteitsjaarverslag.)

Die huldigingswoord is gelewer deur dr. F.C.L. Bosman ⁶⁰ en gepubliseer in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Oktober 1960 ⁶¹ (Bosman 1960:104-105; FRA, FRN, ARA, ARN 1960: 30 Junie; FRA 1960: 30 September; ARA en ARN 1960: 1 Oktober; 1960/1961-Fakulteitsjaarverslag).⁵⁶⁹ Die gedeelte waarteen die ander twee kommissielede beswaar gehad het, is uitgelaat, en vervang deur die volgende:

In engere dramatiese sin kan ons nog die volgende opmerk. Germanicus, die denkende mens, die twyfelmoedige, is geen man van aksie nie, en die stuk geen stuk van uiterlike handeling, van beweglike pakkende gebeurtenisse nie. Die uiterlike stryd in die stuk word om Germanicus; die ware stryd word gevoer in die gemoed van Germanicus self. Selfs daar egter het ons weinig twyfel oor hoe die stryd gaan verloop. Germanicus is by uitstek die verpersoonliking van die Hamlet-probleem, van die tweespalt in gedagte en gewete wat geleidelik tot verlamming van die daad en uiteindelik tot die dood lei:

"Thus conscience doth make cowards of us all,
And thus the native hue of resolution
Is sicklied o'er with the pale cast of thought
And enterprises of great pitch and moment
With this regard their currents turn awry
And lose the name of action".

Van botsing in die stuk is daar dus weinig sprake, behalwe in die magte en persone om Germanicus; in Germanicus self is daar reeds spoedig fundamenteel, met enkele spasmodiese uitsondering, aanvaarding van die onvermydelike. Daar is selfs geen klimaks in die gewone sin van die woord in Germanicus nie. Na die hewigste selfstryd aan die begin van die stuk beweeg die stuk hom essensieel in dalende lyn verder.⁵⁷⁰

569 Dit begin soos volg:

Onder 'n behoorlike oes van Afrikaanse dramas gedurende die tydperk 1956-1959 het die Akademie geen twyfel gehad dat Germanicus, treurspel in ag tonele, opvallend uitstaan bo die ander stukke nie en sodanige verdienstes besit dat dit sonder voorbehoud bekroning verdien.

Dan gebruik Bosman die Hertzogprysverslag se bewoording in die drie paragrawe vanaf "Digterlik en filosofies ..." tot en met "...Piso deur Caius" (kyk bladsy 317).

570 Dan haal Bosman uit die tweedelaaste paragraaf van die verslag aan vanaf "Tog boei die stuk ..." (kyk bladsy 317), en voeg die volgende by:

Deur ag tonele ontvou hierdie aangrypende beeld en geestelike gang hul op so 'n wyse dat hul volkome ons logiese en morele gevoel bevredig, met slottonele wat ons juis bekoor deur die soete en roerende versterwing van 'n fyn en edele gees.

Die laaste paragraaf van die verslag word net so aangehaal, met die byvoeging van die volgende ná "'n stuk ... van die hoogste woordkuns":

van 'n slot in mineur wat net so kan boei as enige majeur van kragtige handeling.

Hierdie vervangingsgedeelte behels opnuut aanvegbare stellings, byvoorbeeld dat by Germanicus 'n “verlamming van die daad” ingetree het. 'n Kernaspek van die drama, naamlik wat as “daad” beskou kan word (doen, dink), is hiermee aangeraak. Dit, asook ander fasette, soos struktuur (epies/klassiek), tragiese/nie-tragiese elemente in die drama, Germanicus as tragiese figuur of nie, het deur die jare al 'n magdom opinies ontlok.⁵⁷¹ Tog bly die grootsheid van hierdie drama nie te betwyfel nie. Die Hertzogprys was welverdiend.

Tog is dit nodig om kennis te neem van vier skrywers wie se werke in die 1960-Hertzogprysverslag genoem word: Krige, vir wie die Hertzogprys, ongeag sy uitstekende dramas tot in daardie stadium, nog nie beskore was nie, en drie dramadebutante wat later die Hertzogprys ontvang het: Bartho Smit, Henriette Grové en André P. Brink.

Die goue kring (1956), deur Uys Krige, is in die 1960-verslag totaal deur Bosman onderskat en beskryf as “benede die middelmaat, dikwels blote rymelary en gekunstelde simboliek” (kyk bladsy 317).⁵⁷² Toe Krige in 1985 die Hertzogprys ontvang het as “een van die belangrikste vernuwende kragte in die geskiedenis van die Afrikaanse drama” (kyk eindnota 105 op bladsy 560), was *Die goue kring* juis dié vollengte drama van hom wat uitgesonder is, onder andere weens die uniekheid daarvan en Krige se gebruik van simbole (kyk bladsy 395).

Moeder Hanna (1959) van Bartho Smit, 'n oorgangstuk tot die sestigerjare se vernuwning in die Afrikaanse drama, is op Vrydag 24 en Saterdag 25 Julie 1959 tydens die Akademie se Halfeeufeesvieringe in Stellenbosch, opgevoer onder spelleiding van Smit self, met Athol Fugard as verhoogbestuurder (Notule). Die 1978-Hertzogprys is toegeken aan Bartho Smit vir al sy dramas, maar met spesifieke verwysing na onder andere *Moeder Hanna* (kyk bladsy 498, 503). In die 1960-Hertzogprysverslag word hierdie werk, sowel as dié van Henriette Grové, as verdienstelik en van besondere belofte beskou, met spesiale vermelding van die “strakke karaktertekening” in Smit se drama (kyk bladsy 317).

Die “strakke bou” van Henriette Grové se werk is in die verslag gemeld. Sy het die 1981-Hertzogprys ontvang vir *Ontmoeting by Dwaaldrif* en al haar ander dramatiese werk (kyk bladsy 504), wat hierdie 1958-dramadebute, *Die goeie jaar* en *Die glasdeur*, insluit. (Kyk ook eindnota 66 op bladsy 542.)

571 Kannemeyer (1984:414-416), asook Senekal en Van Aswegen (1980:54-55) gee uitgebreide inligting oor talle studies wat al in verband met *Germanicus* gedoen is.

572 Aangesien beide Venter en Blignault nie kritiek gelewer het op Bosman se beskouing van hierdie drama nie, was hulle dit per implikasie met Bosman eens. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat hulle fokus só gevestig was op die verantwoording van 'n bekroning vir *Germanicus*, dat hulle nie in detail kommentaar wou lewer oor die ander dramas nie.

Brink is in 2000 bekroon met die Hertzogprys vir *Die jogger*, met inagneming van sy drama-oeuvre. Sy 1959-debuutdrama, *Die band om ons harte*, is egter nié in die 2000-verslag genoem nie (kyk bladsy 572), en is in die 1960-verslag beskryf as “[o]nsuiwer en plek-plek onmagtig, hoewel soms met enige belofte” (kyk bladsy 317). (Kyk ook eindnota 66 op bladsy 542.)

Volgens die notule van die openbare afsluitingsbyeenkoms van die jaarvergadering, het mev. De Villiers, vrou van die Akademierraadsvoorsitter, dr. F.J. de Villiers, ’n akte en die prysgeld⁵⁷³ aan Louw oorhandig,⁵⁷⁴ en het hy sy waardering soos volg uitgespreek:⁵⁷⁵

Ten eerste bedank ek die Akademie vir die belangstelling in die werk van my wat hier vanmôre bekroon word;

en ten tweede bedank ek die vorige spreker vir sy voordrag van die Akademie se motivering wat in dié meer as vleierende woorde gestel moes word.

U sal my van verdere uitweiding verskoon: om oor eie werk iets te sê, is altyd lastig; en om goedkeurend oor goedkeuring van ’n mens se werk te praat, trap oor die rand van die beskeidenheid.

Maar, óu gewoonte én die hoflikheid eis glo van ’n mens by ’n geleentheid soos hierdie naas die formele dank teminste [sic] ’n kort woord.

Dit dan: daar is ’n bekende en miskien gegronde klagte dat die dramatiese literatuur by ons nog nie gelykstaande is aan die liriese of epiese poësie nie.

In hierdie kort woord van my vanmôre sou ek benede my plig bly indien ek as buitestaander⁶² nie vir U as lede van ’n Akademie ’n paar dinge voorhou nie wat, myns insiens, met die moontlikheid-self van ’n dramatiese letterkunde in ons taal verband hou.

Een: Laat ons nie van ons tragedie ’n kortsigtige aktualiteit éis nie. Die skrywer wat die aktualiteit as juiste vorm vir sy eie kuns voel – láát hom dié vorm gebruik. Hy wen iets; en hy sit iets op die spel. Mag dit nie later van hom gesê word dat hy “sy loon weg-het” nie.

Maar: op 100 groot dramas van die wêreldliteratuur sou ek skaars een aktuele van ’n bepaalde tyd kan noem. En ons kan vertrou: die ware tragedie in óns taal – al is sy tema wát – sal diep suig uit óns volk se tragiese aarde.

Ten tweede: laat ons blyspel met wát ook speel – met hemel, hel of vagevuur – en praat oor stad of platteland of buiteland of dorp; maar laat ons hom nié in ’n dorpse gees versmoor nie.

573 Kyk bladsy 330 in verband met die geldbedrag wat Louw ontvang het.

574 Die notule van die openbare afsluitingsbyeenkoms op Saterdag 2 Julie 1960, meld verkeerdelik dat die 1961-Hertzogprys vir Drama oorhandig is.

575 Die toespraak is ook opgeneem in *Standpunte*, jaargang XVII, nr. 2, Desember 1963, p. 61. Dit is ook beskikbaar in die Dokumentesentrum van die J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, se N.P. van Wyk Louw-versameling (dokument 2.To.35).

U weet, as die predikant op 'n klein dorp 'n keer 'n bietjie streng gepreek het, hoe die gemeente by die uitgaan fluister: “Ai, maar Dominee het darem vir Oum Koos die kop gewás!”, en hoe almal hulle verlustig oor die splinter in Oum Koos se oog.

Wat die drama betref: dit is alleen in 'n muf klein wêreldjie dat hierdie estetiese denkfout plaas kan vind.

Laat ons nie by voorbaat die blyspel as *karacterspel* by ons doodsmoor nie deurdat ons vir Oum Koos soek en oor sý splinters giggel; die ernstige blyspel het te doen met bálke ... in óns oë, U s'n en myne, ons s'n as volk.

Ten derde: alleen in 'n dampkring van vryheid kan groot drama – of enige groot letterkunde – groei. Laat ons die vryheid van die Afrikaanse boek jaloers bewaar; laat ons nie in 'n stryd teen “vuilskrywery” 'n hele literatuur dwing om onder die juk van 'n *preventiewe* sensuur deur te gaan nie. Dit sou wees asof 'n mens jou drinkwater met Lysol ontsmet.

Dink net: watter eerbare skrywer sal hom daartoe leen om in só 'n “publikasieraad”⁵⁷⁶ oor die verskyn of nie-verskyn van 'n hele volk se literatuur te besluit? Dus: alleen die ánder tipe skrywer, dié met die waan van meerderheid oor almal, óf met die koopbare gewete, sal hom vir hierdie werk laat vind.

Moet ons ons voorstel dat 'n Afrikaanse boek nog eenmaal gedruk sal moet word met voorin hierdie woorde:

“Gepubliseer – met 'n gevoel van skaamte – ná goedkeuring deur die Publikasieraad”?

Ek dank U vir u aandag.

Die volgende dramas kon op grond van publikasiedatum ook in aanmerking kom vir die 1960-Hertzogprys, maar is nié in die verslag genoem nie, en sou ook nie kon kers vashou by *Germanicus* nie:

1956-dramas

Beukes, Gerhard J. *Verkiesing sonder politiek!: 'n skertsstuk in drie bedrywe* (Van Schaik)

Malherbe, D.F. *Fariseër* (Nasionale Boekhandel)

1957-dramas – almal opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Vyf nuwe eenbedrywe* (1957) (Van Schaik):

Beukes, Gerhard J. *Ons het 'n ster gesien!* (ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Roep van die naguiltjie en ander eenbedrywe* [1983])

576 'n Publikasiebeheerraad is in 1963 ingestel.

Brits, Jac. J.	<i>Vriend van die keiser</i>
Fagan, H.A.	<i>Geliefde vreemdeling</i>
Marais, C.L.	<i>'n Diender en 'n daggaboom</i>
Roubaix, Paul.	<i>O, uur van glorie</i>

1958-drama

Sita. (ps. van S.S. de Kock) *Ses vroue: 'n eenbedryf* (Voortrekkerpers)

D.F. Malherbe se *Boeta van Skeurfontein* moes nie in aanmerking gekom het nie, want dit is 'n verwerking van Malherbe se roman *Die skeur van Vaalspruit* (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514).

5.3 SAMEVATTING: DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA 1944-1960

Die Hertzogprystoekennings vir Drama vandat die veranderinge in 1942/1943 in werking getree het, tot en met die volgende ingrypende veranderinge in 1961/1962, lyk soos volg:

- slegs een van die vyf keer wat 'n drama bekroon kon word, is geen toekenning gemaak nie, naamlik in 1948;
- Leipoldt ontvang die 1944-toekenning vir twee vroeër gepubliseerde dramas, *Die heks* (1923) en *Die laaste aand* (1930);
- die 1952-Hertzogprystoekenning is verdeel tussen
 - ▶ Gerhard Beukes vir sy eenbedrywe asook *Salome dans, Langs die steiltes* en *As ons twee eers getroud is!*,⁵⁷⁷ en
 - ▶ W.A. de Klerk vir *Die jaar van die vuur-os, Drie vroue, Drie dramas* en *Vlamme oor La Roche*,⁵⁷⁸
- D.J. Opperman verower die 1956-Dramaprys vir *Periandros van Korinthe* (1954), 'n versdrama, en
- in 1960 ontvang N.P. van Wyk Louw die Hertzogprys vir sy versdrama *Germanicus* (1956).

Geen Breë Kommissie was betrokke by die 1948-, 1952- en 1960-Dramatoekenningsjare nie. Vir die 1944-toekenning is wel tien lede benoem van wie nege gestem het (kyk bladsy 227 en voetnota

577 Kyk bladsy 269-270 in verband met inkonsekwentheid.

578 Kyk bladsy 270 in verband met inkonsekwentheid.

390 op dieselfde bladsy), en al tien benoemdes het hulle stem uitgebring vir die 1956-toekenning (kyk bladsy 303).

Dit is opmerklik dat oor 'n **beoordelingsperiode** van dertig jaar (1929⁵⁷⁹-1959⁵⁸⁰) die naam van Uys Krige as wenner ontbreek – dít terwyl hy gedurende hierdie periode al die dramas geskryf het waarna spesifiek verwys is toe hy in 1985 die Hertzogprys vir sy hele drama-oeuvre ontvang het (kyk eindnota 104 op bladsy 558 en eindnota 105 op bladsy 559).

Gedurende die Akademie se 50-jarige feesjaar in 1959, het die redakteur van die *Transvaler* dit in 'n hoofartikel bepleit dat die Akademie dit ernstig oorweeg om sy ereskuld teenoor groot ontslape figure na te kom wat nie in hulle leeftyd bekroon is nie. Die Fakulteitsraad Taal, Lettere en Kuns het aanbeveel dat die saak ondersoek word. Die gedagte is deur die Akademiesraad onderskryf en 'n Kommissie is vir daardie doel saamgestel, bestaande uit dr. F.V. Lategan (sameroeper), prof. P.J. Nienaber en dr. A.P. Grové (ARA en ARN 1959: 24 Julie.) Grové het nie die benoeming aanvaar nie, en Lategan, Nienaber en mnr. J.J. Krüger het na aanleiding van hulle 6 Oktober 1959-vergadering, 'n verslag uitgebring (ARN 1959: 10 Oktober – Bylaag G).

Die Kommissie was onder andere van mening dat die 1959-feejaar die geskikte geleentheid gebied het om sulke bekronings te maak. Na aanleiding van opdrag (d) om die nodige aandag aan nog lewende kunstenaars te bestee wat gedurende hulle prestasietydperk om watter rede ook al nie die nodige erkenning ontvang het nie, het die Kommissie bevind dat daar wel sulke persone was wat in die Feejaar bekroon behoort te word, dat die Akademie 'n ereskuld gehad het én die goeie geleentheid om dit te vereffen, en dat so 'n daad sou bydra om die aansien van die Akademie te verhoog. Die Kommissie het hom beperk tot persone wat nié reeds op een of ander gebied deur die Akademie bekroon is nie, en die drie name wat genoem is om met die Hertzogprys bekroon te word, was dié van Boerneef (prosa),⁵⁸¹ Uys Krige (poësie en drama) en G.A. Watermeyer (poësie). Die Akademiesraad het egter na heelwat bespreking besluit om die verslag terug te verwys met onder andere die aanbeveling om nié lewende persone in aanmerking te neem nie. (ARN 1959: 10 Oktober – bylaag G.) Punt (d) van die oorspronklike opdrag het gevolglik verval (ARA 1959: 28 November – Bylaag F).

579 Dit was die eerste jaar sedert die instelling van die rotasiesstelsel (kyk bladsy 125) dat slegs dramatekste aan die beurt gekom het.

580 Desember 1959 was die afsnydatum vir dramas wat vir die 1960-Hertzogprys in aanmerking kon kom (kyk voetnota 551 op bladsy 315).

581 Ook D.J. Opperman het in 1958 opgemerk dat Boerneef bekroningswaardig was (kyk eindnota 60 op bladsy 540).

5.4 SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENINGSPROSEDURE 1944-1960

Onderstaande besluite het direk op die Hertzogprys betrekking gehad en is geneem ná die 1942/1943-veranderinge (kyk eindnota 29 op bladsy 526, bladsy 221-224 en eindnota 40 op bladsy 530) en vóór die 1960/1961-veranderinge (kyk bladsy 328):

- 26 Februarie 1943: Volgens ’n Fakulteitsraadsbesluit word die Breë Letterkundige Kommissie verklein van vyftien na tien lede (kyk eindnota 29 op bladsy 527).
- 16 Julie 1943: Die Fakulteitsraad besluit die volgende (kyk eindnota 31 op bladsy 527):
 - ▶ As ’n Keurkommissie ’n eenstemmige aanbeveling doen, moet die Breë Kommissie nogtans versoek word om oor die aanbeveling te stem.
 - ▶ As ’n Keurkommissie verdeeld is oor die aanbeveling, word die name en werke van die aanbevole skrywers aan die Breë Kommissie voorgelê.
 - ▶ Die Raad beskou ’n verdeling van die Hertzogprys as algemene beleid, onbevredigend.
- 30 September 1944: Die Fakulteitsraad besluit dat die Breë Kommissie net geraadpleeg word indien die Letterkundige Keurkommissie meer as een persoon aanbeveel (kyk eindnota 31 op bladsy 527).
- September 1946: Die aantal Fakulteitsraadslede verhoog van ses na sewe (kyk punt 6a van die Statute op bladsy 639).
- 20/21 September 1946: Die Fakulteitsraad besluit die volgende, aangeneem deur die Akademiesraad (kyk bladsy 238, eindnota 42 op bladsy 532 en eindnota 42 op bladsy 532):
 - ▶ Die afdeling “wetenskaplike prosa” verval as Groep B van die Hertzogprys.
 - ▶ Die indeling van Groep A word behou, maar reisbeskrywinge word verskuif vanaf onderafdeling IV na onderafdeling III. Onderafdeling IV heet vervolgens “Kritiese prosa en essay”.
 - ▶ Elke Keurkommissie behoort vir homself ’n lys op te stel van werke oor die betrokke vakke in die betrokke tydperk. As die lede vir hulself vasgestel het watter werke min of meer binne die kader van die bekroningstandaard val, kan hulle, indien nodig, uitgewers deur die Akademiesekretariaat nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verdere toegespitste studie en oorweging.
- 25 September 1948: Die Akademiesraad keur die Fakulteitsraadaanbevelings goed dat die bewoording van die Hertzog-bemaking só vertolk moet word dat slegs oorspronklike Afrikaanse werk vir bekroning in aanmerking kom. ’n Spesiale Akademieprys word ingestel vir vertalings. (Kyk bladsy 249.) Sodoende kon daar in die toekoms geen twyfel wees dat vertalings nie binne die Hertzogprysdomein hoort nie.
- 1948: Oktober 1948-inligtingstuk van Bosman (kyk bladsy 253):
 - ▶ voorheen moes die aanstelling van die Letterkundige Kommissie twee of drie jaar vooruit geskied, maar nou word gesê dat die Raad jaarliks ’n Komitee aanwys;
 - ▶ die deskundiges is voorheen die “Letterkundige Kommissie” genoem, maar nou word verwys na ’n ad hoc-komitee genaamd “letterkundige keurkomitee”;

- ▶ die aantal deskundiges word spesifiek bepaal op drie;
- ▶ daar word gesê dat die Raad, en nie die Fakulteitsraad nie, die Komitee aanwys;
- ▶ van die Komitee word verwag om by voorkeur een skrywer aan te beveel.
- 27 Junie 1952: Die Fakulteitsjaarvergadering besluit (opnuut) dat by verdeelde en dubbele aanbevelings deur Keurkommissies, die Breë Kommissie geraadpleeg moet word (kyk bladsy 281). (Kyk ook die 30 September 1944-besluit vroeër genoem.)
- 23 Julie 1953: Die Akademieraad bekragtig die 10 Julie 1953-besluit van die Uitvoerende Komitee om *in absentia*-bekronings toe te laat met desnoods persone wat deur die bekroondes aangewys word om die toekenning in ontvangs te neem. Nadere reëlins is aan die Sekretaris oorgelaat. (ARA 1953: 23 Julie, bylaag A; ARN 1953: 23 Julie).
- 1953: Die Akademiesekretaris kon nie meer deel wees van die Keurkommissies nie (kyk voetnota 532 op bladsy 300).
- 3 Mei 1954: Die Akademieraad bekragtig die Fakulteitsraadbesluit dat die Keurkommissie vir die volgende toekenning van die Hertzogprys twee jaar vooraf benoem moet word, en keer sodoende terug na 'n besluit geneem op 27 Oktober 1939 waarvan daar intussen afgewyk is (kyk eindnota 54 op bladsy 538).
- 3 April 1956: Die Fakulteitsraad keur dit goed dat die Raad se beslissing per pos ingewin word wanneer eenstemmige aanbevelings ontvang word van die Keurkommissies. Verdeelde aanbevelings sou oorstaan vir 'n besluit deur die Raad in sitting. (FRN 1956: 3 April.)
- 1956: Die volgende drie bepalinge is in 1956, geldig vanaf 1957, bygevoeg by die Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bladsy 311 en bylaag R op bladsy 646):
 - ▶ Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.
 - ▶ Met “die Raad” word bedoel die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.
 - ▶ Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademieraad van wie die werklike toekenning uitgaan.
- 25 Junie 1958: Die Fakulteitsraad besluit om aan te beveel dat huldigingswoorde in die toekoms opgestel moes word deur die betrokke Keurkommissie self of 'n lid van die Keurkommissie en ook gelewer word deur een van die lede van die Keurkommissie, of, indien geeneen van hulle dit kon doen nie, deur 'n persoon wat hom moes hou by die motiverings soos geformuleer deur die Keurkommissie (kyk eindnota 60 op bladsy 540).

5.5 DIE 1960/1961-HERTZOGPRYSROSEDUREVERANDERINGE

5.5.1 ONDERSOEKE EN AANBEVELINGS WAT GELEI HET TOT HERTZOG-PRYSROSEDUREVERANDERINGE

Tydens die Halfeeufoesviering van die Akademie vanaf 24 Julie tot 1 Augustus 1959, het die Akademieraad op sy vergadering te Stellenbosch 'n Kommissie van Drie benoem om te antwoord op die vraag of 'n verteenwoordigende Ondersoekkommissie insake Akademiewerksaamhede met die oog op toekomsbeplanning nodig is, en, indien wel, wat die opdragte aan sodanige Kommissie sou behels (ARN 1959: 24 en 27 Julie). Na aanleiding van die Kommissie van Drie se verslag wat voor die Fakulteits- en Akademieraad gedien het op onderskeidelik 9 en 10 Oktober 1959, het die Akademieraad besluit om 'n Ondersoekkommissie insake Toekomsbeplanning te benoem met die opdrag om alle aspekte van die Akademie te ondersoek en om aanbevelings te maak met betrekking tot maniere waarop die Akademie sy toekomstaak die beste kon verwesenlik. (ARN 1959: 10 Oktober; ARA 1959: 28 November.)

Die Ondersoekkommissie het in 'n memorandum onder andere daarop klem gelê dat dit noodsaaklik was om die neergelegde beleid in verband met toekennings weer grondig te ondersoek (ARA 1959: 28 November – bylaag B). Studiekomitees is aangewys, onder andere een insake bekroning, pryse en erepenninge.

Laasgenoemde studiekomitee het op Saterdagoggend 4 Junie 1960 'n vergadering in die Engelenburghuis, Pretoria, gehou. Hulle het sekere aanbevelings aanvaar wat aan die Ondersoekkommissie voorgelê is (ARA 1960: 30 Junie: Studiestuk K8/D). Teenwoordig tydens die aanvaarding van die aanbevelings was proff. T.H. le Roux (sameroeper), P.J. Nienaber, P. de V. Pienaar en R.L. Straszacker, asook drr. T.J.W. Jorden en M.S. du Buisson (Sekretaris). Prof. G. Dekker was afwesig, maar het sy standpunt ten opsigte van kernsake telefonies gestel, en prof. P.F.D. Weiss was uitlandig.

Sommige van hierdie Studiekomitee aanbevelings is ook vervat in die verslag en aanbevelings wat die Ondersoekkommissie self gemaak het na aanleiding van hulle derde vergadering, gehou op 27 Junie 1960 in die Engelenburghuis (ARA 1960: 30 Junie – bylaag A).

Die Fakulteitsraad kon vanweë tydsbeperking nie die verslag voor die Fakulteit- en Akademieraadsvergaderings van 30 Junie deurwerk nie, maar het aan enkele sake die nodige aandag gegee. Die Fakulteitsraad is tot die volgende raadsvergadering (1 Oktober 1960) die geleentheid gegee om die verslag te bestudeer. (ARN 1960: 30 Junie.)

Ongeveer 'n jaar na die instelling daarvan in 1959, en wel op 1 Oktober 1960, het die Akademiesraad besluit om die Ondersekkommissie te ontbind aangesien hulle werk feitlik afgehandel was. Die Dagbestuur van die Akademiesraad is benoem tot 'n Voortsettingskomitee van die Ondersekkommissie om onafgehandelde sake af te rond. Die Dagbestuur sou die reg hê om vir bepaalde sake persone te koöpteer. Tydens die vergadering is ook besluit om die volgende jaar 'n buitengewone ledevergadering in Pretoria te hou om lede onder andere in te lig oor al die besluite wat geneem is na aanleiding van die verslag en aanbevelings van die Ondersekkommissie. (ARN 1960: 1 Oktober.) Die ledevergadering moes statutewysigings ensovoorts bekragtig en die gewysigde bepalings sou reeds by die 1961-jaarvergadering in werking tree (FRN 1960:30 September). Die ledevergadering het plaasgevind op Vrydag 24 Maart 1961 in die Philadelphiasaal van die Universiteit van Suid-Afrika.

Een van die sake waarvoor die Fakulteitsraad kommentaar gelewer het en waarvoor die Dagbestuur in 1960 moes besluit, was of daar na die Hertzogprys verwys moes word as 'n prestige-, prestasie- of gehalteprys (ARN 1960: 1 Oktober, ARDBA 1960: 27 Oktober). Hulle het besluit op die woord "prestasieprys" (ARDBN 1960: 27 Oktober).

5.5.2 VIER PROSEDUREVERANDERINGE EN DIE AANLOOP TOT ELKEEN

Die hele proses van aanbevelings deur die Studiekomitee,⁵⁸² Ondersekkommissie⁵⁸³ en Fakulteitsrade wat uiteindelik deur die Akademiesraad of Dagbestuur bekragtig is,⁵⁸⁴ het daartoe gelei dat daar in 1961 'n hersiene Hertzogprystoekenningsprosedure gefinaliseer is wat vanaf 1962 geldig was (kyk bylaag S op bladsy 648).

Vier sake – sommige met 'n lang aanloop – wat in 1961/1962 neerslag gevind het in die veranderde prosedure, is die volgende:

- die geldwaarde van die Hertzogprys;
- die afdelings waarin die Hertzogprys tot in hierdie daardie stadium verdeel was;
- die beperking dat 'n skrywer nie meer as een keer met die Hertzogprys bekroon kon word in dieselfde literêre kategorie nie, en
- "Afrikaansheid".

582 Aanbevelings van die Studiekomitee (ARA 1960: 30 Junie – Studiestuk K8/D) word vervolgens aangedui as SK, en die nommer van die aanbeveling soos wat dit in die studiestuk verskyn, volg net daarna.

583 Die Ondersekkommissieverslag se aanbevelings (ARA 1960:30 Junie – bylaag A) word aangedui as OK, gevolg deur die tersaaklike nommer van die aanbeveling.

584 Na aanleiding van hierdie proses het M.S. du Buisson, die Akademiesekretaris in daardie stadium, 'n "Verslag insake voorstelle en besluite met betrekking tot die toekomsbeplanning van die Akademie" opgestel, gedateer 31 Januarie 1961 (onder andere te vind in FRA 1962: 26 April – bylaag P).

5.5.2.1 Die geldwaarde van die Hertzogprys

Die geldbedrag verbonde aan die Hertzogprys het soos volg verhoog gedurende die periode 1944 tot voor 1960:

- 8 April 1944: Die Hertzogprysbedrag word op £50 vasgestel (kyk eindnota 38 op bladsy 530). Hierdie bedrag is waarskynlik verdeel tussen Leipoldt en Beyers (kyk eindnota 38 op bladsy 530).
- 26 April 1946: Die prysgeld verhoog na £100 met dien verstande dat dit in twee verdeel word, t.w. £50 vir Belletterie en £50 vir Wetenskaplike Prosa (kyk bladsy 238 en eindnota 41 op bladsy 532).
- 21 September 1954: Die bedrag verhoog na £75 (kyk eindnota 57 op bladsy 539).

Op 19 Mei 1960 het P.J. Nienaber die Fakulteitsraad se aandag gevestig op die feit dat daar verskillende letterkundige pryse was wat in daardie stadium aan skrywers toegeken is, onder andere die W.A. Hofmeyrprys van Nasionale Boekhandel, en die A.L.V.-pryse, en dat hierdie pryse almal £100 en selfs meer beloop. Gevolglik was die Hertzogprys agter wat sy geldelike waarde betref. Nienaber verneem of die Raad dit nie kon oorweeg om die Hertzogprys ook na £100 te verhoog nie. (FRA en ARA 1960: 30 Junie.) Op 25 Mei 1960 het die Akademiesekretaris, Du Buisson, Nienaber ingelig dat sy versoek voor die eersvolgende Fakulteitraadsvergadering sou dien (LK 1/7).

Ook die Studiekomitee en die Ondersoekkommissie het 'n verhoging na £100 aanbeveel wat reeds vanaf die 1959/1960-toekenning van krag moes wees (SK 4 d / OK III w]). Op aanbeveling van die Fakulteitsraad het die Akademiesekretaris besluit om die geldwaarde van die Hertzogprys vanaf 1960 na £100 te verhoog (FRN en ARN 1960:30 Junie). Dit is soos volg verwoord in die 1961/1962-Hertzogprysprosedureveranderinge:

1. Die waarde van hierdie twee pryse [Hertzogprys en die Akademieprys vir vertaalde werke] beloop respektieflik R200 [£100] en R50 per jaar.

Dit was reeds vir die 1960-Dramatoekenning aan N.P. van Wyk Louw, vir *Germanicus*, geldig. (Kyk ook voetnota 280 op bladsy 171.)

5.5.2.2 Die verskillende afdelings van die Hertzogprys

In die 1919/1920-Hertzogprysverslag het dit al deurgeskemer dat beoordelaars dit moeilik gevind het om tekste uit verskillende literêre kategorieë met mekaar te vergelyk (kyk bladsy 72-72).

Hierdie probleem is opgelos deurdat in 1927 besluit is om die prys om die beurt jaarliks uit te loof vir prosa, poësie en toneelwerk (kyk bladsy 122-125). Met die 1942/1943-instelling van 'n vierde kategorie in Afdeling A, naamlik Ander Kunsprosa (kyk bladsy 222), later Kritiese Prosa genoem (kyk bladsy 238 en 249), én 'n Afdeling B, naamlik Wetenskaplike prosa (kyk bladsy 222), is die oplossing ongedaan gemaak en is die probleem van nuuts af geskep. Wetenskaplike prosa is wyslik later uit die domein van die Hertzogprys geskuif (kyk bladsy 238-241).

Vir Kritiese Prosa kon die Hertzogprys toegeken word in 1946, 1950, 1954 en 1958, met slegs een toekenning wat in 1958 gemaak is – aan N.P. van Wyk Louw vir sy hele kritiese oeuvre. Tog bepaal die skenkingsakte dat die Hertzogprys toegeken moet word aan die beste letterkundige werk van belletristiese aard in die Afrikaanse taal (kyk bladsy 20). Die Studiekomitee se sinvolle aanbeveling (SK 1 a) dat die vierde afdeling, naamlik Kritiese prosa en essay, nie langer onder die Hertzogprys ressorteer nie, maar oorskuif na die Stalsprys,⁵⁸⁵ bevestig deur die Ondersekkommissie se aanbeveling (OK III r), het soos volg neerslag gevind in die 1960/1961-Hertzogprystoekenningsprosedureveranderinge:

5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende drie afdelings (in volgorde vanaf 1962):
 - (a) Poësie
 - (b) Drama
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).
6. Slegs een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee. Dieselfde afdeling kom dus elke drie jaar aan die beurt.
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van drie jaar en wel vir die drie kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.

Met hierdie prosedureverandering is teruggekeer na die rotasiekategorieë soos op besluit en ingestel in 1927/1928 (kyk bladsy 123-125).

585 Dit is ingeskakel by die afdeling Letterkunde. Die Stalsprys vir Literatuurwetenskap is in 1968 vervang deur die Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek (AJVN 1968: 28 Junie).

5.5.2.3 Die beperking dat 'n skrywer nie meer as een keer met die Hertzogprys bekroon kon word in dieselfde literêre kategorie nie

In 1954 het G.S. Nienaber voorgestel die volgende bepaling, waarop in 1942/1943 besluit is (kyk bladsy 221), en wat vervat is as artikel 9 van die Hertzogprystoekenningsprosedure volgens die 1948/1949-inligtingstuk wat F.C.L. Bosman as Akademiesekretaris opgestel het (kyk bladsy 253 en eindnota 43), hersien word (FRA 1954: 3 Mei; ARA 1954: 4 Mei):

Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.

Gedurende 1954 tot 1958 kon geen finale uitsluitel hieroor verkry word nie (kyk bladsy 286-300). Reaksie teen hierdie bepaling is op die spits gedryf in die besluitneming rondom die 1959-Hertzogprys vir Poësie. Probleme wat ondervind is met die uitvoering van hierdie bepaling, blyk duidelik uit die 1959-verslag, onderteken deur A.P. Grové, C.J.M. Nienaber en H. Venter (FRA 1959: 20 Maart, bylaag A):

Hertzogprys vir poësie

Blom en baaierd van D.J. Opperman staan kop en skouers uit bo al die digbundels wat gedurende die afgelope drie jaar in Afrikaanse [sic] verskyn het. Daaroor is al drie die lede van die Komitee dit eens. Aangesien Opperman reeds vir Heilige beeste die prys ontvang het, kan hy egter nie weer vir bekroning ten opsigte van die poësie in aanmerking kom nie.

Hierdie toedrag van sake het die Keurkomitee se taak baie bemoeilik, aangesien daar gevoel is dat met 'n bekroning 'n norm gestel behoort te word.

In die diskussie is die volgende argumente na vore gebring:

- (1) In hierdie geval kan die beste werk nie vir bekroning in aanmerking kom nie.
- (2) Die beste aanbeveling wat onder omstandighede gemaak kan word, moet per slot van rekening 'n tweede-beste wees.
- (3) Opperman se Heilige beeste is bekroon, terwyl sy veel groter en ryper bundel nie vir bekroning in aanmerking kan kom nie. Nog ernstiger word die posisie as 'n mens daaraan dink dat dit nie net Opperman is wat so getref word nie. Ook Elis. Eybers se jongste bundel, Neerslag, moes buite rekening gelaat word.
- (4) Een van die komiteeledes het daarop gewys dat die drie groot Griekse tragici jare lank keer op keer die prys vir die beste trilogie verower het en dat dit as 'n groot vernedering beskou is as 'n jong kunstenaar (op meriete) die ouer een verdring.
- (5) Die Komitee is oortuig daarvan dat die huidige basis van toekenning noodwendig die peil moet verlaag. Bowendien word ons weggevoer van die beste werk en word die aandag toegespits op die skrywer – 'n ontwikkeling wat sekerlik teengegaan moet word.

Hierdie opmerkings mag ongevraag lyk maar is tog ter sake, daar hulle tot op sekere hoogte die Komitee se aanbeveling kwalifiseer.

Aangesien Opperman nie weer in aanmerking kon kom nie, het die Letterkundige Kommissie aanbeveel dat *Enklaves van die lig* van Peter Blum bekroon word, want, alhoewel nie “die beste bundel” van die voorafgaande vier jaar nie, was “dié werk die Hertzogprys waardig”.

Tydens die Fakulteitraadsvergadering van 20 Maart 1959 is die verslag in behandeling geneem, en na ’n lang bespreking is die volgende standpunte gestel (FRN 1959: 20 Maart):

- (a) Die huidige beginsels waarop die prystoekening berus, naamlik dat so ’n prys nie vir meer as een keer aan een persoon toegeken mag word nie, mag lei tot bekroning van ’n skrywer in plaas van die produk, wat verkeerd is.
- (b) Die aanbevelings van die keurkommissie insake die toekening bevat sekere voorbehoude. Die Hertzogprys as volwaardige prys vir volwaardige prestasie moet sonder voorbehoud toegeken word.
- (c) Ondanks die aanbeveling van die Keurkommissie wat hulle opdrag met groot erns aangepak en uitgevoer het, word gevoel dat die prys nie aan die aanbevole persoon toegeken kan word nie.⁵⁸⁶

Gelet op die voorbehoud van die Keurkommissie, besluit die Fakulteitsraad om geen Hertzogprys vir 1959 toe te ken nie, en om die beginsels waaronder toekening van hierdie prys geskied, in hersiening te neem. Die Akademiese Raad gaan daarmee akkoord op hulle vergadering die volgende dag. (ARN 1959: 21 Maart, FRA 1959: 24 Julie, ARA en ARN 1959: 24 Julie.) Die Akademiesekretaris, Du Buisson, meld in sy bedankingsbrief aan die drie kommissielede onder andere dat die betrokke reglement in hersiening geneem sou word (LK 1/6: 29 April 1959).

In aansluiting by die Jaarvergadering en die Halfeeufesvieringe, was daar ’n Fakulteit- en Akademiese Raadsvergadering onderskeidelik die oggend en middag van 24 Julie 1959. Tydens die Fakulteitraadsvergadering is lede meegedeel dat daar reeds twee jaar tevore⁵⁸⁷ gevoel is dat die beginsels van bekroning gewysig behoort te word en dat die beste bydrae bekroon moes word, en nie die persoon nie. Daar is besluit dat hierdie aangeleentheid sou oorstaan tot in 1960 en dat prof. G.S. Nienaber versoek word om weer ’n gemotiveerde memorandum in dié verband op te stel. (FRN 1959: 24 Julie). Die Akademiese Raad sou tydens hulle vergadering herbesin oor die bekroningsbeginsels, maar aangesien G.S. Nienaber afwesig was, moes die saak vir eers oorstaan (ARA en ARN 1959: 24 Julie). Die hele kwessie is geopper in die 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag, en die “Prosedure by toekening van die Hertzogprys en die Akademieprys vir Vertaalde Werke, gefinaliseer in 1956 en geldig vanaf 1957” (kyk bladsy 648), is verskaf.

586 Tydens die bespreking van die 1962-Poësieprys, het Ernst Lindenberg ’n toekening aan Peter Blum vir albei sy bundels, *Steenbok tot Poolsee* (1955) en *Enklaves van die lig* (1958) aanbeveel, en A.P. Grové en F.I.J. van Rensburg het albei hulle jammerte uitgespreek dat Blum nie in 1959 bekroon is nie (FRA 1962: 7 September – bylaag A).

587 Dit is reeds vyf jaar tevore al voorgestel – in 1954 (kyk bladsy 286 en 289).

Tydens die Oktober 1959-raadsvergaderings het die Fakulteitsraad aanbeveel, en die Akademieraad dit ondersteun, dat A.P. Grové as sekundus benoem word vir G.S. Nienaber wat ongesteld was, om 'n gemotiveerde memorandum insake die beginsels waarop die Hertzogprystoekening moet geskied, op te stel en aan die Ondersoekkommissie voor te lê (FRN 1959: 9 Oktober, ARN 1959: 10 Oktober).

Du Buisson het aan Grové 'n afskrif van die Hertzogprysregulasies verskaf en hom versoek om, indien moontlik, die voorstelle reeds op skrif te stel betyds vir die Ondersoekkommissievergadering van 28 November 1959 (LK 1/6: 10 November 1959).

Die memorandum (FRA 1960: 8 April – bylaag H; ARA 1960: 9 April – bylaag F), met dieselfde strekking as G.S. Nienaber se 1954-verslag (kyk bladsy 286) en die 1959-Poësieverslag (kyk bladsy 332), was betyds gereed, en die Akademiesekretaris het 'n afskrif daarvan aan G.S. Nienaber gestuur (LK 1/6: 23 November 1959).

Tydens die raadsvergaderings van beide die Fakulteit en Akademie op onderskeidelik 8 en 9 April 1960, is kennis geneem van die memorandum self, asook die opdrag aan die Ondersoekkommissie om dit te bestudeer (FRN 1960: 8 April; ARN 1960: 9 April).

Die aanbeveling van sowel die Studiekomitee (SK 4 a) as Ondersoekkommissie (OK III u) was dat as maatstaf moet dien dat die **beste werk** in die bepaalde groep vir die voorgeskrewe tydperk bekroon moet word. 'n Verdere aanbeveling is ook aanvaar en aan die buitengewone ledevergadering op 24 Maart 1961 voorgelê (FRA en FRN 1961: 23 Maart). Hierdie aanbevelings het soos volg neerslag gevind in die veranderde Hertzogprystoekenningsprosedure:

9. Die onverdeelde prys kan meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken word mits 'n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is.

Dit het die ongelukkige bepaling, wat verhoed het dat die onverdeelde prys meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word, en wat gegeld het vanaf begin 1943 tot einde 1961, opgehef. Die vereiste dat daar “'n duidelik stygende lyn” moes wees, het egter weer ánder probleme geskep (kyk onder andere bladsy 347, 351, 352, 439 en 468-473).

5.5.2.4 “Afrikaansheid”

5.5.2.4.1 Die Erepenning en “Afrikaansheid”

In 1941 was daar in die Kunskommissie ’n bespreking oor wie vir die Erepenning ⁶³ in aanmerking kom en oor die hele kwessie rondom Afrikaner-wees, die Afrikaanse strewes, Afrikaanse en Suid-Afrikaanse kuns (kyk endnota 24 op bladsy 524). Hierdie bespreking het reperkussies in die Parlement gehad toe die Akademie in 1942 ’n wetsontwerp ingedien het ten einde die naam en doelstellings van die Akademie te verander. Tydens die bespreking van die wetsontwerp is die politieke neutraliteit van die Akademie bevraagteken, en bedenkinge uitgespreek oor die nietoekenning van die Hertzogprys vir Drama aan Uys Krige en die Akademie se beweerde vertolking van wie as “praktiese Afrikaners” beskou kon word (kyk bladsy 199-203).

By die toekenning van die Erepenning het die begrip “Afrikaans” – gekoppel aan die kunswerk self of aan die skepper daarvan, voor die sestigerjare al ’n rol gespeel. ⁶⁴

5.5.2.4.2 Die Akademie en “Afrikaansheid”

Nie net in die voorskrifte vir die toekenning van die Erepenning kon die noue verband tussen die Akademie en Afrikanersentimente gesien word nie, maar ook in, byvoorbeeld, die Akademiestatute en algemene uitsprake vanaf Akademiëkant.

Paragraaf 4(p) van die 1944-1958-Akademiëstatute meld dat een van die doelstellings van die Akademie was om “belangstelling vir die wetenskap en die tegniek by die Afrikanernasie op te wek en aan te moedig en beroepsvoorligting te bevorder” (kyk bladsy 633).

S.P.E. Boshoff, destydse Akademiëvoorsitter, merk in die voorwoord tot *Op brandwag vir ons taal* (Nienaber 1950) op:

Daar is lank reeds gevoel dat die Akademie nie los van die Afrikanerdom, waarvan hy op wetenskaplike en kunsgebied die mondstuk is en wil wees, moet staan nie. ... Afrikaanssprekendes en die Akademie het mekaar wedersyds nodig.

Veral gedurende 1959 toe die Akademie sy vyftigjarige bestaan gevier het, was daar heelwat uitlatings met betrekking tot die verband tussen die Akademie en die Afrikaner. So het die Akademiësekretaris, dr. M.S. du Buisson (1959:5), byvoorbeeld tydens sy radiopraatjie op Dinsdag 24 Maart 1959 opgemerk:

Vir vyftig jaar was die Akademie begenadig om as instrument te dien om die Afrikaner tot geestelike rypheid te help ontwikkel. Vir vyftig jaar het hy gestaan in diens van hierdie volk, het hy op brandwag gestaan vir ons taal in die eerste plek, en vir ons ganse kultuurbesit in die tweede plek.

Hy vervolg (1959:7):

Vir die uitbouing van hierdie spreektaal [Afrikaans] tot volwaardige oordragsmedium in boek en geskrif, vir sy aanpassing aan die eeu van wetenskap en tegniek, en daarmee, vir die volle geestelike groei van die Afrikaner self – daarvoor het die Akademie homself verantwoordelik gestel. Gedurende die afgelope vyftig jaar was dit sy besondere taak, en in alle beskeidenheid kan daarop aanspraak gemaak word dat hy in hierdie taak nie gefaal het nie.

Tydens die 50-jarige feesvieringe in 1959 het dr. F.J. de Villiers in sy voorsittersrede die volgende gesê (FJV 1960: 30 Junie – memorandum van die Ondersekkommissie insake doelstellings van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns):

Hoewel die Akademie aanvanklik die Afrikanerdom op 'n afgebakende terrein gedien het, het die stroom algaande breër en omvattender geword, sodat ons tans met reg kan beweer dat die Akademie op alle terreine van die kultuurlewe die Afrikanervolk wil dien om tot geestelike wasdom te lei.

Nog later staan:

In hierdie verband, gesien die omstandighede in ons volksgeskiedenis waarin die Akademie ontstaan het en die agterstand wat by die Afrikaner in soveel kringe bestaan het, is dit vanselfsprekend dat dit steeds die taak van die Akademie moet wees om in die eerste instansie homself toe te spits op die Afrikaner en sy prestasies, maar dat hy aan die ander kant nie eksklusief teenoor die prestasies van die ander bevolkingsgroepe en andertaliges staan vir sover sodanige prestasies tot heil, voordeel en verheffing van ons vaderland strek nie.

Ná die Halfeeufeesviering en die 1960-jaarvergadering, is daar in die 1960/1961-Jaarverslag (129) gesê:

Op geesteswetenskaplike terrein is daar veel wat die Akademie in die toekoms kan verrig om sy doelstellings te bevorder en om hom diensbaar te maak aan die Afrikanervolk se geestelike ontplooiing.

Die Kommissie van Onderzoek insake Toekomsbeplanning van die Akademie het in hulle memorandum (punt 3f) opgemerk dat die aksentuering van die Afrikaanse in plaas van 'n Suid-

Afrikaanse benadering binne die Akademie, openhartig ontleed moes word. Daar is gewys op die toekenning van pryse en erepenninge slegs aan Afrikaanssprekendes, en gevra:

Wat van die Hobsons, Peter Blum, Walter Battis e.a.? Indien dit wel t.o.v. oorspronklike letterkundige skeppinge aan andertaliges vir werk in Afrikaans toegeken kan word, wat van andertalige Suid-Afrikaanse kunstenaars (beeldhouers, skilders, musici, ens.)?

Hierdie vroeë aksentueer onder andere die probleme wat ontstaan wanneer, met betrekking tot letterkunde, die klem verskuif word van die kunswerk na die kunstenaar. Tog het die golf van Afrikanersentiment daartoe gelei dat in die Studiekomiteevergadering van 4 Junie 1960 se agenda die vraag gestel is of “Afrikaansheid” ’n voorwaarde moes wees by alle bekronings. Aanbevelings van die Studiekomitee (SK 2) en Ondersoekkommissie (OK III t), het neerslag gevind het in volgende byvoeging tot die 1961/1962-Hertzogprystoekennings-prosedureveranderinge:

13. Hierdie pryse word slegs toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk.

Met hierdie bepaling is die klem deels weer terug verskuif na die skrywer, in plaas van die werk self, soos bepaal in die skenkingsakte. Die sinvolle besluit dat die onverdeelde Hertzogprys wel meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word (kyk bladsy 334, 510), met die gevolglike klem op die werk, en nie die skrywer nie, is ondermyn deur hierdie nuwe, kontroversiële bepaling.

In sy Junie 1985-artikel “Die Hertzogprys anders as alle ander pryse heilig” (26) sê Julian F. Schmidt:

Beide bekroning en veroordeling is inherent preskriptief. Implisiet word met hierdie vorme van ideologiese supervisie eise aan die kunstenaar gestel. En die sentrale eis is voortdurend dat die Afrikanersaak gedien moet word, of ten minste nie geskaad behoort te word nie.

Hy verwys dan spesifiek na die “preskriptiewe kousule 13” van die 1961/1962-Hertzogprystoekenningsprosedure as ’n “opvallende voorbeeld hiervan” en merk op:

Oorspronklik was, gesien die omstandighede en doel van die stigting van die Hertzogprysfonds, Afrikanernasionalisme en -patriotisme so voor-die-hand-liggend dat geen behoefte aan ’n formele voorskrif in dié verband gevoel is nie. Dat die behoefte wel in die vroeë sestigerjare gevoel is, lyk betekenisvol te wees. Dit wil voorkom asof dit nie

toevallig is dat die “rebellerende” Sestigters in dié jare ’n storm veroorsaak het wat teen die grein van die establishment ingegaan het nie, én dat Verwoerd⁵⁸⁸ entoesiasties Afrikanermeerderwaardigheid gepredik en Afrikanerdissidensie rigied beveg het nie. Die invoeging van klousule 13 bevestig dus die ideologiese rol wat die Hertzogprys (moet) speel.

Vir die Afrikaner was die taalstryd ook ’n politieke stryd en omgekeerd. Taalhandhawing en -erkenning was dus sinoniem met volkshandhawing en -erkenning. Die Afrikaanse taal moes die volksaak dien en die volk die taal. Aanmoediging, bekroning, was dus onmisbaar – ’n leemte gevul deur die Hertzogprys.

In sý terugblik op die toekenning van die Hertzogprys in *Boekewêreld* van Augustus 1993 (bylaag by *Nasionale koerante*), het prof. A.P. Grové ook hierdie kwessie van Afrikaner-sentimente aangeraak:

Veranderende tye bring ook veranderings wat die prys betref en mettertyd is daar, ook deur Akademielede, gevoel dat die Afrikaner ‘veilig’ is, dat die taalstryd verby is en dat daar ‘uitwaarts’ beweeg kan word. Daarmee saam het die minder-vriendelike verwyd al sterker geword dat die Akademie twee here probeer dien: dat hy voorgee om suiwer literêr te oordeel, terwyl hy in werklikheid ideologies deur Afrikaner-sentimente beweeg word. Van Akademie-kant is dié aantying konsekwent verwerp deur daarop te wys dat geen voorskrif in dié rigting aan keurkomitees gegee word nie. Sedert die instelling van die Letterkundige Kommissie is so ’n dubbelslagtige ‘beleid’ in elk geval ondenkbaar.

Hierdie “dubbelslagtige beleid” dat die toekenning net kon geskied aan persone wat “beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk”, was daadwerklik deel van die 1961/1962-Hertzogprysprosedures. Dié voorskrif is egter gou verwyder (kyk bladsy 358 en die 1963/1964-toekenningsprosedure in bylaag T op bladsy 651) en was met die 1968-instelling van die Kommissie vir Letterkunde⁵⁸⁹ weliswaar nie meer amptelik deel van die voorskrifte nie.

5.6 AANMOEDIGINGSASPEK UIT HERTZOGPRYSDOMEIN VERWYDER

Die siening dat die Hertzogprys beskou moet word as ’n aanmoedigingsprys, is deur die jare gereeld geopper (kyk bladsy 74, 139, 170, 217, 221, 223, 275, 287-296). Dit was ook die geval in die vroeg sestigerjare. Tydens die Openbare Gesamentlike Vergadering van die twee fakulteite op Vrydag 1 Julie 1960, het prof. A.J. (Abel) Coetzee van die Universiteit van die Witwatersrand ’n referaat gelewer oor “Die Toekomstak van die Akademie met betrekking tot die Bevordering van die Afrikaanse Taal en Letterkunde” (Coetzee 1960:41-56). In sy bedanking van Coetzee het prof. F.E.J. Malherbe onder andere opgemerk:

588 Dr. H.F. Verwoerd het in 1959 erelidmaatskap van die Akademie ontvang.

589 Benaming wat afwisselend gebruik is saam met “Letterkundige Kommissie” (kyk bladsy 458).

Bekronings van debutantewerk, dit lyk vir my baie belangrik. Dis die gees van Hertzog se skenking om jong debutante aan te moedig. Soos die Natuurwetenskaplikes doen om 'n man vir sy werk te bekroon. Nie oor en oor dieselfde man nie – hier geld die aanmoediging, gee dit vir 'n debutant, maar moenie dat hierdie debutant wedywer met 'n gevestigde persoon nie.

Die aanmoedigingsgedagte was ook 'n faktor in die meerderheidsverslag oor die 1961-Hertzogprys vir Prosa (FRA 1961: 28 Junie – bylae I). Daarin is aanbeveel dat *Geknelde land* (1960) deur F.A. Venter bekroon word, en in die slotsom van die verslag is gesê:

Daarby kom die feit dat die Hertzogprys as aanmoediging vir verdienstelike werk bedoel is, wat ons van die maklike weg van geen bekroning vir 1961 laat afsien.

Die Studiekomitee en Ondersoekkommissie het in Junie 1960 egter al aanbeveel dat die Hertzogprys nie as 'n aanmoedigingsprys beskou moet word nie, “maar inderdaad as 'n prestigeprys” (SK 1 a/ OK III r). Die Studiekomitee het voorgestel dat 'n nuwe prys ingestel behoort te word vir dieselfde terrein as die Hertzogprys, met dien verstande dat dit nadruklik as 'n aanmoedigingsprys geld (SK 1b en 3b).

In November 1960 het die Akademie die Shell-maatskappy se aanbod aanvaar om onder andere 'n aanmoedigingsprys vir Afrikaanse bellettrie in te stel waarvoor hulle jaarliks die bedrag van £25 (R50.00) sou bewillig, en wat deur die Akademieraad beheer sou word (ARDB Aanvullende agenda en ARDBN 1960: 24 November). Daar is aanbeveel, en later besluit, dat dit die Eugène Maraisprys moes heet (ARDBN 1960: 24 November; FRA en FRN 1961: 23 Maart). Die ooreenkoms tussen die Akademie en die Shell-maatskappy is aanvaar (FRA en FRN 1961: 23 Maart; ARA en ARN 1961: 24 Maart) en in 'n persverklaring aangekondig op 5 Mei 1961. Die Keurkommissie is benoem (FRN 1961: 23 Maart) en die eerste Eugène Maraisprys is toegeken aan Audrey Blignault (FRN en ARN 1961: 28 Junie). Soos die Hertzogprys is dit aanvanklik ook op 'n driejaar-rotasiebasis jaarliks toegeken vir verhalende prosa, poësie en drama, beginnende met prosa in 1961. Bekronings vir elke afdeling het ook gestrek oor tydperke van drie jaar, en wel vir die drie kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind. In 1971 het die rotasie van die verskillende literêre kategorieë verval.

Met die instelling van die Eugène Maraisprys ter aanmoediging van jong, belowende skrywers, is die mening dat toekenning van die Hertzogprys as aanmoediging moet dien, finaal uitgeskakel.

5.7 BENAMING VAN BEOORDELINGSKOMMISSIES VERANDER

Die benaming “Letterkundige Keurkomitee”, soos wat dit tot in daardie stadium voorgekom het in die Hertzogprysprosedures (kyk bylae Q en R op bladsy 645 en 646 onderskeidelik), is in die 1961/1962-Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bylaag S op bladsy 648) verander vanaf “letterkundige keurkomitee ” na “Keurkomitee vir Letterkunde” (punt 10), of “letterkundekurkomitee” (punt 12a en 12c). Hierin het ook die kiem gelê vir die 1992/1993-verandering toe die benaming “Letterkundige Kommissie”, verander is na “Letterkundekommissie” (kyk bladsy 508).

Terselfdertyd is die benaming “Breë Keurkommissie”, soos voorheen gebruik in die prosedure, in 1961/1962 verander na “Breë Kommissie” (punt 12b).

5.8 BENAMING VAN FAKULTEIT VERANDER

Die 1960-Fakulteitsjaarvergadering het nog geskied onder die naam “Fakulteit Taal, Lettere en Kuns”. Die Ondersoekkommissie insake Toekomsbeplanning het in Junie 1960 egter aanbeveel dat hierdie fakulteit se naam gewysig word na “Fakulteit vir Geesteswetenskappe” (OK III d iii; ARDBN 1960: 27 Oktober). Hierdie twee benamings, asook “Fakulteit Geesteswetenskappe” is aanvanklik afgewissel in die agendas en notules. Waar daar in vorige Hertzogprystoekenningsprosedures verwys is na die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns, word daar egter in die 1960/1961-prosedureveranderinge (punt 15) opgemerk dat “die Raad” verwys na die Raad van die “Fakulteit Geesteswetenskappe”. Die Fakulteitraadsvergadering van 23 Maart 1961 het nog plaasgevind onder die naam “Fakulteit Taal, Lettere en Kuns” (FRA en FRN 1961: 23 Maart; ARA en ARN 1961: 24 Maart).

’n Voorstel van die Bestuur van die Stellenbosse werkgemeenskap het egter daartoe gelei dat die finale benaming waarop besluit is tydens die buitengewone ledevergadering van 24 Maart 1961, “Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe” is. Hierdie besluit is bekragtig op die 16 Mei 1961-vergadering van die Uitvoerende Komitee. (Studiestuk K/8 gedateer 21 Maart 1961; Notules.) Die eerste Fakulteitsraadagenda en -notule waarin hierdie nuwe benaming as opskrif boaan voorkom, is dié van ’n vergadering gehou op Woensdag 28 Junie 1961. Die Akademieraad het tydens hulle vergadering later dieselfde dag, kennis geneem van die Uitvoerende Komitee se besluit met betrekking tot die benaming (ARN 1961: 28 Junie). Tog word daar in die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure by punt 15 nog steeds verwys na die “Fakulteit Geesteswetenskappe” (kyk bylaag T op bladsy 651). Nienaber weer, noem verkeerdelik in *Die Hertzogprys vyftig jaar* dat die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns reeds vanaf 1959 Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe genoem is (1965a:43).

5.9 AKADEMIE- EN FAKULTEITSTATUTE VERANDER

Die Kommissie van Drie (kyk bladsy 328) het ook aanbeveel dat daar onder andere gekyk moet word na die doelstellings, administrasie en organisasie van die Akademie. Die Onderzoekkommissie in verband met Toekomsbeplanning het onder andere ook Studiekomitees benoem insake die doelstellings van die Akademie en sy Fakulteite, asook verskeie organisatoriese aangeleenthede. As uitvloeisel daarvan het die twee dokumente waarvolgens die Akademie beheer word, naamlik die Akademiewet en die Statute, in die kollig gekom. (ARA 1961: 24 Maart – bylaag D; FRA 1962: 26 April – bylaag P.)

Die Statute van beide die Akademie en die Fakulteite is hersien (FJVN 1960: 30 Junie – Onderzoekkommissiememorandum; ARDBN 1960: 5 Augustus; ARN 1960: 1 Oktober; ARDBA en ARDBN 1960: 27 Oktober; FRN 1961: 23 Maart – ook bylae F, G en H; ARN 1961: 24 Maart – ook memorandum; ARA 1961: 28 Junie; 1960/1961-Jaarverslag). Die Akademiestatute bevat voorskrifte met betrekking tot die verkiesing van die Akademieraad (bepaling 11 tot 18 van die 1944- tot 1958-Statute – kyk bylaag O op bladsy 635). Aangesien die finale seggenskap in verband met die Hertzogprys berus by die Akademieraad as kurator van die Hertzog-taalfonds, is dit nodig om kennis daarvan te neem dat sekere Statute nié, soos vereis deur die Akademiewet, in die Staatskoerant afgekondig is nie – ’n versuim wat gelei het tot die ongelukkige situasie dat die Rade en Statute gedurende die periode 1961 tot 14 Maart 1968, onwettig was. Per implikasie was die besluite geneem deur hierdie Rade – ook besluite met betrekking tot die Hertzogprys – dus onwettig, en is eers in 1968 terugwerkend gewettig (kyk bladsy 448).

Die twee artikels in die wet wat ter sprake kom met betrekking tot die Statute en Rade, is artikel 5 en 6 van die 1921-Akademiwet (kyk bladsy 621) en die 1942-Akademiwet (kyk bladsy 622) – later artikel 5(2) en 5(3) van die 1959-wet (kyk bladsy 623).

Vir die uitvaardiging van die 1944-Statute was Akademiwet 23 van 1921, met die 1942-wysiginge, nog geldig. Artikel 5 van hierdie 1921-Akademiwet kom ooreen met artikel 5(2) van die 1959-Akademiwet waarin, verwoord in Afrikaans, dit gestel word dat die Akademie Statute kon uitvaardig betreffende-

- (a) die getal lede van die Akademie;
- (b) die verkiesing van nuwe lede van die Akademie;
- (c) die kworum en prosedure by ’n algemene vergadering;
- (d) die samestelling van die Raad;
- (e) die verkiesing van lede van die Raad;
- (f) die ampsduur van lede van die Raad,

en in die algemeen om beter gevolg te kan gee aan die oogmerke van die Akademie.

Tydens die daarstelling van die 1944-Statute, waarin die indeling in Fakulteite beskryf is, het die tóe geldende wet nié voorsiening gemaak vir:

- die indeling in Fakulteite en
- die daarstelling van reglemente vir die Fakulteite nie. (Kyk artikel 28 van die 1944-Akademiestatute op bladsy 637.)

Die Fakulteite, reeds in 1944 ingestel, is dus eers 23 jaar later, met ingang 1 November 1967, gewettig (kyk voetnota 354 op bladsy 204, asook bladsy 448). Benewens die soms onakkurate Fakulteitsbenaming gedurende die laat vyftiger-/vroeg sestigerjare, het die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns dus 'n naamsverandering ondergaan sonder dat die Fakulteit self eers wettig was. Die Fakulteit se Statute is ook gewysig en aanvaar deur die Fakulteitsvergadering die middag van 24 Maart 1961, en daardie selfde aand deur 'n buitengewone vergadering van die Akademierraad bekragtig (ARN 1961: 24 Maart). In die Statute wat afgekondig is op 29 Desember 1967, en geldig vanaf 27 Maart 1968 (kyk bylaag P op bladsy 642) is die naam aangedui as “fakulteit vir kuns en geesteswetenskappe”.

Verder was die Statute wat uitgevaardig is vanaf 28 April 1944 tot 10 Januarie 1958


- onwettig in dié sin dat dit, benewens die indeling in Fakulteite, nog baie méér omvat het as wat bepaal is in artikel 5 van die 1921-Akademiewet, maar
- wel wettig deurdat dit:
 - ▶ voldoen het aan artikel 6 van hierdie wet wat vereis het dat dit deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die staatskoerant afgekondig moes word, en
 - ▶ deur 'n wettige Raad daargestel is.

Die Statute waarop besluit is gedurende 1961, was egter onwettig deurdat dit

- volgens artikel (5)(2) van die tóé geldende 1959-wet weer eens baie meer omvat het as wat die wet bepaal;
- hierdie keer níe deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die staatskoerant afgekondig is soos vereis deur artikel 5(3) van die wet nie,⁵⁹⁰ en
- daargestel is deur 'n onwettige raad.

Hierdie 1961-Statute het 'n verandering in die samestelling van die Rade gehad (1960/1961-Jaarverslag). Tot in daardie stadium het die Akademierraad bestaan uit ses lede gekies vir 'n tydperk van drie jaar. Volgens die nuwe Statute sou daar tien raadslede wees, telkens gekies vir 'n tydperk van twee jaar. Volgens artikel 5(2) het die Akademie wel magtiging gehad om dit te doen. Die feit dat die nuwe Statute egter níe deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die Staatskoerant afgekondig is nie, het tot gevolg gehad dat die Rade sedert 1961 ongeldig was. Dit het weer die implikasie gehad dat alle besluite wat die Akademierraad geneem het sedert 1961, tot die regstelling deur middel van die 1968-wysingswet (kyk bladsy 448), onwettig was. As kurator van die Hertzog-taalfonds was Akademierraadsbesluite oor die Hertzogprys gedurende hierdie tydperk dus ook ongeldig, en is eers terugwerkend goedgekeur.

590 Die Statute soos deur die Akademie gebruik is ná die buitengewone ledevergadering van 24 Maart 1961, en oorgetik is op byvoorbeeld 27 Augustus 1963, is níe opgeneem in die Akademiestatute vanaf April 1944 tot en met Januarie 1958 **soos herafgekondig op 22 November 1963** nie (kyk bylaag O).



N.P. van Wyk Louw, wenner van die 1960-Hertzogprys vir Drama

Fotograaf onbekend

6.1 INLEIDEND

Die sestigerjare was in die geskiedenis van die land en van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vol beroeringe. In Mei 1961 word die Unie 'n Republiek, en apartheid vier hoogty teen die agtergrond van internasionale isolasie, handelsboikotte en noodtoestande. 'n Publikasiebeheerraad word in 1963 ingestel en ontlok hewige kritiek uit sekere oorde.

Die 1 April 1965-Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (kyk bylaag M op bladsy 623), het enkele veranderinge bevat wat 'n uitvloeisel was van Republiekwording in 1961, byvoorbeeld dat daar verwys word na “die Staatspresident” in plaas van “Haar Majesteit die Koningin” of “die goewerneur-generaal”, en die “Republiek” in die plek van die “Unie”. Die hoofverandering was egter die effens anderse bewoording van die Akademie se oogmerke: die handhawing en bevordering van Suid-Afrikaanse oudheidkunde is uitgehaal, en byvoegings was “die bevordering van ... die tegniek”, en veral belangrik, “die handhawing en bevordering van die Afrikaanse ... kultuur”. Juis met betrekking tot die vertolking en uitlewing van laasgenoemde doelstelling, het Akademielede van mekaar verskil. Dit het gelei tot uiteenlopende menings oor die rigting wat die Akademie moes inslaan, maar ook oor sekere literêre werke.

6.2 DIE 1963-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Vanaf die inwerkingtreding van die nuwe Hertzogprystoekeningbepalings in 1962 (kyk bylaag S op bladsy 648), tot 1970, toe die simposium oor die Hertzogprys plaasgevind het (kyk bladsy 485) met die nadraai daarvan in 1971, kon die Dramatoekening drie keer plaasvind: gedurende 1963, 1966 en 1969.

Nadat die vierjaarsiklus aan die einde van 1961 opgehef is, was 1963 die eerste Dramatoekenningsjaar waarvoor weer net drie jaar se dramas in aanmerking kon kom, naamlik dié gepubliseer in 1960 tot en met 1962.

Die volgende Keurkomitee is in 1962 aangewys: drr. F.C.L. Bosman (sameroeper), Ernst van Heerden en Elize Botha, met mnr. C.P. van der Merwe as sekundus (FRN 1962: 7 September). Op 12 September 1962 het die Akademiese sekretaris wat vir Du Buisson opgevolg het, naamlik

mnr. D.P. Goosen,⁵⁹¹ hulle van die benoeming verwittig. Weens ’n oorvol program kon Van der Merwe nie die benoeming aanvaar nie (LK 1/8: 18 September 1962). Ernst van Heerden het sy benoeming skriftelik aanvaar (LK 1/8: 20 September 1962).⁵⁹² Die aanstelling van die genoemde persone is deur die Akademieseraad bekragtig (ARN 1962: 21 September). Dit was voorlopig die laaste Keurkomitee wat slegs uit drie lede bestaan het (kyk bladsy 357, 367 en 378).

In vergelyking met die Keurkomitee wat in 1960 die dramas beoordeel het, is F.C.L. Bosman weer aangewys as lid en Voorsitter, en Elize Botha en Ernst van Heerden is die twee lede wat H. Venter en Audrey Blignault vervang het. Van Heerden het voorheen op die 1956-Breë Kommissie vir die Dramaprys gedien (kyk bladsy 303), asook op die Keurkomitee vir die 1958-Hertzogprys vir Kritiese Prosa en Essay. Dit was die eerste keer dat Elize Botha, wat later nog ’n belangrike rol in die Letterkundekommissie sou speel, tot keurder benoem is.⁵⁹³

Goosen het die keurkomiteeledede ingelig dat die Akademiesekretariaat as sameroeper⁵⁹⁴ sou funksioneer (LK 1/8: 28 September 1962). Dit volg op ’n Akademieseraadsbesluit na aanleiding van ’n 6 September 1962-aanbeveling deur die Komitee insake regulasies, pryse en die besondere erepenning dat die Akademiesekretariaat voortaan optree as sameroeper van alle keurkomitees (Notule; ARN 1962: 21 September).

Van kernbelang vir die 1963-Dramatoekenning was twee gewysigde regulasies wat vanaf 1962 in werking getree het:

- bepaling 9 dat **die onverdeelde prys meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word mits ’n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is** (kyk bladsy 334), en
- bepaling 13 dat die Hertzogprys slegs toegeken kon word aan Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk (kyk bladsy 337, 510) – **’n bepaling wat slegs in 1962 (’n poësietoekenningsjaar) en 1963 geldig was.**

591 Du Buisson is op 4 Januarie 1962 oorlede (ARUKA 1962: 12 Januarie).

In November 1960 het die Ondersoekkommissie en die Akademieseraad aanbeveel dat daar ’n Ondersekretaris aangestel word (ARDBN 1960: 24 November). Vanaf 1 Mei 1961 het mnr. H.F. Mellet dié pos beklee. Hy het op 31 Desember 1964 uit die Akademie se diens getree (LK 1/9: 1 September 1964 – kennisgewing-brief van Mellet aan Akademie).

Na Du Buisson se dood het Mellet intussen die sekretariële werk behartig tot die aanstelling van D.P. Goosen as nuwe Akademiesekretaris in April 1962 (ARUKN 1962: 4 April).

592 Elize Botha se aanvaardingsbrief kon nie in die Akademieargief opgespoor word nie.

593 Na 43 jaar het prof. Botha haar uittrede as lid van die Letterkundekommissie aangekondig in ’n 16 Junie 2006-brief aan prof. J. van der Elst, die huidige (in 2009) Hoof Uitvoerende Beampte van die Akademie (LK 1/30).

594 Na die lid van die Keurkomitee wat die leiding sou neem, is afwisselend verwys as die “voorsitter” of “sameroeper”.

Op 14 Desember 1962 stuur Bosman aan Goosen 'n lys van oorspronklike dramas wat gedurende 1960 tot 1962 verskyn het, en "behoudens vir enkele moontlike aanvullings uit 1962" volledig was ter oorweging van die 1963-Hertzogprys vir Drama. Bosman merk op dat sommige van die stukke reeds aangewys is vir beoordeling deur die Keurkomitee vir die Eugène Maraisprys (aangedui met E.M.), en dat moontlike grensgevalle, byvoorbeeld Brink se *Caesar*, later bespreek kon word indien nodig. Die Akademieskantoor het die brief en lys as "vertroulik" gemerk (LK 1/8):

AFRIKAANSE GEPUBLISEERDE TONEELSTUKKE SEDERT JAN. 1960. (Geen herdrukke nie)⁵⁹⁵

1960

Beukes, G.J.,
Opperman, D.J.,

Die Vonkel in haar oë. Van Schaik, Pretoria.
Periandros van Korinthe. Skooluitgawe gebaseer op die radioteks. Nas. Boekhandel, Kaapstad. (Verwerking van reeds bekroonde stuk).

E.M. Smit, B.J.

Don Juan onder die Boere. Human & Rousseau, Kaapstad.

Kruger, Janet.

Twintig Monoloë. Van Schaik, Pretoria.

E.M. Smit, B.J.

Die Verminktes. Human & Rousseau, Kaapstad.

Badenhorst, C.

Kindertoneelstukkies.⁵⁹⁶ A.P.B. Johannesburg.

Van Niekerk, Sara.

My seun, my seun. N.G. Kerkuitgewers, Kaapstad.

1961.

Kuhn, C.H. (Mikro)
De Klerk, Hélène, P.

Die Rooi Lêer. Van Schaik, Pretoria
In 'n Ou Kaapse tuin. (Vir kinders.) Tafelberg-uitgewers, Kaapstad.

E.M. Brink, André, P.

Caesar, 'n Drama. Nas. Boekhandel, Kaapstad.

Brits, Jac.

Seun van Vertrouwing. A.P.B.

Murray, Marg. I.

Op pad na Bethlehem. 'n Kersspel. H.A.U.M. Kaapstad.

595 Met reg dui Bosman daarop dat geen herdrukke in berekening gebring kon word nie. Elf jaar tevore, in sy verslag oor die 1952-Hertzogprys, was Bosman egter van mening dat Beukes deur 'n herdruk van sy eenbedrywe hierdie dramas ook vir die 1952-tydperk kon laat geld, en het dit as billik beskou om De Klerk se vorige werk ook te erken by bekroning. Tog is geen vorige werk van Uys Krige in berekening gebring nie (kyk bladsy 268). Hierdie 1952-besluit van Bosman het ingedruis teen die Akademiesraadsbesluit van 27 November 1926 dat geen tweede of verdere drukke in aanmerking kom vir die Hertzogprys nie (kyk bladsy 113).

Dié 1926-besluit het die onsekerheid uit die weg geruim wat gedurende die tydperk 1915-1926 soms ontstaan het of herdrukke in aanmerking kon kom of nie (kyk bladsy 119). Vir die 1924/1925-Hertzogprys het die feit dat *Uit oerwoud en vlakke* se herdruk, en nie eerste druk nie, in die beoordelings tydperk verskyn het, daartoe gelei dat dié werk nie saam met *Ampie* bekroon is nie (kyk bladsy 99-100). Daarteenoor het A.G. Visser in 1925/1926 die verdeelde Hertzogprys gekry vir 'n tweede, **vermeerderde** druk van *Gedigte*, asook 'n onuitgewe manuskrip (kyk bladsy 106 en voetnota 150 op bladsy 99).

596 Hierdie publikasie, asook *In 'n ou Kaapse tuin*, *Die kleinspan op die planke* en *Groottante se pèrels en ander toneelstukkies* wat ook in die verslag genoem word, is kindertoneel wat nie in aanmerking geneem word vir die Hertzogprys nie. Kyk byvoorbeeld voetnota 48 op bladsy 49 en voetnota 338 op bladsy 193, asook bladsy 231, 205 en 317.

Louw, N.P. van Wyk.	<u>Die Dagboek van 'n Soldaat</u> . ⁵⁹⁷ A.P.B. Johannesburg.
Kotze, Bessie.	<u>Die Kleinspan op die Planke</u> . Drie Toneelstukkies. A.P.B. Johbg.
De Waal, Anton en Styger, V.	<u>Mama [sic] hou die Sente dop</u> . Carsten-de Waal Publikasies [sic], Johannesburg. ⁵⁹⁸
<u>1962. Tot Africana Noxa [Nova], Sept. 1962.</u>	
<u>E.M. Grové, Henriette.</u>	<u>Die Glasdeur</u> . A.P.B. Johannesburg. ⁵⁹⁹
Louw, N.P. van Wyk.	<u>Die Held</u> . A.P.B. Johannesburg.
<u>E.M. Sparks, Aletta C. en Fraser, S.E.</u>	<u>Groottante se Pêrels e.a. Toneelstukkies</u> . (Kindertoneel). A.P.B. Johannesb.
<u>E.M. Gibson, Gilbert.</u>	<u>Sarie van Mooifontein</u> . Musiekblyspel. Woorde en musiek deur Nico Carsten en Anton de Waal. Carsten-de Waal publikasies [sic], Johannesburg.
Swart, Ken.	<u>Die Beskermengel en ander eenbedrywe</u> . Byeengebring deur Tafelberg Uitgewers, Kaapstad. (Anna M. Louw; Dirk la Cock; Wilhelm Grütter; André P. Brink). ⁶⁰⁰

Twee dramas wat nie in hierdie lys opgeneem is nie, is *Putsonderwater* deur Bartho Smit, en *Halte 49 en twee monoloë*⁶⁰¹ deur Henriette Grové. Eersgenoemde is wel later deur die keurkomiteelede beoordeel, en Grové se werk het onder die aandag gekom by die Eugène Maraisprys (kyk bladsy 356).

Bosman vervolg:

Wat die ander skrywers betref, is Opperman reeds bekroon vir *Periandros*⁶⁰² en toon Beukes en Van Wyk Louw m.i. geen stygende lyn in vergelyking met hul reeds bekroonde werke nie. (Bv. Van Wyk Louw, vgl. *Germanicus*.) Verskil die ander lede

-
- 597 Die korrekte titel is *Dagboek van 'n soldaat*.
- 598 Soos die musiekblyspel *Sarie van Mooifontein*, wat ook in die lys genoem word, sou dit nie in aanmerking gekom het vir die Hertzogprys nie. (Kyk ook *Kersfees om die kampvuur* op bladsy 231.)
- 599 Alhoewel hier aangetoon word dat *Die glasdeur* in 1962 gepubliseer is, het dit al in 1959 die lig gesien en in aanmerking gekom vir die 1960-Hertzogprys vir Drama (kyk bladsy 315). *Die glasdeur* kom ook voor in die 1959-Akademielys van gekeurde Afrikaanse boeke.
- 600 Hierdie bundel, met Ken Swart as samesteller, bevat die volgende vier eenbedrywe:
- *Die beskermengel* deur Anna M. Louw (ook opgeneem in W.P. Steenkamp se *Die reënboom en ander eenbedrywe* [1981]);
 - *Die reënboom* deur Dirk la Cock (ook opgeneem in W.P. Steenkamp se *Die reënboom en ander eenbedrywe* [1981]);
 - *Die eerste oogopslag* deur Wilhelm Grütter, en
 - *Die koffier* deur André P. Brink (ook opgeneem in Brink se *Bagasie* [1965], in P.J. du Toit en A. Kloppers se *Tema en tegniek* [1980] en *Teks en tegniek* [1989]).
- 601 Dit bevat die volgende drie werke deur Henriette Grové: *Halte 49*, *Die ou vrou en die dood* en *Vrou en spieël* (1962 – Nasionale Boekhandel).
- 602 Geen nuwe drama van Opperman het in die tersaaklike tydperk verskyn nie – slegs die verwerking van *Periandros* vir skooldoeleindes, soos aangedui in die Bosman-lys.

van hierdie mening, kan ons natuurlik die saak bespreek. Na my mening verdien alleen die volgende skrywers nadere aandag t.w. Mikro, Die Rooi Lêer; Marg. I. Murray, Op Pad na Bethlehem (met byvoeging van vorige werk soos Die Bron en Binnehof); Brits, Seun van Vertrouwing.

Ek wil u versoek [om] eksemplare van die genoemde werke aan die ander lede van die kommissie te laat toestuur, asmede 'n afskrif van hierdie brief en die lys stukke [dramas].

Dit is opvallend dat Bosman van die begin af nie die moontlikheid van 'n bekroning vir Krige se drama-oeuvre, waarvoor bepaling 8 voorsiening gemaak het, in die vooruitsig stel nie (kyk bylaag S op bladsy 648).

Na aanleiding van Bosman se brief, vra Goosen op 21 Desember 1962 vir HAUM om eksemplare van M.I. Murray se *Op pad na Bethlehem* aan Bosman, Van Heerden en Botha te stuur aangesien die Akademie dit “oorweeg” om aan die skrywer van die werk “'n prys toe te ken”. Dié versoek is dieselfde dag ook aan APB gerig met betrekking tot Jac. J. Brits se *Seun van vertroosting*, en aan Van Schaik vir *Die rooi lêer* deur Mikro. (LK 1/8.)

Uitgewers het dus op versoek, maar soms ook op eie inisiatief, boeke aan die Akademie en/of keurkomiteeledede gestuur vir beoordeling. So het W. Schoombee, bestuurder van Afrikaanse Pers-Boekhandel, op 1 November 1962 onder andere 'n eksemplaar van Bartho Smit se *Moeder Hanna*⁶⁰³ aan Goosen gestuur, met die opmerking dat elke keurkomiteelid ook een ontvang het.

Op 20 Desember 1962 stuur Goosen 'n afskrif van Bosman se brief, asook die lys Afrikaanse dramas wat sedert Januarie 1960 verskyn het, aan Van Heerden, en merk op dat hy die betrokke uitgewers gevra het om tersaaklike eksemplare aan Van Heerden te stuur. Goosen self stuur 'n eksemplaar van *Putsonderwater* en vra vir Van Heerden om sy kommentaar aan hom (Goosen) te stuur. (LK 1/8.) Van Heerden het die dramas *Putsonderwater*, *Die rooi lêer* en *Seun van vertroosting* ontvang, gelees en Goosen versoek om HAUM te vra vir 'n eksemplaar van *Op pad na Bethlehem* deur M.I. Murray (LK 1/8: 21 Januarie 1963). Hierdie brief het Van Heerden se voorlopige kommentaar op Bosman se brief ingesluit:

- (a) Ek beveel sterk aan dat Bartho Smit se drie stukke,⁶⁰⁴ André Brink se Caesar en Brits se Seun van Vertrouwing aan die Keurkomitee vir die Eugene [sic] Maraisprys voorgelê word. Die werke is in elk geval nie van Hertzogprys-gehalte nie.

603 Dis in 1959 gepubliseer en het vir die 1960-Dramaprys in aanmerking gekom (kyk bladsy 316), alhoewel dit alreeds verskyn het in die Desember 1955/Januarie 1956-uitgawe van *Standpunte* (jaargang X, nr. 3, pp. 3-30).

604 Dié drie stukke was *Don Juan onder die boere*, *Die verminktes* en *Putsonderwater*. Laasgenoemde twee dramas was twee van die vier werke waarna spesifiek verwys is toe Bartho Smit in 1978 die Hertzogprys ontvang het vir sy bydrae op die gebied van die drama (kyk bladsy 498, 499, 503). Die ander twee was *Moeder Hanna*, wat reeds in 1959 verskyn het, en *Christine* wat in 1971 gepubliseer is.

- (b) Ek stem saam met die geagte Saamroeper dat ons keuse dan beperk is tot Mikro: Die Rooi Lêer en M.I. Murray: Op pad na Betlehem. Laasgenoemde werk het ek nog nie gelees nie, maar Mikro se stuk is m.i. te dun wat opset, struktuurvermoë en karakterbeelding betref om ernstige oorweging te verdien.
- (c) Wat my betref, lyk die moontlikheid baie sterk dat ons g'n bekroning sal kan maak nie.

Ook Van Heerden meld nie die moontlikheid om Krige vir sy drama-oeuvre te bekroon nie.

Goosen stuur op 23 Januarie 1963 'n afskrif van hierdie verslag aan Bosman, asook die opmerking dat hy baie graag die Komitee se finale aanbeveling tydens die volgende Fakulteitraadsvergadering (5 April 1965) wou voorlê, en dat hy 'n paar keer vir HAUM gevra het om Murray se *Op pad na Betlehem* aan te stuur. Aangesien dit volgens Goosen "twyfelagtig" was of Murray se werk vir die Hertzogprys oorweeg kon word, is Bosman versoek om maar sy aanbeveling te stuur. (LK 1/8.)

Van Heerden het op 28 Februarie die volgende opvolgkommentaar gestuur, waarvan Goosen 'n afskrif op 4 Maart 1963 aan Bosman pos (LK 1/8):

Die saamroeper van die Keurkommissie, dr. F.C.L. Bosman, het my telefonies gevra om die kandidatuur van die bundel PUTSONDERWATER (Bartho Smit) te heroorweeg.

Dit het ek gedoen en moet nou rapporteer dat ek vas oortuig is dat die genoemde drama nie aan die eise wat ek aan 'n Hertzogprys-toekenning stel, voldoen nie.

My besware som ek as volg op:

- (a) die drama is verward van konsepsie en as "poging om die geloofskrisis van die Westerse mens uit te beeld" is dit potsierlik en onoortuigend. Stuk-stuk is dit rein melodrama, bv. met die aanrandingstonele en ook met die Dominee se spook (so reg na die aard van Banquo in Macbeth!);
- (b) Die "gewaagdhede" (soos die plat taal en die seksuele openhartigheid) hinder my alleen in soverre dit na my mening op 'n oordrewe en bedagte manier bygesleep word;
- (c) die "onrealisme" van die stuk het inherent soveel teenstrydighede dat die hele "botsing" ineenstort;
- (d) die oorgange in die taal (bv. plat banaliteite wat skielik in die Hooglied oorslaan) is nie psigologies geregverdig nie.

Kortom, Putsonderwater kan na my mening nie vir die Hertzogprys in aanmerking kom nie en ek bly dus by my vorige standpunt dat in die jare onder beskouing **g'n drama verskyn het** wat bekroningswaardig is nie.

(Ek benadruk.)

Van Heerden stel dit duidelik dat sy standpunt daarop gegrond is dat geen bekroonbare **enkeltekste** gedurende 1960 tot en met 1962 verskyn het nie.

Die volgende verslag van Elize Botha, waarin ook sý nie 'n drama-oeuvrebekroning antisipeer nie, is gedateer 8 Maart 1963 (LK 1/8):

'n Ondersoek van die aanvanklike lys van gepubliseerde drama's [sic] soos deur dr. Bosman verstrekk, het inderdaad vir 'n mens tot die slotsom gebring dat slegs 'n paar werke daaruit enige aandag verdien. Saam met dr. Bosman meen ek ook nie dat DIE HELD en DAGBOEK VAN 'n SOLDAAT vir bekroning oorweeg kan word nie, hoewel hulle sekerlik die verdienstelikste werk is wat gedurende die betrokke periode verskyn het.

DIE ROOI LÊER van Mikro en SEUN VAN VERTROOSTING deur Brits besit m.i. geen enkele meriete om hulle enigszins vir bekroning aan te beveel nie. In die geval van Mikro se werk kan die knap toneeltrant tog nie die grondliggende banale konsepsie verdoes nie; die stuk mag vir die toneel 'n mate van wins beteken, maar daarin lê dan ook sy enigste verdienste. SEUN VAN VERTROOSTING is van 'n onbeholpe sentimentaliteit (wat die konsepsie betref) en van 'n onkundigheid i.s. die benutting van toneelmoontlikhede wat dit alreeds byvoorbaat onaanneemlik maak.

Die stuk PUTSONDERWATER het later ter oorweging bygekom. Daar bestaan die mening dat hierdie werk besondere verdienstes het, veral gesien as 'n Afrikaanse loot van 'n hedendaagse Europese toneelkonvensie: die Teater van die Absurde. Hierteenoor meen ek dat hierdie stuk, om mee te begin, heeltemal nie binne dié konvensie hoort nie. "Absurd is that which is devoid of purpose ... Cut off from his religious, metaphysical and transcendental roots, man is lost; all his actions become senseless, absurd, useless", definieer Ionesco (aangehaal deur Martin Esslin in *The Theatre of the Absurd*, bl. 17). En as 'n mens Esslin se verdere outoriteit wil gebruik: "The Theatre of the Absurd has renounced arguing about the absurdity of the human condition; it merely presents it in being – that is, in terms of concrete stage images".

Ek wil die argument nie onnodig lank maak nie: laat ek hiermee volstaan – PUTSONDERWATER is nie "devoid of purpose" nie; die outeur sê uitdruklik dat dit "n poging is om die geloofskrisis van die Westerse mens uit te beeld". En die spel wat daarna volg, staan baie duidelik in die lig van hierdie voorneme. Daar word 'n soort allegoriese argument op die verhoog gevoer, met die vier ou manne (die koster, die dominee, die sersant en die dokter) as mondstukke vir sekere besondere naïewe en simplistiese menings oor die wêreldbestel. Dit is géén daarstelling van die absurditeit van die menslike situasie nie; die spel ontwikkel konvensioneel, byna ouderwets, in die tyd, met die mening van die dokter ("Ons moet almal doodgaan, Kleinding, en deur die wurms verteer word. Niemand kan daarvan wegvlug nie. Maar dis nie so vreeslik nie. Hulle maak ons maar net deel van die aarde ... Deel van die groot ewige aarde waaruit ons almal voortgekom het...") en 'n baie "positiewe" geluid (hoewel dit maar traag aanvaar sal word as die mening van "Die Wetenskap"! en met 'n baie "hoopvolle" einde, as Maria haar slaapliedjie vir die ongebore verlosser sing. Maar hoopvol in terme van idees, nie i.t.v. die "concrete stage image" nie. Want laat my dit duidelik stel: PUTSONDERWATER is nie swak omdat dit nie binne die konvensie van die absurde hoort nie; maar juis dit, wat dit as behoorlike teater van die absurde aanneemlik sou maak – die daarstelling van 'n dramatiese reeks gegewens wat geen argument behoef nie – ontbreek so geheel-en-al dat dit ook doodgewoon as drama misluk. Daar is hier-en-daar knap dialoog en raak tipering – misleidende merietes vir 'n stuk wat tog hoegenaamd nie die swakhede van 'n half-voltooide allegorie, 'n half-deurdagte simboliek daarmee kon ontloop nie.

Ek wil dus voorstel dat daar vanjaar geen toekenning van die Hertzogprys vir Drama gemaak word nie.

Bosman het die volgende samevattende verslag, gedateer 15 Maart 1963, opgestel en dit het op 5 April 1963 voor die Fakulteitsraad gedien (FRA aanvullend 1963: 5 April 1963 – bylae B):

HERTZOGPRYS VIR DRAMA 1963

Die kommissie het alle toneelstukke wat gedurende 1960-62 verskyn het in oënskoue geneem. 'n Aantal was te onbeduidend vir verdere vermelding of val onder die Eugène Maraisprysgroep. Nadere aandag is aan die volgende gegee.

1. Beukes, G.J. DIE VONKEL IN HAAR Oë.⁶⁰⁵
2. Smit, B.J. DON JUAN ONDER DIE BOERE [1960 Human & Rousseau],⁶⁰⁶ DIE VERMINKTES [1960 Human & Rousseau];⁶⁰⁷ PUTSONDERWATER [1962 APB]

(Aanvanklik was Smit op die lys van moontlike skrywers vir die Eugène Maraisprys vir beginners. Smit skryf egter reeds sedert 1954 en PUTSONDERWATER getuig van 'n ontwikkelings stadium wat hom kwalik kan laat tuisbring by die groep vir die Maraisprys. Dit is ook die mening van die keurkommissie vir die Maraisprys.⁶⁰⁸ Gevolglik word Smit oorweeg vir die Hertzogprys).

3. Kühn, C.H. (Mikro) Die Rooi Lêer [1961 Nasionale Boekhandel].
4. Louw, N.P. van Wyk Die Dagboek van 'n Soldaat [1961 APB]; Die Held [1962 APB].⁶⁰⁹

Die kommissie was dit eens dat Beukes en Van Wyk Louw se werke geen stygende lyn toon in vergelyking met hul reeds bekroonde werke nie. Derhalwe kom hulle hier nie in aanmerking vir 'n tweede ontvangs van die prys nie.

DIE ROOI LÊER, hoewel 'n aangename speelbare stuk, is ook te dun van opset, te stereotiep van karaktertekening en te beperk van betekenis om in ernstige aanmerking vir die HERTZOGPRYS te kom.

Daar bly oor Bartho Smit. Met MOEDER HANNA (1954/1955), 'n Anglo Boereoorlogmotief van 'n bitter-eindermoeder, het Smit 'n opvallende en sterk begin in die Afrikaanse drama gemaak sonder dat die stuk reeds werklik groots en oortuigend genoem kan word.⁶¹⁰

605 Interessant dat in die Akademie se 1960-lys van gekeurde Afrikaanse boeke, slegs die naam van hierdie Beukes-werk by die drama-afdeling genoem word. Die Akademie het sedert 1958 jaarliks 'n lys opgestel van die "beste Afrikaanse boeke wat gedurende die voorafgaande jaar verskyn het". Die keuring het berus by 'n Akademieskomitee bestaande uit "letterkundige fynproewers en veral opvoedkundiges" aangesien die lys 'n groot rol gespeel het "as gids vir skool- en ander biblioteke". (SAAWEK 1963:3.)

606 'n Hersiene uitgawe is in 1987 deur Human & Rousseau gepubliseer.

607 'n Tweede, herskrewte uitgawe het in 1976 by Perskor verskyn.

608 Die Keurkomitee het bestaan uit F.C.L. Bosman (Voorsitter), J.J. Kruger en H. Venter, met M.S.B. Kritzinger as sekundus (ARA 1962: 21 September).

609 Albei is ook opgeneem in N.P. van Wyk Louw se *Drie hoorspele* (1982).

610 Hierdie drama is reeds vir die 1960-Hertzogprys in berekening gebring (kyk bladsy 316 en 321).

DON JUAN ONDER DIE BOERE is 'n taamlik robuuste komedie en DIE VERMINKTES 'n tragedie oor die kleurlingprobleem met in albei stukke 'n kastrasiemotief aanwesig.

In DON JUAN bly die kastrasie egter slegs 'n dreigement (om DON JUAN te dwing om met sy soveelste meisie te trou).

In DIE VERMINKTES, sinnebeeldige en letterlike titel, kry ons 'n Abelard en Héloïsemotief, waarin die Abelard van die stuk ('n jong kleurlingwetenskaplike) werklik vermink word as hy wil voortgaan in 'n huwelikslewe met 'n blanke meisie wat selfs Héloïse heet. DIE VERMINKTES gaan mank aan geforseerde handeling en oormatige redenering en kan o.i. nie geslaag heet nie.

In PUTSONDERWATER doen Smit 'n onverwagte en groot sprong verder. PUTSONDERWATER sluit aan by die moderne “drama van die absurde”, d.w.s. die vereenvoudiging van mense en dinge tot hul fundamentele betekenis en dan die oordrywing hiervan in die groteske ten einde die dwaashede en doellooshede van die lewe sterker te openbaar.

In PUTSONDERWATER kry ons die “ontmaskering” van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap – 'n vereensaamde dorp – in al sy geestelike en stoflike dorheid; die fundamentele geaardhede, magsgebiede en aspirasies van die dominee, die dokter, die polisieersant en die koster; die uitkristallisering van hierdie “verskynsels” om 'n tienderjarige meisie Maria as katalisator (seks- en droomelement) met daarby haar vader as personifikasie van die fatsoenlike burger en 'n kleurlingskaapwagttertjie as jeuglement om by Maria aan te sluit. Die desillusie van en oor hierdie gemeenskap word genadeloos uitgebeeld, maar ook daarby gestel die hoop op 'n beter toekoms deur Maria se verwagte kind – juis 'n onpersoonlike kind (die vader is nie aanwysbaar nie) wat die gebied van sy moontlikhede des te groter maak en die troos van 'n nuwe droom bring.

Oor die waarde van hierdie stuk is die komitee dit nie eens nie. Dr. Van Heerden veroordeel dit feitlik in sy geheel; dr. E. Botha vind enkele treffende eienskappe daarin maar voel dat die stuk te veel afwyk van sy eie patroon, swak is as drama en onoortuigend van voorstelling is. Dr. Bosman stel die stuk hoog maar wil toegee dat dit nog nie die diepte van indringing en die krag van vormgewing, d.w.s. die formaat besit wat 'n toekenning van die HERTZOGPRYS regverdig nie.

Onder hierdie omstandighede beveel die komitee aan dat geen HERTZOGPRYS VIR DRAMA in 1963 toegeken word nie.

Hierdie aanbeveling is deur die Fakulteits- en Akademieraad goedgekeur (FRN 1963: 5 April; ARN 1963: 19 April; 1962/1963- Jaarverslag).

Reeds tydens hierdie eerste dramatoekenningsjaar nadat die “stygende lyn”-bepaling aanvaar is, het dit probleme veroorsaak. Botha beskryf in haar verslag die twee Louw-werke, naamlik *Die held* en *Dagboek van 'n soldaat*, as “sekerlik die verdienstelikste werk ... wat gedurende die betrokke periode verskyn het” (kyk bladsy 350). Weens die feit dat Louw reeds bekroon is vir *Germanicus*, kon sy dramas nie weer in aanmerking kom nie. Sodoende het die “stygende lyn”-bepaling, wat eers op 9 Mei 1969 verval het (kyk bladsy 473), verhoed dat alle gepubliseerde werke in aanmerking kon kom, en dat daar uitvoering gegee kon word aan die Skenkingsaktebepaling dat die beste letterkundige werk van belletristiese aard bekroon word. *Dagboek van 'n soldaat* (1961) is wel in 1962 met die SAUK-prys vir Hoorspele bekroon. ⁶⁵

Dit is interessant dat Bosman, wat in 1952, toe die Hertzogprys vir Drama toegeken is aan Beukes en De Klerk, so sterk klem gelê het op Afrikaanse mense se kultuur, volksmaak en nasionale waardes (kyk bladsy 277), Bartho Smit se drama *Putsonderwater* beskryf as “die ‘ontmaskering’ van ’n Suid-Afrikaanse gemeenskap”, en dit hoog aanslaan.⁶¹¹ Volgens Gerhard Beukes, tydens die Boekekommissievergadering van 12 Maart 1966, was *Putsonderwater* “’n opsetlike poging ... om ons tradisies te ondergrawe”, en dié drama is gevolglik nié in die Akademie se 1966-lys van gekeurde boeke opgeneem nie. Tog is daar spesifiek verwys na vier van Bartho Smit se dramas, onder andere *Putsonderwater*, toe hy in 1978 die Hertzogprys vir Drama ontvang het (kyk bladsy 498, 499, 503). Tydens die polemieë wat ontstaan het met die toekenning van die 1964-Hertzogprys vir Prosa aan Etienne Leroux vir *Sewe dae by die Silbersteins*, het sekere beswaarmakers en afvaardigings juis *Putsonderwater* ook genoem as “ongewenste literatuur”. P.J. Nienaber het gedurende die 13 Augustus 1964-onderhoude met die kerke in verband met die toekenning vir *Sewe dae by die Silbersteins*, opgemerk dat ongewenste literatuur nie bekroon word nie, en dat hulle kritici kwalik neem dat hulle *Lobola vir die lewe*, *Putsonderwater* en dergelike werke koppel aan *Sewe dae by die Silbersteins* “wat heeltemal op ’n ander vlak staan” (ARN 1964: 30 Oktober – bylaag J, bladsy 18, 33 en 41):

Alleen *Silbersteins* is bekroon. Daardie ander boeke was ter sprake, hulle was ter sprake by die Letterkundige Komitee. En ek kan u sê by die eerste ronde is daardie boeke uitgegooi, omdat hulle strekking – die sedelike strekking daarvan was van so ’n aard dat die Akademie nie sy stempel daarop sou sit nie, nooit! En as hierdie boeke deur ’n letterkundige komitee aanbeveel sou gewees het, sou ek die eerste gewees het om daardie boeke te beveg en te sorg dat hulle nie bekroon word nie.

Putsonderwater is nié in 1963 “uitgegooi” omdat die “sedelike strekking daarvan” van so ’n aard was dat die Akademie dit nie wou bekroon nie. Bosman het selfs vir Van Heerden gevra om die kandidatuur van die drama te heroorweeg (kyk bladsy 349). In die samevattende verslag het Bosman daarop gewys dat die Keurkomitee dit nie eens was oor die waarde van die stuk nie, maar die argumente het nié gegaan oor die sedelike strekking daarvan nie. Van Heerden het in sy verslag byvoorbeeld opgemerk dat “die ‘gewaagdhede’ (soos die plat taal en die seksuele openhartigheid)” hom alleen hinder in soverre dit na sy mening “op ’n oordrewe en bedagte manier bygesleep word”.

611 Bosman het tydens die 1964-huishoudelike algemene vergadering, toe die Hertzogprystoekenning aan Etienne Leroux vir *Sewe dae by die Silbersteins* bespreek is, opgemerk (AJVN 1964: 25 Junie):

Elke persoon leer op sy eie manier die waarheid ken. Die waarheid is nie wat vir die meeste mense goed en skoon is nie. Die waarheid sal ook nie altyd dieselfde wees nie. Ons moet ook in gedagte hou dat daar altyd mense sal wees wat die lewe in sy volle omvang wil leer ken. Die fundamentele probleme van ons tyd moet uiting vind in die kuns. **Die Hertzogprys word nie toegeken aan ’n bepaalde groep nie**, maar aan die beste boek wat in die loop van die betrokke tydperk verskyn het. Bekroonde boeke word ook nie as modelle voorgedou nie – slegs as ’n goeie boek wat verskyn het.
(Ek benadruk.)

Nienaber gee in *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a:103) slegs basiese feite weer in sy uiters bondige opsomming van die 1963-toekenning. Juis dit wat nié in die briefwisseling, verslae of genoemde boek gesê is nie, verskaf leidrade waarom Krige nie bekroon is nie.

Keurkomiteelede wás bewus van die moontlikheid van ’n drama-oeuvrebekroning. Daarvan getuig die volgende:

- Uit hulle verslae blyk dit pertinent en geïmpliseerd dat hulle van die “stygende lyn”-bepaling bewus was (kyk bladsy 347-350) – ’n bepaling wat volgens die 1961/1962-regulasies (bylaag S op bladsy 648) reeds vanaf 1962 geldig was. Die Keurkomitee het dus die nuutste regulasies ter insae gehad waarin bepaling 8 verwys na die moontlikheid om ’n skrywer te bekroon “wat nog nie die prys ontvang het nie[,] maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om ’n toekenning te regverdig”. (Op 28 September 1962 het Goosen vir Botha die regulasies verbonde aan die toekenning van die Hertzogprys gestuur – LK 1/8.)
- Dié bepaling 8 was al sedert die laat veertigerjare van krag en Bosman sêlf het die 1946/1948- en 1956/1957-inligtingstuk opgestel (kyk onderskeidelik bladsy 253 en bylaag Q op bladsy 645, asook voetnota 545 op bladsy 306, bladsy 311 en bylaag R op bladsy 646).
- In sy aanvanklike Desember 1962-brief aan Goosen sê Bosman dat M.I. Murray na sy mening nadere aandag verdien vir *Op pad na Betlehem*, “met byvoeging van vorige werk”, by name *Die bron* (’n 1938-publikasie wat vir die 1938- én 1941-Dramaprys oorweeg is – kyk bladsy 176 en 192), en *Binnehof* (’n drama uit 1959 wat vir die 1960-Hertzogprys in aanmerking gekom het – kyk bladsy 316). As Murray in aanmerking kon kom met inagneming van voorheen niebekroonde dramas, soveel te meer het Krige se drama-oeuvre ernstige oorweging verdien.

Die feit dat die Keurkomitee op hoogte was van die nuutste regulasies, beteken ook dat hulle kennis geneem het van die “simpatiekgesinde”-bepaling 13. Waar Kannemeyer (2002:370) na aanleiding van die 1941-Drama- en die 1943-Poësieprys opmerk dat dit “haas onagterhaalbaar” is of persoonlike en politieke vooroordele ’n rol by die finale beslissing gespeel het om Krige van die prys te weerhou, kan daar, myns insiens, teen die agtergrond van die voorafgaande gegewens, bykans geen ander gevolgtrekking gemaak word nie as dat, **alhoewel dit nêrens in ’n brief of verslag staan nie, die “simpatiekgesinde”-bepaling waarskynlik die Keurkomitee daarvan weerhou het om ’n bekroning aan Uys Krige te maak.**

Teen die tyd dat die 1960-Hertzogprys vir Drama toegeken is, het Krige alreeds ál die dramas gepubliseer waarna spesifiek verwys is in die 1985-verslag toe hy vir sy drama-oeuvre bekroon is, naamlik *Magdalena Retief*, *Die wit muur*, *Alle paaie gaan na Rome*, *Die sluipskutter* en *Die goue kring* (kyk bladsy 523). Van hierdie twee omvangryker dramas en drie eenbedrywe,

- kwalifiseer *Magdalena Retief* (1938) en die eenbedryf *Die wit muur* (1940) vir die 1941-Dramaprys (kyk bladsy 192) toe geen toekenning gemaak is nie, en as rede aangevoer is dat dit te betwyfel was of Krige reeds “die ryphheid, breedte en diepte bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer” (kyk bladsy 194);⁶¹²
- het die eenbedrywe *Alle paaie gaan na Rome* (1949)⁶¹³ en *Die sluipskutter* (1951)⁶¹⁴ al vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking gekom (kyk bladsy 261) toe Beukes en De Klerk se dramas hoër aangeslaan is as die geheel van Krige se werk (kyk bladsy 266), en
- dateer *Die goue kring* (1956) uit die 1960-bekroningsperiode (kyk bladsy 315) toe die enkelteks *Germanicus* ongetwyfeld die Hertzogpryswennerdrama was.

Die Hertzogprys vir Drama is met reg nié aan Krige toegeken in 1944, 1956 en 1960 toe onderskeidelik Leipoldt (*Die heks* en *Die laaste aand*), Opperman (*Periandros*) en Van Wyk Louw (*Germanicus*) bekroon is nie. Hy is egter jammerlik oor die hoof gesien in 1941, 1948, 1952, en weer eens in 1963.

Bosman was vanaf 1941 tot 1963 ál die kere wat dramas bekroon kon word, met die uitsondering van 1956,⁶¹⁵ op die Keurkomitee. Deur die jare het Bosman hoë lof gehad vir Krige se werk en het in die 1952-Hertzogprysverslag selfs opgemerk dat Krige se dramas tot in daardie stadium moontlik “by ’n latere geleentheid as aanvullende werk [kon] geld vir ’n eventuele bekroning” (kyk bladsy 268). Ten spyte van Bosman se ongelukkige onderwaardering van *Die goue kring* in 1960 (kyk bladsy 317 en 321), toe die Hertzogprys vir Drama vir *Germanicus* toegeken is, sou die bykomende kundigheid van die ander twee keurkomiteeledes waarskynlik daartoe bygedra het dat ook dié drama, die belangrikste van Krige se langer werke, na waarde geskat wees en kón bydra tot ’n bekroning vir ál Krige se dramas (kyk bladsy 395).

’n Gulde geleentheid is dus in 1963 verby laat gaan om Krige vir sy drama-oeuvre te bekroon. F.I.J. van Rensburg merk die volgende jaar in sy artikel “Eikeskors en kaneel” op (1964:27-28):

Hoe lank sal Uys Krige dalk moet wag? Tot dusver kon daar nog nooit ’n plek of ’n jaar vir hom gevind word nie, ook nie by wyse van ’n agterskot-toeslag op sy hele oes nie. En die Akademie ken immers die beginsel van omkyk na die verlede vir iemand wat nog

612 In die 1948-verslag het F.C.L. Bosman die werk van Krige gekarakteriseer as “deurgaans van hoë standaard”, maar moontlik nog nie **omvangryk genoeg** om oortuigend te wees vir bekroning nie (kyk bladsy 246).

613 Bosman het in sy 1952-verslag hierdie eenbedryf beskryf as “een van die beste in Afrikaans” met “treffende situasie, roerende dialoog en fyn stemmingstekening” (kyk bladsy 265).

614 “’n Sterk stuk met sterke situasie, strakke figure en kragtige dialoog”, volgens die 1952-verslag (kyk bladsy 265).

615 Bosman was die eerste voltydse Akademiesekretaris – vanaf Januarie 1948 tot einde Maart 1958, maar na aanleiding van die 1952-debakel is besluit dat ’n Akademiesekretaris nie meer in ’n Keurkomitee kon dien nie (kyk bladsy 312 en voetnota 532 op bladsy 300). Gevolglik kon Bosman nie dien in die 1956-komitee nie. Nadat hy in 1958 opgevolg is deur Du Buisson, was hy weer beskikbaar as keurkomiteelid.

nie voorheen in die seën gedeel het nie (die ronde, gul predikaat “vir al sy/of haar werk”). Die jaar 1963 meld egter opnuut: “Vir drama: geen toekenning nie”.

Geen melding word in die Bosman-lys of enige van die keurkomiteelede se verslae gemaak van *Lewenslyn*, ’n Van Wyk Louw-hoorspel wat in 1962 by Simondium-uitgewers verskyn het, en ook in aanmerking gekom het nie. Tog het C.J.M. Nienaber in ’n brief aan Goosen, gedateer 16 November 1965, *Lewenslyn* aangevra met die oog op die Hertzogprys, en het Erlank in ’n brief van 23 Desember 1965 te kenne gegee dat hy *Lewenslyn* ontvang het (LK 1/10).

Die beskermengel en ander eenbedrywe is, hoewel in Bosman se aanvanklike lys nie so aangedui nie, uiteindelik nié vir die Hertzogprys oorweeg nie, maar wel vir die Eugène Maraisprys.⁶¹⁶ Die titel is opgeneem in die lys van dramas wat verskyn het gedurende 1960-1962 en deur die Keurkomitee vir die Eugène Maraisprys oorweeg is. *Die koffer* is saam met Brink se *Caesar* deur dié Keurkomitee uitgesonder as werk wat ernstige oorweging verdien. Verder is Henriette Grové benoem vir *Die Glasdeur* asook *Halte 49 en twee monoloë*. Brink is uiteindelik bekroon vir *Caesar*.⁶⁶ (FRA en FRN 1963: 5 April; ARN 1963: 19 April.) Grové het in 1966 die Eugène Maraisprys verower vir al haar dramatiese werke, en *Halte 49 en twee monoloë* het deel gevorm van die 1981-Hertzogprystoekenning vir haar hele drama-oeuvre (kyk bladsy 504).

Titels wat nié in enige lyste of verslae met betrekking tot die 1963-Hertzogprys voorkom nie, maar wel gedurende die tersaaklike periode verskyn het, is die volgende:

Fuchs, Douglas	<i>Die skepper van ’n toekoms</i> (1962 – uitgewer onbekend)
Retief, Joan.	<i>Ai tog, dié vroumense!</i> : ’n klug in vier bedrywe (1962 – Voortrekkerpers)
Steyn, Fritz.	<i>Die wêreld wat was</i> (1960 – Nasionale Boekhandel).

6.3 1963/1964-HERTZOGPRYS-PROSEDUREVERANDERINGE

6.3.1 DIE GELDWAARDE VAN DIE HERTZOGPRYS VERHOOG WEER EENS

Die Hertzogprys is reeds in 1960 verhoog na £100/R200. Dit is ook amptelik so aangedui in die 1961/1962-Hertzogprys-prosedureveranderinge (kyk bylaag S op bladsy 648). Dié verhoging het onder andere ingetree ná ’n aanbeveling deur P.J. Nienaber in die lig van die feit dat daar ánder letterkundepryse was, soos die W.A. Hofmeyr- en die A.L.V.-prys, wat almal £100 en selfs meer bedra het. (Kyk bladsy 330.)

616 Dit was die eerste keer sedert die instelling van die Eugène Maraisprys in 1961 (kyk bladsy 339) dat drama aan die beurt was.

Nienaber het in Maart 1961 die Fakulteitsraad meedeel dat die CNA voornemens was om twee letterkundige pryse ter waarde van R1 000 elk jaarliks toe te ken vir die beste boek in Afrikaans en Engels onderskeidelik. Daar is besluit dat met die CNA onderhandel sou word oor Akademiesamewerking. ⁶⁷(FRN 1961: 23 Maart; ARN 1961: 24 Maart.) Die geldwaarde van die CNA-prys was dus vyfkeer meer as dié van die Hertzogprys. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat daar wéér besin is ook die geldbedrag verbonde aan die Hertzogprys.

In April 1963 het die Komitee wat aangewys is om die regulasies van pryse te oorweeg, bestaande uit proff. P.F.D. Weiss (Voorsitter), P.J. Nienaber, G. Beukes en die Akademiesekretaris, aanbeveel dat die waarde van die Hertzogprys R2 000 moes beloop in plaas van die tóé R200, en dat, benewens die prysertifikaat en prysgeld, ook 'n medalje aan bekroondes uitgereik moes word. Die prysverhoging is deur die Akademiesraad goedgekeur. (FRA 1963:5 April; 1962/1963-Jaarverslag.) Die begroting wat voorgelê is aan die Akademiesraad op 19 April 1963 (ARA) dui aan dat R2 000 vir die Hertzogprys begroot is, maar weens die fondsinsamelingpoging en die publikasie van die *Hertzog-gedenkboek*, was dit nie daardie jaar ter spake nie. (ARA en ARN 1963: 19 April; Notule van Finansieskomiteevergadering 1963: 27 Mei en 30 Augustus.) Geen besluit is oor 'n medalje geneem nie, en die beraadslaging daarvoor sou gedurende die volgende paar jaar voortduur (kyk bladsy 450).

6.3.2 KEURKOMITEES EN BREË KOMITEES

Benewens die verhoging in prysgeld, het die Fakulteits- en Akademiesraad ook vérdere aanbevelings van die prysregulasiekomitee, wat op álle bekronings van toepassing sou wees, dus ook die Hertzogprys, aanvaar (FRA en FRN 1963:5 April; ARA aanvullend en ARN 1963: 19 April):

- Die gewysigde regulasies sou aan die begin van 1964 in werking tree;
- Breë Keurkomitees moes by almal benoem kon word indien nodig;
- Keurkomitees is uitgebrei tot 5;
- Groter verantwoordelikheid moes op die Keurkomitee rus en hulle aanbevelings moes deeglik gemotiveer wees.

Laasgenoemde twee wysigings het neerslag gevind in bepaling 10 van die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bylaag T op bladsy 651 waarin die 1961/1962-prosedure vergelyk word met dié van 1963/1964). In bepaling 10 word gespesifiseer dat, indien die Keurkomitee van vyf meer as een persoon voorstel vir bekroning, die aanduiding van 'n rangorde van verdienste nie meer arbitrêr was nie, maar verpligtend. Verder is die naam van die Breë Kommissie in hierdie 1963/1964-proseduredokument verander na Breë Komitee, en dié van die Letterkunde Keurkomitee na bloot Keurkomitee.

P.J. Nienaber se 1965-fee publikasie *Die Hertzogprys vyftig jaar*, het in Augustus 1964 ter perse gegaan (1965a:155). Daarin verskaf hy egter nie die Hertzogprystoekenningsprosedure wat alreeds vanaf die begin van daardie jaar (1964) van krag was nie, maar dié van 1961/1962 (1965a:36-37 – kyk bylaag S op bladsy 648). Dat hy en die Akademiesekretaris, Goosen, wel bewus was van die 1963/1964-prosedurebepalings, blyk uit die volgende:

- Nienaber beweer in *Die Hertzogprys vyftig jaar* dat die **enigste** verandering wat sedert die 1961/1962-bepalings ingetree het, die verhoging van die Hertzogprysgeld tot R2 000 is volgens ’n Akademieseedsbesluit van 19 April 1963 (1965a:37). Tog was dit juis tydens hierdie April-vergadering dat daar onder andere besluit is om die Keurkomitee uit te brei tot vyf – ’n verandering wat weerspieël is in bepaling 10 van die 1963/1964-prosedure.
- In antwoord op ’n navraag van F.I.J. van Rensburg, verwys Goosen op 9 Februarie 1964 (LK 1/9) na die toekenning van die Hertzogprys in die afdelings verhalende prosa, poësie en drama, in hierdie volgorde sedert 1961. Dit is die volgorde wat aangegee word in die 1963/1964-prosedure (bepaling 5), terwyl daar in die 1961/1962-weergawe sprake is van poësie, drama en verhalende prosa, in volgorde vanaf 1962.
- In die Maart 1964-*Nuusbrief* word ’n kort verduideliking van die Hertzogprystoekenningsprosedure gegee waarin aangedui word dat die Keurkomitee uit vyf kenners bestaan, en waarin verwys word na die Breë Komitee en nie meer Breë Kommissie, soos voorheen, nie (kyk eindnota 70 op bladsy 544).
- Nienaber gebruik die bepaling wat vanaf 1964 geldig was in sy voorlegging tydens die 29 April 1964-vergadering van die Akademieseeds Uitvoerende Komitee waartydens hy die wysiging van die prosedure bepleit het (kyk bladsy 365).

6.3.3 “SIMPATIEKGESINDE”-BEPALING VERVAL

Volgens bepaling 13 van die Hertzogprystoekenningsprosedure soos gefinaliseer in 1963 en geldig vanaf 1964, kon die Hertzogprys slegs toegeken word aan Suid-Afrikaanse burgers. **Die 1961/1962-bepaling dat dit persone moes wees “wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk”, het verval.**⁶¹⁷ In 1966/1967 is daar egter ’n algemene beginselverklaring aanvaar wat dit as “vanselfsprekend” beskou het dat die Hertzogprys “in eerste instansie onteenseglik ’n volksprys” is aangesien die volk uit “stoflike armoede ... landwyd hierdie geld vir ’n heel besondere doel bymekaar gemaak [het], nl. die behoud van die Afrikaanse taal, die Afrikaanse gedagte en die Afrikaanse lewensooruiging”, en dat “die verbintenis tussen die Hertzogprys en die gemeenskap van wie dit ’n geskenk aan sy skrywers was om eie taal en

617 Tot dusver (Junie 2009) kon uit die Akademie se argiefdokumente nog nie vasgestel word presies wanneer besluit is om hierdie voorskrif te skrap nie. F.I.J. van Rensburg wou in Junie 1966 ook weet hoe dit gekom het dat die “simpatiekgesinde”-bepaling verval het, maar die Akademiesekretaris het hom nie direk daarop geantwoord nie (kyk bladsy 414). Tydens die 1970-Hertzogprys-simposium het prof. G. Dekker, wat die inleidingstoespraak gelewer het, weer na hierdie bepaling verwys (kyk bladsy 486).

geestesgoedere uit te bou, ... dus nooit by toekenning ... oor die hoof gesien [durf] word nie” (kyk bladsy 436, 661, 662).

Die Hertzogprys vyftig jaar is sedert die verskyning daarvan in 1965 as gesaghebbende bron gebruik – ook met betrekking tot Hertzogprysbeoordelingsprosedures. Juis die feit dat die tóe nuutste 1963/1964-prosedure nié daarin verskyn het nie, het in die onstuimige sestigerjare veroorsaak dat daar onsekerheid ontstaan het:

- oor die aantal persone wat benoem moes word vir die Keurkomitee, en
- of die “simpatiekgesinde”-bepaling verval het of nie.

6.4 FORMAAT VAN VERSLAE EN MOONTLIKHEID VAN PUBLIKASIE

Die Akademiesekretaris, D.P. Goosen, het in Oktober 1963 die volgende omsendbrief insake die verslae van keurkomitees aan alle lede van keurkomitees gestuur (FRA 1963: 18 Oktober):

Ons wil graag vriendelik u aandag daarop vestig dat die Akademiesraad aanbeveel dat die verslae van keurkomitees in die toekoms soos volg opgestel word:

1. ’n Kort oorsig van alle verdienstelike werke wat in die tydperk onder beskouing verskyn het met vermelding van die volgende:
 - (a) titel, skrywer, uitgewer en verskyningsdatum van boeke;
 - (b) waardebeplanning van elke boek wat oorweeg is.
2. Aanbeveling van keurkomitee:
Indien die keurkomitee van mening is dat ’n bepaalde boek(e) of skrywer bekroningswaardig is, moet die aanbeveling volledig gemotiveer word.
3. Minderheidsverslag (indien enige)

Ons sal dit waardeer as keurkomitees hulle verslae onder bg. hoofde sal indien, veral aangesien die Raad dit oorweeg om die oorsigtelike gedeelte van verslae te publiseer.

Hierdie aanbevelings met betrekking tot die formaat van verslae, stem baie ooreen met die Akademiesraadsversoek van 37 jaar tevore (Malherbe 1926:103) (kyk bladsy 113).

Aan die beginjare van die Akademie en die Hertzogprys is verslae soms gepubliseer,⁶⁸ maar later is dié gebruik gestaak, ongeag oproepe om weer daarna terug te keer.⁶⁹ Goosen se opmerking dat die Raad dit oorweeg om die oorsigtelike gedeelte van die verslae te publiseer, het gedui op ’n terugswaai van die pendulum – veral gesien teen die agtergrond van die latere (1968-)besluit dat die kommissieverslag na goeddunke deur die Akademiesraad gepubliseer kon word (kyk bladsy 453 en bepaling 7 in bylaag CC op bladsy 671).

6.5 DIE 1966-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

6.5.1 VOORAF

Die 1964-Prosatoekenning aan Etienne Leroux vir *Sewe dae by die Silbersteins* het talle menings ontlok met betrekking tot die weerspieëling van norme, waardes en die volkseie in literatuur. Hierdie hele polemie het afgespeel teen die agtergrond van onsekerheid oor die tersaaklike toekenningsprosedure – ’n verwarrende situasie wat in die daaropvolgende jare in intensiteit toegeneem het weens ’n aantal voorleggings, konsepreglemente en prosedureveranderinge. Gedurende hierdie tyd was daar een persoon wat deurlopend die aandag bly toespits het op die Hertzogprystoekenningsprosedure, die leemtes daarin en die gevare wat dit sou inhou, naamlik dr. F.I.J. van Rensburg, aanvanklik verbonde aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Hy het gedien in die Keurkomitee vir die 1962-Hertzogprys vir Poësie.

Daar is twee redes waarom dit noodsaaklik is om indringend te kyk na verwickelinge rondom die toekenningsprosedure in die jare wat die 1966-Dramajaar voorafgegaan het:

- P.J. Nienaber se feesbundel *Die Hertzogprys vyftig jaar* het in Augustus 1964 ter perse gegaan (Nienaber 1965a:155). Heelwat inligting wat hieronder volg, is nie daarin opgeneem en algemeen bekend nie.
- Meningsverskille oor die gewig wat aan die keurkomiteeverslag verleen moes word teenoor die Akademiesraadsbesluit in terme van die skenkingsakte, het gedurende hierdie tyd in intensiteit toegeneem en is in 1966 op die spits gedryf.

6.5.1.1 1964

In die aanloop tot en bekroning van *Sewe dae by die Silbersteins* in 1964, het onderstrominge binne die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan die lig gekom. Regter V.G. Hiemstra het in ’n verslag getiteld “Die Akademie – onrus van 1964 tot 1967” die situasie uiteengesit.⁶¹⁸ (Hiemstra 1968:1-44). Hiemstra sê dat die spanning wat die drie maande voor die *Silbersteins*-toekenning voorafgegaan het, nuus was vir die koerante,

618 Hierdie dokument is deur ’n latere Akademiesekretaris, Danie van Niekerk, op 2 Februarie 1968 aan prof. H.B. Thom gestuur met die opmerking dat die Akademiesraadsvoorsitter, dr. S.M. Naudé, tydens die raadsvergadering van 9 Februarie 1968, Thom se mening wou hoor in hoeverre die dokument versprei behoort te word. In ’n brief aan dr. T.E.W. Schumann, gedateer 16 April 1968, waarvan ’n afskrif aan Thom gestuur is, merk Van Niekerk op dat die Akademiesraad tydens sy vergadering op 9 Februarie 1968 besluit het dat die vertroulike stuk wat deur regter Hiemstra opgestel is, nie vrygestel word nie. (H.B. Thom-versameling: 191.SAAWK.3K [98] en [109].)

... want hier het vir die eerste keer die teenstelling tussen die inwaartse en die uitwaartse Afrikaner hom geopenbaar. Dit was op die terrein van die letterkunde, maar dit is 'n teenstelling wat hom ook in die wyere kultuurlewe en in die politiek kan laat geld (1968:1).

Hierdie teenstelling blyk onder andere uit die brief wat dr. H.J. Terblanche, destydse hoof van die Vaktaalburo,⁶¹⁹ op 22 Januarie 1968 ingedien het waarin hy as rede vir sy bedanking aanvoer dat daar tussen hom en die Akademieraad in daardie stadium

... 'n onhoudbare toestand ontwikkel het waarvan die kern daarin geleë is dat [hy]... en die Raad basies verskil oor die rol wat die Akademie uit die aard van sy beginsels en herkoms moet speel vir die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur (bv. die hele bekroningsbeleid soos die bekroning van sedelik-ondermynende werke – Sewe dae by die Silbersteins – met die Hertzogprys en volksvreemde kunstenaars op ander gebiede, toelating van nie-Afrikaanse lede wat totaal vreemd staan teenoor die Afrikaanse taal en kultuur, toelating van lede wat aan volksvreemde, internasionalistiese bewegings behoort en wat selfs in die huidige Raad dien, die pogings van die huidige voorsitter om die Akademie omgeskep te kry in 'n neutrale Engels-Afrikaanse wetenskaplike organisasie, ens.) ...

Nog vóór die toekenning vir *Silbersteins*, en waarskynlik in reaksie op die tóé reeds uiteenlopende menings oor die 1964-Prosapryse, het die Akademie in sy Maart 1964-*Nuusbrief* (SAAWEK 1964a:21) die volgende verduideliking gegee met betrekking tot die toekenning van pryse deur die Akademie:

Die Akademie is vanjaar, soos telkens in die verlede, weer gekritiseer op grond van sy toekenning van pryse. Die kritiek in dié verband word gewoonlik gerig op die volgende: òf sekere persone en hulle werk is nie voldoende of glad nie in ag geneem nie, òf daar word gewys op die “talle” persone wat in die verlede oor die hoof gesien is. Die indruk wat gewoonlik deur hierdie kritiek geskep word, is dat die Akademie bevooroordeeld en ongunstig jeens sommige “moontlike” bekroondes sou wees.

Dan volg 'n kort opsomming van die prosedure wat gevolg word met die toekenning van Akademiepryse. Die gegewens daarin kom ooreen met die 1963/1964-Hertzogprystoekennings-prosedure. ⁷⁰

619 Soos in talle Uitvoerende Komitee-, asook Akademieraadagendas en -notules gesien kan word, het Terblanche en Goosen (die Akademiese sekretaris) leidende rolle gespeel gedurende die periode van onmin binne Akademiegeleedere. Vergelyk ook Hiemstra (1968) se “onrus”-verslag, en Serfontein (1970:84-110).

Na aanleiding van dié verduideliking, het F.I.J. van Rensburg op 30 Maart 1964 in 'n brief aan die Akademiesekretaris (LK 1/9) 'n paar gedagtes uitgespreek oor die toekenning van die Hertzogprys, met 'n aanduiding dat hy die saak al voorheen aangeroei het:⁶²⁰

- skriftelik teenoor die sameroeper van 'n Keurkomitee “met die gedagte dat dit by die Sekretariaat sal uitkom”, en
- mondeling tydens Goosen se organisasie deur die land en besoek aan Bloemfontein.

Van Rensburg het ook op 31 Januarie 1964 inligting met betrekking tot die Hertzogprys aangevra wat Goosen op 9 Februarie 1964 aan hom voorsien het.⁶²¹ In Van Rensburg se 30 Maart-1964 brief aan Goosen (LK 1/9) merk hy op:

Ek dink u oorbeklemtoon die rede vir kritiek op beslissings, naamlik dat dit hoofsaaklik voortkom uit 'n gevoel dat hierdie of daardie keurkomitee bevooroordeel was. 'n Ander baie belangrike rede vir ontevredenheid word m.i. hiermee onderbeklemtoon, nl. dat die fout by die Akademie se bekroningsreëls kan lê.

Volgens Van Rensburg hou 'n Keurkomitee die literêre toestand “drie jaar (in bepaalde gevalle selfs langer) dop”. Dit was sekerlik die ideaal,⁶²² maar vir die 1960-Dramaprys, byvoorbeeld, is die Keurkomitee eers in 1959 aangewys (kyk bladsy 312) en die 1963-Keurkomitee eers in September 1962 (kyk bladsy 344).

Van Rensburg wys dan, onder andere, op 'n swakheid in die “bekroningsmasjinerie”, naamlik die Breë Komitee wat deur die Fakulteitsraad aangewys word in gevalle waar die aanvanklike Keurkomitee nie eenstemmigheid kon bereik nie:

620 As lid van die Keurkomitee vir die 1962-Poësieprys, het Van Rensburg gevoel dat die nietoekenning van die prys in 1959, die kernorsaak van die 1962-aanbevelingsprobleem was (kyk voetnota 586 op bladsy 333).

621 Laasgenoemde het ingesluit 'n kopie van die Hertzogprystoekenningsprosedure, maar of dit die 1961/1962-, of die 1963/1964-weergawe was, is onbekend. Goosen gebruik in sy antwoord feite soos wat dit voorkom in die 1963/1964-prosedure (kyk bladsy 358).

In Van Rensburg se 30 Maart 1964-brief aan Goosen kom die woord “breë komitee” voor, soos bepaal in die 1963/1964-prosedure, en nie “breë kommissie” soos voorheen gebruik nie, wat die vermoede laat ontstaan dat hy die 1963/1964-prosedure ontvang het. (LK 1/9.)

Tog het Van Rensburg in sy brief wat aan die einde van die volgende jaar in die Akademie se Desember 1965-*Nuusbrief* verskyn het, aangehaal uit die 1961/1962-prosedure (kyk bladsy 384).

Teen Mei 1966 was Van Rensburg beslis bewus van die 1963/1964-toekenningsprosedure soos blyk uit sy 22 Mei 1966-diepteartikel oor die Hertzogprys (kyk bladsy 411), asook sy 1 Junie 1966-navraag aan Goosen met betrekking tot die verval van die “simpatiekgesinde”-bepaling (kyk bladsy 414).

622 Ongeag die 3 Mei 1954-besluit om die Keurkommissie vir Verhalende Prosa twee jaar vooraf te benoem (kyk eindnota 54 op bladsy 538), is dit in bepaling 10 van die 1946/1948-, 1956/1957-, 1961/1962- én 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure gestel dat daar jaarliks 'n ad hoc-komitee benoem word.

Omdat een lid [van die Keurkomitee] 'n afwykende mening daarop nahou, moet die saak na 'n breë komitee van 10 lede verwys word. Die vraag is: hoe lank beraadslaag hierdie breë komitee gewoonweg? Loop dit in die maande of in die weke? En wat presies moet hulle oorweeg: alle bekroonbare werke van die betrokke tydperk, of net dié wat op die keurkomitee se sif oorgebly het? Indien Ig., is dit sinvol as hulle nie die motivering van die keurkomitee voor hulle mag hê nie?⁶²³

En intussen moet daar seker altyd onthou word dat so 'n breë komitee van 10 lede noodwendig minder deskundig sal wees as die aanvanklik-aangewese klein komitee, wat, skat 'n mens, tog seker om hul deskundigheid op die tydstip van aanwysing benoem is?

En nadat ook so 'n breë komitee 'n aanbeveling gedoen het, kan die Akademiesraad nog kom en 'n besluit van sy eie neem. Hoe lank neem die Akademiesraad normaalweg oor so 'n besluit, bv. om geen toekenning te maak nie, tenspyte [sic] van die aanbeveling voor hom om wel te bekroon? Op een vergadering? Twee dalk?

Ek het sterk die vermoede dat kandidate nie die tyd en die aandag kry waarop hulle geregtig is as die saak uit die hande van die oorspronklike komitee geneem word nie.⁶²⁴

As oplossing maak Van Rensburg twee voorstelle:

- (i) Ken die reg van meerderheidsbeslissing aan die aanvanklik aangewese komitee toe. Gebrek aan eenstemmigheid moet nie die rede wees vir verwysing na 'n minder deskundige komitee nie, veral nie waar dié komitee hom die weelde van meningsverskil mag veroorloof nie.
- (ii) Berus by die beslissing van die komitee. Dit beteken nie dat die gesag van die Akademiesraad as bekronende liggaam te niet gedoen of hy tot 'n rubberstempel gedegradeer word nie. Die Raad behou sy gesag en sy diskresie: in die vorm van die persone wat hy op die komitee benoem. Hyself het nie die deskundigheid van 'n keurkomitee nie.⁶²⁵

Volgens bepaling 10 het die Fakulteitsraad in hierdie stadium die Keurkomitee benoem.

Van Rensburg het aangedui dat hy nie beswaar sou hê nie indien ter sake kwessies uit die brief in die *Nuusbrief* verskyn indien dit daartoe kon bydra om die saak waaroor dit gaan, te bevorder. Goosen het hom vir die brief bedank, aangedui dat die Akademiesraad waarskynlik op 30 April⁶²⁶ 1964 sou besluit om voortaan korrespondensie in die *Nuusbrief* op te neem, en vir Van Rensburg

623 Volgens bepaling 12(a) kon die name van die betrokke skrywers en werke aan die Breë Komitee voorgelê word, maar sônder om die bevindinge van die Keurkomitee te vermeld.

624 G.S. Nienaber het in 1957 beklemtoon dat aanbevelings van Keurkommissies wat baie op 'n saak gewerk het, nie ligtelik verbygegaan moet word nie (FRN 1957: 26 Junie).

625 Reeds vir die omstrede 1937-toekenning was daar net een letterkundige onder die vyf lede van die Akademiesraad (kyk bladsy 170).

626 Goosen dui die datum foutiewelik aan as 30 Maart.

gevra of hy dalk enkele wysigings aan sy brief wou aanbring. Bykomend het Goosen opgemerk dat Keurkomitees in daardie stadium uit vyf lede bestaan het. (LK 1/9: 8 April 1964). Van Rensburg het enkele wysigings aangebring in 'n brief aan Goosen gedateer 11 April 1964 (LK 1/9). Die brief is nie in die volgende *Nuusbrief* geplaas nie.

Midde-in die April 1964-woelinge oor *Silbersteins*, het F.I.J. van Rensburg se artikel “Eikeskors en kaneel?” in *Standpunte* verskyn (Van Rensburg 1964:26-29). Daarin wys hy onder andere op die probleem wat kon ontstaan **indien van 'n literêre werk verwag word om die volkseie te weerspieël:**

'n Mens wil niks sê oor die bevoegdheid van Akademierade om oor literêre waardes te oordeel nie, maar dis seker dat daar nogal baie kan gebeur tussen 'n keurkommissie se aanbeveling en die beslissing deur 'n Akademieraad. 'n Mens vra jouself af wat bv. sal gebeur as 'n keurkommissie eenparig aanbeveel dat 'n werk beslis bekroning werd is, en 'n Akademieraad is van oordeel dat die gees daarvan “strydig is met ons volk se aard en kerk”.

By die Fakultetraadsvergadering van 17 April 1964 waartydens besluit moes word oor *Sewe dae by die Silbersteins*, het die Raad slegs kennis geneem van die 30 Maart 1964 Van Rensburg-brief (FRA aanvullend 1964: 17 April – bylaag D). Met 'n meerderheid van vier teen een is aanbeveel dat Leroux bekroon word. Alhoewel die Sekretaris betyds onderhoude met die voorsitters van die keurkomitees gehou het met die oog op afhandeling van die aanbevelings voor die einde van Januarie 1964 (ARA en ARN 1963: 8 November), was die minderheidsverslag gedateer 14 April, en Grové, die Voorsitter, s'n 16 April 1964 (FRN 1964: 17 April – bylaag B). Laasgenoemde het die Akademie dus eers die dag voor die Fakultetraadsvergadering bereik – 'n ongelukkige toedrag van sake waarvoor prof. B. Kok sy spyt uitgespreek het. Soos in 1948 (kyk bladsy 242), 1952 (kyk bladsy 271) en 1957 (kyk voetnota 488 op bladsy 271), het 'n ongewenste situasie ontstaan as gevolg van 'n keurkomiteeverslag wat laat was.

Die bespreking is ingelei deur prof. D.H. Cilliers wat opgemerk het dat dit 'n aanbeveling van die deskundige Keurkomitee was, “en nou moet die Fakulteitsraad, wat nie almal letterkundiges is nie, daaroor besluit”.

Vier van die vyf keurkomiteeledede, A.P. Grové, Elize Botha, F.E.J. Malherbe en C.J.M. Nienaber, het *Sewe dae by die Silbersteins* aanbeveel. P.C. Schoonees was daarteen gekant en wou sien dat Boerneef bekroon word. Tydens die Fakulteitsraad se bespreking van die aanbeveling, het prof. G.S. Nienaber voorgestel dat die verslag na 'n Breë Komitee verwys word. (FRN 1964: 17 April). **Indien die Keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, moes daar, volgens bepaling**

12(a) van die 1963/1964-prosedure, ’n Breë Komitee benoem word. Dit is nié gedoen nie. Op voorstel van regter Hiemstra is egter besluit om die beslissing uit te stel sodat al die Fakulteitsraadslede die boek eers lees voordat daarvoor besluit kon word tydens die volgende vergadering. (FRN 1964: 17 April – ook Bylaag B.) Die Akademiesraad het hierdie besluit goedgekeur (ARN 1964: 30 April). **Fakulteitsraadslede het dus die gesag gehad om ’n aanbeveling te doen oor ’n boek wat sekere lede nog eers moes gaan lees, terwyl die Keurkomitee reeds deeglik daarvoor besin het.**

Op 29 April 1964, twaalf dae ná die Fakulteitsraadsvergadering, en ná F.I.J. van Rensburg op 30 Maart 1964 ’n prosedureverandering bepleit het, neem P.J. Nienaber tydens ’n vergadering van die Akademiesraad se Uitvoerende Komitee, as Ondervoorsitter die voorsitterstoel in aangesien die Voorsitter, dr. A.J.A. Roux, ongesteld was. Nienaber lê ’n dokument ter tafel waarin hy die wysiging van die Hertzogprystoekenningsprosedure bepleit. Ter inleiding wys hy op verskeie foute wat al gemaak is by die toekenning van die Hertzogprys. Volgens hom het hy ’n deeglike studie van toekennings in die verlede gemaak, en tot die gevolgtrekking gekom dat dit veral skort aan die toekenningsprosedure. Die Akademie kon nie teen gereelde kritiek verdedig word as die prosedure verkeerd was nie. (ARUKN 1964: 29 April.)

Die dokument, getiteld “Die toekenning van Geesteswetenskaplike en Letterkundige pryse, meer in die besonder die Hertzogprys vir Letterkunde”, is gedateer 29 April 1964. Daarby was aangeheg:

- die Van Rensburg-brief van 30 Maart 1964, en
- kritiek wat in die tydperk 1 Julie 1936 tot 30 Junie 1939 uitgespreek is.⁶²⁷

Laasgenoemde dokument handel oor die 1939-Prosatoekenning toe daar ’n meerderheid- en minderheidsverslag was, maar die Breë Komitee se stemming gelei het tot die bekroning van ’n ander kandidaat as in die twee verslae aanbeveel. Die dokument is afgesluit met die verwysing na ’n koerantredakteur se opmerkings oor die Akademiesraad wat formeel die keuse doen, maar hom moet laat lei deur deskundige keurders (Nienaber 1965a:128) (kyk bladsy 184-186):

627 Hierdie dokument verskyn in *Die Hertzogprys vyftig jaar* wat Nienaber die volgende jaar gepubliseer het (1965a:69, 125-128).

En as die Suid-Afrikaanse Akademie ’n letterkunde-prys toeken volgens die stem van leke⁶²⁸ en nie volgens die aanbeveling van die mense wat in staat is om te oordeel nie, spreek dit vanself dat so ’n toekenning onmiddellik ophou om ’n maatstaf te wees vir letterkundige gehalte.

In die slotsin van hierdie dokument merk Nienaber op dat hiermee ’n “kernfout” in die prosedure aangeraak is.

Tydens sy voorlegging aan die Uitvoerende Komitee tipeer Nienaber die Van Rensburg-wenke as tekenend “van die belangstelling van lede van die Akademie en buitestandders in die prosedure by die toekenning van pryse deur die Akademie”. Dan haal Nienaber bepaling 10, 12(a), (b) en (c), 14 en 16 uit die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure (bylaag T op bladsy 651) aan.⁶²⁹ Dit is opvallend dat al die bepalings net so aangehaal word, maar bepaling 10 net gedeeltelik:

’n Keurkomitee bestaande uit deskundiges word jaarliks benoem om “... die Raad met gemotiveerde advies (te) bedien insake die voorgestelde bekroning.”

In bepaling 10 is dit uitdruklik gestel dat die Raad ’n Komitee benoem “bestaande uit vyf deskundiges op die besondere gebied”. Nienaber spesifiseer nie die hoeveelheid deskundiges nie.

Vervolgens identifiseer hy twee vrae in verband met dié genoemde prosedure wat dikwels op raadsvergaderings en deur lede gestel is en tot in daardie stadium nie bevredigend beantwoord kon word nie:

- Die eerste vraag handel oor presies wat die funksie van die Raad was by die toekenning van pryse, dit wil sê of hy
 - (i) bloot die aanbeveling van die Keurkomitee bekragtig, of
 - (ii) die aanbeveling as “gemotiveerde advies” beskou en die prys na **ei**e goeddunke toeken (maar gewoonlik volgens die Keurkomitee se aanbeveling).

628 Uys Krige het in die *Cape Argus* van 24 Mei 1969 (“*Time to speak*”) met betrekking tot die 1941-Dramaprys wat nie aan hom toegeken is nie, gesinspeel op besluite met betrekking tot die letterkunde wat deur leke op daardie gebied geneem word:

When I arrived home in 1943, I learnt from reliable sources that several members of the Breë Raad, being very busy scientists, anthropologists and other learned men, had read neither of my two books of plays under discussion.

629 Dat Nienaber die 1963/1964-toekenningsprosedure aanhaal, en nie die 1961/1962-weergawe nie, blyk onder andere uit die gebruik van die woorde “Keurkomitee” en “Breë Komitee” in die plek van “letterkunde-keurkomitee” en “breë kommissie” (kyk bladsy 357 en bylaag T op bladsy 651).

Vier maande later het Nienaber se boek *Die Hertzogprys vyftig jaar* ter perse gegaan waarin hy te kenne gee dat die 1961/1962-toekenningsprosedure in daardie stadium die nuutste was (1965a:36-37, 155 – kyk bladsy 358).

Die belangrikheid daarvan om “eens en vir altyd” duidelikheid oor dié saak te verkry, is beklemtoon, en Nienaber vervolg:

Onses insiens kan daar weens die huidige samestelling van die Raad ’n sterk saak vir (i) uitgemaak word. Die Raad is verteenwoordigend van ’n groot aantal vakrigtings saamgestel. As (ii) die uitgangspunt is het dit tot gevolg dat die Raad hom òf moet laat lei deur die oordeel van een of twee kenners van die betrokke vakrigting wat toevallig in die Raad dien òf dat Raadslede hulle uitspreek oor ’n saak wat buite hulle eie deskundige kennis lê.

In aansluiting by, en ter ondersteuning van die Van Rensburg-stelling dat die Raad sy gesag en diskresie behou in die vorm van die persone wat hy in die Komitee benoem aangesien hyself nie die deskundigheid van ’n Keurkomitee het nie, sê Nienaber dat die uitgangspunt soos volg moet wees:

’n [K]eurkomitee bestaande uit die beste deskundiges in die betrokke vakgebied word benoem en die Raad gee uitvoering aan hulle voorstel.

- Die tweede vraag was of die tóe geldende prosedure waar ’n meerderheid- en minderheidsverslag ingedien word, bevredigend was. (Nienaber verwys dan na die bepalinge opgeneem as punt 12 [a], [b] en [c] op bladsy 652.) Weer eens vereenselwig Nienaber die Akademie in dié verband met Van Rensburg se voorstel, naamlik dat verwysing na ’n Breë Komitee onnodig is en moet verval, en motiveer aanvullend soos volg:
 - (i) Van die Breë Komiteelede word gewoonlik verwag om individueel binne ’n baie korter tydperk ’n oordeel uit te spreek oor werke wat hulle soms tot in daardie stadium nie bestudeer het nie.
 - (ii) Die praktyk het reeds bewys dat ’n Breë Komitee selde eenstemmig is (vgl. die onlangse toekenning van die Hertzogprys vir Prosa (1961) en Poësie (1962), die Stalsprys vir Literatuurwetenskap (1963), ens. ens.[.]) Die Raad bevind hom dus telkens in dieselfde posisie met betrekking tot die Breë Komitee as met die Keurkomitee. Die posisie kan selfs neteliger wees want die Raad moet die aanbevelings vertolk en ’n besluit neem – ’n bevoegdheid wat in stryd is met ons aanbeveling ... hierbo.

Vervolgens het Nienaber drie aanbevelings gemaak waarvan die implikasie was dat die seggenskap van die Breë Komitee en die Fakulteitsraad verval (ARUKN 1964: 29 April):

Waar die Raad op sy onlangse vergadering besluit het dat alle Keurkomitees uit drie lede sal bestaan, moet die prosedure na ontvangs van die keurkomitee se verslag soos volg wees:

- 1) Die Raad bekragtig die voorstel van 'n Keurkomitee hetsy dit eenparig of by meerderheidsbesluit geneem is.
- 2) In die geval van onvoorsiene gevalle tree die Raad as jurie op (die enigste moontlikheid hier is drie teenstrydige aanbevelings).
- 3) Pryse word dus toegeken deur die Raad op voorstel van sy Keurkomitees. Die Raad oefen sy gesag egter op 'n omgekeerde wyse uit as wat tans die geval is, nl. by benoeming van die Keurkomitee en nie by die behandeling van die verslag van die Keurkomitee nie.

Aanbeveling 1 en 3 is in ooreenstemming met die twee Van Rensburg-voorstelle (kyk bladsy 363). Met betrekking tot aanbeveling 2 en die aantal keurkomiteelede, merk Nienaber op dat die Akademieraad kort tevore besluit het op drie lede. Die mees “onlangse vergadering” van die Akademieraad teen die tyd dat Nienaber hierdie uitspraak gemaak het, was dié van 8 November 1963, waartydens daar geen besluit met betrekking tot die aantal keurkomiteelede geneem is nie. Die aanvanklike besluit om die Keurkomitees uit te brei tot vyf, is die vorige jaar geneem tydens die 19 April 1963-Akademieraadsvergadering (kyk bladsy 357), en daarvolgens is daar op 9 Augustus 1963 vyf persone benoem vir die 1964-Hertzogprysbeoordeling (ARUKN 1963:31 Julie; FRDBN 1963: 9 Augustus).⁶³⁰ Nadat Nienaber hier op 29 April 1964 gesê het dat daar drie lede moes wees, is daar op 29 Junie 1964 drie keurkomiteelede benoem vir die 1965-Poësieprys, maar met die versoek dat die Dagbestuur die vraag of Komitees uit drie of vyf lede moet bestaan, moes heroorweeg. (FRN 1964: 24 Junie). Die Dagbestuur het dit weer verwys na die Komitee wat deur die Akademieraad aangewys is in verband met prysregulasies (FRDBA 1964: 26 Augustus). Die Komitee insake Hertzogprysregulasies het eers die volgende jaar, op 23 April 1965, besluit dat **die aantal deskundiges op die Keurkomitee verminder word van vyf na drie** (kyk bladsy 378).

In sy voorlegging het Nienaber die oortuiging uitgespreek dat bogenoemde prosedure doeltreffend sou wees aangesien dit enersyds prakties geensins afbreuk sou doen aan die Raad se bevoegdheid nie, en andersyds die prestige van die Keurkomitees sou verhoog. Volgens hom was dit ook in ooreenstemming met die prosedure wat deur ander liggame gevolg is, soos vir die CNA-prys, APB-prys, en pryse van die Nederlandse en Belgiese Akademies.

Nienaber het in sy voorlegging ook gewys op die opvallende verskynsel dat die verslae van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe se Keurkomitees dikwels bestaan het uit meerderheid- en minderheidsaanbevelings, maar dat die verslae van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek se Keurkomitees altyd eenparig was:

630 In die tydperk sedert die besluit geneem is op 19 April 1963 tot en met hierdie 29 April 1964-stelling van Nienaber, is daar geen notule van die Akademieraad, Uitvoerende Komitee of Fakulteitsraad waarin 'n besluit aangeteken is dat drie lede benoem moes word nie.

Ons meen dat hierdie verskynsel in 'n belangrike mate daaraan toe te skryf is dat die lede van die Keurkomitees van NT meesal in Pretoria woonagtig is en gevolglik kan vergader, terwyl die Keurkomitees van KG so ver moontlik verteenwoordigend van die verskillende werkgemeenskappe saamgestel word en dus nie byeen kan kom sonder aansienlike koste vir die Akademie nie. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid dat die Akademie oor voldoende fondse moet beskik as hy behoorlik wil funksioneer.

Dit is ook wel 'n vraag of die eenstemmigheid wat by die Natuurwetenskaplike toekennings bereik word nie in 'n groot mate te danke is aan die feit dat die Fakulteitsraad in elke keurkomitee verteenwoordig is nie.⁶³¹

Teenwoordig by hierdie 29 April 1964-vergadering van die Uitvoerende Komitee was proff. P.J. Nienaber, E.M. Hamman, C.F.B. Hofmeyr, dr. S.M. Naudé en Akademieamptenare. **Hulle het die drie aanbevelings wat Nienaber gemaak het, gesteun** en die saak vir beslissing verwys na die Akademieraad wat die volgende dag sou vergader. (ARUKN 1964: 29 April.)

Tydens die 30 April 1964-Akademieraadsvergadering neem P.J. Nienaber weer eens waar as Voorsitter in die plek van dr. A.J.A. Roux, maak dieselfde voorlegging en gee dieselfde agtergrondinligting as die vorige dag (ARN 1964: 30 April; ook bylaag A). Die Akademieraad neem ook kennis van die Van Rensburg-brief van 30 Maart 1964. **Prof. P.F.D. Weiss wys op die belangrikheid van die saak, dat dit grondige oorweging verdien en moes oorstaan tot die volgende vergadering.** Prof. W. Kempen vra hoe 'n ondeskundige Raad 'n deskundige Komitee kon aanstel, en merk op dat daar altyd kritiek sou wees. (ARN 1964: 30 April.)

'n Komitee, bestaande uit proff. A.J.A. Roux (Akademieraadsvoorsitter), G. Beukes, W. Kempen en P.F.D. Weiss is benoem om die saak te bestudeer en tydens die volgende vergadering verslag te doen (ARN 1964: 30 April). Tydens die vergadering van die Hertzogprysregulasiekomitee in April die volgende jaar, is die name van dieselfde lede genoem, met P.J. Nienaber wat A.J.A. Roux vervang het (kyk bladsy 377).

In die tyd wat verloop het vanaf die vorige Fakulteitraadsvergadering op 17 April 1964, toe die besluit oor *Sewe dae by die Silbersteins* uitgestel is om Fakulteitraadslede die geleentheid te gee om almal die boek te lees, en 'n vervroegde, buitengewone Fakulteitraadsvergadering van 26 Mei 1964, het vertroulike inligting oor die Hertzogprys uitgelek en 'n polemie rondom die moontlike bekroning van *Sewe dae by die Silbersteins* ontstaan – 'n “ongelukkige toedrag van sake”, soos A.J.A. Roux, Akademieraadsvoorsitter, dit uitgedruk het in 'n persverklaring van 15 Mei 1964 (ARN 1964: 26 en 27 Mei – bylaag A). Uit die manier waarop Hiemstra in sy “onrus”-verslag

631 In hierdie stadium is dit in paragraaf 12(a) gestel dat lede van die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe nie benoembaar is in die Keurkomitee nie (kyk bladsy 652). Die Akademieraad se Uitvoerende Komitee het aan die einde van die vorige jaar egter al aangedui dat hulle geen beswaar daarteen het dat raadslede van hierdie fakulteit onder sekere omstandighede in Keurkomitees aangestel word nie (ARUKN 1963: 27 November).

verwys na die onderstrominge wat die volgende Fakulteitsraadsvergadering voorafgegaan het (1968:1), blyk dit dat sommige persone klaarblyklik spesifiek kennis geneem het van die bepaling dat alle besluite tot toekenning van die prys deur die Fakulteitsraad moes geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie, en dat drie lede van die Fakulteitsraad “dus 'n hele toekenning [kon] verongeluk”.⁶³²

Hiemstra het op 25 Mei 1964, 'n dag voor die hervatte Fakulteitsraadsvergadering, die oorspronklike skenkingsakte en alle verbandhoudende Hertzogprysreglemente bekom en bestudeer. Hy het bevind dat die vetoregbepaling ongeldig was omdat dit, strydig met die skenkingsakte, aan 'n minderheid van drie in 'n ondergeskikte Raad van veertien lede 'n veto gee wat selfs die Akademiesraad magteloos maak. Die Akademiesraad kon nie 'n veto reg oorhandig aan 'n minderheid van drie in 'n ondergeskikte liggaam nie. (Hiemstra 1968:1.) Ironies genoeg was nie Hiemstra óf die Akademie in daardie stadium daarvan bewus dat nié die Akademie- óf Fakulteitsraad daardie jaar (en tot November 1967) enige wettige gesag gehad het nie (kyk voetnota 354 op bladsy 204 en bladsy 341-342).

Tydens die buitengewone Fakulteitsraadsvergadering gehou om 9-uur, Dinsdagoggend 26 Mei 1964 in die Engelenburghuis, met as onderwerp die moontlike bekroning van *Sewe dae by die Silbersteins*, is besluit om die volgende sienswyse van regter V.G. Hiemstra in die notule op te neem vir toekomstige leiding aan die Fakulteitsraad (FRN 1964: 26 Mei) (let daarop dat hy die rol van die Fakulteitsraad sien as 'n liggaam wat 'n besluit bekragtig of hersien, maar nié sy diskresie laat geld in die plek van die Keurkomitee s'n nie):

Dit is noodsaaklik om eers helderheid te kry oor die juiste wyse van benadering. Hierdie saak het spanning in wye kringe veroorsaak, en as ons buite ons aangewese funksie sou tree vanweë individuele smaak, gaan ons die hele masjinerie van deskundige keurkomitees in verwarring bring.

Die skenkingsakte van die Hertzogprys bepaal dat alleen werk van die “hoogste letterkundige gehalte” bekroon mag word. Die keuse is klaarblyklik een vir deskundiges. Daarom bepaal die voorgeskrewe prosedure ook in artikel 10 dat die Fakulteitsraad “vir sy leiding” 'n komitee van deskundiges benoem wat die Raad van gemotiveerde advies bedien.

Dit staan bo twyfel dat ons hier nie 'n super-keurkomitee is wat geroepe of geregtig is om sy eie diskresie in die plek te stel van die diskresie van diegene wat volgens

632 Hiemstra noem spesifiek die naam van dr. T.E.W. Schumann, wat, volgens Hiemstra, “kant gekies en probeer druk uitoefen” het, onder andere deur briewe in die pers. Schumann wou tydens die 1956-Akademiesraadsvergadering, toe besluit moes word oor die *Periandros*-toekenning, weet of die Akademiesraad 'n beslissing kon neem na aanleiding van 'n aanbeveling wat gebaseer is op 'n minderheid in die Fakulteitsraad. (Tydens die Fakulteitsraadsvergadering was vyf van die sewe lede aanwesig, waarvan twee lede buite stemming gebly het, twee ten gunste was van 'n *Periandros*-bekroning, en een daarteen gestem het.) (Kyk bladsy 305 en 306.) Twee van die 1964-Fakulteitsraadslede wat ook bewus was van die 1956-omstandighede omdat hulle tóé ook op dié Raad gedien het, was P.J. en G.S. Nienaber. Hiemstra noem dat P.J. Nienaber 'n “sterk voorstander” van die *Silbersteins* was “op grond van letterkundige oorweginge”.

Akademiestatuuat opdrag ontvang het om werke te keur nie. Dat dit so is, blyk uit die feit dat hier verskeie lede sit wat nie literatore is nie en tog uit hoofde van dieselfde Akademiestatuuat hier is. Dit blyk nog sterker uit die feit dat dit nie van hierdie Raad verwag kan word dat hy al die werke wat in aanmerking kom, moet bestudeer nie – nie eens die aanbevole werk nie. Ons het vanweë ’n spesiale besluit hierdie een aanbevole werk gelees, maar ons was nie daartoe verplig nie. Hierdie faktor alleen al stel dit buite kyf dat dit ons taak nie is om die keurkomitee se werk oor te doen en as ’n hoër liggaam van beoordelaars op te tree nie. As ons dit sou doen, sou ons ons aan die wantroue van die Akademie blootstel omdat ons ons funksie nie reg begryp het nie.

Wat dan is ons funksie? Ons is geen rubberstempel nie en ons skuif nie ons verantwoordelikheid op ’n keurkomitee af nie. Ons moet ’n bevinding van deskundiges bekragtig of afwys. Wanneer ek nou verwys na ’n werkmethode wat ons in die howe volg, dan is ek nie besig om juridiese maatstawwe in te sleep in ’n saak waar hulle nie tuis hoort nie. Dit is toetse van algemene billikheid wat in Westerse lande ontwikkel is vir gevalle waar ’n bekragtigende liggaam of ’n liggaam van hersiening minder goed geplaas is om te oordeel as die beoordelaars van eerste instansie.

Die maatstawwe word nie altyd eenders bewoord nie, maar in wese is hulle dieselfde in alle Westerse lande. Hulle dien ewe goed vir die gladde werking van administratiewe masjinerie, hetsy dat iemand se regte op die spel is of nie. Daar is vier toetse wat in hierdie soort situasie die vernaamste is:

1. Het die beoordelaar eerlik sy onpartydige oordeel laat geld, of was daar bymotiewe?

Hier is geen bymotiewe ter sprake nie en geen bymotiewe word aan iemand toegedig nie.

2. Het die beoordelaar sy taak soos dit deur die desbetreffende statuuat bedoel word, reg verstaan en uitgevoer, of het hy faktore laat meetel wat nie ter sake is nie, of het hy aspekte buite beskouing gelaat wat hy in aanmerking moes geneem het?

As bv. in hierdie geval ’n beoordelaar sou gesê het: “Ek het ook daarop gelet of die werk geskik is vir skoolgebruik”, sal sy aanbeveling blootstaan aan afwysing omdat hy ’n irrelevante oorweging laat geld het.

3. Het die beoordelaars gewerk op verkeerde feite wat voor hulle geplaas is of deur hulle eie ondersoek vasgestel is?
4. Is die aanbeveling so onredelik dat geen redelike man dit kon gedoen het nie?

Dit oorvleuel soms [met] die eerste punt van bymotiewe, omdat ’n grof onredelike aanbeveling soms rede verskaf om bymotiewe te vermoed. Dit lyk soms of hierdie toets die deur open vir die bekragtigende liggaam om sy diskresie in die plek van die deskundige s’n te stel, maar dit is in werklikheid nie so nie. Daar was al tallose gevalle waar die bekragtiger of hersiener gesê het: Ek sou waarskynlik nie dieselfde aanbeveling gedoen het nie, maar dit is nie so verregaande onredelik dat ek dit mag afwys nie. Hierdie toets veronderstel dat die hersiener net die growwe, blatante, in die oog springende fout sal keer en nie sal ingryp waar die saak na beide kante verdedigbaar is nie.

Hierdie benadering is deur lange jare beproef en ek wil ernstig waarsku dat ons geen behoorlike keurkomitee weer sal kry as ons nie die onderskeid tussen ons twee funksies in ag neem nie.

Die afsluitingsopmerking van Hiemstra is nie in die notule opgeneem nie, maar verskyn in die aanvanklike getikte weergawe van sy sienswyse (LK 1/9):

Vergun my om hierdie aanbeveling vanuit hierdie standpunt te benader. Van die meerderheid het ons 'n gematigde en gemotiveerde stuk [oor *Sewe dae by die Silbersteins*]. Hulle het hulle taak reg opgevat, hulle het openhartig beraadslaag en daar is geen irrelevante oorweginge te bespeur nie. Hulle aanbeveling kan seer seker nie as grof onredelik of as 'n blatante fout beskryf word nie. Intendeel, dit is oortuigend en spreek van deeglike en gebalanseerde oordeel.

Die Fakulteitsraad, bestaande uit veertien lede, het vervolgens besluit (FRN 1964:26 Mei en 24 Junie):

- om aan te beveel dat die Leroux-tekst bekroon word;
- om dit aan die Akademieraad te stel dat die stemming soos volg was:
 - ▶ ten gunste: 10
 - ▶ nie ten gunste: 4

en dat daar dus, volgens bepaling 14 van die toekenningsprosedure, geen besluit geneem is nie, aangesien dié paragraaf bepaal dat alle besluite tot toekenning van pryse deur die Fakulteitsraad, moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie;

- om, op versoek, die minderheidstemming van proff. D.H. Cilliers, E.P. Groenewald, F.V. Lategan en P.F.D. Weiss te notuleer.

Die genoemde bepaling was alreeds vanaf 1957 van krag⁶³³ toe die Fakulteitsraad bestaan het uit sewe lede (kyk paragraaf 6[a] in die Fakulteitstatute op bladsy 639). In 'n Fakulteitsraad wat bestaan uit sewe lede, was “'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie”, 'n meerderheid van vyf uit sewe, dit wil sê twee-derdes. Indien drie lede in die minderheid sou stem en vier in die meerderheid, was daar nie meer 'n twee-derde meerderheid nie.

Die aantal lede in die Fakulteitsraad is egter vanaf 24 Maart 1961 verhoog na twaalf (FRA 1961: 28 Junie – bylaag A; FJVA 1961: 29 Junie) en sedert 1963 kon dit twaalf tot veertien wees (FRN 1963: 27 Junie; 1964/1965-Fakulteitsjaarverslag).⁶³⁴

633 In die 1956/1957-Hertzogprystoekenningsprosedure was dit bepaling 13 (kyk bylaag R op bladsy 646), maar sedert die 1961/1962-prosedure was dit nommer 14 (kyk bylaag S op bladsy 648).

634 Volgens die buitengewone Fakulteitsvergadering gehou op 24 Maart 1961 en die gewysigde Statuut, is daar tydens die 29 Junie 1961-Fakulteitsjaarvergadering nie 'n Fakulteitsraad bestaande uit sewe lede soos voorheen gekies nie, maar 'n Raad saamgestel uit twaalf lede vir 'n termyn van twee jaar vanaf Julie 1961 tot 27 Junie 1963 (1960/1961-, 1961/1962- en 1962/1963-Fakulteitsjaarverslae; FJVA 1961: 29 Junie; AJVA 1963: 27 Junie). Vanaf 1963 was die opsie daar om twaalf tot veertien lede vir die Fakulteitsraad te benoem: drie raadslede uit Kaapland, drie uit Transvaal, twee uit die Oranje-Vrystaat, een uit Natal (totaal nege), en drie tot vyf wat deur die genoemde nege lede gekoopteer is (1963/1964-Fakulteitsjaarverslag).

Indien bepaling 14 in die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure aangepas is by die vermeerdering in die aantal Fakulteitsraadslede, sou in 'n Fakulteitsraad van veertien, 'n twee-derde meerderheid gevorm word deur nege lede. Aangesien tien persone ten gunste van *Sewe dae by die Silbersteins* was, sou die Fakulteitsraad self, op grond van 'n aangepaste toekenningsprosedure, alreeds 'n aanbeveling van dié werk kon doen. Die verouderde bepaling dat “nie meer as twee lede in die minderheid” moes stem nie (en daar was vier), sou dan nie 'n Fakulteitsraadbesluit kon verhoed nie.

Bepaling 12(a) van die geldende toekenningsprosedure (kyk bladsy 652), het verwysing na 'n Breë Komitee voorgeskryf in gevalle waar die Keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, “hetsy eenstemmig, hetsy deur meerderheid- en minderheidsaanbeveling”. **Die Fakulteitsraad het weer, soos tydens hulle 17 April 1964-vergadering, nié volgens hierdie bepaling opgetree nie** – 'n handeling wat deur P.C. Schoonees, wat die minderheidsverslag ten gunste van Boerneef ingedien het, bevraagteken is in sy briewe van 22 Junie en 3 Augustus 1964 (LK 1/9). Laasgenoemde navraag van Schoonees is eers op 13 Januarie 1965 deur die Akademiesekretaris beantwoord deur daarop te wys dat die Akademiesraad die prys toegeken het soos deur die oorspronklike skenkingsakte bepaal, en nie volgens die regulasie waarna Schoonees verwys nie (LK 1/10). **Die bepalings van die skenkingsakte is met reg hoër geag as die Hertzogprystoekenningsprosedure, maar die negering van laasgenoemde het onsekerheid laat ontstaan oor die status en afdwingbaarheid daarvan.**⁶³⁵

Later die oggend van 26 Mei 1964 het die Akademiesraad byeengekom – ook vir 'n buitengewone vergadering. Volgens Hiemstra (1968:2) was die minderheid van die Fakulteitsraad “nog onbewus van die bevinding oor die ongeldigheid van die reglement”, en “het geglo dat hulle gewen het, want drie was genoeg om die saak te verongeluk”. Die tien raadslede wat teenwoordig was, het kennis geneem van die 1963/1964-toekenningsprosedure, die skenkingsakte, die Keurkomitee se aanbeveling en die Fakulteitsraad se besluit wat kort tevore geneem is (ARA 1964: 26 Mei – bylae A, B, C en D), asook 'n verslag deur Hiemstra, getiteld “Hertzogprys” (ARN 1964: 26 Mei – bylaag B). In laasgenoemde noem hy sekere wysiginge⁶³⁶ wat ingetree het, naamlik

- bepaling 12(c), waarin gesê word dat die **Fakulteitsraad** die prys **toeken**;
- bepaling 14 wat 'n vetoreg gee aan drie Fakulteitsraadslede wat in die minderheid stem, en
- bepaling 16 wat dit stel dat die besluit van die Fakulteitsraad onderworpe is aan **bekragtiging** deur die **Akademiesraad van wie die werklike toekenning uitgaan**.

635 Vir die 1949-Prosaprys is die toekenningsprosedure ter syde gestel ten gunste van die Akademiesraadsgesag (kyk eindnota 51 op bladsy 536).

636 Hiemstra merk op dat hierdie wysiginge tot stand gekom het as deel van die algemene reorganisasie van 1961, en dat dit vanaf 1962 in werking getree het (bylaag S op bladsy 648). Dit was egter alreeds as bepaling 12(c), 13 en 15 vanaf 1957 geldig (kyk bladsy 311 en bylaag R op bladsy 646).

Dat die “toekenning” van die prys kon geskied deur die Fakulteitsraad, maar die “werklike toekenning” deur die Akademieraad, het hy met reg as “volkome duister” beskryf.

Verskeie raadslede het gewys op die huishoudelike toekenningsprosedure waarvolgens toekennings in die verlede gedoen is en die vraag het ontstaan of die Akademieraad in hierdie bepaalde geval daarvan wou afwyk, of dit wou wysig, wat ’n presedent sou skep. Ander raadslede het egter gemeen dat die Raad die hoogste gesag gehad het en dat die skenkingsakte die uitgangspunt moes wees, want daarvolgens het die toekenning van die Hertzogprys by die Akademieraad as kuratore berus. Die skenkingsakte en die teenstrydighede in die toekenningsprosedure in ag genome, moes die Akademieraad in hierdie geval self oor die prys besluit. (ARN 1964: 26 Mei.) Volgens Hiemstra (1968:2) is die advies met ses stemme teen vier aanvaar dat die reglement ongeldig is.⁶³⁷ Die Akademieraad het die volgende besluite geneem (ARN 1964: 26 Mei):

- Die Akademieraad bevestig dat dit geensins afstand gedoen het van sy bevoegdhede volgens die skenkingsakte nie en dat hy ’n prosedure het waarvolgens die Hertzogprys toegeken word.
- Die toekenning van die Hertzogprys moes op meriete deur die Raad oorweeg word.
- Prof. A.P. Grové, Voorsitter van die Keurkomitee, moes gevra word om voor die Raad te verskyn om die verdienstes van die boek te stel.

Tydens die tweede sitting van die Akademieraad die volgende dag, het Grové die toekenning aan Leroux gemotiveer. Die Akademieraad het besluit om *Sewe dae by die Silbersteins* te bekroon met ’n stemming van ses daarvoor, drie daarteen en een persoon wat buite stemming gebly het. (ARN 1964: 27 Mei.) Die persaankondiging in verband met die toekenning is gedoen op 27 Mei 1964 – presies 50 jaar nadat die skenkingsakte onderteken is.

’n Hewige polemieek het losgebreek. Serfontein (1970:85) beskryf dit soos volg:

Die toekenning van die Hertzog-prys vir prosa in 1964 aan die skrywer Etienne Leroux vir sy werk *Sewe Dae by die Silbersteins* het ’n proses ontketen wat sou lei tot ’n skerpe verdeling onder kultuurleiers en wat ook in die politiek en kerklike kringe opslae sou maak.

Dit was ’n waterskeiding, die beginpunt van waar die paaie van Afrikaner-kultuurleiers onherroeplik uitmekaar sou loop; die voorloper van die “kulturele” en latere politieke botsings. Dit was dus nie net ’n letterkundige twis nie: politiek, godsdiens en die sedes is almal bygesleep.

Ná die *Silbersteins*-toekenning het die onsekerheid oor die status van die Hertzogprys-toekenningsprosedure voortgeduur. **Die Akademieraad het tydens die vergadering van 24 Junie**

637 Geen bevestiging hiervan kon in die Akademieraadsnotule gekry word nie.

1964 besluit dat hy nie saamstem dat hy sy gesag op 'n omgekeerde wyse as wat tóe die geval was, moes uitoefen nie, naamlik by die benoeming van die Keurkomitee en nie by die behandeling van die verslag nie (ARN 1964: 24 Junie). Tydens die algemene huishoudelike jaarvergadering van die Akademie die volgende dag, is die hele kwessie rondom die prosedure, onder andere die vetoreg en die bepaling wat nie aangepas is by die verhoogde aantal Fakulteitraadslede nie, asook die weerspreking in die bepalings, bespreek (AJVN 1964: 25 Junie).

Die vyftigjarige bestaan van die Hertzogprys was ook die onderwerp van P.J. Nienaber se voorsittersrede tydens die Fakulteitsjaarvergadering die oggend van 25 Junie 1964 by die Universiteit van Pretoria. Hy het opgemerk (Nienaber 1965a: 153):

Die Hertzogprystoekennings en ook die Akademie was dikwels die skyf van ernstige, selfs emosionele kritiek. Die storm het egter telkens oorgewaai. Die Akademieraad het steeds waardig opgetree en nooit amptelik deelgeneem aan enige kritiek of polemiekie nie. Die Akademie rem nie, en as 'n boek die prys verdien, word dit op die aangewese tyd toegeken. Die Akademie het hom nog nooit laat voorskryf nie, nooit in die verlede nie, nooit in die hede nie en nooit in die toekoms nie, *solank soos die opdrag van genl. Hertzog, soos bepaal in die Skenkingsakte na die letter en die gees uitgevoer word*. Dit is die Akademie se taak, simpel en duidelik, en dit moet die kritici ook aanvaar, of hulle nou daarvan hou of nie.

Tydens die Akademie se onderhoud met kerke op 13 Augustus 1964,⁶³⁸ het van die afgevaardigdes hulle ongelukkigheid daarvoor uitgespreek dat daar aan hulle gesê is dat die Akademie hom nie laat dikteer nie. Nienaber het verduidelik dat sy woorde nie uit verband geruk moes word nie en gewys op sekere publikasies se weglating van sy motivering, naamlik dat dit nie sal gebeur “solank die opdrag van generaal Hertzog soos bepaal in die skenkingsakte na die letter en die gees uitgevoer word” nie. (ARA 1964: 30 Oktober – bylaag J: 21, 23, 26-28, 41). Hy merk onder andere op:

En die uitgangspunt hier was die druk wat op die Akademie uitgeoefen is van buite af deur letterkundiges, ek sal die naam noem van dr. Van Rensburg. In Maartmaand al, die 16de Maart, het hy in Bloemfontein begin met sy aanvalle. In die Vaderland het hy dit ook gehad. Hy het o.a. hierdie sin gebruik: Waarom kan die Akademie nie 'n slag op verbeeldingryke wyse die groot vernuwingsbewegings in die letterkunde meemaak nie? Waarom moet hy altyd 'n rekskoen [sic] wees? My hele teks [voorsittersrede] was gebaseer op dr. Van Rensburg, laat ek u reguit sê, en daarom het ek hierdie woord gesê: die Akademie het hom nog nooit laat voorskrywe nie, nooit in die verlede nie, nooit in die hede nie, nooit in die toekoms nie.

638 Die Akademie het talle beswaarbriewe ontvang (LK 1/9) en selfs onderhoude aan buite-instansies toegestaan, soos die Sinodale Kommissies vir Openbare Sedelikheid van die N.G. Kerk en Gereformeerde Kerk en die Sinodale Jeugkommissie van die N.G. Kerk (ARA en ARN 1964: 30 Oktober – ook bylaag J; ARUKA en ARUKN 1964: 17 November).

Tog het Nienaber tydens sy voorlegging aan die Uitvoerende Komitee en die Akademieraad vier maande tevore, op onderskeidelik 29 en 30 April 1964, dit wil sê ná 16 Maart:

- die Van Rensburg-wenke beskou as tekenend van Akademielede en buitestaanders se belangstelling in die toekenningsprosedure, en
- die twee voorstelle wat Van Rensburg in sy 30 Maart 1964-briewe gemaak het, net so geïnkorporeer by sy eie voorlegging.

Van Rensburg wou op 9 Julie 1964 weet of sy brief oor die Hertzogprys-“bekroningsmasjinerie” nog in die *Nuusbrief* sou verskyn, en, indien daar téén publikasie besluit is, wat van die voorstelle daarin vervat, geword het (LK 1/9). Goosen laat weet op 21 Julie 1964 dat die Akademieraad besluit het om voortaan briewe in die *Nuusbrief* te plaas, dat ’n Komitee benoem is om oor die Hertzogprysprosedure te besin, en dat Van Rensburg se voorstelle deur die Raad oorweeg en na dié Komitee verwys is. Hulle aanbevelings sou volledig in die *Nuusbrief* gepubliseer word nadat die Akademieraad dit goedgekeur het. Aangesien die hele saak in daardie stadium in hersiening geneem is, het die Raad besluit om nié Van Rensburg se brief te plaas nie (LK 1/9).

Tydens die Akademie se onderhoude met die kerke in verband met die *Silbersteins*-toekenning, het A.J.A. Roux, die Akademieraadsvoorsitter, verklaar dat, wat die prosedure betref, die Akademie niks het om weg te steek nie (ARN 1964: 30 Oktober – bylaag J, p. 23).

Die kwessie rondom vertroulikheid van Akademiesedokumente is ook geopper teen die agtergrond van die *Silbersteins*-bekroning. Weiss het tydens die 27 Mei 1964-Akademiesedraatsvergadering kennis gegee dat hy op die volgende raatsvergadering sou praat oor moontlikhede om die vertroulike aard van raatsbesluite te bewaar (ARN 1964: 26 en 27 Mei) – ’n kwessie wat inderdaad tydens die Akademiesedraatsvergadering van 24 Junie 1964 bespreek is (ARN 1964: 24 Junie). By laasgenoemde vergadering het die Akademiesekretaris gesê die feit dat keurkomitees van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe nie vergader nie,⁶³⁹ in ’n groot mate daarvoor verantwoordelik is dat streng vertroulike inligting soos besprekings, besluite en stemming algemeen rugbaar word. Volgens prof. Kempen het die omstandighede waaronder die toekenning van pryse geskied (bespreking met kollegas, ens.), totale geheimhouding onmoontlik gemaak. Die Akademieraad het dit aan sy Uitvoerende Komitee opgedra om die saak te ondersoek en praktiese wenke uit te werk waardeur geheimhouding verbeter kon word. Op sy vergadering van 10 Augustus 1964 het die Uitvoerende Komitee besluit dat die volgende werkwyse toegepas moes word om dit te bewerkstellig (ARUKN 1964: 10 Augustus):

639 In ’n brief aan die Akademie vroeër daardie maand, op 1 Junie 1964, het prof. Geoff Cronjé dit onder andere bepleit dat die tientalle Akademiesekomitees verval wat in die reël nie vergader nie, en in die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe vervang word deur vier kommissies wat gereeld vergader (ARUKA 1964: 9 September – bylaag E).

- In die briewe waarin keurkomiteelede verwittig word van hulle benoeming, moes beklemtoon word dat die keuring vertroulik is.
- Alle keurkomitees moes vergader en geheimhouding moes sterk beklemtoon word op die vergaderings.
- Die name van keurkomiteelede moes geheim gehou word totdat die Akademiesraad oor die toekenning besluit het.
- Bekendmaking van die toekenning na buite moes slegs deur die Sekretaris gedoen word.

6.5.1.2 1965

Die Hertzogprysprosedure is nie uitgeklaar voordat die 1965-Hertzogprystoekenning vir Poësie op hande was nie. Nog voor die Fakulteitsraad op Vrydag 23 April 1965 oor die Poësieprys sou vergader, vra P.J. Nienaber, die Voorsitter daarvan, of die Uitvoerende Komitee die Saterdag kon vergader indien daar probleme by die Fakulteitsraad opduik met die Hertzogprys. A.J.A. Roux merk op dat, indien daar meer as een naam aan die Fakulteitsraad voorgelê word, die aanbeveling na 'n Breë Komitee verwys moes word. (ARUKN 1965: 22 April.) Roux het dus die normale gang van die toekenningsprosedure veronderstel, terwyl Nienaber moontlike optrede deur die Uitvoerende Komitee voorsien het.

'n Uur voordat die Fakulteitsraadsvergadering sou plaasvind waartydens daar besluit moes word oor die 1965-Hertzogprys vir Poësie, het die Komitee insake die Hertzogprysregulasies in die Engelenburghuis vergader: prof. P.J. Nienaber (Voorsitter), G.J. Beukes en P.F.D. Weiss. Prof. W. Kempen was in daardie stadium oorsee. Weiss het daarop gewys dat die regulasies van nuuts af opgestel sou moes word omdat die Akademiesraad die bestaande regulasies die vorige jaar “van die tafel af gereël het”. Nienaber het saamgestem dat die bestaande regulasies slegs as 'n leidraad kon dien. Aanvanklik is op die volgende besluit:

- Die regulasies van die Hertzogprys en die Akademieprys vir Vertaalde Werk moes geskei word.
- Die geskiedenis van die Hertzogprys moes in ag geneem word.
- Die geskiedenis het bewys dat elke geval op eie meriete behandel moes word.
- Die regulasies moes slegs as 'n handleiding dien terwyl die skenkingsakte as uitgangspunt geneem word.
- Die Akademiesraad benoem 'n Keurkomitee om hom te adviseer.
- Die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe kon 'n aanbeveling by die Akademiesraad doen.
- Die Akademiesraad ken die prys toe al dan nie.

Daarna is die tóe geldende regulasies (bylaag T op bladsy 651) puntsgewys behandel en gewysig:

- bepaling 2, 5, 6, 7 en 9 is onveranderd gelaat;
- ten opsigte van die prysgeld is besluit dat die Akademie gebonde was aan die skenkingsakte en dat die bedrag nie 'n regulasie moes wees nie;
- bepaling 3 het verval en in bepaling 4 is die verwysing na die Akademieprys vir Vertaalde Werk deurgehaal;
- die Akademieraad moes bepaling 8 eenparig wysig (dit het bepaal dat, indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroningswaardig geag word nie, bekroning kon geskied ten opsigte van 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit het om 'n toekenning te regverdig);⁶⁴⁰
- die aantal deskundiges op die Keurkomitee is **verminder van vyf na drie**;
- die naam “Keurkomitee vir Letterkunde” moes verander word na “Keurkomitee Hertzogprys”.

Weens tydsdruk is bepaling 11 tot 16 nie bespreek nie.

Die goedgekeurde bepaling 7 (dat bekronings strek oor die tydperk van die drie kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind), is nie só opgeneem in die latere keurkomiteehandleiding nie (kyk bladsy 391). **Alhoewel bepaling 9 (die “stygende lyn”-bepaling) goedgekeur is, verskyn dit glad nie in die latere konsepreglement, reglement of keurkomiteehandleiding nie – 'n toedrag van sake wat sou lei tot heelwat verwarring** (kyk bladsy 397, 399 en 439). Dis onbekend of hierdie bepaling uitgelaat is weens onnoukeurigheid, of omdat dit nie in ooreenstemming was met die skenkingsakte (wat bepaal dat die beste letterkundige werk bekroon word) nie.

Tydens die Fakultetraadsvergadering net daarna (die oggend van Vrydag 23 April 1965), het Weiss genoem dat die Akademieraad besig was om die Hertzogprysreglement te hersien. Hiemstra wys daarop dat daar in daardie stadium geen reglement bestaan het nie aangesien die Akademieraad die reglement die vorige jaar ongeldig verklaar het. Volgens Hiemstra sou dit 'n groot flater wees as die Fakulteitsraad volgens die ou reglement handel, maar dat dit die Fakulteitsraad vrystaan om die saak te bespreek. Hiemstra was van mening dat die aanbeveling van die Keurkomitee nie aanvaar kon word nie aangesien 'n komitee wat slegs uit drie persone bestaan, te klein was om oor so 'n belangrike saak te beslis, en dat die Akademieraad die Keurkomitee se aanbeveling aan 'n groter komitee moes voorlê. Volgens Hiemstra het die Keurkomitee, bestaande uit prof. A.P. Grové, dr. Ernst van Heerden en Elize Botha, dit duidelik gestel dat hulle nie in staat was om 'n keuse te doen nie. (FRN 1965: 23 April; FRA 1965: 27 Augustus.) Hulle het 'n verdeling van die

640 Hiemstra het later, tydens die 1 Julie 1965-vergadering van die Hertzogprysregulasiekomitee, ook daarop gewys dat bepaling 7 in die konsepreglement se keurkomiteehandleiding, wat 'n “oeuvrebekroning” moontlik maak, in stryd kon wees met die skenkingsakte (kyk bladsy 381).

prys tussen *Dolosse* (D.J. Opperman) en *Tristia* (N.P. van Wyk Louw) voorgestel. Daar was onder Fakulteitsraadslede onsekerheid of bepaling 12(a), wat die aanwys van 'n Breë Komitee noodsaak indien meer as een skrywer aanbeveel word, nog geldig is. Hulle het die Keurkomitee se aanbeveling aanvaar, maar voorgestel dat dit na 'n Breë Komitee verwys word indien die Akademiesraad wou sien dat die Hertzogprys net aan een persoon toegeken word.

Gerhard Beukes, ondersteun deur dr. F.F. Odendal, het die mening uitgespreek dat hoe groter 'n Letterkundige Komitee is, hoe groter die verwarring. Die drie lede van die Keurkomitee het nie verskil nie – dit was 'n eenparige verslag en Beukes kon geen rede sien waarom die prys nie verdeel kon word nie. Volgens Beukes het die Akademiesraad die drie keurkomiteeledes aangewys en was dit hulle plig om die mosie van vertroue in hulle te bevestig.

Die volgende dag, Saterdag 24 April 1965, is daar toe wel 'n buitengewone vergadering van die Uitvoerende Komitee gehou. Roux het as Voorsitter daarop gewys dat die Akademiesraad nie die vorige jaar die regulasies as sodanig ongeldig verklaar het nie, maar gewys het op sekere teenstrydighede en as gevolg daarvan die besluit geneem het in verband met *Silbersteins*. Die Uitvoerende Komitee moes in die geval van dringende sake besluite neem, veral as hy dink die besluit strook met die algemene gevoel van die Akademiesraad. Aangesien die Uitvoerende Komitee onseker was oor die Akademiesraad se standpunt, is die aanbeveling na hulle verwys. Hiemstra is op die Komitee insake Hertzogprysregulasies (soms na verwys as “Wysigingskomitee”) gekoöpteer aangesien Kempen in die buiteland was. In medewerking met Nienaber moes Hiemstra konsepregulasies opstel om aan die Komitee voor te lê, wat dit in finale vorm aan die Akademiesraad moes voorlê op 8 Mei 1965. (ARUKN 1965: 24 April.) Dit het egter nie betyds gerealiseer nie (ARN 1965: 8 Mei).

Verwarrende menings oor die geldigheid van die Hertzogprysprosedure en of dit net geldig was vir die Fakulteitsraad, met die Akademiesraad wat gebonde was aan die skenkingsakte, is tydens die 8 Mei 1965-Akademiesraadsvergadering uitgespreek. Ook die geldigheid en wenslikheid van 'n prysverdeling is beredeneer. Uiteindelik is besluit om die aanbeveling voor 'n Breë Komitee te lê waarop onder andere F.I.J. van Rensburg benoem is. (ARN 1965: 8 Mei.) Sewe lede daarvan het vir *Tristia* gestem, twee vir *Dolosse* en een lid vir albei, waarop die Fakulteitsraad eenparig besluit het om *Tristia* by die Akademiesraad aan te beveel (FRN 1965: 30 Junie). Tydens 'n vergadering gehou op 30 Junie 1965 in die Senaatsaal van die Potchefstroomse Universiteit se Administrasiegebou, het die Akademiesraad eenparig besluit om die aanbeveling te bekragtig en dat

'n persverklaring uitgereik moes word nadat van Louw verneem is of hy die prys sou aanvaar (ARN 1965: 30 Junie).⁶⁴¹

Tydens hierdie Akademierraadsvergadering is die volgende besluite geneem met betrekking tot die Hertzogprystoekenningsprosedure:

- Die lede van die Keurkomitee sou in die toekoms versoek word om 'n vorm te onderteken waarin hulle onderneem om streng geheimhouding te handhaaf. Die Uitvoerende Komitee is versoek om dié nuwe prosedurevorm te ontwerp.
- **Keurkomiteeledes moes van tyd tot tyd wissel.**
- Die Komitee wat belas was met die opstel van die nuwe regulasies moes hulle werk so gou moontlik afhandel sodat die Akademierraad dit einde Augustus of begin September 1965 kon oorweeg.
- Die Akademierraad moes voortaan vier keer per jaar vergader.

Die Akademierraad het ook versoek dat die Hertzogprysregulasies voor die volgende Akademierraadsvergadering hersien moes word (ARN 1965: 30 Junie). Die Komitee wat daarvoor aangewys is, het die volgende dag al, op Donderdagnmiddag 1 Julie 1965, in die Potchefstroomse Universiteit se Frans du Toitgebou vir Lettere vir dié doel byeengekom. Teenwoordig was proff. P.J. Nienaber (Voorsitter), G.J. Beukes en W. Kempen, asook regter V.G. Hiemstra, mnr. Goosen (Akademiedirekteur)⁶⁴² en mnr. V.P.B. Horne as Sekretaris.⁶⁴³ Prof. P.F.D. Weiss was afwesig aangesien hy nie bewus was van die vergadering nie omdat dit belê is ná sy vertrek. Dit is opvallend dat, ten spyte van soveel vrae in verband daarmee, die Hertzogprystoekenningsprosedure op 23 April 1965, net 'n uur voor die Fakulteit-raadsvergadering waartydens besluit moes word oor die 1965-Poësieprys, bespreek is (kyk bladsy 377), en nou tydens 'n vergadering wat op so 'n kort kennisgewing belê is dat Weiss, wat voorheen gewys het op die belangrikheid van die saak (kyk bladsy 369), nie eers daarvan geweet het nie.⁶⁴⁴

Tydens hierdie vergadering is 'n konsepreglement wat regter Hiemstra opgestel het, bespreek. Hy het daarop gewys dat bepaling 7, wat 'n "oeuvrebekroning" moontlik maak, in stryd kon wees met die skenkingsakte en, indien dit 'n strydpunt sou wees, die Akademierraad bevoeg was om

641 Louw het in 1937 die Hertzogprys geweier (kyk bladsy 169). Ná die besluit om *Germanicus* in 1960 met die Hertzogprys te bekroon, is Louw eers genader om uit te vind of hy die prys sou aanvaar (kyk voetnota 568 op bladsy 319 en eindnota 62 op bladsy 541).

642 Die Akademiesekretaris is vanaf 1 Julie 1965 bevorder tot Direkteur (FRN 1965: 27 Augustus).

643 Mnr. V.P.B. Horne het op 5 April 1965 diens aanvaar as Assistent-sekretaris (ARUKN 1965: 25 Februarie) en die Akademie se diens op 31 Desember 1965 verlaat (ARUKA 1966: 27 Januarie).

644 Volgens die notule sou dit die Akademie baie koste bespaar as die werk tydens hierdie vergadering afgehandel kon word.

eenparig die skenkingsakte te verander. Hiemstra se konsepreglement, met wysiginge, is oorgetik op 30 Julie 1965 en as bylaag aangeheg by die notule van hierdie 1 Julie 1965-vergadering. Etlike kleiner veranderinge⁶⁴⁵ is aangebring op die weergawe wat oorgetik is op 3 September 1965, en tydens die Akademierraadsvergadering van 10 September 1965 is besluit op nog 'n paar kleiner wysigings wat gelei het tot die konsepreglement soos oorgetik op 18 Oktober 1965 (ARN 1965: 10 September – bylaag C; kyk bylaag U op bladsy 653). Laasgenoemde weergawe, alhoewel 'n “konsepreglement” genoem, is waarskynlik aan die keurkomiteelede vir die 1966-Dramaprys verskaf (hulle het die konsepreglement se bylaag A as handleiding ontvang – kyk bladsy 389).

Die rol van die Fakulteitsraad, soos uitgedruk in hierdie konsepreglement, staan in skrilte kontras met die menings wat regter Hiemstra die vorige jaar geuiter het en wat toe spesifiek genotuleer is vir toekomstige leiding aan die Fakulteitsraad (kyk bladsy 370). Toe het hy onder andere opgemerk:

- dat die Fakulteitsraad “vir sy leiding” ’n deskundige Keurkomitee benoem;
- dat daar nie van die Fakulteitsraad verwag kan word om al die werke wat in aanmerking kom, te bestudeer nie – “nie eers die aanbevole werke nie”;
- dat dit nie die Fakulteitsraad se taak is om die Keurkomitee se werk oor te doen en as ’n hoër liggaam van beoordelaars (’n “super-keurkomitee”) op te tree nie;
- dat, indien hy dit doen, hy nie sy “funksie reg begryp het nie”.

Hiemstra het dus die rol van die Fakulteitsraad gesien as ’n liggaam wat ’n besluit bekragtig of hersien, maar nie sy diskresie laat geld in die plek van die Keurkomitee s’n nie. Hierteenoor word daar in die 1965-konsepreglement aan die Fakulteitsraad die opsie gegee om sy eie diskresie te stel bo dié van die Keurkomitee deurdat hy:

- kon voorstel dat die prys toegeken word “aan iemand anders as die deur die Keurkomitee voorgestelde persoon” (bepaling 4[a][ii]);
- kon besluit aan watter individu⁶⁴⁶ die prys toegeken word indien die Keurkomitee verdeling van die prys voorstel (bepaling 4[a][iii]);
- kon aanbeveel dat ’n Breë Komitee benoem word “om ’n aanbeveling of ’n bepaalde gesigspunt daarvan opnuut [te] oorweeg” (bepaling 4[a][iv]), in teenstelling met die tot nog toe heersende bepaling 12(a) dat so ’n Komitee benoem moes word nêr indien meer as een skrywer aanbeveel is.

Om hieraan uitvoering te kon gee, sou die Fakulteitsraad juis die boeke (hopelik) moes bestudeer.

645 In bepaling 4(a)(iv) is die afkorting BLK uitgeskryf as “Breë Letterkunde Komitee”, en in bepaling 5 is die woorde “maar nie dwingende” ingevoeg, sodat dit gelees het: “’n Voorstel van die keurkomitee dat die prys tussen twee of meer persone verdeel moet word, is voldoende maar nie dwingende grond vir hersiening”.

646 Dit is só geformuleer in die reglement, terwyl dit al voorheen uitgeklaar is dat die klem val op die werk en nie die skrywer nie.

P.J. Nienaber se sienswyse oor die rol van die Keurkomitee, Breë Komitee en Akademieraad, wat ooreengestem het met Van Rensburg s'n, is die vorige jaar voorgelê aan die Uitvoerende Komitee (wat die aanbevelings op 29 April 1964 gesteun het), en die Akademieraad (wat dit op 30 April 1964 tydelik vir bespreking uitgestel het) (kyk bladsy 369). Hierdie sienswyse verskil drasties van die uitgangspunte in die konsepreglement waaraan Nienaber help meewerk het:

- Met betrekking tot die **Keurkomitee** het Nienaber in 1964 die volgende voorgestel:
 - ▶ Ken aan hulle die reg tot 'n meerderheidsbeslissing toe. Volgens bylaag A by die konsepreglement, naamlik die keurkomiteehandleiding, kon die Keurkomitee 'n meerderheidsaanbeveling maak, maar kon die minderheid ook 'n verslag of verslae instuur (bepaling 8 en 10). Die Akademieraad se hantering van die saak indien meerderheid- en minderheidsverslae ontvang word, is nie in die konsepreglement uitgespel nie, maar die Akademieraad behou hom die reg voor om “na goeddunke” te besluit.
 - ▶ Die Akademieraad moes uitvoering gee aan die Keurkomitee se aanbeveling. Die konsepreglement bepaal egter dat die keurkomitee aanbeveling eers dien voor die Fakulteitsraad en moontlik ook 'n Breë Komitee voordat dit by die Akademieraad kon uitkom, in welke geval die Akademieraad in elk geval 'n besluit “na goeddunke” kon neem.
- Nienaber se 1964-sienswyse het geïmpliseer dat die **Breë Komitee** verval (kyk bladsy 368). Die konsepreglement het voorsiening gemaak vir die aanwys van 'n Breë Komitee deur die Fakulteitsraad of die Akademieraad, wat regstreeks aan die Akademieraad moes verslag doen (bepaling 4[a][iv], 4[b], 4[d]).
- Die **Akademieraad** het, volgens Nienaber se 1964-voorlegging, nie die deskundigheid van 'n Keurkomitee nie (kyk bladsy 367). Volgens die konsepreglement is aan die Akademieraad nog meer mag as aan die Fakulteitsraad gegee deurdat hulle
 - ▶ hersiening kon laat plaasvind al het die Fakulteitsraad dit nie aanbeveel nie (bepaling 4[c]);
 - ▶ die Breë Komitee soos voorgestel deur die Fakulteitsraad, “met of sonder verandering” kon benoem (bepaling 4[c]);
 - ▶ volle besluitnemingsgesag gekry het deurdat hulle “na goeddunke” kon besluit – 'n frase wat herhaal is (bepaling 4[b] en [d]).

Hierdie bepaling in die konsepreglement kom ooreen met vertolking (ii) in Nienaber se 1964-voorlegging waarvolgens die Akademieraad die keurkomitee aanbevelings as “gemotiveerde advies” beskou en die prys na goeddunke toeken (kyk bladsy 366). Nienaber was tóé van mening dat met hierdie uitgangspunt die Akademieraad “hom òf moet laat lei deur die oordeel van een of twee kenners van die betrokke vakrigting wat toevallig in die Raad dien òf dat raadslede hulle uitspreek oor 'n saak wat buite hulle eie deskundige kennis lê” (kyk bladsy

367). Hyself het beaam dat toekenning “volgens die stem van leke”, ’n “kernfout” in die prosedure is (kyk bladsy 366).

Die konsepreglement spesifiseer ook dat die Keurkomitee van drie lede, asook die Voorsitter daarvan, jaarliks deur die Akademieraad benoem word (bepaling 3). Die Fakulteitsraad sou nie meer seggenskap daarin hê soos voorheen nie.

Bykomend tot die magte verleen aan die Breë Komitee, die Fakulteitsraad en Akademieraad met betrekking tot die keurkomiteeverslag, het die konsepreglement die volgende gestipuleer (bepaling 6):

As die Akademievoorsitter die saak dringend ag, mag die dagbestuur⁶⁴⁷ van die Akademieraad die nodige stappe vir hersiening doen na raadpleging met soveel ander lede van die raad as wat redelikerwys per telefoon of brief bereik kan word.

Met hierdie konsepreglement is die hele proses eerder gekompliseer as vereenvoudig.

Twee bepalings in die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure wat nié in hierdie konsepreglement neerslag vind nie, is bepaling 13 (wat gestipuleer het dat die Hertzogprys slegs toegeken word aan Suid-Afrikaanse burgers) en bepaling 14 (die “vetoreg”-bepaling).

’n Nuwe Akademieraad is in Julie 1965 verkies toe die jaarvergadering in Potchefstroom gehou is: prof. P.J. Nienaber (Voorsitter), dr. S.M. Naudé (Ondervoorsitter), proff. G. Beukes, H.L. de Waal, S. du Toit, C.F.B. Hofmeyr, W. Kempen, W.J. Pretorius, regter V.G. Hiemstra en dr. A.J.A. Roux. Nienaber is as Fakulteitsraadvoorsitter herkies.

Die Hertzogprys se 50-jarige bestaan is vanaf Oktober 1965 tot April 1966 feestelik herdenk. As deel daarvan⁶⁴⁸ is *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965) deur P.J. Nienaber gepubliseer. ’n Brief van F.I.J. van Rensburg het in die Desember 1965-uitgawe van die Akademie se *Nuusbrief* (SAAWEK 1965:42-44) verskyn.⁶⁴⁹ Daarin merk hy op dat die deurlees van hierdie boek hom opnuut daarvan oortuig het dat die Akademie met ’n “onnodig ingewikkelde bekroningsmasjien werk”:

647 Waarskynlik bedoelende die Uitvoerende Komitee.

648 Die herdenking het verder feesvieringe en die herpublikasie van bekroonde werke ingesluit, asook die uitgee van ’n feesalbum, foto-album en strookfilm.

649 Hy het later, in sy diepte-artikel in *Beeld* van 22 Mei 1966, verwys na menings in hierdie brief wat “binne Akademiegeledere” geuiter is (kyk bladsy 411).

Daar is nie minder as vier instansies wat by ’n bekroning te pas kan kom nie. Toegegee: in die verlede is ’n paar flaters verhoed deur hierdie stelsel van “slikdamme”, maar uit dr. Nienaber se oorsig blyk dit ewe duidelik dat dit méér kere gebeur het dat die Akademie in die maalstroom beland het a.g.v. hierdie veelheid van aanbevelende, arbitrerende en beslissende instansies.

As die “tekens van die tyd” reg gelees word, was Van Rensburg van mening dat dit in die afsienbare toekoms in verskerpter mate die geval sou wees, en dat die Akademie ’n pynlike situasie vir homself en die Afrikaanse letterkunde kon afweer deur betyds aandag aan die bekroningsprosedure te gee.⁶⁵⁰ Hy herhaal sekere menings wat hy vroeër uitgespreek het, maar raak ook etlike ander aspekte aan met betrekking tot die meriete van elk van die vier “instansies”, naamlik die Keurkomitee, die Breë Komitee, die Fakulteitsraad en die Akademiesraad.

Die “Letterkundige Kommissie” beskou hy as “die liggaam wat potensieel toegerus is om die hele saak volledig te hanteer en finaal af te handel”, en hy dui ’n belangrike rede aan waarom die saak nie meer dikwels reeds hier besleg is nie, naamlik die opdrag aan hulle. Hy haal aan uit die 1961/1962-toekenningsprosedure soos wat dit in *Die Hertzogprys vyftig jaar* verskyn het (1965a:36-37), en waarvan hy as lid van die 1962-Keurkomitee bewus was (kyk bylaag S en T op bladsy 648 en 651 onderskeidelik):

Van die keurkomitee word verwag om by voorkeur een skrywer, maar hoogstens drie skrywers, aan te beveel wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir (die prys). Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam voorstel, staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui.⁶⁵¹

Van Rensburg was oortuig daarvan dat daar meer dikwels in die verlede reeds in hierdie eerste ronde tot finaliteit gekom sou kon word as die opdrag aan die Keurkomitee gelui het dat hy die beste bekroningswaardige **boek** of **boeke** in die betrokke periode moes voorlê:

Die feit dat ’n “agterdeur” vir die Kommissie oopgehou word, nl. die moontlikheid van beroep op ’n Breë Letterkundige Komitee, bring mee dat makliker genoeë geneem word met die feit dat die Kommissie nie dadelik eenstemmigheid of finaliteit kon bereik nie.

650 Vyf maande later, in sy 22 Mei 1966-berig in *Beeld*, merk F.I.J. van Rensburg op dat hy hierdie woorde bedoel het “as tydige waarskuwing” met die oog op die 1967-Hertzogprys vir Prosa, maar nie beseft het “dat die waarskuwing reeds so gou van toepassing sou wees nie” – bedoelende die 1966-Hertzogprys vir Drama.

651 Van Rensburg het bepaling 10(a) soos geldig gedurende 1962 en 1963 aangehaal. Vanaf 1964 het hierdie bepaling dit gestel dat hoogstens **twee** skrywers aanbeveel kon word, en dat, indien meer as een persoon voorgestel word, die aanduiding van rangorde van verdienste **verpligtend** is. (Kyk bylaag T op bladsy 651.)

Hiermee plaas Van Rensburg tereg die klem op die **werk** en nie op die **skrywer** nie. Vir die 1938-Dramaprys, byvoorbeeld, was die prosedure dat die name van hoogstens drie verdienstelike **werke** genomineer kon word (kyk bladsy 172). Ongelukkig is daar sedert die 1946/1948-toekenningsprosedure (kyk bylaag Q op bladsy 645) bepaal dat hoogstens drie verdienstelike **skrywers** aanbeveel moes word.

Vir Van Rensburg (SAAWEK 1965:43) was dit noodsaaklik dat die Keurkomitee met meerderheidstem moes kon besluit:

Dis beslis 'n anomalie dat die minder deskundige liggame verderaan op die pad hulle die weelde van 'n meerderheidstem kan veroorloof en die mees deskundige liggaam nie.

Waar Van Rensburg in sy 30 Maart 1964-brief die sinvolheid bevraagteken van die bepaling dat die Breë Komitee nie die bevinding van die Keurkomitee voor hulle kon hê wanneer hulle oor 'n geval moes besluit waaroor die Keurkomitee nie tot eenstemmigheid kon kom nie (kyk bladsy 363), noem hy dit nou pertinent 'n swakheid in die prosedurebepaling: die Breë Komitee het in die normale loop van omstandighede te min tyd tot sy beskikking om werklik deurtastend te besluit oor die gevalle wat vir "arbitrasie" aan hom voorgelê word, in teenstelling met die Keurkomitee wat langer aan 'n beslissing werk. Hy merk ook op:

Dit spreek vanself dat die Breë Komitee buite sy bevoegdheid handel (wat al in die verlede gebeur het) deur nuwe moontlikhede na vore te bring. Daarvoor is hy tegnies vir die betrokke periode nie toegerus nie.

'n Mens neem aan dat die lede van die Breë Komitee bestaan uit mense wat al op Letterkundige Kommissies gedien het of bevoeg is om daarop te dien. Enige onsekerheid wat daar nog by 'n Letterkundige Kommissie mag bestaan het, behoort dus hier finaal besleg te kan word. Hier eindig die deskundige fase van die beoordelingsproses.

Waar Van Rensburg in sy 30 Maart 1964-brief impliseer dat die Breë Komitee moet verval, dui hy hier tog 'n moontlike rol vir hulle aan.

In ooreenstemming met Hiemstra se aanvanklike sienswyse uitgespreek op 26 Mei 1964, was Van Rensburg ook van mening dat die Fakulteitsraad slegs 'n bekrachtigende funksie behoort te hê. Op die moontlike vraag deur wíé die bevinding van die Breë Komitee hanteer moes word as dit op hierdie manier uit die hande van die Fakulteitsraad geneem word, het Van Rensburg toegegee dat

dit 'n probleem is, maar syns insiens was terugverwysing daarvan na die Letterkundige Kommissie “nie 'n onhoudbare moontlikheid nie”.⁶⁵² Hy vervolg:

As die Fakulteitsraad nog 'n moontlike beslissingsfunksie het, d.w.s. in gevalle waar sowel die Letterkundige Kommissie as die Breë Komitee se dienste ingeroep moes word, dan bly daar vir *die Akademiesraad* geen so 'n funksie oor nie. Die Akademiesraad behoort in die gunstigste geval slegs 'n finale formele bekragtigingsfunksie te hê. Sy plek in die hele bestel, soos al vantevore aangevoer is (vgl. bl. 128 van dr. Nienaber se boek) behoort dié te wees van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in die eksamenbestel: dit bekragtig formeel die behaalde syfers.

Die gedagte wat onlangs uitgespreek is⁶⁵³ dat die Akademiesraad, na die twee literêre liggame hul advies uitgebring het, hom nog oor “die inhoudelike” of “die lewensbeskoulike aspekte” van die aanbevole werk sou kon uitspreek, verrai 'n naïewe insig in literêre waardebepling. Asof die literêre deskundiges hulle nie met “inhoudelike” dinge ook besig gehou het toe hulle die samespel van al die faktore wat 'n werk maak, beskou het nie, en asof die “lewensiening” van 'n werk losgemaak kan word van sy totale vergestaltung!

Van Rensburg wys dan op die onnoukeurigheid in Nienaber se pas verskene boek waarin laasgenoemde as enigste verandering ná 1961, dié noem van 'n verhoging in prysgeld, terwyl die bepling dat die prys slegs toegeken kon word aan “Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk”, ook verval het. Van Rensburg merk op:

Dis 'n veelseggende verandering, wat bogenoemde “agterdeur” vir die Akademiesraad m.i. sluit. Dis 'n terugkeer na die gesonde bepling van die skenkingsakte: “Alleen werk van de eerste rang zal bekroond worden”.

Die mening dat die Akademiesraad 'n belangrike diskresie behou deur die benoeming van die Keurkomitee word herhaal, maar dan voeg Van Rensburg by:

Wat natuurlik nie beteken dat hy die verwagte probleme van die komende tyd sal oplos deur slegs “regte” lede te benoem of te aanvaar nie.⁶⁵⁴ Ek vrees die hele saak van die Afrikaanse letterkunde het te delikaat geword om dit met 'n geskipper van enige aard hoegenaamd te beredder. Die enigste bevredigende oplossing vir die probleem is dié van *benoeming van die mees deskundige keurkommissies wat op 'n gegewe tyd stip beskikbaar is*, en: om die saak van bekroning in sy hande te laat. Enigiets anders gaan die Akademie se aansien op die duur verswak.

652 In 1956 het die Keurkomitee baie sterk daarop aangedring dat daar 'n voorlegging aan 'n Breë Kommissie moes wees. Indien dit nie gebeur nie, moes die saak liewers terugverwys word na die Keurkomitee. (Kyk voetnota 542 op bladsy 302.)

653 Dis onbekend of Van Rensburg dalk na die algemene beginselverklaring verwys.

654 Tydens die 1970-Hertzogprys-simposium het P.G. du Plessis daarop gewys dat die samestelling van die Letterkundige Kommissie manipuleerbaar is en dat die Akademiesraad dit by die samestelling baie duidelik in gedagte moet hou dat die een standpunt nie ten koste van die ander – getallegewys – bevoordeel moet word nie (LK 1/13: 29 Oktober 1970 – Simposiumnotule).

6.5.1.3 1966

Op 31 Mei 1966 is die Republiek van Suid-Afrika se vyfjarige bestaan gevier. In Maart daardie jaar was daar 'n verkiesing waarmee die Nasionale Party sy meerderheid weer eens vergroot het. Taal, kultuur en godsdiens was 'n belangrike saambindende faktor vir wat beskou is as die Afrikanervolk. Maar wisselende persepsies met betrekking tot die verhouding tussen “volk” en letterkunde het op die voorgrond getree tydens die polemieke wat ontstaan het rondom N.P. van Wyk Louw se drama *Die pluimsaad waai ver*, asook in die aanloop tot en tydens die Akademie se Junie 1966-jaarvergadering.

Van Wyk Louw se drama, geskryf vir die Republiekfees, neem 'n aanvang met die woorde: “Wat is 'n volk?”, waarna 'n volk in sy volle geskakeerdheid voorgehou word.⁷¹ Dr. Hendrik Verwoerd, Eerste Minister, het die eerste opvoering op Woensdagaand 25 Mei 1966 in die Kleintheater in Pretoria bygewoon. Ses dae later, op 31 Mei 1966, het hy tydens sy feesrede by die Voortrekkermonument, die wens uitgespreek dat daar “vir ons ook, soos by ander volke in hulle wonderuur, dié skrywers en dié digters mag opstaan wat kan en sal wil besing die heldedade van hulle eie geslag ... wat nie weifelend vra: wát is 'n volk? nie, maar wat sal uitjubel: dít is my volk, só is my volk, só kan hy ook wondere verrig, só is hy as skepper van 'n eie toekoms!”. (Steyn 1998:1037-1041.)⁶⁵⁵ ⁷² 'n Twisgeskryf het ontstaan, deur J.C. Steyn beskryf in sy Van Wyk Louw-biografie (1998: 1034-1055). Steyn merk op dat die tragiese van dié Republiekfees miskien daarin lê dat

... die hooftoespraak op die byeenkoms op skouspelagtige wyse die eerste skeure aan die lig gebring het in die eenheid wat van Afrikanernasionalisme so 'n formidabele mag gemaak het.

Kritiek teen die regering het toegeneem – binnelands sowel as internasionaal. Die “wonderuur” waarna Verwoerd verwys het, was ook 'n “krisistyd”, soos W.J. du P. Erlank, Voorsitter van die 1966-Hertzogpryskeurkomitee, dit op 20 Junie 1966 (kyk bladsy 420) sou uitdruk.

Verwoerd is op 6 September 1966 vermoor en as Eerste Minister opgevolg deur adv. B.J. Vorster, sedert 1961 Minister van Justisie.

655 Dit herinner aan die fundamentele verskil in uitgangspunt tussen P.C. Schoonees en Jan F.E. Celliers na aanleiding van Celliers se drama *Reg bo reg* en Schoonees se kritiek daarop (Conradie 1991:81):

Schoonees wil 'n meer idealistiese drama hê waarin die karakters bewonderenswaardig is. Jan Celliers wil slegs die mens in sy swakheid teken.

6.5.2 DIE 1966-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die Fakulteitsraad het voor die aanstelling van die Keurkomitee vir die 1966-Hertzogprys, kennis geneem van die Akademierraadsbesluit dat komitee lede moes wissel (kyk bladsy 380). In Augustus 1965 is as Keurkomitee aangewys prof. W.J. du P. Erlank (Voorsitter), T.T. Cloete en C.J.M. Nienaber, met prof. Anna Pohl as sekundus (FRN 1965: 27 Augustus; FRA 1965: 29 Oktober; ARN 1965: 10 September).⁶⁵⁶ Cloete se aanvaardingsbrief gedateer 5 Oktober 1965, is in die Akademieargief beskikbaar (LK 1/10).

Die AkademiDirekteur het op 19 Oktober 1965 die regulasies aan die lede geos en die volgende Akademierraadsbesluite onder hulle aandag gebring (LK 1/10):

- Keurkomitees is versoek om die voorlopige keuring voor die einde van die jaar af te handel.
- Die vergaderings moes voor die einde van Februarie elke jaar geskied vir voorlegging van die finale aanbeveling aan die Fakulteitsraad en Akademierraad gedurende Maartmaand. (Sodoende sou die 1964-situasie vermy kon word toe die keurkomiteeverslae kort voor die Fakulteitraadsvergadering eers beskikbaar was – kyk bladsy 364.)
- Keurkomitees is versoek om hulle werk as uiters vertroulik te beskou.

Die volgende dag, 20 Oktober 1965, het Goosen weer aan die lede geskryf en hulle meegedeel dat dramatekste wat in 1963, 1964 en 1965 verskyn het, in aanmerking kom. Na aanleiding van 'n ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging sou die Akademie voortaan om eksemplare vra van werke wat sy beoordelaars as kandidate vir pryse beskou, en keurkomitee lede is versoek om so gou moontlik 'n naamlys te stuur van boeke wat hulle ter insae wou hê sodat dit betyds by die verskillende uitgewers aangevra kon word. (LK 1/10.)

Dit is onbekend watter “regulasies” Goosen op 19 Oktober 1965 aan keurkomitee lede gestuur het (LK 1/10). Uit die volgende voorlopige aanbeveling deur T.T. Cloete, gedateer 14 Desember 1965, blyk dit dat hulle beslis aanhangsel A by die konsepreglement, naamlik die handleiding (kyk bladsy 654), ontvang het:

Om uitvoering te gee aan par. 2 van die Handleiding Vir [sic] die Keurkomitee vir die Hertzogprys, stuur ek hiermee aan u my aanbeveling i.s. Hertzogprys vir drama, periode 1963-1965.

656 In teenstelling met 1964, maar soos in 1965, is weer net **drie** deskundiges benoem. In die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure (bylaag T op bladsy 651) is in bepaling 10 gestipuleer dat **vyf** deskundiges op die Keurkomitee benoem word. Op 23 April 1965 is besluit om die aantal deskundiges te verminder van **vyf** na **drie** (kyk bladsy 378). Bepaling 3 van die konsepreglement (bylaag U op bladsy 653) reflekteer die besluit om die aantal lede te verminder na **drie**. Met betrekking tot die aantal keurkomitee lede, lyk dit dus asof die konsepreglement gevolg is.

Na my mening het in die onderhawige periode nie 'n drama of dramas van een skrywer verskyn wat die prys verdien òf dit meer verdien as 'n kandidaat wat ek hieronder aanbeveel nie.

In my aanbeveling beroep ek my op par. 7 van die Handleiding vir die Keurkomitee vir die Hertzogprys, waarvolgens ek graag aanbeveel dat die prys hierdie keer toegeken word aan Uys Krige. Voorlopig wil ek my aanbeveling so motiveer:

1. Krige het nog nooit die Hertzogprys gekry nie, nieteenstaande hy sowel drama- as prosaskrywer is en verdienstelike digbundels uitgegee het. Van sy geslag is hy die enigste van die belangrike figure wat nog nooit bekroon is nie. Digtors wat minder belangrik as hy is, het die prys al gekry, en ander skrywers wat miskien minder belangrik as hy is, het die prys al meer as een keer gekry.
2. **My eintlike motivering berus op die gehalte van sy dramas.** Sy debuteer in hierdie genre was reeds 'n belangrike werk in die **literêr-historiese situasie** waarbinne dit verskyn het. Daarna het hy ontwikkel tot die beste eenbedryfskrywer in ons letterkunde. Ek dink veral aan eenbedrywe soos Die wit muur en met name Die sluipskutter. Daarbenewens het hy belangrike dramatiese vertaalwerk gedoen.

Ek veronderstel dat 'n breër motivering tans nie nodig is nie. Hoewel ek ook sy poësie en prosa in hierdie kort voorlopige motivering genoem het, **verdien Krige die prys wanneer ons net sy dramatiese werk in aanmerking neem.** Ek meen dit sal 'n fout wees as die Akademie hierdie kans laat verbygaan om hom die welverdiende prys **vir sy dramas** toe te ken.

(Ek benadruk.)

Verskillende belanghebbendes was op hierdie tydstip bewus van verskillende weergawes van die toekenningsprosedure:

- die meerderheid mense sou kennis geneem het van *Die Hertzogprys vyftig jaar* wat die vorige jaar verskyn het, en waarin die op daardie stadium reeds verouderde 1961/1962-bepalings verskyn het;
- die 1966-Keurkomitee het gewerk volgens die 10 September 1965-handleiding soos opgestel deur die Hertzogprysreglementekomitee en verskaf deur die Akademiesekretariaat.

Hierdie onbevredigende situasie sou lei tot heelwat verwarring. Een daarvan was die gebruik van die woorde “afdeling”, “genre” en “oeuvre”.

Vanaf die 1946/1948- tot en met die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure, het **paragraaf 8** soos volg gelui:

Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van 'n skrywer wat

nog nie die prys ontvang het nie maar **wie se produksie in die betrokke afdeling**,⁶⁵⁷ afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.

(Ek benadruk.)

Cloete verwys na paragraaf 2 en 7 van die handleiding vir die Keurkomitee. Hierdie handleiding was aanhangsel A by die konsepreglement waarvan die nuutste weergawe in daardie stadium dié was waarop besluit is tydens die Akademiesraadsvergadering van 10 September 1965, en wat oorgetik is op 18 Oktober 1965 (kyk bylaag U op bladsy 653). Paragraaf 2 van die 1965-handleiding bepaal:

So gou moontlik na aanvaarding van sy benoeming stuur elke lid aan die direkteur van die Akademie 'n lys van werke wat in sy oordeel oorweging vir bekroning verdien. Wanneer al die lyste ontvang is, stel die direkteur die lede in kennis van die werke wat aldus aan die hand gegee is, en van lede word verwag om net dié werke met die oog op bekroning te bestudeer, asook **werke in dieselfde genre** wat in die lopende kalenderjaar verskyn het maar te laat vir insluiting by die lyste.

(Ek benadruk.)

In **paragraaf 7** word die volgende moontlikheid aangetoon:

Ondanks die bepalinge van paragraaf 3 hiervan,⁶⁵⁸ mag die komitee, as hy geen werk bekroningswaardig ag nie, ook werke in aanmerking neem wat voor die dan geldende tydperk verskyn het, en hy kan ook 'n skrywer wat nog nie voorheen bekroon is nie, **vir sy hele oeuvre aanbeveel**. In dié geval moet in die verslag gemeld word dat werke in aanmerking geneem is wat buite die betrokke tydperk verskyn het.

(Ek benadruk.)

Verwarring het later ontstaan omdat sommige persone bewus was van **paragraaf 8**, wat al sedert die laat veertigerjare van krag was (kyk bladsy 254 en 354), en ander, soos Cloete, weer verwys na **paragraaf 7** soos dit verskyn het in die 1965-handleiding wat deel was van die konsepreglement. **Die Akademiesraad het die eerste deel van die handleiding se paragraaf 7 vertolk asof 'n enkelwerk wat verskyn het vóór die tersaaklike periode, ook bekroon kon word** (kyk bladsy 418).

657 Let daarop dat daar in die 1963/1964-toekenningsprosedure verwys word na (ek benadruk):

- bekronings wat jaarliks geskied vir “een van die volgende drie **afdelings**”, en dan word prosa, poësie en drama genoem (bepaling 5);
- die feit dat slegs “een van hierdie **afdelings**” jaarliks in aanmerking kom (bepaling 6);
- bekronings wat “vir iedere **afdeling**” oor tydperke van drie jaar strek (bepaling 7);
- die moontlikheid om die onverdeelde prys meer as een maal aan dieselfde persoon “in dieselfde **afdeling**” toe te ken (bepaling 9);
- “elke **afdeling** van die letterkunde” soos dit aan die beurt kom (bepaling 10), en
- die opstel van 'n lys werke “in die betrokke **afdeling**” vir die betrokke tydperk (bepaling 11).

658 Paragraaf 3 lui soos volg:

Behoudens die bepalinge van paragraaf 7, kom alleen werke wat in die lopende en die voorafgaande twee kalenderjare verskyn het, in aanmerking.

'n Tweede diskrepansie wat na vore kom deur die 1961/1962- en 1963/1964-toekennings-prosedure te vergelyk met die 1965-handleiding, is dat bepaling 7 in eersgenoemde prosedures stipuleer dat werke van die voorafgaande drie kalenderjare beoordeel word. Tydens die 23 April 1965-vergadering van die Komitee insake die Hertzogprysregulasies, is besluit dat onder andere bepaling 7 onveranderd gelaat word (kyk bladsy 378). **Ten spyte van hierdie besluit bepaal paragraaf 3 in die handleiding dat alleen werke wat in die lopende en die voorafgaande twee kalenderjare verskyn het, in aanmerking kom.** Die Keurkomitee het gepubliseerde werk van 1963 tot 1965 beoordeel op grond van briewe wat Goosen aan hulle geskryf het op 20 Oktober 1965 (LK 1/10). Indien die Keurkomitee egter die h andleiding se bepalings sou gevolg het, sou alle dramas wat in 1963 verskyn het, nie ter sake gewees het nie, byvoorbeeld *Vermaak se kind* en *Wanneer see en branders dreun* (W.A. de Klerk), *Godeskemering* (B. Gilliland) en *Koning Eenoog* of *Nie vir geleerdes* (N.P. van Wyk Louw). Deel van die bepaling, naamlik dat werk van die lopende jaar ook in berekening kon kom, sou weer daartoe lei dat publikasies wat l ater in die dieselfde jaar verskyn het, n  die spesifieke jaar se beoordeling, nooit vir die Hertzogprys in aanmerking sou kon kom nie aangesien dit nie deel sou vorm van die volgende siklus se voorafgaande twee jaar nie. Die implikasies van hierdie ondeurdagte bepaling herinner aan die probleme wat die afsnydatum veroorsaak het in die tydperk vanaf 1925 (kyk bladsy 95) tot voor die 1940-toekenning (kyk bladsy 190).

Cloete is in 'n brief gedateer 15 Desember 1965 bedank vir sy verslag, asook laat weet dat die Keurkomitee op 11 Februarie in die WAT-kantoor, Stellenbosch, sou vergader. Goosen het afskrifte van die Cloete-verslag op 15 Desember 1965 aan die ander twee komiteelede, naamlik W.J. du P. Erlank (Voorsitter) en C.J.M. Nienaber gestuur, en hulle op 17 Desember amptelik kennis gegee van die 11 Februarie 1966-vergadering (LK 1/10).

Die Keurkomitee insake die Hertzogprys  n di  vir die Eug ne Maraisprys, het op 11 Februarie 1966 in Stellenbosch vergader. Volgens die notule van hierdie vergadering was Erlank die Voorsitter, en die ander persone teenwoordig was proff. T.T. Cloete (Port Elizabeth) en C.J.M. Nienaber (Pietermaritzburg), asook drr. Ernst Lindenberg en S. Strydom.⁶⁵⁹ Op voorstel van prof. Nienaber het Erlank die lys dramatekste wat gedurende die tydperk 1963-1965 verskyn het, gelees.

659 Erlank was Voorsitter tydens die 11 Februarie 1966-vergadering, asook van die Hertzogpryskeurkomitee. C.J.M. Nienaber was die Voorsitter vir die Keurkomitee vir die Eug ne Maraisprys, met drr. Ernst Lindenberg en S. (Fanie) Strydom as die ander twee lede.

Die saamgestelde lys het gegeld vir albei toekennings en volgens die lede was dit volledig.⁶⁶⁰ Na oorweging is besluit om *Asterion* deur N.P. van Wyk Louw, en André P. Brink se *Elders mooiweer en warm*, wat toe pas ontvang is, ook te oorweeg. Albei werke het 1965 as publikasiedatum.

Erlank het kortliks verduidelik dat daar wel korrespondensie gevoer is oor die toekenning. Sowel hy as prof. Nienaber was aanvanklik van mening dat geen toekenning gemaak moes word nie. Tog het hulle later prof. Cloete se motivering ondersteun dat Uys Krige, retrospektief gesien, bekroon moet word vir ál sy werk, met klem op die eenbedrywe.

Volgens die notule is verskillende werke deur die Komitee bespreek “en na rype beraad, waar elke lid van die komitee om sy siening gevra is”, kom hulle tot die slotsom “dat nie een van die werke wat in die tydperk 1963-1965 verskyn het, die Hertzogprys verdien nie” – dus ook nie Adam Small se *Kanna hy kô hystoe* nie. Die Keurkomitee het hom egter op bepaling 7 van die 1965-handleiding beroep en eenparig aanbeveel dat Uys Krige die Hertzogprys vir Drama moes ontvang. Erlank sou ’n motivering vir die toekenning opstel en deurstuur aan die komiteelede vir goedkeuring en ondertekening. Ter afsluiting is dit onder die aandag van alle komiteelede gebring dat die besluite vertroulik is, en dat dit die voorreg van die Akademie is om prysweners aan te kondig.

Erlank se finale verslag lyk só (FRA 1966: 22 April) (ek benadruk deurgaans):

Die komitee vir toneelskryfkuns het op hulle vergadering van 11 Februarie, 1966, die volgende dramas by hulle beoordeling betrek:

1. Chris Barnard: “Pa maak vir my ’n vlieër Pa” (A.P.B. - 64)
2. André Brink: “Bagasie”⁶⁶¹ (Tafelberg - 65)
3. André Brink: “Elders mooiweer” (John Malherbe - 65)
4. Helena de Klerk: “Marionet aan die muur” (Nasboek - 63)

660 Een werk wat nié in die lys voorkom nie, is P.J. Nienaber en J.L. Boshoff se *Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe* (1965 – APB). Drie nuwe eenbedrywe wat daarin verskyn, is:

- *Wolraad Woltemade* deur J.F. Marais;
- *Die rooi duiwel se as* deur Dirk Richard (dit het reeds in *Helikon* van 31 Augustus 1953 verskyn; ook opgeneem in *Die rooi duiwel se as en ander eenbedrywe* [1966], saamgestel deur F.W. Strydom), en *Die appel* deur Hennie Aucamp (ook opgeneem in P.G. Nel se *Die storm en ander eenbedrywe* [1972], in J.P. Spies se *Klein begin in die drama* [1976] en in Temple Hauptfleisch en Jan Taljaard se *Boomhuis, droomhuis en ander eenbedrywe* [1982]).

Die ander twee eenbedrywe in hierdie versamelbundel het reeds voorheen elders verskyn, naamlik *Storm* deur Paul Roubaix (kyk voetnota 464 op bladsy 260, asook bladsy 282) en *Om Lettie se ontwil* deur P.W.S. Schumann (kyk bladsy 308 en voetnota 548 op dieselfde bladsy).

661 *Bagasie: triptiek vir die toneel* bevat die volgende drie werke: *Die koffer*, *Die trommel* en *Die tas*. Laasgenoemde is ook opgeneem in J.B. Vermaak se *Voort met die spel* (1990).

5. W.A. de Klerk: “Vermaak se kind” (Nasboek - 63)
6. W.A. de Klerk: “Wanneer see en branders dreun” (A.P.B. - 63)
7. Barnard Gilliland: “Godeskemering” (Nasboek - 63)
8. Henriette Grové: “Die onwillige weduwee”⁶⁶² (H. en R. - 65)
9. N.P. van Wyk Louw: “Koning Eenooog of Nie vir Geleerdes” (Nasboek - 63)
10. N.P. van Wyk Louw: “Kruger breek die pad oop”⁶⁶³ (H. en R. - 64)
11. N.P. van Wyk Louw: “Asterion”⁶⁶⁴ (H. en R. - 65)
12. Adam Small: “Kan[n]a hy kô Hystoe” (Tafelberg - 65)
13. Dolf van Niekerk: “Kwart voor dagbreek” (A.P.B. - 63)
14. Mikro: “Tee in die blou kamer” (Nasboek - 63)
15. Mikro: “Die goue beddens”⁶⁶⁵ (Nasboek - 63)
16. A.M. Louw: “Oom Kolie gee raad” (Tafelberg) - 65)
17. M.I. Murray: “So onder deur die maan”⁶⁶⁶ (H.A.U.M. - 63)
18. Joan Retief: “Die hoë drif” (Voortrekkerpers - 63)

Hierdie betreklike lang lys beoordeelde werke getuig, sowel wat inhoud as vormgewing betref, dat daar lewe en beweging is op die gebied van die Afrikaanse drama. Afgesien van ouer skrywers, soos Van Wyk Louw en W.A. de Klerk, wie se dramatiese werk reeds vroeër bekroon is deur die Akademie, is daar ook ’n groep jonger skrywers, onder wie ons veral die volgende wil noem: Adam Small, André Brink, Chris Barnard, Dolf van Niekerk, Gilliland, en veral Henriette Grové.

Ons het van die standpunt uitgegaan dat ons ouer skrywers, soos die twee genoemdes, slegs dán kan aanbeveel vir herbekroning, as hulle in hul werk ’n vroeëre hoogtepunt óf

662 Die alternatiewe titel is *Sybrandus Saliger*.

663 *Kruger breek die pad oop en ander hoorspele* bevat die volgende drie hoorspele deur N.P. van Wyk Louw: *Die vonnis*, *Die eerste voortrek* en *Kruger breek die pad oop*.

664 *Asterion* is volgens die uitgebreide titel ’n “libretto vir ’n radiofoniese opera” en sou waarskynlik nie werklik in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie.

665 Die korrekte titel van hierdie satire in drie bedrywe is *Twee goue beddens*.

666 Dit bevat die volgende vyf eenbedrywe: *Die bron*, *Die stem van die see*, *Helgaard Weder*, *Sneeu op die ewenaar* en *So onder deur die maan*. Die eenbedryf *Die bron* het vir die eerste keer verskyn in 1938 (Nasionale Pers) en is in berekening gebring vir beide die 1938- en 1941-Hertzogprys vir Drama (kyk onderskeidelik op bladsy 176 en 192).

ewenaar óf oortref.⁶⁶⁷ Dit kan nie van Van Wyk Louw se nuwe werk gesê word nie, en in nog mindere mate van W.A. de Klerk s'n.

By die jonger skrywers, veral die ses wat bo genoem word, is daar heelwat verdiensteliks: soms 'n interessante poging om aan die klug as genre 'n nuwe aansyn te gee; soms 'n meer epies as dramaties gekonsipieerde poging om byvoorbeeld die patos van die kleurlinglewe uit te beeld; soms 'n werklik verdienstelike poging om die starre ruimteverdeling en tydsopvolging van die tradisionele drama te deurbreek, ens. Maar geeneen van die werke het na ons mening as blyspel, of as drama of as treurspel dié mate van voldraenheid wat bekroning met die Hertzog-prys regverdig nie.

Die komitee het toe gekyk of daar nie in terme van paragraaf 7 van die handleiding vir keurkomitees⁶⁶⁸ 'n ouer kandidaat is, wat op ánder gebiede maar ook en veral op die gebied van die toneelskryfkuns, belangrike en nog onbekroonde bydraes tot die Afrikaanse letterkunde gelewer het nie. So 'n kandidaat is, volgens die eenparige mening van die komitee, Uys Krige.

Krige het nog nooit die Hertzog-prys verower nie. Hoewel hy op die gebied van die digkuns, die prosa en die drama belangrike werk gelewer het, is hy die enigste van sy geslag wat nog nie in een van daardie genres bekroon is nie. Skrywers, wat binne die literêr-historiese situasie minder belangrik is as hy, het wêl daardie erkenning gekry.

Van Krige het daar reeds die volgende digbundels verskyn: "Kentering" (1935); "Rooidag" (1940); "Oorlogsgedigte" (1942-47); "Hart sonder hawe" (1949); "Die einde van die pad" (1947 – 'n versameling van reeds gepubliseerde en enkele nuwe gedigte); "Ballade van die groot begeer" (1960); "Voorraad" (1965).

Die volgende bundels vertaalde gedigte: "Vir die luit en die kitaar" (1950); en "Vertalings uit Eluard se verse" (1964).

Op die gebied van die prosa het ons van hom die volgende: "Die palmboom" (1940); "Sol y sombra" (1948); "Ver in die wêreld" (1951); en "Sou[t] van die aarde" (1962).

Hoewel sy prosawerk en sy poësie dikwels óórskat is, en dikwels ook ónderskat, is daar tog talle verhale, sketse en gedigte wat ongetwyfeld 'n blywende aanwinst is vir ons letterkunde. Hy het elke keer bekroning misgeloop, omdat hy oorskadu is deur 'n meer verdienstelike tydgenoot.

Dit geld in nog hoër mate vir sy dramatiese werke, waarop ons aanbeveling hoofsaaklik berus. Van hom het, afgesien van "Yerma", 'n meesterlike vertaling uit die Spaans, die volgende toneelstukke verskyn: "Magdalena Retief" (1938); "Die wit muur" (1940); "Alle paaie gaan na Rome" (1949); "Die sluipskutter" (1951) – al drie bundels eenbedrywe; "Die twee lampe" (1951); "Die ryk weduwee" (1953); "Die goue kring" (1956).

Hoewel Uys Krige 'n sterk gevoel het vir dramatiese situasie, en 'n sprankelende, soms té sprankelende dialoog skryf, het hy in sy langer dramas skynbaar nie dié mate van spankrag wat 'n krisis onafwendbaar na sy end laat ontwikkel nie. Gevolglik kry ons in daardie langer dramas heelwat liriese vulsel wat die handeling eerder vertraag as

667 Dit kom ooreen met bepaling 9 wat vanaf 1962 geldig was, naamlik dat die onverdeelde prys meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word mits 'n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is. Hierdie bepaling het ook in die 1963/1964-toekenningsprosedure voorgekom.

668 Erlank vra op 9 Junie 1966 vir Goosen 'n afskrif van die handleiding aangesien hy syne nie kon vind nie, en verwys na die "gewraakte paragraaf 7" (LK 1/11).

bevorder. Maar binne die kader van ons ontwikkelende toneelliteratuur, is selfs daardie minder geslaagde werke van belang.

In sy eenbedrywe kry ons egter meermale 'n strakheid van lyn, 'n meer ekonomiese en funksionele aanwending van dialoog, sodat enkele van daardie eenbedrywe, veral "Die sluipskutter", waarskynlik die beste is wat ons op daardie gebied het.

Daar is, ten spyte van sy leeftyd, 'n jonkheid in Uys Krige se werk, wat die vermoede wek dat hy nog lank nie uitgeskryf is nie. Miskien sal hierdie **vertraagde erkenning van sy verdienste** juis die **spoorslag wees tot verdere skepping**. Die komitee beveel dus aan dat die **HERTZOG-PRYS vir toneelskryfkuns** aan hom toegeken word deur die Akademie.

Die verslag is onderteken deur W.J. du P. Erlank, C.J.M. Nienaber en T.T. Cloete. Goosen het op 4 Maart 1966 in sy bedankingsbrief aan elk van die drie lede, ontvangs van die verslag en aanbeveling erken, en aangedui dat die bevinding in April en Mei 1966 aan die Fakulteits- en Akademieraad onderskeidelik voorgelê sou word (LK 1/11). Die Akademie het in 'n persvrystelling van 19 April 1966 kennis gegee dat daar op Vrydag 22 April 1966 'n Fakulteittraadsvergadering sou wees waartydens onder andere die Hertzogprys vir Drama bespreek sou word (LK 1/11).

In die verslag word gemeld dat Krige vir poësie en prosa elke keer bekroning misgeloop het "omdat hy oorskadu is deur 'n meer verdienstelike tydgenoot", en net daarna staan dat dit "in nog groter mate" geld vir sy dramatiese werke. Dit was die geval met die Dramaprys in 1944, 1956 en 1960 (kyk bladsy 355).

Opvallend in die verslag is die onderskatting van Krige se langer dramas weens die eis dat dit 'n "mate van spankrag" moes hê "wat 'n krisis onafwendbaar na sy end laat ontwikkel" – die kenmerke van die klassieke tragedie. Een van Krige se beste langer dramas, *Magdalena Retief* (1938), is juis episodies van struktuur en sluit aan by die Brechtiaanse teater (kyk bladsy 207) – 'n dramavorm wat tydens die verskyning van *Magdalena Retief* nie in Suid-Afrika algemeen bekend was nie, maar waarskynlik wel aan Krige, wat in 1935 teruggekeer het van sy eerste Europese besoek. In Cloete se voorlopige aanbeveling wys hy op die belangrikheid van *Magdalena Retief* binne die literêr-historiese situasie waarin dit verskyn het.

Waar Opperman en Van Wyk Louw met hulle bekroonde dramas in die vyftigerjare terugkeer na die Aristoteliaanse teater, sluit Krige met *Die goue kring*, wat afspeel in 'n Spaanse vissersdorp, aan by Middeleeuse dramatiese vorme. *Die goue kring* weerspieël Krige se voorliefde vir die Latyns-Mediterreense wêreld ná, in daardie stadium, etlike besoeke aan Europa, onder andere as inwoner, reisiger en oorlogskorrespondent.

Die volgende elemente van die Middeleeuse drama word in hierdie “legende in vier bedrywe” gevind:

- die misteriespel (wat steun op Bybelse stof soos Christus wat as mens onder sy volk beweeg, en die verhale van die barmhartige Samaritaan en die arm weduwee wat haar laaste penning tot die skatkis bygedra het),
- die mirakelspel (wat handel oor ’n wonderwerk wat deur die heilige uitgevoer word: die bedelaar – die vermoede Christusfiguur – gee aan moeder Mart die wondergawe om die Dood aan die boom te laat vassit) en
- die moraliteitspel (in hierdie allegorie verteenwoordig verskillende persone bepaalde goeie deugde en slegte eienskappe – abstrakte begrippe soos Deug, Kennis en Hoogmoed; die lewe word voorgestel as ’n reis; ’n filosofiese en etiese krisis ontstaan met die koms van die Dood; by die karakters is nadenke oor die sin van die lewe en die dood en ’n persoonlike verdieping).

Soos in Krige se poësie en prosa, loop die motief van lig soos ’n goue draad deur hierdie drama. Opvallend is die ryk simboliek (lemoen, kring, goud), die spel met kontraste (lewe x dood; son x skadu; die paradys x die sondeval; religieuse x die wêreldse, erns x komiek, jeug x ouderdom, ruimhartigheid x suinigheid) en die uitbeelding van die verskillende vorme van liefde (platonies, romanties, volwasse en algemeen menslik).

Ondanks kritiek wat ook uitgespreek is, byvoorbeeld teen onnodige woordrykheid en ’n breedvoerigheid wat lei tot verdragings, het Krige met *Die goue kring* ’n unieke, vernuwende bydrae gelewer tot ons Afrikaanse dramaskat. (Raadpleeg byvoorbeeld die commendatio wat Réna Pretorius uitgespreek het toe Krige in 1985 die Hertzogprys vir Drama gekry het – eindnota 105 op bladsy 559; Antonissen 1958:64-66; Brink 1986:125; Coetser 1986:65-73, Du Buson [sic] 1957:77-78 en Kannemeyer 1965:1-9, 1970:61-76; 1984:461-462.) Die Keurkomitee se verslag laat nie reg geskied aan veral die genoemde twee langer dramas van Krige nie.

Tenwoordig tydens die Fakulteitsraadbespreking van die verslag was prof. G. Cronjé (Voorsitter), regters J.F. Marais (Ondervoorsitter) en V.G. Hiemstra, proff. G.J. Beukes, B. Kok, W. Kempen, H.J.J. Bingle, P.J. Nienaber, D.J. Kotzé, A.P. Grové, B. Engelbrecht en F.J. du Plessis, dr. F.F. Odendal, asook mnre. D.P. Goosen (Direkteur), R.M. Wildenboer⁶⁶⁹ en W.A. Botha⁶⁷⁰ (Assistent-sekretarisse). Cloete en C.J.M. Nienaber was afwesig met kennisgewing. (FRN 1966: 22 April.) In retrospeksie was dit jammer dat juis hierdie twee lede van die Fakulteitsraad, wat ook in die Keurkomitee gedien het, nie daar kon wees nie, want hulle teenwoordigheid tydens die bespreking

669 Wildenboer, tweede Assistent-sekretaris, is verwelkom op 29 Oktober 1965 en het die Akademie se diens op 31 Mei 1966 verlaat (FRN 1965: 29 Oktober; ARUKA 1966: 6 Junie).

670 Botha is vanaf 1 Maart 1966 aangestel as tweede Assistent-sekretaris (ARUKA 1966: 31 Maart). In 1967 is hy bevorder tot Sekretaris (ARUKN 1967: 25 Mei en 11 Augustus).

sou waarskynlik daartoe gelei het dat die misverstand wat ontstaan het met betrekking tot 'n "oeuvrebekroning", ondervang sou word. Die bespreking het soos volg verloop:

Prof. [P.J.] Nienaber sê dat die komitee se kort motivering baie onbevredigend is. Krige se werk is in 1941 en weer in 1963 oorweeg en te lig bevind. Hy het wel goeie eenakters geskryf. Maar vergelyk dit werklik met die standaard van die HERTZOGPRYS. Moet die norm van bekroning nie 'n stygende lyn toon nie? Indien Krige bekroon word handhaaf ons dit nie.

Krige se dramas is volgens die 1963-verslae glad nie eers oorwêg nie (kyk bladsy 348-354). Nienaber, die outeur van *Die Hertzogprys vyftig jaar* wat die vorige jaar verskyn het, moes dit geweet het. Hy noem ook nie die volgende nie:

- die jaar 1948, toe Krige se werk in die verslag beskryf is as "deurgaans van hoë standaard" (kyk bladsy 246 en 251);
- die jaar 1952 toe Beukes en De Klerk bekroon is ten koste van Krige, maar daar in die verslag wel opgemerk is dat "uitstekende werk" onder die genoemde Krige-stukke was (kyk bladsy 266);⁶⁷¹
- *Die goue kring* wat vir die 1960-Dramaprys in aanmerking gekom het toe *Germanicus* bekroon is (kyk bladsy 355).

Verder verwys Nienaber na bepaling 9 van die Hertzogprystoekenningsprosedure wat van 1962 af geldig was, naamlik dat die onverdeelde prys meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word mits 'n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar was. **Alhoewel daar niks in die handleiding staan van die "stygende lyn"-bepaling nie**, kom dit voor asof die Keurkomitee tog dié bepaling in gedagte gehad het, want in die verslag merk die Keurkomitee op dat hulle van die standpunt af uitgegaan het dat ouer skrywers slegs aanbeveel kon word as hulle werk 'n vroeëre hoogtepunt ewenaar of oortref.

Regter J.F. Marais, die Ondervoorsitter van die Fakulteitsraad, het vervolgens kommentaar gelewer (FRN 1966: 22 April):

[Hy] sê die komitee se motivering en veral die laaste drie paragrawe kom voor as 'n baie halfhartige poging om 'n twyfelagtige besluit goed te keur. Die HERTZOGPRYS is nie 'n aanmoedigingsprys nie maar 'n prestasieprys.

Hierdie interpretasie sou nog wyd uitkring in die daaropvolgende weke. Marais verskuif vervolgens die klem verkeerdelik van die werk na die skrywer:

671 Nienaber sou die 1952-situasie nie tydens hierdie Fakulteitsraadsvergadering kón meld nie aangesien Beukes, medewenner van daardie jaar se Dramaprys, teenwoordig was.

'n Belangrike punt by die oorweging van bekroning van Krige, is sy hele houding ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde en kultuur. Mnr. Krige het in die verlede die Suid-Afrikaanse staat op lasterlike wyse beledig. Daar het pas 'n bundel verskyn vir buitelandse konsumpsie waarin mnr. Krige 'n neerhalende artikel geskryf het oor die Afrikaanse letterkunde. Dit is deurspek met smalende verwysings na die Afrikaanse skrywers en literêre kritici wat uitsluitlik bedoel is om die buitelandse leser te mislei.

Volgens F.F. Odendal, een van die Fakulteitraadslede wat teenwoordig was, het Nienaber die bespreking van Krige se politieke oortuigings summier gestop deur te sê dat 'n beslissing op grond van die letterkundige waarde van Krige se werk geneem moes word, en dat sy politiek nie ter sake was nie (Kannemeyer 2002: 559 en 664).

Bingle was van mening

... dat daar ... voorheen geleenthede [was] waarop mnr. Krige se werk bekroon kon word en dit het nie gebeur nie. Die komitee se stelling dat hy moontlik na die toekenning beter sal presteer, is onoortuigend.

Die invloed van onvolledige en onakkurate inligting wat deur ánder persone verskaf is, kan gesien word in Bingle se eerste opmerking. Indien korrek genotuleer, is Bingle se tweede opmerking verkeerd: in die verslag staan dat vertraagde erkenning van Krige se verdienste miskien die spoorslag sou wees **tot verdere skepping** – nie béter skepping nie.

Grové het opgemerk dat die Keurkomitee bekroning aanbeveel vir 'n tydperk waarin Krige niks gelewer het nie:

Tien jaar gelede het hy wel. Toe was dit te lig bevind. Sy langer dramas sê die komitee is nie te goed nie. Die komitee bou sy aanbeveling op eenbedrywe wat 25 jaar gelede verskyn het.

Dat Grové net verwys na Krige se dramas, blyk duidelik uit sy stelling dat Krige niks in die voorafgaande tien jaar gepubliseer het nie, want gedurende dié tydperk het daar wel prosa en poësie van Krige verskyn. Met Grové se opmerking dat Krige tien jaar tevore wel iets gepubliseer het, verwys hy na *Die goue kring*, maar laat na om te sê dat dié drama teen *Germanicus* moes meeding. In die 1960-verslag is *Die goue kring* totaal onderskat (kyk bladsy 317), en in hierdie 1966-aanbeveling is daar nie 'n sterk argument aangevoer vir die bekroning van Krige se langer dramas nie. Tog moes Grové, as letterkundige, bewus gewees het van *Die goue kring* se meriete. Indien korrek genotuleer, het Grové opgemerk dat die Komitee sy aanbeveling bou op eenbedrywe wat 25 jaar tevore verskyn het. Die enigste eenbedryf wat in die verslag by name genoem word, naamlik *Die sluipskutter*, het 15 jaar tevore verskyn.

'n Toekenning vir alle werk binne 'n spesifieke afdeling (literêre kategorie) was in daardie stadium nie onderworpe aan 'n bepaling dat die kandidaat in die tersaaklike driejaarperiode 'n werk moes gepubliseer het nie.⁶⁷² Dit kon geskied op grond van werke wat relatief lank tevore verskyn het.

Volgens Hiemstra het die Keurkomitee in sy verslag Krige se poësie “bygesleep” terwyl dit drama was wat bekroon moes word, en het die Komitee “sy taak nie korrek benader nie”. Daar staan in die verslag egter uitdruklik dat die Keurkomitee, nadat bevind is dat geen enkelteks bekroningswaardig was nie, in terme van paragraaf 7 oorweging geskenk het aan “'n ouer kandidaat ... wat op **ander gebiede** maar ook en veral op die gebied van die **toneelskryfkuns**, belangrike en nog onbekroonde bydraes tot die Afrikaanse letterkunde gelewer het”. Die Keurkomitee het dus hulle inagneming van prosa en poësie verantwoord op grond van paragraaf 7. Indien die verslag fyn gelees is, sou die Fakulteitraadslede agtergekom het dat die Keurkomitee 'n ander interpretasie aan paragraaf 7 geheg het. Veral Nienaber, Hiemstra, Beukes en Kempen – vier van die vyf lede van die Hertzogprysregulasiekomitee wat die handleiding ópgestel het (kyk bladsy 377 en 379), asook die Akademiesdirekteur, moes die misverstand ondervang het. Hiemstra beskuldig die Keurkomitee daarvan dat hy sy taak “nie korrek benader [het] nie”, maar dit was juis die Fakulteitsraad (en later die Akademiesraad) wat hulle taak om die verslag deeglik te bestudeer, nie suksesvol uitgevoer het nie.

Ten slotte is met betrekking tot die Fakulteitsraadbespreking genotuleer dat Cronjé, die Fakulteitsraadvoorsitter, sou gesê het dat die verslag Uys Krige se werk “veroordeel”, dat dit daarin “minder geslaag” genoem word, dat drama Krige se “swakste genre” is, en dat hy “geen sterk dramatiese werk gelewer [het] nie” – veralgemenings wat nie gegrond is op alles wat in die verslag staan nie.

Die Fakulteitsraad het eenparig besluit dat hulle nie kans sien om die aanbeveling van die Keurkomitee te onderskryf nie, en dat hulle nie die aanstelling van 'n Breë Komitee noodsaaklik vind nie (FRN 1966: 22 April). Bepaling 12a het reeds vanaf die in 1946/1948-opgestelde Hertzogprystoekenningsprosedure, tot en met dié geldig vanaf 1964, bepaal dat 'n Breë Komitee net aangewys kon word indien meer as een skrywer aanbeveel is. Die 1965-konsepreglement (bepaling 4[a][iv] en 4[b]) het die opsie gebied dat 'n keurkomitee aanbeveling na 'n Breë Komitee verwys kon word selfs al is net een persoon vir bekroning aanbeveel. Die besluit van die Fakulteitsraad gee blyke daarvan dat hulle die 1965-konsepreglement as riglyn gebruik het. Nienaber se verwysing na die **“stygende lyn”-bepaling, wat nie in die Keurkomitee-handleiding**

672 Die 1997-Dramajaar was die laaste geleentheid waartydens 'n skrywer 'n drama-oeuvre bekroning kon kry al het hy/sy nie in die voorafgaande drie kalenderjare 'n nuwe drama gepubliseer nie (kyk bylaag LL op bladsy 683).

van die konseprelement voorkom nie (maar wel in die 1961/1962- en 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure), skeep egter verwarring. **Die moontlikheid om die verslag na die Keurkomitee terug te verwys sodat hulle een kon opstel waarin nét Krige se dramas beoordeel word, is nie eers genoem nie.**

Ook die Akademiesraad keur die nietoekenningsbesluit eenparig goed. Geen bespreking is genotuleer nie. (ARN 1966: 6 Mei.) Erlank noem in 'n latere brief aan Hiemstra, gedateer 3 Junie 1966 (W.J. du P. Erlank-versameling: 193.K.H.3), dat die vraag of die Keurkomitee in terme van paragraaf 7 die reg gehad het om Krige se hele "oeuvre" (insluitende poësie en prosa) aan te beveel, klaarblyklik nooit op die betrokke Akademiesvergadering gestel is nie (kyk bladsy 416). **Die Akademiesraad het net 'n kort persvrystelling uitgereik waarin gesê word dat die Raad besluit het om nie 'n Hertzogprys vir Drama toe te ken nie.** Akademiesraadslede wat tydens die 6 Mei 1966-vergadering teenwoordig was toe hierdie besluit geneem is, was prof. P.J. Nienaber (Voorsitter), dr. S.M. Naudé (Ondervoorsitter), regter V.G. Hiemstra, proff. G. Beukes, G. Cronjé, H.L. de Waal, S. du Toit, C.F.B. Hofmeyr, W. Kempen en W.J. Pretorius, asook dr. T.E.W. Schumann. Teenwoordig by die Fakulteit- én Akademiesraadsvergaderings waartydens die nietoekenning bekragtig is, was proff. P.J. Nienaber, G.J. Beukes, G. Cronjé, W. Kempen en regter V.G. Hiemstra – met die uitsondering van Cronjé al vier lede van die Hertzogprysregulasiekomitee waarin Weiss ook sitting gehad het.

Tydens die Fakulteit- en Akademiesraadsvergaderings was Goosen as Akademiesdirekteur teenwoordig. Cloete se voorlopige aanbeveling, waarin hy dit onomwonde stel dat sy "eintlike motivering berus op die gehalte van ... [Krige se] dramas", en dat Krige die prys verdien "wanneer ons net sy dramatiese werk in aanmerking neem" (kyk bladsy 389), is aan Goosen gestuur. Tog het Goosen niks in verband hiermee aan die rade gemeld tydens die bespreking nie.

Dit waarteen F.I.J. van Rensburg op 30 Maart 1964 gewaarsku het (kyk bladsy 362), het gerealiseer: 'n Fakulteitsraad wat minder tyd aan besinning spandeer as die oorspronklike Keurkomitee, en 'n Akademiesraad wat, soos dit voorkom, die saak glad nie eers bespreek het nie.

Ten spyte van herhaalde beklemtoning dat Akademiesverslae- en besprekings vertroulik is (kyk byvoorbeeld bladsy 376, 388 en 392, asook in bylaag 653 op bladsy 655), het die aanbeveling van die Keurkomitee tog rugbaar geword. J.J. (Koos) Human het in *Die Burger* van Vrydag 13 Mei 1966 ("Hertzogprys: Krige het dit verdien") dit in openbare belang geag om te sê dat die Komitee "wat oor die prystoekenning moes beslis, eenparig aanbeveel het dat die Hertzogprys aan Uys Krige toegeken word vir sy werk as dramaturg." Human meen dit sou interessant wees om te verneem op watter grond die Akademiesraad besluit het om die aanbeveling van sy Keurkomitee te verwerp.

“Storm bars los oor Uys Krige”, was die opskrif van ’n voorbladberig in *Die Burger* van die volgende dag, Saterdag 14 Mei 1966. In ’n onderhoud met die koerant het D.J. Opperman sy “diepe misnoeë” uitgespreek oor die feit dat die Akademie Uys Krige by herhaling as kunstenaar misken:

Hy moes lankal as dramaturg bekroon gewees het, en ook as digter. Hierdie miskennis, keer op keer, raak so opvallend dat dit lyk asof daar moedswil by betrokke is. Die Akademie is self besig om die prestigewaarde van die Hertzogprys stelselmatig te vernietig.

Opperman het bygevoeg dat Uys Krige al in 1952 die Hertzogprys vir Drama moes gekry het, en verwys na prof. Rob Antonissen wat toe in *Standpunte* geskryf het dat die Akademie die geleentheid laat verbygaan het om Krige te erken as “verreweg die beste Afrikaanse eenbedryfskrywer” tot op daardie tydstip.⁶⁷³

Volgens die koerant het W.A. de Klerk opgemerk dat Krige die Hertzogprys vir Poësie en Drama minstens tien jaar tevore al verdien het, en dat Krige, wat die Hertzogprys betref, verreweg “die mees miskende” onder die Afrikaanse skrywers was.

J.C. Kannemeyer het die optrede van die Akademiesraad skokkend gevind en gesê dat Krige, saam met N.P. van Wyk Louw en Dirk Opperman, die leidende dramaturg in Afrikaans was, en ’n waardige Hertzogpryswenner sou wees, veral sy eenbedrywe en *Die goue kring* in ag genome. In ’n brief van Kannemeyer wat Maandag 16 Mei 1966 in *Die Burger* verskyn het (“Besluit oor Krige skokkend”), wys hy daarop dat dit in die verlede by herhaling gebeur het dat die Akademie die Hertzogprys toegeken het aan skrywers wie se werk dit nie geregverdig het nie (byvoorbeeld Beukes),⁶⁷⁴ terwyl ander belangrike figure (Van Melle en Boerneef) onbekroon moes bly:

Tot dusver kon die Akademie nog altyd teëwerp dat hierdie foutiewe oordele in die eerste plek op die gewete van die keurkomitee rus en dat hy self grootmoedig genoeg was om by herhaling foute van die verlede by ’n latere geleentheid reg te stel.

Kannemeyer noem dan dat M.E.R. wel in 1953 die Hertzogprys vir Prosa ontvang het, en Leipoldt in 1944 vir *Die heks* en *Die laaste aand*, terwyl laasgenoemde drama reeds in 1932 bekroon kon gewees het.

673 Hierdie opmerking van Antonissen het verskyn in sy artikel “Die styl is alles. Bekroonde Afrikaanse dramatiese werk uit die jare 1948-1952” (Antonissen 1952:83).

674 Interessant dat Beukes, wie se werk dit nie geregverdig het nie, in 1952, die Van Riebeeckfeesjaar, medewenner was van die Hertzogprys vir Drama, terwyl Krige, wie se dramas beslis bekroningswaardig was, dit nie ontvang het in die jaar waarin die vyfjarige bestaan van die Republiek herdenk is nie.

In vanjaar se geval is dit egter nie die keurkomitee nie, maar die *Akademie self* wat besluit het om geen toekening te maak nie. Met ander woorde, terwyl daar nou die geleentheid was om een van ons belangrikste dramaturge te vereer, en terwyl die keurkomitee dit ook eenparig só aanbeveel het, was die finale beslissing tog dat Uys Krige se werk nie die Hertzogprys verdien nie.

Daar is ’n beroep gedoen op die Akademie, “wat in 1952 bereid was om die spele van Gerhard Beukes met sy hoogste prys te vereer”, om in openbare belang sy redes bekend te maak waarom die Keurkomitee se aanbeveling nie aanvaar is nie.

In die *Sunday Times* van 15 Mei 1966 verskyn ’n berig onder die opskrif “*Hertzog prize veto on Krige – again*”. Hierin berig M.M. Levin dat John Malherbe, die Kaapse uitgewer van Afrikaanse boeke, die Akademie se volgehoue weiering om Krige te bekroon, beskou het as “*a political vendetta*”, en dat dit vir hom voorgekom het asof die Akademie Krige as te uitgesproke beskou het. Ook Kannemeyer se mening (“*I think the Akademie’s action will cause considerable distress in Afrikaans literary circles*”) en dié van W.A. de Klerk (“*It is a very sad decision*”) is weergegee.

Op Maandag 16 Mei, nadat P.J. Nienaber, Akademierraadsvoorsitter, die lede van die Uitvoerende Komitee geraadpleeg het (ARN 1966: 6 Junie), is die verslag van die Keurkomitee uitgereik in ’n persvrystelling wat soos volg ingelei is:

Vanweë kritiek wat in die pers verskyn het[,] het die Uitvoerende Komitee van die Akademierraad besluit om die verslag van die Letterkundige Keurkomitee ter algemene inligting te publiseer. Die Akademierraad het besluit om geen Hertzogprys vir Drama vanjaar toe te ken nie; die Akademierraad oordeel suiwer op meriete en ag homself nie verplig om redes vir sy besluite te verstrek nie. Die verwysing na Krige se poësie en prosa in die verslag is nie ter sake nie, omdat slegs drama vanjaar aan die beurt was. Die Hertzogprys is ’n prestige en geen aanmoedigingsprys nie; die Eugène Maraisprys is die Akademie se aanmoedigingsprys vir skeppende letterkunde.

Dan volg die volledige verslag, wat, onder andere, die volgende dag, Dinsdag 17 Mei 1966, in *Die Burger* verskyn het (“Akademie doen verklaring”). Die aangehaalde keurkomiteeverslag strek tot by die laaste sin:

Die komitee beveel dus aan dat die Hertzogprys vir toneelskryfkuns aan hom toegeken word deur die Akademie.

Op Woensdag 18 Mei 1966 is etlike menings oor die Akademie se persvrystelling in *Die Burger* weergegee (“Skerp kritiek volg op verklaring”) – kritiek teen die Akademierraad se optrede, maar ook teen die Keurkomitee se aanbeveling wat “so swak” opgestel is:

- Prof. H. van der Merwe Scholtz het gesê dat hy moes toegee “dat die keurkomitee sy saak sekerlik nie besonder sterk gestel het nie” – daar is “soveel kwalifikasies in die verantwoording van die aanbeveling dat die Akademie ongetwyfeld êrens aanleiding gehad het vir sy besluit”.
- Dr. J.C. Kannemeyer “het ook sy spyt uitgespreek dat die keurkomitee sy motivering so swak gestel het, want daardeur het hy gedeeltelik skuld daaraan dat die aanbeveling deur die Fakulteitsraad en die Akademiesraad verwerp is”. Kannemeyer het opgemerk:

Die oorbeklemtoning van Krige se werk as digter en prosaïst was ’n **taktiese flater**. Ongelukkig het die Fakulteitsraad, waarvan sewe lede vanjaar taal- of letterkundiges is en dus op die hoogte behoort te wees met Krige se belangrikheid as dramaturg, hom bloot deur ’n swak motivering daartoe laat lei om geen toekenning aan te beveel nie.
(Ek benadruk.)

- J.J. Human was van mening dat:
 - ▶ die Akademie eerder kon geswyg het “as om te kom met die motivering vir sy weiering wat hy nou aanbied, nl. dat die komitee eintlik aanbeveel het dat Krige die prys as aanmoediging kry”;
 - ▶ die sleutelwoorde in die verslag “hierdie vertraagde erkenning” is, en nie “spoorslag” nie;
 - ▶ die Akademie se nadruk op die woord “spoorslag” ongeregverdig is.
- Volgens D.J. Opperman was die Akademiesraad se verklaring onbevredigend “omdat hy nou die onus op die keurkomitee probeer werp, terwyl die komitee Krige duidelik aanbeveel het”.
- Prof. W.J. du Preez Erlank wou niks oor die verklaring sê nie, maar het daarop gewys dat die aanbeveling met groot sorg opgestel is en dat hy daarby staan.
- Volgens ’n korrespondent het T.T. Cloete in Port Elizabeth gesê
 - ▶ dat die Keurkomitee nooit bedoel het dat die prys as aanmoediging aan Krige toegeken moet word nie – dit was beslis nie die motivering vir die aanbeveling nie, en die woord is slegs as bygedagte in die laaste paragraaf van die aanbeveling genoem;
 - ▶ dat daar in die **skenkingsakte** ’n artikel is wat lui dat as ’n skrywer vir die eerste keer vir die prys aanbeveel word, sy hele “oeuvre” in ag geneem **moet** word (ek benadruk);
 - ▶ dat hy hom egter heeltemal by die besluit van die Akademie berus.

Cloete het in ’n berig wat op Woensdag 25 Mei in *Die Burger* verskyn het (“Prof. Cloete wys op fout”), gesê dat daar nie “moet” moes gestaan het nie, maar “kan”, en dat hy verwys het na paragraaf 7 van die handleiding vir die Keurkomitee vir die Hertzogprys:

Die keurkomitee het nie onnodiglik verwys na Krige se prosa en poësie nie, ewe min as wat hy dit bedoel het dat hy vanjaar vir prosa en poësie ook bekroon moet word. Die keurkomitee het alleen al te goed geweet dat daar in die Fakulteitsraad en in die Akademiesraad lede dien wat nié literatore is nie en vir wie daardie inligting allermins oorbodig kon gewees het.

Kannemeyer het in *Die Burger* van Donderdag 26 Mei verduidelik dat hy saamgestem het met die meld van Krige se prosa en poësie in die verslag, maar dat hy wel beswaar het teen die oorbeklemtoning daarvan terwyl eintlik net sy dramas in aanmerking moes kom. Volgens hom was die lang uitweiding oor Krige se prosa en poësie takties verkeerd in die lig van bepaling 8 van die Hertzogprystoekenningsprosedure wat vanaf 1962 geldig was, en hy verwys dan na *Die Hertzogprys vyftig jaar*. Die feit dat die 1961/1962-toekenningsprosedure wat daarin verskyn verkeerdlik voorgehou is as die nuutste weergawe van die prosedure (kyk bladsy 358), sou outomaties ook tot gevolg gehad het dat die “simpatiekgesinde”-bepaling wat met die 1963/1964-prosedure verval het, nié onder die aandag van kritici gekom het nie.

In ’n brief aan die *Sunday Times* waarvan melding gemaak word in ’n uitgawe van dié koerant op 22 Mei 1966 (“*Akademie walk-out threat over Krige*”), het prof. T.J. Haarhoff geskryf dat Krige erkenning moes kry van die Akademie:

But this body has consistently ignored Uys Krige. Why? Not surely on literary grounds. I can only think that it must be on political grounds – and politics should not enter into what ought to be a purely literary decision.

Truly a sad state of affairs. Perhaps it is not too late for the Akademie’s council to repent and reverse its decision.

In hierdie koerantberig word ook gesê dat die besluit oor die nietoekenning van die Hertzogprys gelei het tot ’n openlike botsing tussen die “*literary men in the Cape and those who dominate the Akademie in the Transvaal*”. Ook die menings van drie ander persone wat ten gunste was van ’n toekenning aan Krige, word gegee, naamlik dié van prof. Meyer de Villiers van die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch (“*The Akademie made a stupid decision*”), prof. Fred Engelen van die Departement Drama aan dieselfde universiteit (“*Mr. Krige is one of our best playwrights*”) en die dramaturg Adam Small, wie se eie drama, *Kanna hy kô hystoe* ook in aanmerking gekom het (“*There are obvious political and personal prejudices in the Akademie against Mr. Krige*”).

Uys Krige was uitgesproke oor die regering se hantering van sekere sake. Twee daarvan is die volgende:

- Kragtens die Groepsgebiedewet is ongeveer 65 000 bruinmense in die middel sestigerjare uit Distrik Ses in die Kaap verskuif omdat dit as ’n wit gebied geproklameer is (Giliomee & Mbenga 2007:319). In die *Sunday Times* van 13 Februarie 1966 het Uys Krige hom sterk daarteen uitgespreek.⁷³ Die Kaapse stadsraad het verhoë gerig tot die Eerste Minister, dr. H.F.

Verwoerd, dat die proklamering heroorweeg word, maar juis in Mei 1966, midde-in die Hertzogprysdebakel rondom Krige, het Verwoerd aangedui dat die besluit finaal is “met die oog op die uiteindelijke ware belange van die Kleurlinge en van Kaapstad” (*Die Burger*, 24 Mei 1966: “Beslissing oor Distrik Ses is finaal, sê Verwoerd”).

- Op 11 Mei 1966, vyf dae nadat die Akademieraad bekend gemaak het dat geen Hertzogprys vir Drama toegeken is nie, het die Veiligheidspolisie van Kaapstad die Voorsitter van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (N.U.S.A.S.), mnr. Ian Robertson, ingevolge die Wet op Onderdrukking van die Kommuniste, vir vyf jaar tot die landdrostdistrikte van Kaapstad en Wynberg ingeperk. Die bevel is onderteken deur adv. B.J. Vorster, die Minister van Justisie, Polisie en Gevangenis. (*Die Burger*, Donderdag 12 Mei 1966: “Voorsitter van N.U.S.A.S. ingeperk. Mag nie uit Kaap gaan nie”). Senator Robert Kennedy is deur N.U.S.A.S. na Suid-Afrika genooi. In dieselfde uitgawe van *Die Burger* is aangekondig dat prof. W.J. du P. Erlank (Voorsitter van die Hertzogpryskeurkomitee) deur die Akademie bekroon is met die 1966-Akademieprys vir Vertaalde Werk vir sy vertaling van Shakespeare se *Macbeth*, en dat die Akademie besluit het om geen Hertzogprys vir Drama toe te ken nie. (“Akademieprys vir Erlank”).

Vorster het geweier om Robertson in die hof aan te kla (*Die Burger*, Donderdag 26 Mei 1966: “Robertson word nie aangekla”). Studente het in opstand gekom teen die inperking van Robertson en daarop aangedring dat hy nie aangehou moes word sonder ’n regverdigde verhoor nie.

Dieselfde dag waarop die keurkomiteeverslag in *Die Burger* gepubliseer is, naamlik 17 Mei 1966, het ’n brief van Uys Krige in *The Cape Times* verskyn (“*An old S. African custom?*”).⁷⁴ Daarin het Krige die Minister van Justisie, adv. B.J. Vorster, uitgedaag om bewys te lewer van die ingeperkte N.U.S.A.S.-leier, Ian Robertson, se skuld. In *Die Burger* van 18 Mei 1966 (“Uys Krige rig uitdaging oor N.U.S.A.S.”) is dele van die brief só weergegee:

As Suid-Afrikaner voel ek gegrief oor wat hier in my naam en in die naam van alle Suid-Afrikaners gedoen word om die beeld van Suid-Afrika in die oë van die beskaafde wêreld skade aan te doen. En as mens – wat die belangrikste van alles is – voel ek kleiner, want wat onregverdiglik ’n medemens verklein, verklein my ook.

Dan word vervolg:

Wat ’n lekker happie vir ons “vyande”. Nee, nie ’n happie nie, maar ’n feesmaaltyd waaraan hulle met smaak sal weglê, veral aangesien dit gebeur kort voor Robert Kennedy se besoek. Kan ons Minister van Inligting nie oorreed word om die een of ander tyd met ons Minister van Justisie te praat nie?

Krige het gesê hy sal “die meeste hiervan terugtrek” as adv. Vorster duidelike, konkrete bewyse kon gee van die jong Robertson se skuld:

Kom, adv. Vorster, waarom al hierdie geheimsinnigheid, hierdie optrede in die duister (cloak-and-dagger business). Is die oortredinge van hierdie jong student so gevaarlik en desperaat dat hulle, ondanks die beskerming wat ons hoogs doeltreffende Polisiemag en leer ons bied, vir ons verberg moet word?

Praat met ons soos man teenoor man. Laat ons alles daarvan hoor. En so gou moontlik, sodat ons kan oordeel en, indien nodig, om verskoning vra.

In ’n brief aan Hiemstra gedateer 3 Junie 1966 (W.J. du Preez Erlank-versameling: 193.K.H.3) meld Erlank dat dit, ná Nienaber se verklaring “wat natuurlik ’n amptelike karakter gekry het”, vir hom “onmoontlik was om langer stil te bly”. Op Dinsdag 24 Mei 1966 het daar in *Die Burger* ’n brief van hom as Voorsitter van die Keurkomitee, verskyn (“Prof. Erlank lug bedenkinge oor Akademie-besluit”). Die rariteit van ’n brief deur ’n Keurkomiteevoorsitter aan ’n koerant, in reaksie op die Akademiesraad se vrystelling van die Hertzogprysverslag, en ter verdediging van die verslag self, maak weergawe van die brief wenslik. Erlank verskaf daarin drie redes waarom hy, ná die Akademiebesluit oor Krige, konstant geweier het om kommentaar te lewer:

- (a) Die samestelling van die keurkomitees van die Akademie is vertroulik;
- (b) Ook die bevinding en verslag van ’n keurkomitee aan die Akademie is vertroulik;
- (c) In die derde plek wil ’n voorsitter nie sy komitee kompromitteer met besonderhoude waarin hulle nie geken is nie. Maar noudat die voorsitter van die Akademie, om welke rede ook al, ons komiteeverslag gepubliseer het en daaraan ’n interpretasie gekoppel het, wat seer seker nie in ons bedoeling gelê het nie, voel ek verplig om te antwoord.

Erlank verduidelik dan dat die twee Keurkomitees vir die Hertzogprys en die Eugène Marais-aanmoedigingsprys gelyktydig vergader het onder dieselfde voorsitterskap, en dat daar, ná “heelwat meningswisseling en ’n bietjie meningsverskil” eenparig besluit is op Uys Krige vir eersgenoemde prys, en Henriette Grové vir laasgenoemde.⁶⁷⁵

Hoe die voorsitter van die Akademie onder die indruk kon gekom het dat met die Hertzogprys ook bedoel is “aanmoedigingsprys”, gaan my beperkte verstand te bowe.

Die verslag oor Uys Krige is meer as drie maande gelede aan al drie komiteeledede voorgelê vir kommentaar, aanvulling, wysiging, skrapping, ens. Maar dit is ook privaat voorgelê aan my kollega, prof. Opperman, omdat hy as eerlike en hoogstaande letterkundige besonder sterk gevoel het vir die bekroning van Uys Krige. Sy enigste kommentaar, wat ek met sy verlof publiseer, was die volgende: “Dit is ’n uitstekende verslag.”

675 Grové het die 1966-Eugène Maraisprys vir Drama ontvang vir al haar dramatiese werk (FRN 1966: 22 April; ARN 1966: 6 Mei).

Dat hy onmiddellik, ná die Akademiesraad se afwysing van die keurkomitee se aanbeveling, in die strydperk gesprink het, het ek van hom verwag. Minder gelukkig vind ek die suggestie dat die Akademie herhaaldelik uit “moedwil” Uys Krige verbygegaan het. Dit was verskillend saamgestelde keurkomitees,⁶⁷⁶ verskillend saamgestelde Fakulteitsrade en Akademiesrade, wat herhaaldelik Uys Krige verbygegaan het. Van oorerflike moedwil is daar geen sprake nie.

Oor die verslag self het Erlank hom soos volg uitgelaat:

Vae algemeenhede oor die vraag of dit takties die regte ding was om Krige vir sy hele oeuvre aan te beveel vir bekroning, of die komitee sy verslag sterker moes gestel het, ens., kan ’n mens eintlik ignoreer. As Krige-dramaturg, plus Krige-digter, plus Krige-prosaïs nie deur die Akademie goedgekeur word vir bekroning nie, watter hoop het Krige-dramaturg, minus Krige-digter, minus Krige-prosaïs?

Erlank wys daarop dat ’n komiteeverslag:

- nié ’n eensydige advokatepleidooi vir hierdie of daardie kandidaat is nie, aangesien die Akademie ’n te verantwoordelike liggaam is om hom daardeur te laat beïnvloed, en dat dit
- nié ’n “woordryke uitstappie op die terrein van die letterkunde” is nie (een van die belangrikste besware teen die 1952-toekenning was juis “die eensydige en hoogdrawende verheerliking wat al die grense van werklike verdienste oorskry het”),
- maar wél ’n “sober en saaklik opgestelde balansstaat van verdienste, waarin deugde en ondeugde van ’n bepaalde skrywer of kunswerk teen mekaar opgeweeg word en ’n oorwoë finale aanbeveling gemaak word”. Dit veronderstel “natuurlik ‘kwalifikasies’, in die een geval meer as die ander”.

Dié verslag dien dan

... voor ’n hoogontwikkelde groep vakkundiges, van wie sommige nie die tyd het, ánder nie die vermoë het om self so ’n balansstaat op te maak nie, maar wat almal in staat is om ’n balansstaat te lees. As dit bedoel was vir die groot publiek, wat eers moet íngelig word, en daarna breedvoerig moet vóórgelig word, sou so ’n verslag ’n totaal verskillende aansien gehad het.⁶⁷⁷

676 Die enigste persoon wat deurlopend betrokke was by die beoordeling van Krige se werk, was F.C.L. Bosman. Met die uitsondering van 1956, was hy vanaf 1941 tot 1963 ál die kere wat dramas bekroon kon word, lid van die Keurkomitee. (Kyk bladsy 355.)

677 Erlank merk in sy 3 Junie 1966-brief aan Hiemstra op (W.J. du P. Erlank-versameling: 193.K.H.3):

Ek kan werklik nie met jou saamstem dat vertroulikheid ooit ’n soort eenrigting-verkeer kan wees nie. My oortuiging, letterkundig en andersins, het ek nog nooit weggesteek nie. Maar as ek moes weet dat my letterkundige verslag gaan geopenbaar word, sal ek dit óf ánders opstel soos vir ’n oningeligte groot publiek, óf glad nie opstel nie, omdat ek nie tyd het om met lang letterkundige verduidelikings te reageer op andersdenkende kritiek nie.

Erlank wys daarop dat ’n komiteeverslag en “die oortuiging wat dit inhou”, nie gemeet moet word “aan sy bondigheid of breedvoerigheid nie”:

Die persoon wat net ’n bietjie publisiteit soek, se oortuiging staan meestal in indirekte verhouding tot die heftigheid van sy betoog. Die persoon wat net die waarheid soek, se oortuiging staan meestal in direkte verhouding tot sy soberheid en saaklikheid.

“Maar vertroulikheid werk na weerskante,” het Erlank vervolg, en hoewel hy dit enigszins kon verstaan, het hy dit jammer gevind dat die Akademie sonder verlof van die ondertekenaars, ’n vertroulike verslag gepubliseer het. Hy het nóg jammerder gevoel dat die Voorsitter “op so ’n stellige wyse” verklaar het dat die verwysing na Krige se prosa en poësie nie ter sake is nie:

Die keurkomitee het myns insiens die reg gehad om as daad van eenvoudige regverdigheid Krige se hele oeuvre, met besondere klem op sy dramatiese werk, aan te beveel vir bekroning.

Erlank het die “wanvoorstelling asof die keurkomitee ’n tweede aanmoedigingsprys sou aanbeveel het”, die “ongelukkigste van alles” gevind:

Dit word geloënstaaf deur die verslag self. Die verslag meld dat Krige vir prosa en poësie bekroning “misgeloop het omdat hy oorskadu is deur meer verdienstelike tydgenote”. As woorde iets beteken, staan hier dat Krige met sy prosa en sy poësie binne die toenmalige letterkundige situasie Hertzogprys-standaard bereik het, maar telkens deur ’n beter kandidaat uitgeskakel is. Daarop volg: “Dit geld in *nog hoër mate* vir sy dramatiese werk,” met die uitspraak dat enkele van sy eenbedrywe behoort “tot die beste wat ons op daardie gebied het”. As woorde iets beteken, staan hier ook dat Krige binne die toenmalige letterkundige situasie met sy eenbedrywe, nog meer as met sy prosa en poësie, Hertzogprys-standaard bereik het.

En selfs in die gewraakte slotparagraaf word gepraat van “vertraagde erkenning”. As woorde iets beteken, staan ook hier dat Krige lankal erken moes gewees het. Hoe prof. P.J. Nienaber tot die verkeerde veronderstelling kon gekom het, dat ’n “aanmoedigingsprys” beoog word, weet ek nie.

Ten slotte merk Erlank op:

’n Mens moet in ’n moeilike menslike situasie, soos Hertzogprys-toekennings altyd meebring, die finale beslissing van ’n verantwoordelike liggaam soos die Akademie aanvaar, al is dit met twyfel in jou hart. Maar ná die voorsitter se verklaring kan ek dit voor my gewete nie meer doen nie.

“In alle regverdigheid teenoor almal wat by die saak betrokke geraak het”, het Erlank die volgende aan die hand gegee:

- Indien die Keurkomitee verkeerd was in sy aanbeveling dat Krige se hele “oeuvre” (prosa, poësie en drama), met besondere klem op sy dramatiese werk bekroon word, moes die Keurkomitee gevra word of hy Krige wil aanbeveel suiwer op grond van sy dramatiese werk.
- Indien die Akademie deur die “bondige stelwyse van die verslag onder die vreemde indruk gekom het dat ’n aanmoedigingsprys bedoel word”, moes hy die Keurkomitee se versekering aanvaar dat niks minder as die Hertzogprys bedoel is nie:

Maar dan is dit die Akademie, met sy Fakulteitsraad en Akademieraad, wat met sy meerdere begrip ’n keurkomitee se unanieme aanbeveling verwerp het.

Erlank het in sy 3 Junie 1966-brief aan Hiemstra (W.J. du P. Erlank-versameling: 193.K.H.3) opgemerk dat dit sins insiens vir die Akademie veel beter sou wees as enige fout wat óf deur die Keurkomitee, óf deur die Voorsitter, óf deur die Akademieraad gemaak is, vóór die jaarvergadering in Stellenbosch reggestel word:

Die Akademie het ’n vyftigjarige rekord van skitterende werk en weinig foute, en dit in die moeilike menslike situasie van prystoekennings.

Foute is daar gemaak. Regtig, Victor, ek dink nie enige verklaring van die jaarvergadering sal dit kan wegredeneer nie.

F.I.J. van Rensburg het na aanleiding van Erlank se 24 Mei-koerantbrief in ’n onderhoud in Bloemfontein op Vrydag 27 Mei 1966 gesê dat die pad vir die Akademie daarmee gebaan was om sy besluit in heroorweging te neem. Onder andere in *Die Burger* van 28 Mei 1966 is daaroor berig (“Akademie kan besluit hersien”) en Van Rensburg se mening soos volg weergegee:

- Dit het duidelik geword dat daar misverstand was by die Keurkomitee sowel as by die twee Akademierade (Akademie- en Fakulteitsraad). Die Keurkomitee het die misverstand van sy kant af opgeklaar, en dit het nou by die twee Akademierade berus om die verduideliking te aanvaar en hulle besluit in heroorweging te neem.
- Dit was “tog onsinnig om Krige die slagoffer te laat word van die misverstande van die liggame wat oor sy geval moet besluit”. Die Akademie kon met eer uit sy dilemma kom, en dit sou “’n daad van eenvoudige regverdigheid teenoor Krige wees”.

Versoeke aan die Akademiesraad om te herbesin oor sy besluit, het nie geslaag nie. F.I.J. van Rensburg het 21 jaar later, in die *Vaderland* van 7 September 1987, berig oor die “vreemde geskiedenis” van die toekenning van die Hertzogprys aan Krige en opgemerk dat daar in die openbare debat,

.. maar veral in binnekamers, ... die bewering gemaak [is] dat Krige op dié manier moes boet vir sy protes teen die verskuiwing van die Kleurlinge uit Distrik Ses rondom daardie tyd. Die Regering het by monde van die destydse Minister van Justisie⁶⁷⁸ gedreig dat hy sy finansiële ondersteuning aan die Akademie⁶⁷⁹ sal heroorweeg indien die Akademiesraad sou toegee aan die druk om sy besluit te herroep.

Goosen het in 1968 beweer dat ’n minister (B.J. Vorster) op 31 Mei 1966, die dag waarop die vyfjarige bestaan van die Republiek herdenk is, die Akademie “kwaai laat skrik” het deur te sê: “Bekroon hom [Krige] en julle sal seerkry”,⁶⁸⁰ en dat Vorster gedreig het om Krige te arresteer sodra die Akademie hom bekroon (Serfontein 1970:86). “Vir die Akademie was Krige se Afrikanerskap en sy politieke siening nie suiwer genoeg nie”, sou Etienne van Heerden 22 jaar later sê (1988:27).

Benewens reaksie in die pers, het die Akademie ook ’n brief ontvang van F.I.J. van Rensburg gedateer 19 Mei 1966 (LK 1/11; ook ARUKA en ARUKN 1966: 6 Junie). Hy het verneem of daar nog geleentheid was om beskrywingspunte in te stuur met die oog op die jaarvergadering in Julie, en wat die presiese prosedure in dié verband was. Die “noodsaaklikheid om opnuut aandag aan die Akademie se bekroningsprosedure te gee” was vir hom “so klemmend” dat, indien hy nie self die jaarvergadering kon bywoon nie, hy gehoop het dat iemand anders die saak te berde sou bring of sou inisieer. Hy vervolg:

678 Advokaat B.J. Vorster het in 1966 erelidmaatskap van die Akademie ontvang.

679 Volgens Goosen het die Akademie in daardie stadium ongeveer R32 000 per jaar van die staat ontvang (ARUKN 1966: 6 Junie).

In 1910, tydens die heel eerste jaarvergadering van *De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, het dr. Engelenburg al gewaarsku teen die verkryging van regeringshulp (ZAATLK 1911:62-63):

Het is niet wenselijk en in zeker opzicht gevaarlijk de Regering om hulp te vragen. Wij moeten zo veel mogelijk met eigen krachten te werk gaan.

In 2000 het die staat besluit om die Akademie se subsidie in te trek.

680 Hierdie bewering kom voor in ’n dokument wat Goosen, in reaksie op Hiemstra se “onrus”-verslag, opgestel en versprei het op die vooraand van die 1968-Akademie-sitting in Bloemfontein (*Die Volksblad*, 22 Junie 1968: “Opslae word in Akademie verwag”). Tot dusver (Junie 2009) kon hierdie dokument nog nie in die Akademieargief opgespoor word nie.

Die jongste gebeure het my daarvan oortuig dat die huidige prosedure nie alleen opgeknop sal moet word nie, maar grondig hersien sal moet word. Die Akademie as 'n geheel is besig om skade te ly as gevolg van wat daar op die gebied van die Hertzogprystoekenning gebeur. En volgende jaar gaan die liggaam waarskynlik nog harder slaan as enige jaar vantevore as hy met die huidige prosedure gevang word, of as die tendens van die afgelope jare tot sy logiese eindpunt gevoer gaan word, nl. dat die Akademierraad volskaals toetree tot die veld van beoordeling. Ek vrees die gevolge vir ons letterkunde en ons hele geesteslewe.

Hy voeg by dat hy die saak “graag van so veel moontlike gesigshoeke besien om eensydigheid te vermy”. Na aanleiding van Goosen se terloopse opmerking teenoor hom tydens die jaarvergadering van die Vrystaatse Werkgemeenskap dat die Hertzogprysbekroningsreëls kort tevore “op 'n paar punte gewysig is”, vra Van Rensburg die gewysigde reëls aan. Hy wou veral weet hoe die bepaling lui wat die Keurkomitee magtig om buite die betrokke periode te beweeg, en waarop die Keurkomitee hom vir die 1966-toekenning beroep het. Van Rensburg noem dat hy beskik oor die 1963/1964-toekenningsprosedure waarin dit bepaling 8 was.

'n Paar dae later verskyn daar in *Beeld* van 22 Mei 1966 'n diepte-artikel deur Van Rensburg onder die opskrif “Hertzogprys: reguit praat het nodig geword”. Hierin herhaal hy talle van sy argumente soos opgeneem in die Akademie se Desember 1965-*Nuusbrief* (kyk bladsy 383). Van Rensburg sonder veral die wyse waarop die Hertzogprys toegeken is, uit as rede waarom “[b]elangrike dinge op kultuurgebied” die voorafgaande aantal jare “geskaad geraak” het, en noem twee: eerstens die Akademie self, wat in “'n tydperk waarin hy aan die uitgroei was tot 'n werklik gesaghebbende en verbeeldingryke liggaam”, toegelaat het dat hy op een bepaalde terrein 'n bespotting by “insigtiges” word “deur die volslae ondeskundige metodes waarmee hy daar opereer”; tweedens, “en belangriker”, die Afrikaanse letterkunde:

Die Akademie het 'n oorsaak geword, of het toegelaat dat van hom 'n oorsaak gemaak word, dat vyandiggesindheid tussen volk en letterkunde ontstaan het. Dit is een van die gevaarlikste dinge wat in die lewe van 'n volk en van 'n letterkunde kan gebeur. Geen Akademie en geen volk kan dit bekostig dat sy beste letterkundige kragte vyandig of onverskillig teenoor hom begin staan nie. Geen letterkundige, sy hy Akademielid of nie, lid van 'n keurkomitee of nie, kan herhaaldelik in die gesig geklap word en nog geesdriftig bly vir die saak van die Akademie nie.

Hy merk op dat dit in die reguit gesprek “nie soseer om dese en gene gaan nie, maar om gronde”. Hy noem onder andere dat die Keurkomitees van die voorafgaande ongeveer tien jaar, getoon het

dat hulle in staat is om na wêrke te kyk, soos die bekroningsreëls aan hulle voorskryf,⁶⁸¹ nie na persone nie, maar vra:

Kan die Rade, met hul hand op hul hart, dieselfde verklaar?

Van Rensburg sê dat hy nie anders kan as om te dink “dat daar ander faktore moet wees wat die oorsaak is van die Akademie se periodieke hantering van die prystoekennings nie”, en dan noem hy twee moontlikhede:

- Een sterk moontlikheid was dat sekere raadslede nie die konsekwensies besef het van die “simpatiekgesinde”-bepaling wat verval het nie:

Vroeër kon iemand nog argumenteer: die Hertzogprys is ’n “trust”-prys, die bekroonde skrywer moet die ideale van genl. Hertzog goedgesind wees.

Hierdie “serwituut” het “weggeval”, en dit moes besef word.

Volgens Van Rensburg was dit sinloos om “die volk” in die toekenningsoorwegings te betrek aangesien dit in elk geval op ’n verouderde beeld van “die volk” berus:

Die Afrikanervolk het in die afgelope aantal jare op ’n aantal terreine getoon dat hy oor ’n merkwaardige groeivermoë beskik. Dink maar aan die politiek en die ekonomie. Ons onderskat sy groeimoglikhede op ander terreine, soos die literatuur. ’n Volk wat sy sout werd is, sal hom in tye soos hierdie so spoedig moontlik kan neerlê by hierdie toedrag: die wete dat sy hoogste prys uitdruklik bedoel vir die beste waartoe hy in staat is werklik aan die beste toegeken en niks minder nie. Om hierdie eenvoudige aanvaarding in die pad te staan, is om die Akademie soos ’n stomp in die pad van die Afrikaanse letterkunde te rol, soos Van Wyk Louw dit ’n paar jaar gelede tereg gestel het.

- ’n Tweede oorsaak van die toestand was volgens Van Rensburg “die selfingenomendheid wat daar binne Akademiëgelede heers” oor die algemene stand van toekennings tot in daardie stadium. Twee aspekte word aangeraak:
 - ▶ Van Rensburg sê dat dit graag so voorgestel word asof die boeke wat die prys ontvang het, die hoogtepunte van die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig:

Dit is beslis nie die geval nie. As gevolg van allerlei prosedure-stommiteite, tot selfs administratiewe ongerymdhede toe, afgesien van periodieke swak beslissings deur bepaalde keurkomitees (dinge waaroor dr. P.J. Nienaber in sy gesaghebbende boek oor die Hertzogprys breedvoerig rapporteer), verteenwoordig die

681 Die bekroningsreëls het in 1962 en 1963 voorgeskryf dat die Hertzogprys net toegeken kon word aan Suid-Afrikaanse burgers “wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk” – ’n bepaling wat kon verhoed dat die klem op die wêrk val.

onbekroonde gedeelte van ons letterkunde, veral op die gebied van die poësie, die waardevolste gedeelte van ons literatuurskat, terwyl sommige van ons belangrikste skrywers nooit bekroon is nie, o.a. Eugène Marais, Hettie Smit, Jan van Melle en, in die jaar 1966 nog steeds, Uys Krige.

- ▶ Volgens Van Rensburg moet daar weggekrom word van die “waan” dat “die Akademie steeds vernuwing met gehalte onmiddellik raakgesien en bekroon het”:

Die feite van die saak is dat die Akademie steeds watervrees vir vernuwing getoon het, en dat hy spesiaal by vernuwingsgeslagte swaar in die skuld staan. Die feite is daar en verdoemend vir wie oë het om te kyk.

Die situasie rondom die “eerste belangrike Dertiger” (W.E.G. Louw), die “groot Veertiger” (D.J. Opperman), die “belangrikste Vyftiger” (Peter Blum) en die worsteling om ’n Sestiger (Leroux) bekroon te kry, word dan geskets, en Van Rensburg vervolgt:

Die Akademie het meermale sy plig ontduik om vernuwing met gehalte te onderken deur die veilige tegniek van geen toekenning vir ’n betrokke jaar nie. Langs hierdie weg is hy besig om ’n agterstand t.o.v. jongere skrywers op te bou as gevolg van versigtigheid om kleur teenoor “die volk” te wys, met die gevolg dat hulle binnekort opnuut met Uys Krige-probleme opgesaal sal sit.

Ter afsluiting merk hy op dat, voordat hierdie feite nie in die gesig gestaar word nie,

- daar nie “werklike redmiddels” gevind sal word nie;
- die Akademie “onnodig in die gedrang [sal] beland”;
- die “Afrikanervolk sy reg op natuurlike omgang met sy literatuur ontsê [sal] wees”, en
- die mees “insigtige literêre geeste al meer en meer van Akademie en volk vervreem [sal] raak”.

Op 23 Mei 1966, ’n dag nadat die berig in *Die Beeld* verskyn het, skryf Van Rensburg weer ’n brief aan die Akademie en versoek dat die volgende beskrywingspunt opgeneem word in die agenda van die volgende algemene vergadering van die Akademie: “Die Jaarvergadering spreek hom uit oor die literêre bekroningsprosedure van die Akademie”. Hy vra die Akademiesdirekteur om hom attent te maak op enige moontlike tegniese haakplek wat daar miskien in die formulering of in die versoek as ’n geheel voorkom. Hy merk op dat sy bedoeling is dat die Jaarvergadering hierdie belangrike aangeleentheid sal bespreek met die oog op konkrete voorstelle om die heersende toedrag te verbeter. As naskrif versoek hy Goosen om, weens tydsgebrek, só op te tree dat hierdie belangrike saak so gou moontlik bespreek sal word “sodat daar iets konkreets uit voortkom” – moontlik betyds om die “verwagte gevaar” van die volgende jaar “af te weer”. Hy verwys ook na ’n telegram wat Goosen daardie middag gestuur, en hom onder die indruk gebring het “dat dinge nou haastig moet gaan”.

Op 1 Junie 1966 het Van Rensburg weer aan Goosen geskryf. Hy meld dat Goosen se telegram waarin 'n opvolgbrief in die vooruitsig gestel is, hom nog nie bereik het nie. Van Rensburg wys op die moontlikheid van heroorweging, die dringendheid dat aandag gegee moet word aan die prosedures, en vra veral inligting oor die volgende:

In die eerste plek hoe dit gekom het dat die artikel in die prystoekenningsreëls wat vroeër gemeld het dat bekroondes “beslis simpatiek moet staan teenoor die aspirasies van die Afrikanervolk”, vervang is deur die een wat slegs melding maak van Suid-Afrikaanse burgerskap.⁶⁸²

In die tweede plek (maar hieroor verlang ek eintlik, as dit kan, nog vroeër inligting): bestaan daar enige prosedurestappe wat gevolg kan word om die Fakulteitsraad vir Geesteswetenskappe en die Akademieraad te versoek om hul besluit i.v.m. die Hertzogprys in heroorweging te neem? M.i. het dit tot op datum duidelik geblyk dat daar misverstande op die spel was, en dié belangrike feit sou heroorweging regverdig. Daar kan tog nie toegelaat word dat Uys Krige a.g.v. tegniese misverstande die prys misloop nie.

As heroorweging moontlik is, dan sal dit uiteraard voor die Jaarvergadering moet gebeur. Aangesien reëlins redelik vinnig getref sal moet word, en ek nie verantwoordelik wil wees vir enige moontlike tydverlies nie (gestel dit lê op die pad van 'n Fakulteitslid om soiets aanhangig te maak), dan wil ek hiermee formeel versoek dat die twee Rade die saak opnuut oorweeg in die lig van die keurkomitee se verklaring van hoe sy verslag geïnterpreteer moet word.

Op 2 Junie 1966 vra Goosen in 'n brief verskoning dat die Akademie telegramme moes stuur, maar noem dat dit noodsaaklik was omdat die agenda reeds drukkers toe is. Hy meld onder andere dat die agenda en jaarverslag Van Rensburg betyds sou bereik en dat die nuwe bekroningsreëls aan hom gestuur sou word sodra dit gereed is.

Ook André P. Brink het in 'n brief aan die Akademie gedateer 30 Mei 1966 versoek dat herbesin moes word (ARUKA en ARUKN 1966: 6 Junie):

Ek het dit goed geag om nie in die openbaar deel te neem aan die ongelukkige stryd oor en om die Hertzogprys nie, maar ek sal dit waardeer as u my gevoelens aan die Akademieraad sal oordra. Dis vir my 'n uiters ongelukkige en onhoudbare toestand dat die Akademie 'n literêre komitee aanwys om sy bekronings te doen en dan teen die eenparige bevinding van daardie komitee in so 'n stap soos die huidige gaan doen. Dit beteken dat die toekenning van die hoogste literêre prys in Afrikaans nie meer berus by literatore nie, dat bekronings nie beskou kan word as erkenning van werk op suiwer literêre grondslae nie, en dat die hele struktuur van die prystoekennings daarmee onder verdenking kom.

Ek glo dat dit nog nie te laat is om vanjaar se ongelukkige deurmekaarspul op te ruim as die Raad groot genoeg wil wees om die bevinding van sy eie literêre komitee tóg te aanvaar nie. Selfs as dit nie gebeur nie, sou ek graag as Fakulteitslid aandrang dat daar

682 Tot dusver (Junie 2009) kon nog nie uit Akademieargiefdokumente vasgestel word wanneer en deur wie besluit is om hierdie bepaling te laat verval nie.

minstens voorsiening gemaak word dat so iets nie weer sal gebeur nie. Die prestige en van die Hertzogprys en van die Akademie word in die gedrang gebring. As ek, soos stellig heelwat ander lede en Fakulteitslede, nie die versekering kan kry dat literêre komitees voortaan gerespekteer sal word nie, sal ons genoodsaak wees om ons lidmaatskap baie ernstig in heroerweging te neem.⁶⁸³ Die toekenning van die prys aan Uys Krige, selfs op hierdie late tydstip, sal veel doen om ons te oortuig van die goeie wil van die Akademie wat nou helaas 'n knou gekry het.

Hierdie brief is saam met Van Rensburg s'n voorgelê aan die vergadering van die Uitvoerende Komitee gehou op 6 Junie 1966 in die Engelenburghuis, Pretoria. Na aanleiding van dié twee briewe merk P.J. Nienaber op:

- dat die verslag van die Keurkomitee vrygestel is nadat lede van die Uitvoerende Komitee geraadpleeg is;
- dat die SAUK gevra het om met hom 'n onderhoud te voer wat op Woensdagaand 8 Junie 1966 uitgesaai sou word, en
- dat die Keurkomitee “tot verantwoording geroep [moet] word”.

Vier besluite is geneem (ARUKN 1966: 6 Junie) :

- 1) Die vrystelling van die Hertzogprysverslag asook die SAUK-onderhoud is (terugskouend en amptelik) goedgekeur.
- 2) Die drie lede van die Keurkomitee moes genooi word om die Uitvoerende Komitee informeel te ontmoet op Woensdagaand 29 Junie.
- 3) Regter Hiemstra sou by die algemene vergadering verduidelik “hoe die bekroningsmasjinerie werk”.
- 4) Optrede sou teen dr. Van Rensburg oorweeg word in die lig van verdere ontwikkelinge.

Benewens sy brief in die koerant, het Erlank in sy 3 Junie 1966-brief aan Hiemstra (W.J. du P. Erlank-versameling: 193.K.H.3), sy mening gelug oor 'n aantal sake, onder andere sy interpretasie van die woord “oeuvre”:

In my taalgebruik beteken dit net een ding: “sy hele letterkundige produksie – prosa, poësie, drama, essay, ens.” Ek het nog nooit in al my lektuur dit teëgekomp dat mense praat van iemand se hele “dramatiese oeuvre” of sy hele “poëtiese oeuvre” nie. Die keurkomitee het, as mense wat gedurig met daardie by uitstek letterkundige term te doen kry, m.i. die reg gehad om bogenoemde gangbare betekenis daaraan te heg.

Die daaraan voorafgaande sinnetjie “'n skrywer wat nog nie voorheen bekroon is nie”, versterk eintlik ons interpretasie. Dit beteken net dat jy nie 'n skrywer A, wat tevore

683 In 'n brief aan Krige gedateer 27 Mei 1966, spreek Brink sy “bittere ontsteltenis” uit dat “hierdie oor-en-oor verdienende prys” van Krige weggehou word (Uys Krige-versameling: 225.KL.B.14[1]). Brink meld ook sy brief aan die Akademie en voeg by:

Ek het tot dusver nog altyd net lid gebly ter wille van die kans om eendag die ‘gebaar’ van bedanking te maak, en dié lyk my 'n goeie kans.

reeds vir sy poësie bekroon is, nou vir sy prosa mag bekroon met inagneming van sy hele oeuvre nie – want vir sy poësie het hy reeds sy loon weg. Enige ander interpretasie maak daardie sinnetjie sinneloos. Neem net die Akademie se interpretasie en pas dit toe op ’n bepaalde rubriek, byvoorbeeld die drama, dan sou dit so lees: “En hy (die keurkomitee) kan ’n skrywer, wat nog nie voorheen vir sy drama bekroon is nie, vir sy hele dramatiese oeuvre aanbeveel”. Dit sou tog sinneloos wees van die keurkomitee om ’n skrywer wat wel voorheen vir sy dramatiese werk bekroon is, nou weer, na aanleiding van ’n onbekroonbare drama, aan te beveel vir hêrbekroning kragtens sy hele “dramatiese oeuvre”, d.w.s. insluitende die reeds bekroonde dramatiese werk!

Ek kan regtig nie anders voel nie: Óf die Akademie was verkeerd in hulle interpretasie van daardie paragraaf 7, óf hulle het daardie paragraaf so sleg geformuleer dat hulle self hul keurkomitee mislei het.

Met betrekking tot terugverwysing van die verslag na die Keurkomitee, merk hy op:

[D]ie Voorsitter van die Akademieraad [moes], ná hulle die foutiewe interpretasie en dus foutiewe aanbeveling van die keurkomitee ontvang het, gevra het vir ’n amptelike interpretasie van daardie paragraaf. As die Akademieraad, ’n verantwoordelike liggaam in wie se integriteit ek die volste vertrou het, besluit dat ons interpretasie verkeerd was, en dat “hele oeuvre” daar beteken “hele dramatiese oeuvre”, dan berus ek so maklik as wat in gesag [sic] van die meerdere liggaam.

Maar as dit die amptelike interpretasie is, moes die Akademie in alle regverdigheid teenoor sy keurkomitee die saak terugverwys het na hulle vir ’n verslag oor Krige se suiwer dramatiese verdienste.

Ter afsluiting noem Erlank vier maniere waarop foute herstel kon word (ek benadruk):

- (a) Ons moet, sonder publikasie na buite, net vir die informasie van Akademielede, die reël hêrbevestig dat keurkomiteeverslae na weerskante toe vertroulik is. Dit hou geen sensuur op die huidige Uitvoerende Komitee in nie; hulle het gedink dat openbaarmaking van die komitee se betreklik suiwer maar doelbewus sober gestelde verslag die perskampanje sou stop. Dit het ongelukkig nie. Maar dis ’n psigologiese oordeelsfout wat elkeen van ons kan maak, omdat die publiek so ’n veelkoppige bees is. Maar vir die bevrediging van toekomstige keurkomitees moet ons heel privaat daardie beginsel van vertroulikheid hêrbevestig.
- (b) Klaarblyklik is die vraag of die keurkomitee in terme van paragraaf 7 die reg gehad het om Krige se hele oeuvre (insluitende poësie en prosa) aan te beveel, nooit op die betrokke Akademievergadering gestel nie. M.a.w. die Akademieraad het Krige se hele oeuvre (insluitende poësie en prosa) nie bekroningswaardig geag nie, ten spyte van die komitee se spesifieke aanbeveling. As dit die geval is, **vind ek dit ’n uiters onregverdige verskuiwing van die onus op die keurkomitee om in ’n openbare verklaring twee ánder redes te noem vir nie-bekroning, nl. die feit dat poësie en prosa ingesluit is in die verslag, en die vreemde interpretasie dat die komitee ’n “aanmoedigings-prys” sou bedoel het.** Hoe keurkomitees, as my feite korrek is, ooit weer vrymoedigheid sal hê om die Akademie met deskundige advies te dien, weet ek nie. Dit moet ook privaat reggestel word.
- (c) Die Akademieraad moet m.i. die misverstand ten opsigte van Par. 7 uit die weg ruim, al sou hulle net amptelik in onomwonde taal bevestig wat die Voorsitter in

sy persverklaring namens die Uitvoerende Komitee gesê het. As die Akademieraad daarby die vrymoedigheid het om te erken dat sy formulering van Par. 7 moontlik rede tot verwarring kon gegee het, sal dit meer as iets anders bydra om die vertroue van keurkomitees te herstel.

- (d) In daardie geval moet die saak m.i. terugverwys word na dieselfde of desnoods 'n ander of desnoods 'n meer uitgebreide keurkomitee om verslag uit te bring suiwer op Krige se dramatiese werk alleen.

Erlank het aangetoon dat hy van plan was om 'n brief in dieselfde trant as bogenoemde aan die Akademieraad te skryf, maar indien Hiemstra oortuig was dat hulle langs hierdie weg die vertroue kon herstel, sou Erlank lievers wou sien dat die inisiatief van Hiemstra, Nienaber en die ander lede van die Uitvoerende Komitee uitgaan.

Tydens 'n spesiale vergadering van die Uitvoerende Komitee en die Letterkundige Keurkomitee vir die Hertzogprys, gehou op Saterdagoggend 18 Junie 1966 by die Engelenburghuis, was teenwoordig prof. P.J. Nienaber (Voorsitter), dr. S.M. Naudé (Ondervoorsitter), regter V.G. Hiemstra, dr. A.J.A. Roux, keurkomiteeledes W.J. du P. Erlank en C.J.M. Nienaber, asook Goosen, die Direkteur. Prof. Cloete kon nie teenwoordig wees nie en Goosen het 'n brief van hom aan die vergadering voorgelees.⁶⁸⁴ Na 'n "deeglike bespreking" is 'n verklaring opgestel wat hoofsaaklik handel oor die misverstand rondom paragraaf 7 van die Hertzogpryshandleiding wat deur Keurkomitees verkeerd vertolk kon word as bedoelend dat 'n skrywer vir sy hele oeuvre, insluitend ánder literêre kategorieë as wat vir 'n spesifieke jaar in aanmerking kom, bekroon kon word. Die verklaring het in die September 1966-*Nuusbrief* van die Akademie verskyn (SAAWEK 1966b:31 & 33):

Die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad en die letterkundige keurkomitee vir die Hertzogprys vir 1966 het tesame beraadslaag oor die Akademieraad se verwerping van die Keurkomitee se aanbeveling en die ontevredenheid wat daaruit ontstaan het. Die volgende gesamentlike verklaring word uitgereik:

- (a) Die keurkomitee het die regulasies vertolk asof dit hulle die reg verleen om kragtens par. 7 van die handleiding 'n Hertzog-prys toe te ken hoofsaaklik vir drama met die bykomstige verdienste van die hele oeuvre insluitend poësie en prosa. Daar word in par. 7 gesê die komitee mag, as hy geen werk van die afgelope drie jaar bekroningswaardig ag nie,

“ook werke in aanmerking neem wat voor die dan geldende tydperk verskyn het, en hy kan ook 'n skrywer wat nie voorheen bekroon is nie, vir sy hele oeuvre aanbeveel”.

- (b) Die Akademieraad wys daarop dat dit nie die bedoeling van die regulasie is nie. Die hele stel regulasies geld uitsluitend vir die letterkundige genre wat in die betrokke jaar aan die beurt is. “Hele oeuvre” het betrekking op die hele oeuvre in die *afdeling* wat die jaar aan die beurt is, en die bedoeling is dat 'n enkele werk uit

684 Tot dusver (Junie 2009) kon hierdie brief nog nie in Akademieargiefdokumente gevind word nie.

die skrywer se verlede bekroon kan word, of ook – indien hy nog nie voorheen bekroon is nie – al sy werk sonder om bepaald een boek uit te sonder. Maar dit bly in die betrokke afdeling.

- (c) Die Akademiesraad het voor hom ’n verslag gehad wat breedvoerige verwysings na Uys Krige se poësie en prosa bevat, en het dit beskou as ’n duidelike erkenning dat sy dramatiese werk, alleen geneem, nie die Hertzogprys regverdig nie.
- (d) Billikheidshalwe erken die Akademiesraad dat die regulasie vatbaar is vir die uitleg wat die komitee daaraan gegee het, en dit sal vir die toekoms duideliker gestel word. Die Akademiesraad was ten tye van sy sitting nie bewus van hierdie moontlike verkeerde interpretasie van par. 7 nie.⁶⁸⁵
- (e) Binne die amptelike interpretasie wat die komitee nou gekry het van par. 7 kan hy begryp dat sy verslag nie deur die Akademiesraad aanvaar kan word nie.
- (f) Sedert 1928, met toestemming indertyd deur genl. Hertzog gegee, word die prys afsonderlik vir die drie letterkundige genres [literêre kategorieë] toegeken, en daar bestaan geen presedent vir die bekroning van die drie genres tesame nie.
- (g) Daar het lekkasie van vertroulike inligting plaasgevind, wat misverstand by die publiek veroorsaak het. So iets is ’n ernstige onreëlmatigheid.

Daar is vervolgens besluit dat die verklaring aan die Akademiesraad en aan prof. T.T. Cloete voorgelê moes word, en dat die Voorsitter, Nienaber, dit ná die algemene vergadering kon vrystel.

Die opsie om die verslag terug te verwys na die Keurkomitee, word nêrens genoem nie. Verder is die misverstand toegeskryf aan die lekkasie van vertroulike inligting, terwyl die werklike redes onder andere die volgende was:

- die onnoukeurig bewoorde handleiding,
- die verskaffing van die verouderde 1961/1962-Hertzogprystoekenningsprosedure as die nuutste weergawe in *Die Hertzogprys vyftig jaar*, en
- die onsekerheid rondom die status van die 1963/1964-prosedure.

Na aanleiding van die spesiale 18 Junie 1966-vergadering van die Uitvoerende Komitee en die Keurkomitee, skryf Erlank op 20 Junie 1966 aan Cloete (W.J. du P. Erlank-versameling: 193.K.S.3), met ’n aanduiding dat ’n afskrif van die brief ook aan die Uitvoerende Komitee gaan, dat P.J. Nienaber binnekort die gesamentlike verklaring aan Cloete sou voorlê. Die samesprekings beskou hy as “baie openhartig” en vervolg (ek benadruk):

Die indruk is tevore na buite verwek en jy het dit seker ook deur vriende en vyande van die Akademie hoor uitspreek, dat die U.K. geskrik het en die skuld las van die nie-bekroning in die geval van Krige op die keurkomitee probeer afskuif het. As daar iets

685 Tog het die Keurkomitee in hulle verslag spesifiek gesê hulle neem prosa en poësie ook in ag juis op grond van paragraaf 7 (kyk bladsy 394). Indien Akademiesraadslede die verslag self noukeurig gelees het, sou hulle dit raakgesien het.

van daardie indruk by my ontstaan het, is dit beslis verwyder deur die gees waarin almal van ons die nare probleem benader het. Ons het gevoel dit gaan in die eerste plek om die eer en die beste belang van die Akademie, wat so 'n sentrale plek in die lewe van ons volk inneem of behoort in te neem.

Dit was waarskynlik swaar vir die U.K. om te erken dat die Akademie se formulering van Par. 7 van die Handleiding vatbaar is vir die interpretasie wat die keurkomitee daaraan gegee het, die interpretasie waarop ons verslag gebaseer is. Hulle hét dit erken en ook verklaar dat hulle ten tyde van die Akademiesraad se vergadering nie bewus was van die dubbelsinnigheid nie. In ieder geval het hulle nou 'n amptelike interpretasie van die paragraaf gegee en onderneem om dit by 'n volgende vergadering te hêrformuleer. Ek dink ons moet die gesag van die meerdere liggaam aanvaar dat hulle iets anders bedoel het as wat ons, waarskynlik tereg, daarin gelees het. Daarmee verval natuurlik ook die geldigheid van ons verslag in sake Uys Krige.⁶⁸⁶

Of die Akademiesraad ná sy ontdekking van die dubbelsinnigheid die saak moes terugverwys het na sy keurkomitee, is iets wat ons heeltemal aan hulle gewete en hulle oordeel moet oorlaat. Ek persoonlik sal daarop nie aandring nie om redes wat ek aan die end van my brief sal aandui.

Die tweede punt was publikasie van 'n vertroulike verslag sonder verlof van die ondertekenaars en sonder gelyktydige publikasie van relevante uittreksels uit hulle eie notule. Tegnies het hulle natuurlik die reg, hoewel daar geen presedent bestaan vir die publikasie van 'n verslag wat die Akademiesraad verwêrp het nie. Takties en eties vind ek dit 'n ongelukkige besluit. Maar die belangrike les wat ons samespreking my geleer het, is dat dit selfs vir briljante wetenskaplikes uit ander vakgebiede moeilik is [om 'n]⁶⁸⁷ balansstaat te lees en daaruit sy presiese draagkrag af te lei. Die enigste oplossing vir hierdie probleem sou wees dat die Fakulteitsraad en Akademiesraad, in die seldsame geval dat hulle 'n komitee-verslag verwerp, daardie komitee uitnooi na hul vergadering, hul besware teen die verslag stel, en die komitee geleentheid gee om te verduidelik. Dit lyk vir my 'n belangrike punt wat ons moet toevoeg tot die prosedure by Hertzogprystoekennings ens.⁶⁸⁸

Dan noem Erlank “drie klasse mense wat Krige wil bekroon”:

- Die imperialistiese Engelsman, wat smaal op al wat Afrikaans is, selfs op Krige se eie werk maar wat Krige wil misbruik om 'n eie doel te dien.

Erlank merk op dat Krige hom laat gebruik, soos toe Krige na aanleiding van Robertson se inperking, “Minister Vorster uitgedaag het tot 'n tweeveg”.

- Die onbekroonde en onbekroonbare vyande van die Akademie. Hulle sou die Akademie net so venynig aangeval het as die Akademiesraad Krige wél bekroon het. Hulle sou met

686 Tog het Cloete in voorlopige aanbeveling aangedui dat Krige die prys waardig is op grond van sy dramas alleen ook (kyk bladsy 389).

687 In die oorspronklike brief ontbreek daar woorde.

688 Hierdie gedagte het deels neerslag gevind in bepaling 6 van die Mei 1968, 1969 en 1970-bekroningsvoorskrifte van die Hertzogpryshandleiding wat bepaal het dat die Voorsitter van die Letterkundige Kommissie die Akademiesraad oor die verslag te woord moes staan en, indien die verslag nie eenparig is nie, dat die Akademievoorsitter ook 'n woordvoerder vir die minderheid kon uitnooi (kyk bylaag CC op bladsy 671).

'n vérkyker sy foute beskou het, en die vérkyker omgedraai het vir die beskouing van sy deugde. Ons fout was dat ons artistiek en wetenskaplik 'n eerlike beeld wou gee van Krige die kunstenaar. Die Akademiesraad het dit nie verstaan nie.

Volgens Erlank moes Keurkomitees vir die toekoms miskien “dinge maar nadrukliker en breedvoeriger stel”. Hy voeg by dat hy dit sê sonder enige bitterheid.

- Die mense wat hul persoonlike, politieke, godsdienstige ens. antipatie kan afstroop, soos 'n rinkhalsslang sy vel, en voor 'n letterkundige situasie suiwer letterkundig kan oordeel. Dit is wat ons komitee probeer doen het. Kom ons aanvaar ons mislukking in die sekerheid dat dit vir die Akademie en vir ons volk êrens, ééndag 'n doel sal dien.

Erlank versoek Cloete ten slotte om die gesamentlike verklaring te teken as Cloete die vrymoedigheid sou hê, en verwoord sy eie mening oor 'n Krige-toekenning:

[Ek] is bitter jammer dat die Akademie Krige nie vir sy drama, met die bykomstige verdienste van sy poësie en prosa kan bekroon nie. Maar Krige is vir my letterkundig nie so belangrik, dat ek gewillig is om terwille [sic] van hom die Akademie en die Afrikaanse volk in verleentheid te bring nie, beslis nie in hierdie krisistyd nie.⁶⁸⁹

Op 22 Junie 1966 het Erlank afskrifte van sy brief aan Cloete en Goosen gestuur met die versoek om dit aan dr. Ampie (A.J.A.) Roux en Meiring Naudé te besorg. Erlank sou self afskrifte aan P.J. Nienaber en regter Hiemstra stuur. (LK 1/11.)

Nienaber en Goosen⁶⁹⁰ het met Cloete 'n onderhoud gevoer en laasgenoemde het die gesamentlike verklaring goedgekeur (ARN 1966: 29 Junie).

Die verklaring is op 29 Junie 1966 ook deur die Akademiesraad goedgekeur. Hulle het besluit om dit na afloop van die huishoudelike vergadering aan die pers vry te stel en, op voorstel van A.J.A. Roux, die volgende Akademiesraadsvergadering aan die Hertzogprys te wy (kyk bladsy 430). P.J. Nienaber het aangedui dat hy die volgende dag tydens hierdie vergadering “reguit wil praat”. Kennis is geneem van die Van Rensburg- en Brink-briewe. (ARN 1966: 29 Junie.)

689 Erlank het in 'n 3 Junie 1966-brief aan Hiemstra (W.J. du P. Erlank-versameling: 193.K.H.3) as naskrif bygevoeg:

Wat die geval uiters lastig maak is die SAP-pers en enkele gefrustreerde letterkundiges se uitbuiting van die Krige-misère. Maar as ons ons daardeur laat beïnvloed, is ons lidmaatskap van die Akademie nie werd nie.

Interessant dat regter J.F. Marais op 17 Junie 1966, tydens die bespreking van die wenslikheid al dan nie om die prysgeld verbonde aan die Hertzogprys te verlaag, opgemerk het dat dit “die verkeerde tyd” was om 'n verandering aan te bring (FRDBN 1966:17 Junie).

690 Volgens Serfontein (1970:88) het Goosen agter die skerms deelgeneem aan die veldtog teen Krige.

Die huishoudelike algemene vergadering van die Akademie is gehou op Donderdag 30 Junie 1966, in die Van der Stergebou, Universiteit van Stellenbosch, en het saamgeval met die eeufesviering van dié universiteit. Nienaber het die gesamentlike verklaring van die Uitvoerende Komitee en die Keurkomitee voorgelees voordat F.I.J. van Rensburg se beskrywingspunt oor die bekroningsprosedure gedien het. Van Rensburg het met sy voorlegging die bespreking ingelei. Myns insiens verteenwoordig hierdie voorlegging die mees fundamentele en aktuele probleem met betrekking tot die Hertzogprys waarmee die Akademie in sy honderdjarige bestaan gekonfronteer is, en daarom word dit volledig weergegee (AJVN 1966: 30 Junie):

- (1) Dis duidelik soos daglig dat daar 'n krisis in die verhoudinge tussen letterkunde, volk en Akademie bestaan. Die verhoudinge is op die oomblik baie troebel.
- (2) Wat is die Akademie se aandeel hieraan, en hoe kan hy meehelp om die verhoudinge te suiwer?
- (3) Dis 'n dubbele vraag, maar albei is m.i. met dieselfde saak verknoop: die wyse van toekenning van die Hertzogprys die afgelope aantal jare.
- (4) Op die oomblik is 'n krisispunt bereik in die geskiedenis van die toekenning van die Hertzogprys. Ons het op die mees delikate punt in die hele geskiedenis van die Hertzogprys aangeland. (Rede waarom hierdie pleidooi nie afgemaak moet word met die argument: dis maar die soveelste in die hele geskiedenis van die prys nie.)
- (5) Op die huidige Jaarvergadering het die Akademie 'n Konsepreglement voor hom vir goed- of afkeuring: "Konsepreglement by die toekenning van die Hertzogprys deur die Akademie" [kyk bladsy 381 en bylaag U op bladsy 653]. Hierin wil die Akademie die knoop van die afgelope jare deurhak (een jaar in diskrediet by "die volk", 'n ander jaar by die literêre deskundiges) en oordeelsbevoegdheid op sy skouers neem.

Hierdie oplossing gaan m.i. ernstige skade toedien aan die Akademie en aan die verhouding tussen volk en letterkunde.

- (6) Laat ons vooraf die onderhawige probleem onderskei van 'n ander waarmee dit slegs 'n baie sydelings verband hou: die bestaanstryd van die Afrikanervolk. Deur die Hertzogpryskenkingsakte, wat al meer en meer beklemtoon word, is die Hertzogprys geïsoleer as een met 'n besondere allure. (Ek kom straks hierop terug).

Dit sou van oppervlakkigheid getuig om die probleme wat daar rondom die toekenning van die Hertzogprys ontstaan het, te reduceer tot 'n stryd tussen "konserwatiewes" en "progressiewes" (met die prys by voorbaat aan die konserwatiewes toegeken!).

Dit is veeleer 'n stryd tussen twee benaderingswyses van literatuur: een waarin na die werk self – en na die werk alleen – gekyk word, en 'n ander waarin na die uitwerking van die werk op die breë lesersmassa gevra word. ("Breë lesersmassa" word graag as "die volk" voorgedhou, terwyl vergeet word dat die nie-massamens ook deel van die volk uitmaak).

Die stryd gaan in diepste wese om die wortels van die vraag: Wat is literatuur? Wat is sy aard? Wat is die juiste benaderingsmetode ten aansien van hom?

Op hierdie vlak moet die diskussie dan ook gevoer word – dis my pleidooi. (As dit nie in 'n Akademie moontlik is nie, waar dan?)

- (7) En tereg dat 'n polemiekie oor die Hertzogprys om hierdie aspek draai en nie om die bestaanstryd van die Afrikanervolk nie.

Enigeen wat onbevooroordeeld na die Hertzogprysskenkingsakte kyk, en die geskiedenis van die instelling van die prys in gedagte hou, vind die motief agter die prys daar in alle duidelikheid geboekstaaf: dit gaan om 'n begeerte “de uitbreiding van de Afrikaanse taal te bevorderen”; dit wil die prys geskenk sien “aan de schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse taal”; as die gehalte in 'n bepaalde periode nie hoog genoeg is nie, moet die geld van daardie periode gaan “voor de bekendmaking en verspreiding van Afrikaans-Hollandse lektuur”.

As ons die Skenkingsakte as hoogste arbiter inroep, laat ons ons onderwerp aan sy gesag!

- (8) Wat is die prinsipiële grond waarop 'n pleidooi berus om die literêre deskundiges die hoogste woord te laat spreek oor 'n literêre werk?

Die saak is so vanselfsprekend dat dit eintlik nie nodig behoort te wees om dit verder te beredeneer nie.

Ek wys dus alleen op wat van 'n literêre keurkomitee verwag word voor hy 'n boek of boeke kan aanbeveel vir bekroning.

- (9) Hy moet alle werke in 'n bepaalde periode nagaan, en alle aspekte i.v.m. die aanbevole boek of boeke in ag neem. Hy moet soms buite die betrokke periode ook deskundige kennis hê – in gevalle wanneer hy 'n geheelbekroning aanbeveel.
- (10) In hierdie verband moet 'n misverstand uit die weg geruim word, asof die literêre deskundige alleen na die sg. literêre of tegniese aspekte van 'n boek kyk.

Die literêre deskundige kyk na 'n boek, alles waarvoor hy staan, alles wat hy in hom bevat. Dis sy volle opgawe. Hy kyk nie na hierdie of daardie aspek los van ander wat ook in die boek aanwesig is nie.

As 'n boek onvolwasse of onvolwaardig is of watter ander kenmerk ook al vertoon, sal sy onvolwassenheid of onvolwaardigheid ens. in hom aanwesig, en aantoonbaar, wees.

Die literatuur dwing die kritikus om baie wyd kennis te neem van verskynsels in die geskiedenis van sy eie tyd. Hy moet – hierdie dinge vorm dan soms deel van die boek wat hy voor hom ter beoordeling het. Hy kan hom nie onttrek aan sekere dinge van die boek en sy aandag slegs aan bepaaldes wy nie.

Dit is 'n erkende feit dat die mees deskundige beoordelaars dit dan ook nie doen nie (hulle wat die kandidate vir die Akademie se keurkomitees moet wees!).

Die hele kontrapunt van sg. inhoudelike en sg. vormlike dinge moet die literêre deskundige agterhaal en oopdek.

- (11) Die vraag is: Wat bly aan beoordelingsmoontlikheid (wat die gehalte van die werk aanbetref) oor na die deskundige keurkomitee sy taak afgehandel het?

Die antwoord is vir my weer so vanselfsprekend dat dit eintlik nie verder gevoer kan word nie.

Een moontlikheid is: dat die uitwerking van die aanbevole boek op die breë lesersmassa bereken kan word. Soos ek egter aangetoon het: die Hertzogprysskenkingsakte ontnem hierdie moontlikheid sy bestaansreg of regverdiging.

- (12) Die volle nadeel van die huidige stelsel (en die gevaar van die deurtrek van die huidige tendens na sy volle konsekwensies) staan dan ook in sy volle reliëf uit:

Die deskundige liggaam is, op die stuk van deskundigheid, onderworpe aan die oordeel van minder deskundige liggame.

Hoe hoër ons die leer van die bekroningshiërargie opgaan, hoe prinsipieel minder deskundig raak die liggame.

- (13) Laat ons hierdie beginselsaak so ver moontlik probeer skei van persone, die bekleërs van die ampte.⁶⁹¹ Ek neem heeltemal aan daar is van die nie-literêre deskundiges in die hoër liggame wat 'n redelik deurlopende omgang met die kuns, en meer in die besonder met die literatuur, het.

Maar: die huidige besetting van die Rade kan verander. (Groot ontwikkelinge voltrek hulle mos in die wêreld – bv. 'n tegnologiese en natuurwetenskaplike rewolusie). En: 'n Akademiesraad van 'n bepaalde termyn is nie 'n los entiteit, iets wat op sy eie staan nie. Wat hy doen, behoort tot die liggaam, want tot die geskiedenis, van die Akademie.

En laat ons weer vir 'n oomblik dink aan die posisie en taak van die literêre deskundige: hy moet nie net af en toe 'n Afrikaanse boek lees nie; hy kan hom nie vergenoeg met 'n kennismaking met 'n boek 'n drie weke of wat voor hy 'n oordeel oor hom moet vel wat vir jare moet staan nie; hy kan nie net kyk na die ideesubstraat of watter anderdeelmoment van die werk ook al nie, maar: hoe presies daardie idee en ander dinge vergestalt is, want dan alleen weet hy presies wat daar staan – hy, van almal, wat die volle kontrapunt van alle faktore onder die oog moet kry.

Die Akademie is 'n deskundige liggaam. Laat hom, ook wat die saak van literêre beoordeling betref, die hoogste standarde laat geld. Niemand verwag iets minder van die ingenieur of die natuurwetenskaplike of die teoloog of die regsgeleerde nie.

- (14) Wat is die voordele van 'n stelsel waarin deskundigheid die hoogste woord sal hê:

Dit sal die moontlikhede van foute verminder. Let wel: ek sê: verminder, nie totaal uitskakel nie. Keurkomiteelede, nes Akademiesraadslede, bly mense. Hulle sal foute maak, en het in die verlede foute gemaak (ook foute wat Akademiesrade nie reggemaak het nie). Maar: waarom moet ons die moontlikheid om te fouteer, verdubbel, waar ons dit kon halveer?

(In dié verband wil ek terloops net daarop wys dat dit verkeerd sou wees om te veel 'n statistiese interpretasie van die bekroningsuitslae van die verlede daarop na te hou – dus “dat die Akademiesraad dertig keer die keurkomitee se aanbeveling aanvaar het, en slegs nege keer nie”. Sommige kwaai ontevredenheid het juis gekom n.a.v. dié kere dat aanbevelings nie aanvaar is nie, maar veral: oor die wyse

691 Soos in sy 22 Mei-artikel in *Beeld*, beklemtoon Van Rensburg dat dit nie “om dese en gene gaan nie, maar om gronde”.

waarop die aanbevelings soms aanvaar is – vgl. alleen maar 1937,⁶⁹² 1947⁶⁹³ en 1964⁶⁹⁴).

En die moontlike foute wat keurkomitees kan maak, kan nog verminder word deur gebruik te maak van die Breë Letterkundige Komitee.⁶⁹⁵ As die keurkomitee nie ten volle eenstemmig is nie, of om een of ander rede nie ten volle in sy gemoed oortuig is nie, moet hy kan vra op 'n beroep op 'n Breë Komitee van deskundiges. Die uitslag van lg. se stemming moet aan hom voorgelê word, in die lig waarvan hy dan finaal besluit.⁶⁹⁶

(15) Ek wil nie ingaan op die volle implikasies van hierdie krisis in die verhouding tussen oordeelsbevoegdheid aan die een kant en mag aan die ander kant nie, maar ek wil net konstateer dat ek glo dat 'n verdeling van gesag wel moontlik is. In 'n stelsel soos dié wat ek bepleit, behou die Akademieraad die diskresie van die benoeming van die keurkomitee (en vanselfsprekend moet dit die mees deskundige keurkomitee wees), sowel as die toesighoudende funksie of die keurkomitee sy taak in ooreenstemming met die daarvoor geldende reglement uitgevoer het (wat dus insluit die bevoegdheid om dit na die keurkomitee terug te verwys indien lg. nie gebeur het nie).

(16) Die argument dat die Akademiestatuuat of die Skenkingsakte soiets onmoontlik maak, en dat dit gevolglik nutteloos is om oor enige moontlike verandering te argumenteer, is hol, en in 'n sekere sin ongehoord.⁶⁹⁷

As Akademielede nie oor die moontlikheid van verandering mag beraadslaag nie, wie kan dan? Waar kry die Akademieraad sy lig vandaan? Hoe het hy lig in die verlede gekry om veranderinge aan die bekroningsprosedure aan te bring? Tog seker o.a. langs die weg van beraadslaging binne die verskillende Akademielligame?

(17) En as 'n petisie na die Hooggeregshof die enigste metode is om die magte van oordeelsbevoegdheid aan die keurkomitee te delegeer, waarom sou die Akademieraad nie daartoe oorgaan as hy voel hy is self nie by magte om 'n finale literêre oordeel te vel nie?

(18) En die argument dat as die Akademie genoemde mag delegeer in die geval van die Hertzogpryskomitee, waarom nie ook in die geval van sy 142 ander komitees nie:

—

692 Die 1937-Poësieprys is verdeel tussen I.D. du Plessis en Van Wyk Louw en laasgenoemde het dit in die pers van die hand gewys (kyk bladsy 168-169).

693 Van Rensburg het in sy 22 Mei 1966-diepteartikel onder andere verwys na “die groot Veertiger” (kyk bladsy 413), naamlik D.J. Opperman, wat bekroon is, maar die Akademieraad wat dit nodig gevind het om te boekstaaf: “Die Akademie aanvaar hiermee 'n bepaalde verantwoordelikheid”. (Kyk ook Nienaber 1965a:82.)

694 Die bekroning aan Leroux vir *Sewe dae by die Silbersteins* was in hierdie stadium nog vars in die geheue.

695 Soos vroeër aangedui (kyk bladsy 385), het Van Rensburg, in teenstelling met sy aanvanklike sienswyse, later tóg die rol wat die Breë Komitee speel, as sinvol gesien. Dié raadplegingsopsie is later vervang deur die bepaling dat keurkomiteelede ander kundiges kon raadpleeg (kyk bladsy 461 en bepaling 8 in bylaag DD op bladsy 672).

696 Van Rensburg stel voor dat die uitslag van die Breë Komitee aan die Keurkomitee voorgelê moet word, terwyl daar in die konsepreglement bepaal is dat die Breë Komitee regstreeks aan die Akademieraad verslag doen (bepaling 4[d]).

697 Veranderinge kón aan die skenkingsakte aangebring word indien die Akademieraad, as kuratore, eenparig daartoe sou instem (kyk bladsy 22).

ook dit sny m.i. weinig hout.

Net een vraag: hoeveel van daardie 142 komitees het so 'n ingewikkelde struktuur as dié van die masjien wat die Hertzogprys moet toeken?

- (19) En as dit die Akademie waarlik erns is om 'n masjien te skep wat die hele saak van toekening van die Hertzogprys terug sal bring tot 'n eenvoudige verhouding tussen die Akademiesraad, die maghebber, en 'n keurkomitee wat 'n blote adviserende funksie het, waarom sluit hy dan nie die Fakulteitsraad vir Geesteswetenskappe uit as belanghebbende party nie? (Omdat hy besef dat die Fakulteitsraad tegnies nog beter toegerus is as die Akademiesraad om literêre werke te beoordeel? Maar dan wys dit net met watter dilemmas ons opgesaal sit in die huidige situasie.)
- (20) Die Akademie moet let op die gevaartekens aan die muur:
- (a) In 'n tyd waarin die Akademiesraad hom groter oordeelsbevoegdheid as in die verlede toeëien,⁶⁹⁸ volg die kwaai polemieke mekaar met korter tussenposes op.
 - (b) As dit uiteindelik so ver kom dat 'n eenparige keurkomitee en 'n Akademiesraad in die openbaar bots, dan het 'n baie laat uur aangebreek.
 - (c) As wat vanjaar gebeur het, die lot van die oordeel van 'n keurkomitee kan word, dan is die gevaar baie wesenlik dat die deskundigste literatoure nie meer beskikbaar sal wees vir keurkomitees nie.

In aansluiting by sy beskrywingspunt, het Van Rensburg sy pleidooi afgesluit deur “op sy minste” voor te stel dat die konsepreglement nie aanvaar word nie, en “op sy meeste” dat 'n nuwe reglement voorberei word waarin literêre deskundigheid volkome versoen sou wees met die gesagsposisie van die Akademiesraad.

Roux het opgemerk dat die algemene vergadering moes besef dat die Akademiesraad ten opsigte van bekronings altyd voor belangrike beslissings staan en dat daar altyd mense is wat na die pers hardloop alhoewel die normale prosedure is om nie na die pers te gaan nie. Ondanks die slotsin in die verslag, naamlik dat die Keurkomitee aanbeveel dat die Hertzogprys “vir toneelskryfkuns” aan Krige toegeken word (kyk bladsy 395), is genotuleer dat Roux sou gesê het dat dit vir die Akademiesraad duidelik was dat hulle “'n verslag het vir die hele oeuvre” en dat daar “geen aanbeveling [was] dat Uys Krige vir drama bekroon moet word nie”. Ook volgens Hiemstra “het geen versoek gekom van die letterkunde komitee om drama alleen te bekroon nie”, en moes daar nie verder gepoog word om die saak te bespreek nie. (AJVN 1966: 30 Junie.) Weer eens is terugverwysing na die Keurkomitee vir 'n verslag slegs oor Krige se dramas, nie genoem nie.

698 Met die konsepreglement is die Akademiesraad se magte uitgebrei (kyk bylaag U op bladsy 653 asook bladsy 382).

Prof. G. Cronjé, die Fakulteitsraadvoorsitter, het daarop gewys dat die bekronings nog altyd net vir drama, poësie of prosa was, en vervolg:

Dit was duidelik uit die verslag dat drama op die spel is. Die Fakulteitsraad het nie die misverstand raakgesien nie. Die Akademie kom in gedrang maar veral die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe. Hoeveel lede van ander organisasies in die land gaan pers toe? Mens doen dit nie. Indien ons dit nie doen nie, sal die saak opgelos kan word.

Op dr. T.E.W. Schumann se vraag of die gesamentlike verklaring van die Uitvoerende Komitee en die Letterkundige Keurkomitee vir die pers bedoel is, het die Voorsitter bevestigend geantwoord, en daar is besluit om die vrystelling te aanvaar.

Van Rensburg was nie in sy gemoed oortuig “dat wat op die vergadering gesê is, ’n volledige dekking van die situasie is nie”, en het gevra of daar nie ’n manier is om die saak na die Keurkomitee terug te verwys nie: “Die Akademie moet die regte weg volg.”

Die Voorsitter was van mening dat die Letterkundige Keurkomitee en die Uitvoerende Komitee die saak reeds uitgemaak het, en verwys na paragraaf (e) van die verklaring (kyk bladsy 418).

Vervolgens het Van Rensburg, geseondeer deur dr. M.C.E. van Schoor, voorgestel dat die raadsbesluit terugverwys word na die Keurkomitee. Dr. Schumann wou hê dat die saak daar gelaat word. Daar is tot ’n stemming oorgegaan en Schumann se voorstel is met 67 stemme teen 6 aanvaar, en Van Rensburg s’n met 67 teen 9 verwerp.

Hiemstra het daarna kortliks die bekroningsprosedure behandel en gesê dis ’n

... wanbegrip dat die Akademieraad hom letterkundige kennis toeëien. Die norm wat toegepas word is nl. of die keurkomitee sy taak reg verstaan het. Dit is gladnie die taak van die Akademieraad om boeke te lees nie. Die beslissing van die Akademieraad kan nie aan ’n wisselende komitee oorgelaat word nie.

As dit volgens Hiemstra die taak is van die Akademieraad om toe te sien dat die Keurkomitee sy taak reg verstaan, moes die Akademieraad in hierdie geval, toe agtergekom is dat die Keurkomitee dit nié vertolk het soos die Akademieraad nie, juis daarop aangedring het dat die Keurkomitee die taak uitvoer soos die Akademieraad dit sien, naamlik ’n verslag oor dramas alleen.

Die volgende voorstel deur A.J.A. Roux is met 53 stemme teen 4 aanvaar:

Die Jaarvergadering onderskryf nie alleen die Akademieraad se beslissing van die Hertzogprys vir drama vir 1966 nie, maar besluit ook dat die prosedure wat gevolg word

om tot 'n finale beslissing i.v.m. 'n bepaalde toekenning te kom en wat oor die jare heen deur ervaring opgebou is, aan die vereistes van die Hertzog-Skenkingsakte voldoen, basies **kerngesond** is en dat daar geen rede bestaan om dit te wysig nie.

(Ek benadruk.)

Tog het Nienaber in *Die Hertzogprys vyftig jaar* gesê dat daar 'n “**kernfout**” in hierdie prosedure is (kyk bladsy 366).

In sy repliek het Van Rensburg die hoop uitgespreek dat dit “in die loop van tyd aanvaar [sou] word dat die huidige bekroningsprosedure nie reg is nie”. Hy was daarvan oortuig dat die toe tersaaklike stelsel “meer foute moontlik maak”, en regter Hiemstra “het sy vermoede bevestig dat dinge tegnies nie reg is nie. Die Fakulteitsraad is onnodig.”

P.J. Nienaber het die 1966-huishoudelike algemene vergadering se verrigtinge afgesluit met wat later vanaf Akademiëkant beskryf is as 'n “beroep” deur die Akademiëvoorsitter. Dit is nié in die notule van die huishoudelike algemene vergadering soos oorgetik op 10 Augustus 1966 opgeneem nie (AJVN 1966: 30 Junie), maar is in getikte vorm beskikbaar in die Akademiëargief:

Dit is met spyt dat ek hier moet ingaan op die Hertzogprysbeslissing, wat andermaal nie algemene tevredenheid gegee het nie. Die skuld daarvoor lê ek aan die deur van persone wat ek uitdruklik en sonder huiwering beskryf as mense wat ontrou is aan die Akademie waaraan hulle die eer en voorreg het om te behoort. Dit is die persoon of persone wat hul plig van vertroulikheid geskend het deur die keurkomitee se aanbeveling aan buitestanders bekend te maak. Verder is dit diegene wat in besonderhoue aanvalle op die Akademiëraad gemaak het en onwaardige motiewe sowel as onbekwaamheid aan ons toegedig het. Dit doen hulle vanaf 'n voetstuk van selftevrede alwetendheid. Sulke optrede is laakbaar en is 'n daad van ontrou, wat daarop bereken is om afbreuk te doen aan die groot prestige wat ons belangrikste prys behoort te geniet. As die toekenners van die prys voorgehou word as ignoramusse of mense wat deur politieke motiewe beïnvloed was, watter onderskeiding is die prys dan vir toekomstige ontvangers daarvan? En hoe onaangenaam en vernederend moet dit wees vir 'n skrywer wat afgewys is, om in die pers nie alleen sy meriete as skrywer nie, maar ook sy politieke beskouings bespreek te kry, nie altyd deur mense wat bevoeg is om te oordeel nie? Dit is in hoë mate onhoflik teenoor so iemand as die Akademie so iets moontlik maak. En dit is moontlik gemaak deur ontrouheid, dislojaliteit.

Ek gaan nie name noem nie. Elkeen weet of hy skuldig is of nie. Ek maak geen bewering dat die keurkomitee die aanbeveling aan mnr. Koos Human bekend gemaak het, en sodoende oorsaak is van die eerste brief in *Die Burger* nie.⁶⁹⁹ Ons weet nie hoe dit gebeur het nie en ons gaan geen speurders aanstel nie. Dr. Erlank het 'n brief in *Die Burger* geplaas waarop hy my geantwoord het. Ek neem hom daarvoor nie kwalik nie. Na alles wat toe al gebeur het, het hy geoordeel dat hy sy komitee moet beskerm, en ek wil sy oordeel daar nie in twyfel trek nie. Akademiëlede het, sonder om te weet wat ons beweegredes was, ons in die pers aangeval. Ek noem dit onverantwoordelik en onberade.

699 Nienaber sou nie so 'n bewering kón maak nie, want benewens die Keurkomitee vir die Hertzogprys, was ook die twee bykomende lede vir die beoordeling van die Eugène Maraisprys teenwoordig tydens die besinning oor die 1966-Dramaprys, naamlik Ernst Lindenberg ('n baie goeie vriend van Human – kyk Steyn 1998:851) en S. Strydom (kyk voetnota 659 op bladsy 391). Al die lede van die Fakulteitsraad het ook insae in die verslag gehad (FRA 1966: 22 April).

'n Vooraanstaande Akademieliid, wat beter behoort te gewees het, het in 'n brief aan die pers die Akademierraad onder verdenking probeer bring. 'n Fakulteitslid het in 'n lang artikel aan die pers beweer dat die Akademie oorsaak is van vyandig-gesindheid tussen volk en letterkunde. Die artikel is só onverantwoord, só oningelig dat ek daarvoor niks meer wil sê nie.⁷⁰⁰

Het ons as Akademieliede dan geen lojaliteit teenoor ons Akademie nie? Die Akademie behoort tog nie aan die Akademierraad, die Fakulteitsrade nie, maar aan elke lid van die Akademie, of hy nou volle lid, Fakulteitslid, juniorlid of erelid is. Dit is ons almal se Akademie. Daar gebeur soms onaangename dinge, rusies as u wil, in 'n familiekring: maar gaan die moeder van die huis, en vertel dit op 'n teepartytjie dat haar man of kind 'n skande oorgekom het? Nee, sy is lojaal aan haar huisgesin, en swyg. Sy probeer dit van binne regstel. Sy was haar vuil wasgoed in haar waskamer, nie in die openbare pers nie. As ons griewe het, dan is die aangewese weg mos om 'n klagskrif by die Akademierraad in te dien, en kry ons daar nie bevrediging nie, dan kan ons ons die reg voorbehou om na die pers te gaan. Die pers is baie gretig vir sulke nuus; die Engelse pers veral sien daarin geleentheid om die Afrikaner se heiligste kultuurbesit deur die modder te sleep.⁷⁰¹ En wie is die oorsaak daarvan? So dikwels onself, omdat ons ontrou is aan onself, ontrou aan ons Akademie. 'n Huis wat op homself verdeeld is, kan nie bestaan nie.

Die Hertzogprys sal nog lank bestaan en ons hoop Uys Krige ook. Ons hoop verder dat haastige kritici in die toekoms hul onbekookte beskouings op die regte plekke sal lug en nie in die pers nie. Hul optrede het die gevolg gehad dat oningeligte persone selfs in die pers die kreet laat hoor het: Weg met die Hertzogprys. Dit is 'n tragedie vir die nagedagtenis van 'n groot Afrikaner. Wie kan dit regmaak? Diegene wat hulself as kampvegters vir die prys probeer voordoën het, behoort die skade te herstel wat hulle aangerig het deur 'n openbare verklaring te doen waarin hulle hul bewerings terugtrek. Dit hang van hulle af of hulle groot genoeg gaan wees daarvoor.

Op 4 Julie 1966 het F.I.J. van Rensburg vir Goosen per brief versoek om die volgende onder die aandag van die Akademierraad te bring (LK 1/11):

In die eerste plek wil ek my geskoktheid as Akademieliid boekstaaf oor wat op die middag van 30 Junie op die pas-afgelope Jaarvergadering gebeur het. Ek verwys spesifiek na die stuk wat die Voorsitter aan die einde van die middag se verrigtinge voorgelees het.

Wat tot op daardie stadium plaasgevind het, kan as heeltemal billik bestempel word. Standpunte is gestel en beredeneer soos wat dit in enige debat gebruiklik is. Ek het die bespreking op 'n hoë vlak probeer hou, soos wat ek geglo het dit in 'n Akademie hoort. – Agterna besien, blyk dit natuurlik dat dit 'n fout was om 'n saak wat binne die raamwerk van die bespreking van die Akademie-jaarverslag beredeneer moes gewees het, t.w. die Akademierraad se besluit oor die Hertzogprys vir 1966, aan die orde te stel nadat die fase van die beskrywingspunte reeds bereik was en twee van die

700 Nienaber verwys na F.I.J. van Rensburg se artikel in *Beeld* van 22 Mei 1966 (kyk bladsy 411).

701 Die 1 April 1965-Wysigingswet het as bykomende oogmerk van die Akademie juis die handhawing en bevordering van die Afrikaanse kultuur gehad (kyk bladsy 344).

beskrywingspunte⁷⁰² reeds afgehandel was. Ek wou nie te sterk daarop aandring dat die twee onderskeie sake geskei moes word nie omdat ek wou saamwerk sodat die verrigtinge met so min moontlike haakplekke kon verloop. In dié goeie trou het ek gehandel, en ek kan alleen maar hoop dat daar nie opset was om die twee sake bymekaar te groepeer, of om die voltooiing van die debat oor die beskrywingspunt met 'n tydstip te laat saamval waarop die Voorsitter dinge tot 'n einde kon bring soos wat hy gedoen het nie.

Ek dink ek praat namens alle Akademielede as ek sê dat 'n optrede soos dié van prof. Nienaber aan die einde van die verrigtinge, 'n Akademie, waar ook al ter wêreld, in die hoogste mate onwaardig is.

In die tweede plek wil ek, as lid wat op dié wyse uitgesonder is vir spesiale kritiek, ernstige protes aanteken teen die wyse waarop my kritiek op die Akademie se bekroningsprosedure in die verklaring behandel is.

Hier raak ons klaarblyklik aan ernstige kommunikasieprobleme binne die Akademie.

Die Direkteur sal weet hoe lank ek reeds in korrespondensie met die Akademie is oor hierdie saak.

Van Rensburg gee dan 'n uiteensetting van sy talle pogings om die bekroningsprosedure te laat verander, en merk met betrekking tot sy artikel in *Beeld* op dat dit geskryf is op versoek van die redaksie, en 'n poging was om met die grootste mate van verantwoordelikheid wat vir hom in die omstandighede oorgebly het, die 1966-beslissing teen 'n breër agtergrond te skets – “die produk van ernstige kommer, nie van kleinsielige leedvermaak nie”.

Hy sluit af deur te sê dat hy alles gedoen het wat van 'n lid met verantwoordelikheid verwag kon word en laat blyk dat hy nié in die openbaar om verskoning sal vra soos in die “oproep” voorgestel nie. Hy wou dit ernstig ter oorweging gee dat Nienaber “die nodige stappe sal doen om sy ongehoorde optrede te niet te doen” aangesien hy Van Rensburg beledig het

... voor 'n vergadering van wie die volle feitetoedrag betreffende die hele verloop weerhou is, en voor lede van die publiek wat teenwoordig was omdat die verrigtinge van die middag nie as behorende tot 'n geslote vergadering verklaar is nie.⁷⁰³

Ook M.C.E. van Schoor van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat het op 7 Julie 1966 skriftelik by die Akademie beswaar aangeteken teen (LK 1/11):

- die prosedure wat P.J. Nienaber gevolg het deur 'n verklaring voor te lees sonder om die lede vooraf behoorlik in te lig van wie die verklaring afkomstig is, en dan onmiddellik na die

702 Dit was die beskrywingspunte oor buitelandse erelede en Afrikaanse boeke in biblioteke. Van Rensburg se beskrywingspunt was die derde.

703 Erlank wou in sy 9 Junie 1966-brief aan Goosen weet of die jaarvergadering 'n geslote vergadering is en of die pers toegelaat sou word. Die Direkteur antwoord op 13 Junie dat die pers nie toegelaat word by die huishoudelike algemene vergadering van die Akademie nie. (LK 1/11).

verklaring die vergadering te sluit – dit was ’n Akademiëvergadering allermens waardig “dat ’n lid⁷⁰⁴ moes opstaan en vra van wie die verklaring afkomstig is”;

- die feit dat die verklaring aan ’n vergadering voorgedra is wat nie “huishoudelik” was nie aangesien verskeie lede van die publiek ook in daardie stadium teenwoordig was;
- die inhoud en strekking van die verklaring aangesien dit “misleidend is en op ernstige vergissinge berus”.

Goosen het op 7 Julie 1966 aan Van Rensburg geskryf en hom onder andere meegedeel dat die Akademiëraad besluit het om nie die Nienaber-verklaring in die jaarvergaderingnotule op te neem nie. Van Rensburg reageer op 11 Julie deur op te merk dat daar vir hom “iets pynliks” opgesluit lê in dié mededeling aangesien die Akademiëraad hom deur dié besluit “klaarblyklik suiwer van ’n smet wat daar andersins aan sy naam sou gekleef het”, want die opname daarvan in die notule “sou ’n swart bladsy in die annale van die Akademie gewees het”. Daarteenoor is die klad op Van Rensburg se eie naam nie verwyder nie, maar in werklikheid deur dié besluit vererger, want die verklaring self wat die wêreld ingestuur is, het hom “besmet geláát”. Van Rensburg het so sterk gevoel oor die saak dat hy besluit het om hom van Akademie-werksaamhede te onttrek totdat die saak in die openbaar reggestel is – “op sy minste” in die jaarvergaderingnotule en in die eerste nommer van die *Nuusbrief* ná die sitting van die Raad. Hy vra dat die hele verloop van sy aksie in verband met die bekroningsprosedure by dié geleentheid openbaar gemaak moes word. Hy voeg by dat die Akademiëraad hom sou verplig om sy naam in die openbare pers te suiwer as die Raad nie sy weg oopsien om aan “hierdie billike eis” te voldoen nie, veral aangesien die “skouspel” hom voor lede van die publiek afgespeel het. (LK 1/11.)

Die eerste Akademiëraadsvergadering ná Van Rensburg se 11 Julie 1966-brief, het plaasgevind op 26 Augustus 1966 in die Engelenburghuis – ’n vergadering wat, soos vroeër besluit (kyk bladsy 420), gewy is aan die toekomstige beleid in verband met die Hertzogprys. Volgens Nienaber was die vrae wat beantwoord moes word “of die Akademie met sy toekennings in lyn is met genl. Hertzog” en of “die ‘volkse’ en ‘kerkse’ ook in aanmerking geneem word”. Daar is besluit dat die hele aangeleentheid moes oorstaan totdat dr. A.J.A. Roux, wat nie die vergadering kon bywoon nie, teenwoordig kon wees, en dat hy sy motivering op skrif moes stel.⁷⁰⁵ Alle raadslede is gevra om hulle standpunte skriftelik te formuleer.⁷⁰⁶ Die regulasies is gewysig en bepaling 7 is duideliker

704 Die Akademiëlid was dr. Schoonees (kyk bladsy 431).

705 Goosen het die volgende maand:

- gesê dat Roux sy saak reeds op Stellenbosch verduidelik het,
- beswaar aangeteken dat geleenthede wat bestaan om oor sake te besluit, verbygegaan word, en
- gemeen dat die Raad te veel sake verwys in plaas daarvan om besluite te neem (ARUKN 1966: 31 Augustus).

706 Tot dusver (Junie 2009) kon sulke dokumente nog nie in die Akademiëargief gevind word nie.

geformuleer. Die gewysigde regulasies is as bylaag D by die notule van die vergadering aangeheg (kyk bylaag V op bladsy 656). (ARN 1966: 26 Augustus.)

Belangrike veranderinge in die konsepreglement was die volgende:

- daar is spesifiek gesê dat Verhalende prosa ook Essay insluit (bepaling 2);
- waar met die vorige konsepreglement bepaal is dat die Fakulteitsraad onder andere kon aanbeveel dat die Akademiesraad die keurkomiteeverslag aanvaar, word nou gesê dat hulle kon aanbeveel dat die verslag aanvaar óf verwerp word, of dat die verslag terugverwys word vir opheldering of uitbreiding (bepaling 4[a][i] en [ii]).

In die handleiding van die Keurkomitee is die ondeurdagte bepaling 3 met betrekking tot die lopende en voorafgaande twee kalenderjare onveranderd gelaat. Die “gewraakte paragraaf 7” is soos volg bewoord:

Ondanks die bepalinge van paragraaf 3 hiervan, mag die komitee, as hy geen werk bekroningswaardig ag nie, ook werke in aanmerking neem wat voor die dan geldende tydperk verskyn het, en hy kan ook ’n skrywer wat nog nie voorheen bekroon is nie, [vir sy hele oeuvre / **vir al sy werk in die betrokke genre**] aanbeveel. In dié geval moet in die verslag gemeld word dat werke in aanmerking geneem is wat buite die betrokke tydperk verskyn het.

Goosen het tydens die vergadering ook die 4 en 11 Julie 1966-briewe van F.I.J. van Rensburg, asook Van Schoor se 7 Julie-brief, aan die Akademiesraad voorgelees. Nienaber het verduidelik dat

- hy die huishoudelike vergadering doelbewus so gereël het dat Van Rensburg meer tyd kon kry om sy saak te stel;
- die hele vergadering aangekondig is as huishoudelik;
- hy die Akademiesraad beskerm het deur op dr. Schoonees se vraag te antwoord dat die verklaring van hom persoonlik afkomstig is;
- dit nie ’n “verklaring” was nie, maar ’n “beroep”;
- hy nie na Van Rensburg alleen verwys het nie;
- hy in die algemeen gepraat het;
- al die bewerings wat hy gemaak het, bewys kan word, en
- hy eintlik maar net gepleit het dat die Akademie se goeie naam beskerm moet word.

Proff. W. Kempen en W.J. Pretorius het versoek dat die bespreking nie voortgesit moet word nie, aangesien dit nêrens heen kon lei nie. Regter V.G. Hiemstra het gevra dat dr. S.M. Naudé, die Ondervoorsitter, die voorsitterstoel moes inneem. Hiemstra wou hê dat een of albei van die beswaarmakers te woord gestaan moes word. Volgens prof. Gerhard Beukes wou Van Rensburg “graag die groot hervormer wees” en “die aandag van die groot publiek behou”. Beukes het

saamgestem dat Van Rensburg genooi moes word vir 'n onderhoud en bygevoeg dat die saak ter wille van die Akademie met die grootste takt hanteer word. Die Akademiesraad het besluit dat die Uitvoerende Komitee en Kempen op Donderdagaand 1 September 1966 vir Van Rensburg en Van Schoor in die Engelenburghuis ontmoet, en dat Naudé as Voorsitter optree. (ARN 1966: 26 Augustus.) Van Rensburg het namens hom en Van Schoor op 28 Augustus skriftelik die uitnodiging aanvaar en die telefoniese reëlings bevestig (ARUKN 1966: 31 Augustus – Bylaag A).

Van Rensburg was waarskynlik onbewus daarvan dat daar reeds in Meimaand in Akademiegeleedere ongelukkigheid was oor die 22 Mei 1966-berig in *Beeld*, en dat daar tóe al gedink is in terme van 'n onderhoud met hom. Volgens 'n handgeskrewe dokument in die Akademieargief (LK 1/11) moes Van Rensburg uitgenooi word om op koste van die Akademie voorlopig op 28 Mei 1966 na Pretoria te gaan vir 'n samespreking met die Uitvoerende Komitee van die Akademiesraad. ⁷⁵

Die dag voor die werklike samesprekings op 31 Augustus 1966, het die Uitvoerende Komitee in die Engelenburghuis vergader om die prosedure wat gevolg sou word, te bespreek. ⁷⁶ (ARUKN 1966: 31 Augustus.) Van Rensburg se brief is voorgelees. ⁷⁷

Goosen het opgemerk dat Van Rensburg ingelig moes word oor die Raad se nuutste besluit om die oproep wel te notuleer.

Ná die samesprekings het Goosen 'n verklaring uitgereik waarin slegs gesê is dat huishoudelike sake van die Akademie bespreek is, maar die inhoud daarvan is nie gemeld nie (*Die Transvaler*, 2 September 1966 – “Krige-beraad is huishoudelik: Akademie”). Die Assistent-sekretaris, W.A. Botha, het gesê dat Uys Krige nie genoem is nie (*The Pretoria News*, 2 September 1966 – “Akademie did not discuss Uys Krige”). Ook Van Rensburg en Van Schoor het, ná samesprekings wat volgens *Die Burger* van 6 September 1966 “in 'n besonder goeie gees” geskied het, ontken dat Krige ter sprake was aangesien dit “stompsinnig [sou] wees om nou ná al die maande te probeer om die Uys Krige-saak te heropen”. Van Rensburg het ook beweringe in koerantberigte dat hy in die loop van die Krige-polemiek die Akademiesraad daarvan beskuldig het dat politiek 'n rol gespeel het in die besluit, ten sterkste ontken. (*Die Burger*, 6 September 1966: “Uys Krige-saak nie die rede vir vergadering nie”.)

Tydens die Uitvoerende Komitee se vergadering van 21 September 1966 het Hiemstra, wat deur Goosen geluk gewens is “met sy skitterende hantering van die saak”, verslag gedoen oor die onderhoud. Volgens hom:

- was die resultaat bevredigend;
- het Van Rensburg geen apologie aangeteken vir sy aantygings teen die Raad nie;
- besef Van Rensburg sy feitekennis vir bewerings ontbreek;

- is hulle weg met die gevoel dat hulle te veel gesê het;
- was die hoofbeswaar teen die **prosedure** op die algemene vergadering, maar kon Van Rensburg nie bevredigend antwoord oor hoe dit hom benadeel het nie;
- is die Voorsitter se enkele verwysing na hom uit Van Rensburg se *Beeld*-artikel gestaaf.

P.J. Nienaber het gemeen die lede van die Uitvoerende Komitee is tevrede uiteen, maar nie Van Rensburg nie, aangesien hy later weer briewe aan die koerante geskryf het. Goosen was van mening dat Van Rensburg se standpunt skaamteloos was en dat hy nie sover gekom het om toe te gee dat die Voorsitter minstens rede vir sy beroep gehad het nie. Nienaber het probeer vasstel waar die berig oor die samesprekings in *Die Transvaler* uitgelek het, en is deur die redakteur meegedeel dat iemand uit Bloemfontein gebel het. Hiemstra het beswaar gemaak teen *Die Transvaler* se berig oor die verklaring en daar is besluit dat hy 'n konsepbrief aan *Die Transvaler* moes opstel. (ARUKN 1966: 21 September.)

Die Akademiesraad het tydens 'n November 1966-Akademiesraadsvergadering kennis geneem van die verslag oor die onderhoud, met dank aan diegene “wat hierdie netelige taak uitgevoer het, se taktvolle optrede, veral dr. S.M. Naudé wat as voorsitter opgetree het” (ARN 1966: 4 November). Oënskynlik as gevolg van interpretasieverskille oor Hertzogprystoekenningsprosedure, maar teen die agtergrond van persoonlike en politieke onderstrominge, is die uitgesproke Krige, **ten onregte, wêr nie bekroon nie.**⁷⁰⁷ Behalwe by die Keurkomitee, het die meriete van sy dramas nié die fokus gevorm van beraadslagings nie.

Insiggewend dat Hiemstra, in sy “onrusverslag” (1968:3) met betrekking tot die 1966-Hertzogprysdebakel, opmerk:

Uys Krige was aanbeveel vir die prys vir drama, maar die Akademiesraad het die aanbeveling afgewys. Die pers het 'n feesmaal daarvan gemaak en gesuggereer dat die beslissing deur politiek beïnvloed was. Die keer is die Akademie aan die ander kant van die streep geplaas. Uys Krige is liberaal geneig en hy sou vir die Akademie “te liberaal” gewees het. Die faktor sou dan volgens bewering die letterkundige norme oorstem het. Die ware rede was dat die komitee se aanbeveling nie uitsluitend op drama gebaseer was nie (drama was aan die beurt), maar op sy werk in ander kunsvorme ook berus het. Die Akademie het uit die geskiedenis geleer dat dit gewoonlik beter is om eers die saak met die komitee te bespreek voordat sy aanbeveling afgewys word, want die komitee kon hier met heelwat reg sê dat die reglement op die punt onduidelik was. Die episode is owerigens vir hierdie oorsig net nog uit een oogpunt belangrik: Dit het verder die neiging by sommige lede en fakulteitslede geopenbaar om sonder seremonie die Akademiesraad in die pers aan te tas sonder om eers die ware feite te probeer vasstel.

707 Die Akademieprys vir Vertaalde Werk is in 1969 gesamentlik toegeken aan Krige en Eitemal. Krige het nie die prys aanvaar nie. In die Akademiesraadsvoorsitter se persvrystelling van 20 Mei 1969 het hy die Akademie se spyt daarvoor uitgespreek en onder andere opgemerk (LK 1/12):

Dat die Akademie hom al ooit deur politieke oorweginge laat beïnvloed het, is totaal uit die lug gegryp. Daar sal seker geen enkele bewys voor gevind kan word nie.

Dit is 'n verskynsel wat aan die Akademie alleen kwaad doen. Dit kan moontlik ondervang word deur op die jaarvergadering meer tyd in te ruim vir bespreking van huishoudelike sake.

Hiemstra wei nie uit oor die feit dat die Keurkomitee “met heelwat reg” gewys het op die onduidelikheid in die reglement, en die moontlikheid wat bestaan het om die verslag billikheidshalwe weer terug te verwys na die Keurkomitee nie. Hiemstra het self in sy 1964-voorlegging aan die Fakulteitsraad, waarin hy die rol van dié Raad uitgestip het, die opmerking gemaak dat 'n hersiener “net die growwe, blatante, in die oog springende fout sal keer en nie sal ingryp waar die saak na beide kante verdedigbaar is nie” (kyk bladsy 371). Hierdie onduidelikheid in die reglement was juis “na beide kante verdedigbaar”, en die Akademieraad, as finale “herhsiener” van die aanbeveling, kón hierdie fout gekeer het deur van die Keurkomitee 'n verslag te vra nêg gegrond op die meriete van Krige se dramas. Die Raad het egter verkies om “in te gryp” en die verslag voor te hou as rede vir die nietoekenning.

Myns insiens het die hele toekenning aan Krige finaal skipbreuk gely met die Keurkomitee se ondertekening van die verklaring. Alhoewel hulle 'n baie sterk saak gehad het vir terugverwysing van die verslag na hulle, het hulle nié daarop aangedring nie. Erlank het “ter wille van die Akademie” die saak daar gelaat en nie enduit gevoer nie. **Vir 'n vyfde maal is die geleentheid laat verbygaan om Krige vir sy dramas te bekroon** (kyk bladsy 355).

T.T. Cloete, een van die keurkomiteeëde wat in sy 14 Desember 1965-verslag vir Krige beskryf het as “die beste eenbedryfskrywer in ons letterkunde” (kyk bladsy 389), het in opdrag van die Akademie by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Hertzogprys, 'n bundel eenbedrywe saamgestel uit die werk van skrywers wat tot in daardie stadium met die Hertzogprys vir Drama bekroon is, getiteld *Vyfling* (1966). Insiggewend sluit hy sy inleiding soos volg af:

In die beeld wat ons in hierdie bundel van die Afrikaanse eenbedryf kry, mis ons Uys Krige, wat nog nooit vir sy dramatiese (en ander) werk bekroon is nie en daarom geen plek in hierdie bundel durf kry het nie.

Ben de Koker merk in *Die Burger* van 26 Augustus 1966 (“Eenbedrywe deur wenners van Hertzog-prys”) op:

Deur die weglating van 'n werk van Uys Krige het Cloete hom dus streng, hoewel miskien ietwat teësinig, by die opdrag van die Akademie gehou.

Cloete se sienswyse oor die nietoekenning in 1966, het in 1970 weer ter sprake gekom toe hy as lid van die Letterkundige Kommissie bedank het (kyk bladsy 477-483).

Aan die begin van September 1966 was daar 'n ontmoeting tussen dr. Van Schoor en Van Rensburg, en die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad. Op 9 Desember 1966 het Van Rensburg by Goosen navraag gedoen oor die getranskribeerde verslag van die ontmoeting soos reeds geruime tyd aan hom beloof. Goosen antwoord op 10 Januarie 1967 dat die verslag sou volg sodra dit klaar getik is. Aangesien die stuk vertroulik was, kon dit nie buite die Akademieskantoor getik word nie. (LK 1/11).

Die Uitvoerende Komitee het later besluit dat Goosen die bandopname van die 1 September 1966-onderhoud aan Van Rensburg en Van Schoor kon stuur. Hulle skryf op 29 Maart 1967 soos volg (ARA 1967: 5 Mei):

Nadat dr. Van Schoor en ek geluister het na die bandopname van ons onderhoud met die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad op 1 September 1966 as uitvloeisel van sekere gebeurtenisse op verlede jaar se Jaarvergadering, is dit vir ons 'n behoefte om die volgende op skrif te stel by wyse van finale afronding van die saak.

Ons waardeer die geleentheid wat aan ons gebied is om die saak in 'n openhartige gesprek te beredeneer – te meer waar 'n mens bevrees begin raak het dat die Akademie, onder die druk van moeilike nasionale omstandighede, in die jongste verlede nie altyd aan die gevaar ontkom het van hom te laat betrek in prosedures wat nie volkome in ooreenstemming is met wat ons beskou as die eise van 'n vrye, gesonde geesteslewe nie. Ons wil vertrou dat dié vrees ook verderaan besweer sal word.

As dit wat in die loop van die debat gestel is, naamlik dat die Akademieraad besig is met 'n diepgaande selfondersoek betreffende 'n aantal sake, dan kan dit alleen 'n rede tot blydschap wees, en voel ons dat die doel van ons aksie volkome parallel geloop het met dié van die Raad.

Net oor een aspek voel ons nog nie volkome tevrede nie. Ons hoop dat dit reggestel sal kan word. Ons wil naamlik die vertroude uitspraak dat dit op een of ander manier moontlik sal wees (in die Jaarverslag, of op 'n ander wyse) om van die kant van die Akademie duidelikheid te bring oor die aard van die samespreking met die Uitvoerende Komitee, en by name om die ongelukkige hantering deur die pers van die hele aangeleentheid reg te stel, waar dit onjuiste indrukke by Akademieslede kon nagelaat het (daarvolgens het ons ons immers nie neergelê by die besluit van die Jaarvergadering nie). Die persverklaring ná ons vergadering van 1 September kom ons as 'n geskikte aanknopingspunt voor. As dit kan geskied, sal ons die saak as afgehandel beskou.

Die Akademieraad het besluit om die goeie gees te waardeer waarin Van Rensburg en Van Schoor deelgeneem het aan 'n samespreking met die Uitvoerende Komitee, en die saak verder beskou as vriendskaplik afgehandel (ARN 1967: 5 Mei). Van Rensburg is in 1967 aangewys as sekonduslid vir die Breë Komitee wat moes besluit oor die Hertzogprys vir Prosa (ARN 1967: 5 Mei).

6.3 ALGEMENE BEGINSELVERKLARING

Die bepaling dat 'n persoon slegs die Hertzogprys kon kry indien hy “beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk”, was vir 1962 en 1963 geldig, maar het met ingang 1964 verval (kyk bladsy 358). Prof. Gerhard Beukes het as raadslid tydens die Akademiesraadsvergadering van 4 November 1966 egter die volgende “**konsepleidraad**” vir oorweging voorgelê (ARN 1966: 4 November – bylaag B):

By die toekenning van die Hertzogprys is daar sekere aspekte wat o.i. fundamenteel is:

1. Die Hertzogprys is 'n unieke prys – daarin dat dit in teenstelling met al die ander bestaande literêre pryse in ons land nie deur 'n maatskappy, 'n organisasie of 'n bepaalde persoon geskenk is nie, maar wesenlik deur die Afrikaanse volk self. Uit hulle stoflike armoede het die volk landwyd hierdie geld vir 'n heel besondere doel bymekaar gemaak, nl. die behoud van die Afrikaanse Taal, die Afrikaanse Gedagte en die Afrikaanse lewensooruiging. Gen. Hertzog wat hom sy lewelink deur woord en daad met hierdie strewe van sy volk vereenselwig het, moes by die oorhandiging van die geld as literêre prys om die Afrikaanse letterkunde te bevorder, sterk onder die indruk verkeer het dat hy slegs as skenker namens die Afrikaanse volk optree. Die Hertzogprys, komende direk van die Afrikaanse volk, is dus in eerste instansie onweerlegbaar 'n volksprys. Die verbintenis tussen die Hertzogprys en die gemeenskap van wie dit 'n geskenk aan sy skrywers was om eie taal en geestesgoedere uit te bou, durf dus nooit by toekenning ontken, of geïgnoreer te word nie.
2. Die Hertzogprys was in die verlede en moet in die toekoms steeds bly 'n letterkundige prys toegeken volgens die skenkingsakte aan “het beste letterkundige werk van belletristiese aard.” Daarom moet slegs suiwer, onaanvegbare letterkundige norme by die beoordeling van sodanige werke in berekening gebring word.
3. Aangesien dit 'n literêre conditio sine quâ non is dat geen werk waarin die bose verheerlik word of die negatiewe tot algemene lewensnorm verhef word, ooit goeie literatuur kàn wees nie, volg dit dat boeke met sodanige strekking nooit vir bekroning met die Hertzogprys in aanmerking sal kan kom nie. ⁷⁸
4. As uitvoerders van die Hertzogprys-skenkingsakte glo die Akademiesraad dus dat dit sy opdrag en taak is om, in agneming van die doel en gees van die skenking, sowel as die Doelstellings van die SA Akademie soos aanvaar in Julie 1966 deur die Jaarvergadering te Stellenbosch, so opreg moontlik te trag om hierdie prys steeds aan die beste Afrikaanse letterkundige werk toe te ken.

Hiemstra het voorgestel dat die volgende aanhef boaan Beukes se stuk bygevoeg word:

Die Akademiesraad besluit dat geen beperking op die oordeel van die keurkomitee en van die Akademiesraad in die Reglement opgeneem word nie, aangesien die volgende fundamentele aspekte daarvan as vanselfsprekend beskou word:

Daar is besluit om die beginsel in hierdie voorgestelde aanhef te aanvaar, maar die finale bewoording daarvan te laat oorstaan. Daar is ook besluit om kommentaar op hierdie

konsepleidraad te vra van proff. D.J. Opperman, T.T. Cloete, A.P. Grové, F.E.J. Malherbe en dr. E. Botha. Hulle moes individueel genader word vir persoonlike kommentaar en die vertroulikheid van die aangeleentheid is beklemtoon. (ARN 1966: 4 November.) Goosen het hulle op 29 November 1966 skriftelik versoek om kommentaar te lewer op die bygaande **konsepreglement** in verband met die toekenning van die Hertzogprys (LK 1/11).⁷⁰⁸

Hierdie Beukes-beginselverklaring, op 'n paar klein veranderinkies na, is saam met Hiemstra se aanhef⁷⁰⁹ op 21 Februarie 1967 oorgetik met as opskrif “Algemene beginselverklaring” (kyk bladsy 661). Hiermee is die hele gedagte van 'n “volksprys” weer terugbring in die Hertzogprysdomein.

6.4 KONSEPREGLEMENT WORD REGLEMENT

Intussen het regter Hiemstra die konsepreglement hersien en verfyn tot wat genoem is die reglement (kyk bylaag W op bladsy 659). Dit is deur die Uitvoerende Komitee na die Fakulteitsraad verwys. (ARUKA 1967: 8 Maart – ook bylaag C; ARUKN 1967: 8 Maart.) Vier dokumente is voorgehou as die “Reglement van die Hertzogprys”,⁷⁹ en is as bylaag M ingesluit by die agenda vir die 17 April 1967-Fakulteitraadsvergadering en as bylaag U by die 5 Mei 1967-Akademieraadsvergadering, asook by 1968-agendas (kyk bladsy 451).

Weens verwarrende woordgebruik was dit in daardie stadium onseker presies wat die Akademieraad uiteindelik goedgekeur het: net die Akademieraad en die Fakulteitsraad se regulasies met betrekking tot die Hertzogprys (met die gepaardgaande keurkomiteehandleiding as aanhangsel A), of ál die dokumente wat as bylaag voorgelê is (uiteraard met uitsluiting van die skenkingsakte), **wat dan die algemene beginselverklaring sou insluit**. Dit sou eers uit latere opmerkings blyk dat laasgenoemde ní amptelik goedgekeur is nie (kyk bladsy 452).

6.5 TOEKENNINGSPROSEDURE IN 1967

In sy 22 Mei 1966-artikel in *Beeld* het Van Rensburg gewys op die gevaar wat die bestaande toekenningsprosedure ingehou het:

708 Dit is onseker of hulle Beukes se konsepleidraad, Hiemstra se konsepreglement, of dalk albei ontvang het Tot dusver (Junie 2009) kon nog nie uit Akademieargiefstukke lig hierop gewerp word nie – ook nie uit die Opperman-versameling by die Universiteit van Stellenbosch nie.

709 Die inleidende sin by die algemene beginselverklaring, naamlik dat daar by “die toekenning van die Hertzogprys ... sekere aspekte [is] wat o.i. fundamenteel is”, is in die weergawe wat oorgetik is op 13 November 1967, vervang deur die volgende: “Die Akademieraad benader die Hertzogprys vanuit die volgende standpunt” (kyk bylaag X op bladsy 661).

Solank 'n gesaghebbende en doeltreffende liggaam soos die Akademie op die sektor van die letterkunde met so 'n hopeloos ondoeltreffende masjien werk, sal hy telkens en telkens as gehele liggaam in die vaarwaters beland. En sy taak gaan vorentoe ál moeiliker word. Die Afrikaanse letterkunde laat hom nie meer so maklik as vroeër beoordeel nie.

Met betrekking tot die 1967-Hertzogprys vir Prosa, het hy gesê

... dis 'n baie ope geheim dat menige Akademievoorman die jaar 1967 met huiwering tegemoetsien

Die artikel is afgesluit met die volgende waarskuwing:

Die jaar 1967 gaan vir die Akademie 'n gevaarjaar soos min word as hy met sy huidige instelling gaan volhard. Gaan hy ag gee op die tekens van die tye?

Drie belangrike aspekte met betrekking tot die toekenningsprosedure wat tydens die 1966-Dramadebakel na vore getree, en in 1967 opnuut probleme veroorsaak het, is die volgende:

- die belangrikheid dat die Keurkomitee se verslag moes voldoen aan die gestelde vereistes;
- die rol van die Fakulteitsraad as die Akademiesraad in elk geval “na goeddunke” kon optree, en
- die status van die “stygende lyn”-bepaling.

Bykomend daartoe het die 1967-Hertzogprystoekening afgespeel teen die agtergrond van die algemene beginselverklaring wat aan die lede van die Akademie- en Fakulteitsraad voorgelê is.⁷¹⁰

Die Keurkomitee se verslag oor die 1967-Hertzogprys vir Prosa bevat slegs 'n seleksie van werke wat onder andere in oënskou geneem is, ⁸⁰ en die volgende opmerkings:

Uiteindelik is veral oorweeg H. Grové: Jaarringe, maar die Komitee kon nie tot 'n eenstemmige beslissing hieroor kom nie.

Ons aanbeveling is daarom dat die Raad die bundel kortverhale Jaarringe van Henriette Grové vir finale advies verwys na 'n breë komitee van letterkundiges.

710 Daar kon tot dusver (Junie 2009) nog nie uit Akademieargiefdokumente vasgestel word of die algemene beginselverklaring aan lede van die Keurkomitee gestuur is of nie.

Die verslag het nie voldoen aan die vereistes van die Keurkomitee se handleiding nie, en het volgens die Fakulteitsraad nie reg laat geskied aan die “voorgestelde kandidaat” nie. Die verslag is na die Keurkomitee terugverwys (“vir opheldering of uitbreiding” volgens bepaling 4[a][ii] van die reglement) met die versoek dat dit in ooreenstemming gebring moes word “met die voorskrifte in die handleiding en reglement, par. 6(a) en (b)”. (FRN 1967: 17 April.) Laasgenoemde paragraawe kom voor in die handleiding vir die Keurkomitee (kyk in bylaag V op bladsy 657, en in bylaag W op bladsy 659), **waaruit blyk dat hierdie handleiding deur die Fakulteits- en Akademieraad aanvaar is as amptelike riglyn vir die Keurkomitee**. Van belang is bepaling 6(a)(ii) dat die aanbeveling van die Keurkomitee of ’n meerderheid daarvan, “’n samevatting van die beweegredes” vir die aanbeveling móét bevat.

Tydens die 1966-Dramatoekenningsproses het die Fakulteitsraad nie die opsie gehad om die Keurkomitee se verslag na hulle terug te verwys nie (kyk bylaag U op bladsy 653). Sedertdien (kyk bylaag V en W op onderskeidelik bladsy 656 en 659) hét hulle daardie gesag verkry en dit in hierdie geval met reg gebruik.

Voordat die Akademieraad egter oor die 1967-Prosaprys kon vergader, het P.J. Nienaber na aanleiding van hierdie keurkomiteeverslag, ’n stuk opgestel oor die moontlike prosedure wat verder gevolg kon word (ARUKN 1967: 25 April – bylaag A). Dit is vooraf aan lede van die Uitvoerende Komitee gestuur en Nienaber het dit ook aan die Voorsitter van die Keurkomitee, prof. Dekker, voorgelees.⁸¹ Dekker het hom meegedeel dat die Keurkomitee een flater in sy verslag begaan het, naamlik om die boeke te noem wat oorweeg is (bepaling 6[a][i]), **maar nagelaat het om te meld dat die ander skrywers nie aanbeveel kon word nie omdat hulle werk nie ’n stygende lyn toon nie**. Dit het onder meer vir Leroux en Brink gegeld, en dit was die rede waarom *Een vir Azazel* nie bekroningswaardig geag is nie. (ARUKN 1967:25 April.) **Soos in 1966** (kyk bladsy 397 en 399) **word daar verwys na die “stygende lyn”-bepaling, wat, alhoewel dit goedgekeur is** (kyk bladsy 378), **nie in die Keurkomitee se handleiding voorkom nie**, maar in die 1961/1962- en 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bepaling 9 in bylae S en T).

Tydens die buitengewone vergadering van die Uitvoerende Komitee, gehou op Dinsdag 25 April 1967 in die Engelenburghuis, was P.J. Nienaber, die Akademieraadsvoorsitter, van mening dat dit nie sou help om die verslag na die Keurkomitee terug te verwys nie aangesien Dekker te kenne gegee het dat die lede van die Keurkomitee deur briefwisseling en vergadering die saak deeglik uitgepluis het, dit eens was oor die verslag en dit nie verder sou oorweeg nie. Ook T.T. Cloete het in ’n gesprek met Assistent-sekretaris W.A. Botha te kenne gegee dat dit onwys sou wees om die verslag terug te verwys aangesien die Keurkomitee nie sou reageer nie. (Volgens Nienaber se stuk het die Komitee nie verskil oor watter werk die beste is nie, maar oor die bekroonbaarheid van die werk.) Dekker het versoek dat die Akademie sy Keurkomitees beskerm. (ARUKN 1967: 25 April – ook bylaag A.) Die vorige jaar, tydens die Fakulteitsraadbespreking van Uys Krige se werk, het

Nienaber gesê dat die kort motivering “baie onbevredigend” was (FRN 1966: 22 April). Weer eens was hier in 1967 ’n ontoereikende, selfs effens dubbelsinnige “motivering”, en tog was Nienaber nie ten gunste daarvan dat dit terugverwys word “vir opheldering of uitbreiding” nie.

Ongeag die Fakulteitsraad se aanbeveling om die verslag terug te verwys na die Keurkomitee, het die Uitvoerende Komitee besluit om Nienaber se stuk te aanvaar en dít by die Akademieraad aan te beveel as modus operandi. Nienaber se aanbeveling het die aanstelling van ’n Breë Letterkundige Komitee behels. Waar dit voorheen net die Fakulteitsraad was wat ’n Breë Komitee kon aanwys, het die nuwe regulasies van die Akademie- en Fakulteitsraad (bepaling 4[b]) dit nou vir die Akademieraad moontlik gemaak om self hersiening te laat plaasvind deur so ’n Breë Komitee.

Die Uitvoerende Komitee het persone aanbeveel wat daarin kon dien en by die Akademieraad verlot gevra om in die lig van die Breë Letterkundige Komitee se aanbeveling, ’n aankondiging oor die Hertzogprys te doen. In die stuk het Nienaber gewys op die belangrikheid daarvan dat daar van die Fakulteit en die Akademieraad se letterkundiges in die Breë Komitee moes dien indien die Akademieraad sou besluit om ’n Breë Komitee aan te wys in weerwil van die Fakulteitsraadaanbeveling. (ARUKN 1967: 25 April.) Nienaber se stuk is afgesluit met die volgende:

’n Mens kan die verslag net om twee redes terugverwys: as die boek wat hulle aanbeveel, nie genoeg gehalte het nie of as daar onduidelikheid omtrent die komitee se bedoeling is. Nie een van die twee redes geld hier nie. As ons onder die omstandighede die verslag terugverwys, loop ons net gevaar om ’n hoogstaande komitee van mense wat bevriend is met die Akademie, aanstoot te gee.

Uit Akademiebronne kon geen aanduiding daarvan gekry word dat die Keurkomitee-verslag self aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is nie.

Bepaling 4(b) van die reglement (Akademie- en Fakulteitsraadregulasies) het die volgende gestipuleer (ek benadruk):

By ontvangs van die aanbeveling van die Fakulteitsraad, **vergesel van die verslag van die keurkomitee**, besluit die Akademieraad na goeddunke, en kan hy hersiening laat plaasvind ook al het die Fakulteitsraad dit nie aanbeveel nie.

Nieteenstaande hierdie bepaling kom dit voor asof ook die Akademieraad nié die Keurkomitee se verslag self ter insae gehad het nie. Tydens die Akademieraadsvergadering op

Vrydag 5 Mei 1967, tien dae na die vergadering van die Uitvoerende Komitee, het Kempen navraag gedoen oor die Keurkomitee se verslag wat nie in een van die drie voorgeskrewe vorme was nie. P.J. Nienaber, as Akademieraadsvoorsitter, het geantwoord dat Dekker daarvan bewus was, en dat die voorskrifte in elk geval nie “’n wet van mede en perse is nie”. (ARN 1967: 5 Mei.) **Met hierdie antwoord het Nienaber onsekerheid geskep oor die status en afdwingbaarheid van die Keurkomitee se handleiding.**⁷¹¹ Prof. Cronjé, Voorsitter van die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe, het daarop gewys dat dit die Fakulteitsraad se opdrag is om die reglement uit te voer en dat hulle nié ’n motivering gehad het op grond waarvan die boek aanbeveel kon word nie (ARN 1967: 5 Mei). Tog het die Akademieraad besluit om Nienaber se voorstel te aanvaar en ’n Breë Letterkundige Komitee aan te stel. Dit was die eerste keer sedert die aanvaarding van die konsepreglement op 10 September 1965, dat die Akademieraad van hierdie opsie gebruik maak. Elke lid van die Breë Komitee sou skriftelik in kennis gestel word van sy/haar benoeming, en gevra word om op ’n vorm aan te dui of hulle ten gunste is van ’n bekroning van *Jaarringe*, of nie, en of hulle buite stemming bly. Tensy sewe lede ten gunste van toekenning van die prys stem, sou daar geen bekroning wees nie. Die Uitvoerende Komitee het volmag gekry om ná die stemming die saak af te handel en die uitslag bekend te maak. (ARN 1967: 5 Mei.) Volgens bepaling 4(c) van die geldende Akademie- en Fakulteitsraadregulasies, moes lede van die Breë Letterkundige Komitee slegs gevra word om te stem, en nié om redes vir hulle standpunt te gee nie. Daarteenoor het die Hertzogprystoekenningsprosedure sedert 1942/1943 (kyk bladsy 526) al bepaal dat elke lid van die Breë Komitee sy stem skriftelik uitbring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur mét motivering.

Die Akademieraad se besluite dat ’n bekroning kon geskied as sewe lede ten gunste van die kandidaat stem, en om volmag aan die Uitvoerende Komitee te gee vir die afhandeling van die saak, is ook “na goeddunke” geneem, en nié na aanleiding van vooraf vasgestelde prosedures nie. **Daar is ook besluit dat die Hertzogprysprosedure aan drastiese ondersoek onderwerp moes word** (ARN 1967: 5 Mei).

Die volgende dag is ’n berig in *Die Transvaler* (6 Mei 1967 – “Waas hang oor Akademie-sake”) afgesluit met die volgende versugting van een van die bronne “wat normaalweg goed ingelig is”: “’n Mens kan maar net hoop dat ’n nie-amptelike lekkasie soos dié wat die Uys Krige-debakel aan die gang gesit het, nie weer voorkom nie”. In *Beeld* van 7 Mei 1967 (“Hertzogprys vir H. Grové. Geheime besluit bekend.”) is gerapporteer dat die koerant “gesaghebbend verneem [het] dat die

711 Die Fakulteitsraad het in 1964 ook ’n bepaling van die Hertzogprystoekenningsprosedure ter syde gestel en sodoende onsekerheid laat ontstaan oor die status en afdwingbaarheid van die dokument (kyk bladsy 373).

Hertzogprys aan Henriette Grové toegeken is”,⁷¹² en dat *Een vir Azazel* die enigste boek van die Sestigters is wat “uittroon”. ’n Spesiale vergadering van die Uitvoerende Komitee is belê vir Maandag 8 Mei 1967 om te besluit of die Akademie op die berig moes reageer of nie, en indien wel, wat die inhoud daarvan moes wees. P.J. Nienaber was seker dat dit ’n Fakulteitsraadslid was wat die berig aan *Die Beeld* gegee het. **Nienaber vra of die tyd nie aangebreek het dat die toekening van die Hertzogprys aan die Fakulteitsraad verbygaan nie.** Daar is besluit om ’n verklaring aan die pers en radio vry te stel waarin gesê word dat die name van alle Akademieprysweners, onder andere dié van die Hertzogprys, vanaf 26 Mei 1967 bekend gemaak sou word. **Daar is ook besluit om** op die volgende agenda die vraag te plaas of die datum waarop die bekronings bekend gemaak word, nie lank voor die tyd aangekondig moes word nie, asook **te herbesin oor die prosedure by die oorweging van kandidate.** Die Direkteur moes die CNA en die Onderwysdepartement vra of hulle bekroningsmasjinerie werk en dan ’n stuk daarvoor voorberei. (ARUKN 1967: 8 Mei.)

Al tien lede van die Breë Letterkundige Komitee het gestem en die uitslag was soos volg: vier ten gunste van ’n bekroning, drie daarteen en drie buite stemming. Aangesien daar vooraf besluit is dat die Hertzogprys aan Henriette Grové toegeken wou word indien minstens sewe lede ten gunste daarvan stem, het die Uitvoerende Komitee tydens sy volgende vergadering eenparig besluit om geen toekening te maak nie, om die besluit direk na afloop van die vergadering aan SAPA vry te stel en ’n persvrystelling oor al die Akademiebekronings die volgende oggend, 26 Mei 1967, aan al die koerante en die SAUK gelyktydig uit te reik. **Besinning oor toekomstige prosedure is na die ad hoc-komitee wat ondersoek instel na al die Akademie se pryse en bekronings, verwys** (ARUKN 1967: 25 Mei.)

Volgens *Die Volksblad* van 26 Mei 1967 (“Groot stilte oor Hertzogprys”)⁷¹³ is talle letterkundiges vir hulle sienswyse oor die nietoekening gevra, maar het hulle verkies om geen kommentaar te lewer nie. F.I.J. van Rensburg, wat toe pas aangestel is as professor aan die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit (tans Universiteit van Johannesburg), was wel bereid om kommentaar te lewer:

Dit sal my seker nie verkwalik word as ek sê dat ’n beslissing van hierdie aard vir my nie vreemd is nie. Ek het dit verlede jaar al met klem gestel dat die bekroningsmasjinerie van die Akademie te ingewikkeld geraak het vir die situasie waarvoor hy in hierdie jare te staan gekom het. My waarskuwing het op dowe ore geval.

712 Berigte oor ’n moontlike bekroning aan Grové het ook verskyn in byvoorbeeld *Die Volksblad* van 8 Mei 1967.

713 Die inhoud van hierdie berig is ook gedra deur *Die Oosterlig* van 26 Mei 1967 (“Tjoepstil oor Hertzogprys”) en *Die Burger* van 27 Mei 1967 (“Sluier van swye oor besluit”).

Vanjaar het opnuut 'n verdienstelike aanbeveling (Henriette Grové) in die ratte van die ingewikkelde masjien in die slag gebly.

Die besluit om niemand te bekroon nie tref dubbel skerp omdat daar in hierdie jare belangrike dinge op die gebied van ons prosa aan die gebeur is.

Van Rensburg noem dan die name van persone wat die prys sou kon kry: Etienne Leroux vir *Een vir Azazel*,⁷¹⁴ Breyten Breytenbach vir *Katastrofes*, Chris Barnard vir *Dwaal* en Henriette Grové:

Later geslagte gaan die kop onbegrypend skud by die blanko jaar wat 1967 in die annale van die Hertzogprys was.

Drie jaar later het die Akademie self in 'n persverklaring die volgende erken (LK 1/13):

Dit was juis 'n fout dat in 1967 ... geen bekroning vir prosa gemaak is nie, omdat daar – selfs ná die breedste raadpleging – geen duidelike aanbeveling van die letterkundiges verkry kon word nie.

Hierdie gedeelte van die persverklaring is in 'n sekere sin misleidend aangesien dit die indruk skep dat daar wyd geraadpleeg is oor verskeie werke, terwyl dit net Grové se kortverhaalbundel was waaroor die Breë Komitee uitspraak moes lewer.

Tydens die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe se huishoudelike algemene vergadering gehou op Donderdag 29 Junie 1967, het Van Rensburg sy teleurstelling uitgespreek omdat die 1967-Hertzogprys vir Prosa nie toegeken is nie – 'n besluit wat die Akademie veel skade berokken het omdat die Akademie “magteloos” was. Hy het dit “in hierdie bloeitydperk van die Afrikaanse taal” vreemd gevind. **Hy skryf dit, soos reeds die vorige jaar gestel, aan die Akademie se prysregulasies en bekroningsmasjinerie toe.** Hy was daarvan oortuig dat die meerderheid van die Keurkomitee ten gunste van die toekenning was. Hiemstra het gereageer deur te sê dat die Keurkomitee se stemming 2 teen 1 was⁷¹⁵ en die Breë Letterkundige Komitee se mening toe ingeroep is, op wie se aanbeveling die Hertzogprys nie toegeken is nie. Hiemstra was van mening dat die skade gedoen is deur die lastige lekkasies in die pers, en het daarop gewys dat die Akademieraad in daardie stadium 'n poging aangewend het om die bekroningsmasjinerie te hersien. (FRJVN 1967: 29 Junie.)

714 Tydens die Letterkundige Kommissie se opvolgvergadering oor die 1970-Prosapry, was W.E.G. Louw en C.A. van Rooy van mening dat *Een vir Azazel* die belangrikste en beste boek is wat Leroux geskryf het, en volgens P.G. du Plessis moes dit “in elk geval bekroon ... geword het” (LKN 19970: 24 April).

715 Dit is onbekend waar Hiemstra aan hierdie stelling kom.

6.6 MOONTLIKE NUWE PROSEDURE

Daar was verskeie versoeke van Akademielede en Keurkomitees dat die Akademieraad 'n Komitee moes aanwys om die hele “bekroningsmasjien” van die Akademie te ondersoek (ARA 1967: 5 Mei). Dié Komitee is benoem (ARN 1967: 5 Mei) en die Uitvoerende Komitee het besluit om die besinning oor die toekomstige Hertzogprysprosedure ook na hulle te verwys (ARUKN 1967: 25 Mei).

Op Donderdag 9 November 1967 is 'n vergadering van die Komitee insake die Akademie se bekronings in die Engelenburghuis gehou. Teenwoordig was dr. S.M. Naudé (Akademieraadsvoorsitter sedert Julie 1967), prof. P.J. Nienaber, dr. A.J.A. Roux, regter V.G. Hiemstra, mnr. Goosen (Direkteur) en mnr. Botha (Sekretaris). Prof. C.F.B. Hofmeyr was afwesig met kennisgewing. Nienaber het 'n dokument (bylae A) ter tafel gelê oor 'n moontlike nuwe prosedure by die toekenning van die Hertzogprys (kyk bylaag Z op bladsy 663). Hierin merk hy op dat die stadium bereik is

... waar 'n oplossing gevind moet word om die onheile van die huidige prosedure uit te skakel, en dit is moontlik: Eenvoudig deur 'n minder ingewikkelde stelsel te ontwerp, 'n praktiese stelsel wat die keuring vereenvoudig.

Volgens Nienaber het die “bekroningsmasjinerie ... te lomp en ingewikkeld geraak” en “die prosedure ... te omslagtig”, waardeur die moontlikheid van lekkasies geskep word wat die goeie naam van die Akademie elke keer in gedrang bring. Volgens die voorgestelde stelsel moes nege letterkundiges deur middel van tot drie stemmings tot uitsluitel oor 'n bekroning kom. Indien dit nie moontlik was nie, kon die Akademieraad die hele Komitee laat vergader. As daar weer eens geen uitsluitel bereik kon word nie, kon die Raad die prystoekenning opskort, of 'n nuwe Komitee benoem, of lede van die Komitee deur ander vervang.

Met hierdie stelsel word die Fakulteitsraad heeltemal uitgeskakel, met die uitsondering daarvan dat hy keurkomiteelede by die Akademieraad kon aanbeveel. Ook die Breë Letterkundige Komitee verval, aangesien die Keurkomitee uitgebrei word tot nege lede. Hierdie aanbevelings

- toon ooreenkomste met P.J. Nienaber se 1964-voorlegging (geskoei op F.I.J. van Rensburg se wenke) drie en 'n half jaar tevore (kyk bladsy 366-369) waarin die rol van die Keurkomitee van uiterste belang geag word;
- verskil drasties van die uitgangspunte in die 1965-konsepreglement (later reglement/regulasies) waaraan Nienaber help meewerk het (kyk bladsy 381-383), en waarin die seggenskap oor die Hertzogprys veral lê by die Fakulteits- en Akademieraad.

Soos tydens die 1964-voorlegging (kyk bladsy 368), merk Nienaber op dat sy voorstelle in ooreenstemming is met die prosedure wat gevolg word deur, onder andere, Nederlandse, Vlaamse en Franse Akademies, en die beoordelaars vir die CNA-prys.⁷¹⁶ 82

In sy behandeling van die dokument tydens hierdie 9 November 1967-vergadering van die Komitee insake die Akademie se bekronings, het P.J. Nienaber onder andere opgemerk dat al die moeilikheid oorbrug word deur die stembrief, en dat dié stelsel die volgende uitskakel:

- emosie;
- die Letterkundige Komitee, want die nuwe Komitee bestaan uit nege lede wat in werklikheid dus 'n Breë Letterkundige Komitee is;
- die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe wat in daardie stadium nie meer hoofsaaklik uit letterkundiges bestaan het nie, en
- die verwyt dat die leke-lede van die Akademiesraad oor die Hertzogprys beslis.

Volgens Nienaber sou alle regulasies asook die feit dat dit 'n bekroningsprys is, en nie 'n wedstryd nie, behoue bly. 'n Verslag kon gepubliseer, en een lid van die Keurkomitee gevra word om 'n commendatio op te stel. Die lede sou nie vergader vir die bespreking van die tekste nie en sou nie weet wie die mede-lede is nie.⁷¹⁷

Hiemstra het waarde geheg aan nege persone se oordeel, maar gewys op die tekortkoming dat die kosbare proses van debat verlore gaan met dié stelsel aangesien daar nie geleentheid sou wees om ander gesigspunte te hoor nie. Hy wou die puntetoekenning behou, maar het voorgestel dat die nege lede twee maande voor die tyd in Desember aangewys, en vroeg in Februarie byeengebring word in die Engelenburghuis. Volgens Hiemstra sou hulle selfs kort voor die Akademiesraads-vergadering kon vergader, en as dit nodig was, onder voorsitterskap van 'n regter.

Dr. A.J.A. Roux het gemaak tot versigtigheid en noukeurige besinning oor die voorstel. As ander pryse se stelsels goed werk het dit nie beteken dat daar geen probleme was nie. Ook die Akademie se ander pryse het nie probleme opgelewer nie – slegs die Hertzogprys. Volgens Roux het die argument dat nie-letterkundiges in die Akademiesraad oor die Hertzogprys beslis nie indruk op hom gemaak nie aangesien die Raad 'n verslag beoordeel en hulle, volgens die skenkingsakte, verantwoordelik is vir die finale beslissing en toekenning van die prys. **Volgens die notule het hy bygevoeg dat dit nie altyd oor die letterkundige waarde gaan nie, maar dikwels ook oor die godsdienstwaardes van die volk, en daarvoor kon net die Akademiesraad besluit.** Hy was

716 Goosen is vroeër versoek om by ander instansies navraag te doen in verband met hulle bekroningsprosedures en 'n stuk daarvoor voor te berei (kyk bladsy 442). Dit is onbekend of dit gedoen is en, indien wel, of die resultaat van die navraag geïnkorporeer is by die Nienaber-dokument.

717 Die uitsondering sou wees indien 'n derde stemming geen uitsluitsel bring nie (kyk bepaling 9 op bladsy 665 in bylaag Z).

van mening dat dit probleme kon veroorsaak as die Raad bloot op 'n puntstelsel en nie op 'n motivering nie, moes besluit. Die gedagte dat die letterkundiges bymekaar gebring word het hom aangestaan, maar dit moes volgens hom gebeur onder voorsitterskap van die Akademievoorsitter. Hy was daarvoor te vinde dat die Fakulteitsraad uitgeskakel word en die letterkundiges met geslote stembriefies stem sodat net die Voorsitter dan van die uitslag weet.

'n Voorstel van Hiemstra was dat al die Akademieraadslede die debat bywoon om kennis te neem van die beoordelingsgronde.

Roux het gevra dat die **algemene beginselverklaring as leidraad in verband met die toekenning van die Hertzogprys algemeen bekend gemaak word sodat almal weet watter faktore die Akademieraad in ag neem**. Alhoewel dit uit die onnoukeurige woordgebruik moeilik was om af te lei wát die Akademieraad op 5 Mei 1967 goedgekeur het (kyk bladsy 548), **blyk dit uit hierdie opmerking van Roux dat die algemene beginselverklaring wél in berekening gebring is** – dus ook by die nietoekenning in 1967.

Na die bespreking het hierdie Komitee insake die Akademie se bekronings die volgende vier besluite geneem (Notule 1967: 9 November):

- regter Hiemstra moes die handleiding vir die Keurkomitee wysig in die lig van die bespreking van die Nienaber-dokument;
- die Hertzogprys vir 1968 moes op die nuwe grondslag beoordeel word;
- die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe moes in die beoordelingsprosedure weggelaat word, en
- die Fakulteitsraad moes gevra word om 'n paneel van twaalf letterkundiges by die Akademieraad aan te beveel.

Die Fakulteitraadsvergadering het die volgende dag plaasgevind – op 10 November 1967. Hiemstra het versoek dat die Fakulteitsraad 'n paneel van twaalf letterkundiges aanbeveel. Prof. Cronjé, Fakulteitsraadvoorsitter, het daarop gewys dat die Hiemstra-aanbeveling eers voor die Fakulteitsraad moes dien. Intussen het dié Raad volgens die bestaande reglement opgetree en die Keurkomitee vir die 1968-Poësieprys benoem.⁷¹⁸

Die Akademieraad het met betrekking tot die voorgestelde nuwe toekenningsprosedure die volgende besluit (ARN 1967: 23 November):

718 Die lede van die 1968-Keurkomitee was proff. A.P. Grové (Voorsitter) en T.T. Cloete, asook dr. Elize Botha (FRN 1967: 1 September, 10 November; ARN 1967: 23 November) – al drie lede wat versoek is om kommentaar te lewer oor die konsepleidraad/-reglement (kyk bladsy 437). Voor die amptelike aanstelling daarvan, maar op grond van die Fakulteitsraad se aanbeveling, het T.T. Cloete laat weet dat hy daardie jaar liefs nie die benoeming wou aanvaar nie: As daar 'n samestellingspatroon vir die Hertzogpryskomitee kom, soos hy vermoed volgens wat hy geweet het as lid van die Fakulteit Geesteswetenskappe, sou hy graag weer in die toekoms wou dien (LK 1/11: 6 Desember 1967; ARUKN 1968: 23 Januarie).

- om 'n ordemosie van prof. Cronjé, Fakulteitsraadvoorsitter, te aanvaar waarvolgens die stuk oor die Hertzogprys, opgestel deur prof. Nienaber, verwys word na die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe;
- dat die 1968-Keurkomitee, bestaande uit drie persone, moes voortgaan met hulle werk;
- dat die werksaamhede, name en aanbevelings van die Komitee streng vertroulik was. Die Akademiesraadsvoorsitter, dr. S.M. Naudé, en prof. Cronjé moes daarvoor met prof. Grové, Voorsitter van die nuutaangestelde Keurkomitee vir die 1968-Poësieprys, praat.

6.7 SKADUKANT VAN DIE AKADEMIE

Gebeure gedurende die jare 1966-1968 is al beskou as die grootste krisis in die Akademie se bestaan, en 'n skadukant van die Akademie.⁷¹⁹ Van die sake wat hiertoe bygedra het, was die volgende:

- onmin tussen die Akademiesraad en persone in diens van die Akademie, veral die Direkteur, mnr. D.P. Goosen, en dr. H.J. Terblanche, hoof van die Vaktaalburo (1966, 1967);
- die ontdekking dat die Statute en Akademiesrade nie wettig was nie;
- die besef dat die Fakulteite onwettig gefunksioneer het.

6.7.1 PERSONEELVERANDERINGE

Die onmin tussen die Akademiesraad en sekere personeellede het gelei tot die bedanking van D.P. Goosen, die Akademiesdirekteur, op 24 Augustus 1967. Hy het op 1 Desember 1967 uit diens van die Akademie getree (ARUKN 1967:24 Augustus – ook bylaag A). Ook Botha en Potgieter het in briewe aan Goosen, albei gedateer 21 September 1967, kennis gegee van diensbeëindiging op 31 Desember 1967 (H.B. Thom-versameling: 191.SAAWK.3K[93]). Mnr. D.J. (Danie) van Niekerk het Goosen opgevolg met ingang 1 Januarie 1968. Die ampstitel “Direkteur” is laat vaar. Saam met Van Niekerk is dr. (mev.) D.M. Wessels as Sekretaris van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe aangestel,⁷²⁰ en mnr. E. Meyer as Sekretaris van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek en as rekenmeester. (ARUKN 1967: 2 November; 1967/1968-jaarverslag.)

719 In verband hiermee kan onder andere geraadpleeg word die talle agendas en notules van die Akademiesraad en Uitvoerende Komitee gedurende hierdie tydperk, koerantberigte, Fensham (1984:14-15), Hiemstra (1968) en Serfontein (1970:84-110).

720 Sy is vanaf 1 Junie 1969 opgevolg deur mnr. D.P. de la Rey (ARUKN 1969: 1 Mei; ARN 1969: 9 Mei).

6.7.2 STATUTE EN AKADEMIERADE GEWETTIG

As uitvloeisel van die Akademie se Halfeeufeesviering in 1959, het die Akademieraad 'n Ondersekkommissie insake Toekomsbeplanning benoem om alle aspekte van die Akademie te ondersoek en aanbevelings te maak oor wyses waarop die Akademie sy toekomstaak die beste kon vervul (ARN 1959: 10 Oktober; ARA 1959: 28 November; kyk ook bladsy 328 en 341). Dit het onder andere gelei tot die veranderinge in die Akademiewet (kyk bladsy 344) en die Statute.

Die Akademie was daarvan bewus dat eksemplare van die 1961-veranderde Statute so gou moontlik by die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap ingedien moes word vir proklamasie in die Staatskoerant (ARN 1961: 24 Maart). Gedurende 1962 het die Sekretaris van dié Departement met die Akademie in korrespondensie getree oor die voorgestelde gekonsolideerde Statute, en bedenkinge uitgespreek oor sekere bepalinge. Ook is die Akademie in 'n brief en memorandum gedateer 6 Julie 1962 daarop gewys dat die Statute na die Staat se regsadviseurs moes gaan voor finale goedkeuring. Die Akademie is genooi om sake wat in die memorandum geopper is, met die Departement se beamptes te bespreek. Die saak is egter nooit afgehandel nie.⁷²¹ Ook die statuutveranderinge waarop besluit is tydens die 1966-jaarvergadering (AJVN 1966:30 Junie), is nie betyds in die Staatskoerant afgekondig voor die 1967-Akademieraadsverkieping nie. (Kyk onder andere ARA en ARN 1967: 5 Mei.) Gevolglik het alle Rade wat sedert 1961 volgens die Akademie se Statute verkies is, geen wetlike status gehad nie. (Kyk bladsy 342.)

Te midde van interne spanning is daar in 1967 'n nuwe Akademieraad verkies.⁷²² Dié Raad het gedurende die tweede helfte van 1967 van die onwettige situasie bewus geraak. Om die Rade van 1961, 1963, 1965 en 1967, **almal kuratore van die Hertzog-taalfonds wat die finale seggenskap oor die Hertzogprys het**, terugwerkend te wettig, het die Akademieraad wetgewing aangevra. Die Regering het daartoe ingestem. Die Eerste Minister is skriftelik bedank vir sy simpatieke hulp in die moeilike situasie (ARN 1967: 23 November).

721 Die Statute wat verskyn het in die buitengewone Staatskoerant van 22 November 1963, was net herafkondigings van die Statute vanaf 28 April 1944 tot 10 Januarie 1958, en nié dié van 1961 nie.

722 Die Akademieraad vir die tydperk Julie 1967 tot Junie 1969 was soos volg saamgestel (1967/1968-jaarverslag): dr. S.M. Naudé (Voorsitter), prof. H.B. Thom (Ondervoorsitter), prof. H.L. de Waal, prof. G. Cronjé, dr. A.J.A. Roux, proff. G. Beukes, C.F.B. Hofmeyr, P.J. Nienaber, W.J. Pretorius en regter V.G. Hiemstra. Op die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad was dr. S.M. Naudé (Voorsitter), prof. H.B. Thom (Ondervoorsitter), dr. A.J.A. Roux en prof. G. Cronjé.

Die volgende veertien lede is verkies tot die Fakulteitsraad vir die tydperk Julie 1967 tot Junie 1969: proff. G. Cronjé (Voorsitter), H.B. Thom (Ondervoorsitter), G.J. Beukes, T.T. Cloete, F.J. du Plessis, W. Kempen, B. Kok, D.J. Kotzé, G.S. Nienaber, P.J. Nienaber, J.E. Pieterse, regter V.G. Hiemstra, dr. A.P. Treurnicht en mnr. L.W. Hiemstra/P.J. Cillié. Die Dagbestuur vir die periode 1967 tot 1969 was soos volg saamgestel: prof. G. Cronjé (Voorsitter), prof. H.B. Thom (Ondervoorsitter), proff. P.J. Nienaber en G.J. Beukes. (1967/1968-Akademie- en Fakulteitsjaarverslag; H.B. Thom-versameling: 191.SAAWK.3K[80], [81], [82] en [84].)

Op 29 Desember 1967 het die Statute in die Staatskoerant verskyn (kyk bylaag P op bladsy 642), en dit is deur Wet no. 22 van 1968 op 15 Maart 1968 geldig verklaar, met inwerkingtreding op 27 Maart 1968 (kyk op bladsy 627 in bylaag M).

6.7.3 FAKULTEITE GEWETTIG

Artikel 5 van beide die 1921- en 1959-Akademiewet het nie voorsiening gemaak vir die indeling in fakulteite en die daarstelling van reglemente vir hulle nie (kyk bladsy 341). Eers met die 1968-Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, is bepaal dat Artikel 5 van die Hoofwet met ingang 1 November 1967 gewysig word deur ná paragraaf (f) van subartikel (2) in te voeg dat die Akademie ook statute kon uitvaardig betreffende:

- die samestelling van die onderkomitees van die raad, en die delegering van magte aan hulle;
- die indeling van die Akademie in fakulteite, en die vasstelling van reglemente vir hulle. (Kyk paragraaf [g] en [h] op bladsy 625 in bylaag M.)

Vir 23 jaar, sedert die inwerkingtreding van nuwe Statute op 28 April 1944, tot en met 31 Oktober 1967, was die verdeling in fakulteite en die opstel van reglemente daarvoor, ultra vires (kyk voetnota 354 op bladsy 204).

6.8 DIE GELDWAARDE VAN DIE HERTZOGPRYS VERLAAG

Die prysgeld verbonde aan die Hertzogprys is in 1963 verhoog na R2 000,⁷²³ en daar is aanbeveel dat, benewens die geld en sertifikaat, ook 'n medalje aan bekroondes uitgereik word. Met betrekking tot 'n medalje is geen besluit geneem nie. (Kyk bladsy 357). Geen Hertzogprys is in 1963 toegeken nie, maar wel in 1964.

Vroeg in 1964 het P.J. Nienaber as Fakulteitsraadvoorsitter voorgestel dat 'n fondsinsamelingspoging met die feesviering rondom die 50-jarige bestaan van die Hertzogprys saamval (FRDBN en ARUKN 1964:12 Februarie). Die Reëlings- en Redaksiekomitees insake hierdie feesviering se besluit om geld wat geïen word met die huldigingsfeeste en/of -uitgawes, te gebruik vir die Hertzogprys, is deur die Fakulteits- en Akademierraad gesteun (FRN 1964: 17 April; ARN 1964: 30 April).

723 Onsekerheid het later ontstaan oor die datum waarop die besluit geneem is (ARN 1965: 30 Junie), maar daar is bevestig dat dit 19 April 1963 was (ARA 1965: 10 September).

Na aanleiding van 'n brief van prof. C.F.B. Hofmeyr, het die Fakulteitsraad die Akademieraad in 1965 versoek om die kwessie van prysgeld te ondersoek. 'n Komitee insake prysgeld en die verdeling van pryse is in die lewe geroep. (FRA, FRN, ARA en ARN 1965: 30 Junie.) Tydens hierdie Komitee se vergadering van 28 Oktober 1965 het P.J. Nienaber as Voorsitter onder andere opgemerk dat:

- die Akademie op daardie tydstip ingestaan het vir die verskil tussen die rente op die kapitaal en die prysgeld van R2 000;
- die skenkingsakte bepaal dat die prysgeld die rente op die kapitaal moet wees en
- daar dus nie nét 'n medalje toegeken kon word nie, maar wel bygevoeg kon word.

Daar is beredeneer of daar prysgeld behoort te wees en indien wel, hoeveel dit moes bedra; of daar saam met die sertifikaat ook 'n medalje toegeken moes word – met of sonder die prysgeld; indien 'n medalje toegeken word, van watter metaal, en of die prysgeld aangewend moes/kon word vir die onkoste verbonde aan die medalje. Daar is onder andere besluit dat 'n medalje oorhandig sou word vir die Hertzogprys.

Na vele besprekings, aanbevelings en verwysings tussen die Akademieraad, Uitvoerende Komitee, Fakulteitsraad en Dagbestuur gedurende 1966 en 1967, is die volgende aanbevelings op 5 Mei 1967 deur die Akademieraad bekragtig⁷²⁴ (ARUKN 1967: 8 Maart; ARN 1967: 5 Mei):

- die Hertzog-prysgeld bedra die bedrag van die rente van die voorafgaande jaar afgerond tot op die naaste tien rand onder die bedrag;
- indien nie toegeken nie, word die rente by die kapitaal gevoeg;
- die nuwe bepaling van die prysgeld sou onmiddellik van krag wees.

In November 1967 het die Akademieraad onder andere besluit om die Hertzogprys vas te stel op die werklike rente op die kapitaal van die fonds,⁷²⁵ afgerond tot die naaste tien rand nadat hoogstens 5% daarvan toegelaat is vir administratiewe koste (ARN 1967: 23 November).

Geen Hertzogprysgeld is gedurende 1966 en 1967 uitbetaal nie aangesien geen toekennings gemaak is nie.

724 Volgens die inleiding tot die Hertzogprysbekroningsvoorskrifte wat vanaf 1967 verskaf is (kyk eindnota 121 op bladsy 666), die Hiemstra-inligtingstuk (kyk bylaag AA op bladsy 666), die Hertzogpryshandleidings vir 1968 tot 1970 (kyk bylae BB en CC op bladsy 668 en 670), die publikasie *Akademiepryse 1909-1981* (SAAWEK 1981:5) en 'n persvystelling van 10 April 1990 (LK 1/23) is die prys in **1964** verhoog tot R2000, en het die Akademieraad in **1966** besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys te beperk tot die rente op die kapitaal. Eersgenoemde besluit is in **1963** geneem (kyk bladsy 357), en laasgenoemde in **1967**.

725 'n Feitelike mededeling van die Hoofsekretaris, D.J. van Niekerk, is tydens 'n Fakulteitsraadsvergadering die volgende jaar genotuleer (FRN 1968: 11 April):

Die HP-fonds [Hertzogprysfonds] word nie verteenwoordig deur 'n bedrag geld nie maar deur ongeveer 300 Volkswaard-aandele, en ongeveer 500 Saambou-aandele. Eintlik is die HP nie so seer die rente op die belegging nie maar wel die dividende op belegging wat te staan kom op tussen R400 en R450.

6.9 TOEKENNINGSPROSEDURE IN 1968

Hiemstra het in die lig van die Nienaber-dokument en die bespreking daarvan (kyk bladsy 444-446) ’n inligtingstuk opgestel wat oorgetik is op 13 November 1967, met as opskrif “Die Hertzogprys” (kyk bylaag AA op bladsy 666). Dit het as agtergrondinligting ’n geskiedenis van die Hertzogprys wat meer uitgebreid is as dit wat in die Mei 1967-inleidende agtergronddokument verskaf is (kyk eindnota 79 op bladsy 547), en gee blyke van die siening dat **die bekronings-voorskrifte ook onderworpe moes wees aan die algemene beginselverklaring**.⁷²⁶

In 1967 het die Akademiesraad ’n algemene beginselverklaring opgestel wat hy by die toekenning van die prys in ag sal neem. Die raad ontvang ook voorligting van ’n deskundige keurliggaam, saamgestel soos hieronder bepaal. Die bekroningswyse hier voorgeskryf, is in 1967 aanvaar en is gegrond op ondervinding wat deur die jare opgedoen is. Die voorskrifte daarvan moet steeds gelees word onderworpe aan die skenkingsakte (soos gewysig deur die twee bogenoemde verklarings van genl. Hertzog), en onderworpe aan die algemene beginselverklaring. Afskrifte van albei stukke is hierby aangeheg.

Op 23 Januarie 1968 is daar ’n spesiale vergadering van die Akademiesraad se Uitvoerende Komitee gehou in die terminaal van die Jan Smuts lughawe (tans O.R.Tambo). Dr. S.M. Naudé, die Akademiesraadsvoorsitter, wou graag die Ondervoorsitter, prof. H.B. Thom van Stellenbosch, wat toevallig in Johannesburg was, teenwoordig hê. Dr. A.J.A. Roux kon nie die vergadering bywoon nie en het beswaar gemaak oor die oorhaastige byeenroeping van die vergadering. Prof. P.J. Nienaber en regter Hiemstra is uitgenooi vanweë hulle kennis van die Hertzogprysbeoordelingsprosedure. (ARUKN 1968: 23 Januarie.)

Twee dringende sake is bespreek, waarvan een die Hertzogprysprosedure was. Naudé het verduidelik dat die Hertzogprys in 1968 weer in die gedrang sou kom. Daar is besluit om op 9 Februarie 1968 twee spesiale vergaderings te hou: ’n vergadering van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe in die middag, en die Akademiesraad daardie aand. Naudé is as Akademiesraadsvoorsitter uitgenooi om die Fakulteittraadsvergadering by te woon. (ARUKN 1968: 23 Januarie.)

Die volgende dokumente is voorgelê tydens die vergadering van die Uitvoerende Komitee (23 Januarie 1968), Fakulteitsraad en Akademiesraad (9 Februarie 1968):

- die vier dokumente wat in April en Mei 1967 aan die rade van die Fakulteit en Akademie onderskeidelik voorgelê is (kyk eindnota 79 op bladsy 547);

726 Sedert die weergawe oorgetik op 29 Mei 1968, volg hierdie deel nie meer op die inleidingsgeskiedenis nie (kyk bylaag BB op bladsy 668).

- die Hiemstra-stuk, oorgetik op 13 November 1967, bestaande uit die inligtingstuk (kyk bylaag AA op bladsy 666) en die algemene beginselverklaring (kyk bylaag X met tersaaklike dele in vetdruk);
- P.J. Nienaber se voorlegging: “Nuwe prosedure by die toekenning van die Hertzogprys” (kyk bylaag Z op bladsy 663), en
- die notule van die Komitee insake ondersoek na Akademiebekronings, gehou op 9 November 1967.

Tydens die Fakultetraadsvergadering het Hiemstra kortliks die breë prosedure by die ou stelsel geskets en opgemerk **dat die algemene beginselverklaring⁷²⁷ nog geen amptelike status het nie, en dat daar besluit moes word of dit by die reglement ingelyf moes word**. Hieruit blyk dit duidelik dat die algemene beginselverklaring nie voorheen amptelik goedgekeur is nie (kyk bladsy 437). Tog is daar nie-amptelik daarvan kennis geneem. Hiemstra het Beukes se konsep “’n uitstekende opgawe” beskou, maar herhaaldelik gesê dat dit “liewer nie” by die reglement ingelyf moes word nie. (FRN 1968: 9 Februarie.) Daar is ook genotuleer dat hy sou gesê het:

Dis goed dat ons ander mense inkort om te besluit maar ons moet nie onself inkort nie.

Volgens Beukes het hy persoonlik nog nooit gevoel het dat die algemene beginselverklaring in die reglement opgeneem moes word nie – ’n sienswyse ondersteun deur Thom. Beukes het ook nie verwag dat die nuwe stelsel die probleme met ’n towerstaffie uit die weg sou ruim nie:

Hulle wortel in ’n stryd tussen lewensbegrippe. Die Hertzogprystoekenning het reeds ’n simbool geword van die keuse van die volk rakende bepaalde beginsels. Daar is twee groepe by betrokke.

Nienaber het voorgestel “dat die vergadering met waardering kennis neem van die beginselverklaring”. Kotzé wou weet “**of die keurkomitee kennis dra van hierdie beginselverklaring en of hulle amptelik bewus gemaak word daarvan**”, waarop Hiemstra geantwoord het “**die skenkingsakte gaan tesame met die handleiding⁷²⁸ na die keurkomitee**”: “**Laat die Raad tog niks voorskryf nie**”. Dr. S.M. Naudé het as Akademieraadsvoorsitter hierdie Fakultetraads-

727 Die algemene beginselverklaring soos oorgetik op

- 21 Februarie 1967 het deel gevorm van
 - ▶ bylaag A by die Fakultetraadagenda van 9 Februarie 1968 en
 - ▶ bylaag B by die Akademieraadagenda van 9 Februarie 1968;
- 13 November 1967 (kyk bylaag X op bladsy 661) was deel van
 - ▶ bylaag B by die Fakultetraadagenda van 9 Februarie 1968, en
 - ▶ bylaag C by die Akademieraadagenda van 9 Februarie 1968.

Tydens die Fakultetraad en Akademieraad se bespreking van die algemene beginselverklaring, is daar nie ’n onderskeid gemaak tussen hierdie twee weergawes nie.

728 Die Hiemstra-inligtingstuk van 13 November 1967 (bylaag AA op bladsy 666) bevat verwysings na die algemene beginselverklaring. Hierdie inligtingstuk is herskryf tot die Hertzogpryshandleiding (bylaag BB op bladsy 668) waarin al die verwysings na die algemene beginselverklaring uitgelaat is. Dit is onbekend watter handleiding die Keurkomitee vir die 1968-Poësieprys ontvang het.

vergadering bygewoon en voorgestel dat die saak na die Akademiesraad verwys word. (FRN 1968: 9 Februarie).

Interessant dat Hiemstra, tydens die bespreking oor die moontlike uitsluiting van die Fakulteitsraad, opgemerk het dat dit “van die begin af” sy idee was om die Fakulteitsraad uit te skakel. Hiemstra het aanvanklik (in 1964) wél ’n rol vir die Fakulteitsraad voorsien, naamlik dié van ’n liggaam wat ’n besluit bekragtig of hersien, maar nié sy diskresie laat geld in die plek van die Keurkomitee s’n nie (kyk bladsy 370). Volgens die 1965- en 1966-konsepreglement en 1967-reglement wat hy opgestel het (kyk bladsy 381, bylaag U op bladsy 653, bylaag V op bladsy 656 en bylaag W op bladsy 659) is nog méér gesag aan die Fakulteitsraad gegee deur die opsie om sy eie diskresie te stel bo dié van die Keurkomitee.

Na die bespreking het die Fakulteitsraad oorgegaan tot stemming en besluitneming. Hiemstra het die besluite aangeteken, aan die Fakulteitsraad voorgelees, wat dit goedgekeur het, en later ook aan die Akademiesraad, met die opmerking dat die Fakulteitsraad besluit het om die ou bestaande stelsel grootliks te handhaaf (FRN en ARN 1968: 9 Februarie):

1. Die komitee van drie doen regstreeks aan die Akademiesraad verslag.
2. Dit is ’n skriftelike verslag. Die saamroeper verskyn voor die Raad om, indien nodig, mondeling verduidelikinge te gee.
3. As die aanbeveling van die komitee nie eenparig is nie, verskyn die hele komitee voor die Raad.
4. Die breë letterkundige komitee val weg.
5. Die keurkomitee hoef nie noodwendig te vergader nie, maar as hy dit doen, kan die hoofsekretaris die vergadering bywoon.
6. **Die “algemene beginselverklaring” van prof. Beukes vorm nie deel van die reglement nie, maar die vergadering neem met waardering daarvan kennis.** Veranderinge daarin voorgestel deur prof. G.S. Nienaber word aanvaar.⁷²⁹
7. Verslae van die keurkomitee word gewoonlik nie gepubliseer nie, maar die Raad kan na goeë dunde dit publiseer.
8. Posthume [sic] bekroning is geoorloof mits die skrywer oorlede is in die 3 jaar onder behandeling.⁷³⁰
9. In die bepaling oor die bekroning van ouere werke word gesê “beter werk as dié in die tydperk onder behandeling”; sodoende word bekroning van ouere werk nie

729 G.S. Nienaber se voorstelle was dat:

- paragraaf een sê “die behoud van die Hollandse taal” in plaas van “die behoud van die Afrikaanse taal”, en
- dat paragraaf drie in die geheel verval.

Die eerste voorstel is nié gereflekteer in daaropvolgende weergawes van die algemene beginselverklaring nie (kyk bylae X en Y op onderskeidelik bladsy 661 en 662).

730 In die notule van die Fakulteitsraadsvergadering is hierdie besluit soos volg verwoord: “Posthume [sic] bekroning is geoorloof vir die werk van ’n skrywer wat in die tydperk onder behandeling te sterwe kom” (FRN 1968: 9 Februarie).

Voorheen was so ’n bekroning nie moontlik nie. Vir die 1932-Dramaprys, byvoorbeeld, is *Die drie Van der Walts* van E.A. Schlegemann buite rekening gelaat tydens die beoordelingsproses aangesien die skrywer oorlede was (kyk bladsy 137). In 1964 het F.I.J. van Rensburg ’n postume bekroning genoem as “’n tot dusver nog onontgonne moontlikheid in die Akademie-annale” (1964:28).

- beperk tot omstandighede waarin daar in die betrokke tydperk “geen bekroningswaardige” werk verskyn het nie.⁷³¹
10. Die komitee [vir 1968] bly soos deur die Fakulteitsraad voorgestel. Prof. Cloete aanvaar benoeming daarin [kyk voetnota 718 op bladsy 446].
 11. Regter Hiemstra moes die handleiding vir die keurkomitee wysig in die lig van die besluite wat die Akademieraad mag goedkeur.⁷³²

Met hierdie besluite het die Fakulteitsraad (tydelik)⁷³³ afstand gedoen van seggenskap oor die Hertzogprys. Bepaling 9 was in stryd met die skenkingsakteverandering waartoe Hertzog ingestem het (kyk bladsy 124), en wat gestipuleer het dat die beste letterkundige werk wat **binne ’n bepaalde tydperk** verskyn, op ’n rotasiebasis bekroon word.

Tydens die Akademieraad se bespreking⁷³⁴ van die algemene beginselverklaring, het Naudé verwys na Roux se voorstel dat dit wel opgeneem word in die reglement (kyk bladsy 446), en wou weet of die Fakulteitsraadbepaling om net kennis te neem van Beukes se beginselverklaring, die Akademieraad se goedkeuring wegdra (ARN 1968: 9 Februarie).

Hierdie onderwerp het ter sprake gekom tydens die bespreking van die eerste bepaling, naamlik dat ’n Komitee van drie regstreeks aan die Akademieraad verslag doen.⁷³⁵ Thom het opgemerk dat die Keurkomitee in gedagte moet hou “**dat die werk wat hulle aanbeveel nie mag indruis teen die volkskarakter en volksaard nie**”. Roux het sy bekommernis oor hierdie saak uitgespreek (ek benadruk):

Toe hy Akademiervoorsitter was [27 Junie 1963 tot 30 Junie 1965], het hy dit **sterk onder die aandag van die Raad gebring**. Met sy uittrede het hy dit **benadruk** dat die raad hom by die Skenkingsakte moet hou, **maar óók by die norme wat in die gees daarvan weerspieël word**. Hy vra of die tyd nie aangebreek het dat die

731 Hierdie besluit is voorafgegaan deur ’n versoek deur Hiemstra dat die reglement se bepaling ten opsigte van bekroning vir ouere werk in ’n vorige tydperk vóór hierdie tydperk onder beskouing, so gewysig word dat goeie werke wat nog nie voorheen bekroon is nie, in aanmerking kom. Die besluit stem ooreen met die interpretasie wat die Akademieraad in 1966 aan bepaling 7 van die keurkomiteehandleiding gegee het, naamlik dat ’n enkelwerk uit ’n skrywer se verlede bekroon kon word (kyk punt [b] op bladsy 417).

732 Die volgende besluite wat deur die Fakulteitsraad geneem is (FRN 1968: 9 Februarie), het nié neerslag gevind in die besluite wat aan die Akademieraad voorgelê is nie:

- die Fakulteitsraad beveel ’n aantal persone (met prioriteit) by die Akademieraad aan vir benoeming in die Komitee;
- die Akademieraad stel die sameroeper aan;
- onmiddellik na “verhalende prosa” in paragraaf 2 van die reglement, word bygevoeg “roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing”.

Dit is wel opgeneem in bepaling 1 en 2 van die “Voorskrifte by bekroning” wat deel was van die “Hertzogprys-handleiding” soos oorgetik op 15 Februarie 1968 (kyk bylaag BB op bladsy 668).

733 Op 26 Mei 1972 het die Fakulteitsraad weer seggenskap verkry (kyk bladsy 491).

734 Voor die punt-vir-punt-bespreking van die Fakulteitsraadvorstelle, is ’n besluit geneem om die Fakulteitsvoorsitters op die ad hoc-bekroningskomitee te koöpteer. (ARN 1968: 9 Februarie.)

735 Slegs hierdie eerste bepaling se bespreking is genotuleer.

beginselverklaring by die reglement ingelyf moet word nie. Al geskied die bekroning streng volgens die akte, kan dit nog gebeur dat die Raad 'n persoon bekroon wat die Akademie in gedrang bring .

Die bekroonde werk moet daaraan beoordeel word **of dit ook beantwoord aan die gees van die akte.** Die skenkingsakte mag nie verander word nie, **maar daar moet iets bykom om die Akademieraad die vryheid te gee om ander oorweginge ook in aanmerking te neem. Dit doen die beginselverklaring.**

Volgens W.J. Pretorius, Roux en Naudé moes die algemene beginselverklaring onder die Keurkomitee se aandag gebring word. Laasgenoemde het opgemerk dat prof. A.P. Grové “ook in daardie sin so 'n oplossing [wou] vind”, en dat Beukes se stuk “min of meer weer[gee] wat die Raad beoog en ondersteun”.

Naudé wou pertinent weet of die beginselverklaring in die reglement ingesluit moes word. Volgens Roux is daar destyds wysigings voorgestel waarop Kempen nog wou ingaan, maar die saak is nog nie reggestel **en die stuk nog nooit deur die Akademieraad aanvaar nie.**

Die standpunt van Beukes is só bewoord:

Syns insiens sal prof. Grové hierdie idees in die gees in sy handleiding moet opneem, maar toekomstige komitees sal nie bewus daarvan wees nie.

Die Akademiesekretaris, Danie van Niekerk, het dit soos volg verander, en daarby geparafeer:

Syns insiens sal prof. Grové hierdie idees in die beginselverklaring in gedagte hou by oorweging van die Hertzogprys, maar toekomstige komitees sal nie bewus daarvan wees nie.

Pretorius het opgemerk:

Die huidige komitee sal die beslissing daarop baseer. Dit sal weer onder die aandag van die toekomstige komitees gebring moet word.

Met betrekking tot die keurkomiteeledes van wie twee verbonde was aan die Universiteit van Pretoria (Grové en Botha) en een aan die Universiteit van Port Elizabeth (Cloete), het Naudé gesê dat die lede “suiwer op meriete benoem word”.

Die res van die Fakulteitsraadbesluite is behandel en al die besluite is aanvaar. Geen verdere bespreking is genotuleer nie. (ARN 1968: 9 Februarie.)

In *Boekewêreld*, bylae by *Nasionale koerante* (Augustus 1993) het prof. A.P. Grové op versoek van *Boekewêreld* 'n terugblik gegee op Hertzogprystoekennings, en onder andere opgemerk:

Veranderende tye bring ook veranderings wat die prys betref en mettertyd is daar, ook deur Akademielede, gevoel dat die Afrikaner 'veilig' is, dat die taalstryd verby is en dat daar 'uitwaarts' beweeg kan word. Daarmee saam het die minder-vriendelike verwyf al sterker geword dat die Akademie twee here probeer dien: dat hy voorgee om suiwer literêr te oordeel, terwyl hy in werklikheid ideologies deur Afrikaner-sentimente beweeg word. Van Akademie-kant is dié aantyging konsekwent verwerp deur daarop te wys dat geen voorskrif in dié rigting aan keurkomitees gegee word nie. Sedert die instelling van die Letterkundige Kommissie is so 'n dubbelslagtige 'beleid' in elk geval ondenkbaar.

Daar is geen ámptelike voorskrif aan Keurkomitees gegee nie, maar daar is verwag dat lede daarvan die algemene beginselverklaring in gedagte hou.

Soos besluit (kyk bladsy 454) het Hiemstra die handleiding vir die Keurkomitee gewysig en dit is oorgetik op 15 Februarie 1968 (kyk bylaag BB op bladsy 668). Die agtergrondinligting is dieselfde as dié van die 13 November 1967-weergawe, **maar met wéglating van die opmerkings dat**

- **die Akademiesraad in 1967 'n algemene beginselverklaring opgestel het wat hy by toekenning van die prys in ag sal neem;**
- **die bekroningsvoorskrifte onderworpe was aan die skenkingsakte én die algemene beginselverklaring, en**
- **'n afskrif van die algemene beginselverklaring aangeheg is.**

Twee ander belangrike voorskrifte wat weer hulle herverskyning maak, is die volgende:

- die vasstelling van **drie kalenderjare** as beoordelingstydperk (bepaling 3 van die bekroningsvoorskrifte in bylaag AA)⁷³⁶ ('n terugkeer na dít wat herbevestig is tydens die 23 April 1965-vergadering van die Komitee insake die Hertzogprysregulasies, naamlik dat publikasies wat verskyn het in die drie kalenderjare wat 'n bekroning voorafgaan, in berekening gebring moet word [kyk bladsy 378], en die verval van die ondeurdagte bepaling 3 van die keurkomiteehandleiding, wat nié deur die Akademiesraad goedgekeur is nie en waarin aangedui is dat alleen werke wat in die lopende en die voorafgaande twee kalenderjare verskyn het, in aanmerking kom [kyk bladsy 391 en 431]), en
- **die "stygende lyn"-bepaling** (bepaling 4 van die bekroningsvoorskrifte in bylaag BB op bladsy 668)⁷³⁷ wat wél tydens die 23 April 1965-vergadering goedgekeur is, maar nié in die keurkomiteehandleiding voorgekom het nie.

736 Dit verskyn as bepaling 7 in Hiemstra se 13 November 1967-inligtingstuk (kyk bylaag Z).

737 Dit verskyn ook in bepaling 8 van die 13 November 1967-inligtingstuk (kyk in bylaag AA op bladsy 667).

Die Fakulteitsraad het in April 1968 besluit dat net besluite van die Fakulteitraadsvergadering in die vervolg genotuleer sou word. Wanneer 'n lid verlang dat 'n standpunt van hom genotuleer moet word, moes hy verlot van die vergadering vra en dit op skrif stel. (FRN 1968: 11 April.)

Die 1968-Hertzogprys vir Poësie is toegeken aan Boerneef (ARN 1968: 25 April – ook bylaag I). Uit die verslag en die Akademiesaadsbespreking daarvan, blyk dit duidelik dat die 9 Februarie 1968-besluite (kyk bladsy 453) geïmplementeer is:

- die Voorsitter (A.P. Grové) het voor die Raad opgetree soos voorgeskryf deur bepaling 2;
- daar is besluit om die motivering (vir 'n bekroning aan Boerneef) saam met die aankondiging van die wenner, bekend te maak, soos voorsien in bepaling 7;
- dit was 'n postume bekroning, waarvoor voorsiening gemaak is in bepaling 8.⁷³⁸

Die interpretasie van bepaling 9 het aandag geniet tydens die Akademiesaadsbespreking. Grové het genoem dat Opperman, Krige en Eybers om “tegniese redes” nie in aanmerking geneem is nie omdat daar nie van hulle gedurende die voorafgaande drie kalenderjare 'n bundel gepubliseer is nie. Slegs as “'n figuur aanspraak het binne die tydperk” het die keurkomitee “vir die finale beskouing” ook rekening gehou met sy werk wat buite die tydperk verskyn het. Hiemstra het verwys na die 9 Februarie 1968-Akademiesaadsbesluit (kyk besluit 9 op bladsy 454) wat impliseer dat ouer werk wat vroeër as die betrokke tydperk verskyn het, ook in berekening gebring kon word wanneer daar wél bekroningswaardige werk binne die tersaaklike periode verskyn het, maar die ouer werk beter is. Vir Hiemstra het dit geklink asof die ouere werk sonder meer opsygesit is. Grové en Hiemstra het menings gewissel. Uit Grové se opmerkings (en die verslag self) blyk dit dat werke van 'n skrywer wat buite die tersaaklike tydperk verskyn het, slegs in aanmerking geneem is as die skrywers “'n aanspraak” gehad het – bedoelende 'n werk wat in die tersaaklike tydperk gepubliseer is.

In reaksie op die Boerneef-toekenning het André P. Brink op 3 Mei 1968 aan die Akademie geskryf om sy misnoeë daarmee uit te spreek – nie omdat Boerneef bekroon is nie, maar omdat Breytenbach nie bekroon is nie (H.B. Thom-versameling: 191.SAAWK.3K.(115/1).⁸³ As naskrif voeg hy by dat hy 'n kopie van die brief aan die pers besorg. Dit was 'n voorbladberig in *Die Beeld* van 12 Mei 1968.

6.10 ONTSTAAN VAN DIE STAANDE LETTERKUNDIGE KOMMISSIE

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee op 29 September 1964 is 'n memorandum van prof. G. Cronjé, gedateer 1 Junie 1964, bespreek. Daarin bepleit hy die afskaffing van die tientalle

738 Boerneef is in Julie 1967 oorlede.

Akademiekomitees en die vervanging daarvan in die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe met vier kommissies wat dan die Fakulteitsraad adviseer oor die toekenning van alle pryse en erepenninge op die onderskeie gebiede, asook aangaande die behartiging van ander werksaamhede wat die besondere gebied raak. So sou die Kommissie vir Lettere (of Letterkunde) dan die Fakulteitsraad adviseer oor byvoorbeeld die toekenning van die Hertzogprys, maar ook oor boekbevordering. Die kommissies moes gereeld vergader. So 'n stelsel sou die Akademie meer vaartbelyn maak. (ARUKA 1964: 9 September – bylaag E; kyk voetnota 639 op bladsy 376.) In Akademiesekretaris Goosen se memorandum wat ook tydens hierdie vergadering van die Uitvoerende Komitee bespreek is, merk hy op dat 'n Komitee vir Lettere byvoorbeeld 20 bestaande Komitees sou uitskakel. Hy het gevra waarom die Komitee wat aanbevelings doen oor die Hertzogprys, nie ook die Eugène Maraisprys kon oorweeg nie. (ARUKA 1964: 9 September – bylaag F.)

Hierdie Cronjé-voorstel het bygedra tot die grootskaalse reorganisasie wat gedurende 1968/1969 plaasgevind het deurdat die werksaamhede van 'n hele aantal kleiner Komitees gekonsolideer is in dié van permanenter Kommissies (raadpleeg onder andere ARUKN 1968: 13 Mei – ook bylaag B; ARUKN 1968: 10 Junie – bylaag A; 1968/1969-jaarverslae). 'n Letterkundige Kommissie is in die lewe geroep wat onder andere die rol sou vervul van die Keurkomitee. Die Beplanningskomitee het tydens 'n vergadering gehou op 4 April 1968, in beginsel die aanbeveling ondersteun dat:

- die Letterkundige Kommissie deskundige medewerkers kan raadpleeg;
- die persoon belas met die opstel van die reglemente alle vergaderings van die Kommissie kon bywoon om hom vertrouwd te maak met die werking van die Kommissie, en
- die Voorsitter of Ondervoorsitter van die Fakulteitsraad die vergaderings van die Kommissie kon bywoon.⁷³⁹

In teenstelling met die Fakulteit- en Akademiesaadsbesluit van 9 Februarie 1968 dat 'n Kommissie van **drie** aangewys word (kyk bladsy 453),⁷⁴⁰ het die Fakulteitsraad tydens sy volgende vergadering besluit om by die Akademiesaad aan te beveel dat 'n Letterkundige Kommissie vir drie jaar soos volg saamgestel word (FRN 1968:11 April 1968):

- **sewe** persone waarvan tenminste één kennis het van “jeuglektuur”, één van vertaalde werk en waarvan alle lede volle medeverantwoordelikheid dra vir elkeen van die pryse, en

739 Hierdie aanbevelings is aan die lede van die Letterkundige Kommissie deurgegee in briewe gedateer 15 Mei 1968 (LK 1/12).

740 Tydens die Akademiesaadsvergadering van 9 Februarie 1968, was Cloete ten gunste van drie lede, Hiemstra en Roux sou vyf of sewe lede wou sien, en ander Akademiesaadslede wou nege tot twaalf benoem hê. Hiemstra wou “agter die Akademiesaad 'n sterker krag van letterkundiges hê”, en Thom was ook ten gunste van 'n groter getal, maar het opgemerk dat die mening van Grové, dat daar minder lekkasie en meer eenstemmigheid by 'n klein Komitee is, hom beïnvloed het. Cronjé het as Voorsitter daarvan, aangedui dat die Fakulteitsraad dit sou waardeur as die Akademiesaad drie sou aanvaar. (ARN 1968: 9 Februarie.)

- 'n Voorsitter, deur die Akademieraad aangewys uit die sewe lede, op aanbeveling van die Fakulteitsraad en vir 'n periode van drie jaar.

Die name van sewe lede, sewe sekundi en 'n Voorsitter is ter tafel gelê. Daar is genotuleer dat die Voorsitter die sekundus sou aanwys in die plek van die lid wat 'n bepaalde vergadering nie kon bywoon nie. (FRN 1968:11 April 1968.) Die Akademieraad het die voorstelle van die Fakulteitsraad goedgekeur (ARN 1968: 25 April). Op 13 Mei 1968 het die Uitvoerende Komitee besluit dat die Letterkundige Kommissie dadelik aangewys moes word en dat, met beskikbaarstelling van dié name aan die pers, daar gesê word dat 'n reorganisasie aan die gang is en verdere besonderhede later sou volg (ARUKN 1968: 13 Mei).

Die eerste Letterkundige Kommissie met uitgebreide, oorkoepelende funksies en bestaande uit sewe lede, is aangewys vir 'n driejarige tydperk vanaf April 1968 tot April 1971 met die oog op die 1969-, 1970- en 1971-Hertzogprys (1968/1969- en 1969/1970-jaarverslae): proff. A.P. Grové (Voorsitter), T.T. Cloete, W.E.G. Louw, P.D. van der Walt, C.A. van Rooy, F.V. Lategan en dr. Elize Botha. As sekundi is aangewys proff. C.J.M. Nienaber, J.L. Steyn en E. Meiring, drr. E. Lindenberg, A.J. Coetzee en P.G. du Plessis, asook mev. Audrey Blignault. (ARN 1968: 25 April.)⁷⁴¹ Daar is 'n reglement opgestel vir die Letterkundige Kommissie (kyk bylaag DD op bladsy 672).⁷⁴² **Hulle moes, benewens die Hertzogprys, onder andere ook die bekronings behartig van die Eugène Marais-aanmoedigingsprys, die Scheepersprys vir Jeuglektuur en die Akademieprys vir Vertaalde Werk, asook aanbevelings maak oor die Stalsprys vir Literatuurwetenskap.** In 'n persvystelling gedateer 7 Junie 1968 (LK 1/12) is aangekondig dat die Akademieraad 'n Letterkundige Kommissie “op die hoogste vlak vir die Akademie aangestel het”, met “dieselfde status en gesag” as die Taalkommissie en wat hom sou “besig hou met alle aangeleenthede in verband met die Afrikaanse letterkunde”. Die beoordeling van werke vir verskillende doeleindes deur een Kommissie, herinner aan die konsolidasie van die Kommissie vir Taal en Lettere en die Hertzogpryskeurkommissie se werksaamhede met betrekking tot die bevordering van belletterie in 1926 (kyk bladsy 107).

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee gehou op Vrydag 12 Junie 1968 in die Engelenburghuis, is die wenslikheid bespreek om die ledetal van die Letterkundige Kommissie uit te brei. Daar is besluit dat die Voorsitter, dr. S.M. Naudé, dit met prof. A.P. Grové, Voorsitter van

741 Volgens briewe aan elk van hierdie verkose lede gedateer 15 Mei 1968 (LK 1/2), sou daar aangeneem word dat hulle die benoeming aanvaar tensy die Akademie binne twee weke van hulle hoor. In teenstelling hiermee is dit in 1940 beskou as 'n weiering indien 'n voorgestelde lid van die Breë Kommissie nie skriftelik benoeming aanvaar het nie (kyk eindnota 22 op bladsy 523). Ook in 1971 wou die Hoofsekretaris, volgens briewe aan benoemde lede van die Letterkundige Kommissie gedateer 2 Junie 1971 (LK 1/14), skriftelik verneem of elke betrokke lid die benoeming aanvaar.

742 Die nuwe wetgewing het die skep van onderkomitees en die daarstelling van reglemente vir hulle moontlik gemaak.

die Letterkundige Kommissie, moes bespreek, en indien laasgenoemde geen beswaar het nie, moes die reglement wat na die Uitvoerende Komitee verwys is, só gewysig word dat die Kommissie kon bestaan uit “minstens sewe en hoogstens nege” lede. (ARUKN 1968: 12 Julie.) Die Fakulteitsraad het die besluit ondersteun (FRN 1968: 1 November).

N.P. van Wyk Louw het in ’n brief gedateer 13 Julie 1968 onder andere sy spyt uitgespreek omdat geen dosent wat aan ’n Engelstalige universiteit verbonde is, se naam voorkom in die aangekondigde Letterkundige Kommissie nie, en dat die Universiteit van Pretoria twee verteenwoordigers het, terwyl die twee universiteite in Johannesburg geen het nie.⁷⁴³ Hy was van mening dat hoe groter ’n kommissie is (“en dit hoef nie telkens ‘in lewende lywe’ te vergader nie, as die koste te hoog sal wees”), en hoe meer verteenwoordigend, hoe minder moeilikheid sou die Akademie op die lange duur hê. Hy het versoek dat die saak oorweeg word.

Naudé het Louw se saak aan die Uitvoerende Komitee voorgelê. Hulle het besluit om die Letterkundige Kommissie te vergroot deur die byvoeging van dr. P.G. du Plessis van die Universiteit van die Witwatersrand as volle lid van die Kommissie, en dat die Fakulteitsraad hieroor ingelig moes word (ARUKN 1968: 2 Augustus). In ’n brief aan Louw gedateer 5 Augustus 1968, spreek Naudé die vertroue uit dat hierdie stap Louw se bedenkinge sou beëindig en dat hy sou saamstem dat Du Plessis se aanstelling die Kommissie versterk (LK 1/12). Die Fakulteitsraad het Du Plessis se benoeming gesteun, maar aanbeveel dat, indien die Kommissie verder uitgebrei word, dit slegs op aanbeveling van die Kommissie self geskied (FRN 1968: 1 November).

Die reglement vir die Letterkundige Kommissie soos oorgetik op 30 Julie 1968 (kyk bylaag DD op bladsy 672), is tydens hierdie 2 Augustus-vergadering aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en goedgekeur (ARUKA aanvullend 1968: 2 Augustus – bylaag W; ARUKN 1968: 2 Augustus).

Die reglement het met bepaling 2 voorsiening gemaak vir “hoogstens nege en minstens sewe lede”. Die benoeming van Du Plessis het die aantal kommissielede te staan gebring op agt – wettig volgens die reglement, maar ’n onpraktiese ewegetal indien daar oorgegaan moes word tot stemming.⁷⁴⁴

743 Hy het daarop gewys dat hy nie pleit dat hyself by so ’n kommissie ingesluit moes word nie aangesien hy nie daarvan hou om regter te speel nie.

744 Tydens die eerste vergadering oor die 1970-Hertzogprys vir Prosa was sewe van die agt kommissielede teenwoordig. (W.E.G. Louw het onttrek omdat een van sy eie werke ter sprake was.) Die sekonduslid is ter elfder ure verhinder om die vergadering by te woon. Toe daar tot stemming oorgegaan moes word, was dit vier stemme ten gunste van 1844 deur Etienne Leroux, en het *Die groot gryse* deur Anna M. Louw drie stemme verwerf. Indien ’n agtste kommissielid teenwoordig was, sou dit die skaal nog verder ten gunste van Leroux kon swaai, of kon lei tot ’n staking van stemme.

Bepaling 4 van die reglement sou 'n mate van manipulasie teweeg kon bring, naamlik dat die Fakulteitsvoorsitter kon besluit watter sekundus uitgenooi moes word indien 'n lid nie 'n vergadering kon bywoon nie.

'n Sinvolle opsie wat as bepaling 8 in die reglement opgeneem is, was die moontlikheid om na goeddunke advies van buite te kon inwin of 'n adviseur na 'n vergadering te nooi.

Die eerste vergadering van die Kommissie vir Letterkunde is gehou op Vrydag 20 September 1968 in die Engelenburghuis, Pretoria (LKN 1968: 20 September; FRA 1968: 1 November – bylaag O). Van hierdie vergadering af word getel wanneer daar, tot vandag toe, in die agendas en notules van die Letterkundekommissie verwys word na die hoeveelste vergadering van die Kommissie dit is.⁷⁴⁵

Tydens hierdie vergadering is onder andere die volgende besluite met betrekking tot werkverdeling en werkwyse geneem (LKN 1968: 20 September; FRA en FRN 1968: 1 November):

- Die Sekretariaat vra uitgewers van Afrikaanse boeke om eksemplare van bekroningswaardige boeke na die Akademieskantoor te stuur⁷⁴⁶ waarna die Voorsitter van die Letterkundige Kommissie besluit na watter lede die boeke moet gaan.
- Vir elke bekroning word 'n verkenner en 'n sekundus aangewys.
- Die Voorsitter treë koördinerend op.
- Van elkeen van die aangestelde persone word verwag dat hulle die terrein sal verken met die oog op die bepaalde bekroning, en dat hulle 'n kort memorandum vir die Kommissie opstel.
- Die memorandums vir die 1969-bekronings moes die kantoor voor 15 Januarie 1969 bereik waarna die kantoor dan die memorandums aan al die lede sirkuleer.
- As lede meen daar moet 'n werk of werke in 'n memorandum bygevoeg word, of as hulle enige wenke of bedenkinge wil voorlê, skryf hulle direk aan die Voorsitter. Hy kan dan 'n omsendbrief in dié verband aan al die lede deur die kantoor laat stuur.
- Die memorandums bevat elk 'n lys van werke wat in aanmerking behoort te kom. Die opsteller gee die nodige inligting in verband met vorige bekronings en in verband met persone wat nog nie bekroon is nie – 'n gebiedsoorsig. Hy kan aandui watter boeke spesiaal deur die ander lede gelees behoort te word, en kan 'n waardeskatting van sy verkenning gee.
- By die Kommissie se bespreking van die bekroning sal die verkenner as inleier optree.
- Dit staan die verkenner vry om sy sekundus in verband met sy memorandum te raadpleeg.

Hierdie nuwe Letterkundige Kommissie kon volgens bepaling 5(g) van die reglement ook voorstelle maak in verband met onderwerpe vir temas en vakreferate vir jaarvergaderings. Vir die

745 Vanjaar (2009) het die drie en veertigste vergadering plaasgevind.

746 In briewe aan uitgewers gedateer 21 Oktober 1968, het die Hoofsekretaris versoek dat boeke aan die Akademie gestuur word wat na die mening van die uitgewers vir bekroning in aanmerking behoort te kom (LK 1/12). Hiermee is die seleksierol van die uitgewers herbeklemtoon.

1969-jaarvergadering is vir die Letterkundige Kommissie sowat vyf ure afgestaan en die Kommissie kon een referent op koste van die Akademie na die jaarvergadering laat gaan. Aangesien die Hertzogprys vir Drama in 1969 aan die beurt was, is besluit om vir een van die drie referate vir prof. D.J. Opperman te vra om oor een of ander aspek van die drama te praat. (LKN 1968: 20 September.) Opperman het nie sy weg oopgesien om 'n referaat te lewer nie, maar prof. T.T. Cloete wel (ARUKN 1969: 3 Maart; LKN 1969: 14 Maart).

6.11 DIE 1969-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die 1969-Dramatoekenningsjaar was die eerste jaar van die staande Letterkundige Kommissie se eerste driejaarsiklus. Tydens hierdie Kommissie se eerste vergadering is prof. P.D. van der Walt as verkenner vir die 1969-Hertzogprys vir Drama aangewys, met prof. J.L. Steyn as sekundus (LKN 1968: 20 September; FRA en FRN 1968: 1 November; 1968/1969-jaarverslag).

Die volgende memorandum deur Van der Walt insake die 1969-Dramaprys is as vertroulik gemerk en per geregistreerde pos aan lede van die Kommissie gestuur (LKA 1969: 14 Maart):

Sedert die instelling van die Hertzogprys vir letterkunde het die volgende bekronings vir drama plaasgevind:

- 1926 : J.F.W. Grosskopf (As die tuig skawe; Drie eenbedrywe).
- 1935 : H.A. Fagan (Die ouderling en ander toneelstukke).
- 1944 : C.L. Leipoldt (Die heks; Die laaste aand).
- 1952 : Gerhard J. Beukes (Langs die steiltes; Salome dans; As ons twee eers getroud is).
- W.A. de Klerk (Die jaar van die vuuros; Drie vroue; Drie dramas; Vlamme oor La Roche).
- 1956 : D.J. Opperman (Periandros van Korinthe).
- 1960 : N.P. van Wyk Louw (Germanicus).

In 1963 was daar geen toekening nie, en in 1966 toe drama weer aan die beurt gekom het, ook geen bekroning nie.

By 'n terugblik blyk dit dus dat eintlik alle dramaturge van gehalte in Afrikaans reeds die Hertzogprys verower het, behalwe Uys Krige en Henriette Grové.

Laasgenoemde se werk is egter met die Eugène Marais-aanmoedigingsprys bekroon. Krige bly 'n sterk aanspraakmaker op die Hertzogprys, buite die gestelde drie jaar. Maar sy dramatiese werk moes op verskillende geleenthede deeglik oorweeg gewees het, en in die jare 1966, 1967 en 1968 het hy bowendien niks in hierdie genre vir die eerste keer gepubliseer nie. Dié hele aangeleentheid kan egter weer in oënskou geneem word, en vir hierdie doel volg nou 'n lys van Krige se dramas.

1. Magdalena Retief (1938)
2. Die wit muur en ander eenbedrywe (1940-1942? [sic]) – bevat verder “Die skaapwagters van Betlehem” en “Die arrestasie”.
3. Alle paaie gaan na Rome (1949) – bevat ook “Fuente Sagrada” en “Die grootkanonne”.
4. Die sluipskutter (1951) – bevat verder “Die gees van die water” en “Die ongeskrewe stuk”.
5. Twee lampe (1951)
6. Die ryk weduwee (1953)
7. Die goue kring (1956)
8. Yerma (1963) – “herdigting” van Lorca se drama.

Vir die tydperk 1966-1968 het daar myns insiens net een drama in Afrikaans verskyn wat kwalitatief van so ’n aard is dat dit vir bekroning met die Hertzogprys in aanmerking kan kom, en dié is Voëlvry deur D.J. Opperman (Human en Rousseau, Kaapstad – Pretoria, 1968).⁷⁴⁷ Voordat ek hierdie opmerking kortliks verantwoord, wil ek net daarop wys dat die oes van dramas (enige oorspronklike Afrikaanse drama, kwaliteit daargelate) in die tydperk onder bespreking bedroewend min is. Vir die aardigheid noem ek die paar gepubliseerde dramas (daarbenewens Voëlvry) volgens wat ek kon vasstel uit my eie aanwinslys, die bibliografiese gegewens wat P.J. Nienaber verskaf in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, en dié in die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie. Indien daar leemtes is, moet die lede van die Kommissie asseblief die lys aanvul.

1. Debuut – eenakters en hoorspele byeengebring deur Ciska en Francois Marais (Nas. Boekhandel, 1966).⁷⁴⁸
2. Jan M. Perold : Winde van verandering (Voortrekkerpers, 1966).
3. Bartho Smit : Die man met die lyk om sy nek (A.P.B., 1967).
4. Jac J. Brits : Die eiland (Voortrekkerpers, 1966).
5. Joan Retief : Ai tog, dié vroumense (Voortrekkerpers, 1966).⁷⁴⁹

747 J.J. Human van Human & Rousseau Uitgewers het op 11 November 1968 die Hoofsekretaris vir die brief insake die verskillende pryse van die Akademie bedank, en onder andere drie eksemplare van Voëlvry deur D.J. Opperman ingesluit.

748 *Debuut: eenakters en hoorspele* bevat die volgende sewe werke:

- *Sand* deur Dirk de Villiers en Anton Prinsloo (afsonderlik gepubliseer deur DALRO [1969]);
- *Die put* deur Gerard Combrink;
- *Eva se krismiskat* deur Nerina Ferreira;
- *Oom Henkie gaan saam* deur Verna Vels (ook opgeneem in W.P. Steenkamp se *Bo die kranse en ander eenbedrywe* [1974]);
- *Gee mekaar die regterhand* deur Monica Breedt (ook opgeneem in J.P. Spies se *Klein begin in die drama* [1976] en in W.P. Steenkamp se *Die reënboom en ander eenbedrywe* [1981]);
- *Die kongres* deur Louis de Villiers (ook opgeneem in Louis de Villiers se *Die kongres en ander eenbedrywe* [1970] en in *Vyf keurkomedies*, saamgestel deur Louw Odendaal [1982]), en
- *Hoor jy die seemeeu* deur Daan Retief.

749 Hierdie werk is reeds in 1962 gepubliseer en kon in aanmerking kom vir die 1963-prys (kyk bladsy 356).

6. F.W. Strydom : Die Rooi Duiwel se as en ander eenbedrywe (Voortrekkerpers, 1966). Van dié stukke het, vermoed ek, reeds vroeër elders verskyn.⁷⁵⁰
7. L. Odendaal : Nyoni, 'n drama met inleidende aantekeninge. (Voortrekkerpers, 1967).
8. Anna L.B. Rudolph : Bye om 'n aster (Voortrekkerpers, 1967).
9. Gerhard J. Beukes (red.) : Twee sente vir 'n pêrel – blyspele van C.L. Marais en Mariechen Naudé (J.L. van Schaik, 1968).⁷⁵¹
10. N.P. van Wyk Louw : Berei in die woestyn – Hierdie drama wat ek oor die radio gehoor het,⁷⁵² het volgens 'n tydskrif-aankondiging by Nasionale Boekhandel verskyn, einde 1968.⁷⁵³

Hierbenewens is daar 'n klompie heruitgawes en herbundelings, bv. Uys Krige se Vier eenbedrywe (Van Schaik, 1968),⁷⁵⁴ maar ek meen nie sulke uitgawes kan oorweeg word nie.⁷⁵⁵

Onder hierdie genoemde publikasies is daar myns insiens nie een wat vir die Hertzogprys in aanmerking kom nie. Daar bly dus net oor Voëlvry, wat dan ook van so 'n gehalte is dat 'n mens dit nie eintlik in dieselfde asem wil noem as die meeste bogenoemdes nie.

- 750 *Die rooi duiwel se as en ander eenbedrywe* bevat die volgende vyf eenbedrywe:
- *Jannie* deur C. Louis Leipoldt (dit het in 1920 verskyn [kyk bladsy 78] en is ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Nuwe eenbedrywe* [1952] – kyk voetnota 547 op bladsy 308);
 - *Hoof van die huis* deur Jac. J. Brits (dit het verskyn in die Maart 1956-uitgawe van *Tydskrif vir Letterkunde*);
 - *Die rooi duiwel se as* deur Dirk Richard (voorheen gepubliseer in *Helikon*, 31 Augustus 1953 en in *Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe* [1965], saamgestel deur P.J. Nienaber en J.L. Boshoff);
 - *Simon en die Hebreërs* deur Jac. J. Brits en
 - *Eerwaarde Penniklein* deur Mikro.
- 751 *Twee sente vir 'n pêrel: drie eenakters vir die jeug* bevat die volgende drie werke: *Twee sente vir 'n pêrel* deur C.L. Marais, *Die trane die rol oor jou*, *Bokkie* deur Mariechen Naudé en *Advokaat Markus Antonius spring riem!* deur C.L. Marais. Jeugdramas kon nie in aanmerking kom vir die Hertzogprys nie – kyk voetnota 48 op bladsy 49.
- 752 Dit is op 6 April 1968 deur die SAUK uitgesaai in 'n “Fees van die Grond”-program (N.P. van Wyk Louw-versameling: inhoudsopgawe).
- 753 *Berei in die woestyn: 'n sinne- en waspel* het inderdaad in 1968 by Nasionale Boekhandel verskyn.
- 754 *Vier eenbedrywe*, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer, kon tereg nie in aanmerking kom nie, want dit bevat die volgende vier reeds voorheen gepubliseerde eenbedrywe deur Uys Krige:
- *Die skaapwagters van Betlehem* (alreeds opgeneem in Uys Krige se *Eenbedrywe* [1940] en in berekening gebring vir die 1941-Hertzogprys vir Drama);
 - *Die arrestasie* (opgeneem in Uys Krige se *Eenbedrywe* [1940] en oorweeg vir die 1941-Hertzogprys vir Drama, asook opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Skerm en masker* [1964]);
 - *Alle paaie gaan na Rome* (reeds in 1949 opgeneem in 'n publikasie van drie Uys Krige-eenbedrywe, naamlik *Alle paaie gaan na Rome: eenbedrywe*, en in berekening gebring vir die 1952-Hertzogprys vir Drama), en
 - *Die sluipskutter* (saam met twee ander Krige-eenbedrywe gepubliseer in *Die sluipskutter: eenbedrywe* [1951] en in berekening gebring vir die 1952-Hertzogprys vir Drama).
- 755 In 1966 het ook *Vyfling: 'n bundel eenbedrywe van Hertzogpryswenner* verskyn (Nasionale Boekhandel). Ook dit het reeds voorheen gepubliseerde eenbedrywe bevat, naamlik *Die heks* (1923) deur C. Louis Leipoldt, *Oorlog is oorlog* (1941) deur J.F.W. Grosskopf, *Opdrifsels* (1947) deur H.A. Fagan, *Laat die kerse brand!* (1945) deur Gerhard J. Beukes en *Die jammer hart* (1945) deur W.A. de Klerk.

In 1968 het van Gerhard Beukes verskyn *Viartal: 'n keur van vier verwerkte spele uit die eenbedrywe* (Van Schaik). Dit bevat die volgende vier werke deur Gerhard J. Beukes: *Die winde van U toorn* wat al in 1945 verskyn het, *Oktobernag* en *Die vrees* wat onderskeidelik in 1945 en 1948 vir die eerste keer gepubliseer is, en *Kerse teen die wind* wat in 1950 saam met nege ander eenbedrywe gepubliseer is onder die gelyknamige titel *Kerse teen die wind*.

Dit is so dat Opperman in 1956 die prys vir drama ontvang het op grond van Periandros, en dit verbaas 'n mens nie dat hy nie weer in aanmerking gekom het na aanleiding van Vergelegen nie. Want hoewel dié stuk van 1956 stof nader tuis ontgin, en daarby “moeilike” stof, en die dramaturg 'n besondere beeld van W.A. van der Stel en sy ideale gee, en hoewel die drama pragtige onderdele het van 'n buitengewone skoonheid en dramatiese krag (vgl. Van der Heiden in die Gat), is dit as geheel nie op die peil van Periandros nie en is dit in 'n hoë mate in dieselfde styl: die “klassisistiese” vorm (bedryf en vers) en histories-religieus.

Hierteenoor toon Voëlvry sterk vernuwende eienskappe. Dit is weliswaar 'n geleentheidstuk en dra daarom 'n bepaalde stempel, maar nogtans is die hele gerigtheid van die stuk nie op die lokale en insidentele nie maar juis op die ewige en waardevolle, die sinryke en geldende. Al is dit 'n drama van histories-religieuse aard soos die vorige, val die klem hier sterker op die religieuse – iets wat eie is aan die wese van die “groot drama”. Tematies getuig dié werk dus enigermate van groei in diepte en krag by die dramaturg, maar dit is veral formeel dat Voëlvry op 'n belangrike ontwikkeling dui. In 'n hoë mate breek Opperman hier weg van die sg. “geslote” (klassisistiese) vorm, skryf hy 'n drama met 'n oper, skynbaar losser maar tog kunstig verantwoorde opset, 'n struktuurpatroon wat myns insiens aan die besondere stof ontworstel is, om so 'n oortuigende “kroniekspel” tot stand te bring. In plaas van die hoogs gestileerde vormgewing dus 'n meer “realistiese”.

Eweneens benut die woordkunstenaar hier 'n soepeler, vryer vers as vroeër, skep hy sy eie blankvers as onontkomelik funksionele voertuig van dié soort dialoog wat hier volkome verantwoord en esteties bevredigend, meer nog, esteties verrassend is. Kortliks kom dit daarop neer dat Opperman hier wat die dramatiese gehalte van sy werk betref, nuwe bane breek – 'n feit wat verrykend vir sy eie werk en ons dramakuns in die algemeen is.

Naas hierdie groeimoontlikhede wat Voëlvry demonstreer, meen ek ook Opperman openbaar hier 'n sterker ontwikkelde sin vir die teater as sodanig dan vroeër.

Opsommenderwys: Uys Krige is al herhaaldelik oorweeg en te lig bevind; bowendien het hy tien – vyftien jaar gelede iets noemenswaardig op die gebied van drama gelewer; sedert dié tyd het ons drama ook ontwikkel: versdrama, radiodrama, absurde teater.

Op grond van die sake wat ek genoem het in verband met Voëlvry (en hulle kan sekerlik aangevul word), is dit my oortuiging dat hierdie stuk van Opperman wat so in 'n duidelike lyn van sy eie ontwikkeling lê betreffende tydsiening en vers, die Hertzogprys verdien. Ook sal die prys eer aangedoen word indien dié werk bekroon word.

Die stelling dat Uys Krige al herhaaldelik oorweeg en te lig bevind is, eggo P.J. Nienaber se uitlating tydens die 1966-Fakulteitsraadsbespreking van Krige se werk (kyk bladsy 397). By daardie geleentheid het Nienaber, wat beskou is as Hertzogprysgesaghebbende, se onvolledige en onakkurate inligting met betrekking tot Krige, die mening van 'n Fakulteitraadslid soos Bingle beïnvloed (kyk bladsy 398). Sonder agtergrondgeskiedenis oor die beoordeling van Krige se dramas, skep die frase dat dit “herhaaldelik oorweeg en te lig bevind” is, 'n wanindruk.

Op 8 Maart het Van der Walt die Hoofsekretaris laat weet dat hy weens onvoorsiene en onvermydelike omstandighede nie die 14 Maart-vergadering van die Letterkundige Kommissie sou kon bywoon nie. Hy noem dat hy nog steeds sy vroeër opgestelde verkennersverslag insake die

Hertzogprys onderskryf, en dat die verskyning van Uys Krige se nuwe drama *Muur van die dood* niks aan sy voorstel verander dat die Hertzogprys aan Opperman moet gaan vir *Voëlvry* nie. (LK 1/12.)

Die Hertzogpryshandleiding met die bekroningsvoorskrifte (kyk bylaag CC op bladsy 670) het die agenda van die Kommissie vir Letterkunde se tweede vergadering vergesel (LKA 1969: 14 Maart – ook bylaag B). Tydens hierdie 14 Maart 1969-vergadering was ses van die agt lede teenwoordig: proff. A.P. Grové, W.E.G. Louw,⁷⁵⁶ T.T. Cloete, F.V. Lategan, dr. Elize Botha en P.G. du Plessis. Proff. C.A. van Rooy en P.D. van der Walt kon nie die vergadering bywoon nie en, soos vir die eerste vergadering, het prof. J.L. Steyn as sekundus opgetree. As Voorsitter van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe was prof. G. Cronjé teenwoordig, asook regter V.G. Hiemstra (Akademieraadslid belas met reglemente), mnr. D.J. van Niekerk (Hoofsekretaris) en dr. D.M. Wessels (Fakulteitsekretaris).

Drie fundamentele sake met betrekking tot die bekroningsvoorskrifte het tydens hierdie 1969-vergadering van die Letterkundige Kommissie ter sprake gekom:

- die aard van die Kommissieverslag wat na goeddunke deur die Akademieraad gepubliseer kon word (bepaling 7);
- die vereiste dat werke wat in aanmerking kom, moes verskyn het in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgaan (bepaling 3):
 - ▶ die hele kwessie rondom publikasies wat die jaartal dra van die jaar voorafgaande aan die bekroningsjaar, maar nie fisies teen daardie datum beskikbaar was nie;
 - ▶ die interpretasie van die woorde “publiseer”, “verskyn” en “uitgee”;
- die vertolking van en probleme rondom die “stygende lyn”-voorskrif (bepaling 4).

Tydens die vergadering is Van der Walt se memorandum voorgelê (bylaag A). Ter aanvang het Grové ’n brief van prof. N.P. van Wyk Louw voorgelees⁸⁴ waarin hy versoek dat sy werk *Berei in die woestyn* nie oorweeg en ook nie genoem moet word in die uiteindelijke verslag nie. Grové was van mening dat Louw se versoek eerbiedig moes word. Aangesien dit reeds in Van der Walt se verkennerverslag genoem is, het die Kommissie besluit dat daar in die gepubliseerde verslag net die titel van die bekroonde werk genoem word, en nie die werke wat mede-oorweeg is nie. Cloete het opgemerk dat dit in die verlede wrewel gewek het dat die Akademie sê hy het sekere werke oorweeg, maar aan ’n spesifieke een die prys gegee, met ander woorde “die ander was nie geskik nie”. Dan kry ’n mens die argument: “hulle het nie gevra om oorweeg te word nie, maar die Kommissie matig hom aan om hulle te oorweeg en dan te verwerp”.⁷⁵⁷ Cloete was van mening

756 W.E.G. Louw kon nie die eerste vergadering van die nuutaangestelde Letterkundige Kommissie bywoon nie (kyk voetnota 744 op bladsy 460).

757 Dit herinner aan Langenhoven se Januarie 1927-beswaar (kyk eindnota 6 op bladsy 517).

dat dit in elk geval die beleid moet wees dat ander titels nie genoem word in persvystellings nie. (LKN 1969: 14 Maart.)⁷⁵⁸

Van der Walt het ook 'n brief insake Krige se *Muur van die dood* gestuur (LKN 1969: 14 Maart – bylaag AA). Hierdie drama, uitgegee deur Constantia-uitgewers, met 1968 as verskyningsdatum, het in daardie stadium “pas uit die pers” gekom – dus twee maande nadat “die persoon wat belas is met die voorarbeid eintlik sy verslag ingedien het”. Grové as Voorsitter het dit toe nog nie onder oë gehad het nie, Du Plessis se eksemplaar het hom eers teen ongeveer einde Januarie bereik, en die Akademieskantoor het tot op daardie tydstip geen eksemplare ontvang nie. Cloete het opgemerk dat dit veel vroeër geskryf is, maar dat die saak prinsipieel benader word. Hierdie laatgekome drama het, soos Grové tereg opgemerk het, die vraag laat ontstaan wat die Kommissie in die toekoms te doen sou staan in 'n soortgelyke situasie.

Die reglement bepaal dat die werke wat in aanmerking kom, boeke is wat verskyn het in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgaan, en volgens Hiemstra het “verskyn” beteken “toe dit vir die publiek in die boekhandel beskikbaar geword het”. Hy het voorgestel dat daar net genotuleer word waarom die drama nie in aanmerking geneem is nie, alhoewel die datum 1968 daarin staan.

Louw het voorgestel dat daar 'n aantekening bygevoeg word dat die boek vertraag was, want

...gestel nou maar die drama van die eeu verskyn op die manier en hy word verontagsaam, dan sou die Akademie hom op een of ander manier moet vrywaar van toekomstige kritiek deur te sê dié boek het laat verskyn, en kan eers in die volgende termyn in oorweging geneem word.

Grové het hierdie standpunt beaam en bygevoeg dat hulle natuurlik nie die volgende Kommissie kon bind nie, maar wel 'n sterk aanbeveling kon maak.

Die Krige-drama het aan W.E.G. Louw, Cloete en Du Plessis wat dit wel gelees het, se oordeel geen verandering gemaak nie. Volgens Hiemstra sou dit onbillik wees om voor te gee dat dit in aanmerking gekom het as ál die lede dit nie gelees het nie: “Al het net een lid gedink hy is goed genoeg, kon hy die ander oortuig het”.

758 Die volgende jaar wou Grové tydens die Letterkundige Kommissie se derde vergadering weet of daar nie 'n beleidsbesluit oor dergelike gevalle geneem moes word nie. Geen besluit is geneem nie, maar daar is van die standpunt af uitgegaan dat:

- werke wat gepubliseer is, oorweeg word;
- die Kommissie in elk geval geen ander name as dié van die bekroonde, en geen ander werk as die bekroonde werk in die aankondiging noem nie, en
- dat dit 'n persoon wat 'n prys kry, vrystaan om die bekroning te weier. (LKN 1970: 6 Maart.)

Grové het voorgestel dat die saak later bespreek word en gevra of die Kommissie saamstem met Van der Walt se aanbeveling dat *Voëlvry* van Opperman bekroon word. Benewens 'n opsomming van die bespreking soos weergegee in die notule (LKN 1969: 14 Maart), bestaan daar ook 'n woordelike notule (LK 1/12). Laasgenoemde word vervolgens volledig weergegee aangesien:

- so 'n uitgebreide notule van 'n dramabespreking so seldsaam is (wat die Hertzogprys vir Drama betref is geen bespreking hierna tot tans [2009] ooit weer genotuleer nie – kyk bladsy 497), en
- dit 'n duidelike aanduiding gee van die uitgangspunte en beredenering tydens die vergadering van die Letterkundige Kommissie.

Die interpretasie van die “stygende lyn”-bepaling, die relatiewe skaarste aan goeie dramatekste en die sienswyses rondom die geskrewe teks en die opvoering daarvan – 'n altyd teenwoordige kwessie by drama as hibridiese medium, kom onder andere aan die bod:

Die voorsitter [A.P. Grové]: ... Laat ons net eers i.v.m. die aanbeveling van prof. Van der Walt sien hoe eenparig ons is, of hoe sterk die verskil van mening is. ... U het die verslag gelees van prof. Van der Walt. Dit gaan hier nou nie om die besonderhede van sy verslag nie. Dit gaan nie daarom dat u met elke stelling in sy verslag moet saamstem nie. Dit gaan in die breë trekke daarom of ons dit eens is met sy aanbeveling dat *Voëlvry* die Hertzogprys moet kry. Prof. Van der Walt is ongelukkig nie hier om sy standpunt te stel nie.

Dr. Du Plessis: Ek kan geen ander drama sien wat bekroon kan word nie, maar ek moet wel sê ek weet nie of die stuk kwalitatief 'n Hertzogprys regverdig nie. Dit lyk vir my 'n bietjie los, ens., ens., miskien uit die aard van die spel. Ek glo nie Opperman het al sy tegniese probleme voldoende oorbrug nie. Ek sou ook graag wou hoor van iemand wat die opvoering gesien het. Ek weet nie of prof. Louw ons miskien daar 'n bietjie van kan inlig nie. Ek is baie bekommerd oor die toneelmatigheid. Ek het waardering vir 'n baie mooi slot en 'n pragtige reeks verwysings waarvoor ek lief is, maar dit lyk vir my 'n bietjie twyfelagtig. Nie dat ek enigsins sterk sou beswaar maak nie ...

Die voorsitter: Die saak wat u daar noem, is van belang. Volgens die reglement moet die drama (Opperman is in 1956 vir Periandros bekroon) 'n stygende lyn toon. U het daar iets wat heeltemal ter sake is.

Dr. Du Plessis: Met ander woorde sou 'n mens dan kon moes bereken dat hierdie drama alleen bekroon kan word as dit beter is as Periandros?

Die voorsitter: Ja, hy sal 'n vooruitgang moet toon – al is dit dan 'n vooruitgang in bepaalde aspekte, in bepaalde moontlikhede van die drama wat hy uithaal wat hy in Periandros nie uitgehaal het nie. Dit sou ek ook sien as 'n stygende lyn. 'n Stygende lyn sou 'n mens so kan interpreteer dat die skrywer sekere tegniese uitbuit wat hy vroeër nie gedoen het nie, dat hy bv. wat die vers betref, of in die aaneenryging van sy tonele sekere dinge doen wat hy vroeër nie gedoen het nie, dat hy dus tegniese bepaalde gebiede verken wat hy vroeër nie verken het nie.

Dr. Du Plessis: Dit lyk my 'n mens sou die probleem daar hê van styging en verandering. En verandering is nie noodwendig styging nie.

Die voorsitter: Aan die ander kant sit ons ook met die probleem dat ons nou al – nou ja, dit hoef nie deurslaggewend te wees nie – dat ons nou al twee keer die drama-geleentheid

laat verbygaan het sonder 'n bekroning. Dan vra 'n mens jou naderhand af: moet jy nie die stadium bereik dat jy sê: Maar as ons dan nie goeie goed het nie, dan moet ons dié bekroon wat ons het. Anders skaf ons naderhand die Hertzogprys af. Dit is natuurlik 'n ellendige toestand. As 'n mens oortuig is dat wat jy hier voor jou het, die beste is en dat dit die prys nie oneer sal aandoen nie, dan moet 'n mens myns insiens baie sterk oorweeg om 'n bekroning te maak. Dit is natuurlik 'n baie maklike weg om te sê “geen bekroning nie”, ons eise is so hoog, ons maak geen bekroning nie. Dit is 'n maklike weg.⁷⁵⁹ Ek wil nie die vergadering daarmee beïnvloed nie, maar dit is soos ek die saak sien.

Prof. Cloete: Ek het ook 'n mate van twyfel. Ek dink wel 'n mens kan dit beredeneer as jy die eis van 'n stygende lyn in rekening hou. Ek dink dit is prosodies, d.w.s. meer tegnies as vers, beter verse as Periandros. Dit is natuurlik ook moeilik om so iets te sê, want dit is 'n ander tipe gedig. Dit is 'n totale ander wêreld, 'n ander mens wat daar praat, en Trichardt is nie Periandros nie – maar ek wil darem sê hy praat soos Trichardt op vers kon gepraat het. En dit is vir my maklike, vlot verse. Daar is sekere vryhede wat daarin voorkom wat 'n mens waardeer wat juis nie in Periandros voorkom nie. Maar ek het ook 'n mate van twyfel dramaties. Dit is 'n kroniekstuk, en die dramatiese daarin is vir my die probleem. As ek dink aan Periandros, Germanicus en Die Heks, dan sou ek sê hy is nie dramaties nie, as ek aan daardie drie dink wat bekroon is. My probleem lê in wat dr. Du Plessis gevra het: hoe speel dit? Dit kan ek nie beoordeel nie. Dit is wel iets waarmee 'n mens moet rekening hou: die speelbaarheid. Dit is die beste stuk, maar ek sou nie sommer so voetstoots sê dit moet bekroon word nie – ek sou ook graag my mening wil laat beïnvloed.

Prof. Louw: Is hier ander here wat die opvoering gesien het?

Prof. Steyn: Ek het die radio-uitsending wel gehoor, maar dit is moeilik om daarvolgens te oordeel. Ek moet sê die stuk het my nie baie tevrede gestel nie.

Prof. Louw: Ek het die opvoering in die H.B. Thom-teater op Stellenbosch gesien. As opvoering het ek nie baie daarvan gehou nie omdat ek dit nie eens was met die opvattinge van die regisseur nie. Daar was verskillende dinge wat vir my nie baie aangenaam was nie: die beklemtoning van uiterlike aspekte, vertonings en dergelike. Die hoofrol is buitengewoon goed gespeel en toe ek agterna die teks kon lees, het ek tot die oortuiging gekom dat Opperman daar 'n werklike toneelkarakter geskep het, in 'n sekere sin vir my sterker as Van der Stel in Vergelegen, en (dit is moeilik om dit nou te bewys sonder die teks) miskien selfs sterker as Periandros, as mens, as figuur. Hy word omring deur 'n paar ander wat ook heeltemal uit die perk uit kom. Maar daar is dramaties 'n paar dinge wat op die toneel baie swak afgaan. Daar is bv. die toneel in die Drakensberge waar hulle vassit en dan die osse moet dryf – ek het dit veral teen die manier gehad waarop dit op die planke gebring is. Dit het nie goed gegaan nie. Ek dink ook nie dat dit al dramaties opgelos is, daardie toneeltjie in die stuk nie. Ek kan sien wat hy daarmee wil doen, maar wat vir my die belangrikste deug van die stuk was, is die ontwikkeling wat mens regstreeks sien van Periandros, wat ek beskou het as leesbaar maar nie speelbaar nie, na Vergelegen wat waarskynlik speelbaar was maar ek het geaarsel oor sy leesbaarheid. En hierdie stuk is werklik speelbaar. Die mense praat in so soepele Afrikaans – kyk, hy het heeltemal die aleksandryn soos hy dit in Periandros probeer het, gelos en hy skryf byna 'n stuk ritmiese prosa wat tog nog sterk genoeg dramaties bly om werklik oor te kom. Ek het dit met 'n uitstekende vertolking van die hoofpersoon, Trichardt, gesien en dit was indrukwekkend. Dus, met sekere bedenkinge, ongeveer soos dr. Du Plessis, dink ek tog dis 'n stuk wat ons kan bekroon. As ons dit nie kan doen nie, weet ek nie wat die Akademie oor drie jaar sal doen nie.

Dr. E. Botha: As ek die wankelmoediges miskien 'n bietjie verder mag versterk: toevallig het dit so uitgeval dat ek vir 'n paar jaar met my derdejaarklas die Dagboek van

759 In die 1961-Hertzogprysverslag is geen toekenning ook beskryf as die “maklike weg” (kyk bladsy 339).

Louis Trigardt self in prof. Le Roux se uitgawe behandel het, en beïndruk was deur die verskeidenheid van karaktertrekke van [sic] Trichardt moes gehad het, wat eintlik byna bizarre [sic] was in hul uiteenlopendheid in 'n sekere sin. Ek was absoluut aangegryp deur die wyse waarop Opperman daarvan 'n eenheid, 'n vertolkbare eenheid, gemaak het in dié stuk. Vir my was Voëlvry 'n bevestiging van die wonderbaarlike talent wat Opperman het, om 'n bestaande stuk biografie of literatuur of geskiedenis by geleentheid te herskep dat daar iets werklik toweragtigs gebeur met die herskepping. Vir my het dit met Voëlvry wel deeglik gebeur. En dan die aanwesigheid in die stuk van die hele tema van verantwoordelikheid van die mens en die kunstenaar terselfdertyd, die wyse waarop hy die moontlikheid daarvan raakgesien het in Trigardt self was vir my ook absoluut heeltemal oortuigend: die mens se verantwoordelikheid teenoor sy bepaalde bestemming en teenoor sy gemeenskap en dan die dikwels botsende verantwoordelikheid teenoor sy kunstenaarskap daarin.

Prof. Louw: Ek is bly dat dr. Botha op hierdie sy van die saak wys. Ek het eers nadat ek die opvoering en die drama gelees het, weer na die Dagboek gegaan, en net soos sy was ek verras deur hoe naby hy aan die woorde van die Dagboek gebly het en tog hoe dit heeltemal herskep is. Dit is 'n baie besondere prestasie.

Die voorsitter: Wat vir my interessant was – ek het my veral ook bekommer oor die kwessie van die stygende lyn – as jy dié stuk lê langs die voriges, is dit tog interessant hoedat Opperman elke keer 'n ander probleem aandurf, 'n figuur uit 'n ander tyd: Periandros wat staan aan die begin van die Wes-Europese beskawing, en toe Van der Stel, eintlik die eerste omstrede figuur hier op Suid-Afrikaanse bodem, en dan hierdie pioniertipe. Elkeen van hierdie stukke bring 'n bepaalde problematiek na vore. Elkeen bring vir die dramaturg ander probleme na vore. Wat vers betref, die inkleding van sy karakters, die inkleding van die hele botsing. Telkens word 'n groep geïsoleer, en binne die groep word 'n bepaalde individu geïsoleer en eintlik afgetakel, afgebreek, vernietig in 'n sekere sin, en telkens doen hy dit anders. Dis dieselfde proses, dieselfde dramatiese proses wat telkens anders verloop en met ander middele gedoen word. Die man se vindingrykheid het my telkens opnuut getref, toe ek hierdie drama teenoor die voriges gelê het. Ek kan nie sê dat hierdie drama in elke opsig beter is as Periandros nie, maar ek kan sê dat op sekere punte toon hierdie drama vir my beslis 'n vooruitgang op enige twee van die voriges.

Du Plessis het vervolgens gevra of die Kommissie nie een of ander tyd kon besin oor hierdie kwessie van 'n stygende lyn en kon aanbeveel dat dit 'n moeilike saak is nie. Hy stel die konsekwensies van die bepaling só:

Dit kan daartoe lei dat 'n mindere drama bekroon kan word naas een wat beter is net omdat ons toevallig met Van Wyk Louw of Opperman te doen het. As Van Wyk Louw swakker skryf as bv. in Germanicus, kan hy dalk nog beter skryf as die beste van die andere. Dit kan meebring dat ons 'n skrywer uitskakel wat die Hertzogprys méér verdien.

Cloete het opgemerk dat 'n mens naderhand 'n “superdrama” kan verwag as daar altyd stygende lyne moet wees: “Waar eindig jy?”

Nog aspekte in Opperman se werk wat wel 'n stygende lyn vertoon het, is deur Grové soos volg aangedui:

Hy het verder gegaan wat betref die dialoog, die konsipiëring van die hoofkarakter, die samestelling van die groep as uiteenlopende groep wat verskillende kante toe trek. In *Vergelegen* het hy dit ook gehad, waar hy eintlik ’n hele verdiepingstruktuur tot stand bring in die agtiende-eeuse beskawing – die hoë en die lae – maar hier het hy nog verder gegaan. Hy het ook die hele kleurprobleem ingebring. Hierdie klein samelewenkie het inderdaad ’n klein mikrokosmos geword, terwyl hy trou getrou bly aan sy historiese gegewens... Dit is so merkwaardig. Dit lyk of die geskiedenis altyd saamsweer met die man.

Du Plessis het opgemerk dat hy “met die twyfel” begin het, maar wil voorstel dat die boek bekroon word. Daar was geen teenstem nie en daar is eenparig aanbeveel dat Opperman die Hertzogprys kry vir *Voëlvry*.

Met betrekking tot ander stukke wat nie gedruk is nie, maar op ander wyses vermenigvuldig is, wou Louw weet of dit in aanmerking kom. Daar is geredeneer oor die betekenis van die woord “publiseer”, “verskyn” en “uitgee”. Grové het opgemerk dat daar verstaan word die “normale druk en beskikbaarstelling van die boek in die handel”, maar dat dit ook ’n sakkie is waarvoor hulle duidelikheid moes kry.

Die gang van die latere bespreking met betrekking tot Krige se drama *Muur van die dood*, vind neerslag in die notule van hierdie 14 Maart 1969-vergadering van die Letterkundige Kommissie, asook in ’n meer uitgebreide, getikte weergawe van hierdie bespreking getiteld “Die laatgekome drama van Uys Krige”. Uit die bespreking blyk dit duidelik watter probleme ontstaan wanneer die publikasiedatum nie ooreenkom met die werklike datum waarop ’n werk beskikbaar is nie.⁷⁶⁰ W.E.G. Louw merk op dat klarigheid verkry moet word oor die definisie van “publikasie”. Hiemstra herhaal dat dit gaan om die woord “verskyn” wat beteken “verkrygbaar wees in die boekhandel as ’n gedrukte boek”. Hy was baie beslis dat ’n mens jou baie streng by die reglemente moet hou sodat jy nooit blootgestel word nie, en dat daar ’n skerp skeidslyn moet wees tussen watter werke in aanmerking kom en watter nie. Hy stel voor dat, by die bekendmaking van die bekroning, daarby gesê kan word:

Volgens die reglement kom alleen werke in aanmerking wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het. Soms verskyn daar op die titelblad ’n jaartal wat deur die uitgewer daar geplaas word in die verwagting dat die werk in dié jaar van die pers af sal kom. Wanneer die boek ondanks die datum eers in die daaropvolgende jaar verskyn, moet dit vanweë die tyd wat vir voorbereiding nodig is, oorstaan totdat dieselfde kunsvorm weer aan die beurt is.

760 Wat Dramatoekenningsjare betref, het hierdie probleem hom al voorgedoen in 1938 (kyk bladsy 174), 1948 (kyk bladsy 243) en in 1952 (kyk bladsy 260). Vir die 1982-Prosapry het die uitgewer self versoek dat *Johanna se storie* deur Jan Rabie nie in aanmerking moet kom nie, want dit het eers in Februarie 1982 verskyn, alhoewel dit 1981 as publikasiedatum het (LKN 1982: 18 Maart).

Grové het benewens hierdie moontlikheid om die saak te benader, ook twee ander genoem:

- dat gesê word dat die Kommissie van vier lede verslag ontvang het en die ánder lede hulle daarby neerlê en die oordeel aanvaar, of
- dat lede wat nog nie die Krige-drama gelees het nie, dit gaan lees, en binne 14 dae laat weet of hulle meen dit het 'n sterk aanspraak.

Hiemstra was van mening dat die reglement dan gewysig moes word om te lees dat boeke wat verskyn het “op enige tydstip voor die vergadering” in aanmerking gekom het. Die duidelike skeidslyn van drie kalenderjare gee net mooi drie maande om al die boeke wat verskyn het, in oorweging te neem. Volgens Grové kon “mense wat kwaadwillig is”, die situasie aangryp en sê “dat dit net weer 'n ekskusie is om by Uys Krige verby te kom”. Hiemstra het voorgestel dat daar dan voorbrand gemaak word deur te sê dat dit oorstaan tot die volgende bekroning en presies waarom:

Al staan daar 68 het dit nie in 68 verskyn nie, en dit was nodig ter wille van die tyd wat vir voorbereiding nodig was, om dit buite rekening te laat.

Probleme met betrekking tot die verskyningsdatum is bespreek ⁸⁵ en die Kommissie het besluit om regter Hiemstra se formulering te aanvaar as 'n kriterium in verband met die verskyningsdatum, dat dit nie vir publikasie is nie, maar gereed is wanneer daar dalk 'n navraag kom. Voorts was lede dit eens dat die hele kwessie nie die 1969-bekroning in gedrang gebring het nie. Elize Botha stel voor dat uitgewers gevra word om die presiese verskyningsdatum te verstrek wanneer hulle komplimentêre eksemplare vir bekroningsoorweging voorlê.⁷⁶¹

Die Kommissie het 'n belangrike besluit geneem, naamlik om voor te stel dat die “stygende lyn”-bepaling verval. (LKN 1969: 14 Maart.) Die Fakulteitsraad het egter tydens hulle vergadering die volgende maand, op 11 April 1969, besluit om die bepaling te handhaaf (FRN 1969: 11 April).

Die Akademiesraad het in Mei maand die Hertzogprys bespreek. Grové was teenwoordig en het die Akademiesraad daarop gewys dat die Letterkundige Kommissie se besluit eenparig was, 'n “duidelike en uitgemaakte saak”, want 'n Hertzogprys aan D.J. Opperman vir *Voëlvry* sou 'n toekening wees “wat die Akademie tot eer strek en hopelik geen reperkussies ... [sou] oplewer nie.” Op 'n vraag van P.J. Nienaber of dié drama 'n stygende lyn toon op die vorige bekroning aan

761 Met die oog op die 1970-bekronings het die Hoofsekretaris in 'n brief gedateer 28 Augustus 1969 uitgewers versoek om 'n lys te stuur van die firma se publikasies wat volgens hulle mening sterk in aanmerking behoort te kom vir een of meer van die verskillende bekronings, en titels van belangrike werke wat vóór 31 Desember 1969 sou verskyn. In 'n opvolgbrief (s.d.) het Van Niekerk hulle ook versoek om die presiese verskyningsdatum van werke te meld wat ter oorweging genoem of voorgelê word. (LK 1/12.)

Opperman vir *Periandros*, antwoord Grové dat die Kommissie die saak breedvoerig bespreek het en die algemene konsensus was dat *Voëlvry* in sekere baie belangrike opsigte beslis 'n styging toon, byvoorbeeld wat die speelbaarheid en vershantering van die stuk betref. Die Raad het die toekenning eenparig goedgekeur en Grové gevra om die motivering ⁸⁶ na te sien sodat dit aan die pers oorhandig kon word. Die Kommissie is bedank vir hulle werk en waardering is uitgespreek dat die aanbeveling so vertroulik gehou is. (ARN 1969: 9 Mei.)

Die bepaling oor die “stygende lyn” is ook tydens hierdie Akademieraadsvergadering bespreek. Grové noem dat die “stygende lyn” beslis in aanmerking geneem is by *Voëlvry*, maar dat dié bepaling “ernstige probleme skep”. Nienaber was van mening dat die Raad moet oppas om nie te veel aan die reglemente te verander nie aangesien elke regulasie 'n geskiedenis het, 'n rede waarom dit daar moet staan. Volgens Grové “stry” die beste werk van die jaar of periode soms teen die “stygende lyn”. Beukes het die Kommissie se voorstel gesteun en opgemerk:

Met al die reëls en regulasies is die Akademie besig om hom so toe te draai en toe te spin dat hy naderhand nie meer beweegruimte het nie. Die Kommissie is per slot van sake kundig genoeg en stel 'n “hoë” peil. Om 'n “stygende lyn” in die letterkunde presies te bewys, is baie moeilik.


Naudé, die Akademieraadsvoorsitter, wou die bepaling behou. **Met ses stemme teen vier is besluit dat die bepalings oor die “stygende lyn” in al die bekroningsreglemente uitgehaal word.** Sodoende het die Akademieraad die Letterkundige Kommissie se aanbeveling gesteun en die Fakulteitsraadbepaling verwerp. (ARN 1969: 9 Mei; FRA 1969: 1 Julie.)

Opperman is op 12 Mei 1969 skriftelik meegedeel dat hy, vir 'n derde keer, die ontvanger was van die Hertzogprys. Die prys is deur mev. Naudé oorhandig by geleentheid van die openbare afsluitingsbyeenkoms van die Akademie se jaarvergadering⁷⁶² op Vrydagaand 4 Julie 1969 in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster, was 'n eregas. Grové het die huldigingswoord gelewer.⁷⁶³ (LK 1/12; D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[14]; ARUKA en ARUKN 1969: 19 Mei; ARA 1969: 1 Julie; AJVN 1969: 4 Julie.)

Ander dramas wat ook verskyn het gedurende die periode 1966 tot 1968 ten einde vir die 1969-Hertzogprys vir Drama in aanmerking te kon kom, maar wat nié in die verslag genoem is nie, is almal DALRO-publikasies wat nié opgewasse was teen *Voëlvry* nie.

762 In 1968 het die Akademieraad besluit dat slegs die hoofpryse van die Akademie voortaan by die jaarvergadering toegeken sou word, waaronder dan die Hertzogprys (ARN 1968: 25 April).

763 Die Akademieraad het besluit dat huldigingswoorde wat by bekronings voorgelees word, beperk word tot 200 woorde (ARUKN 1969: 3 Februarie).



D.J. Opperman, wenner van die 1969-Hertzogprys vir Drama

Foto deur Fotoland, Pretoria



Die nuutaangestelde Letterkundige Kommissie vir die periode April 1968 - April 1971

Voor (v.l.n.r.): prof. G. Cronjé (Voorsitter Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe), dr. D.M. Wessels (Sekretaris Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe), prof. A.P. Grové (Voorsitter Letterkundige Kommissie), dr. E. Botha, dr. S.M. Naudé (Voorsitter Akademieraad)
Agter (v.l.n.r.): mnr. D.J. van Niekerk (Hoofsekretaris Akademie), prof. C.A. van Rooy, dr. P.G. du Plessis, prof. F.V. Lategan, prof. J.L. Steyn, prof. T.T. Cloete.

Proff. W.E.G. Louw en P.D. van der Walt kon nie teenwoordig wees nie. Prof. J.L. Steyn het as sekundus die vergadering bygewoon.

Die foto is geneem in die raadsaal van die Engelenburghuis in Pretoria tydens hierdie Kommissie vir Letterkunde se heel eerste vergadering, gehou op 20 September 1968.

6.12 RES VAN EERSTE STAANDE LETTERKUNDIGE KOMMISSIE SE TERMYN

Die res van die eerste staande Letterkundige Kommissie se termyn is onder andere gekenmerk deur:

- die bedanking van lede van die Letterkundige Kommissie, onder andere Cloete, wat sy mening uitgespreek het oor die 1966-Hertzogprys vir Drama en die algemene beginselverklaring;
- die bedanking van F.I.J. van Rensburg en
- die Hertzogpryssimposium.

6.12.1 1970

6.12.1.1 Prosedure

Die Letterkundige Kommissie het twee vergaderings gehou om te besluit oor die 1970-Hertzogprys vir Prosa. W.E.G. Louw het skriftelik kennis gegee dat hy nie die vergadering sou kon bywoon nie aangesien een van sy werke volgens die verkennersverslag in aanmerking gekom het (LK 1/13: 28 Februarie 1970). Die aangewese sekonduslid moes dringend 'n ander vergadering bywoon. Gevolglik was daar tydens die eerste vergadering sewe kommissielede teenwoordig (LKN 1970: 6 Maart 1970). Hulle het met 4 stemme teen 3 by die Akademiesraad aanbeveel dat *1844* van Etienne Leroux met die Hertzogprys bekroon word. Die minderheidstem is uitgebring ten gunste van *Die groot gryse* deur Anna M. Louw, maar daar was nie 'n minderheidsverslag nie. Karel Schoeman is nie voorgestel nie, alhoewel hy ter sprake was. (Kyk voetnota 744 op bladsy 460.)

Die Kommissie is weer byeen geroep om 'n tweede geleentheid te kry om die verdienste van *1844* en *Die groot gryse* te bespreek. Lede kon ook 'n ander werk of werke voorstel vir die Hertzogprys. (LK 1/13: 19 Maart 1970 – brief van Hoofsekretaris aan kommissielede.) In 'n brief aan die Hoofsekretaris het F.V. Lategan Audrey Blignault voorgestel vir haar bundel *Die verlange loop ver, met inagneming van haar vroeëre prosawerk* (LK 1/13: 22 Maart 1970). W.E.G. Louw het *Spiraal* en *'n Lug vol helder wolke* van Karel Schoeman aan die hand gedoen, **saam met sy vroeëre prosawerk** ((LK 1/13: 23 Maart 1970 – brief van Hoofsekretaris aan kommissielede; LKN 1970: 24 April). Op 'n vraag of vroeëre werk as ondersteunende faktor kon dien, was Hiemstra se beskouing daaroor dat “die Akademiesraad se diskresie nie deur sy eie reglement aan bande gelê word nie” (LKN 1970: 24 April):

Die Akademiesraad is die finale gesag en hy is gebonde alleen aan die skenkingsakte. Die voorskrifte wat hy aan sy adviserende liggaam gegee het, is maar om daardie liggaam te help. As daardie liggaam self sê, ons wil hierdie aanbeveling maak, ondersteun met vroeëre werk, dan is daar niks mee verkeerd nie.

Soos in 1964 (kyk bladsy 373) en 1967 (kyk bladsy 441) is met hierdie opmerking onsekerheid geskep oor die status en afdwingbaarheid van die Hertzogprysbekroningsvoorskrifte.

Tydens die opvolgvergadering was W.E.G. Louw teenwoordig, en het prof. J.L. Steyn as sekundus ingestaan vir prof. P.D. van der Walt. Hierdie keer het *Die groot gryse* nie ’n enkele stem gekry nie. Die Kommissie het met 5 stemme teen 3 (Louw, Lategan, Steyn) by die Akademiesraad aanbeveel dat die 1970-Hertzogprys vir Prosa aan Etienne Leroux toegeken word vir *1844* en *Isis Isis Isis*, met *Een van Azazel*, ’n boek wat buite die periode val, maar nog nie bekroon is nie, as ondersteunende faktor (LKN 1970: 24 April).

Indien die verslag nie eenparig was nie, kon die Akademiesvoorsitter volgens bepaling 6 van die bekroningsvoorskrifte (kyk bylaag CC op bladsy 670), ook ’n woordvoerder vir die minderheid nooi om die Akademiesraad te woord te staan. Tydens die Akademiesraadsvergadering het prof. A.P. Grové die meerderheidsverslag toegelig, en W.E.G. Louw die minderheidsverslag (ten gunste van Schoeman se *Spiraal* [1968], ’n *Lug vol helder wolke* [1967] en ’n boek wat buite die periode val, naamlik *Byfakkellig* [1966]). Die Raad besluit met 5 stemme teen 3 om die 1970-Hertzogprys toe te ken aan Karel Schoeman (ARN 1970: 16 Mei 1970).

Daar was ongelukkigheid uit talle oorde: J.C. Kannemeyer, soos F.I.J. van Rensburg ook in daardie stadium verbonde aan die Randse Afrikaanse Universiteit, het byvoorbeeld as Fakulteitslid bedank (LK 1/13: 17 Mei 1970; ARUKN 1970: 8 Junie), studente van Wits het ’n protesoptog gehou en na aanleiding daarvan het studente aan die Universiteit van Pretoria hulle optog afgelas, maar sou nog steeds ’n protesbrief aan die Akademiesraad stuur (*Die Burger*, Woensdag 20 Mei 1970: “Hertzog-prys: U.P. gelas optog af”).

6.12.1.2 Lede van die Letterkundige Kommissie bedank

In reaksie op die Akademiesraadsbesluit het Botha, Grové en Cloete tussen 16 en 18 Mei 1970 uit die Letterkundige Kommissie bedank – Botha ook as Akademieslid (LK 1/13; ARUKA 1970: 8 Junie). Cronjé, die Akademiesraadsvoorsitter, het in ’n persvystelling ’n beroep op hulle gedoen om hulle bedankings in heroerwaging te neem (LK 1/13: 20 Mei; ARA 1970: 30 Junie – bylaag B), waarna Grové en Botha op 20 Mei 1970 hulle bedankings teruggetrek het (kyk onder andere in *Die Burger*, Donderdag 21 Mei 1970: “Hertzog-prys: Grové, Botha trek bedankings terug”; ARUKN 1970: 8 Junie; ARA 1970: 30 Junie). Vir Cloete het dit egter nie net gegaan oor die geskil tussen ’n toekenning aan Schoeman of Leroux nie, maar oor “sy ontevredenheid met bekroningsprosedure” en “sekere van die beleidsake van die Akademie” waaroor hy nie duidelikheid gehad het nie. Hy kon eers besluit of hy sy bedanking terugtrek nádat hy “met hulle

gesels het en duidelikheid oor die punte gekry het” (*Die Vaderland*, Donderdag 21 Mei 1970: “Hertzogprys-woeling: 2 trek bedankings terug”; *Beeld*, 7 Junie 1970: “Akademie-baas keer Nienaber by mikrofoon”; LK 1/13: 23 en 26 Mei 1970 – briewe van Cloete aan Akademie-sekretaris). Cloete se mening oor die kern van die probleem is soos volg verwoord (*Die Burger*, 9 Junie 1970: “Cloete wil ooreenkoms hê oor prosedure”):

Die Akademiesraad en die letterkundige komitee oordeel op verskillende gronde en dit is sy enigste behoefte dat hierdie verskille duidelik oor en weer aan mekaar beskryf sal word. Wanneer ’n besluit van die komitee deur een van die raad omvergewerp word, moet die komitee weet waarom. Hierdie verskille is nie duidelik bepaal nie.

Op 19 Junie 1970 het Cronjé en die Hoofsekretaris ’n onderhoud met Cloete gevoer en het laasgenoemde sy bedanking onvoorwaardelik teruggetrek (ARUKN 1970: 8 Junie; ARA aanvullend 1970: 30 Junie). Volgens die gesprek wat aan die Akademiesraad gerapporteer is (ARA aanvullend 1970: 30 Junie), het Cloete opgemerk dat hy in die agt jaar wat hy met die keuring vir die Hertzogprys te make het, tot die gevolgtrekking gekom het dat groter solidariteit tussen keurders (die Letterkundige Kommissie) ’n voorwaarde is vir die Hertzogprys om minder kontensieus te wees. Hy was van mening dat die minderheidsverslag en die optrede van die minderheid voor die Raad (kyk bepaling 6 in bylaag CC op bladsy 671) te niet gemaak moet word ten einde hierdie groter solidariteit te bereik. Die “opening” vir die minderheid om sy sin by die Raad te kry, het gelei tot wrywing binne die Letterkundige Kommissie en tussen die Letterkundige Kommissie en die Raad. Dit moes uitgeskakel word.

Anders as F.I.J. van Rensburg, het hy dit nie bepleit dat die literatore die finale seggenskap oor die Hertzogprys moes kry nie. Hy het trouens met die Raad saamgestem dat hulle dit behou, maar op voorwaarde dat, indien die Raad die aanbeveling van die Letterkundige Kommissie verwerp,

... hy dit op ander gronde moet doen as letterkundige gronde – en dat hy dit dan so bekend maak. Die 1966 besluit teen Uys Krige was wesenlik ’n politiek gemotiveerde besluit.

Volgens Cloete het Cronjé se 20 Mei 1970-persverklaring letterkundige argumente oor byvoorbeeld Leroux bevat, en moes die Raad die letterkundige argumente aan sy literatore oorlaat.

Cloete het dit bepleit dat die Raad ’n modus operandi moet uitwerk wat

... groter solidariteit tussen die Raad en Letterkundige Kommissie sal bewerkstellig deurdat hul onderskeie verantwoordelikhede duidelik afgebaken word.

Tydens die Akademiesaadsbespreking van hierdie saak (ARN 1970: 30 Junie) het prof. P.J. Botha opgemerk:

Die Letterkundiges gee 'n letterkundige oordeel, maar geen ding is “an sich” nie, ook nie die letterkunde nie. Moet die Akademie nie 'n standpunt uitmaak t.o.v. lewensbeskouing en die Hertzog-prys nie? Is dit nie juis die lewensbeskoulike waaroor die Akademiesaad in die finale instansie moet oordeel nie?

Aangesien 'n Hertzogpryssimposium in die vooruitsig gestel is, het Cronjé as Akademiesaadsvoorsitter gemaak teen die vooruitloop van die saak.

Hiemstra het die Cloete-opmerking in verband met die 1966-besluit om nie vir Krige te bekroon nie, as 'n “growwe onwaarheid” beskryf en dit beskou as “uiters onverantwoordelik van prof. Cloete om so 'n aanklag teen 'n liggaam soos die Akademie te maak”. Alhoewel Cronjé gemeen het dat die 1966-verloop onder Cloete se aandag gebring moet word en dat hy bloot daarop gewys moes word dat sy bewering “foutief” is, het Hiemstra gevoel dat dit onvoldoende is: hy weet nie waarom die Raad “so skugter moet wees om 'n man aan te pak oor 'n onverantwoordelike stelling nie”. Die eis dat Cloete sy bewering terugtrek sou volgens Botha dinge onnodig oopkrap, maar Nienaber het dit voorgestaan,

...want dit is 'n legende en dis onwaar. Die Akademie het geen politieke oorwegings gehad by die 1966-besluit oor die Hertzog-prys nie.

Prof. W.J. Pretorius was ten gunste daarvan dat Cloete net skriftelik meegedeel word dat sy stelling onjuis is. Selfs dit was volgens prof. W. Kempen ongewens aangesien die Raad nie 'n persoon kon betig as hulle nie sy presiese woorde voor hulle het nie. Die volgende besluite is geneem:

- Cloete moes meegedeel word dat die Raad kennis geneem het van die samesprekingsverslag;
- indien Cloete daarop kommentaar het, sou dit aan die Raad voorgelê word;
- Cloete moes daarop gewys word dat die stelling oor die nietoekenning van die 1966-Dramaprys onjuis is en versoek word om dit teenoor die Raad reg te stel.

Kempen was van mening dat die Raad oor hierdie hele aangeleentheid niks verder moes doen nie, en daarvan oortuig dat met hierdie besluit niks bereik word nie. In die daaropvolgende bespreking oor die persverklarings van die drie lede van die Letterkundige Kommissie ná die bekendmaking van die Hertzogprys, was Hiemstra sterk ten gunste van dissiplinêre optrede en 'n jaarvergaderingsbesluit wat hulle gedrag afkeur. Hy het voorgestel, en dit is aanvaar, dat Eben Meiring⁷⁶⁴ se brief in *Die Burger*,⁸⁷ waarin hy, volgens Cronjé, “allerlei onbeskofte vrae aan die

764 Hy was sekonduslid van die eerste staande Letterkundige Kommissie en is in 1969 tot Assessorlid verkies (ARN 1968: 25 April; LKN 1970: 6 Maart).

Raad stel”, aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word.⁷⁶⁵ Beukes, Pretorius en Kempen was ten gunste van ’n versigtiger benadering wat die positiewe werk van die Uitvoerende Komitee nie ongedaan sou maak nie. Veral Kempen het nie die mening onderskryf dat dissiplinêre optrede enige voordele sou inhou nie – gesprekke met beswaarde lede wel. (ARN 1970: 30 Junie.)

In sy brief aan Cloete, gedateer 9 Julie 1970 (LK 1/13; ARUKA 1970: 3 Augustus – bylaag A), het Van Niekerk opgemerk dat die Raad wou weet of die sin oor die 1966-besluit ’n korrekte weergawe is:

Indien wel, is dit my opdrag om u vriendelik daarop te wys dat die stelling onjuis is, en moet ek u versoek om dit teenoor die Raad reg te stel.

Van Niekerk het sy hulp aangebied indien Cloete ’n resumé van al die notules en stukke van 1966 wou hê, of daardeur wou gaan wanneer Cloete miskien in Pretoria kom.

Cloete het beswaar aangeteken dat daar, na ’n lang gesprek wat vir hom voorgekom het as “’n bewonderenswaardige goeie onderlinge verstandhouding en vertroue”, en nadat daar saam besluit is om niks meer te sê as dat hy onvoorwaardelik tot die Kommissie terugkeer nie, ’n verslag na die Akademierraad gegaan het waarop hy nou gevra word om te reageer. In die brief merk hy onder andere op (ARUKA 1970: 3 Augustus – bylaag B) (ek benadruk):

In my gesprek met u en prof. Cronjé op 19.6.70 in Pretoria het ek geen stelling hoegenaamd gemaak dat die 1966-besluit teen Krige wesenlik politiek gemotiveer was nie. Die geval Krige het ter sprake gekom in ’n bepaalde konteks: ek het aan u vertel dat ek uit my ervaring as jare lange lid van die Letterkundige Komitee (o.a. ook uit die geval Breytenbach in 1967 met “Die huis van die dowe”) én uit my ervaring as jare lange lid van die Fakulteitsraad Geesteswetenskappe én uit gesprekke met ’n hele aantal Raadslede daarvan bewus is dat **politieke en lewensbeskoulige argumente telkens ter sprake kom by die oorweging van Hertzogpryskandidate, dat ek sulke norme aanvaar maar dat ons dan daarvoor moet uitkom.** Ek het dit vir u genoem dat **met betrekking tot Krige in 1966 aan die een kant aan die Letterkundige Komitee en aan die publiek gesê is Krige het die prys nie gekry nie om literêre en reglementêre redes, terwyl die destydse Raadsvoorsitter, prof. P.J. Nienaber, aan die ander kant aan my gesê het dit het in die geval van Krige o.a. ook om politieke redes gegaan.**⁷⁶⁶ Dus: nie ek het so ’n stelling gemaak nie, ek het aan u herhaal wat prof. Nienaber as Raadsvoorsitter van daardie jaar aan my gesê het, en dit kan ek voor my gewete en met al die eerbaarheid in my verklaar. Ek het dit aan u meegedeel, nie beskuldigend, nie verwytend of as watter kwaad bedoelde argument ook al teen die Raad gemik nie. **Juis toe ek prof. Nienaber daarop gewys het dat die destydse reglement én Krige se verdienstes ons toegelaat het om hom te bekroon, het hy die weiering aan Krige verdedig deur politieke argumente.** Hy het bv. aangevoer dat Krige politiek so verkeerd staan dat die destydse Minister van Justisie, adv. John Vorster, aan hom (prof.

765 In opdrag van die Uitvoerende Komitee het die Hoofsekretaris op 13 Augustus aan Meiring geskryf dat die korrekte wyse vir ’n lid om sy besware teen ’n Akademierraadsbesluit te opper, was om dit direk aan die Raad te stel (LK 1/13; ARUKN 1970: 3 Augustus).

766 Erlank het in sy 3 Junie 1966-brief aan Hiemstra die redes wat in die openbare verklaring aangevoer is waarom Krige nie bekroon is nie, beskou as ’n “uiters onregverdige verskuiwing van die onus op die keurkomitee” (kyk bladsy 416).

Nienaber) gesê het dat hy as minister Krige sou aangehou het as die Akademie die Hertzogprys aan hom gegee het. Ek is tewens ook daarop gewys dat die Akademie deur die staat gesubsidieer word. My kommentaar was dat ek dit vreemd vind dat 'n Minister van Justisie sy optrede afhanklik maak van die Akademie se Hertzogprys en dat prof. Nienaber dit aan die minister moes gesê het. Sy antwoord was dat hy dit nie aan die minister kon gesê het nie, omdat die Akademie weens die voornoemde subsidie van die regering afhanklik is. **Ek het geredeneer dat ek politieke argumente soos hierdie kan aanvaar maar dat hulle nie skuil moet gaan agter literêre en reglementêre argumente nie.**

Hoewel ek hierdie hele saak raar gevind het, het ek geen rede gehad om die toentertydse Raadsvoorsitter se uitlating oor Krige en die politiek in twyfel te trek nie. Ek het aanvaar wat hy in alle erns aan my gesê het, **veral nadat ek geweet het dat politieke argumente op die fakulteitsvergadering gebruik is om die Letterkundige Komitee se aanbeveling oor Krige teen te gaan. Later het prof. Nienaber sy uitlating van 1966 oor Krige egter gekwalifiseer**, en ook van hierdie kwalifikasie het ek u en prof. Cronjé in ons gesprek in Pretoria vertel: By 'n ete op Potchefstroom op 13.5.70 (u [Hoofsekretaris Van Niekerk] was trouens by daardie ete teenwoordig) net na my bedanking uit die Letterkundige Komitee, het ek prof. Nienaber gekonfronteer met wat hy in 1966 oor Krige gesê het. Tot my verbasing het hy hierdie keer gesê dit is wat die betrokke minister destyds aan mnr. Daan Goosen gesê het. Ons hoef egter nie uit te maak of die betrokke minister dit aan prof. Nienaber self of aan mnr. Goosen gesê het nie: ek is in elk geval deur prof. Nienaber onder die indruk gebring **dat die prys deur die Raad aan Krige geweier is nie net om literêre en reglementêre redes nie maar ook om politieke redes**. En daardie indruk, so het ek aan u in ons gesprek in Pretoria gesê, het ek tydens my bedanking uit die Letterkundige Komitee nog steeds gehad.

Nou kan ek my nog herinner dat toe ek aan u en prof. Cronjé hierdie dinge in Pretoria genoem het, nie as stelling van my nie maar as bewerings van prof. Nienaber en as deel van die agtergrondsgeskiedenis van my bedanking uit die Letterkundige Komitee, **het u albei my verseker dat daar geen politieke oorwegings was by die Raad se besluit oor Krige in 1966 nie**. Ek het aan u gesê ek aanvaar dit, en dié versekering wat ek van u albei oor hierdie saak gekry het, is een van die dinge wat my onvoorwaardelik laat terugkeer het tot die Letterkundige Komitee. Nou kan ek nie begryp dat die Raad nog verder met my oor hierdie saak iets by te lê het nie.

U sê in u brief van 9.7.70 dat ek 'n resumé van al die notules en stukke van '66 mag kry of hierdie dokumente saam met u mag deurgaen. Aangesien ek sedert 1965 lid van die Fakulteitsraad vir Geesteswetenskappe is en derhalwe sedert daardie jaar al die stukke en notules van hierdie liggaam besit, kan u uitnodiging in opdrag van die Raad alleen slaan op die notules en stukke van die Raad.

U doen my nou verdere oneer aan deur te dink ek stel belang in die stukke en notules van die Raad. Ek het nooit kwade trou teenoor die Raad gehad nie, maar as 'n Raadsvoorsitter ongenooi aan my iets meedeel van die Raad se beraadslagings, het ek immers nie rede om iets anders te doen as om hom te glo nie. En waar ek aan u en prof. Cronjé in Pretoria gesê het dat ek aanvaar wat u my omtrent die Raad se oorwegings i.v.m. Krige meegedeel het, daar verstaan ek nie waarom die Raad sou vermoed dat ek wantrouend of indiskreet teenoor die Raad is nie.

Cloete het die brief afgesluit deur aan te dui dat hy gevolglik nié die versoek vir 'n *Nuusbrief*-artikel kon nakom nie,⁷⁶⁷ en dat hy die Raad vra om hom van alle verpligtinge teenoor die Akademie vry te maak – ook die voorsitterskap van die plaaslike werkgemeenskap.

767 Van Niekerk het Cloete in 'n brief gedateer 10 Julie 1970 gevra om voor 31 Julie 1970 'n artikel van sowat 1000-1200 woorde te skryf oor die probleme van literatore in verband met die Hertzogprys (LK 1/13; ARN 1970: 30 Junie).

Die Uitvoerende Komitee het die Akademie se vertrouwe in en waardering vir Cloete se Akademie-werk herbevestig, die saak as afgehandel beskou en Cloete versoek om met sy Akademie-werk voort te gaan (ARUKN 1970: 3 Augustus). Van Niekerk het dié besluit op 4 Augustus 1970 aan Cloete meegedeel, waarop Cloete positief gereageer en aangedui het dat hy sal voortgaan met sy Akademie-werksaamhede. Hy het egter nog steeds nie sy weg oopgesien om die artikel te skryf nie.⁷⁶⁸ Ook Grové wou dit nie doen nie, en net Nienaber se artikel, oor die Akademieraad se probleme met betrekking tot die Hertzogprys, sou verskyn. (ARN 1970: 30 Junie; ARUKA en ARUKN 1970: 27 Augustus.)

In sy Augustus 1970-artikel in die *Nuusbrief* het Nienaber (1970:7) onder andere verwys na 'n lid van die Letterkundige Kommissie wat in *Die Volksblad* van 18 Mei 1970 dit “in dodelike erns” as sy siening gegee het dat Uys Krige om politieke redes nie bekroon is nie. Nienaber maak hierdie “beskuldiging” af as “ongegronde en van alle waarheid ontbloot” – ’n “Uys Krige-legende i.s. politiek” wat voortleef. In die artikel word ook verwys na die 24 Mei 1970-bespreking in *Beeld* (dié van F.I.J. van Rensburg) waarin gesê is dat die Akademieraad die skenkingsakte só interpreteer dat hy “ook nog ’n verantwoordelikheid teenoor sektore buite die letterkunde het – veral teenoor wat ‘die volk’ genoem word, en in verskillende jare ook teenoor die owerheid”. Nienaber beskou hierdie bewerings as moedswillig en ongegrond:

Ek het vanaf die veertigerjare met Hertzog-prysbekronings te doen, en **weet van geen enkele geval waar politiek ooit ter sprake was nie**. Nog nooit is op **Akademieraadsvergaderings** gevra of ’n kandidaat vir die Hertzog-prys aan ’n sekere politieke party of ’n besondere kerkgenootskap behoort nie.

(Ek benadruk.)

Tog is Krige se politiek tydens ’n **Fakulteitraadsvergadering** genoem (kyk bladsy 398), en alhoewel seker nie letterlik gevra is of ’n kandidaat aan ’n sekere politieke party of kerkgenootskap behoort nie, het dit tog soms ter sprake gekom. ⁸⁸

In ’n brief aan die Akademiesekretaris, gedateer 21 September 1970 (LK 1/13) het Cloete op Nienaber se artikel gereageer (ek benadruk):

Prof. Nienaber is ’n Raadslid. **Hy, soos die ander Raadslede van die Akademie, weet waar ek dit vandaan kry dat Krige die prys nie gekry het nie om politieke redes, of dit nou in enige notule staan of niè.**

Wat my verbaas, is dat prof. Nienaber, wat self baie intiem by hierdie saak betrokke is, met die toestemming van die redaksie van die *Nuusbrief* toegelaat word om hierdie saak weer op te haal, nadat die Akademieraad my nou reeds twee keer gevra het om die saak as opgelos te beskou.

Wat in die betrokke uitgawe van *Die Volksblad* staan, is nie presies wat ek gesê het nie: Ek kan aan die *Nuusbrief* my antwoord en verduideliking stuur op wat prof. Nienaber

768 Coetser (1989:347) beweer verkeerdelik dat Cloete ’n artikel geskryf het wat as uitgangspunt vir die simposium gedien het.

geskryf het, en u weet wat dit alles inhou! Dit is reeds in u kantoor gedokumenteer. Ek kan verder gaan en ook aan Die Volksblad sê presies wat die geval is, en ek kan op die aanstaande simposium my standpunt teenoor dié van prof. Nienaber gaan stel. Ek is ook bereid om na die betrokke minister te gaan [om] ook met hom oor die saak te gesels, en dit is nogal by my 'n behoefte om dit 'n keer te doen.

Cloete het voorkeur gegee aan die “hoflike” uitweg om stil te bly, maar ten slotte onder andere opgemerk dat dit vir hom baie swaar is “om nog vertrou te hê in die versoeningsgebare van die Akademie oor die geval Krige”:

Altwee kere wat ek met die Akademie oor hierdie saak tot 'n vergelyk gekom het, is ek agterna in my vertrou diep teleurgestel.

Van Niekerk het Cloete op 29 September 1970 geantwoord dat die Nienaber-artikel nié die mening van die Raad is nie, en aan Cloete die geleentheid gebied om sy standpunt in die *Nuusbrief* te stel (LK 1/13). In Cloete se antwoord van 2 Oktober 1970 beklemtoon hy dat die Uitvoerende Komitee te kenne gegee het dat die saak afgehandel is, en homself afgevra of “enige polemiekie of simposium of wat ook al die saak finaal kan afhandel as vertroulike gesprekke nie daarin geslaag het nie!” Hy kon nie insien “dat so 'n onverkwiklike saak, as dit openbaar gemaak moet word ... die Akademie of iemand enige goed kan aandoen nie” (LK 1/13). Cloete, Cronjé en Van Niekerk het 'n gesprek gevoer, en na aanleiding daarvan het Cloete besluit om nié die simposium by te woon nie. In 'n ongedateerde brief daaroor (LK 1/13) het hy sy besluit verduidelik:

[A]s ek die simposium gaan bywoon, is ek gedwing om die bewuste uitspraak in prof. Nienaber se artikel te gaan repudieer. As ek die simposium bywoon maar stilbly oor daardie uitspraak, gee ek prof. Nienaber bloot deur my swye immers gelyk. Doen ek dan waartoe ek gedwonge is, nl. om hom te repudieer, is dit waarskynlik die begin van weer eens 'n lange onaangenaamheid. U kan self dink wat die koerante daarvan gaan maak, onder andere!

6.12.1.3 F.I.J. van Rensburg bedank

In sy reaksie op die Akademierraadsbesluit om Schoeman te bekroon, het F.I.J. van Rensburg op 19 Mei 1970 'n brief aan die Akademie geskryf as “'n laaste poging om iets te verander aan 'n toedrag waarvan ... [hy] oortuig is dat dit skade berokken aan die saak van die Afrikaanse letterkunde en die Akademie”. Indien daar nie verandering kom nie, sou hy die “eerbare weg” volg en as Akademielid bedank (LK 1/13; ook ARUKN 1970: 8 Junie – bylaag A). Vyf dae later het daar 'n dieptebespreking oor die Hertzogprys in die koerant verskyn (*Beeld*, 24 Mei 1970: “Die Akademie hou nou wintersport”; ook in ARUKN 1970: 8 Junie – bylaag A). Daarin wys Van Rensburg op die vroeëre klousule wat geskrap is wat bepaal het dat die prys slegs toegeken kon word aan skrywers wie se werk daarvan getuig dat hulle simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikanervolk. Daarmee het die Akademierraad

... die eertydse moontlikheid van beroep op “die volk” en die owerheid daarmee eksplisiet verwyder. En toeg [sic] gebeur dit meermale dat hy ’n “onpopulêre” aanbeveling van sy deskundige keurkomitee (onpopulêr vir owerheid en volk) verwerp omdat hy die een oog gerig hou op volk en owerheid.

Die algemene beginselverklaring word nêrens genoem nie. Dit laat die vermoede ontstaan dat net Akademieraadslede daarvan bewus was, en aanvanklik (1967 en 1968) ook lede van die Fakulteitsraad en moontlik Keurkomitee (kyk bladsy 437, 438, 446, 451, 451, 453, 456 en 547).

Van Rensburg wys verder op die gevolge van verkeerde optrede deur ’n Akademieraad wat by die toekenning van die Hertzogprys volk en owerheid stel bo suiwer literêre meriete:

Hierdie soort optrede het baie gevolge gehad – ek noem net twee: die feit dat keurkomitees telkens in die gesig geklap is en word, en dat die bekroningslys van die afgelope dekade of twee daar uitsien soos dit uitsien.

Volgens Van Rensburg het daar “’n bedenklike selftevredenheid” in sommige Akademiëkringe geheers dat die Hertzogprysbekroningslys “’n barometer is van die beste in Afrikaans”:

Hoe gouer daar weggekrom word van hierdie beeld, des te beter. In die hele Sestigterdekade is bv. slegs een enkele Sestigterwerk bekroon (*Sewe dae by die Silbersteins*), en dit val te besien of die Akademieraad ooit mense soos Breytenbach en André Brink sal bekroon.

Van Rensburg was van mening dat die “deining” wat “daar moontlik altyd rondom toekennings van die Hertzogprys” sal wees, “drasties” verminder kon word “as daar ’n slag grondig gekyk word na die prosedurebepalings wat die verhouding van die Akademieraad en sy Letterkundige Kommissie reël”.

’n Radiobesprekingsprogram is geskeduleer vir Sondagaand 31 Mei 1970. Morkel van Tonder sou ’n onderhoud voer met proff. P.J. Nienaber en F.I.J. van Rensburg. Volgens Cronjé was hy en die Hoofsekretaris van mening dat dit in Akademiëbelang sou wees as dié onderhoud liever nie plaasvind nie. Gevolglik het Cronjé vir Nienaber gebel en hom versoek om af te sien van die program, waartoe laasgenoemde ingewillig het. Dieselfde versoek is deur Van Niekerk aan Van Tonder gerig. Van Rensburg is nie gekontak nie. Daar is met die uitsending voortgegaan sonder Nienaber. Luisteraars na die program het dit aan die koerant beskryf as “baie interessant, en baie beskaaf”, en dat daar “in geen stadium die geringste refleksie op die waardigheid van die Akademie of die bevoegdheid of integriteit van sy literêre beoordelaars [was] nie”. (*Beeld*, 7 Junie 1970: “Akademiëbaas keer Nienaber by mikrofoon”; ARUKN 1970: 8 Junie; ARA 1970: 30 Junie – bylaag C).

Twee berigte oor die besprekingsprogram (*Die Burger*, 2 Junie 1970: “Hertzog-prys: debat oor prosedure beoog”; *Beeld*, 7 Junie 1970: “Akademie-baas keer Nienaber by mikrofoon”; ARA 1970: 30 Junie – bylaag C), asook F.I.J. van Rensburg se brief het voor die Uitvoerende Komitee gedien (ARUKN 1970: 8 Junie – ook bylaag A). Volgens Hiemstra was die *Beeld*-berig vol feitefoute en kon daar aan Van Rensburg gesê word dat die Raad nie sy magte gaan weggee nie, en as hy daarvoor wil bedank, hy maar moet bedank. Van Rensburg moes gevra word waarom hy sy saak op feitefoute bou. Hiemstra het opgemerk: “So ’n man behoort geskrap te word”. Naudé het verwys na die vorige uitpraat met Van Rensburg en die Voorsitter aangeraai om die raadstukke daarvoor na te gaan en ferm teenoor Van Rensburg op te tree.

Cronjé, die Akademierraadsvoorsitter, het opgemerk dat hy by die Huishoudelike Vergadering ’n standpunt wou stel oor die probleem van Akademielede wat met hul probleme na die pers hardloop: “Hierdie ding kan net nie voortgaan nie”(ARUKN 1970: 8 Junie). Hy het dit inderdaad gedoen en die Raad het later besluit om sy standpunt, soos gestel tydens daardie vergadering, te onderskryf en as standpunt van die Raad in die *Nuusbrief* te plaas (ARN 1970: 30 Oktober).

Van Rensburg is genooi vir ’n onderhoud met Cronjé en die Hoofsekretaris oor sy bedenkinge in verband met die Hertzogprysprosedure, en versoek om daarna ’n artikel oor hierdie saak vir die *Nuusbrief* te skryf, met ’n repliek deur prof. P.J. Nienaber (LK 1/13: 10 Junie 1970). Die onderhoud het op 11 Junie 1970 plaasgevind. Daar is onder andere ⁸⁹ aan Van Rensburg verduidelik dat die Akademierraad nie kan of wil afstand doen van sy finale en hoogste seggenskap oor die toekenning nie. (LK 1/13: holograafverslag deur Cronjé; ARA 1970: 30 Junie – bylaag D). Van Rensburg het as Akademielid bedank ⁹⁰ (ARA 1970: 30 Junie – bylaag E; ARN 1970: 30 Junie).

6.12.1.4 Hertzogprysposium

Na aanleiding van ’n voorstel wat deur die Witwatersrandse Werkgemeenskap gemaak is, het die Akademierraad besluit om ’n simposium te hou oor die Hertzogprys, die “twisappel der twisappelen”, soos die *Beeld* van 25 Oktober 1970 (“Hertzogprys: hier’s hy weer”) in hulle beriggewing oor die simposium, dit uitgedruk het. Dit is geskeduleer vir Donderdagmiddag, 29 Oktober 1970 in die auditorium van die Didacta-gebou in Skinnerstraat, Pretoria. ’n Gewone uitnodiging is aan raadslede en alle Transvaalse Akademielede gestuur, en spesiale uitnodigings aan alle skrywers en letterkundiges in die Akademie. Die simposium is oopgestel vir die pers en die publiek, maar net die letterkundige lede van die Akademie kon aan die bespreking deelneem.⁷⁶⁹

⁹¹ Raadslede sou slegs waarnemers kon wees. Prof. A.P. Grové, Voorsitter van die Letterkundige

769 Aangesien prof. F.I.J. van Rensburg, wat in 1969 tot volle Akademielid verkies is, bedank het, kon hy nie deelneem nie.

Coetser (1989:347) beweer verkeerdelik dat net Akademie- en Assessorlede aan die bespreking kon deelneem. Alhoewel so ’n besluit aanvanklik genotuleer is, kon net letterkundiges uiteindelik aan die bespreking deelneem.

Kommissie, is as Voorsitter aangewys. (ARA en ARN 1970: 30 Junie; ARUKN 1970: 8 Junie; ARUKA 1970: 6 Oktober – ook bylaag C en D; LK 1/13: omsendbrief aan Transvaalse Akademielede gedateer 7 Oktober 1970).

Voor die simposium het I.D. du Plessis sy mening skriftelik aan die Hoofsekretaris gestuur (LK 1/13: 14 Oktober 1970). Onder andere gesien teen die agtergrond van die 1937-toekenning wat hy en Van Wyk Louw gedeel het (kyk bladsy 168), sou die prestige van die prys syns insiens hoog gehou word deur dit net een keer, onverdeeld, aan ’n bepaalde skrywer toe te ken.

P.J. Nienaber se Augustus 1970-artikel is saam met die program vir die simposium, die Hertzogpryskenkingsakte en die tóé geldende Hertzogprysreglement as inligtingstuk aan simposiumgangers verskaf. Uit die uitgebreide notule blyk dit dat die algemene beginselverklaring nié ter insae was nie.

Prof. Gerrit Dekker, verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en voormalige hoof van die Publikasieraad, het die besprekings ingelei.⁷⁷⁰ Hy het onder andere opgemerk dat die geskrapte “simpatiekgesinde”-bepaling (kyk bladsy 358) ’n faktor aangeraak het “wat by alle kunsbeoordeling bewus of onbewus in minder of meerdere mate ’n rol speel: die lewensbeskoulike” (Dekker 1971:3-6):

Dat hierdie faktor tog ook wel op die agtergrond van genl. Hertzog se gedagtes was, hoewel in die skenkingsakte slegs sprake is van “alleen werk van de eerste rang”, mag afgelei word uit die bepaling dat as die Akademie ontbind sou word of ophou om te bestaan, die Fonds met die pligte, werksaamhede en funksies daaraan verbonde, beheer en oorgeneem sal word deur die “gezamentlike Moderatuur van de Nederduitse Gereformeerde Kerk, de Gereformeerde Kerk en de Hervormde Kerk van Afrika in de Oranje Vrijstaat” [kyk bladsy 19].

Hy het homself afge vra of dit nie oorweging verdien nie om hierdie geskrapte bepaling

... te vervang met ’n beter geformuleerde bepaling – dit sou dié voordeel kan bied dat, by ’n van die aanbeveling afwykende beslissing van die Raad verwag kan word om ondubbelsinnig te verklaar of dit berus op verskil van toepassing van die nuwe artikel.

Ernst van Heerden het as eerste spreker dadelik verwys na die volgende opmerkings in Nienaber se artikel (wat deel was van die aanvanklike algemene beginselverklaring, maar later uitgelaat is) (kyk eindnota 78 op bladsy 547 en bylaag X op bladsy 661):

770 Die volgende sestien letterkundiges het die simposium bygewoon: Mnr. Chris Barnard, prof. F.C.L. Bosman, mej. Alba Bouwer, dr. A.J. Coetzee, prof. G. Dekker, dr. P.G. du Plessis, dr. L.C. Eksteen, prof. A.P. Grové, prof. C.J.M. Nienaber, mnr. Coenie Rudolph, prof. J.L. Steyn, prof. S. Strydom, prof. E. van Heerden, prof. C.A. van Rooy, mnr. Morkel van Tonder en dr. Rialette Wiehahn. Raadslede teenwoordig was proff. G. Cronjé, P.J. Nienaber, G. Beukes en W. Kempen. Verder was daar sowat veertig lede en besoekers. (LK 1/13: presensielys).

Daarom moet slegs suiwer, onaanvegbare letterkundige norme by beoordeling van sodanige werke in berekening gebring word.

Van Heerden het homself afgevra of daar hoegenaamd sulke norme bestaan,⁹² en waarom daar dan so dikwels onenigheid is oor die prystoekening as daar dan 'n reeks suiwer norme bestaan. Bepaling 3 van die aanvanklike beginselverklaring, wat ook deur Nienaber in sy artikel gebruik is, sonder dat Nienaber meld waar dit vandaan kom, is deur Van Heerden beskryf as 'n “verbasende stelling”:

Aangesien dit 'n literêre grondbeginsel is dat geen werk waarin die bose verheerlik word ... ooit goeie literatuur kan wees nie, volg dit dat boeke met sodanige strekking nooit vir bekroning met die Hertzogprys in aanmerking sal kan kom nie.

Hy wou by Grové weet of hy as Voorsitter van die Letterkundige Kommissie hierdie grondbeginsel goedkeur of aanvaar in sy werk. Grové het geantwoord dat hy nie die artikel geskryf het nie en nie bereid is om daarvoor vader te staan nie, en dat Nienaber, gebind deur die spelreëls van die simposium, nie kon antwoord nie. Wat Grové wél gesê het, is die volgende:

[H]ierdie artikel is een van die inligtingstukke wat voor ons is, maar dit is nie 'n amptelike stuk nie. Dit moet nie gesien word as 'n stuk van die Raad nie, ook nie as 'n stuk van die Letterkundige Kommissie nie. Dit is 'n stuk wat nie behoort tot die kanon van ons diskussie nie, as ek dit so mag sê. As u dus polemieek het oor hierdie saak, moet u dit met die lid persoonlik uitmaak.

Ook dr. Rialette Wiehahn was besorg oor die betrokke paragraaf in die Nienaber-artikel:

Ek glo nie dat ons verantwoordelike letterkundiges so iets op so 'n wyse sou stel nie, maar vra my tog af of dit nie die versweë assumpisie is van die Raad of van een of meer lede van die Raad nie, dat hulle tog maar in laaste instansie gaan kyk agter die literêre gehalte van die werk na die aanvaarbaarheid van die lewensbeskoulike kern.

Grové se antwoord aan haar was dat hy nie weet of die Raad dalk stilswyend hierdie artikel so aanvaar nie, maar dat hy dit nie glo nie. Dis geskryf deur Nienaber wat dit “neem vir sy eie rekening”.

Die kern van die probleem is soos volg deur Dekker opgesom:

Dit gaan daarom of die Raad miskien, soos beweer word, ander leidrade het. Wel, dan moet daardie saak in die reine gebring word, dan moet dit openlik erken word, en dan moet daar 'n beroep op gemaak word. Of dit moet openlik ontken word dat so iets mag gebeur.

Volgens F.C.L. Bosman is die sedelik-godsdienstige en die suiwer-literêre verweef:

Die Letterkundige Kommissie na my beskeie mening en keurkomitees waarop ek gedien het, het ook daarmee rekening gehou in die verlede. En die Raad het ook daarmee rekening gehou. Dit is daar, dit is 'n deel van ons samelewing, dit is 'n deel van ons letterkunde, en dit is ook 'n deel van ons bekroningsvoorwaardes.

Presies wat Bosman met hierdie “bekroningsvoorwaardes” bedoel het, is nie duidelik nie.

Met veertien stemme teen twee is besluit om die volgende voorstelle aan die Akademieraad voor te lê:

- dat die Akademieraad sy beheer oor letterkundige pryse uitoefen deur die benoeming van 'n Letterkundige Kommissie vir die toekenning van dié pryse;
- dat hierdie Kommissie sal bestaan uit nege lede;
- dat hierdie Kommissie hulle eenparige of verdeelde aanbeveling aan die Akademieraad sal voorlê;
- dat die Akademieraad die uitslag openbaar sal maak en die toekenning sal maak;
- dat, indien daar 'n minderheidsverslag is, die meerderheidsverslag aanvaar sal word;
- dat, indien die ondertekenaars van die meerderheidsverslag⁷⁷¹ dit verkies, hulle name bekend gemaak word deur die Akademieraad.

Die voorsteller was C.J.M. Nienaber, met Louis Eksteen en Ernst van Heerden as sekondante (ARA 1971: 14 Mei).

Hierdie aanbevelings kom in wese neer op dit wat sewe jaar tevore deur Van Rensburg voorgestel is in sy brief van 30 Maart 1964 (kyk bladsy 363), en deur P.J. Nienaber by sy 29 April 1964-voorlegging geïnkorporeer is (kyk bladsy 368).

Daar is 'n transkripsie van die simposium gemaak en aan raadslede gestuur. As wenk is voorgestel dat die Akademieraad oorweeg om 'n samespreking te hou met die Letterkundige Kommissie. (ARA 1971: 14 Mei.)

Die Akademieraad het die mosie wat by die simposium aanvaar is, die volgende dag bespreek en besluit om dit in sy geheel aan die Letterkundige Kommissie voor te lê vir kommentaar. Intussen sou die Hertzogprystoekenningsprosedure dieselfde bly. (ARN 1970: 30 Oktober.)⁷⁷²

771 Dit het later geblyk dat “minderheidsverslag” bedoel is (LKN 1971: 19 Maart; ARA 1971: 14 Mei). Na die besluit om *Sewe dae by die Silbersteins* te bekroon, het die vier persone wat nié ten gunste daarvan was nie, versoek dat hulle name genotuleer moes word (kyk bladsy 372).

772 Die Potchefstroomse Werkgemeenskap van die Akademie het op 24 Februarie 1971 die simposiumdebat voortgesit (1/14: 20 April 1971 – brief en verslag van werkgemeenskapsekretaris, D. van Eeden, aan die Hoofsekretaris). Hulle was ten gunste van die algemene beginselverklaring.

Die kern van die daaropvolgende bespreking kan saamgevat word in die opmerking van prof. P.J. Botha, naamlik dat die Letterkundige Kommissie net te doen het met literêre oorwegings, en dat “ander sake – lewensopvatting bv.”, ’n saak is vir die Akademieraad. Prof. Pretorius het versoek dat die Beukes-stuk van 1966 by die volgende raadsagenda ingesluit word.

Hiemstra wou hê dat daar van die Letterkundige Kommissie gevra word om vir 1971 ’n suiwer letterkundige aanbeveling te maak. Beukes het nie saamgestem nie, want om vir die Kommissie voor te stel wat “absoluut vanselfsprekend is, sal ’n aantasting van die lede se integriteit wees.” Hierop het Hiemstra opgemerk dat hy seker is dat “buite-oorwegings by die LK ’n rol sal speel”. Cronjé en De Waal het as onderskeidelik Voorsitter en Ondervoorsitter daarteen gemaan om sake vooruit te loop en die Letterkundige Kommissie te “prejudiseer”. (ARN 1970: 30 Oktober.)

6.12.1.5 1970-Prosedurebesluite

Die volgende besluite wat van toepassing sou wees op die Hertzogprys, is gedurende 1970 geneem:

- Die Akademieraad het besluit dat alle kommissies ’n Ondervoorsitter uit eie geledere kon kies (LKA 1970: 6 Maart). Cloete is tot Ondervoorsitter verkies (LKN 1970: 6 Maart).
- Die Letterkundige Kommissie sou in die derde week van Maart vergader in plaas van die eerste week sodat die instuurdatum van 1 Februarie na 15 Februarie verskuif kon word ten einde boeke wat in Desember verskyn, deeglik te kon bestudeer.
- Die Akademieraad het besluit dat by aanstelling of heraanstelling in ’n kommissie, lede nog nie 70 jaar oud moet wees nie (FRA 1970: 11 September).⁷⁷³

6.12.2 1971

6.12.2.1 Veranderinge in die reglement van die Letterkundige Kommissie

Onder andere na aanleiding van Fakulteitsraadbesluite geneem op 22 April 1971, verskil die reglement van die Letterkundige Kommissie soos oorgetik op 2 Junie 1971 (kyk bylaag EE op bladsy 673) met betrekking tot Hertzogprysaangeleenthede in die volgende opsigte van die vorige reglement (kyk bylaag DD op bladsy 672):

- bepaling 2 het voorheen gestipuleer dat daar “hoogstens nege en minstens sewe lede” in die Kommissie moes wees; dit is verander na “sewe lede”;

773 Prof. A.P. Grové het op 10 Junie 1978 sy sestigste verjaardag gevier. By hierdie geleentheid is *Dagsoom*, ’n bundel letterkundige opstelle uitgegee. Op 10 Junie 1988 het hy sy sewentigste verjaardag gevier. Vanaf daardie datum kon hy volgens die Akademieraadsbepaling nie meer op die Kommissie herkies word nie. Die nuwe Kommissie is aangewys vir die tydperk April 1989 tot April 1992. Grové is weer herkies tot lid van die Kommissie, ten spyte daarvan dat hy alreeds 70 jaar oud was. Hy was daarna nog lid van die Kommissie wat besluit het oor die 1991-, 1994 en 1997-Hertzogprys vir Drama.

- die spesifikasie in bepaling 2 dat een kommissielid aangewys word “vanweë sy besondere kennis van jeuglektuur en een vanweë die besondere bydrae wat hy kan lewer vir die beoordeling van vertaalde werk in Afrikaans” het verval;
- wanneer ’n lid ’n vergadering nie kon bywoon nie, was dit nie meer die Voorsitter wat moes besluit watter sekundus genooi word nie, maar, volgens die veranderde bepaling 4, moes daar vir elke lid ’n sekundus benoem word wat die primarius se plek inneem indien laasgenoemde nie ’n vergadering kon bywoon nie (slegs indien dié sekundus nie kon bywoon nie, kon die Letterkundige Kommissie se Voorsitter na goeddunke enige sekundus nooi);
- bepaling 9 het verval, naamlik dat die Voorsitter of Ondervoorsitter van die Fakulteitsraad en die persoon belas met die opstel van reglemente, ampshalwe vergaderinge van die Kommissie kon bywoon.

6.12.2.2 Prosedure

Die Letterkundige Kommissie het met 4 stemme teen 3 aanbeveel dat Elisabeth Eybers bekroon word vir *Onderdak*. Op versoek van die Kommissie (en na aanleiding van die Hertzogprys-simposiummosie) is die stemverdeling bekend gemaak: ten gunste van Eybers: Grové, Elize Botha, T.T. Cloete, F.V. Lategan; ten gunste van Breytenbach: P.G. du Plessis, W.E.G. Louw,⁷⁷⁴ C.A. van Rooy. Nie een lid van die minderheid wou hom van die bekroning aan Eybers distansieer nie, maar wou hê dat die publiek nie sonder meer moes aanvaar dat die aanbeveling eenparig was nie. (LKN 1971: 19 Maart.) Die Akademiesraad het die aanbeveling aanvaar. Prof. P.D. van der Walt was ongesteld en kon nie die vergadering bywoon nie.

In verskeie koerante, onder andere *Die Hoofstad* van 20 Mei 1971 (“Beseerde Elizabeth [sic] Eybers hoor van Hertzog-prys”) is berig dat die Akademievoorsitter, prof. G. Cronjé, beklemtoon het dat politiek geen rol gespeel het in die Akademie se oorwegings nie.

Onder andere prof. Lindenberg (*Die Volksblad*, 22 Mei 1971: “Skaam om lid van Akademie te wees”) en F.I.J. van Rensburg (*Rapport*, 23 Mei 1971: “Bly bang vir bohaai”) teken ernstige beswaar aan. Van Rensburg was nie meer Akademielid nie, maar Lindenberg wel. Die saak is met Lindenberg opgeneem en Cronjé het optrede teen Lindenberg gevra, anders sou sy standpunt oor “meningsverskille binne die Akademie” (*Nuusbrief*, Oktober 1970) niks werd wees nie. Die Raad het Cronjé gevra om tydens die jaarvergadering die Raad se afkeer aan Lindenberg oor te dra en hom te versoek om aan die Akademiesraad te kenne te gee dat hy jammer is oor die uitlatings. (ARA en ARN 1971: 30 Junie).

774 W.E.G. Louw het tydens die Maart 1971-vergadering van die Letterkundige Kommissie, toe Breytenbach wéér ’n bekroningskandidaat was, sy ongelukkigheid uitgespreek omdat dié digter nie in 1968 bekroon, en die invloed wat hy op die jonger geslag gehad het, toe reeds “vierkantig in die oë gekyk is nie” (LKN 1971: 19 Maart).

6.12.2.3 Voorstel dat die Fakulteitsraad weer seggenskap het

Die vroeëre hersiening van die Hertzogprystoekenningsprosedure het plaasgevind met die oog op vereenvoudiging en uitskakeling van lekkasies (FRN 1968: 9 Februarie). Laasgenoemde was een van die redes waarom die Fakulteitsraad uitgeskakel is in die toekenningsprosedure (kyk bladsy 453).

W. Kempen het in 1971 egter 'n mosie ingedien dat die Hertzogprys, soos tevore, ook deur die Fakulteitsraad behandel word. Die mosie is nie bespreek nie (FRN 1971: 22 April), maar aan die nuwe Fakulteitsraad voorgelê (FRN 1971: 30 Junie; FRA 1971: 17 September). W.E.G. Louw het versoek dat sy menings soos uitgespreek tydens die April-vergadering, voor die Fakulteitsraad gelê word (FRA 1971: 17 September):

- dat dit 'n anomalie is dat al die Akademie se letterkundepryse voor die Fakulteitsraad dien, behalwe die Hertzogprys;
- dat hy die voorstel van Kempen steun en meen dat die Fakulteitsraad uit die aard van sy samestelling beter oor die Hertzogprys kan oordeel as die lede van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnisk.⁷⁷⁵

Na 'n bespreking is daar eenparig by die Akademieraad aanbeveel:

- dat die aanbeveling(s) van die Letterkundige Kommissie in verband met die toekenning van die Hertzogprys voor die Fakulteitsraad dien voordat dit aan die Akademieraad voorgelê word;
- dat, indien die verslag nie eenparig is nie, die meerderheid en die minderheid die geleentheid moet kry om hul standpunt aan die Fakulteitsraad te stel. (FRN 1971: 17 September.)

Die Akademieraad het die aanbeveling terugverwys, en die Fakulteitsraad het in April 1972 besluit om die versoek te herhaal, onder andere omdat, volgens P.J. Nienaber, lekkasies “nie meer die probleem [was] wat dit voor 1968 was nie” (FRN 1972: 14 April).

Op 26 Mei 1972 het die Akademieraad besluit om weer aan die Fakulteitsraad seggenskap met betrekking tot die Hertzogprys te gee (ARN 1972: 26 Mei; kyk bylaag EE met dele in vetdruk). Die Fakulteitsraad het op 28 Junie 1972 by die Akademieraad aanbeveel dat bepaling 6 van die Hertzogprysreglement gewysig word om soos volg te lui:

Die Kommissie doen skriftelik verslag aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, wat op sy beurt die Kommissie se verslag aan die Akademieraad deurstuur met 'n aanbeveling. Die standpuntstelling deur die meerderheid en minderheid in die Kommissie (indien en wanneer daar 'n meerderheid en minderheid is) word ad hoc

775 Ook F.I.J. van Rensburg het in sy 30 Junie 1966-voorlegging tydens die huishoudelike algemene vergadering daarop gewys dat die Fakulteitsraad “tegnies nog beter toegerus is as die Akademieraad om literêre werke te beoordeel” (kyk paragraaf 19 op bladsy 425). Oberholster het in 1972 opgemerk dat 'n groot deel van die publiek daarvan bewus is “dat die helfte van die Akademieraad uit natuur-wetenskaplikes bestaan wat oor hierdie sake nie 'n suiwer oordeel kan uitspreek nie” (FRN 1972: 14 April).

aan die diskresie van die Akademie-voorsitter en Fakulteitsvoorsitter onderskeidelik gelaat. Indien moontlik moet die Kommissie sy verslag voor of op 31 Maart van die bekroningsjaar indien.

In 1973 is 'n ordereëling deur Hiemstra as Fakulteitsraadvoorsitter opgestel.⁹³ Hierin word die rol van die Fakulteitsraad uiteengesit (FRN 1973:12 April – bylae A). Dit toon ooreenkomste met die sienswyse wat Hiemstra in 1964 opgestel het vir leiding aan die Fakulteitsraad en waarin dié Raad beskryf word as 'n liggaam wat 'n besluit kon bekragtig of hersien, maar nie sy diskresie laat geld in die plek van die Keurkomitee s'n nie (kyk bladsy 370) – 'n omskrywing van magte wat opsy geskuif is in die 1965-konsepreglement (kyk bladsy 381) en die reglement (kyk bladsy 437). Interessant is die bewoording in bepaling 5:

Ekstra-literêre faktore soos bv. die feit dat 'n skrywer al tevore bekroon is mag in oorweging gebring word, wanneer daar binne die Letterkundige Kommissie en in die Raad sterk verskil bestaan oor watter werk die beste is. Die vraag of die skrywer se persoon of oortuiginge 'n rol mag speel, is so onafsienbaar dat geen algemene leidraad daaromtrent op hierdie stadium gegee word nie.

Dit is in die notule opgeneem as 'n gids by toekomstige besprekings deur die Fakulteitsraad (FRN 1973: 12 April).

Die notules van al die vergaderings daarna waartydens die Hertzogprys vir Drama bespreek is, gee geen blyke daarvan dat daar ooit weer onmin tussen die Kommissie, Fakulteitsraad en Akademieraad was oor die Hertzogprystoekening vir Drama nie (kyk bladsy 497).

6.12.2.4 Weer eens die algemene beginselverklaring

Tydens die Akademieraadsvergadering van 14 Mei 1971 het prof. G. Beukes voorgestel dat die Akademieraad 'n "algemene beginselverklaring oor die Hertzogprys uitreik". Hierdie Raad het besluit om die Beukes-voorstel (die weergawe soos oorgetik op 18 Mei 1971 – kyk bylaag Y op bladsy 662) asook die genotuleerde bespreking daarvan, na die nuwe Raad te verwys. Laasgenoemde bespreking is as bylaag B by die daaropvolgende raadsvergaderingagenda gevoeg (ARA 1971: 22 Oktober – ook bylae A en B). Weer eens was Hiemstra daarteen gekant dat daar amptelike status aan die algemene beginselverklaring gegee word. Beukes het opgemerk dat dit ook nie sy bedoeling is om daarmee 'n voorskrif aan toekomstige Rade en Kommissies te stel nie. Hy wou juis hê dat die Letterkundige Kommissie vry moes wees "om enige aanbeveling te maak", en dat dit die reg van die Raad sou wees "om op lewensbeskoulike gronde te sê":

[O]ns wil geen blaam werp op die letterkundige aspekte van 'n werk nie, maar op lewensbeskoulike gronde besluit ons om 'n aanbeveling nie te aanvaar nie.

Hy wou dit probeer uitskakel “dat die Raad op lewensbeskoulike gronde ’n besluit neem, en dan na buite moet voorgee sy besluit was op literêre oorwegings gegrond.” Vir Cronjé het die vraag daaroor gegaan of die “versweë reg” wat die Akademiesraad nog altyd gehad het om op “ander gronde” ’n aanbeveling af te wys, bekend gemaak moes word. Soos voorheen uit sy briewe geblyk het, was Cloete van mening dat die Raad moes besluit om uitdruklik te sê op grond waarvan hy ’n aanbeveling wysig indien hy dit wysig, en dat die Raad net op grond van beleid en beginselsake kon besluit – nie letterkundige gronde nie. Na die bespreking is op voorstel van Beukes besluit dat

... ná vrugbare bespreking waarin geblyk het dat die Raad weet dat die lewensbeskoulike in aanmerking geneem kan word by die finale beoordeling van die Hertzog-prys deur die Raad, daar kennis geneem word van die menings oor dié saak; en dat van prof. Beukes se voorstel afgestap word.

Sover uit notules vasgestel kon word, is die algemene beginselverklaring nooit weer hierna bespreek nie.

6.13 SAMEVATTING: 1962-1971

F.I.J. van Rensburg het in die *Rapport* van 23 Mei 1971 (“Bly bang vir bohaai”) opgemerk:

Die uitdruklike voorskrif van die Hertzogprys-skenkingsakte, dat literêre meriete en literêre meriete alleen die deurslag moet gee, is by dié maghebbers in die liggaam duidelik ’n dooie letter.

Solank die Akademie bereid is om met genl. Hertzog se uitdruklike bepaling rond te spring soos dit sy openbare beeld pas, sal hy daarmee genoeg moet neem dat sy bekroningslys deur onbevooroordeelde deskundiges as ’n ignoreerbare dokument beskou word, en dat ander pryse die Hertzogprys in status verbystek.

Na aanleiding van onderhoude wat die koerant met Cloete en Cronjé gevoer het, het F.I.J. van Rensburg volgens die *Transvaler* van 1 Junie 1971 (“Hertzogprys is bekook”) opgemerk dat dit “naïef [is] om die leek te verwys na notules van die SA Akademie as bewys daarvan dat politiek nie ’n rol speel in die toekenning van die Hertzogprys nie”:

Die eintlike beraadslagings vind in informele hoedanigheid plaas. Voormanne pols mekaar vooraf, oefen versigtig druk uit, tel koppe, ens. Teen die tyd dat die formele vergadering plaasvind, is al die kontensieuse dinge klaar gesê en heers daar eenstemmigheid oor wat op so ’n vergadering nie gesê moet word nie, of wat nie genotuleer moet word nie.

Dit is bekend dat sleutelfigure in die Akademie lank voor vanjaar se bekroning al die houding ingeneem het dat Breytenbach nie die Hertzog-prys gaan kry nie. Die geskiedenis van die prys sou so iets teenstaan.

Wat maak 'n keurkomitee in dergelike omstandighede? Dit het al meermale in die verlede gebeur dat lede in soortgelyke situasies vir hulself sê: Wat sal dit help om 'n ongewenste kandidaat aan te beveel – die Akademiesraad sal dit tog nie aanvaar nie. En so staan daar uiteindelik geen woord op skrif van al die faktore wat agter 'n bepaalde bekroning sit nie.

Die einde van die eerste staande Letterkundige Kommissie se termyn het volgens *Rapport* van 4 April 1971 (“Hartseer oor Hertzogprys”) gestaan in die teken “van groot kommer en hartseer by baie Akademielede oor die wyd gangbare opvatting dat die C.N.A.-prys nou die historiese Hertzogprys in prestige verbygestreef het”. Wat geldwaarde betref was dié prys (R1 500) die Hertzogprys (R400) los voor.

Die hersamestelling van die Kommissie vir 'n tweede termyn van drie jaar is met afwagting dopgehou. Daar was 'n Fakulteitsraadvoorstel dat geen lid van die Staat se Publikasieraad in die Kommissie mag dien nie, maar geen besluit is daarvoor geneem nie (FRN 1971: 22 April). Twee Publikasieraadslede wat wél in daardie stadium gedien het, was Cloete en Grové. Die Akademiesraad het onder andere besluit dat kollegas van dieselfde universiteit of inrigting sover wenslik nie in dieselfde Kommissie moes dien nie (FRA en FRN 1971: 22 April).

Die tweede staande Letterkundige Kommissie vir die tydperk 1 Julie 1971 tot 30 Junie 1974 wat aanbevelings sou maak in verband met die 1972-Hertzogprys vir Drama, het drie lede van die vorige Kommissie ingesluit, naamlik proff. W.E.G. Louw (Voorsitter – Stellenbosch), T.T. Cloete (Potchefstroom) en A.P. Grové (Pretoria), asook vier nuwe lede: prof. Rob Antonissen (Grahamstad), Ernst Lindenberg (Johannesburg), C.J.M. Nienaber (Pietermaritzburg) en mev. Audrey de Villiers (Blignault) (Kaapstad) (FRN 1971: 22 April; LK 1/14: 19 Mei 1971–persvrystelling; ARA 1971: 14 Mei).

Verskeie universiteite, werkgemeenskappe en provinsies is verteenwoordig in hierdie tweede staande Letterkundige Kommissie – 'n toedrag van sake wat gunstige kritiek ontlok het (alhoewel die byeenbring van die lede meer koste vir die Akademie sou inhou – kyk bladsy 369). Die feit dat Lindenberg, wat voorheen al in die pers kritiek uitgespreek het teen sekere besluite oor die Hertzogprys, opgeneem is in die Kommissie, het ook vertroue ingeboesem. Volgens die *Rapport* van 23 Mei 1971 (“Nou is die pad oop vir Breytenbach”) het die gevoel bestaan dat die nuwe Kommissie sy letterkundige kant sal bring, maar die vraag het gebly of dieselfde gesê kon word van die Akademiesraad wat die vetoreg besit oor die aanbevelings van sy Letterkundige Kommissie. Die “klimaat vir vrede” is deur die Akademie geskep deur sy openhartigheid omtrent die 1971-bekroning deurdat bekend gemaak is wie vir watter kandidaat gestem het.

Die Fakulteitsraad het besluit dat die Dagbestuur kommissielede en -sekundusse moes afpaar (waar moontlik lede van dieselfde instelling bymekaar) (FRN 1971: 22 April).⁷⁷⁶

'n Voorlopige Dagbestuur is benoem om die Kommissie se werk voort te sit en te beplan tot tyd en wyl die Kommissie sy eerste volle vergadering hou: proff. W.E.G. Louw (Voorsitter), A.P. Grové en T.T. Cloete met prof. C.J.M. Nienaber as sekundus (ARN 1971: 14 Mei; LKDBN 1971: 30 Junie; FRA 1971: 30 Junie)

Die onmin oor die Hertzogprys is in die Sestigjarige toegeskryf aan die toutrekkery oor wie die finale seggenskap oor die aanwys van bekronings moet hê: die Letterkundige Kommissie of die Akademiesraad. Sommige Akademieslede het die historiese agtergrond van die Hertzogprys beskou as 'n aanduiding dat die Afrikaanse volk se taal, aard, geestesgoedere en lewensooruiging 'n rol moet speel by die bekroning van tekste.⁹⁴ Vir 1963 en 1964 was die "simpatiekgesinde"-klousule geldig. Dit is aan die einde van 1966 vervang deur die algemene beginselverklaring. Die skraping van die "simpatiekgesinde"-bepaling was algemeen bekend; die bestaan van die algemene beginselverklaring nie. Die status van laasgenoemde dokument is deurentyd beredeneer: dit is nie amptelik as deel van die Hertzogprysreglement beskou nie, maar daar is "met waardering" daarvan kennis geneem; daar is verwag dat dit onder die Letterkundige Kommissie "se aandag gebring moes word" – dat hulle dit "in gedagte hou by oorweging van die Hertzogprys", alhoewel sommige Akademiesraadslede wou hê dat dit pertinent aan die Letterkundige Kommissie oorgedra moes word. Dit was die versweë grondslag waarop sekere Akademiesraadslede hulle besluite rondom Hertzogprystoekennings gebaseer het, en wat aanleiding gegee het tot spekulasie en onmin.

Hertzogprystoekenningsjare vir Drama in die sestigerjare

Wat die Hertzogprystoekennings vir Drama gedurende die sestigerjare betref,

- het die "simpatiekgesinde"-klousule gegeld vir 1963 toe geen toekenning gemaak is nie – ook nie aan Krige nie;
- is geen toekenning in 1966 gemaak nie want die Keurkommissie was nie bereid om aan te dring op die terugverwysing van die verslag nie, en was Krige vir die sameroeper, Erlank, letterkundig nie so belangrik dat hy gewillig was om ter wille van hom "die Akademie en die Afrikaanse volk in verleentheid te bring nie" (kyk bladsy 420), en
- is 'n enkelteks in 1969 welverdiend bekroon (*Voëlvrý*), maar met die Akademiesraad in die agtergrond wat die algemene beginselverklaring ondersteun het.

776 Ernst van Heerden het nie die benoeming as sekundus aanvaar nie (FRA aanvullend 1971: 30 Junie). Die Akademiesraad het besluit om die vakature nie te vul nie (LKA 1972: 10 Maart) – onmiddellik weer 'n negering van besluite.

In Mei 1974 is die Uitvoerende Komitee opdrag gegee om die Letterkundige Kommissie se reglement só te wysig dat, indien 'n primarius nie 'n vergadering kon bywoon nie, sy sekundus eerste genooi moes word; indien dié nie kon kom nie, kon die Voorsitter van die Kommissie na goeë dunde enige sekundus nooi (ARN 1974: 10 Mei).

Louw is in 1960 bekroon vir *Germanicus*; Opperman in 1969 vir *Voëlvry*. Die dramatoekenningslys reflekteer nie wat André P. Brink (1986:156) die “deurstoot van die Nuwe Drama in Afrikaans” noem nie. Dit kan moontlik ook toegeskryf word aan die feit “dat literatore in die geval van sekere tekste moeilik tot ’n redelik korrekte oordeel kom” (Smuts 2005:4):

Die geld veral sterk vernuwende en eksperimentele werk wat groter eise aan die evalueerder stel as tekste wat voortgaan om die bestaande te verfyn. Die waarde van sommige werke word trouens soms eers na jare ingesien.

Met verloop van tyd bly daar in die Hertzogprysbekroningslys by sekere jare net staan: geen bekroning nie. Met al die gebeure rondom ’n prystoekening al vergete of onbekend, skeep die lys ’n verkeerde beeld van dit wat werklik op die gebied van die Afrikaanse drama gebeur het. Veral die sestigerjare se ryk oes aan dramatekste en -oeuvres word nie in die toekenningslys weerspieël nie.

Nienaber, Hiemstra en Van Rensburg

Uitsprake en menings van persone wat as gesaghebbendes op hulle gebied beskou is, naamlik Nienaber (Hertzogpryskenner) en Hiemstra (regter), het ’n bepalende invloed gehad op die koers wat daar ingeslaan is ten opsigte van die Hertzogprystoekenningsprosedure gedurende die sestigerjare: aanvanklik ondersteuning van ’n prosedure wat die standpunt van F.I.J. van Rensburg (kyk bladsy 363) weerspieël het dat die Akademieraad die Keurkomitee aanwys, aan hulle die reg van ’n meerderheidsbeslissing gee en hulle aanbeveling bekragtig (kyk bladsy 367), het handomkeer verander na die voorstaan van volle besluitnemingsgesag aan die Akademieraad wat “na goeddunke” kon besluit, ongeag wat die Keurkomitee, Breë Komitee of Fakulteitsraad sê (kyk bladsy 382). Die opsie wat die Fakulteitsraad volgens die konsepreglement gehad het om sy eie diskresie te stel bo dié van die Keurkomitee (kyk bladsy 381), was in lynregte teësprak met Hiemstra se 1964-sienswyse oor die rol van die Fakulteitsraad as ’n liggaam wat ’n besluit bekragtig of hersien, maar nie sy diskresie laat geld in die plek van die Keurkomitee s’n nie (kyk bladsy 370). F.I.J. van Rensburg het onwrikbaar bly staan by sy standpunt – beginsels wat ooreenstem met die voorstelle wat tydens die simposium gemaak is.

7.1 OORSIG

Sedert die instelling van die rotasiestelsel (1928) tot voor 1972, was daar dertien geleenthede waartydens 'n Hertzogprys vir Drama toegeken is of kon word, en vanaf 1972 tot 2009 veertien.

Laasgenoemde veertien geleenthede word vervolgens oorsigtelik gedek. Die name van Akademielede wat op die Letterkundige Kommissie (later Letterkundekommissie) gedien het in die Dramatoekenningsjare, 'n aanduiding van wie die voorsitters en verkenner was en die datums van die Kommissie se vergaderings, asook die beoordelingsperiode en voorskrifte van toepassing op elke toekenningsjaar, verskyn in die volgende bylae:

- 1969-1981 (bylaag G op bladsy 615),
- 1984-1994 (bylaag H op bladsy 616) en
- 1997-2009 (bylaag I op bladsy 617).

Met betrekking tot die veertien geleenthede waartydens 'n Hertzogprys vir Drama toegeken kon word vanaf 1972 tot 2009, die volgende:

- Die Kommissie het deurgaans bestaan uit sewe lede, met die uitsondering van die 1994-Dramatoekenning, toe agt lede teenwoordig was,⁷⁷⁷ en die 1997-Dramatoekenning toe tien lede benoem is (LKN 1995: 19 April; FRN 1995: 20 April; LKN 1996: 17 April). Die besluit oor die Hertzogprys vir Drama in die jaar 2000 en daarna, is weer deur sewe lede geneem.
- Aanvanklik het kortlyste 'n aanduiding gegee watter dramas uitgesonder is vir verdere oorweging. Vanaf die 1985-Dramatoekenning is volledige verkennerverslae beskikbaar.
- Geen besprekings is genotuleer nie.
- Die Kommissie se notules gee meestal nie 'n aanduiding presies hoe die Kommissie gestem het nie; daar word slegs vir die 1972-, 1975-, 1981- en 2006-Dramatoekenning opgemerk dat die besluit eenparig was, en dat die besluit oor die 1978-Hertzogprys vir Drama met 'n meerderheid van stemme geneem is.
- Vanaf 1972 tot vanjaar (2009) is die Letterkundekommissie se aanbevelings in verband met die Hertzogprys vir Drama sonder uitsondering deur die Fakulteitsraad onderskryf en deur die Akademieraad bekragtig.

Vervolgens 'n skematiese voorstelling van die Hertzogprystoekenningsjare vanaf 1972 tot 2009:

⁷⁷⁷ Die Fakulteitsraad het besluit om die ledetal van die Letterkundige Kommissie tot nege uit te brei en het prof. H.P. van Coller as lid in een van die vakatures aangewys (LKN 1993: 22 April).

Jaar	Kortlys / Verkenner-verslag	Bekroonde	Presiese formulering van bekroning in notules van die Letterkundekommissie	Huldigingswoord gelewer deur:
1972	C.J.M. Nienaber ⁹⁵	P.G. du Plessis	“veral vir <i>Siener in die Suburbs</i> , maar ook met inagneming van <i>Die nag van Legio</i> ”	Nienaber-motivering ⁹⁶ omgeskakel na W.E.G. Louw-huldigingswoord ⁹⁷
1975	A.P. Grové ⁹⁸	–	–	–
1978	H. v.d.M. Scholtz ⁹⁹	Bartho Smit	“vir sy bydrae op die gebied van die drama met spesifieke verwysing na die volgende werk: <i>Die verminktes, Christine, Putsonderwater</i> en <i>Moeder Hanna</i> ”	H. v.d.M. Scholtz ¹⁰⁰
1981 ⁷⁷⁸	Elize Botha ¹⁰¹	Henriette Grové	“aan Henriette Grové vir <i>Ontmoeting by Dwaaldrif</i> en al haar ander dramatiese werk”	Elize Botha ¹⁰²
1984	H. v.d.M. Scholtz ¹⁰³	–	–	–
1985	Réna Pretorius ¹⁰⁴	Uys Krige	aanbeveel “dat die Hertzogprys vir drama aan Uys Krige toegeken moet word”	Réna Pretorius ¹⁰⁵
1988	M.G. Scholtz ¹⁰⁶	–	–	–
1991	M.G. Scholtz ¹⁰⁷	Chris Barnard	aanbeveel “dat die prys aan Chris Barnard vir sy totale oeuvre toegeken word”	Réna Pretorius ¹⁰⁸
1994	Johan Smuts ¹⁰⁹ Kyk ook Pretorius-verslag ¹¹⁰	Reza de Wet	aanbeveel “dat die prys aan Reza de Wet vir <i>Vrystaat-trilogie</i> (1991) en <i>Trits: Mis, Mirakel, Drif</i> (1993)” toegeken word	Johan Smuts ¹¹¹
1997	Ena Jansen ¹¹²	Reza de Wet	aanbeveel “dat die prys aan Reza de Wet vir <i>Drie susters twee</i> toegeken word”	Réna Pretorius ¹¹³
2000	J.P. Smuts ¹¹⁴	André P. Brink	aanbeveel “dat die Hertzogprys vanjaar aan André P. Brink toegeken word vir sy drama <i>Jogger</i> met inagneming van sy hele dramatiese oeuvre”	Johan Smuts ¹¹⁵
2003	J.P. Smuts ¹¹⁶	Pieter Fourie	aanbeveel “dat Pieter Fourie vanjaar bekroon word vir sy hele drama oeuvre”	Daniel Hugo ¹¹⁷
2006	J.P. Smuts ¹¹⁸	Deon Opperman	aanbeveel “dat die Hertzogprys vanjaar toegeken word aan Deon Opperman vir sy gepubliseerde drama-oeuvre in Afrikaans wat die volgende insluit: <i>Boesman, my seun; Magspel; Donkerland; Stille nag; Móre is ’n lang dag; Die teken</i> ”	Johan Smuts ¹¹⁹
2009	Heinrich Ohlhoff ¹²⁰	Deon Opperman	aanbeveel “dat die Hertzogprys vir Drama vanjaar aan Deon Opperman toegeken word vir <i>Kaburu</i> ”	Opgestel deur Heinrich Ohlhoff ¹²¹ voorgedra deur Heilna du Plooy

⁷⁷⁸ In September 1983 het die Fakulteitsraad die moontlikheid bespreek dat daar dalk in die vyf en sewentigste feesjaar van die Akademie (1984) geen drama sou wees wat bekroningswaardig is nie. Hulle het aanbeveel dat die Letterkundige Kommissie die vryheid moes kry om ’n Hertzogprys toe te ken vir prosa of poësie indien daar geen bekroningswaardige werke in die drama-afdeling is nie. So ’n toekenning sou nie die normale rotasie tussen genres beïnvloed nie. (FRN 1983: 2 September.) Dit is deur die Akademieraad goedgekeur (ARN 1983: 7 Oktober).

7.3 VYF DRAMATURGE

Die volgende vyf dramaturge wat reeds vóór 1972 gedebuteer het, was eers daarna ontvangers van ’n Hertzogprys vir Drama – telkens vir hulle hele drama-oeuvre. In die geval van André P. Brink het hy die toekenning gekry vir *Die jogger*, maar daar is bygevoeg dat die toekenning geskied “met inagneming van sy hele dramatiese oeuvre” (LKN 2000: 12 April):

Dramaturg	Jaar van drama-debuut Titel van debuut	Jaar van toekenning vir drama-oeuvre
Uys Krige	1938 (<i>Magdalena Retief</i>)	1985
Henriette Grové	1958 (<i>Die goeie jaar</i>)	1981 <i>Ontmoeting by Dwaaldrif</i> en al haar ander dramatiese werk
Bartho Smit	1959 (<i>Moeder Hanna</i>)	1978 Vir sy bydrae op die gebied van die drama met spesifieke verwysing na <i>Die Verminktes</i> , <i>Christine</i> , <i>Puts onderwater</i> en <i>Moeder Hanna</i> .
André P. Brink	1959 (<i>Die band om ons harte</i>)	2000 Vir <i>Die jogger</i> , met inagneming van sy hele dramatiese oeuvre
Chris Barnard	1964 (<i>Pa maak vir my ’n vlieër Pa</i>)	1991

Die ander twee toekennings wat vanaf 1972 tot 2009 vir ’n drama-oeuvre gemaak is, het gegaan aan Pieter Fourie (2003), en Deon Opperman (2006).

Die volgende enkeltekste is bekroon gedurende die tydperk 1972 tot 2009:

- 1972 *Siener in die suburbs* en *Die nag van Legio* (P.G. du Plessis)
- 1994 *Vrystaat-trilogie* en *Trits: Mis, Mirakel, Drif* (Reza de Wet)⁷⁷⁹
- 1997 *Drie susters twee* (Reza de Wet)
- 2000 *Die jogger* (met inagneming van sy hele dramatiese oeuvre) (André P. Brink)
- 2009 *Kaburu* (Deon Opperman).

In 1975, 1984 en 1988 is geen Hertzogprys vir Drama toegeken nie – versuime wat gelei het tot ’n bottelneksituasie.

Vervolgens ’n skematiese voorstelling van die geleentheid waartydens die Hertzogprys vir Drama toegeken kon word en watter werk(e) bekroon is (indien ’n toekenning wel gemaak is). Daarnaas verskyn die dramtitels van die vyf dramaturge wat reeds voor 1972 gedebuteer het, maar daarna eers die Hertzogprys vir Drama ontvang het. Slegs die jare wat betrekking het op hierdie vyf skrywers se werk, word betrek, naamlik vanaf 1941, toe Uys Krige ’n kandidaat vir die prys was, tot en met die jaar 2000 toe André P. Brink bekroon is. Net die dramas wat verskyn het tot en met elke dramaturg se drama-oeuvrebekroning, word aangetoon.

⁷⁷⁹ Laasgenoemde publikasie was nie teen die einde van 1993 in die handel verkrygbaar nie en het weer, wat dramatoekenningsjare betref, probleme geskep soos in 1938 (kyk bladsy 174), 1948 (kyk bladsy 243), 1952 (kyk bladsy 260) en 1969 (kyk bladsy 471).

JAAR	HERTZOGPRYSWENNER	BARTHO SMIT	HENRIETTE GROVÉ	UYS KRIGE	CHRIS BARNARD	ANDRÉ P. BRINK
1941	Geen toekenning nie			<i>Magdalena Retief</i> (1938) <i>Eenbedrywe</i> (1940): ▶ <i>Die wit muur</i> ▶ <i>Die skaapwagters van Betlehem</i> ▶ <i>Die arrestasie</i>		
1944	<i>Die heks</i> (1923) en <i>Die laaste aand</i> (1939) C.L. Leipoldt					
1948	Geen toekenning nie					
1952	Gerhard Beukes vir: ▶ <i>Langs die steiltes</i> ▶ <i>Salome dans</i> ▶ <i>As ons twee eers getroud is</i> en <i>ag</i> <i>eenbedrywe</i> W.A. de Klerk vir ▶ <i>Die jaar van die vuur-os</i> ▶ <i>Drie vroue</i> ▶ <i>Drie dramas</i> en ▶ <i>Vlamme oor La Roche</i>			<i>Alle paaie gaan na Rome</i> (1949): ▶ <i>Fuente Sagrada</i> ▶ <i>Die grootkanonne</i> ▶ <i>Alle paaie gaan na Rome</i> <i>Die sluipskutter</i> (1951): ▶ <i>Die sluipskutter</i> ▶ <i>Die ongeskrewe stuk</i> ▶ <i>Die gees van die water</i> <i>Die twee lampe</i> (1951)		
1956	<i>Periandros van Korinthe</i> (1954) D.J. Opperman			<i>Die ryk weduwee</i> (1953)		
1960	<i>Germanicus</i> (1956) N.P. van Wyk Louw	<i>Moeder Hanna</i> (1959)	<i>Die goeie jaar</i> (1958) <i>Die glasdeur</i> (1959)	<i>Die goue kring</i> (1956)		<i>Die band om ons harte</i> (1959)
1963	Geen toekenning nie	<i>Don Juan onder die boere</i> (1960) <i>Die verminktes</i> (1960) <i>Putsonderwater</i> (1962)	<i>Halte 49 en twee monoloë</i> (1962): ▶ <i>Halte 49</i> ▶ <i>Die ou vrou en die dood</i> ▶ <i>Vrou en spieël</i>			<i>Caesar</i> (1961)



JAAR	HERTZOGPRYSWENNER	BARTHO SMIT	HENRIETTE GROVÉ	UYS KRIGE	CHRIS BARNARD	ANDRÉ P. BRINK
1966	Geen toekenning nie		<i>Die onwillige weduwee of Sybrandus Saliger</i> (1965)		<i>Pa maak vir my 'n vlieër Pa</i> (1964)	<i>Bagasie: triptiek vir die toneel</i> (1965): <ul style="list-style-type: none"> ▶ <i>Die koffër</i> ▶ <i>Die trommel</i> ▶ <i>Die tas</i> <i>Elders mooiweer en warm</i> (1965)
1969	<i>Voëlvry</i> (1968) D.J. Opperman	<i>Die man met die lyk om sy nek</i> (1967)		<i>Muur van die dood</i> (1968)		
1972	<i>Siener in die suburbs</i> (1971) en <i>Die nag van Legio</i> (1969) P.G. du Plessis	<i>Christine</i> (1971)			<i>'n Stasie in die niet</i> (1970) <i>Die rebellie van Lafras Verwey</i> (1971)	<i>Die verhoor</i> (1970) <i>Die rebelle: betoogstuk in nege episodes</i> (1970) <i>Kinkel innie kabel: 'n verhoor in elf episodes</i> (1971) ('n vrye verwerking van Shakespeare se <i>Comedy of errors</i>)
1975	Geen toekenning nie	<i>Bacchus in die Boland</i> (1974)				<i>Afrikaners is plesierig: 'n feestelike deurmekaarspel</i> (1973) <i>Die bobaas van die boendoe</i> (1973) (vrye vertaling en verwerking J.M. Synge se <i>The playboy of the western world</i>) <i>Pavane</i> (1974)
1978	Bartho Smit se drama-oeuvre	<i>Die keiser</i> (1977)	<i>Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het</i> (1975)	<i>Die loodswaaiers</i> (1977)	<i>Iemand om voor nag te sê</i> (1975) <i>Op die pad na Acapulco</i> (1975) <i>'n Man met vakansie</i> (1977) <i>Taraboemdery</i> (1977)	<i>Die hamer van die hekse</i> (1976)

JAAR	HERTZOGPRYSWENNER	BARTHO SMIT	HENRIETTE GROVÉ	UYS KRIGE	CHRIS BARNARD	ANDRÉ P. BRINK
1981	Henriette Grové <i>Ontmoeting by Dwaaldrif</i> en al haar ander dramatiese werk		<i>Ontmoeting by Dwaaldrif</i> (1980)			
1984	Geen dramatoekenning nie				<i>Piet my vrou en Nagspel</i> (twee televisiedramas) (1982)	
1985	Uys Krige se drama-oeuvre			<i>Die lewe is alleen draaglik as 'n mens 'n bietjie dronk is</i> (1984)		
1988	Geen toekenning nie					
1991	Chris Barnard se drama-oeuvre					
1994	<i>Vrystaat-trilogie</i> en <i>Trits: Mis, Mirakel, Drif</i> (1991) Reza de Wet					
1997	<i>Drie susters twee</i> (1996) Reza de Wet					
2000	<i>Die jogger</i> (1997) André P. Brink					<i>Die jogger</i>

Vervolgens onder andere enkele opmerkings oor sekere van die Dramatoekenningsjare wat betrekking het op die vyf genoemde dramaturge wat vóór 1972 gedebuteer het (die kortlyste, verkennersverslae, huldigingswoorde, vergelykende tabelle soos aangedui in die skematiese uiteensettings op bladsy 498-502, asook bylae FF tot LL, verskaf meer uitgebreide inligting en bronaanduidings):

Volgens die verkenner vir die 1975-Hertzogprys vir Drama, asook die koerante (byvoorbeeld *Rapport*, 6 April 1975), was Bartho Smit en André P. Brink daardie jaar die sterkste aanspraakmakers. Geen prys is egter toegeken nie en groot ongelukkigheid het daarvoor ontstaan.

'n Latere wenner van die Dramaprys het vir die 1978-Dramatoekenning die eerste keer in aanmerking gekom, naamlik Pieter Fourie met *Faan se trein* (1975), *Faan se stasie* (1976), *Die joiner* (1976) en *Tsjaka* (1976). In die verkennersverslag sou daar oorgegaan word tot die beoordeling van 'n drama-oeuvre indien geen enkelteks van Smit, Grové of Barnard bekroningswaardig was nie. As moontlike kandidate vir 'n drama-oeuvretoekenning is Chris Barnard, Uys Krige en Bartho Smit genoem.

Presies dieselfde Letterkundige Kommissie⁷⁸⁰ wat besluit het om geen toekenning in 1975 te maak nie, het met 'n meerderheid van stemme aanbeveel dat Bartho Smit die 1978-Hertzogprys vir Drama ontvang vir sy bydrae op die gebied van die drama, met spesifieke verwysing na *Die verminktes* (1960), *Christine* (1971), *Putsonderwater* (1962) en *Moeder Hanna* (1959) – vier dramas wat al gepubliseer is vóór die 1972-Dramatoekenningsjaar.

Moeder Hanna is in die 1960-Hertzogprysverslag as verdienstelik en van besondere belofte beskou, met spesiale vermelding van die “strakke karaktertekening” daarin (kyk bladsy 317). In verband met *Die verminktes* en *Putsonderwater* het Ernst van Heerden in 1963 opgemerk dat dit “in elk geval nie van Hertzogprys-gehalte [is] nie” (kyk bladsy 348). Ook F.C.L. Bosman en Elize Botha het *Putsonderwater* nie toe beskou as bekroningswaardig nie (kyk bladsy 350 en 352). Die jaar daarna het P.J. Nienaber sy misnoeë uitgespreek met die “sedelike strekking” daarvan (kyk bladsy 353). Die meningsverandering oor hierdie werk kan verduidelik word aan die hand van J.P. Smuts se opmerking oor die moderne benadering van literatuur wat “ontken dat 'n werk 'n vaste waarde het” en dat 'n mens “voorsiening daarvoor [moet] maak dat oordele met verloop van tyd kan verander op grond van 'n verskeidenheid van faktore” (1/24: 18 Augustus 1992 – Smuts aan Hoofsekretaris):⁷⁸¹

780 Al verskil was dat prof. H. van der Merwe Scholtz die voorsitterskap oorgeneem het by prof. T.T. Cloete, en dat Scholtz in 1978 die verkenner was, en nie Grové nie..

781 Vanaf Januarie 1975 was dr. D.J.C. Geldenhuys die Akademiesekretaris (kyk persvrystelling van Dinsdag 1 Oktober 1974). Hy het mnr. D.J. van Niekerk, wat op 31 Augustus 1974 uit diens van die Akademie getree het, as Hoofsekretaris opgevolg.

Een van dié faktore is die kumulatiewe werking van menings wat met verloop van tyd 'n soort konsensusoordeel help vorm.

Vir die 1972-Dramatoekenningsjaar was *Christine* een van die werke wat in die voorlopige keuring uitgesonder is (kyk bladsy 554).

Die keiser was die enigste teks wat gepubliseer is ná die 1975-Dramatoekenningsjaar. Daar is nie spesifiek na hierdie drama verwys in die formulering van die toekenning aan Smit nie. Derhalwe kan afgelei word dat dit nie hierdie teks was wat die skaal in die guns van 'n bekroning aan Smit laat swaai het nie. Smit kón die 1975-Dramatoekenning ontvang het. Deur hierdie versuim is ánder skrywers weer uitgesluit van die 1978-prys. So sou Chris Barnard in 1978 die Hertzogprys vir Drama kon kry – dertien jaar vroeër as in 1991 toe hy dit wél ontvang het (kyk bladsy 505). Al sy belangrikste dramas het reeds voor 1978 verskyn. Ná hierdie Dramatoekenningsjaar, en voordat Barnard in 1991 eers die Hertzogprys ontvang het, is net *Piet-my-vrou* en *Nagspel*, twee televisiedramas, in 1982 gepubliseer.

Henriette Grové, wat in 1966 die Eugène Maraisprys ontvang vir al haar dramatiese werk tot in daardie stadium (kyk bladsy 406), was die ontvanger van die 1981-Dramapryse vir *Ontmoeting by Dwaaldrif* en al haar ander dramatiese werk. Slegs *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het* (1975) en *Ontmoeting by Dwaaldrif* (1980) is daarna gepubliseer. Eersgenoemde teks sou nie kon kers vashou by Bartho Smit se drama-oeuvre wat in 1978 bekroon is nie. In vergelyking met Uys Krige en André Brink wat onderskeidelik in 1985 en 2000 die Hertzogprys vir Drama gekry het, is Grové in 1981 relatief “vroeg” bekroon vir haar drama-oeuvre. Adam Small en André P. Brink is genoem as skrywers wat die toekenning vir hulle drama-oeuvre kon ontvang indien geen enkelteks bekroningswaardig was nie. 'n Dramaturg wat al sterker begin aanspraak maak het op die Hertzogprys, was Pieter Fourie. Hy het eers in 2003 die Hertzogprys ontvang vir sy hele drama-oeuvre, alhoewel 'n verslag beskikbaar is waarin Réna Pretorius in 1994 al die meriete van so 'n bekroning aan Fourie uiteensit (kyk eindnota 110 op bladsy 562).

Gedurende 1984 het die Akademie sy vyf en sewentigste bestaansjaar gevier en is besluit dat daar ook vir die literêre kategorieë prosa en poësie Hertzogpryse uitgelooft kon word (kyk voetnota 778 op bladsy 498). Alle dramas wat in die jare 1981, 1982 en 1983 verskyn het, is in aanmerking geneem vir die 1984-Dramapryse. Die verkenner was van mening dat geen drama in aanmerking kom vir die Hertzogprys nie – veral nie gemeet aan die prosa- en poësietekste nie.

Twee volwaardige Hertzogpryse is aanbeveel: 'n Hertzogprys vir Prosa aan Henriette Grové vir *Die Kêrel van die Pêrel*, en 'n Hertzogprys vir Poësie aan Breytenbach vir (*Yk*) (hy het die prys van die hand gewys). Geen Dramatoekenning is gemaak nie. Dit is onbekend of 'n toekenning vir 'n drama-oeuvre ooit ter sprake gekom het. Op grond van bepaling 3 sou onder andere Adam

Small en Chris Barnard aanspraakmakers gewees het. Aangesien Uys Krige die volgende jaar bekroon is vir sy drama-oeuvre, kan daar aangeneem word dat, gesien in die lig daarvan dat prosa- en poësie-**enkeltekste** bekroon is, slegs drama-enkeltekste oorweeg is.

Veral Barnard, Small en Krige was aanspraakmakers op die 1985-Dramaprys. Krige het die prys ontvang – die jaar waarin hy vyf-en-sewentig jaar oud geword het. In *Die Vaderland* van 7 September 1987 (“Uys Krige en die Hertzogprys”) merk F.I.J. van Rensburg op:

Uiteindelik, byna twintig jaar na die harwar van 1966, in 1985, is die Hertzogprys vir drama toe tog aan Krige toegeken, maar opnuut in vreemde omstandighede, omdat daar ook toe, nes in die geval van die poësie, sterker aanspraakmakers op die prys was. Daar is algemeen besef dat dit ’n late skulderkenning van die Akademie was, die inlos van ’n ou skuld...

In 1988 het die Letterkundige Kommissie weer eens aanbeveel dat geen prys toegeken word nie en dit het heelwat kritiek ontlok. Twee nuwelinge op die toneel wat later die Hertzogprys vir Drama ontvang het, was Deon Opperman (*Môre is ’n lang dag* en *Die teken* – 1986) en Reza de Wet (*Diepe grond* – 1986). Enkeltekste van onder andere Pieter Fourie (*Ek, Anna van Wyk* – 1986) en P.G. du Plessis (*Vereeniging, vereniging* – 1985) het in aanmerking gekom. Barnard, Fourie en Small se drama-oeuvres was ook bekroningsmoontlikhede – ook vir die 1991-Dramaprys. Barnard is as wenner aangewys. Interessant dat *Pa maak vir my ’n vlieër Pa* (1964) en *Kanna hy kô hystoe* in 1966 tydens die bespreking van die Eugène Maraisprys beskou is as “middelmatig, en dus nie op peil vir die toekenning nie” (FRA 1966: 22 April).

André P. Brink is in die jaar 2000 bekroon vir *Die jogger*, met inagneming van sy hele dramatiese oeuvre, wat uiteraard die drie publikasies vóór die 1972-toekenningsjaar insluit, naamlik *Die band om ons harte* (1959), *Caesar* (1961 – bekroon met die 1963-Eugène Maraisprys), *Bagasie* en *Elders mooiweer en warm* (albei 1965). Met laasgenoemde tekste het Brink met elemente van die allegorie en Teater van die Absurde, vernuwing gebring.

Die Akademie is al dikwels gekritiseer omdat Adam Small nie bekroon is nie. Sy beste drama, *Kanna hy kô hystoe*, het in 1965 verskyn en het vir die 1966-Hertzogprys in aanmerking gekom – die jaar van waarskynlik die grootste onmin in die geskiedenis van Hertzogprystoekennings vir Drama. Nadat Uys Krige in daardie stadium al etlike kere oor die hoof gesien is vir ’n Dramaprys, kon nie eers hý dit verower het nie, ten spyte daarvan dat Kommissielede aanvanklik selfs in die pers sy saak verdedig het. Die 1966-Hertzogprystoekenningsjaar was die beste geleentheid wat Small gehad het om bekroon te word, want sy twee latere tekste kon nie *Kanna hy kô hystoe* oortref nie. Die verskyning van *Joanie Galant-hulle* in 1978 het die geleentheid geskep vir ’n drama-oeuvrebekroning in 1981 (want as enkelteks was dit nie mededingend nie). *Die krismis*

van *Map Jacobs* wat in 1983 gepubliseer is, het Small se drama-oeuvre uitgebrei vir moontlike bekroning in 1984 (indien oeuvres ooit bespreek is – kyk bladsy 504) en in 1985 – al die kere op grond van bepaling 3. In 1985 is Krige bekroon – die regstelling van ’n ou onreg, maar ten koste van byvoorbeeld Small. Vanaf die 1988-Dramatoekenningsjaar het dit al hoe moeiliker geraak om Small te kon bekroon: hy het nie verdere dramas die lig laat sien nie en die bepaling het gestipuleer dat enkeltekste prioriteit geniet bo die drama-oeuvre van ’n skrywer wat in die voorgeskrewe termyn gepubliseer het, en laasgenoemde moontlikheid was weer verkieslik bo die drama-oeuvre van ’n skrywer wat nié in die voorafgaande drie kalenderjare gepubliseer het nie. Vanaf die 2000-Dramatoekenningsjaar het laasgenoemde opsie verval. Tog is Small voorheen telkemale as kandidaat genoem. Hy het in 1978 die uitnodiging om assessorlid van die Akademie te word, van die hand gewys. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het besluit om tydens sy eeufeesjaar vanjaar (2009) ’n eeufeesmedalje aan Adam Small toe te ken. Hy het dit aanvaar.

7.5 BEKRONINGSVOORSKRIFTE

7.5.1 AGTERGROND

Die vyf dramaturge wat vóór 1972 gedebuteer, en daarna eers die Hertzogprys vir Drama ontvang het, se drama-oeuvrebekronings was onderhewig aan die bekroningsvoorskrifte wat gegeld het ten tye van beoordeling (kyk bylae FF tot II, asook bylaag LL). Juis die feit dat almal nie altyd op hoogte was van die geldende voorskrifte nie, het soms gelei tot verwarring.⁷⁸²

Vanaf die instelling van ’n staande Letterkundige Kommissie was daar vir die Kommissie ’n reglement wat van toepassing was op alle pryse wat deur hierdie Kommissie beoordeel is, én ’n Hertzogpryshandleiding met bekroningsvoorskrifte daarin vervat. Laasgenoemde is later saamgevoeg in wat bekend staan as die reglement vir die Hertzogprys.

In 1991 was die Hertzogprys vir Drama aan die beurt. Aangesien die Letterkundige Kommissie nie volgens bepaling 3.1 en 3.2 ’n bekroning kon maak nie, is besluit om Chris Barnard te bekroon op grond van bepaling 3.3 (kyk bylaag HH op bladsy 678). Hierdie agtergrondgeskiedenis verskyn in 1998 as deel van die reglemente wat toe voorgelê is vir finalisering (LK 1/28: 15

782 Abraham de Vries het byvoorbeeld in *Kalender*, bylaag tot *Beeld* van 6 Mei 1991 opgemerk:

Boonop was dit nog tot onlangs toe ’n vereiste by die bekroning van ’n oeuvre dat die ontvanger in die voorafgaande drie jaar wel moes gepubliseer het. Is dit verander? Wanneer? Want Barnard het nie.

Hy was nie bewus van bepaling 3.3 nie (kyk bylaag HH op bladsy 678 en bylaag LL op bladsy 683).

Oktober 1998 – brief en bylae van Hoofsekretaris aan Letterkundekommissielede en Fakulteitraadslede):

Die Kommissie het opnuut besef dat dit toenemend problematies raak om 'n dramatoekenning te maak, en die gevoel was ook dat dit 'n ongesonde situasie is om terug te gaan na die verlede en daar na 'n dramaturg te soek wat bekroon kan word.

Die Letterkundige Kommissie het die tekortkominge in die bekroningsvoorskrifte bespreek en besluit om dit weer te bestudeer (LKN 1991: 18 April).

7.5.2 DRIE VOORSTELLE

7.5.2.1 Siklusversnelling

J.P. Smuts het in 'n dokument getiteld “Wysiging van Hertzogprysreglement: kommentaar en voorstelle” 'n versnelling van die rotasiesiklus voorgestel (LK 1/24: 28 Mei 1991). Wanneer daar nie 'n bekroningswaardige werk aan die orde kom nie, moes daar oorgegaan kon word na die volgende literêre kategorie om te kyk of daar nie 'n kandidaat vir die prys is nie:

Gestel in 'n dramavorkeurjaar word besluit geen dramaprys kan toegeken word nie en as tweede keuse word daar dan 'n prosaprys toegeken, kom die prosa nie die jaar daarna weer aan die beurt binne die drieledige siklus nie, maar word daar aanbeweeg na die poësie, met die drama as tweede opsie.

Die voorgestelde reëling sou meebring dat daar elke jaar twee verkenner aangewys moes word vir die twee literêre kategorieë wat onder bespreking sou of kon kom. Die verkenner vir die voorkeurkategorie sou dan betyds moes rapporteer sodat die tweede verkenner en die ander lede van die Kommissie ook 'n geleentheid kon hê om hulle vir die vergadering voor te berei.

7.5.2.2 Aanwys van 'n naaswenner en oordrag van werke

Smuts het ook die moontlikheid genoem dat 'n naaswenner aangewys moes word:

Die situasie kan ontstaan dat daar in die betrokke periode in 'n bepaalde genre etlike uitmuntende werke verskyn wat elkeen 'n Hertzogprys waardig is. ... Dit mag gebeur dat die volgende periode van dié genre 'n relatief “arm” tydperk is, en 'n Hertzogprys toegeken word aan 'n werk wat swakker is as een of meer van die werke wat tydens die vorige periode nie 'n prys gekry het nie. *Rapport* het indertyd die beleid gevolg dat daar 'n naaswenner aangewys word wat dan die volgende jaar weer in oorweging kan kom

vir die toekenning van die prys.⁷⁸³ Waar dit vir die Akademie in die eerste plek gaan om die erkenning van gehalte, en fynere chronologiese onderskeidings m.i. nie 'n deurslaggewende faktor moet wees nie, kan so 'n soepeler reëling die LK in staat stel om werklik die belangrikste skrywers en boeke te bekroon. Die naam van so 'n naaswenner hoef nie na buite bekend gemaak te word nie.

7.5.2.3 Uitbreiding van die dramakategorie

Réna Pretorius het in haar kommentaar die moontlikheid genoem dat “die dramatiese kunsvorm – 'n hibridiese vorm wat sowel 'n lees- as kykteks behels”,⁷⁸⁴ vir die doel van bekroning ruimer vertolk moet word “om ook die onmiddellike verhoogaanbieding, die TV-spel, die teaterfilm en radiohoorspel in te sluit en dus nie net op die literêre teks, die teks in gepubliseerde boekvorm, te fokus nie” (LK 1/24: 19 Augustus 1992).⁷⁸⁵

7.5.3 IMPLEMENTERING EN SKRAPPING VAN SEKERE VOORSKRIFTE

Na korrespondensie en besprekings oor 'n lang tydperk, asook ondersoek, is die voorstelle oor die versnelling- en oordrag van werke op 23 April 1992 aanvaar, maar nié die uitbreiding van die dramakategorie nie (LKN 1992: 23 April; LKN 1993: 22 April; LKN 1994: 20 April). Verskeie faktore het daartoe gelei dat die besluite nie dadelik in die Hertzogpryshandleiding gereflekteer is nie. Die handleiding wat aan lede van die Letterkundekommissie⁷⁸⁶ verskaf is **vir die 1994- en 1997-Dramaprys**, was nog dieselfde as vir **die 1991-Dramatoekenning** (kyk bylaag HH op bladsy 678).

783 Ook die Louis Luyt-prys het daardie reëling gehad. Dit is vanaf 1978 tot 1984 toegeken vir die beste Afrikaanse werk in enige literêre kategorie wat in die betrokke jaar gepubliseer is. Ná 1984 is geen verdere toekennings gemaak nie en die prys is in 1986 gestaak.

784 Die eiesoortige situasie waarmee Kommissielede gekonfronteer word in die beoordeling van 'n dramateks wat ook verhooggerig is, het deur die jare telkens opgeduik. Voorbeelde daarvan is die volgende:

- In die 1932-Dramaprys se minderheidsverslag merk P.C. Schoonees op dat dit “eintlik onbillik [is] om 'n oordeel uit te spreek oor toneelstukke waarvan 'n mens die opvoering nie self gesien het nie. 'n Stuk, wat as 'leesdrama' weinig indruk maak, kan 'n groot sukses op die planke wees en omgekeerd.” (Kyk bladsy 136.)
- In Bosman se verslag oor die 1952-Hertzogprys vir Drama (kyk bladsy 260) (en die polemieks daaroor) is klem gelê op die suksesvolle opvoerbaarheid van dramas.
- Tydens die bespreking van die 1969-Dramatoekenning asook Grové se bekroningsmotivering aan die Akademiesraad, het die toneelmatigheid van *Voëlvrý* ter sprake gekom (kyk bladsy 468 en 473).

785 Louis Eksteen het in sy “Boekekommentaar” in *Rapport* van 4 April 1971 gewys op die neiging om dramas as leesstukke te beoordeel, en dit bepleit dat die “genre-indeling in die enger literatuur 'n slag behoorlik deurbreek moet word” en dat “die opvoering in ag geneem [moet] word, al word die stuk eers veel later gepubliseer”.

786 Die Letterkundige Kommissie staan sedert die jaar 1992-1993 bekend as die Letterkundekommissie.

Die voorstel oor die uitbreiding van die dramakategorie het weer in 1996 en 1997 ter sprake gekom (LKN 1996: 17 April; LKN 1997: 16 April), maar is nie in die bekroningsvoorskrifte geïnkorporeer nie. Gedurende 1998 en 1999 is die reglemente van die Letterkundekommissie weer deeglik hersien en die besluite oor versnelling en oordrag van werke het neerslag gevind in die bekroningsvoorskrifte **soos van toepassing op die Dramaprys vir die jaar 2000** (kyk bylaag II op bladsy 680). Op voorstel van prof. H.P. van Coller is die versnellingsbepaling en die moontlikheid om 'n werk oor te dra, egter in April 2001 geskrap (LKN 2001: 10 April) en dit is gereflekteer in die bekroningsvoorskrifte wat geldig was vir die **2003-Hertzogprys vir Drama** (kyk bylaag JJ op bladsy 681).

Na aanleiding van 'n besluit geneem op 31 Maart 2005, is die bekroningsvoorskrifte verander na die weergawe wat van toepassing was op die 2006- en 2009-Hertzogprys vir Drama.

Veranderinge aan bepaling 3 en 4 (later 2, 3 en 4; nog later 2 en 3), die spil waarom besprekings gedraai het, verskyn opsommenderwys in bylaag LL op bladsy 683.

Met die hersiening van die reglemente aan die einde van die negentigerjare het die volgende bepaling verval:

'n Postume bekroning, ook vir ouer werk soos in paragraaf 3 bedoel, is geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling.

7.6 DIE GELDWAARDE VAN DIE HERTZOGPRYS VERHOOG

Rapport het besluit om sy letterkundeprys te staak en het vanaf 1995 ruim steun aan die Akademie gegee deur 'n borgskap vir die Hertzogprys. Die prysgeld is daardie jaar verhoog van R2 000 na R17 000. Tans ontvang die wenner R22 000, waarvan R20 000 deur *Rapport* geborg word, en R2 000 afkomstig is uit die Hertzog-taalfonds.

Uit hierdie navorsing blyk dit dat bekroningsvoorskrifte 'n geskiedenis het en dat daar altyd goed besin moet word voordat daaraan verander word, of nuwe bepalings bygevoeg word.

Die voorskrifte wat geldig was ten tye van die verskillende besprekingsgeleenthede oor die Hertzogprys, het 'n belangrike rol gespeel in die toekenning van 'n dramaprys of nie. Veral die volgende bepalings was van deurslaggewende belang:

- die voorskrif dat al drie literêre kategorieë gelyktydig mee moes ding;
- die aanvanklike eis dat werke ingestuur moes word vir beoordeling;
- die reël dat die onverdeelde prys nie meer as een keer aan dieselfde skrywer in 'n literêre kategorie toegeken kon word nie;
- die bepaling dat die onverdeelde prys slegs meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word mits 'n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar was;
- die voorskrif dat die Hertzogprys slegs toegeken kon word aan Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek gestaan het teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk;
- die algemene beginselverklaring – die nie-amptelike beginsel waarvan kennis geneem is.

Die bestaan van die “simpatiekgesinde”-bepaling en die algemene beginselverklaring het daartoe gelei dat die Akademie se ideologiese neutraliteit in twyfel getrek kon word. Intussen het die situasie in so 'n mate verander dat sommige persone wat in die verlede skerp kritiek teen die prys uitgespreek het, later die prys aanvaar het.

Van Rensburg het in sy 1964-pleidooi tydens die jaarvergadering opgemerk:

Keurkomiteelede, nes Akademierraadslede, bly mense. Hulle sal foute maak, en het in die verlede foute gemaak (ook foute wat Akademierrade nie reggemaak het nie). Maar: waarom moet ons die moontlikheid om te fouteer, verdubbel, waar ons dit kon halveer?

Deur die jare is voortdurend geskaaf aan die Hertzogprysbeoordelingsprosedure ten einde die beste beslissings te kan neem, en dit word nog steeds gedoen. Die klem moet altyd op die wêrk bly – dit is wat die skenkingsakte bepaal.

Besprekings word nie meer genotuleer nie. Vir navorsers sal dit van waarde wees indien daar ten minste aangedui kan word of die beslissing oor 'n werk eenparig of met 'n meerderheid van stemme geneem is. Die deeglike verkennerverslae is van groot waarde. As publiek hoop ons op die volgende keurkommissielede, soos Erlank dit uitgedruk het:

Die mense wat hul persoonlike, politieke, godsdienstige ens. antipatie kan afstroop, soos 'n rinkhalslang sy vel, en voor 'n letterkundige situasie suiwer letterkundig kan oordeel.

Die volgende twee sake met betrekking tot die bekroningsvoorskrifte moet aandag kry:

- Die modus operandi wat gevolg moet word wanneer 'n teks wat die jaartal dra van die laaste van die drie jare voor moontlike bekroning, nié tydens die bekroningsjaar al op die winkelrakke beskikbaar is nie
- Postume bekronings: Vanaf 1968 was 'n postume bekroning moontlik indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling. 'n Enkelteks kon dus bekroon word, maar ook 'n drama-oeuvre, al het die skrywer nie in die betrokke drie kalenderjare gepubliseer nie. Vir die 1975-Dramaprys is publikasies van 1972 tot 1974 in berekening gebring. N.P. van Wyk Louw kon egter nié met *Die pluimsaad waai ver* (1972) in aanmerking kom vir dié Hertzogprys nie aangesien hy oorlede is op 18 Junie 1970. (Kyk endnota 98 op bladsy 556.) Die bepaling oor 'n postume bekroning het verval met die hersiening van die reglemente aan die einde van die negentigerjare. Al sou hierdie bepaling nog geld, hoewel nie skriftelik opgeneem in die bekroningsvoorskrifte nie, sou dit myns insiens raadsaam wees om, getrou aan die skenkingsakte, die moontlikheid daar te stel om 'n enkelteks van 'n gestorwene te kan bekroon indien dit die beste werk van die voorafgaande drie jaar is – sónder om te bepaal dat dit slegs kan gebeur indien die skrywer oorlede is in die voorafgaande drie kalenderjare. So 'n reëling sal voorkom dat 'n uitstekende drama, soos *Die pluimsaad waai ver*, 'n bekroning verbeur. Dit plaas ook die klem op die skrywer, in plaas van die werk.

Ter afsluiting: As dankwoord by sy ontvangs van die 1980-Poësieprys vir *Komas uit 'n bamboesstok* op 25 Julie 1980, het D.J. Opperman die Hertzogprys, en van die sake daaromheen, soos volg **in 'n neutedop** saamgevat (D.J. Opperman-versameling: 118.T.28):

'n Mens kyk nie 'n gegewe perd, veral Pegasus, in die bek nie, maar ek het wel besluit om dit te doen en iets te sê oor ons Suid-Afrikaanse Akademiese kolperd, nl. die Hertzogprys.

In die pers het ek dit reeds 'n jaloerse perd genoem. Graag verduidelik ek dit nader. Langenhoven het al die kolperd se kort neushaartjies gepluk omdat een van sy werke bloot “eervolle vermelding”geniet het. Hy het dit beskou as “'n smaad”. Hy noem die Akademie “onbevoegde prysregters”, verder praat hy van “'n kunsgesag bestaande uit skrifgeleerdes wat nie kan skryf nie, selfbenoem met die doel om liksense aan skrywers uit te reik”. Natuurlik moes hy ná hierdie woorde die prys weier toe dit wel aan hom, maar saam met Jochem van Bruggen en Sangiro toegeken is. Hy die grote Langenhoven die prys deel! Stel jou soiets voor!

Toe W.E.G. Louw die prys met Totius en Leipoldt moes deel, het hy nié geweier nie; maar wel N.P. van Wyk Louw toe dit aan hom saam met I.D. du Plessis toegeken is. Amper met dieselfde woorde as Langenhoven skryf hy: “Die Akademie was weer magteloos om te besluit oor die sake waarin hy hom juis die reg van 'n beslissing

toeëien". Later toe die Hertzogprys aan hom alleen toegeken is, het hy dit telkens aanvaar.

Eintlik was Langenhoven en Van Wyk Louw albei op die Hertzogprys "plein"-weg jaloers!

Ek is nie van plan om die polemieke oor die Hertzogprys in herinnering te roep nie... Die kern van die moeilikheid was telkens: dat die aanbeveling van kenners geveto kan word deur 'n Raad waarin die meerderheid op dié bepaalde gebied bloot leke is. Die kenners het jaloers hulle reg as letterkundiges verdedig – die Raad van leke was weer jaloers op sy reg. Dit het aanleiding gegee tot die volgende uitsprake: "Die Hertzogprys word 'n klug", "die weë van die literatore bly onnaspeurlik", "die Akademie is 'n politieke agterryer van Keeromstraat en toon 'n volkome gebrek aan literêre onderskeidingsvermoë". Kortom: die Akademie sou literêr ontoerekenbares wees. Dit laat my lag en dink aan die stoute seuns van Tokai. 'n Vriendin van ons, 'n onderwyseres, het hierdie stouterds op 'n keer 'n toneelstuk van Shakespeare laat opvoer en die spel van die seuns het by die publiek groot byval gevind. Gedurende die pouse sê een van die seuns vir die onderwyseres: "We're not doing too badly for a bunch of criminals, are we?" Ten spyte van die beledigings dink ek die Akademie kan terugkyk en sê dat hy nie sleg gevaar het nie: hy was meestal binne die kol.

In elk geval daar word so heftig oor die Hertzogprys gevoel omdat dit so 'n groot aansien geniet en omdat dit by ons die langste tradisie van 'n strewe na ernstige oordeelvelling is.

Om met my perdebeeld af te sluit, haal ek toepaslik president Reitz⁷⁸⁷ aan:

"'n Flukse merrie was ou Kol
Al was haar rug 'n bietjie hol."

Vir die spoke en die groot gevare kon die Akademie altyd sê:

"Toe, Kol, die duiwel sny jou spoor!
Hier lég die drif – hiert! – sy's daaroor."

En oor al die kritieke en polemieke:

"Gedenk aan Klaas Geswind syn perd,
En vraag jouself: waar is haar stert?"

Menere, dié Hertzogprys word jaloers toegeken en jaloers ontvang. Ek dank u van harte vir die groot voorreg.

787 Francis William (F.W.) Reitz (1834-1943), President van die Republiek van die Oranje-Vrystaat, was die eerste erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

- 1 Sekere **besluite** geneem tydens die Akademie se jaarvergaderings, gee 'n oorsigtelike beeld van die *Kommissie voor Taal en Letteren* se werksaamhede:
 - Die Kommissie het opdrag ontvang om namens die Akademie bekend te maak dat 'n Liederbundel benodig word en te vra of iemand bereid was om die werk te doen (ZAATLK 1912:7). Later het die Akademie aanbeveel dat die Kommissie ses persone vra om as samestellers op te tree en geld is vir dié doel beskikbaar gestel (ZAATLK 1913b:16-17). Ook individue het geld ingesamel (ZAATLK 1914:17-18). Nog later is 'n subkommissie benoem wat die opstel van die Liederbundel moes waarneem (ZAATLK 1915:16), asook 'n kommissie wat moes oorgaan tot die publikasie van die versamelde materiaal (ZAATLK 1920:17).
 - In samewerking met die Reklamekommissie moes die *Kommissie voor Taal en Letteren* uitvoering gee aan die uitgawe van 'n Volksleesboek (ZAATLK 1912:7). Die Reklamekommissie het met verloop van tyd die saak gehanteer (ZAATLK 1913b:16).
 - Aan die *Kommissie voor Taal en Letteren* is opdrag gegee om steun te verleen aan die uitgawe en verspreiding van 'n "vrageboek (ter bevordering van die studie van Zuid-Afrikaanse Volkskunde)" (ZAATLK 1912:7).
 - Aandag moes gewy word aan die vertaling van vreemde woorde en indien nodig moes van tyd tot tyd woordelyste gepubliseer word met die ekwivalente wat in Suid-Afrika gebruiklik was (ZAATLK 1913a:7). In 'n stadium moes die Kommissie 'n lys van Engelse woorde met die Hollandse ekwivalent daarvan, voorsien vir verspreiding onder Akademielede ten einde menings in te win met die oog op publikasie van die lys (ZAATLK 1914:17 en 35). 'n Spesiale kommissie is later benoem om woordelyste en spelreëls te behartig (ZAATLK 1915:15).
 - Die *Kommissie voor Taal en Letteren* moes toesien dat in verbinding getree word met persone wat geskik en gewillig sou wees om lesings te hou indien hulle versoek word, sodat die Kommissie as inligtingsbron kon dien vir navrae (ZAATLK 1913a:7). Aanvanklike skakeling met buitelandse akademies was nie suksesvol nie (ZAATLK 1913b:43).
 - Insake 'n stel skoolboeke oor Suid-Afrikaanse geskiedenis moes die Kommissie advies en opinies inwin (ZAATLK 1913b:16). Met verloop van tyd is besluit om eers 'n geskiedenisboek vir huisdoeleindes te laat opstel en 'n spesiale kommissie, bestaande uit vakmanne, is daarvoor benoem (ZAATLK 1915:16).

Heelwat van hierdie aanvanklike kommissieopdragte is mettertyd oorgedra na ander kommissies.

- 2 Langenhoven se werk is aanvanklik voor die Christelike Jongeliede- en Debatsverenigings opgevoer en Langenhoven self het in 1913 'n produksie van *Die Hoop van Suid-Afrika* op Oudtshoorn behartig – 'n stuk spesiaal geskryf vir dié dorp se Dingaansdagvieringe op 16 Desember 1913 (Binge 1969: 57-59; Kannemeyer 1984:97; Fletcher 1994:138).

In die twintigerjare het die toneelaktiwiteite aanmerklik toegeneem, veral in Stellenbosch, waar 'n studentevereniging Langenhoven se *Die Hoop van Suid-Afrika* en *Die Vrou van Suid-Afrika* opgevoer het (Kannemeyer 1984:97).

In *Die Huisgenoot* van Januarie 1923, word berig oor toneelopvoerings in Oos-Afrika:

Die toneel het nog altyd 'n baie vername rol in die aankweking van nasionale bewussyn en selfrespek gespeel; en dit is interessant om te sien hoedat selfs op die verste grense van die Afrikanerdom, in die Kenia-Kolonie, van die toneel gebruik gemaak word om die Afrikaners daar in hulle eie taal en kultuur te laat belangstel.

Melding word gemaak van 'n opvoering, naamlik *Die vrou van Suid-Afrika* deur Langenhoven, wat op Dingaansfees 1921 plaasgevind het "in die vers afgeleë gemeente van die Nederduits-Gereformeerde Kerk" in Kenia. Voor dit, in 1919, is *Magrita Prinslo* daar opgevoer, en in 1920 *Die hoop van Suid-Afrika*.

- 3 Die Hertzogprys is ingestel vir bekroning van "de schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse Taal" (Reitz 1914:3). Die vraag ontstaan of verwerkings, vertalings en verafrikaansings van dramas in aanmerking kom.

Dramaverwerkings

Nie alle dramas is oorspronklik as dramas geskryf nie. Daarvan kan die volgende voorbeelde getuig:

- 1) Sommige dramaturge verwerk hulle eie dramas en publiseer dit dan later onder 'n ander titel:
 - C.J. Langenhoven gee byvoorbeeld in 1909 *Die Water-Zaak* uit, werk dit in 1912 om tot die komedie *Die wêreld die draai* en publiseer dit in 1925 as *Die laaste van die takhare*;
 - Gerhard Beukes laat in 1959 *Judas van Keriot* die lig sien, en verwerk en publiseer dit in 1976 as *Man van Keriot*.
- 2) Party skrywers verwerk hulle eie prosatekste tot dramas, byvoorbeeld:
 - Jacob Lub se *Eenvoudige mense* (1918) is 'n bewerking van sy 1908-prosawerk met dieselfde titel;
 - D.F. Malherbe verwerk sy roman *Oupa en sy kleindogters* (1923) tot 'n drama wat in 1925

- gepubliseer word as *Die mense van Groenkloof*; die 1933-drama *Die seeman* is 'n verwerking van Malherbe se roman *Hans-die-Skipper* (1929); die roman *Die meulenaar* verskyn in 1943 as die drama *Die meul dreun*, en in 1959 word die drama *Boeta van Skeurfontein* gepubliseer – 'n omwerking van die Malherbe-roman *Die skeur van Vaalspruit* (1952);
- Jochem van Bruggen maak 'n toneelverwerking van sy *Ampie*-trilogie se eerste twee dele, naamlik *Die natuurkind* (1924) en *Die meisiekind* (1928), en dit verskyn in 1930 as *Ampie*; die 1934-drama *In die maalstroom* is 'n verwerking van die skrywer se roman *Die burgemeester van Slaplaagte* (1922);
 - D.P. du Toit het sy roman *Haar broer se skuld* of *Die roosknoppie* (1929/1930) omgewerk tot *Die roosknoppie: 'n toneelspel in vier bedrywe* (1934); Du Toit se roman *Haar ma se skuld* (1926) verskyn in 1935 as 'n drama met dieselfde titel;
 - *Die huwelik van Pop le Roux* (1935) deur Jan van Melle, is 'n uitbreiding van “Pop’s huwelik”, 'n verhaal uit Van Melle se versameling Nederlandse prosa-tekste getiteld *Zuid-Afrikaanse schetsen* (1921). Die drama het weer gedien as boustof vir die eerste deel van 'n vervolgv verhaal wat Van Melle in 1941 in *Die Huisgenoot* gepubliseer het, en wat daarna as 'n novelle onder die titel “Pop” in *Paaie wat wegraak* (1941) opgeneem is. Nog twee verdere reekse het gevolg en die drie reekse saam is as roman in Nederlands (*Een lente verspeeld*) en Engels gepubliseer. Eers in 1961 het die Afrikaanse uitgawe onder die titel *Verspeelde lente* gevolg. Die eerste deel van die driedelige roman (die eerste ses hoofstukke) is die verwerking van die drama in verhaalvorm (Kannemeyer 1984:326, 330-331). Die verhaal “Wraak”, ook deur Van Melle, kom voor in sy bundel *Begeestering* (1943) en is 'n verafrikaansing van die gelyknamige verhaal in *Zuid-Afrikaanse schetsen*. Die 1937-drama *Wraak* is 'n verwerking van die verhaal;
 - M.C. Botha se verhaal “Die einde van 'n kluisenaar se lewe” in die 1982-bundel met dieselfde naam, word verwerk en in 1983 gepubliseer as die drama *Skaak*;
 - Elsa Joubert en Sandra Kotzé werk Joubert se roman *Die swerffare van Poppie Nongena* (1978) om tot *Poppie – die drama* (1984);
 - Hennie Aucamp se verhaal “Wolf, wolf, hoe laat is dit” is omgewerk tot 'n gelyknamige drama wat gepubliseer is in *Teks en tegniek* (Du Toit 1989:76-92).
- 3) 'n Dramaturg maak partykeer 'n vrye verwerking van 'n drama in 'n ander taal deur 'n ander dramaturg:
- *Die ongeskrewe stuk: 'n impromptu* (1951) deur Uys Krige is 'n vrye verwerking van Pirandello se *Ses karakters op soek na 'n outeur* (1921);
 - in 1971 verskyn André P. Brink se *Kinkels innie kabel: 'n verhoogstuk in elf episodes* – 'n vrye verwerking van Shakespeare se *Comedy of errors* (ongeveer 1592/1593);
 - Brink maak ook van *The playboy of the western world* (1907) deur J.M. Synge 'n vrye vertaling en verwerking getiteld *Die bobaas van die boendoe* (1973).
- 4) Soms verwerk 'n dramaturg 'n ander Afrikaanse skrywer se roman of novelle tot 'n drama:
- Leon Maré se *Mooi Annie: toneelspel in vier bedrywe vir ses dames en tien here en 'n babetjie* (1929) is geskryf na aanleiding van 'n historiese verhaal (1896) deur D'Arbez (J.F. van Oordt);
 - Olivier Burgers publiseer in 1930 *Sannie*, 'n toneelverwerking van E.N. Marais se roman *Die wegraak van Sannie* (1922);
 - novelles deur Mikro word deur B. de Kock omgewerk tot *Bruidjie Dit en bruidjie Dot* of *Soetwater* (1967);
 - *Mattewis en Meraai* (1971) is 'n toneelverwerking deur P.G. du Plessis van Mikro se *Gonnakolk-en Soetwater*-novelles (1952-1962);
 - André P. Brink se *Toiings op die langpad* (1979) is 'n verhoogverwerking van Mikro se *Toiings*-trilogie, naamlik *Toiings* (1934), *Pelgrims* (1935) en *Vreemdelinge* (1944).

Dramas wat ressorteer onder groep 1 sal slegs as eerste weergawe in aanmerking kom. Geen dramas wat by kategorieë 2, 3 of 4 hoort, word in berekening gebring as moontlike weners van die Hertzogprys nie:

- dramas wat eers 'n roman was (groep 2), sal nie in aanmerking kom nie omdat die roman self vroeër bekroon kon gewees het;
- aangesien net oorspronklike tekste bekroon kan word, sal werke in groep 3 buite rekening gelaat word, al is die kwessie of dit moontlik beoordeel kan word, debatteerbaar;
- omdat 'n dramaturg wat 'n ander Afrikaanse skrywer se roman of novelle tot 'n drama verwerk (groep 4) nie die skrywer van die oorspronklike werk is nie, kan dit nie vir die Hertzogprys in aanmerking kom nie.

Dramavertalings

Vertalings van dramas kan uiteraard nie vir die Hertzogprys vir die beste letterkundige werk van belletristiese aard in Afrikaans (Reitz 1914:3) toegeken word nie, aangesien 'n vertaling nie die alleenskepping van die vertaler is nie. In 1948 kon die Keurkomitee van die Hertzogprys vir Drama niks bekroonbaars in die Afrikaanse drama vind nie, maar daar was 'n verdienstelike vertaalde drama en daaruit het die Akademieprys vir Vertaalde Werk ontstaan (kyk bladsy 245-250). Dit word ook deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken – vir die beste vertaling van 'n letterkundige werk uit enige ander taal in Afrikaans – alternatiewelik vir prosa, poësie en drama, net soos vir die Hertzogprys. By die beoordeling van die vertaling word gelet op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie letterkunde geniet en op die juistheid en algemene

geslaagdheid van die vertaling.

Ook vir hierdie prys het soortgelyke bepalings gegeld as wat vanaf 1960 van toepassing was op die Hertzogprys, onder andere dat die prys meer as een keer aan dieselfde skrywer vir dieselfde afdeling toegeken kon word indien die werk 'n "stygende lyn openbaar", maar hierdie voorvereiste het, soos vir die Hertzogprys, verval in 1969 (ARN 1969: 9 Mei). (Kyk bladsy 473.)

Die Akademieprys vir Vertaalde Werk is vir die eerste keer in 1948 toegeken, en wel aan J.P.J. van Rensburg vir sy vertaling van *Die vroue van Troje* (1944) deur Euripides (kyk bladsy 249).

Verafrikaansing van dramas

In die oorspronklike skenkingsakte (Reitz 1914:3) word bepaal dat die Hertzogprys toegeken mag word "aan die skrywer of skryfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse taal". In die verslag oor die heel eerste Hertzogprystoekenning (1915/1916) word opgemerk dat 'n sekere werk buite beskouing gelaat is "omdat dit in suiwer Nederlands in plaas van Afrikaans gestel was". J. van Melle se roman *Dorpslewe* word in die verslag beskou as 'n "(e)ienaardige verskijsel in ons Afrikaanse letterkunde" omdat dit in Afrikaans geskryf is "met Nederlands- en Zeeuws-sprekende karakters". Daar word opgemerk dat die werk vir publikasie geskik sou wees indien enkele veranderinge aangebring word. (ZAATLK 1917:32.)

By die dramas van vroeër jare is dit moeilik om te bepaal wat "Afrikaans" is (soos die skenkingsakte bepaal), en watter dramas nog Nederlandse invloed toon. By verskeie van M.J. (Melt) Brink se dramas, byvoorbeeld, is die dramas in Hollands gepubliseer, maar later verafrikaans. Brink is beskou as 'n skrywer van toneelstukke in "de Hollandse of Afrikaans-Hollandse taal" (J.V.: 1905). F.C.L. Bosman merk in *Drama en toneel in Suid-Afrika – Deel 11: 1856-1912* (1980:458) op dat Brink, die "grondlegger van die Afrikaanse toneel", tussen 1904 en 1921 twintig toneelstukke en tien samesprake gepubliseer het, "haas almal in Kaaps-Hollands, wat prakties beteken in Afrikaans".

Aangesien dit bykans onmoontlik is om die taalvorm as slegs Hollands of Afrikaans te omskryf, sal alle werk van Brink wat 'n eerste uitgawe gehad het vanaf 1915 (die eerste Hertzogprystoekenning was in 1916 vir 1915-werk), beskou word as werke wat in aanmerking kon kom vir die prys. Brink-werke wat vóór 1915 vir die eerste keer verskyn het, maar wat later verafrikaans is, sal buite rekening gelaat word. Daaronder tel byvoorbeeld die volgende eerste uitgawes deur HAUM v/h Jacques Dusseau & Co. en/of J.H. de Bussy, met daaronder die titel van 'n latere verafrikaanse uitgawe:

<i>Berouw komt meestal te laat: toneelspel in drie bedrijven</i>	Eerste druk 1905
<i>Berouw kom meestal te laat: toneelspel in drie bedrijwe</i>	Derde druk 1920
<i>De Echtscheiding: Blijspel in een bedrijf</i>	Eerste druk 1905
<i>Die Egtskeiding: Blijspel in een bedrijf:</i>	Tweede druk 1915
<i>Die egtskeiding: blijspel in een bedrijf</i>	Derde druk 1920
<i>Groot-vader zijn pijp: blijspel in twee bedrijven</i>	Eerste druk 1905
<i>Grootvader se pijp: blijspel in twee bedrijwe</i>	Derde druk 1918
<i>De weddenschap: blijspel in een bedrijf</i>	Eerste druk 1905
<i>Die weddenskap: blijspel in een bedrijf</i>	Tweede druk 1915
<i>Gestrafte nieuwsgierigheid: blijspel in twee bedrijven</i>	Eerste druk 1907
<i>Gestrafte nuwsgierigheid: blijspel in twee bedrijwe</i>	Derde druk 1920
<i>De haat verstomt waar liefde komt: blijspel in twee bedrijven</i>	Eerste druk 1907
<i>Die haat verstom, waar liefde kom: blijspel in twee bedrijwe</i>	Derde druk 1920
<i>O, die muizen! of Het stemrecht voor vrouwen</i>	Eerste druk 1908
<i>O, die muise! of Die stemreg vir vroue</i>	Derde druk 1915

Dramas soos dié wat aanvanklik in Nederlands geskryf, maar later in Afrikaans verwerk is, sal deurgaans weggelaat word in die lysie van werke wat binne 'n bepaalde periode verskyn het.

Die Akademiesraad het op 27 November 1926 amptelik besluit dat geen tweede of verdere drukke in aanmerking sou kom vir die Hertzogprys nie (kyk bladsy 113).

- 4 Onduidelikheid bestaan of die Akademie wou hê dat elke werk van 'n **spreuk, motto, gesegde** en/of 'n **skuilnaam** voorsien moes wees.

Die kennisgewing oor die beskikbaarheid van die Hertzogprys wat verskyn het in *Die Huisgenoot* van Augustus 1919 (Malherbe 1919:97) bepaal:

De ingezonden stukke moet voorzien zijn van ’n **spreek**, die herhaald wordt op ’n bijgaand gesloten briefje, dat de naam bevat van de skrywer.

(Ek benadruk deurgaans.)

Een van die drie besware wat G.R. von Wielligh in *Die Huisgenoot* van Februarie 1920 inbring teen sekere Hertzogprysinskrywingbepalings (1920:318), is egter

... dat die skrywer in die insending hom van ’n **skuilnaam** moet bedien.

Dieselfde onduidelikheid blyk uit een van die deelnemingsvoorwaardes vir werke wat in 1922 ingestuur is (KOR 7/1 – kyk bladsy 84):

Die ingestuurde stukke mag nie onderteken wees nie. Die naam van die skrywer moet saamgestuur word in ’n geslote koevert wat ook ’n verklaring van die insender bevat dat die stuk is eie oorspronklike werk van die insender.

Die koeverte word eers oopgemaak nadat beslis is of, en so ja, aan watter stuk die prys toegeken sal word. Ter identifikasie moet sowel as die koevert, vooraan buite op, as op die stuk, bo aan op die eerste bladsy, voorsien wees van ’n **spreek**.

In antwoord op ’n skrywe van mej. Hettie Cillie waarin inligting gevra word oor die 1925/1926-Hertzogprys-inskrywings, meld die Akademiesekretaris dat outeurs boeke wat verskyn het, kan instuur vir beoordeling, voorsien van ’n **motto** met die naam en adres in ’n geslote koevert (KOR 13/2: 12 April 1926).

- Aanvanklik was sommige inskrywings inderdaad voorsien van ’n **spreek**:
 - ▶ Prof. A. Francken, een van die drie lede wat die beoordeling van die 1919-Hertzogprysinskrywings gedoen het, maak op 20 Desember 1920 in ’n brief aan W.M.R. Malherbe melding van een van die inskrywings getiteld *Minnetrou*, met as **spreek**: “waar ’n rokie trek daar brand ’n vuurtjie” (KOR 6/4).
 - ▶ Dirk Mosterd van Grey Kollege Skool in Bloemfontein stuur in Desember 1922 sy inskrywing, getiteld *Sketse en verhale*, met as **spreek** “Die Lewe is ’n Stryd” (KOR 7/3). As naskrif noem hy dat die stuk gelewer is onder die **skuilnaam** “Pandoergif” om identifikasie te vermy.
- Ook **skuilname** is gebruik:
 - ▶ Vir die 1924/1925-bekroning het drie prosawerke in aanmerking gekom, naamlik *Ampie* deur Jochem van Bruggen, *Uit oerwoud en vlakke* deur Sangiro en *Onder bevoorregte mense* deur Marie Linde. Sangiro is die **skuilnaam** vir A.A. Pienaar van Stellenbosch, en Marie Linde is die **skuilnaam** van mej. Elize Bosman van Kaapstad.
 - ▶ Gedurende die daaropvolgende bekroningsjaar – 1925/1926 – was daar ook ’n inskrywing getiteld *Jannie*, geskryf onder die **skuilnaam** Oom Sarel.

5 Volgens argiefdokumente het die Akademie die volgende vyf werke ontvang en is die skrywers daarvan almal op 17 Januarie 1924 skriftelik in kennis gestel van die uitslae (KOR 9/2):

- Dirk Mosterd van Bloemfontein stuur in Desember 1922 sy inskrywing, getiteld *Sketse en verhale*, met as spreuk “Die Lewe is ’n Stryd” om onder die skuilnaam “Pandoergif” beoordeel te word (KOR 7/3). Hy wil in ’n brief gedateer 15 September 1923 (KOR 8/5) weet wanneer die uitslae vermag kon word.
- A.C. Botha van Parys (“Ambot”) ding mee met *Die planter* en/of *’n Dag uit die lewe van oom Frans Burger* (KOR 7/3: Desember 1922).
- A.J. van der Walt van Potchefstroom skryf ’n “Kristelike Roman” in (KOR 7/3: 22 Desember 1922). Uit die Akademiesekretaris se kennisgewingsbrief aan Van der Walt in verband met die uitslae (KOR 9/2: 17 Januarie 1924), blyk dit dat die roman se titel *Eedele* [sic] *Aristokrasie* was.
- Helena van der Walt van Potchefstroom stuur *Terug plaas toe* in vir beoordeling (KOR 7/3: 16 Desember 1922). Volgens ’n brief van die Akademiesekretaris aan prof. J. Kamp (KOR 8/5: 11 Augustus 1923), en die keurkommissie se verslag in die Augustus 1923-*Bulletin* (ZAATLK 1923e:6), is die titel *Terug naar de plaas*. In antwoord op die 17 Januarie 1924-brief wat sy ontvang (KOR 9/2), stuur sy op 5 Februarie 1924 ’n bedankingsbrief aan die Akademie (KOR 9/3).
- *Die B.A. dogter van die hoefsmid (en vyf ander sketse uit die lewe)* is ingestuur deur mej. Maria J. Vorster van Maclear, Griekwaland-Oos. Sy doen op 26 Julie 1923 navraag in verband met die uitslae van die prys wat so lank neem om bekend te raak, en wil ook weet wat van die inskrywings geword het (KOR 8/5).

6 ’n Hewige polemieks het ontstaan oor die “eervolle vermelding” toegesê aan Langenhoven se werk. Raadpleeg in hierdie verband hoofstuk IV in *Die Hertzogprys vyftig jaar* betreffende kritiek en polemieks rondom Hertzogprystoekennings (1965a:53 en 111-116), en Kannemeyer se *Langenhoven – ’n lewe* (Nienaber 1995:598-603).

Langenhoven was nie gediend met die “eervolle vermelding” van *Mof en sy mense* nie en val die Akademie aan in sy rubriek “Aan stille waters” in *Die Burger* van 4 Januarie 1927. **Interessant dat hy, wat die**

voorstel gemaak het dat alle letterkundige werke outomaties in aanmerking kom vir die Hertzogprys (kyk bladsy 80), in hierdie berig opmerk:

Ek het nie my werk aan hulle ingestuur om mee te ding nie, hierdie nie, en geen ander nie, nou nie en nog nooit nie. As ek, uit eie beweging, oordeel soek, dan soek ek nie die oordeel van my minderes nie.

Langenhoven het dit gehad teen die woord “meeding”: “*Mofen sy mense* het ... nie ‘meegeding’ om die prys nie, maar slegs ‘in aanmerking gekom’. ‘*Ding* die hele wêreld *mee* vir Nobelpryse?” vra hy op 9 Januarie 1927 in ’n brief aan Sarah Goldblatt (Kannemeyer 1995:600).

Langenhoven het op 15 April 1925 al bedank as lid van die Akademie (KOR 11/3).

- 7 Hier word verwys na ’n prysvraag uitgeskryf deur die *Maatschappij voor Goede en Goedkoope Lectuur* in Amsterdam, Nederland, met as onderwerp “Welk voordeel is er voor de ontwikkeling van ’t Afrikaans te trekken uit de beoefening van de hedendaagse werken op taal-, letterkundig en wetenschappelijk gebied, in Nederland verschijnend?”. Die Akademierraad het die beoordeling daarvan opgedra aan die Letterkundige Kommissie (Malherbe 1926:102; sien ook die advertensie vir die prysvraag in *Die Huisgenoot* van 4 Junie 1926).

Preller toon in ’n 1927-brief begrip vir Pienaar se wens om nie meer as beoordelaar vir die Hertzogprys op te tree nie (KOR 13/6: 13 Februarie 1927), maar spreek die hoop uit dat Pienaar sal aanbly om die werke vir die prysvraag te beoordeel. Op 11 Mei 1927 rig Preller ’n beleefde versoek aan Pienaar om die rapport oor hierdie prysvraag te stuur. Pienaar antwoord op 15 Mei dat dit via Besselaar wel onderweg is na Preller of D.F. Malherbe toe, maar dat hulle geen prys kon toeken nie (KOR 13/6: 11 en 15 Mei 1927).

- 8 Die “letterkundige produkte” (Reitz 1914:3) wat aanvanklik ingestuur is, kon in manuskripvorm wees. ’n Manuskrip kon getik of met die hand geskryf wees, maar watter formaat aanvanklik aanvaarbaar was, het gewissel. Een van die bepalings vir die 1919-werk was dat ingestuurde werk getik moes wees (kyk bladsy 67). ’n Beswaar hierteen, geopper in 1920, was dat die skrywer dan verantwoordelik gehou kon word vir foute wat nie deur hom begaan is nie (kyk bladsy 68). Hierdie beswaar is ter harte geneem toe daar vir deelneming aan die 1922/1923-Hertzogfondspryswedstryd bepaal is dat ingestuurde werk in duidelik leesbare handskrif, getik of gedruk moes wees (kyk bladsy 84). In Mei 1923, asook in Maart en Mei 1924, bepaal die Akademiesekretaris, Preller, in *Bulletin* dat slegs gedrukte boeke in aanmerking kom (kyk op onderskeidelik bladsy 86, 88 en 94), maar tog beskou hy enige “onuitgegewe handskrif” ook aanvaarbaar vir die 1925/1926-Hertzogprysinskrywings (kyk bladsy 103) – ’n ongerymdheid waarvoor D.F. Malherbe in November 1926 navraag doen (kyk bladsy 109). In November 1926 besluit die Raad dat mededingers slegs toegelaat word om “handskrifte” in te stuur wanneer hulle dit laat oortik het (Malherbe 1926:103). (Kyk ook eindnota 16 op bladsy 520.)

- 9 Hierdie Akademierraadsbesluit van November 1926 het verskyn in die Desember 1926-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. Hierin is ook die verslag van die Letterkundige Kommissie vir die 1925/1926-Hertzogprys gepubliseer. Pienaar, as konvenor van die Letterkundige Kommissie, meld in hierdie verslag dat *Jannie* deur oom Sarel (jurielid P.C. Schoonees) eervolle vermelding verdien. (Malherbe 1926:103, 110-111.) Die skrywer het die novelle nie vir “mededinging” ingestuur het nie, maar net om “’n onafhanklike oordeel oor sy werk te kry” (Nienaber 1965a:112). Vroeg in die nuwe jaar, 1927, het ’n hewige polemieë ontstaan rondom die deelname van ’n kommissielid (raadpleeg die afdeling oor Langenhoven onder die opskrif “Kritiek en polemieë” – Nienaber 1965:111-116), maar die Akademierraad het nog vóór die uitbreek van die pennestryd, tydens die November 1926-raadsvergadering, besluit dat beoordelaars nie in die toekoms kon meeding nie.

- 10 In die praktyk was nie net suiwer kalenderjare, met 31 Augustus as sluitingsdatum, ter sprake, soos hier te kenne gegee nie. Die 1926/1927-Hertzogprystoekenningsjaar se sluitingsdatum was 31 Augustus 1927. Vir die 1928-Hertzogprys vir Poësie is nie net 1928 se digwerk tot 31 Augustus 1928 in berekening gebring nie, maar vanaf 1 September 1927; vir die 1929-Dramapry is werk ook vanaf 1 September 1927 beoordeel, en nie net vanaf 1928 tot 31 Augustus 1929 nie; vir die Prosatoekenning van 1930 het nie net prosa van 1928 tot 31 Augustus 1930 in aanmerking gekom nie, maar weer eens werk vanaf 1 September 1927.

Onderstaande skematiese voorstelling dui die begin- en einddatums van die 1928- tot 1945-toekenningsjare se siklusse aan. Vanaf 1943 is drie volledige kalenderjare vir elke bekroning ter sake. Veranderinge wat ingetree het, word aangetoon in vetdruk.

Poëtiesiklusse			Dramasiklusse			Prosasiklusse		
Jaar	Begin	Einde	Jaar	Begin	Einde	Jaar	Begin	Einde
1928	1 Sept. 1927	31 Aug. 1928	1929	1 Sept. 1927	31 Aug. 1929	1930	1 Sept. 1927	31 Aug. 1930
1931	1 Sept. 1928	31 Aug. 1931	1932	1 Sept. 1929	31 Aug. 1932	1933	1 Sept. 1930	31 Aug. 1933
1934	1 Sept. 1931	30 Jun. 1934**	1935	1 Aug. 1932*	30 Jun. 1935	1936	1 Aug. 1933*	30 Jun. 1936
1937	1 Jul. 1934***	31 Jul. 1937 •	1938	1 Jul. 1935	30 Jun. 1938	1939	1 Jul. 1936	30 Jun. 1939
1940	1 Aug. 1937 ••	31 Des. 1939 •••	1941	1 Jul. 1938	31 Des. 1940	1942	1 Jul. 1939	31 Des. 1941
1943	1 Jan. 1940	31 Des. 1942 □	1944	1 Jan. 1941	31 Des. 1943	1945	1 Jan. 1942	31 Des. 1944

* Kyk paragraaf 1 van voetnota 236 op bladsy 147.

** Kyk paragraaf 2 van voetnota 236 op bladsy 147.

*** Nuwe begindatum a.g.v. vorige poëtiesiklus se veranderde einddatum

• Met 'n maand uitgestel omdat I.D. du Plessis se *Vreemde liefde* eers in Julie 1937 verskyn het en hy onbewus daarvan was dat die sluitingsdatum nie meer 31 Augustus was nie (kyk eindnota 21 op bladsy 522).

•• Nuwe begindatum a.g.v. vorige poëtiesiklus se uitgestelde einddatum

••• Siklusse begin om afgesluit te word teen einde Desember van elke jaar.

□ Eerste siklus met drie volledige kalenderjare

- 11 Nienaber (1965a:58) noem *Oorlog* deur J.F.W. Grosskopf as een van die dramas wat gedurende die tydperk 1 September 1927 tot 31 Augustus 1929 verskyn het. *Oorlog is oorlog* is eers in 1941 gepubliseer. Indien Nienaber met *Oorlog* laasgenoemde eenbedryf bedoel, verwys hy waarskynlik na die verskyning daarvan in *Die Huisgenoot* van 9 Desember 1927. Dit is onseker of dramatekste wat in byvoorbeeld tydskrifte verskyn het, wel in aanmerking geneem is vir die 1929-Hertzogprys.

Aanvanklik is net werk wat ingestuur is, oorweeg. Dit is onbekend of inskrywings net manuskripte behels het, of ook publikasies. Vanaf die 1922-inskrywings is dit duidelik dat, benewens manuskripte, ook gepubliseerde werk beoordeel is, maar dan geen werk “wat reeds aan die publiek beskikbaar gestel is of in die pers of tydskrifte bespreek is nie” (KOR 7/1 – kyk bladsy 54). Volgens hierdie bepaling sou dramatekste wat in tydskrifte gepubliseer, en op só 'n wyse aan die publiek bekend was, waarskynlik nie in aanmerking kon kom nie.

Uit korrespondensie van 1926 (kyk bladsy 102) blyk dit dat daar van beoordelaars verwag is om kennis te neem “van alle boeke wat aan die terme beantwoord”, ongeag of dit ingestuur is of nie. Die status van publikasies in tydskrifte is onbekend.

Engelenburg het in 1931 aan Pienaar, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, geskryf dat die skenkingsakte die Hertzogprys nie beperk tot letterkundige materiaal wat aan die Akademiekommissie gestuur is nie, maar dat elke letterkundige produk – ook al word dit nie ingestuur nie – in aanmerking kom. Engelenburg merk ook op (KOR 16/1: 15 Junie 1931):

U sal altemit antwoord dat u Kommissie onmoontlik elke gedig kan raakloop, wat sedert medio 1928 gepubliseer is, moontlik in min of meer obskure pers-organe of tydskrifte. En ek kan nie ontken dat sodanige antwoord billik sou wees nie. My bedoeling is enkel om te beduie dat prominente digters nie veronagsaam mag word, ingeval versuim word om hul werk “in te stuur”.

'n Geval waar poësie in tydskrifvorm beoordeel, en as bundel later uitgesluit is vir oorweging, is *Die Bergtragedie* (1932) deur Leipoldt. Dit het nie vir die 1934-Hertzogprys vir Poësie in aanmerking gekom nie, omdat dit reeds voorheen beoordeel is soos dit in *Die Huisgenoot* verskyn het (SAATLK 1934b:1-3). Vir die 1937-Poësieprys het E.C. Pienaar in sy stembrief melding gemaak van I.D. du Plessis se werk wat in *Die Huisgenoot* verskyn het, en dus 'n voortsetting was van vroeëre werk binne die beoordelingstermy (Nienaber 1965a:119).

Tydens die raadsvergadering van 11 Junie 1937 is versoek dat dit onder die sameroeper van die Letterkundige Kommissie se aandag gebring moes word dat “elke digstuk” van die voorafgaande drie jaar vir die 1937-Hertzogprys vir Poësie in aanmerking kon kom – ook “sodanige digstukke” wat nie “formeel” vir beoordeling ingestuur is nie. Daar is ook gewys op die wenslikheid dat alle Akademielede, uitgewers en die publiek die Akademiesekretaris moes wys op “gedigte van besondere kunswaarde” wat in boekvorm of in die pers verskyn het (SAATLK 1931a:7). Die “pers” sou ook tydskrifte insluit, en poësie wat daarin verskyn het, is dus soms beoordeel met die oog op die Hertzogprys.

Aangesien daar geen aanduiding in die Letterkundige Kommissie se verslae gevind kan word wat daarop dui dat dramatekste wat in tydskrifte verskyn het, beoordeel is vir die Hertzogprys nie, word dramatekste soos gepubliseer in tydskrifte, nié genoem as tekste wat oorweeg kon word vir die prys nie. *Oorlog is oorlog* (1941) word dus beskou as teks wat in boekvorm vir die 1944-bekroning in aanmerking kon kom (kyk voetnota 335 op bladsy 192, asook bladsy 232). Sodoende word aangesluit by Elize Botha se opmerking dat werk wat bekroon kon word “in die eerste plek gesien [is/word] as ’n bepaalde boek” (1984:126).

- 12 J.L. van Schaik, bestuurder van die gelyknamige uitgewery, het in 1929 aan D.B. Bosman “’n sestal boekies” gestuur wat hulle die voorafgaande tyd uitgegee het, en opgemerk dat daar “’n paar verdienstelike werkies” by was wat hopelik in aanmerking kon kom vir die prys (KOR 15/1: Julie 1929). Die volgende vier werke van dramatiese aard is in 1928 deur Van Schaik gepubliseer: *Die dooper* of *Die Herodes-treurspel* (Jac. J. Müller), *Die twyfelaar* (Niggie van Eitemal), *Saul* (W.J. Pienaar) en *Slagoffers* (J.C.B. van Niekerk). In 1929 het Van Schaik die volgende twee dramas gepubliseer: *Verskil van smaak* (Louie Boshoff) en *Die weeskind* (D.C. Rossouw). *Verskil van smaak* word egter genoem in die minderheidsverslag oor dramas wat vanaf 1 September 1929 tot 31 Augustus 1932 verskyn het (kyk bladsy 137). Of dit een van die sestal Van Schaik-werke is wat al vir die 1929-toekenning in aanmerking kon kom, is onseker.

- 13 Binge (1969:116) meld dat Pienaar in 1923 hierdie Bybeldrama in vyf bedrywe geskryf het:

Dit was nogal groot opgeset: daar was 25 persone in die besetting en sang en musiek is daarby ingevleg. In 1923 en 1924 is die stuk ten bate van “Dingaansfeesfondse” opgevoer, en weer op 3 April 1925 ten bate van die “Volksrust Munisipaliteits Hospitaal Fonds”.

In Januarie 1928 het Pienaar by die Akademiese sekretaris navraag gedoen in verband met sy Hertzogprysinskrywing (KOR 14/2: 27 Januarie 1928):

U was so goed om die MS. van die stuk *Saul* aan die Akademie te stuur en aan te beveel dat dit in aanmerking geneem sal word, hoewel dit ’n paar dae te laat daar aangekom het. Ek wens u hiervoor te bedank.

Pienaar verneem of die stuk wel oorweeg is en merk terloops op dat *Saul* sedertdien in druk verskyn het.

Bosman het intussen by Preller oorgeneem as Sekretaris, en beantwoord die brief wat aan Preller gerig was (KOR 14/2: 14 Maart 1928):

U stuk “Saul” is my deur die Beoordelingskommissie vir die Hertzog-prys [vir poësie] aangestuur met die opmerking dat dit nie in aanmerking kom vir die prys nie. Verder word die stuk in die rapport nie vermeld nie.

Ek wens U mee te deel dat volgens ’n nuwe prosedure in verband met die toekenning van die Hertzog-prys in 1929 alleen toneelstukke in aanmerking kom vir die prys en wel toneelstukke van die jare 1928-1929. Ek verstaan dat U die stuk omgewerk het en weer wil meeding. Bowestaande inligting kan dus vir U van waarde wees.

- 14 Dieselfde situasie het in 1928 en 1931 ontstaan.

Volgens die beoordelaars vir die 1928-Hertzogprys vir Poësie

- was daar nie “’n enkele werk van so ’n uitstekende verdienste dat dit onmiddellik en eenparig” vir bekroning aanbeveel kon word nie;
- was A.G. Visser se *Rose van herinnering* die verdienstelikste werk;
- het Visser se bundel nie sodanig uitgemunt dat dit “alle ander werk in die skaduwee stel nie” (LK 1/1: 6 November 1928 – holograaf; ARN 1929: 16 Maart – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1928d:152-153).

Daar is aanbeveel dat die prys gelykop verdeel word tussen A.G. Visser (*Rose van herinnering* – 1927) en C.M. van den Heever (*Die nuwe boord* – 1928). Die Raad het dit betwyfel of die aanbeveling heeltemal in ooreenstemming was met artikel 2(c) van die skenkingsakte wat onder andere bepaal dat die prys slegs verdeel kan word indien “werk van twee of meer skrywers van gelijke waarde bevonden mocht worden”. Na beraadslaging het die beoordelaars ’n bondige gewysigde verslag ingestuur met ’n herhaling van die aanbeveling dat die prys verdeel word tussen Visser en Van den Heever. **Die Raad het besluit om die aanbeveling van die Kommissie, soos in die oorspronklike rapport vervat, te bekragtig en die verantwoordelikheid vir moontlike verontagsaming van die bepalinge van die skenkingsakte op hulle te neem.**

In die verslag van die 1931-Hertzogprys (SAATLK 1932a:4-5) is onder andere genoem dat *Die purper iris e.a. gedigte* (A.G. Visser) seker net so hoog staan as Visser se vorige bundel, maar dat hy reeds twee keer bekroon is, en dat hierdie nagelate werk nie sodanig uitmunt in vergelyking met van die ander bundels wat in aanmerking gekom het, dat dit uitgesonder kon word vir ’n derde bekroning van die toe reeds ontslape

Visser nie. Geen bundel is in 1931 bekroon nie.

- 15 Weens die oorplasing van die Akademiebestuur na Kaapland, en die feit dat senator F.S. Malan (Akademie-raadsvoorsitter) in die buiteland was, kon 'n nuwe Raad nie voor Januarie 1935 gekonstitueer word nie. In die tussentyd het die vorige Raad in funksie gebly. (Malherbe & Conradie 1936a:77.)

Lombard is op 19 Januarie 1935 tot Sekretaris-penningmeester verkies en het die sekretariaat in Februarimaand oorgeneem (LK 1/1: 15 April 1935 – brief van Lombard aan G. Dekker; SAATLK 1935a:1; Malherbe 1935b:374). **Kragtens 'n besluit van die vorige Jaarvergadering is hy vir vier jaar benoem ten einde kontinuïteit te bewaar by die bestuursoordrag van een provinsie na 'n ander** (Malherbe & Conradie 1936a:77). **Die Raad het besluit om, met die oog op vergemakliking van die administrasie, die afsonderlike poste van sekretaris en penningmeester in die persoon van die sekretaris te verenig. Hierdie reëling sou egter eers in 1936 in werking gestel word** (SAATLK 1935d:2-3). Lombard was sedert Augustus 1936, benewens Sekretaris, ook Penningmeester (SAATLK 1937:2; Malherbe & Conradie 1938a:98).

In Februarie 1939 wys Lombard daarop dat sy ampstermyn van vier jaar verstryk het en dat die Raad 'n Sekretaris-penningmeester moes kies vir die vier jaar vanaf 1 Oktober 1938 tot 30 September 1942 (Lombard se ampstermyn het eers in Februarie 1939 in plaas van 30 September 1938 verstryk omdat die Raad daardie jaar laat gekonstitueer is.) Lombard is herkies en sy vier jaar-ampstermyn sou verval op 30 September 1942 (ARN 1939: 18 Februarie; Malherbe & Conradie 1939b:82). Die Akademie se eerste raadsvergadering as die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het egter reeds op 6 Julie 1942 in Johannesburg plaasgevind. Hiertydens is Lombard verkies tot Sekretaris-penningmeester van die Akademieraad en mnr. A.J.A. Roux tot Hulpsekretaris (ARN 1942: 6 Julie). Lombard was terselfdertyd Sekretaris van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns en Roux die Sekretaris van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek (1 Oktober 1942 tot 31 Maart 1944-Akademiejaarverslag).

Met die verhuising van Roux na Stellenbosch, het die Akademieraad besluit om 'n ander hulpsekretaris te benoem (ARA en ARN 1944: 30 September). Dr. P.J. Nienaber het die benoeming aanvaar en die pos beklee sedert Februarie 1945 (ARN en FRN 1945: 26 Februarie).

Die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns se kantoor was in Johannesburg onder die beheer van die Fakulteitsekretaris, mnr. I.M. Lombard, en dié van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek in Stellenbosch onder beheer van die Fakulteitsekretaris, dr. A.J.A. Roux (1 Oktober 1942/31 Maart 1944- en 1 April 1944/31 Maart 1945-verslae van Akademiewerksaamhede).

In Junie 1946 is Lombard weer herkies as Akademiese sekretaris (ARN 1946: 29 Junie) – dié keer nie vir 'n verdere vier jaar nie, maar, **volgens 'n besluit wat die vorige maand geneem is, vir 'n dienstyd van drie jaar** (ARN 1946: 18 Mei). P.J. Nienaber is herkies as Hulpsekretaris van die Akademieraad (ARN 1946: 29 Junie).

In September daardie jaar versoek Lombard die Fakulteitsraad om, weens veelvuldige ander werksaamhede, sy bedanking as Sekretaris van die Fakulteitsraad te aanvaar, wat hulle ook doen. Lombard het Nienaber voorgestel as Fakulteitsekretaris en die voorstel is aangeneem. (FRA en FRN 1946: 20 September; ARN 1946: 21 September.)

Reeds in April 1944 is die voorstel in beginsel goedgekeur dat 'n voltydse Sekretaris vir die Akademie en die twee Fakulteite aangestel word (ARN 1944: 8 April). Dr. F.C.L. Bosman het ingewillig om die voltydse sekretariaat te aanvaar en in 1947 bekragtig die Akademieraad sy aanstelling (ARN 1947: 7 Junie; *Die Huisgenoot*, 20 Junie 1947). Aanvanklik is die datum van sy indienstreding bepaal op 1 Maart 1948 (ARN 1947: 7 Junie), maar hy het reeds in Januarie 1948 diens aanvaar (ARN 1947: 23 September).

Lombard was sedert Februarie 1935 tot einde 1947 Akademiese sekretaris, dus vir 'n periode van twaalf jaar. Hy het egter aangebly as penningmeester – vanaf Januarie 1948 tot in 1956.

- 16 Dekker het dit op 3 Maart 1933 onder die vorige Akademiese sekretaris, J.S.M. Rabie, se aandag gebring dat onryp werk in manuskripvorm ingestuur word – dikwels van outeurs wat na 'n uitgewer soek (Nienaber 1965a:23):

Aangesien daar al reeds so 'n groot aantal gepubliseerde werke is wat beoordeel moet word, hoop ek van harte dat die kommissie hierdie ekstra werk bespaar sal word. Graag hoor ek u Raad se besluit hieromtrent.

Rabie het op 17 Maart 1933 geskryf dat **die Voorsitter**, D.F. Malherbe, **hom gemagtig** het om te antwoord dat **“(a)lleen werke wat in boekvorm uitgegee is”, in aanmerking kom**. Sodoende is teruggekeer na die reëling waarvan kennis gegee is in die *Bulletin* van Mei 1924 (KOR 18/1; ZAATLK 1924e:2-3), naamlik dat mededingers net gedrukte boeke kon instuur, en nie manuskripte nie (kyk bladsy 102).

Van hierdie besluit is afgewyk toe daar tydens die 27 November 1926-Akademieraadsvergadering **besluit**

is dat mededingers slegs toegelaat sou word om manuskripte in te stuur wanneer hulle dit laat oortik het (Malherbe 1926:103) (kyk bladsy 125). In 1929 het die Sekretaris op 'n navraag van J.G. Swart geantwoord dat dit nie noodsaaklik was dat 'n werk getik moes wees nie, maar dat dit aan te beveel was (KOR 15/1: 16 Julie 1929) (kyk bladsy 128).

Van 1933 af is daar by die reëling gehou dat manuskripte nie in aanmerking kom nie, want in 'n brief gedateer 5 Mei 1942 het I.D. du Plessis verneem of ongepubliseerde werk in aanmerking kon kom in die lig van die toeheersende omstandighede wat die uitgee van werk bemoeilik het (bedoelende die Tweede Wêreldoorlog). Lombard, die Akademiesekretaris, het op 11 Mei geantwoord dat die skenkingsakte dit nie toelaat nie. (HP 1925-1942.)

Kyk ook eindnota 8 op bladsy 517.

- 17 Tydens die 14 Oktober **1933-jaarvergadering is besluit dat die Letterkundige Kommissie vir die toekening van die Hertzogprys hulle verslag minstens 'n maand voor die Akademie se jaarvergadering moes indien vir sirkulasie aan die Akademielede**. Die bedoeling was dat individuele lede die geleentheid moes kry om ook hulle sienswyse aan die Raad te openbaar voordat die prystoekening plaasvind. (SAATLK 1933c:2). Tydens die bespreking wat tot die **herbevestiging van die besluit** tydens die Desember 1933-jaarvergadering gelei het, was T.H. le Roux en G.S. Preller van mening dat die aanwysing van die beste werk die taak was van die Letterkundige Kommissie, terwyl D.F. Malherbe as Akademievoorsitter genoem het dat sekere lede “gemeen het dat hulle ook 'n sin vir letterkundige werk had en dus geregtig was om gehoor te word” (Malherbe 1934a:100-101). Die volgende jaar is die Letterkundige Kommissie se verslag gepubliseer in die *Bulletin* van September 1934 (SAATLK 1934b:1-3), sodat Akademielede daarvan kon kennis neem vóór die jaarvergadering wat sou plaasvind in Oktober 1934.

Reeds in 1913, nog voor die eerste Hertzogprys toegeken is, het die **Jaarvergadering besluit dat verslae van vakkommissies twee maande voor die jaarvergadering aan die Akademieraad gestuur moes word** sodat dit, saam met die Akademieraad se aanbevelings, voorgelê kon word aan die Jaarvergadering (Besluit 18/1913 – ZAATLK 1913b:17). (Kyk bladsy 44.)

- 18 Die Du Plessis-kerksaak, tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en prof. Johannes du Plessis, verbonde aan die Kweekskool op Stellenbosch, het gegaan oor 'n leergeskil – hoofsaaklik oor Du Plessis

... se inspirasieeler (hy sou geleer het dat die Bybel met gesag spreek wanneer dit by die saligmakende kennis kom, maar dat baie historiese, geografiese en chronologiese feite in die Skrif nie noodwendig juis is nie ...), sy histories-kritiese standpunt oor die Ou Testament (hy het o.a. ontken dat Moses die skrywer van die Pentateug of eerste vyf boeke van die Bybel was ...) ... [en] sy beskouinge aangaande die Persoon van Christus (Christus sou by sy menswording sy onveranderlikheid, alomteenwoordigheid en almag afgelê het ...) (Van der Walt 1987:166).

Die saak teen prof. Du Plessis is in Maart 1928 deur die Kuratorium by die Ring van Stellenbosch aanhangig gemaak. Meer as een keer is Du Plessis deur die Ring gelyk gegee, maar het die Kuratorium appél aangeteken by die Sinode. Tydens 'n buitengewone sinodesitting op 12 Maart 1930 is Du Plessis vir 'n onbepaalde tyd geskors. In reaksie het hy hom tot die burgerlike hof gewend.

H.A. Fagan, outeur van die 1934-drama *Die ouderling*, was een van die regsgeleerdes wat opgetree het namens die Moderatuur van die Sinode – die verweerders in die saak. Op 15 Januarie 1932 is uitspraak in Du Plessis se guns gelewer op grond van tegniese en kerkregtelike prosedures. Die kerk is met die koste belas. Die Sinode het tydens 'n buitengewone sitting in November 1932 besluit om in die hofuitspraak te berus, maar met 'n meerderheid stemme 'n voorstel aanvaar dat Du Plessis se dienstryd aan die Kweekskool beëindig moes word.

Hierdie lang stryd wat die kerklike publiek in beroering gebring het, was 'n tydperk

... waarin verdriet en verbittering, hartseer en onenigheid 'n vername rol gespeel het en waarin 'n skerp skeiding tussen aanhangers en teenstanders gevorm is (Van der Walt 1987:164).

In aansluiting by die gees van die Du Plessis-kerksaak, is daar in *Die ouderling* byvoorbeeld verwysings na 'n “vrydenkersboek” en verskille oor “puntjies van dogma”.

- 19 Die 1925/1926-Hertzogprys is verdeel tussen D.F. Malherbe (prosa), A.G. Visser (poësie) en J.F.W. Grosskopf (drama) (kyk bladsy 106). Ook die 1926/1927-prys is verdeel – tussen drie prosaïste: Jochem van Bruggen, C.J. Langenhoven en Sangiro (kyk bladsy 116). Die drie digters wat die 1934-Hertzogprys gedeel het was Totius, C.L. Leipoldt en W.E.G. Louw (kyk voetnota 253 op bladsy 154). Verdeling tussen twee persone het plaasgevind in 1928 (A.G. Visser en C.M. van den Heever vir poësie), 1930 (D.F. Malherbe en die Hobson-broers vir prosa) en weer in 1937.

- 20 Dit is onduidelik presies wat bedoel is met die versoek om die kommissielede “op hoogte te hou van verdienstelike werke” – of lede net kennis gekry het van gepubliseerde dramas, en of hulle ook kopieë daarvan ontvang het.

Uitgewers wat verlang het dat hul uitgawes beoordeel moes word vir die Hertzogprys, is in 1936 versoek om gratis eksemplare aan lede van die Letterkundige Kommissie te stuur (ARN 1936: 6 April). (In 1931 het die Akademie self vir die boeke betaal – kyk bladsy 136 asook voetnota 211 op dieselfde bladsy.) M.S.B. Kritzinger, ’n kommissielid, wou in 1937 by Lombard weet of werke wat vir die Hertzogprys in aanmerking kom, deur die uitgewers aan lede van die Kommissie gestuur word (KOR 21/2: 10 Maart 1937). Lombard het navraag gedoen by F.E.J. Malherbe, sameroeper van die 1936- en 1937-Letterkundige Kommissie, wat geantwoord het (KOR 21/2: 12 April 1937):

Op die vraag van dr. Kritzinger of uitgewers die boeke aan die beoordelaars stuur, moet ek antwoord dat hul dit skynbaar nie graag doen nie, as jy vra, kry jy wel wat. Ek het vanjaar aan die uitgewers geskrywe om die boeke aan die 3 beoordelaars te stuur, maar ek weet nie of hulle daarvoor voel nie. Gebruik was dit nie in die verlede nie.

Lombard het Kritzinger laat weet dat dit in die hande van die uitgewers lê. Hulle word wel in kennis gestel watter afdeling in aanmerking kom – toneelstukke, poësie of prosa (KOR 21/1: 20 April 1937).

Malherbe antwoord dat dit nie in die verlede gebruik was nie. Tog het uitgewers soms in die verlede boeke aan die Akademie gestuur, maar dit is nie altyd duidelik wie die koste daarvoor gedra het nie:

- in 1929 het uitgewers meestal uit hulle eie boeke aan die Akademie gestuur (kyk bladsy 128);
- uitgewers is in 1931 versoek om publikasies direk aan elke beoordelaar (F.E.J. Malherbe was een van hulle) te stuur en die Akademie sou daarvoor betaal (kyk eindnota 13 op bladsy 136);
- elke uitgewer is in 1932 opdrag gegee om tersaaklike toneelwerk vir die Akademie se rekening te stuur aan die sameroeper, wat dit op sy beurt onder kommissielede (waarvan Malherbe een was) sou sirkuleer (kyk bladsy 136);
- uitgewers is in 1935 skriftelik gevra om ’n lysie aan kommissielede (Malherbe was een) te stuur van tersaaklike dramas wat binne die betrokke tydperk verskyn het (kyk bladsy 148).

Die feit dat hulle in 1936 gevra is om grátijs eksemplare aan élk van die kommissielede te stuur, het waarskynlik ’n rol gespeel in die uitgewers se oënskynlike onbereidwilligheid om dit te doen.

Skrywers kon ook self hulle gepubliseerde werke instuur vir beoordeling. Een van die mededelings wat gespruit het uit ’n Akademiesaamroeping gehou op 6 April 1936, het soos volg gelui (SAATLK 1936b:3; Malherbe & Conradie 1936c:210):

Skrywers wat vir die Hertzogprys in aanmerking wens te kom, word versoek om hul werke aan prof. dr. F.E.J. Malherbe (Saamroeper Lett. Kom.) Stellenbosch te stuur.

Kyk ook eindnota 16 op bladsy 520.

- 21 In 1937 het I.D. du Plessis aan Lombard, die Akademiesekretaris, geskryf insake die sluitingsdatum vir die Hertzogprys. Du Plessis wys daarop dat dit die vorige jare altyd einde Augustus was, en dat ’n kennisgewing in die koerante gepubliseer is. Volgens Du Plessis het daar nie in 1937 ’n kennisgewing verskyn nie, en verneem hy van prof. F.E.J. Malherbe dat die sluitingsdatum moontlik einde Junie sou wees. (KOR 21/1: 11 September 1937.)

Lombard het Du Plessis geantwoord dat die sluitingsdatum sedert 1934 vasgestel is op 30 Junie. (Hierdie reëling was al in 1934 geldig.) *Ballades* (Lombard bedoel *Vreemde liefde*) sou gevolglik nie in aanmerking kon kom nie. (KOR 21/1: 21 September 1937.)

Op 3 Oktober 1937 het F.E.J. Malherbe die verslag van die Letterkundige Kommissie aan die Sekretaris gestuur, en meld dat *Vreemde liefde* van I.D. du Plessis ingesluit is, hoewel die bundel ná 30 Junie 1937 verskyn het (Nienaber 1965a:116).

Lombard het op 7 Oktober 1937 aan F.E.J. Malherbe geskryf om hom te bedank vir die Hertzogprysverslag, en merk op (KOR 21/1: 7 Oktober 1937):

Wat die sluitingsdatum vir die Hertzogprys betref kan ek ter inligting meedeel dat dit reeds vier jaar gelede vasgestel is op 30 Junie van elke jaar. In my brief van 9 Maart 1937 het ek u kommissie in kennis gestel dat die sluitingsdatum vir 1937 sal wees: 30 Junie. U verslag van die vorige jaar het ook oor ’n tydperk gestrek wat op 30 Junie geëindig het, en dit geld ook vir die jare 1934 en 1935 toe prof. Dekker saamroeper was. Die einddatum 30 Junie is gekies omdat die Jaarvergadering soms in Oktober plaasvind en daar dus min tyd is om die stuk gereed te maak vir publikasie in die Bulletin. Later is die Breë Keurkommissie in die lewe geroep wat die aanbevelings van u Kommissie moet nagaan en daaroor stem. Dit vereis nog meer tyd alvorens tot publikasie oorgegaan kan word.

Met die oog hierop wil ek vertrou dat u Kommissie vir toekomstige beoordelings nie die einddatum 30

Junie uit die oog sal verloor nie.

Volgens die Letterkundige Kommissie se verslag (KOR 21/1: 3 Oktober 1937) is *Vreemde liefde* wél in berekening gebring. F.E.J. Malherbe sê in sy 3 Oktober 1937-brief dat die drie kommissielede daarop besluit het omdat:

- (1) die Akademie sedert jare nie meer die sluitingsdatum vir die Hertzogprys in die Pers aankondig nie;
- (2) die skrywer sowel as sy uitgewer onder die indruk was dat eind Augustus die sluitingsdatum was en gevolglik het hulle dus nie probeer om *Vreemde liefde* (*Ballades* het voor eind Junie uitgekom) voor die datum in die pers te kry nie, wat anders heel maklik kon gebeur het – en so het *Vreemde liefde* eers Julie verskyn;
- (3) *Vreemde liefde* direk by *Stryd* aansluit en tuishoort by die hele groep onder beskouing.

Die Letterkundige Kommissie het gemeen dat dit

... kleinlik sou wees om deur so 'n misverstand (of offisiële versuim) 'n werk uit te sluit wat wesenlik van die bepaalde periode, sluitende eind Junie, is.

- 22 In 1938 het 'n lid van die Breë Kommissie aanbeveel dat persone voor benoeming eers gevra word of hulle bereid was om die werksaamhede van die Breë Kommissie op hulle te neem. Sodoende kon passiewe lidmaatskap uitgeskakel word. (KOR 21/3: 14 Mei 1938 – L.W. Hiemstra aan I.M. Lombard.) Die Akademiesraad het besluit om die wenk in gedagte te hou by die volgende samestelling van die Kommissie (ARN 1938: 21 September). (Kyk bladsy 173.)

Tydens die 1940-jaarvergadering het D.B. Bosman gekla oor die voortgehoue gebrek aan belangstelling by lede van die Breë Kommissie. Baie van hulle het nie gestem oor die Hertzogprys nie. C.M. Booysen het dit toegeskryf aan 'n gebrek aan tyd omdat die verslag van die Letterkundige Kommissie die Breë Kommissie so laat bereik. E.C.N. van Hoepen het aan die hand gedoen dat persone skriftelik moes toestem tot hulle benoeming in die Breë Kommissie. Indien hulle nie sou toestem nie, moes dit as 'n weiering beskou word. Op voorstel van D.B. Bosman is besluit om die saak aan die Raad oor te laat. (AJVN 1940: 14 Desember.)

- 23 Tydens die Akademie se negentiende algemene vergadering, gehou op 1 Oktober 1930, het die Sekretaris die verslag voorgelees van samesprekings tussen verteenwoordigers van die Akademie en die FAK. Die volgende besluit van die Federasiebestuur betreffende die verhouding tussen die twee liggame, is aan die vergadering voorgelê en aangeneem:
- a. Die Voorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings sal ex officio lid wees van die S.A. Akademie.
 - b. Alle Akademieslede sal reg van sitting hê op die Kongresse van die Federasie:
 - (i) die Bestuur van die Akademie in die hoedanigheid van afgevaardigdes, en
 - (ii) die ander lede met adviserende stem. (Malherbe 1930d:101.)

In 'n brief van P.J. Meyer, FAK-sekretaris, aan M.C. Botha van die Universiteit van Pretoria (KOR 23/2: 5 Augustus 1941), verduidelik Meyer dat die verhouding van die Akademie tot die FAK in die praktyk daarop neerkom

...dat die Akademie hom onder meer toespits op taalwetenskaplike arbeid terwyl die F.A.K. meer taalpropagandisties optree. Die Akademie en die F.A.K. staan los en selfstandig van mekaar en is nie op enige wyse aan mekaar ondergeskik nie.

Meyer wys daarop dat die enigste formele bepaling van die onderlinge verhouding in daardie stadium in artikel 18 van die Federasie se Statute voorgekom het:

Die verhouding van die F.A.K. tot die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns word onderling bepaal deur die bestuursliggame van die Federasie en die Akademie.

Die stigting van die Federasie het in samewerking met die Akademie geskied, en volgens Meyer is die oorspronklike bepalinge (wat tydens die negentiende algemene vergadering aanvaar is) tot in daardie stadium nie herroep nie, "hoewel die vorm van samewerking intussen gewysig is":

Die Akademie is op die oomblik [1941] slegs verteenwoordig in die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad waarin alle Afrikaanse liggame van uniale en provinsiale omvang sitting het.

Na aanleiding van 'n vraag met betrekking tot die verhouding van die Federasie tot politieke partye, het Meyer daarop gewys

... dat die F.A.K. en die Reddingsdaadbond hul uitgesproke beleid om nie op party-politieke terrein te beweeg nie, steeds nougeset handhaaf. Die toetrede van die F.A.K. en die RDB tot die Afrikaner-eenhedskomitee, waarin ook die H.N.P. of Volksparty teenwoordig is, het die verkeerde indruk gewek asof die bogenoemde beleid gewysig is. Die Afrikaner-eenhedskomitee tree tans op onder voorsitterskap van 'n neutrale persoon wat nie een van die liggame verteenwoordig nie. Dit sal die verkeerde indruk asof die F.A.K. en die RDB. aan die H.N.P. of V. ondergeskik is, ongetwyfeld uit die weg ruim.

Die FAK en die Reddingsdaadbond het in September 1941 uit die eenheidskomitee onttrek omdat 'n politieke geskil tussen die HNP en die Ossewabrandwag nie opgelos kon word nie.

- 24 Uit die notule van die 12 Desember 1941-Akademiejaarvergadering blyk dit dat die Jaarvergadering kennis geneem het van die raadsbesluit om geen erepenning vir die afdeling Beeldhoukuns daardie jaar toe te ken nie en dan word die volgende genotuleer:

Mnr. G. Moerdyk, 'n lid van bovermelde Kunskommissie [1941], sê dat die kommissie graag helderheid wil hê oor wie in aanmerking mag kom vir die erepenning. Die beeldhoukuns is internasionaal en sou persone in ons land uit hoofde van hul besondere ras uitgesluit word? Mnr. Moerdyk en die kommissie voel dat 'n persoon gebore Afrikaner moet wees of hom so moet vereenselwig met die Afrikaanse strewende dat hy as Afrikaner aangesien moet word as hy in aanmerking geneem kan word.

Daar is ook gevoel dat die kunstenaar wat in aanmerking moet kom, kuns moet lewer wat eg Afrikaans is. Daar is bv. gevalle waar die kunstenaar ras-eg Afrikaans is, maar tog onafrikaanse kuns lewer.

Dan volg 'n handgeskrewe slotsin, naamlik "Na heelwat gedagte-wisseling word die saak by die bespreking gelaat." Dit vervang die volgende genotuleerde gedeelte wat, volgens 'n geparafeerde opmerking deur die Akademievoorsitter, S.H. Pellissier, op 30 April 1942 tydens 'n raadsvergadering geskrap is:

Dr. C. F. Visser sê dat die maatstaf moet wees of die kunstenaar die volkslewe vertolk en of die volk sy kuns waardeer. In hoever het 'n kunstenaar hom geliefd gemaak by die volk? is die vraag wat gestel moet word wanneer besluit word of 'n kunstenaar in aanmerking mag kom. As die Akademie 'n toekenning doen, moet die volk dit toejuig.

Dr. F.E.T. Krause sê dat die Akademie se doel is om ons eie Suid-Afrikaanse kuns te bevorder. Alleen dié wat dit doen, kan in aanmerking kom vir 'n toekenning.

Dr. G.S. Nienaber sê dat dit 'n praktiese saak is, wat op praktiese grondslag beskou moet word. Iemand kan 'n gebore Afrikaner wees, maar prakties nie 'n Afrikaner wees nie. Dan kry jy weer iemand wat nie hier gebore is nie, maar wat prakties tog Afrikaner is. Op dié grondslag kan maklik beslis word wie in aanmerking moet kom. Ons maak dit vir onself moeilik as ons so fyn begin te onderskei en formules soek.

Mnr. L.W. Hiemstra doen die standpunt aan die hand dat 'n Afrikaner wat kuns lewer van voldoende gehalte om in die kunswêreld erkenning te erlang, ook deur die Akademie moet bekroon word.

- 25 Prof. G. Besselaar het, op grond van wat hy in oorsese Akademies gesien het, in 1937 uit Nederland skriftelike aanbevelings, onder andere in verband met die moontlike inwerkingstelling van **werkgemeenskappe**, aan die Akademieraad gemaak. Die voorstelle is aan die 1937-Jaarvergadering voorgelê en bespreek. Die Raad het opdrag ontvang om die saak te ondersoek en tydens die volgende jaarvergadering iets prakties voor te lê. **Tydens die 17 Desember 1938-jaarvergadering** beveel die Raad aan dat Akademielede in elke provinsie hulleself tot 'n werkgemeenskap konstitueer om belangstelling in Akademie-aangeleenthede gaande te hou. Dit kon geskied deur byvoorbeeld een of meer openbare of semi-openbare lesings 'n jaar te hou. **Na heelwat bespreking is die instelling van werkgemeenskappe deur die Jaarvergadering goedgekeur** (SAATLK 1937:6; ARN 1937: 3 Desember, 1938: 24 November en 17 Desember; Malherbe & Conradie 1938a:102-103, 1938b:147-148 en 1939b:68, 75-76).

Die werkgemeenskappe is in die lewe geroep vir 'n aanvanklike **proeftydperk van een jaar**, maar in 1939 het die Raad aanbeveel, en die Jaarvergadering besluit, om die **tydperk met nog 'n jaar te verleng** (ARN 1939: 1 Desember; SAATLK 1940:15). **Werkgemeenskappe het ná die proeftydperk bly voortbestaan.** (Kyk artikel 2[1] van die Fakulteitstatute in bylaag O op bladsy 639.) Volgens Fakulteitsjaarverslae was daar teen middel 1945 drie werkgemeenskappe, naamlik in die Transvaal (wat Natal insluit), Kaapland (wat Suidwes-Afrika insluit) en die Vrystaat. Van hulle is verwag om die belange van die Akademie in die betrokke provinsie te bevorder deur byvoorbeeld funksies te reël en voorlesings te hou. Die werkgemeenskap het geen administratiewe funksies uitgeoefen nie, maar sy werksaamhede behartig uit naam van en in oorleg met die Akademieraad (ARMB 1940: 7 November – aanhangsel A: Huishoudelike Bepalings). (Raadpleeg onder andere SAAWEK 1959:93-95 vir verdere inligting in verband met werkgemeenskappe.)

26 Daar was nie net voorstelle om die Hertzogfonds te benut vir wetenskaplike publikasies nie, maar ook vir ander doeleindes:

- 'n Liederbundel: Jan F.E. Celliers is gevra om sekere liedere in Afrikaans te vertaal vir 'n beoogde Liederbundel. Aangesien vergoeding daarvoor ter sprake moes kom en Celliers opgemerk het dat "hy weet die Akademie is nie rijk nie", doen hy op 21 April 1920 soos volg navraag (KOR 6/4):

Maar, kyk, eenkeer (of tweekeer?) is die Hertzogprijs nie toegeken geword nie, omdat die ingelewerde werk nie hoog genoeg van gehalte was nie. Is daardeur nie geld beskikbaar gekom nie, waaruit 'n betaling kan geskied?

Die finansiële verslag oor die tydperk 1919/1920 (ZAATLK 1922:48) dui egter nie aan dat vergoeding uit die Hertzog-taalfonds gemaak is nie.

- 'n Afrikaanse woordeboek: In Desember 1920 het Engelenburg tydens die elfde jaarvergadering by wyse van die Akademierraadsverslag voorgestel dat van die Hertzogfondsgeld gebruik word ter finansiële ondersteuning aan Nasionale Pers vir die uitgawe van 'n Afrikaanse woordeboek. Die Raad het egter aanbeveel dat daar liever 'n afsonderlike bedrag daarvoor beskikbaar gestel moes word, aangesien dit die Akademie

... ten eerste [zou] betreuen indien er verandering moest komen in de bestemming van de rente van het Hertzogfonds (ZAATLK 1922:21).

- Musiek en boukuns: Tydens die sestiende jaarvergadering, gehou op 24 September 1927, het Gerhard Moerdyk hom ten gunste daarvan uitgespreek dat die Hertzogprys vir ander doeleindes as letterkunde beskikbaar gemaak moes word, byvoorbeeld musiek en boukuns. Hierdie standpunt het geblyk uit sy opmerkings gedurende die bespreking van die beoogde verandering in beoordelingsstermyn en die instelling van 'n rotasiebasis vir die drie verskillende literêre kategorieë (Malherbe 1927c:104).
- Toevoeging by die Akademie se ander inkomste: Tydens die raadsvergadering van 5 April 1930 het Engelenburg as Voorsitter die Akademie se ouditeursverslag oor die tydperk 1928/1929 voorgelê, en opgemerk (Malherbe 1930b:228):

Die ouditeur wys, tereg, op die onsekerheid van bestemming vir onuitgegewe rente van die Hertzog-fonds. Ek stel voor dat aan Genl. Hertzog goedkeuring gevra word vir 'n reëling ten effekte dat rente van gemelde fonds, wat nie aan pryse bestee word nie, by die Akademie se ander inkomste gevoeg sal word.

Die reaksie hierop was dat die rente nie heeltemal genoeg was om die prys en die beoordelingskoste te dek nie. Die verklaring van "Balans rente op Hertzog-fonds" was dat die prys nie altyd toegeken is nie. By gereelde toekenning sou die opgelope rentebalans vanself verdwyn. Met die oog op hierdie gebeurlikheid is dit wenslik geag om die rekening te hou soos dit was. (ARN 1930: 5 April – in SAATLK s.j. b; Malherbe 1930b:228.)

- Afrikaanse teksboeke: Die Raad het op 25 Junie 1931 besluit dat Hertzog versoek sou word om meer "elastiese voorwaardes" aan sy skenking kon gee sodat "'n groter veld" geopen kon word vir die "resultate" van die Hertzogfonds (SAATLK 1931b:1). In 'n brief aan E.G. Jansen, Minister van Naturellesake, noem Engelenburg, Akademierraadsvoorsitter, dat die rotasiestelsel waarvolgens letterkundige werke in aanmerking kom vir die Hertzogprys, in "outomatiese, masjinale, reëlmatige opeenvolging" plaasvind, terwyl daar ander dinge was wat dit in daardie stadium méér nodig gehad het om gefinansier te word tot opbou van die taalbelang. D.F. Malherbe het kort tevore skriftelik gewys op die skreiende behoefte aan Afrikaanse teksboeke in die Handels- en Wetsvakke, asook in die Natuurwetenskappe. Engelenburg wou by Jansen weet of Hertzog oorgehaal kon word om sy skenkingsakte só te wysig dat die Akademierraad vry gemaak word om, na gelang van veranderende tye, die inkomste uit die Hertzogfonds "volgens wisselende taal-omstandighede" vir die belangrikste behoeftes van die oomblik aan te wend. (KOR 16/3: 5 Augustus 1931.) Jansen het geantwoord dat Hertzog nie geneë was om die begeerde verandering te maak nie, aangesien dit die oorspronklike bedoeling van die skenking heeltemal sou verander (KOR 16/1: 25 Augustus 1931).

27 Die bespreking van die aanbeveling dat voorsiening gemaak word vir die beoordeling van historiese prosa, het soos volg verloop (AJVN 1939: 2 Desember; SAATLK 1940:10):

Sen. F.S. Malan het aan die hand gedoen dat met genl. Hertzog as skenker van die prys onderhandel word met die oog op die aanbeveling. Hy het voorgestel dat die Raad hom met die aanbeveling van die kommissie vereenselwig.

Die Sekretaris, mnr. I.M. Lombard, het daarop gewys dat die Raad besluit het om genl. Hertzog te nader om ook 'n prys vir wetenskaplike werk beskikbaar te stel, waarby geskiedenis dan ingesluit word.

Mnr. L.W. Hiemstra het gepleit dat by die skenkingsvoorwaardes bygevoeg word ook geskifte van wetenskaplike aard.

Sen. Malan het die mening uitgespreek dat indien 'n afsonderlike prys vir wetenskaplike werke toegeken word, dit die idee van die Hertzogprys geweld sal aandoen, aangesien die Akademie se bestaan 'n letterkundige en nie 'n wetenskaplike was nie.

Prof. dr. H. v.d.M. Scholtz het verduidelik dat lede van die Raad gevoel het dat wanneer sommige jare geen prys toegeken word nie, die geld dan afgesonder kan word vir 'n prys met die oog op wetenskaplike werk, en daar sodoende sommige jare twee pryse toegeken kan word.

Die Voorsitter, mnr. S.H. Pellissier, het op 'n vraag van dr. A.J.R. van Rhyne verduidelik dat die gedagte is om vir elke onderwerp dan 'n vierjarige tydperk toe te staan. Elke jaar word dan 'n prys toegeken, maar prosa byvoorbeeld, kom net eenmaal in vier jaar aan die beurt.

Hiermee het die idee van 'n **vierjaarsiklus** begin posvat.

- 28 In 1941 het die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek die Akademieraad versoek om die ongebruikte gedeelte van die Hertzogprysfonds beskikbaar te stel as 'n driejaarlikse prys vir natuurwetenskaplike werk. Die Raad het die Fakulteit in kennis te stel dat die Akademie besig was met die hersiening van die Hertzogprystoekenning. (ARMB en ARN 1941: 11 Desember.) In 1942 het die Fakulteit weer versoek dat die Hertzogprys-skenkingsakte só gewysig word dat natuurwetenskaplike werk ook vir bekroning in aanmerking kon kom (ARN 1942: 6 Julie). Die saak het oorgestaan tot die raadsvergadering van 5 Desember 1942 waartydens Lombard raadslede meegedeel het dat die Akademie heel waarskynlik erfgenaam sou word van sekere aandeel in die Bloemfonteinse dagblad *The Friend*. Die aandeel is deur die Hertzog-Brebner-Trust aan die Akademie bemaak en ná afsterwe van óf generaal Hertzog óf senator Brebner, sou wat daarvan oorgebly het, aan die Akademie bemaak word. Presiese besonderhede was egter nie beskikbaar nie, maar Lombard het onderneem om inligting by Brebner in te win. Indien die bemaking 'n bron van inkomste vir die Akademie sou wees, sou 'n Hertzogprys vir natuurwetenskaplike werke daaruit in aanmerking geneem word. (ARN 1942: 5 Desember.) **Geen geld is uit die Hertzog-taalfonds geneem vir die bekroning van natuurwetenskaplike werk nie.** (Kyk eindnota 41.)

Tydens die Akademieraadsvergadering van 27 Februarie 1943 het dr. J.K. Marais die Raad versoek om die moontlikheid te oorweeg om 'n jaarlikse prys vir natuurwetenskaplike werk op dieselfde grondslag as dié van die Hertzogprys vir letterkundige werk toe te ken. Die Raad het die uitreiking van 'n £50-prys vir so 'n doel in beginsel goedgekeur en die Wetenskaplike Fakulteitsraad opgedra om 'n skema vir oorweging voor te lê (ARN).

In 1944 het die Fakulteit sy eie prys gekry. Die Akademie het later besluit om dit die **Havengapry**s te noem, na aanleiding van 'n som geld wat mnr. N.C. Havenga aan die Akademie bemaak het. (Kyk eindnota 41 op bladsy 531.)

- 29 Onderstaande is die Hertzogprystoekenningsprosedure soos opgeneem in die Huishoudelike Bepalinge (ARMB 1940: 7 November – aanhangsel A, sonder die handgeskrewe veranderinge), en geldig tot die Desember 1942-jaarvergadering, dit wil sê ook vir die 1941-Dramapry. **Die dele in vetdruk is die veranderinge wat aangebring is tydens die Desember 1942-jaarvergadering** (FRA 1946: 20 September – aanhangsel A1, sonder die handgeskrewe veranderinge), **en op 26 Februarie 1943** (artikel [b] se bepaling dat die Breë Kommissie verklein word), en was dus van toepassing op die 1944-Dramatoekenning:

- (a) As die Letterkundige [(Keur-) Kommissie/**Keurkommissie**], wat jaarliks deur die Raad [**van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns**] benoem word, van oordeel is dat daar letterkundige werk gelewer is wat vir die betrokke jaar bekroning verdien, wys hy hoogstens drie skrywers aan wie se werk hy verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die Hertzogprys en stuur die name, met 'n verslag, [maar sonder om 'n rangorde van verdienste aan te beveel/**désgewens met aanbeveling van rangorde van verdienste**], aan die Sekretaris van die Raad.
- (b) Die name van die betrokke skrywers en werke wat in aanmerking kom, word deur die Raad aan 'n Breë Kommissie van [vyftien/**tien**] lede voorgelê, sonder kommentaar en sonder vermelding van die bevindings van die Letterkundige [(Keur-) Kommissie/**Keurkommissie**]. Lede van die Raad is nie vir hierdie kommissie verkiesbaar nie.
- (c) Elke lid van die Breë Kommissie bring sy stem skriftelik uit vir die [skrywer of skrywers/**skrywer(s)**] wie se werk hy bekroning werd ag[, **by voorkeur met motivering**].
- (d) Die Raad oorweeg dan die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die Letterkundige [(Keur-) Kommissie/**Keurkommissie**] en ken die prys toe al dan nie.

In die aanvanklike Huishoudelike Bepalinge (ARMB 1940: 7 November – aanhangsel A) kom twee verdere

artikels voor :

- (e) Die Breë Kommissie word jaarliks deur die Raad benoem. Enige lid van die Akademie mag name ter oorweging vir lidmaatskap van die Breë Kommissie aan die Raad voorlê. [Hierdie besluit is in 1937 geneem – kyk bladsy 169.]
- (f) Die toekenning van die Hertzogprys word onmiddellik na die Raadsvergadering waarop die bekroning geskied het, bekend gemaak. [Hierdie besluit is in Desember 1939 geneem – kyk bladsy 189.]

Die Huishoudelike Bepalings is later saam met die eerste drie bepalinge van die prosedureveranderinge waarop in 1942 besluit is, as een dokument ter inligting aan Letterkundige Kommissies verskaf (kyk eindnota 40 op bladsy 530). 'n Latere inligtingstuk bevat die toekenningsprosedure wat deur die Fakulteitsraad gewysig is op 20 September 1946 (kyk eindnota 42 op bladsy 532).

In 1941 het G. Dekker in sy aanvaarding van benoeming as kommissielid vir die 1943-Poësieprys, ernstig beswaar aangeteken teen die prosedure van toekenning, veral die punt dat die Keurkommissie nie eens sy opinie duidelik kon stel omtrent die rangorde van verdienste nie (ARMB 1941: 11 Desember). Hierdie probleem is aangespreek deur die 1942/1943-veranderinge in die Huishoudelike Bepalings.

Nienaber (1965a:28, 173) gee te kenne dat daar al tydens die 1942-Jaarvergadering besluit is op 'n Breë Kommissie van tien lede. **Die besluit om die kommissie te verklein van vyftien na tien lede, is egter eers in 1943 geneem** (FRN 1943: 26 Februarie). Die bepalinge wat Nienaber (1965a:28, 172-173) verskaf as dié wat tydens die 1942-jaarvergadering aangeneem sou wees, is nié die 1942/1943-bepalinge nie, maar dié van 1946 (kyk bladsy 700).

30 Krause se volledige antwoord sien soos volg daar uit:

Dit kom my voor asof dit die bedoeling van die skenker was, om die Kuratore, na sy dood, volle mag te gee om die Akte te verander ens. mits dat die verandering ens. gevolg gee aan die wens van die stigter.

Die wens van die stigter was om “de uitbreiding van de Afrikaanse Taal in Zuid-Afrika te bevorderen”. Die Akte stel alleen vas die “werkzaamheden, plichten en funkties” van die Kuratore – dog na die dood van die stigter, tree die Kuratore in sy plek en administreer die “fonds” sowel as ander versamelde fondse of eiendomme ter bevordering van die Afrikaanse taal.

Die verdeling van Afrikaanse taalprodukte in “bellettristiese” en “wetenskaplike prosa” is nie in stryd nie met die wens van die stigter om die Afrikaanse taal te bevorder, en die Kuratore het dus die reg gehad, na die dood van die stigter, 'n sodanige verdeling te maak. Dit skyn my asof dit die bedoeling van die stigter was, dat sekere kondisies “stiptelik” nagevolg moet word – nl. (a) Die toekenning van die prys moet jaarliks geskied indien daar 'n bekroning is; en (b) Indien daar geen bekroning is nie, dan moet die rente by die kapitaal gevoeg word om die kapitaal te versterk.

Daar is alleen een uitsondering van hierdie bepaling en dit is, wanneer vir 5 jaar geen bekroning plaasvind nie volgens art. (d).

Die magte wat die Kuratore na die dood van die stigter uitoefen, het alleen betrekking tot die administrasie en beheer van die Fonds, en die essensiële bepalinge van die stigting kan nie verander word nie – naamlik (a) die versterking van die fonds van tyd tot tyd op die wyse soos bepaal en (b) die toekenning jaarliks van 'n eerbeloning of prys vir die beste letterkundige produkte wat die Afrikaanse taal bevorder. Die stigter het self voorsiening gemaak vir die “stabilisering” of “aangroei” van die Fonds.

31 **In 1943 het die Fakulteitsraad die volgende besluit** (FRN 1943: 16 Julie):

- (a) As 'n Keurkommissie 'n eenstemmige aanbeveling doen, moet die Breë Kommissie nogtans versoek word om oor die aanbeveling te stem;
- (b) As 'n Keurkommissie verdeeld is oor die aanbeveling, sal die name en werke van die aanbevole skrywers aan die Breë Kommissie voorgelê word om te stem (i) vir toekenning van die prys aan een skrywer, of (ii) vir geen toekenning nie, of (iii) vir verdeling van die prys tussen twee of meer skrywers wat dan genoem moet word.
- (c) Die Raad beskou 'n verdeling van die Hertzogprys as algemene beleid, onbevredigend.

Volgens Nienaber (1965a:28, 172-173) is die advies van die Breë Kommissie reeds vanaf Desember 1942 slegs ingewin as daar 'n minderheidsverslag of prysverdeling was. Die Fakulteitsraad het egter eers in September 1944 besluit dat die Breë Kommissie net geraadpleeg sou word indien die Letterkundige

Keurkommissie meer as een persoon aanbeveel (FRN 1944: 30 September).

- 32 Later daardie jaar, tydens die Fakulteitsjaarvergadering op 28 Julie 1944, het die volgende voorstel deur die Kaaplandse werkgemeenskap (kyk eindnota 25 op bladsy 524) as een van die besprekingspunte gedien:

By toekenning van die Hertzogprys oorweeg die Jaarvergadering die wenslikheid om sy keurkommissies alleen verantwoordelik te stel vir aanbevelings aan die Raad, met uitskakeling van die breë kommissies.

D.F. Malherbe was gekant teen sodanige uitskakeling. Die Sekretaris het daarop gewys dat die toekenning van die Hertzogprys uitsluitlik by die Akademieraad berus, en dat die Keurkommissies deur die Raad benoem word met die oog op aanbevelings. 'n Besluit van die Jaarvergadering oor afskaffing al dan nie, kon derhalwe slegs as 'n wenk aan die Raad dien. 'n Stemming het laat blyk dat die meerderheid Akademielede teen die uitskakeling van die Breë Kommissie gekant was. (FJV 1944: 28 Julie.)

- 33 Die 1942/1943-bepaling dat die onverdeelde prys nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word nie (kyk bladsy 221), het van meet af probleme geskep. In beide die meerderheids- en minderheidsverslag van 1943 is melding gemaak van die ongelukkige bepaling waarvolgens N.P. van Wyk Louw (met *Gestaltes en diere*, maar veral *Raka*) nié in aanmerking kon kom nie omdat hy reeds in 1940 (vir *Die halwe kring*) die onverdeelde prys ontvang het (FRA 1943: 16 Julie – bylaag C).

Voor die rotasie van die verskillende literêre kategorieë het Grosskopf met sy dramas *As die tuig skawe* en *Drie eenbedrywe* die 1925/1926-Hertzogprys gedeel met D.F. Malherbe (prosa) en A.G. Visser (poësie). Die verdeling is gemaak omdat in al drie afdelings “verdienselike werk gelewer is”. Die Keurkommissie was van mening dat met die verdeling nie te kenne gegee word dat die werke of skrywers in alle opsigte gelykwaardig is nie, maar alleen dat hulle onder die afsonderlike afdelings, en in terme van die skenkingsakte, die eerste vir bekroning in aanmerking kom. (Malherbe 1926:110-111.) (Kyk bladsy 106.)

Deur Grosskopf vir 1944 buite rekening te laat, beteken dat sy 1925/1926-bekroning nié beskou is as 'n verdeelde toekenning (met ander kategorieë) nie, maar 'n onverdeelde toekenning (in die dramakategorie). (Die prysgeld is egter verdeel – kyk bladsy 107.) Sangiro, daarenteen, het die 1945-Hertzogprys vir Verhalende Prosa ontvang (kyk eindnota 39 op bladsy 530), ongeag die feit dat hy die 1926/1927-Hertzogprystoekenning, asook die prysgeld, met twee ander prosaïste, Jochem van Bruggen en C.J. Langenhoven, gedeel het (kyk bladsy 116). Sy vroeëre toekenning is dus as 'n verdeelde prys beskou.

- 34 Daar was van meet af eenstemmigheid om gebruik te maak van die gewysigde prosedure ten einde Leipoldt met die 1944-Dramaprys te bekroon. Groot verskil van mening het egter die vorige jaar geheers:

Die opsie om vroeëre werk te bekroon, was vir die eerste keer beskikbaar vir die 1943-Poësieprys. Die Letterkundige Kommissie het 'n meerderheids- en minderheidsverslag ingedien. F.E.J. Malherbe en E.C. Pienaar beveel in hulle meerderheidsverslag aan dat die prys gelykop verdeel word tussen I.D. du Plessis, Uys Krige en W.E.G. Louw. Volgens hierdie twee kommissielede behoort geeneen van die drie digters in daardie stadium die volle prys te kry nie, maar geeneen behoort ook van 'n gedeeltelike bekroning uitgesluit te word nie. Hulle stel enkelwerke wat 'n gedeeltelike toekenning kon kry bó die opsie om buite die betrokke tydperk te gaan en 'n poësie-oeuvre te bekroon – by name dié van Elisabeth Eybers. In die minderheidsverslag het P.C. Schoonees *Terugtog* deur W.E.G. Louw aanbeveel, en indien die gewysigde prosedure van toepassing gemaak sou word, 'n verdeelde toekenning tussen Elisabeth Eybers en W.E.G. Louw. (FRA 1943: 16 Julie – bylaag C.) In albei verslae was die eerste keuse om enkeltekste te bekroon wat verskyn het in die periode Januarie 1940 tot Desember 1942.

Die Breë Kommissie is geraadpleeg. Sewe van die tien kommissielede het geantwoord. Op die eerste vraag of die 1943-Hertzogprys toegeken moes word, het vyf ingestem, maar twee was daarteen gekant. Tweedens moes hulle aandui watter digter die prys moes ontvang indien dit wel toegeken word. I.D. du Plessis (*Kwatryne*) en W.E.G. Louw (*Terugtog*) het geen stem ontvang nie, terwyl twee persone vir Uys Krige (*Rooïdag*) gestem het. Derdens is aan lede van die Breë Kommissie gevra tussen wie van die genoemde digters die prys verdeel moes word indien besluit word op 'n verdeelde toekenning. Slegs een persoon het aangedui dat die prys dan moes gaan aan Uys Krige en I.D. du Plessis. Vyf lede het in hulle kommentaar aangetoon dat *Terugtog* die beste van die drie bundels is, maar nie bekroning verdien nie, of twyfel uitgespreek betreffende bekroning. (FRA 1944: 17 Januarie.)

Tydens die Fakulteitsraadsvergadering is die meerderheids- en minderheidsverslag van die Letterkundige Kommissie saam met die opinies van die Breë Kommissie se lede behandel. **Na breedvoerige bespreking besluit die Raad dat dit onwenslik was om die prys te verdeel.** Aangesien die Letterkundige Kommissie nie eenstemmig een persoon vir die prys aanbeveel het nie, versoek die Raad die Kommissie om wéér die saak te oorweeg. Die Raad was van mening dat die Letterkundige Kommissie onder omstandighede werk búite die betrokke tydperk ook in aanmerking moes neem. (FRN 1944: 17 Januarie.)

Weer het die Letterkundige Kommissie twee verskillende aanbevelings gemaak. F.E.J. Malherbe en E.C. Pienaar beveel aan dat Uys Krige bekroon word, en omdat sy werk bekroningswaardig is, het hulle dit

ontoelaatbaar geag om buite die periode 'n wenner te soek. P.C. Schoonees was steeds van mening dat W.E.G. Louw die onverdeelde prys verdien. Indien daar nie met hom saamgestem word nie, beveel hy Elisabeth Eybers aan volgens paragraaf 2 van die gewysigde prosedure. (FRA 1944: 8 April – aanhangsel B.)

Die Letterkundige Kommissie se tweede verslag is behandel. Die Fakulteitsraad “besluit” eenparig om die Hertzogprys toe te ken aan Elisabeth Eybers vir *Die stil avontuur* en *Belydenis in die skemering*. (FRA 1944: 8 April – aanhangsel B; FRN 1944: 8 April.) Die “besluit” soos aangetoon in die notule, was nie die finale beslissing nie – want daarvoor moes die Akademiesraad uitsluitelike, maar 'n besluit om Eybers aan te beveel.

Die persone teenwoordig tydens die Fakulteitsraadsvergadering toe hierdie besluit geneem is, was L.W. Hiemstra, F.C.L. Bosman en I.M. Lombard (Sekretaris). In die notule staan dat daar geen kworum aanwesig was nie, maar dat ooreengekom is om die agenda af te handel en die notule te sirkuleer vir goedkeuring. Hierdie opmerking is egter met die hand deurgehaal, en langsaan kom die voorletters S.H.P. voor (S.H. Pellissier – Akademievoorsitter). In die 27 Julie 1944-raadsvergaderingnotule staan dat die notule van die 8 April 1944-vergadering goedgekeur is, maar met die aangetoonde skrapping.

Die Fakulteitsraad het hulle aanbeveling dat Eybers bekroon word, voor die **Akademiesraad** gelê, **wat dit goedgekeur het** (ARA en ARN 1944: 8 April).

- 35 Die Akademiesraad het in **1939** besluit dat die **oorhandiging van alle Akademiepryse** of erepenninge voortaan op plegtige wyse **by geleentheid van 'n jaarvergadering** sou geskied, **of**, as dit onmoontlik was, **by wyse van 'n huldigingsfunksie** wat deur die werkgemeenskap in die betrokke provinsie gereël word (ARN 1939: 20 September; SAATLK 1940:11).

Ná die 2 Desember 1939-jaarvergadering, gehou in Bloemfontein, het die Akademievoorsitter, S.H. Pellissier, by sy woning 'n tuinparty aangebied waartydens die Hertzogprys aan D.F. Malherbe oorhandig is. Pellissier het daarop gewys dat dit die eerste keer was dat die prys by 'n openbare geleentheid uitgereik word en die hoop uitgespreek dat dit in die toekoms 'n vaste gebruik sou word. Malherbe het self ook die woord gevoer. (AJVN 1939: 2 Desember – aanhangsel B.) In die eerste aflewering van die nuwe reeks van die Akademie se *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, is berig oor die oorhandiging (SAATLK 1940:22, 25-26), asook in *Ons eie boek* (Malherbe 1940:5).

- 36 'n Brief van J.M.H. Viljoen, redakteur van *Die Huisgenoot*, gedateer 20 Junie 1944 (LK 1/3), het Lombard waarskynlik bereik voor dié van Leipoldt. Viljoen merk op:

Leipoldt is in die laaste tyd so vol nukke dat hy glo van plan was om die toekening van die hand te wys. Ek het hom egter baie duidelik te kenne gegee dat die Afrikaners hom dit baie kwalik sal neem en dat ek nie sou aarsel om hom in *Die Huisgenoot* op sy plek te sit nie. Nou lyk dit darem of hy hom sal gedra, hoewel hy natuurlik nie na Stellenbosch sal gaan om die prys formeel in ontvangs te neem nie.

Teen 21 Junie 1944 het Lombard nog nie van Leipoldt verneem of hy die prys sou aanneem nie, en 'n paar dae later noem Lombard aan F.C.L. Bosman dat Leipoldt se oorkoms “baie twyfelagtig” was (LK 1/3: 21 en 26 Junie 1944).

Malherbe (1944:98) merk in *Ons eie boek* in verband met die Akademievergadering te Stellenbosch op:

Dit was jammer dat by die offisiële aankondiging van pryse en erepenninge nie al die ontvangers teenwoordig kon wees nie, en dat die reëling dusdanig was dat daar geen geleentheid gegee is om ook oor die werk van die afwesige pryswinners [sic] 'n kort waardering voor te dra nie....

- 37 Die Kaaplandse Werkgemeenskap het J.M.H. Viljoen voorgestel om die Akademie se motivering van toekening aan Leipoldt uit te spreek. Bosman verneem van Lombard (LK 1/3: 24 Junie 1944):

By die aanwysing van persone het ons aanvaar dat die motivering uitgespreek word of die bekroonde persoon aanwesig is of nie. Is dit nie reg so nie?

Lombard antwoord dat dit nooit gebeur het dat 'n pryswenner in absentia gehuldig word nie, maar dat dit geskied het by 'n funksie waar die oorhandiging gedoen is, soos tydens funksies wat die Kaaplandse Werkgemeenskap al in die verlede gereël het. Syns insiens moes die Fakulteitsraad 'n aanbeveling by die Akademiesraad maak in verband met die prosedure wat gevolg moes word. (LK 1/3: 30 Junie 1944.)

- 38 Met die oog op die verdeling van die Hertzogprys (Bellettrie en Wetenskaplike Prosa) en die verminderde rentekoers wat die Hertzog-taalfonds in daardie stadium gelewer het, beveel die Fakulteitsraad vroeg in **1944** by die Akademiesraad aan dat **die bedrag van die Hertzogprys jaarliks vasgestel word**, met inagneming van die rente wat die Fonds lewer. Uit die renteopbrengs was ongeveer £49 vir die 1944-prys beskikbaar. Sou die renteopbrengs vir die prys onvoldoende wees, kon die Akademiesraad dit uit sy lopende rekening

aanvul. Verder is aanbeveel dat 'n prys van £50 vir 1943 verdeel word tussen die wenners in die afdelings Bellettrie en Wetenskaplike Prosa. (FRA en FRN 1944: 17 Januarie.) Die Akademiesraad het die aanbevelings van die Fakulteitsraad goedgekeur (ARN 1944: 18 Januarie). Die bedrag van £50 is gevolglik verdeel tussen Elisabeth Eybers (Hertzogprys vir Poësie) en dr. J. du P. Scholtz (Wetenskaplike Prosa – onderafdeling Taal- en Letterkunde, Kunstgeskiedenis en Musiek) vir sy werk *Die Afrikaner en sy taal* (FRN 1943: 16 Julie – bylaag D; FRA en FRN 1944: 17 Januarie; ARN 1944: 18 Januarie).

Die Sekretaris beveel in April 1944 aan dat die bepaling om die Hertzogprysbedrag jaarliks neer te lê, só gewysig word dat die bedrag op £50 of £60 vasgestel word totdat die Akademiesraad anders besluit (ARA 1944: 8 April). Die Raad aanvaar die aanbeveling en kom op 'n bedrag van £50 ooreen (ARN 1944: 8 April).

Leipoldt het waarskynlik sy 1944-Dramaprys van £50 gedeel met dr. Coenraad Beyers (Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa – onderafdeling Geskiedenis en Aardrykskunde) vir *Die Kaapse patriotte* (FRN 1944: 27 Julie).

- 39 In die verslag van die Letterkundige Keurkommissie vir die 1945-Hertzogprys vir Bellettrie (Verhalende Prosa: novelle, roman, kortverhaal) is die name van Jochem van Bruggen, C.M. van den Heever, Mikro en D.F. Malherbe genoem as persone wat nie in aanmerking kon kom nie omdat hulle al tevore 'n volle prys verwerf het. Die Kommissie was eenparig van oordeel dat die onverdeelde prys aan Sangiro (mnr. A.A. Pienaar) toegeken moes word vir sy werk *Simba*. Omdat hulle volgens opdrag “hoogstens drie skrywers” moes aanwys, “desgewens met aanbeveling van rangorde van verdienste”, het hulle genoem: 1) Sangiro, 2) P.J. Schoeman en 3) J. van Melle. (FRA 1945: 25 Mei – aanhangsel C.) Die Fakulteitsraad het die Letterkundige Kommissie se aanbeveling goedgekeur met dien verstande dat Sangiro vir sy werk as geheel, en nie net vir *Simba* nie, bekroon word (FRN 1945: 25 Mei). Die toekenning aan Sangiro vir al sy werke is ook deur die Akademiesraad goedgekeur (ARN 1945: 25 Mei; 1944/1945-Fakulteitsjaarverslag).
- 40 Die Hertzogprystoekenningsprosedure wat hierdie kommissie in Mei 1946 ter inligting ontvang het, vóórdat die 20 September 1946-veranderinge ingetree het, is 'n samevoeging van:
- bepaling (a) tot (d) van die Huishoudelike Bepalinge waarop besluit is tydens die Desember 1942-jaarvergadering (kyk eindnota 29 op bladsy 526) (met die uitsondering van twee veranderinge in bepaling b), en
 - die eerste drie bepalinge van die 1942/1943-Hertzogprysprosedureveranderinge (kyk bladsy 221). Weens die samevoeging van die twee dokumente is daar klein verskille in nommering:
 1. (a) As die Letterkundige Keurkommissie, wat jaarliks deur die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns benoem word, van oordeel is dat daar letterkundige werk gelewer is wat vir die betrokke jaar bekroning verdien, wys hy hoogstens drie skrywers aan wie se werk hy verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die Hertzogprys en stuur die name, met 'n verslag, desgewens met aanbeveling van rangorde van verdienste, aan die Sekretaris van die Raad.
 - (b) As die keurkommissie meer as een skrywer aanbeveel, word die name van die betrokke skrywers en werke wat in aanmerking kom, deur die Raad aan 'n Breë Kommissie van tien lede voorgelê, sonder kommentaar en sonder vermelding van die bevindings van die Letterkundige Keurkommissie. Lede van die Raad is nie vir hierdie kommissie verkiesbaar nie.

[Hierdie bewoording verskil in twee opsigte van die 1942/1943-dokument: op 30 September 1944 het die Fakulteitsraad besluit dat die Breë Letterkundige Kommissie nie geraadpleeg sou word as 'n aanbeveling van 'n Letterkundige Keurkommissie eenparig was nie – daarom die bewoording “as die keurkommissie meer as een skrywer aanbeveel”; die besluit om die kommissie te verklein van vyftien na tien lede is op 26 Februarie 1943 deur die Fakulteitsraad geneem.]

 - (c) Elke lid van die Breë Kommissie bring sy stem skriftelik uit vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.

[Voordat in 1944 besluit is dat die Breë Kommissie nie geraadpleeg sou word indien 'n aanbeveling eenparig is nie, is bepaal dat die Breë Kommissie sy stem skriftelik sou uitbring vir die “skrywer of skrywer(s)” wie se werk bekroningswaardig was.]

 - (d) Die Raad oorweeg dan die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die Letterkundige Keurkommissie en ken die prys toe al dan nie.
2. Wanneer die ingekome werke oor 'n bepaalde tydperk nie aan die vereistes vir die prys voldoen nie, kan die Raad die prys toeken aan 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.
 3. Die onverdeelde prys word nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling

toegeken nie.

4. Die prys [in die 1942/1943-besluite staan “prysgeld”] word jaarliks om die helfte verdeel tussen belletrie en wetenskaplike prosageskrifte. Die twee groepe word oor tydperke van telkens vier jaar onderverdeel in die volgende [in die 1942/1943-besluite is die woord “agt” bygevoeg] afdelinge:
 - A. Belletrie:
 - (i) Poësie.
 - (ii) Drama.
 - (iii) Verhalende Prosa (novelle, roman, kortverhaal).
 - (iv) Ander kunsproua (opstel, kritiek, causerie, reisbeskrywing, ens.).
 - B. Wetenskaplike proua:
 - (i) Taal- en letterkunde, kunsgeskiedenis en musiek.
 - (ii) Geskiedenis en aardrykskunde.
 - (iii) Wysbegeerte, sielkunde, opvoedkunde en teologie.
 - (iv) Sosiale en staatswetenskappe.

Punt 4 en 5 van die 1942/1943-Hertogprysprosedureveranderinge is weggelaat (kyk bladsy 222):

- Punt 4 het bepaal dat nietoegekende prysgelde i.p.v. by die kapitaal gevoeg te word, gestort word in ’n reserwefonds met die doel om die jaarlikse waarde van die Hertogprys te stabiliseer. Dit is met reg gekrap aangesien dit in stryd was met die Hertog-taalfondsskenkingsbrief (kyk bladsy 224).
- Punt 5 het dit duidelik gestel dat, waar in die skenkingsakte sprake is van prystoekening deur die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, dit sou beteken dat die toekening geskied deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, op voordrag van die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns. Die onduidelikheid wat ontstaan het met die weglating van hierdie stelling, is in 1956 opgeklaar toe die ter sake rade gespesifiseer is (kyk bladsy 311).

- 41 Tydens ’n vergadering van 27 Februarie 1943 het dr. J.K. Marais, Ondervoorsitter van die Akademieraad, die Raad versoek om oorweging te skenk aan die moontlikheid om ’n jaarlikse prys vir natuurwetenskaplike werk toe te ken op dieselfde grondslag as dié van die Hertogprys vir letterkundige werk. Die Raad het die uitreiking van ’n £50-prys vir so ’n doel in beginsel goedgekeur en die Raad van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek opgedra om ’n skema vir oorweging voor te lê. (ARN 1943: 27 Februarie.)

Die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns het aanbeveel dat die Akademieraad die Afrikaanse Persfondsraad nader vir geldelike steun uit sy deel van die opbrengs van die Hertog-Brebner-Trust, onder andere met die oog op die instelling van ’n Hertogprys vir natuurwetenskaplike werk. Die aanbeveling is goedgekeur en die Akademievoorsitter en -sekretaris is versoek om hulle tot die Persfondsraad te wend. (FRN 1943: 16 Julie; ARA en ARN 1943: 17 Julie.)

’n Skema vir die uitvoering van die plan is opgestel, gewysig en later in sy geheel goedgekeur (Oktober 1942 tot Maart 1944-Akademiejaarverslag; ARN 1944: 27 Julie), maar daar is gesoek na ’n fonds om die prys te ondersteun. In die September 1944-uitgawe van *Ons eie boek* (Malherbe 1944:98) is byvoorbeeld ’n beroep gedoen “op een of ander vermoënde Afrikaner” om sy naam te verewig deur ’n prys vir die Natuurwetenskaplike afdeling te skenk – “ongeveer die bedrag van die ou Hertogprys van £75 jaarliks”.

Onderhandelinge met die Afrikaanse Persfondsraad het voortgeduur (ARN 1944: 30 September; ARA 1945: 26 Februarie). Hangende die verkryging van ’n fonds, het die Akademieraad besluit om uit sy lopende fonds ’n bedrag van £50 voor te skiet vir twee pryse van £25 elk vir 1945 (ARN 1945: 25 Mei; ARA 1945: 2 Julie). Die twee Akademiepryse vir Natuurwetenskap en Tegniek is toegeken (ARN 1945: 2 Julie) en tydens die jaarvergadering oorhandig (AJVN 1945: 4 Julie; 1945/1946-Akademiejaarverslag – aanhangsel by AJVA 1946: 29 Junie).

Intussen is ’n fonds vir die bekroning van natuurwetenskaplike werk nog nie gevind nie, en is onderhandelinge met die Persfondsraad voortgesit (1944/1945-Akademiejaarverslag; AJVN 1945: 4 Julie; ARA en ARN 1945: 23 Oktober). Mnr. N.C. Havenga, Voorsitter van die Afrikaanse Persfondsraad, het dr. H.O. Mönnig, Akademieraadslid, meegedeel dat hy die saak nog met wyle sen. Brebner nagegaan het, maar bevind het dat dit volgens die bepalinge van die trustakte volkome onmoontlik was. Albei was baie begerig om so ’n skenking te maak, maar kon dit nie doen nie. (FRA 1946: 20 Februarie; ARN 1946: 20 Februarie). Die Akademie het ook die trustakte nagegaan en bevind dat die akte nie ’n skenking vir ’n prysfonds toelaat alvorens die beskikbare bedrag £10, 000 is nie (ARN 1946: 20 Februarie; ARA en ARN 1946: 26 April). ’n Balansstaat van die Persfondsraad is later voor die Akademieraad gelê (ARN 1946: 26 April; ARA 1946: 18 Mei).

Die Akademieraad het besluit om ook vir 1946 twee pryse van £25 elk aan die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek toe te ken. Hierdie Fakulteit moes egter voorsiening maak vir ’n fonds van ongeveer £2000 waaruit pryse toegeken kon word. Mönnig sou weer vir Havenga nader – dié keer in sy persoonlike hoedanigheid – vir ’n fonds wat dan die Havengapryse genoem sou word. (ARN 1946: 26 April.)

Die bedrag van die twee Hertzogpryse, nl. vir Bellettrie en vir Wetenskaplike Prosa, is verhoog na £50 elk. Sodra die Natuurwetenskaplike Fakulteit oor 'n fonds beskik, sou die Akademie, indien nodig, sy twee pryse ook aanvul tot 'n bedrag van £50 elk. (ARN 1946: 26 April; FRA en FRN 1946: 17 Mei.)

Onderhandelinge tussen Mönnig en Havenga het voortgeduur (ARN 1946: 18 Mei; ARA en ARN 1946: 27 Junie). Havenga het besluit om jaarliks £50 te skenk vir Akademiepryse – £25 vir elke toekenning. Daar is besluit dat die prys bekend sal staan as die **Havengaprys**. Op voorstel van die Sekretaris, en gesekondeer deur dr. F.C.L. Bosman, is Havenga benoem tot erelid van die Akademie, onderworpe aan die goedkeuring van die eersvolgende Jaarvergadering. (ARN 1946: 21 September; ARA 1957: 30 Maart.) In *Die Huisgenoot* van 8 Augustus 1947 staan in verband met die Akademie se werksaamhede (Viljoen 1947:15):

Oud-minister N.C. Havenga, wat die Havenga-prys vir die Fakulteit vir Wetenskap en Tegniek geskenk het en later voorsiening sal maak vir 'n vaste fonds, sodat die prys 'n permanente instelling kan word, is as bewys van erkentlikheid tot erelid van die Akademie gekies. Hierdie eer deel hy met die digter Totius.

Havenga is vir sy skenking bedank (ARN 1946: 21 September; ARA 1947: 18 Januarie). Ook in sy boedel is voorsiening gemaak vir die prys (ARA 1957: 27 Junie). (Kyk eindnota 28.)

- 42 'n Latere inligtingstuk wat aan Letterkundige Keurkommissies gestuur is, met die aanduiding dat dit die toekenningsprosedure is soos deur die Fakulteitsraad gewysig op 20 September 1946, verskil soos volg van die vorige Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk eindnota 40 op bladsy 530):

- Ná punt 3 is as **vierde** bepaling die volgende aanbeveling van die Ondersoekkommissie ingevoeg:

Elke Keurkommissie behoort vir homself 'n lys op te stel van werke oor die betrokke vakke in die betrokke tydperk. As die lede vir hulself vasgestel het watter werke val min of meer binne die kader van die bekroningsstandaard [sic], kan hulle, so nodig, uitgewers deur die Akademie-sekretariaat nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verdere toegespitste studie en oorweging.

[Die tweede sin in die betrokke aanbeveling (b) is uitgelaat, naamlik dat dit aanvaar moet word dat lede van Keurkommissies voldoende vertrouwd is met die vakliteratuur van hulle besondere gebiede om met betreklik geringe moeite sulke lyste op te stel – kyk bladsy 240.]

- As punt 5 word die volgende indeling gegee:

- (i) Poësie.
- (ii) Drama.
- (iii) Verhalende prosa (novelle, roman, kortverhaal).
- (iv) Ander kunsprosa (opstel, kritiek, causerie, reisbeskrywing, ens.).

Met die hand is die korrekte indeling by (iii) en (iv) aangebring, naamlik:

- (iii) Verhalende prosa (novelle, roman, kortverhaal, reisbeskrywing).
- (iv) Kritiese prosa en essay.

- 43 Van H.A. Fagan is die volgende werke nie in aanmerking geneem vir die 1948-Hertzogprys nie:
- *Twee blyspele* (1945) (dit bevat die volgende twee werke deur H.A. Fagan: *Die stille haard* en *Die swakkere vat*) (Nasionale Pers). [*Die swakkere vat* is ook opgeneem in Beukes se *Ses eenbedrywe* (1946), *Uur van die waarheid* (1969) en *Spel en spelers* (1988).]
 - *Die nuwe wêreld en ander toneelstukke* (1947) (dit bevat die volgende drie werke deur H.A. Fagan: *Die nuwe wêreld*, *Bo die kranse* en *Opdrifsels*) (Nasionale Pers). [*Bo die kranse* is ook opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe* (1949), H.A. Fagan se *Drie eenakters* (1962) en W.P. Steenkamp se *Bo die kranse en ander eenbedrywe* (1974); *Opdrifsels* is ook opgeneem in H.A. Fagan se *Drie eenakters* (1962) en in T.T. Cloete se *Vyfling* (1966).]

Die volgende dramas deur J.F.W. Grosskopf is nie in berekening gebring nie:

- *Die daad van Koedri en twee ander kort toneelstukke* (1946) (dit bevat die volgende drie werke deur J.F.W. Grosskopf: *Die daad van Koedri*, *Die goeie hoop* en *Die nag by die blokhuis*) (Nasionale Pers). [*Die nag by die blokhuis* is ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Kom ons speel toneel!* (1959).]
- *Die vloek* (1946) (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Ses eenbedrywe*) [ook opgeneem in Beukes se *Uur van die waarheid* (1969)]
- *Padbrekers: 'n mens-tragedie* (1947) (Van Schaik).

Die swakkere vat (Fagan) en *Die vloek* (Grosskopf) is die twee eenbedrywe uit Beukes se versamelbundel *Ses eenbedrywe* wat nie in die verslag genoem is nie (kyk voetnota 431 op bladsy 243).

44 De Coning was reeds in 1950 in diens van die Akademie en het vanaf Julie 1950 tot Januarie 1951, gedurende die afwesigheid van dr. F.C.L. Bosman, opgetree as waarnemende Sekretaris (1950/1951-Akademiejaarverslag), asook as hulpsekretaris op byvoorbeeld 29 Junie 1950 en 29 Junie 1951 in die plek van P.J. Nienaber wat siek of uitstедig was (FRN 1950: 29 Junie; FRN 1951: 28-29 Junie). In September 1951 is De Coning deur die Akademierraadsvoorsitter, prof. dr. T.H. le Roux, terugverwelkom in diens van die Akademie (ARN 1951: 24 September). Hy was vermoedelik vir 'n rukkie nie daar werksaam nie. De Coning het die Akademie verlaat aan die einde van April 1953 (ARA 1953: 4 April – bylaag D; 1953/1954-Akademiejaarverslag). De Coning is opgevolg deur F.J.H. Barnard (kyk eindnota 51 op bladsy 286).

45 Die Nasionale Toneelorganisasie het die Departement van Onderwys in 1949 genader om 'n dramawedstryd uit te skryf met die hoofgedagte dat die geskikte stukke vir die Van Riebeeckfees moes wees. Die Departement het aan die versoek voldoen en £1000 uitgelooft vir die beste Afrikaanse werke en £1000 vir die beste Engelse stukke.

Die beoordelaars van die 24 Afrikaanse dramas was dr. F.C.L. Bosman, dr. G. Dekker en Anna Neethling-Pohl. Die wenner is op 17 Augustus 1951 aangekondig. In die Afrikaanse afdeling is die pryse soos volg toegeken:

- Eerste prys (£500) verdeel tussen Gerhard Beukes vir *As ons twee eers getroud is!* en W. A. de Klerk vir *Die jaar van die vuur-os*;
- Tweede prys (£300) verdeel tussen Uys Krige vir *Die ryk weduwee* en Johannes Meintjes vir *Die blanke stilte*;
- Derde prys (£200) verdeel tussen Helene en Andries de Klerk vir *Die ongebore dag* en Anna M. Louw vir *Die ander dieptes*.

Die Nasionale Toneelorganisasie het die twee Afrikaanse pryswennerdramas (en die Engelse wenstuk) tydens die Van Riebeeckfees opgevoer: *Die jaar van die vuur-os* van 11 tot 18 Maart, en *As ons twee eers getroud is!* van 21 tot 29 Maart 1952 in die Hofmeyersaal, Kaapstad. Na afloop van die opvoerings het die geselskappe met die stukke op reis gegaan.

Die finale feesweek van die Van Riebeeckfees het in Kaapstad plaasgevind van 30 Maart tot 6 April 1952. (Kruger 1952:108-110.)

46 Marais het geantwoord dat Afrikaanse Pers Boekhandel slegs een verdere boek oor die drama uitgegee het, naamlik *Drama en spreekkuns in die skool*. Alhoewel dit sins insiens nie in aanmerking sou kon kom onder die dramagenre nie, het hy nogtans 'n eksemplaar aan die Akademie gestuur. (LK 1/5: 2 Mei 1952.) Tog was daar ander APB-publikasies wat in die tersaaklike tyd verskyn het (kyk voetnota 509 op bladsy 283).

47 Die volgende jaar, op 24 September 1953, het die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging soos volg aan die Akademie geskryf (ARA 1953: 7 November):

Lede van ons Vereniging het by geleentheid van sy jongste jaarvergadering gehou op 17 en 18 deser, die mening uitgespreek dat 'n meer bevredigende stelsel gevind behoort te kan word om boeke aan die Akademie te kan voorsien vir beoordeling met die oog op die toekenning van die een of ander prys. 'n Jaar of wat gelede het die Akademie individuele uitgewers versoek om werke aan te beveel wat na hulle mening in aanmerking kan kom vir prystoekenning. Ons glo nie dat dit die taak van die uitgewer is om sodanige aanbeveling te doen nie. Vanjaar het dit weer gebeur dat werke vir beoordeling aangevra word wat so lank gelede verskyn het dat die uitgewers nie meer eksimplare in die hande kon kry om te voorsien nie. Hierdie vereniging sou dus verkies dat die Akademie self die titels van werke noem wat hy wil beoordeel vir bekroning en hulle so gou moontlik na verskyning aanvra.

Ons glo nie dat hierdie saak in die praktyk enige probleme behoort op te lewer nie. Die verskyning van 'n verdienstelike werk kan tog nooit lank onbekend bly nie. Sodanige werke word aan alle tydskrifte gestuur vir resensie. As daar behoorlik rekening gehou word met die status van die skrywer, die resensent en die tydskrif, behoort dit nie moeilik te wees om die kandidate vir prystoekenning uit te ken nie. Op aanvraag sal die uitgewer dan 'n eksemplaar van sodanige kandidate verskaf vir die Akademie se rak. Omdat daar dan ook voldoende tyd sal wees om die boeke onder die Akademie se keurkomitee te sirkuleer, sal dit ook nie nodig wees om meer as een eksemplaar aan te vra nie.

Ten besluite wil ons dit duidelik stel dat uitgewers alles in hul vermoë wil doen om toe te sien dat verdienstelike werk die lof ontvang wat dit verdien, maar ons wil dit ook beklemtoon dat hulle nie geneë voel om maar steeds op aanvraag hulle boeke weg te gee nie.

In die agenda waarin hierdie brief opgeneem is, maak F.C.L. Bosman as Akademiesekretaris die opmerking dat uitgewers “nog nooit uitgenooi [is] om werke aan te beveel wat vir bekroning in aanmerking kom nie”, en verder:

Wel is werke aangevra en is uitgewers soms meegedeel dat dit hulle ook vrystaan om desverkieënd werke onder die aandag van die kommissie te bring. Trouens hulle doen dit self soms ook ongevraagd.

Boeke is ook reeds teruggestuur deur die Sekretariaat.

Die wenke wat verder in die brief voorkom, word uiteraard vanself deur die meeste keurkommissies toegepas.

Die Raad het kennis geneem van die brief en vir Bosman gemagtig om te antwoord in die gees van sy opmerking in die agenda (ARN 1953: 7 November).

- 48 In die Akademieargief is 'n paar dokumente beskikbaar oor die kontak tussen F.C.L. Bosman en sommige van die sewe Fakulteitraadslede, naamlik telegramme en 'n moeilik ontsyferbare nota wat Bosman met die hand geskryf het, gedateer 26 Junie 1952. Inligting in verband met die reaksie van F.E.J. Malherbe, S.J. du Toit, J. du P. Scholtz en H. v.d.M. Scholtz kan in hierdie dokumente gevind word, maar nie van die ander drie Fakulteitraadslede, T.H. le Roux, I.M. Lombard en G.S. Nienaber, nie.
- 49 Die commendatio van Beukes het verskyn in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Oktober 1952. Daar is oorvleueling tussen die commendatio's en die Hertzogprysverslag.

HERTZOGPRYS VIR DRAMA, 1952.

TOEGEKEN AAN DR. G.J. BEUKES.

COMMENDATIO.

*Uitgespreek by oorhandiging van prys op Akademiejaarvergadering,
Pretoria, op 28 Junie 1952,*

deur
DR. F.C.L. BOSMAN.

Vanjaar is 'n merkwaardige jaar. Vir die eerste keer sedert 1944 is weer 'n Hertzogprys vir Drama toegeken. En dis toegeken aan twee persone wat, onder verskilende [sic] ouere en jongere skrywers van naam, geleidelik vorentoe gebeur het, totdat hulle vandag onder die bekendste dramaturge van Suid-Afrika is, om nie te sê die twee bekendste is nie. Hierdie twee persone is G.J. Beukes en W.A. de Klerk.

Hulle is albei van taamlik gelyke leeftyd; hulle het albei vry gelyklik gedebuteer; hulle het albei eers werklik naam begin maak met eenbedrywe; hulle het albei die eerste prys gewen op die groot Van Riebeeck-toneelwedstryd in 1951. Hoewel elkeen natuurlik ook sy eie kenmerke het, staan die pieke van hul werk so gelyk, dat dit feitlik onvermydelik was dat hulle ook gelyklik met die Hertzogprys bekroon sou word.

Waar dit gebeur het, spyt dit ons besonder dat W.A. de Klerk nie vandag hier kan wees nie. Hy sal egter by 'n latere geleentheid sy deel van die prys en sy huldigingswoord ontvang. Ons staan vandag verder net stil by G.J. Beukes.

G.J. Beukes is gebore in 1913; opgelei in Stellenbosch en Pretoria; eers onderwyser en sedert 1946 senior lektor aan die U.O.V.S. Hy het altyd belang gestel in die drama; was 'n sterk ondersteuner van Volksteater in Pretoria en het gepromoveer oor 'n toneelonderwerp, nl. *Die Moderne Eenbedryf*, 1947. In 1945 het hy sy eerste dramas gepubliseer, 'n bundel eenbedrywe; in 1946, 1948 en 1949 het ander eenbedrywe gevolg; in 1946 [1947] ook 'n groot drama, *Die Swart Engel*; in 1949 [1950] *Salome Dans*; in 1952 *Langs die Steiltes*; en *As Ons Twee Eers Getroud is*. Beukes word vandag spesifiek bekroon vir sy koorspel, *Langs die Steiltes*; vir sy ag eenbedrywe; vir sy tragedie in drie bedrywe, *Salome Dans*; vir sy blyspel, *As Ons Twee Eers Getroud is*. Merkwaardig en heeltemal toevallig is dat *Salome Dans* en *As Ons Twee Eers Getroud is* juis deser dae in Pretoria opgevoer is of word. *Salome Dans* is in 1949 met 'n eerste prys bekroon tydens die Krugersdorpse Diamantjubiläumwedstryd; *As Ons Twee Eers Getroud is* is die bekreonde drama, saam met De Klerk, *Die Jaar van die Vuuros*, tydens die Van Riebeeckfees-toneelwedstryd.

Langs die Steiltes word nie gelyklik bewonder deur iedereen nie. Sommige vind dit te veel van 'n gedig en te min van 'n drama; ander te veel van 'n drama en te min van 'n gedig. Sommige vind die nasionale toon roerend en eg; ander vind dit hol en gemaak. Dit gaan maar so in die kuns. Die een bewonder soms hemelhoog wat die ander veroordeel. Vir mense wat ons nasionale geskiedenis egter werklik ken en deurvoel, wat weet hoe maklik "digterlike drama" kan verloop in statiese situasie en daaroorheenstromende woordevloed, is hierdie drama een van diepe volksgevoel, van verhewe sinryke gedagte en van sterk toneelmoontlikhede. Deur Suid-Afrika se geskiedenis loop die bloedrooi lyn van oorlog en elke denkende mens is soms geneig om hom af te vra: kan S.A. ooit werklik een nasie word sonder verdere oorlog? Ja, sê Beukes, deur die mag van die Afrikaanse gees, deur die krag van eie kultuur. *Langs die Steiltes* tref verder deur sy hoë digterlike visie; sy tal van pragtige reëls en treffende beelde; sy suiwere afwisseling van toon. Sonder twyfel is dit 'n belangrike en blywende bydrae tot die Afrikaanse nasionale dramaturgie.

In sy eenbedrywe het Beukes ongetwyfeld ontwikkel tot die grootmeester onder ons huidige Afrikaanse

eenbedryfskrywers. Hy het 'n onfeilbare oog vir situasie, 'n suiwer kyk op sy figure, beskik oor beeldende dialoog en toon veral meesterskap oor dramatiese bou (die stygende spanning, die onverwagte wending) en konsentrasie van voorstelling. Sy eenbedrywe is van gemengde aard: tragies en komies. 'n Seldsame hoogtepunt bereik hy in sy Kersspel *Laat die Kerse Brand*. *Salome Dans* bring ons die bekende geskiedenis van Herodes, Johannes die Doper en Salome hoewel baie vry vertolk. Dis 'n stuk van visie en digterlike krag. In sekere sin is dit simbolies: met Salome as die personifikasie van hartstog, Johannes van die mag van die gees en Herodes as die persoon verskeur deur die worsteling tussen vlees en gees. Dis 'n stuk wat baie sal eis van die regie en die danseres maar ook dienooreenkomstig baie kan bring.

As Ons Twee Eers Getroud is is 'n klugtige blyspel wat tans deur die land trek en die publiek stormenderhand verower. Die stuk is besonder knap van bou, met lewendige karakterisering en kostelike situasies waarin veral die jongensagtige oupa en die egte jongetjie, Rampie, uitmunt. Terwyl die stuk 'n mens uitbundig laat skaterlag, bring dit as sedeblyspel tegelyk 'n rake hekeling van bepaalde sosiale swakhede.

Deur Beukes se meesterskap van vorm, sy breë veld van onderwerpe en figure (nasionaal en Bybels), sy egte en deurdringende karaktertekening, sy treffende dialoog, sy tragiese sowel as komiese vermoë, sy digterlike siening sowel as intellektuele krag, soos geopenbaar in die genoemde werk, verdien hy – en kry hy – die Hertzogprys.

- 50 Die onderstaande commendatio van De Klerk het ook verskyn in die Oktober 1952-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*:

HERTZOGPRYS VIR DRAMA, 1952.

TOEGEKEN AAN MNR. W.A. DE KLERK.

COMMENDATIO.

*Soos opgestel vir die Kaaplandse werkgemeenskapsvergadering, 30 Augustus 1952, Kaapstad,
by die oorhandiging van die prys,*

deur
DR. F.C.L. BOSMAN

Ek waardeer die geleentheid wat die Kaaplandse Werkgemeenskap my gegee het om hierdie huldigingswoord op te stel. Ek waardeer dit des te meer waar ek, by die Jaarvergadering van die Akademie in Pretoria, ook die eer gehad het om die huldigingswoord tot Gerhard Beukes te rig, soos u weet die deelgenoot vanjaar met De Klerk van die Hertzogprys vir Drama. Al wat my spyt, is dat ek vandag nie lyflik in u midde kan wees om my woorde self oor te bring nie. Ek wil egter my dank betuig aan prof. F.E.J. Malherbe wat bereidwillig bevind is om dit namens my uit te spreek.

Ek wil hier, om mee te begin, twee sake kortliks memoreer wat ek by die oorhandiging van die prys aan Beukes in Pretoria meegedeel het. Die een is dat dit die eerste toekenning van 'n Hertzogprys vir Drama sedert 1944 is; die ander dat dit merkwaardig [sic] is hoe betreklik gelyk aan leeftyd, aan tyd van debuting met werk en aan hoogtes van prestasie albei hierdie skrywers is, selfs wat betref 'n deling van die Van Riebeeck-toneelwedstryd se eerste prys in 1951. Ek gaan u egter geen vergelykinge tussen die werk van die twee skrywers gee in die sin van waardematings nie. As ek van 'n Engelse uitdrukking in hierdie verband gebruik mag maak, sou ek sê: Comparisons would be odious. Ek vergenoeg my derhalwe by De Klerk, soos by Beukes, met die positiewe karakterisering van die werk waarvoor hy bekroon is.

W.A. de Klerk is gebore in 1917, opgelei in Bloemfontein en Stellenbosch en word advokaat. Na vyf jaar in hierdie beroep, o.a. in Kaapstad en Windhoek, aanvaar hy 'n aanstelling aan die S.A. Uitsaai-korporasie in Kaapstad in 1946, waarmee hy tegelykertyd 'n literêre loopbaan verbind. Van 1949-1950 was hy ook verbonde aan die B.B.C. in Londen en reis veel in Europa rond. Sedertdien is hy terug in Suid-Afrika as radioman en literator. Behalwe algemene werke, bv. *Die Berge van die Boland*, is hy veral bekend as romanskrywer (bv. *Die Grenslose*) en as dramaturg.

As dramaturg het hy die eerste naam gemaak. In 1942 verskyn *Uit die Goeie Aarde*, 'n sielkundige probleem-drama met studentemotief. Hierdie eersteling is nog wankel van konstruksie, idee en karakterisering, maar terselfdertyd reeds kenmerkend van De Klerk se fundamentele instelling as dramaturg: verdieping in die sielkundige problematiek van die mens. Nie die mens as Afrikaner of as sosiale wese interesseer De Klerk in die eerste plek nie. Die mens as mens, met sy besondere probleme en geestelike verwickeldhede, besit sy aandag. Dit is dermate die geval dat ek persoonlik al die mening uitgespreek het, dat selfs De Klerk se spesifiek Afrikaanse tipes soms "gedenasionaliseer" word tot veralgemeende mense en sy mense tot enigsins "ontvleesde" tipes. Hoe dit sy, dit is veral die storme van die menslike hart en die barninge van die menslike gees wat De Klerk se aandag in beslag neem en wat hy op aangrypende en oor die algemeen oortuigende wyse uitgebeeld het in die dramas waarvoor hy tans bekroon word.

Hierdie werke is, om te begin by die belangrikste, *Die Jaar van die Vuuros*, 1951, waarvoor hy ook bekroon

is met 'n eerste prys in die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd. Daarnaas is inbegryp, om in tydsorde terug te gaan, in die bekroning: *Vlamme oor La Roche*, 1951; *Drie Dramas*, 1947 (bevattende *Die Verterende Vuur*, *Nag het die Wind Gebring*, *Hellersee*); die eenbedrywe *Drie Vroue*, 1945 (bevattende *Die Jammer Hart*, *Die Volmaakte Huwelik*, *Ontvlugting*).

Met *Die Jaar van die Vuuros* (voorheen *Die Jaar van die Vlam*) het De Klerk ongetwyfeld sy hoogtepunt dusver bereik. Enigsins afwykend van sy gewone benadering, is dit 'n sosiale probleem drama. Terselfdertyd word die persoonlike konflikte so sterk daarin gestel dat De Klerk wesenlik weinig afwyk van sy gewone sielkundige instelling.

Hierdie stuk is m.i. in elke opsig sterk te noem: die skepping van die situasie, die stelling van die probleem, die verskeidenheid van verteenwoordigende figure, die voortstuwung van die aksie, die heftige botsings (swart en wit, blank en blank, persoon en persoon), die beeldende dialoog, die intellektuele krag, die diep gevoel. En oor alles heen die liggende flitse van die egte humor in die wond van die so intens menslike en tegelyk so intens denkende en begrypende ou "generaal." Hoewel die wit-swartprobleem die hoofsaak is in die stuk, word sydelings die probleem Afrikaner-Engelsman ook raak aangeroe. Die stuk munt uit deur hegte bou en treffende toneelopset. Hy tref ook deur sy regverdige, objektiewe toon en die hoog-etiese oplossing wat hy bied. Hierdie oplossing is geleë in opoffering. En daarvoor is 'n os nie meer genoeg nie!

Vlamme oor La Roche is 'n drama van die ewige driehoek waarin die hartstog eintlik al drie persone vernietig, hoe seer vergeestelik die hartstog ook bly. Net soos die bergvlamme onkeerbaar op die Ou Bolandse plaas *La Roche* neersak, en dit verteer, so gebeur dit met die vlamme van die hartstog wat op die man, vrou en minnaar in die stuk neerdaal.

Die stuk is feitlik onvervalste tragiek van begin tot end en beweeg met 'n byna Griekse noodwendigheid tot sy einde. Die "skuldbesef" kleef al drie die hooffigure aan en, soos by die Grieke, is dit eerder 'n sedelike as fisiese skuldbesef. Die "moord" was nie werklik moord nie, maar die sedelike skuldgevoel is genoeg om die minnaar, as hooggestemde, idealistiese mens, tot sy dood te dryf en vir die vrou, as soortgelyke wese, om hom in die dood te volg.

Hoewel die sielkundige gang m.i. nie altyd voldoende gemotiveerd is nie, is dit 'n sterk en speelbare stuk wat inpas in die groot lyn van De Klerk se sielkundige probleem dramas.

Sowel *Drie Dramas* as *Drie Vroue* is ouere werk van De Klerk, wat ek as dermate bekend wil veronderstel dat ek nie uitvoerig daarop hoef in te gaan nie.

Drie Dramas munt uit deur sielkundige uitbeelding hoewel *Nag het die Wind Gebring* sterker in Afrikaanse rigting gaan as die ander twee. Dit is dan ook die eerste inheemse Afrikaanse drama wat deur die Nasionale Toneelorganisasie op die planke gebring is en het oorweldigende sukses dwarsdeur die land gehad in 1948. Werklik die beste drama van die drie is m.i. *Hellersee*, ongetwyfeld De Klerk se belangrikste drama voor *Die Jaar van die Vuuros*. Dit is 'n drama van Strindbergiaanse meedoënloosheid van probleemstelling, felle ontleding en tragiese ondergang. Ons sien hierin hoe 'n hooggestemde, selfbewuste vrou kom tot die bitterste en vernederendste selfontgogeling en met haas wetenskaplike determinisme die dood aanvaar.

Drie Vroue is drie eenbedrywe van besondere, sielkundige betekenis. Dit is 'n ontleding van drie bepaalde vrouetipes – die onselfsugtige, die selfsugtige en die swakke – in worsteling met bepaalde probleme en hoe hulle wen of verloor in daardie worsteling. Die stukke is knap van bou en sterk van karaktertekening hoewel miskien ook enigsins te serebraal van inhoud om heeltemal oortuigend te wees. Nietemin bly dit drie van die treffendste eenbedrywe onder ons jongere skrywers.

Mnr. De Klerk, om wat u gedoen en bereik het met bostaande werk, insonderheid *Die Jaar van die Vuuros*, het die Akademie besluit om sy hoogste onderskeiding, *Die Hertzogprys*, aan u toe te ken. Ek wens u andermaal van harte geluk daarmee. Mag dit u nie alleen 'n erkenning wees van gedane werk nie, maar meer nog 'n aansporing tot die bereiking van nuwe hoogtes.

- 51 Vir die 1949-Hertzogprys vir Verhalende Prosa was daar 'n eenparige keurkommissieaanbeveling ten gunste van Toon van den Heever vir sy bundel *Gerwe*, sowel as vir sy ander werk (digkuns) sedert 1919. Indien slegs prosa bekroon kon word, sou proff. M.S.B. Kritzinger en G.S. Nienaber hulle aanbeveling handhaaf, maar sou prof. F.E.J. Malherbe daarvan afwyk en *Die ontferdes* van Holmer Johanssen aanbeveel (FRA 1949: 29 Junie).

Die Akademiesekretaris, F.C.L. Bosman, het die implikasies van die onderskeie keuses aan Fakulteitraadslede uiteengesit (FRA 1949: 29 Junie):

- 1) Die Raad kon die eenparige aanbeveling aanvaar om Toon van den Heever te bekroon vir sy prosa (*Gerwe*) én digkuns, maar sou tegelykertyd erken dat dit 'n afwyking was van die bestaande prosedure en die Akademierraad vra om dit goed te keur (hulle het die mag daartoe besit). Bosman het foutiewelik verklaar dat Toon van den Heever reeds bekroon is vir sy digkuns en derhalwe in die vervolgt nie weer op die gebied van die digkuns sou kon meeding nie weens die bepaling dat 'n skrywer nie meer as eenmaal in dieselfde afdeling bekroon kon word nie. (Dit was C.M. van den

Heever wat in 1928 die Poësieprys met A.G. Visser gedeel het, asook in 1942 die Prosaprys ontvang het vir *Laat vrugte*.)

- 2) Die Raad kon die eerste opsie verwerp en besluit dat prosa en prosa alleen in aanmerking moes kom. In dié geval sou die Raad te staan kom voor 'n meerderheids- en minderheidsaanbeveling en sou die twee aanbevelings, volgens die Hertzogprysprosedurereëls, eers verwys moes word na 'n Breë Kommissie van tien lede vir hul menings voordat die Raad finaal besluit.

Die saak het 'n uitgebreide bespreking opgelewer. Die Fakulteitsraad het die eerste aanbeveling afgekeur. P.C. Schoonees, gesecondeer deur D.B. Bosman, het voorgestel dat, s'nder uitvoering van die verdere prosedure, geen Hertzogprys daardie jaar toegeken word nie aangesien hulle van opvatting was dat geneen van die genoemde prosawerke die Hertzogprys verdien nie. Die Sekretaris het daarop klem gelê dat aanname van hierdie voorstel in stryd was met die vasgelegde prosedure van voorlegging aan die Breë Kommissie – 'n afwyking wat hy hoogs onwenslik gevind het. Dit kon moeilikhede met Keurkommissies veroorsaak en by die sekretariaat onsekerheid skep met betrekking tot die uitvoering van raadsbesluite en -prosedures. Die Fakulteitsraad was egter van mening dat hierdie gedeelte van die prosedure, as huishoudelike prosedure, nie statutêr bindend was nie en het die voorstel van Schoonees aanvaar om geen prys toe te ken nie, onderhewig aan goedkeuring van die Akademiesraad wat die afwyking van die gewone prosedure betref. (FRN 1949: 29 Junie.) Hier is dus onderskei tussen die Akademiesstatute en die Huishoudelike Bepalings (kyk voetnota 255 op bladsy 155). Dit blyk dat slegs eersgenoemde werklik as bindend beskou is vir 'n besluit deur die Fakulteit. Die Akademiesraad se toestemming sou verkry word om die Huishoudelike Bepaling te negeer.

Die Akademiesraad het die aanbeveling goedgekeur, asook die afwyking van die gewone prosedure. Op voorstel van D.B. Bosman is besluit om art. 12(a) van die bestaande Hertzogprystoekenningsprosedure, te amendeer tot "kan benoem" i.p.v. bloot "benoem" (kyk bladsy 253-255). Hierdie besluit sou voor die Fakulteitsraad gelê word vir goedkeuring. (ARN 1949: 30 Junie.) Dit kom egter nie voor in daaropvolgende Hertzogprystoekenningsprosedure nie (kyk punt 12a van bylaag R op bladsy 647, bylaag S op bladsy 649 en bylaag T op bladsy 652).

Geen toekenning is gemaak nie en die Fakulteit se Jaarvergadering het daarvan kennis geneem (FJV 1949: 1 Julie). Hierdie besluit van die Fakulteitsraad, goedgekeur deur die Akademiesraad, het uit verskeie oorde hewige kritiek ontlok.

- 52 Jochem van Bruggen hét vier keer die Hertzogprys ontvang: drie keer onverdeelde (1917/1918, 1924/1925, 1933) en die 1926/1927-prys verdeeld. D.F. Malherbe het dit drie keer verower: die 1925/1926- en 1930-toekenning verdeeld en een maal onverdeelde – in 1939. Aan Totius is een onverdeelde prys (1915/1916) en een verdeelde prys (1934) toegeken. Van den Heever het die 1928-prys gedeel en alleen die 1942-Hertzogprys ontvang. Ook aan Van Wyk Louw is tot in daardie stadium twee keer die prys toegeken: in 1937 verdeeld en in 1940 onverdeelde. A.G. Visser het twee keer die toekenning ontvang – telkens saam met ander skrywers (1925/1926 en 1928).

Ten einde uit te kom by sy korrekte stelling dat Van Bruggen vier keer die Hertzogprys verower het, moes G.S. Nienaber in hierdie 1954-memorandum die 1917/1918 toekenning in berekening gebring het, alhoewel hy net voor hierdie stelling te kenne gee dat vir, onder andere, 1917 en 1918 geen besonderhede beskikbaar was nie. Watter datum hy dus koppel aan Van Bruggen se bekroning vir *Teleurgestel*, is onbekend. Aangesien Nienaber ook die 1924/1925-toekenning bytel, maar sê dat vir 1924 geen besonderhede beskikbaar was nie, kan aangeneem word dat hy dit as die 1925-bekroning beskou (kyk voetnota 61 op bladsy 53 in verband met die verwarring wat ontstaan het omdat daar soms nie korrek onderskei is tussen die jaar waarin 'n werk verskyn het, en die jaar waarin die werk 'n toekenning ontvang het nie).

Vir die feite om reg te wees met betrekking tot die Van den Heever-gegewens, moes Nienaber die jaar 1942 waartydens Van den Heever die Hertzogprys vir die tweede keer ontvang het, bygereken het. Dan is die aantal jare waartydens daar geen toekenning gemaak is nie, egter foutief, want die afwesigheid van 'n toekenning in 1941 is nie genoem nie. Die bytel van 1941 en 1942 klop ook nie met die beginstelling van Nienaber se argument dat sommige persone voor 1940 meer as een keer bekroon is nie.

Indien Nienaber se gegewens geskoei sou wees op persone wat **voor** 1940 meer as een keer bekroon is, moes hy nie Van Wyk Louw se tweede bekroning in 1940 bygetel het nie. Nienaber het waarskynlik bedoel dat daar **tot en met** 1940 verskeie persone was wat meer kere bekroon is.

Sou Nienaber **tot en met** 1940 bedoel het, is sy inligting dat van 16 Hertzogprysgevalle inligting beskikbaar was, waarskynlik bereken deur die volgende van die 27 jaar (1914 – 'n foutiewe aanduiding, tot en met 1940) af te trek: die sewe jare waarvoor daar volgens hom geen inligting is nie, en die vier jare wat hy sê daar nié 'n toekenning was nie.

- 53 Die besluit oor die Hertzogprysbepalings is uitgestel aangesien die Fakulteitsraad vir Natuurwetenskap en Tegniek nog moes besluit oor:
- die moontlike invoering van erepenninge in die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek;
 - die bekroningsgebied en stand van erepenninge naas dié van die Havengaprys;
 - die mate van soortgelykheid wat moes bestaan tussen die Havengaprys en die Hertzogprys (ARN 1954:

1 Julie; FRA 1954: 20 September; ARA en ARN 1954: 21 September).

- 54 As naskrif by die keurkommissieverslag vir die 1953-Hertzogprys vir Verhalende Prosa, het kommissielede aan die hand gedoen dat kommissies vir die beoordeling van letterkundige werk in die toekoms aan die begin van die beoordelings tydperk aangewys moes word om te sorg vir gereelde toesending van publikasies. Uit die verslag self blyk die rede vir die versoek: Met die oog op die toekenning van die Prosaprys het die Kommissie, vir sover dit binne die beskikbare tyd moontlik was, 'n noukeurige studie probeer maak van alle belletristiese prosa wat in die voorafgaande drie jaar in Afrikaans verskyn het. Omdat dit 'n onbegonne taak was om die groot massa publikasies end-uit deur te lees, moes hulle by die voorlopige uitskakeling van minder goeie werk volstaan met die maak van steekproewe in die werke self. Alles wat ná die voorlopige sifting oorgebly het, is egter aan noukeurige studie onderwerp. (FRN 1953: 22 Julie – bylaag A; ARN 1953: 23 Julie – bylaag A.)

Die volgende jaar, 1954, het G.S. Nienaber voorgestel dat die Kommissie twee tot drie jaar vooraf benoem word ten einde aan die lede daarvan alle geleentheid te gee om 'n behoorlike studie van alle moontlike werke in die betrokke verband te maak. Volgens F.C.L. Bosman sou dit prakties geen verskil maak aan die werkwyse van die Keurkommissie nie aangesien Keurkommissies byna altyd eers begin werk het net voor hulle hul verslae moes indien. Hy het gemeen dit sou beteken 'n afwyking van die gewone prosedure in verband met die tyd van benoeming, en meer werk vir die sekretariaat om die nodige “verband” (kontak) met die Keurkommissie oor 'n lang tydperk te hou. (FRN 1954: 3 Mei.) **In 1939 is egter al besluit om die Letterkundige Keurkommissie, veral in die geval van prosa, twee of drie jaar vooruit aan te stel** (kyk voetnota 327 op bladsy 190). Daar is intussen **van hierdie besluit afgewyk** (kyk punt 10 van Bosman se 1948-inligtingstuk op bladsy 254), want tydens die **3 Mei 1954-Fakulteitsraadsvergadering** is opnuut besluit om, by wyse van proefneming, die **Keurkommissie vir Verhalende Prosa vir die volgende toekenning van die Hertzogprys twee jaar vooraf te benoem. Die Akademieraad het hierdie besluit bekragtig** (ARN 1954: 4 Mei; FRA 1954: 30 Junie).

- 55 Die Akademie het 'n omsendbrief van die Kaapse Drie-eeuiging ontvang. Daarin meld die stigting, wat hom beywer het vir die aanmoediging en bevordering van die kunste in die Kaapprovinsie, eervolle erkenning en prysgelde (van maksimum £250 elk) aan 'n persoon wat, na die beoordelaars se mening, die voortrefflikste werk met 'n definitief Suid-Afrikaanse agtergrond gedurende die tydperk 1 Januarie 1953 tot 31 Mei 1956 gelewer het in die volgende drie kategorieë:

- (a) Toneelstuk in Afrikaans geskryf.
- (b) Toneelstuk in Engels geskryf.
- (c) Toneelvoorstelling, regie, toneelversiering, of ander uitstaande werk in verband met die dramatiese kuns.

Die Stigting het enige vereniging, inrigting of gesaghebbende persoon wat belangstel in hierdie takke van die toneelkuns, versoek om nie later nie as 31 Mei 1956 sy aanbeveling van enige werk wat erkenning mag verdien, in te dien. (FRA 1956: 3 April.)

Die Fakulteitsraad het besluit om geen aanbevelings te doen nie maar die Voorsitter, F.E.J. Malherbe, en Sekretaris, F.C.L. Bosman, kon 'n oog in die seil hou en uiteindelik, met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad, aanbevelings doen (FRN 1956: 3 April). In die Fakulteit se 1955/1956-jaarverslag is opgemerk dat die Raad hom nie geroepe gevoel het om daardie jaar 'n aanbeveling te doen nie.

In watter hoedanigheid F.E.J. Malherbe 'n aanbeveling gemaak het, is onseker – ook hoe *Periandros* sou voldoen aan die vereiste vir “'n stuk met 'n definitief Suid-Afrikaanse agtergrond”.

- 56 Vir die 1932-Dramaprys was daar 'n **meerderheidsverslag** (geen toekenning nie – kyk bladsy 138) en 'n **minderheidsverslag** (bekroning van Leipoldt, Van Niekerk en Fagan – kyk bladsy 136-138). **Die meerderheidsverslag is aangeneem** deur die **Jaarvergadering** (en nie deur die Raad, soos deur die skenkingsakte bepaal nie) (kyk bladsy 139).

Vir die 1939-Prosatoekenning is 'n **meerderheidsverslag** met Hettie Smit (*Sy kom met die sekelmaan*) as kandidaat, en 'n **minderheidsverslag** ten gunste van C.M. van den Heever (*Kruispad* en *Krombrug*) ingedien. **Die Raad het egter besluit om die prys toe te ken aan D.F. Malherbe vir *Saul, die worstelheld* en *Die profet***. (Kyk bladsy 184-185).

In die Letterkundige Kommissie se **meerderheidsverslag** vir die 1943-Poësieprys is aanbeveel dat die prys gelykop verdeel word tussen I.D. du Plessis (*Kwatryne*), Uys Krige (*Rooïdag*) en W.E.G. Louw (*Terugtog*). In die **minderheidsverslag** is *Terugtog* deur W.E.G. Louw aanbeveel, en indien die gewysigde prosedure van 'n moontlike toekenning vir 'n poësie-oeuvre in werking sou tree, 'n verdeelde toekenning tussen Elisabeth Eybers en W.E.G. Louw. Uiteindelik het die **Raad besluit om Elisabeth Eybers te bekroon vir *Die stil avontuur* en *Belydenis in die skemering***. (Kyk eindnota 34 op bladsy 528.)

Vir die 1949-Prosatoekenning was die **meerderheidsaanbeveling** ten gunste van *Gerwe* deur Toon van den Heever, en die **minderheidsaanbeveling** in die guns van *Die ontferdes* deur Holmer Johanssen. **Hierdie**

keer het die Akademiesraad die besluit goedgekeur dat géén toekenning gemaak word nie. (Kyk eindnota 51 op bladsy 536.)

In die vier gevalle waar daar tot in daardie stadium dus 'n meerderheid- en minderheidsverslag was,

- is daar een keer besluit om die meerderheidsverslag aan te neem (1932);
- het die Raad een keer nie één van die twee verslae aangeneem nie, maar 'n totaal ánder kandidaat bekroon (1939);
- het die Raad hulleself gedeeltelik geskaar by die minderheidsverslag (1943);
- is daar slegs een keer besluit om géén toekenning te maak nie (1949).

Bosman was Akademiesekretaris vanaf Januarie 1948 tot einde Maart 1958 (kyk voetnota 418 op bladsy 242 en eindnota 15 op bladsy 520). Sy opmerking dat dit vir die Raad gebruiklik was om géén toekenning te maak as die menings van die Keurkommissies verdeeld was nie, spruit dus uit sy ondervinding as Akademiesekretaris met die 1949-toekenning, maar is 'n veralgemening wat nie gegrond is op al die feite nie.

57 Teen die einde van die bespreking van G.S. Nienaber en F.C.L. Bosman se memoranda oor die geldigheid van die bepaling dat die onverdeelde prys nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word nie, het Nienaber opgemerk dat die bedrag van die Hertzogprys (£50) volgens hom te gering was en voorgestel dat die Akademiesraad gevra word om 'n verhoging daarvan te oorweeg. Die Fakulteitsraad het die voorstel ondersteun. (FRN 1954: 30 Junie.)

In die agenda vir die 21 September 1954-Akademiesraadsvergadering is die Fakulteitsraadversoek aangevul met inligting dat 'n aantal jare tevore, toe die rente op die Hertzogprys gedaal het, die bedrag van die prys verminder is van ongeveer £70 tot £50 (kyk bladsy 171 en voetnota 280 op dieselfde bladsy). Intussen het die rente weer toegeneem, is die kapitaalwaarde van die prys vergroot (£1200 tot £1892.15.7) deur toevoeging van oorgeblewe rente by die kapitaal en het die werklike rente ongeveer £105 per jaar bedra. Die penningmeester, I.M. Lombard, het gereken dat vaspenning van die kapitaalwaarde en groter gebruik van die rente oorweging verdien. In oorleg met Lombard het die Sekretaris, F.C.L. Bosman, aanbeveel dat die kapitaalwaarde van die fonds op £2000 vasgepen word sodra dit die som bereik, en dat daarna alle rentes daarop gaan in £75 vir die prys, £25 aan die Akademie vir administrasiekoste en die res, saam met die prysgeld wat in enige jaar nie uitbetaal word nie, in 'n fonds gemerk "Bevordering van Afrikaanse Letterkunde". Dit sou beskou word as uitvoering van par. (d) van die skenkingsakte (kyk bladsy 21) wat lui:

Ingeval er gedurende vijf aaneenvolgende jare geen bekroonbaar werk voortgebragt of ingezonden mocht worden, dan kunnen en mogen de Kuratoren een deel van de opgelopen renten, de helft echter niet te boven gaande, gebruiken voor de bekendmaking en verspreiding van Afrikaans-Hollandse Lektuur.

Die Raad sou dan die paragraaf moes verander tot: Opgeloope of ongebruikte rentes en prysgelde mag deur die Raad gebruik word vir die bevordering van die Afrikaanse letterkunde.

Die Akademiesraad het eenparig besluit om die **verhoging van £50 tot £75 vanaf 1956** goed te keur onderhewig aan inwinning van 'n regsopinie oor die toelaatbaarheid van die verandering (ARN 1954: 21 September; FRA en FRN 1955: 1 April; ARA en ARN 1955: 2 April; ARN 1955: 30 Junie; verslag van Akademiesaamhede, 1 April 1955 tot 31 Maart 1956). In beginsel was daar skynbaar geen wetlike besware nie, maar sekere praktiese aspekte van die Raad se voorstelle is ondersoek (FRA 1955: 29 Junie).

Die regsadvies van prof. L.I. Coertze is ingewin. Volgens hom was die Raad van Kuratore volkome bevoegd om die skenkingsakte te wysig soos deur die akte verlang, mits dit, soos bepaal in die artikel, eenparig geskied en voor 'n Notaris Publiek. Daar was egter geen rede om hierdie onkoste aan te gaan nie. Die Akademie kon bloot die rekening ("fonds gemerk Bevordering van Afrikaanse Letterkunde") merk "fonds vir die bekendmaking en verspreiding van Afrikaans-Hollandse Lektuur". Die Akademie kon dan op 'n beleid besluit wat hy alles as lektuur sou beskou. Die aangeleentheid was egter nie vir Coertze baie duidelik nie weens 'n gebrek aan kennis, veral met betrekking tot die vraag of die Kuratore en die bestuur van die Akademie dieselfde of gedeeltelik dieselfde persone was. Hy het aan die hand gedoen dat die saak oorsaak vir so 'n maand of wat tot hy terug was in Pretoria. Die aangeleentheid kon dan bespreek word waarna hy, indien verlang, 'n skriftelike regsmening kon gee. (LK 1/6: 5 en 11 Mei 1955; ARA 1955: 30 Junie – bylaag D).

In sy bedankingsbrief aan Coertze merk Bosman op dat volgens die "Schenkingsbrief" die Kuratore en Akademiesraad nog altyd as dieselfde beskou is, en dat alle veranderinge uiteraard slegs per eenparige besluit kon geskied. Bosman verneem of dit die eenparige mening van alle aanwesige lede by 'n vergadering moes wees, of van alle lede, aanwesig of afwesig. Alle verdere optrede is voorlopig agterweë gehou tot Coertze in Pretoria terug was. (LK 1/6: 16 Mei 1955.)

Wat betref die "Fonds tot Bevordering van die Afrikaanse Letterkunde" het Bosman vir Coertze op 8 Augustus 1955 gespreek. Coertze was van mening dat die besluit in orde was mits 'n eenparige besluit van die Raad in hul funksie as kuratore vertolk word as betekende die instemming van álle lede – aan- of afwesig. Verder het hy aanbeveel, hoewel dit geen wetlike vereiste was nie, dat alle wysigings van die voorwaardes van die Hertzogskenking geskied per notariële akte waaraan elke lid, deur ondertekening, sy

adhesie betuig. (LK 1/6: 16 Mei 1955 – handgeskrewe opmerkings; ARA 1955: 8 Oktober) Die Raad het besluit om op hierdie grondslag te handel (ARN 1955: 8 Oktober).

Intussen het die Raad die kapitaalverhoging tot £2000 goedgekeur (ARN 1955: 30 Junie).

- 58 W.J. du Preez Erlank se toespraak tydens die oorhandiging van die Hertzogprys aan Opperman vir *Periandros van Korinthe*, is te vinde in die Erlank-versameling van die Dokumentasiesentrum, Universiteit van Stellenbosch, met 'n kort handgeskrewe nota wat dit vergesel (193.T.4[9] en [9a] onderskeidelik), en soos volg lees:

My kort toespraak by die oorhandiging van die Hertzogprys vir drama aan Opperman in Stellenbosch. Waarom was daar nie 'n amptelike kommandasie wat ek namens die Akademie kon voorlees nie? Waarom nie my eie resensie oor *Periandros* in *Ons Eie Boek* nie. Ek weet nie.

- 59 Op 27 Junie 1960 het die Onderzoekkommissie insake toekomsbeplanning sy derde vergadering gehou – in die Engelenburghuis (ARN 1960: 30 Junie). Uit hierdie vergadering spruit 'n dokument “Verslag en aanbevelings”. Een van die aanbevelings was dat die onderskeie uitgewers genader moes word om by uiteindelijke herdrukke van bekroonde werke duidelik te vermeld dat dié publikasies bekroon is met die (Akademie) prys in die betrokke jaar (Studiestuk K8/A/V b./ 5 par. 10). *Germanicus* sou dus die eerste Hertzogprysbekroonde drama wees wat by 'n herdruk dié onderskeiding sou kon vertoon.

- 60 Tydens die Kaaplandse Werkgemeenskap se oorhandiging van die 1957-Hertzogprys vir Verhalende Prosa aan Elise Muller op 23 April 1958 in Belville, het D.J. Opperman, wat nie lid van die Keurkommissie was nie, die huldigingswoord gelewer. Daarin wys hy daarop dat die Akademie “die natuurlike, die nugtere en die heldere” prosa te laat by 'n M.E.R. ontdek het, by 'n Van Melle glad nie raakgesien het nie, en tot in daardie stadium Boerneef nog nie bekroningswaardig geag het nie. Daarom was Opperman “dubbel bly” dat die Hertzogprys aan Elise Muller toegeken word. (FRA en FRN 1958: 25 Junie; FRN 1958: 29 Augustus.) Om “misverstand te voorkom” het hy daarop gewys dat hy nie lid van die Keurkommissie was nie en dat hy ingewillig het om te praat mits die amptelike keurkommissieverlag tot sy beskikking gestel word, wat ook gedoen is. Hy merk ook op (FRA 1958: 25 Junie):

Eintlik stel die bekroonde en die publiek in eerste instansie in die amptelike verslag van die keurkommissie belang en nie in die motivering van iemand buite nie. Die amptelike verslag is dan ook vroeër jare gepubliseer en ek wil aanbeveel dat ons as Akademie tot hierdie goeie gebruik terugkeer. As die amptelike verslag of motivering reeds bekend is dan is so 'n huldigingswoord natuurlik op sy plek, maar om 'n huldigingswoord in die plek van die amptelike verslag te lewer, is onbillik teenoor die keurkommissie self, teenoor die bekroonde en teenoor die publiek. Die Akademie sal tog graag wil sê waarom hy 'n werk bekroon het.

Na aanleiding van Opperman se kritiek teen die Akademieversuim om sekere prosaïste (betyds) te bekroon, beveel die Fakulteitsraad aan dat huldigingswoorde in die toekoms opgestel moes word deur die betrokke Keurkommissie self, of 'n lid van die Keurkommissie. Dit moes ook gelewer word deur een van die lede van die Keurkommissie, of, indien geeneen van hulle dit kon doen nie, deur 'n persoon wat hom egter moes hou by die motiverings soos geformuleer deur die Keurkommissie. (FRN 1958: 25 Junie.) Na kennisname en bespreking van hierdie aanbeveling het die Akademieraad besluit dat daar in die toekoms baie versigtig opgetree moes word oor aangeleenthede van hierdie aard (ARN 1958: 25 Junie).

Die Sekretaris, M.S. du Buisson (kyk voetnota 550 op bladsy 312), het Opperman skriftelik gevra vir 'n wysiging van sy huldigingswoord sodat dit in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* gepubliseer kon word, of om verlof aan hom (die Sekretaris) te verleen om die nodige wysiginge daarin aan te bring. Geen antwoord is ontvang nie, en die huldigingswoord is nie gepubliseer nie. (FRN 1958: 29 Augustus; ARA en ARN 1958: 30 Augustus; FRN 1959: 20 Maart.)

Die volgende (1958-)Hertzogprys – vir Kritiese Prosa en Essay – is toegeken aan N.P. van Wyk Louw (FRN 1958: 28 Maart; ARUKN 1958: 20 en 21 Mei; FRA 1958: 25 Junie). Die motivering vir die toekenning is in die notule van die Fakulteitsjaarvergadering opgeneem (FJVN 1958: 26 Junie). Tydens 'n vergadering van die Transvaalse Werkgemeenskap op 16 April 1959 in Pretoria, is die prys aan Louw oorhandig (ARUKN 1959: 11 Februarie; FRN 1959: 20 Maart). Die huldigingswoord wat tydens hierdie geleentheid gelewer is deur die sameroeper van die Keurkommissie, dr. Gerhard Beukes, asook Louw se dankwoord, is volledig gepubliseer in die Oktober 1959-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. Geen Hertzogprys vir Poësie is in 1959 toegeken nie.

Die huldigingswoord vir die 1960-Dramaprys is gepubliseer in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* se Oktober 1960-uitgawe. (Kyky bladsy 320 en eindnota 60 op bladsy 540).

- 61 Die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* is gedurende die jaar 1960-1961, met die tweede aflewering van die Nuwe Reeks se Deel XX – die Oktober 1960-uitgawe – beëindig en vervang deur, onder andere, die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* – vanaf Maart 1961. Die huldigingswoorde en bekroningswoorde is vanaf 1961 nie

meer in die tydskrifte van die Akademie ingesluit nie, maar (tot met die staking van die publikasie) in die Akademiejaarboeke wat jaarliks in Oktober verskyn het (1960/1961-Fakulteitsjaarverslag). In die 1961/1962-Akademiejaarverslag (102-103) word aangedui dat die eerste nommer van die Jaarboek (Nuwe Reeks) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Desember 1961 verskyn het.

- 62 Louw was in hierdie stadium nog nie lid van die Akademie nie. In 1943 is die name van vyf goedgekeurde persone aan die Akademieraad gestuur vir finale goedkeuring met die oog op lidmaatskap, onder andere dié van Van Wyk Louw. Tydens 'n Fakulteitraadsvergadering het F.C.L. Bosman opgemerk dat dit twyfelagtig was of Louw lidmaatskap sou aanvaar aangesien hy voorheen (in 1937) die Hertzogprys geweier het (kyk bladsy 169). (Louw het wel die 1940-Poësieprys vir *Die halwe kring* aanvaar.) Die vergadering het aanbeveel dat die Sekretaris, I.M. Lombard, langs 'n omweg kon vasstel wat Louw se reaksie sou wees indien hy genader word om lid te word. (FRA en FRN 1943: 26 Februarie.) Lombard het op 5 Maart 1943 vir W.E.G. Louw gaan spreek wat op sy beurt weer op 6 Maart vir N.P. van Wyk Louw skriftelik gepols het oor die aanneem van Akademielidmaatskap. Van Wyk Louw het op 12 Maart 1943 per telegram vir W.E.G. Louw laat weet dat hy dit nie sal aanvaar nie. (N.P. van Wyk Louw-versameling: 2.K.1.48.10 en 11). Louw is saam met die ander vier persone goedgekeur, maar die Sekretaris het verneem dat hy nie lidmaatskap sou aanvaar nie, en het hom derhalwe nie genader nie (FRA 1943: 16 Julie).

In die Desember 1963-uitgawe van *Standpunte* is die toespraak afgedruk wat N.P. van Wyk Louw gelewer het by geleentheid van die toekenning aan hom van die erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Johannesburg op 16 Oktober 1963. In hierdie toespraak raak Louw sy verhouding tot die Akademie aan.

- 63 Tydens 'n Akademieraadsvergadering gehou op Vrydag 14 Maart 1924, is die moontlikheid bespreek om 'n Akademiemedalje in stel om aan iemand erkenning te gee vir sy werk sonder om daarvoor juis 'n geldprys uit te loof (Argief SAA 1924b: dokument 294xiv; ZAATLK 1924c:9). Tydens die April 1924-jaarvergadering is die instelling van so 'n medalje, "in gevalle waar b.v. die Hertzog-prys nie toegeken kan word nie", inderdaad bespreek en goedgekeur (ZAATLK 1924d:4), en so het die Akademie se Erepenning ontstaan. Die eerste toekenning daarvan is tydens die 1931-jaarvergadering gemaak vir rolprentkuns (kyk voetnota 29 op bladsy 38). Deur die jare is dit ook toegeken vir, onder andere, argitektuur, skilder-, beeldhou-, musiek-, sang-, toneel- en voordragkuns.
- 64 Weens die gebrek aan 'n samevattende prosedure vir die toekenning van Erepennings, het die Sekretaris, F.C.L. Bosman, in oorleg met sy voorganger, mnr. I.M. Lombard, in 1948 die prosedures tot in daardie stadium gekonsolideer (FRA 1949: 5 Februarie). Punt 1 van hierdie prosedure (FRA 1949: 5 Februarie – bylaag F) het gelui:

Erepennings word toegeken aan persone of liggame wat hulle verdienstelik maak op die gebied van die Akademie se arbeidsveld, meer bepaald op gebied van die Afrikaanse beeldende kunste, musiek, toneel en rolprent.

By die Kommissie wat in 1956 moes besluit oor die Erepenning vir Beeldhoukuns, was daar aanvanklik nie helderheid omtrent die draagwydte van die begrip "Afrikaans" in dié bepaling van die prosedure nie. Op navraag het die Akademievoorsitter en -sekretaris die sameroeper ingelig dat die Raad, by 'n vorige geleentheid die begrip "Afrikaans" soos volg nader omskryf het (FRA 1956: 25 Julie):

Die Akademie bekroon in die eerste plek gehalte; verder moet die skepper van 'n kunswerk tot die Afrikaanse volksgroep behoort; grensgevalle word op eie meriete behandel.

Hierdie bepaling het voorgekom as punt 13 in 'n voorlopige inligtingstuk insake die Erepennings van die Akademie, gedateer 11 Julie 1956. Moses Kottler, wat 'n moontlike bekroonde was, het gevolglik nie daardie jaar die Erepenning vir Beeldhoukuns ontvang nie, omdat hy nie "tot die Afrikaanse volksgroep" behoort het nie. (FRA 1956: 25 Julie – ook bylaag D; FRN 1956: 25 Julie; ARA en ARN 1956: 26 Julie.)

Hierdie Julie 1956-inligtingstuk was deel van die insette gelewer deur 'n ad hoc-kommissie met betrekking tot die toekenning van Erepennings, asook van die Akademiese sekretariaat, die Fakulteits- en Akademieraad wat gelei het tot nuwe bepalings en 'n hersiene prosedure vir die toekenning van Erepennings (ARA en ARN 1956: 4 April; FRA en FRN 1956: 25 Julie; ARA en ARN 1956: 26 Julie; 1955/1956-Fakulteits- en Akademiejaarverslag; FRA en FRN 1956: 19 Oktober; ARA en ARN 1956: 20 Oktober). Punt 13 is net so opgeneem in die inligtingstuk aan Keurkommissies insake Erepennings van die Akademie in die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns, soos bekragtig deur die Akademieraad op 20 Oktober 1956 en geldig vanaf 1957 (ARN 1956: 20 Oktober – bylaag A).

In verband met spesifiek Erepennings vir Afrikaanse rolprentkuns, het die toe nuwe 1956/1957-prosedure (ARN 1956: 20 Oktober – Bylaag B) bepaal dat slegs films "met 'n spesifiek Suid-Afrikaanse karakter, met 'n Afrikaanse teks of dialoog en van hoë kulturele waarde, d.w.s. kuns en (of) wetenskaplike gehalte", in aanmerking sou kom (punt g), maar dat die vervaardiger van 'n rolprent nie juis Afrikaanssprekend hoef te wees nie. Die "teks en inhoud" moes egter Afrikaans wees (punt h).

Met betrekking tot die 1960-Erepenning vir Argitektuur en Beeldhoukuns, is die bepaling dat die skepper van die kunswerk “tot die Afrikaanse volksgroep” moes behoort, ondergeskik gestel aan die “goedgesindheid van die kandidaat teenoor die Afrikaanse kultuurbesit”, en het Norman Eaton die 1960-Erepenning vir Argitektuur ontvang (FRA 1960: 8 April – bylaag L; FRN 1960: 8 April; ARN 1960: 9 April).

- 65 *Dagboek van 'n soldaat* is in 1962 bekroon met die SAUK-prys vir die beste 1961-hoorspel in Afrikaans (FRA 1962:26 April – bylae). Die huldigingswoord wat tydens die oorhandiging van die prys uitgespreek is, verskyn in die 1962-Jaarboek van die Akademie (SAAWEK 1962:38-39).

Die Akademiesraad het in 1962 besluit om sy medewerking in verband met die SAUK-pryse vir die beste hoorspele in Afrikaans en Engels te verleen en die Fakulteitsraadaanbeveling met betrekking tot die regulasies, goed te keur. Die Akademie was sedert 1962 tot en met 1995 betrokke by die SAUK-pryse deurdat hulle die Keurkomitee aangewys het wat die beoordeling moes doen. As eerste sodanige Keurkomitee het die Dagbestuur dr. Ernst van Heerden (sameroeper) en A.P. Grové, asook mnre. A.S. Lee en C.D. Fuchs benoem. (FRN en ARN 1962: 16 Februarie.)

Die SAUK-prys is sedert 1962 toegeken vir hoorspele, radiovervolgverhale en hoorbeelde – sedert 1966 roterend vir hoorspele (ingeslote radiodramas) en hoorbeelde. As gevolg van die instelling van televisie in 1975, is SAUK-pryse vanaf 1977 ook op 'n rotasiebasis toegeken vir televisiedramas en dokumentêre televisieprogramme vir die twee kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgaan. Sedert 1995/1996 word dit nie meer SAUK-pryse genoem nie, maar ken die Akademie jaarlikse Erepenninge toe vir

- Afrikaanse radiohoorspele (waarby radio-vervolgverhale ingesluit is) en Afrikaanse radiohoorbeelde (roterend), asook vir
- Afrikaanse televisiedramas en Afrikaanse dokumentêre televisieprogramme (roterend).

- 66 In die motiveringsverslag, onderteken deur F.C.L. Bosman (FRA 1963: 5 April), word argumente ten gunste van André P. Brink en Henriette Grové se werke opgewee teen die agtergrond van die voorwaardes wat die Raad gestel het:

1. Skrywer moet aan die begin van sy loopbaan staan.

Brink skryf reeds dramas sedert 1959 (Die Band om ons Harte), en Henriette Grové reeds sedert 1958 (Die Goeie Jaar) sodat albei taamlik gelykstaan uit die oogpunt van “jong skrywers”, altans as toneelskrywers. (Brink het ook reeds verhalende werk gepubliseer sedert 1958.)

2. Skrywer moet werk van goeie gehalte gebundel het.

Dit is by Henriette Grové die geval. Brink se eerste drama (Die Band om ons Harte) was swak, maar vgl. 3.

3. Werk moet die helfte inhou van stygende lyn in die toekoms. [sic]

Dit is by Brink baie beslis die geval. Caesar toon 'n groot styging bo Die Band om ons Harte. Ook Die Koffer, hoewel nog baie onoortuigend, is 'n vooruitgang op Die Band.

Daarenteen bly die werk van Henriette Grové baie gelyk. Ons is selfs geneig om haar eerste bundel, Die Goeie Jaar, nog steeds as haar beste te beskou. Terwyl lg. werk nie alleen tegnies knap is nie maar ook die gevoel van egte lewensvertolking gee, maak Halte 49, haar jongste werk, ook tegnies baie knap, 'n onegte en serebrale indruk. In hierdie bundel is dit slegs die monoloog Die Ou Vrou en die Dood wat tref sowel deur egtheid as deur oorspronklikheid.

Die Glasdeur toon meer lewenswaarheid as Halte 49 maar [is] o.i. minder oortuigend as Die Goeie Jaar, hoewel nie sonder verdienstes nie.

Al Henriette Grové se dramas is ook radiodramas en 'n mens sou die vraag kan stel in hoever hierdie genre moet gereken word onder gewone dramatiek soos deur die prys bedoel. Na die mening van die komitee is dit toelaatbaar. Die hoorspel is wel 'n besondere dramasoort met sy eie tegniek maar sluit voldoende aan by die gewone drama om in aanmerking te kom vir drama, mits rekening gehou word met die besondere aard en vereistes van die tipe.

Die werk van Henriette Grové is ongetwyfeld knap en betekenisvol en neem 'n besondere plek in onder die Afrikaanse radiodramas. In vergelyking egter met Brink (Caesar) toon dit te min styging, bly te beperk van betekenis en speel die stukke hul af op “klein doeke” wat glad nie vergelyk kan word met die “groot doek” van Caesar nie. [Kyk die soortgelyke opmerking in Bosman se verslag met betrekking tot Beukes en De Klerk se dramas op bladsy 245.]

Verder in van Die Band om ons Harte tot Caesar toon Brink 'n styging in dramatiese visie, indringend [sic] en uitbeelding wat haas onherkenbaar is [sic]. As tweede drama van 'n jong kunstenaar is die werk byna 'n verbluffende prestasie te noem. Die historiese agtergrond van die Rome van die tyd, die grootsheid en oorskaduwendende persoonlikheid van Julius Caesar (sowel as

sy swakhede), die botsende magte en opvattinge van die tyd word op oortuigende, dikwels ontroerende wyse aan ons ontvou. Die stuk toon eenheid van konsepie (Caesar as sentrale figuur) en hegte bou (onmiddellik [sic] boekrag en stygende spanning tot die fatale klimaks); daar is steeds wisselende aksie en beeldende dialoog; daar is opmerklike sielkundige begrip al word die vrouefigure miskien soms oorbeklemtoon.

Die stuk is 'n versdrama met groot ritmiese beheer oor die taal en treffende digterlike gedeeltes, afgesien van enkele gesogte beelde en retoriese passasies.

Die komitee wil met vrymoedigheid aanbeveel dat Caesar van André P. Brink met die Eugene [sic] Maraisprys vir Drama, 1963, bekroon word.

- 67 Akademiesamewerking sou byvoorbeeld behels dat die Akademie 'n lys keurdername aan die CNA voorlê waaruit laasgenoemde dan jaarliks die drie keurders vir die Afrikaanse werk aanwys (FRN 1961: 23 Maart; ARN 1961: 24 Maart). Die Sekretaris het die voorstelle tot medewerking aan die CNA voorgelê. Laasgenoemde was bereid om die voorstelle gunstig te oorweeg, maar nie vir die jaar 1961 nie, omdat hulle nie met die aankondiging wou wag nie. Die aankondiging is gedoen en as keurders vir die beste 1961-boek in Afrikaans is aangewys proff. G. Dekker, D.J. Opperman en mnr. Willem van Heerden. Die Fakulteitsraad, goedgekeur deur die Akademieraad, het aanbeveel dat P.J. Nienaber in sy persoonlike hoedanigheid met die CNA moes onderhandel om die nodige erkenning vir die Akademie te verkry. (FRA, FRN en ARN 1961: 28 Junie.) In 1962 het die Akademieraad die aanbeveling van die Fakulteitsraad goedgekeur, naamlik dat die Akademie die volgende verteenwoordigers in die CNA se Keurkomitee benoem: proff. A.P. Grové en P.J. Nienaber, asook mnr. D. Richards (ARN 1962: 26 April). Later is mnr. A.M. van Schoor benoem in die plek van Richards (ARN 1962: 28 Junie).
- 68 Enkele voorbeelde van Hertzogprysverslae wat wel in die verlede gepubliseer is:
- Verslae gepubliseer vóór die jaarvergadering plaasgevind het:
 - ▶ Dit is onbekend of die besluit oor die 1922/1923-Hertzogprys geneem is deur die Akademieraad of deur Preller, die Sekretaris (kyk bladsy 85), maar die kommissielede se bevindings is in die Augustus 1923-*Bulletin* gepubliseer (ZAATLK 1923e:6-7), vóór die jaarvergadering, sonder om die name van die vyf insenders (kyk eindnota 5 op bladsy 516) te noem, en, weens die swak gehalte van die inskrywings, met verwysing na die titel van slegs een beter insending.
 - ▶ Dit kom voor asof Akademievoorsitter Engelenburg die 1924/1925-Kommissie se verslag self as finaal aanvaar het (kyk bladsy 99). Die volledige verslag, asook die brief van Engelenburg aan die wenner, Jochem van Bruggen (vir *Ampie*), is, vóór die jaarvergadering in Oktober, in twee uitgawes van *Bulletin* gepubliseer, naamlik Julie en September 1925 (ZAATLK 1925c:5 en 1925d:2). (Kyk bladsy 98-99, 100.)
 - ▶ Preller het as Sekretaris die verslag oor die 1925/1926-Hertzogprys, wat toegeken is vir prosa, poësie en drama, in sy geheel aanvaar, sonder voorlegging aan die Akademieraad of Jaarvergadering, en die volledige verslag in die Desember 1926-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* gepubliseer (Malherbe 1926:110-111) (kyk bladsy 105).
 - Verslae gepubliseer vóór die Akademieraad se besluit oor die Hertzogprys:
 - ▶ Die verslag oor die 1934-Hertzogprys vir Poësie, met die aanbeveling dat W.E.G. Louw bekroon word vir *Die ryke dwaas*, is in die September 1934-*Bulletin* (SAATLK 1934b:1-3) gepubliseer. Die Akademieraad het ná publikasie van die verslag besluit om die prys te verdeel (kyk voetnota 253 op bladsy 154).
 - ▶ Die aanbeveling dat die 1935-Hertzogprys tussen drie dramaturge verdeel word, sonder om die titels van die skrywers of aanbevole stukke te verskaf, is gepubliseer in die Desember 1935-*Bulletin* (SAATLK 1935d:14-15). Die verslag is afgesluit met 'n nota deur die Akademiesekretaris dat die titels van die aanbevole stukke tydens die jaarvergadering meegedeel sou word. Dit het nie gedurende die jaarvergadering in Desember gebeur nie. Die verslag het in dieselfde formaat weer verskyn in die Januarie-1936 *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Malherbe en Conradie 1936a:89-90). Die Akademieraad het in April 1936 die aanbeveling ter syde te stel en die prys aan één persoon (Fagan) toegeken (kyk bladsy 157).
 - Verslae gepubliseer ná die Akademieraad se besluit oor die Hertzogprys:
 - ▶ Die 1936-Prosapryse se kommissieverslag, met 'n aanbeveling dat Mikro bekroon word, is gepubliseer in die *Bulletin* van Desember 1936 (SAATLK 1936d:13-14). Tydens die 1936-Jaarvergadering op 23 Desember, is lede meegedeel dat die Raad die prys aan Mikro toeken. Die volledige verslag is weer in die Januarie 1937-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Malherbe & Conradie 1937a:85-87) gepubliseer.
 - ▶ Die Kommissie het aanbeveel dat die 1937-Poësieprys aan I.D. du Plessis toegeken word. Die Raad het egter besluit om die prys tussen Du Plessis (*Ballades* en *Vreemde liefde*) en N.P. van Wyk Louw (*Alleenspraak*) te verdeel. 'n Polemiekie het ontstaan en Louw het die prys van die hand gewys. In reaksie het twee keurkomiteeledere die volledige verslag in die *Bulletin* van Desember 1937 (SAATLK 1937:12-14) gepubliseer, maar met weglating van die aanbevole digter se naam (kyk bladsy 168).

- 69 Vir die 1939-Hertzogprys vir Prosa is 'n meerderheidsverslag (met 'n aanbeveling dat Hettie Smit bekroon word vir *Sy kom met die sekelman*), en 'n minderheidsverslag (ten gunste van C.M. van den Heever vir *Kruispad en Krombrug*) ingedien. Die Akademiesraad het egter besluit om die prys toe te ken aan D.F. Malherbe vir *Saul, die worstelheld* en *Die profeet*. P.C. Schoonees, een van die twee lede wat die meerderheidsverslag onderteken het en sameroeper van die Kommissie, wou by die Akademiesekretaris, Lombard, weet waarom die meerderheidsverslag nie gepubliseer kon word nie. Schoonees is geantwoord dat die Keurkommissie deur die Akademiesraad aangestel is om hom te adviseer, en dat die verslag vertroulik is en net vir die Raad bedoel is. Lombard het opgemerk dat die verslag in die verlede wel gepubliseer is, maar dat dit in die toekoms nie meer sou gebeur nie. (Kyk bladsy 184-185.)

Die verslag oor die 1952-Hertzogprys vir Drama het egter weens 'n misverstand uitgelek en 'n polemiekie het ontstaan oor die toekenning aan Beukes en De Klerk. D.J. Opperman het te kenne gegee dat, as daar enige stukke van die Akademie was wat "hoegenaamd nie vertroulik behoort te wees nie", dit juis die verslae van die keurkomitees en hul motiverings is. Tog is die daaropvolgende jaar aanbeveel dat keurkommissieverslae as streng vertroulik beskou en behandel moes word "ten einde kommissielede die volste vryheid van 'n openhartige mening te waarborg". (Kyk bladsy 279-280.) Vertroulikheid van kommissieverslae is daarna herhaaldelik beklemtoon (kyk byvoorbeeld bladsy 312 en 655). Wat wél in 1952 verskyn het, is die huldigingswoorde vir Beukes en De Klerk in die Oktober 1952-uitgawe van *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (kyk eindnota 49 op bladsy 534 en eindnota 50 op bladsy 535).

Alhoewel hy nie lid van die Keurkommissie was nie, het D.J. Opperman die huldigingswoord gelewer tydens die oorhandiging van die 1957-Hertzogprys vir Verhalende Prosa aan Elise Muller. Hy het aanbeveel dat amptelike verslae, soos vroeër jare, gepubliseer moes word. (Kyk eindnota 60 op bladsy 540.)

- 70 In die Maart 1964-*Nuusbrief* is die prosedure wat gevolg word by die toekenning van Akademiepryse, soos volg beskryf:

Vir elke prys wat in aanmerking kom vir toekenning in 'n bepaalde jaar word 'n verteenwoordigende keurkomitee, bestaande uit 5 kenners, aangestel. Dit staan dié keurkomitee vry om of 'n eenparige aanbeveling te doen of 'n meerderheids- en minderheidsverslag in te dien. In gevalle waar keurkomitees nie eenparig is nie, benoem die Fakulteitsraad 'n breë keurkomitee bestaande uit 10 persone wat versoek word om 'n keuse te doen – sonder voorlegging van die bevinding van die eerste komitee.

Die Fakulteitsraad doen vervolgens 'n aanbeveling by die Akademiesraad wat die finale beslissing neem.

- 71 *Die pluimsaad waai ver* is vanaf 25 Mei 1966 in Pretoria en Johannesburg opgevoer. In sy berig oor die opvoering (*Die Burger*, Maandag 30 Mei 1966: "Van Wyk Louw sorg vir voltreffer"), beskryf W.E.G. Louw een van die sentrale temas soos volg:

Wat is 'n volk? Hoe los 'n mens die verskriklike teenstellinge in tyd van groot nood op? Wat moet 'n mens bereid wees om op te offer?

W.E.G. Louw merk op dat dit duidelik is "dat dit nie 'n eenvoudige of selfs ook maar enkelvoudige gegewe is nie", en dat 'n mens in die stuk kennis neem van die "verskillende standpunte, oorwegings, beweegredes wat die mense van ons eerste twee Republieke besig gehou het toe hulle te staan gekom het voor die grootste krisis van hulle, en tot dusverre van ons gesamentlike, bestaan: die Tweede Vryheidsoorlog." Van Wyk Louw se stuk was nie een van "helde" en "skurke" nie,

... maar van mense, werklik lewende mense, swak, maar in hul swakheid soms ook groot. Hoe hulle op die uitdaging en die verskrikking van die oorlog gereageer het, die onversoenlikheid van hul standpunte, die bitterheid van hul teleurstelling, die hoop teen hoop van hul drome.

- 72 In *Die Burger* van 4 Junie 1966 is dr. Verwoerd se woorde aangehaal wat in die latere geredigeerde vorm soos volg lui (Steyn 1998:1041-1042):

En nou wil ek uitdrukking gee aan die onuitgesproke, dikwels onuitgesproke verlange van ons volk, dat daar vir ons ook, soos by ander volke in hulle wonderuur, dié skrywers en dié digters mag ontstaan wat kan en sal wil besing die heldedade van hulle eie geslag. O, kon dit vir ons ook gegee word, soos dit in die uur van roem van groot volke was, dat daar diegene kon opstaan wat nie weifelend vra: wát is 'n volk? nie, maar wat sal uitjubil: dit is my volk, só is my volk, só kan hy ook wondere verrig, só is hy as skepper van 'n eie toekoms!

Die skrywer en die digter wat in hierdie tyd sou kon besing wat nou gebeur, sal aangehaal word solank soos die volk van die Republiek van Suid-Afrika bestaan. As daar uit ons midde diegene kon ontstaan wat die mooie van 'n volk se lewe wil besing, wat nie huiwer om patriotisme, vaderlandsliefde, te huldig nie, en wat nie net volgens moderne patrone soek na wat elders, by volke wat reeds oud is, die mode is nie, maar wat ooreenkomstig die vaste patroon van huldebetuiging aan die eie volk, die lelike, die vleeslike opsy kan skuie en dan kyk na die geestelike, en die mooie en die grootse in die moderne geskiedenis en dit besing!

Kon ons nou maar in ons tyd ook sulke skrywers en digters vind, hoe ryk sou ons ons nie ag nie? Hoe ryk sou ons volk van die toekoms nie wees nie, om deur sulke tolke ingelig te word van wat vandag vyf jaar ná die gebeure van hierdie wonderwerk, hierdie groot mylpaal in die geskiedenis van ons volk, in die hart van ons volk omgaan?

- 73 Die deel van die berig in die *Sunday Times* van 13 Februarie 1966 wat Krige se kommentaar bevat, lui só:

"I'M ASHAMED," – Uys Krige

Sunday Times Reporter

Uys Krige, the Afrikaans author and poet, has condemned the proclamation of part of the Coloured area in Cape Town's District Six as a White area as another humiliation of the "humble and already humiliated."

"It looks like the same dreary repetition of the same dreary old racket," he told me yesterday. "We dispossess the dispossessed. We take away the last few remaining privileges of the underprivileged. We continue to humble and humiliate the humble and the already humiliated. We attack the defenceless in the sacred right they have to their own home, their own hearths.

"At the mere passing of a pre-emptory law, we, the Whites, push decent Coloured people out of those homes and from those hearths without their consent as if they were so many cattle.

"If this were to be done to us what howls of protest would be heard from the Cape to Messina!

"About 20,000 Coloured people we are told, will have to leave the place where they have lived all their lives and where their forefathers lived for close on two centuries.

"The more I think of it the more it looks like a horse deal. They get all the disadvantages; we, the Whites, get all the advantages.

Huge profits

"They get pushed out on the Cape Flats somewhere far from their work – and we, in time, will make huge profits out of property sites that will be almost slapbang in the centre of a great flourishing modern industrial city.

"It was the same with our beaches. Just how far, one wonders, can our love for our own purses go?

"We are celebrating our Republic this year. Why nog coin a new motto for it: 'Long live the Republic or Horse Dealers!'

"But I feel so ashamed don't let's speak of this any more."

Vir hierdie kommentaar is Krige gekritiseer in 'n radioprogram. In die daaropvolgende *Sunday Times*, dié van 20 Februarie 1966 ("*Uys Krige replies to S.A.B.C.*"), het Krige aan die verslaggewer, M.M. Levin, gesê dat dit net soos vroeër jare was – die laaste keer dat hy oor die lug aangeval is, was meer as 20 jaar tevore deur die Nazi-uitsaastasie Zeesen.

- 74 Uys Krige se brief in die *Cape Times* van 17 Mei 1966 lui soos volg:

What extraordinary habits we are acquiring! It seems to have become an old South African custom to accuse a man – or a woman for that matter – of something extremely serious, clap him in gaol or ban him to silence him by other means and afford him no trial, give him not the least chance to defend himself.

This seems to my simple South African mind something not only quite un-South African, but a breach of those concepts of fundamental justice to which mankind has so painfully evolved over the centuries.

And it also seems to me a violation of one of the basic principles of that South African law which I was taught to revere at Stellenbosch University more than 35 years ago by the same professors at whose feet our present Minister of Justice sat a few years later.

Theory and practice

As an old Matie in this year of our centenary, I am pained that what was taught me so reverently at Stellenbosch in theory should be so ruthlessly denied in the practise of our public life.

As a South African I resent what is here being done in my name and in the name of all South Africans to damage South Africa's image in the eyes of the civilized world. And as a human being – which is the most important of all – I feel diminished since what diminishes unjustly a fellow human being also diminishes me.

What a titbit for our "enemies"! No, not a titbit, but a banquet off which they will sup with gusto, especially coming as it does on the eve of Robert Kennedy's visit. Can't our Minister of Information be persuaded to talk to our Minister of Justice some time?

Give us proof

I will take most of this back if Mr. Vorster gives us clear, concrete proof of young Robertson's guilt. Come on, Mr. Vorster, why all this secrecy, cloak-and-dagger business? Are the misdeeds of this young student of so dangerous and desperate a nature that, in spite of the protection we enjoy from our highly efficient police force and our army, they must be hidden from us?

Speak to us as man to man. Let's hear all about it. And as soon as possible – so that we may judge and, if necessary, apologize.

- 75 Die prosedure vir die 28 Mei 1966-vergadering wat nié gerealiseer het nie, sou soos volg wees:
- (a) Die artikel [in die *Beeld* van 22 Mei 1966] word beskou as 'n beswaarskrif teen die Akademieraad en ten einde die gegrontheid daarvan te bepaal word aan dr. Van Rensburg die geleentheid gegee om sy besware voor die Uitvoerende Komitee te verantwoord, meer bepaald op die volgende punte:
 - (i) Die meriete van sy voorstelle oor die bekroningsmasjinerie vir die Hertzogprys;
 - (ii) Die juistheid van feitlike beweringe en sinspelinge deur hom in die verband gemaak;
 - (iii) Of die publikasie van die artikel behoorlik was, met inagneming van die lojaliteit wat lede vanweë hul lidmaatskap aan die Akademie verskuldig is.
 - (b) Ten einde te voorkom dat die bespreking te wydlopieg word, sal op elk van die punte vrae aan die beswaarde gestel word. Daarna sal die beswaarde geleentheid kry om enigiets toe te voeg aan wat hy in antwoord op vrae gesê het, indien hy meen dat daar punte is waarop hy homself nie volledig genoeg uitgespreek het nie.
 - (c) Die verrigtinge sal woordgetrou genotuleer word en 'n transkripsie daarvan sal vir die beswaarde beskikbaar wees.
 - (d) 'n Verslag van die verrigtinge sal in oorleg met die beswaarde opgestel word en die Akademieraad sal dit aan die jaarvergadering voorlê.
- 76 Daar is besluit dat:
- Hiemstra die punte vir die Voorsitter opstel;
 - Naudé die voorsitterstoel moes inneem;
 - die uitgangspunt moes wees om Van Rensburg nader te trek;
 - die bewerings waarteen die Raad eksepsie neem, aan hom genoem word, en
 - dat Kempen as sekondus in die plek van Roux moes optree.
- 77 Uit die daaropvolgende bespreking blyk die volgende gesigspunte:
- Die Voorsitter, P.J. Nienaber, was van mening dat Van Rensburg gedurig besig was met aanvalle – selfs teen sy Universiteit en kollegas, en dat al sy verklarings in *Die Volksblad* negatiewe uitlatings was; ook dat Van Rensburg die Akademieraad reeds voor die *Silbersteins*-episode in 1964 "aangeval" het. Sy uitgangspunt was "vyandig" en hy moes daarvoor aangespreek word. (Daarteenoor was Nienaber in April 1964 waarderend teenoor Van Rensburg se wenke en belangstelling – kyk bladsy 366.)
 - Volgens die Ondervoorsitter, dr. S.M. Naudé, sou die Akademie sy plig versuim indien hulle Van Rensburg en Van Schoor nie sou spreek nie, en moes hulle die geleentheid kry om uit te praat terwyl die Raad geduldig luister;
 - Dr. A.J.A. Roux het gemeen dat die algemene vergadering die geleentheid was waartydens almal hulle menings kon uitspreek, en dat daar 'n beslissing geneem is. Niks waaroor daar reeds besluit is, mag weer bespreek word nie, en Van Rensburg en Van Schoor moes gevra word om hulle daarby neer te lê. Roux sou nie wou sien dat Van Rensburg met 'n bitter gevoel rondloop nie. Al wat te bespreek was, is die beswaar teen die Voorsitter se oproep, want daar was nie geleentheid om hulle daarop te antwoord nie. Die agtergrond waarteen die oproep gesien word, moes aan hulle verduidelik word. Dan moes die punte gestel word waarop Van Rensburg 'n motivering verskuldig is. Die Keurkomitee se antwoord moes tydens die samespreking gegee word, en nie later per brief nie. Roux het die samesprekings gesien as 'n poging van Akademiekant om van Van Rensburg 'n vriend in plaas van 'n vyand te maak, en indien dit die doel was, moes die Akademie versigtig wees. Van Rensburg en Van Schoor moes eers praat en dan moes die Raad 'n beslissing gee. Roux het ook voorgestel dat Van Rensburg 'n kans gegun word om sy saak by die volgende algemene vergadering te opper. Die Voorsitter kon daarna weer die saak

verduidelik. Van Rensburg moes ook goed verstaan dat hy dinge gesê het wat die Akademiesraad aanstoot gee, en dat hy die saak teen daardie agtergrond moes sien.

- Hiemstra het voorgestel dat 'n bandopname van die onderhoud gemaak word, en dat die Akademie moes antwoord op die besware wat Van Rensburg in sy briewe gestel het. Volgens Hiemstra het Van Rensburg blykbaar gedink dat die Voorsitter se oproep net teen hom gemik was – 'n verkeerde indruk omdat die Voorsitter die geskrewe stuk net na die debat oor dr. Van Rensburg gelees het sonder 'n inleiding vooraf. Dit kon aan Van Rensburg verduidelik word. Volgens Hiemstra was Van Rensburg in die rol van 'n beskuldigde, en hy verwys na die Van Rensburg-artikel in *Die Beeld*. Die “verregaande onwaarhede daarin” moes aan hom genoem word, en hy moes gevra word om dit te motiveer. 'n Lys van beskuldigings moes uit die *Beeld*-artikel en elders gemaak word en Van Rensburg moes gevra word om dit punt vir punt te staaf. Van Schoor se saak handel net oor die Voorsitter se oproep en daar kon aan hom verduidelik word dat dit in die algemeen gestel en aan almal gerig was.
- Goosen was van mening dat die lede nie in 'n twisgesprek betrokke moes raak nie, en dat die Akademie nie die indruk moes skep dat hulle op die verdediging is nie. Die Raad moes hom aanhoor en dan sê dat hulle hom skriftelik sou antwoord.

78 Hierdie bepaling 3 van die algemene beginselverklaring, maar soos effens verander in die weergawe oorgetik op 21 Februarie 1967 (kyk bylaag X op bladsy 661), het verval in die 18 Mei 1971-weergawe (kyk bylaag Y op bladsy 662). Sonder om die oorsprong daarvan aan te dui, het Nienaber die Februarie 1967-bewoording daarvan gebruik in sy Augustus 1970-artikel in die *Nuusbrief*.

79 Die volgende **vier dokumente** is voorgelê as die “Reglement van die Hertzogprys”:

- 'n inleidende agtergronddokument oorgetik op 21 Februarie 1967 getiteld “Die Hertzogprys”, wat die volgende bevat:

- ▶ 'n kort geskiedenis van die Hertzogprys:

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkunde en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond vir die doel. Genl. Hertzog was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste, en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging om aangewend te word vir 'n letterkundige prys uit die rente daarop.

- ▶ 'n aanduiding van wat as die **reglement** beskou is:

Die **reglement** is in 1966 hersien en bestaan sedertdien uit drie stukke: (i) die skenkingsakte, (ii) regulasies wat toegepas word deur die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe en die Akademiesraad en (iii) 'n handleiding vir die Keurkomitee. **Daaraan is in 1967 deur die Akademiesraad 'n algemene beginselverklaring toegevoeg**, opgestel deur prof. dr. Gerhard Beukes.

- die “**Reglement** by die toekenning van die Hertzogprys deur die Akademie”, oorgetik op 21 Februarie 1967 (kyk bylaag W op bladsy 659);
- die “Handleiding vir die Keurkomitee vir die Hertzogprys” (“**Reglement** by die toekenning van die Hertzogprys deur die Akademie” – Aanhangsel A), oorgetik op 22 Februarie 1967 (kyk in aanhangsel W op bladsy 660), en
- die “Algemene beginselverklaring”, oorgetik op 21 Februarie 1967 (kyk bylaag X op bladsy 661).

Die onnoukeurige gebruik van die woord “**reglement**” (soms afgewissel met die woord “**regulasies**”), en wat dit presies behels het, sou lei tot verwarring:

- bogenoemde **vier dokumente saam** is as bylaag voorgelê en na verwys as die “**Reglement** van die Hertzogprys”;
- die inleidende van die genoemde vier dokumente, getiteld “Die Hertzogprys”, dui aan dat die **reglement** bestaan uit **drie stukke** (die skenkingsakte, die **regulasies** wat die Akademie- en Fakulteitsraad toegepas word en die keurkomiteehandleiding), **waaraan toegevoeg is die algemene beginselverklaring**;
- die Akademie- en Fakulteitsraad se **regulasies** is genoem “**Reglement** by die toekenning van die Hertzogprys deur die Akademie”.

In die inleidende agtergronddokument getiteld “Die Hertzogprys”, word aangedui dat die skenkingsakte **deel** was van die **reglement**. Die skenkingsakte was 'n aparte regsgeldige dokument wat in elk geval nie déél kon wees van die reglement nie, maar net ter insae by die reglement gevoeg sou kon word. Die het ook nié deel gevorm van die bylae wat voorgelê is aan die Fakulteits- en Akademiesraad nie. Aanhangsel B by die konseppreglement, naamlik die handleiding vir die Breë Letterkundige Komitee, is nié weer genoem of verskaf nie.

Die Fakulteitsraad het kennis geneem van die “**Reglement** van die Hertzog-prys” soos voorgelê as bylaag M (FRA 1967: 17 April – bylaag M; FRN 1967: 17 April). Dié vier dokumente is ook aan die Akademieraad voorgelê as “**Reglement** van die Hertzogprys” (ARA 1967: 5 Mei – bylaag U). Volgens die notule het die Akademieraad regter Hiemstra versoek om par. 4(a)(i) tot (v) te herskryf en die “**regulasies**” “origens ... goedgekeur” (ARN 1967: 5 Mei). Die genoemde paragraaf 4 kom voor in die “**Reglement** by die toekenning van die Hertzogprys deur die Akademie” wat volgens die inleidende dokument die “**regulasies** [is] wat toegepas word deur die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe en die Akademieraad”.

- 80 Die verslag, gedateer 20 Maart 1967, lui soos volg (LK 1/11; FRA aanvullend 1 1967:17 April):

Die keurkomitee doen soos volg verslag:

U komitee het die prosaproduksie van die betrokke tydperk in oënskou geneem o.a. werk van die volgende skrywers:

Audrey Blignault; H. Aucamp (Die Hartseerwals); Chris Barnard (Dwaal); Breyten Breytenbach (Katastrofes); A.P. Brink (Orgie); Louise Conradie (Dans Makaber); W.A. de Klerk (Die Laer); Abr. H. de Vries (Vlieggoog, Kruispad); Elsa Joubert (Lyfwag); Etienne Leroux (Een vir Azazel, Die Derde Oog); Jan Rabie; Dolf van Niekerk (Die Moeder); Berta Smit (Die Vrou en die Bees); Van Zyl (Want ons is van gister); F.A. Venter (die “land”-trilogie, Werfjoernaal).

Uiteindelik is veral oorweeg H. Grové: Jaarringe, maar die Komitee kon nie tot ’n eenstemmige beslissing hieroor kom nie.

Ons aanbeveling is daarom dat die Raad die bundel kortverhale Jaarringe van Henriette Grové vir finale advies verwys na ’n breë komitee van letterkundiges.

Prof. G. Dekker van Potchefstroom het as Voorsitter die verslag onderteken.

- 81 Die ander twee lede wat saam met prof. Dekker die 1967-Keurkomitee gevorm het, was prof. T.T. Cloete van Port Elizabeth en dr. Elize Botha van Pretoria, met proff. P.D. van der Walt en C.J.M. Nienaber as sekundi (LK 1/11: 25 Oktober 1966 – brief van Akademiedirekteur aan Dekker; ARN 1966: 29 Junie; FRA 1967: 17 April). Dekker het voorheen gedien in die Kommissie vir die beoordeling van die 1956-Dramaprys, Cloete vir die 1966-Dramaprys, en Botha vir die 1963-Drama-, 1964-Prosa- en 1965-Poësieprys. Cloete en Botha was twee van die vyf persone wat genader is om kommentaar te lewer op die konsepleidraad/-reglement (kyk voetnota 707 op bladsy 437).
- 82 In *Die Huisgenoot*, 16 April 1971 (bladsy 103-105) berig prof. F.I.J. van Rensburg onder die opskrif “Dié prys het baie om die lyf” oor die CNA-prys wat daardie jaar sy tiende verjaardag gevier het. Hy beskryf die “uitstekende beoordelingsprosedure” soos volg:

Uitgewers lê jaarliks die beste werke deur Suid-Afrikaanse skrywers wat by hulle verskyn het, vir beoordeling aan die C.N.A. voor. (Boeke wat uitsluitend in Amerika gepubliseer is, en nie bv. ook in Brittanje of Suid-Afrika nie, is hiervan uitgesluit, en wel as gevolg van invoerbepelings op Amerikaanse publikasies).

Hierdie werke word aan twee panele van beoordelaars voorgelê – een vir die Engelse, die ander vir die Afrikaanse werke. Elke paneel bestaan uit drie lede: ’n professor in die letterkunde, ’n skrywer of skryfster en ’n verteenwoordiger van ’n persredaksie (laasgenoemde klaarblyklik met die oog op die feit dat ook biografie en geskiedskrywing by die beoordeling ingesluit is). Die lede word aangewys deur die Voorsitter van die C.N.A.-direksie. In die geval van die Afrikaanse paneel ken die C.N.A. die Akademie in die saak, maar ag hom hoegenaamd nie gebonde aan dié se aanbevelings nie. In die geval van die Engelse paneel geskied die aanwysing sonder meer.

Die name van die lede is geheim, ook vir mekaar. Elkeen werk in volkome onafhanklikheid en isolasie.

Die lede het as opdrag om uit die voorgelegde werke die vier bestes te kies en hulle in orde van verdienste te rangskik. As dit gedoen is, is hul taak afgehandel.

Aan elk van die plekke is ’n punt verbonde: vier vir die eerste, drie vir die tweede, twee vir die derde en een vir die vierde. As die lyste die C.N.A. bereik, word die punte bymekaar getel en vasgestel watter werk die meeste punte gekry het.

Die keurders en die wenners word vertroulik van die uitslag in kennis gestel, en op ’n noenmaal die dag voor die amptelike bekendmaking ontmoet hulle mekaar vir die eerste keer. Die daaropvolgende aand vind die amptelike bekendmaking en prysoorhandiging plaas by geleentheid van ’n feestelike dinee wat bygewoon word deur verteenwoordigers uit die kuns-wêreld, die hoër onderwys, die pers-wêreld, en in die algemeen almal wat by die saak van die boek belang het. Die pryswenners (of, soos in die geval van vanjaar [1971], hul plaasvervangers) voer by dié geleentheid die woord oor ’n onderwerp van belang

vir die literatuur in Suid-Afrika of oor die bekroonde werk.

Dit is 'n stelsel wat die hoogste mate van vryheid aan die beoordelaar laat en 'n uitdaging is vir sy onafhanklikheid van oordeel. Daar is niks of niemand wat staan tussen hom en die boeke voor hom nie; niemand wat hom voor die tyd waarsku dat hy hierdie en daardie omstandighede in ag moet neem nie; niemand wat hy ter wille moet wees nie; niemand onder wie se wakende oog hy sy beoordelingswerk moet doen nie; geen sameroeper wat sy bevinding in 'n moontlik tendensieuse verslag kan inkorporeer nie. Daar is in elk geval geen verslag wat nog eers deur 'n lekeliggaam met hoër gesag beoordeel moet word nie.

Hy het die sekerheid dat die direksie volkome vertrouwe het in die deskundigheid van die komitee wat hy aangewys het, en sy bevinding sal aanvaar. Wie die skrywers is van die werke wat in aanmerking kom, gaan hom nie aan nie. Of hulle dalk in die tronk hoort, laat hy aan die daartoe bevoegde instansies oor om daaroor te besluit en daarvoor te sorg dat dit gebeur. Sy taak is enkel uitvoering van 'n eenvoudige opdrag: wys vir ons die vier beste boeke volgens jou persoonlike oordeel aan en plaas hulle in orde van verdienste.

Dis duidelik 'n beoordelaar se droom. Geen druk of spekulاسie vooraf nie, geen polemieک agterna nie. Jy het jou oordeel naas dié van ander gelê, en daarmee uit en gedaan.

Daar word soms op gewys – veral deur diegene wat die C.N.A.-prys sy geslaagdheid beny – dat die stelsel van punttoekenning teoreties aanvegbare moontlikhede inhou. Daar word aangevoer dat dit moontlik is dat 'n werk wat deur geeneen van die drie beoordelaars eerste geplaas is nie, met die prys kan wegstap vóór een wat wel deur een van die beoordelaars eerste geplaas is.

Die praktyk reflekteer egter baie gunstig op die stelsel. As dit vir drie totaal onafhanklik werkende beoordelaars moontlik is om in 'n bepaalde jaar uit 'n totaal van 23 werke ses titels te laat uitkristalliseer waaroor daar eenstemmigheid is (d.w.s. afgesien van hul rangordeplasing), dan sou ek sê dat dit 'n ooreenstemming is wat statisties beduidend genoem kan word.

As dit egter gebeur dat uit dié 23 al drie die beoordelaars eenparig is in hul aanwysing van die wenner, dan kan 'n mens dié feit gerus hoogs beduidend noem.

Dit was bv. die geval vanjaar [1971] in die Afrikaanse afdeling. Ook in die Engelse afdeling is die wenner vanjaar eenparig aangewys. Die twee keer dat ek [F.I.J. van Rensburg] gemoeid was met die beoordeling, is die wenner in albei gevalle eenparig aangewys. Dit het tot dusver nog net een keer gebeur dat die beoordelaars nie ooreenstemming kon bereik nie. Dit was, soos reeds gesê, in 1969 in die Engelse afdeling.

83 Brink se brief lui so:

Ek het nog altyd die hoogste agting vir Boerneef as digter gehad en is daarvan oortuig dat hy 'n waardige ontvanger van die prys is; dit sou stellig meer waarde gehad het as dit nog gedurende sy lewe aan hom toegeken is. Sonder om die minste bedenkinge te koester oor die gehalte van Boerneef se poësie, is dit egter my oortuiging dat die toekenning van die Hertzogprys aan hom juis vanjaar, 'n ontstellende en flagrante pypkan van die vernaamste kandidaat, Breyten Breytenbach, is. In die literatuur is elke leser en kritikus sekerlik daarop geregtig om sy eie mening te hê, en ek sou ook nooit in gewone omstandighede daarvoor gedroom het om fout te vind met 'n bekroning deur die literêre komitee, selfs al sou ek nie persoonlik daarmee saamgestem het nie. Ek respekteer die reg van die komitee om tot sy eie literêre oordeel te geraak. Maar dit wil vir my voorkom asof ons vanjaar nie met 'n literêre bekroning te make het nie, maar met 'n poging om 'n netelige politieke dilemma te sistap. Ek glo dat vanjaar se Hertzogprys dáárop neerkom: nie dat Boerneef bekroon is nie, maar dat Breytenbach NIE bekroon moes word nie.

Die Akademie het vanjaar die geleentheid gehad om te bewys dat hy hom in sy bekronings uitsluitlik op meriete toespits; dit lyk nie vir my of dié geleentheid te baat geneem is nie. Dis futiel om te spekuleer, maar uit die bietjie wat ek Boerneef geken het, sou dit my nie verbaas het as hy self die prys in dié omstandighede van die hand gewys het nie. Ek meen dat hy by 'n vorige geleentheid uit die Akademie bedank het uit protes teen die terughouding van 'n bekroning aan iemand wat dit verdien het. [Brink verwys na I.W. van der Merwe se bedanking uit die Akademie in 'n brief gedateer 10 Augustus 1949, omdat die Hertzogprys vir Prosa daardie jaar nie toegeken is nie, maar skrywers soos M.E.R., J. van Melle en G.H. Franz oor die hoof gesien is (FRA 1949: 30 September).]

Daarom sou ek graag Boerneef se eie voorbeeld volg. Terwyl ek aan hom hulde bring as digter, wil ek terselfdertyd beswaar maak teen die ontwyking van wat werklik ter sake was. Ek maak nie beswaar omdat "my man nie ingekom het nie". Ek maak wel beswaar: a) dat meer as net 'n suggestie van politiek by die Hertzogprys nou onmisbaar geword het, nadat daar reeds met 'n vorige geval (Uys Krige) so 'n reukie in die lug was; en b) omdat die bekroning van 'n oorledene 'n presedent skep wat uiters gevaarlik mag wees. As die werk van die oorledene in die betrokke tydvak bo alle twyfel die prys verdien, sou daar geen beswaar teen wees nie; maar as dit die indruk skep dat 'n prys toegeken word aan iemand net

omdat hy nie kan teëpraat nie, en om 'n dilemma te vermy, dan raak dit onhoudbaar.

Daarom dien ek hiermee my bedanking in as lid van die Fakulteit Lettere van die Akademie

- 84 Volgens die woordelike notule van die Letterkundige Kommissie se bespreking, lui die brief só:

Uit 'n koerantberig verneem ek dat my werk Berei in die Woestyn miskien mede-oorweeg kan word in u besprekings oor die toekenning van die prys vir toneelwerk. Ek vra u hierby dringend dat dié werk van my nie oorweeg word nie en ook nie genoem word in die verslag oor u eventuele toekenning nie. Met dank, by voorbaat, die uwe, N.P. van Wyk Louw.

- 85 P.G. du Plessis het die Hiemstra-voorstel as 'n duidelike skeidslyn beskou, maar Steyn wys op die probleem dat daar vergeet kon word dat 'n boek wat die 1968-stempel dra, eintlik in Februarie 1969 verskyn het, en dat dit dalk nie die volgende keer in aanmerking geneem word nie. Volgens Hiemstra moes hierdie saak juis dáárom duidelik genotuleer word.

Louw was van mening dat daar 'n objektiewe kriterium moet wees wat die datum betref: die meeste uitgewers het 'n spesifieke verskyningsdatum en dit moes ook vir die Akademie geld – die kantoor moes net goed register hou van hierdie datums. Die dag wat die boek by die Akademiekantoor kom, kon ook gebruik word, maar soos die Voorsitter daarop wys, kon dit vertraag raak in die pos. Volgens Hiemstra kon daar in so 'n geval by die uitgewer navraag gedoen word oor die spesifieke verskyningsdatum. Volgens Cloete moes Hiemstra se formulering net vir die Kommissie se onthawe wees om die volgende Kommissie daaraan te herinner dat 'n sekere boek nie onder oorweging was nie, want daar is immers besluit dat daar nie aan die pers en publiek bekend gemaak word watter boeke mede-oorweeg is nie.

- 86 Grové is tydens die besluitnemingsvergadering van die Letterkundige Kommissie gevra om die motivering namens die Kommissie op te stel (LKN 1969: 14 Maart), en dit lyk só (ARN 1969: 9 Mei – bylaag A):

Die letterkundige kommissie het op 14 Maart 1969 vergader en tot die eenparige besluit gekom om aan te beveel dat die Hertzogprys vir drama, 1969, aan D.J. Opperman toegeken word op grond van sy versdrama Voëlvrý.

Soos Opperman se vorige twee dramas – Periandros van Korinthe en Vergelegen – is Voëlvrý ook 'n historiese stuk, 'n versdrama met Louis Trigardt in die hoofrol. Waar Periandros met sy besondere probleme as 't ware profeties staan aan die ingang van die Westerse beskawing, en die Heer van Vergelegen gesien kan word as die eerste werklike omstrede en daarom dramatiese figuur op Suid-Afrikaanse bodem, daar verteenwoordig Trigardt die pioniersmens op pad na nasieskap. Hy is die trekker, vry soos 'n voël en ook voëlvrý in 'n ongekaarte en vyandige wêreld. Voëlvrý kan dus byna gesien word as die sluitstuk van 'n groot opgesette historiese trilogie waarin Opperman hom besin op die vorm wat die Westerse beskawing bestem is om in hierdie land aan te neem.

Met elke stap het die skrywer nader aan ons eie tyd gekom, en elke stap het nuwe probleme meegebring; telkens moes hy bv. met 'n groter historiese ingeligtheid rekening hou. Maar nêrens het hy in die probleme vasgeval nie. Trouens, dit is een van die opvallende kenmerke van Voëlvrý dat Opperman, soos ook in sy vorige dramas, kon uitstyg bo die beperkinge wat sy stof aan hom gestel het. Hoe getrou hy ook al sy historiese gegewens volg (bv. die gegewens van die Trigardt-dagboek), hy bly nie steek in die besondere historiese werklikheid nie; hy gee nie net 'n getroue historiese beeld van die Trigardt-trek nie, maar hy skryf 'n drama wat ons iets laat voel van die lot van die Afrikaner in die uitlewing van sy nasieskap. Nog meer: Trigardt se klein geselskap word in hulle dwarstrek en koppigheid, hulle uiteenlopendheid van temperament en gedrag so geteken dat dié groepie mense 'n soort mikrokosmos word, 'n verteenwoordigende menslike maatskappy in 'n onherbergsame wêreld. Kortom, die Trigardt-trek met die hele idee van op-weg-wees kry deur Opperman se behandeling universele betekenis.

In 1956 is Periandros van Korinthe met die Hertzogprys bekroon, en die vraag is nou of Voëlvrý ten opsigte van dié drama "'n stygende lyn" verteenwoordig. In die verband wil die Kommissie dit graag sterk benadruk dat Voëlvrý uiteraard in belangrike opsigte ingrypend van die twee vorige stukke verskil. Die eerste twee stukke was byna klassiek-harmonies van bou, terwyl ons in die jongste stuk 'n kroniekspel het – "kroniekspel van 'n voortrek", noem die skrywer dit. Trigardt leef in 'n gans ander wêreld as Periandros of Van der Stel, hy praat 'n ander taal, het met ander probleme te kampe. 'n Vergelyking is dus baie moeilik om nie te sê uitgeslote nie. Wat die Kommissie wêl wil sê is dat Opperman in sy oorgang van die een historiese tydperk na 'n ander, van die een probleemkompleks na 'n ander groot soepelheid en vindingrykheid aan die dag lê. En in belangrike opsigte vertoon Voëlvrý 'n besliste vooruitgang. Die dialoog is hier bv. sappiger, natuurliker, nader aan die spreektaal en dus as menslike spraak aanneemliker as bv. in Periandros van Korinthe. Die hele trekgedagte het in Voëlvrý enorme eise aan die dramaturg gestel, en in die oplossing van dié bepaalde probleme was Opperman minstens net so vindingryk as in enige van die vorige twee stukke. En die opvoering van Voëlvrý het getoon dat die drama, ten spyte van sy kroniek-aard, 'n aangrypende verhoogstuk is, uiters speelbaar, miskien selfs speelbaarder as die vorige twee dramas.

87 Prof. Eben Meiring van Stellenbosch het geskryf:

Die persverklaring van die S.A. Akademiesraad oor die toekenning van die jongste Hertzog-prys is pas aan alle lede van die Akademie gesirkuleer. Maar as 'n mens klaar gelees het aan die klomp clichés waarmee die Raad sy keuse probeer goedpraat, wonder jy nog altyd:

1. Waarom die Raad glo dat hy, 'n lekeliggaam, beter weet as 'n deskundige keurkomitee, sy Letterkundige Kommissie;
2. Waarom die Raad blykbaar meer begaan is oor sy prerogatief “om finaal te besluit oor die toekenning van die Hertzog-prys” as oor literêre waardebevestiging;
3. Hoeveel mense die Raad verwag om te oortuig met sy suggestie dat hy nie bang was om Leroux te bekroon nie (só bang dat hy gretig na 'n minderheidsverslag gegryp het);
4. Sedert wanneer die Hertzogprys somer net vir “verdienselike” (“Die werk van 'n ander, hoogs verdienstelike skrywer”, staan in die omskrywe) uitgedeel word;
5. Waarom die Raad sy Kommissie nie vooruit gepraat het om net skrywers wie se naam nie Leroux is nie vir die prys te oorweeg;
6. Hoe “die gees en ... die opdrag van die Hertzog-pryskeningsakte” (nog 'n “argument” in die teks) nou – maar nie in 1964 nie – deur die bekroning van Leroux geskend sou word;
7. Met watter meerderheid die Raad sy diktatuurbesluit deurgedruk het.

88 Tydens die Akademiesraad se beraadslaging oor die 1970-Prosaprys waartydens Nienaber ook teenwoordig was (ARN 1970: 16 Mei), het prof. P.J. Botha “wêreldbeskoulike besware” teen Karel Schoeman gehad en in sy werk iets gesien

... wat teen die Afrikanergrein gaan; die Protestantisme word gedurig afgekam teenoor die Katolisisme en die Afrikaner word afgekam. Daar is ook 'n gevoel teen afsonderlike ontwikkeling.

Gerhard Beukes, aanvanklike opsteller van die algemene beginselverklaring, het groot waardering vir Leroux se werk gehad en gevra

...dat die raad wegkom van die gedagte dat 'n skrywer se Afrikanerskap of nie-Afrikanerskap of sy Katolieke sienswyse 'n rol moet speel. Die Raad het te doen suiwer met literêre sake, en dit is die enigste maatstawwe waarvolgens die Raad moet oordeel.

Binne die konteks van die hele bespreking het hierdie verwysings na Afrikanerskap en kerkverband egter 'n baie klein deel gevorm. In die omvattende notule is geen aanduiding dat prof. Grové die Akademiesraad 'n uur lank oor Katolisisme toegesprek het, soos beweer is nie (*Die Transvaler*, 18 Mei 1970: “Prof. Grové ontken geloofsbevestigings”).

89 In sy verslag oor die samesprekings merk prof. G. Cronjé op dat hy en die Hoofsekretaris die dag voor die samesprekings al die Akademiesstukke nagegaan het wat betrekking het op prof. Van Rensburg se “bedenkings en aantygings”. Cronjé het die volgende op skrif gestel (holograaf; ook ARA 1970: 30 Junie – bylaag D):

1. Prof. Van Rensburg se bedenkings teen toekennings en prosedures in die verlede is een vir een ontleed aan die hand van die feitelike verloop van sake, soos uit die dokumente blyk. Alle denkbare moeite is gedoen om hom te laat insien dat sy bedenkings ongegrond is, maar in geen enkele geval was dit moontlik om hom met die feite te oortuig nie.
2. Aangaande al prof. Van Rensburg se aantygings is keer op keer gevra of hy die beskuldigings kan staaf, maar hy kon dit nie doen nie. Nietemin het hy daarmee volgehou.
3. Meermale het prof. Van Rensburg verwys na literatore wat dit met hom aangaande verskeie sake eens is, maar hy kon in geen geval die naam van één literator noem nie. [Kyk voetnota 763 op bladsy 477.]
4. Aan prof. Van Rensburg is verduidelik dat die Akademiesraad nie kan en ook nie wil afstand doen van sy finale en hoogste seggenskap oor die toekenning nie. Dit sal strydig wees met die Akademieswet- en -statuut, met die skenkingsakte en die reglement en ook daarmee dat die Akademiesraad vir alle Akademiesake die uiteindelijke verantwoordelikheid moet aanvaar en bereid is om dit te doen. In dié verband is ook verwys na my persverklaring van 20 Mei 1970 na aanleiding waarvan prof. A.P. Grové en dr. Elize Botha hul bedankings teruggetrek het. (Prof. Van Rensburg het prof. Grové en dr. Botha dit sterk kwalik geneem dat hulle hul bedankings teruggetrek het.)
5. Verder is aan prof. Van Rensburg verduidelik dat die Akademiesraad 'n ope gemoed het met betrekking tot voorstelle of wenke wat verbetering van die toekenningsprosedure beoog. Juis met die oog daarop word oorweging geskenk aan 'n literatoretosimposium oor die toekenningsprosedure later in die jaar.
6. Aan prof. Van Rensburg is die aanbod gedoen dat hy in die September-uitgawe van die Nuusbrief sy standpunt kan stel en dat die standpunt van prof. P.J. Nienaber dan ook geplaas sal word. Hy was nie bereid om die artikel te skryf nie omdat ek en ander behoort te weet wat sy standpunt is. (Hy was darem bereid om vir Die Beeld 'n sodanige artikel te skryf. – G.C.). Ten slotte is ooreengekom dat sy brief van 18 Mei 1970 (met weglating van die eerste en die laaste paragraaf) as artikel in die Nuusbrief geplaas

sal word.

7. Omdat ek gemeen het dat die samespreking daarmee afgehandel was en dat prof. Van Rensburg wel bereid was om verder mee te doen soos aangedui, het ek die volgende samevatting gemaak:
 - (a) Die Akademiesraad bly die hoogste gesag en aanvaar die finale verantwoordelikheid aangaande die toekenning; en
 - (b) Die Akademiesraad verwelkom voorstelle en wenke wat die verbetering van die toekenningsprosedure beoog.
 8. Op daardie oomblik het prof. Van Rensburg sy skriftelike bedanking oorhandig. Dit bevat 'n herhaling van sy bedenkinge en aantygings – soms in verskerpte taal.
 9. Nadat ek die brief gelees het, het ek aan prof. Van Rensburg gesê dat dit klaarblyklik geen sin het om verder met hom 'n gedagtewisseling te probeer voer nie.
 10. Ten slotte het ek ook aan prof. Van Rensburg gesê dat die aanbod dat hy 'n artikel vir die Nuusbrief kan skryf, vanself verval omdat alleen Akademielede in die gemelde simposium en die voorbereiding daarvan betrokke sal wees.
- 90 Van Rensburg se bedankingsbrief aan die Hoofsekretaris, gedateer 11 Junie 1970, lyk só (LK 1/13; ARA 1970: 30 Junie – bylaag E):

Hiermee wil ek graag my bedanking indien as lid van die Akademie.

My besluit is nie ligvaardig geneem nie. Dis die vrug van jare se ervaring. Ek is in my gemoed daarvan oortuig dat ek geen ander keuse het nie.

Die direkte oorsaak is van tweeërlei aard.

Die eerste is die wyse waarop ek deur die Akademiesraad by monde van die Voorsitter gerepudieer is weens my deelname aan die radiobesprekingsprogram oor die Hertzogprysbekroningsprosedure op 31 Mei 1970. Ek het met dié deelname, sowel as met die artikel in Die Beeld op 24 Mei, gereageer op 'n gedagte van u as Sekretaris in 'n onderhoud teenoor my uitgespreek dat die Akademie as volwasse liggaam nie beswaar behoort te hê as lede hul gedagtes na buite kenbaar maak wanneer dit sake van openbare belang vir die Akademie betref nie. Ek het in beide gevalle, bewus van die delikate aard van die omstandighede vanjaar, my siening met die grootste moontlike verantwoordelikheid gegee. Die Akademiesraad as 'n geheel moet hom maar afvra of dié twee optredes onverantwoordelik van aard was; ook in die lig van die feit dat ek in die afgelope aantal jare 'n volledige openheid gehandhaaf het in my onderhandelinge met alle daarby betrokke Akademie-instansies. Ten spyte van my eerlike bedoelings is ek dus uitdruklik gerepudieer. Ek moes selfs die vreemde situasie beleef dat prof. Nienaber aangesê is om nie vir die onderhoud op te daag nie, sonder dat daar van Akademiekant 'n poging aangewend is om my as lid van deelname te laat afsien. Al wat die Akademie daarmee bereik het, is dat die indruk na buite geskep is van 'n liggaam wat bevrees is om sy saak in 'n ope debat te beredeneer – en vir 'n groot liggaam, en wel in verband met 'n saak van groot openbare belang, is dit iets onwaardigs.

Die tweede direkte oorsaak is die wyse waarop die Akademiesraad vanjaar se Hertzogprystoekenning gehanteer het. By vernuwing het die Raad deur sy hantering van die bekroning die saak van die Afrikaanse letterkunde en die Akademie skade aangedoen. Ek het in 1966, toe die eenparige aanbeveling van die letterkundige keurkomitee ter syde gestel is, gemeen dat ons nou die laagtepunt in die geskiedenis van die prystoekenning bereik het. ... Ek het vir jare probeer om die Akademiesraad daarvan te oortuig dat hierdie soort ding telkens sal plaasvind omdat hy met 'n ondoeltreffende bekroningsprosedure sit en omdat hy sy seggenskap oor die letterkunde uitoefen soos wat hy dit uitoefen. Al my pleidooie het, blykens vanjaar se gebeure, op dowe ore geval. Omdat ek my telkens moet skaam vir die wyse waarop die Akademiesraad gedurende die afgelope aantal jare die bekroningsaangeleentheid gehanteer het, voel ek dat ek my daarvan moet losmaak. Daar is hoegenaamd geen waarborg dat die gebeure hom nie volgende jaar of die jare daarna sal herhaal nie.

En daarmee is ook die verwyderde redes vir my bedanking gegee, wat binne Akademiegeleedere bekend behoort te wees.

U sal begryp dat dit vir my, ten spyte van alles wat voorafgegaan het, 'n element van pynlikheid inhou om my verbintenis te beëindig met 'n liggaam wat voorheen 'n belangrike krag in die lewe van die Afrikanervolk was en dit vandag in aanleg nog steeds is. Daarom wil ek selfs nog by hierdie geleentheid van die skeiding van die weë pleit dat die Akademiesraad grondige aandag sal gee aan die dinge wat die afgelope aantal jare verkeerd geloop het.

Omdat my belang in eerste instansie die letterkunde is, wil ek die vrae wat my die afgelope aantal jare in dié verband gekwel het, by vernuwing so aan die Raad stel:

- (1) Wat was die werklike rede waarom Uys Krige in 1966 nie bekroon is nie, ten spyte daarvan dat 'n keurkomitee dit eenparig aanbeveel het?
- (2) Waarom is Breyten Breytenbach twee jaar gelede nie bekroon nie? Is daar 'n moontlikheid dat hy óoit deur die Akademie bekroon sal word?
- (3) Kan die Akademieraad ontken dat hy mede skuld daaraan het dat Peter Blum vir die Afrikaanse letterkunde verlore gegaan het?
- (4) Waarom is daar vanjaar so naarstig van die keurkomitee geëis dat die aanvanklike meerderheid vir Etienne Leroux groter moet wees? Kan die Akademieraad met sy hand op sy hart verklaar dat hy nie bang was vir 'n herhaling van die 1964-kabaal nie?

As die Akademieraad met sy bekronings ander oorwegings as literêre meriete het, laat hom dit openlik sê. Laat hom eerlik sê dat sekere skrywers wat deur keurkomitees aanbeveel is, om politieke en verbandhoudende redes nie bekroon is nie, en dat hy sal voortgaan om dit te doen. Dan het almal duidelikheid. Maar laat hy dan ophou om hom op Genl. Hertzog se Skenkingsakte te beroep, want die Skenkingsakte sê alleen: “Die beste werk van belletristiese aard sal bekroon word.”

Dan iets anders wat my gekwel het en wat ek as oorweging wil agterlaat. Laat die Akademieraad homself afvra of die troebele van die afgelope aantal jare in sy geledere nie hul merk in die vorm van onwenslike praktyke nagelaat het nie. Baie mense wat bereid was om die Akademieraad onder die nuwe bedeling 'n kans te gee, moes reeds tot hul pynlike ontnugtering ervaar dat organiseerdery-agter-die-skerm, pogings om informasiekanale toe te stop, en dergelike, ongelukkig nié tot die verlede behoort nie. En laat die Akademieraad weet: solank hy nie onversoenlik teen hierdie dinge stelling inneem nie, is daar geen hoop hoegenaamd dat hy sy probleme van die afgelope aantal jare te bowe sal kom nie.

Ek het met dit alles waarskynlik pynlike dinge gesê (dinge wat in breë kringe slegs agter die hand gefluister word), maar ek glo ook dat die helder, reguit gesprek ons enigste uitweg uit probleme van hierdie aard is. Omdat die gebeurtenisse van die afgelope paar dae my egter daarvan oortuig het dat dit vir my nie meer moontlik is om die gesprek binne Akademieverband voort te sit nie, wil ek hiermee my verbintenis met die liggaam beëindig.

- 91 Prof. Louw Alberts van die Departement Fisika aan die Randse Afrikaanse Universiteit het in 'n brief aan die Hoofsekretaris, gedateer 21 Oktober 1970, daarop gewys dat hyself nie aan die bespreking wou deelneem nie, maar dat Akademiëdele bûten letterkundiges, ook 'n bydrae sou kon lewer, “al is dit net deur sinvolle vrae te rig aan die letterkundiges” (LK 1/13). In sy antwoord aan Alberts wys Van Niekerk daarop dat ander nie-letterkundige lede ook aan hom oor hierdie saak geskryf het, maar dat besluit is om dié een keer die letterkundiges 'n kans te gee om uit te praat aangesien die Akademieraad soveel jare na die klage van letterkundiges moes luister dat “buite-literêre oorwegings” by die Hertzogprys op die spel kom en dat “leke” en “leke-menings” die deurslag gee by die Hertzogprystoekening. Prof. Gerrit Dekker het opgemerk: “Wat sal die fisici daarvan dink as ek een van hulle simposiums bywoon en daarop aandring dat ek aan 'n bespreking oor die kernfisika wil deelneem”. (LK 1/13: 26 Oktober 1970 – brief van Van Niekerk aan Alberts.)
- 92 In Oktober 1979 en 1980 het die Akademie- en Fakulteitsraad die Letterkundige Kommissie versoek om 'n memorandum oor bekroningsbeleid op te stel (ARN 1979: 5 Oktober; FRN 1980: 24 April; ARN 1980: 25 April). Op aanbeveling van die Fakulteitsraadvoorsitter het die Letterkundige Kommissie in 1981 besluit om 'n memorandum op te stel waarin die beleid van die Letterkundige Kommissie weerspieël word. 'n Werkgroep, bestaande uit prof. Merwe Scholtz, prof. T.T. Cloete en dr. Elize Botha, is saamgestel om die stuk op te stel. Prof. A.P. Grové sou met die koördinerende van gegewens behulpsaam wees. (LKN 1981: 23/24 April.) Scholtz het die dokument opgestel en dit is aan al die lede van die Letterkundige Kommissie gestuur vir kommentaar. Fakulteitsraadslede se kommentaar sou ook bespreek word. Daar is versoek dat die verband tussen etiese en estetiese norme duidelik omskryf moes word. (FRN 1981: 16 Junie.) Die volgende jaar het die Letterkundige Kommissie besluit dat elke kommissielid sodanige norme skriftelik sou formuleer en aan die Voorsitter stuur sodat hy 'n samevatting daarvan kon opstel vir voorlegging aan die Akademieraad (LKN 1982: 23 April). Scholtz het weer 'n stuk opgestel waarvan daar kennis geneem is tydens die 1983-vergadering van die Letterkundige Kommissie. Daar is aanbeveel dat die stuk nie verder gesirkuleer word nie, maar gestuur kon word aan persone wat navraag doen. (LKN 1983: 21 April.)
- 93 Die ordereëling sien soos volg daar uit:

Onderstaande voorligting oor die wyse van benadering van die Letterkundige Kommissie se aanbeveling insake die Hertzogprys deur die Fakulteitsraad word deur die Voorsitter van die Fakulteitsraad uitgestuur. Dit is ordereëlings wat vooruit bekend gemaak word ten einde die verloop van die vergadering te bespoedig, en daar word nie voorgegee dat dit volledig en afdoende is nie. Dit word in die algemeen bedoel en nie uitdruklik vir die eerskomende vergadering nie.

 1. Die Fakulteitsraad is nie 'n liggaam van beter toegeruste letterkundige beoordelaars wat vanweë groter bevoegdheid die Letterkundige Kommissie in die ongelyk kan stel nie. Dit lê voor die hand dat dit so is omdat
 - (i) verskeie lede van die Raad nie die letterkunde as vak beoefen nie;

- (ii) nie een van hulle wat nie ook lid van die Letterkundige Kommissie is nie, intensiewe studie gewy het aan die vraag wie die Hertzogprys moet kry nie; en
 - (iii) diegene wat nie lid van die Letterkundige Kommissie is nie, nie die debat van die Letterkundige Kommissie meegemaak het nie.
2. Die Fakulteitsraad handel in die lig van die advies vervat in die verslag van die Letterkundige Kommissie, en hy sal 'n aanbeveling afwys alleen in die volgende besondere omstandighede:
 - (i) indien die reglement in 'n belangrike opsig oor die hoof gesien is, bv. wanneer die aanbevole werk nie van belletristiese aard is nie, of nie oorspronklik is nie;
 - (ii) indien die aanbeveling in die oordeel van die Fakulteitsraad so duidelik aanvegbaar is dat dit onredelik genoem kan word.
 3. Wanneer daar 'n minderheidsverslag is, en die Voorsitter het beslis dat die beskouinge van die meerderheid en die minderheid mondeling aan die Raad gestel moet word, mag die Raad oordeel in die lig van die letterkundige oorweginge wat deur die twee verteenwoordigers voorgelê word, maar sy beslissing is beperk tot die werke wat daar toegelig is.
 4. Dit is hoogs onwenslik om 'n aanbeveling eenvoudig af te wys. Indien die Raad bedenkinge het, sou dit gerade wees om die bedenkinge eers na die Letterkundige Kommissie terug te verwys.
 5. Ekstra-literêre faktore soos bv. die feit dat 'n skrywer al tevore bekroon is mag in oorweging gebring word, wanneer daar binne die Letterkundige Kommissie en in die Raad sterk verskil bestaan oor watter werk die beste is. Die vraag of die skrywer se persoon of oortuiging 'n rol mag speel, is so onafisienbaar dat geen algemene leidraad daaromtrent op hierdie stadium gegee word nie.
 6. Ondanks die beperkinge in paragrawe 1 en 2 genoem, mag daar vryelik oor die meriete van die aanbeveling gedebatteer word.
- 94 Na aanleiding van die 1979-Prosatoekenning aan Etienne Leroux vir *Magersfontein, o Magersfontein!* het die kwessie van "volksletterkunde" weer na vore getree: namens die Hertzogfamilie het dr. Albert Hertzog voorstelle gemaak wat tydens die huishoudelike algemene vergadering deur hom verkort en soos volg geformuleer is: dat
1. voordat 'n werk deur die Letterkundige Kommissie oorweeg word vir moontlike bekroning, die ander nie-letterkundige lede van die Raad eers tevrede gestel moet wees dat so 'n werk nie Afrikanervolkskadelik moet wees nie; en
 2. die naam van genl. Hertzog in geen opsig gekoppel moet word aan die bekroning van Magersfontein, O Magersfontein! nie
- Na besprekings is 'n mosie ingedien dat die Jaarvergadering sy misnoë uitspreek met die toekenning van die Hertzogprys, maar dit is met 33 stemme teen 26 verwerp. Twaalf lede het buite stemming gebly. (LK 1/18: 3 Mei en 5 Junie 1979 – briewe van Albert Hertzog aan Akademie; ARUKN 1979: 29 Mei; ARN 1979: 19 Junie; AJVN 1979: 20 Junie.)
- 95 Die volgende werke is in die voorlopige keuring uitgesonder (LKDBN 1971: 30 Junie; LKA 1972: 10 Maart):
- *Die rebellie van Lafras Verwey* (1971 – Tafelberg) deur Chris Barnard
 - *Die nag van Legio* (1969 – Nasionale Boekhandel) en *Siener in die suburbs* (1971 – Tafelberg) deur P.G. du Plessis
 - *'n Skip is ons beloof* (1969 – Tafelberg) deur George Louw
 - *Christine* (1971 – Tafelberg) deur Bartho Smit.
- 96 C.J.M. Nienaber se motivering vir die toekenning van die 1972-Hertzogprys vir Drama aan P.G. du Plessis, veral vir *Siener in die suburbs*, maar ook met inagneming van *Die nag van Legio*, sien soos volg daar uit (ARN 1972: 26 Mei – bylaag A):
1. Die aanbeveling van die Letterkundige Kommissie geskied teen die agtergrond van:
 - (a) die skenkingsakte, wat onder andere verlang dat die Hertzogprys toegeken word, "aan de skrywer of skryfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard", en verder dat: "Alleen werk van de eerste rang zal bekroond worden";
 - (b) die bekroningstradisie, wat beteken dat tussen 1915 en 1969 die prys vir drama nog net sewe keer toegeken is. Vergelyk onderstaande bekroningslys:
- | | |
|------|---|
| 1926 | J.F.W. Grosskopf: Drie eenbedrywe. As die tuig skawe. |
| 1929 | Geen |
| 1932 | Geen |

1935	H.A. Fagan:	Die ouderling e.a. toneelstukke
1938	Geen	
1941	Geen	
1944	C. Louis Leipoldt:	Die laaste aand. Die Heks.
1948	Geen	
1952	G.J. Beukes:	Salome dans. Langs die steiltes. As ons twee eers getroud is.
	W.A. de Klerk:	Die jaar van die vuuros. Drie vroue. Drie dramas. Vlamme oor La Roche.
1956	D.J. Opperman:	Periandros van Korinthe
1960	N.P. van Wyk Louw:	Germanicus
1963	Geen	
1966	Geen	
1969	D.J. Opperman:	Voëlvry

Opmerkings:

- Die prys is die eerste keer toegeken in 1926, verdeel tussen drama, prosa en poësie;
 - Slegs eenkeer (1952) is dit verdeel tussen twee dramaturge;
 - Net Opperman is twee keer bekroon;
 - Die naam van Uys Krige ontbreek in die lys;
 - Opperman en Van Wyk Louw het 'n standaard gestel wat waarskynlik nie gou weer geëwenaar sal word nie, 'n standaard wat dus nie sonder meer kan dien as maatstaf vir toekomstige toekennings nie.
- Die Letterkundige Kommissie het ten slotte drie dramaturge se werk uitgesonder as beoordelingswaardig, en wel:
George Louw: 'n Skip is ons belof, 1969;
P.G. du Plessis: Die nag van Legio, 1969;
Siener in die suburbs, 1971;
Bartho Smit: Christine, 1971.

- Die drama van George Louw is vol beloftes. Dit bevat hoogs dramatiese momente; en isolasie as hooftema word plek-plek dwingend veraanskoulik. Maar bepaalde onderdele, veral dié rakende die blinde ou man, 'n jong man en 'n jong meisie, word nie heg in die geheel geïntegreer nie.

Ook Bartho Smit se drama wek groot beloftes vir die toekoms. Dit is 'n boeiende eksperiment, waarin eweneens plek-plek groot hoogtepunte bereik word. Maar 'n onverbidelike verloop, 'n noodwendige en onvervangbare opbou, ontbreek.

Het ons net hierdie twee dramas gehad aan die voorpunt van ons huidige produksie, dan sou ons verwagtingsvol op die toekoms ingestel kon gewees het. Maar binne die bestek van die skenkingsakte en die bekroningstradisie haal hulle net-net nie die paal nie.

- P.G. du Plessis betrek die wêreld van die “abnormale” en van die “normale” in sy twee dramas. In albei gevalle doen hy dit indringend, deurskouend. Sodoende gee hy 'n wye blik op mens en wêreld. Daar is in sy kuns dus eerder sprake van uitbreiding as van herhaling. Hoe oortuigend hierdie uitbeeldings inderdaad is, het geblyk met die opvoering van albei stukke.

Met 'n besondere vaardigheid word in Die nag van Legio die aanvanklike buitestaander Dogoman (met alles wat hy verteenwoordig) toegelaat om te ontwikkel tot 'n algemene lotsbepaler. Geleidelik en onontkombaar kom elke betrokke in sy greep – met as hoogtepunt die onthulling van en déur Charley. Tegelyk is dit een van dié hoogtepunte in die Afrikaanse dramakuns. Ongelukkig handhaaf die drama nie deurgaans hierdie peil nie.

Maar dan word Die nag van Legio gerugsteun deur Siener in die Suburbs. Trouens, selfs daarsonder maak dit aanspraak op erkenning. 'n “Alledaagse” werklikheid met “doodgewone” mense word in die taal van die bepaalde milieu, aangepas by die afsonderlike karakters, op 'n haas onvervangbare wyse gedramatiseer. Die dialoog is eg, soos dit verlang kan word van 'n realistiese drama. Van bykomende belang is die feit dat Du Plessis hom bevry van die tradisie om nuwerwets te skryf, om 'n slag weg te kom van die simboliseringskultus. Dit is trouens 'n ware toer om die bekende nuut te openbaar. Uiteenlopende karakters, binne 'n nagenoeg eensoortige milieu, kry die geleentheid om elkeen sy/haar afsonderlike en hulle gesamentlike dilemma wáár te beleef vóór die oë van die toeskouers.

Alles sentreer om Tjokkie met sy sienersgawe – die gawe wat andere wil uitbuit, veral Giel, Fé, Tienie en Jakes. Sy probleem is onder andere dat hy kán en móét sien, maar nie wil sien nie – bewys van die katastrofale gevolge wat sy sien kan hê vir haas elke betrokke, want hulle is byna almal onlosmakelik op mekaar ingestel. As siener verskyn Tjokkie, en as siener verdwyn hy. Maar tussen die kort tydsverloop van verskyn en verdwyn voltrek 'n magtige drama hom – waarna die lewe van elke medespeler ingrypend en onherroeplik verander het: met slegs verliese, geen grootse winste nie.

'n Besondere betekenis van die drama is dat nie net die lot van die karakters nie, maar ook die karakters as sodanig ontwikkel. Selfs enkele aanvanklike bykarakters ontwikkel as't ware tot hoofkarakters: Ma, Tienie, Jakes. En in hierdie proses word die meeste individue mense in die algemene sin. Hoewel eng verbonde aan hulle milieu, styg hulle tog daarbo uit – hulle steek dus nie vas in één bepaalde plek, tyd of groep nie.

Siener in die suburbs veraanskoulik 'n rou werklikheid. Ru en rou is derhalwe ook die middele waarmee die doel bereik word: drank; dwelmmiddels; elementêre hartstogte; geweld – selfs bloed. Daarom dat sentimentaliteit en melodrama, onder andere, hier funksioneel word, gewettig én onontbeerlik. Hierdie drama is derhalwe ook vir die hedendaagse beoefening van die literêre kritiek van groot belang. Dit eis 'n hersiening van die gangbare beoordelingsnorme. Hiermee word egter nie te kenne gegee dat Siener in die suburbs foutloos is nie. Dit mis byvoorbeeld die verwickeldheid van eerder bekroonde dramas soos Periandros van Korinthe en Germanicus. Allerlei gewettigde besware, veral teen ondergeskikte dele, kan geopper word, soos teen die slot met sy kanseldoenk. Verskeie besware is trouens al verneem, maar die meeste is bloot teoreties, en dus nie ter sake nie.

Die wese en waarde van P.G. du Plessis se dramas wettig allesins die aanbeveling van die Letterkundige Kommissie: “dat die Hertzogprys vir 1972 (Drama) aan P.G. du Plessis toegeken word, veral vir Siener in die suburbs, maar ook met inagneming van Die nag van Legio.”

97 Die huldigingswoord is opgeneem in die Junie 1972-*Nuusbrief* van die Akademie (SAAWEK 1972 a:3), en sy repliek daarop in die September 1972-uitgawe (SAAWEK 1972 b:8-11).

98 Grové het as verkenner aanbeveel dat daar vir die 1975-Dramaprys hoofsaaklik aandag geskenk word aan die werk van Bartho Smit en André P. Brink (LK 1/16: 20 Januarie 1975: Grové aan Hoofsekretaris).

Die volgende werk het onder die aandag van die Letterkundige Kommissie gekom:

- *Afrikaners is plesierig* (1973 – Human & Rousseau), *Die bobaas van die boendoe* (1973 – Human & Rousseau) en *Pavane* (1974 – Human & Rousseau) deur André P. Brink;
- *Bacchus in die Boland* (1974 – Perskor) deur Bartho Smit;
- *Plaston: DNS-kind* (1973 – Tafelberg) deur P.G. du Plessis;
- *Bagasie sonder bestemming* (1973 – Van Schaik) deur Jac. J. Brits ;
- *Bus-stop* (1973 – Human & Rousseau) deur Dranus Vermeulen;
- *Bitter lied van die somer* (1974 – Van Schaik) deur Dick Findlay.

Twee werke deur N.P. van Wyk Louw, *Die pluimsaad waai ver* (1972 – Human & Rousseau) en *Blomme vir die winter* (1974 – Human & Rousseau) kon nie in aanmerking kom nie: volgens bepaling 5 van die bekroningsvoorskrifte was 'n postume bekroning geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling (in hierdie geval 1972 tot en met 1974). Van Wyk Louw is op 18 Junie 1970 oorlede.

99 Die Letterkundige Kommissie het vir die 1978-Dramatoekenning onder andere kennis geneem van die volgende publikasies: *Faan se trein*, *Faan se stasie*, *Die joiner en Tsjaka* (Pieter Fourie), *Die vroue van Kores* en *'n Wingerdstok sal rank* (M.M. Walters), *Magdalena Retiefen Die loodswaaiers* (Uys Krige) (LK 1/18: 23 September 1977 en 23 November 1977 – briewe van Hoofsekretaris aan Scholtz), maar hierdie werke kom nie voor in die volgende 23 Maart 1978-kortlys van H. v.d.M. Scholtz, die verkenner, nie (LK 1/18; LKA 1978: 27 April):

Indien daar slegs rekening gehou word met dramas wat in die voorgeskrewe periode (in oorspronklike of omgewerkte vorm) verskyn het, dan sou my kortlys vir die Hertzogprys daar in alfabetiese volgorde soos volg uitsien.

Chris Barnard 'n Man met vakansie; Taraboemdery; Die pad na Acapulco.
Henriette Grové Toe hulle die Vierkleur oor [sic] Rooigrond gehys het.
Bartho Smit Die Keiser; Die Verminktes.

Indien daar uit hierdie kortlys geen Hertzogpryswenner aangewys word nie, sou die Komitee die volgende kortlys kon oorweeg.

Chris Barnard 'n Man met vakansie; Taraboemdery; Op die pad na Acapulco; Iemand om voor
nag te sê; Die rebellie van Jan [sic] Lafras Verwey; Pa maak vir my 'n vlieër pa.
Uys Krige Die twee lampe; Die goue kring; Vier eenbedrywe.
Bartho Smit Die Keiser; Die Verminktes; Christine; Putsonderwater; Moeder Hanna.

Indien ons tot die tweede fase van die beoordelingsproses moet oorgaan – en ek vermoed dat dit die geval gaan wees, kan prof. Grové by ons aansluit. Ek sou hom graag aanwesig wou hê in wat dan geen eenvoudige opdrag word nie. Ek wil dus aanbeveel dat daar geen sekondus uitgenooi word nie, maar dat prof. Grové vriendelik versoek word om hom beskikbaar te hou.

- 100 Die huldigingswoord vir Bartho Smit sien is gepubliseer in die 1978-*Jaarboek* van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Scholtz 1978:20, 39).
- 101 Vir die 1981-Dramaprys het Elize Botha as verkenner aanvanklik Hennie Aucamp, Pieter Fourie en Henriette Grové as kandidate genoem (LK 1/19:25 Maart 1981 – briewe van Hoofsekretaris aan lede van Kommissie). Haar meer spesifieke kortlys lyk só (LK 1/19: 30 Maart – Botha aan Hoofsekretaris; LKA 1981: 23 April):
- *Papawerwyn en ander verbeeldings vir die verhoog* (1980 – Tafelberg) en *Met permisie gesê* (1980 – Tafelberg) deur Hennie Aucamp;
 - *Ontmoeting by Dwaaldrif* (1980 – Perskor) deur Henriette Grové;
 - *Die plaasvervaardigers* (1978 – Perskor) en *Mooi Maria* (1980 – Perskor) deur Pieter Fourie, en
 - *Laaste middagmaal* (1978 – Taurus) deur Wilma Stockenström.

Indien die keuse nie uit dié kortlys gemaak word nie, het sy Adam Small en André P. Brink genoem as skrywers wat die toekenning kon ontvang vir hulle drama-oeuvre: binne die onderhawige tydperk het Small *Joanie Galant-hulle* gepubliseer en *Kanna hy kô hystoe* sou daarmee saam in die skaal kom, terwyl André P. Brink se verwerking *Toings op die langpad* (1979) sý hele drama-oeuvre ter sprake gebring het (LK 1/19: 7 April 1981).

Ander werke wat ook onder die aandag gekom het was (LKA voorlopig 1981: 23 April):

- *Miskien woon julle onder ons* (1978 – Perskor) deur M.M. Walters;
- *Pendoring en Kie*. (1978 – Tafelberg) deur A.S. van Straten, en
- *Die markplein* (1978 – Tafelberg) deur W.A. de Klerk.

- 102 Die huldigingswoord vir Henriette Grové, ontvanger van die 1981-Dramatoekenning, is opgeneem in die 1981-*Jaarboek* van die Akademie (bladsy 39 en 51), en lui soos volg:

Die radiodrama *Ontmoeting by Dwaaldrif*, is deur Henriette Grové geskryf gedurende die Leipoldt-jaar, en as bydrae van die S.A.U.K. tot die Leipoldt-vierings uitgesaai. Van meet af aan is in hierdie hoorspel 'n Leipoldt aanwesig wat in ooreenstemming is met die beeld van hom wat ons op allerhande maniere gedurende die Leipoldt-jaar kon leer ken: die Bushveld Doctor, die digter wat soms ook 'n rymelaar kon wees, die dramaturg, die skrywer van spookstories, die kenner en liefhebber van die natuur, wêreldreisiger met 'n voorliefde vir die Ooste ... dit is getuienis van die digtheid van hierdie teks dat al hierdie fasette van Leipoldt binne die eerste paar bladsye daarvan geartikuleer word. 'n Mens sou dus met reg hierdie werk 'n geleentheidstuk kon noem. Maar *Ontmoeting by Dwaaldrif* word gaandeweg veel meer as 'n dramatisering van aspekte van die mens Leipoldt. Dit word verbeeldingryke ontginning van die feit dat Leipoldt steeds in sy manuskripte getuienis gelewer het dat hy aangegryp is deur die geskiedenis van ene Pieter Erbeveld, 'n opstandeling van gemengde bloed in Batavia, tereggestel in 1722, en hoedat dié geskiedenis uiteindelik nié groei tot 'n selfstandige drama nie, maar aanleiding gee tot 'n ander drama: *Die laaste aand*. En dit word nóg meer. Dit word die in beeld bring, in dramatiese beweging bring, van 'n onverbiddeleke waarheid aangaande die woordkuns: deur die woord kan 'n nuwe woordwêreld geskep word, maar wat dood is en stof kan nie deur die woord weer *net soos dit was*, lewend word nie. Die spookverskyning van Pieter Erbeveld teen sonder by Dwaaldrif pleit tevergeefs by Leipoldt: Vergader my bene en laat my stof weer praat. Jy is 'n digter. Dit is Van Noot wat uit die inspirasie van Erbeveld sal lewe, maar dan 'n nuwe en unieke Van Noot. Iets van die waarheid van die gestorwe Erbeveld sal leef in die woordwêreld van *Die laaste aand*, maar die werklikheid van Erbeveld is vergoed vergaan.

Dat die leser en luisteraar by die kennismaking met *Ontmoeting by Dwaaldrif* die res van Henriette Grové se dramatiese werk in herinnering sal roep, is voor die hand liggend. Ook *Die goeie jaar* van 1958, *Die glasdeur* van 1959, *Halte 49* van 1962 was vir die radio geskryf. Vier uit die ses dramas van Henriette Grové is dus hoorspele, en sy het daarmee 'n belangrike verfyning in die tegniek van die radiodrama gebring. Haar uiters subtile hantering van woordbetekenisse is besonder geskik vir 'n teks wat so op die sensitiwiteit van die oor afgestem moet wees.

Ook *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*, van 1975, was 'n geleentheidstuk, geskryf vir die Taalfeesjaar: 'n drama oor ds. S.J. du Toit, taalstryder, intellektueel, onderwysman, man van die woord, ook van die Woord, wat met sy woord die teenswoordige wêreld wou verower, drome van staatsmanskap wou werklikheid maak. In die ontginning van die dramatiese teenstellings wat gegee is in die komplekse aard van dié twee historiese hooffigure, S.J. du Toit en C. Louis Leipoldt, het Henriette Grové 'n beduidende bydrae gemaak tot die ry van karakters in die Afrikaanse dramaliteratuur.

Maar wat ons in *Ontmoeting by Dwaaldrif* leer ken het aangaande die spanning tussen werklikheid en literêre waarheid, laat ons ook die vroeër dramatiese werk van Henriette Grové opnuut en anders lees, want dit maak ons bewus van die digtheid en veelduidigheid in die soort teks wat sy skep, dit maak ons bewus van die ondergrond van *bewoënheid* in haar werk, nie net oor insident en geval nie, maar by die betragting van die menslike lot, die menslike aard, die triomf en die beperking van sy vermoëns. Dit leer ons raaksien dat in *Die goeie jaar* Tobias Davel doodwurg aan die leuen wat hy van sy lewe gemaak het, aan die storie wat hy uit die ondraaglike werklikheid fabriseer; dat in *Die glasdeur* die waarheid van elk van die drie vroue 'n "storie" is, weg van die werklikheid van hulle ingeperkte lewe;

dat in *Halte 49* die man en vrou hul ten slotte onontkombare vuilgrys fabriekswerklikheid draaglik maak deur 'n ligte woordwêreld te bou tussen een halte en die ander. Dit herinner, in ligter luim, aan *Die onwillige weduwee*, waar Doktor Prosema deur sy pasaïese [sic] prosa byna die heerlike werklikheid van die weduwee kwytraak; en dit belig die meedoënlose grense wat daar aan die mag van die woord gestel word in die lewe van ds. S.J. du Toit. Omdat *Ontmoeting by Dwaaldrif* op so 'n besondere wyse die hele korpus van die dramatiese werk van Henriette Grové laat praat en omdat die uitnemende kwaliteit van hierdie werke daardeur opnuut onder die aandag gebring is – daarom is dit vanpas, Meneer die Voorsitter, dat die Hertzogprys vir Drama aan Henriette Grové toegeken word, vir *Ontmoeting by Dwaaldrif* en al haar dramatiese werk.

103 Op 28 Februarie 1984 het H. v.d. M. Scholtz die Akademiesekretaris laat weet dat drie dramas voorgelê is vir die 1984-Dramaprys, naamlik *Die krismis van Map Jacobs* (1983 – Tafelberg) deur Adam Small, *Piet-my-vrou* en *Nagspel* (1982 – Tafelberg) deur Chris Barnard en *Sewe stasies en ander hoorspele* (1983 – Human & Rousseau) deur Morkel van Tonder. Volgens Scholtz kon nie een van dramas sins insiens in aanmerking kom vir die Hertzogprys nie, en as hulle dan nog gemeet word aan die prosa en poësie wat in die bekroningsperiode verskyn het, was daar “hoegenaamd nie sprake daarvan” dat dramas in aanmerking geneem kon word nie.

104 Pretorius se verkennersverslag vir die 1985-Hertzogprys vir Drama sien só daar uit (LK 1/21: 24 Februarie; LKA 1985: 25 April – bylaag C):

Geen debuutwerk of vroeë publikasie op die terrein van die drama kom m.i. vanjaar in aanmerking vir die EUGÈNE MARAISPRYS nie. *Skaak* (M.C. Botha) en *Political Joke* (P. Snyders) het in 1983 verskyn en het dus reeds in 1984 meegeding om die prys, en *Poppie* (1984), 'n verwerking deur Sandra Kotzé van Elsa Joubert se roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978), kwalifiseer (ook wat gehalte betref) nie vir hierdie prys nie. [Kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514.]

Met betrekking tot die HERTZOGPRYS, die volgende:

In die bekroningstyd 1982 1983 1984 het die werke van die volgende dramaturge (in alfabetiese volgorde) verskyn:

1. Barnard, Chris. 1982. *Piet-my-vrou* en *Nagspel*. Kaapstad: Tafelberg.
2. De Klerk, W.A. 1984. *Die afgrond*. Kaapstad: Tafelberg.
3. Small, Adam. 1983. *Krismis van Map Jacobs*. Kaapstad: Tafelberg.
4. Van Niekerk, Dolf. 1982. *Niemand se dag nie*. Johannesburg: Perskor.
5. Walters, M.M. 1982. *Drakenstein, my Drakenstein*. Johannesburg: Perskor.

Jac. J. Brits se bundel *Die Prisonier en ander eenbedrywe* (1984) is “die eerste uitgawe in hierdie vorm”, maar bevat stukke wat reeds in 1970 en 1974 verskyn het. Ek laat die bydrae dus buite rekening.

Volgens die Reglement sou hierdie 5 dramaturge se hele oeuvres in aanmerking kon kom vir moontlike bekroning.

1. Chris Barnard se bydrae tot die Afrikaanse drama:

- a) Verhoogdramas:
 1964. (hersien in 1967 en 1969). *Pa maak vir my 'n vlieër, Pa*.
 1964. (hersien in 1975). *Iemand om voor nag te sê*.
 1977. *'n Man met vakansie*.
 1977. *Tarboemdery*.

'n Ongepubliseerde drama *Bloed* is in 1984 opgevoer en word vanjaar deur TRUK aangebied.

- b) Hoorspele:
 1970. *Stasie in die niet*. ('n Belangrike teoretiese besinning oor die hoorspel verskyn agter in die publikasie)
 1971. *Die rebellie van Lafras Verwey*. (SAUK-prys vir Afrikaanse hoorspele in 1973 verower)
 1975. *Op die pad na Acapulco*.

- c) TV-drama:
 1982. *Piet-my-vrou*.
 1982. *Nagspel*.

Sy verwerking van sy novelle *Die swanesang van majoor Sommers* (1965) is in Februarie 1985 gebeeldsaai.

NB: In die Alfabetiese naamlys van S.A. Akademie-prysweners (1909-1981) word verkeerdlik vermeld dat Barnard in 1973 die Hertzogprys vir drama verower het. Sy oeuvre is nog nie bekroon nie.

2. De Klerk, W.A.

1942. Uit die goeie aarde.
* 1945. Drie vroue: Die jammer hart
Ontvlugting
Die volmaakte huwelik
* 1947. Drie dramas: Hellersee
Nag het die wind gebring
Die verterende vuur
1950. Waai, westewind (in FCL Bosman se Vier uitgesoekte eenbedrywe)
* 1951. Vlamme oor La Roche
* 1952. Die jaar van die vuur-os
1952. Die reën van jou liefde
1953. Adam en Eva: 'n drietal spele:
'n Blommetjie vir Ans
Die end van die reënboog
Die spieël
1955. Die twisappel
1963. Vermaak se kind
1963. Wanneer see en branders dreun
1978. Die markplein
1984. Die afgrond.

De Klerk het in 1952 die Hertzogprys ontvang.
(Bekroonde werke is met asteriske aangedui.)

De Klerk se latere dramas is m.i. nie op dieselfde peil as die reeds bekroonde werke nie.

3. Small, Adam.

1965. Kanna hy kô hystoe
1978. Joanie Galant-hulle
1983. Krismis van Map Jacobs. Slegs Kanna is 'n verdienstelike werk.

4. Van Niekerk, Dolf

- a) Verhoogstuk:
1963. Kwart voor dagbreek
b) Hoorspele:
1970. Kamer 99 (In 1970 met die SAUK-prys vir Afrikaanse hoorspele bekroon)
1982. Niemand se dag nie
c) TV-tekste:
1976. Die nagloper (en Die lykbesorgers). Twee tekste vir televisie.

5. Walters, M.M.

1975. Die vroue van Kores
1975. Die wingerdstok sal rank
1978. Miskien woon julle onder ons
1983. Drakenstein, my Drakenstein

Ek wil ook Uys Krige se hele oeuvre voorlê ter oorweging vir die Hertzogprys. Volgens die Reglement behoort sy bydrae nie in aanmerking te kom nie, maar hierdie baanbreker en belangrike vernuwer binne ons vroeër drama vier vanjaar sy vyf en sewentigste verjaarsdag. Hy was sedert 1938 (Magdalena Retief) tot 1977 (Die loodswaaiers) skeppend besig op die terrein van die drama. Sedert die jare sestig het hy telkens verras met voortreflike vertalings van klassieke werke (waarvoor hy herhaaldelik bekroon is) en in die sewentigerjare het hy verskeie vroeëre werke hersien, o.a. Die ongeskrewe stuk (1970), Die ryk weduwee (1970), Die wit muur e.a. eenbedrywe (1973), Twee lampe (1975) en die belangrike Die goue kring (1976).

Oor die aard en waarde van sy bydrae sou gedebatteer kon word.

- 105 Die huldigingswoord deur prof. Réna Pretorius, gedateer 1 Junie 1985 (LK 1/21: 1 Junie 1985), sien soos volg daar uit:

Tussen die kroniekstuk Magdalena Retief, waarmee Uys Krige in 1938 as dramaturg gedebuteer het, en Die lewe is alleen draaglik as 'n mens 'n bietjie dronk is, 'n 1975-verhoogteks met sterk outobiografiese inslag wat pas opgeneem is in die versamelbundel ROSTRUM (1984), het byna vyftig jaar verloop. Wat Krige se bydrae tot die Afrikaanse dramaliteratuur betref, het die jare beslis perspektief en verheldering gebring.

Krige se belangrikheid as dramaskrywer word nie bepaal deur die omvang van sy oeuvre nie – ’n oeuvre wat tot dusver TIEN eenbedrywe en SES dramas van groter omvang insluit.

Sy status as dramaturg berus op twee faktore:

1. Sy rol in die geskiedenis van die Afrikaanse drama en
2. die literêre meriete van sy beste werke.

Wat eersgenoemde betref:

Hoewel Uys Krige tot die ouer drama behoort, is sy dramas tog nêrens suiwer konvensioneel nie. Vanweë sy bewuste beoefening van uiteenlopende dramatiese vorme soos die tradisionele tragedie en komedie, maar ook die tragikomedie, die komedieklug, die kroniekstuk en sy volgehoue eksperimentering met nuwe temas, nuwe dramatiese metodes, nuwe teatertegniese, is hy een van die belangrikste vernuwende kragte in die geskiedenis van die Afrikaanse drama.

Die eenbedryf Alle paaië gaan na Rome (1949) en die vollengte drama Die goue kring (1956) is seker Krige se waardevolste bydrae op toneelgebied. Alle paaië gaan na Rome munt uit vanweë die knap hantering van betekenisvolle visuele simbole (bv. die ongeskonde beelde van Maria en die Spitspiek), die boeiende episodiese struktuur, die bewuste ontginning van “wag” as kenmerk van die absurde menslike situasie en die afwyk van die tradisionele tegniek van dramatiese vooruitwysing as faktor in die spanningstruktuur van die toneelwerk.

Krige se talent as vernuwer, as eksperimenteerder met literêre vorme kom die sterkste tot uiting in die unieke drama Die goue kring. Soos telkens vantevore slaan Uys Krige ook hier sy eie onafhanklike koers in. Krige het hierdie werk in dieselfde tyd geskryf as wat N.P. van Wyk Louw aan Germanicus (1946-1956) en D.J. Opperman aan Periandros van Korinthe (1954) gewerk het. In laasgenoemde twee werke keer die dramaturge terug na die oerbron van die Westerse drama: die klassieke tragedie en kies hulle twee groot historiese figure uit die antieke geskiedenis as tragiese helde.

Uys Krige soek ’n ander vorm van uitdrukking: hy wend hom tot die Middeleeuse drama-tradisie en ontgin drie genres van die Middeleeuse drama: die misterie-, mirakel- en moraliteitspel. In plaas van ’n suiwer genre: die klassieke tragedie met sy “high seriousness”, skep Krige iets volkome nuuts: hy skryf ’n tragikomedie waarin gewone volkse figure optree as allegoriese personifikasies van sekere deugde en ondeugde. In die drama kry ons ’n boeiende vermenging van die ernstige en die lagwekkende, die wêreldse en religieuse elemente, van die realistiese en die wonderbaarlike, van praattaal en liriese sang; visuele en akoestiese elemente tree as belangrike betekenisdraers op in die struktuur. Die goue kring is ook ’n sleutelwerk wat die simbool in die Afrikaanse drama betref.

In sy toneelwerk vind Uys Krige speelruimte vir sy kreatiewe verbeelding, sy veelsydigheid, sy gawe van karakterisering, sy sin vir die geestige en humoristiese, die ironiese en satiriese, sy fyn aanvoeling vir die romanties-poëtiese stemming en die komies-realistiese situasie, sy genius vir sprankelende dialoog en sy sin vir dramatiese kontraste.

Omdat Uys Krige die Afrikaanse dramaliteratuur oor byna vyf dekades heen telkens op verrassende wyse verryk het en werke van hoogstaande literêre waarde gelewer het, versoek ek u, mnr. die Voorsitter, om aan hom die Hertzogprys vir drama toe te ken.

- 106 Werke wat vir die 1988-Dramaprys in aanmerking kon kom, moes gepubliseer gewees het gedurende Januarie 1985 tot Desember 1987. Letterkundige Kommissieledede is voorsien van ’n lys van gepubliseerde dramas waarop hulle moes aandui watter daarvan hulle graag wou hê (LK 1/22). Die volgende dramas is genoem:
- Hennie Aucamp *By Felix en Madame* (1987 – H&R) en *Slegs vir alma!* (1986 – HAUM Literêr)
 - T.T. Cloete *Onderhoud met ’n bobbejaan* (1986 – HAUM Literêr)
 - Lochner de Kock *HTLV-3* (1987 – H&R)
 - Reza de Wet *Diepe grond* (1986 – HAUM Literêr)
 - P.G. du Plessis *Vereeniging, Vereniging* (1985 – Tafelberg)
 - Corlia Fourie *En die son skyn in Suid-Afrika* (1986 – H&R), *Leuens* (1985 – H&R) en *Moeders en dogters* (1985 – H&R)
 - Pieter Fourie *Ek, Anna van Wyk* (1986 – HAUM Literêr)
 - Temple Hauptfleisch *André* (1985 – H&R)
 - Deon Opperman *Môre is ’n lang dag* en *Die teken* (1986 – Tafelberg)
 - A.S. van Straten *Die potlooddief en die engel* (1985 – H&R)

Op 13 Maart 1988 het Scholtz die Hoofsekretaris laat weet dat die enigste kandidate wat vir die Hertzogprys oorweeg kon word, P.G. du Plessis (vir *Vereeniging, vereniging*) en Pieter Fourie vir *Ek, Anna van Wyk* was. Wat Fourie betref het Scholtz gemeen dat sy oeuvre ook in ag geneem moes word. Hierdie kortlys was bylae C by die twee en twintigste vergadering van die Letterkundige Kommissie, gehou op 21 April 1988. Die reglement was bylae B.

- 107 Onderstaande is die verslag deur prof. Marius Scholtz in verband met die 1991-Dramatoekenning (LK 1/24: 21 Maart 1991 – brief van Scholtz aan Hoofsekretaris; LKA 1991: 18 April – bylaag C):

Kandidate wat moontlik vir hierdie toekenning oorweeg kan word, is die volgende:

1. “Die oewre van skrywers wat nie in die betrokke termyn gepubliseer het nie, nog nie die Hertzogprys in die bepaalde genre ontvang het nie, maar wat vroeër beter werk gelewer het.”

Die twee kandidate wat, my insiens, in terme van die voorskrif sou kon kwalifiseer, is C. Barnard en A. Small. Ek meen A. Small se oewre weeg ligter as dié van C. Barnard as dit vanuit – indien mens dit so sou kon noem – die standaardperspektief gesien word. Vanuit ’n eie konteks en perspektief gesien, meen ek egter, dat Small veel verdienste het. As ek egter moet kies tussen C. Barnard se Taraboemdery en A. Small se Kanna hy kô hystoe, gee ek voorkeur aan laasgenoemde as drama en as teaterstuk.

2. “Die oewre van skrywers wat in die voorgeskrewe termyn gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het.”

Hier word daar gedink aan Pieter Fourie (Die Koggelaar, 1988; Die Groot Wit Roos, 1989; Donderdag se mense, 1989) wat oor baie jare heen werke – alhoewel van wisselende kwaliteit – gelewer het, wat die Afrikaanse teaterganger – miskien meer as enige ander Afrikaanse dramaturg – steeds kon trek. In hierdie opsig, meen ek, was sy bydrae tot die Afrikaanse drama en teater veel groter as enige van die ander twee genoemde kandidate.

- 108 Die commendatio, in 1991 gelewer deur prof. Réna Pretorius, lyk só (LK 1/24):

Chris Barnard is sedert sy prosadebuut in 1961 en sy dramadebuut in 1964 een van ons produktiefste woordkunstenaars – maar ook ’n skrywer wie se werk deurgaans ’n hoë peil handhaaf. Hy word tereg beskou as een van die belangrikste figure in ons letterkunde.

Vir sy prestasies as roman- en kortverhaalskrywer, as jeugboekskrywer, as rolprentmaker en hoorspelskrywer is hy reeds deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon met die Hertzogprys vir Prosa (1973), die Scheepersprys vir Jeugliteratuur (1989), die Erepenning vir Rolprentkuns (mede-bekroonde: Katinka Heyns) (1989), die SAUK- en Akademieprys vir Hoorspele (1970). En by hierdie geleentheid ontvang hy vanaand sy vyfde toekenning van die Akademie: die Hertzogprys vir drama in erkenning vir sy bemeestering van die dramamedium in sy verskeidenheid subgenres soos die verhoogdrama, die hoorspel, die televisiedrama.

Nie die omvang van sy oewre (in gepubliseerde vorm het verskyn vier verhoogtekste, drie radiospele, twee beeldradiotekste), maar die meriete van sy beste werk bepaal sy status as ’n belangrike dramaturg in Afrikaans. Ek verwys net na drie tekste:

Sy debuutdrama in 1964, Pa, maak vir my ’n vlieër, Pa, bring ’n betekenisvolle vernuwing in die Afrikaanse drama: dis nie geskryf binne die denkmodus en volgens die struktuurpatroon van die klassieke Aristoteliaanse tragedie nie (die sterkste konvensie in ons drama van die vyftiger- en sestigerjare), maar in die destydse radikaal nuwe konvensie van die Absurde Teater.

... die stuk se deug lê daarin dat hy uit sy baie sigbare wortels kon uitgroeï en iets nuuts in sy eie reg kon word. Hierdie stuk (bevestig), soos weinig ander voor hom, die deurstoort van die Nuwe Drama in Afrikaans.

Aldus Brink (1986:156).

Met die virtuose radioteks Die rebellie van Lafras Verwey lewer Barnard “een van die geslaagdeste hoorspele in Afrikaans” (Kannemeyer in Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur (2) 1983:426) en in Nagspel – ’n digte en boeiende kyk- én leesteks – kry ons Barnard op sy beste. Die blote feit dat ’n beeldradioteks ook as leesteks gepubliseer word, is reeds al aanduidend van die literêre meriete van die teks (Smuts in Spel en spieël 1984:152).

Die besondere eenheid in Barnard se dramatiese oewre word deur die herhaling van die volgende tematiese en tegniese elemente bewerkstellig:

- (i) Hy toon ’n voorliefde vir die uitbeelding van die mens in sy gevangenskap, sy eensame isolasie, sy onvervulde verlangens en sy drang tot bevryding.
- (ii) Die genadelose aftakeling en ontmaskering van die mens – ’n soort anti-held of kleinburger word toneelmatig uitgespeel in/deur sy/haar konfrontasie met ’n raaiselagtige, sinistere vreemdeling – ’n konfrontasie waardeur ’n eie illusionêre wêreldjie, ook die gesinsverband, en selfs ’n bestaande gesagsorde ingrypend verander word en die mens ontredder laat voor die werklikheid wat hy moet aanvaar.

- (iii) Eie aan sy tekste is die element van rebellie, die subtiële spel met ironiese en raaiselagtige moontlikhede, die behoud van sekere absurde elemente.
- (iv) Kenmerkend van die Barnard-tekste is die dramaturg se boeiende eksploitasie van ruimtes, soos 'n rommelrige enkelkamer-woonstel in 'n fabrieksdeel van 'n grootstad, 'n ou vervalde huis by die see, 'n klein vissersgehuggie, 'n kopspeeldorp op die platteland "iewers in die niks van nêrens", 'n verlate polisiegrenspos – geïsoleerde ruimtes wat simbolies word van die gevoelswêreld van die karakters.

Barnard se vakmanskap blyk uit sy grondige kennis van die moontlikhede van sy medium, sy doelbewuste soeke na vernuwing, sy eksperimentering met die visuele beeld en byklank as bewuste struktuurmiddele, sy noukeurige aandag aan die didaskalia, sy knap hantering van dialoog en van karakters – of die rolverdeling slegs uit drie of sewentien kleurrike karakters bestaan. Sy talle hersienings en herskrywings van sy dramatekste bevestig sy toegewydheid as kunstenaar.

Vir sy sinvolle en ryk bydrae tot ons skraal oes aan dramatekste, hoorspele en beeldradiotekste vra ek, mevrou die Voorsitter, dat u nou die Hertzogprys vir drama toeken aan Chris Barnard.

- 109 Johan Smuts, die verkenner, merk in sy voorlegging vir die 1994-Hertzogprys vir Drama op (LK 1/25: 1 Februarie 1994):

Daar is net vier publikasies binne hierdie kategorie wat die afgelope drie jaar verskyn het:

- De Wet, Reza: *Vrystaat-trilogie* (1991)
- De Wet, Reza: *Trits: Mis, Mirakel, Drif* (1993)
- Goosen, Jeanne: *Drie eenakters: Kombuis-blues, Kopstukke, 'n Koffer in die kas* (1992)
- Van Straaten [sic], A.S.: *Die aand van die fynproewer* (1992)

In *Vrystaat-trilogie* is *Diepe grond* opgeneem wat reeds in 1986 op sy eie gepubliseer is. Die ander twee stukke in die versameling, *Op dees aarde* en *Nag, Generaal*, verskyn egter hier vir die eerste keer in druk.

Ek is van oordeel dat Van Straaten [sic] se drama buite rekening gelaat kan word, en daar na die werk van Goosen en De Wet gekyk sal moet word met Reza de Wet die sterkste figuur van die twee sowel wat omvang as gehalte van haar werk aanbetref.

Indien daar verder in die verlede terug gegaan moet word, is Adam Small, Pieter Fourie en Deon Opperman waarskynlik die enigste dramaturge wat enigsins oorweeg kan word. Ek herinner lede daaraan dat Small en Fourie in 1991 redelik volledig bespreek is toe die prys aan Chris Barnard toegeken is. Die gevoel van die kommissie was destyds dat van Small se drie dramas net *Kanna hy kô hystoe* genoegsame meriete het en dat dit problematies is om 'n werk uit 1965 in die jare negentig te bekroon. In die geval van Fourie was die mening dat hy wel 'n ruim aantal dramas gepubliseer het, maar dat die gehalte nie na wense is nie. Die kommissie is uiteraard nie aan hierdie vroeëre oordele gebonde nie.

Opperman was glad nie die vorige keer onder bespreking nie. Hy het tans twee publikasies, *Môre is 'n lang dag en die teken* [sic] (1986) en *Stille nag* (1990). Dié werke van Opperman is nie sonder meriete nie, maar ek reken Reza de Wet se oeuvre staan sterker. Opperman was trouens die vorige keer 'n moontlike kandidaat met hierdie twee publikasies, maar hy het nie toe die kortlys gehaal nie.

- 110 Die mening van prof. Réna Pretorius in verband met die 1994-Hertzogprys vir Drama is gedokumenteer (LK 1/25: April 1994) en lui soos volg:

Daar is m.i. nie een dramateks wat die afgelope drie jaar verskyn het wat as **enkelteks** vir die Hertzogprys oorweeg kan word nie.

A.S. van Straten se *Die aand van die fynproewer* het reeds al in 1988 in gepubliseerde vorm verskyn in H. Grové e.a. se *Vyftig*; dit is in 1992 deur Human & Rousseau as enkelteks uitgegee.

Sy oeuvre sluit in:

- 1976 : *Pendorings* [sic] (*Edms.*) *Beperk* - 'n **hoorspel**
- 1978 : *Pendoring & Kie.* - 'n **hoorspel**. Die twee hoorspele is in 1991 saam uitgegee.
- 1985 : *Die potlooddief en die engel*
- 1988 : *Die aand van die fynproewer* in H. Grové e.a. se *Vyftig*
- 1992 : *Die aand van die fynproewer*.

Hoewel ek waardering het vir die werk van Van Straten, dink ek nie sy oeuvre, bestaande uit twee hoorspele, 'n ligte verbeeldingstekste en een redelik geslaagde drama, verdien hierdie prestigeprys van die Akademie nie.

Jeanne Goosen se *Drie eenakters: Kombuis-blues, Kopstukke, 'n Koffer in die kas* (1992) is m.i. ook nie sterk genoeg vir hierdie bekroning nie. In die eerste teks is die spanning huisvrou - kunstenaar ('n oorbekende tema) nie dramaties oortuigend uitgebeeld nie, en die nuwe-tema: die politieke spanning in die land soos ervaar deur 5 uiteenlopende vrouekarakters word deur die gedurige rolwisseling van die kombuisvrou en onvoldoende wisselwerking tussen die karakters oppervlakkig weergegee. Die tweede teks is oordrewe kru; die laaste teks oorspronklik en sterk dramaties uitgewerk as monoloog.

Deon Opperman debuteer in 1986 met sy sterkste teks sover: *Môre is 'n lang dag* en *Die teken*. Hiervoor is hy in 1987 as medewenner (saam met Joan Hambidge vir *Bitterlemoene*) met die Eugène Maraisprys bekroon. Ook hierdie teks het nie in aanmerking gekom vir die Hertzogprys vir Drama in 1988 – toe géén toekenning gemaak is nie. Sy enigste ander gepubliseerde teks is *Stille Nag* (1990) – 'n eendimensionele drama met 'n melodramatiese en propagandistiese hantering van die verwickelde politieke spanning in ons land. Ek dink nie Deon Opperman kan in 1994 'n aanspraakmaker wees op hierdie prestige-toekenning nie.

Reza de Wet se twee dramareekse *Vrystaat-trilogie: Diepe grond, Op dees aarde, Nag, Generaal* (1991) en *Trits: Mis, Mirakel, Drif* (1993) sou die beste aanspraakmakers kon wees. Ek sou verkies dat die Eugène Maraisprys toegeken word aan die sestal dramatekste. Die *Vrystaat-trilogie* is reeds by 'n vorige geleentheid vir die toekenning oorweeg, maar sonder sukses. Ook Reza de Wet se beste teks: *Diepe grond* wat reeds in 1985 tydens die ATKV-Kampustoneel opgevoer is en in 1986 as enkelteks gepubliseer is, is nie in 1987 vir die Eugène Maraisprys oorweeg nie en was in 1988 met die bespreking van die Hertzogprys vir Drama ook nie ter sprake nie.

Ek fokus op die tweede dramareeks: *Trits*. Die titelkeuse is miskien ongelukkig: Hennie Aucamp se drie stukke “Nood breek wet”, “Twintig jaar later” en “Hoe wit was Sneeuwitjie” [opgeneem in *Papawerwyn en ander verbeelding vir die verhoog* (1980)] staan reeds saamgegroeper onder die titel *Trits*.

Wat gedagtegang, motiewe en tegniek betref, sluit die tweede dramareeks aan by die eerste reeks: telkens het ons te doen met 'n baie **eenvoudige verhaal** met 'n sterk aardse inslag; **tematies** is die tekste verwant in die idee van bevryding uit 'n geknotte bestaan – dit word 'n “boodskap” wat sy in haar “didaktiese” “leerstukke” wil “onderrig”; die doodsmotief vorm ook 'n binddraad in haar oeuvre; **tydruimtelik** vind ons in al die tekste 'n plattelandse milieu wat spreek van verval en aftakeling; in al die tekste in *De Wet* (as postmodernis?) se belangstelling in die verlede kenbaar in die plasing van die gebeure in die vervloë tyd, veral die eerste drie dekades van hierdie eeu, en in die ironiese dialoog wat sy voer tussen die eietydse teks en die teks van vroeër. Telkens kry ons 'n soort **dubbelheid** in die toneelopset: 'n spanning tussen die **realistiese toneelskikking** (soos in ons burgerlike drama van die twintiger- en dertigerjare) en die **irreële gebeurtenisse** wat afspeel: bo-natuurlike sake soos drome, sprokies, towenaarfigure, spoke, 'n medium by 'n séance vorm 'n belangrike faset van hierdie tekste. Hiermee wil sy waarskynlik dramaties gestalte gee aan wat die heldersiene dr. Van Heerden in *Opdrifsels (Vyfling, p. 93)* sê:

Dat daar mense is wat sulke (heldersiene) gewes het, is 'n bewys vir ons almal dat daar iets meer is as die materie – iets meer as hierdie lewe – iets meer as die wêreld wat ons vyf sinne ken.

Telkens is daar sprake van **rolverwisseling** by en 'n **transformasie** van die spelers: Soekie en Frikkie se skisofreniese rolveranderinge – hulle “speel” verskillende rolle (*Diepe grond*); die “blinde” konstabel word 'n soort hofnar of 'n towenaar (*Mis*); die reisende toneelgeselskap “speel” *Elkeman (Mirakel)*; tydens 'n séance (*Drif*) speel die karakters sekere rolle. Die konsep van “transformasie” bring Reza in *Mis* in verband met toneelspeel (*Mirakel, p. 77*):

'n Kunstenaar, 'n ware kunstenaar kan ... betower met 'n veer, 'n kartonswaard, 'n paar stukkende skoene! Transformasie.

Haar karakters is gewoonlik mense met wie die gewone leser/kyker hom nie wil/kan vereenselwig nie, soos die psigopatiese Soekie en Frikkie, die eendimensionele patetiese swakkeling Grové in *Diepe grond*, die eensydige boosaardige of liefdevolle sprokieskarakters in *Op dees aarde*, die naïewe en patologiese karakters (ma Miem uitgesonder) in *Mis*, die allegoriese karakters in die moraliteitspel *Mirakel*, die hipnoties en nie-menslike vroue in *Drif*. En elke keer weer die twee stereotipes: die “lang donker man” wat die bevryding bring vir die naïewe meisie “met die lang hare”. Die universaliteit van die tekste kom dus in die gedrang met hierdie eksentrieke en afwykende karakters en situasies.

Kenmerkend van die Reza de Wet-tekste is die intertekstuele elemente wat deel is van die dramaweefsel. Die tekste is *literêre* dramas wat intellektuele eise stel aan die leser/kyker. Die tekste speel terug op bepaalde literêre tradisies, bestaande drama- en teaterkonvensies, op sekere tradisionele Afrikaanse dramatekste soos Fritz Steyn se *Grond* (1938), H.A. Fagan se *Opdrifsels* (1947), die Middeleeuse moraliteitspel *Den Spieghel der Salicheit van Elckerlijc* (1350 - 1500) in Reza de Wet se teks *Elkeman*. Sy sluit aan by die realistiese burgerlike drama van die jare twintig en dertig; sy ontgin dramagenres soos die plaasdrama, die historiese drama, die sprokie, die riller, die Middeleeuse moraliteit- en

sinnespel. Hierdie spel met tekste uit die konteks van die verlede is eie aan die postmodernisties-georiënteerde toneelstrategie van De Wet. Hieruit vloei ook voort die ondermyningstegniek wat 'n opvallende aspek van haar dramas is – ondermyning van die eties-morele-religieuse waardes en die tradisies van die Afrikaner.

Mirakel kan as demonstrasie materiaal gebruik word om die dramaturg se soort “leerstukke” wat gerig is op die verstand en geskryf is in algemeen gangbare taal met sy gemeenplase en dikwelse kruheid, van nader te bekyk. Al is die teaterstukke in hoë mate speelbaar, verg hulle inspanning om presies te probeer vasstel wat die tekste wil sê. Sonder grondige kennis van die Middeleeuse interteks waarmee De Wet in hierdie drama 'n “sinvolle” dialoog probeer voer, is die sin van hierdie dialoog moeilik te begryp.

Die titel **Mirakel** wil in die vooruitsig stel geheimnisvolle Bybelse heilsgebeurtenisse en wêreldse gebeurtenisse waarin 'n wonder, 'n **mirakel** ingryp. Die transformasie van Abel/Elkeman se geestestoestand aan die einde, die transendering van sy vrees en haat vir die Dood/Anna in/deur sy toneelspel, is m.i. maar 'n floue **mirakel** in die konteks wat die titel beduie. 'n **Moraliteitspel**, ook 'n **sinnespel** in die sin dat die teks met sy allegoriese elemente om 'n bepaalde “sin” of idee gebou is en as “sinnespel” 'n spel vir die verstand is, vorm die grondpatroon vir hierdie teks. Die sentrale idee waarom die teks-met-sy-moraliteit gebou is, is **Elkeman se ervaring met die dood en die kwessie hoe elke man tot saligheid kan kom**. Reza de Wet verkonkretiseer dit in die wyse waarop Abel/Elkeman se geliefde Lenie sterf, hy verloor 'n kind, word deur sy vriende verloën, verwerp en uitgelewer aan Anna, wat die rol van die Dood moes speel in die opvoering van *Elkeman*. Maar as “gebrokene” vind daar in Abel 'n gemoedsverandering plaas (p. 121):

Hy is ... gebroke. Maar tog trek hy Elkeman se jurk aan, gespe Elkeman se swaard aan en sê: “Ja. Ek is gereed.” Abel wat 'n man. En 'n akteur. Maar op daardie oomblik het hy ... 'n kunstenaar geword! 'n Kunstenaar! Bravo!

In *Elkerlijc* kom die eens materialistiese hooffiguur tot insig in sy (sewe) doodsondes teen God en die Kerk; hy besef hy sal die ewige vreugde van die hemel misloop as gevolg van sy verkeerde lewenswandel (Ohlhoff, p. 17) en keer hom tot 'n deugsame lewe. Reza de Wet versekulariseer hierdie godsdienstige problematiek; die Christelik-godsdienstige waardebesef wat die raamwerk bied vir die Middeleeuse teks, word vervang met 'n stuk kunsteteorie; in en deur die oorgawe aan die kuns, aan die toneelspel, die teater, transendeer die lydende mens/akteur sy ellendes en wag daar vir hom 'n heerlike lewe: 'n hemel! Reza de Wet se “rekonstruksie” van haar oorteks bring mee dat daar 'n transformasie plaasvind ten opsigte van die oorspronklike lewensbeskouwlike, godsdienstige, kulturele visies. Maar dis of die berg 'n muis gebaar het: só 'n gewigtige oorteks om so 'n gemeenplasingheid te dramatiseer.

De Wet kies haar toneelstel vernuftig: In 'n “ou verlate Rooms-Katolieke kerkie op 'n plattelandse dorp” wil 'n derderangse reisende toneelgeselskap met 'n tydelike verhoogstel die klassieke laat-Middeleeuse sinnespel *Elkeman* opvoer. Die vervalte toestand van die R.K. kerkie wil daarop dui dat die (Rooms Katolieke) kerk se beeld en gesag aangetas is; dat die gemeenskap-in-krisis onverskillig en sonder vrees vir God lewe. Vergelyk Du Pré / God se telkens herhaalde woorde (pp. 85, 121) – 'n redelik getroue verafrikaansing van die Middeleeuse aanvangswoorde:

Ek sien hier in my majesteit, hoe al die skepsels my verfoei! Hulle lewe sonder vrees in hierdie wêreld. Sien geen visioene, en is blind!

Die spieël wat as rekwisiet gebruik word, is intellektueel ten tonele gevoer om aan te sluit by die oorspronklike titel van die Middeleeuse teks, en is veronderstel om simbolies verband te hou met die idee van die kom tot selfkennis. Dit het nie hierdie sentrale funksie in die De Wetteks nie, word net deur die ydele Salome gebruik vir selfbewondering en speel geen rol in die ommekeer van die hooffiguur nie. Die verskillende karakters is sterk allegories gekonsipieer en vertoon spore van die sewe doodsondes en sewe deugde, soos Du Pré se trots, Salome se ydelheid en materialisme, Antoine se luiheid en traagheid, Anna se wellus, die hele groep se vraatsug en hebsug; aan die deugdelike kant is daar Lenie se liefde en mensliedheid, Abel se lewensmoed, die nuutgevonde vriende se hoop en geloof na die geestesverandering ingetree het by Abel en ook die ander.

Die twee drama-trilogieë is nie sonder verdienste nie; in hoë mate bring hulle iets nuuts in die Afrikaanse dramatradsie; hulle bied, saam met die postmodernistiese tekste van Pieter Fourie, 'n ontluisterde beeld van die Afrikaner se waardes en tradisies. Al is hulle tegnies goed gekonstrueer en al speel die stukke goed op die verhoog, is daar tog iets geforseerds, iets kunsmatigs in die tegniese uitvoering van 'n idee; dit ontbreek die dramas aan daardie onderskeidende “iets” wat jou bybly lank na die tekste gelees, gesien en bestudeer is. Al word daar in die tekste voortdurend gepraat van en dramatiese gestalte gegee aan die konsep van “transformasie”, ontbreek dit die tekste juis aan daardie besondere “transforming powers” waarvan George Steiner praat. En al sou van die tekste selfs “goed” wees, kan hulle nie meepraat met vorige Hertzogprysweners nie.

Pieter Fourie, outeur van 18 drama- en teatertekste wat onder andere kinderdramas, 'n versdrama, vertalings, klugte en volksteaterstukke insluit. Hy debuteer in 1975 met *Faan se trein*; sy laaste teks

verskyn in 1989: die klugtige *Vat hom, Flaffie!* Van hierdie 13 tekste is daar miskien 5 dramas wat miskien weer na gekyk kan word:

- 1980 : *Mooi Maria*
- 1986 : *Ek, Anna van Wyk*
- 1988 : *Die koggelaar*
- 1989 : *Donderdag se mense*
- 1989 : *Die groot wit roos*

In al hierdie tekste is dit Fourie se bemoeienis met die Afrikaner wat soos 'n draad deurloop. In *Mooi Maria* speel hy met die tema van die verlede wat deurwerk in die hede. Maria, die hooffiguur, se tragiese lewe speel af teen die agtergrond van 'n gestereotipeerde Afrikaner-samelewing. Tegnies is dit 'n bevredigende werk.

Die volgende drie tekste vorm 'n trilogie. Die “andersheid” van die drie dramas val op – die dramaturg het doelbewus weggebreek van die verwagtinge van die leser/kyker. Die dramaturg wou toon dat dit onmoontlik is om 'n juiste voorstelling van sekere aspekte van die realiteit aan te bied en dat elke interpretasie van so 'n voorstelling, weêrlê kan word met 'n ander interpretasie – die spel met postmodernistiese elemente is dan ook een van die opvallendste kenmerke van hierdie trilogie.

Verdienstelik in *Ek, Anna van Wyk* is die metafiksionele inslag van die drama, o.a. as gevolg van die postmodernistiese aanwesigheid van die dramaturg, die boeiende fiksionele wêreld in die teks, die spel met tyd (hede en verlede) en ruimte, die meervlakkige aard van die drama vanweë die dubbel handelingsverloop: die lewensverhaal van Anna en die gesprek van Anna en die Stem wat saamhang met die handeling van die akteurs wat hulle rolle instudeer vir die toneelstuk oor Anna se lewe. 'n Belangrike spanningselement in die drama is die leser/kyker se onvermoë om te bepaal wat werklikheid en wat fiksie, wat waarheid en wat leuen is. In sy ordening van die materiaal maak Fourie van verskeie postmodernistiese strategieë gebruik: die gefragmenteerde inslag van die drama en die diskontinuiteit in die gebeure (o.a. vanweë die talle rolwisselinge), die gebrek aan 'n tradisionele einde: die slot wat eerder vroe skep as wat dit vroe wat ontstaan het, beantwoord. Hiertoë kan ook gereken word die ironisering van die tradisionele Suid-Afrikaanse geskiedenis: 'n ander perspektief word gegee op die heroïese voorstelling van die blanke perspektief. Interessant is ook die oorskryding van tradisionele grense, soos die tussen sang, musiek, dans en teater. En tog is dit 'n teks wat by sowel die elite gehoor as die populêre kyker/leser aanklank sal vind.

Ook in *Die Koggelaar* word die leser/kyker van meet af betrek om as mede-produseerder van die teks die handeling wat op twee vlakke verloop, te “ontsyfer” – 'n finale vertolking van die postmodernistiese teks is nie moontlik nie: die leser/kyker moet self die fragmente saamvoeg om die geskiedenis te revalueer ten einde die motief vir Boet se selfmoord te bepaal. 'n Tradisionele plotstruktuur (begin – middel – einde) ontbreek. Die drama begin as 't ware met 'n toneel wat tradisioneel tot die afsluiting moes behoort het: die dramaturg gee reeds in die openingstoneel die inligting dat die hooffiguur gesterf het; die spanning word behou omdat die leser/kyker nie weet **hoe** die gebeure verloop het nie. Ook hier die gefragmenteerde handelingsverloop vanweë die talle terugflitse en Knaplat se skerp vertolkende en suggestiewe kommentaar. Boet is 'n argetipiese Christen-Afrikaner en -boer, maar hy word ontluis en voorgestel as 'n rassis, 'n selfsugtige mens behep met eiebelang. Dié negatiewe ingesteldheid manifesteer hom in al sy verhoudinge: met God, sy vrou, sy ewemens, anderrassiges, sy diere. Dit is veral as “religieuse” mens wat Boet ontmasker word: die egtheid en diepte van die rasegte Afrikaner word aan die kaak gestel. Hy ontwikkel van vroom Christen tot iemand wat God doelbewus uitart en wat selfs tot selfmoord oorgaan – 'n daad wat deels bedoel is om God te koggel. Die wisselende betekenis van die begrip “koggel” word in die teks dramaties ondersoek. Interessant is die wyse waarop Knaplat die gang van die hele drama manipuleer en so die grens tussen fiksie en realiteit oorskry; hy oorskry ook die grens tussen verhoogruimte en gehoor in/deur sy direkte aanspreking van die gehoor. Die grens tussen lewe en dood word ook oorskry deur Boet se “opstanding” uit die dood en Klein-Ben se “verskyning” aan sy pa vanuit die dood. Die plaasgegewe word in die drama geparodieer en die Boere se rituele, waardes, gewoontes en konvensies word ondermyn. Ook die familietradisie van rassesuiverheid word geparodieer deurdat Ben die suiwerheid van die familiestamboom beklad deur 'n kind by 'n swart vrou te verwek.

Hierdie eerste twee dele van die trilogie boei veral t.o.v. aanbidding, mensbeelding en dialoog.

Die derde lid van die hierdie trilogie is die veel swakker *Donderdag se mense*. In hierdie teks word twee egpare (die eendimensioneel getekende Piet en Letta en Tem en Sina) teen die agtergrond van 'n eensame plaasopset in 'n spanningsvolle situasie teenoor mekaar gestel. Die twee pare word gestereotipeerd uitgebeeld in lewensituasies wat veroorsaak is deur die politieke bestel en samelewingstruktuur vanweë apartheid. In hierdie teks word op volgehoue wyse morele en sosiale kritiek gelewer op 'n politieke bestel en op die bevoorregte wittes. Die valsheid van die blankes se meerderwaardigheid teenoor die swartes word op ironiese wyse ontmasker. Die Afrikaner word uitgebeeld as meerderwaardig en kwetsend in hulle neerbuigendheid teenoor die swartes. In die gees van die postmodernisme ondermyn Fourie die Afrikanerwaardes. 'n Swakheid van die teks is die oordrewe voorstelling van die bose wittes en die goeie swartes. Kenmerkend van die postmodernisme

maak Fourie gebruik van die intertekste soos die geskiedenis, die politiek, die kultuur en die godsdiens. Swak in die teks is die karikatuuragtige mensbeelding. Die eenvoud van die drama maak dit veral toeganklik vir die massa.

Hoewel nie een van die tekste in alle opsigte slaag nie en soms veral aan oorbeklemtoning skuldig staan, is die trilogie tog belangrike stemme wat gerig is tot die blanke Afrikaner.

Die groot wit roos vind, ten opsigte van die postmodernistiese inslag daarvan, aansluiting by die bg. trilogie, maar tematies verskil dit: die teks bemoei hom nie met die Afrikaner-politiek nie. Die handelingsverloop word ook op twee vlakke voltrek: Louis, self aanwesig op die verhoog, se lewensverhaal word deur die representasie van tonele uit sy lewe verfilm. Ook hier die spanning tussen realiteit en verbeelding. Lorna, die regisseur, neem die besluite oor die detailvoorstelling van tonele uit Louis se lewe. Sy maak aanpassings waar sy dit wenslik vind. Soos in die eerste twee dele van die trilogie die Stem saam met Anna, en Knaplat saam met Boet bepaal hoe Anna en Boet se twee lewensverhale voorgestel sal word, bepaal veral Lorna, maar ook Louis self, hoe die fragmente in *Die wit roos* saamgevoeg en aangebied moet word.

Nie een van die tekste kan op sy eie as pryswenner uitgesonder word nie, maar as 'n oeuvre sou mens tog kon sê dat Pieter Fourie die Afrikaanse dramaliteratuur op eie en unieke wyse verryk het.

111 Die volgende huldigingswoord is in 1994 gelewer deur prof. J.P. Smuts (LK 1/25):

Reza de Wet het haar die afgelope agt jaar onderskei as een van die produktiefste dramaturge in Suid-Afrika. In dié periode het sy nie alleen ses belangrike Afrikaanse dramas die lig laat sien nie, maar ook twee tekste in Engels. Feitlik al hierdie dramas het as teaterstukke ontstaan wat eers na opvoering gepubliseer is, en hulle het hulself reeds op die verhoog bewys as uiters speelbare stukke. Die verhooggerigtheid van hierdie tekste blyk uit die uitvoerige en kundige newetekste wat jou in staat stel om die stukke in 'n belangrike mate tydens die lees te visualiseer.

'n Opvallende element van Reza de Wet se wêreld is haar verankertheid in 'n tipiese ouer Afrikaanse plattelandse wêreld, en dikwels meer spesifiek die Vrystaatse platteland. Daar is egter nie langer sprake van 'n geïdealiseerde siening van tradisionele boeretipes soos dikwels in die ouer Afrikaanse literatuur nie, maar wel 'n kritiese dog verantwoordelike dekonstruering van hierdie plattelandse beeld. Dit blyk o.m. uit die wyse waarop sy kommentaar lewer op die uitwerking wat 'n eng Calvinistiese opvoeding op kinders kan hê in *Diepe grond* en *Mis*, en op die tradisionele siening van Afrikanerheldedom in *Nag, Generaal*.

Baie kenmerkend van haar werk is die aksent op die patologiese. Daar is dikwels sprake van mense wat bly dra aan 'n verlede, sodat ons hier met 'n determinisme te make kry wat by tye aan Strindberg en Ibsen herinner. In *Diepe grond* is dit die ouers wat 'n emosionele erflas op hulle kinders gelaai het: in *Nag, Generaal* word dit die verskillende instellings tussen man en vrou t.o.v. hulle kind wat aanleiding gee tot 'n verbroekeling van relasies; in *Mirakel* is Abel vasgevang in 'n huwelik waarvoor hy nie juis 'n keuse gehad het nie, en in *Mis* is die pa se onttrekking in die solder die resultaat van vernietigende sosiaal-ekonomiese omstandighede.]

Dikwels volg daar die binnetrede van figure wat skynbaar die isolasie waarin die personasies hulle bevind, kan ophef en vir hulle bevryding bring. Dit word óf verwerp, soos in *Diepe grond*, óf dit word 'n aangryp van die magiërgestalte, soos die konstabel in *Mis* en die maestro in *Drif*. Iets van hierdie romantiese gestalte wat as begoëlaar daarop aanspraak maak dat hy die droom tot werklikheid kan omtower, tree ook na vore in *Mirakel* in die gestalte van Danté du Pré.

'n Interessante aspek van Reza de Wet se werk is die wyse waarop sy gebruik maak van vroeë tekste en geykte tegnieke uit die dramaliteratuur. By herhaling kry jy variasies op die spel binne die spel waardeur die dramatiese intensiteit van die stukke verhoog word. In *Mirakel* is daar die opvoering van *Elckerlijck*, maar dit resoneer ook in die gedramatiseerde herbeleef van die gesinskrisis in *Op dees aarde* en Maestro se vertelling in *Drif* hoe hy aan Ezmeralda gekom het. Dit kan uitgebrei word om die verskillende wêreld in *Nag, Generaal* te betrek asook die herbeleef deur die kinders in *Diepe grond* van afsonderlike stadia in hulle bestaan.

Sowel die omvang as die gehalte van Reza de Wet se gepubliseerde werk maak van haar 'n waardige wenner van die Hertzogprys. Dit voltooi egter nie die prentjie van die dramaturg Reza de Wet nie, want sy was terselfdertyd aktief betrokke by die verhoogproduksies van haar dramas en het ook self van die rolle vertolk. Dit gaan dus hier inderdaad oor 'n totale toewyding aan die drama as literatuur én as teater. Meneer die voorsitter, ek versoek dat u die Hertzogprys vir drama aan Reza de Wet toeken vir haar twee versamelings *Vrystaat-trilogie* en *Trits*.

112 Onderstaande is Ena Jansen se verkennersverslag oor die 1997-Hertzogprys vir Drama (LK 1/27: 13 April 1997):

1. ENKELWERKE

Vyf gepubliseerde drama(bundel)s is vanjaar ter tafel:

Hennie Aucamp: *Van hoogmoed tot traagheid* (Human & Rousseau, 1996)
Reza de Wet: *Drie susters twee* (Human & Rousseau, 1996)
Charles Fourie: *Vrygrond / Die eend / Don Gxubane onner die Boere* (Tafelberg, 1994)
Deon Opperman: *Donkerland* (Tafelberg, 1996)
AS van Straten: *Pendoring en Seun* (Human & Rousseau, 1995)

M.i. kan Aucamp, Van Straten en Fourie se tekste buite rekening gelaat word en ek wil slegs enkele riglyne vir die debat gee oor Opperman en De Wet se drama's [sic].

1.1 DEON OPPERMAN: DONKERLAND (1996)

In my brief van 10 April 1997 het ek aangedui dat hierdie drama m.i. bekronenswaardig is en dat die voorkeur daarom gegee moet word aan die bekroning van 'n onlangse drama eerder as om 'n oeuvre-bekroning te maak. So sou tegemoet gekom kan word aan die basiese voorskrif van die reglement dat enkelwerke van die afgelope drie jaar by voorkeur oorweeg moet word.

Ten spyte van die groot verskille tussen die resente tekste meen ek dat Opperman (geb. 1962) se drama soveel beter is as veral drie van die vier ander enkelbydrae-aanspraakmakers s'n dat ek hom as kandidaat na vore geskuif het in my brief van 10 April. Benewens sy gepubliseerde dramatekste het Opperman nog bykans 20 ander drama's [sic] geskryf en die meeste daarvan self geregisseer.

Ten spyte daarvan dat ek beïndruk is deur Opperman se veelsydige en volgehoue teaterwerk, het ek die afgelope dae begin twyfel of *Donkerland* werklik goed genoeg is om as enkelteks te bekroon. Bowendien het ek met die herlees van *Stille nag* (1990) en selfs van *Môre is 'n lang dag* en *Die teken* (1986; bekroon met die Eugène Marais-prys 1987) besef dat Opperman se vorige werk nie as ondersteuning by *Donkerland* gevoeg kan word om hom sodoende te kan bekroon as skrywer wat wel in die voorgeskrewe termyn gepubliseer het maar wat vroeër beter werk gelewer het nie (die tweede kategorie van prystoekening).

As verteenwoordigers van Afrikaanse literatuurkritici in die breë is dit m.i. vir ons belangrik om kennis te neem van onlangse debatvoering rondom drama en ek vermeld daarom dat ek die volgende referate by my oordeel in ag neem: J.L. Coetzer se "Die Afrikaanse drama en vernuwung: Sestig tot Negentig" (413-425) en Rike Olivier se "Vernuwung of verstarung? Aantekeninge by die 1994-Hertzogpryswenner vir Drama" (427-14 [sic]; albei opgeneem in Willemsse & Hattingh *Vernuwung in die Afrikaanse letterkunde: Referate gelewer tydens die sesde hoofkongres van die Afrikaanse letterkundevereniging gehou by die Universiteit van Port Elizabeth 29 September tot 1 Oktober 1994*).

Vrae wat gestel behoort te word by die vasstelling van die kwaliteit van 'n dramateks word deur Olivier (433) as volg opgesom:

- slaag dit *dramatologies*, dit wil sê, met betrekking tot die konvensies van die *dramatiese kommunikasie*model?
- is daar sprake van 'n *nuwe/vernuwende* sinvolle en dus verrykende *dramatiese* diskoers binne die groter literêre diskoers?
- enkodeer die dramateks – op die wyse van *drama* – maksimaal of ten minste op 'n ongeëwenaarde wyse in Afrikaans?

Op aldie hierdie vrae meen ek dat *Donkerland*, en in 'n nog groter mate *Stille nag*, te kort skiet. In albei stukke doen stereotipering en holruggeryde simboliek afbreuk aan die potensiaal. So word die konflik wat bv. in *Stille nag* uitgebeeld word, verpersoonlik in 'n gesinskring waar die stryd tussen 'n AWB-aanhanger en sy links-progressiewe broer gemaksugtig oorvereenvoudig is. Daar is geen sprake van 'n werklik ernstige morele of intellektuele uitdaging aan die gehoor nie en dis 'n gebrek wat voortgesit word in *Donkerland*.

Tog is die opset van *Donkerland* nuut in Opperman se gepubliseerde oeuvre. Dit is epiese teater wat 'n lang verhaal wil vertel en die dramatiese eise is dus heeltemal anders as in meer "gewone" teaterstukke. Binne hierdie opset het ek wel waardering vir wat Opperman regkry, maar kan uiteindelik nie loskom van die gevoel dat oorvereenvoudiging en 'n onderskatting van sy gehoor daartoe lei dat Opperman geen nuwe visie ontplooi en vergestalt nie.

Die stuk verg na bewering ongeveer 5 uur speelyd en meer as 150 jaar word gedek in die

uitbeelding van die geskiedenis van 'n plaasgesin wat eksemplaries moet wees van die Afrikaner. In die eerste deel (pp. 1-84; met tonele uit 1838, 1840, 1881, 1899, 1901 en 1902) word ongeveer 60 jaar bestryk met die patriarg (Oubaas) Pieter de Witt as deurlopende sentrale karakter. Alhoewel met 'n groot kwas gewerk word, is daar tog subtiele momente waarin bv. insig gegee word in De Witt en sy Zulu-werkers se respek vir mekaar. Deel 2 (pp. 85-157) handel oor Pieter de Witt se nageslag en hulle pogings om die familieplaas te behou ten spyte van droogte, broedertwis en grondpolitieke kwessies (tonele uit 1929, 1948, 1976 en 1996).

'n Mens moet toegee dat die dialoog meestal realisties en “noodwendig” verloop terwyl die talle motto's aantoon dat aansluiting gesoek word by voorgangers in die Afrikaanse letterkunde: Van Wyk Louw, S.J. du Toit, Jan F.E. Celliers, Leipoldt, D.J. Opperman, Totius. Daar is wel interessante wendinge en onverwagte ontwikkelings in die drama wat spanning bewerkstellig (sal Magriet leef, gaan Anna en die Engelsman trou, sal almal die Anglo-Boereoorlog oorleef, wie gaan boet vir Ouboet se vergryp aan 'n “opstoker”, sal Dirk sy erfdeel kry, wie is die vader van Nomthandazo se kind, sal Arnold teken en die plaas dus uit die familie laat gaan?).

Die teks kan tot 'n mate vergelyk word met die Griekse tragedie waarin hubris so sterk bydra tot die tragiese held se val. Na my gevoel (en dit blyk ook uit talle resensies van die teateropvoering) ontbreek die reinigende insig egter waartoe sowel karakter as gehoor ten slotte moet kom. Die epiese aanbieding staan dit miskien in die weg: telkens in die afsonderlike tonele word 'n dramatiese konflik ontplooi en uitgespeel, maar as geheel slaag die drama nie daarin om tot meer as 'n afgedwonge en voor die handliggende “insig” te kom nie.

Weens die groot rolbesetting en verskeidenheid tydvakke wat aan bod kom, kan 'n saak moontlik uitgemaak word vir die “amount and diversity of materials integrated”, maar dit is kwalik 'n dramatiese kriterium en wanneer 'n mens ten slotte die vraag moet beantwoord of *Donkerland* dramaties-verrassend, -uitdagend, vernuwend, grensverleggend, ook louterend is, dan is dit nee.

In aftastende gesprekke met talle letterkundiges en teatermense het dit my opgeval dat die entoesiasme wat ek vir Opperman en vir hedendaagse drama in die algemeen veronderstel het, nie baie groot is nie. Alhoewel Opperman se teks m.i. die beste van die aanbod is, meen ek dat die bekroning daarvan 'n teks wat eintlik 'n agteruitgang binne die reeds-bekroonde Afrikaanse dramatradsie is, op 'n onteregte wyse sal “verewig”.

1.2 REZA DE WET: DRIE SUSTERS TWEE (1996)

Ek het baie waardering vir die stuk en meen dat De Wet 'n oortuigende voortsetting van die Tsjehof-sfeer bied. Tog dink ek nie dat dit so sterk genoeg is om vir haar 'n tweede opeenvolgende Hertzog-prys te verdien nie.

2. 'N OEUVRE-BEKRONING?

Teen my eie aanvanklike verwagting in moet ek aan die Kommissie tog 'n versoek rig om 'n oeuvre-bekroning wel te oorweeg. Die belangrikste aanspraakmakers is m.i. Adam Small, Pieter Fourie, André P. Brink, en Pieter-Dirk Uys. Ek vra my ook af of Nataniël en Jeanne Goosen (*Kombuis-blues* en *Kopstukke*) die afgelope jare oorweeg is vir die Eugène Marais-prys.

Tyd nood bring my in die noute en daarom vra ek om verskoning daarvoor dat my voorbereiding vir hierdie koerswysiging nie betyds beskikbaar was nie. Ter wille van die debat wil ek wel enkele klippe in die bos gooi.

2.1 PIETER-DIRK UYS

'n Groot gunsteling van my is Pieter-Dirk Uys. Hy gaan reeds meer as twintig jaar dwars teen die konvensies van sy tyd in, is steeds innoverend en krities besig om die grense van sy verbeeldingryke vermoë en dié van sy gehoor tematies en dramaties-tegnies af te tas en te versit.

Met stukke soos *Die Van Aardes van Grootoor* (Taurus; 1979), *Skote* (Perskor), *Karnaval* en *Selle ou storie* (AD Donker) en *Vleiroos* (Peninsula en 'n Dalro-publikasie) het hy vermaaklik en grensverleggend die sensuurbepelings van die sewentigerjare te bowe gekom en homself sedertdien gevestig as 'n belangrike dramaturg in Suid-Afrika en ook op buitelandse verhoë. Sy eko-toneelstuk *Vleiroos* is sekerlik een van die beste toneelstukke van die afgelope paar jaar.

2.2 ADAM SMALL

Moontlik is die Akademie verleë met 'n inhaalmanuever, met die uitermate politiek-korrekte stap om Adam Small te bekroon, maar alle politiek ten spyt bly *Kanna hy kô hystoe* (1965) een van die mees merkwaardige drama's [sic] in Afrikaans wat – soos blyk uit voortgesette opvoerings en die voorskryf-potensiaal daarvan – as aktueel ervaar word. Dit voldoen ook steeds ruimskoots aan verwagtings wat aan 'n goeie drama gestel kan word.

Small (gebore 1936) debuteer as digter en sy bekendste bundels is *Kitaar my kruis* (1961), *Sé sjibbolet* (1963) en *Oos wes tuis bes Distrik Ses* (1973). Sy drama's [sic] is *Kanna hy kô hystoe* (1965), *Joannie Galant-hulle* (opgevoer 1973; gepubliseer 1978) en *Krismis van Map Jacobs* (1983), terwyl hy (voor?)verlede jaar aan 'n optrede by die Klein Karoo Kunstefees deelgeneem het waarvan daar sover ek weet geen gepubliseerde teks bestaan nie.

Indien *Kanna* vergelyk word met *Donkerland* is dit opvallend dat daar ooreenkomste is ('n familie se geskiedenis staan sentraal; die gebruik van 'n verteller), maar veral dat Small soveel meer vindingryk en dramaties-innoverend as Opperman te werk gaan. Ter verfrissing van almal se geheues verwys ek na Kannemeyer (*Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur Band 2* 1983: 294-296) wat die teks se dramatiese krag vergelykbaar vind met die belangrikste toneel in *Germanicus* en *Periandros van Korinthe*. Hy noem dit “die belangrikste Afrikaanse drama vanaf die sestigerjare” (296). Sien ook die uittreksel uit Rob Antonissen (*Spitsberaad*). André P. Brink (*Aspekte van die nuwe drama*), Réna Pretorius (*Oog en spel*) en J.P. Smuts (*Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*) lewer ook belangrike analyses van die teks.

Op grond van die voortgesette waardering wat reeds 30 jaar lank vir *Kanna hy kô hystoe* bestaan, en van die feit dat Small se teks steeds nuut aandoen en voldoen aan belangrike dramatiese eise, wil ek voorstel dat die Letterkundekommissie oorweeg om die Hertzogprys 1997 aan Adam Small toe te ken.

Naskrif: Ek wil daarop wys dat, alhoewel Nederland se prestigieuse P.C. Hoofd-prys sekerlik ander reglemente volg as die Hertzog-prys, dit geen skande (nie vir die jurie of vir die bekroonde) is om 'n skrywer eers laat in sy of haar lewe te vereer nie. Ida Gerhardt is 'n voorbeeld van iemand wat jare vir die prys moes wag terwyl die Vijftigers een na die ander voor haar bekroon is. In die geval van Small sal in die commendatio wel ingegaan moet word op die omstandighede wat daartoe gelei het dat hy nou eers bekroon word. Ek het op hierdie oomblik nie gegewens beskikbaar oor wat presies as oorwegings aangevoer is toe sy drama in die sestigerjare aan die orde moes gewees het vir die prys nie. Ook weet ek nie op die moment van skryf wie dit in die betreffende jaar wel gekry het nie.

2.3 ANDRÉ P. BRINK

In my brief van 10 April het ek genoem dat Brink waarskynlik met *Die jogger* sal kwalifiseer vir die volgende drama-rondte in 2000. Dan kan sy uitgebreide drama-oeuvre wat belangrike stukke soos *Elders mooiweer en warm* (1965), die Slagtersnek-tweeluik *Die verhoor* en *Die rebelle* (1970), en *Pavane* (1974) insluit, sekerlik oorweeg word.

2.4 PIETER FOURIE

Fourie moet sekerlik ook vir 'n oeuvre-prys oorweeg word. Sy drama's [sic] is: *Faan se trein* (1975), *Faan se stasie* (1976), *Die proponentjie* (1987), *Mooi Maria* (1980), *Tsjaka* (1976), *Die joiner* (1976), *Die plaasvervangers* (1978), *Ek, Anna van Wyk* (1986), *Donderdag se mense* (1989), *Die groot wit roos* (1989), *Die plaasvervangers* (1978) [Jansen herhaal], *Vat hom Flaffie* (1989), *Hansie die hanslam: 'n toneelstuk vir kinders* (1990).

113 Prof. Réna Pretorius het die volgende verslag oor die 1997-Hertzogprys opgestel (LK 1/27):

Die volgende vier tekste is oorweeg:

Aucamp, Hennie	:	<i>Van hoogmoed tot traagheid</i>
De Wet, Reza	:	<i>Drie susters twee</i>
Opperman, Deon	:	<i>Donkerland</i>
Van Straten, Ampie	:	<i>Pendoring en Seun</i>

Die dramas van De Wet en Opperman is as moontlike wentekste noukeurig bespreek en daar is besluit om Reza de Wet se drama te bekroon. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat dieselfde dramaturg twee keer na mekaar hierdie gesogte Dramaprys ontvang. In 1994 het die Akademie haar trilogie: *Trits* (1993) bekroon.

Drie susters twee vind direkte aansluiting by, en is 'n voortbouing in sfeer en styl op die Russiese dramaturg Anton Tsjechov se klassieke teks *Drie susters* (1901) – geskryf in die poëtiese-realistiese tradisie. Die De Wet-teks, soos die oerteks, speel af op 'n klein plattelandse dorpie nie ver van Moskou af nie, die hoofkarakters is weer die drie Prozorof-susters en hulle broer, die tyd van die dramahandeling is weer eens 'n periode van sosiale verwildering, met dié verskil dat die oerteks afspeel teen die agtergrond van die eeuwenteling, en die 1996-De Wet teks 'n sewentien jaar later afspeel in die tyd van ontwrigte sosiale orde kort na die Revolusie van 1917.

In die eerste *Drie susters* is die tema **verlange** – oënskynlik die romantiese hunkering na die opwindende lewe in Moskou, maar wesentlik is daar by die drie susters en hulle broer – vier eensame soekers en dromers – die diep verlange na geluk en die hunkering om aan hulle saai bestaan te ontkom en hulle lewens te veredel en sinvol te maak. Met sensitiwiteit en fyn psigologiese indringing teken Tsjechov die tragiek van die ongelukkige en onvervulde lewens van hierdie gekultiveerde maar gefrustreerde en lustelose pre-revolusionêre intelligentsia – mense wie se innerlike lewens skuilgaan onder 'n oënskynlik rustige oppervlakte, maar wie se lewens wegslyt en verarm in en deur die sleur van die alledaagsheid van hulle bestaan. En tog: neerlaag word getransformeer in, ek wil byna sê, 'n geestelike heroïek. Aan die einde van die drama soek hulle steeds na sin in hulle lewens, maar bly moedig voortleef: “Ons lewe lê nog voor, my liewe susters. Ons sal lewe ...” (Olga, p. 53). Die karakters is nie passief nie: hulle rebelleer en reik uit na wat hulle wil hê (Masja), hulle droom (Irina), hulle werk (skooljuffrou Olga). Maar 'n aura van “haunting sadness” hang oor almal en alles.

Dit is 'n verdienste van die De Wet-teks met sy tema: “**Alles is nou anders**” (p. 21), dat die styl en sfeer van die klassieke teks in hoë mate gehandhaaf is. Selfs in woordkeuse sluit De Wet direk aan by dié van die voorteks met sy hoë frekwensie van allitererende woorde soos verlang, verdriet, verbeel, visioen, vryheid, vriende, vertrek, vergeet, verlaat, vaarwel ... In die 1996 teks word voortgespeel met /f/-woorde soos verander, vreemd, vinnig, verbygaan, verloor, verbitterd, verstrooid, verdwyn, vlug, voortvlugtige, vaarwel ... Ook De Wet se teks word gekenmerk deur die “haunting sadness” van die voorteks. Die enigste een wat die droom om na Moskou te gaan, in vervulling laat gaan, is Masja, maar na die ontgogelende ervaring met 'n ontroue minnaar keer sy terug na haar familie om hulle te waarsku dat hulle, vanweë haar verbintenis met Marofski, 'n generaal in die Rooi Leër, gevaar staan om vervolgt te word. Hulle moet daarom vlug ... na Moskou, om daar onder verskriklike omstandighede te gaan wegruip. Hulle eertydse droom om Moskou toe te gaan gaan dus in vervulling – maar dit sal geen romantiese geluksvervulling, vreugde en opwinding bring nie.

Ek dink nie sy slaag heeltemal in die skepping van die poësie van emosies en omgewing soos in die Tsjechov-teks nie. Na sewentien jaar het die karakters in sekere sin vergrof, hulle is meer kortgebakerd, minder dromend, nie meer so soekend nie ... hulle verduur hulle lewens met groter gelatenheid, verbittering, onverskilligheid. Die mense het **anders** geword. Hulle hui-omstandighede [sic] het anders geword; die hele sosiale orde is omgekeer: die trotse Prozorofs, eiendomsbesitters in die “godverlate dorpie”, deel nou hulle huis met plakkers; die private Prozorofs moet in die openbaar in die rivier gaan bad; die glans van hulle uiterlike bestaan het afgeslyt. Maar, ironies, wat wel dieselfde gebly het, is hulle leë, nuttelose, onbenullige, armsalige lewens.

Die ironiese spel tussen oer- en nuwe teks word redelik volgehou, maar is nie tot die uiterste gevoer nie.

In die geheel: De Wet was baie ambisieus in hierdie na-skrif van 'n groot dramaturg se meesterwerk. In die proses lewer sy 'n afgeronde dramateks, wat, volgens die lede van die Letterkundekommissie wat die teateraanbieding gesien het, 'n bevredigende ervaring bied.

114 Smuts se verkennersverslag vir die 2000-Dramaprys lyk so (LKS 2000: 12 April – bylaag D):

Daar is die afgelope drie jaar slegs vier dramas gepubliseer. In alfabetiese volgorde is hulle Chris Barnard se twee draaiboeke *Paljas & Die Storie van Klara Viljee*, Breyten Breytenbach se *Boklied*, André P. Brink se *Die jogger* en Etienne van Heerden se kabaret *Lied van die Boeings*.

Barnard het reeds die Hertzogprys vir sy drama-oeuvre gekry, sodat slegs hierdie enkele publikasie van hom vir bekroning oorweeg kan word as daar verby die enkelwerk beweeg word. Sy twee draaiboeke is wel verdienstelik (Barnard is waarskynlik die beste draaiboekskrywer in Afrikaans), maar die geheel is te klein om vir bekroning in aanmerking te kom. Van Heerden se kabaret is nie sonder meriete nie, maar dit is ook nie op die vlak dat dit vir bekroning oorweeg kan word nie. Hy het verder nie 'n betekenisvolle drama-oeuvre wat hierdie publikasie kan ondersteun nie. Die dramas van Breytenbach en Brink kan wel oorweeg word vir bekroning.

Ek moet miskien net noem dat ek nie *Boklied* of *Die jogger* opgevoer gesien het nie. Dit sou besmoontlik 'n mens se oordeel oor die stukke beïnvloed het, alhoewel die taak van die Letterkundekommissie is om van die gedrukte teks te vertrek – sonder om uiteraard die waarskynlike reëpsie van die stukke deur toneelgangers buite rekening te laat.

ANDRÉ P. BRINK: *DIE JOGGER* (1997)

Soos so dikwels in sy werk sluit Brink in *Die jogger* aan by Suid-Afrikaanse politieke aktualiteite. Hy voer die gegewe in sy politieke versetromans van die jare sewentig en tagtig hier verder deur sy drama na die verkiesing van 1995 te laat afspeel, maar eerder die aksent op die voortsetting van probleme uit die verlede as op die nuwe te plaas.

As hoofkarakter kies hy 'n persoon uit die vorige bedeling se veiligheidspolisie, kolonel Kilian. Kilian is in dié stadium emosioneel ernstig versteurd en is 'n pasiënt in 'n psigiatriese hospitaal. Die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie is reeds aan die gang, maar Kilian lewe geestelik steeds in 'n wêreld waarin die vorige bestel nog nie aangetas is nie.

Brink se verhooghantering getuig van aansienlike vernuf. Die sentrale ruimte is die hospitaalkamer, maar deur die benutting van ander ruimtes op die verhoog word plekke soos Kilian se kantoor en sy huis opgeroep. Sodoende word dit moontlik om momente uit die verlede dramaties op die verhoog te vergestalt en ook ander karakters ten tonele te voer.

In Kilian se hospitaalkamer is daar twee verdere personasies, die een reël en die ander irreël. Noni is 'n swart verpleegster wat hom versorg, en Vusi 'n man uit die struggle vir wie se verminking en dood Kilian verantwoordelik is en wat nou as kwellende hallusinasie deur die versteurde Kilian as 'n werklike teenwoordigheid in sy kamer ervaar word.

Die belangrikste ander personasies wat verskyn as daar ruimtelike verskuiwings gemaak word, is Kilian se dogter Ilse en Nico, die seun van 'n ou vriend wat hy gekoöpteer het om as informant vir die Veiligheidspolisie te werk en ook op sy eie dogter te spioeneer omdat hy wou weet of sy nie op universiteit onder verkeerde invloede gekom het nie. Dié lyn in die intrige word daardeur gekompliseer dat Nico begin twyfel aan die moraliteit van sy optrede, verlief raak op Ilse, hulle in die huwelik tree, sy hulle kind verwag en dan van haar man vervreem raak as sy uitvind van sy vroeëre rol wanneer hy moreel verplig voel om voor die WVK te gaan getuig. In dié proses verwerp Ilse uiteraard haar pa ook volkome.

Dit behoort duidelik te wees dat Brink hier inderdaad materiaal met groot dramatiese potensiaal het. Kilian, as onbetwisbare hoofkarakter wat vir die hele duur van die stuk op die verhoog is, word afgestroop soos Bart Nel. Die bestel waarvoor hy alles gegee het, het verkrummel en is moreel verwerp, en sy kind verag hom. Die teenwoordigheid van Vusi op die verhoog as synde 'n hallusinasie van Kilian, impliseer ook dat Kilian intense skuldgevoelens het oor sy wrede en onregverdige optrede teenoor Vusi. 'n Mens moet aanneem dat veral hierdie drie sake tot sy psigiëse ineenstorting gelei het.

Gekyk uit 'n karakteriseringsoogpunt is dit egter problematies dat Brink hier met 'n versteurde personasie werk. Kilian ervaar byvoorbeeld eerder vir Vusi as 'n irriterende teenwoordigheid in sy kamer as 'n skokkende konfrontasie met sy dade van die verlede. Daar word te min gemaak van die traumas waardeur Kilian moes gegaan het voordat hy, as emosioneel sterk en gevoellose persoon, 'n geestelik ontspoorde pasiënt in 'n inrigting geword het. Die leser moet bloot aflei dat daar 'n groot "to be or not to be"-moment (of momente) in sy lewe moes gewees het voordat hy uiteindelik geknak het. Hier is groot geleenthede op gevarieerde karakterisering binne krisissituasies verspeel.

Resensente was oorwegend negatief oor die werk. Temple Hauptfleisch (*Die Burger*, 13 Augustus 1997) en Fanie Olivier (*Rapport*, 15 Junie 1997) vind die drama teleurstellend. Pieter Conradie (*Insig*, April 1997) oordeel wel meer positief daarvoor, maar is ook nie sonder kritiek nie.

Om saam te vat: *Die jogger* is 'n stuk waarteen sekere besware ingebring kan word. As enkelwerk kan dit moeilik gereken word as 'n drama wat met die Hertzogprys bekroon behoort te word.

BREYTEN BREYTENBACH: *BOKLIED* (1998)

Uiterlik handhaaf *Boklied* wel sekere tipiese patrone binne die dramatradsie: die geheel is opgebou uit verskillende bedrywe waarvan sommige onderverdeel is in tonele, en tipografies is daar die gebruikelike rangskikking van spreekbeurte. Die aangepaste gebruik van die spel binne die spel in die tweede bedryf, waar daar 'n spel opgevoer word wat gebaseer is op Aristophanes se *Die voëls*, gaan ook terug op 'n tradisie wat sy ontstaan in die Middeleeuse teater gehad het. Daar is verder ruim neweteksaanwysings wat daarop dui dat Breytenbach die geheel toneelmatig gekonsipieer het. Breyten Breytenbach is egter bekend as 'n skrywer wat telkens in sy werk konvensies deurbreek en bestaande grense verskuif het, en dit verbaas glad nie dat sy eerste drama in ander opsigte alles behalwe 'n tradisionele werk is nie.

By die lees van die drama word dit spoedig duidelik dat 'n mens hier met 'n uiters komplekse teks te make het. In die eerste plek word 'n besonder ruim aantal intertekste betrek. Die titel van die drama wys reeds uit na die Griekse tragedie (die Grieks *tragoidia* kom van *tragos*: bokram + *oidia* – van *aeidein*: om te sing), maar dit is vir dié stuk relevant dat die twee algemeenste verklarings van *tragoidia* is "lied met 'n bok as prys" (met as variant "'n lied wat gesing word as 'n bok geoffer word") of "boklied".

Die fallus, wat 'n prominente plek in Breytenbach se drama inneem, skakel ook met die Griekse dramatradsie, want dit was die universele dionusiese simbool. Die dramaturg aktiveer verder die Griekse komedies van Aristophanes, veral *Die voëls*, in sy stuk. Ander intertekstuele verwysings is na onder meer Villon, Rimbaud (veral sy *Une saison en enfer*), Ritsos, Pirandello se *Ses karakters op soek na 'n skrywer* en Breytenbach se eie werk. Daar word selfs gebruik gemaak van Hallelujaliedere en liedjies uit die FAK. (Vergelyk in dié verband Helize van Vuuren se artikel oor *Boklied* in *Tydskrif vir letterkunde*, November 1998 – Februarie 1999.) Aan die leser/toneelganger se erudisie word daar aansienlike eise gestel.

Die werk word in die tweede plek gekompliseer deur die digte netwerk van idees wat in die loop van die teks ontwikkel word. 'n Eerste aanduiding hiervan is die name van die personasies. Maker, Adam, Isis, Tereus, Ritsos en Madonna is nie neutrale benamings nie, maar wek onmiddellik verwagtings omtrent 'n skeppingsproses, aansluiting by die klassieke Griekse tradisie en, in die geval van Madonna, by die Christelike tradisie én moontlik by 'n eietydse seksuele kultusfiguur. Daar is dus onmiddellik aanwysers dat minstens enkele van die personasies nie op realistiese vlak “gelees” moet word nie.

Marthinus Basson, regisseur van die eerste opvoering van die stuk, het in 'n koerantonderhoud op 'n moontlike verdere interpretasie van dié aspek ingegaan (vergeelyk Van Vuuren se artikel). Hy sien die stuk as die digter in gesprek met homself, met sy digkuns en met sy *peers*. Die manskarakters kan almal gesien word as fasette van Breyten Breytenbach in konflik met mekaar. Farenj, die vreemdeling, is die alter ego van Breytenbach wat altyd in ballingskap verkeer en ook die romantiese vrouejagter. Ritsos beeld Breytenbach uit as balling, sy politieke aktivisme en sy tronkomsandighede. Isis is moeder Afrika en godin van vrugbaarheid. En sy staan teenoor Madonna, die wit Europese teenhanger. Indien jy, soos Basson, die karakters lees as fasette van Breytenbach, verklaar dit hoekom hulle almal digters is en alles wat hulle doen en sê skakel met die digterlike bedryf – 'n sentrale aspek van hierdie drama.

Basson wys ook op verbande met Brecht se vervreemdingseffekte en met die Teater van die Absurde. Hier sal 'n mens kan byvoeg dat ook 'n ander eietydse dramaturg, Friedrich Dürrenmatt, veral in die slotbedryf resoneer.

In die slot word daar op die Griekse dramatradsie teruggespeel as daar iemand uitgewys moet word wat die offerbok gaan wees. Kamera en spieël, twee gelade begrippe, neem 'n belangrike plek in hierdie gedeelte in. Uiteindelik is Maker die slagoffer van die proses wat hy self aan die gang gesit het, en is die implikasie dat die skepper hom nie kan losmaak van sy skepping nie, maar verantwoordelik bly daarvoor. So word die sterk metafiksionele inslag van die stuk finaal in die slot van die drama bevestig.

Daar kan heelwat meer in hierdie komplekse werk uitgewys word, soos die talle direkte verwysings na Suid-Afrika in die stuk wat klaarblyklik sosiaal-politieke kommentaar lewer op die eietydse Suid-Afrika van na die verkiesing van 1994, maar dit behoort klaar duidelik te wees dat ons hier met 'n aansienlik verwickelder werk as Brink se *Die jogger* te make het. As uitdagende en ryk leesteks moet dit sekerlik bo Brink se stuk gestel word.

'n Verdere aspek moet egter ook aan die orde gestel word, 'n saak waaroor dit baie moeilik is om uitsluitel te gee. Dit is naamlik of dié verwickelde teks by opvoering, waar toehoorders dit eenmalig ervaar en nie in staat is om terug te gaan en te herlees (of, in die geval van 'n video, 'n passasie weer te kyk nie) genoegsame inligting aan 'n redelike segment van die toehoorders sal vrystel sodat hulle tog tot 'n bevredigende interpretasie van die teks sal kom. Persoonlik betwyfel ek dit.

ANDRÉ P. BRINK SE OEUVRE

Indien die Letterkommissie [sic] besluit dat nie een van hierdie twee dramas die toekenning van die Hertzogprys regverdig nie, skep die reglement die moontlikheid om van punt 2.2.1 na punt 2.2.2 te beweeg en 'n oevrebekroning te maak. Breytenbach het slegs een drama gepubliseer, terwyl daar reeds elf dramas van Brink verskyn het en daar dus in sy geval 'n moontlike oevrebekroning oorweeg kan word. Ek gee dus vervolgens kortliks aandag aan die belangrikste werke binne Brink se drama-oeuvre.

Eerstens dit: dit is wel waar dat daar dikwels die beswaar teen Brink ingebring word dat daar iets afgeleids in sy werk is. Dié klag is veral binne die Sestigjarigeperiode, met sy sterk klem op vernuwing, gehoor – vandag sal daar binne 'n ander paradigma ietwat anders daarna gekyk word. Dit is so dat Brink se dramas, soos trouens baie ander werk uit dié jare, onder die invloed van Europese modelle staan, maar dit bly waar dat dit literatuur is wat indertyd 'n rol gespeel het, soos vroeër ook werke soos “Winternag”, *Die ryke dwaas* en *Een en twintig*. Die feit is dat Brink een van die skrywers is wat die meeste daartoe bygedra het om die grense van die Afrikaanse drama te verskuif.

Brink se eerste gepubliseerde verhoogwerk van betekenis is *Bagasie*, waarin hy drie eenbedrywe “Die koffer”, “Die trommel” en “Die tas” byeengebring het. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die eerste van die drie reeds in 1962, daardie deurbreekjaar vir die Afrikaanse letterkunde na die nuwe, gepubliseer is in *Die beskermengel e.a. eenbedrywe*. Dit verskyn dus dieselfde jaar as Bartho Smit se *Putsonderwater*, en was mede-aanwyser dat die vernuwing van Sestig nie 'n uitsluitlike prosadeurbraak

was nie. Met die sterk absurde elemente in elk van die stukke het Brink iets heeltemal nuuts in die Afrikaanse dramaliteratuur gebring.

In 1965 verskyn ook *Elders mooiweer en warm* ('n drasties hersiene uitgawe is in 1974 uitgegee wat 'n groot verbetering op die eerste is). Soos *Bagasie* sluit dié werk aan by die tradisie van die Teater van die Absurde, maar die opset is groter as in die eenbedrywe. Binne 'n bestel waar daar 'n gebrek aan sinvolle kommunikasie tussen afgeslote karakters is, verskyn 'n vreemdeling. Dit aktiveer 'n proses van vernietigende ontmaskering en afstroping van die personasies wat hulle laat eindig in 'n toestand van volkome uitsigloosheid. *Elders mooiweer en warm* is 'n sterk en boeiende drama met volgehoue spanning en is een van Brink se beste verhoogstukke.

In sy tweeluik oor die Slagtersnekrebellie, *Die verhoor* en *Die rebelle*, albei uit 1970, beweeg Brink heeltemal weg van die wêreld van die absurde. Die sentrale probleem wat die dramaturg in die eerste stuk behandel, is of Frederik Bezuidenhout bloot 'n hardkoppige enkeling was wat hom teen die staat verset het, en of hy 'n idealis was wat na vryheid gestreef het. Waar *Die verhoor* op die aanloop tot die dood van Frederik Bezuidenhout gekonsentreer het, behandel *Die rebelle* die uitvloeisel daarvan, die Slagtersnek-rebellie onder leiding van Frederik se verbitterde broer, Hans. Dié twee dramas boei veral deur die speurende kyk op 'n historiese insident en die tydruimtelike eksperimente; sowel die gestorwe Bezuidenhout as die afwesige Goewerneur verskyn byvoorbeeld soms as personasies in die onderskeie stukke.

Pavane (1974) speel in Suid-Amerika af, maar tematies sluit dit by die Slagtersnek-tweeluik aan deurdat opstand en verset ook sentraal in dié stuk staan. Die drama werk weer eens met die idee van vryheid en bevryding uit 'n beklemmende bestel, 'n tema wat meermale by Brink deurspeel. Die stuk is by tye taamlik betogend, maar dit getuig van tegniese vaardigheid, soos veral blyk uit die aandag aan bindingslemente en 'n kundige uitbalansering van karakters. Al drie hierdie laaste stukke kan ook gelees word as eietydse politieke metafore oor kwessies soos vryheid, gesag en opstand, sake wat besonder aktueel was in Suid-Afrika in die tyd toe dié dramas verskyn het.

Verdere verhoogwerk van Brink sluit in 'n vroeë versdrama *Caesar* (1961), *Die hamer van die hekse* (1976), waarin hy verder werk met Leipoldt se *Die heks* en 'n aanloop daartoe skryf en ook die slot verder voer, en enkele werke van ligter opset: *Kinkels innie kabel* (1971), *Bobaas van die Boendoe* (1973) en *Afrikaners is plesierig* (1973).

Nie een van Brink se dramas is heeltemal op die vlak van die beste werk van skrywers soos Bartho Smit, P.G. du Plessis, Adam Small en Reza de Wet nie, maar terselfdertyd moet jy sê dat sy oeuvre beslis betekenisvol is. 'n Mens kan ook nie oor Brink as dramaturg praat sonder om daarop te wys dat hy deur die jare waardevolle werk as dramateoretikus en -kritikus gelewer het nie. Sy *Aspekte van die nuwe drama* is die belangrikste teoretiese studie oor die drama in Afrikaans. Van sy kritiese besprekings van Afrikaanse dramas is opgeneem in *Voorlopige rapport* en *Tweede voorlopige rapport*. Dit is werk wat ongetwyfeld 'n vormende rol gespeel het binne die ontwikkeling van die Afrikaanse drama sedert sestig.

Kyk 'n mens na die Afrikaanse drama sedert sestig binne die konteks van die Afrikaanse literatuur is dit duidelik dat daar binne die ander twee genres baie groter produktiwiteit was en die gehalte ook hoër was. Daar is nietemin enkele dramaturge wat sedert die Sestigerbeweging belangrike bydraes gelewer het. Onder hulle moet veral Bartho Smit, André P. Brink, Chris Barnard, Adam Small, Henriette Grové, P.G. du Plessis en Reza de Wet uitgesonder word. Van hulle is net Brink en Small nog nie voorheen met die Hertzogprys bekroon nie, en van dié twee is slegs Brink vanjaar 'n kandidaat. Indien daar besluit word om nie 'n enkelwerk te bekroon nie behoort André P. Brink, gesien sy totale bydrae tot die Afrikaanse dramaliteratuur, sterk oorweeg te word vir 'n oeuvrebekroning binne die kategorie drama.

- 115 Prof. J.P. Smuts se huldigingswoord, gelewer tydens die oorhandiging van die Hertzogprys vir Drama 2000, lui só (LK 1/29: 12 Oktober 2000):

Met die toekenning van die Hertzogprys vir Drama aan André P. Brink vir sy jongste drama, **Die jogger**, met inagneming van sy dramatiese oeuvre, gee die Akademie nie net erkenning aan Brink die dramaturg nie, maar ook aan 'n persoon wat die afgelope veertig jaar 'n onberekenbaar groot bydrae tot die totale Afrikaanse literêre toneel gelewer het. In werklikheid is die Afrikaanse letterkunde van die afgelope vier dekades, sowel as die gesprek daaroor, volkome ondenkbaar sonder André Brink. 'n Mens kan met veiligheid sê dat hy die bekendste Afrikaanse literêre figuur van ons tyd is.

Brink het 'n ruim en gevarieerde bydrae gelewer tot die terrein van die Afrikaanse prosa met 'n hele reeks romans. As resesent en kritikus het hy 'n vormende en rigtinggewende rol gespeel, en as teoretikus oor die prosa en die drama het hy baanbrekerswerk gelewer. Dit is egter sy dramas wat by hierdie geleentheid die aandag vra.

Brink se toneelwerk was sedert die jare sestig telkens op die voorpunt van ontwikkelinge binne die Afrikaanse drama. In sy vroegste werk, die drie eenbedrywe wat onder die titel **Bagasie** byeengebring

is en die enkelwerk **Elders mooiweër en warm**, sluit hy aan by die Teater van die Absurde en toon hy die mens wat vernietigend ontmasker en afgestroop word en in 'n toestand van volkome uitsigloosheid eindig.

Daarna ontwikkel hy in drie van sy belangrikste dramas, die tweeluik oor die Slagtersnekrebellie, **Die verhoor** en **Die rebellie**, en in **Pavane** argumente oor die begrippe vryheid, opstand en verset, sake wat besonder aktueel was binne die Suid-Afrikaanse opset van die vroeë jare sewentig en wat ook sentraal gestaan het in Brink se romans uit dié periode.

Die jogger, uit 1997, wat spesiaal uitgesonder is vir bekroning, sluit ook aan by die Suid-Afrikaanse politieke aktualiteite van ons tyd. Die drama speel af na die verkiesing van 1995 [1994]. Die hooffiguur is Kilian, 'n kolonel uit die vorige bedeling se veiligheidspolisie. Kilian is in hierdie stadium 'n emosioneel ernstig versteurde pasiënt in 'n psigiatriese hospitaal. Hy het geknak omdat die bestel waarvoor hy alles gegee het, verkummel het en moreel verwerp is en hy nou intense skuldgevoelens het oor sy rol in die verlede. Dit word dramaties vergestalt deur die personasie Vusi, 'n man uit die strugle vir wie se verminking en dood hy verantwoordelik is en wat telkens as ontstellende hallusinasie aan die ontwrigte Kilian verskyn. Kilian se bestaan het verder verbrokkel omdat sy dogter hom verwerp het oor sy rol in die veiligheidsdiens.

Met **Die jogger** wys Brink opnuut dat hy 'n vaardige dramaturg is wat 'n komplekse wêreld kan opbou en dat hy in voeling bly met brandende probleme binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Trouens: hy is steeds een van die belangrikste karteerders van die kwelling van ons tyd.

Meneer die Voorsitter, ek versoek dat u die Hertzogprys vir Drama aan André P. Brink toeken vir sy drama **Die jogger**, met inagneming van sy dramatiese oeuve.

116 Die eerste verkenneverslag vir die 2003-Hertzogprys vir Drama, lyk so (LK 1/30):

1 INLEIDING

Daar is die afgelope drie jaar slegs twee dramas gepubliseer, naamlik Breyten Breytenbach se *Die toneelstuk* (2001) en Pieter Fourie se *Elke duim 'n koning* (2002). Albei hierdie skrywers het voorheen dramas uitgegee. Van Breytenbach het daar slegs een stuk – *Boklied* (1998) – verskyn, terwyl Fourie 'n hele reeks dramas die lig laat sien het.

Die reglement bepaal duidelik wat die prosedure is wat gevolg moet word tydens die vergadering. Aanvanklik word net *Die toneelstuk* en *Elke duim 'n koning* teen mekaar gestel. Indien die kommissie besluit een van hierdie werke is van sodanige gehalte dat die Hertzogprys daaraan toegeken kan word, is die saak afgehandel. Indien nie, word daar na oeuves gekyk, maar slegs as die kommissie van mening is van die vroeëre werk van elke skrywer was beter. Indien die oordeel byvoorbeeld is dat Fourie se *Ek, Anna van Wyk* en die *Die koggelaar* beter is as *Elke duim 'n koning*, mag Fourie se oeuve bekyk word. En as die oordeel is *Die toneelstuk* verdien nie die Hertzogprys nie, maar dat dit wel beter as *Boklied* is, mag Breytenbach se oeuve nie beoordeel word nie.

2 BREYTEN BREYTENBACH: DIE TONEELSTUK

Die subtitel van *Die toneelstuk*, 'n *Belydenis in twee bedrywe*, berei jou voor op die subjektiewe en die persoonlike, elemente wat baie tipies is van die werk van Breyten Breytenbach. Die spelersslys wys twee sake uit: daar is in sekere gevalle 'n doeblering van karakters (wat in die geval van 'n skrywer soos Breytenbach op meer kan dui as slegs ekonomiese en praktiese oorwegings by opvoering) en verder word daar ook soms noukeuriger besonderhede gegee oor party personasies (Martiens: regisseur, Dawid/Inkwisiteur: 'n gevangene, e.s.m.) terwyl dit by ander karakters ontbreek. Dit wek die indruk dat die dramaturg in laasgenoemde gevalle dit óf nie nodig gegaan het nie, óf verskillende interpretasiemoontlikhede vir die leser/toneelganger ooplaat.

Die uitvoerige neweteks dwarsdeur die drama toon dat die dramaturg die stuk toneelmatige gedink het en dat dié verwickelde teks nie op grond van "te komplekse struktuur en te hoge informatiedichtheid" (Van Gorp) as leesdrama bedoel is nie. Die hele stuk reik trouens opvallend uit na die verhoog. *Die toneelstuk* is presies wat sy titel sê, want in die eerste bedryf word gerepeteer aan 'n stuk, en dit vorm 'n voorbereiding op wat volg in die tweede.

Aan die begin word 'n tronkatmosfeer dadelik geskep: die verhoog is in twee verdeel; in die neweteks word daar verwys na "die twee selle"; in die agtergrond sing gevangenes; 'n bewaarder in uniform verskyn en die Dawid-personasie dra die gevangenisklere. Reeds die eerste spreekbeurt, dié van Martiens as regisseur, plaas jou binne die wêreld van die repetisie. Baba Halfjan – 'n menspop, maar ook gestalte van die dramaturg Breyten Breytenbach – se geluide word deur die regisseur vir die spelers geïnterpreteer.

Die dialoog ontwikkel nie langs rasonale lyne nie, maar weerspieël ’n gebrek aan kommunikasie soos in die Teater van die Absurde waar personasies dikwels by mekaar verby praat en hulle eie gesprekke voer en jy ’n devaluasie en disintegrasie van taal as ’n middel tot kommunikasie en begrip kry. Uit dié mosaïek van mededeling kan egter tog sekere belangrike motiewe geabstraheer word. Daar is vroeg inspelings op Dostoejefski en Christus (Dostoejefski is as gevangene in 1849 ter dood veroordeel vir sy deelname aan ’n radikale intellektuele besprekingsgroep, maar sy vonnis is versag en hy is tot 1854 na Siberië gestuur, en Christus was ook aan die einde van sy lewe ’n gevangene). Die idee van skuld, belydenis en vergifnis staan vroeg sentraal en skakel nie net met Dostoejefski en Christus nie, maar buig ook in op die ou én nuwe Suid-Afrika. Daar is politieke kommentaar op die “nuwe wêreld van regverdigheid” wat klaar skeefgeloop het en ’n besef dat niks verander het nie, en daar is ook ’n inspeel op Breytenbach se eie verhoor in 1976.

Die sterk voorbereiding op die besoek van Dostoejefski uit die hiernamaals loop aan die einde van die eerste bedryf uit op die werklike verskyning van Dostoejefski op die verhoog as ’n naakte swart man in voetboeie met geel strepe oor sy lyf. Die kostuumverwisselings wat nodig is vir die tweede bedryf, word dan op die verhoog gedoen om die idee te versterk dat jy hier met ’n spel te doen het (in die sin van Brecht se *Verfremdungstechnik*) en nie met ’n illusie van die werklikheid wat geskep word nie.

In die tweede bedryf word nuwe karakters ten tonele gevoer. Die twee Karamazof-broers, Ivan en Aljosja, open die toneel met ’n gesprek oor die rol van regverdigheid en onregverdigheid in die voortbestaan van ’n volk. Omdat Dostoejefski deur ’n Xhosa gespeel word wat Xhosa praat, word die swart-wit spanning in Suid-Afrika dadelik geaktiveer en ook die gebrekkige kommunikasie tussen bevolkingsgroepe.

Dwarsdeur die tweede bedryf is daar gesprekke wat parallel met ander loop en nie tot breër dialoog tussen al die personasies ontwikkel nie. Ivan en Aljosja voer ’n eie gesprek en ook Dostoejefski en Mamma Jesus, en daar is ook interpolasies deur Martiens as regisseur wat voorlees uit die teks. Maar deurlopend by almal is daar die tema van vervolging (een van die personasies is die Inkwisiteur), skuld en vergifnis. Dit word ook telkens ’n debat oor lewe en dood. Die gesprekke buig ook meermale in op die Suid-Afrikaanse aktualiteit: die arm menigte en die behoeftes van die massa wat kos vra voor bevryding; die verhouding tussen heersers en onderworpenes. Daar is ook kritiek op die nuwe regime.

Alhoewel ook die tweede bedryf nie sy argumente logies en kousaal ontwikkel nie, word jy ten slotte gelaat met die besef dat alles en almal onsuiver is.

Die toneelstuk mag die indruk wek van hoogs eksperimentele teater wat wegbreek van tradisies, maar in werklikheid sluit dit aan by bestaande konvensies. Daar is reeds verwys na die Teater van die Absurde en Brecht se Epiese Teater wat resoneer. In die hele proses van feitlik gepredestineerde ondergangselemente wat werksaam is in mense en ’n maatskappy, is daar meer as net ’n suggestie van die Griekse tragedie met sy begrippe soos *hamartia* (die tragiese fout), *hubris* en die rol van die noodlot. Die toenemende besef van skuld in die stuk korrespondeer ook met die groei tot ’n verdiepte insig in eie tekortkominge en opbouende bewussyn van skuld wat jy dikwels by die tragiese held aantref.

Die toneelstuk is ’n verwickelde werk, ’n ideeryke stuk wat breë morele kommentaar lewer en dié kritiek ook inbuig op die eietydse Suid-Afrikaanse situasie. As teks is dit beslis nie maklik uit te put nie.

’n Ideeryke stuk is nie noodwendig ’n geslaagde verhoogwerk of selfs boeiende literatuur nie. Dit is algemeen bekend dat *Die toneelstuk* by opvoerings tydens die KKNK in April 2001 swak deur die breë publiek ontvang is. ’n Mens moet egter in ag neem dat dit klaarblyklik nie deurgaans ideale gehore was nie. Die enkele literêre oordele oor die gepubliseerde drama was veel positiewer. L.S. Venter (*Rapport*, 22 Julie 2001) vind dit ’n boeiende en gedagteryke werk, maar hy het een essensiële beswaar teen die stuk, naamlik dat die woordoorvloed wat ’n Babelse spraakverwarring moet voorstel waarin daar geen kommunikasie is nie, ontvaard in ’n gebabbel. Louise Viljoen (*Die Burger*, 2 Julie 2001) is positiewer oor die drama. Sy is van oordeel dat die drama korter, meer gestroop en toegankliker as Breytenbach se vorige toneelwerk is sonder enigszins ’n verlies aan digtheid. *Die toneelstuk* toon vir haar duidelik hoe Breytenbach as dramaturg gegroei het sedert sy eerste drama.

Daar moet ook kennis geneem word van Breytenbach se eie uitvoerige nawoord tot die drama waarin daar heelwat verhelderende informasie is.

3 PIETER FOURIE: *ELKE DUIM ’N KONING*

Pieter Fourie se *Elke duim ’n koning* handel oor André Huguenet, en die hele stuk is daarop gerig

om Huguenet se ware aard as arties en mens te probeer peil. Aanleiding daartoe is 'n stelling van Huguenet self wat as motto gebruik word: "Daar is 'n wet wat eis dat mate en gewigte altyd weer getoets moet word en dié wet behoort ook op dokters en onderwysers toegepas te word, maar veral op toneelkunstenaars."

Die sentrale tegniese greep in die stuk is dat Huguenet veertig jaar na sy dood (op 15 Junie 1961) uit die doderyk terugkeer en aan ondervraging onderwerp word. Die vroeë handel veral oor sy persoonlike lewe. Die verwagting word gewek dat jy hier met 'n onthullingsdrama te make gaan hê waarin Huguenet se diepste wese geopenbaar gaan word.

Fourie maak van net twee spelers gebruik. Die een vertolk die rol van die herrese Huguenet, en die ander is 'n aktrise wat besig is met navorsing oor Huguenet se lewe. Daar is van meet af spanning tussen dié twee omdat Huguenet daarop gesteld is om sy private lewe privaat te hou, terwyl die aktrise juis daartoe wil deurdring omdat sy professionele lewe reeds volledig geboekstaaf is. Alleen as sy dáárin kan slaag, sal sy 'n omvattende beeld van Huguenet kan opbou en hom werklik na waarde skat.

So ontwikkel die hele drama dan in 'n spel tussen Huguenet en die aktrise waartydens sy hom telkens in 'n lokval probeer lei om iets van sy ware aard te ontbloot en hy haar ontglim. Die kernprobleem is dat Huguenet se bestaan so beheers is deur sy loopbaan as verhoogkunstenaar dat dit uiters moeilik is om te weet of hy eerlik is as hy oor sy persoonlike lewe praat en iets van homself onthul en of hy 'n rol speel en in werklikheid niks prysgee nie.

Alhoewel Fourie van slegs twee spelers gebruik maak, brei hy die personasies uit deurdat hy die aktrise periodiek ander persone laat speel. Die stuk moet dus nie gesien word as 'n werk wat slegs twee akteurs gebruik en dus 'n eng binêre voorstelling sonder veel dialogiese verskeidenheid tot gevolg het nie.

In die eerste bedryf word daar veral gekonsentreer op momente uit Huguenet se lewe: sy kinderjare as arm seun uit 'n spoorwegkamp by Bloemfontein, die begin van sy loopbaan onder Paul de Groot, 'n hofsaak waarin hy verskyn het. Alhoewel daar wel in dié proses meer persoonlike elemente na vore kom, voel jy nie dat daar ooit werklik tot die kern van Huguenet deurgedring word en hy sy innerlike volkome ontbloot nie.

Aan die einde van die eerste bedryf en in die loop van die tweede bedryf kry die by tye erg problematiese verhouding tussen Huguenet en Johann Nell heelwat aandag en wil dit lyk of hy tog soms sy emosies direk openbaar en nie langer 'n fasade voorhou nie. In hierdie bedryf verander die aktrise ook haar strategie. Sy lok Huguenet uit om gedeeltes uit sy belangrikste rolle voor te dra – Lear, Macbeth, Hamlet – in die hoop dat sy daaruit afleidings sal kan maak oor hom. Een van hierdie afleidings is dat Huguenet, wat besonder geheg was aan sy ma, 'n Oedipus-kompleks gehad het.

Alhoewel dit moontlik is om 'n paar aannames te maak oor sy ware aard, kan jy nie daaraan twyfel dat die volle Huguenet nie ontsluit word nie. In Huguenet se alleenspraak waarmee die stuk eindig, bevestig hy self dat hy in die eerste plek arties is en dat sy ware aard onpeilbaar is: "Wie is ek? ... Niemand sal ooit weet nie. My sal niemand ken nie. Ek is 'n misterie, soos al die groter 'n misterie is – altyd sal wees."

Al moet die leser ten slotte saamstem dat die volle Huguenet nie in die drama geopenbaar word nie en die drama in 'n sin 'n oop einde het, word daar wel heelwat lig op dié boeiende figuur gewerp. Daarbenewens is dit 'n stuk wat deur sy toeganklikheid en teatrale aanslag by tye, goed op die verhoog behoort te werk. Fourie toon verder in hierdie drama weer eens sy vertroutheid met die verhoog en sy vermoë om met 'n nuwe invalshoek te kom.

Elke duim 'n koning is egter ook 'n teks wat nie besonder dig is nie en te dikwels in herhaling verval. Binne die eerste paar bladsye van die stuk word daar byvoorbeeld herhaaldelik gesê hoekom Huguenet uit die doderyk opgeroep word en wat die aktrise presies van hom wil weet. Ook elders val dit op dat die stuk nie buitengewoon gedronge is nie.

Elke duim 'n koning is 'n drama sonder opvallende growwe foute, en dit is beslis op 'n hoër vlak as etlike van die dramas wat Fourie voorheen gepubliseer het. Dit is terselfdertyd 'n werk sonder werklike hoogtepunte wat jou bybly. Gestel teenoor die beste tydgenootlike werk van dramaturge soos Reza de Wet en Deon Opperman vertoon dit heelwat kleiner. Dit is ook nie heeltemal op die vlak van Fourie se vroeëre beste werk nie, die ooglopende foute wat dié ouer stukke het ten spyte. Dit is te betwyfel of dié drama van genoegsame gehalte is om 'n Hertzogprys te verdien.

Aangesien sowel Breytenbach as Fourie moontlik mag kwalifiseer as kandidate vir oeuuretoekennings, word daar vervolgens na die twee oeuvres gekyk.

4 BREYTEN BREYTENBACH SE DRAMA-OEUVRE

4.1 *Boklied*

Uiterlik handhaaf *Boklied* (1998) wel sekere tipiese patrone binne die dramatradsie: die geheel is opgebou uit verskillende bedrywe waarvan sommige onderverdeel is in tonele, en tipografies is daar die gebruiklike rangskikking van spreekbeurte. Die aangepaste gebruik van die spel binne die spel in die tweede bedryf, waar daar 'n spel opgevoer word wat gebaseer is op Aristophanes se *Die voëls*, gaan ook terug op 'n tradisie wat sy ontstaan in die Middeleeuse teater gehad het. Daar is verder ruim neweteksaanwysings wat daarop dui dat Breytenbach die geheel toneelmatig gekonsipieer het. Breyten Breytenbach is egter bekend as 'n skrywer wat telkens in sy eie werk konvensies deurbreek en bestaande grense verskuif het, en dit verbaas glad nie dat sy eerste drama in ander opsigte alles behalwe 'n tradisionele werk is nie.

By die lees van die drama word dit spoedig duidelik dat 'n mens hier met 'n uiters komplekse teks te make het. In die eerste plek word 'n besonder ruim aantal intertekste betrek. Die titel van die drama wys reeds uit na die Griekse tragedie (die Grieks *tragoidia* kom van *tragos*: bokram + *oidia* – van *aeidein*: om te sing), maar dit is vir dié stuk relevant dat die twee algemeenste verklarings van *tragoidia* is “lied met 'n bok as prys” (met as variant “'n lied wat gesing word as 'n bok geoffer word”) of “boklied”.

Die fallus, wat 'n prominente plek in Breytenbach se drama inneem, skakel ook met die Griekse dramatradsie, want dit was die universele dionisiese simbool. Die dramaturg aktiveer verder die Griekse komedies van Aristophanes, veral *Die voëls*, in sy stuk. Ander intertekstuele verwysings is na onder meer Villon, Rimbaud (veral sy *Une saison en enfer*), Ritsos, Pirandello se *Ses karakters op soek na 'n skrywer* en Breytenbach se eie werk. Daar word selfs gebruik gemaak van Hallelujaliedere en liedjies uit die FAK. (Vergelyk in dié verband Helize van Vuuren se artikel oor *Boklied* in *Tydskrif vir letterkunde*, November 1998 – Februarie 1999.) Aan die leser/toneelganger se erudisie word daar dus aansienlike eise gestel.

Die werk word in die tweede plek gekompliseer deur die digte netwerk van idees wat in die loop van die teks ontwikkel word. 'n Eerste aanduiding hiervan is die name van die personasies. Maker, Adam, Isis, Tereus, Ritsos en Madonna is nie neutrale benamings nie, maar wek onmiddellik verwagtings omtrent 'n skeppingsproses, aansluiting by die klassieke Griekse tradisie en, in die geval van Madonna, by die Christelike tradisie én moontlik by 'n eietydse seksuele kultusfiguur. Daar is dus onmiddellik aanwysers dat minstens enkele van die personasies nie op realistiese vlak “gelees” moet word nie.

Marthinus Basson, regisseur van die eerste opvoering van die stuk, het 'n koerantonderhoud op 'n moontlike verdere interpretasie van dié aspek ingegaan (vergelyk Van Vuuren se artikel). Hy sien die stuk as die digter in gesprek met homself, met sy digkuns en met sy *peers*. Die manskarakters kan almal gesien word as fasette van Breyten Breytenbach in konflik met mekaar. Farenj, die vreemdeling, is die alter ego van Breytenbach wat altyd in ballingskap verkeer en ook die romantiese vrouejagter. Ritsos beeld Breytenbach uit as balling, sy politieke aktivisme en sy tronkomstandighede. Isis is moeder Afrika en godin van vrugbaarheid. En sy staan teenoor Madonna, die wit Europese teenhanger. Indien jy, soos Basson, die karakters lees as fasette van Breytenbach, verklaar dit hoekom hulle almal digters is en waarom alles wat hulle doen en sê, skakel met die digterlike bedryf – 'n sentrale aspek van hierdie drama.

Basson wys verder ook op verbande met Brecht se vervreemdingseffekte en met die Teater van die Absurde. Hier sal 'n mens kan byvoeg dat ook 'n ander eietydse dramaturg, Friedrich Dürrenmatt, veral in die slotbedryf resoneer.

In die slot word daar op die Griekse dramatradsie teruggespeel as daar iemand uitgewys moet word wat die offerbok gaan wees. Kamera en spieël, twee gelade begrippe, neem 'n belangrike plek in hierdie gedeelte in. Uiteindelik is Maker die slagoffer van die proses wat hy self aan die gang gesit het, en is die implikasie dat die skepper hom nie kan losmaak van sy skepping nie, maar verantwoordelik bly daarvoor. So word die sterk metafiksionele inslag van die stuk finaal in die slot van die drama bevestig.

Daar kan heelwat meer in hierdie komplekse werk uitgewys word, soos die talle direkte verwysings na Suid-Afrika in die stuk wat klaarblyklik sosiaal-politieke kommentaar lewer op die eietydse Suid-Afrika van na die verkiesing van 1994, maar dit behoort klaar duidelik te wees dat ons hier met 'n aansienlike verwickelde werk te make het, 'n uitdagende en ryk leesteks. Saam gelees lewer *Boklied* en *Die toneelstuk* beslis 'n bydrae tot die komplekse drama in Afrikaans wat terselfdertyd ook verhoogskouspel is.

'n Verdere aspek moet egter ook aan die orde gestel word, 'n saak waaroor dit baie moeilik is om uitsluitsel te gee. Dit is naamlik of dié twee verwickelde tekste by opvoering, waar toneelgangers dit eenmalig ervaar en nie in staat is om terug te gaan en te herlees (of, in die geval van 'n video,

'n passasie weer te kyk nie) genoegsame inligting aan 'n redelike segment van die toneelgangers sal vrystel sodat hulle tog tot 'n bevredigende interpretasie van die tekste sal kan kom. Indien dit nie die geval is nie, behoort dit in ag geneem te word as daar tot 'n waardebeoordeling van Breytenbach se drama-oeuvre gekom word.

5 PIETER FOURIE SE OEUVERE

Pieter Fourie het 'n groot aantal dramas geskryf, en dertien van hulle is gepubliseer: *Faan se trein* (1975), *Faan se stasie* (1976), *Tsjaka* (1976), *Die joiner* (1976), *Die plaasvervangers* (1978), *Mooi Maria* (1980), *Ek, Anna van Wyk* (1986), *Die proponentjie* (1987), *Die koggelaar* (1988), *Donderdag se mense* (1989), *Die groot wit roos* (1989), *Vat hom, Flaffie!* (1989) en *Elke duim 'n koning* (2002).

Dit is nie moontlik om in 'n verkenner-verslag uitgebreide kommentaar oor al hierdie dramas te lewer nie, en daarom is dit wenslik dat u die stukke lees wat in die eerste deel van *Perspektief en profiel* oor Fourie geskryf is. Op pp 148-149 skryf André P Brink oor *Faan se trein*, *Faan se stasie* en *Die joiner*. Op pp 150-154 bespreek Louw Odendaal die dramas na *Die joiner*, en op pp 447-455 behandel Marisa Keuris Fourie se oeuvre (*Elke duim 'n koning* uiteraard uitgesluit). Brink is die mees kritiese beoordelaar, en Keuris is te hooggestem. Odendaal is m.i. soms ook te positief, maar hy het wel kritiek op Fourie se werk.

'n Mens kan Fourie se dramas in drie groepe plaas. In die eerste plek is daar die stukke wat behoort tot wat jy miskien volksteater kan noem; *Faan se trein* en *Faan se stasie*. Dit is werke waaruit daar 'n soort humorrealisme straal wat by tye herinner aan Van Bruggen – en soos by Van Bruggen is dié stukke nie sonder patos nie. Tweedens is daar die klugte, *Die proponentjie* en *Vat hom, Flaffie!* Dié twee dramas kan buite rekening gelaat word as daar na Fourie se bydrae gekyk word. Die derde groep, wat dramas insluit soos *Die joiner*, *Die plaasvervangers*, *Mooi Maria*, *Ek, Anna van Wyk*, en *Die koggelaar*, is die grootste en bevat ook Fourie se belangrikste werk.

'n Mens sal hierdie stukke taamlik breed kan tipeer as werke wat aansluit by Suid-Afrikaanse aktualiteite en realiteite van die vorige eeu. Dit is dramas wat dikwels kommentaar lewer op feitlik argetipiese elemente in die samestelling van “die Afrikaner”. Van die belangrike figure is patriargale en chauvinistiese mans wat oorheersend en dikwels rassisties is. Vroue en anderskleuriges word meermale slagoffers van die soort wêreld waarin hierdie tipe figure die toon aangee. Daar is dikwels 'n erg kritiese kyk op dié persone, en dit lei dan tot 'n dekonstruksie van Afrikanermites. Daar word ook krities gekyk na die soms verheerlikte Afrikanergeskiedenis (in *Die joiner*, *Die plaasvervangers* en *Mooi Maria* werk die Anglo-Boere-oorlog byvoorbeeld deur tot laat in die eeu en word gebeure rondom dié oorlog ontluister).

Tematies was daar beslis iets byderwets in hierdie kritiese kyk op die geïnstitueerde Afrikanersamelewing wat Fourie in sy dramas sedert die jare sewentig gegee het. Daar is ongelukkig ook 'n keersy. In feitlik elke drama is daar oordrywing, gesogthede, ongelooftwaardigheid, melodrama en 'n grofheid van tekstuur.

'n Tweede belangrike faset van Fourie as dramaturg is sy tegniese vindingrykheid en verhooggerigheid. Jy is jou telkens bewus van spesifieke tegniese grepe. In *Die joiner* en *Mooi Maria* byvoorbeeld is daar die verskynsel dat 'n persoon as meer as een figuur in die loop van die drama verskyn (Sarel 1, 2 en 3, Mina 1 en 2, Maria 1 en 2), in *Ek, Anna van Wyk* die beklemtoning daarvan dat jy na 'n spel kyk, in *Die groot wit roos* die gebruik van filmiese tegnieke, in *Die koggelaar* met die Knaplat-figuur die persoon wat terselfdertyd dier, verteller en beeld van die verontregte swartmens binne 'n blank gedomineerde opset is. Meer voorbeelde kan uitgelig word. Fourie se dramas is terselfdertyd sterk verhooggerig.

Prinsipiël is die genoemde sake positiewe elemente, maar dit gaan uiteraard daaroor hoe dit gehanteer word. Dit is te dikwels waar dat daar 'n gebrek aan selfbeheersing, aan subtiliteit, is. Van die grepe is meermale truuks wat te veel op effek gerig is en die tekstuur van die stukke vergrof.

Die ongelukkige waarheid is dat dit onmoontlik is om enige drama van Fourie uit te lig wat én tematies én tegniese bevredig en in sy geheel van ten minste 'n redelike mate van genuanseerdheid getuig. Terselfdertyd het die somtotaal van Fourie se stukke wel 'n bydrae, miskien selfs 'n aansienlike bydrae, tot die Afrikaanse toneel en drama gelewer. Odendaal se slotsom dat Fourie ongetwyfeld die belangrikste Afrikaanse dramaturg van die jare tagtig is, is waarskynlik nie verkeerd nie. 'n Mens moet egter in die gedagte hou dat die jare tagtig nie veel ander dramaturge opgelewer het nie en dat Fourie se werk afsteek teen dié van voorlopers soos Bartho Smit en PG du Plessis en, soos reeds genoem, ook die beste werk van Reza de Wet en Deon Opperman uit die jare negentig. As daar tot 'n oeuvrebeoordeling gekom word, sal daar nietemin ernstig na Pieter Fourie se oeuvre gekyk moet word.

Prof. Smuts het later die volgende bykomende verkennersverslag voorgelê (LK 1/30: e-pos van 24 Maart 2003):

Soos in etlike van sy belangrikste dramas sedert die jare sewentig van die vorige eeu, sluit Pieter Fourie ook in *Naelstring* (2001) aan by die politieke aktualiteite van die dag. Hier gaan dit spesifiek oor die ontnugtering met die nuwe politieke bewind wat nie getrou bly aan die ideale van die bevrydingsbeweging van vroeër nie.

Fourie maak van net twee personasies gebruik, Vrou en Baba. (In 'n onlangse televisieonderhoud oor *Kwêla* het Fourie genoem dat hy om begrotingsredes verplig was om in sy laaste paar dramas telkens net van twee akteurs gebruik te maak.) By twee geleenthede verbreed hy die spektrum deur die stemme van verdere personasies te gebruik wat nie op die verhoog is nie. In albei gevalle gaan dit oor sleutelonthullings in die drama.

Sentrale gegewe is dat 'n vrou geboorte gee aan 'n baba, wat van die begin af as volwassene op die verhoog is. Binne die loop van die drama beweeg dié baba deur verskillende ouderdomsfases in sy lewe. Hy en sy ma bly egter vir die duur van die drama met 'n naelstring aan mekaar geheg. Teen die einde is sy in 'n rolstoel en hy loop met 'n kiere. In die loop van die drama probeer Baba telkens om hom van sy ma te ontheg, maar sy stuit elke keer sy pogings.

Die werklike problematiek van die vrou, Louise Magaretha van Staden, is dat sy in haar jeug 'n vryheidsvegter geword het wat haar teen die destydse apartheidsregering verset het. Sy het opleiding in Havana en Moskou gekry, en het later deelgeneem aan die opblaas van 'n reusagtige Eskom-substasie. In dié stadium het sy bevriend geraak met 'n swart vryheidsvegter, James Jonathan Mamoleki. Hulle is later getroud, en Baba is uit die huwelik gebore.

Na die omverwerping van die ou regering en die instelling van 'n swart bewind, word James 'n reuse-betrekking aangebied, maar op voorwaarde dat hy sy wit vrou verlaat. Hy kies bevordering bo huwelikstrou, en laat 'n verbitterde vrou agter met haar baba, by wie sy deur die jare haat teen sy pa probeer wek. Die emosionele bevryding kom eers teen die einde van die drama as die nuus haar bereik dat James oorlede is. Die naelstring word hierna ontheg en sowel Vrou as Baba word jeugdiger en ervaar dit as 'n oomblik van vreugde, bevryding en triomf.

Naelstring moet uiteraard nie op realistiese vlak gelees word nie – 'n aansluiting by veral die Teater van die Absurde is opvallend. (Moet dit as verklaring daarvoor dien dat Baba in sy vroeë veertigerjare reeds afgeleef reageer en met 'n kiere oor die weg moet kom?) Die naelstring moet ook as metafoor gelees word. Dit word beeld van die teleurgestelde vrou wat haar met 'n oordrewe besitlikheid vasklamp aan die enigste positiewe ding wat sy uit haar verhouding met 'n man oor het. Dit gaan egter hier nie net oor 'n liefdesteleurstelling nie, maar ook oor die ontnugtering dat die saak waarvoor jy alles opgeoffer het omdat jy geglo het dit is 'n suiwer aangeleentheid, besmet geraak het met rassevoordeel. 'n Mens kry die indruk dat die tweede aangeleentheid selfs sterker as die eerste weeg, alhoewel die bevryding ten slotte tog kom as die individu wat die onreg teenoor die vrou gepleeg het, sterf.

Dit is twyfelagtig of hierdie groter boodskap werklik effektief deur die drama oorgedra word. Alhoewel jy van heel vroeg in die drama daarvan bewus gemaak word dat die vrou 'n grief teen Baba se afwesige pa het, word dit eers heel laat onthul dat dit veral daarmee te make het dat Mamoleki haar verlaat het om sy beroep te bevorder en in dié proses ontrou was teenoor hulle liefde én die ideale waarvoor hulle geveg het. Hoekom Mamoleki se dood die groot bevryding bring, is ook nie duidelik nie. Dit verander niks aan die feit dat hy sy vrou verlaat het vir persoonlike gewin nie. Daar is ook geen aanduidings dat sy reken die groter stelsel het deur sy dood ten goede verander nie.

Soos gewoonlik by Fourie is daar 'n sterk verhooggerigtheid. Daarmee word bedoel dat die uiterlike voorstelling 'n belangrike faktor is. In hierdie geval is daar egter iets vervlakkends en eensydig aan die uiterlike voorstelling. Die naelstring aksentueer wel die intieme band wat die ma met haar kind, wat vir haar 'n substituuat vir die ontbrekende vader is, probeer behou, maar daar is amper iets sensasioneels daaromtrent. Dit dra verder weinig daartoe by om die werklike sentrale probleem, die ontgogeling met die nuwe regime wat sy ideale versaak het, te ondersteun.

Naelstring is nie mislukking nie, maar dit tel nie onder die sterkste dramas wat Pieter Fourie nog geskryf het nie. Op beskeie wyse dra dit tog wel by tot Fourie se oeuvre.

- 117 Die huldigingswoord, gelewer deur Daniel Hugo tydens die oorhandiging van die 2003-Dramaprys, sien soos volg daar uit (LK 1/30: Oktober 2003):

Pieter Fourie se lewenswerk word vanaand met die gepaste luister gevier. (En hét ons nie vanaand al geluister en geluister en geluister nie?!) Om dit wat Pieter Fourie bereik het behoorlik te kan begryp, is dit nodig om hom eers noukeurig te vierendeel.

Hy is al vier dekades lank in vier hoedanighede – akteur, regisseur, administrateur én dramaturg – buitengewoon aktief in ons teaterwêreld. As dramaturg het veral vier soorte mense in sy skryfwerk belanggestel: die toneelliefhebber, die resensent, die akademikus en die sensor. Met die lojale en entoesiastiese ondersteuning van die toneelliefhebber, het hy die ander drie seëvierend oorleef. Ten opsigte van die skeptiese akademici, die wispelturige resensente en die kleinsielige politieke sensors beleef hy vanaand sy finale triomf.

Dat Pieter Fourie deur die Akademie met die hoogste literêre toekenning in die land vereer word, is ’n pragtige voorbeeld van ’n langverwagte en goed gemotiveerde *peripeteia* of dramatiese ommekeer. Of moet ons in hierdie geval eerder dink aan ’n *deus ex machina* – ’n ingreep deur die Akademiese gode?

Fourie het aan die begrip “volksteater” ’n besondere diepgang gegee. As ek hom daarom ’n volkskrywer noem, bedoel ek dit as ’n ere naam. Die mens, en in die besonder die Afrikaanse mens, kom in ’n ryke verskeidenheid gestaltes en situasies in sy werk voor. Hy het Suid-Afrikaanse gehore emosioneel, moreel én ideologies help lei in veelbewoë tye. Sy toneelstukke het dikwels ’n sielsnodige katarsis by misleide en verwarde mense teweeggebring.

Maar ons dramaturg het sekerlik meermale met ’n kater vir daardie katarsisse betaal. ’n Dekade of wat gelede het Pieter Fourie in ’n radio-onderhoud vir hierdie verbaasde omroeper die verband tussen alkohol en inspirasie uiteengesit. As ek reg onthou het dit ook vierdelig geskied. Wanneer hy ’n eksposisionele toneel skryf waarin baie inligting beknopt maar helder oorgedra moet word, drink hy witwyn; wanneer karakters met mekaar moet skerts of flirt, drink hy roséwyn; wanneer die gebeure ’n swaar erotiese of blatant seksuele wending moet neem, drink hy rooiwyn; en wanneer daar geweld moet losbars, drink hy brandewyn.

Ons dramaturg is ook pa van vier dogters met klinkende toneelname. Die eerste drie, Tanya, Mashinka en Natasja, kom uit Tsjekofdramas en die jongste, Nandi, uit sy versdrama *Tsjaka*. Niemand mag nog twyfel nie: Pieter Fourie bly te alle tye getrou aan sy vak.

Pieter Fourie is ’n dramaturg vir al vier die seisoene van hierdie tragiese en komiese land: hy ken die speelse en romantiese lente, die volryp en verskroeiende somer, die melancholiese en euforiese herfs, die besinnende en soms sentimentele winter.

Hiermee versoek ek u, meneer die voorsitter, om die Hertzogprys vir drama aan die gevierde Pieter Fourie te oorhandig!

- 118 Prof. Smuts se verkennerverslag vir die 2006-Hertzogprys vir Drama lyk so (LKS 2006: 30 Maart – bylaag F)

1 INLEIDING

Alhoewel die Afrikaanse kunsfeeste uitwys dat daar heelwat aktiwiteit op die terrein van die Afrikaanse drama is, het ’n teleurstellende klein aantal dramas die afgelope drie jaar in druk verskyn. Net die klein uitgewerye is blykbaar nog bereid om Afrikaanse dramas te publiseer. Die meeste dramas wat in dié periode verskyn het, is deur Protea Boekhuis uitgegee, maar Praag het ook twee gepubliseer.

Die volgende stukke is gepubliseer: Pieter Fourie: *Koggelmanderman* (2003), Thomas Deacon: *Maagmeisie: Griekwastemme* (2003), Alexander Strachan: *Kloof* (2003), Deon Opperman: *Vyfmylpaal* (2004), Christiaan Botha: *//Kabo op die ysterspoor* (2005) (almal Protea Boekhuis), George Weideman: *My plaas se naam is Vergenoeg* (2005) en Nico Luwes se *Zollie* (2005) (laasgenoemde twee by Praag).

Die enigste skrywer uit dié groepie wie se werk enigsins vir bekroning oorweeg kan word, is Deon Opperman. Hy kwalifiseer vir oorweging omdat twee van die vyf stukke wat in *Vyfmylpaal* opgeneem is, *Boesman, my seun* en *Magspel*, voorheen ongepubliseerde dramas is. Van dié twee is *Magspel* ongetwyfeld die sterkste werk – ’n stuk wat saam met *Donkerland* as van die beste wat Opperman nog gelewer het, gereken moet word. *Boesman, my seun* is egter ook beslis nie sonder meriete nie.

Aangesien hier waarskynlik eerder na die moontlikheid van ’n oeuvrebekroning gekyk gaan word as na die bekroning van ’n enkel drama, gee ek vervolgens ’n kort oorsig van Opperman se ses dramas wat tot dusver gepubliseer is. Dit toon nie die volle beeld van Opperman se aktiwiteite as dramaturg nie. Hy het ook ander werk in Afrikaans en Engels gelewer wat wel opgevoer is, maar tot dusver nog nie in druk beskikbaar gestel is nie (een resensent praat van ongeveer 40 stukke).

Verdere besprekings van Opperman se werk waarop gelet kan word, is dié van Nico Luwes en Anthea van Jaarsveld in *Perspektief en profiel* 3 (pp 386-400) en JC Kannemeyer in *Die Afrikaanse literatuur 1952-2004* (pp 680-683). Luwes en Van Jaarsveld verskaf ook ’n omvattende literatuurlys.

2. DEON OPPERMAN SE DRAMA-OEUVRE

2.1 *Môre is 'n lang dag* (1986)

Die stuk speel af in die tent van vyf dienspligtiges aan die grens en die handeling voltrek hom binne een aand. Die skrywer slaag daarin om die soldate se verveeldheid, satheid en geïrriteerdheid met mekaar goed weer te gee. Dit is effektief dat hier nie vaste groeperings van karakters is wat teen mekaar opgestel word nie en dat daar aanvanklik geen groot konflikte is nie. Die groeperings is *ad hoc*, en die geskilpunte relatief klein en verbygaande. Dit pas in by die patroon dat die karakters nie soseer teen mekaar is nie, as dat hulle reaksies bloot daaruit voortvloei dat hulle mekaar binne dié situasie periodiek irriteer.

'n Mens kry hier iets van die wêreld van die absurde, 'n soort Beckett-agtige gewag op iets, en ook 'n Tsjechofaanse triestigheid en uitsigloosheid. Anders as in die Teater van die Absurde is hier egter nie net beplande planloosheid nie, maar in die later deel van die stuk 'n duidelike lyn wat ontwikkel word met Willie se dood wat deur Lappies en Van se agterloosigheid veroorsaak is. Die hele groep raak hierby betrokke omdat hulle nie wil verklap wat gebeur het nie en almal dra sodoende saam aan die skuld. Die “oplossing”, naamlik dat Van, een van die skuldiges, gaan vertel, en nie die ontstelde Kosie wat Willie se dood beleef het nie, is effektief. Die patroonloosheid van die groep se bestaan in die tent en die struktuurskeppende krag wat van die “lyn” uitgaan, word daardeur tot voordeel van die stuk versoen.

Dié stuk was die eerste dramabydrae tot die grensliteratuur. Die dramaturg teleskopeer die groter grensruimte wat in die prosa opgebou word, effektief op die verhoog. Daar is heelwat kommentaar deur van die personasies op die situasie waarin hulle hul bevind en die sinloosheid van oorlog, maar dit ontspring natuurlik uit die dialoog en word nie hinderlik betogend gegee nie. Die mengeltaal en soldatesleng wat in die stuk gebruik word, is funksioneel en verruim in enkele gevalle die Afrikaanse literêre woordeskat.

Môre is 'n lang dag is reeds in 1984 vir die eerste keer opgevoer. Met dié stuk het Opperman dadelik getoon dat hy 'n dramaturg is wat reeds sy voete gevind het en met wie daar vorentoe sou moes rekening gehou word.

2.2 *Die teken* (1986)

Die teken is die eerste van Opperman se gesinsdramas – dit val op dat al sy gepubliseerde stukke na *Môre is 'n lang dag* handel oor familiekrisisse. Dié stuk handel oor die swangerskap van die tienerdogter van 'n diepgelowige gesin en die probleme wat daaruit voortvloei.

Die kind se hantering van die kwessie is om 'n religieuse dimensie daaraan te verleen, en wel op so 'n wyse dat die stuk by tye amper aansluit by die Middelnerlandse mistieke literatuur. Daar is 'n uiters effektiewe raaiselagtigheid in die kind Anna-Marie se verklaring van haar swangerskap. Is haar geesteservarings sublimasie, rasionalisasie, die werking van haar onbewuste of werklik diepgaande godsdienstig van aard?

By Anna-Marie is die geestelike ervaring nie alleen aanvaarbaar nie, maar baie oortuigend en motiveerbaar. Dit raak egter problematies as dié soort ervaring begin uitkring en haar ma en uiteindelik ook die predikant insluit. In die geval van Hendrianna is daar wel motiverings ingebou. Sy is na aan haar kind, glo aan haar onskuld en wil haar ten alle koste beskerm.

Die kort slottoneel speel sewe maande later af die nag as Anna-Marie se kind gebore word. Diederik vermoor die baba en sy dogter. Die drama voltrek hom dus oortuigend op allegoriese vlak: as Christus weer moet kom, sal die mensdom hom weer doodmaak. Die werk beweeg egter ook op realistiese vlak, en dit maak dié toneel nie sonder 'n mate van melodrama nie.

Die teken bring wel iets nuuts deur die wyse waarop Opperman 'n bekende tema aanpak, en dit sal waarskynlik ook heel effektiewe toneel wees. As leesteks is dit egter die mins bevredigende van al sy dramas. Dit val ook op dat dit die een stuk is wat nie in *Vyfmylpaal* ingesluit is nie.

2.3 *Stille nag* (1990)

Stille nag speel oor twee dae af, Ouersdag en Kersdag. Die Van der Hoven-egpaar bring hulle kinders tuis saam om Kersfees te vier, maar dit is van meet af aan duidelik dat daar ernstige konflik binne die gesin is en dat die dramatitel in werklikheid uiters ironies is. Die primêre botsing is tussen die twee broers Adriaan en Gerhard, wat polities twee pole vorm. Adriaan is ver-regs en lid van die AWB, terwyl Gerhard, sy meer intellektuele jonger broer, 'n radikale liberalis is wat reeds deur die Veiligheidspolisie aangehou is.

Daar is egter ook ander spanninge binne die gesin. 'n Eerste het te make met die gestremde jongste seun van die gesin, Daantjie. Dit blyk dat hy belemmer is as gevolg van 'n ongeluk wat gebeur het toe Gerhard hom uitgedaag het om teen 'n krans uit te klim. Die pa en Adriaan is hiervan bewus, maar die

ma nie. Teen die einde van die drama kom sy tot hierdie verskriklike wete, wat uiteraard tot nog spanning lei. Daar is verder ook disharmonie binne Adriaan en Antoinette se huwelik en ook in 'n mate binne die ouers se huwelik. Adriaan suggereer selfs dat daar iets homoëroties in Gerhard se verhouding tot Daantjie is. Daar word dus 'n redelik komplekse spanningsnetwerk binne die gesin ontwikkel.

In die slot van die drama neem die stryd tussen broer en broer fisieke dimensies aan as Adriaan vir Gerhard met 'n pistool probeer doodskiet en in werklikheid sy ander broer, Daantjie, wat hom as 'n skild tussen-in werp, noodlottig tref. Daarmee verkrummel die gesinsopset finaal: dit verander van 'n familiebyeenkoms waar die hele gesin teenwoordig is tot 'n ouerhuis gestroop van al sy kinders. Die stille nag-motief kom ook tot 'n bisarre eindpunt. Waar die Kerslied se stilte blywende vrede impliseer, bring die groot stilte wat nou kom, blywende verwydering en verkillig.

Opperman bring groter resonansie in sy stuk deur die wyse waarop hy veral by die Bybel en die Christelike opset aansluit. Dit blyk eerstens uit die titel van die drama, wat inspeel op 'n bekende Kerslied. Daar is verder 'n skakeling met die verlore seun-gelykenis. En in die slotkrisis resoneer die Kain en Abel-geskiedenis.

Die stuk het 'n sterk dramatiese impak en sluit effektief aan by brandende politieke aktualiteite in die Suid-Afrikaanse samelewing in die laat jare tagtig. In sekere opsigte kan die drama geles word as 'n ekstensie van die grensliteratuur uit dié periode.

Die karakterisering het positiewe sowel as negatiewe kante. Die kontrasterende standpunte van die broers word as uiterstes aangebied sonder veel genuanseerdheid in die argumente, iets wat onvermydelik die karakterisering van dié twee figure negatief beïnvloed. Maar hierdie personasies se interaksie is uiteraard ook met ander karakters, en veral in die geval van Gerhard is daar definitief subtieler momente, veral in sy gesprekke met Daantjie.

Die Daantjie-figuur is een van die boeiendste personasies in die drama. As belemmerde is hy nie die ander se intellektuele gelyke nie, maar daar is van die begin af tekens dat hy ook by tye op 'n ander vlak as sy normale gesinsgenote beweeg. Hy bring die hemelse dimensie, iets wat juis op hierdie dag ontbreek wanneer die ander hulle so sterk op die aardse, veral die politiek, rig. Ten slotte word hy die slagoffer van die verdeeldheid in die gesin.

Gebreke is dat die karakterisering soms genuanseerdheid mis en die stuk by tye nie vry te spreek is van 'n mate van bedagtheid nie. Die Bybelse verwysings is redelik uitdruklik, en daar is ook iets geforseerds in die gebruik van die sitaat uit DJ Opperman se "Negester en stedelig". Die dramaturg is egter nooit te ooreksplisiet of grof in sy verwysings nie, en in die breë lewer die stuk beslis 'n bydrae tot Deon Opperman se oeuvre en die Afrikaanse dramaliteratuur in die breë.

2.4 Donkerland (1996)

Donkerland gee die geskiedenis van agt geslagte van die De Witt-familie wat sedert 1838 op die Natalse plaas Donkerland aan die Thukela geboer het. In daardie jaar het die eerste De Witt, Pieter, vir hom die grond uitgemeet. Donkerland bly in die hande van die gesin tot 1996, wanneer Arnold de Witt, wat dan op die plaas boer, in die slot van die drama verplig word om die grond aan die staat te verkoop sodat dit aan die nasate van die stamme wat oorspronklik daar gewoon het, terug gegee kan word.

Dié groots opgesette werk is nie bloot 'n uitgebreide familiegeskiedenis wat 'n dramatisering bied van die lotgevalle van agt generasies De Witts nie. Al die tonele vorm wel belangrike periodes in die familiegeskiedenis van die De Witts, maar is terselfdertyd nou verweef met sentrale momente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die De Witts is telkens intens by hierdie gebeure betrokke en moes trouens dikwels offers bring. Al is daar miskien iets gemanipuleerds in die oormaat van rampe en skokke wat die De Witts deur die jare tref, word hulle ervaring van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nietemin in 'n groot mate eksemplaries van baie ander Afrikaners se belewing van gebeure in Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk.

Die dramaturg maak van 'n verteller gebruik. Dié spreker word slegs gebruik as aankondiger wat tonele voorberei en aan die einde van elke onderdeel samevatting en binding bring deur die titel van die volgende afdeling aan te kondig. Die gebruik van 'n verteller laat *Donkerland* aansluit by die Epiese Teater en, verder terug, by die Griekse tragedie waarin die koor 'n soortgelyke funksie gehad het. Hierdie tegniese skakeling met die tragedie ondersteun op subtielere wyse die idee van 'n tragiese proses wat hom in die loop van die drama voltrek.

Deur die toespitsing op die Suid-Afrikaanse geskiedenis wek *Donkerland* vergelyking met ander epiese werke in die Afrikaanse letterkunde wat op die Suid-Afrikaanse gegewe en meer spesifiek die Afrikaner en sy lotgevalle konsentreer, soos Totius se *Trekkerswee*, DJ Opperman se *Joernaal van Jorik* en NP van Wyk Louw se epiese drama *Die pluimsaad waai ver*. Hierdie intertekstuele verbande wys hoe stewig Opperman se drama ingebed is binne die Afrikaanse literêre tradisie.

Maar Opperman se stuk het later as enige van die genoemde voorgangers verskyn, en die wete (vir sowel

die dramaturg as die leser/teaterganger van na 1996) oor hoe die eietydse geskiedenis ontwikkel het in die jare negentig en watter invloed dit op die tradisionele Afrikaneruitgangspunte en -waardes gehad het, het vanselfsprekend 'n uitwerking op die verloop van die drama en die resepsie daarvan deur gehore en lesers.

Opperman slaag daarin om die politieke standpunte van sy karakters getrou te hou aan dié wat jy binne die gegewe tydperk redelikerwys kan verwag van persone binne die betrokke situasie, gegee hulle persoonlike agtergrond. So kry jy in die eerste deel van die drama 'n blank-superieure standpunt by die plaasboer in sy verhouding tot sy swart werkers, 'n uitgesproke anti-Engelse ingesteldheid en 'n afwysing van die stad as leefruimte vir die Afrikaner. Soos die drama vorder, word daar algaande ruimer gesigspunte na vore gebring deur lede van die familie wat hulle blootgestel het aan 'n groter fisieke én intellektuele wêreld as wat die bestaan op *Donkerland* aan hulle gebied het.

Die somtotaal gee uiteindelik nie net 'n beeld van die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en verskuivende standpunte binne die onderlinge verhoudings wat algaande ontwikkel nie. Dit reflekteer ook die komplekse en ambivalente emosies wat veranderinge by veral dié groep gewek het wat van bestaande voorregte moes afskeid neem en ruimer akkommoderend teenoor hulle ander landgenote moes raak en in dié proses moes afskeid neem van dit wat oor geslagte heen deur harde werk, opoffering en lyding opgebou is.

Deur hierdie besef dat 'n ou era verbygegaan en 'n nuwe aangebreek het, word Opperman se drama terselfdertyd 'n baie tipiese *fin de siècle*-werk en pas dit in binne 'n duidelik merkbare tendens in die Afrikaanse literatuur rondom die eeuwending.

Deurdat verteenwoordigers uit 'n hele reeks generasies in die loop van die stuk figureer, is daar uiteraard 'n ruim rolbesetting en 'n verskeidenheid personasies. In toneel na toneel word daar ideologiese standpunte gestel, dikwels sterk opponerende uitgangspunte. Hierdie opponerings word oorwegend deur sterk dialoog gedra wat die dramatiese impak van die gegewe versterk. Dit het egter by tye te enkellynige karakterisering tot gevolg en ook 'n mate van eendersheid by dié personasies wat tradisionele uitgangspunte stel.

Enkele besware ten spyte, is Opperman se *Donkerland* 'n sterk en meesleurende werk wat beslis een van die skrywer se stewigste bydraes tot sy oeuvre en die Afrikaanse drama tot op hede verteenwoordig.

2.5 Boesman my seun

In *Boesman, my seun* maak Opperman van net twee akteurs gebruik wat onderskeidelik 'n 69-jarige pa en sy 41-jarige seun vertolk. Hulle speel egter ook hulself op verskillende vroeër stadiums van hulle lewens en vertolk ook by tye die rol van die ma, wie se begrafnis juis plaasgevind het op die dag wat die stuk afspeel, en verskeie ander karakters.

Dit is van meet af aan duidelik dat daar spanning tussen pa en seun is (die pa se openingswoorde aan die seun is “Jy is nie my seun nie en ek is nie jou pa nie” – woorde wat uiteindelik baie dubbelsinnig blyk te wees as dit onthul word die seun is 'n aangenome kind). Die seun het sy ouerhuis twintig jaar tevore verlaat nadat 'n reeks konfliktsituasies tussen hom en sy pa tot 'n breuk gelei het toe hy die universiteitskursus wat sy pa hom geforseer het om te volg, gestaak het.

Dat hy wel op die dag van die begrafnis na sy pa toe kom, stel in die vooruitsig dat daar uiteindelik versoening gaan plaasvind. Dit is wat uiteindelik in die slot gebeur, maar nie voordat daar 'n hervertel en herdramatisering is van hoofmomente uit die jare voor die finale verwydering plaasgevind het nie en die leser retrospektief 'n beeld kan opbou van die kind se ervaring van onredelike druk en eise van veral sy pa se kant wat, ingesluit het dat hy die pa se tradisionele lewenswaardes moes eerbiedig.

Self som hy sy losgeslaanheid só op (wat ook 'n verklaring vir die titel van die drama gee): “Ek het 'n pa en ma wat my pa en ma is maar hulle noem my nie Seun nie, en 'n pa en ma wat my Seun genoem het maar hulle is nie my pa en ma nie. Ook maar goed ek is 'n Afrikaner, aangenome kind van Afrika, 'n Boesman in 'n woestyn tussen hier en daar, tussen nêrens en êrens.”

Maar uit dié bitter ontbloting kom daar uiteindelik vir albei 'n katartiese suiwering en versoening as die verlore seun tuis kom en hulle in die slot bereid is om saam die volgende dag na die ma se graf te gaan. Of die voorafgaande dié verwagte maar tog plotselinge wending sterk genoeg in die loop van die stuk voorberei, is egter 'n ope vraag.

Opperman verbreed die seun se opstand teen sy pa en sy tradisionele waardes deur onder meer die skynidealisme en indoktrinering van die ou Suid-Afrika, asook grensdiens en die stryd vir volk en vaderland wat as deug voorgedra is, te ontmasker as vals en onnoembaar wreed.

Dat Opperman met so 'n beperkte rolbesetting (en by opvoering die minimum aan rekwisiete) in staat is om die spanning te laat oplaai en die leser te bly boei, sê al klaar dat hy die vermoë het om op

gevarieerde wyse sy argumente te ontwikkel en goeie dialoog te skryf. *Boesman, my seun* is nie net 'n drama wat hom al as suksesvolle verhoogwerk bewys het nie; dit bied ook 'n lonende leeservaring.

2.6 Magspel

Magspel speel in die Florence van 1512 af toe die De' Medici-familie weer beheer oor die stad geneem het nadat hulle in 1494 uit die stad verdryf is met die val van die heersende Piero de' Medici. Daar is ses personasies in die stuk: twee broers van Piero – kardinaal Giovanni de' Medici, wat in 1513 pous Leo X geword het, en sy jonger broer Giuliano – Piero se weduwee Alfonsina, haar enigste seun Lorenzo, Lorenzo se verloofde Maria en die Florentynse sekretaris Niccolò Machiavelli.

1512 was in Florence 'n periode van ingrypende oorgang. Gesien die verweefdheid van staat en kerk in dié tyd en die stryd om mag wat met hierdie regeringsverandering gepaard gegaan het, kan 'n mens verwag dat jy in dié drama iets van die slu manipulasies en meedoënlose magspel van die tyd weerspieël sal kry. Die stuk wys ook uit dat die stryd om besit juis binne die familie dikwels veel erger is as wanneer die opponent iets of iemand van buite is. In dié opsig sluit die werk aan by NP van Wyk Louw se *Germanicus* waarin 'n soortgelyke net van intriges binne die keiserlike hof 'n sterk aksent kry.

Die dramaturg brei die stryd tussen die familielede om die mag te bekom uit deur die bybring van die Machiavelli-personasie, dié soort figuur wat net so beginselloos soos die De' Medici's is, omdat hy altyd gereed is om tot sy eie voordeel politiek dienstig te wees teenoor wie ook al die mag besit.

Opperman het, verstandig genoeg, 'n periode in die geskiedenis gekies wat nie te oorbekend vir die meerderheid lesers en gehore sal wees nie, en alhoewel hy die belangrikste historiese buitelyne eerbiedig, is hy ook in die posisie dat hy op verbeeldingryke wyse kleiner episodes kan skep wat nie geskiedkundig getoets kan word nie. In dié proses gee hy blyke van sy vermoë om 'n blik op die donker kant van die menslike gees te gee. Wat hy veral vernuftig doen, is om die leser elke keer opnuut te laat wonder of die karakters wel uiteindelik die waarheid praat en of wat gesê word in werklikheid nie maar net 'n verdere valsheid is wat die volgende skuif is in die skaakspel om mag te bekom nie. Hy doen dit met 'n vaardigheid wat by tye Dürrenmatt waardig sou wees.

Opperman lê wyslik genoeg nooit in sy stuk ooglopende parallele aan wat die Florentynse geskiedenis waar maak vir ander politieke situasies waarin magspel 'n faktor is of was nie. Daar is egter genoeg universeels in die sentrale verskynsel wat hier behandel word dat dit ook op die Suid-Afrika van gister en vandag van toepassing gemaak kan word. Die konklusies sal uiteraard van leser tot leser verskil. Waaroor die meeste sekerlik wel sal eens wees, is dat die sug na mag deur die eeue die slegste in die mens na vore gebring het. En dat dit onwaarskynlik is dat sake in die toekoms sal verbeter omdat die menslike aard kennelik nie veel deur die eeue verander het nie.

Alhoewel Opperman in *Magspel* opnuut aansluit by sy bekende patroon van die familiedrama, dikwels met eietydse politieke problematiek wat ook resoneer, bring hy deur sy plasing en ook die goeie dialoog en veral knap opgeboude kleiner episodes heelwat verrassends. Die stuk lewer 'n waardevolle bydrae tot sy oeuvre en moet saam met *Donkerland* gereken word as van die beste werk wat hy nog gelewer het.

3 SAMEVATTING

Saam met Reza de Wet is Deon Opperman ongetwyfeld een van die twee belangrikste Afrikaanse dramaturge van die afgelope twee dekades. Sy stukke is deurgaans verhooggerig, goed gekonstrueer en bevat sterk dialoog. Met veral sy twee stewigste dramas, *Donkerland* en *Magspel*, het hy besonder waardevolle toevoegings tot die gepubliseerde dramaliteratuur in Afrikaans gemaak. Alhoewel *Magspel* se gehalte sodanig is dat dié werk vir bekroning met die Hertzogprys oorweeg kan word, sal dit miskien eerder wenslik wees om te kyk na 'n oeuvrebekroning, veral omdat *Donkerland* daardeur ook welverdiende groter erkenning sal kry.

- 119 Smuts se huldigingswoord soos gelewer tydens die oorhandiging van die Hertzogprys vir Drama 2006, sien soos volg daar uit (1/30: Junie 2006):

Deon Opperman het twintig jaar gelede sy eerste twee Afrikaanse dramas in een band gepubliseer: *Môre is 'n lang dag* en *Die teken*. Hy het hom daarmee onmiddellik as 'n talentvolle dramaturg onderskei en is ook deur die Akademie raakgesien, want die Eugène Maraisprys vir 'n beginnerskrywer is aan hom toegeken vir hierdie werk. Nou, twee dekades later, bekroon die Akademie hom opnuut, dié keer vir sy drama-oeuvre van ses gepubliseerde dramas in Afrikaans, en dié keer met die belangrikste literêre prys in Afrikaans, die Hertzogprys.

Opperman se oeuvre as skrywer is egter aansienlik groter as net hierdie paar gepubliseerde werke. Hy het tientalle dramas in sowel Afrikaans as Engels geskryf, hy het talle se regie hanteer en het ook dikwels rolle in sy dramas vertolk. Hy is dus in elke opsig 'n toegewyde, kreatiewe en produktiewe verhoogmens.

Môre is 'n lang dag was die eerste dramabydrae tot die grensliteratuur van die jare tagtig in Afrikaans. Die stuk speel af in die tent van vyf dienspligtiges aan die grens, maar die dramaturg teleskopeer die groter grensruiimte effektief op die verhoog. Die skrywer slaag daarin om die soldate se verveeldheid, satheid en geïrriteerdheid met mekaar goed weer te gee. 'n Mens kry hier iets van die wêreld van die absurde, 'n soort Beckett-agtige gewag op iets, en ook 'n Tsjechofaanse triestigheid en uitsigloosheid.

Dit val op dat al Opperman se dramas hierna familiedramas is, maar in elkeen slaag hy daarin om die persoonlike en intieme wêreld van die gesin te vergroot deur die konflikte binne die gesin eksemplaries te maak van die problematiek van die groter gemeenskap.

Die teken handel oor die swangerskap van die tienerdogter van 'n diepgelowige gesin en die probleme wat daaruit voortvloei, terwyl *Stille nag* afspeel tydens 'n gesin se Kersfeesfeesviering. Sentraal daarin is die botsing tussen twee broers wat polities twee pole vorm. Die een is ver-regs en lid van die AWB, terwyl die ander 'n radikale liberalis is wat reeds deur die Veiligheidspolisie aangehou is. Die stuk het 'n sterk dramatiese impak en sluit effektief aan by brandende politieke aktualiteite in die Suid-Afrikaanse samelewing in die laat jare tagtig.

Donkerland, wat in 1996 gepubliseer is, is een van Opperman se belangrikste dramas. Dit gee die geskiedenis van agt geslagte van die De Witt-familie wat sedert 1838 op die Natalse plaas Donkerland aan die Thukela geboer het. Donkerland bly in die hande van die gesin tot 1996, wanneer die laaste De Witt, wat dan op die plaas boer, verplig word om die grond aan die staat te verkoop sodat dit aan die nasate van die stamme wat oorspronklik daar gewoon het, terug gegee kan word.

Die lotgevalle van die De Witts is nou verweef met sentrale momente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die De Witts is telkens intens by hierdie gebeure betrokke en moes trouens dikwels offers bring. Die somtotaal gee uiteindelik nie net 'n beeld van die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en verskuiwende standpunte binne onderlinge verhoudings wat algaande ontwikkel nie. Dit reflekteer veral ook die komplekse en ambivalente emosies wat veranderinge gewek het by dié groep wat van bestaande voorregte moes afskeid neem en ruimer akkommoderend teenoor hulle ander landgenote moes raak en in dié proses moes afskeid neem van dit wat oor geslagte heen deur harde werk, opoffering en lyding opgebou is.

Deur hierdie besef dat 'n ou era verbygegaan en 'n nuwe aangebreek het, word Opperman se drama terselfdertyd 'n baie tipiese *fin de siècle*-werk en pas dit in binne 'n duidelik merkbare tendens in die Afrikaanse literatuur rondom die eeuwending.

Opperman se volgende drama, *Boesman my seun*, handel oor 'n aangenome seun wat vervreem geraak het van die ouers wat hom grootgemaak het. Op die dag van die ma se begrafnis keer die seun terug, en na 'n uitmergelende maar suiwerende argumentasie tussen vader en seun kom daar uiteindelik versoening. Net twee akteurs word gebruik wat onderskeidelik die pa en seun vertolk. Opperman toon egter sy vaardigheid as dramaturg deur hulle nie net hulself op verskillende vroeër stadiums van hulle lewens te laat speel nie, maar ook by tye die rol van die ma en verskeie ander karakters te laat vertolk. Dit alles word voltrek op 'n bykans volkome gestroopte verhoog en sonder enige kostuumverwisseling – en dit hou jou aandag vir die volle duur van die stuk.

Opperman se jongste gepubliseerde werk, *Magspel*, speel in die Florence van 1512 af toe die De' Medici-familie weer beheer oor die stad geneem het nadat hulle in 1494 uit die stad verdryf is met die val van die heersende Piero de' Medici. 1512 was in Florence 'n periode van ingrypende oorgang. Gesien die verweefdheid van staat en kerk in dié tyd en die stryd om mag wat met hierdie regeringsverandering gepaard gegaan het, kan 'n mens verwag dat jy in dié drama iets van die slu manipulasies en meedoënlose magspel van die tyd weerspieël sal kry. Die stuk wys ook uit dat die stryd om besit juis binne die familie dikwels veel erger is as wanneer die opponent iets of iemand van buite is. Daar is egter genoeg universeels in die sentrale verskynsel wat hier behandel word dat dit ook op die Suid-Afrika van gister en vandag van toepassing gemaak kan word. Die konklusies sal uiteraard van leser tot leser verskil. Waaroor die meeste sekerlik wel sal eens wees, is dat die sug na mag deur die eue die slegste in die mens na vore gebring het.

Deon Opperman is ongetwyfeld een van die belangrikste Afrikaanse dramaturge van die afgelope twee dekades. Sy werk neem trouens 'n sentrale plek in binne die volledige Afrikaanse dramaliteratuur. Sy stukke is deurgaans verhooggerig, goed gekonstrueer en bevat sterk dialoog. Met veral sy twee stewigste dramas, *Donkerland* en *Magspel*, het hy besonder waardevolle toevoegings tot die gepubliseerde dramaliteratuur in Afrikaans gemaak. Hy is in elke opsig 'n waardige wenner van die Hertzogprys.

Ek oorhandig hiermee die Hertzogprys vir drama aan Deon Opperman vir sy drama-oeuvre.

120 Weens die (voorlopige) embargo wat geplaas is op dokumente in die Akademieargief (kyk bladsy 7), is dit nie tans (Junie 2009) beskikbaar nie.

Werke wat in aanmerking kon kom is die volgende:

- *Jasmyn* deur Pieter Fourie (2008 – Protea Boekhuis)

- *Kaburu* deur Deon Opperman (2008 – Protea Boekhuis)
- *Nag van die lang messe* deur Tom Gouws (2007 – Genugtig!)
- *Slaghuis* deur Willem Anker (2007 – Genugtig!)
- *Die twaalfuurwals* deur Chris Barnard (2008 – Tafelberg).

121 Die volgende huldigingswoord is uitgespreek tydens die oorhandiging van die 2009-Hertzogprys vir Drama aan Deon Opperman vir *Kaburu* (LK 1/31):

In *Kaburu*, die bekroonde dramaturg Deon Opperman se jongste gepubliseerde werk, speel die tydgenootlike sosiopolitieke opset in Suid-Afrika ’n sentrale rol, onder meer geweld, moord, emigrasie, regstellende aksie, pleknaamverandering, Afrikanerskap en daarmee saam die rol en gebruik van Afrikaans (of nie). Binne hierdie konteks is ’n sleutelgegewe dat die personasies nie net tot verskillende geslagte behoort nie, maar ook tot verskillende generasies. Hulle dink en praat daarom uit verskillende ervarings – van die herinneringe aan “Oom Paul” tot die Bosoorlog en die nuwe politieke bestel – en huldig ook uiteenlopende oortuigings en standpunte oor die situasie in Suid-Afrika en oor verskillende fasette van die lewe.

Hierdie oortuigings en standpunte kom uiteraard in die dialoog as draer van verskillende werklikheidsbeelde na vore, maar ook in die besonder in die “alleensprake” wat gelewer word terwyl die ander personasies op die verhoog “versteen”. Tematies is dit dan belangrik dat die gedagte aan wins en verlies in Pa se alleenspraak aan die begin van die drama weerklink vind in dié van Ouma aan die einde: “Ons almal verloor op die ou end. Dis die las van bestaan. Maar soos ek gesê het: g’n las sonder ’n bate nie. En mens kan die lewe slegs verloor omdat jy dit gehad het.” – “Ons almal verloor ... op die ou end. Maar intussen ... wen ons ook.”

En tussen hierdie twee uitsprake word leser en kyker dan getuie van onder andere die aard van en reaksies op dit wat gewen en verloor is en word: lewensverlies deur siekte en oorlog, verlies aan sekerheid oor identiteit, maar ook bevestiging daarvan, nuwe eerlikheid ... Hiermee hang die uiterlike en innerlike konflik in die drama grootliks saam, konflik wat geïntensiveer word deur die feit dat die personasies in een ruimte saam is en mekaar letterlik en figuurlik in die oë moet kyk: Boetjan, afstammeling van die “Kaburu’s” en wat nêrens heengaan nie, se siening oor die land, teenoor byvoorbeeld dié van Bertus wat glo “hulle” sal nie ophou voordat hulle alles gevat het nie; Bertus se siening oor Afrikaans en Afrikanerskap teenoor sy familie, selfs sy vrou, s’n; die vraag of en wanneer die waarheid gepraat moet word, byvoorbeeld oor Pa se dodelike siekte, oor wat werklik met Francois op die grens gebeur het en oor Elna se ware gevoelens oor hulle emigrasie.

En dan tog die (tydelike?) rustigheid om die etenstafel en die tafelgebed.

’n Boeiende drama wat die Hertzogprys verdien.

Die Akademie se argiefdokumente is beskikbaar in Bloemfontein by die Universiteit van die Vrystaat se Argief vir Eietydse Aangeleenthede – argiefversameling PV 917. Om na dokumente in hierdie versameling te verwys, is die volgende afkortings gebruik:

AJVA	=	Akademiejaarvergaderingagenda
AJVN	=	Akademiejaarvergaderingnotule
ARA	=	Akademieraadagenda
AREA	=	Argief vir Eietydse Aangeleenthede – Bloemfontein
ARMB	=	Akademieraad: Mededelings en Briefwisseling
ARN	=	Akademieraadnotule
ARUKA	=	Akademieraad Uitvoerende Komitee se agenda
ARUKN	=	Akademieraad Uitvoerende Komitee se notule
FJV	=	Fakulteit: Jaarvergaderingnotule
FRMB	=	Fakulteitsraad: Mededelings en Briefwisseling
FRN	=	Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe se notule
KOR	=	AREA, PV 917 Akademie-argief, SAAWEK: K: Korrespondensie
LKA	=	Letterkundekommissie se agenda
LKS	=	Letterkundekommissie se sakelys
LKN	=	Letterkundekommissie se notule
LKDBA	=	Letterkundekommissie Dagbestuur se agenda
LKDBN	=	Letterkundekommissie Dagbestuur se notule
SAATLK	=	Die Suid[-]Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns ⁷⁸⁸
SAAWEK	=	Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ⁷⁸⁹
ZAAATLK	=	<i>De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst</i> ⁷⁹⁰

Die volgende versamelings by die Dokumentesentrum van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, is geraadpleeg:

W.J. du Preez Erlank-versameling (versameling 193)
Uys Krige-versameling (versameling 225)
N.P. van Wyk Louw-versameling (versameling 2)
D.J. Opperman-versameling (versameling 118)
H.B. Thom-versameling (versameling 191)

<i>Die nuwe brandwag.</i>	1930.	Oor boeke. Drie toneelstukke. <i>Die nuwe brandwag</i> , 2(1):38-49, Februarie.
<i>Die Brandwag</i>	1947.	Die Hertzogprys. <i>Die Brandwag</i> , X(508):7, 27 Junie.
<i>Die Brandwag</i>	1952.	Van die redaksie. Die Hertzogprys vir Drama (1952). <i>Die Brandwag</i> , XVI(26):3-4, 25 Julie.
Debatte van die Volksraad.	1942.	Sesde sitting, agtste Parlement. Deel 43 (1942): kolom 1616-1633 en kolom 2839-2845.

788 In *Jaarboek XII (1922)* gespel sonder koppelteken; net een hoofletter; in *Bulletin* gespel met 'n koppelteken.

789 Sedert die publikasie van Privaatwet 8 van 1942 is dit die amptelike naam van die Akademie.

790 Dit is die amptelike naam van die Akademie soos amptelik gebruik in Privaatwet 23 van 1921. Soms word dit gespel *De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*.

- Anoniem. 1923. Toneelopvoeringe in Oos-Afrika. *Die Huisgenoot*, VII(81):364, Januarie.
- Antonissen, Rob. 1952. Die styl is alles. Bekroonde Afrikaanse dramatiese werk uit die jare 1948-1952. *Standpunte*, 7(1):75-84, Oktober.
- Antonissen, Rob. 1953 a. Beskouinge. Die wit muur en ander eenbedrywe. *Ons eie boek*, XIX(3):154-155, September.
- Antonissen, Rob. 1953 b. Dissertasies, Gedigte en Digters. *Standpunte*, 7(4):63-76, Junie.
- Antonissen, Rob. 1958. Kronieke: drie dramas – drie wêrelde. *Standpunte*, XII(1):64-66, Januarie/Februarie.
- Antonissen, Rob. 1960. Die Afrikaanse letterkunde in die twintigste eeu. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel: 32-202.
- Antonissen, Rob. 1964. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Derde, hersiene uitgawe. Kaapstad: Nasou.
- Antonites, A.J. 1947. Ousus – Fagan se beste drama. *Die Ruiter*, 26 September 1947.
- Besselaar, G. 1914. *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam, Pretoria, Johannesburg: J.H. de Bussy.
- Beukes, Gerhard J. 1945. C. Louis Leipoldt: *Die heks*. *Ons eie boek*, XI(1):61-65, Maart.
- Beukes, Gerhard. 1948 a. J.F.W. Grosskopf: As die tuig skawe. *Ons eie boek*, XIV(1):62-64, Maart.
- Beukes, Gerhard. 1948 b. J.F.W. Grosskopf – mens en kunstenaar. *Ons eie boek*, XIV(3):130-132, September.
- Beukes, Gerhard. 1959. Hertzogprys vir Kritiese Prosa en Essay, 1958. Toegeken aan prof. N.P. van Wyk Louw. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, DXIX(2):184-185, Oktober.
- Binge, L.W.B. 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel (1832 tot 1950)*. Pretoria: Van Schaik.
- Boshoff, S.P.E. 1946. Fagan: Die ouderling en Ousus. *Ons eie boek*, XII(4):246-247, Desember.

- Bosman, F.C.L. 1936. Die Afrikaanse toneel. *Die Burger*, 20 April 1936.
- Bosman, F.C.L. 1937 a. Die Afrikaanse drama. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 16(1):1-12, Oktober.
- Bosman, F.C.L. 1937 b. Leipoldt, Louis C.: *Die heks. Ons eie boek*, III(4):350-351, Oktober-Desember
- Bosman, F.C.L. 1938 a. Die Afrikaanse drama. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 16(2):53-76, Januarie.
- Bosman, F.C.L. 1938 b. Fagan se Lenie. *Ons eie boek*, IV(2):112-115 en 129, April-Junie.
- Bosman, F.C.L. 1938c. Drie eenbedrywe – Grosskopf. *Ons eie boek*, IV(4):295, Desember.
- Bosman, F.C.L. 1938d. Die leeslamp. Die dieper reg. *Die Brandwag*, 24(16), 24 September.
- Bosman, F.C.L. 1941 a. Uys Krige: Die Wit Muur. Die Skaapwagters van Bethlehem, Die Arrestasie. *Ons eie boek*, VII(1):15-16, Maart.
- Bosman, F.C.L. 1941 b. Uys Krige: Magdalena Retief. *Ons eie boek*, VI(3):174-176, September.
- Bosman, F.C.L. 1944 a. Uys Krige: Die wit muur. *Ons eie boek*, X(1):41-43, Maart.
- Bosman, F.C.L. 1944 b. P.J.T. de Wet: In belang van die wetenskap, pil 413. *Ons eie boek*, X(2), Junie.
- Bosman, F.C.L. 1944 c. Uys Krige: Die wit muur. *Ons eie boek*, X(3):133-135, September.
- Bosman, F.C.L. 1946. C.L. Leipoldt: *Die heks. Ons eie boek*, XII(2):120, Junie.
- Bosman, F.C.L. 1952 c. Hertzogprys: dr. F.C.L. Bosman antwoord prof. W.E.G. Louw. *Die Huisgenoot*, XXXVII(1601):58-60, 28 November.
- Bosman, F.C.L. 1960. Hertzogprys vir Drama, 1960. Toegeken aan N.P. van Wyk Louw. Huldigingswoord. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe Reeks XX(2):104-105, Oktober.
- Bosman, F.C.L. 1975. *Di bedriegers, Magrita Prinslo en ander Afrikaanse Dramas en Samesprake tot 1900*. Kaapstad: Human & Rousseau – vir die Patriot-

- vereniging vir Afrikaanse teksuitgawes van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Bosman, F.C.L. 1980. *Drama en toneel in Suid-Afrika. Deel II: 1856-1912*. Pretoria: Van Schaik.
- Bosman, Martjie. 1988. *Awards for South African Literature*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Botha, Elize 1984. Die Afrikaanse Letterkunde: 75 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 24(2 en 3):124-136, Junie en September.
- Brink, André P. 1974. Hedda Gabler: 'n kommentaar. Vertaling van Henrik Ibsen se *Hedda Gabler*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Brink, André P. 1986. *Aspekte van die nuwe drama*. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Buning, Tj. 1960. H.A. Fagan. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel: 305-310.
- Burgers, M.P.O. 1948. Temaverwerking by Leipoldt. *Standpunte*, 3(2):11-30, April.
- Burgers, M.P.O. 1951. Twee Leipoldt-studies. *Standpunte*, 6(2):47-58, Desember.
- Burgers, M.P.O. 1960. J.F.W. Grosskopf. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel: 313-323.
- Celliers, J.F.E. 1922. *Reg bo reg of Die doel heilig die middele*. Pretoria: Van Schaik.
- Coetser, A. 1989. Kriteria by Hertzogprystoekennings vir poësie. D.Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Coetser, J.L. 1986. *Die goue kring* (Uys Krige): kodes en karakters. *Klasgids*, 21(3):65-73, Augustus.
- Coetser, J.L. 1990. Die geleentheidsdrama by N.P. van Wyk Louw. D.Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

- Cloete, T.T. 1981. Die versamelde gedigte van N.P. van Wyk Louw. *Tydskrif vir letterkunde*, XIX(3):85, Augustus.
- Cloete, T.T. 1982. Van Wyk Louw se fundamenteel dramatiese instelling. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Oopgelate kring. N.P. van Wyk Louw gedenklesings 1-11*. Kaapstad: Tafelberg: 220-189.
- Cloete, T.T. 1966. *Vyfling. 'n Bundel eenbedrywe van Hertzogprysweners. Uitgesoek en ingelei deur T.T. Cloete*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T. 1992. Versdrama. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr: 550-555.
- Coetser, A. 1989. *Kriteria by Hertzogprystoekennings vir poësie*. D.Litt. et Phil.-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- Coetser, J.L. 1986. *Die goue kring* (Uys Krige): kodes en karakters. *Klasgids*, 21(3):65-73, Augustus.
- Coetzee, Abel. 1960. Die toekomstaak van die Suid-Afrikaanse Akademie met betrekking tot die bevordering van die Afrikaanse taal- en letterkunde. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe reeks, XX(2):41-56, Oktober.
- Coetzee, Ampie. 1990. *Letterkunde & krisis. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikanernasionalisme*. Bramley: Taurus.
- Coetzee, A.J. 1987. Die drama ná 1900. In: Lindenberg, E. (red.). *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Sesde uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica: 160-199.
- Conradie, P. 1992. Die ek-in-die-Ander: 'n ondersoek na die totstandkoming van identiteit in enkele Suid-Afrikaanse dramas. *Stilet* IV(1):81-89, Maart.
- Conradie, P.J. 1962. Die noodlot in die dramas van Leipoldt – 'n verdere poging. *Tydskrif vir letterkunde*, 12(1):20-25, Maart.
- Conradie, P.J. 1974. *Spanning en ewewig*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Conradie, P.J. 1987. *Hoe om 'n drama te ontleed*. Tweede uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica. (Reuse-blokboeke; no. RB9.)

- Conradie, P.J. 1991. P.C. Schoonees en die Afrikaanse drama van die twintigerjare. *Tydskrif vir letterkunde*, XXIX(1):76-83, Februarie.
- Cronjé, G. 1970. Meningsverskille binne die Akademie. *Nuusbrief*, 8(4):3-5, November.
- Dekker, G. s.j. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasou.
- Dekker, G. 1927. Boekbespreking. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 5(3):129-133, April.
- Dekker, G. 1971. Prof. G. Dekker praat oor die Hertzog-prys. In: *Nuusbrief*, 9(1):3-6, Februarie.
- Dekker, G. 1929. J.F.W. Grosskopf: As die tuig skawe. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8(1):44-50, Oktober.
- Dekker, G. 1938. Die dieper reg. *Die Huisgenoot*, 23(859):39, 9 September.
- Du Buson, M.S. 1957. Resensie: *Die goue kring*. *Tydskrif vir letterkunde*, 7(2):76-78, Junie.
- Du Plessis, I.D. 1922 a. Afrikaanse dramatiek. *Die Huisgenoot*, VII(76):153-154, Augustus.
- Du Plessis, I.D. 1922 b. Afrikaanse dramatiek. *Die Huisgenoot*, VII(78):250-251, Oktober.
- Du Toit, P.J. 1988. *Amateurtoneel in Suid-Afrika*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Du Toit, P.J. & Kloppers, A. 1989. *Teks en tegniek. 'n Inleiding tot aspekte van die drama*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Eloff, F.C. 1910. *Het toneel. Vraagstukken van algemeen belang over het zondig en ontaard toneel*. Pretoria: Hollandse Boekhandelaars.
- Engelbrecht, C.A. 1984. Natuurwetenskap, tegniek en die Akademie. In: Moll, J.C. (red.). *Akademie 75*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery: 128-160.
- Fensham, F.C. 1984. Die pad van die Akademie (1909-1984). In: Moll, J.C. (red.). *Akademie 75*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery: 3-18.
- Fletcher, Jill. 1994. *The story of theatre in South Africa. A guide to its history from 1780-1930*. Cape Town: Vlaeberg.

- Giliomee, H. & Mbenga, B. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Grobler, P. du P. 1960. C. Louis Leipoldt. In: Nienaber, P.J. (red.). *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel. Nuwe, hersiene uitgawe.
- Grové, A.P. s.j. Drama. In: Grové, A.P. & Botha, E. *Handleiding by die studie van die letterkunde*. Kaapstad: Nasou: 119-149.
- Grové, A.P. 1951. C.L. Leipoldt: *Die laaste aand*. *Ons eie boek*, XVII(1):48-53, Maart.
- Grové, A.P. 1960. N.P. van Wyk Louw. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel: 419-441.
- Grové, A.P. 1984. Die Akademie en die Afrikaanse letterkunde. In: Moll, J.C. (red.). *Akademie 75*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Hattingh, S.C. 1958 a. Die Bedrieërs, deur D.P. du Toit. *Tydskrif vir letterkunde*, 8(3):84, September.
- Hatting, S.C. 1958 b. “En hadde de liefde niet...” deur Eitemal – herdruk van die drama. *Tydskrif vir letterkunde*, 8(3):84-85, September.
- Hauptfleisch, D.C. (hoofred.) 1984. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Sewende Deel. KOM - KOR-*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Hiemstra, V.G. 1968. Die Akademie – onrus van 1964 tot 1967. In: PV 917, SAAWEK: Akademiesraad Korrespondensie. Houer 26, vouer 7. Bloemfontein: Argief vir Eietydse Aangeleenthede
- J.J.S. 1920. Jonge Du Pree: Toneelstuk in Drie Bedrywe. Deur Leon Maré. *Die Huisgenoot*, V(52):151, Augustus.
- J.V. 1905. Melt Brink. *Ons Land*, 24 Junie 1905.
- Jonker, A.H. 1941. Hoofartikel. *Die Suiderstem*, 30 Desember 1941.
- Kannemeyer, J.C. 1965. *Die goue kring: van legende tot drama*. *Kriterium*, 3(3):1-9, Oktober.



- Kannemeyer, J.C. 1968. *Die heks en Die laaste aand*. Blokboek. Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1970. *Opstelle oor die Afrikaanse drama*. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Die Afrikaanse bewegings (Blokboek)*. Tweede uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II*. Pretoria, Kaapstad en Johannesburg: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1984. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*. Tweede, hersiene en bygewerkte uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1995. *Langenhoven. 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 2002. *Die goue seun: Die lewe en werk van Uys Krige*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 2008. *Leroux: 'n Lewe*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kannemeyer, J.C. e.a. (reds.) 2004. *Ek ken jou goed genoeg ... Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936-1939*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kempen, W. 1935. Eitemal: "En hadde de Liefde niet," Drama in vyfbedrywe. In: *Ons eie boek* 3(1):73-75.
- Kok, B. 1944. Grosskopf: 'n Esau. *Ons eie boek*, X(1):47-48, Maart.
- Krige, Uys. 1940. *Magdalena Retief. 'n Toneelstuk in ag tonele en epiloog*. Kaapstad: Unie-Volkspers.
- Krige, Uys. 1974. *Uys Krige. Vier eenbedrywe. Gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer*. Sesde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Kritzinger, M.S.B. 1939. Eitemal: "En hadde de liefde niet...". *Ons eie boek*, V(2):209-211, Junie.
- Kritzinger, M.S.B. 1940. P.W.S. Schumann: Hantie kom huis-toe. *Ons eie boek*, VI(1):56-61, Maart.
- Kruger, Nellie. 1952. N.T.O. en die Van Riebeeck-fees. *Helikon*, 1(3):108-110, Februarie.

- Kruyskamp, C. 1976. *Van Dale. Groot woordenboek der Nederlandse taal. Deel I en II.* Tweede uitgawe, tiende druk. 's Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Langenhoven, C.J. 1927. Aan stille waters. *Die Burger*, 4 Januarie.
- Langenhoven, C.J. 1927. Aan stille waters. *Die Burger*, 14 Februarie.
- Le Roux, B. 1958. Enkele gedagtes oor die voorlopers van die Bybeldrama in Afrikaans. *Tydskrif vir letterkunde*, 8(3):62-67, September.
- Le Roux, B. 1960. Die fatummotief in Leipoldt se dramas. *Tydskrif vir letterkunde*, 10(2):64-68, Junie.
- Le Roux, B. 1961. Gedagtes by die herlees van Grosskopf se toneelwerke. *Tydskrif vir letterkunde*, 11(1):70-78, Maart.
- Lindenberg, E. (red.) 1987. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde.* Sesde uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Louw, N.P. van Wyk. 1959. Dankwoord van prof. N.P. van Wyk Louw. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, DXIX(2):186-187, Oktober.
- Louw, W.E.G. 1952 a. Wat skort met ons prosa? "Ons hoop is op die ongeborenes gevestig". *Die Huisgenoot*, XXXVII(1596):21-23, 24 Oktober.
- Louw, W.E.G. 1952 b. Prof. dr. W.E.G. Louw se antwoord aan dr. F.C.L. Bosman. *Die Huisgenoot*, XXXVII(1601):58-60, 28 November.
- Malan, Charles. 1988. Die ontluistering van kulturele mites by Uys Krige as dramaturg. In: Kannemeyer, J.C. (samest.). *Die veelsydige Krige. Vyf studies oor die skrywer en die mens.* Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Malherbe, D.F. (red.) 1925. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 4(2), November 1925.
- Malherbe, D.F. (red.) 1926. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 5(2), Desember 1926.
- Malherbe, D.F. (red.) 1927 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 5(3), April 1927.
- Malherbe, D.F. (red.) 1927 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6(1), September 1927.
- Malherbe, D.F. (red.) 1927 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6(2), Desember 1927.



- Malherbe, D.F. (red.) 1928 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6(3),
Maart 1928.
- Malherbe, D.F. (red.) 1928 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6(4),
Junie 1928.
- Malherbe, D.F. (red.) 1928 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 7(1),
September 1928.
- Malherbe, D.F. (red.) 1928 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 7(2),
Desember 1928.
- Malherbe, D.F. (red.) 1929 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 7(3),
Maart 1929.
- Malherbe, D.F. (red.) 1929 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 7(4),
Junie 1929.
- Malherbe, D.F. (red.) 1929 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8(1),
Oktober 1929.
- Malherbe, D.F. (red.) 1929 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8(2),
Desember 1929.
- Malherbe, D.F. (red.) 1930 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8(3),
Maart 1930.
- Malherbe, D.F. (red.) 1930 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8(4),
Junie 1930.
- Malherbe, D.F. (red.) 1930 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 9(1),
Oktober 1930.
- Malherbe, D.F. (red.) 1930 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 9(2),
Desember 1930.
- Malherbe, D.F. (red.) 1931 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 9(3),
Maart 1931.
- Malherbe, D.F. (red.) 1931 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 9(4),
Junie 1931.
- Malherbe, D.F. (red.) 1931 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 10(1),
Oktober 1931.
- Malherbe, D.F. (red.) 1931 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 10(2),
Desember 1931.
- Malherbe, D.F. (red.) 1932 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 10(3),
Maart 1932.
- Malherbe, D.F. (red.) 1932 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 10(4),
Junie 1932.
- Malherbe, D.F. (red.) 1932 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 11(1),
Oktober 1932.
- Malherbe, D.F. (red.) 1932 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 11(2),
Desember 1932.

- | | | |
|--|---------|--|
| Malherbe, D.F. (red.) | 1933 a. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 11(3),
Maart 1933. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1933 b. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 11(4),
Junie 1933. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1933 c. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 12(1),
Oktober 1933. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1934 a. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 12(2),
Januarie 1934. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1934 b. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 12(3),
Maart 1934. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1934 c. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 12(4),
Julie 1934. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1934 d. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 13(1),
Oktober 1934. ⁷⁹¹ |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1935 a. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 13(2),
Februarie 1935. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1935 b. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 13(3),
Mei 1935. |
| Malherbe, D.F. (red.) | 1935 c. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 13(4),
Augustus 1935. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1935. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 14(1),
Oktober 1935. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1936 a. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 14(2),
Januarie 1936. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1936 b. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 14(3),
April 1936. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1936 c. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 14(4),
Julie 1936. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1936 d. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 15(1),
Oktober 1936. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1937 a. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 15(2),
Januarie 1937. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1937 b. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 15(3),
April 1937. |
| Malherbe, D.F. &
Conradie, E.J.M. (reds.) | 1937 c. | <i>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</i> , 15(4),
Julie 1937. |

791 Hierdie uitgawe is gedruk as die twaalfde jaargang, vyfde aflewering, maar daar het nooit meer as vier afleweringe per jaargang verskyn nie, en die uitgawe direk ná hierdie een is jaargang dertien, aflewering twee. Die korrekte nommer van hierdie uitgawe is dus jaargang dertien, aflewering een, soos wat dit per hand op sommige eksemplare reggemaak is.

- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1937 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 16(1), Oktober 1937.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1938 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 16(2), Januarie 1938.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1938 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 16(3), Mei 1938.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1938 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 16(4), Augustus 1938.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1938 d. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 17(1), November 1938.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1939 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 17(2), Februarie 1939.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1939 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 17(3), Mei 1939.
- Malherbe, D.F. & Conradie, E.J.M. (reds.) 1939 c. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 17(4), Augustus 1939.
- Malherbe, F.E.J. 1937. Schumann, P.W.S.: *Katrina*. 'n Toneelstuk in Drie Bedrywe. *Ons eie boek*, III(4):321-323, Oktober-Desember.
- Malherbe, F.E.J. 1938 a. Drie eenbedrywe – Grosskopf. *Ons eie boek*, IV(4):293-295, Desember.
- Malherbe, F.E.J. 1938 b. Louw, N.P. van Wyk. – Die Dieper Reg. *Ons eie boek*, IV(3):165-167, September.
- Malherbe, F.E.J. 1940. Hertzogprys 1939. *Ons eie boek*, VI(1):5, Maart.
- Malherbe, F.E.J. 1944. Die Akademie vergader. *Ons eie boek*, X(III):98-100, September.
- Malherbe, F.E.J. 1948. *Wending en inkeer*. 'n Beskouing oor die nuwere Afrikaanse letterkunde. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Malherbe, F.E.J. 1952. Hertzogprys vir Drama toegeken. *Ons eie boek*, XVIII(III):3, September.
- Malherbe, W.M.R. 1919. De Zuid-Afrikaanse Akademie: Hertzogfonds-prijs. *Die Huisgenoot*, IV(40):97, Augustus.
- Malherbe, W.M.R. 1922. Suid-Afrikaanse Akademie. Hertzogfonds-prys 1922. *Die Huisgenoot*, VI(70):404, Februarie.
- Mocke, S. Ign. 1938. Die dieper reg. *Die Brandwag*, 1(45):24-25, 19 Augustus.

- Moll, J.C. (red.) 1984. *Akademie 75*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Mulder, H.A. 1939. Die digter N.P. van Wyk Louw. II. Die Dieper Reg. *Opstelle oor poësie*. Pretoria: Van Schaik
- Mulder, H.A. 1942. *Twee wêrelde. Opstelle oor Afrikaanse en Nederlandse letterkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Nienaber, P.J. 1950. *Op brandwag vir ons taal. Die geskiedenis en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Pretoria: Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Nienaber, P.J. 1952. Die Hertzog- en Akademiepryse. *Hertzog-annale*, 1(1):90-94, Junie.
- Nienaber, P.J. 1960. *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1964. Die Hertzogprys: vyftig jaar. *Hertzog-annale*, 13(17):21-37, Desember.
- Nienaber, P.J. 1965 a. *Hertzogprys vyftig jaar, Die. 'n Feesbundel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. (red.) 1965 b. *Rappier en knuppel. 'n Bundel letterkundige polemieke geredigeer deur P.J. Nienaber*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1970. Probleme met die Hertzog-prys. In: *Nuusbrief*, 8(3):3-7, Augustus.
- Nienaber, P.J. 1968. *Hertzogprysfonds*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Nienaber, P.J. 1984. Hertzogprys, Die. In: Nienaber, P.J. *Die Hertzogreeks – Nr. 1*. Bloemfontein: Vrystaatse Museumdiens: 19-20.
- Nienaber-Luitingh, M. 1953. Rumoer om een literaire bekroning. *Critisch Bulletin*, 20:84-90.
- Nienaber-Luitingh, M. 1960. Uys Krige. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel: 455-465.

- Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. 1994. HAT. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Odendaal, L.B. 1978. *Scenaria* se spesiale bylae vir Transvaalse matrikulante. *Vyfling. Scenaria*, Junie/Julie.
- Odendaal, L.B. 1980. Skerm en masker. *Tydskrif vir letterkunde*, XVIII(4):103-115, November.
- Oost, H. 1907. *Ou' Daniel. Afrikaans toneelspelletjie*. Tweede druk. Pretoria: Volkstem-drukkerij.
- Opperman, D.J. 1973. *Digters van Dertig*. Kaapstad: Nasou.
- Opperman, D.J. 1975. *Wiggelstok*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- Pienaar, E.C. 1921. Ou Malkop en ander Afrikaanse Sketse en Verhale. Deur Leon Maré. *Die Huisgenoot*, V(57):378, Januarie.
- Pienaar, W.J.B. 1936. In belang van die Afrikaanse Toneel. *Die Burger*, 24 April 1936.
- Pienaar, W.J.B. 1938. H.A. Fagan: Die Ouderling en ander Toneelstukke. *Ons eie boek*, IV(3):212-215, Julie-September.
- Pienaar, W.J.B. 1940. Dahlsdif: Cabo de Bonne Esperance. *Ons eie boek*, VI(1):11, Maart.
- Pienaar, W.J.B. 1950. J.F.W. Grosskopf: As die tuig skawe. *Ons eie boek*, XVI(2):123-126, Junie.
- Pretorius, Réna. 1987. *Oog en spel. Opstelle oor die drama*. Pretoria: Van Schaik.
- Reitz, J.H.B. 1914. Oorspronklike skenkingsakte. In: Reitz, J.H.B. *Protokol 30* (PRT R 13/2). Bloemfontein: Hooggeregshof van Suid-Afrika, Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling: Protokolle, 1855-.
- SAATLK⁷⁹² s.j. a *Jaarboek XII (1922)*. Bloemfontein: Nasionale Pers, Beperk.
- SAATLK s.j. b *Notules van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns*. 1927-1934. Gebonde manuskrip bestaande uit handgeskrewe,

792 Tot en met *Jaarboek XI (1920)* word die naam van die Akademie aangedui as *De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*. Op die buiteblad van *Jaarboek XII (1922)* staan dat dit die jaarboek van Die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns is, alhoewel daar in hierdie jaarboek afwisselend en inkonsekwent gebruik gemaak word van beide name.

getikte en gedrukte gedeeltes. AREA,
PV 917 Akademie-argief: Akademiesraad
AR: Houer 1 A.

SAATLK	1930.	<i>Bulletien</i> . II(1), November.
SAATLK	1931 a.	<i>Bulletien</i> . II(2), Junie.
SAATLK	1931 b.	<i>Bulletien</i> . II(3), Julie.
SAATLK	1931 c.	<i>Bulletien</i> . II(4), September.
SAATLK	1931 d.	<i>Bulletin</i> . ⁷⁹³ II(5), Oktober.
SAATLK	1932 a.	<i>Bulletin</i> . II(6), Maart.
SAATLK	1932 b.	<i>Bulletien</i> . II(7), September.
SAATLK	1932 c.	<i>Bulletien</i> . II(8), Oktober.
SAATLK	1933 a.	<i>Bulletien</i> . III(9), Junie.
SAATLK	1933 b.	<i>Bulletin</i> . III(10), September.
SAATLK	1933 c.	<i>Bulletin</i> . III(11), Oktober.
SAATLK	1934 a.	<i>Bulletin</i> . III(12), Augustus.
SAATLK	1934 b.	<i>Bulletin</i> . III(13), September.
SAATLK	1934 c.	<i>Bulletin</i> . III(14), Oktober.
SAATLK	1934 d.	<i>Bulletin</i> . III(15), November.
SAATLK	1934 e.	<i>Bulletin</i> . III(16), November.
SAATLK	1935 a.	<i>Bulletin</i> . IV(1), April.
SAATLK	1935 b.	<i>Bulletin</i> . IV(2), Junie.
SAATLK	1935 c.	<i>Bulletin</i> . IV(3), September.
SAATLK	1935 d.	<i>Bulletin</i> . IV(4), Desember.
SAATLK	1936 a.	<i>Bulletin</i> . IV(5), Januarie.
SAATLK	1936 b.	<i>Bulletin</i> . IV(6), April.
SAATLK	1936 c.	<i>Bulletin</i> . IV(7), Augustus.
SAATLK	1936 d.	<i>Bulletin</i> . IV(8), Desember.
SAATLK	1937.	<i>Bulletin</i> . V(1), Desember.

793 Op die buiteblad van die uitgawe staan nié, soos by die ander uitgawes, die naam *Bulletin* of *Bulletien* nie; tog word daar in hierdie uitgawe in die jaarverslag verwys na *Bulletin*.

- SAATLK 1940. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, I(1), 22 Mei.
- SAATLK 1941 a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, II(1), 20 Junie.
- SAATLK 1941 b. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, II(1), 12 Desember.
- SAAWEK 1959. *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: Van Schaik.
- SAAWEK 1962. S.A.U.K.-prys vir hoorspele (Afrikaans), 1961. *Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe reeks (2): 38-39.
- SAAWEK 1963. Lys gekeurde Afrikaanse boeke: 1861-1961. *Nuusbrief*, 1(3):3, Mei.
- SAAWEK 1964 a. Toekennings van pryse deur die Akademie. *Nuusbrief*, 2(2):21, Maart.
- SAAWEK 1964 b. Akademie-argief 1. *Nuusbrief*, 2(4):1, September.
- SAAWEK 1965. Briefwisseling. *Nuusbrief*, 4(1):42-44, Desember.
- SAAWEK 1966 a. Die Akademie-argief en museum. *Nuusbrief*, 4(3):9 & 11, Junie.
- SAAWEK 1966 b. Die Hertzog-prys, 1966. *Nuusbrief*, 4(4):31 & 33, September.
- SAAWEK 1972 a. Hertzog-prys aan P.G. du Plessis. *Nuusbrief*, 10(2):3, Junie.
- SAAWEK 1972 b. Bekroondes se replieke. *Nuusbrief*, 10(3):8-11, September.
- SAAWEK 1981. *Die Akademiepryse 1909-1981*. Pretoria: SAAWEK.
- Schmidt, Julian F. 1985. Die Hertzogprys anders as alle ander pryse heilig. *Stet*, 3(2):26-28, Junie.
- Scholtz, H. v.d. M. 1978. Hertzogprys vir drama 1978 aan Bartho Smit. Huldigingswoord. *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns Jaarboek 1978*. Nuwe reeks (2): 38-39.
- Scholtz, Merwe. 1990. Boeiende toekoms vir kunste voorspel. *Nuwe SA-bylae*, 29 Augustus.
- Schoonees, P.C. 1924. Die drama. *Die Huisgenoot*, VIII(100):17-19, Augustus.

- Schoonees, P.C. 1924. 'n Esau – J.F.W. Grosskopf. *Die Huisgenoot*, IX(139):22-23, 31 Oktober.
- Schoonees, P.C. 1925. 'n Paar gedagtes oor toneelkuns. *Die Huisgenoot*, X(193):17 en 51, 20 November.
- Schoonees, P.C. 1939. J.J. Müller: Die dooper of Die Herodustreurspel. *Ons eie boek*, V(2):205-208, Junie.
- Schoonees, P.C. 1942. Kootjie van den Heever: Wie 'n ander jaag. *Ons eie boek*, VIII(2):69, Junie.
- Schoonees, P.C en Van Bruggen, J.F.L. 1942. *Inleiding tot die studie van letterkunde*. Kaapstad en Pretoria: H.A.U.M. v/h Jacques Dusseau & Co.
- Schutte, H.J. 1980. Drie dramas uit *Vyfling*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 18(1):134-150, Februarie.
- Senekal, H. & Van Aswegen, K. 1980. *Bronne by die studie van Afrikaanse dramas 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.
- Senekal, J.H. (samest.) 1978. *Beeld en bedryf. Inleidende opstelle oor fasette van die Afrikaanse drama*. Pretoria: Van Schaik.
- Serfontein, Dot. 1996. Die onbekende wenner. *Insig*, September 1996.
- Serfontein, J.H.P. 1970. *Die verkrampte aanslag*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Smith, J.J. 1925. Melt Jacobus Brink. *Die Huisgenoot*, X(183):4-5 en 51, 11 September.
- Smuts, J.P. 1990. *Triptiek*. Tweede hersiene uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- Smuts, J.P. 2005. Die Akademie se letterkundepryse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 45(1):1-14, Maart.
- Spies, Johan J. (red.) 1952. Hertzogprys vir Drama. *Die Huisgenoot*, XXXVI(1573):3, 16 Mei.
- Stead, R. 1979. Die verhoogkuns in Suid-Afrika. In: Nel, P.G. (red.). *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*. Pretoria en Kaapstad: HAUM: 358-372.
- Steyn, J.C. 1991. 'n Politieke storm oor die Akademie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 31(4):294-313, Desember.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal. Deel II*. Kaapstad: Tafelberg.

- Theunissen, H.C. 1954. Hertzogprystoekenings: 1914 tot 1953. *Hertzog-annale*, I(3):65-84, Desember.
- Truter, H.W. 1961. Geregtigheid en “Die dieper reg”. *Standpunte*, XIV(3):35-44, Februarie.
- Van der Merwe, C.N. 1980 a. Die vrye liefde van Leipoldt se *Heks*. *Standpunte* 145, 33(1):35-39, Februarie.
- Van der Merwe, C.N. 1980 b. In en om *Die laaste aand*. *Tydskrif vir letterkunde*, Nuwe reeks XVIII(4):11-17, November.
- Van der Merwe, Jaco. 1952. C.L. Leipoldt: *Die heks*. *Ons eie boek*, XVIII(1):55-56, Maart.
- Van der Hoven, Eghard. 1984. Die toneel en die rolprentkuns. In: Moll, J.C. (red.). *Akademie 75*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery: 128-160.
- Van der Watt, P.B. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (4). 1905-1975*. Pretoria: NGK Boekhandel.
- Van der Walt, J.C. 1985. *N.P. van Wyk Louw: Enkele konsekwensies vir die regsdenke*. (N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr. 15.) Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van Gorp, H. e.a. s.j. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van Heerden, Ernst. 1982. Die digter as chromatometer: Aspekte van kleurgebruik in die poësie van N.P. van Wyk Louw. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Oopgelate kring. N.P. van Wyk Louw gedenklesings 1-11*. Kaapstad: Tafelberg: 154-189.
- Van Heerden, Etienne. 1988. Die goue seun: Krige se vroeë vormingsjare. In: Kannemeyer, J.C. (samest.). *Die veelsydige Krige. Vyf studies oor die skrywer en die mens*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Van Rensburg, F.I.J. 1964. Eikeskors en kaneel? *Standpunte*, XVII:26-29, April.
- Van Rensburg, F.I.J. 1975 a. *Sublieme ambag. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw, I*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Rensburg, F.I.J. 1975 b. *Swewende ewewig. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw, II*. Kaapstad: Tafelberg.

- Van Schoor, A.M. 1938. Die Afrikaanse toneel in 1938. In: *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring*. Johannesburg: Die Afrikaanse Skrywerskring: 111-113.
- Verhagen, Balthazar. 1941. Oor dramatiese kuns. *Ons eie boek*, VII(1):6-8, Maart.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1926. Hertzog-prys. *Die Huisgenoot*, X(215):11, 30 April.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1932. Die Jaarvergadering van die Akademie. *Die Huisgenoot*, XVII(552):11, 21 Oktober.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1934. Die Hertzogprys. *Die Huisgenoot*, XIX(662):13, 30 November.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1936. Winners van die Hertzogprys. *Die Huisgenoot*, XX(742):13, 12 Junie.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1937. Die Hertzogprys. *Die Huisgenoot*, XXII(821):13, 17 Desember.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1939 a. Die Hertzogprys. *Die Huisgenoot*, XXIV(923):11, 1 Desember.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1939 b. Die Akademievergadering. *Die Huisgenoot*, XXIV(925):11, 15 Desember.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1942 a. Die Akademie vals beskuldig. *Die Huisgenoot*, XXVI(1039):5, 20 Februarie.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1942 b. Die Akademiewetsontwerp. *Die Huisgenoot*, XXVI(1041):5, 6 Maart.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1945. Hertzogprys aan Leipoldt oorhandig. *Die Huisgenoot*, XXIX(1212):3, 15 Junie.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1947. Akademie se werksaamhede. *Die Huisgenoot*, XXXI(1324):15, 8 Augustus.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1948 a. Akademie-jaarvergadering. *Die Huisgenoot*, XXXIII(1373):11, 16 Julie.
- Viljoen, J.M.H. (red.) 1948 b. 'n Nuwe Akademie-prys. *Die Huisgenoot*, XXXIII(1387):5, 22 Oktober.
- Viljoen, G. van N. 1982. "Wat is 'n volk?": Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir die nasionalisme. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Oopgelate kring. N.P. van Wyk Louw gedenklesings 1-11*. Kaapstad: Tafelberg: 120-153.

- Visser, C.F. 1916. Iets oor toneel. *Die Huisgenoot*, I(2):41-42, Junie.
- Visser, Rud. P. 1953. Die letterkundige stryd: wat is op die spel? *Die Brandwag*, XVII(36):5, 25 September.
- Von Wielligh, G.R. 1920. Die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, en sijn invloed. *Die Huisgenoot*, IV(46):318, Februarie.
- Watson, G.J. 1983. *Drama: an introduction*. London: The Macmillan Press.
- ZAATLK s.j. a *Notulen van de Raad van de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. 1911-1922*. Holograaf. Hierdie bron kan ongelukkig nie tans in die Akademieargief opgespoor word nie.
- ZAATLK s.j. b *Hertzog-Taalfonds, Die. Aantekeninge wat loop oor die jare 1914-1930 en daarna*. Gebonde manuskrip bestaande uit handgeskrewe gedeeltes en ingeplakte gedrukte gedeeltes. AREA, PV 917 Akademie-argief: Akademieraad AR: Houer 1 B.
- ZAATLK 1911. *Jaarboek I (1910)*. Pretoria: Volkstem-Drukkerij.
- ZAATLK 1912. *Jaarboek II (1911)*. Pretoria: Volkstem-Drukkerij.
- ZAATLK 1913 a. *Jaarboek III (1912)*. Pretoria: Volkstem-Drukkerij.
- ZAATLK 1913 b. *Jaarboek IV (1913)*. Potchefstroom: "Het Westen"-Drukkerij.
- ZAATLK 1914. *Jaarboek V (1914)*. Potchefstroom: "Het Westen"-Drukkerij.
- ZAATLK 1915. *Jaarboek VI (1915)*. Bloemfontein en Potchefstroom: "Het Volksblad"-Drukkerij.
- ZAATLK 1917. *Jaarboek VII (1916)*. Kaapstad: De Nationale Pers, Beperkt.
- ZAATLK 1918. *Jaarboek VIII (1917)*. Bloemfontein: De Nationale Pers, Beperkt.
- ZAATLK 1919. *Jaarboek IX (1918)*. Bloemfontein: De Nationale Pers, Beperkt.
- ZAATLK 1920. *Jaarboek X (1919)*. Bloemfontein: De Nationale Pers, Beperkt.

- | | | |
|--------|---------|--|
| ZAATLK | 1922. | <i>Jaarboek XI (1920)</i> . Bloemfontein:
Nasionale Pers, Beperk. |
| ZAATLK | 1923 a. | <i>Bulletin</i> . I(1), April. |
| ZAATLK | 1923 b. | <i>Bulletin</i> . I(2), Mei. |
| ZAATLK | 1923 c. | <i>Bulletin</i> . I(3), Junie. |
| ZAATLK | 1923 d. | <i>Bulletin</i> . I(4), Julie. |
| ZAATLK | 1923 e. | <i>Bulletin</i> . I(5), Augustus. |
| ZAATLK | 1923 f. | <i>Bulletin</i> . I(6), September. |
| ZAATLK | 1924 a. | <i>Bulletin</i> . I(7), Januarie. |
| ZAATLK | 1924 b. | <i>Bulletin</i> . I(8), Maart. |
| ZAATLK | 1924 c. | <i>Bulletin</i> . I(9), Maart. |
| ZAATLK | 1924 d. | <i>Bulletin</i> . I(10), April. |
| ZAATLK | 1924 e. | <i>Bulletin</i> . I(11), Mei. |
| ZAATLK | 1924 f. | <i>Bulletin</i> . I(12), Augustus. |
| ZAATLK | 1924 g. | <i>Bulletin</i> . I(13), September. |
| ZAATLK | 1924 h. | <i>Bulletin</i> . I(14), November. |
| ZAATLK | 1925 a. | <i>Bulletin</i> . I(15), Februarie. |
| ZAATLK | 1925 b. | <i>Bulletin</i> . I(16), Junie. |
| ZAATLK | 1925 c. | <i>Bulletin</i> . I(17), Julie. |
| ZAATLK | 1925 d. | <i>Bulletin</i> . I(18), September. |

oooOOOooo

BYLAAG A UITGEWERS EN PLEK VAN UITGAWE

Die uitgewer wat telkens ná die titel van die drama gegee word, is dié uitgewer wat die drama die eerste keer uitgegee het.

Uitgewer

Plek van uitgawe

A.A. Balkema	Kaapstad
Academica	Pretoria
Ad. Donker	Johannesburg
Afrikaanse Pers-Boekhandel (APB)	Johannesburg
De Afrikaner Drukkerij	Pietermaritzburg
Buren-uitgewers	Kaapstad
Butterworth	Durban, Pretoria
Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika	Stellenbosch
Constantia	Kaapstad
CUM	Roodepoort
Dagbreek-Boekhandel	Johannesburg
DALRO	Johannesburg
De Jager-HAUM	Pretoria
Educum	Johannesburg
FAK	Johannesburg
Genugtig!	Kaapstad
HAUM	Kaapstad, Pretoria
HAUM v/h J. Dusseau & Co. ⁷⁹⁴	Kaapstad
HAUM-Literêr	Pretoria
Herald	Potchefstroom
Hermes-Publikasies	Grabouw
Het Westen	Potchefstroom
Holloway Boekhandel	Pretoria
Human & Rousseau	Kaapstad
J. & H. Pocock	Oudtshoorn
J.H. de Bussy	Pretoria, Amsterdam
John Malherbe	Kaapstad
Jonathan Ball	Johannesburg
Jutalit	Kenwyn
Klipbok-uitgewery	Durbanville
Maatschappij voor goede en goedkoope lectuur	Amsterdam
Mello House	Kaapstad
Middelburg Observer	Middelburg
N.G. Kerk-Uitgewers	Kaapstad
Nasionale Boekhandel	Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad
Nasionale Pers	Bloemfontein, Kaapstad, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Stellenbosch
Nasionale Toneelorganisasie	Pretoria
N.V. Swets & Zeitlinger	Amsterdam
Paarl Drukkers Maatskappy	Paarl
Pat Lubbe	Pretoria
Penguin	Harmondsworth, Middlesex (Engeland)
Peninsula	Kaapstad
Perskor	Johannesburg, Kaapstad
Potchefstroom Herald	Potchefstroom
Promedia Publikasies	Pretoria
Praag	Dainfern
Protea Boekhuis	Pretoria
Sacum	Bloemfontein
Simondium-Uitgewers	Johannesburg, Kaapstad

794 Die boekhandelaar J. Dusseau & Co. (Amsterdam en Kaapstad) affilieer in 1899 met J.H. de Bussy (Amsterdam) en vorm die Hollandsch-Afrikaansche Uitgeversmaatskappij (Antonissen 1960:33).



Smal-boekhandel	Pretoria
Sondagskool-depot	Bloemfontein
Tafelberg	Kaapstad
Taurus	Emmarentia (Johannesburg)
Tomlinson	Carletonville
Transvaalse Uitgewersmaatskappy	Pretoria
Unie-Boekhandel	Pretoria
Unie-Volkspers	Kaapstad, Port Elizabeth
Van Schaik (J.L. van Schaik)	Pretoria
Volkstem, Die	Bloemfontein
Vooraand	Kaapstad
Voortrekkerpers	Johannesburg
Vreugde deur Vlyt	Pretoria
White & Boughton	Cradock
Z.A. Nieuwsblad Maatschappij, Beperkt, Drukkers	Kaapstad

Donkerder blokkie = skriba/sameroeper (indien daar by 'n bepaalde periode geen donkerder blokkie verskyn nie, is die sameroeper onbekend)

* = *ex officio*-voorsitter (1922/1923; 1923/1924)

= lid het gedurende hierdie periode op sowel die Hertzogpryskeurkommissie as die Kommissie vir Taal en Lettere gedien

() = indien die persoon wel die benoeming aanvaar het (1914/1915)

Lede	1910/ 1911	1911/ 1912	1912/ 1913	1913/ 1914	1914/ 1915	1915/ 1916	1916/ 1917	1917/ 1918	1918/ 1919	1919/ 1920	1920/ 1921	1921/ 1922	1922/ 1923	1923/ 1924	1924/ 1925
W.J. Viljoen	dr.														
G.S. Preller	mnr.	mnr.													
J.F.E. Celliers	mnr.	mnr.	mnr.												
N.J. Brümmer	ds.	prof.	prof.	prof.											
A. Moorrees	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.									
J.D. Kestell		ds.													
G.G. Cillie				prof. dr.											
W.J. van Zijl				adv.											
J. Kamp					prof.	prof.	prof. #	prof. #	prof.	prof.	prof. #	prof.			
T.H. le Roux					prof.dr.	prof.dr.	prof.dr. #	prof.dr. #	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr. #	prof.dr.	prof.dr. #
D.F. Malherbe					prof.dr.	prof.dr #	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr. #	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr.	prof.dr.
A. Francken					(prof.)		prof.	prof.	prof.	prof. #	prof.	prof.			prof.
J.J. Smith								prof.	prof. #	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.
G. Besselaar											dr. #	dr.	dr.	dr.	prof.dr.
F.V. Engelenburg													dr.* #	dr.* #	
Th. Haarhoff															prof.dr.
S.P.E. Boshoff															prof.dr. #
E.C. Pienaar															dr. #



Donker blokkie = sameroeper (indien daar by 'n bepaalde periode geen donkerder blokkie verskyn nie, is die sameroeper onbekend)

* = *ex officio*-voorsitter (1923/1924)

= lid het gedurende hierdie periode op die Hertzogpryskeurkommissie sowel as die Kommissie vir Taal en Lettere gedien

() = dui daarop dat geen bevestiging gevind kon word vir die name genoem deur Nienaber (1965a:162) nie

--- = by die tydperk 1922/1923: Le Roux is later vervang deur Kamp

Lede	1915/ 1916	1916/ 1917	1917/ 1918	1918/ 1919	1919/ 1920	1920/ 1921	1921/ 1922	1922/ 1923	1923/ 1924	1924/ 1925	1925/ 1926	1926/ 1927
J.D. Kestell	ds.											
G. Knothe	prof. dr.											
D.F. Malherbe	prof. dr. #					(prof. dr. #)						
G.S. Preller		mnr.	mnr.					mnr.	mnr.			
J. Kamp		prof. #	prof. #			(prof. #)		prof.	prof.			
T.H. le Roux		prof. dr. #	prof. dr. #					prof. dr. #		prof. dr. #		
N.J. Brümmer				prof.								
G.G. Cillié				prof. dr.								
J. du Plessis				prof.								
Jan F.E. Celliers					prof.							
A. Francken					prof. #							
J.J. Smith					prof. #							
G. Besselaar						(dr. #)					prof. dr.	prof. dr.
S.F.N. Gie							dr.					
W.M.R. Malherbe							dr.					
F.V. Engelenburg								dr.* #	dr.* #			
E.C. Pienaar										dr. #	dr.	
S.P.E. Boshoff										prof. dr. #		
P.C. Schoonees											dr.	dr.

Donkerder blokkie = sameroeper

* = vir die 1931-toekenning: M.L. du Toit is vervang deur F.E.J. Malherbe

Lede	Poësie	Drama	Prosa	Poësie	Drama	Prosa	Poësie	Drama	Prosa	Poësie	Drama	Prosa	Poësie	Drama
	1928	1929	1930	1931	1932	1933	1934	1935	1936	1937	1938	1939	1940	1941
G. Besselaar	prof.													
S.P.E. Boshoff	prof.													
P.C. Schoonees	dr.		dr.		dr.	dr.					dr.	dr.	dr.	
A.C. Bouman		prof.												
C.G.S. de Villiers		prof.												
E.C. Pienaar		prof.		prof.					prof.	prof.			prof.	
G. Dekker			dr.	dr.	dr.	prof.	prof.	prof.						
M.L. du Toit			dr.	dr. *			dr.	prof.	prof.					
F.E.J. Malherbe				prof. *	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.	prof.		prof.	
M.S.B. Kritzinger					dr.	prof.				prof.		prof.		
H. v.d.M. Scholtz											prof.			prof.
T.J. Haarhoff												prof.		
F.C.L. Bosman														dr.

Donkerder blokkie = sameroeper/voorsitter

Lede	Prosa	Poësie	Drama	Prosa	Kuns-prosa	Poësie	Drama	Prosa	Kritiese prosa en essay	Poësie	Drama	Verhandelnde prosa	Kritiese prosa en essay	Poësie
	1942	1943	1944	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951	1952	1953	1954	1955
P.C. Schoonees	dr.	dr.		dr.								dr.		
M.S.B. Kritzinger	prof.			prof.				prof.			prof.			
W.J. du P. Erlank	dr.					dr.			prof.			prof.		
F.E.J. Malherbe		prof.		prof.		prof.		prof.						
E.C. Pienaar		prof.			prof.									
F.C.L. Bosman			dr.				dr.					dr.		
H. v.d.M. Scholtz			prof.				prof.					prof.		
J.J. Dekker			dr.											
I.D. du Plessis					dr.									
J.J. le Roux					prof.									
D.F. Malherbe						prof.			prof.					
G. Dekker							prof.			prof.			prof.	prof.
G.S. Nienaber								prof.						
B. Kok									prof.	prof.			prof.	
C.M. v.d. Heever										prof.				prof.
A.P. Grové												dr.		dr.
F.V. Lategan ⁷⁹⁵													mnr.	

795 Die oorgetikte Hertzogprysverslag, gedateer 9 Junie 1954, meld sy voorletters verkeerdelik as W.A. Lategan (FRA 1954: 30 Junie – bylaag B, en ARA 1954: 1 Julie: bylaag G).

Donkerder blokkie = Sameroeper/Voorsitter

VP = Verhalende Prosa

KPE = Kritiese Prosa en Essay

Lede	Drama	VP	KPE	Poësie	Drama	Prosa	Poësie	Drama	Prosa	Poësie	Drama	Prosa	Poësie
	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968
G. Dekker	prof.		prof.									prof.	
Tj. Buning	prof.												
H. v.d.M. Scholtz	dr.												
A.P. Grové		dr.	dr.	dr.			prof.		prof.	prof.			prof.
C.J.M. Nienaber		dr.		dr.					dr.		prof.		
Beukes, G.J.		dr.	prof.										
Ernst van Heerden			dr.					dr.		dr.			
H. Venter				dr.	dr.								
F.C.L. Bosman					dr.			dr.					
Audrey Blignault					mev.								
F.E.J. Malherbe						prof.			prof.				
F.V. Lategan						prof.							
C.P. v.d. Merwe						mnr.							
E. Lindenberg							dr.						
F.I.J. v. Rensburg							dr.						
Elize Botha								dr.	dr.	dr.		dr.	dr.
P.C. Schoonees									dr.				
W.J. du P. Erlank											prof.		
T.T. Cloete											prof.	prof.	prof.

Donkerder blokkie = Voorsitter (of waarnemend)

Asterisk = Verkenner

By elke beoordelingsjaar word aangedui wie op die Letterkundige Kommissie gedien het, asook wie teenwoordig was toe die besluit oor die toekenning geneem is.

Lede	1969 Beoordelingsperiode: 1966, 1967, 1968 Datum van vergadering: 14 Maart 1969 Voorskrifte: Bylaag CC		1972 Beoordelingsperiode: 1969, 1970, 1971 Datum van vergadering: 10 Maart 1972 Voorskrifte: Bylaag FF		1975 Beoordelingsperiode: 1972, 1973, 1974 Datum van vergadering: 21 Maart 1975 Voorskrifte: Bylaag GG		1978 Beoordelingsperiode: 1975, 1976, 1977 Datum van vergadering: 27 April 1978 Voorskrifte: Bylaag GG		1981 Beoordelingsperiode: 1978, 1979, 1980 Datum van vergadering: 23 April 1981 Voorskrifte: Bylaag GG	
	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig
A.P. Grové	prof.	✓	prof.	✓	prof. *	✓ waarnemend	prof.	✓	prof.	✓
T.T. Cloete	prof.	✓	prof.	✓	prof.	afwesig	prof.	afwesig	prof.	✓
W.E.G. Louw	prof.	✓	prof.	✓						
P.D. van der Walt	prof. *	Sekundus: J.L. Steyn ✓								
C.A. van Rooy	prof.									
F.X. Lategan	prof.	✓								
Du Plessis, P.G.	dr.	✓								
Elize Botha	dr.	✓			dr.	✓	dr.	✓	prof.*	✓
Rob Antonissen			prof.	afwesig						
Ernst Lindenberg			prof.	✓						
C.J.M. Nienaber			prof. *	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓
Audrey de Villiers (Blignault)			mev.	✓	mev.	✓	mev.	✓	mev.	Sekundus: dr. F.R. de K. Gilfillan ✓
H. van der Merwe Scholtz					prof.	✓	prof. *	✓	prof.	✓
Roy Pheiffer					mnr.	✓	dr.	✓	prof.	✓

Donkerder blokkie = Voorsitter Asterisk = Verkenner

By elke beoordelingsjaar word aangedui wie op die Letterkundige Kommissie gedien het, asook wie teenwoordig was toe die besluit oor die toekenning geneem is.

Lede	1984 Beoordelingsperiode: 1981, 1982, 1983 Datum van vergadering: 26 April 1984 Voorskrifte: Bylaag GG		1985 Beoordelingsperiode: 1982, 1983, 1984 Datum van vergadering: 25 April 1985 Voorskrifte: Bylaag GG		1988 Beoordelingsperiode: 1985, 1986, 1987 Datum van vergadering: 21 April 1988 Voorskrifte: Bylaag HH		1991 Beoordelingsperiode: 1988, 1989, 1990 Datum van vergadering: 18 April 1991 Voorskrifte: Bylaag HH		1994 Beoordelingsperiode: 1991, 1992, 1993 Datum van vergadering: 20 April 1994 Voorskrifte: Bylaag HH	
	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig
T.T. Cloete	prof.	✓								
H. v.d.M. Schotz	prof. *	✓	prof.	✓	prof.	✓				
Lydia Snyman	dr.	✓	dr.	✓	dr.	✓				
Elize Botha	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓
A.P. Grové	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓
F.R. de K. Gilfillan	dr.	Sekundus: J.P. Smuts ✓	dr.	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓
Réna Pretorius	prof.	✓	prof. *	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓
J.P. Smuts							prof.	✓	prof. *	✓
D.H. Steenberg			prof.	✓			prof.	✓	prof.	✓
M.G. Scholtz					prof. *	✓	prof. *	✓	prof.	✓
H.P. van Coller									prof.	✓

Donkerder blokkie = Voorsitter

Asterisk = Verkenner

Sek. = Sekundus

Lede	1997 Beoordelingsperiode: 1994, 1995, 1996 Datum van vergadering: 16 April 1997 Voorskrifte: Bylaag HH		2000 Beoordelingsperiode: 1997, 1998, 1999 Datum van vergadering: 12 April 2000 Voorskrifte: Bylaag II		2003 Beoordelingsperiode: 2000, 2001, 2002 Datum van vergadering: 26 Maart 2003 Voorskrifte: Bylaag JJ		2006 Beoordelingsperiode: 2003, 2004, 2005 Datum van vergadering: 30 Maart 2006 Voorskrifte: Bylaag KK		2009 Beoordelingsperiode: 2006, 2007, 2008 Datum van vergadering: 25 Maart 2009 Voorskrifte: Bylaag KK	
	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig	Aan-gestel	Teenwoordig
A.P. Grové	prof.	✓								
F.R. de K. Gilfillan	prof.	✓								
Réna Pretorius	prof.	✓	prof.	✓						
D.H. Steenberg	prof.	✓	prof.	✓						
M.G. Scholtz	prof.	geen sek.								
Elize Botha	prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓	prof.	sek.: prof. Willie Burger ✓		
J.P. Smuts	prof.	✓	prof. *	sek.: prof. Helize van Vuuren ✓	prof. *	✓	prof. *	✓		
Louise Viljoen	dr.	✓	prof.	✓	prof.	sek.: prof. H. Ohlhoff ✓	prof.	✓	prof.	✓
H.P. van Coller	prof.	✓	prof.	✓	prof.	sek.: dr. Daniel Hugo ✓	prof.	✓	prof.	✓
Ena Jansen	dr. *	✓	prof.	sek.: prof. Heilna du Plooy ✓						
Chris van der Merwe					prof.	✓				
Helize van Vuuren					prof.	✓	prof.	✓	prof.	✓
Heilna du Plooy					prof.	sek.: dr. Annemarié van Niekerk; bedank	prof.	✓	prof.	✓
Daniel Hugo							dr.	✓	dr.	✓
Heinrich Ohlhoff									prof. *	✓
Steward van Wyk									prof.	✓

Die persone is tot die onderskeie kommissies benoem, maar het nie noodwendig gestem nie. In 1948, 1952 en 1960 is geen Breë Kommissie aangewys nie aangesien die Letterkundige Kommissie telkens eenparige aanbevelings gemaak het (kyk onderskeidelik op bladsy 248, 267 en 314, asook voetnota 787 op bladsy 527).

Lede	1935 – 15 lede	1938 – 15 lede	1941 – 15 lede	1944 – 10 lede	1956 – 10 lede
M.C. Botha	prof.				
A.C. Bouman	prof.				
E. Conradie	dr.				
F. Postma	prof.				
H. v.d.M. Scholtz (sr.)	prof.				
P.C. Schoonees	dr.				
H.G. Viljoen	prof.				
C.F. Visser	dr.				
J.J. le Roux	prof.	prof.	prof.		
C.M. van den Heever	prof.	prof.	prof.		
T.H. le Roux	prof.			prof.	
S.P.E. Boshoff	dr.	dr.	dr.	dr.	
D.B. Bosman	prof.	prof.	prof.	prof.	
E.C. Pienaar	prof.	prof.	prof.	prof.	
M.S.B. Kritzinger	dr.	dr.	dr.	dr.	prof.
F.C.L. Bosman		dr.			
H.C. de Kock		mnr.			
J.J. Dekker		prof.			
L.W. Hiemstra		mnr.			

M. Jansen		mev.			
J.M.H. Viljoen		mnr.	mnr.		
C.M. Booysen		mnr.	mnr.	mnr.	
T.J. Haarhoff		prof.	prof.	prof.	
T. Wassenaar		dr.	dr.	dr.	
G. Dekker			dr.		
T.J. Hugo			dr.		
F.E.J. Malherbe			dr.	dr.	
Jochem van Bruggen			mnr.	mnr.	
E.J. du P. Erlank			dr.		prof.
Meyer de Villiers					prof.
I.D. du Plessis					dr.
P. du P. Grobler					mnr.
A.P. Grové					dr.
F.V. Lategan					dr.
C.J.M. Nienaber					dr.
Ernst van Heerden					dr.
H. Venter					dr.



Wet nr. 23 van 1921 is soos volg in die Buitengewone Staatskoerant van “de Unie van Zuid-Afrika”, vol. XLV, no. 1165 op 1 Julie 1921 in Kaapstad gepubliseer:

PRIVATE WET

Tot het verlenen van rechtspersoonlikheid aan de Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, als een Akademie tot handhaving en bevordering van de Hollandse taal en letterkunde en Zuidafrikaanse geschiedenis, oudheidkunde en Kuns en om voorziening te maken voor de instelling, rechten, bevoegdhe en verplichtingen daarvan, en voor andere verbandhoudende zaken.

(Goedgekeurd 27 Junie 1921. Door de Goeverneur-generaal in het Hollands getekend).

Nademaal er onder de naam van de Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, tans te Pretoria in de Unie van Zuidafrika, een instelling voor de handhaving en bevordering van de Hollandse taal en letterkunde en de Zuidafrikaanse geschiedenis, oudheidkunde en kunst bestaat:

En nademaal het wenselik is om genoemde instelling, onder die naam, te verheffen tot rechtspersoon als een Akademie voor de handhaving en bevordering van de Hollandse taal en letterkunde en de Zuidafrikaanse geschiedenis, oudheidkunde en kuns om aan deselve, als zodanige rechtspersoon, zekere bevoegdhe te verlenen en zekere verplichtingen op te leggen; om de kwalifikasie tot lid en de verkiezing van de leden en de beperking van het lidmaatschap van de Akademie te regelen; om het bestuur en het beheer van de zaken en de bezittingen van de Akademie op te dragen aan een Raad; om voorziening te maken voor het instellen van zulk een Raad; om te bepalen in wiens naam de instelling of verdediging van rechtsvorderingen voor of tegen de Akademie geschieden zal; om het kworum voor de Algemene Vergaderingen van de Akademie vast te stellen; om voorziening te maken voor het uitvaardigen, wijzigen en herroepen van statuten en regulasies ter bereiking van het doel van de Akademie en om een hoofdzetel voor de Akademie te vestigen;

Zij het bepaald door Zijn Majesteit de Koning, de Senaat en de Volksraad van de Unie van Zuidafrika, als volgt: —

1. In deze Wet, zo het verband geen andere zin aanwijst, betekent —

“Akademie” De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, bij deze Wet tot rechtspersoon verheven;

“Algemene Vergadering” een algemene vergadering van de leden van de Akademie, wettig gekonstitueerd en handelende overeenkomstig de statuten en regulasies krachtens deze Wet gemaakt;

“de bestaande vereniging” de voor de inwerkingtreding van deze Wet bestaande Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst;

“Raad” de Raad van de Akademie, gekozen volgens de bepalingen van deze Wet en de statuten en regulasies uit kracht daarvan gemaakt.

2. De instelling welke, onder de naam van De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst tans te Pretoria bestaat wordt onder die naam tot rechtspersoon verheven teneinde voor altijd te bestaan als een Akademie voor de handhaving en bevordering van de Hollandse taal en letterkunde en de Zuidafrikaanse geschiedenis, oudheidkunde en kunst.

3. Totdat anders bepaal word door statuten en regulasies, opgesteld ingevolge deze Wet bestaat de Akademie uit ten hoogste vijftig leden, die gekozen worden op de wijze bij de statuten en regulasies bepaald, uit personen die belang stellen in het doel van de Akademie zoals omschreven in artikel twee van deze Wet.

De personen, die bij de inwerkingtreding van deze Wet leden zijn van de bestaande vereniging, minder dan vijftig in getal zijnde, worden geacht te zijn leden gekozen ingevolge deze Wet.

4. Teneinde gevolg te geven aan het doel van deze Wet wordt de Akademie hierbij gemachtigd om —

(a) alle rechten en voorrechten welke de Akademie ter bereiking van zijn doel nodig of nuttig achten mocht, te verwerven;

(b) donasies te doen tot bevordering van de oogmerken van de Akademie;

(c) losse en vaste goederen te kopen, in pacht of in ruil te nemen, te huren of op andere wijze te verkrijgen, en de gebouwen, welke de Akademie ter bereiking van zijn doel nodig achten mocht, op te richten;

(d) alle fondsen van de Akademie tegen van tijd tot tijd vast te stellen zekerheid te beleggen;

- (e) geld op te nemen of te lenen op zodanige wijze als de Akademie goed vindt en in het bijzonder door middel van hypothek of de uitgifte van schuldbrieven verzekerd door verbanden op een deel van of op al de tegenwoordige en toekomstige bezittingen van de Akademie, doch immer op zulk een wijze dat enkel de fondsen en baten van de Akademie verbonden zijn;
 - (f) de bezittingen van de Akademie, geheel of gedeeltelijk, te verkopen, te verbeteren, te verhuren, met verband te bezwaren, te vervreemden of op andere wijze daarover te beschikken;
 - (g) beampten aan te stellen en te ontslaan en hun salaris vast te stellen;
 - (h) alles te doen dat bevorderlijk is tot het bereiken van het doel van de Akademie.
5. De Akademie kan, met inachtneming van de bepalingen van deze Wet statuten of regulasies maken en ze van tijd tot tijd wijzigen, aanvullen of herroepen, waarbij —
- (a) het getal leden wordt vastgesteld;
 - (b) de verkiezing van nieuwe leden wordt geregeld;
 - (c) het kworum en de werkwijze van de algemene vergaderingen worden vastgesteld;
 - (d) de samenstelling van de Raad wordt bepaald;
 - (e) de verkiezing van de leden van de Raad wordt geregeld;
 - (f) de ambtsduur van de leden van de Raad wordt vastgesteld;
 - (g) in het algemeen de bereiking van het doel van de Akademie wordt bevorderd.
6. Geen statuut of regulasie, krachtens artikel vijf van deze Wet gemaakt en geen wijziging of herroeping van zulk een statuut of regulasie is van kracht, tenzij en alvorens het door de Goeverneur-generaal goedgekeurd en in de Staatskoerant bekend gemaakt is.
7. De Raad wordt belast met het algemene bestuur en beheer van de zaken van de Akademie en val alle losse en vaste goederen van welke aard ook, welke aan de Akademie behoren of mochten toevallen: Met dien verstande echter dat geen overeenkomst voor het verkopen of met verband beswaren van vaste goederen of voor de aankoop of ruil van vaste goederen of het oprichten van gebouwen of voor het van de hand zetten of vervreemden van de bibliotheek van de Akademie bindend zal zijn, tenzij het bekrachtigd wordt door tweederden van de leden van de Akademie, die op een Algemene Vergadering aanwezig zijn.
8. De Akademie kan zowel eisende als verwerende in rechten optreden onder de naam van “De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” en kan in alle rechtsgedingen met die naam worden aangeduid, zullende iedere order, kennisgeving of ander stuk, die of dat door de Raad moet worden verleden, geacht worden behoorlijk verleden te zijn, indien het ondertekend is door de voorzitter of de vice-voorzitter of door een lid van de Raad, bij een speciaal besluit van de Raad daartoe gemachtigd.
9. Totdat anders bepaald is bij de statuten en regulasies, krachtens deze Wet gemaakt, bestaat het kworum van een Algemene Vergadering uit niet minder dan vijftien leden.
10. Bij de inwerkingtreding van deze Wet gaan alle baten, bezittingen en goederen van welke aard ook, welke onmiddellijk voor die inwerkingtreding aan de bestaande vereniging behoren en alle alsdan op dezelve rustende verplichtingen op de Akademie over: Met dien verstande echter dat alle fondsen, waarvan het beheer onmiddellijk voor de inwerkingtreding van deze wet uit hoofde van een schenking bij de bestaande vereniging of de Raad ervan berust, onderworpen blijven aan en aangewend moeten worden overeenkomstig de voorwaarden van de schenking.
11. De leden van de Raad van de bestaande vereniging blijven in funksie en vormen de Raad van de Akademie totdat de Akademie een nieuwe Raad gekozen heeft op de wijze bij de statuten en regulasies bepaald.
12. De hoofdzetel van de Akademie is gevestigd te Pretoria of op zodanige andere plaats binnen de Unie van Zuidafrika als de Akademie op een Algemene Vergadering van tijd tot tijd bepalen mocht.
13. Deze Wet kan voor alle doeleinden worden aangehaald als de Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921.

Wet nr. 8 van 1942 is soos volg in die Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, vol. CXXVII, no. 3019 op 17 Maart 1942 in Kaapstad gepubliseer:

PRIVATE WET

Om die naam van die instelling wat deur die “Zuid-afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en en Kunst (Private) Wet, 1921,” tot regs persoon verhef is, te verander en om die doel van gemelde instelling uit te brei.

(Deur die Goewerneur-generaal in Afrikaans geteken.)
Goedgekeur op 13 Maart, 1942.)

NADEMAAL dit wenslik is om die naam van die instelling bekend as “De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” te verander tot “Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns”;

Aanhef

EN NADEMAAL dit wenslik is om die doel van die gemelde instelling uit te brei om die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal en letterkunde en van die wetenskap in te sluit;

EN NADEMAAL dit wenslik is om te bepaal dat die “Zuid-afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921”, as ’n geheel met hierdie Wet gelees word;

WORD DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg: –

1. Die naam van die instelling wat deur die “Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921”, onder die naam “De Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” tot regs persoon verhef is, word hierby verander tot “Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns”.

Verandering van naam.

2. Die doel van die gemelde instelling soos uiteengesit in artikel twee van die gemelde Wet word hierby uitgebrei om die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal en letterkunde en van die wetenskap in te sluit.

Uitbreiding van doel.

3. Die “Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921”, word as ’n geheel met hierdie Wet gelees.

Wet No. 23 van 1921 as ’n geheel met hierdie Wet gelees te word

4. Hierdie Wet heet die Private Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1942.

Kort titel.

Wet No. 54 van 1959 is gewoon in swart gedruk. Veranderinge wat in die daaropvolgende wette ingetree het, word kleurgewys soos volg aangedui:

- WET NOMMER 33 VAN 1965
- WET NOMMER 22 VAN 1968
- WET NOMMER 97 VAN 1986
- WET NOMMER 40 VAN 1991

Deur telkens die in-swart-gedrukte gedeeltes te lees (vir die stand van sake volgens die 1959-wet), of saam met die teks in die korresponderende kleur raampies (vir veranderinge), kan gesien word hoe die wette en statute van die Akademie op verskillende stadia vanaf 1959 daar uitgesien het.

WET

Tot samevatting van die wetsbepalings met betrekking tot Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959

Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959, om voorsiening te maak vir die samestelling van onderkomitees van die raad van die Akademie, vir die indeling van die Akademie in fakulteite, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan; om sekere rade van die Akademie wettig te verklaar; en om die statute van die Akademie geldig te verklaar.

Tot wysiging van sekere wette ten einde sekere werksaamhede wat tans aan die Staatspresident opgedra is, te vestig in die onderskeie Staatsministers wat met die uitvoering van daardie wette belas is; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959, ten einde die oogmerke, bevoegdhede en werksaamhede van die Akademie uit te brei; en te bepaal dat sekere orders, kennisgewings of ander stukke ook deur die hoofsekretaris onderteken kan word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)

(Goedgekeur op 26 Junie 1959)

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)

(Goedgekeur op 1 April 1965.)

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)

(Goedgekeur op 15 Maart 1968.)

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)

(Goedgekeur op 9 September 1986.)

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)

(Goedgekeur op 8 April 1991.)

Dit word bepaal deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:-

Dit word bepaal deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Dit word bepaal deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -
 - (i) "Akademie", Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in artikel twee vermeld;
 - (ii) "algemene vergadering", 'n algemene vergadering van die lede van die Akademie wat wettiglik saamgestel is en ooreenkomstig die statute optree;
 - (iii) "raad", die volgens die statute verkose raad van die Akademie;
 - (iv) "statuut", 'n kragtens hierdie Wet uitgevaardigde statuut.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959 (Wet No. 54 van 1959) (hieronder die Hoofwet genoem), 'n betekenis toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan toegeskryf.

2. Die instelling wat by die "Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921" (Wet No. 23 van 1921), met regs persoonlikheid bekleed is, en wat bekend staan as Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, hou aan om, onder daardie naam, voort te bestaan as 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging en met bevoegdheid om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree.

3. (1) Die lede van die Akademie word, behoudens die statute, gekies uit persone wat belangstel in die oogmerke van die Akademie.
- (2) Al die persone wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet lede van die Akademie was, word geag behoorlik ooreenkomstig die statute verkies te gewees het.
4. Die oogmerk van die Akademie is: die handhawing en bevordering van die Afrikaanse en die Hollandse taal en letterkunde, en van die wetenskap en die Suid-Afrikaanse geskiedenis, oudheidkunde en kuns.

- (1) Artikel vier van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en kuns, 1959 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Oogmerke van die Akademie”

4. Die oogmerke van die Akademie is: die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal, letterkunde en kultuur en van die Hollandse taal en letterkunde, en die bevordering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, die kuns, die wetenskap en die tegniek.

Vervanging van artikel 4 van Wet 54 van 1959, soos vervang deur artikel 1 van Wet 33 van 1965

1. Artikel 4 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Oogmerke van die Akademie

4. Die oogmerke van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegniek en die kunste en die bevordering van die gebruik en gehalte van die Afrikaanse taal.”

5. (1) Die Akademie kan, ten einde aan die doel van hierdie Wet gevolg te gee:
 - (a) enige regte en voorregte verkry wat hy vir die bereiking van sy oogmerke nodig of nuttig ag;
 - (b) skenkings maak met die doel om sy oogmerke te bevorder;
 - (c) enige roerende of onroerende goed koop, in pag of in ruil neem, huur of op ander wyse verkry, en enige gebou wat vir die bereiking van sy oogmerke nodig is, oprig;
 - (d) sy fondse belê teen die sekuriteit waarop hy van tyd tot tyd mag besluit;
 - (e) geld opneem of leen op sodanige wyse as wat hy goed dink, insluitend deur middel van verbande of die uitgifte van obligasies wat versekureer is deur verbande oor al sy eiendom, sowel bestaande as toekomstige, of enige deel daarvan, maar teen geen ander sekuriteit as die bates van die Akademie nie;
 - (f) die eiendom van die Akademie of enige deel daarvan, verkoop, verbeter, verhuur, met verband beswaar, van die hand sit of vervreem of op ander wyse daarvoor beskik;
 - (g) beamptes van die Akademie aanstel, hulle besoldiging vasstel en hulle ontslaan; en
 - (h) alles doen wat vir die bereiking van sy oogmerke bevorderlik is.

Algemene verduidelikende nota:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrapings uit bestaande verordenings aan.
_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

Vervanging van artikel 5 van Wet 54 van 1959, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 33 van 1965, artikel 2 van Wet 22 van 1968 en artikel 46 van Wet 97 van 1986.

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Werksaamhede en bevoegdhe van die Akademie

5. (1) Ten einde sy oogmerke te bereik, kan die Akademie –
- (a) aangeleenthede van openbare belang ondersoek en op grond van die bevindinge meningvormend en adviserend optree;
 - (b) norme bepaal ten bate van die gebruik en ontwikkeling van die Afrikaanse taal in al sy funksies;
 - (c) wetenskaplike tydskrifte, handboeke, vakwoordeboeke en ander publikasies uitgee en ander aksies onderneem;
 - (d) hoogstaande prestasies op die verskillende terreine van die Suid-Afrikaanse kultuurlewe bevorder en uitnemendheid met pryse en toekennings bekroon;
- [(a)] (e) enige regte en voorregte verkry wat hy **[vir die bereiking van sy oogmerke]** nodig of nuttig ag;
- [(b)] (f) skenkings ontvang of maak [met die doel om sy oogmerke te bevorder];
- [(c)] (g) enige roerende of onroerende goed koop, in pag of in ruil neem, huur of op ander wyse verkry, en enige gebou **[wat vir die bereiking van sy oogmerke nodig is]** oprig;
- [(d)] (h) sy fondse belê teen die sekuriteit waarop hy van tyd tot tyd mag besluit; geld opneem of leen op sodanige wyse as wat hy goed dink, insluitende deur middel van verbande of die uitgifte van obligasies wat versekureer is deur verbande oor al sy eiendom, sowel bestaande as toekomstige, of enige deel daarvan, maar teen geen ander sekuriteit as die bates van die Akademie nie;
- [(f)] (i) die eiendom van die Akademie of enige deel daarvan verkoop, verbeter, verhuur, met verband beswaar, van die hand sit of vervreem of op ander wyse daarvoor beskik;
- [(g)] (k) beamptes van die Akademie aanstel, hulle besoldiging vasstel en hulle ontslaan; en
- [(h)] (l) alles doen wat vir die bereiking van sy oogmerke bevorderlik is, en moet hy van tyd tot tyd oor sy struktuur, organisasie en werksaamhede besin.

- (2) Die Akademie kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, statute uitvaardig betreffende-
- (a) die getal lede van die Akademie;
 - (b) die verkiesing van nuwe lede van die Akademie;
 - (c) die kworum en prosedure by ’n algemene vergadering;
 - (d) die samestelling van die raad;
 - (e) die verkiesing van lede van die raad;
 - (f) die ampsduur van lede van die raad,

en in die algemeen om beter gevolg te kan gee aan die oogmerke van die Akademie.

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby met ingang van die eerste dag van November 1967 gewysig deur na paragraaf (f) van subartikel (2) die volgende paragrawe in te voeg:
- “(g) die samestelling van die onderkomitees van die raad, en die delegering van magte aan hulle;
 - (h) die indeling van die Akademie in fakulteite, en die vasstelling van reglemente vir hulle”.

- (3) Geen statuut is van krag tensy en totdat dit deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die *Staatskoerant* afgekondig is nie.

2. Artikel vyf van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (3) die woord “Goewerneur-Generaal” deur die woord “Staatspresident” te vervang.

46. Die wette vermeld in die eerste en tweede kolomme van die Eerste Bylae word hierby gewysig deur die uitdrukking “Goeverneur-generaal”, “Goewerneur-generaal” of “Staatspresident”, oral waar dit voorkom in ’n bepaling vermeld in die derde kolom van daardie Bylae, deur die uitdrukking vermeld in die vierde kolom van daardie Bylae te vervang.

Sodoende is die woord “Staatspresident” deur die woorde “Minister” vervang, en het artikel 5, subartikel 3 soos volg verander:

Geen statuut is van krag tensy en totdat dit deur die Minister goedgekeur en in die *Staatskoerant* afgekondig is nie.

2 (vervolg)

Geen statuut is van krag tensy en totdat dit deur die Minister van Onderwys en Kultuur: Volksraad goedgekeur en in die *Staatskoerant* afgekondig is nie.”

6. Die hoofkantoor van die Akademie is op Pretoria of op sodanig ander plek in die Unie as wat die Akademie by algemene vergadering van tyd tot tyd mag bepaal.

3. Artikel ses van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord “Unie” deur die woord “Republiek” te vervang.

7. (1) Die bestuur van en die beheer oor die sake van die Akademie en die roerende en onroerende goed wat aan die Akademie behoort of toeval, berus by die raad: Met dien verstande dat geen ooreenkoms vir die koop, verkoop, ruil of met verband beswaar van onroerende goed of vir die oprigting van ’n gebou of vir die van die hand sit of vervreemding van die biblioteek van die Akademie bindend sal wees nie tensy en totdat dit deur die stemme van twee-derdes van die lede van die Akademie wat by ’n algemene vergadering aanwesig is, bekragtig word.

2 (vervolg)

Die Akademie kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, statute uitvaardig betreffende-

- (a) die getal lede van die Akademie;
 - (b) die verkiesing van nuwe lede van die Akademie;
 - (c) die kworum vir en prosedure by ’n algemene vergadering;
 - (d) die samestelling van die raad;
 - (e) die verkiesing van lede van die raad;
 - (f) die ampsduur van lede van die raad;
 - (g) die samestelling van die onderkomitees van die raad, en die delegering van magte aan hulle;
 - (h) die indeling van die Akademie in fakulteite, en die vasstelling van reglemente vir hulle”.
- en in die algemeen om beter gevolg te kan gee aan die oogmerke van die Akademie.

- (2) Enige order, kennisgewing of ander stuk wat deur die raad verly moet word, word geag behoorlik verly te gewees het as dit deur die voorsitter of die ondervoorsitter of ’n lid van die raad wat deur ’n spesiale besluit van die raad daartoe gemagtig is, onderteken is.

Wysiging van artikel 7 van Wet 54 van 1959

3. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

(2) Enige order, kennisgewing of ander stuk wat deur die raad verly moet word, word geag behoorlik verly te gewees het as dit deur die voorsitter [of], die ondervoorsitter, die hoofsekretaris of 'n lid van die raad wat deur 'n spesiale besluit van die raad daartoe gemagtig is, onderteken is.

8. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikels (2) en (3), word die “Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921”, en die Private Wet op die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1942, hierby herroep.
- (2) Enigiets gedoen kragtens of uit hoofde van 'n bepaling van 'n wet by sub-artikel (1) herroep, word geag kragtens of uit hoofde van die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet gedoen te gewees het.
- (3) Die bepalings van die voorbehoudsbepaling by artikel *tien* van die “Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921”, hou aan om van toepassing te wees met betrekking tot die in daardie voorbehoudsbepaling bedoelde fondse asof daardie Wet nie herroep was nie.

3. Elke raad wat in die jare 1961, 1963, 1965 en 1967 op 'n vergadering wat 'n algemene vergadering van die lede van die Akademie heet te gewees het, verkies is om as die raad van die Akademie te dien, word vir die tydperk waarvoor elk sodanige raad aldus verkies is, geag die volgens die statute verkose raad van die Akademie te gewees het of, na gelang van die geval, te wees.

4. Al die persone wat voor die inwerkingtreding van hierdie artikel tot lede van die Akademie verkies is by 'n verkiesing wat 'n verkiesing van die lede van die Akademie heet te gewees het en wat by daardie inwerkingtreding nog lede van die Akademie is, word geag behoorlik ooreenkomstig die statute verkies te gewees het.

5. Die statute van die Akademie wat by Goewermentskennisgewing No. 2099 van die nege-en-twintigste dag van Desember 1967 in die *Staatskoerant* afgekondig is, word hierby geldig verklaar.

9. Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959.

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1965.

6. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1968.

49. Hierdie Wet heet die Wet op die Oordrag van Bevoegdhede en Pligte van die Staatspresident, 1986.

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Volksraad), 1991

STATUTE VAN DIE SUIDAFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS
soos dit verskyn het in die Akademie se *Jaarboek XII* (1922) (SAATLK s.j. a:12-17):

HOOFSUK I.

Doel

1. Die doel van die Akademie is die handhawing en bevordering van die Hollandse taal en letterkunde, die Suidafrikaanse geskiedenis, oudheidkunde en kuns.
2. Die Akademie trag om sy doel te bereik deur
 - (a) die publiek omtrent taalbelange voor te lig en tot taalstudie en taalbeoefening aan te spoor, indien moontlik in 'n maandskrif;
 - (b) openbare eksamens oor die Hollandse taal en letterkunde, Suidafrikaanse geskiedenis en kuns te hou en te laat hou;
 - (c) prysvrae uit te skryf;
 - (d) oorspronklike en vertaalde werke, geskrifte en liedere self uit te gee, en die uitgawe van dergelike werke, geskrifte en liedere deur ander aan te moedig en geldelik te steun;
 - (e) deur in die algemeen kuns te bevorder;
 - (f) behulpsaam te wees by die oprigting, instandhouding en uitbreiding van dorps- en skoolbiblioteke;
 - (g) in oorleg met ander verenigings te sorg vir bekendmaking, beoordeling en verspreiding van geskikte lektuur en skooluitgawes;
 - (h) leesgeselskappe te organiseer;
 - (i) openbare voordragte en populêre voorlesings oor aktuele vrae te organiseer;
 - (j) te ywer vir onderwys van Hollands op die skole in Suidafrika;
 - (k) toe te sien dat aan Hollands dieselfde regte en voorregte verleen word as aan Engels en dat dit by alle universitêre en ander openbare eksamens daarmee op gelyke voet geplaas word;
 - (l) alle liggame wat 'n dergelike doel het tot samewerking op te wek.

HOOFSUK II.

Lede.

3. Lede van die Akademie is persone wat
 - (a) kragtens Artikel 3 van die Akademiewet lede geword het;
 - (b) kragtens hierdie statute wettig tot lede gekies is uit persone wat belang stel in die doel van die Akademie;
 - (c) as erelid voorgestel en gekies is.
4. Die getal lede van die Akademie mag nie meer as vyftig bedra nie.
5. Wie lid is van die Akademie, bly dit vir sy lewe, tensy hy bedank, wanbetalend word of kragtens 'n besluit van die Raad geskrap word.
Die besluit moet uitsluitend gebaseer word op die handhawing van die prestige van die Akademie.
'n Geskrapte lid kan hom op 'n algemene vergadering beroep.
6. Die verkiesing van lede geskied as volg: –
 - (a) Elke lid het die reg om minstens vier weke voor 'n algemene vergadering aan die Sekretaris, met opgaaf van redes van sy aanbeveling, te stuur die naam of name van die persoon of persone wat hy vir die lidmaatskap van die Akademie wens aan te beveel.
 - (b) Die Raad maak dan 'n keuse uit die aldus aanbevole persone en dra die aldus uitgekose persone as lid van die Akademie aan die algemene vergadering voor.
 - (c) Die naam van die aanbevole persone, wat nie op die lys van voordrag geplaas word nie word geheim gehou.
 - (d) Elke algemene vergadering besluit hoeveel nuwe lede gekies sal word.
 - (e) As die getal te kies lede, waartoe die vergadering besluit het, gelyk is aan die getal persone wat as lid van die Akademie voorgedra word, word die op die lys geplaaste persone beskou as gekies.

- (f) As die getal te kiesende lede, waartoe die vergadering besluit het, kleiner is as die getal persone wat as lid van die Akademie voorgedra word, word 'n stemming per briefie en oor die pos gehou, waardeur aan al die lede geleentheid gegee word om aan die verkiesing deel te neem. Gekies is die persone wat die meeste, mits nie minder as die helfte, van die uitgebragte stemme op hulle verenig.
- (g) Die algemene vergadering reël die stembureau, ingeval 'n stemming oor die pos nodig is.

HOOFSTUK III.

Die Raad.

- 7. Die Raad van die Akademie bestaan uit 'n Voorsitter, 'n Ondervoorsitter, drie ander lede, en 'n Sekretaris.
- 8. Die lede van die Raad, behalwe die Sekretaris, word op 'n algemene vergadering uit lede van die Akademie gekies vir die tyd van twee jaar. Na verstryking van hulle ampstyd is hulle herkiesbaar.
- 9. Die Sekretaris word uit lede van die Akademie, ook vir twee jaar, benoem deur die Raad, wat tewens sy toelaag vasstel.
- 10. Die Raad bepaal en reël sy eie vergaderings. Drie lede vorm 'n kworum.
- 11. Die Raad stel uit sy lede 'n dagelike bestuur aan met die bevoegdheid, deur die Raad nader te bepaal, om in spoedeisende gevalle te handel, en met die verpligting om op die eersvolgende vergadering van die Raad verslag van die verrigte werksaamhede te doen.
- 12. Die Raad gee uitvoering aan die bepalinge van Artikel 2 van die statute deur die volgende Vakkommissies vir een jaar te benoem: –
 - (a) Die Eksamenkommissie wat die eksameneise vasstel, eksamens afneem, erepenninge, geld en boekpryse toeken en getuigskrifte uitreik.
 - (b) Die Kommissie vir Taal en Lettere wat letterkundige werk bevorder, letterkundige talent opspoor, aanmoedig en voorlig, prysvrae en selfstandige letterkundige arbeid beoordeel, en so nodig advies verleen oor taalkundige kwessies.
 - (c) Die Kommissie van Waaksaamheid wat waak teen allerlei gevaar wat die Hollandse taal en letterkunde sou kan bedreig op die gebied van die skool, kerk, wetgewing, staatsdiens, samelewing of waar ook, en wat die vereiste stappe doen om die bedreigde belange te beskerm.
 - (d) Die Historiese Kommissie wat geskiedkundige dokumente opspoor en vir publikasie gereed maak, en trag om belangstelling vir die Suidafrikaanse geskiedenis op te wek en kennis daaromtrent onder die publiek te versprei.
- 13.
 - (a) Die Raad word belas met die bevordering van die Akademiebelange.
 - (b) Die Raad word belas met die algemene bestuur en beheer van die sake van die Akademie, en van alle losse en vaste goedere van watter aard ook wat aan die Akademie behoort [sic] of deur die Akademie verkry mag word.
 - (c) Geen ooreenkoms vir die verkoping of beswaring van vaste goed of vir die aankoop of ruil van vaste goed of die oprigting van geboue of vervreemding van die boekery van die Akademie sal geldig wees tensy dit bekragtig word deur twee-derde van die lede van die Akademie wat op 'n algemene vergadering teenwoordig is.
 - (d) Die notule van die Raadsvergaderings sal op die algemene vergaderings ter insage van die lede lê.

HOOFSTUK IV.

Die Sekretariaat.

- 14. Die Sekretaris is belas met die sekretariaat van die Akademie. Hy is verplig om:
 - (a) Bystand te verleen aan die Raad, tot die in Artikel 2 van die statute vermelde bedrywigheid;

- (b) uitvoering te gee aan die besluite van die algemene vergaderings en van die Raad;
- (c) die argief van die Akademie te bewaar;
- (d) kopie te hou van uitgaande briewe;
- (e) subskripsiegelde van die lede te in;
- (f) behoorlik boek te hou van die inkomste en uitgawes van die Akademie;
- (g) minstens elke drie maande onder die lede te versprei 'n bulletin wat mededeling en berigte omtrent die Akademie en verrigte werksaamhede bevat.

HOOFSUK V.

Algemene Vergaderings.

- 15. In elke kalender-jaar word 'n algemene vergadering van die Akademie gehou. Tien lede vorm 'n kworum.
- 16. Wanneer die Raad dit nodig ag, kan die Raad, en as tenminste tien lede van die Akademie skriftelik hulle verlange daartoe aan die Sekretaris te kenne gee, moet die Raad nog 'n algemene vergadering of algemene vergaderings byeenroep.
- 17. Geen voorstel word op 'n algemene vergadering in behandeling geneem nie tensy vier weke van te vore aan die Sekretaris skriftelik daarvan kennis gegee is, of tensy twee-derde van die aanwesige lede daarin toestem.
- 18. Op elke vergadering word bepaal waar die volgende samekoms gehou sal word. Die Raad kan onder buitengewone omstandighede van die besluit afwyk mits aan die lede tenminste ses weke voor die vergadering kennis daarvan gegee word.
- 19. Tensy anders bepaal by die Akademiewet of hierdie statute, beslis by 'n stemming die meerderheid van stemme.
- 20. Oor sake word hoofdelik en oor persone skriftelik gestem, tensy die vergadering anders besluit.
- 21. By 'n staking van stemme oor 'n saak word die voorstel beskou as verwerp; by 'n staking van stemme oor 'n persoon beslis die lot.

HOOFSUK VI

Die Gelde.

- 22. Die subskripsiegelde bedra twee pond per jaar vir elke lid, tensy 'n algemene vergadering anders bepaal. 'n Lid word geag wanbetalend te wees as hy, nadat hy twee jaar met sy subskripsiegelde agterstallig was, deur die Sekretaris skriftelik aangemaan is om aan te suiwer en hy daaraan geen gehoor gegee het binne ses maande na afloop van genoemde twee jaar nie.
- 23. Alle ontvangte gelde moet deur die Sekretaris gedeponeer word by 'n bank wat die Raad aanwys. Die tjeks van die Akademie moet onderteken word deur 'n lid van die Raad en die Sekretaris.
- 24. Die boekjaar van die Akademie eindig op 31 Julie van elke jaar. Na die einde van die boekjaar benoem die Raad ouditeurs om die boeke van die Akademie te ouditeer. Die Raad stel tewens die beloning van die ouditeurs vas.

HOOFSUK VII

Gemengde Bepalinge.

- 25. Die hoofsetel van die Akademie is gevestig op Pretoria of op sodanige ander plek binne die Unie van Suidafrika as die Akademie op 'n algemene vergadering van tyd tot tyd mag bepaal.
- 26. Die statute kan, met inagneming van die bepalinge van die Akademiewet en die statute en na voorafgaande skriftelike kennisgewing van vier weke aan die Sekretaris, op 'n algemene vergadering gewysig, aangevul of herroep word deur twee-derde van die lede wat op die algemene vergadering teenwoordig is.
- 27. In gevalle, waarin die statute nie voorsien nie, beslis, met inagneming van die Akademiewet:
 - (a) wanneer die Akademie vergader, die vergadering;
 - (b) wanneer die Akademie nie vergader nie, die Raad.

28. In hierdie statute beteken: –

“Die Akademiewet” Wet No. 23 van 1921;

“Akademie” die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, wat by die Akademiewet tot regs persoon verhef is;

“Algemene Vergadering” ’n algemene vergadering wettig byeengeroep volgens die bepalings van die Akademiewet en hierdie statute;

“Raad” die raad van die Akademie volgens die Akademiewet en hierdie statute wettig as sodanig gekies.

STATUTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS soos dit verskyn het in die Buitengewone Staatskoerant van 22 November 1963 (kennisgewing no. R1802) toe alle statute van die Akademie, tot in daardie stadium, herafgekondig is. Die Statute waarop in 1961 besluit is (kyk bladsy 342-342) het nie deel gevorm van hierdie herafgekondigde statute nie.

Onderstaande Goewermentskennisgewings is herpubliseer:

No. 648 van 28 April 1944

Vir algemene inligting word hierby bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om sy goedkeuring te heg aan die Statute van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, soos vervat in die Aanhangsel hieronder.

No. 1010 van 17 Mei 1946

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ooreenkomstig die bepalinge van artikel *ses* van Wet no. 23 van 1921, sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van die Statute van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 648 van 28 April 1944.

No. 2041 van 27 September 1946

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ooreenkomstig artikel *ses* van Wet No. 21 van 1923, sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van die statute van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns: —

No. 1046 van 9 Mei 1952

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ooreenkomstig artikel *ses* van Wet no. 23 van 1921, sy goedkeuring te heg aan die volgende wysigings van die Statute van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 648 van 28 April 1944, en gewysig by Goewermentskennisgewing **No. 2041 van 27 September 1946**.

No. 655 van 2 April 1954

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ooreenkomstig artikel *ses* van Wet no. 23 van 1921, sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Statute van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 648 van 28 April 1944 en daarna gewysig by Goewermentskennisgewing **No. 2041 van 27 September 1946** en **No. 1046 van 9 Mei 1952**.

No. 38 van 10 Januarie 1958

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ooreenkomstig artikel *ses* van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet 1921 (Wet No. 23 van 1921), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Statute van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 648 van 28 April 1944, en daarna gewysig by Goewermentskennisgewing **No. 2041 van 27 September 1946**, **No. 1046 van 9 Mei 1952** en **No. 655 van 2 April 1954**.

AANHANGSEL

STATUTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS.

WOORDBEPALING.

1. In hierdie Statute beteken —
 - (a) “Akademie”, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
 - (b) “Raad”, die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
 - (c) “Sekretaris”, die Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
 - (d) “Fakulteite”, die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns en die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek.
 - (e) “Die Akademieswet”, Wet no. 23 van 1921, soos gewysig deur Wet No. 8 van 1942.

TAAL.

2. Die taal van die Akademie is Afrikaans.

HOOFDOEL.

3. Die Akademie stel as hoofdoel die bevordering van die Afrikaanse taal, lettere en kuns en van die wetenskap.

MIDDELE.⁷⁹⁶

4. Die Akademie trag om sy doel te bereik deur o.a. —
 - (a) die publiek omtrent taalbelange voor te lig en tot taalstudie en taaloefening aan te spoor;
 - (b) openbare eksamens oor die Afrikaanse en/of Nederlandse taal en letterkunde en die Suid-Afrikaanse geskiedenis en kuns af te neem of te laat afneem, asook sodanige ander eksamens soos van tyd tot tyd nodig bevind en deur die Minister van Onderwys goedgekeur mag word; [Hierdie deel is ekstra hier by die “MIDDELE” van die Akademie, en kom nie voor onder “DOEL” by die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns se Statute nie
 - (c) prysvrae uit te skryf;
 - (d) oorspronklike en vertaalde werke, geskifte, musikale komposisies en liedere self uit te gee, of die uitgawe van dergelike werke, geskifte, musikale komposisies en liedere deur ander aan te moedig en geldelik te steun;
 - (e) in die algemeen die kuns en die wetenskap te bevorder, o.a. deur die toekenning van erepenninge en ander pryse;
 - (f) behulpsaam te wees by die oprigting, instandhouding en uitbreiding van dorps- en skoolbiblioteke;
 - (g) in oorleg met ander verenigings te sorg vir beoordeling, bekendmaking en verspreiding van geskikte lektuur en skooluitgawes;
 - (h) openbare voordragte en populêre lesings oor aktuele vraagstukke aan te moedig;
 - (i) te ywer vir die onderwys en die regte van Afrikaans in alle opsigte, met inagneming van ons Nederlandse verwantskap en taalverband;
 - (j) die spelling en die skryfwyse van die Afrikaanse taal te reël;
 - (k) daarvoor te ywer dat die onderrig van alle vakke wat aan ons inrigtinge vir hoër onderwys geleer word ook deur middel van die Afrikaanse taal sal geskied;
 - (l) te werk vir die verbreiding en toepassing van wetenskaplike en tegniese kennis; die bevordering van die belange van die wetenskaplike en tegniese afdelinge van die betrokke Fakulteit en die verbetering van die beroepstatus van lede van hierdie afdelinge;
 - (m) die wetenskaplike belange van die lede en medewerkers te behartig;
 - (n) navorsing op wetenskaplike en tegniese gebied te bevorder;
 - (o) wetenskaplike en tegniese inligting in verband met die opbou van Suid-Afrikaanse nywerhede te verstrek;
 - (p) belangstelling vir die wetenskap en die tegniek by die Afrikanernasie op te wek en aan te moedig en beroepsvoorligting te bevorder;
 - (q) vir die opbou van ’n meer doeltreffende stelsel van wetenskaplike, tegniese en praktiese opleiding te ywer;

796 Die Fakulteitstatute sê “DOEL” (kyk bladsy 638). Die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns se doelstellings (a) tot (k) en (m) kom ooreen met die Akademie se “MIDDELE”, met uitsondering van die volgende dele in blou:

- die bykomende deel in artikel 4 (b) vanaf “asook sodanige ...”;
- bykomende woorde in artikel 4 (e): “en die wetenskap”.

- (r) tydskrifte uit te gee waarin wetenskaplike artikels van hoë gehalte sal verskyn;
- (s) alle onderwerpe waarin die Akademie belang stel, te bespreek op jaarvergaderinge, Fakulteitsvergaderinge of ander vergaderinge wat van die Akademie of een van sy Fakulteite uitgaan;
- (t) Afrikaanse wetenskaplikes en tegnisi saam te snoer;
- (u) byeenkomste te hou waardeur die lede bymekaar gebring word, mekaar leer ken en gesellig kan verkeer;
- (v) alle ander middele te gebruik waarmee die doel van die Akademie bevorder kan word;
- (w) ten behoeve van die Akademie fondse in te samel;
- (x) alle liggame wat 'n dergelike doel het tot samewerking op te wek.

SAMESTELLING.

5. Die Akademie omvat 'n Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns, 'n Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek en ander fakulteite wat van tyd tot tyd in die lewe geroep mag word.

LEDE EN MEDEWERKERS.

(1) Skrap die woord “medewerkers” en vervang dit met die woord “assessorlede”.

6. Lede van die Akademie is: —
- (a) *Gewone lede*, d.i. persone —
 - (i) wat by die inwerkingtreding van hierdie Statute lede was van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns;
 - (ii) wat deur die stigtingsraad van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek as lede voorgedra is volgens aangehegte lys;⁷⁹⁷
 - (iii) wat kragtens hierdie statute van tyd tot tyd deur die Raad in oorleg met en op aanbeveling van die betrokke Fakulteitsraad wettig tot lede gekies is.
 - (b) *Lewenslange lede*, d.i., gewone lede wat, na bereiking van die sestigjarige leeftyd, deur die Raad goedgekeur is as lewenslange lede.
 - (c) *Erelede*, d.i., persone wat op eenstemmige voordrag van die Raad deur 'n jaarvergadering tot erelede gekies is op grond van buitengewone dienste aan die Akademie gelewer of weens besondere dienste aan die Afrikaanse taal, geskiedenis of kuns, of wat buitengewoon uitblink op wetenskaplike of tegniese gebied.
 - (d) *Korresponderende lede*, d.i., persone wat deur die Raad benoem word om die belange van die Akademie in die buiteland te bevorder.
7. *Medewerkers van die Akademie* is nie-lede wat van tyd tot tyd deur 'n Fakulteitsraad as medewerkers goedgekeur is.

(1) Skrap die woord “medewerkers” en vervang dit met die woord “assessorlede”.

8. *Beperking van ledetal*. — Afgesien van erelede en korresponderende lede, is die ledetal van die Akademie hoogstens tweehonderd.

(1) In artikel 8, vervang die woord “ledetal” met die woorde “getal gewone lede” en die woord “tweehonderd” met die woord “driehonderd”.

9. *Tydperk van lidmaatskap*. —
- (a) Wie lid word van die Akademie bly dit vir sy lewe, tensy hy bedank, wanbetalend word of kragtens 'n besluit van die Raad, op voorstel van die betrokke Fakulteitsraad, as lid geskrap word. So 'n besluit moet uitsluitend gegrond wees op die handhawing van die aansien van die Akademie.
 - (b) 'n Geskrapte lid mag hom op die jaarvergadering beroep.

797 Die ledelyste van die twee Fakulteite word nie in hierdie bylae van die proefskrif verskaf nie.

10. *Verkiesing van lede.* — Die verkiesing van lede geskied deur die Raad op voordrag van die Fakulteitsrade. Aler hy tot kiesing oorgaan, laat die Raad die name van voorgestelde lede by al die lede van die Akademie sirkuleer met die oog op indiening van moontlike besware ter oorweging deur die Raad.

1. Voeg aan die end van artikel 10 (Verkiesing van Lede) die volgende sin: —
“Sodanige besware moet binne vier weke na uitsending van die naamlys skriftelik by die sekretaris ingedien word.”

- (2) In artikel 10 skrap alle woorde ná “Fakulteitsrade”.

DIE RAAD.

11. *Samestelling en konstituering.* — Die Raad bestaan uit drie lede van elk van die bestaande Fakulteite, deur die Fakulteitsrade uit hul midde gekies vir ’n tydperk van drie jaar. Ná verstryking van hul ampstyd is die lede herkiesbaar.
12. *Ampsdraers.* — Die Voorsitter en die Ondervoorsitter van die Raad word deur hom uit sy midde gekies vir ’n

2. In artikel 11, voeg in na die woord “jaar” die volgende bysin: —
“mits hulle vir die volle tydperk lid van die betrokke fakulteitsraad bly.”
3. Voeg aan die end van artikel 11 die volgende nuwe sinne: —
“Die fakulteitsrade kies uit hul midde vir hul verteenwoordigers in die Akademieraad *secundi*, wat vergaderinge van die Akademieraad bywoon in die plek van *primarii* wanneer laasgenoemde verhinder word om ’n vergadering by te woon. Die *secundi* sal in alle opsigte gelykgeregig wees met die *primarii*.”

tydperk van drie jaar. Die eerste Voorsitter sal een van die lede van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns wees en die Ondervoorsitter ’n lid van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek. Daarna wissel die voorsitterskap en ondervoorsitterskap op dieselfde wyse tussen die twee Fakulteite.

13. *Sekretariaat.* — Die Raad kies sy Sekretaris uit sy midde of benoem ’n ander lid in watter geval die Sekretaris geen stemreg het nie. Die Raad bepaal sy funksies, pligte en toelaag.
14. *Vakatures.* — Tussentydse vakatures in die Raad word deur die betrokke Fakulteitsraad aangevul vir die restant van die ampstermyn.
15. *Vergaderinge.* — Die Raad reël sy eie vergaderinge. ’n Lid wat by drie agtereenvolgende vergaderinge afwesig is sonder voorafgaande skriftelike kennisgewing verbeur sy lidmaatskap.
16. *Kworum.* — Vier stemgeregtigde lede vorm ’n kworum.
17. *Setel.* — Die Raad stel sy eie setel vas.
18. *Magte en Pligte.* —
- Die Raad is die hoogste uitvoerende gesag in die Akademie en verteenwoordig die Akademie in alle aangeleenthede waar na buite opgetree word.
 - Die Raad is belas met die bevordering van die Akademie se belange.
 - Die Raad besit die mag om te funksioneer en te handel afgesien van enige vakature wat mag ontstaan.
 - Die Raad is bevoeg om, ter uitvoering van artikel 4 van die statute, kommissies te benoem met byvoeging van nie-lede indien sulks raadsaam geag word.
 - Die Raad is bevoeg om vaste of tydelike amptenare aan te stel en hul werksaamhede en toelae te bepaal.

VERGADERINGE VAN DIE AKADEMIE.

19. *Jaarvergadering.* — In elke kalenderjaar word ’n algemene vergadering van die lede van die Akademie gehou, jaarvergadering genoem, onder voorsitterskap van die Voorsitter of die Ondervoorsitter van die Raad of by afwesigheid van albei, ’n ander lid van die Raad. Lede moet minstens agt weke tevore kennis ontvang van die datum van die jaarvergadering.
20. *Kworum.* — Vyf-en-twintig lede vorm ’n kworum. Indien na afloop van ’n halfuur ná die tyd waarvoor die vergadering bepaal is geen vyf-en-twintig lede aanwesig is nie, dan is die aanwesige lede, mits nie minder as vyftien nie, geregtig en gevolmagtig om die werksaamhede waarvoor die vergadering opgeroep is, voort te sit; en die besluite dan geneem, sal in alle opsigte ewe wettig en bindend wees asof ’n kworum, soos bepaal, aanwesig was.
21. *Werksaamhede.* —
 - (a) Die Raad lê ’n verslag van die werksaamhede van die Akademie gedurende die afgelope boekjaar aan die jaarvergadering voor.
 - (b) Geen saak kan op ’n jaarvergadering in behandeling geneem word nie, tensy die saak vier weke tevore aan die Sekretaris skriftelik meegedeel is, of tensy twee-derdes van die aanwesige lede daarin toestem.
 - (c) Alle ander werksaamhede van die jaarvergadering word deur die Raad bepaal.
22. *Versending van agenda.* — Die agenda van die jaarvergadering moet minstens twee weke tevore aan lede gestuur word.
23. *Vergaderplek.* — Op elke jaarvergadering word bepaal waar die volgende jaarvergadering gehou sal word. Die Raad kan in buitengewone omstandighede van die besluit afwyk, mits aan die Akademielede ten minste vier weke voor die vergadering kennis daarvan gegee word.
24. *Bywoning en stemreg.* —
 - (a) Jaarvergaderinge van die Akademie word bygewoon deur lede en mag bygewoon word deur medewerkers van die Akademie, dog in laasgenoemde geval sonder stemreg of reg van deelname aan die besprekinge.
 - (1) Skrap die woord “medewerkers” en vervang dit met die woord “assessorlede”.
 - (b) Erelede en korresponderende lede mag deelneem aan die besprekinge, dog het geen stemreg nie.
 - (c) Die Raad bepaal wanneer en in hoever die publiek toegang sal hê tot vergaderinge van die Akademie.
25. *Stemreg.* —
 - (a) Tensy anders bepaal in die Akademiewet of in hierdie statute, beslis by ’n stemming die meerderheid van stemme.
 - (b) Oor sake word met opsteking van hande en oor persone met geslote briefies gestem tensy die vergadering anders besluit.
 - (c) By staking van stemme oor ’n saak word die voorstel as verwerp beskou; by staking van stemme oor ’n persoon beslis die lot.
 - (d) ’n Lid kan, met toestemming van die betrokke Fakulteitsraad, ’n lid word van meer as een Fakulteit en het dan ’n stem in elke Fakulteit waarvan hy lid is, maar net een stem op algemene vergaderinge van die Akademie.
26. *Buitengewone vergadering.* —
 - (a) Indien ten minste vyf-en-twintig lede skriftelik hul verlange daartoe aan die Sekretaris te kenne gee, belê die Raad ’n buitengewone vergadering van die Akademie.
 - (b) Die Raad mag ook op eie inisiatief buitengewone vergaderinge belê.
 - (c) Alleen sake waarvoor ’n buitengewone vergadering belê is, mag op sodanige vergadering bespreek of behandel word. Wat betref die voorsitterskap, stemming en die kworum van ’n buitengewone vergadering, geld dieselfde bepalinge as vir die jaarvergaderinge.
 - (d) Lede moet minstens vier weke tevore kennis ontvang van die datum en doel van ’n buitengewone vergadering.

27. *Notule.* — Die notule van ’n algemene vergadering van die Akademie, hetsy jaarvergadering of buitengewone vergadering, word op die eersvolgende Raadsvergadering bekragtig en lê by die eersvolgende algemene vergadering ter insage van die lede.

FAKULTEITE.

28. *Bestuur.* — Elke Fakulteit kies uit sy midde ’n Fakulteitsraad, wat die huishoudelike sake van die Fakulteit reël. Vir elke Fakulteit stel die Akademieraad statute op in oorleg met die betrokke Fakulteit. Wysiginge in sodanige statute kan van tyd tot tyd aangebring word op aanbeveling van die betrokke Fakulteitsraad.
29. *Vergaderinge.* — Die Fakulteite mag meermale in die jaar vergader, maar die jaarvergaderinge van die Fakulteite word gehou ten tyde van die jaarvergadering van die Akademie en op dieselfde plek.

Die Sekretaris van die Akademie het sitting in die Fakulteitsrade met raadgevende stem.

30. *Jaarverslae.* — Aan die einde van elke boekjaar stel die Sekretaris en die Penningmeester van elke Fakulteit ’n skriftelike verslag op, onderskeidelik oor die werksaamhede van die Fakulteit en oor sy geldelike toestand. Afskrifte van hierdie verslae word onmiddellik ná goedkeuring deur die Fakulteitsraad aan die Raad gestuur.

GELDMIDDELE.

31. *Die Algemene Fonds van die Akademie* bestaan uit —
- die ledegelde van die Akademie;
 - vrye gifte van lede of ander persone of van liggame;
 - die storting van lewenslange lede;
 - twintig persent (20%) van medewerkers se jaarlikse bydrae aan die Fakulteite;

(1) Skrap die woord “medewerkers” en vervang dit met die woord “assessorlede”.

(e) intekengelde op die tydskrifte van die Akademie.

32. *Administrasie van Fondse.* —
- Alle ontvangte gelde moet onmiddellik deur die Penningmeester op die naam van die Akademie gedeponeer word in ’n bank deur die Raad daartoe aangewys.
 - Uitbetalinge geskied onder naamtekening van ’n lid van die raad en die Sekretaris of Penningmeester.

(1) In artikel 32 (b) vervang die woorde “uitbetalings geskied onder naamtekening van ’n lid van die Raad en die Sekretaris of Penningmeester” deur die woorde “Uitbetalings geskied onder naamtekening van enige twee van die volgende: ’n raadslid, die Sekretaris en die Penningmeester”.

33. *Ledegelde.* —
- Gewone lede dra £2 per jaar by tot die Algemene Fonds van die Akademie. Die helfte van hierdie ledegelde word afgedra aan die betrokke Fakulteit, behalwe waar iemand lid is van meer as een Fakulteit, in watter geval hy £1 aan ledegeld vir elke Fakulteit stort en £1 in die Algemene Fonds.

(3) Skrap artikel 33 (a) en vervang dit deur die volgende nuwe artikel: —
“33 (a) Gewone lede dra £3 per jaar by tot die Algemene Fonds van die Akademie; assessorlede £2 per jaar; ondersteuners 10s per jaar. Hierin is ook ledegelde vir die Fakulteite inbegrepe.

(2) In artikel 33 (a), vervang “£3” deur “£4”, “£2” deur “£3” en “10 s.” deur “£1”.

(b) Gewone lede in die buiteland woonagtig dra £1 per jaar by tot die Algemene Fonds.

(c) Erelede en korresponderende lede is nie verplig tot betaling van ledegelde nie.

34. *Lewensgelde* [sic] *lede* — Désverkiesend kan ’n lid met goedkeuring van die Raad, ná bereiking van die sestigjarige leeftyd, lewenslange lidmaatskap verkry teen betaling van vyftien pond (£15) in een bedrag, mits sy ledegeld tot die einde van die voorafgaande boekjaar opbetaal is. Die helfte van hierdie storting word aan die betrokke Fakulteit afgedra.

(2) In artikel 34 —

- (a) vervang die woorde “vyftien pond (£15)” met die woorde “twintig pond (£20)”, en
(b) skrap die woorde “Die helfte van hierdie storting word aan die betrokke Fakulteit oorgedra.”

35. *Verval van lidmaatskap*. — Wanneer die ledegeld drie jaar agterstallig is, verval die lidmaatskap.
36. *Penningmeester*. — Die Raad benoem ’n Penningmeester en bepaal die duur van sy ampstyd, die bedrag van sy toelaag en die aard van sy pligte.
37. *Ouditeur*. — Die Raad benoem ’n ouditeur wat aan die einde van die boekjaar die boeke en bewysstukke van die Akademie en van die Fakulteite moet nasien, die geldelike state opstel en ’n skriftelike verslag daarvoor aan die Raad voorlê.
38. *Boekjaar*. —
(a) Die boekjaar eindig op 31 Maart van elke jaar.
(b) Aan die begin van elke boekjaar stel die Penningmeester ’n begroting op vir die goedkeuring deur die Raad.
39. *Skenkinge of fondse* waarvan die beheer onmiddellik voor die inwerkingtreëning van hierdie statute by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns of sy Raad, of by die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek of sy stigtingsraad berus het, bly onderworpe aan en moet aangewend word volgens die voorwaardes van die skenking of fonds.

GEMENGDE BEPALINGE.

40. *Wysiging van statute*. — Die statute kan, met inagneming van die bepalinge van die Akademiewet en die statute, en na voorafgaande skriftelike kennisgewing van agt weke aan die Sekretaris, op ’n jaarvergadering of buitengewone vergadering gewysig, aangevul of herroep word deur twee-derdes van die lede wat op sodanige vergadering teenwoordig is en hul stemme uitbring.
41. *Vertolking van statute*. — In gevalle waarin die statute nie voorsien nie, beslis, met inagneming van die Akademiewet —
(a) wanneer die Akademie vergader, die vergadering;
(b) wanneer die Akademie nie vergader nie, die Raad.

[Dan volg die ledelys van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek.]

STATUTE VAN DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERKUNDE EN KUNS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

DOEL.

- Die doel van die Fakulteit is die bevordering van die Afrikaanse taal en lettere en van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en kuns, sowel as van die geesteswetenskappe.
- Die Fakulteit trag om sy doel te bereik deur —
 - die publiek omtrent taalbelange voor te lig en tot taalstudie en taalbeoefening aan te spoor;
 - openbare eksamens oor die Afrikaanse en/of Nederlandse taal en letterkunde en die Suid-Afrikaanse geskiedenis en kuns af te neem of te laat afneem;
 - prysvrae uit te skryf;
 - oorspronklike en vertaalde werke, geskifte, musikale komposisies en liedere self uit te gee, of die uitgawe van dergelike werke, geskifte, musikale komposisies en liedere deur ander aan te moedig en geldelik te steun;
 - in die algemeen die kuns te bevorder, o.a. deur die toekenning van erepenninge en ander pryse;
 - behelpsaam te wees by die oprigting, instandhouding en uitbreiding van dorps- en skoolbiblioteke;

- (g) in oorleg met ander verenigings te sorg vir beoordeling, bekendmaking en verspreiding van geskikte lektuur en skooluitgawes;
- (h) openbare voordragte en populêre lesings oor aktuele vraagstukke aan te moedig;
- (i) te ywer vir die onderwys en die regte van Afrikaans in alle opsigte, met inagneming van ons Nederlandse verwantskap en taalverband;
- (j) die spelling en die skryfwyse van die Afrikaanse taal te reël;
- (k) daarvoor te ywer dat die onderrig van alle vakke wat aan ons inrigtinge vir hoër onderwys geleer word ook deur middel van die Afrikaanse taal sal geskied;
- (l) werkgemeenskappe te stig in gebiede waar genoeg lede daarvoor woonagtig is
- (m) alle liggame wat 'n dergelike doel het tot samewerking op te wek.

LEDE.

3. Lede van die Fakulteit is die persone wat kragtens artikel 6(a)(i) en (iii) van die Akademie-statute lid geword het.

(1) In artikel 3 voeg na “(iii)” die woorde “en artikel 7”.

4. Die ledetal van die Fakulteit mag nie meer as honderd wees nie.

(2) Skrap artikel 4 en vervang dit deur die volgende nuwe artikel; —
“4. Die getal gewone lede van die Fakulteit mag nie meer as honderd wees nie; die getal assessorlede is onbeperk.”

In artikel 4 vervang die woord “honderd” met die woord “honderd-en-vyftig”.

5. Die verkiesing van lede geskied as volg: —

(3) In artikel 5 voeg in die woord “gewone” voor “lede”.

- (a) Elke lid het die reg om aan die Sekretaris van die Fakulteit met opgaaf van redes vir die aanbeveling, te stuur die naam of name van 'n persoon op persone wat hy vir lidmaatskap van die Akademie wens aan te beveel.
- (b) Die Raad keur die aldus aanbevole persone en dra die goedgekeurde persone voor aan die Akademieraad by wie die eindbeslissing berus

DIE RAAD.

6. (a) Die Raad van die Fakulteit bestaan uit ses lede wat op 'n jaarvergadering uit en deur die lede van die Fakulteit gekies word vir die tyd van drie jaar. Na verstryking van hul dien tyd is hulle herkiesbaar. Tussentydse vakatures in die Raad word deur homself aangevul tot aan die eersvolgende jaarvergadering.

1. Voeg aan die end van artikel 6 (a) die volgende:

“Die Jaarvergadering kies vir sy lede in die Fakulteitsraad *secundi* wat Raadsvergaderings bywoon in die plek van hul *primarii* wanneer laasgenoemdes verhinder word om 'n vergadering by te woon. Die *secundi* sal in alle opsigte gelykgerdig wees met die *primarii*.” Tussentydse vakatures word deur die Raad self aangevul tot aan die eersvolgende Jaarvergadering.

Skrap in artikel 6 (a) die woord “ses” en vervang dit deur “sewe”.

- (b) Die Raad is belas met die bevordering van die Fakulteit se belange en die uitvoering van die Fakulteit se opdragte.
7. Die Raad kies uit sy midde ’n Voorsitter en ’n Ondervoorsitter vir die tyd van drie jaar.
8. Die Raad kies sy Sekretaris uit sy midde of benoem daartoe ’n ander lid van die Akademie, in watter geval die Sekretaris geen stemreg in die Raad het nie. Die dienstryd van die Sekretaris is drie jaar. Die Raad bepaal sy pligte en sy toelaag.

Skrap artikel 8 en vervang dit deur die volgende nuwe artikel: —

“Die raad kies sy Sekretaris uit sy midde of benoem ’n ander persoon. In laasgenoemde geval het die Sekretaris geen stemreg op vergaderings van die Raad nie. Die dienstryd van die Sekretaris is drie jaar. Die Raad bepaal sy pligte en sy toelaag.”

9. Die Raad reël sy eie vergaderinge. Drie lede vorm ’n kworum.
10. Die Raad is bevoeg om tot uitvoering van sy werksaamhede, kommissies te benoem, met byvoeging van nie-lede indien dit raadsaam geag word.

VERGADERINGE.

11. In elke kalenderjaar en by geleentheid van die jaarvergadering van die Akademie word ’n jaarvergadering van die Fakulteit gehou onder voorsitterskap van die Voorsitter of die Ondervoorsitter van die Raad of by afwesigheid van albei ’n ander lid van die Raad. Lede moet minstens ses weke tevore kennis ontvang van die datum van die jaarvergadering.

Vyftien lede vorm ’n kworum. Indien na afloop van ’n halfuur ná die tyd waarvoor die vergadering bepaal is geen vyftien lede aanwesig is nie, dan is die aanwesige lede, mits nie minder as tien nie, geregtig en gevolmagtig om die werksaamhede waarvoor die vergadering opgeroep is, voort te sit; en die besluite dan geneem, sal in alle opsigte ewe wettig en bindend wees asof ’n kworum soos bepaal, aanwesig was.

Geen saak word op ’n jaarvergadering in behandeling geneem nie tensy vier weke tevore aan die Sekretaris skriftelik meegedeel, of tensy twee-derdes van die aanwesige lede daarin toestem.

12. Die Raad mag bowendien buitengewone vergaderinge van die Fakulteit belê.

Vyftien lede vorm ’n kworum. Ten opsigte van voorstelle op sodanige buitengewone vergaderinge te behandel, geld dieselfde bepalinge as vir die jaarvergaderinge. Indien ná afloop van ’n halfuur ná die tyd waarvoor die vergadering bepaal is geen vyftien lede aanwesig is nie, dan is die aanwesige lede, mits nie minder as tien nie, geregtig en gevolmagtig om die werksaamhede waarvoor die vergadering opgeroep is, voort te sit; en die besluite dan geneem, sal in alle opsigte ewe wettig en bindend wees asof ’n kworum, soos bepaal, aanwesig was. Wat betref die voorsitterskap van sodanige vergaderinge geld dieselfde bepalinge vir jaarvergaderinge.

13. Indien ten minste vyftien lede skriftelik hul verlanse daartoe aan die Sekretaris te kenne gee, moet die Raad ’n buitengewone vergadering belê.

Vyftien lede vorm ’n kworum. Indien ná afloop van ’n halfuur ná die tyd waarvoor die vergadering bepaal is geen vyftien lede aanwesig is nie, dan is die aanwesige lede, mits nie minder as tien nie, geregtig en gevolmagtig om die werksaamhede waarvoor die vergadering opgeroep is, voort te sit; en die besluite dan geneem, sal in alle opsigte ewe wettig en bindend wees asof ’n kworum, soos bepaal, aanwesig was.

Geen saak word op sodanige vergadering in behandeling geneem nie tensy daarvan aan die Sekretaris en deur hom vier weke tevore aan die lede kennis gegee is.

14. Tensy anders bepaal, beslis by ’n stemming die meerderheid van stemme.
15. Oor sake word met opsteking van hande en oor persone met geslote briefies gestem, tensy die vergadering anders besluit.

16. By staking van stemme oor 'n saak word die voorstel beskou as verwerp; by staking van stemme oor 'n persoon beslis die lot.

GELDMIDDELE.

17. Die ledegeld van die Fakulteit bedra een pond per jaar totdat hierdie bedrag deur 'n jaarvergadering gewysig word.

(6) Skrap artikel 17 en vervang dit deur die volgende: —

“17. Die ledegelde van die Fakulteit bedra drie pond per jaar vir gewone lede en twee pond per jaar vir assessorlede, onderworpe aan wysigings van hierdie bedrae deur 'n jaarvergadering.”

In artikel 17, vervang “drie” deur “vier” en “twee” deur “drie”.

18. (a) Die Raad benoem 'n Penningmeester en bepaal die duur van sy ampstyd, die bedrag van sy toelaag en die aard van sy pligte.
- (b) Alle ontvange gelde moet onmiddellik deur die Penningmeester gedeponeer word in 'n bank deur die Raad daartoe aangewys.
- (c) Die tjeks van die Fakulteit moet onderteken word deur 'n lid van die Raad en deur die Sekretaris.
- (d) Die Penningmeester se balansstate en jaarverslae word mede-onderteken deur een lid van die Fakulteit, deur die Raad daartoe aangewys en word onmiddellik ter goedkeuring aan die Akademiesraad gestuur.
19. Die boekjaar van die Fakulteit eindig op dieselfde datum as dié van die Akademie.

GEMENGDE BEPALINGE.

20. Aanbevelings tot wysiging, aanvulling of herroeping van hierdie statute word aan die Akademiesraad voorgelê ter goedkeuring, mits minstens twee-derdes van die lede wat op 'n jaarvergadering of buitengewone vergadering aanwesig is, tot sodanige wysiging, aanvulling of herroeping besluit en mits vier weke tevore skriftelik aan die Sekretaris daarvan kennis gegee is.
21. In gevalle waarin die statute nie voorsien nie, beslis, met inagneming van die Akademieswet —
- (a) wanneer die Fakulteit vergader, die vergadering;
- (b) wanneer die Fakulteit nie vergader nie, die Raad.
22. In hierdie statute beteken —
- “Die Akademieswet” Wet No. 23 van 1921 en wysiginge daarvan;
- “Akademie” die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns;
- “Raad” die raad van die Fakulteit, volgens die statute wettig as sodanig gekies.

[Dan volg die statute van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek.]

STATUTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS soos dit verskyn het in die Staatskoerant van 29 Desember 1967 (kennisgewing no. 2099). Hierdie statute is geldig verklaar met die 1968-Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat op 15 Maart 1968 goedgekeur, en in werking getree het op 27 Maart 1968 (kyk bylaag M op bladsy 623).

Hierdie 1967-statute is gewoon in swart gedruk. Veranderinge wat in daaropvolgende statute ingetree het, word kleurgewys soos volg aangedui: veranderinge soos aangekondig in

- die Staatskoerant van 13 Desember 1991 (kennisgewing no. 3033);
- die Staatskoerant van 4 Desember 1992 (No. 3246), en
- die Staatskoerant van 24 Desember 1993 (kennisgewing 2498).

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het kragtens die bevoegdheid hom by artikel [5 / 4]⁷⁹⁸ van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959 (Wet No. 54 van 1959), soos gewysig, verleen en met die goedkeuring van die [Waarnemende Staatspresident / Minister van Onderwys en Kultuur] onderstaande statuut uitgevaardig: –

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS
STATUUT

Woordomskrywing.

1. In hierdie statuut het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en tensy uit die samehang anders blyk, beteken –
“die Wet” die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959 (Wet No. 54 van 1959), soos gewysig;
“fakulteit” ’n afdeling van die Akademie soos in paragraaf⁷⁹⁹ 2 bedoel;
“fakulteitslid” ’n persoon wat as sodanig toegelaat is ingevolge die reglemente van die onderskeie fakulteite, maar nie ’n Akademielid is soos bedoel in paragraaf 4 nie; [hierdie woordomskrywing is vanaf 1991 geskrap]
“fakulteitsraad” die raad van ’n fakulteit soos in paragraaf 2 bedoel;
“lid” ’n lid van die Akademie soos in paragraaf 4 bedoel;
“raad” die raad van die Akademie saamgestel soos voorgeskryf in paragraaf 5.

Fakulteite

2. (1) Die Akademie bestaan uit [2 afdelings / twee fakulteite], onderskeidelik die fakulteit vir kuns en geesteswetenskappe en die fakulteit vir natuurwetenskap en tegniek, wat fungeer volgens die in subparagraaf (2) bedoelde reglemente.

(1) Die Akademie bestaan uit drie fakulteite, onderskeidelik die fakulteit vir kuns en geesteswetenskappe, die fakulteit vir natuurwetenskap en tegniek, en die fakulteit vir ekonomiese en bestuurswetenskappe wat fungeer volgens die in subparagraaf (2) bedoelde reglemente.

- (2) Die raad kan reglemente voorskryf betreffende –
 - (a) die bevoegdhede en funksies van fakulteite en die toelating van [fakulteitslede / lede] daartoe;
 - (b) die verkiesing, samestelling en bevoegdhede van die fakulteitsrade en van onderkomitees van sodanige rade en die delegering van magte aan hulle.

798 Hierdie 1991-verwysing na artikel 4 is foutief. Dit is ook so herhaal in die statute wat in 1992 en 1993 verskyn het. Dit moet artikel 5 wees (kyk subartikel 2 op bladsy 625).

799 Let daarop dat, waar daar voorheen verwys is na ’n sekere “artikel” in die Statute (kyk bylaag O op bladsy 632), die woord “paragraaf” nou gebruik word. In die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap se memorandum insake die Akademie se voorlegging van die voorgestelde gekonsolideerde Statute in 1962 (6 Julie 1962; memorandum gedateer 16 Julie 1962), merk hy op dat die woord “artikel” in die voorlegging gebruik word om na ’n paragraaf van die Statuut te verwys, maar dat “artikel” ’n artikel van die Wet beteken en dat daar in die Statute van die woord “paragraaf” gebruik gemaak moet word.

Ledetal.

3. Die Akademie bestaan uit hoogstens vierhonderd lede, wat elk aan 'n besondere fakulteit toegewys word en van wie hoogstens tweehonderd aan 'n besondere fakulteit behoort.

Die ledetal van die Akademie is onbeperk.

Lidmaatskap.

4. (1) Die vereistes vir nuwe lede is –
- onderskrywing van die oogmerke van die Akademie soos in die Wet bepaal;
 - Suid-Afrikaanse burgerskap: Met dien verstande dat die raad in 'n uitsonderlike geval na goeë dunnke iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, tot lid kan verkies;
 - 'n hoë akademiese kwalifikasie of ander prestasie wat na die oordeel van die raad daarmee gelykgestel kan word; en
 - werk van hoë gehalte as uitkoms van eie navorsing in skriftelike vorm of in die vorm van praktiese prestasie; of kunswerk of kulturele of opvoedkundige werk van hoë gehalte.
- (2)
- Voorstelling van nuwe lede geskied op 'n deur die raad voorgeskrewe vorm, gesteun deur [3 / drie] lede van die fakulteit ten opsigte waarvan die persoon voorgestel word.
 - Die voorstel word deeglik gemotiveer en die persoon se werk of prestasie volledig aangegee met 'n aanduiding van die gehalte en omvang daarvan.
 - Die raad verkies 'n voorgestelde persoon na goeë dunnke tot lid.
- (3)
- Lidmaatskap verval wanneer 'n lid meer as [2 / twee] jaar agterstallig is met sy jaarlikse ledegeld, maar hy kan aansoek doen om herstel van lidmaatskap by betaling van die agterstallige [jaarlikse ledegeld / jaargelde] en van alle ander gelde wat hy aan die Akademie verskuldig mag wees.
 - Die raad kan na goeë dunnke die lidmaatskap [van 'n lid of 'n fakulteitslid / van 'n lid] beëindig as hy na die oordeel van die raad die aansien van die Akademie geskaad het, mits hy eers die geleentheid gekry het om hom te verdedig, waarvoor 'n skriftelike antwoord op die hooftrekke van die klagtes teen hom voldoende is.
 - By verval of beëindiging van lidmaatskap kan so iemand se lidmaatskapssoorkonde deur die raad opgeëis word.

Die Raad.

5. (1) Die raad bestaan uit [10 / 12] lede, in die volgende groepe aangewys: –
- Die voorsitter en ondervoorsitter van elk van die [2 fakulteitsrade / fakulteitsrade]:⁸⁰⁰ Met dien verstande dat, indien so 'n lid ophou om voorsitter of ondervoorsitter van sy fakulteitsraad te wees, hy nietemin kan aanbly as lid van die raad, en in so 'n geval word die nuwe voorsitter of ondervoorsitter van die fakulteitsraad nie outomaties lid van die raad nie;
 - [vier / ses] lede, [2 / twee /] uit elke fakulteit, deur die algemene vergadering gekies [; en /]];
 - twee lede, [1 / een] uit elke fakulteit, deur die [8 / agt] hierbo bedoelde lede gekoopteer. [Hierdie bepaling het verval.]
- (2)
- Die raad kies 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter uit sy midde: Met dien verstande dat die voorsitter en ondervoorsitter nie tot dieselfde fakulteit behoort nie en dat by verstryking van die ampstuur van die raad die voorsitter en ondervoorsitter van die nuut saamgestelde raad tot die ander fakulteit behoort as dié waartoe hul onderskeie onmiddellike voorgangers behoort het.

Die raad kies 'n voorsitter en twee ondervoorsitters – een uit elke fakulteit. Die voorsitterskap roteer tussen die drie fakulteite op 'n basis soos deur die raad bepaal.

- As die stemme staak word daar weer nominasies gevra en as die stemme weer staak beslis die lot.
- (3)
- Die raad kies 'n uitvoerende komitee uit sy midde bestaande uit die voorsitter, die ondervoorsitter en [2 / twee] ander lede, [1 / een] uit elke fakulteit,⁸⁰¹ en 'n sekondus vir elk van die lede.
 - Die uitvoerende komitee kan sake afhandel wat deur die raad na hom verwys is of wat die voorsitter beskou as so dringend dat dit nie tot die eersvolgende raadsvergadering kan oortaan nie.

800 Vanaf 1993 was daar drie fakulteite.

801 Dit moet waarskynlik lees: “... drie ander lede, een uit elke fakulteit”.

- (4) [Tien / Twaalf] sekundi vir die lede van die raad word deur die raad aangewys, in die volgende groepe: –
- [Vier / Ses], [2 / twee] uit elke fakulteitsraad deur die betrokke fakulteitsraad uit sy midde gekies tot sekundi vir die lede in subparagraaf (1)(a) bedoel [; / en]
 - [vier / ses], [2 / twee] uit elke fakulteit, synde die persone wat in die verkiesing in die algemene vergadering die meeste stemme gekry het na diegene uit hul eie fakulteit wat tot lede van die raad gekies is, tot sekundi vir die lede in subparagraaf 1(b) bedoel: Met dien verstande dat, indien daar geen of te min ander kandidate was, die raad die ontbrekende sekundi aanstel [; en / . Bepaling (c) hierna verval]
 - twee, [1 / een] uit elke fakulteit, tot sekundi vir die [2 / twee] gekoöpteerde lede.
- (5) Indien 'n lid 'n vergadering van die raad nie kan bywoon nie, kan die voorsitter van die vergadering 'n sekundus uit die groep en fakulteit waartoe die betrokke lid behoort, uitnooi, en indien niemand in so 'n groep beskikbaar is nie, kan hy na goëddunke 'n ander sekundus uitnooi.
- (6) 'n Tussentydse vakature word na gelang van die geval deur die betrokke fakulteitsraad of deur die raad self aangevul, met inagneming van die gelyke verteenwoordiging van die [2 / twee / drie] fakulteite.
- (7) Die raad se ampsduur is [2 / twee] jaar en lede is herkiesbaar.
- (8) 'n Lid wat van [2 / twee] agtereenvolgende vergaderinge van die raad afwesig is sonder voorafgaande kennisgewing, verbeur sy lidmaatskap van die raad.
- (9) [Sewe / Agt] lede vorm 'n kworum en die voorsitter het benewens sy gewone stem ook 'n beslissende stem.
- (10) Op 'n vergadering van die raad het 'n sekundus wat uitgenooi is dieselfde status as 'n volle lid van die raad.

Algemene Vergaderinge / Algemene vergadering.

6. (1) In elke kalenderjaar word minstens [1 / een] algemene vergadering van lede gehou op 'n datum en plek deur die raad bepaal, onder voorsitterskap van die voorsitter of 'n plaasvervanger vir hom deur die raad daartoe aangewys.
- (2) Die raad bepaal die program van verrigtinge en lê 'n verslag van die werksaamhede van die Akademie gedurende die afgelope diensjaar aan die vergadering voor.
- (3) Fakulteitslede mag die vergadering bywoon en aan die bespreking deelneem maar mag nie stem nie. [Hierdie bepaling het verval.]
- (4)/(3) By staking van stemme oor 'n saak word die voorstel as verworpe beskou, maar by staking van stemme oor 'n persoon word weer nominasies gevra en dan oorgestem en indien die stemme weer staak, beslis die lot.
- (5)/(4) [Een-tiende / Een twintigste] van die lede vorm 'n kworum. / [Die aanwesige lede vorm 'n kworum.]
- (6)/(5) [bepaal wanneer en in hoeverre die publiek toegang tot die vergadering het, en mag na goëddunke fakulteitslede van 'n vergadering of deel daarvan uitsluit. / Die raad kan bepaal wanneer en in hoeverre die publiek toegang tot die vergadering het.]
- (7)/(6) (a) Indien minstens [een-tiende / een twintigste] van die lede 'n skriftelike versoek daartoe aan die voorsitter rig, moet die raad 'n algemene vergadering hou binne [4 / vier] weke na ontvangs van die versoek.
- (b) Alleen sake in die versoek genoem en sake deur die raad op die agenda geplaas, mag op so 'n vergadering behandel word.
- (c) Die voorafgaande bepalinge van hierdie paragraaf geld *mutatis mutandis* vir so 'n vergadering.

Herroeping.

7. Goewermenskennisgewing No. 648 van 28 April 1944, No. 1010 van 17 Mei 1946, No. 2041 van 27 September 1946, No. 1046 van 9 Mei 1952, No. 655 van 2 April 1954, No. 38 van 10 Januarie 1958 en No. R.1802 van 22 November 1963⁸⁰² en No. R 2099 van 29 Desember 1967, No. 3033 van 13 Desember 1991 en No. 3246 van 4 Desember 1992 word hierby herroep.

PROSEDURE BY TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS EN DIE AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERKE, VERAL SOOS BEPAAL OP DIE RAADSVERGADERINGS VAN DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERE EN KUNS VAN 20/9/46 EN 25/9/48.

1. Die waarde van hierdie twee pryse bedra £50 en £25 resp.
2. Die pryse word alleen toegeken vir werk van die hoogste gehalte. By onvoldoende gehalte word geen toekenning gedoen nie.
3. Toekenning vir die twee pryse geskied parallel, altans indien vir albei pryse bekroonbare werke aangewys word.
4. Die Hertzogprys is uitsluitend bedoel vir oorspronklike belletristiese [sic] werk in Afrikaans, die Akademieprys vir vertaalde belletristiese werke in Afrikaans.
5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende afdelings:
 - (a) Poësie.
 - (b) Drama.
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).
 - (d) Kritiese prosa en essay.
6. Alleen een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee.
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van vier jaar en wel vir die vier kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.
8. Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.
9. Die onverdeelde prys word nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.
10. Vir sy leiding, by elke afdeling van die letterkunde soos dit aan die beurt kom, benoem die Raad jaarliks 'n ad hoc-komitee, bestaande uit drie deskundiges op die besondere gebied. Die komitee sal bekend staan as die letterkundige keurkomitee, en sal, met inagneming van bogenoemde reëls van prosedure, die Raad met gemotiveerde advies bedien insake die voorgestelde bekroning. Van die keurkomitee word verwag om:
 - (a) By voorkeur een skrywer, maar hoogstens drie skrywers, aan te beveel, wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die bedoelde pryse. Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam noem, staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui;
 - (b) Aanbevelings vir verdeling van pryse soveel moontlik te vermy.
11. As praktiese leidraad vir keurkomitees beveel die Raad aan dat elke keurkomitee in die eerste plek 'n lys opstel van werke in die betrokke afdeling oor die betrokke tydperk. Na die komitee vir homself min of meer vasgestel het watter werke binne die kader van die bekroningstandaard val, kan die komitee, indien gewens, deur middel van die Akademiese sekretariaat, uitgewers nader vir eksemplare van die besondere werke vir verdere studie en oorweging deur die komitee.⁸⁰³
12.
 - (a) Indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, ditsy eenstemmig of deur meerderheids- en minderheidsaanbeveling, benoem die Raad 'n breë Kommissie van tien lede, aan wie die name van die betrokke skrywer en werke voorgelê sal word, ewenwel sonder kommentaar en sonder om die bevindinge van die letterkundige keurkomitee te vermeld. (Lede van die Raad is nie benoembaar op die kommissie nie).
 - (b) Elke lid van die Breë Kommissie sal versoek word om sy stem skriftelik uit te bring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.
 - (c) Die Raad oorweeg vervolgens die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die letterkundige keurkomitee en ken die prys toe al dan nie.

803 Later is die bewoording verander na "gratis" eksemplare (FRN 1949:5 Februarie), maar in nóg latere, effens gewysigde inligtingstukke, kom die woord "gratis" nie voor nie.

Onderstaande is die 1946/1948-Hertzogprystoekenningsprosedure soos dit verskyn in die 1957/1958- en 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag, en, in vetdruk, die veranderinge wat in 1956 gefinaliseer, en vanaf 1957 geldig was. Die veranderinge in vetdruk word telkens in hoekige hakies met die 1946/1948-bepalings vergelyk.

PROSEDURE BY TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS EN DIE AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERKE, [VERAL SOOS BEPAAL OP DIE RAADSVERGADERINGS VAN DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERE EN KUNS VAN 20/9/46 EN 25/9/48 / **GEFINALISEER IN 1956 EN GELDIG VANAF 1957**].

1. Die waarde van hierdie twee pryse bedra [£50 en £25 / **£75 en £25**] resp.
2. Die pryse word alleen toegeken vir werk van die hoogste gehalte. By onvoldoende gehalte word geen toekenning gedoen nie.
3. Toekennings vir die twee pryse geskied parallel, altans indien vir albei pryse bekroonbare werke aangewys word.
4. Die Hertzogprys is uitsluitend bedoel vir oorspronklike belletristiese [sic] werk in Afrikaans, die Akademieprys vir vertaalde belletristiese werke in Afrikaans.
5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende afdelings:
 - (a) Poësie.
 - (b) Drama.
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).
 - (d) Kritiese prosa en essay.
6. Alleen een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee. **Die Afdelings roteer dus om die vier jaar.**
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van vier jaar en wel vir die vier kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.
8. Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.
9. Die onverdeelde prys word nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.
10. Vir sy leiding, by elke afdeling van die letterkunde soos dit aan die beurt kom, benoem die Raad jaarliks 'n ad hoc-komitee, bestaande uit drie deskundiges op die besondere gebied. Die komitee sal bekend staan as die letterkundige keurkomitee, en sal, met inagneming van bogenoemde reëls van prosedure, die Raad met gemotiveerde advies bedien insake die voorgestelde bekroning. Van die keurkomitee word verwag om:

- (a) By voorkeur een skrywer, maar hoogstens drie skrywers, aan te beveel, wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die bedoelde pryse. Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam noem, staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui;
- (b) Aanbevelings vir verdeling van pryse soveel moontlik te vermy.
11. As praktiese leidraad vir keurkomitees beveel die Raad aan dat elke keurkomitee in die eerste plek 'n lys opstel van werke in die betrokke afdeling oor die betrokke tydperk. Na die komitee vir homself min of meer vasgestel het watter werke binne die kader van die bekroningstandaard val, kan die komitee, indien gewens, deur middel van die Akademiesekretariaat, uitgewers nader vir eksemplare van die besondere werke vir verdere studie en oorweging deur die komitee. **(Vir die gebruik van keurkomitees word verwys na die Bibliografie van Afrikaanse Boeke deur dr. P.J. Nienaber en die gereelde lyste in Die S.A. Uitgewer en Boekhandelaar, Die Brandwag, maandeliks, en die Kwartaalblad van die S.A. Biblioteek, Kaapstad. Besonder diensbaar is ook die Boekegids, Kumulatiewe Uitgawe, van die Transvaalse Onderwysdepartement, Biblioteekdiens, wat jaarliks verskyn met aanvullende uitgawes.)**
12. (a) Indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, ditsy eenstemmig of deur meerderheids- en minderheidsaanbeveling, benoem die Raad 'n breë Kommissie van tien lede, aan wie die name van die betrokke skrywer en werke voorgelê sal word, ewenwel sonder kommentaar en sonder om die bevindinge van die letterkundige keurkomitee te vermeld. (Lede van die Raad is nie benoembaar op die kommissie nie).
- (b) Elke lid van die Breë Kommissie sal versoek word om sy stem skriftelik uit te bring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.
- (c) Die Raad oorweeg vervolgens die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die letterkundige keurkomitee en ken die prys toe al dan nie.
13. **Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.**
14. **Waar dusver gepraat is van “die Raad” word bedoel die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.**
15. **Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademiesraad van wie die werklike toekenning uitgaan.**

Onderstaande is die 1956/1957-Hertzogprystoekenningsprosedure en, in vetdruk, die veranderinge wat in 1961 gefinaliseer, en vanaf 1962 geldig was. Die veranderinge in vetdruk word telkens in hoekige hakies met die 1956/1957-bepalings vergelyk.

PROSEDURE BY TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS EN DIE AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERKE, [GEFINALISEER IN 1956 EN GELDIG VANAF 1957 / **SOOS GEFINALISEER IN 1961 EN GELDIG VANAF 1962**]

1. Die waarde van hierdie twee pryse [bedra £75 en £25 resp. / **beloop respektieflik R200 en R50 per jaar**].
2. Die pryse word alleen toegeken vir werk van die hoogste gehalte. By onvoldoende gehalte word geen toekenning gedoen nie.
3. Toekennings vir die twee pryse geskied parallel, altans indien vir albei pryse bekroonbare werke aangewys word.
4. Die Hertzogprys is uitsluitend bedoel vir oorspronklike [belletristiese / **belletristiese**] werk in Afrikaans, die Akademieprys vir vertaalde [belletristiese / **belletristiese**] werk in Afrikaans.
5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende [vier / **drie**] afdelings (in volgorde vanaf [1955 / **1962**]):
 - (a) Poësie
 - (b) Drama
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).

[Afdeling wat verval: (d) Kritiese prosa en essay. Dit is oorgeskakel na die Stalsprys en ingeskakel by die afdeling letterkunde.]
6. [Alleen / **Slegs**] een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee. [Die Afdelings roteer dus om die vier jaar. / **Dieselfde afdeling kom dus elke drie jaar aan die beurt.**]
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van [vier / **drie**] jaar en wel vir die [vier / **drie**] kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.
8. Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie[,], maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.

9. Die onverdeelde prys [word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie /**kan meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken word mits 'n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is**].
10. Vir sy leiding, by elke afdeling van die letterkunde [soos / **al na**] dit aan die beurt kom, benoem die Raad jaarliks 'n ad hoc-komitee, bestaande uit drie deskundiges op die besondere gebied. Die komitee sal bekend staan as die [letterkundige keurkomitee / **Keurkomitee vir Letterkunde**], en sal, met inagneming van bg. reëls van prosedure, die Raad met gemotiveerde advies bedien insake die voorgestelde bekroning. Van die keurkomitee word verwag om
- (a) by voorkeur een skrywer, maar hoogstens drie skrywers, aan te beveel [,] wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die [bedoelde / **betrokke**] pryse. Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam [noem / **voorstel**], staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui[. / ;]
- (b) [Aanbevelings / **aanbeveling**] vir verdeling van [pryse / **'n prys**] soveel moontlik te vermy.
11. As praktiese leidraad vir keurkomitees beveel die Raad aan dat elke keurkomitee in die eerste plek 'n lys opstel van werke in die betrokke afdeling [oor / **vir**] die betrokke tydperk. [Na / **Nadat**] die komitee vir homself min of meer vasgestel het watter werke binne die [kader van die] bekroningstandaard val, kan die komitee, indien gewens, deur middel van die Akademiesekretariaat[,] uitgewers nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verder studie en oorweging deur die komitee.
- (Vir die gebruik van keurkomitees word verwys na die Bibliografie van Afrikaanse Boeke deur [dr. / **prof.** P.J. Nienaber en die gereelde lyste in [Die / **die**] S.A. Uitgewer en Boekhandelaar, Die Brandwag [, maandeliks,] en die Kwartaalblad van die S.A. Biblioteek, Kaapstad. Besonder [diensbaar / **nuttig**] is ook die Boekegids, Kumulatiewe Uitgawe[,] van die Transvaalse Onderwysdepartement, [**Afdeling**] Biblioteek-diens, wat jaarliks verskyn met aanvullende uitgawes.)
12. (a) Indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, [ditsy / **hetsy**] eenstemmig [of deur / **hetsy deur**] meerderheids- en minderheidsaanbeveling, benoem die Raad 'n breë kommissie van tien lede[,] aan wie die name van die betrokke [skrywer / **skrywers**] en werke voorgelê sal word, ewenwel sonder kommentaar en sonder om die bevindinge van die [letterkundige keurkomitee / **letterkunde-keurkomitee**] te vermeld. (Lede van die Raad is nie benoembaar [op / **in**] die kommissie nie.)
- (b) Elke lid van die Breë [Keurkommissie / **Kommissie**] sal versoek word om sy stem skriftelik uit te bring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.
- (c) Die Raad oorweeg vervolgens die uitgebragte stemme van die breë kommissie saam met die verslag van die [letterkundige keurkomitee / **letterkunde-keurkomitee**] en ken die prys toe al dan nie.

13. Hierdie pryse word slegs toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk.

- [13 / 14]. Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.
- [14 / 15]. Waar dusver gepraat is van “[die / **Die**] Raad”[,], word bedoel die Raad van die [Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns / **Fakulteit Geesteswetenskappe**].
- [15 / 16]. Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademieraad[,], van wie die werklike toekenning uitgaan.

Onderstaande is die 1961/1962-Hertzogprystoekenningsprosedure en, in vetdruk, die veranderinge wat in 1963 gefinaliseer, en vanaf 1964 geldig was. Die veranderinge in vetdruk word telkens in hoekige hakies met die 1961/1962-bepalings vergelyk.

PROSEDURE BY TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS EN DIE AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERKE, [SOOS GEFINALISEER IN 1961 EN GELDIG VANAF 1962 / SOOS GEFINALISEER IN 1963 EN GELDIG VANAF 1964]

1. Die waarde van hierdie twee pryse beloop respektieflik [R200 en R50 / **R2 000 en R200**] per jaar.
2. Die pryse word alleen toegeken vir werk van die hoogste gehalte. [1961/1962-bepaling wat verval: “By onvoldoende gehalte word geen toekenning gedoen nie.”]
3. Toekennings vir die twee pryse geskied parallel, altans indien vir albei pryse bekroonbare werke aangewys word.
4. Die Hertzogprys is [uitsluitend / **uitsluitlik**] bedoel vir oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans, die Akademieprys vir vertaalde belletristiese werk in Afrikaans.
5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende drie afdelings (in volgorde vanaf [1962 / **1961**]):
 - (a) [Poësie / **Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing)**]
 - (b) [Drama / **Poësie**]
 - (c) [Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing) / **Drama**].
6. Slegs een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee. Dieselfde afdeling kom dus elke drie jaar aan die beurt.
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van drie jaar en wel vir die drie kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.
8. Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van ’n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om ’n toekenning te regverdig.
9. Die onverdeelde prys kan meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken word mits ’n duidelike stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is.
10. Vir sy leiding, by elke afdeling van die letterkunde al na dit aan die beurt kom, benoem die Raad jaarliks ’n ad hoc-komitee, bestaande uit [drie / **vyf**] deskundiges op die besondere gebied. Die komitee sal bekend staan as die Keurkomitee vir Letterkunde en sal, met inagneming van bg. reëls van prosedure, die Raad met gemotiveerde advies bedien insake die voorgestelde bekroning. Van die keurkomitee word verwag om

- (a) by voorkeur een skrywer, maar hoogstens [drie / **twee**] skrywers, aan te beveel wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die betrokke pryse. Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam voorstel, [staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui / **moet rangorde van verdienste aangedui word**];
- (b) aanbeveling vir verdeling van [’n / **die**] prys soveel moontlik te vermy.
11. As praktiese leidraad vir keurkomitees beveel die Raad aan dat elke keurkomitee in die eerste plek ’n lys opstel van werke in die betrokke afdeling vir die betrokke tydperk. Nadat die komitee vir homself min of meer vasgestel het watter werke binne die bekroningstandaard val, kan die komitee, indien gewens, deur middel van die Akademiesekretariaat uitgewers nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verdere studie en oorweging deur die komitee. [**Wat die prys vir vertaalde werk betref, moet daar streng gelet word op die juistheid van die vertaling.**]
- (Vir die gebruik van keurkomitees word verwys na die Bibliografie van Afrikaanse Boeke deur prof. P.J. Nienaber [en die gereelde lyste in die S.A. Uitgewer en Boekhandelaar, Die Brandwag en die Kwartaalblad van die S.A. Biblioteek, Kaapstad / **die Nasionale Bibliografie van S.A., Staatsbiblioteek, Pretoria, en die gereelde lyste in die S.A. Uitgewer en Boekhandelaar, Die Brandwag en Africana Nova, S.A. Biblioteek, Kaapstad.**]. Besonder nuttig is ook die Boekegids, Kumulatiewe Uitgawe van die Transvaalse Onderwysdepartement, Afdeling Biblioteekdiens, wat jaarliks verskyn met aanvullende uitgawes.)
12. (a) Indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, hetsy eenstemmig, hetsy deur meerderheids- en minderheidsaanbeveling, benoem die Raad ’n [breë kommissie / **Breë Komitee**] van tien lede aan wie die name van die betrokke skrywers en werke voorgelê [sal word / **word**], ewenwel [sonder kommentaar en sonder om die bevindinge / **sonder om die bevindinge**] van die [letterkunde-keurkomitee / **Keurkomitee**] te vermeld. (Lede van die Raad is nie benoembaar in die [kommissie / **komitee**] nie.)
- (b) Elke lid van die [Breë Kommissie / **Breë Komitee**] sal versoek word om sy stem skriftelik uit te bring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.
- (c) Die Raad oorweeg vervolgens die uitgebragte stemme van die [breë kommissie / **Breë Komitee**] saam met die verslag van die [letterkunde-keurkomitee / **Keurkomitee**] en ken die prys toe al dan nie.
13. Hierdie pryse word slegs toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers [die 1961/1962-bepaling “wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk” verval].
14. Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met ’n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.
15. Waar dusver gepraat is van “Die Raad”, word bedoel die Raad van die Fakulteit Geesteswetenskappe.
16. Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademierraad, van wie die werklike toekenning uitgaan.

Onderstaande is die weergawe van die **konsep**reglement, asook aanhangsel A (Handleiding vir die Hertzogpryskeurkomitee) en aanhangsel B (Handleiding vir die Breë Letterkundige Komitee), waarop besluit is tydens die Akademiesraadsvergadering van 10 September 1965, en wat oorgetik is op 18 Oktober 1965 (ARN 1965: 10 September – bylaag C). Aanhangsel A is gebruik vir die 1966-Hertzogprys vir Drama.

KONSEPREGLEMENT BY DIE TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS DEUR DIE AKADEMIE

1. Hierdie reglement word vertolk onderworpe aan die Skenkingsakte van die Hertzogprys, soos gewysig ingevolge 'n brief van genl. Hertzog gedateer 3 April 1928, waarin hy toegestem het tot afsonderlike bekroning van drie verskillende genres van belletristiese werk.
2. Die toekenning van die prys geskied jaarliks om die beurt vir poësie, drama en verhalende prosa, in dié volgorde, beginnende met poësie vir die jaar 1965, met dien verstande as die gehalte onvoldoende is, geen toekenning gemaak word nie.
3. Die Akademiesraad benoem jaarliks 'n keurkomitee van drie lede wat met inagneming van die hieraan gehegte handleiding (Aanhangsel A) verslag doen aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, hierna genoem die Fakulteitsraad. Die Akademiesraad benoem ook die voorsitter van die komitee.
4. (a) Die Fakulteitsraad oorweeg die verslag van die keurkomitee en doen dan een van die volgende aanbevelings aan die Akademiesraad:
 - (i) dat die verslag van die keurkomitee aanvaar word;
of
 - (ii) dat die prys aan iemand anders as deur die keurkomitee voorgestelde persoon toegeken word;
of
 - (iii) waar die keurkomitee verdeling van die prys tussen twee of meer persone voorstel, dat dit net aan een van hulle toegeken word;
of
 - (iv) dat die aanbeveling of 'n bepaalde gesigspunt daarvan opnuut oorweeg word deur 'n hersieningskomitee van tien lede wat bekend sal staan as die Breë Letterkundige Komitee (BLK). Met dien verstande dat as hersiening aanbeveel word, die lede van die komitee teweens voorgestel moet word.
- (b) By ontvangs van die aanbeveling van die Fakulteitsraad, vergesel van die verslag van die keurkomitee, besluit die Akademiesraad na goeddunke, en kan hy hersiening laat plaasvind ook al het die Fakulteitsraad dit nie aanbeveel nie.
- (c) As die Akademiesraad 'n aanbeveling van hersiening aanvaar of as hyself tot hersiening besluit, benoem hy die ingevolge paragraaf 4(a)(iv) voorgestelde hersieningskomitee met of sonder verandering, of benoem hy 'n eie hersieningskomitee van tien lede, na gelang van die geval.

- (d) Die Akademiesraad gee 'n beperkte opdrag aan die BLK en die komitee, wat handel ooreenkomstig die hieraan gehegte handleiding (Aanhangsel B), doen regstreeks verslag aan die Akademiesraad. Die Akademiesraad besluit dan na goeë dunde oor die toekenning van die prys.
5. 'n Voorstel van die keurkomitee dat die prys tussen twee of meer persone verdeel moet word, is voldoende maar nie dwingende grond vir hersiening.
6. As die Akademiesvoorsitter die saak dringend ag, mag die dagbestuur van die Akademiesraad die nodige stappe vir hersiening doen na raadpleging met soveel ander lede van die raad as wat redelikerwys per telefoon of brief bereik kan word.

Aanhangsel A

HANDLEIDING VIR DIE KEURKOMITEE VIR DIE HERTZOGPRYS

1. Deur lidmaatskap van die keurkomitee te aanvaar, verbind elke lid hom om hierdie handleiding noukeurig in ag te neem.
2. So gou moontlik na aanvaarding van sy benoeming stuur elke lid aan die direkteur van die Akademie 'n lys van werke wat in sy oordeel oorweging vir bekroning verdien. Wanneer al die lyste ontvang is, stel die direkteur die lede in kennis van die werke wat aldus aan die hand gegee is, en van lede word verwag om net dié werke met die oog op bekroning te bestudeer, asook werke in dieselfde genre wat in die lopende kalenderjaar verskyn het maar te laat vir insluiting by die lyste.
3. Behoudens die bepalings van paragraaf 7, kom alleen werke wat in die lopende en die voorafgaande twee kalenderjare verskyn het, in aanmerking.
4. As dit blyk dat lede dit eens is oor 'n aanbeveling, hoef die voorsitter hulle nie te laat vergader nie, maar as daar meningsverskil is, moet hy hulle vir 'n samespreking byeenroep. In dié geval mag lede wat elders woon, reis- en verblyf koste van die Akademie vorder. Die direkteur mag die vergaderings bywoon.
5. Van lede word verwag om te streef na 'n eenparige aanbeveling, selfs al verg dit langdurige beraadslaging, en om in dieselfde gees 'n aanbeveling van verdeling van die prys te probeer vermy.
6. (a) Wanneer in die oordeel van die voorsitter die groots moontlike eenstemmigheid bereik is, stel die komitee 'n verslag op wat die volgende moet bevat:
 - (i) 'n Lys van die werke wat onder oorweging was.
 - (ii) Die aanbeveling van die komitee of 'n meerderheid daarvan, met 'n samevatting van die beweegredes daarvoor.
- (b) Die aanbeveling moet in een van die volgende vorme wees:
 - (i) Dat die prys aan 'n bepaalde skrywer toegeken word, met vermelding van die werk of werke op grond waarvan hy die prys waardig geag word; of

- (ii) dat weens onvoldoende gehalte geen toekenning gedoen word nie; of
 - (iii) dat die prys tussen twee of meer skrywers verdeel word, met vermelding van die betrokke werke, soos in subparagraaf (i) bedoel.
7. Ondanks die bepalinge van paragraaf 3 hiervan, mag die komitee, as hy geen werk bekroningswaardig ag nie, ook werke in aanmerking neem wat voor die dan geldende tydperk verskyn het, en hy kan ook 'n skrywer wat nog nie voorheen bekroon is nie, vir sy hele oeuvre aanbeveel. In dié geval moet in die verslag gemeld word dat werke in aanmerking geneem is wat buite die betrokke tydperk verskyn het.
 8. As geen eenstemmigheid bereik kan word nie, kan die minderheid ook 'n verslag of verslae instuur.
 9. As 'n lid die eindresultaat ondersteun maar sy eie beweegredes wens te gee, mag hy dit in 'n afsonderlike verslag doen.
 10. Die verslag of verslae word onderteken deur die lede wat dit ondersteun, en so gou doenlik aan die direkteur van die Akademie besorg.
 11. Lede onderneem om die verrigtinge van die komitee as vertroulik te behandel.

Aanhangsel B

HANDLEIDING VIR BREë LETTERKUNDIGE KOMITEE

1. Deur benoeming in die BLK te aanvaar, verbind elke lid hom om hierdie handleiding noukeurig in ag te neem.
2. Elke lid word voorsien van die opdrag van die Akademierraad bedoel in paragraaf 4(d) van die reglement en stuur sy bevinding in op die daarvoor uitgereikte vorm.
3. Lede onderneem om die verrigtinge van die komitee as vertroulik te behandel.

Onderstaande is 'n vergelyking tussen die konsepreglement, met aanhangsel A en B, wat die resultaat was van die 10 September 1965-vergadering, oorgetik op 18 Oktober 1965 (ARN 1965: 10 September – bylaag C; kyk bylaag U), en die konsepreglement waarop besluit is tydens die 26 Augustus 1966-Akademieraadsvergadering, oorgetik op 12 Oktober 1966 (ARN 1966: 26 Augustus – bylaag D). Die dele in vetdruk is veranderinge wat aangebring is op die 12 Oktober 1966-weergawe.

KONSEPREGLEMENT BY DIE TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS
DEUR DIE AKADEMIE

1. Hierdie reglement word vertolk onderworpe aan die Skenkingsakte van die Hertzogprys, soos gewysig ingevolge 'n brief van genl. Hertzog gedateer 3 April 1928, waarin hy toegestem het tot afsonderlike bekroning van drie verskillende genres van belletristiese werk.
2. Die toekenning van die prys geskied jaarliks om die beurt vir poësie, drama en verhalende prosa [**met inbegrip van essay**], in dié volgorde, beginnende met poësie vir die jaar 1965, met dien verstande [**dat**] as die gehalte onvoldoende is, geen toekenning gemaak word nie.
3. Die Akademieraad benoem jaarliks 'n keurkomitee van drie lede wat met inagneming van die hieraan gehegte handleiding (Aanhangsel A) verslag doen aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, hierna genoem die Fakulteitsraad. Die Akademieraad benoem ook die voorsitter van die komitee.
4. (a) Die Fakulteitsraad oorweeg die verslag van die keurkomitee en doen dan een van die volgende aanbevelings aan die Akademieraad:
 - (i) dat die verslag van die keurkomitee aanvaar word; of
 - (ii) dat die prys aan iemand anders as deur die keurkomitee voorgestelde persoon toegeken word;
of
 - [(i) dat die verslag van die keurkomitee aanvaar of verwerp word; of**
 - (ii) dat die verslag na die keurkomitee terugverwys word vir opheldering of uitbreiding; of**
 - (iii) dat die prys aan iemand anders as die deur die keurkomitee voorgestelde persoon toegeken word; of]**
 - [(iii) / (iv)] waar die keurkomitee verdeling van die prys tussen twee of meer persone voorstel, dat dit net aan een van hulle toegeken word; of
 - [(iv) / (v)] dat die aanbeveling of 'n bepaalde gesigspunt daarvan opnuut oorweeg word deur 'n hersieningskomitee van tien lede wat bekend sal staan as die Breë Letterkundige Komitee (BLK). Met dien verstande dat as hersiening aanbeveel word, die lede van die komitee tewens voorgestel moet word.

- (b) By ontvangs van die aanbeveling van die Fakulteitsraad, vergesel van die verslag van die keurkomitee, besluit die Akademieraad na goeddunke, en kan hy hersiening laat plaasvind ook al het die Fakulteitsraad dit nie aanbeveel nie.
 - (c) As die Akademieraad 'n aanbeveling van hersiening aanvaar of as hyself tot hersiening besluit, benoem hy die ingevolge paragraaf 4(a)(iv) voorgestelde hersieningskomitee met of sonder verandering, of benoem hy 'n eie hersieningskomitee van tien lede, na gelang van die geval.
 - (d) Die Akademieraad gee 'n beperkte opdrag aan die BLK en die komitee, wat handel ooreenkomstig die hieraan gehegte handleiding (Aanhangsel B), doen regstreeks verslag aan die Akademieraad. Die Akademieraad besluit dan na goeddunke oor die toekenning van die prys.
5. 'n Voorstel van die keurkomitee dat die prys tussen twee of meer persone verdeel moet word, is voldoende maar nie dwingende grond vir hersiening [**nie**].
6. As die Akademievoorsitter die saak dringend ag, mag die dagbestuur van die Akademieraad die nodige stappe vir hersiening doen na raadpleging met soveel ander lede van die raad as wat redelikerwys per telefoon of brief bereik kan word.

Aanhangsel A

HANDLEIDING VIR DIE KEURKOMITEE VIR DIE HERTZOGPRYS

1. Deur lidmaatskap van die keurkomitee te aanvaar, verbind elke lid hom om hierdie handleiding noukeurig in ag te neem.
2. So gou moontlik na aanvaarding van sy benoeming stuur elke lid aan die direkteur van die Akademie 'n lys van werke wat in sy oordeel oorweging vir bekroning verdien. Wanneer al die lyste ontvang is, stel die direkteur die lede in kennis van die werke wat aldus aan die hand gegee is, en van lede word verwag om net dié werke met die oog op bekroning te bestudeer, asook werke in dieselfde genre wat in die lopende kalenderjaar verskyn het maar te laat vir insluiting by die lyste.
3. Behoudens die bepalings van paragraaf 7, kom alleen werke wat in die lopende en die voorafgaande twee kalenderjare verskyn het, in aanmerking.
4. As dit blyk dat lede dit eens is oor 'n aanbeveling, hoef die voorsitter hulle nie te laat vergader nie, maar as daar meningsverskil is, moet hy hulle vir 'n samespreking byeenroep. In dié geval mag lede wat elders woon, reis- en verblyf koste van die Akademie vorder. Die direkteur mag die vergaderings bywoon.
5. Van lede word verwag om te streef na 'n eenparige aanbeveling, selfs al verg dit langdurige beraadslaging, en om in dieselfde gees 'n aanbeveling van verdeling van die prys te probeer vermy.
6. (a) Wanneer in die oordeel van die voorsitter die groots moontlike eenstemmigheid bereik is, stel die komitee 'n verslag op wat die volgende moet bevat:

658 BYLAAG V

- (i) 'n Lys van die werke wat onder oorweging was.
 - (ii) Die aanbeveling van die komitee of 'n meerderheid daarvan, met 'n samevatting van die beweegredes daarvoor.
- (b) Die aanbeveling moet in een van die volgende vorme wees:
- (i) Dat die prys aan 'n bepaalde skrywer toegeken word, met vermelding van die werk of werke op grond waarvan hy die prys waardig geag word; of
 - (ii) dat weens onvoldoende gehalte geen toekenning gedoen word nie; of
 - (iii) dat die prys tussen twee of meer skrywers verdeel word, met vermelding van die betrokke werke, soos in subparagraaf (i) bedoel.
7. Ondanks die bepalinge van paragraaf 3 hiervan, mag die komitee, as hy geen werk bekroningswaardig ag nie, ook werke in aanmerking neem wat voor die dan geldende tydperk verskyn het, en hy kan ook 'n skrywer wat nog nie voorheen bekroon is nie, [vir sy hele oeuvre / **vir al sy werk in die betrokke genre**] aanbeveel. In dié geval moet in die verslag gemeld word dat werke in aanmerking geneem is wat buite die betrokke tydperk verskyn het.
8. As geen eenstemmigheid bereik kan word nie, kan die minderheid ook 'n verslag of verslae instuur.
9. As 'n lid die eindresultaat ondersteun maar sy eie beweegredes wens te gee, mag hy dit in 'n afsonderlike verslag doen.
10. Die verslag of verslae word onderteken deur die lede wat dit ondersteun, en so gou doenlik aan die direkteur van die Akademie besorg.
11. Lede onderneem om die verrigtinge van die komitee as vertroulik te behandel.

Aanhangsel B

HANDLEIDING VIR BREë LETTERKUNDIGE KOMITEE

1. Deur benoeming in die BLK te aanvaar, verbind elke lid hom om hierdie handleiding noukeurig in ag te neem.
2. Elke lid word voorsien van die opdrag van die Akademieraad bedoel in paragraaf 4(d) van die reglement en stuur sy bevinding in op die daarvoor uitgereikte vorm.
3. Lede onderneem om die verrigtinge van die komitee as vertroulik te behandel.

Onderstaande is 'n vergelyking tussen die **konsepreglement**, met aanhangsel A, wat oorgetik is op 12 Oktober 1966 (kyk bylaag V) en die **reglement** met aanhangsel A soos oorgetik op 21 Februarie 1967. Die dele in vetdruk is veranderinge wat aangebring is op die 21 Februarie 1967-weergawe.

[KONSEPREGLEMENT / REGLEMENT] BY DIE TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS
DEUR DIE AKADEMIE

1. Hierdie reglement word vertolk onderworpe aan die Skenkingsakte van die Hertzogprys, soos gewysig ingevolge 'n brief van genl. Hertzog gedateer 3 April 1928, waarin hy toegestem het tot afsonderlike bekroning van drie verskillende genres van belletristiese werk.
2. Die toekenning van die prys geskied jaarliks om die beurt vir poësie, drama en verhalende prosa met inbegrip van essay, in dié volgorde, beginnende met poësie vir die jaar 1965, met dien verstande dat as die gehalte onvoldoende is, geen toekenning gemaak word nie.
3. Die Akademiesraad benoem jaarliks 'n keurkomitee van drie lede wat met inagneming van die hieraan gehegte handleiding (Aanhangsel A) verslag doen aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, hierna genoem die Fakulteitsraad. Die Akademiesraad benoem ook die voorsitter van die komitee.
4. (a) Die Fakulteitsraad oorweeg die verslag van die keurkomitee en doen dan een van die volgende aanbevelings aan die Akademiesraad:
 - (i) dat die verslag van die keurkomitee aanvaar of verwerp word; of
 - (ii) dat die verslag na die keurkomitee terugverwys word vir opheldering of uitbreiding; of
 - (iii) dat die prys aan iemand anders as die deur die keurkomitee voorgestelde persoon toegeken word; of
 - (iv) waar die keurkomitee verdeling van die prys tussen twee of meer persone voorstel, dat dit net aan een van hulle toegeken word; of
 - (v) dat die aanbeveling of 'n bepaalde gesigspunt daarvan opnuut oorweeg word deur 'n hersieningskomitee van tien lede wat bekend sal staan as die Breë Letterkundige Komitee (BLK). [Met dien verstande dat as hersiening aanbeveel word, die lede van die komitee tewens voorgestel moet word. / **As hersiening aanbeveel word moet die lede van die komitee tewens voorgestel word.**]
- (b) By ontvangs van die aanbeveling van die Fakulteitsraad, vergesel van die verslag van die keurkomitee, besluit die Akademiesraad na goeddunke, en kan hy hersiening laat plaasvind ook al het die Fakulteitsraad dit nie aanbeveel nie.
- (c) [As die Akademiesraad 'n aanbeveling van hersiening aanvaar of as hyself tot hersiening besluit, benoem hy die ingevolge paragraaf 4(a)(iv) voorgestelde hersieningskomitee met of sonder verandering, of

benoem hy 'n eie hersieningskomitee van tien lede, na gelang van die geval. / **As die Akademieraad tot hersiening besluit benoem hy 'n Breë Letterkundige Komitee en laat hy spesiaal voorbereide stembriewe aan die lede stuur. Hulle word slegs gevra om te stem en nie om redes vir hul standpunt te gee nie.**]

- (d) [Die Akademieraad gee 'n beperkte opdrag aan die BLK en die komitee, wat handel ooreenkomstig die hieraan gehegte handleiding (Aanhangsel B), doen regstreeks verslag aan die Akademieraad. Die Akademieraad besluit dan na goeddunke oor die toekenning van die prys. / **Die Akademieraad bepaal 'n datum wanneer die stembriewe aan die Direkteur terugbesorg moet wees en besluit daarna na goeddunke oor toekenning van die prys, hetsy al die lede van die BLK gestem het of nie.**]
5. 'n Voorstel van die keurkomitee dat die prys tussen twee of meer persone verdeel moet word, is voldoende (maar nie dwingende) grond vir [hersiening nie / **hersiening**].
6. As die Akademievoorsitter die saak dringend ag, mag die dagbestuur van die Akademieraad die nodige stappe vir hersiening doen na raadpleging [met / **van**] soveel ander lede van die raad as wat redelikerwys per telefoon of brief bereik kan word.

Aanhangsel A (Handleiding vir die Keurkomitee vir die Hertzogprys), soos oorgetik op 12 Oktober 1966 (kyk bladsy 657), is onveranderd gelaat in hierdie weergawe, oorgetik op 22 Februarie 1967, behalwe

- in paragraaf 2 waar die woorde “van die werke wat aldus aan die hand gegee is, en van lede word verwag” uitgelaat is, en
- in paragraaf 6(a) waar die woord “groots” oorgetik is as “grootste”.

Aanhangsel B (Handleiding vir Breë Letterkundige Komitee) is nie bygevoeg nie.

Onderstaande is die algemene beginselverklaring soos oorgetik op 21 Februarie 1967. Dit het deel gevorm van:

- bylaag M by die agenda van die 17 April 1967-Fakulteitraadsvergadering;
- bylaag U by die agenda van die 5 Mei 1967-Akademieraadsvergadering, en
- bylaag A by die agenda van die Uitvoerende Komitee se vergadering op 23 Januarie 1968.

Die veranderinge in vetdruk kom voor in die weergawe wat oorgetik is op 13 November 1967 en saam met 'n dokument getiteld “Die Hertzogprys” (kyk bylaag Z) deel gevorm het van:

- bylaag B by die agenda van Uitvoerende Komitee se vergadering op 23 Januarie 1968;
- bylaag B by die Fakulteitsraadagenda van 9 Februarie 1968, en
- bylaag C by die Akademieraadagenda van 9 Februarie 1968.

ALGEMENE BEGINSELVERKLARING

[Die Akademieraad besluit dat geen beperking op die oordeel van die keurkomitee en van die Akademieraad in die Reglement opgeneem word nie, aangesien die volgende fundamentele aspekte daarvan as vanselfsprekend beskou word / **Die Akademieraad benader die Hertzogprys vanuit die volgende standpunt**]:

1. Die Hertzogprys is 'n unieke prys – daarin dat dit in teenstelling met al die ander bestaande literêre pryse in ons land nie deur 'n maatskappy, 'n organisasie of 'n bepaalde persoon geskenk is nie, maar wesenlik deur die Afrikaanse volk self. Uit hulle stoflike armoede het die volk landswyd hierdie geld vir 'n heel besondere doel bymekaar gemaak, nl. die behoud van die Afrikaanse taal, die Afrikaanse gedagte en die Afrikaanse lewensooruiging. Genl. Hertzog[,] wat hom sy lewe lank deur woord en daad met hierdie strewe van sy volk vereenselwig het, moes by die oorhandiging van die geld as literêre prys om die Afrikaanse letterkunde te bevorder, sterk onder die indruk verkeer het dat hy slegs as skenker [namens die Afrikaanse volk / namens die Afrikaanse volk] optree. [Die Hertzogprys, komende direk van die Afrikaanse volk, / **Die Hertzogprys**] is dus in eerste instansie onweerlegbaar 'n volksprys. Die verbintenis tussen die Hertzogprys en die gemeenskap van wie dit 'n geskenk aan sy skrywers was om eie taal en geestesgoedere uit te bou, durf dus nooit by toekenning [ontken, of geïgnoreer / **oor die hoof gesien**] word nie.
2. Die Hertzogprys was in die verlede en moet in die toekoms steeds bly 'n letterkundige prys toegeken volgens die skenkingsakte aan “het beste letterkundige werk van belletristiese aard.” Daarom moet slegs suiwer, onaanvegbare letterkundige norme by die beoordeling van sodanige werke in berekening gebring word.
3. Aangesien dit 'n literêre grondbeginsel is dat geen werk waarin die bose verheerlik word of [die negatiewe / **negatiewe**] tot algemene lewensnorm verhef word, ooit goeie literatuur kan wees nie, volg dit dat boeke met sodanige strekking nooit vir bekroning met die Hertzogprys in aanmerking sal kan kom nie.
4. As uitvoerders van die [Hertzogprys-skenkingsakte / **Hertzogprysskenkingsakte**] glo die Akademieraad dus dat dit [sy opdrag en taak is om, inagnemende die doel en gees van die skenking, sowel as die doelstellings van die SA Akademie soos aanvaar in Julie 1966 deur die jaarvergadering te Stellenbosch, so opreg moontlik te trag om hierdie prys steeds aan die beste Afrikaanse letterkundige werk toe te ken / **sy strewe moet wees om streng volgens letterkundige norme te oordeel**].

Onderstaande weergawe van die algemene beginselverklaring is oorgetik op 18 Mei 1971. Dit toon die volgende ooreenkomste en verskille met die vorige twee weergawes (kyk bylaag X op bladsy 661):

- die aanhef is soos dié van die 21 Februarie 1967-weergawe (“Keurkomitee” word net met ’n hoofletter gespel);
- paragraaf 1 lyk ook soos die verklaring oorgetik op 21-Februarie 1967, met die uitsondering van die volgende sin wat verander is: In die 1967-stuk staan: “ Genl. Hertzog wat hom sy lewe lank deur woord en daad met hierdie strewe van sy volk vereenselwig het, moes by die oorhandiging van die geld as literêre prys om die Afrikaanse letterkunde te bevorder, sterk onder die indruk verkeer het dat hy slegs as skenker namens die Afrikaanse volk optree. ” Dit is verander na: “Genl. Hertzog wat hom sy lewe lank deur woord en daad met hierdie strewe van sy volk vereenselwig het, het dus by die oorhandiging van die geld as literêre prys om die Afrikaanse letterkunde te bevorder, slegs as skenker namens die Afrikaanse volk opgetree. ”
- In paragraaf 2 word die woord “suiwer” weggelaat in die sin wat soos volg gelui het: “Daarom moet slegs suiwer, onaanvegbare letterkundige norme ... in berekening gebring word”.
- Na aanleiding van ’n 9 Februarie 1968-voorstel het die vorige paragraaf 3 verval (kyk voetnota 729 op bladsy 453). ’n Nuwe paragraaf 3 is daargestel.

ALGEMENE BEGINSSELVERKLARING

Die Akademieraad besluit dat geen beperking op die oordeel van die Keurkomitee en van die Akademieraad in die Reglement opgeneem word nie, aangesien die volgende fundamentele aspekte daarvan as vanselfsprekend beskou word:

1. Die Hertzogprys is ’n unieke prys – daarin dat dit in teenstelling met al die ander bestaande literêre pryse in ons land nie deur ’n maatskappy, ’n organisasie of ’n bepaalde persoon geskenk is nie, maar wesenlik deur die Afrikaanse volk self. Uit hulle stoflike armoede het die volk landswyd hierdie geld vir ’n heel besondere doel bymekaar gemaak, nl. die behoud van die Afrikaanse taal, die Afrikaanse gedagte en die Afrikaanse lewensooruiging. Genl. Hertzog wat hom sy lewe lank deur woord en daad met hierdie strewe van sy volk vereenselwig het, het dus by die oorhandiging van die geld as literêre prys om die Afrikaanse letterkunde te bevorder, slegs as skenker namens die Afrikaanse volk opgetree. Die Hertzogprys, komende direk van die Afrikaanse volk, is dus in eerste instansie onweerlegbaar ’n volksprys. Die verbintenis tussen die Hertzog-prys en die gemeenskap van wie dit ’n geskenk aan sy skrywers was om eie taal en geestesgoedere uit te bou, durf dus nooit by toekenning ontken of geïgnoreer word nie.
2. Die Hertzogprys was in die verlede en moet in die toekoms steeds bly ’n letterkundige prys toegeken volgens die skenkingsakte aan “het beste letterkundige werk van belletristiese aard.” Daarom moet slegs onaanvegbare letterkundige norme by die beoordeling van sodanige werke in berekening gebring word.
3. Afgesien van wat egter in (2) hierbo staan, behou die Akademieraad as uitvoerders van die Hertzog-prys-skenkingsakte, hom die reg voor om enige werk wat deur die letterkundige keurkomitee vir bekroning aanbeveel word, maar wat volgens oordeel van die Raad op lewensbeskoulike gronde nie versoenbaar is met die oortuigings uitgespreek in (1) hierbo nie, nie met die Hertzog-prys te bekroon nie.

Onderstaande is die nuwe prosedure by die toekenning van die Hertzogprys soos opgestel deur prof. P.J. Nienaber en voorgelê tydens die vergadering van die Komitee insake ondersoek na die Akademie se bekronings, gehou op Donderdagnmiddag 9 November 1967 in die Engelenburghuis, Pretoria.

NUWE PROSEDURE BY DIE TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS

Elkeen wat my boeke [sic] gelees het: Die Hertzogprys Vyftig Jaar (1965), sal bekommerd voel oor die reaksies en polemieke i.v.m. die Hertzogprystoekennings in die verlede. Die Akademiesraad het vanaf 1915 verskillende pogings aangewend om die prosedure by die Hertzogprystoekennings waterdig te maak. Dikwels is die prosedure hersien, en voortdurend is aanpassings gemaak na gelang van ervarings met haakplekke in die prosedure. Die eerste verandering het gekom in 1923; toe 1928, en die mees ingrypende verandering in 1942 met die benoeming van 'n B.L.K. van 15 lede (later 10); daarna weer 1961 toe die bepaling afgeskaf is (en tereg) dat 'n skrywer nie meer as een keer die Hertzogprys kan ontvang nie.

Die Akademiesraad is bewus van die polemieke van 1964, 1966 en 1967. Ons het die stadium bereik waar 'n oplossing gevind moet word om die onheile van die huidige prosedure uit te skakel, en dit is moontlik: Eenvoudig deur 'n minder ingewikkelde stelsel te ontwerp, 'n praktiese stelsel wat die keuring vereenvoudig. Die huidige bekroningsmasjinerie het te lomp en ingewikkeld geraak; die prosedure is te omslagtig en skep die moontlikheid van lekkasies, en lekkasies bring die goeie naam van die Akademie elke keer in gedrang. Die ervaring het geleer dat lekkasies net nie uitgeskakel kan word met die huidige stelsel nie.

Ek het 'n studie gemaak van die bekroningstelsel van die Nederlandse, Vlaamse en Franse Akademies; van die stelsel van die C.N.A. en die jaarlikse C.N.A.-prys, en van die NAROBS-pryse van die Departement O.K.W. [Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap]. Hulle stelsels werk eenvoudig, en nog nooit was daar polemieke i.v.m. die NAROBS- en C.N.A.-pryse. [Kyk eindnota 82 op bladsy 548.]

Die nuwe stelsel wat ek aan u voorlê, het die volgende voordele:

- (1) Die vereenvoudig die huidige lomp stelsel van bekroning.
- (2) Lekkasies word uitgeskakel. Dit staan inderdaad elke lid van die L.K. vry om sy eie lidmaatskap bekend te maak; hy dra die verantwoordelikheid, slegs teenoor homself, en net hy weet hoe hy gestem het. Hy kan selfs sy eie lekkasie veroorsaak en in die koerant publiseer hoe hy gestem het; aan die uitslag gaan dit geen verskil maak nie, en het hy "verkeerd" gestem, doen hy net homself skade aan.
- (3) As gevolg van die grootte van die L.K. (9 lede), kan geen moontlike literêre groepering 'n rol speel nie.
- (4) Geen druk kan op die komiteelede uitgeoefen word deur belanghebbendes of vriende nie.
- (5) Dit vermy die verwyte dat daar op die Akademiesraad nie-letterkundiges (leke) sit.

EERSTE STEM BRIEF.

1. Ek beveel aan dat die Hertzogprys vir 19 toegeken word / nie toegeken word nie.
2. Die volgende werke wat gedurende die afgelope drie jaar verskyn het in die genre is m.i. bekroningswaardig (gerangskik in volgorde van bekroningswaardigheid).
 - 1.
 - 2.
 - 3.
 - 4.

664 BYLAAG Y

3. Ek beveel aan dat bekroon word vir sy hele oeuve in die genre, op grond van die volgende werke: (die werke hoef nie noodwendig binne die driejaartydperk te verskyn het nie).
- L.W. (i) Indien daar by 1 negatief aanbeveel word, moet 2 en 3 ooggelaat word.
- (ii) Indien daar by 1 positief aanbeveel word, moet 2 of 3 ingevul word. By 2 mag u een of meer werke noem tot 'n maksimum van 4. Aangesien die Reglement bepaal dat 'n volle oeuve slegs bekroon mag word, indien daar in die voorgestelde tydperk van drie jaar geen bekroningswaardige werke in die betrokke genre verskyn het nie, kan 'n aanbeveling onder 3 slegs gemaak word indien u geen werke onder 2 aanbeveel nie. Slegs in die geval van 'n aanbeveling by 3 word daar 'n motivering van u verwag.

TWEDE RONDTE.

Nadat daar met die eerste stemming van die L.K. van die Akademie waarvan u lid is, geen volstreekte meerderheid t.o.v. die toekenning van die Hertzogprys bereik is nie, word die volgende stembrief aan u gestuur met die versoek om u stem te gebruik (Plaas 'n kruis by die betrokke afdeling).

Geen toekenning

Tristia

Dolosse

Prys verdeel tussen

Boerneef sy digwerk

L.W. 'n Gewone meerderheid t.o.v. bogenoemde werke sal deur die Raad aanvaar word as synde die aanbeveling van die L.K.

VIR DIE AKADEMIERAAD.

1. Die Akademiesraad benoem (op aanbeveling van die Fakulteitsraad) 'n L.K. van 9 lede.
2. Die stembrief (aanhangsel) word aan lede gestuur.
3. Ophelderings is klousule 4 van die stembrief:

Die Hoofsekretaris sal, nadat die stembriewe terug ontvang is, die volgende puntestelsel gebruik om t.o.v. aanbevole werke die voorkeur te bepaal:

- (a) Indien die meerderheid t.o.v. klousule 1 negatief antwoord, word daar aanvaar dat die L.K. geen toekenning kan aanbeveel nie;
- (b) Indien die meerderheid werke onder klousule 2 aanbeveel word, sal daar volgens die volgende puntestelsel te werk gegaan word:
Elke keer wat 'n werk eerste aanbeveel word, word 4 (vier) punte aan so 'n werk toegeken. Indien 'n werk tweede in die volgorde geplaas word, word 3 punte aan hom toegestaan; indien 'n werk derde in die volgorde geplaas word, word 2 punte aan hom toegeken; indien 'n werk vierde in die volgorde geplaas word, word 1 punt aan hom toegeken.

Tristia	4
Dolosse	3
Klokkespel	2
Rachel	1

- Indien daar by die eerste stemming meer as 28 punte aan 'n werk toegeken is, aanvaar die Raad dat die L.K. so 'n werk vir bekroning aanbeveel het.
- Indien meer as een werk meer as 25 punt kry, word die L.K. versoek om tussen die twee werke te stem. By 'n staking van stemme kan die Raad die prys verdeel.
- Indien meer as die helfte van die L.K. aanbeveel dat 'n skrywer vir sy hele oeuvre bekroon word, sal die Raad dit aanvaar as synde die aanbeveling van die L.K.
- Die Raad behou hom die reg voor om in sy diskresie deur herhaalde stemmings steeds die moontlikhede te verminder en die L.K. te laat stem totdat daar uitsluitel verkry is oor (i) toekenning; (ii) nie-toekenning; (iii) toekenning hele oeuvre (iv) verdeelde prys.
Enige volstreekte meederheid binne die komitee kan deur die Raad aanvaar word. (In die praktyk sal die toekenning reeds by die eerste rondte gemaak kan word).
- By finale toekenning van 'n prys, word 'n lid van die L.K. aangewys om die motivering op te stel en te lewer.
- Indien 'n derde stemming geen uitsluitel bring nie, kan die Raad in sy diskresie die hele komitee onder 'n voorsitter (deur die Raad aangewys en nie noodwendig uit die L.K.) Laat vergader. Die besluit van so 'n vergadering kan as die L.K. se aanbeveling deur die Raad aanvaar word. Indien daar by so 'n vergadering geen uitsluitel kom nie, kan die Raad die prystoekenning vir daardie jaar opskort, òf 'n nuwe L.K. benoem, òf lede van die L.K. deur ander vervang.
- Die L.K. word so benoem dat hulle die hele Desember en Januarie het om te besluit; die antwoorde moet die kantoor bereik nie later as 15 Februarie van elke jaar nie.

VIR DIE HOOFSEKRETARIS

- Die Kantoor handhaaf algehele stilswye oor die stemming.
- Geen vertroulikheid of geheimhouding word van L.K.-lede verwag nie, alhoewel hulle nie deur middel van die Kantoor met mekaar moet skakel nie.
- Die tellings van stemme word gedoen deur die Akademievoorsitter en die Hoofsekretaris.

Onderstaande is die dokument wat opgestel is deur regter Hiemstra, oorgetik op 13 November 1967, en wat saam met die algemene beginselverklaring, ook oorgetik op 13 November 1967 (kyk bylaag X met tersaaklike dele in vetdruk) deel gevorm het van:

- bylaag B by die agenda van Uitvoerende Komitee se vergadering op 23 Januarie 1968;
- bylaag B by die Fakulteitsraadagenda van 9 Februarie 1968, en
- bylaag C by die Akademiesraadagenda van 9 Februarie 1968.

DIE HERTZOGPRYS

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond wat genl. Hertzog vir dié doel gedoen het. Hy was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir die onderrig van Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging en aanwending van die rente daarop vir 'n letterkundige prys. Dit is gedoen in 'n notariële skenkingsakte, onder datum 27 Mei 1914. Oorspronklik, soos in die skenkingsakte gesien kan word, was dit 'n wedstrydprys vir ingesonde stukke, maar op 15 Februarie 1923 het genl. Hertzog skriftelik toegestem dat alle uitgegewe boeke vanself in aanmerking mag kom. In 1928 is met genl. Hertzog se toestemming, deur hom uitgedruk in 'n brief van 3 April 1928, besluit om die drie letterkundige kunsvorme prosa, poësie en drama afsonderlik om die beurt te bekroon. Volgens voorskrif van die skenkingsakte self, kon tydens genl. Hertzog se lewe veranderinge in die voorwaardes aangebring word met sy toestemming. Na sy oorlye mag dit geskied by eenparige besluit van die Akademiesraad. Die bedrag van die prys is in 1964 by Akademiesraadsbesluit uit Akademiesfondse verhoog tot R2000, maar in 1966 het die Akademiesraad besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys te beperk tot die rente op die kapitaal.

In 1967 het die Akademiesraad 'n algemene beginselverklaring opgestel wat hy by die toekenning van die prys in ag sal neem. Die raad ontvang ook voorligting van 'n deskundige keurliggaam, saamgestel soos hieronder bepaal. Die bekroningswyse hier voorgeskryf, is in 1967 aanvaar en is gegrond op ondervinding wat deur die jare opgedoen is. Die voorskrifte daarvan moet steeds gelees word onderworpe aan die skenkingsakte (soos gewysig deur die twee bogenoemde verklarings van genl. Hertzog), en onderworpe aan die algemene beginselverklaring. Afskrifte van albei stukke is hierby aangeheg.

VOORSKRIFTE AAN LEDE VAN DIE KEURLIGGAAM

1. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing), in dié volgorde, beginnende met poësie in 1968.
2. Die Akademiesraad benoem jaarliks ongeveer in November nege letterkundiges om hom van raad te bedien oor die toekenning wat in die daaropvolgende jaar moet geskied. Te dien einde kan die Akademiesraad 'n aanbeveling van twaalf of meer persone aanvra by die raad van die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskappe, uit wie die nege gekies kan word.

3. Wanneer nege persone gevind is wat gewillig is om die taak te onderneem, word hierdie voorskrifte aan hulle gestuur vergesel van die skenkingsakte en die algemene beginselverklaring van die Akademiesraad, en word hulle gevra om hulle voor te berei vir 'n samespreking, wat ongeveer in Februarie van die volgende jaar plaasvind.
4. Elke lid van die keurliggaam word net van sy eie benoeming in kennis gestel, maar as lede van mekaar se benoeming te wete kom is daar geen beswaar teen as hulle die saak met mekaar bespreek nie. Hulle word egter, ten einde pogings tot beïnvloeding van buite teen te gaan, gevra om hul lidmaatskap op oordeelkundige wyse so vertroulik moontlik te hou.
5. 'n Samespreking van die nege persone onder voorsitterskap van die Akademievoorsitter of iemand deur hom benoem word gereël om plaas te vind so kort as wat doenlik is voordat die Akademiesraad vroeg in die nuwe jaar byeenkom, en elke lid van die Akademiesraad word gevra om die samespreking by te woon, sonder reg van deelname aan die bespreking of stemming.
6. Die voorsitter laat na goeddunke op 'n vroeë stadium stem oor die boeke wat in aanmerking kom ten einde sover moontlik die bespreking saam te trek op enkele werke wat die meeste steun geniet. Hy moet daarna streef om die vergadering tot eenparigheid te lei en alleen wanneer eenparigheid nie in sig is nie, behoort hy die eindbeslissing by stemming te laat plaasvind. Daar mag ook besluit word om geen toekenning te doen nie.
7. Die werk wat in aanmerking kom, is boeke van hoë gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het, met dien verstande dat indien die vergadering oordeel dat daar vroeër beter werk gelewer is deur 'n skrywer wat nog nie die Hertzogprys ontvang het nie, so iemand bekroon mag word vir al sy ouere werk in die bepaalde kunsvorm wat aan die beurt is.
8. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir nuwe werk, maar as dit in dieselfde kunsvorm is as dié waarvoor hy voorheen bekroon is, is dit 'n vereiste dat sy nuwe werk 'n stygende lyn teenoor sy ouere moet vertoon.
9. Die Akademiesraad oordeel oor die toekenning van die prys in die lig van die bespreking, wat deur soveel moontlik van sy lede bygewoon word, en owerigens in die lig van mondelinge verslae daaroor, gelewer deur die voorsitter en ander lede wat teenwoordig was. Die Akademiesraad laat hom lei deur die besluit van die keurliggaam, maar is nie daaraan gebonde nie en moet die prys toeken of weerhou met inagneming van die verantwoordelikheid wat in die skenkingsakte deur wyle genl. Hertzog aan hom opgedra is.
10. Die besluit van die Akademiesraad word so gou moontlik bekend gemaak en hoef nie te wag op bekendmaking van ander Akademiepryse nie.

Onderstaande is die Hertzogpryshandleiding, opgestel deur regter V.G. Hiemstra na aanleiding van die 9 Februarie 1968-vergaderings van die Akademie- en Fakulteitsrade (kyk bladsy 453), en oorgetik op 15 Februarie 1968.

HERTZOGPRYS-HANDLEIDING

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond wat genl. Hertzog vir dié doel gedoen het. Hy was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir die onderrig van Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging en aanwending van die rente daarop vir 'n letterkundige prys. Dit is gedoen in 'n notariële skenkingsakte, onder datum 27 Mei 1914. Oorspronklik, soos in die skenkingsakte gesien kan word, was dit 'n wedstrydprys vir ingesonde stukke, maar op 15 Februarie 1923 het genl. Hertzog skriftelik toegestem dat alle uitgegewe boeke vanself in aanmerking mag kom. In 1928 is met genl. Hertzog se toestemming, deur hom uitgedruk in 'n brief van 3 April 1928, besluit om die drie letterkundige kunsvorme prosa, poësie en drama afsonderlik om die beurt te bekroon. Volgens voorskrif van die skenkingsakte self, kon tydens genl. Hertzog se lewe veranderinge in die voorwaardes aangebring word met sy toestemming. Na sy oorlye mag dit geskied by eenparige besluit van die Akademiesraad. Die bedrag van die prys is in 1964 by Akademiesraadsbesluit uit Akademiesfondse verhoog tot R2000, maar in 1966 het die Akademiesraad besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys te beperk tot die rente op die kapitaal.

Die voorskrifte vir bekroning volg hieronder. Hulle moet noukeurig in ag geneem word en gelees word onderworpe aan die skenkingsakte, waarvan 'n afskrif hierby aangeheg word.

VOORSKRIFTE VIR BEKRONING

1. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing), in dié volgorde, beginnende met poësie vir 1968.
2. Die Akademiesraad benoem op aanbeveling van die raad van die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskappe 'n keurkomitee van drie lede en stel die saamroeper aan.
3. Die werk wat in aanmerking kom, is boeke van hoë gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het, met dien verstande dat indien die komitee oordeel dat daar vroeër beter werk gelewer is deur 'n skrywer wat nog nie die Hertzogprys in die betrokke afdeling ontvang het nie, so iemand bekroon mag word vir al sy ouere werk in die bepaalde kunsvorm wat aan die beurt is.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir nuwe werk, maar as dit in dieselfde kunsvorm is as dié waarvoor hy voorheen bekroon is, is dit 'n vereiste dat sy nuwe werk 'n stygende lyn teenoor sy ouere moet vertoon.

5. 'n Posthume [sic] bekroning, ook vir sy ouer werk soos in paragraaf 3 bedoel, is geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling.
6. Die komitee doen skriftelik verslag aan die Akademiesraad, indien moontlik voor op op 31 Maart van die bekroningsjaar, en daarbenewens moet die saamroeper die Akademiesraad oor die verslag te woord staan. As die verslag nie eenparig is nie, moet die hele komitee 'n vergadering van die Akademiesraad oor die aangeleentheid bywoon.
7. Die komitee hoef nie noodwendig te vergader nie, maar as hy vergader kan die Hoofsekretaris van die Akademie die bespreking bywoon.
8. Die verslag van die keurkomitee word gewoonlik nie gepubliseer nie, maar die Akademiesraad kan dit na goeddunke publiseer.

Onderstaande is die Hertzogpryshandleiding en bekroningsvoorskrifte soos oorgetik op 29 Mei 1968 en 19 September 1969. Dit was van toepassing op **die 1969-Hertzogprys vir Drama**. Die dele in vetdruk kom voor in die handleiding soos oorgetik op 16 Oktober 1970 en ter insae verskaf aan die 1970-Hertzogpryssimposiumgangers. Die verandering in bepaling 4 het ingetree ná 'n besluit geneem op 9 Mei 1969 (kyk bladsy 473).

HERTZOGPRYS-HANDLEIDING

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond wat genl. Hertzog vir die doel gedoen het. Hy was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir die onderrig van Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging en aanwending van die rente daarop vir 'n letterkundige prys. Dit is gedoen in 'n notariële skenkingsakte, onder datum 27 Mei 1914. Oorspronklik, soos in die skenkingsakte gesien kan word, was dit 'n wedstrydprys vir ingesonde stukke, maar op 15 Februarie 1923 het genl. Hertzog skriftelik toegestem dat alle uitgegewe boeke vanself in aanmerking mag kom. In 1928 is met genl. Hertzog se toestemming, deur hom uitgedruk in 'n brief van 3 April 1928, besluit om die drie letterkundige kunsvorme prosa, poësie en drama afsonderlik om die beurt te bekroon. Volgens voorskrif van die skenkingsakte self, kon tydens genl. Hertzog se lewe veranderinge in die voorwaardes aangebring word met sy toestemming. Na sy oorlye mag dit geskied by eenparige besluit van die Akademiesraad. Die bedrag van die prys is in 1964 by Akademiesraadsbesluit uit Akademiesfondse verhoog tot R2000, maar in 1966 het die Akademiesraad besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys beperk tot die rente op die kapitaal.

Die voorskrifte vir bekroning volg hieronder. Hulle moet noukeurig in ag geneem word en gelees word onderworpe aan die skenkingsakte, waarvan 'n afskrif hierby aangeheg word.

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die [beoordelaars / **beoordelaar**] is die Letterkundige Kommissie van die Akademie, wat benewens sy eie reglement ook die onderstaande voorskrifte in ag moet neem.
2. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing), in dié volgorde, beginnende met poësie vir 1968.
3. Die werk wat in aanmerking kom, is boeke van hoë gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het, met dien verstande dat indien die Kommissie oordeel dat daar vroeër beter werk gelewer is deur 'n skrywer wat nog nie die Hertzogprys in die betrokke afdeling ontvang het nie, so iemand bekroon mag word vir al sy ouere werk in die bepaalde kunsvorm wat aan die beurt is.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir [nuwe werk, maar as dit in dieselfde kunsvorm is as dié waarvoor hy voorheen bekroon is, is dit 'n vereiste dat sy nuwe werk 'n stygende lyn teenoor sy ouere moet vertoon / **latere werk**].

5. 'n Posthume [sic] bekroning, ook vir ouer werk soos in paragraaf 3 bedoel, is geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling.
6. Die Kommissie doen skriftelik verslag aan die Akademieraad, indien moontlik voor of op 31 Maart van die bekroningsjaar, en daarbenewens moet die voorsitter van die Kommissie die Akademieraad oor die verslag te woord staan. As die verslag nie eenparig is nie, kan die Akademievoorsitter ook 'n woordvoerder vir die minderheid uitnooi.
7. Die verslag van die Kommissie word gewoonlik nie gepubliseer nie, maar die Akademieraad kan dit na goeddunke publiseer.

Onderstaande is die eerste weergawe van die reglement vir die Letterkundige Kommissie en in vetdruk die een wat, na aanleiding van die Uitvoerende Komitee se vergadering van 12 Julie 1968 (kyk bladsy 460), oorgetik is op 30 Julie 1968.

REGLEMENT VAN DIE LETTERKUNDIGE KOMMISSIE

1. Die Letterkundige Kommissie word deur die Akademieraad vir drie jaar aangestel op aanbeveling van die Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskappe.
2. Hy bestaan uit [sewe / **hoogstens nege en minstens sewe**] lede van wie een aangestel word vanweë sy besondere kennis van jeuglektuur en een vanweë die besondere bydrae wat hy kan lewer vir die beoordeling van vertaalde werk in Afrikaans.
3. Die voorsitter word deur die Akademieraad uit lede benoem op voorstel van die Fakulteitsraad.
4. [Sewe sekundi / **Net soveel sekundi as lede**] word benoem en as 'n lid 'n vergadering nie kan bywoon nie, besluit die [Fakulteitsvoorsitter / **voorsitter**] watter sekundus uitgenooi moet word.
5. Die Kommissie adviseer die Akademieraad in die algemeen oor letterkundige aangeleenthede en in die besonder oor die volgende toekennings:
 - (a) die Hertzogprys;
 - (b) die Akademieprys vir Vertaalde Werk;
 - (c) die Eugène Marais-aanmoedigingsprys;
 - (d) die Scheepersprys vir Jeuglektuur;
 - (e) die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek.
 - (f) voorstelling van nuwe fakulteitslede;**
 - (g) voorstelling van onderwerpe vir temas en referate vir jaarvergaderinge.**
6. By die beoordeling van die toekenning moet die Kommissie die besondere voorskrifte wat vir elke prys bestaan, in ag neem.
7. **Die helfte van die lede vorm 'n kworum**
7. / 8. Die Kommissie kan na goeddunke advies van buite inwin of 'n adviseur na 'n vergadering nooi.
8. / 9. Die voorsitter of die ondervoorsitter van die Fakulteitsraad en die persoon belas met die opstel van reglemente kan vergaderinge van die Kommissie ampshalwe bywoon.

Onderstaande is die reglement vir die Letterkundige Kommissie na aanleiding van die Fakulteitsraadsvergadering van 22 April 1971 (waartydens besluit is om die aantal kommissielede te verklein na sewe – kyk bladsy 489). Dit was van toepassing op **die 1972-Hertzogprys vir Drama**. In vetdruk is die veranderinge soos wat dit neerslag vind in 'n ongedateerde weergawe ná die vergadering van 26 Mei 1972 waartydens besluit is dat die Fakulteitsraad weer seggenskap sal hê in die Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bladsy 491).

REGLEMENT VAN DIE LETTERKUNDIGE KOMMISSIE

1. Die Letterkundige Kommissie word deur die [Akademieraad / **Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe**] vir drie jaar aangestel [op aanbeveling van die Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskappe].
2. Hy bestaan uit sewe lede. Die Kommissie kan i.v.m. enige aangeleentheid wat hy moet behandel advies inwin van persone wat sekundi of nie lede van die Kommissie is nie.
3. Die voorsitter word deur die [Akademieraad / **Fakulteitsraad**] uit die lede benoem [op voorstel van die Fakulteitsraad].
4. Net soveel sekundi as lede word benoem en as 'n lid 'n vergadering nie kan bywoon nie, besluit die voorsitter watter sekundus uitgenooi moet word.
5. Die Kommissie adviseer die Akademieraad [**en die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe**] in die algemeen oor letterkundige aangeleenthede en in die besonder oor die volgende toekennings:
 - (a) die Hertzog-prys;
 - (b) die Akademieprys vir Vertaalde Werk;
 - (c) die [Eugène Marais-aanmoedigingsprys / **Eugène Marais-prys**];
 - (d) die Scheepers-prys vir Jeuglektuur;
 - (e) die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek;
 - (f) die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur
 - (g) voorstelling van nuwe Assessorlede;
 - (h) voorstelling van onderwerpe vir temas en referate vir jaarvergaderings.
6. By die beoordeling van die toekennings moet die Kommissie die besondere voorskrifte wat vir elke prys bestaan, in ag neem.
7. Minstens die helfte van die lede vorm 'n kworum.
8. Die Kommissie kan na goeëddunke advies van buite inwin of 'n adviseur na 'n vergadering nooi.

Onderstaande is die Hertzogpryshandleiding en bekroningsvoorskrifte soos oorgetik op 16 Oktober 1970. Dit was van toepassing op **die 1972-Hertzogprys vir Drama**. Die dele in vetdruk is veranderinge wat ingetree het na aanleiding van besluite geneem op 26 Mei 1972 (kyk bladsy 491) en 28 Junie 1972 (kyk bladsy 491).

HERTZOGPRYS-HANDLEIDING

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond wat genl. Hertzog vir die doel gedoen het. Hy was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir die onderrig van Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging en aanwending van die rente daarop vir 'n letterkundige prys. Dit is gedoen in 'n notariële skenkingsakte, onder datum 27 Mei 1914. Oorspronklik, soos in die skenkingsakte gesien kan word, was dit 'n wedstrydprys vir ingesonde stukke, maar op 15 Februarie 1923 het genl. Hertzog skriftelik toegestem dat alle uitgewe boeke vanself in aanmerking mag kom. In 1928 is met genl. Hertzog se toestemming, deur hom uitgedruk in 'n brief van 3 April 1928, besluit om die drie letterkundige kunsvorme prosa, poësie en drama afsonderlik om die beurt te bekroon. Volgens voorskrif van die skenkingsakte self, kon tydens genl. Hertzog se lewe veranderinge in die voorwaardes aangebring word met sy toestemming. Na sy oorlye mag dit geskied by eenparige besluit van die Akademiesraad. Die bedrag van die prys is in 1964 by Akademiesraadsbesluit uit Akademiesfondse verhoog tot R2000, maar in 1966 het die Akademiesraad besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys beperk tot die rente op die kapitaal.

Die voorskrifte vir bekroning volg hieronder. Hulle moet noukeurig in ag geneem word en gelees word onderworpe aan die skenkingsakte, waarvan 'n afskrif hierby aangeheg word.

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die beoordelaar is die Letterkundige Kommissie van die Akademie, wat benewens sy eie reglement ook die onderstaande voorskrifte in ag moet neem.
2. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing), in dié volgorde, beginnende met poësie vir 1968.
3. Die werk wat in aanmerking kom, is boeke van hoë gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het, met dien verstande dat indien die Kommissie oordeel dat daar vroeër beter werk gelewer is deur 'n skrywer wat nog nie die Hertzogprys in die betrokke afdeling ontvang het nie, so iemand bekroon mag word vir al sy ouere werk in die bepaalde kunsvorm wat aan die beurt is.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk.
5. 'n Posthume [sic] bekroning, ook vir ouer werk soos in paragraaf 3 bedoel, is geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling.

6. [Die Kommissie doen skriftelik verslag aan die Akademiesraad, indien moontlik voor of op 31 Maart van die bekroningsjaar, en daarbenewens moet die voorsitter van die Kommissie die Akademiesraad oor die verslag te woord staan. As die verslag nie eenparig is nie, kan die Akademiesvoorsitter ook 'n woordvoerder vir die minderheid uitnooi. / **Die Kommissie doen skriftelik verslag aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, wat op sy beurt die Kommissie se verslag aan die Akademiesraad deurstuur met 'n aanbeveling. Die standpuntstelling deur die meerderheid en minderheid in die Kommissie (indien en wanneer daar 'n meerderheid en minderheid is) word ad hoc aan die diskresie van die Akademiesvoorsitter en Fakulteitsvoorsitter onderskeidelik gelaat. Indien moontlik moet die Kommissie sy verslag voor op op 31 Maart van die bekroningsjaar indien.]**
7. Die verslag van die Kommissie word gewoonlik nie gepubliseer nie, maar die Akademiesraad kan dit na goeddunke publiseer.

Onderstaande is die Hertzogpryshandleiding en bekroningsvoorskrifte soos oorgetik op byvoorbeeld 24 Julie 1972 en 18 Januarie 1982. Dit was van toepassing op **die 1975-, 1978-, 1981-, 1984 en 1985-Hertzogprys vir Drama.**

HERTZOGPRYS-HANDLEIDING

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond wat genl. Hertzog vir die doel gedoen het. Hy was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir die onderrig van Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging en aanwending van die rente daarop vir 'n letterkundige prys. Dit is gedoen in 'n notariële skenkingsakte, onder datum 27 Mei 1914. Oorspronklik, soos in die skenkingsakte gesien kan word, was dit 'n wedstrydprys vir ingesonde stukke, maar op 15 Februarie 1923 het genl. Hertzog skriftelik toegestem dat alle uitgegewe boeke vanself in aanmerking mag kom. In 1928 is met genl. Hertzog se toestemming, deur hom uitgedruk in 'n brief van 3 April 1928, besluit om die drie letterkundige kunsvorme prosa, poësie en drama afsonderlik om die beurt te bekroon. Volgens voorskrif van die skenkingsakte self, kon tydens genl. Hertzog se lewe veranderinge in die voorwaardes aangebring word met sy toestemming. Na sy oorlye mag dit geskied by eenparige besluit van die Akademiesraad. Die bedrag van die prys is in 1964 by Akademiesraadsbesluit uit Akademiesfondse verhoog tot R2000, maar in 1966 het die Akademiesraad besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys beperk tot die rente op die kapitaal.

Die voorskrifte vir bekroning volg hieronder. Hulle moet noukeurig in ag geneem word en gelees word onderworpe aan die skenkingsakte, waarvan 'n afskrif hierby aangeheg word.

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die beoordelaar is die Letterkundige Kommissie van die Akademie, wat benewens sy eie reglement ook die onderstaande voorskrifte in ag moet neem.
2. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing), in dié volgorde, beginnende met poësie vir 1968.
3. Die werk wat in aanmerking kom, is boeke van hoë gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het, met dien verstande dat indien die Kommissie oordeel dat daar vroeër beter werk gelewer is deur 'n skrywer wat nog nie die Hertzogprys in die betrokke afdeling ontvang het nie, so iemand bekroon mag word vir al sy ouere werk in die bepaalde kunsvorm wat aan die beurt is.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk.
5. 'n Posthume [sic] bekroning, ook vir ouer werk soos in paragraaf 3 bedoel, is geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling.

6. Die Kommissie doen skriftelik verslag aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, wat op sy beurt die Kommissie se verslag aan die Akademieraad deurstuur met 'n aanbeveling. Die standpuntstelling deur die meerderheid en minderheid in die Kommissie (indien en wanneer daar 'n meerderheid en minderheid is) word ad hoc aan die diskresie van die Akademievoorsitter en Fakulteitsvoorsitter onderskeidelik gelaat. Indien moontlik moet die Kommissie sy verslag voor op op 31 Maart van die bekroningsjaar indien.
7. Die verslag van die Kommissie word gewoonlik nie gepubliseer nie, maar die Akademieraad kan dit na goeddunke publiseer.

Onderstaande is die Hertzogpryshandleiding en bekroningsvoorskrifte soos oorgetik op byvoorbeeld 15 Julie 1985 na aanleiding van 'n verandering in bepaling 3 waarop besluit is tydens 'n Akademiesraadsvergadering van 26 April 1985. Hierdie voorskrifte was van toepassing op **die 1988-Hertzogprys vir Drama**. 'n Verdere verandering van bepaling 3 het in 1989 ingetree (LKN 1989: 20 April) en word in vetdruk aangedui. **Dit was die voorskrifte vir die 1991-, 1994- en 1997-Dramaprys**. In die weergawes wat oorgetik is in onderskeidelik April 1993 en April 1996 is slegs 'n opmerking in verband met die geldbedrag bygevoeg (dit word onderstreep). Die prys is sedert 1994 met 'n bedrag van R15 000 deur *Rapport* geborg – vandaar die verhoging in die geldbedrag.

HERTZOGPRYS-HANDLEIDING

Die Hertzogprys is die vernaamste prestige-prys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die grootste kampvegter vir die Afrikaanse taal, genl. J.B.M. Hertzog. Dit het in 1914 tot stand gekom deur 'n skenking van twaalf honderd pond wat genl. Hertzog vir die doel gedoen het. Hy was indertyd gewikkel in 'n lastergeding wat voortgevloei het uit sy stryd vir die onderrig van Afrikaans in die Vrystaatse skole. Die geld het oorgebly uit 'n fonds waartoe die Afrikaanse volk bygedra het vir die betaling van genl. Hertzog se gedingskoste en is deur hom onder beheer van die Akademiesraad geplaas vir belegging en aanwending van die rente daarop vir 'n letterkundige prys. Dit is gedoen in 'n notariële skenkingsakte, onder datum 27 Mei 1914. Oorspronklik, soos in die skenkingsakte gesien kan word, was dit 'n wedstrydprys vir ingesonde stukke, maar op 15 Februarie 1923 het genl. Hertzog skriftelik toegestem dat alle uitgegewe boeke vanself in aanmerking mag kom. In 1928 is met genl. Hertzog se toestemming, deur hom uitgedruk in 'n brief van 3 April 1928, besluit om die drie letterkundige kunsvorme prosa, poësie en drama afsonderlik om die beurt te bekroon. Volgens voorskrif van die skenkingsakte self, kon tydens genl. Hertzog se lewe veranderinge in die voorwaardes aangebring word met sy toestemming. Na sy oorlye mag dit geskied by eenparige besluit van die Akademiesraad. Die bedrag van die prys is in 1964 by Akademiesraadsbesluit uit Akademiesfondse verhoog tot R2000, maar in 1966 het die Akademiesraad besluit om terug te keer na die voorskrifte van die skenkingsakte en die prys beperk tot die rente op die kapitaal.

Die prys bestaan uit 'n kontantbedrag van [R2 000 / R17 000] en 'n goue Hertzoggedenkmedalje.

Die voorskrifte vir bekroning volg hieronder. Hulle moet noukeurig in ag geneem word en geles word onderworpe aan die skenkingsakte, waarvan 'n afskrif hierby aangeheg word.

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die beoordelaar is die Letterkundige Kommissie van die Akademie, wat benewens sy eie reglement ook die onderstaande voorskrifte in ag moet neem.
2. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, essay en reisbeskrywing), in dié volgorde, beginnende met poësie vir 1968.

3. [Die volgende kom in aanmerking / **Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word**]:
 - * / **3.1** Boeke van belletristiese aard wat in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgegaan het, gepubliseer is.
 - * / **3.2** Die oeuvre van skrywers wat in die voorgeskrewe termyn gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het.
 - * / **3.3** [Die oeuvre van skrywers wat nie in die betrokke termyn gepubliseer het nie, nog nie die Hertzogprys in die bepaalde genre ontvang het nie, maar wat vroeër beter werk gelewer het. / **Die oeuvre van skrywers wat nie in die betrokke termyn gepubliseer het en nog nie die Hertzogprys in die bepaalde genre ontvang het nie.**]
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk.
5. 'n Postume bekroning, ook vir ouer werk soos in paragraaf 3 bedoel, is geoorloof indien die skrywer oorlede is in die tydperk onder behandeling.
6. Die Kommissie doen skriftelik verslag aan die Raad van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, wat op sy beurt die Kommissie se verslag aan die Akademieraad deurstuur met 'n aanbeveling. Die standpuntstelling deur die meerderheid en minderheid in die Kommissie (indien en wanneer daar 'n meerderheid en minderheid is) word ad hoc aan die diskresie van die Akademievoorsitter en Fakulteitsvoorsitter onderskeidelik gelaat. Indien moontlik moet die Kommissie sy verslag voor op op 31 Maart van die bekroningsjaar indien.
7. Die verslag van die Kommissie word gewoonlik nie gepubliseer nie, maar die Akademieraad kan dit na goedgekke publiseer.

Gedurende 1998 en 1999 is die Hertzogprysreglement en handleiding hersien. Die volgende bekroningsvoorskrifte, oorgetik in September 1999, was van toepassing op **die Hertzogprys vir Drama in die jaar 2000** (let daarop dat die ontstaansgeskiedenis van die Hertzogprys nie meer ingesluit is soos vroeër nie):

HERTZOGPRYS

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en prosa in dié volgorde, beginnende met poësie in 1968.
2. Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word:
 - 2.1 Enkelwerke wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is. Indien 'n skrywer meer as een werk in die betrokke periode binne die genre onder oorweging gepubliseer het, kan die prys aan die skrywer toegeken word vir een of meer werke.
 - 2.2 Die oeuvre van skrywers wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het. Net werke van 'n skrywer in die besondere genre word in ag geneem.
 - 2.3 Indien daar nie 'n toekenning gemaak kan word in terme van 2.2.1 en 2.2.2 nie, kan 'n toekenning oorweeg word in die genre wat volg op die rotasieproses. As daar 'n toekenning in die genre gemaak word, om dié genre nie die jaar daarna weer aan die beurt binne die siklus nie, maar word daar beweeg na die genre wat logies volg op die genre waarbinne daar bekroon is.
3. Enige werk wat nie tydens die periode waarin dit verskyn het bekroon word nie, mag weer, maar eenmalig, in die daaropvolgende bekroningsjaar van dié besondere genre vir die prys oorweeg word.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk of werke. 'n Skrywer wat reeds die Hertzogprys binne 'n betrokke genre ontvang het, kan egter nie vir 'n oeuvre-toekenning binne dié genre in aanmerking kom nie.

'n Besluit geneem op 10 April 2001 het die skrapping van punt 2.3 en 3 van die vorige bekroningsvoorskrifte behels. Onderstaande is die voorskrifte wat van toepassing was op **die 2003-Hertzogprys vir Drama**:

HERTZOGPRYS

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en prosa in dié volgorde, beginnende met poësie in 1968.
2. Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word:
 - 2.1 Enkelwerke wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is. Indien 'n skrywer meer as een werk in die betrokke periode binne die genre onder oorweging gepubliseer het, kan die prys aan die skrywer toegeken word vir een of meer werke.
 - 2.2 Die oeuvre van skrywers wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het. Net werke van 'n skrywer in die besondere genre word in ag geneem.
3. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk of werke. 'n Skrywer wat reeds die Hertzogprys binne 'n betrokke genre ontvang het, kan egter nie vir 'n oeuvre-toekenning binne dié genre in aanmerking kom nie.

Na aanleiding van 'n besluit geneem op 31 Maart 2005 wat 'n verandering in punt 2.2 behels het, was die volgende bekroningsvoorskrifte van toepassing op **die 2006- en 2009 Hertzogprys vir Drama:**

HERTZOGPRYS

VOORSKRIFTE BY BEKRONING

1. Die prys is beperk tot oorspronklike belletristiese werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en prosa in dié volgorde, beginnende met poësie in 1968.
2. Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word:
 - 2.1 Enkelwerke wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is. Indien 'n skrywer meer as een werk in die betrokke periode binne die genre onder oorweging gepubliseer het, kan die prys aan die skrywer toegeken word vir een of meer werke.
 - 2.2 Die oeuvre van skrywers wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer het. Net werke van 'n skrywer in die besondere genre word in ag geneem.
3. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk of werke. 'n Skrywer wat reeds die Hertzogprys binne 'n betrokke genre ontvang het, kan [egter / **dus**] nie vir 'n oeuvre-toekenning binne dié genre in aanmerking kom nie.

Veranderinge aan bepaling 3 en 4 (later 2, 3 en 4; nog later 2 en 3) is opsommenderwys die volgende:

Vir die 1972- tot 1985-Hertzogprys vir Drama het onder andere die volgende gegeld (kyk bylae FF en GG op bladsy 674 en 676):

3. Die werk wat in aanmerking kom, is boeke van hoë gehalte wat verskyn het in die drie kalenderjare wat aan die bekroningsjaar voorafgegaan het, met dien verstande dat indien die Kommissie oordeel dat daar vroeër beter werk gelewer is deur 'n skrywer wat nog nie die Hertzogprys in die betrokke afdeling ontvang het nie, so iemand bekroon mag word vir al sy ouere werk in die bepaalde kunsvorm wat aan die beurt is.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk.

'n Herskrewe weergawe van bogenoemde bepalings was vir die 1988-Dramatoekenning van toepassing, met verdere veranderinge (in vetdruk) wat gegeld het vir die Dramatoekennings van 1991, 1994 en 1997 (kyk bylaag HH op bladsy 678):

3. [Die volgende kom in aanmerking / **Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word**]:
 - * / **3.1** Boeke van belletristiese aard wat in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgegaan het, gepubliseer is.
 - * / **3.2** Die oeuvre van skrywers wat in die voorgeskrewe termyn gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het.
 - * / **3.3** [Die oeuvre van skrywers wat nie in die betrokke termyn gepubliseer het nie, nog nie die Hertzogprys in die bepaalde genre ontvang het nie, maar wat vroeër beter werk gelewer het. / **Die oeuvre van skrywers wat nie in die betrokke termyn gepubliseer het en nog nie die Hertzogprys in die bepaalde genre ontvang het nie.**]
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk.

Vir die Dramatoekenning in die jaar 2000 was die bepalings in verband met die siklusvernelling en oordrag van werke van krag (kyk bylaag II op bladsy 680):

2. Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word:
 - 2.1 Enkelwerke wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is. Indien 'n skrywer meer as een werk in die betrokke periode binne die genre onder oorweging gepubliseer het, kan die prys aan die skrywer toegeken word vir een of meer werke.
 - 2.2 Die oeuvre van skrywers wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het. Net werke van 'n skrywer in die besondere genre word in ag geneem.
 - 2.3 Indien daar nie 'n toekenning gemaak kan word in terme van 2.2.1 en 2.2.2 nie, kan 'n toekenning oorweeg word in die genre wat volg op die rotasieproses. As daar 'n toekenning in die genre gemaak

word, om dié genre nie die jaar daarna weer aan die beurt binne die siklus nie, maar word daar beweeg na die genre wat logies volg op die genre waarbinne daar bekroon is.

3. Enige werk wat nie tydens die periode waarin dit verskyn het bekroon word nie, mag weer, maar eenmalig, in die daaropvolgende bekroningsjaar van dié besondere genre vir die prys oorweeg word.
4. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk of werke. 'n Skrywer wat reeds die Hertzogprys binne 'n betrokke genre ontvang het, kan egter nie vir 'n oeuvre-toekenning binne dié genre in aanmerking kom nie.

Die siklusversnellingsbepaling en dié vir die oordrag van werke, het verval in die bekroningsvoorwaardes van toepassing op die 2003-Dramatoekenning (kyk bylaag JJ op bladsy 681); in vetdruk die veranderinge wat neerslag vind in die voorwaardes vir die 2006- en 2009-Hertzogprys vir Drama (kyk bylaag KK op bladsy 682):

2. Die volgende kom in aanmerking en moet in hierdie volgorde oorweeg word:
 - 2.1 Enkelwerke wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is. Indien 'n skrywer meer as een werk in die betrokke periode binne die genre onder oorweging gepubliseer het, kan die prys aan die skrywer toegeken word vir een of meer werke.
 - 2.2 [Die oeuvre van skrywers wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer het, maar wat vroeër beter werk gelewer het./ **Die oeuvre van skrywers wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer het.**] Net werke van 'n skrywer in die besondere genre word in ag geneem.
3. 'n Skrywer wat voorheen die Hertzogprys ontvang het, mag weer bekroon word vir latere werk of werke. 'n Skrywer wat reeds die Hertzogprys binne 'n betrokke genre ontvang het, kan [egter / **dus**] nie vir 'n oeuvre-toekenning binne dié genre in aanmerking kom nie.
